Die Pad van Waarheid tot die Lewe

Die Profete

נביאים - Nevi'im

'n Afrikaanse vertaling vanaf die Hebreeuse en Aramese Tanakh met verwysing na die Griekse Septuagint (LXX).

Die derde druk

Die sesde boek van die Verbond (Tanakh)

Die eerste boek van die Profete

Die eerste boek van die Vroeëre Profete

Y'hoshua

(Josua)

(יהושע - יהוה is verlossing)

Die titel is nie 'n bewys van outeurskap nie, maar van inhoud. Dit is bes moontlik, volgens Joodse tradisie, geskryf deur Y'hoshua, behalwe die laaste verse.

1 1 Nou het dit gebeur, ná die dood van Mosheh, die kneg van יהוה, dat יהוה met
Y'hoshua, die seun van Nun, die dienaar van Mosheh, gepraat en gesê het:
2 "My kneg Mosheh is dood; staan daarom op, trek deur hierdie Yarden, jy en al
hierdie mense, na die land wat Ek aan hulle, aan die seuns van Yisra'el, gee.
3 Elke plek waarop die sool van jou voet trap, dit gee Ek aan jou, net soos Ek met
Mosheh gepraat het.
4 Vanaf die wildernis en hierdie L'vanon, selfs tot by die groot rivier, die Eufraatrivier,
die hele land van die Hittiete en so ver as die Groot See, waar die son ondergaan,
sal julle grondgebied wees.
5 Niemand sal voor jou kan staan, al die dae van jou lewe, nie; net soos Ek met
Mosheh was, sal Ek met jou wees; Ek sal jou nie in die steek laat en jou nie
verlaat nie. Heb 13:5
6 Wees onveranderlik sterk en dapper, want jy sal aan hierdie volk die land as besitting
gee wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee.
7 Wees net onveranderlik sterk en baie dapper. Deut 31:7 Wees versigtig om te doen
volgens die hele wet wat Mosheh, My kneg, jou beveel het; moenie regs of links
daarvan afdraai nie sodat jy sukses kan hê, waar jy ook al mag gaan. Ps 1:3
8 Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en
nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te
doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê. Ps 1:2
9 Het Ek jou nie beveel nie? Wees onveranderlik sterk en dapper, moenie bewe of
mismoedig wees nie, want יהוה, jou God, is met jou, Deut 31:8; 1 Kro 22:16 waar jy ook al
heengaan."
10 Toe het Y'hoshua aan die offisiere van die volk bevel gegee en gesê:
11 "Gaan deur die kamp en beveel die volk en sê: 'Berei vir julle padkos voor, want
binne drie dae moet julle deur hierdie Yarden trek om in te gaan om die land in besit
te neem wat יהוה, julle God, aan julle gee, om dit in besit te neem.'"
12 Aan die Re'uveniete en Gadiete en die halwe stam van M'nasheh het Y'hoshua
gesê:
13 "Onthou die woord wat Mosheh, die kneg van יהוה, julle beveel het toe hy gesê het:
'יהוה, julle God, gee aan julle rus en sal hierdie land aan julle gee.'
14 Julle vroue, julle kinders en julle vee moet in die land wat Mosheh julle oorkant
die Yarden gegee het, bly, maar julle, al die onverskrokke soldate, moet gewapend
voor julle broers deurtrek en hulle help
15 totdat יהוה aan julle broers, soos aan julle, rus gee en hulle ook die land in besit
neem wat יהוה, julle God, aan hulle gee; dan moet julle teruggaan na die land van
julle besitting en dit as erfenis ontvang, die land wat Mosheh, die kneg van יהוה,
julle gegee het oorkant die Yarden, waar die son opkom."
16 Hulle het Y'hoshua geantwoord en gesê: "Alles wat u ons beveel het, sal ons doen
en oral waarheen u ons stuur, sal ons gaan.
17 Net soos ons Mosheh gehoorsaam het in alles, so sal ons u gehoorsaam; mag יהוה,
u God, net met u wees soos Hy met Mosheh was.

18 Enige een wat teen u bevel rebelleer en u woorde nie gehoorsaam in alles wat u hom beveel nie, sal doodgemaak word; wees net onveranderlik sterk en dapper."

2 1 Toe het Y'hoshua, die seun van Nun, in die geheim twee manne as verkenners uit Shitteem uitgestuur en gesê: "Gaan kyk na die land en veral Yerigo." Hulle het gegaan en in die huis van 'n hoer, met die naam van Ragav, ingekom en daar gebly.

2 Dit is aan die koning van Yerigo vertel en gesê: "Let op, manne uit die seuns van Yisra'el het vannag hierheen gekom om die land te verken."

3 Die koning van Yerigo het na Ragav gestuur om te sê: "Bring die manne uit wat na jou toe gekom het, wat in jou huis ingegaan het, want hulle het gekom om die hele land te verken."

4 Die vrou het egter die twee manne gevat en hulle weggesteek en sy het gesê: "Ja, die manne het na my toe gekom, maar ek het nie geweet waar hulle vandaan was nie.

5 Dit het gebeur dat toe die poort met donker gesluit moes word, die manne uitgegaan het; ek weet nie waarheen die manne gegaan het nie; agtervolg hulle gou, want julle sal hulle inhaal."

6 Sy het hulle egter opgevat na die dak toe en hulle weggesteek onder die vlasstingels wat sy op haar dak oopgegooi het.

7 Die manne het hulle toe agternagejaag in die rigting van die Yarden, na die driwwe; dadelik nadat hulle agtervolgers uitgegaan het, het hulle die hek gesluit.

8 Voordat hulle gaan slaap het, het sy op die dak geklim na hulle toe

9 en vir die manne gesê: "Ek weet dat יהוה die land aan julle gegee het en dat die verskrikking van julle op ons geval het en dat al die inwoners van die land weggesmelt het voor julle,

10 want ons het gehoor hoe יהוה die water van die Sufsee voor julle laat opdroog het toe julle uit Mitzrayim gekom het en wat julle aan die twee konings van die Emoriete, Sigon en `Og, oorkant die Yarden gedoen het, wat julle heeltemal uitgewis het.

11 Toe ons dit hoor, het ons binneste gesmelt en geen moed het in enige man oorgebly as gevolg van julle nie, want יהוה, julle God: Hy is God bo in die hemel en onder op die aarde; Deut 28:10

12 daarom dan, sweer asseblief vir my by יהוה terwyl ek goedgunstig teenoor julle opgetree het, julle ook teenoor my vader se huishouding goedgunstig sal wees en vir my 'n teken van waarheid gee

13 dat julle die lewe van my vader, moeder, broers en susters en almal wat aan hulle behoort, sal spaar en ons lewens sal red van die dood."

14 Die manne sê vir haar: "Ons lewe vir julle s'n, as julle nie hierdie saak van ons bekend maak nie en dit sal wees dat wanneer יהוה aan ons die land gee, ons gunstig en getrou teenoor julle sal wees."

15 Toe het sy hulle met 'n tou deur die venster laat afsak, want haar huis was op die stadsmuur; dus het sy op die muur gebly.

16 Sy het vir hulle gesê: "Gaan na die bergland sodat julle agtervolgers julle nie raakloop nie en steek julle daar vir drie dae lank weg totdat die agtervolgers terugkom; daarna kan julle verder gaan."

17 Die manne sê vir haar: "Ons sal ontslae wees van hierdie eed aan jou wat jy ons laat sweer het,
18 as jy nie, wanneer ons die land inkom, hierdie koord van rooi lyn waarmee jy ons laat afsak het, aan die venster vasbind nie; jy moet ook jou vader, moeder, broers en jou vader se hele huishouding by jou in die huis versamel.
19 Dit sal wees dat elkeen wat by die deure van jou huis na die straat toe uitgaan, dié se bloed sal op sy eie kop wees en ons onskuldig, maar elkeen wat by jou in die huis is, dié se bloed sal op ons kop wees, as 'n hand op hom is,
20 maar as jy hierdie saak van ons bekend maak, sal ons vry wees van die eed wat jy ons laat sweer het."
21 Sy antwoord: "Volgens julle woorde, laat dit so wees." Sy het hulle weggestuur en hulle het vertrek en sy het die rooi lyn aan die venster vasgebind.
22 Hulle het vertrek en in die bergland gekom en drie dae lank daar gebly totdat die agtervolgers teruggekom het. Nou, die agtervolgers het hulle oral op die pad gesoek, maar nie gekry nie.
23 Toe het die twee manne teruggegaan en van die bergland afgekom en oorgegaan en by Y'hoshua, die seun van Nun, gekom en hom alles vertel wat met hulle gebeur het.
24 Hulle het vir Y'hoshua gesê: "Sekerlik het יהוה die hele land in ons hand gegee, meer nog, al die inwoners van die land smelt voor ons weg."

3 1 Toe het Y'hoshua die oggend vroeg opgestaan en hy en al die seuns van Yisra'el het van Shitteem af weggetrek en by die Yarden gekom en daar oorgebly voordat hulle deurgetrek het.
2 Aan die einde van drie dae het die offisiere deur die kamp gegaan
3 en die volk beveel en gesê: "Wanneer julle die verbondsark van יהוה, julle God, sien en die Levitiese priesters wat hom dra, moet julle van jul plek af opbreek en agter hom aangaan
4 sodat julle die pad kan ken waarlangs julle moet trek, want julle het nie vroeër met dié pad getrek nie. Daar moet egter 'n afstand van omtrent twee duisend el tussen julle en hom wees. Moenie naby dit kom nie."
5 Toe het Y'hoshua vir die volk gesê: "Sonder julleself af, want môre sal יהוה wonders onder julle doen."
6 Y'hoshua het met die priesters gepraat en gesê: "Tel die verbondsark op en gaan oor, voor die volk uit." Hulle het die verbondsark opgetel en voor die volk uit getrek.
7 Nou, יהוה het vir Y'hoshua gesê: "Vandag sal Ek begin om jou op te lig voor die oë van die hele Yisra'el sodat hulle kan weet dat Ek met jou sal wees net soos Ek met Mosheh was.
8 Jy moet ook die priesters wat die verbondsark dra beveel en sê: 'Wanneer julle aan die kant van die water van die Yarden kom, moet julle in die Yarden bly staan.'"
9 Toe sê Y'hoshua aan die seuns van Yisra'el: "Kom hier en hoor, luister en doen die woorde van יהוה, julle God."
10 Y'hoshua het gesê: "Hieraan sal julle weet dat daar 'n lewende God Open 1:18 tussen julle is en dat Hy sekerlik die Kena'aniete, die Hittiete, die Hiviete, die P'riziete, die Girgashiete, die Emoriete en die Y'vusiete voor julle uit sal verdrywe:

11 let op, die ark van die verbond van die Meester van die hele aarde trek voor julle uit die Yarden in.
12 Vat nou vir julle twaalf manne uit die stamme van Yisra'el, een man uit elke stam.
13 Dit sal wees, wanneer die voetsole van die priesters wat die ark van יהוה, die Meester van die hele aarde, dra, in die water van die Yarden rus, die water van die Yarden afgesny sal word; die water wat van die bokant afkom sal op een hoop bly staan."
14 Toe die volk wegtrek uit hulle tente om deur die Yarden te gaan, met die priesters wat die ark van die verbond dra, voor die volk
15 en die draers van die ark by die Yarden kom en die priesters wat die ark dra, hulle voete aan die kant van die water insteek, want die Yarden oorvloei beide sy walle, al die dae van die oes, het dit gebeur dat
16 die water wat van die bokant afvloei bly staan het en opgerys het in een hoop, baie ver weg by Adam, wat langs Tzartan lê en die wat afvloei na die See van die Vlakte (`Aravah), die Soutsee, is heeltemal afgesny. Die volk het oorkant Yerigo oorgetrek.
17 Die priesters wat die ark van die verbond van יהוה gedra het, het stewig op droë grond in die middel van die Yarden bly staan terwyl die hele Yisra'el op droë grond deurgetrek het totdat die hele volk klaar deur die Yarden getrek het.

4 1 Toe die hele volk klaar deur die Yarden getrek het, het יהוה met Y'hoshua gepraat en gesê:
2 "Vat vir julle twaalf manne vanuit die volk, een man uit elke stam,
3 en beveel hulle en sê: 'Vat vir julle van hier, uit die middel van die Yarden, vanaf die plek waar die voete van die priesters stewig bly staan het, twaalf klippe en dra hulle saam met julle deur en sit dit neer in die blyplek waar julle vannag gaan oorbly.'"
4 Y'hoshua het die twaalf manne geroep wat hy uit die seuns van Yisra'el, een man uit elke stam, aangestel het
5 en Y'hoshua het vir hulle gesê: "Gaan weer oor na die ark van יהוה, julle God, binne-in die Yarden en tel elkeen 'n klip op op sy skouer, volgens die getal van die stamme van die seuns van Yisra'el.
6 Laat dit 'n teken onder julle wees sodat wanneer julle kinders later vra en sê: 'Wat beteken hierdie klippe vir julle?'
7 dan moet julle vir hulle sê: 'Die water van die Yarden is afgesny voor die ark van die verbond van יהוה; toe ons deur die Yarden gegaan het, is die water van die Yarden afgesny.' Hierdie klippe is 'n herinnering vir die seuns van Yisra'el vir ewig."
8 Die seuns van Yisra'el het gedoen soos Y'hoshua beveel het en het twaalf klippe uit die middel van die Yarden opgetel soos יהוה met Y'hoshua gepraat het, volgens die getal van die stamme van die seuns van Yisra'el en hulle het dit saam met hulle oorgedra na die plek waar hulle oorgebly het en dit daar neergesit.
9 Toe het Y'hoshua die twaalf klippe opgerig, wat hulle uit die middel van die Yarden gevat het, op die plek waar die voete van die priesters, wat die verbondsark gedra het, gestaan het en dit is daar tot vandag toe.

10 Die priesters, wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Yarden totdat alles voltooi was wat יהוה Y'hoshua beveel het om aan die volk te sê, volgens alles wat Mosheh Y'hoshua beveel het en die volk het gou gemaak en deurgetrek
11 en toe die hele volk klaar deurgetrek het, het die ark van יהוה en die priesters voor die oë van die volk deurgegaan.
12 Die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh het in volle wapenrusting voor die seuns van Yisra'el deurgetrek, net soos Mosheh aan hulle gesê het.
13 Omtrent veertig duisend wat vir oorlog gewapen was, het voor die aangesig van יהוה na die vlaktes van Yerigo toe deurgetrek om te veg.
14 Op dié dag het יהוה Y'hoshua groot gemaak voor die oë van die hele Yisra'el sodat hulle hom respekvol gevrees het soos hulle Mosheh respekvol gevrees het al die dae van sy lewe.
15 Nou het יהוה vir Y'hoshua gesê:
16 "Beveel die priesters wat die ark van die Getuienis dra dat hulle uit die Yarden uit opklim."
17 Y'hoshua het daarop die priesters beveel en gesê: "Klim op uit die Yarden."
18 Dit het gebeur dat, toe die priesters wat die ark van die verbond van יהוה gedra het, opklim uit die middel van die Yarden en die priesters se voetsole uitgelig is op droë grond, die water van die Yarden na hulle plek teruggekeer en soos vroeër oor albei sy walle geloop het.
19 Die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Yarden uit opgetrek en kamp opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike grens van Yerigo.
20 Daardie twaalf klippe wat hulle uit die Yarden gevat het, het Y'hoshua by Gilgal opgerig.
21 Hy het vir die seuns van Yisra'el gesê: "Wanneer julle kinders in die toekoms hulle vaders vra en sê: 'Wat beteken hierdie klippe?'
22 dan moet julle julle kinders inlig en sê: 'Op droë grond het Yisra'el deur hierdie Yarden getrek,
23 want יהוה, julle God, het die water van die Yarden voor julle uit laat opdroog totdat julle deurgetrek het, net soos יהוה, julle God, gedoen het met die Sufsee wat Hy voor ons uit opgedroog het totdat ons deurgetrek het
24 sodat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van יהוה magtig is sodat julle יהוה, julle God, ewig respekvol mag vrees.'"

5 1 Dit het gebeur dat, toe al die konings van die Emoriete wat anderkant die Yarden na die weste was en al die konings van die Kena'aniete wat by die see bly, gehoor het dat יהוה die water van die Yarden voor die seuns van Yisra'el uit opgedroog het totdat hulle deurgetrek het, hulle binneste versmelt en daar in hulle geen gees meer was vanweë die seuns van Yisra'el nie.
2 In daardié tyd het יהוה vir Y'hoshua gesê: "Maak vir jou klipmesse en besny weer die seuns van Yisra'el vir die tweede keer."
3 Y'hoshua het vir hom klipmesse gemaak en die seuns van Yisra'el besny by Giv'at-Ha'Aralot (die heuwel van die voorhuide).

4 Hierdie is die rede waarom Y'hoshua hulle besny het: die hele volk wat uit Mitzrayim uitgetrek het, wat mans was, al die krygsmanne, het op pad in die wildernis gesterf nadat hulle uit Mitzrayim gekom het,
5 want die hele volk wat uitgetrek het, is besny, maar al die mense wat op pad in die wildernis gebore is, soos hulle uit Mitzrayim gekom het, is nie besny nie,
6 want vir veertig jaar lank het die seuns van Yisra'el in die wildernis geloop totdat die hele volk, die krygsmanne wat uit Mitzrayim weggetrek het, dood is omdat hulle nie geluister het na die stem van יהוה nie; vir wie יהוה gesweer het dat Hy hulle die land nie sou laat sien wat יהוה hulle vaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee nie; 'n land wat vloei met melk en heuning.
7 Hulle seuns, wat Hy in hulle plek laat opstaan het; dié het Y'hoshua besny, want hulle was onbesnede omdat hulle nie op pad besny is nie.
8 Toe die hele volk klaar besny is, het hulle op hul plek in die kamp gebly totdat hulle gesond was.
9 Toe het יהוה vir Y'hoshua gesê: "Vandag het Ek die smaad van Mitzrayim van julle afgerol." Dié plek word daarom tot vandag toe Gilgal genoem.
10 Terwyl die seuns van Yisra'el by Gilgal gekamp het, het hulle die Pesag gehou met sonsondergang, op die veertiende dag van die maand, in die vlakte van Yerigo.
11 Op die dag ná die Pesag, op daardie presiese dag, het hulle van die opbrengs van die land geëet: ongesuurde brode en gebraaide graan.
12 Die dag nadat hulle van die opbrengs van die land geëet het, het die 'man hu' opgehou sodat die seuns van Yisra'el verder geen 'man hu' gehad het nie, maar hulle het geëet van die opbrengs van die land Kena'an in daardie jaar.
13 Dit het gebeur terwyl Y'hoshua by Yerigo was dat hy sy oë oplig en let op, daar het 'n man teenoor hom gestaan met sy getrekte swaard in sy hand en Y'hoshua het na hom toe gegaan en hom gevra: "Is jy vir ons of vir ons vyande? Deut 31:6
14 Hy sê vir hom: "Ek is die Bevelvoerder van die leër van יהוה en nou het Ek hierheen gekom." Y'hoshua val op sy gesig op die grond en buig hom neer en vra vir Hom: "Wat het my Meester vir Sy dienskneg te sê?"
15 Die Bevelvoerder van die leër van יהוה sê vir Y'hoshua: "Verwyder jou sandale van jou voete af, want die plek waar jy staan, is afgesonderd." Y'hoshua het so gedoen.

6 1 Yerigo was dig gesluit as gevolg van die seuns van Yisra'el; niemand het uitgegaan en niemand het ingegaan nie.
2 יהוה het vir Y'hoshua gesê: "Kyk, Ek het Yerigo met sy koning en dapper soldate in jou hand gegee.
3 Julle moet om die stad trek, al die krygsmanne; trek een maal om die stad; so moet jy doen vir ses dae lank.
4 Sewe priesters moet ook sewe ramshorings voor die ark dra. Dan, op die sewende dag moet julle sewe maal om die stad trek en die priesters moet op die horings blaas.

5 Dit sal wees, as julle die geluid van die horing hoor wanneer hulle 'n lang klank op die ramshoring blaas (Tekiah), die hele volk hard moet uitskreeu van vreugde en die stadsmuur sal plat inval en die volk moet ingaan, elke man reg vorentoe."
6 Y'hoshua, die seun van Nun, het die priesters geroep en vir hulle gesê: "Tel die verbondsark op en laat sewe priesters sewe ramshorings voor die ark van יהוה dra."
7 Toe het hy aan die volk gesê: "Gaan vorentoe en stap rondom die stad; laat die gewapendes voor die ark van יהוה uit marsjeer."
8 Dit het gebeur dat, toe Y'hoshua met die volk gepraat het, die sewe priesters, wat die sewe ramshorings voor יהוה gedra het, vorentoe gegaan en geblaas het op die horings en die ark van die verbond van יהוה het hulle gevolg.
9 Die gewapendes het voor die priesters wat op die horings geblaas het, uitgegaan en die agterhoede het agter die ark aan gekom terwyl hulle gedurig op die horings geblaas het.
10 Y'hoshua het die volk egter beveel en gesê: "Julle mag nie uitskree of julle stem laat hoor nie en geen woord mag uit julle mond uitgaan nie tot op die dag dat ek vir julle sê: 'Skreeu!' dan moet julle skreeu met vreugde."
11 So het hy die ark van יהוה om die stad gevat, een keer rondom; daarna het hulle in die kamp ingekom en die nag in die kamp deurgebring.
12 Y'hoshua het vroeg die oggend opgestaan en die priesters het die ark van יהוה opgetel.
13 Die sewe priesters wat die sewe ramshorings voor die ark van יהוה gedra het, het geloop en aanhoudend op die horings geblaas en die gewapendes het voor hulle geloop en die res van die menigte het agter die ark van יהוה aan gekom terwyl hulle voortgegaan het om op die horings te blaas.
14 So het hulle dan op die tweede dag een keer om die stad geloop en na die kamp teruggekeer. So het hulle vir ses dae lank gedoen.
15 Toe, op die sewende dag het hulle vroeg, met die breek van die dag, opgestaan en op dieselfde manier sewe maal om die stad geloop; net op dié dag het hulle sewe maal om die stad geloop.
16 Met die sewende keer, toe die priesters op die horings blaas, sê Y'hoshua vir die volk: "Skreeu van vreugde, want יהוה het die stad vir julle gegee!
17 Die stad en alles wat daarin is, sal toegewy wees, dit behoort aan יהוה; slegs Ragav, die hoer en almal wat by haar in die huis is, mag lewe omdat sy die boodskappers wat deur ons gestuur is, weggesteek het.
18 Maar wat julle betref, hou julleself weg van die dinge wat toegewy is sodat julle dit nie begeer en van die toegewyde goed vat en die kamp van Yisra'el 'n vervloeking maak en moeilikheid daaroor bring nie.
19 Al die silwer, goud, koper en ystervoorwerpe is afgesonder tot יהוה: dit moet in die skatkamer van יהוה kom."
20 Die volk het geskreeu van vreugde en die priesters het op die horings geblaas. Dit het so gebeur dat toe die volk die klank van die horing hoor, die volk met 'n harde skreeu geskree het van vreugde en die muur het platgeval sodat die mense in die stad in opgegaan het, elkeen reg vorentoe en hulle het die stad oorgeneem.

21 Hulle het alles in die stad volkome vernietig deur die swaard; beide man, sowel as vrou, jonk, sowel as oud, bees en skaap en donkie.
22 Aan die twee manne wat die land verken het, het Y'hoshua gesê: "Gaan in die huis van die hoer en bring die vrou en almal wat aan haar behoort, daar uit, soos julle vir haar gesweer het."
23 Die jongmanne, wat spioene was, het ingegaan en Ragav met haar vader, haar moeder, haar broers en almal wat aan haar behoort, uitgebring; hulle het haar hele familie uitgebring en hulle buitekant die kamp van Yisra'el gesit.
24 Hulle het die stad met alles wat daarin was, met vuur verbrand; net die silwer, die goud, die koper en ystervoorwerpe het hulle in die skatkamer van die huis van יהוה gesit.
25 Y'hoshua het egter vir Ragav, die hoer en haar familie en almal wat aan haar behoort het, laat lewe en sy het tussen Yisra'el gewoon tot vandag toe omdat sy die boodskappers weggesteek het wat Y'hoshua gestuur het om Yerigo te verken.
26 Toe het Y'hoshua hulle in dié tyd laat sweer en gesê: "Vervloek is die man voor die aangesig van יהוה wat sal opstaan om hierdie stad Yerigo op te bou: ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fondamente lê en ten koste van sy jongste seun sal hy sy poorte insit." 1 Kon 16:34
27 יהוה was met Y'hoshua en sy reputasie het deur die hele land versprei.

7 1 Die seuns van Yisra'el het egter ontrou gehandel aangaande die dinge onder ban, want `Akhan, die seun van Karmi, die seun van Zavdi, die seun van Zerag, van die stam van Y'hudah, het van die bangoed gevat; daarom het die woede van יהוה ontbrand teen die seuns van Yisra'el.
2 Nou, Y'hoshua het manne van Yerigo af na `Ai wat naby Beit-Aven, oos van Beit-El lê, gestuur en vir hulle gesê: "Gaan op en verken die land." Die manne het opgegaan en `Ai verken.
3 Hulle het teruggekom na Y'hoshua toe en vir hom gesê: "Moenie al die manskappe laat opgaan nie; omtrent twee of drie duisend man kan opgaan na `Ai; moenie al die manskappe daarheen vermoei nie, want hulle is min."
4 Omtrent drie duisend man het vanuit die volk daarheen opgegaan, maar hulle het gevlug voor die manne van `Ai.
5 Die manne van `Ai het omtrent ses en dertig van hulle mans doodgeslaan en hulle agtervolg van die poort af tot by Sh'varim en hulle op die afgaan verslaan; die binneste van die volk het versmelt en soos water geword.
6 Toe het Y'hoshua sy klere geskeur en met sy gesig op die grond geval voor die ark van יהוה, tot die aand toe, hy en die oudstes van Yisra'el en hulle het stof op hul koppe gegooi.
7 Y'hoshua het gesê: "Ag, Meester יהוה, waarom het U ooit hierdie volk oor die Yarden gebring om ons oor te gee in die hand van die Emoriete, om ons te vernietig? As ons maar gewillig was om oorkant die Yarden te bly!
8 Ag יהוה, wat kan ek sê aangesien Yisra'el die rug gedraai het voor hulle vyande,

9 want die Kena'aniete en al die inwoners van die land sal daarvan hoor en hulle sal ons omsingel en ons naam van die aarde af afsny en wat sal U vir U groot Naam doen?"
10 יהוה sê vir Y'hoshua: "Staan op, waarom het jy op jou gesig neergeval?
11 Yisra'el het gesondig en het ook My verbond oortree wat Ek hulle beveel het. Hulle het selfs van die bangoed gevat en beide gesteel en mislei. Meer nog, hulle het dit ook by hulle eie goed gesit;
12 daarom kan die seuns van Yisra'el nie staan voor hulle vyande nie. Hulle draai hul rug voor hulle vyande, want hulle het 'n vloek op hulle. Ek sal nie meer met julle wees tensy julle die bangoed onder julle uit vernietig nie.
13 Staan op! Sonder die volk af en sê: 'Sonder julleself af vir môre, want so sê יהוה, die God van Yisra'el: "Daar is bangoed in jou midde, O Yisra'el! Julle kan nie standhou voor jul vyande totdat julle die bangoed onder julle uit verwyder het nie".'
14 Kom dan môre vroeg nader volgens julle stamme en die stam wat יהוה deur die lot aanwys, moet naderkom volgens families en die familie wat יהוה aanwys, moet naderkom volgens huisgesinne en die huisgesin wat יהוה aanwys, moet naderkom man vir man.
15 Dit sal wees dat die een wat aangewys is met die bangoed, met vuur verbrand moet word, hy en alles wat aan hom behoort omdat hy die verbond van יהוה oortree en 'n skandedaad in Yisra'el begaan het."
16 Y'hoshua het dus vroeg in die oggend opgestaan en Yisra'el laat naderkom volgens stamme en die stam van Y'hudah is aangewys.
17 Toe hy die families van Y'hudah laat naderkom, het hy die familie van Zerag aangewys; toe hy die familie van Zerag laat naderkom, man vir man, is Zavdi aangewys.
18 Hy het sy huisgesin man vir man laat naderkom en `Akhan, die seun van Karmi, die seun van Zavdi, die seun van Zerag, van die stam van Y'hudah, is aangewys.
19 Toe sê Y'hoshua vir `Akhan: "My seun, ek smeek jou, gee lof en eer aan יהוה, die God van Yisra'el en lig jou hande op na Hom Yog 9:24 en vertel my nou wat jy gedoen het. Moet dit nie vir my wegsteek nie."
20 `Akhan het Y'hoshua geantwoord en gesê: "Waarlik, ek het gesondig teen יהוה, die God van Yisra'el en dit is wat ek gedoen het:
21 toe ek 'n mooi mantel uit Shin'ar, twee honderd sikkels silwer en 'n goudstaaf van vyftig sikkels in gewig by die buitgoed gesien het, het ek hulle begeer en hulle gevat en let op, hulle is weggesteek in die grond binne-in my tent met die silwer onder dit."
22 Y'hoshua het boodskappers gestuur en hulle het na die tent toe gehardloop en let op, dit was weggesteek in sy tent, met die silwer onder dit.
23 Hulle het dit vanuit die tent gehaal en dit na Y'hoshua en al die seuns van Yisra'el gebring en dit voor die aangesig van יהוה uitgegooi.

24 Toe het Y'hoshua en die hele Yisra'el, saam met hom, vir `Akhan, die seun van Zerag, gevat, saam met die silwer, die mantel, die goudstaaf, sy seuns, sy dogters, sy beeste, sy donkies, sy kleinvee, sy tent en alles wat aan hom behoort het en hulle het hul opgevat na die Vallei van Akhor.
25 Y'hoshua het gesê: "Hoekom het jy vir ons moeilikheid gemaak? יהוה sal vandag vir jou moeilikheid gee! Die hele Yisra'el het hom gestenig met klippe en hulle het hulle met vuur verbrand nadat hulle hul met klippe gestenig het.
26 Hulle het 'n groot hoop klippe oor hom gestapel wat tot vandag toe daar is en יהוה het weggedraai van die intensiteit van Sy woede; daarom noem hulle daardie plek die Vallei van Akhor tot vandag toe.

8 1 יהוה sê vir Y'hoshua: "Moenie vrees of ontsteld wees nie; vat al die manskappe saam met jou en staan op, gaan op na `Ai; kyk, Ek gee die koning van `Ai, sy volk, sy stad en sy land in jou hand.
2 Jy moet met `Ai en sy koning doen net soos jy met Yerigo en sy koning gedoen het; net sy buit en sy vee mag julle vir julself buitmaak. Stel 'n hinderlaag op aan die agterkant, teen die stad."
3 Y'hoshua het opgestaan saam met al die manskappe om op te gaan na `Ai en Y'hoshua het dertig duisend man, dapper soldate, uitgesoek en hulle in die nag uitgestuur.
4 Hy het hulle beveel en gesê: "Kyk, julle gaan 'n hinderlaag teen die stad opstel, aan die agterkant; moenie ver van die stad af weggaan nie, maar wees julle almal gereed.
5 Dan sal ek met al die manne wat by my is, die stad nader en wanneer hulle dan uitkom om ons te ontmoet, sal ons soos die vorige keer, voor hulle uit vlug.
6 Hulle sal uitkom agter ons aan totdat ons hulle van die stad af weggelok het, want hulle sal sê: 'Hulle vlug voor ons uit soos die eerste keer.' So sal ons voor hulle uit vlug.
7 Julle moet uit die hinderlaag opstaan en die stad in besit neem, want יהוה, julle God, sal dit in julle hand gee.
8 Dan, wanneer julle die stad verower het, moet julle die stad aan die brand steek. Julle moet dit doen volgens die woord van יהוה. Kyk, ek het julle beveel.
9 So het Y'hoshua hulle dan weggestuur en hulle het na die plek van die hinderlaag gegaan en gebly tussen Beit-El en `Ai, aan die westekant van `Ai, maar Y'hoshua het dié nag tussen die manskappe deurgebring.
10 Die oggend vroeg het Y'hoshua opgestaan, die manskappe aangetree en opgegaan saam met die oudstes van Yisra'el, voor die manskappe, na `Ai toe.
11 Toe het al die manskappe wat by hom was, opgegaan en die stad genader en voor dit aangekom en hulle het laer opgeslaan aan die noordekant van `Ai, met 'n vallei tussen hulle en `Ai.
12 Hy het omtrent vyf duisend man gevat en hulle in 'n hinderlaag opgestel tussen Beit-El en `Ai, aan die westekant van die stad.

13 So het hulle die manskappe opgestel, die hele leër wat aan die noordekant van die stad was, met sy agterhoede aan die westekant van die stad en Y'hoshua het daardie nag in die vallei deurgebring.
14 Dit het gebeur, toe die koning van `Ai dit sien, het die manne van die stad gou gemaak en vroeg opgestaan en uitgegaan om Yisra'el in die geveg te ontmoet, hy en al sy manskappe, op 'n aangestelde plek voor die woestynvlakte. Hy het egter nie geweet dat daar agter die stad 'n hinderlaag teen hom lê nie.
15 Y'hoshua en die hele Yisra'el het voorgegee om verslaan te wees voor hulle en gevlug in die rigting van die wildernis.
16 Al die manskappe in die stad is bymekaar geroep om hulle te agtervolg en hulle het Y'hoshua agtervolg en is weggelok van die stad af.
17 Daar was nie 'n man oor in `Ai of in Beit-El, wat nie agter Yisra'el aan gegaan het nie en hulle het die stad onbewaak laat staan en Yisra'el agtervolg.
18 Toe sê יהוה vir Y'hoshua: "Steek die spies wat in jou hand is, na `Ai toe uit, want Ek sal dit in jou hand gee." Y'hoshua het die spies, wat in sy hand was, na die stad toe uitgesteek.
19 Die manne in die hinderlaag het gou van hulle plek af opgestaan en toe hy sy hand uitgesteek het, gehardloop, die stad ingegaan en dit oorgeneem en die stad gou aan die brand gesteek.
20 Toe die manne van `Ai omdraai, let op, het die rook van die stad in die lug opgetrek en hulle het geen plek gehad om heen te vlug nie, nie hierheen of daarheen nie, want die manskappe wat op die vlug was na die wildernis, het omgedraai teen die agtervolgers.
21 Toe Y'hoshua en die hele Yisra'el sien dat die hinderlaag die stad ingeneem het en dat die rook van die stad af opstyg, het hulle omgedraai en die manne van `Ai verslaan.
22 Die ander het uit die stad gekom, hulle tegemoet sodat hulle tussen Yisra'el vasgevang was, sommige duskant en sommige anderkant en hulle het hul verslaan totdat daar niemand van hulle oor was wat oorleef of ontvlug het nie,
23 maar hulle het die koning van `Ai lewendig gevang en hom na Y'hoshua toe gebring.
24 Nadat Yisra'el al die inwoners van `Ai in die veld en in die wildernis waar hulle hul agtervolg het, doodgemaak het en almal deur die skerpte van die swaard geval het totdat hulle uitgewis was, het die hele Yisra'el teruggekom na `Ai en dit met die skerpte van die swaard getref.
25 Al die wat op dié dag geval het, manne sowel as vroue, was twaalf duisend; al die mense van `Ai.
26 Y'hoshua het sy hand met die uitgestrekte spies nie teruggetrek voordat hy al die inwoners van `Ai ten volle vernietig het nie.
27 Net die vee en die buit van daardie stad het die Yisra'eliete vir hulle buitgemaak, volgens die woord van יהוה, wat Hy Y'hoshua beveel het.
28 Y'hoshua het `Ai verbrand en daarvan 'n puinhoop gemaak vir ewig, 'n verlatenheid tot vandag toe.

29 Hy het die koning van `Ai aan 'n paal opgehang tot sonsondergang toe en teen sononder het Y'hoshua beveel dat hulle sy lyk van die paal afhaal en dit by die ingang van die stadspoort gooi en 'n groot hoop klippe oor hom stapel, wat vandag nog daar is. Deut 21:22,23

30 Toe het Y'hoshua 'n altaar gebou vir יהוה, die God van Yisra'el, op die berg `Eival,

31 soos Mosheh, die kneg van יהוה, die seuns van Yisra'el beveel het, soos geskrywe staan in die wetboek van Mosheh: 'n altaar van ongekapte klippe waaroor niemand 'n yster geswaai het nie en dáárop het hulle aan יהוה brandoffers gebring en vredesoffers geoffer.

32 Hy het daar 'n afskrif van die wet van Mosheh op die klippe geskryf, wat hy geskryf het voor die oë van die seuns van Yisra'el.

33 Die hele Yisra'el, met sy oudstes en die offisiere en sy regters het aan weerskante van die ark gestaan, voor die Levitiese priesters, die draers van die ark van die verbond van יהוה, die vreemdeling sowel as die burgers: die helfte van hulle voor die berg G'rizim en die ander helfte van hulle voor die berg `Eival, net soos Mosheh, die dienskneg van יהוה, tevore beveel het, om die volk van Yisra'el te seën.

34 Toe, hierna, het hy al die woorde van die wet voorgelees, die seën en die vloek, volgens alles wat in die boek van die wet geskryf is.

35 Daar was nie 'n woord van alles wat Mosheh beveel het, wat Y'hoshua nie voorgelees het voor die hele vergadering van Yisra'el, saam met die vroue en die kinders en die vreemdelinge wat tussen hulle gebly het nie.

9 1 Dit het gebeur dat toe al die konings wat wes van die Yarden bly, in die bergland en in die Laagland en aan die hele kus van die Groot See in die rigting van L'vanon: die Hittiete, Emoriete, Kena'aniete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, daarvan hoor,

2 hulle bymekaargekom het om soos een man teen Y'hoshua en Yisra'el te veg.

3 Toe die inwoners van Giv'on hoor wat Y'hoshua met Yerigo en met `Ai gedoen het,

4 het hulle ook met lis gehandel: hulle het gegaan en hulle as afgevaardigdes voorgestel en verslete sakke en verslete wynsakke wat geskeur en reggemaak was op hulle donkies gevat;

5 ook verslete en gelapte sandale aan hulle voete en verslete klere aan hulle self en al die brood van hulle padkos was droog en verkrummeld.

6 Hulle het na Y'hoshua gegaan in die kamp by Gilgal en vir hom en die manne van Yisra'el gesê: "Ons kom van 'n ver land af; sluit dan nou 'n verbond met ons."

7 Die manne van Yisra'el het vir die Giviete gesê: "Miskien bly julle in ons land; hoe kan ons dan 'n verbond met julle sluit?"

8 Hulle sê egter vir Y'hoshua: "Ons is u diensknegte!" Toe vra Y'hoshua vir hulle: "Wie is julle en waar kom julle vandaan?"

9 Hulle sê vir hom: "U dienaars kom van 'n baie ver land af as gevolg van die verslag van die roem van יהוה, u God, wat ons aangaande Hom gehoor het en alles wat Hy in Mitzrayim gedoen het;

10 ook alles wat Hy aan die twee konings van die Emoriete oorkant die Yarden gedoen het, aan Sigon, die koning van Heshbon en `Og, die koning van Bashan, wat in `Ashtarot was;
11 daarom het ons oudstes en al die inwoners van ons land met ons gepraat en gesê: "Neem padkos in julle hand vir die reis en gaan ontmoet hulle en sê vir hulle: 'Ons is julle diensknegte, sluit dan nou 'n verbond met ons.' Deut 20:10-11
12 Hierdie brood van ons was warm toe ons dit as padkos uit ons huise gevat het op die dag wat ons uitgegaan het om na julle toe te kom, maar nou, let op, dit is droog en het verkrummeld geword.
13 Hierdie wynsakke wat ons volgemaak het, was nuut en let op, hulle is geskeur en hierdie, ons klere en ons sandale, is verslete as gevolg van die baie lang reis.
14 Die manne het van hulle padkos gevat en nie die raad van יהוה gevra nie. Eks 34:12
15 Y'hoshua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit dat hy hulle sou laat lewe en die prinse van die vergadering het teenoor hulle gesweer. 2 Sh'm 21:2
16 Dit het gebeur aan die einde van drie dae nadat hulle die verbond met hulle gesluit het dat hulle gehoor het dat hulle bure is en dat hulle in hulle land woon.
17 Toe het die seuns van Yisra'el weggetrek en op die derde dag by hulle stede gekom. Hulle stede was: Giv'on, K'firah, Be'erot en Kiryat-Ye'arim.
18 Die seuns van Yisra'el het hulle nie verslaan nie omdat die leiers van die vergadering teenoor hulle gesweer het by יהוה, die God van Yisra'el. Die hele vergadering het teen die leiers gemurmureer.
19 Al die leiers sê egter vir die hele vergadering: "Ons het teenoor hulle gesweer by יהוה, die God van Yisra'el en nou mag ons nie aan hulle raak nie.
20 Dit sal ons aan hulle doen; hulle laat lewe sodat daar nie toorn oor ons kom ter wille van die eed wat ons teenoor hulle gesweer het nie."
21 Die leiers sê vir hulle: "Laat hulle lewe!" Hulle het houtkappers en optrekkers van water geword vir die hele vergadering, net soos die leiers vir hulle gesê het.
22 Toe laat Y'hoshua hulle roep en praat met hulle en sê: "Waarom het julle ons mislei deur te sê: 'Ons bly baie ver van julle af' terwyl julle in ons land bly?
23 Nou, julle is daarom vervloek en julle sal nooit ophou om slawe, beide houtkappers sowel as optrekkers van water, vir die huis van my God te wees nie."
24 Hulle het Y'hoshua geantwoord en gesê: "Omdat dit verseker aan u diensknegte meegedeel is dat יהוה, u God, aan Mosheh, Sy dienskneg, beveel het om die hele land aan julle te gee en al die inwoners van die land voor julle uit te vernietig, was ons daarom baie bevrees vir ons lewens en het ons hierdie ding gedoen.
25 Nou, let op, ons is in u hande: doen soos dit goed en reg is in u oë om met ons te doen."
26 So het hy met hulle gedoen en hulle gered uit die hand van die seuns van Yisra'el en hulle het hul nie doodgemaak nie,
27 maar Y'hoshua het hulle op daardie dag houtkappers en optrekkers van water vir die vergadering en vir die altaar van יהוה, in die plek wat Hy sou kies, gemaak, tot vandag toe.

10 1 Nou het dit gebeur dat toe Adoni-Tzedek, die koning van Yerushalayim, hoor
dat Y'hoshua `Ai ingeneem en dit heeltemal vernietig het; net soos hy met Yerigo
en sy koning gedoen het, so het hy met `Ai en sy koning gedoen en dat die inwoners
van Giv'on vrede gesluit het met Yisra'el en in hulle land was,
2 hy baie bang geword het omdat Giv'on 'n groot stad was, soos een van die koninklike
stede en omdat hy groter as `Ai was en al sy manne kragtig was.
3 Adoni-Tzedek, die koning van Yerushalayim, het daarom na Hoham, die koning van
Hevron, na Pir'am, die koning van Yarmut, na Yafia, die koning van Lakhish en na
D'vir, die koning van `Eglon, gestuur om te sê:
4 "Kom op na my toe en help my dat ons Giv'on kan aanval omdat dit met Y'hoshua
en met die seuns van Yisra'el vrede gesluit het."
5 So het die vyf Emoritiese konings bymekaargekom en opgetrek: die koning van
Yerushalayim, die koning van Hevron, die koning van Yarmut, die koning van
Lakhish en die koning van `Eglon; hulle en al hul leërmagte en hulle het by Giv'on
gekamp en daarteen geveg.
6 Toe het die manne van Giv'on na Y'hoshua gestuur, na die kamp by Gilgal, om te
sê: "Moenie u diensknegte in die steek laat nie, kom gou op na ons toe en red ons
en help ons, want al die konings van die Emoriete, wat in die Bergland bly, het teen
ons bymekaargekom."
7 Y'hoshua het opgetrek vanaf Gilgal, hy en al die manskappe en al die dapper soldate
saam met hom.
8 יהוה het vir Y'hoshua gesê: "Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek het hulle in
jou hand gegee; nie een van hulle sal voor jou standhou nie."
9 Y'hoshua het, deur die hele nag deur van Gilgal af te marsjeer, skielik op hulle
afgekom
10 en יהוה het hulle in verwarring gebring voor Yisra'el en hy het hulle geslaan met 'n
groot slagting by Giv'on en hulle agtervolg op die opgaande pad van Beit-Horon
en hulle verslaan so ver as `Azekah en Makkedah.
11 Terwyl hulle voor Yisra'el uit vlug op die afdraande van Beit-Horon, het יהוה groot
haelstene vanaf die hemel op hulle gegooi so ver as tot by `Azekah en hulle het
gesterf. Daar het meer gesterf deur die haelstene as wat die seuns van Yisra'el met
die swaard doodgemaak het.
12 Toe het Y'hoshua met יהוה gepraat, op die dag dat יהוה die Emoriete voor die seuns
van Yisra'el oorgegee het en voor die oë van Yisra'el gesê: "O son, staan stil in
Giv'on en maan, in die Vallei van Ayalon!"
13 Die son het stilgestaan en die maan het gestop totdat die volk hulle gewreek het op
hul vyande. Staan dit nie geskrywe in die Boek van Liedere nie? Die son het in die
middel van die lug gestop en het hom nie gehaas om onder te gaan nie, vir omtrent
'n volle dag.
14 Daar was geen dag soos hierdie een, voor hom of ná hom, toe יהוה na die stem van
'n man geluister het nie, want יהוה het vir Yisra'el geveg.
15 Toe het Y'hoshua en die hele Yisra'el saam met hom, na die kamp by Gilgal
teruggegaan.

16 Nou, daardie vyf konings het gevlug en hulleself weggesteek in die grot by Makkedah.
17 Dit is aan Y'hoshua vertel en gesê: "Die vyf konings is gevind: hulle kruip weg in die grot by Makkedah."
18 Y'hoshua het gesê: "Rol groot klippe teen die ingang van die grot en stel manne daarby aan om hulle te bewaak,
19 maar moenie self daar bly nie; jaag julle vyande agterna en val hulle van agter af aan. Moet hulle nie toelaat om in hul stede in te gaan nie, want יהוה, julle God, het hulle in julle hand oorgegee.
20 Dit het gebeur dat toe Y'hoshua en die seuns van Yisra'el hulle heeltemal verslaan het met 'n baie groot slagting totdat hulle vernietig was en dié van hulle wat oorgebly het in die versterkte stede ingegaan het,
21 al die manskappe by die kamp, by Y'hoshua in Makkedah teruggekom het in vrede. Niemand het 'n woord ge-uiter teen enige van die seuns van Yisra'el nie.
22 Toe sê Y'hoshua: "Maak oop die ingang van die grot en bring daardie vyf konings uit die grot uit na my toe."
23 Hulle het so gedoen en daardie vyf konings uit die grot na hom toe gebring: die koning van Yerushalayim, die koning van Hevron, die koning van Yarmut, die koning van Lakhish en die koning van `Eglon.
24 Toe hulle daardie konings uitgebring het na Y'hoshua toe, roep Y'hoshua al die manne van Yisra'el en sê aan die bevelvoerders van die krygsmanne wat saam met hom gegaan het: "Kom nader, sit julle voete op die nekke van hierdie konings." Hulle het nader gekom en hul voete op hulle nekke gesit.
25 Toe sê Y'hoshua vir hulle: "Wees nie bevrees of ontsteld nie. Wees onveranderlik sterk en dapper, want so sal יהוה met al julle vyande doen teen wie julle veg."
26 Daarna het Y'hoshua hulle neergeslaan en hulle doodgemaak en hulle aan vyf bome opgehang en hulle het aan die bome bly hang tot die aand toe.
27 Dit het gebeur teen sononder dat Y'hoshua bevel gegee het om hulle van die bome af te haal [Deut 21:23] en in die grot te gooi waarin hulle weggekruip het en hulle het groot klippe voor die ingang van die grot gepak, tot vandag toe.
28 Daardie dag het Y'hoshua Makkedah oorgeneem en dit en sy koning met die skerpte van die swaard verslaan; hy het dit en almal wat daarin was volkome vernietig. Hy het niemand laat oorbly nie. So het hy met die koning van Makkedah gedoen net soos hy met die koning van Yerigo gedoen het.
29 Toe trek Y'hoshua en die hele Yisra'el saam met hom van Makkedah af na Livnah en het teen Livnah geveg.
30 יהוה het dit ook saam met sy koning in die hand van Yisra'el gegee en hy het dit en almal wat daarin was met die skerpte van die swaard verslaan. Hy het geen oorlewendes daarin laat bly nie. So het hy met sy koning gedoen net soos hy met die koning van Yerigo gedoen het.
31 Y'hoshua en die hele Yisra'el, saam met hom, het aangegaan vanaf Livnah na Lakhish en het by dit gekamp en daarteen geveg.

32 יהוה het Lakhish in die hand van Yisra'el gegee en hy het dit op die tweede dag ingeneem en dit en almal wat daarin was, met die skerpte van die swaard verslaan net soos hy met Livnah gedoen het.
33 Toe trek Horam, die koning van Gezer, op om Lakhish te help en Y'hoshua het hom en sy volk verslaan totdat hy geen oorlewendes agter gelaat het nie.
34 Y'hoshua en die hele Yisra'el, saam met hom, het aangegaan vanaf Lakhish na `Eglon en hulle het by `Eglon gekamp en teen `Eglon geveg.
35 Hulle het dit op daardie dag ingeneem en dit verslaan met die skerpte van die swaard en al die mense wat daarin was op daardie dag volkome vernietig, net soos hy met Lakhish gedoen het.
36 Toe trek Y'hoshua en die hele Yisra'el, saam met hom, op vanaf `Eglon na Hevron en hulle het teen Hevron geveg.
37 Hulle het dit ingeneem en dit met sy koning, al sy stede en al die mense wat daarin was, met die skerpte van die swaard verslaan. Hy het niemand laat oorbly nie, volgens alles wat hy met `Eglon gedoen het. Hy het dit en al die mense wat daarin was heeltemal vernietig.
38 Toe draai Y'hoshua en die hele Yisra'el saam met hom terug na D'vir en hulle het teen hulle geveg.
39 Hy het dit ingeneem en sy koning en al sy stede met die skerpte van die swaard verslaan en almal wat daarin was volkome vernietig. Hy het geen oorlewendes gelos nie, net soos hy met Hevron gedoen het, so het hy met D'vir en sy koning gedoen, soos hy ook met Livnah en sy koning gedoen het.
40 So het Y'hoshua dan die hele land verslaan, die Bergland, die Suidland, die Laagland en die Hange met al hulle konings. Hy het geen oorblywende laat bly nie, maar alles wat asemhaal volkome vernietig, net soos יהוה, die God van Yisra'el, beveel het.
41 Y'hoshua het hulle verslaan van Kadesh-Barnea af tot by `Azah en die hele land Goshen tot by Giv'on.
42 Y'hoshua het al hierdie konings en hulle lande op dieselfde tyd ingeneem omdat יהוה, die God van Yisra'el, vir Yisra'el geveg het.
43 Y'hoshua en die hele Yisra'el saam met hom, het teruggegaan na die kamp by Gilgal.

11 1 Dit het gebeur dat toe Yavin, die koning van Hatzor, daarvan hoor, hy na Yovav, die koning van Madon, die koning van Shimron en na die koning van Akshaf gestuur het
2 en na die konings in die Noorde, in die Bergland en op die vlakte suid van Kinn'rot en in die Laagland en op die hoogtes van Dor in die weste;
3 na die Kena'aniete in die ooste en in die weste en die Emoriete, Hittiete, P'riziete en Y'vusiete op die Bergland en die Hiviete aan die voet van Hermon, in die land van Mitzpah.
4 Hulle het uitgetrek, hulle en al hulle leërs saam met hulle, soveel mense soos die sand wat op die seestrand is, met baie perde en strydwaens.

5 Al hierdie konings, wat ooreengekom het om te ontmoet, het gekom en saam laer opgeslaan by die waters van Merom, om teen Yisra'el te veg.
6 Toe sê יהוה vir Y'hoshua: "Moenie bang wees as gevolg van hulle nie, want hierdie tyd môre sal Ek almal van hulle neergeslaan aan Yisra'el oorgee. Jy moet hulle perde se hakskeensenings afsny en hulle waens met vuur verbrand."
7 Y'hoshua, saam met al die manskappe by hom het skielik op hulle afgekom by die waters van Merom en hulle aangeval.
8 יהוה het hulle in die hand van Yisra'el oorgegee sodat dié hulle verslaan en hulle agtervolg het tot by Groot-Tzidon en Misrefot-Mayim en tot by die Vallei van Mitzpah aan die ooste en hulle het hul verslaan totdat daar geen oorlewende vir hulle oor was nie.
9 Y'hoshua het met hulle gedoen soos יהוה aan hom gesê het: hy het hulle perde se hakskeensenings afgesny en hulle strydwaens met vuur verbrand.
10 In daardie tyd het Y'hoshua omgedraai en Hatzor ingeneem en sy koning met die swaard doodgemaak, want Hatzor was vroeër die hoof van al hierdie koninkryke.
11 Hulle het almal wat daarin was, met die skerpte van die swaard verslaan en hulle volkome vernietig; niks wat asemhaal het oorgebly nie. Hatzor het hy met vuur verbrand.
12 Y'hoshua het al die stede van hierdie konings en al hulle konings met die skerpte van die swaard verslaan en hulle volkome vernietig, soos Mosheh, die dienskneg van יהוה, beveel het.
13 Yisra'el het egter nie enige stad, wat op hulle hoogtes lê, verbrand nie, behalwe Hatzor alleen, wat Y'hoshua verbrand het.
14 Al die buit van hierdie stede en die vee het die seuns van Yisra'el vir hulleself gevat as plunder, maar al die mense het hulle met die skerpte van die swaard doodgemaak totdat hulle hul vernietig het. Hulle het niemand wat asemhaal, laat oorbly nie.
15 Net soos יהוה Mosheh, Sy dienskneg, beveel het, so het Mosheh Y'hoshua beveel en so het Y'hoshua gedoen; hy het niks nagelaat van alles wat יהוה vir Mosheh beveel het nie.
16 So het Y'hoshua dan daardie hele land ingeneem: die Bergland, die hele Suidland, die hele land Goshen, die Laagland, die Vlakte en die Bergland van Yisra'el met sy laaglande;
17 vanaf die berg Halak, wat oploop in die rigting van Se'ir, so ver as tot by Ba'al-Gad in die L'vanonvallei aan die voet van die berg Hermon. Hy het al hulle konings gevang, hulle neergeslaan en hulle doodgemaak.
18 Y'hoshua het vir 'n baie lang tyd met al hierdie konings oorlog gemaak.
19 Daar was nie 'n stad wat met die seuns van Yisra'el vrede gesluit het nie, behalwe die Giviete, wat in Giv'on gebly het; hulle het hul almal deur gevegte oorgeneem,
20 want dit was van יהוה om hulle harte onveranderlik te maak om Yisra'el in geveg te ontmoet sodat hy hulle volkome kan vernietig dat hulle geen guns sou ontvang nie, maar dat hy hulle sou vernietig, net soos יהוה vir Mosheh beveel het.
21 Toe het Y'hoshua in dié tyd gekom en die `Anakiete uitgewis uit die Bergland; uit Hevron, D'vir, `Anav en uit al die bergdele van Y'hudah en al die bergdele van Yisra'el. Y'hoshua het hulle volkome uitgewis saam met hulle stede.

22 Daar was geen `Anakiete oor in die land van die seuns van Yisra'el nie; slegs in `Azah, in Gat en in Ashdod het sommige oorgebly.
23 So het Y'hoshua die hele land oorgeneem volgens alles wat יהוה met Mosheh gepraat het en Y'hoshua het dit as 'n erfenis aan Yisra'el gegee volgens die indelings van hulle stamme. So het die land gerus van oorlog.

12 1 Hierdie is die konings van die land vir wie die seuns van Yisra'el verslaan en wie se land hulle in besit geneem het oorkant die Yarden, na die sonsopkoms, vanaf die Vallei van die Arnon af sover as tot by die berg Hermon en die hele Vlakte (`Aravah) na die ooste toe:
2 Sigon, die koning van die Emoriete wat in Heshbon gebly het, wat geheers het vanaf `Aro'er, wat aan die kant van die vallei van die Arnon lê, beide die middel van die vallei en die helfte van Gil'ad, selfs so ver as tot by die Yabbokrivier, die grens van die seuns van `Ammon;
3 die Vlakte tot by die Kinn'rotsee, aan die ooste, so ver as tot by die See van die Vlakte, die Soutsee, ooswaarts in die rigting van Beit-Yeshimot en aan die suide, aan die voet van die hange van Pisgah;
4 die grondgebied van `Og, die koning van Bashan, een van die oorblyfsels van die Refa'iete, wat in `Ashtarot en Edre'i gebly het,
5 wat oor Berg Hermon, oor Salkhah en oor die hele Bashan tot so ver as die grens van die G'shur (Endor) en Ma'akhat, die helfte van Gil'ad, tot by die grondgebied van Sigon, die koning van Heshbon, geheers het.
6 Mosheh, die dienskneg van יהוה en die seuns van Yisra'el het hulle verslaan en Mosheh, die dienskneg van יהוה, het dit as 'n besitting gegee aan die Re'uveniete, die Gadiete en die halwe stam van M'nasheh.
7 Nou, hierdie is die konings van die land wat Y'hoshua en die seuns van Yisra'el verslaan het, oorkant die Yarden na die weste toe: vanaf Ba'al-Gad, in die vallei van die L'vanon, selfs so ver as tot by Berg Halak, wat oploop na Se'ir toe en Y'hoshua het dit as 'n besitting aan die stamme van Yisra'el gegee volgens hulle verdelings;
8 in die Bergland, in die Laagland, in die Vlakte, aan die hange, in die wildernis en in die Suidland: die Hittiete, Emoriete, Kena'aniete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete:
9 die koning van Yerigo, een; die koning van `Ai wat langs Beit-El lê, een;
10 die koning van Yerushalayim, een; die koning van Hevron, een;
11 die koning van Yarmut, een; die koning van Lakhish, een;
12 die koning van `Eglon, een; die koning van Gezer, een;
13 die koning van D'vir, een; die koning van Geder, een;
14 die koning van Hormah, een; die koning van `Arad, een;
15 die koning van Livnah, een; die koning van `Adullam, een;
16 die koning van Makkedah, een; die koning van Beit-El, een;
17 die koning van Tappuag, een; die koning van Hefer, een;
18 die koning van Afek, een; die koning van Sharon, een;
19 die koning van Madon, een; die koning van Hatzor, een;
20 die koning van Shimron-M'ron, een; die koning van Akhshaf, een;

21 die koning van Ta'anakh, een; die koning van Megiddo, een;
22 die koning van Kedesh, een; die koning van Yokne'am, in Karmel, een;
23 die koning van Dor, in die hoogtes van Dor, een; die koning van die nasies in Gilgal, een;
24 die koning van Tirtzah, een; almal saam, een en dertig konings.

13 1 Y'hoshua was oud en gevorderd in jare toe יהוה vir hom gesê het: "Jy is oud en gevorderd in jare en 'n baie groot deel van die land bly oor om in besit te neem.
2 Dit is die land wat oorgebly het: al die landstreke van die F'lishtyne en van die G'shuriete,
3 vanaf Shigor, oos van Mitzrayim, tot by die grens van `Ekron na die noorde, wat as Kena'aniete gereken word; die vyf heersers van die F'lishtyne: dié van `Azah, van Ashdod, van Ashkelon, van Gat en van `Ekron; asook die `Aviete
4 na die suide; die hele land van die Kena'aniete en Me'arah wat aan die Tzidoniete behoort, so ver as Afek, tot by die grens van die Emoriete
5 en die land van die Givliete en die hele L'vanon aan die oostekant, van Ba'al-Gad af, onder die berg Hermon, so ver as die ingang na Hamat,
6 al die bewoners van die Bergland, van die L'vanon af so ver as Misrefot-Mayim, al die Tzidoniete: Ek self sal hulle voor die seuns van Yisra'el uit verdryf; verdeel dit net as erfdeel onder Yisra'el soos Ek jou beveel het.
7 Verdeel daarom dan hierdie land as erfdeel onder die nege stamme en die halwe stam van M'nasheh."
8 Saam met die ander halwe stam het die Re'uveniete en die Gadiete hulle erfdeel ontvang wat Mosheh oorkant die Yarden, na die ooste, aan hulle gegee het, net soos Mosheh, die kneg van יהוה, aan hulle gegee het:
9 vanaf `Aro'er, wat aan die kant van die Arnonvallei lê, met die stad wat in die middel van die vallei is en die hele vlakte van Meidva tot by Divon;
10 al die stede van Sigon, koning van die Emoriete wat in Heshbon regeer het, tot by die grens van die seuns van `Amon;
11 Gil'ad en die grondgebied van die G'shuriete en Ma'akhatiete en die hele Berg Hermon en die hele Bashan tot by Salkhah;
12 die hele koninkryk van `Og in Bashan, wat geheers het in `Ashtarot en in Edre'i (hy alleen het oorgebly van die Refa'iete), want Mosheh het hulle verslaan en onteien.
13 Die seuns van Yisra'el het egter nie die G'shuriete en Ma'akhatiete onteien nie, want G'shur en Ma'akhat bly tussen Yisra'el tot vandag toe.
14 Net aan die stam van Levi het hy geen erfenis gegee nie: die vuuroffers aan יהוה, die God van Yisra'el, is hulle erfenis, soos Hy hom beloof het.
15 Mosheh het aan die stam van die seuns van Re'uven gegee volgens hulle families.
16 Hulle grondgebied was van `Aro'er af wat aan die kant van die Arnonvallei lê, met die stad wat in die middel van die vallei is en die hele vlakte by Meidva;
17 Heshbon en al sy stede wat in die vlakte lê, Divon, Bamot-Ba'al en Beit-Ba'al-M'on;
18 Yahatz, K'demot en Mefa'at;
19 Kiryatayim, Sebmah en Tzeret-Shagar, op die heuwel van die vallei;

20 Beit-P'or, die hange van Pisgah en Beit-Yeshimot;
21 selfs al die stede van die Vlakte en die hele koninkryk van Sigon, koning van die Emoriete wat in Heshbon regeer het, wat Mosheh verslaan het saam met die vorste van Midyan: Evi, Rekem, Tsur, Hur en Reva, die prinse van Sigon, wat in die land gebly het.
22 Saam met hulle dooies het die seuns van Yisra'el ook vir Bil'am, die seun van B'or, die waarsêer, met die swaard doodgemaak.
23 Die grens van die seuns van Re'uven was die Yarden. Hierdie was die erfenis van die seuns van Re'uven volgens hulle families, die stede met hulle dorpe.
24 Mosheh het ook vir die stam van Gad 'n erfenis gegee volgens hulle families.
25 Hulle grondgebied was: Ya'zer, al die stede van Gil'ad en die helfte van die land van die seuns van `Amon, so ver as `Aro'er wat voor Rabbah lê,
26 van Heshbon af so ver as Ramot-Mitzpeh en B'tonim en van Maganayim af tot by die grens van Lidvir
27 en in die vallei: Beit-Haram, Beit-Nimrah, Sukkot en Tzafon, die res van die koninkryk van Sigon, koning van Heshbon, met die Yarden as 'n grens, so ver as tot by die lae end van die see van Kinn'rot, oorkant die Yarden na die ooste.
28 Hierdie is die erfenis van die seuns van Gad volgens hulle families, die stede met hulle dorpe.
29 Mosheh het ook 'n erfenis aan die halwe stam van M'nasheh gegee; hierdie was die besitting van die halwe stam van die seuns van M'nasheh, volgens hulle families.
30 Hulle grondgebied was: vanaf Maganayim, die hele Bashan, die hele koninkryk van `Og, koning van Bashan en al die dorpe van Ya'ir in Bashan, sestig stede;
31 die helfte van Gil'ad met `Ashtarot en Edre'i, die stede van die koninkryk van `Og in Bashan, vir die seuns van Makhir, die seun van M'nasheh; vir die helfte van die seuns van Makhir volgens hulle families.
32 Dit is wat Mosheh as erfenis verdeel het in die vlaktes van Mo'av, oorkant die Yarden by Yerigo na die ooste.
33 Aan die stam van Levi het Mosheh egter geen erfenis gegee nie; יהוה, die God van Yisra'el, is hulle erfenis, soos Hy hulle beloof het.

14 1 Hierdie is wat die seuns van Yisra'el as erfenis in die land Kena'an ontvang het, wat El'azar, die priester, Y'hoshua, die seun van Nun, asook die familiehoofde van die stamme van die seuns van Yisra'el tussen hulle opgedeel het as erfenis.
2 Deur die lot is hulle erfenis verdeel, soos יהוה deur Mosheh beveel het, vir die nege en 'n halwe stam,
3 want Mosheh het die erfenis van die twee en 'n halwe stam oorkant die Yarden gegee, maar aan die Leviete het hy geen erfenis tussen hulle gegee nie,
4 want die seuns van Yosef was twee stamme: M'nasheh en Efrayim en aan die Leviete het hulle geen deel in die land gegee nie, behalwe stede om in te bly, met hulle weiveld vir hulle vee en vir hulle besittings.
5 So het die seuns van Yisra'el gedoen, net soos יהוה Mosheh beveel het en hulle het die land verdeel.

6 Toe het die seuns van Y'hudah nadergekom na Y'hoshua in Gilgal en Kalev, die seun van Y'funneh, die K'niziet, het vir hom gesê: "Jy ken die woord wat יהוה met Mosheh, die man van God, in Kadesh-Barnea gepraat het met betrekking tot jou en my.
7 Ek was veertig jaar oud toe Mosheh, die dienskneg van יהוה, my van Kadesh-Barnea af gestuur het om die land te verken en ek het vir hom woord gebring soos dit in my hart was.
8 Nogtans het my broers wat saam met my opgegaan het, die binneste van die volk laat smelt met vrees, maar ek het יהוה, my God, ten volle gevolg.
9 Op dié dag het Mosheh gesweer en gesê: 'Waarlik, die land waarop jou voet getrap het, sal aan jou en aan jou seuns tot in ewigheid as 'n erfenis wees omdat jy יהוה, my God, ten volle gevolg het.'
10 Nou, let op, יהוה het my laat lewe, net soos Hy gesê het, hierdie vyf en veertig jaar sedert יהוה hierdie woord met Mosheh gepraat het toe Yisra'el in die wildernis geloop het en nou, let op, ek is vandag vyf en tagtig jaar oud.
11 Ek is vandag nog net so sterk soos die dag toe Mosheh my gestuur het; soos my krag toe was, so is my krag nou, om te veg en om uit te gaan en in te kom.
12 Nou dan, gee my hierdie bergland waarvan יהוה op daardie dag gepraat het, want jy het dié dag gehoor dat dáár `Anakiete is met groot versterkte stede; miskien sal יהוה met my wees en ek sal hulle uitdryf, soos יהוה gesê het."
13 Y'hoshua het hom geseën en Hevron as erfenis aan Kalev, die seun van Y'funneh, gegee.
14 Hevron het daarom die erfenis van Kalev, die seun van Y'funneh, die K'niziet, geword tot vandag toe omdat hy יהוה, die God van Yisra'el, ten volle gevolg het.
15 Die naam van Hevron was tevore Kiryat-Arba, want hy was die grootste man onder die `Anakiete. Toe het die land gerus van oorlog.

15 1 Die lot vir die stam van die seuns van Y'hudah, volgens hulle families, het geval vanaf teenaan die grens van Edom, suidwaarts na die wildernis van Tzin in die verre suide.
2 Hulle suidelike grens was vanaf die laer end van die Soutsee, vanaf die baai wat na die suide toe draai.
3 Dan loop dit suidwaarts na Ma'aleh-`Akrabbiem en aan na Tzin; dan gaan dit op, suid van Kadesh-Barnea, aan na Hetzron en loop op na Addar en draai na Karka toe;
4 dan verder aan na `Atzmon en voort na die spruit van Mitzrayim en die grens eindig by die see; dit sal julle suidelike grens wees.
5 Die oostelike grens: die Soutsee tot by die mond van die Yarden. Die noordelike grens: vanaf die baai van die see by die mond van die Yarden;
6 dan loop die grens op na Beit-Hoglah en aan noordwaarts vanaf Beit-`Aravah en die grens loop op na die klip van Bohan, die seun van Re'uven.
7 Die grens loop op na D'vir, van die Vallei van Akhor af en draai dan noord na Gilgal wat oorkant Ma'aleh-Adumim lê, aan die suidekant van die vallei en die grens gaan aan na die waters van `Ein-Shemesh en eindig by `Ein-Rogel.

8 Dan loop die grens op in die vallei van Ben-Hinnom na die suidelike hang van die Y'vusiete, dit is Yerushalayim; die grens loop op na die top van die berg wat voor die Vallei van Hinnom na die weste lê, wat aan die einde van die Vallei van Refa'im na die noorde is.
9 Vanaf die top van die berg draai die grens na die fontein van die waters van Neftoag en loop aan na die stede van Berg `Efron; dan draai die grens na Ba'alah, dit is Kiryat-Ye'arim.
10 Die grens draai van Ba'alah af weswaarts weg na Berg Se'ir en aan na die hang van die berg Ye'arim aan die noorde, dit is K'salon en loop af na Beit-Shemesh en aan deur Timnah.
11 Die grens gaan noordwaarts aan na die kant van `Ekron. Dan draai die grens na Shikron en aan na Berg Ba'alah en aan na Yavne'el en die grens eindig by die see.
12 Die westelike grens is die Groot See se kuslyn. Hierdie is die grens rondom die seuns van Y'hudah volgens hulle families.
13 Nou, aan Kalev, die seun van Y'funneh, het hy 'n deel tussen die seuns van Y'hudah gegee, volgens die bevel van יהוה aan Y'hoshua: Kiryat-Arba, (Arba die vader van `Anak), dit is Hevron.
14 Kalev het die drie seuns van `Anak: Sheshai, Agiman en Talmai, die nageslag van `Anak, daar uitgedryf.
15 Toe het hy daarvandaan opgetrek teen die inwoners van D'vir; nou die naam van D'vir was vroeër Kiryat-Sefer;
16 en Kalev het gesê: "Hy wat Kiryat-Sefer aanval en dit inneem, aan hom sal ek my dogter `Akhsah as vrou gee."
17 `Otni'el, die seun van K'naz, die broer van Kalev, het dit ingeneem; hy het sy dogter `Akhsah vir hom as vrou gegee.
18 Toe sy by hom aankom, het sy hom oortuig om van haar vader 'n stuk grond te vra. Sy het van die donkie afgeklim en Kalev vra vir haar: "Wat wil jy hê?"
19 Toe sê sy: "Gee vir my 'n seën, aangesien u vir my die Suidland (Negev) gegee het, gee ook vir my waterfonteine." Hy het vir haar die boonste en die onderste fonteine gegee.
20 Dit is die erfenis van die stam van die seuns van Y'hudah volgens hulle families.
21 Die stede van die stam van die seuns van Y'hudah op die uiterstes by die grens van Edom in die suide was Kavtze'el, `Eder, Yagur,
22 Kinah, Dimonah, `Ad'adah,
23 Kedesh, Hatzor, Yitnan,
24 Zif, Telem, Be'alot,
25 Hatzor-Hadattah, K'riot-Hesron, dit is Hatzor;
26 Amam, Sh'ma, Moladah,
27 Hatzar-Gaddah, Heshmon, Beit-Pelet,
28 Hatzar-Shu'al, Be'er-Sh'va, Bizyot-Yah,
29 Ba'alah, `Iyim, `Etzem,
30 El-Tolad, K'sil, Hormah,
31 Ziklag, Madmannah, Sansannah,

32 L'va'ot, Shilgim, `Ayin en Rimmon; altesaam nege en twintig stede, met hulle dorpies;
33 in die Laagland: Eshta'ol, Tzor'ah, Ashnah,
34 Zanoag, `Ein-Gannim, Tappuag, `Enam,
35 Yarmut, `Adullam, Sokhoh, `Azekah,
36 Sha'rim, `Aditayim, G'derah en G'derotayim: veertien stede met hulle dorpe;
37 Tz'nan, Hadashah, Migdal-Gad,
38 Dil'an, Mitzpeh, Yokte'el,
39 Lakhish, Botzkat, `Eglon,
40 Kabbon, Lagmas, Kitlish,
41 G'derot, Beit-Dagon, Na'amah en Makkedah: sestien stede met hulle dorpe;
42 Livnah, `Eter, `Ashan,
43 Yiftag, Ashnah, N'tziv,
44 Ke'ilah, Akhziv en Mareshah: nege stede met hulle dorpe;
45 `Ekron met sy dorpe en sy klein dorpies;
46 vanaf `Ekron tot by die see, alles wat aan die kant van Ashdod lê, met hulle dorpe;
47 Ashdod, sy dorpe en sy klein dorpies; `Azah, sy dorpe en sy klein dorpies, so ver soos die spruit van Mitzrayim en die kuslyn van die Groot See.
48 In die Bergland: Shamir, Yattir, Sokhoh,
49 Dannah, Kiryat-Sefer (dit is D'vir),
50 `Anav, Esht'moh, `Anim,
51 Goshen, Holon en Giloh: elf stede met hulle dorpe;
52 Arav, Dumah, Esh'an,
53 Yanum, Beit-Tappuag, Afekah,
54 Humtah, Kiryat-Arba (dit is Hevron) en Tzi'or: nege stede met hulle dorpe;
55 Ma'on, Karmel, Zif, Yuttah,
56 Yizre'el, Yokde'am, Zanoag,
57 Kayin, Giv'ah en Timnah: tien stede met hulle dorpe;
58 Halgul, Beit-Tzur, G'dor,
59 Ma'arat, Beit-`Anot en Elt'kon: ses stede met hulle dorpe;
60 Kiryat-Ba'al (dit is Kiryat-Ye'arim) en Rabbah: twee stede met hulle dorpe.
61 In die wildernis: Beit-`Aravah, Middin, S'Khakhah,
62 Nivshan, `Ir-Hamelag en `Ein-Gedi: ses stede met hulle dorpe.
63 Nou, wat die Y'vusiete, die inwoners van Yerushalayim, betref, die seuns van Y'hudah kon hulle nie uitdryf nie; die Y'vusiete bly dus saam met die seuns van Y'hudah in Yerushalayim, tot vandag toe.

16 1 Die lot vir die seuns van Yosef het gegaan vanaf die Yarden by Yerigo, tot by die waters van Yerigo aan die ooste, in die wildernis in, opwaarts vanaf Yerigo deur die Bergland, na Beit-El.
2 Dit het van Beit-El af na Luz geloop en aangegaan na die grens van die Arkiete, na `Atarot.

3 Dit het weswaarts af geloop na die grondgebied van die Yafletiete, tot by die gebied van laer Beit-Horon, selfs tot by Gezer en geëindig by die see.
4 Die seuns van Yosef, M'nasheh en Efrayim, het hulle erfdeel ontvang.
5 Hierdie was die grondgebied van die seuns van Efrayim volgens hulle families: die grens van hulle erfenis ooswaarts was `Atrot-Addar, so ver as tot by die bo-deel van Beit-Horon.
6 Dan loop die grens weswaarts by Mikhm'tat aan die noorde en die grens draai dan ooswaarts na Ta'anat-Shiloh en aan na die ooste van Yanogah.
7 Vanaf Yanogah loop dit af na `Atarot en na Na'arah, bereik dan vir Yerigo en kom uit by die Yarden.
8 Vanaf Tappuag hou die grens weswaarts aan na die spruit van Kanah en eindig by die see. Dit is die erfenis van die stam van die seuns van Efrayim volgens hulle families;
9 met die stede wat vir die seuns van Efrayim afgesonder was, tussen die erfenis van die seuns van M'nasheh, al die stede met hulle dorpe.
10 Hulle het egter nie die Kena'aniete, wat in Gezer gebly het, uitgedryf nie; die Kena'aniete het tussen Efrayim gebly tot vandag toe en hulle dwangarbeiders geword.

17 1 Nou, hierdie was die lot vir die stam van M'nasheh omdat hy die eersgeborene van Yosef was: Makhir, die eersgeborene van M'nasheh, die vader van Gil'ad, het omdat hy 'n krygsman was, Gil'ad en Bashan gekry;
2 so ook die res van die seuns van M'nasheh, volgens hulle families: vir die seuns van Avi'ezer, vir die seuns van Helek, vir die seuns van Asri'el, vir die seuns van Sh'khem, vir die seuns van Hefer en vir die seuns van Sh'mida; hierdie is die manlike kinders van M'nasheh, die seun van Yosef, volgens hulle families.
3 Tz'lof'gad, die seun van Hefer, die seun van Gil'ad, die seun van Makhir, die seun van M'nasheh, het egter nie seuns gehad nie, maar net dogters en hierdie is die name van sy dogters: Maglah, No'ah, Hoglah, Milkah en Tirtzah.
4 Hulle het nader gekom voor El'azar, die priester, voor Y'hoshua, die seun van Nun en voor die leiers en gesê: "יהוה het Mosheh beveel om ons 'n erfenis te gee tussen ons broers." Volgens die bevel van יהוה, het hy vir hulle 'n erfenis gegee onder die broers van hulle vader.
5 Daar het dus tien dele aan M'nasheh toegeval, behalwe die land Gil'ad en Bashan wat oorkant die Yarden lê
6 omdat die dogters van M'nasheh 'n erfenis ontvang het onder sy seuns en die land Gil'ad het aan die res van die seuns van M'nasheh behoort.
7 Die grens van M'nasheh het geloop vanaf Asher na Mikhm'tat, wat oos van Sh'khem is; dan loop die grens suidwaarts na die inwoners van `Ein-Tappuag.
8 Die land van Tappuag het aan M'nasheh behoort, maar Tappuag, op die grens van M'nasheh, aan die seuns van Efrayim.
9 Die grens loop af na die spruit van Kanah, suidwaarts van die spruit, (hierdie stede, onder die stede van M'nasheh, behoort aan Efrayim) en die grens van M'nasheh is aan die noordekant van die spruit en eindig by die see.

10 Die suidekant behoort aan Efrayim en die noorde aan M'nasheh en die see is hulle grens en hulle raak in die noorde aan Asher en in die ooste aan Yissakhar.
11 In Yissakhar en Asher het M'nasheh vir Beit-Sh'an met sy dorpe, Yivle'am met sy dorpe, die inwoners van Dor met sy dorpe, die inwoners van `Ein-Dor met sy dorpe, die inwoners van Ta'anakh met sy dorpe en die inwoners van Megiddo met sy dorpe, drie hoogtes, besit.
12 Die seuns van M'nasheh kon egter nie hierdie stede in besit neem nie omdat die Kena'aniete daarheen gevlug het en daarin gebly het.
13 Dit het gebeur, toe die seuns van Yisra'el sterker geword het dat hulle die Kena'aniete dwangarbeid laat doen het, maar hulle het hul nie geheel en al uitgedryf nie. Gen 9:25-27
14 Toe het die seuns van Yosef met Y'hoshua gepraat en gesê: "Waarom het u my net een lot en een aandeel gegee as erfenis terwyl ek 'n groot hoeveelheid mense is vir wie יהוה tot hiertoe geseën het?"
15 Y'hoshua het vir hulle gesê: "As jy 'n groot hoeveelheid mense is, trek dan op na die woud en kap vir jou daar 'n plek skoon in die land van die P'riziete en van die Refa'iete, aangesien die Bergland van Efrayim vir jou te nou is."
16 Die seuns van Yosef het gesê: "Die Bergland is nie genoeg vir ons nie en al die Kena'aniete wat in die valleie bly, het ysterwaens, beide dié wat in Beit-Sh'an met sy dorpe is en dié wat in die vallei van Yizre'el is."
17 Y'hoshua het met die huis van Yosef, met Efrayim en met M'nasheh gepraat en gesê: "Jy is 'n groot hoeveelheid mense en jy het groot krag; jy sal nie net een lot hê nie,
18 maar die Bergland sal joune wees, want alhoewel dit 'n woud is, sal jy dit skoon kap en dit sal joune wees tot by sy verste grense, want jy sal die Kena'aniete uitdryf, al het hy ysterwaens, al is hy sterk."

18 1 Toe het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el by Shiloh bymekaargekom en daar die Tent van Ontmoeting opgeslaan en die land was voor hulle onderwerp.
2 Daar het onder die seuns van Yisra'el nog sewe stamme oorgebly aan wie nie hulle erfenis gegee is nie.
3 Toe sê Y'hoshua aan die seuns van Yisra'el: "Hoe lank sal julle uitstel om die land in te gaan en in besit te neem wat יהוה, die God van julle vaders, vir julle gegee het?
4 Voorsien vir julleself drie manne uit elke stam sodat ek hulle kan uitstuur en dat hulle kan opstaan en deur die land loop en 'n beskrywing daarvan neerskryf volgens hulle erfenis; dan moet hulle na my toe terugkom.
5 Hulle moet dit in sewe dele verdeel; Y'hudah sal in sy gebied in die suide bly en die huis van Yosef sal in sy gebied in die noorde bly.
6 Julle moet die land in sewe afdelings beskryf en die beskrywing hier na my toe bring. Ek sal hier voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, vir julle die lot werp,
7 want die Leviete het geen deel onder julle nie omdat die priesterskap van יהוה hulle erfenis is. Gad, Re'uven en die halwe stam van M'nasheh het ook hulle erfenis ontvang oorkant die Yarden in die ooste, wat Mosheh, die dienskneg van יהוה, vir hulle gegee het."

8 Die manne het toe opgestaan en gegaan en Y'hoshua het hulle wat gegaan het beveel en gesê: "Gaan en loop deur die land en beskryf dit en kom na my toe terug; dan sal ek hier voor יהוה in Shiloh vir julle die lot werp."
9 Die manne het gegaan en deur die land getrek en dit volgens stede op 'n boekrol beskryf in sewe afdelings en na Y'hoshua toe gekom in die kamp van Shiloh.
10 Y'hoshua het vir hulle die lot gewerp in Shiloh, voor יהוה en Y'hoshua het die land daar onder die seuns van Yisra'el verdeel, volgens hulle afdelings.
11 Die lot vir die stam van die seuns van Binyamin, volgens hulle families, het opgekom en die gebied van hulle lot het gelê tussen die seuns van Y'hudah en die seuns van Yosef.
12 Hulle grens aan die noordekant was vanaf die Yarden, dan loop die grens op na die noordelike kant van Yerigo en loop op deur die Bergland weswaarts en eindig by die wildernis van Beit-Aven.
13 Van daar af loop die grens aan na Luz, na die suide van Luz, (dit is, Beit-El) en dan het die grens af geloop na `Atrot-Addar, naby die heuwel wat suid lê van laer Beit-Horon.
14 Die grens gaan verder van daar af met die see langs suidwaarts, vanaf die heuwel wat voor Beit-Horon lê aan die suidekant. Dit eindig by Kiryat-Ba'al, (dit is, Kiryat-Ye'arim), 'n stad van die seuns van Y'hudah. Hierdie was die westekant.
15 Die suidekant was vanaf die rand van Kiryat-Ye'arim en die grens het weswaarts geloop na die fontein van die waters van Neftoag.
16 Die grens het afgeloop na die rand van die heuwel wat in die Vallei van Ben-Hinnom is, wat noordwaarts in die Vallei van Refa'im lê en dit het af geloop na die Vallei van Hinnom, na die suidelike hang van die Y'vuzi en afgegaan na `Ein-Rogel.
17 Dit het noordwaarts aangegaan tot by `Ein-Shemesh en na G'lilot gegaan, wat oorkant Ma'aleh-Adumim lê en afgegaan na die klip van Bohan, die seun van Re'uven.
18 Dit het noordwaarts aangegaan na die kant voor die `Aravah en afgeloop na die `Aravah.
19 Die grens het noordwaarts aangeloop na die kant van Beit-Hoglah en die grens het geëindig by die noordelike baai van die Soutsee, aan die suidelike punt van die Yarden. Hierdie was die suidelike grens.
20 Verder was die Yarden sy grens aan die oostekant. Hierdie is die erfenis van die seuns van Binyamin, volgens hulle families en volgens sy grense rondom.
21 Die stede van die stam van die seuns van Binyamin, volgens hulle families, was: Yerigo, Bet-Hoglah, `Emek-Ke'tzitz,
22 Beit-`Aravah, Tz'marayim, Beit-El,
23 `Awim, Parah, `Ofrah,
24 K'far-Ha`Ammonah, `Ofni, Geva: twaalf stede met hulle dorpe.
25 Giv'on, Ramah, Be'erot,
26 Mitzpeh, K'firah, Motzah,
27 Rekem, Yirpe'el, Tar'alah,

28 Tzela, Elef, Y'vusi, (dit is Yerushalayim), Giv'at en Kiryat: veertien stede met hulle dorpe. Hierdie is die erfenis van die seuns van Binyamin volgens hulle families.

19 1 Toe het die tweede lot op Shim'on geval, vir die stam van die seuns van Shim'on volgens hulle families en hulle erfenis was in die middel van die erfenis van die seuns van Y'hudah.
2 Hulle het as hulle erfenis: Be'er-Sh'va, Sh'va, Moladah,
3 Hatzar-Shu'al, Balah, `Etzem,
4 El-Tolad, B'tul, Hormah,
5 Ziklag, Beit-Hammarkavot, Hatzar-Susah,
6 Beit-L'va'ot en Sharugen; dertien stede met hulle dorpe;
7 `Ayin, Rimmon, `Eter en `Ashan: vier stede met hulle dorpe
8 en al die dorpe wat rondom hierdie stede was, so ver as tot by Ba'alat-Be'er, Ramah van die Suidland (Negev) gekry. Hierdie is die erfenis van die stam van die seuns van Shim'on volgens hulle families.
9 Die erfenis van die seuns van Shim'on het uit die deel van die seuns van Y'hudah gekom omdat die deel van die seuns van Y'hudah vir hulle te groot was; die seuns van Shim'on het dus 'n erfenis ontvang in die middel van Y'hudah se erfenis.
10 Nou die derde lot het opgekom vir die seuns van Z'vulun volgens hulle families. Die gebied van hulle erfenis was so ver as tot by Sarid.
11 Vandaar het hulle grens opgeloop na die weste na Mar'alah en geraak aan Dabbéshet en die spruit wat voor Yokne'am loop, bereik;
12 dan draai dit van Sarid af ooswaarts, na die sonsopkoms, so ver as die grens van Kislot-Tavor en aan na Dovrat en op na Yafia;
13 van daar af hou dit ooswaarts aan na die sonsopkoms, na Gat-Hefer, na `Et-Katzin en loop aan na Rimmon wat uitstrek tot by Ne'ah.
14 Die grens loop rondom dit aan die noorde tot by Hannaton en eindig by die Vallei van Yiftag'el;
15 asook Kattat, Nahalal, Shimron, Yid'alah en Beit-Legem: twaalf stede met hulle dorpe.
16 Hierdie was die erfenis van die seuns van Z'vulun, volgens hulle families; hierdie stede met hulle dorpe.
17 Die vierde lot het op Yissakhar geval, vir die seuns van Yissakhar volgens hulle families;
18 hulle gebied was tot by Yizre'el en sluit in: K'sullot, Shunem,
19 Hafarayim, Shi'on, Anagarat,
20 Rabbit, Kishyon, Evetz,
21 Remet, `Ein-Gannim, `Ein-Hadda en Beit-Patzetz.
22 Die grens het geloop tot by Tavor, Shagatzimah en Beit-Shemesh en hulle gebied eindig by die Yarden: sestien stede met hulle dorpe.
23 Hierdie is die erfenis van die stam van die seuns van Yissakhar, volgens hulle families; die stede met hulle dorpe.
24 Die vyfde lot het op die stam van die seuns van Asher geval, volgens hulle families.
25 Hulle gebied was: Helkat, Hali, Beten, Akhshaf,

26 Allammelekh, `Am'ad en Mish'al en dit het weswaarts gekom tot by Karmel en tot by Shigor-Livnat.
27 Dit draai na die ooste, na Beit-Dagon en tot by Z'vulun en die Vallei van Yiftag-El, noordwaarts tot by Beit-`Emek en Ne'i'el; dan hou dit aan noord tot by Kavul,
28 `Evron, Regov, Hammon en Kanah tot so ver as Groot-Tzidon.
29 Die grens draai na Ramah en na die vestingstad Tzor; dan draai die grens na Hosah en eindig by die see, by die streek van Akhziv,
30 `Ummah, Afek en Regov: twee en twintig stede met hulle dorpe.
31 Hierdie is die erfenis van die stam van die seuns van Asher, volgens hulle families; hierdie stede met hulle dorpe.
32 Die sesde lot het op die seuns van Naftali geval, vir die seuns van Naftali, volgens hulle families;
33 hulle grens was vanaf Helef, vanaf die eikeboom by Tza'ananim, Adami-Nekev en Yavne'el tot so ver as Lakkum en dit eindig by die Yarden.
34 Dan draai die grens weswaarts na Aznot-Tavor en loop daarvandaan aan na Hukkok en bereik Z'vulun in die suide en raak aan Asher in die weste en aan Y'hudah, na die ooste toe, by die Yarden.
35 Die versterkte stede is: Tziddim, Tzer, Hammat, Rakkat, Kinneret,
36 Adamah, Ramah, Hatzor,
37 Kedesh, Edre'i, `Ein-Hatzor,
38 Yir'on, Migdal-El, Horem, Beit-`Anat en Beit-Shemesh: negentien stede met hulle dorpe.
39 Dit is die erfenis van die stam van die seuns van Naftali, volgens hulle families; die stede met hulle dorpe.
40 Die sewende lot het geval op die stam van die seuns van Dan, volgens hulle families.
41 Die gebied van hulle erfenis was: Tzor'ah, Eshta'ol, `Ir-Shemesh,
42 Sha'alabin, Ayalon, Yitlah,
43 Eilon, Timnah, `Ekron,
44 Elt'keh, Gibb'ton, Ba'alat,
45 Y'hud, B'nei-Berak, Gat-Rimmon,
46 Me-Yarkon en Rakkon, saam met die gebied teenoor Yafo.
47 Die gebied van die seuns van Dan was nie voldoende vir hulle nie; daarom het die seuns van Dan opgetrek en teen Leshem geveg en dit ingeneem. Toe het hulle dit met die skerpte van die swaard verslaan, dit in besit geneem en daarin gebly en hulle het Leshem Dan genoem volgens die naam van hulle vader, Dan.
48 Hierdie is die erfenis van die stam van die seuns van Dan, volgens hulle families; hierdie stede met hulle dorpe.
49 Toe hulle klaar die land volgens sy grense as erfenis verdeel het, het die seuns van Yisra'el aan Y'hoshua, die seun van Nun, 'n erfenis tussen hulle gegee.
50 Volgens die bevel van יהוה het hulle vir hom die stad gegee wat hy gevra het, Timnat-Serag op die Bergland van Efrayim. Hy het die stad opgebou en daarin gaan bly.

51 Dit is die erfenisse wat El'azar, die priester, Y'hoshua, die seun van Nun en die familiehoofde van die stamme van die seuns van Yisra'el as erfenis uitgedeel het deur die lot, in Shiloh, voor die Teenwoordigheid van יהוה, by die ingang van die Tent van Ontmoeting. So het hulle klaar die land verdeel.

20 1 Toe het יהוה met Y'hoshua gepraat en gesê:
2 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê: 'Wys die stede van ontvlugting aan, waarvan Ek deur die diens van Mosheh met julle gepraat het
3 sodat hy wat doodslag begaan het, wat enige persoon onopsetlik, sonder voorbedagde rade doodgemaak het, daarheen kan vlug en hulle sal vir julle dien as toevlugsoord vanweë die bloedwreker.
4 Hy moet na een van hierdie stede vlug en gaan staan by die ingang van die stadspoort en sy saak voor die ore van die oudstes van daardie stad stel en hulle moet hom by hulle in die stad inneem en aan hom plek gee sodat hy tussen hulle kan bly.
5 Nou, as die bloedwreker hom agternajaag, mag hulle hom wat die doodslag begaan het, nie in sy hand uitlewer nie omdat hy sy naaste sonder opset doodgemaak het en hom nie vroeër gehaat het nie.
6 Hy moet in daardie stad bly totdat hy voor die vergadering gestaan het vir beoordeling en tot die dood van die een wat hoofpriester is in daardie dae; dan moet hy wat die doodslag begaan het, teruggaan na sy eie stad en sy eie huis, na die stad vanwaar hy gevlug het'."
7 Hulle het Kedesh in die Galil, in die Bergland van Naftali, Sh'khem in die Bergland van Efrayim en Kiryat-Arba, (dit is Hevron), op die Bergland van Y'hudah, afgesonder.
8 Oorkant die Yarden, oos van Yerigo, het hulle Betzer in die wildernis, wat op die vlakte is, uit die stam van Re'uven; Ramoth in Gil'ad, uit die stam van Gad en Golan in Bashan uit die stam van M'nasheh, aangestel.
9 Hierdie is die aangestelde stede vir al die seuns van Yisra'el en vir die vreemdeling wat onder hulle besoek sodat elkeen wat per ongeluk 'n mens doodgemaak het, daarheen kan vlug en nie hoef te sterf deur die hand van die bloedwreker voordat hy voor die vergadering gestaan het nie.

21 1 Toe het die familiehoofde van die Leviete nader gekom na El'azar, die priester, na Y'hoshua, die seun van Nun en na die familiehoofde van die stamme van die seuns van Yisra'el.
2 Hulle het met hulle gepraat by Shiloh, in die land Kena'an en gesê: "יהוה het deur Mosheh beveel dat aan ons stede gegee moet word om in te bly, met hulle weivelde vir ons vee."
3 Die seuns van Yisra'el het volgens die bevel van יהוה, uit hulle erfenis, die volgende stede met hulle weivelde vir die Leviete gegee:
4 die lot het op die families van die K'hatiete geval en die seuns van Aharon, die priester, wat van die Leviete is, het dertien stede deur die lot ontvang vanuit die stam van Y'hudah, uit die stam van Shim'on en uit die stam van Binyamin.

5 Die res van die seuns van K'hat het tien stede deur die lot ontvang vanuit die families van die stam van Efrayim, uit die stam van Dan en uit die halwe stam van M'nasheh.
6 Die seuns van Gershon het dertien stede deur die lot ontvang vanuit die families van die stam van Yissakhar, uit die stam van Asher, uit die stam van Naftali en uit die halwe stam van M'nasheh, in Bashan.
7 Die seuns van M'rari, volgens hulle families het twaalf stede ontvang vanuit die stam van Re'uven, uit die stam van Gad en uit die stam van Z'vulun.
8 Nou, die seuns van Yisra'el het aan die Leviete hierdie stede met hulle weivelde deur die lot gegee, soos יהוה deur Mosheh beveel het.
9 Hulle het hierdie stede by name gegee vanuit die stam van die seuns van Y'hudah en uit die stam van die seuns van Shim'on;
10 hulle was vir die seuns van Aharon, een van die families van die K'hatiete, uit die seuns van Levi, want die eerste lot was vir hulle.
11 So het hulle vir hul gegee: Kiryat-Arba, (Arba was die vader van `Anak, dit is Hevron), op die Bergland van Y'hudah, met sy omringende weivelde,
12 maar die landerye van die stad, met sy dorpe, het hulle aan Kalev, die seun van Y'funneh, as sy besitting gegee.
13 Aan die seuns van Aharon, die priester, het hulle gegee: Hevron, die vrystad vir hom wat manslag begaan het, met sy weivelde, Livnah met sy weivelde,
14 Yattir met sy weivelde, Esht'moa met sy weivelde,
15 Holon met sy weivelde, D'vir met sy weivelde,
16 `Ayin met sy weivelde, Yuttah met sy weivelde en Beit-Shemesh met sy weivelde: nege stede vanuit hierdie twee stamme.
17 Vanaf die stam van Binyamin: Giv'on met sy weivelde, Geva met sy weivelde,
18 `Anatot met sy weivelde en `Almon met sy weivelde: vier stede.
19 Al die stede van die seuns van Aharon, die priesters, was dertien stede met hulle weivelde.
20 Toe is die stede vanaf die stam van Efrayim deur die lot aangewys aan die families van die seuns van K'hat, die Leviete, aan die res van die seuns van K'hat.
21 Hulle het vir hulle gegee: Sh'khem, die vrystad vir hom wat manslag begaan het, met sy weivelde op die Bergland van Efrayim, Gezer met sy weivelde,
22 Kivtzayim met sy weivelde en Beit-Horon met sy weivelde: vier stede.
23 Vanuit die stam van Dan: Elt'keh met sy weivelde, Gibb'ton met sy weivelde,
24 Ayalon met sy weivelde en Gat-Rimmon met sy weivelde: vier stede.
25 Vanuit die helfte van die stam van M'nasheh: Ta'anakh met sy weivelde en Gat-Rimmon met sy weivelde: twee stede.
26 Al die stede met hulle weivelde vir die families van die res van die seuns van K'hat was tien.
27 Aan die seuns van Gershon, een van die families van die Leviete, is gegee vanaf die halwe stam van M'nasheh: Golan, die vrystad vir hom wat manslag begaan het, in Bashan, met sy weivelde en B'esht'rah met sy weivelde: twee stede.
28 Vanuit die stam van Yissakhar: Kishyon met sy weivelde, Dovrat met sy weivelde,

29 Yarmut met sy weivelde, `Ein-Gannim met sy weivelde: vier stede.
30 Vanuit die stam van Asher: Mishal met sy weivelde, `Avdon met sy weivelde,
31 Helkat met sy weivelde en Regov met sy weivelde: vier stede.
32 Vanuit die stam van Naftali: Kedesh in die Galil, die vrystad vir hom wat manslag begaan het met sy weivelde, Hammot-Dor met sy weivelde en Kartan met sy weivelde: drie stede.
33 Al die stede van die Gershoniete, volgens hulle families, was dertien stede met hulle weivelde.
34 Aan die families van die seuns van M'rari, die res van die Leviete, vanaf die stam van Z'vulun: Yokne'am met sy weivelde, Kartah met sy weivelde,
35 Dimnah met sy weivelde, Nahalal met sy weivelde: vier stede.
36 Vanuit die stam van Re'uven: Betzer met sy weivelde, Yagtzah met sy weivelde,
37 K'demot met sy weivelde en Mefa'at met sy weivelde: vier stede.
38 Vanuit die stam van Gad: Ramot in Gil'ad, die vrystad vir hom wat manslag begaan het, met sy weivelde, Maganayim met sy weivelde,
39 Heshbon met sy weivelde en Ya'zer met sy weivelde: altesaam vier stede.
40 Al hierdie was die stede vir die seuns van M'rari, volgens hulle families, die res van die families van die Leviete en hulle lot was twaalf stede.
41 Al die stede van die Leviete, tussen die besitting van die seuns van Yisra'el, was agt en veertig stede met hulle weivelde.
42 Elkeen van hierdie stede het weivelde rondom hulle gehad; so was dit met al hierdie stede.
43 So het יהוה dan die hele land aan Yisra'el gegee wat Hy met 'n eed beloof het om aan hulle vaders te gee en hulle het dit in besit geneem en daarin gaan bly.
44 יהוה het hulle rus gegee aan alle kante volgens alles wat Hy hulle vaders met 'n eed beloof het en niemand van al hul vyande het voor hulle bly staan nie; יהוה het al hulle vyande in hulle hand gegee.
45 Nie een van die goeie beloftes wat יהוה aan die huis van Yisra'el gemaak het, het onvervuld gebly nie; alles het so gebeur.

22 1 Toe het Y'hoshua die Re'uveniete, die Gadiete en die halwe stam van M'nasheh laat roep
2 en vir hulle gesê: "Julle het alles onderhou wat Mosheh, die kneg van יהוה, julle beveel het en julle het na my stem geluister in alles wat ek julle beveel het.
3 Julle het nie jul broers in die steek gelaat nie, al hierdie dae tot vandag toe, maar julle het die opdragte van יהוה, julle God, gehou.
4 Nou het יהוה, julle God, jul broers rus gegee, soos Hy vir hulle gesê het; daarom, draai nou om en gaan na julle tente toe, na die land van julle besitting wat Mosheh, die kneg van יהוה, julle oorkant die Yarden gegee het.
5 Wees net baie versigtig om die opdragte en die wet, wat Mosheh, die kneg van יהוה, julle beveel het, te onderhou, om יהוה, julle God, lief te hê en in al Sy paaie te loop en Sy opdragte te onderhou en aan Hom vas te hou en Hom te dien met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees." Deut 6:4-8; Mat 22:37-40; Yog 7:19; Hand 24:14; 25:8

6 So het Y'hoshua hulle geseën en hulle weggestuur en hulle het na hul tente toe gegaan.
7 Aan die een helfte van die stam van M'nasheh het Mosheh in Bashan 'n erfenis gegee, maar aan die ander helfte daarvan het Y'hoshua 'n deel gegee saam met hulle broers, weswaarts anderkant die Yarden. Toe Y'hoshua hulle weggestuur het na hul tente toe, het hy hulle geseën
8 en vir hulle gesê: "Gaan terug na julle tente met groot rykdomme en 'n menigte van vee, met silwer, goud, koper, yster en baie klere; deel die buit van julle vyande met julle broers."
9 Die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh het teruggegaan huis toe en weggetrek van die seuns van Yisra'el af, by Shiloh wat in die land Kena'an lê, om na die land Gil'ad te gaan, na die land van hulle besitting wat hulle in besit geneem het, volgens die bevel van יהוה, deur Mosheh.
10 Toe hulle kom by die streek van die Yarden, wat in die land Kena'an lê, het die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh daar 'n altaar gebou by die Yarden, 'n altaar groot van aansien.
11 Die seuns van Yisra'el het gehoor dat dit gesê word: "Let op, die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh het 'n altaar gebou op die grens van die land Kena'an, in die streek van die Yarden, aan die kant wat behoort aan die seuns van Yisra'el."
12 Toe die seuns van Yisra'el dit hoor, het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el bymekaargekom in Shiloh om teen hulle op te trek in oorlog.
13 Toe het die seuns van Yisra'el vir Pingas, die seun van El'azar, die priester, na die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh, in die land van Gil'ad gestuur
14 en tien leiers saam met hom, een leier vir elke vader se familie, van elkeen van die stamme van Yisra'el en hulle was elkeen die familiehoof van die stamme van Yisra'el.
15 Hulle het by die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh in die land Gil'ad gekom en met hulle gepraat en gesê:
16 "So sê die hele vergadering van יהוה: 'Wat is hierdie ontrou daad wat julle begaan het teen die God van Yisra'el, dat julle vandag weggedraai het daarvan om יהוה te volg deur vir julle 'n altaar te bou, deur vandag teen יהוה te rebelleer?
17 Is die boosheid by P'or vir ons nog nie genoeg nie; waarvan ons tot vandag toe ons nie gereinig het nie, alhoewel 'n plaag oor die vergadering van יהוה gekom het;
18 as julle vandag wegdraai daarvan om יהוה te aanbid, as julle vandag teen יהוה rebelleer sal Hy môre woedend wees met die hele vergadering van Yisra'el.
19 As die land van julle besitting egter onrein is, trek dan oor na die land van die besitting van יהוה, waar die tabernakel van יהוה staan en neem besit onder ons. Moet net nie teen יהוה rebelleer nie, of teen ons rebelleer deur vir julleself 'n altaar te bou, naas die altaar van יהוה, ons God, nie.
20 Het `Akhan, die seun van Zerag, nie ontrou gehandel teenoor die bangoed en die toorn het oor die hele vergadering van Yisra'el gekom nie? Daardie man het nie alleen in sy boosheid omgekom nie.'"

21 Toe het die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh geantwoord en aan die stamhoofde van Yisra'el gesê:
22 "Die Magtige God, יהוה, die Magtige God, יהוה! Hy weet en mag Yisra'el self weet: as dit in rebellie of deur 'n ontrou daad teen יהוה was, moet ons nie op dié dag red nie!
23 As ons vir ons 'n altaar gebou het om van יהוה af weg te draai, of as dit was om 'n brandoffer of graanoffer op te bring, of om daarop vredesoffers te bring, mag יהוה self dit opeis,
24 maar waarlik, ons het dit uit respekvolle vrees vir Hom gedoen en gesê: 'In die toekoms sou julle seuns vir ons seuns sê: "Wat het julle te doen met יהוה, die God van Yisra'el?
25 יהוה het die Yarden 'n grens gemaak tussen ons en julle, seuns van Re'uven en seuns van Gad; julle het geen deel in יהוה nie?" So sal julle seuns maak dat ons seuns יהוה nie meer vrees nie.'
26 Dit is daarom dat ons gesê het: 'Laat ons 'n altaar bou, nie vir brandoffers of vir offers nie,
27 maar dit sal eerder 'n getuie wees tussen ons en julle en ons geslagte ná ons dat ons die diens van יהוה moet uitvoer voor Hom met ons brandoffers, ons offers en ons vredesoffers sodat julle seuns nie in die toekoms vir ons seuns kan sê: 'Julle het geen deel in יהוה nie.'
28 Ons het daarom gesê: 'Dit sal ook gebeur as hulle dit in die toekoms aan ons en ons geslagte sou sê, sal ons sê: "Kyk na die model van die altaar van יהוה wat ons vaders gemaak het, nie vir brandoffers of vir offers nie, maar eerder as 'n getuie tussen ons en julle."'
29 Dit is ver van ons dat ons sou rebelleer teen יהוה en op die dag wegdraai daarvan om יהוה te volg, deur 'n altaar te bou vir brandoffers, graanoffers en offers, naas die altaar van יהוה, ons God, wat voor Sy tabernakel staan."
30 Toe Pingas, die priester en die leiers van die vergadering, die stamhoofde van Yisra'el wat saam met hom was, die woorde hoor wat die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die seuns van M'nasheh gesê het, het dit hulle tevredegestel.
31 Pingas, die seun van El'azar, die priester, sê vir die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die seuns van M'nasheh: "Vandag weet ons dat יהוה in ons midde is omdat julle nie hierdie daad van ontrou teen יהוה begaan het nie; nou het julle die seuns van Yisra'el bevry uit die hand van יהוה."
32 Toe het Pingas, die seun van El'azar, die priester en die leiers teruggekeer vanaf die seuns van Re'uven en die seuns van Gad uit die land Gil'ad na die land Kena'an, na die seuns van Yisra'el en vir hulle die boodskap gebring.
33 Die boodskap het die seuns van Yisra'el bly gemaak en die seuns van Yisra'el het God geprys en hulle het nie gepraat daarvan om teen hulle op te trek in oorlog, om die land waarin die seuns van Re'uven en die seuns van Gad gebly het, te verwoes, nie.
34 Die seuns van Re'uven en die seuns van Gad het die altaar "`Ed" (Getuie) genoem, want "dit is getuie tussen ons dat יהוה God is."

23 1 Dit het na 'n geruime tyd, toe יהוה aan Yisra'el rus gegee het van al sy vyande
aan elke kant en Y'hoshua oud en ver gevorderd in jare was, gebeur
2 dat Y'hoshua die hele Yisra'el laat roep het, sy oudstes en sy hoofde en sy regters en
sy leiers en vir hulle gesê het: "Ek is oud, ver gevorderd in jare
3 en julle het gesien wat יהוה, julle God, alles aan al hierdie nasies gedoen het om julle
ontwil, want יהוה, julle God, is Hy wat vir julle geveg het.
4 Kyk, ek het hierdie nasies wat nog oorgebly het, as erfenis tussen julle stamme
verdeel, saam met al die nasies wat ek afgesny het, vanaf die Yarden, selfs tot by
die Groot See, na waar die son ondergaan.
5 יהוה, julle God, Hy sal hulle voor julle uitgooi en hulle voor julle uit verdryf en julle
sal hulle land in besit neem soos יהוה, julle God, julle beloof het.
6 Wees onveranderlik daarin om alles te hou en te doen wat geskryf is in die boek van
die wet van Mosheh sodat julle daar nie regs of links van afdraai nie
7 sodat julle nie met hierdie nasies wat tussen julle oorgebly het, assosieer of die naam
van hulle gode noem nie, of enige een by hulle laat sweer of hulle dien of voor hulle
neerbuig nie,
8 maar julle moet aan יהוה, julle God, vashou soos julle tot vandag toe gedoen het,
9 want יהוה het groot en magtige nasies voor julle uit verdryf en wat julle betref,
niemand kon tot vandag toe voor julle staan nie.
10 Een man uit julle het 'n duisend laat vlug, want יהוה, julle God, is Hy wat vir julle
veg, net soos Hy julle beloof het.
11 Let ywerig op na julleself om יהוה, julle God, lief te hê,
12 want as julle ooit mag teruggaan en aan die res van hierdie nasies vashou, die wat
nog saam met julle oorgebly het en ondertrou met hulle sodat julle met hulle en
hulle met julle assosieer,
13 weet dan met sekerheid dat יהוה, julle God, nie sal voortgaan om hierdie nasies
voor julle uit te verdryf nie, maar hulle sal vir julle 'n vangnet en 'n strik wees en
'n sweep op julle sye en dorings in julle oë totdat julle omkom in hierdie goeie land
wat יהוה, julle God, aan julle gegee het.
14 Nou, let op, ek gaan vandag die pad van die hele aarde en julle weet met julle hele
verstand, wil en emosie en met jul hele gees dat nie een woord van al die goeie
woorde wat יהוה, julle God, aangaande julle gepraat het, onvervuld gebly het nie;
alles is vir julle vervul, nie een woord daarvan het onvervuld gebly nie.
15 Dit sal gebeur dat net soos al die goeie woorde oor julle gekom het wat יהוה, julle
God, oor julle gepraat het, so sal יהוה oor julle al die dreigemente laat kom totdat
Hy julle vernietig het uit hierdie goeie land wat יהוה, julle God, aan julle gegee
het,
16 as julle die verbond van יהוה, julle God, wat Hy julle beveel het, oortree en ander
gode gaan dien en julle voor hulle neerbuig, dan sal die woede van יהוה teen julle
opvlam en julle sal gou omkom in die goeie land wat Hy aan julle gegee het."

24 1 Toe het Y'hoshua al die stamme van Yisra'el bymekaar laat kom by Sh'khem
en die oudstes van Yisra'el, hulle hoofde, regters en hulle leiers laat roep en hulle
het hulself voor God aangebied.
2 Y'hoshua het vir al die mense gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Van antieke
tye af het julle vaders oorkant die Rivier (Eufraat) gebly; Terag, die vader van
Avraham en die vader van Nagor en hulle het ander gode gedien.
3 Toe het Ek julle vader Avraham, van oorkant die Rivier af, gevat en hom deur die
hele land Kena'an laat trek en sy nageslag vermeerder en Yitz'gak vir hom gegee.
4 Aan Yitz'gak het Ek Ya'akov en `Esav gegee en aan `Esav het Ek die Se'ir gebergte
gegee, om dit te besit, maar Ya'akov en sy seuns het afgegaan na Mitzrayim.
5 Toe het Ek Mosheh en Aharon gestuur en Mitzrayim geteister met wat ek onder
hulle gedoen het en daarna het Ek julle uitgebring.
6 Ek het julle vaders uit Mitzrayim uitgebring en julle het by die see gekom en die
Mitzrayimiete het agter julle vaders aangejaag met strydwaens en perderuiters na
die Sufsee toe,
7 maar toe julle vaders uitgeroep het na יהוה, het Hy duisternis gesit tussen julle en die
Mitzrayimiete en toe het יהוה die see laat verdeel en julle vaders daar deur laat kom
en die see oor die Mitzrayimiete laat kom en hulle oordek en julle eie oë het gesien
wat Ek in Mitzrayim gedoen het. Julle het in die wildernis gebly vir 'n lang tyd.
8 Toe het Ek julle gebring in die land van die Emoriete wat oorkant die Yarden gebly
het en hulle het teen julle geveg en Ek het hulle in julle hand gegee en julle het hul
land in besit geneem toe Ek hulle voor julle uit vernietig het.
9 Toe het Balak, die seun van Tzippor, die koning van Mo'av, opgestaan en teen
Yisra'el geveg en hy het gestuur en Bil'am, die seun van B'or, geroep om julle te
vervloek,
10 maar Ek was nie gewillig om na Bil'am te luister nie. Hy moes julle seën en Ek het
julle uit sy hand gered.
11 Julle het oor die Yarden getrek en by Yerigo gekom en die burgers van Yerigo het
teen julle geveg, asook die Emoriete, P'riziete, Kena'aniete, Hittiete, Girgashiete,
Hiviete en Y'vusiete. So het Ek hulle in julle hand gegee.
12 Toe het Ek die perdebye voor julle uit gestuur en die twee konings van die Emoriete
voor julle uit verdryf, nie deur jou swaard of jou boog nie.
13 Ek het vir julle 'n land gegee wat julle nie bewerk het nie en stede wat julle nie
gebou het nie en julle het daarin gebly; julle eet van wingerde en olyfbome wat
julle nie geplant het nie.'
14 Vrees יהוה daarom respekvol en dien Hom in opregtheid en waarheid en verwyder
die gode wat julle vaders oorkant die Eufraatrivier en in Mitzrayim gedien het en
dien יהוה.
15 As dit onaanvaarbaar is in julle oë om יהוה te dien, kies dan vir julle vandag wie
julle wil dien: òf die gode wat julle vaders oorkant die Eufraatrivier gedien het, òf
die gode van die Emoriete in wie se land julle woon, maar ek en my huis, ons sal
יהוה dien."

16 Die volk antwoord en sê: "Dit is ver van ons dat ons יהוה sou verlaat om ander gode te dien,
17 want יהוה, ons God, is Hy wat ons en ons vaders uit die land van Mitzrayim uit die huis van slawerny gebring het en wat voor ons oë hierdie groot tekens gedoen het en ons bewaar het op die hele pad wat ons gegaan en tussen al die volke waardeur ons getrek het.
18 יהוה het al die volke voor ons uit verdryf, selfs die Emoriete wat in die land gebly het. Ook ons sal יהוה dien, want Hy is ons God."
19 Toe sê Y'hoshua vir die volk: "Julle sal nie in staat wees om יהוה te dien nie, want Hy is 'n afgesonderde God. Hy is 'n jaloerse God; Hy sal julle oortredinge en julle sondes nie vergewe nie.
20 As julle יהוה verlaat en vreemde gode dien, sal Hy omdraai en julle kwaad aandoen en julle verteer nadat Hy vroeër aan julle goed gedoen het."
21 Die volk het vir Y'hoshua gesê: "Nee, maar ons sal יהוה dien."
22 Y'hoshua het vir die volk gesê: "Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself יהוה gekies het om Hom te dien." Hulle sê: "Ons is getuies."
23 "Nou daarom, verwyder die vreemde gode wat tussen julle is en reik uit met julle verstand, wil en emosie tot יהוה, die God van Yisra'el."
24 Die volk het vir Y'hoshua gesê: "Ons sal יהוה, ons God, dien en ons sal Sy stem gehoorsaam."
25 Y'hoshua het op dié dag met die volk 'n verbond gesluit en vir hulle die vasgestelde wet en regverdige oordele in Sh'khem geleer. Gen 33:19; Y'ho 21:21; Yog 4:5
26 Y'hoshua het hierdie woorde in die boek van die wet van God geskryf en 'n groot klip gevat en dit daar opgerig onder die eikeboom wat by die Afgesonderde Plek van יהוה was.
27 Y'hoshua het vir die hele volk gesê: "Let op, hierdie klip sal as 'n getuie teen ons wees, want dit het al die woorde van יהוה gehoor wat Hy met ons gepraat het; so sal dit as 'n getuie teen julle wees sodat julle jul God nie ontken nie."
28 Toe het Y'hoshua die volk laat gaan, elkeen na sy erfenis toe.
29 Dit het gebeur na hierdie dinge dat Y'hoshua, die seun van Nun, die dienskneg van יהוה, gesterf het, een honderd en tien jaar oud.
30 Hulle het hom op die grondgebied van sy erfenis begrawe in Timnat-Serag, wat op die Bergland van Efrayim lê, noord van die berg Ga'ash.
31 Yisra'el het יהוה gedien al die dae van Y'hoshua en al die dae van die oudstes wat Y'hoshua oorleef het en al die werke van יהוה geken het wat Hy vir Yisra'el gedoen het.
32 Nou, hulle het die bene van Yosef, wat die seuns van Yisra'el uit Mitzrayim gebring het, by Sh'khem, op die stuk grond wat Ya'akov van die seuns van Hamor, die vader van Sh'khem, vir honderd geldstukke gekoop het en wat die erfenis van die seuns van Yosef geword het, begrawe. Hand 7:16
33 El'azar, die seun van Aharon, het gesterf en hulle het hom by Giv'on, van sy seun Pingas, wat aan hom gegee is, op die Bergland van Efrayim, begrawe.

Die sewende boek van die Verbond (Tanakh)

Die tweede boek van die Profete

Die tweede boek van die Vroeëre Profete

Shof'tim

(Rigters)

(שופטים - shof'tim = regters / heersers)

Yisra'el se geskiedenis van ongeveer 299 jaar onder die rigters, leiers en regters, wat geheers het oor die volk. Die skrywer is onbekend.

1 1 Nou, dit het gebeur na die dood van Y'hoshua dat die seuns van Yisra'el יהוה
geraadpleeg en gesê het: "Wie van ons moet eerste optrek teen die Kena'aniete om
teen hulle te veg?"
2 יהוה het gesê: "Y'hudah moet optrek; let op, Ek het die land in sy hand gegee."
3 Toe sê Y'hudah aan sy broer Shim'on: "Trek saam met my op in die gebied wat aan
my toegestaan is dat ons teen die Kena'aniete kan veg en ek sal op my beurt saam
met jou optrek in die gebied wat aan jou toegestaan is." Shim'on het saam met hom
gegaan.
4 Y'hudah het opgetrek en יהוה het die Kena'aniete en P'riziete in hulle hand gegee
en hulle het tien duisend man by Bezek verslaan.
5 Hulle het vir Adoni-Bezek in Bezek gekry en teen hom geveg en die Kena'aniete en
P'riziete verslaan,
6 maar Adoni-Bezek het gevlug en hulle het hom agtervolg en hom gevang en sy
duime en sy groottone afgesny.
7 Adoni-Bezek het gesê: "Sewentig konings met hulle duime en groottone afgekap,
het onder my tafel stukkies opgetel; soos ek gedoen het, so het God my vergeld."
Hulle het hom na Yerushalayim gebring en daar is hy dood.
8 Die seuns van Y'hudah het teen Yerushalayim geveg en dit ingeneem en dit met die
skerpte van die swaard verslaan en die stad aan die brand gesteek.
9 Daarna het die seuns van Y'hudah afgetrek om te veg teen die Kena'aniete wat op
die Bergland, in die Suidland en in die Laagland gewoon het.
10 So het Y'hudah teen die Kena'aniete uitgetrek wat in Hevron gebly het (die naam
van Hevron was vroeër Kiryat-Arba) en hulle het Sheshai, Agiman en Talmai
verslaan.
11 Toe het hy van daar teen die inwoners van D'vir opgetrek (die naam van D'vir was
vroeër Kiryat-Sefer).
12 Kalev het gesê: "Die een wat Kiryat-Sefer aanval en inneem, aan hom sal ek my
dogter `Akhsah as vrou gee."
13 `Otni'el, die seun van K'naz, Kalev se jonger broer, het dit ingeneem; hy het sy
dogter `Akhsah vir hom as vrou gegee.
14 Toe sy by hom aankom, het sy hom oortuig om van haar vader 'n stuk grond te vra.
Sy het van die donkie afgeklim en Kalev vra vir haar: "Wat wil jy hê?"
15 Toe sê sy: "Gee vir my 'n seën, aangesien u vir my die Suidland (Negev) gegee
het, gee ook vir my waterfonteine." Hy het vir haar die boonste en die onderste
fonteine gegee.
16 Die nageslag van die Keiniete, van Mosheh se skoonvader, het saam met die seuns
van Y'hudah opgegaan vanaf die Palmstad na die wildernis van Y'hudah wat in die
suide van `Arad lê en hulle het gegaan en saam met die volk gebly.
17 Toe het Y'hudah saam met sy broer Shim'on gegaan en hulle het die Kena'aniete
verslaan wat in Tz'fat gebly het en dit volkome vernietig; daarom is die stad
Hormah genoem.
18 Y'hudah het `Azah met sy grondgebied, Ashkelon met sy grondgebied en `Ekron
met sy grondgebied ingeneem.

19 יהוה was by Y'hudah en hulle het die Bergland in besit geneem, maar hulle kon nie die inwoners van die vallei uitdryf nie omdat hulle ysterwaens gehad het. Y'ho 17:16-
20 Toe het hulle Hevron aan Kalev gegee, soos Mosheh belowe het en hy het die drie seuns van `Anak daar uitgedryf,
21 maar die seuns van Binyamin het nie die Y'vusiete uitgedryf wat in Yerushalayim gebly het nie; die Y'vusiete het saam met die seuns van Binyamin in Yerushalayim gebly tot vandag toe.
22 Net so het die huis van Yosef opgegaan teen Beit-El en יהוה was by hulle.
23 Die huis van Yosef het Beit-El verken (die naam van die stad was vroeër Luz).
24 Die spioene het 'n man uit die stad sien uitkom en hulle sê vir hom: "Wys ons asseblief 'n ingang in die stad in en ons sal jou goed behandel."
25 Hy wys hulle toe die ingang na die stad en hulle het die stad verslaan met die skerpte van die swaard, maar die man en sy hele familie het hulle vry laat gaan.
26 Die man het na die land van die Hittiete gegaan en 'n stad gebou en dit Luz genoem, wat sy naam tot vandag toe is.
27 M'nasheh het egter nie besit geneem van Beit-Sh'an en sy dorpe, of Ta'anakh met sy dorpe, of die inwoners van Dor met sy dorpe, of die inwoners van Yivle'am met sy dorpe, of die inwoners van Megiddo met sy dorpe nie; die Kena'aniete het voortgegaan om in daardie land te bly.
28 Dit het gebeur dat toe Yisra'el sterk word, hulle die Kena'aniete dwangarbeiders gemaak het, maar hulle het hulle nie volkome uitgedryf nie.
29 Efrayim het nie die Kena'aniete wat in Gezer gebly het verdryf nie; die Kena'aniete het in Gezer tussen hulle gebly.
30 Z'vulun het nie die inwoners van Kitron of die inwoners van Nahalol uitgedryf nie; die Kena'aniete het tussen hulle gebly en is onderwerp aan dwangarbeid.
31 Asher het nie die inwoners van `Akko of die inwoners van Tzidon, Aglav, Akhziv, Helbah, Afik of Regov uitgedryf nie;
32 die Asheriete het tussen die Kena'aniete, die bevolking van die land, gebly, want hulle het hulle nie uitgedryf nie.
33 Naftali het nie die inwoners van Beit-Shemesh of die inwoners van Beit-`Anat uitgedryf nie, maar tussen die Kena'aniete, die inwoners van die land gebly en die inwoners van Beit-Shemesh en Beit-`Anat het vir hulle dwangarbeid geword.
34 Toe het die Emoriete die seuns van Dan in die Bergland in geforseer, want hulle het hul nie toegelaat om na die vallei toe af te kom nie;
35 tog het die Emoriete voortgegaan om op die berg Heres, in Ayalon en in Sha'alvim te bly, maar toe die krag van die huis van Yosef sterk word, het hulle dwangarbeid geword.
36 Die grens van die Emoriete het geloop vanaf die opgaan na `Akrabbim, vanaf Selah af en verder op.

2 1 Die boodskapper van יהוה het van Gilgal af opgekom na Bokhim en gesê: "Ek het
julle uit Mitzrayim uitgebring en julle in die land ingelei wat Ek julle vaders met 'n
eed beloof het en gesê: 'Ek sal nooit My verbond met julle verbreek nie,
2 maar wat julle betref, julle mag geen verbond met die inwoners van hierdie land
sluit nie; julle moet hulle altare afbreek.' Maar julle het My nie gehoorsaam nie;
wat is hierdie wat julle gedoen het?
3 Ek het daarom ook gesê: 'Ek sal hulle nie voor julle uit verdryf nie, maar hulle sal
soos dorings in julle sye wees en hulle gode vir julle 'n valstrik." Y'ho 23 & 24
4 Toe die boodskapper van יהוה al hierdie woorde met die seuns van Yisra'el praat, het
al die mense hulle stemme opgelig en gehuil.
5 Hulle het dié plek Bokhim genoem en daar aan יהוה geoffer.
6 Toe Y'hoshua die volk laat gaan het, het die seuns van Yisra'el elkeen na sy erfenis
gegaan om die land in besit te neem.
7 Die volk het יהוה gedien al die dae van Y'hoshua en al die dae van die oudstes,
wat Y'hoshua oorleef het, wat al die groot werke van יהוה gesien het wat Hy vir
Yisra'el gedoen het.
8 Toe is Y'hoshua, die seun van Nun, die dienskneg van יהוה, dood op die ouderdom
van honderd en tien jaar
9 en hulle het hom begrawe in die gebied van sy erfenis in Timnat-Serag, op die
gebergte van Efrayim, noord van die berg Ga'ash.
10 Daardie hele geslag is ook by hulle vaders versamel en 'n ander geslag het ná hulle
opgestaan wat יהוה en ook die werk wat Hy vir Yisra'el gedoen het, nie geken het
nie. Deut 6:7
11 Toe het die seuns van Yisra'el boosheid in die oë van יהוה gedoen en die Ba'als
gedien
12 en יהוה, die God van hulle vaders, wat hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring
het verlaat en ander gode gevolg, van die gode van die volke wat rondom hulle was
en hulle voor hulle neergebuig; só het hulle יהוה tot woede uitgetart.
13 Só het hulle יהוה verlaat en die Ba'al en die `Ashtarot gedien.
14 Die woede van יהוה het gebrand teen Yisra'el en Hy het hulle oorgegee in die hand
van plunderaars wat hulle beroof het en Hy het hulle verkoop in die hand van hulle
vyande rondom sodat hulle nie langer kon standhou voor hulle vyande nie.
15 Waarheen hulle ook al gaan, was die hand van יהוה teen hulle ten kwade, soos יהוה
gesê het en soos יהוה vir hulle gesweer het sodat hulle erg benoud was.
16 Toe het יהוה rigters opgewek wat hulle bevry het uit die hande van hulle wat hulle
geplunder het. Hand 13:20
17 Tog het hulle nie na hulle rigters geluister nie, want hulle het agter ander gode aan
gehoereer en hulleself voor hulle neergebuig. Hulle het gou van die pad wat hulle
vaders, in gehoorsaamheid aan die opdragte van יהוה, geloop het, afgedraai; hulle
het nie gedoen soos hulle nie.
18 Wanneer יהוה vir hulle rigters opwek, was יהוה saam met die rigter en het Hy hulle
bevry uit die hand van hul vyande al die dae van die rigter, want יהוה was beweeg
tot omgee deur hulle gekerm oor hulle onderdrukkers en hulle teisteraars,

19 maar dit het gebeur dat wanneer die rigter sterf, hulle terugdraai en nog meer korrup optree as hulle vaders, deur agter ander gode aan te loop, om hulle te dien en voor hulle neer te buig; hulle het nie hulle gebruike of hulle hardnekkige maniere laat vaar nie.
20 Die woede van יהוה het teen Yisra'el gebrand en Hy het gesê: "Omdat hierdie nasie My verbond, wat Ek hulle vaders beveel het, oortree het en nie na My stem geluister het nie,
21 sal Ek ook verder geeneen van die nasies wat Y'hoshua by sy dood laat agterbly het, voor hulle uit wegdryf nie,
22 om Yisra'el deur hulle te toets, of hulle die pad van יהוה sal hou deur daarin te loop soos hulle vaders, of nie.
23 יהוה het toegelaat dat daardie nasies bly en hulle nie gou uitgedryf nie en Hy het hulle nie in die hand van Y'hoshua gegee nie. Y'ho 13:6

3 1 Hierdie is die nasies wat יהוה laat oorbly het om Yisra'el te toets (almal wat nie enige van die oorloë van Kena'an ondervind het nie;
2 net sodat die geslagte van die seuns van Yisra'el oorlog geleer kan word, hulle wat dit nie vroeër ervaar het nie):
3 die vyf meesters van die F'lishtyne en al die Kena'aniete, Tzidoniete en Hiviete wat in die L'vanongebergte gebly het, van die berg Ba'al-Hermon af tot by Levo-Hamat.
4 Hulle was daar om Yisra'el te toets, om uit te vind of hulle die opdragte van יהוה, wat Hy hulle vaders deur Mosheh beveel het, sou gehoorsaam.
5 Die seuns van Yisra'el het tussen die Kena'aniete, Hittiete, Emoriete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete gebly;
6 hulle dogters as hulle vroue gevat en hulle eie dogters aan húl seuns gegee en hul gode gedien.
7 Die seuns van Yisra'el het gedoen wat boos was in die oë van יהוה en יהוה, hulle God, vergeet en die Ba'als en die `Asherot gedien.
8 Toe het die woede van יהוה teen Yisra'el ontvlam sodat Hy hulle verkoop het in die hand van Kushan-Rish'atayim, koning van Aram-Naharayim (Mesopotamië) en die seuns van Yisra'el het Kushan-Rish'atayim agt jaar lank gedien.
9 Toe die seuns van Yisra'el na יהוה uitgeroep het, het יהוה 'n bevryder vir die seuns van Yisra'el opgewek, wat hulle bevry het: `Otni'el, die seun van K'naz, die jonger broer van Kalev. Rig 1:11-13
10 Die Gees van יהוה het op hom gekom en hy het Yisra'el gerig. Toe hy uitgegaan het om oorlog te maak, het יהוה Kushan-Rish'atayim, die koning van Aram-Naharayim, in sy hand gegee sodat hy geseëvier het oor Kushan-Rish'atayim.
11 Toe het die land rus gehad vir veertig jaar lank en `Otni'el, die seun van K'naz, het gesterf.
12 Nou het die seuns van Yisra'el weer boos gedoen in die oë van יהוה. יהוה het `Eglon, die koning van Mo'av, versterk teen Yisra'el omdat hulle boosheid gedoen het in die oë van יהוה.

13 Hy het by homself die seuns van `Ammon en `Amalek bymekaar gemaak en hy het gegaan en Yisra'el verslaan en hulle het die Palmstad in besit geneem.
14 Die seuns van Yisra'el het `Eglon, koning van Mo'av, agttien jaar lank gedien,
15 maar toe die seuns van Yisra'el uitroep na יהוה, het יהוה vir hulle 'n bevryder opgewek: Ehud, die seun van Gera, die Binyaminiet, 'n linkshandige man en die seuns van Yisra'el het deur hom 'n bydrae aan `Eglon, koning van Mo'av gestuur.
16 Ehud het vir homself 'n swaard gemaak, aan twee kante skerp, een el lank en dit onder sy klere aan sy regterheup vasgebind.
17 Hy het die bydrae vir `Eglon, die koning van Mo'av, aangebied. (Eglon was 'n baie vet man.)
18 Dit het gebeur dat, toe hy klaar die bydrae afgelewer het, hy die mense wat die bydrae gedra het, weggestuur het,
19 maar hyself het omgedraai by die afgode wat by Gilgal was en gesê: "Ek het 'n geheime boodskap vir u, o koning!" Die koning sê toe: "Bly stil!" Almal wat hom bedien, het van hom af weggegaan.
20 Ehud het na hom toe gekom terwyl hy alleen in sy koel dakkamer sit en Ehud sê: "Ek het 'n boodskap vanaf God vir u!" Hy het van sy stoel af opgestaan.
21 Ehud het sy linkerhand uitgesteek, die swaard van sy regterheup af gevat en dit in sy maag ingedruk.
22 Die hef het ook agter die lem ingegaan en die vet het om die lem toegemaak, want hy het nie die swaard uit sy maag uitgetrek nie en die vullis het uitgekom.
23 Toe gaan Ehud uit op die gallery en maak die deure van die dakkamer agter hom toe en sluit hulle.
24 Nadat hy uitgegaan het, kom sy diensknegte en kyk en let op, die deure van die dakkamer was gesluit en hulle het gesê: "Hy verlig homself seker in die koel kamer."
25 Hulle het gewag totdat hulle angstig geword het, maar let op, hy het nie die deure van die dakkamer oopgemaak nie! Hulle het daarom die sleutel gevat en oopgemaak en let op, hulle meester was dood, neergeval op die grond!
26 Nou, Ehud het ontvlug terwyl hulle talm en by die afgode verbygegaan en na Se'irah ontsnap.
27 Dit het gebeur nadat hy arriveer het dat hy die ramshoring in die Bergland van Efrayim geblaas het en die seuns van Yisra'el het saam met hom van die Bergland afgetrek en hy voor hulle.
28 Hy het vir hulle gesê: "Volg my, want יהוה het julle vyande, die Mo'aviete, in julle hand gegee." Hulle het afgegaan agter hom aan en die driwwe van die Yarden oorkant Mo'av gevat en niemand toegelaat om oor te gaan nie.
29 Hulle het in daardie tyd omtrent tien duisend Mo'aviete verslaan, almal geharde en dapper manne en nie een het ontsnap nie.
30 Mo'av is op daardie dag onderwerp onder die hand van Yisra'el en die land was vir tagtig jaar lank onversteurd.
31 Ná hom het Shamgar, die seun van `Anat, gekom wat ses honderd F'lishtyne met 'n osprik verslaan het en ook hy het Yisra'el gered.

4 1 Toe het die seuns van Yisra'el weer boos gedoen in die oë van יהוה nadat Ehud dood is
2 en יהוה het hulle verkoop in die hand van Yavin, die koning van Kena'an, wat in Hatzor regeer het en die bevelvoerder van sy leërmag was Sisra, wat in Haroshet-HaGoyim gebly het.
3 Die seuns van Yisra'el het na יהוה uitgeroep, want hy het nege honderd ysterwaens gehad en die kinders van Yisra'el twintig jaar lank onderdruk.
4 D'vorah, 'n profetes, die vrou van Lappidot, het Yisra'el in daardie tyd gerig.
5 Sy was gewoond om onder die palmboom van D'vorah te sit, tussen Ramah en Beit-El, in die Bergland van Efrayim en die seuns van Yisra'el het na haar toe opgekom vir uitspraak.
6 Sy het gestuur en vir Barak, die seun van Avino'am, uit Kedesh in Naftali, laat roep en vir hom gesê: "Let op, יהוה, die God van Yisra'el, het beveel: "Gaan en marsjeer na die berg Tavor en vat tien duisend man van die seuns van Naftali en van die seuns van Z'vulun saam met jou.
7 Ek sal dat Sisra, die bevelvoerder van Yavin se leermag, met sy strydwaens en sy menigte na jou toe uittrek by die Kishonrivier en Ek sal hom in jou hand gee"."
8 Toe sê Barak vir haar: "As u saam met my sal gaan, sal ek gaan, maar as u nie saam met my gaan nie, sal ek nie gaan nie."
9 Sy het gesê: "Ek sal sekerlik saam met jou gaan; daarom sal die eer nie joune wees op die reis wat jy op die punt staan om op te gaan nie, want יהוה sal Sisra in die hand van 'n vrou verkoop." Toe staan D'vorah op en gaan saam met Barak na Kedesh.
10 Barak het Z'vulun en Naftali na Kedesh toe bymekaargeroep en tien duisend man het saam met hom opgegaan; D'vorah het ook saam met hom opgegaan.
11 Hever, die Keiniet, het homself afgeskei van die res van Keiniete, die nageslag van Hovav, seun van die skoonvader van Mosheh en hy het sy tent opgeslaan so ver as by die eikeboom in Tza'anamim, wat naby Kedesh is. Num 10:29-30; Rig 1:16;4:17
12 Toe het hulle vir Sisra vertel dat Barak, die seun van Avino'am, opgegaan het na die berg Tavor.
13 Sisra het al sy strydwaens, nege honderd ysterwaens en al die manne wat by hom was, uit Haroshet-HaGoyim bymekaargeroep na die Kishonrivier.
14 D'vorah het vir Barak gesê: "Staan op, want hierdie is die dag waarop יהוה Sisra in jou hand gegee het; let op, יהוה het voor jou uitgegaan." Barak het afgegaan vanaf die berg Tavor met tien duisend man wat hom volg.
15 יהוה het Sisra met al sy waens en sy hele leër met die skerpte van die swaard uitmekaar gejaag voor Barak en Sisra het van sy wa afgeklim en te voet gevlug,
16 maar Barak het die waens en die leër agtervolg tot by Haroshet-HaGoyim en die hele leër van Sisra het deur die skerpte van die swaard geval; selfs nie een het oorgebly nie.
17 Sisra het te voet gevlug na die tent van Ya'el, die vrou van Hever, die Keiniet, want daar was vrede tussen Yavin, die koning van Hatzor en die huis van Hever, die Keiniet.

18 Ya'el het uitgegaan om Sisra te ontmoet en vir hom gesê: "Draai af, my meester, draai af na my toe! Moenie bang wees nie!" Hy het na haar toe afgedraai, na haar tent en sy het hom met 'n kombers bedek.
19 Hy het vir haar gesê: "Gee vir my asseblief 'n bietjie water om te drink, want ek is dors." Sy maak toe die bokvelsak oop en laat hom daaruit drink; toe maak sy hom weer toe.
20 Hy sê vir haar: "Staan in die ingang van die tent en as dit gebeur dat iemand kom en vir jou vra en sê: "Is daar iemand hier?" dat jy sal sê: "Nee."
21 Ya'el, die vrou van Hever, het egter 'n tentpen en hamer in haar hand gevat en stilletjies na hom toe gegaan en die pen in sy slaap ingeslaan en dit het deurgegaan in die grond in, want hy was vas aan die slaap en uitgeput. So het hy gesterf.
22 Terwyl Barak Sisra agtervolg, let op, het Ya'el uitgekom om hom te ontmoet en vir hom gesê: "Kom en ek sal vir u die man wys wat u soek." Hy het saam met haar ingegaan en let op, Sisra lê daar dood, met die tentpen in sy slaap!
23 So het God op daardie dag vir Yavin, die koning van Kena'an, voor die seuns van Yisra'el onderwerp.
24 Die hand van die seuns van Yisra'el het swaarder en swaarder gedruk op Yavin, die koning van Kena'an totdat hulle Yavin, die koning van Kena'an, vernietig het.

5 1 Toe het D'vorah en Barak, die seun van Avino'am, op daardie dag gesing en gesê:
2 "Dat die leiers in Yisra'el gelei het en dat die volk gewillig was; lofprys יהוה!
3 Hoor, o konings! Luister, o heersers! Ek sal sing tot יהוה; ek sal met instrumente tot יהוה, die God van Yisra'el, speel.
4 יהוה, toe U uitgegaan het uit Se'ir; toe U marsjeer het uit die veld van Edom; het die aarde gebewe, ook die hemele het gedrup, selfs die wolke het water gedrup.
5 Die berge het geskud in die Teenwoordigheid van יהוה; hierdie Sinai in die Teenwoordigheid van יהוה, die God van Yisra'el.
6 In die dae van Shamgar, die seun van `Anat; in die dae van Ya'el, was die hoofpaaie verlate en die reisigers het langs ompaaie gegaan.
7 Leierskap het opgehou, dit het opgehou in Yisra'el totdat ek, D'vorah, opgestaan het; totdat ek, 'n moeder in Yisra'el, opgestaan het.
8 Nuwe gode is gekies; toe is daar oorlog in die poorte. Daar was nie 'n skild of spies te sien onder veertig duisend in Yisra'el nie.
9 My diepste binneste gaan uit na die bevelvoerders van Yisra'el; die vrywilligers onder die volk; lofprys יהוה!
10 Julle wat op wit donkies ry; julle wat op die hoogte bly; julle wat reis op die pad,
11 oordink die woorde van die navraers, wat tussen die leermeesters is; hulle sal die onpartydige opregtheid van יהוה uitvoer, die onpartydige opregtheid wat Hy in Yisra'el vermenigvuldig het. Dan sal die volk van יהוה na die poorte toe marsjeer.
12 Word wakker, word wakker, D'vorah! Word wakker, word wakker, sing 'n lied! Staan op, Barak en voer jou gevangenes weg, seun van Avino'am!
13 Toe het Hy hulle wat oorgebly het van die edeles laat heers oor die volk van יהוה; U het vir my oorwinning gegee oor die magtiges deur die hand van 'n man van Efrayim.

14 Uit Efrayim kom hulle wat 'n wortel het in `Amalek; na jou, trek Binyamin, wat omgee vir jou; vanuit Makhir kom 'n bevelvoerder en vanaf Z'vulun dié wat skryf met die pen van 'n skrywer
15 en die prinse van Yissakhar was by D'vorah; soos Yissakhar, so was Barak tussen die mense: hy is per voet na 'n gedeelte van Re'uven gestuur; groot is hulle wat Godsopenbarings vir die verstand, wil en emosie gee.
16 Waarom het jy tussen die veekrale gesit; om die fluitspel vir die troppe te hoor? Tussen die afdelings van Re'uven was die ondersoeke van die verstand, wil en emosie groot.
17 Gil'ad het anderkant die Yarden gebly en hoekom het Dan in skepe gebly? Asher het by die seestrand gesit en by sy baaie gebly.
18 Z'vulun is 'n volk wat hulle lewens verag tot die dood toe; ook Naftali, op die hoë plekke van die veld.
19 Die konings het gekom en geveg; toe het die konings van Kena'an geveg by Ta'anakh, naby die waters van Megiddo; hulle het geen buit of silwer gevat nie.
20 Die sterre het vanuit die hemel geveg; vanaf hulle bane het hulle teen Sisra geveg by die rivier van Kishon.
21 Die Kishon en Karminriviere het hulle weggedryf! O my lewe, jy het 'n leërmag verslaan!
22 Toe is die perdepote afgebreek deur die gepronk van hulle magtiges.
23 "Vloek Meroz," het die boodskapper van יהוה gesê; "vervloek sy inwoners volkome omdat hulle יהוה nie tot hulp gekom het nie, tot die hulp van יהוה teen die kragtige soldate nie."
24 Mees geseënde onder vroue is Ya'el, die vrou van Hever, die Keiniet; mees geseënd is sy onder vroue in die tent!
25 Water het hy gevra, melk het sy vir hom gegee; in 'n fantastiese kom het sy vir hom dikmelk gebring.
26 Sy steek haar hand uit na die tentpen en haar regterhand na die werker se hamer; dan tref sy vir Sisra, sy verpletter sy kop en sy verbrysel en deurboor sy slaap.
27 Tussen haar voete buig hy neer, hy val, lê daar! Tussen haar voete buig hy neer, hy val; waar hy neergebuig het, daar het hy dood neergeval.
28 Sy kyk by die venster uit en weeklaag, die moeder van Sisra, deur die vensterraam: "Waarom vertoef sy wa om te kom? Waarom talm die klop van die hoewe van sy waens?
29 Haar wyse prinsesse sal haar antwoord; inderdaad, sy herhaal haar woorde vir haarself:
30 'Het hulle nie gevind nie, verdeel hulle nie die buit nie? 'n Jong meisie, twee meisies vir elke soldaat; 'n buit van gekleurde klere vir Sisra, 'n buit van gekleurde klere, geborduur; gekleurde werk van dubbel borduurwerk op die nek van die buiter.
31 Laat al U vyande, יהוה, so omkom! Maar laat die wat U lief het, wees soos die opkoms van die son in Sy krag."
Die land was veertig jaar lank onverstoord.

6 1 Toe het die seuns van Yisra'el gedoen wat boos was in die oë van יהוה en יהוה het
hulle vir sewe jaar lank in die hand van Midyan oorgegee.
2 Die krag van Midyan het die oorhand oor Yisra'el gekry. As gevolg van Midyan
het die seuns van Yisra'el vir hulle skuilings, wat in die berge, die grotte en die
vestings is, gemaak,
3 want dit was wanneer Yisra'el gesaai het dat die Midyaniete, saam met die
`Amalekiete en die seuns van die Ooste teen hulle opgetrek het.
4 Só het hulle teen hulle gekamp en die opbrengs van die land verwoes so ver as tot
by `Azah en geen lewensmiddele, sowel as geen skaap, bees of donkie, in Yisra'el
gelos nie,
5 want hulle het met hulle vee en hul tente opgetrek en gekom soos sprinkane in getal;
beide hulle en hul kamele was ontelbaar en hulle het in die land ingekom om dit
te verwoes.
6 Yisra'el is verneder as gevolg van Midyan en die seuns van Yisra'el het na יהוה
uitgeroep.
7 Nou, dit het gebeur toe die seuns van Yisra'el uitgeroep het na יהוה vanweë
Midyan
8 dat יהוה 'n profeet na die seuns van Yisra'el gestuur het en hy het vir hulle gesê: "So
sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Dit was Ek wat julle gebring het vanuit Mitzrayim
en julle uit die huis van slawerny uitgebring het.
9 Ek het julle bevry uit die hand van die Mitzrayimiete en uit die hand van al julle
onderdrukkers en hulle voor julle uit onteien en hulle land vir julle gegee
10 en Ek het vir julle gesê: 'Ek is יהוה, julle God; julle mag die gode van die Emoriete,
in wie se land julle bly, nie vrees nie, maar julle het My nie gehoorsaam nie.'"
11 Toe het die boodskapper van יהוה gekom en gaan sit onder die eikeboom wat by
`Ofrah staan, wat aan Yo'ash, die Abi'ezriet, behoort het terwyl sy seun Gid'on
koring uitgeslaan het in die parskuip om dit te red van die Midyaniete.
12 Die boodskapper van יהוה het aan hom verskyn en vir hom gesê: "יהוה is met jou,
dapper soldaat!"
13 Toe sê Gid'on vir Hom: "Ag, my Meester, as יהוה met ons is, waarom het al hierdie
dinge met ons gebeur? Waar is al Sy wonderwerke waarvan ons vaders ons vertel
het, deur te sê: 'Het יהוה ons nie opgebring uit Mitzrayim uit nie?' Nou het יהוה ons
egter alleen gelos en ons oorgegee in die hand van Midyan."
14 יהוה het na hom gekyk en gesê: "Gaan in hierdie krag van jou en bevry Yisra'el uit
die hand van Midyan. Het Ek jou nie gestuur nie?"
15 Hy sê vir Hom: "Ag, יהוה, hoe sal ek Yisra'el bevry? Let op, my familie is die
minste in M'nasheh en ek is die jongste in my vader se huis."
16 יהוה sê egter vir hom: "Ek sal sekerlik by jou wees en jy sal Midyan soos een man
verslaan."
17 Gid'on sê vir Hom: "As ek nou guns in U oë gevind het, wys vir my 'n teken dat
dit U is wat met my praat.
18 Gaan asseblief nie hiervandaan weg voordat ek by U kom en my offer uitbring en
voor U neersit nie." Hy sê: "Ek sal bly totdat jy terugkom."

19 Toe het Gid'on ingegaan en 'n jong bokkie en ongesuurde brood, van 'n efa meel, voorberei; hy het die vleis in 'n mandjie en die sous in 'n pot gesit en hy het dit na Hom toe uitgebring onder die eikeboom en dit aangebied.
20 Die boodskapper van God het vir hom gesê: "Vat die vleis en die ongesuurde brood en sit dit op hierdie rots neer en gooi die sous uit." Hy het so gedoen.
21 Toe steek die boodskapper van יהוה die punt van die staf, wat in Sy hand was, uit en raak die vleis en die ongesuurde brood aan en vuur spring op uit die rots en verteer die vleis en die ongesuurde brood. Toe het die boodskapper van יהוה verdwyn voor sy oë.
22 Toe Gid'on sien dat Hy die boodskapper van יהוה was, sê hy: "Helaas, Meester יהוה, want nou het ek die boodskapper van יהוה gesien van gesig tot gesig!"
23 יהוה sê vir hom: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir jou! Moenie vrees nie! Jy sal nie sterf nie."
24 Toe bou Gid'on daar 'n altaar vir יהוה en noem dit: "יהוה is (Shalom) Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!" Dit is vandag nog daar by `Ofrah van die Avi'ezriete.
25 In dieselfde nag het יהוה vir hom gesê: "Vat jou vader se jong bul en 'n tweede bul van sewe jaar oud en trek die altaar van Ba'al om wat aan jou vader behoort en kap die Asherah (afgesonderde paal) af wat langs dit is
26 en bou vir יהוה, jou God, 'n altaar bo-op die top van hierdie vesting op 'n ordelike wyse en vat die tweede bul en offer 'n brandoffer met die hout van die Asherah wat jy moet afkap."
27 Toe het Gid'on tien man van sy diensknegte gevat en gedoen soos יהוה vir hom gesê het en omdat hy te bang was vir sy vader se huishouding en vir die manne van die stad, om dit in die dag te doen, het hy dit in die nag gedoen.
28 Toe die manne van die stad die oggend vroeg opstaan, let op, die altaar van Ba'al is omgegooi en die Asherah wat langs dit was, is afgekap en die tweede bul is geoffer op die altaar wat daar gebou is!
29 Hulle het vir mekaar gesê: "Wie het hierdie ding gedoen?" Toe hulle ondersoek doen en uitvra, sê hulle: "Gid'on, die seun van Yo'ash het hierdie ding gedoen!"
30 Toe sê die manne van die stad vir Yo'ash: "Bring jou seun uit, hy moet sterf omdat hy die altaar van Ba'al omgegooi het en inderdaad omdat hy die afgesonderde boomstam wat langs dit was, afgekap het."
31 Yo'ash sê egter vir almal wat teenoor hom staan: "Wil júlle vir Ba'al veg, of wil julle hom bevry? Wie ook al vir hom pleit, sal teen die oggend doodgemaak word. As hy 'n god is, laat hy vir homself veg omdat iemand sy altaar afgebreek het."
32 Hy het hom daarom op daardie dag Yeruba'al genoem, dit is te sê: "Laat Ba'al teen hom veg" omdat hy sy altaar afgebreek het.
33 Daardie tyd het al die Midyaniete, die `Amalekiete en die seuns van die Ooste hulleself bymekaargebring en oorgetrek en in die vallei van Yizre'el gekamp.
34 Die Gees van יהוה het op Gid'on gekom [Yog 14:17] en hy het op die ramshoring geblaas en Abiezer het hom gevolg.

35 Hy het boodskappers regdeur M'nasheh gestuur en hulle is ook bymekaar geroep om hom te volg; hy het ook boodskappers na Asher, Z'vulun en Naftali gestuur en hulle het opgekom om hom te ontmoet.
36 Toe sê Gid'on vir God: "As U Yisra'el deur my sal bevry, soos U gesê het,
37 let op, ek sal 'n wolvlies op die dorsvloer neerlê. As daar net op die vlies dou is en al die grond droog is, dan sal ek weet dat U Yisra'el deur my sal bevry, soos U gesê het."
38 Dit was so. Toe hy vroeg die volgende oggend opstaan en die vlies uitwring het hy 'n kom vol water van die dou uit die vlies uitgedruk.
39 Toe sê Gid'on vir God: "Laat U woede nie teen my ontvlam nie dat ek nog 'n keer mag praat; laat my asseblief nog 'n toets doen met die vlies; laat dit nou op die vlies alleen droog wees en laat daar oral op al die grond dou wees."
40 יהוה het so gedoen daardie nag: dit was droog op die vlies alleen en oral op die grond was daar dou.

7 1 Toe het Yeruba'al, (dit is Gid'on) en al die manne wat by hom was, vroeg opgestaan en langs `Ein-Harod gekamp en die kamp van Midyan was aan hulle noordekant by die heuwel Moreh, in die vallei.
2 יהוה sê vir Gid'on: "Die manne wat by jou is, is te veel vir My om Midyan in hulle hand te gee, want Yisra'el sal roem deur te sê: 'My eie krag het my bevry.'
3 Kom daarom, verklaar ten aanhore van die manne en sê: 'Wie ook al bang is en bewe, laat hulle teruggaan en wegdraai van die berg Gil'ad af.'" Twee en twintig duisend manne het teruggegaan, maar tien duisend het oorgebly.
4 Toe sê יהוה vir Gid'on: "Die manne is nog te veel; bring hulle af na die water en Ek sal hulle daar vir jou toets. Dit sal daarom wees dat hy van wie Ek vir jou sê: 'Hierdie een moet saam met jou gaan,' hy moet saam met jou gaan, maar elkeen van wie Ek vir jou sê: 'Hierdie een moenie saam met jou gaan nie,' hy moenie gaan nie."
5 Hy bring toe die manne af na die water en יהוה sê vir Gid'on: "Elkeen wat met sy tong die water oplek soos wat 'n hond lek, moet jy bymekaar laat staan; sowel as elkeen wat kniel om te drink, moet bymekaar staan."
6 Nou, die aantal van die wat opgelek het deur hulle hand na hulle mond toe te bring, was drie honderd man, maar al die res van die manne het gekniel om te drink.
7 יהוה sê vir Gid'on: "Deur die drie honderd man wat gelek het, sal Ek julle bevry en die Midyaniete in julle hande gee; laat dus al die ander manne gaan, elkeen na sy huis toe."
8 Die 300 man vat die manne se kosvoorraad en hulle ramshorings in hul hand en Gid'on het al die ander manne van Yisra'el weggestuur, elkeen na sy tent, maar die drie honderd man het hy behou en die kamp van Midyan was onder hom in die vallei.
9 Nou dieselfde nag het dit gebeur dat יהוה vir hom gesê het: "Staan op, gaan af teen die kamp, want Ek het dit in jou hand gegee,
10 maar as jy bang is om af te gaan, gaan saam met jou dienskneg Purah af na die kamp toe

11 en jy sal hoor wat hulle sê en daarna sal jou hande sterk gemaak word sodat jy teen die kamp kan aftrek." Hy gaan toe af saam met Purah, sy dienskneg, tot by die buiteposte van die leër wat in die kamp was.
12 Nou die Midyaniete, `Amalekiete en al die seuns van die Ooste het in die laagte gelê, soveel soos sprinkane en hulle kamele was ontelbaar soos die sand aan die seestrand.
13 Toe Gid'on aankom, let op, 'n man het sy droom vir 'n ander vertel en hy het gesê: "Let op, ek het 'n droom gehad: 'n garsbrood het in die kamp van Midyan ingetuimel en gekom tot by die tent en dit geslaan sodat dit omval en onderstebo draai en die tent plat lê!"
14 Sy vriend het geantwoord: "Dit is niks minder as die swaard van Gid'on, die seun van Yo'ash, die Yisra'eliet, nie; God het Midyan en die hele kamp in sy hand gegee."
15 Toe Gid'on die verhaal van die droom en sy uitleg hoor, het hy neergebuig in aanbidding. Hy het teruggegaan na die kamp van Yisra'el en gesê: "Staan op, want יהוה het die kamp van Midyan in julle hand gegee."
16 Hy het die drie honderd man verdeel in drie afdelings en ramshorings en leë kruike in almal se hande gesit, met fakkels binne-in die kruike.
17 Hy het vir hulle gesê: "Kyk na my en maak net so en let op, wanneer ek by die buitelyn van die kamp kom, moet julle maak net soos ek maak.
18 Wanneer ek en almal wat by my is, op die ramshoring blaas, moet julle ook op die ramshorings blaas reg rondom die kamp en sê: "Vir יהוה en vir Gid'on!"
19 Gid'on en die honderd man wat by hom was, het by die buitelyn van die kamp gekom, aan die begin van die middelste nagwaak, toe hulle net die wagte uitgesit het. Hulle het die ramshorings geblaas en die kruike stukkend geslaan wat in hul hande was.
20 Toe die drie afdelings op die ramshorings blaas en die kruike breek, hou hulle die fakkels in hul linkerhand en die ramshorings in hulle regterhand om te blaas terwyl hulle uitroep: "'n Swaard vir יהוה en vir Gid'on!"
21 Elkeen het op sy plek bly staan rondom die kamp terwyl die hele leër al skreeuend hardloop in hulle vlug.
22 Toe hulle drie honderd ramshorings blaas, het יהוה die swaard van die een teen die ander gerig, deur die hele leër en die leër het gevlug sover as Beit-Sheetah, in die rigting van Tz'rerah, so ver as tot by die grens van Avel-M'golah by Tabbat.
23 Die manne van Yisra'el uit Naftali, Asher en uit die hele M'nasheh is opgeroep en hulle het Midyan agtervolg.
24 Gid'on het boodskappers deur die hele Bergland van Efrayim gestuur en gesê: "Kom af teen Midyan en beset die waterpunte voor hulle, so ver as tot by Beit-Barah en die Yarden." So is al die manne van Efrayim bymekaargeroep en hulle het die waterpunte beset tot by Beit-Barah en die Yarden.
25 Hulle het die twee leiers van Midyan gevang, `Orev en Ze'ev en hulle het `Orev by die rots van `Orev doodgemaak en Ze'ev by die parskuip van Ze'ev terwyl hulle Midyan agtervolg het en hulle het die koppe van `Orev en Ze'ev van oorkant die Yarden af, na Gid'on toe gebring.

8 1 Toe sê die manne van Efrayim vir hom: "Wat is dit wat u ons aangedoen het dat u ons nie geroep het toe u teen Midyan gaan veg het nie?" Hulle het heftig met hom baklei,
2 maar hy sê vir hulle: "Wat het ek nou gedoen in vergelyking met julle? Is die na-oes van Efrayim nie beter as die wynoes van Abi'ezer nie?
3 God het die leiers van Midyan, `Orev en Ze'ev, in julle hand gegee en wat kon ek doen in vergelyking met julle?" Toe bedaar hulle woede teenoor hom toe hy dit gesê het.
4 Toe het Gid'on by die Yarden gekom, hy en die drie honderd man wat by hom was en oorgetrek, moeg en tog besig om te agtervolg.
5 Hy sê vir die manne van Sukkot: "Gee asseblief brood vir die manne wat my volg, want hulle is moeg en ek is besig om Zevag en Tzalmuna, die konings van Midyan, te agtervolg.
6 Die leiers van Sukkot sê: "Is die hande van Zevag en Tzalmuna reeds in u hande dat ons aan u leër brood moet gee?"
7 Gid'on het gesê: "Goed, wanneer יהוה vir Zevag en Tzalmuna in my hand gee, dan sal ek julle liggame met woestyndorings en distels slaan."
8 Hy het daarvandaan opgegaan na P'nu'el en dieselfde vir hulle gesê en die manne van P'nu'el het hom geantwoord net soos die manne van Sukkot geantwoord het.
9 Hy het ook met die mense van P'nu'el gepraat en gesê: "As ek veilig terugkom, sal ek hierdie toring afbreek."
10 Nou, Zevag en Tzalmuna was in Karkor en hulle leërs by hulle, omtrent vyftien duisend man, al wat oor was van die hele leër van die seuns van die Ooste, want die gesneuweldes was honderd en twintig duisend swaardvegters.
11 Gid'on het opgegaan met die pad van die wat in tente bly, oos van Novag en Yogbehah en die kamp aangeval toe die kamp dit nie verwag het nie.
12 Toe Zevag en Tzalmuna vlug, het hy hulle agternagejaag en die twee konings van Midyan, Zevag en Tzalmuna, gevang en die hele leër uitmekaargejaag.
13 Toe het Gid'on, die seun van Yo'ash, by die opdraande na Heres teruggekom van die geveg af,
14 'n jongman vanaf Sukkot gevang en hom uitgevra. Toe skryf die jongman vir hom die prinse van Sukkot en sy oudstes se name neer, sewe en sewentig man.
15 Hy kom by die mense van Sukkot en sê: "Let op, hier is Zevag en Tzalmuna oor wie julle my gespot het deur te sê: 'Is die hande van Zevag en Tzalmuna reeds in u hand dat ons brood moet gee vir u manne wat moeg is.'"
16 Hy het die oudstes van die stad oor die woestyndorings en die distels getrek en so die manne van Sukkot gedissiplineer.
17 Hy het die toring van P'nu'el afgebreek en die manne van die stad doodgemaak.
18 Toe vra hy vir Zevag en Tzalmuna: "Watter manne was dit wat julle by Tavor doodgemaak het?" Hulle antwoord: "Hulle was soos u, elkeen het gelyk soos die seun van 'n koning."
19 Hy het gesê: "Dit was my broers, die seuns van my moeder. So waar as יהוה leef, as julle hulle net laat leef het, sou ek julle nie doodgemaak het nie."

20 Hy sê toe vir Yeter, sy eersgeborene: "Staan op, maak hulle dood!" Die jongman het egter nie sy swaard uitgetrek nie omdat hy bang was, want hy was nog 'n seun.
21 Toe sê Zevag en Tzalmuna: "Staan u self op en val op ons, want soos die man is, so is sy krag." Gid'on het toe opgestaan en Zevag en Tzalmuna doodgemaak en die maanornamente, wat aan die nekke van hulle kamele was, gevat.
22 Toe sê die manne van Yisra'el vir Gid'on: "Heers oor ons, u sowel as u seun en u kleinseun, want u het ons bevry uit die hand van Midyan."
23 Gid'on sê egter vir hulle: "Ek sal nie oor julle heers nie en my seun sal ook nie oor julle heers nie; יהוה sal oor julle heers."
24 Tog het Gid'on vir hulle gesê: "Ek wil van julle versoek dat elkeen van julle vir my 'n oorring gee uit sy buit!" (Want hulle het goue oorringe gehad omdat hulle vyand Yishma'eliete was.)
25 Hulle het gesê: "Ons sal dit sekerlik gee." Hulle het toe 'n mantel uitgesprei en elkeen het 'n oorring van sy buit daarop gegooi.
26 Die gewig van die goue oorringe wat hy gevra het, was een duisend sewe honderd sikkels goud, behalwe die maanornamente, die hangertjies en purper klere wat die konings van Midyan gedra het en behalwe die nekbande wat aan die nekke van hulle kamele was.
27 Gid'on het 'n skouerkleed daarvan gemaak en dit in sy stad, `Ofrah, gesit en die hele Yisra'el het agter dit aan hoereer sodat dit vir Gid'on en sy huis 'n valstrik geword het.
28 So is Midyan onderwerp voor die seuns van Yisra'el en hulle het nie weer hulle koppe opgetel nie. Die land was onversteurd in die dae van Gid'on vir veertig jaar lank.
29 Toe het Yeruba'al, die seun van Yo'ash, gegaan en in sy huis gaan bly.
30 Gid'on het sewentig seuns gehad wat sy direkte nageslag was, want hy het baie vroue gehad.
31 Sy byvrou wat in Sh'khem was, het ook vir hom geboorte gegee aan 'n seun en hy het hom die naam Avimelekh gegee.
32 Gid'on, die seun van Yo'ash, het gesterf op 'n gevorderde ouderdom en is begrawe in die graf van sy vader Yo'ash, in `Ofrah van die Avi'ezriete.
33 Dit het gebeur toe Gid'on dood is dat die seuns van Yisra'el weer agter die Ba'als aan hoereer en Ba'al-B'rith hulle god gemaak het.
34 Dus het die seuns van Yisra'el nie יהוה, hulle God, onthou, wat hulle bevry het uit die hand van al hul vyande, aan elke kant, nie;
35 hulle het ook geen omgee bewys aan die huis van Yeruba'al, (dit is Gid'on), vir al die goed wat hy aan Yisra'el gedoen het nie.

9 1 Avimelekh, die seun van Yeruba'al, het na Sh'khem, na die familie van sy moeder gegaan en hy het met hulle en met die hele geslag van sy moeder se familie gepraat en gesê:
2 "Praat, nou, voor die ore van al die leiers van Sh'khem: wat is vir julle beter: dat sewentig man, al die seuns van Yeruba'al, oor julle heers, of dat een man oor julle heers? Onthou ook dat ek julle vlees en bloed is."

3 Sy moeder se familie het namens hom al hierdie woorde ten aanhore van al die leiers van Sh'khem gepraat en hulle was geneig om Avimelekh te volg, want hulle het gesê: "Hy is ons familie."
4 Hulle het vir hom sewentig sikkels silwer uit die huis van Ba'al-B'rit gegee, waarmee Avimelekh waardelose en ligsinnige manne gehuur het en hulle het hom gevolg.
5 Toe het hy na die huis van sy vader gegaan, in `Ofrah en sy broers, die seuns van Yeruba'al, sewentig man, op een klip vermoor, maar Yotam, die jongste seun van Yeruba'al, het oorgebly, want hy het weggekruip.
6 Al die manne van Sh'khem en die hele Beit-Millo het saam vergader en Avimelekh gaan koning maak by die eikeboom van Mazpiah (Ar.) wat by Sh'khem is.
7 Toe hulle dit vir Yotam vertel, het hy gegaan en op die top van berg G'rizim gaan staan en sy stem opgelig en uitgeroep en so het hy vir hulle gesê: "Luister na my, manne van Sh'khem sodat God na julle kan luister.
8 Eendag het die bome gegaan om 'n koning oor hulle te salf en vir die olyfboom gesê: 'Heers oor ons!'
9 Die olyfboom het egter vir hulle gesê: 'Sou ek my vettigheid opgee waarmee hulle gode en mense vereer en oor die bome gaan swewe?'
10 Toe sê die bome vir die vyeboom: 'Kom jy, heers oor ons!'
11 Die vyeboom het egter vir hulle gesê: 'Sou ek my soetigheid en my goeie vrugte opgee en oor die bome gaan swewe?'
12 Toe sê die bome vir die wingerdstok: 'Kom jy, heers oor ons!'
13 Die wingerdstok het egter vir hulle gesê: 'Sou ek my nuwe wyn opgee waarin God en die mense hulle verheug en oor die bome gaan swewe?'
14 Ten einde sê al die bome vir die doringboom: 'Kom jy, heers oor ons!'
15 Die doringboom het vir die bome gesê: 'As julle my in waarheid as koning oor julle salf, kom dan, neem skuiling in my skaduwee, maar so nie, mag daar vuur uitgaan uit die doringboom en die seders van L'vanon verteer;
16 daarom dan, as julle in waarheid en integriteit gehandel het deur Avimelekh koning te maak en as julle goed gedoen het aan Yeruba'al en sy huis en aan hom gedoen het volgens sy verdienste,
17 want my vader het vir julle geveg en sy lewe gewaag en julle bevry uit die hand van Midyan,
18 maar julle het vandag opgestaan teen die huis van my vader en sy seuns; sewentig man op een klip vermoor en Avimelekh, die seun van sy slavin, koning gemaak oor die manne van Sh'khem omdat hy julle familie is;
19 as julle dan vandag in waarheid en integriteit gehandel het met Yeruba'al en sy huis, verheug julle in Avimelekh en laat hy hom ook verheug oor julle,
20 maar indien nie, laat daar dan vuur uitgaan uit Avimelekh en die manne van Sh'khem en Beit-Millo verteer en laat daar vuur uitgaan uit die manne van Sh'khem en Beit-Millo en Avimelekh verteer."
21 Toe het Yotam ontsnap en weggevlug en na Be'er gegaan en daar gebly as gevolg van Avimelekh, sy broer.
22 Avimelekh het drie jaar lank oor Yisra'el geheers.

23 Toe het God 'n bose gees gestuur tussen Avimelekh en die manne van Sh'khem en die manne van Sh'khem het valslik gehandel met Avimelekh
24 sodat die geweld teen die sewentig seuns van Yeruba'al sou uitkom en hulle bloed op hul broer Avimelekh, wat hulle vermoor het, gelê mag word en op die manne van Sh'khem wat sy hande versterk het om sy broers te vermoor.
25 Die manne van Sh'khem het manne in hinderlae teen hom opgestel bo-op die berge en almal beroof wat op die pad by hulle verbykom en dit is aan Avimelekh vertel.
26 Ga'al, die seun van `Eved, het met sy familielede gekom en oorgetrek na Sh'khem en die manne van Sh'khem het hulle vertroue in hom geplaas.
27 Hulle het uitgegaan in die veld en hulle wingerde afgeoes, uitgetrap en 'n fees gehou en hulle het in die huis van hulle god ingegaan en geëet en gedrink en Avimelekh gevloek.
28 Toe sê Ga'al, die seun van `Eved: "Wie is Avimelekh en wie is Sh'khem dat ons hom sou dien? Is hy nie die seun van Yeruba'al en is Z'vul nie sy luitenant nie? Dien die manne van Hamor, die vader van Sh'khem, maar waarom moet ons hóm dien?
29 Was hierdie volk maar onder my outoriteit, dan sou ek Avimelekh verwyder het!" Vir Avimelekh het hy gesê: "Vermeerder jou weermag en kom uit!"
30 Toe Z'vul, die heerser van die stad, die woorde van Ga'al, die seun van `Eved, hoor, het sy woede opgevlam.
31 Hy het boodskappers misleidend na Avimelekh gestuur om te sê: "Let op, Ga'al, die seun van `Eved en sy familielede het na Sh'khem gekom en let op, hulle steek die stad teen u op.
32 Nou, daarom, staan in die nag op, u en die manne wat by u is en lê en wag in die veld.
33 In die oggend, sodra die son op is, moet u vroeg opstaan en teen die stad aanstorm en let op, wanneer hy en die manne wat by hom is, teen u uittrek, sal u met hom doen net waartoe u in staat is."
34 Avimelekh en al die manne wat by hom was, het in die nag opgestaan en in vier groepe gelê en wag teen Sh'khem.
35 Ga'al, die seun van `Eved, het uitgegaan en by die ingang van die stadspoort gaan staan en Avimelekh en al die manne wat by hom was, het uit die hinderlaag uit opgestaan.
36 Toe Ga'al die mense sien, sê hy vir Z'vul: "Kyk, daar kom mense van die bergtoppe af," maar Z'vul sê vir hom: "Jy sien die skaduwee van die berge asof hulle mense is!"
37 Ga'al het weer gepraat en gesê: "Kyk, daar kom mense van die hoogste deel van die land af en een deel kom uit die rigting van die eik van die towenaar."
38 Toe sê Z'vul vir hom: "Waar is jou grootpratery nou waarmee jy gesê het: 'Wie is Avimelekh dat ons hom sou dien?' Is dit nie die manne wat jy verag het nie? Gaan nou uit en veg teen hulle!"
39 Toe gaan Ga'al uit voor die leiers van Sh'khem en veg teen Avimelekh.
40 Avimelekh het hom agtervolg en hy het voor hom uit gevlug en baie is gewond en het geval tot by die ingang van die poort.

41 Toe het Avimelekh in Arumah gebly, maar Z'vul het Ga'al en sy familielede uitgedryf sodat hulle nie in Sh'khem kon bly nie.
42 Dit het die volgende dag gebeur dat die mense uitgegaan het in die veld en dit is aan Avimelekh vertel.
43 Hy het sy manne gevat en hulle in drie groepe verdeel en in die veld lê en wag; toe hy sien dat die mense uit die stad uitkom, staan hy op teen hulle en verslaan hulle.
44 Toe het Avimelekh en die groep wat by hom was, ingestorm en gaan staan by die ingang van die stadspoort; die ander twee groepe het almal wat in die veld was, bestorm en hulle verslaan.
45 Avimelekh het daardie hele dag teen die stad geveg en die stad ingeneem en die mense wat daarin was, doodgemaak; toe het hy die stad afgebreek en dit met sout besaai.
46 Toe al die leiers van die toring van Sh'khem dit hoor, gaan hulle in die binneste kamer van die tempel van die god, B'rith, in.
47 Dit is aan Avimelekh vertel dat al die leiers van die toring van Sh'khem saam vergader is.
48 Avimelekh en al die manne wat by hom was, klim op die berg Tzalmon en Avimelekh vat 'n byl in sy hand en kap 'n boomtak af van die bome, lig dit op en sit dit op sy skouer. Toe sê hy vir die manne wat by hom was: "Wat julle my sien doen het, maak gou en doen net so."
49 Al die manne het ook elkeen sy tak afgekap en Avimelekh gevolg en dit op die binnekamer gegooi en die binnekamer bo-op hulle aan die brand gesteek sodat ook al die mense van die Sh'khemstoring, omtrent 'n duisend manne en vroue, gesterf het.
50 Toe het Avimelekh na Tevetz gegaan en teen Tevetz gekamp en dit ingeneem,
51 maar in die middel van die stad was daar 'n sterk toring en al die manne en vroue en al die leiers van die stad het daarheen gevlug en hulleself toegesluit en bo-op die dak van die toring geklim.
52 Avimelekh het na die toring toe gekom en daarteen geveg en die ingang van die toring genader om dit met vuur te verbrand,
53 maar 'n sekere vrou het die boonste meulsteen op die kop van Avimelekh gegooi en sy skedel verbrysel.
54 Toe roep hy gou na die jongman, sy wapendraer en sê vir hom: "Trek jou swaard en maak my dood sodat dit nie van my gesê sal word: ''n Vrou het hom doodgemaak nie'." Die jongman het hom deurboor en hy is dood.
55 Toe die manne van Yisra'el sien dat Avimelekh dood is, het hulle elkeen na sy blyplek vertrek.
56 So het God dan die boosheid van Avimelekh vergeld wat hy sy vader aangedoen het deur sy sewentig broers te vermoor.
57 God het ook al die boosheid van die manne van Sh'khem op hulle eie kop laat neerkom en die vloek van Yotam, die seun van Yeruba'al, het oor hulle gekom.

10 1 Nádat Avimelekh dood is, het Tola, die seun van Pu'ah, die seun van Dodo, 'n man van Yissakhar, opgestaan om Yisra'el te verlos en hy het in Shamir gebly op die Bergland van Efrayim.
2 Hy het Yisra'el drie en twintig jaar lank gerig. Toe is hy dood en is in Shamir begrawe.
3 Ná hom het Ya'ir, die Gil'adiet, opgestaan en hy het Yisra'el twee en twintig jaar lank gerig.
4 Hy het dertig seuns gehad, wat op dertig donkies gery en dertig stede in die land van Gil'ad gehad het wat tot vandag toe Havot-Ya'ir genoem word.
5 Ya'ir het gesterf en is in Kamon begrawe.
6 Toe het die seuns van Yisra'el weer gedoen wat verkeerd was in die oë van יהוה. Hulle het die Ba'als en die `Ashtarot gedien, die gode van Aram, die gode van Tzidon, die gode van Mo'av, die gode van die seuns van `Ammon en die gode van die F'lishtyne; só het hulle יהוה verlaat en Hom nie gedien nie.
7 Die woede van יהוה het gebrand teen Yisra'el en Hy het hulle verkoop in die hand van die F'lishtyne en in die hand van die seuns van `Ammon.
8 Hulle het die seuns van Yisra'el gepla en verpletter in daardie jare; vir agttien jaar lank het hulle al die seuns van Yisra'el wat oorkant die Yarden gebly het, in die land van die Amoriete, wat in Gil'ad was, gepla.
9 Die seuns van `Ammon het die Yarden oorgetrek om ook teen Y'hudah, Binyamin en die huis van Efrayim te veg sodat Yisra'el baie benoud was.
10 Toe roep die seuns van Yisra'el uit na יהוה en sê: "Ons het teen U gesondig, want inderdaad, ons het ons God verlaat en die Ba'als gedien."
11 יהוה het vir die seuns van Yisra'el gesê: "Het Ek julle nie van die Mitzrayimiete, van die Emoriete, van die seuns van `Ammon en van die F'lishtyne bevry nie?
12 Ook toe die Tzidoniete, `Amalekiete en Ma'oniete julle verdruk en julle My aangeroep het, het Ek julle uit hulle hand verlos.
13 Tog het julle My verlaat en ander gode gedien; daarom sal Ek julle nie langer bevry nie.
14 Gaan en gaan roep die gode aan wat julle gekies het; laat hulle julle bevry in die tyd van julle benoudheid."
15 Die seuns van Yisra'el sê vir יהוה: "Ons het gesondig, maak met ons net soos dit goed is in U oë; asseblief, bevry ons net vandag."
16 Hulle het die vreemde gode uit hulle midde uit weggesit en יהוה gedien en Hy kon nie langer die ellende van Yisra'el verdra nie.
17 Toe is die seuns van `Ammon bymekaargeroep en hulle het in Gil'ad kamp opgeslaan en die seuns van Yisra'el het bymekaar gekom en kamp opgeslaan in Mitzpah.
18 Die mense, die leiers van Gil'ad, het vir mekaar gesê: "Wie is die man wat sal begin om te veg teen die seuns van `Ammon? Hy sal hoof word oor al die inwoners van Gil'ad."

11 1 Yiftag, die Gil'adiet, was 'n dapper vegter, maar hy was die seun van 'n hoer
en Gil'ad was die vader van Yiftag.
2 Gil'ad se vrou het vir hom geboorte gegee aan seuns en toe die seuns van die vrou
groot word, het hulle Yiftag uitgedryf en vir hom gesê: "Jy sal nie 'n erfenis hê in
ons vader se huis nie, want jy is die seun van 'n ander vrou."
3 Yiftag het weggevlug van sy broers af en gaan woon in die land van Tov en waardelose
manne het by Yiftag aangesluit en saam met hom uitgegaan.
4 Dit het gebeur dat na 'n tyd, die seuns van `Ammon teen Yisra'el geveg het.
5 Toe die seuns van `Ammon teen Yisra'el geveg het, het die oudstes van Gil'ad
gegaan om Yiftag uit die land van Tov te gaan haal
6 en hulle het vir Yiftag gesê: "Kom en wees ons hoof sodat ons kan veg teen die seuns
van `Ammon."
7 Toe sê Yiftag vir die oudstes van Gil'ad: "Het julle my nie gehaat en my uit my
vader se huis weggejaag nie? Waarom kom julle nou na my toe, wanneer julle in
die moeilikheid is?"
8 Die oudstes van Gil'ad het vir Yiftag gesê: "Om hierdie rede kom ons nou na jou toe
terug: dat jy saam met ons kan gaan en teen die seuns van `Ammon veg en dat jy
hoof kan word oor al die inwoners van Gil'ad."
9 Yiftag sê vir die oudstes van Gil'ad: "As julle my terugvat om teen die seuns van
`Ammon te veg en יהוה hulle aan my oorgee, sal ek julle hoof word?"
10 Die oudstes van Gil'ad sê vir Yiftag: "יהוה is getuie tussen ons. Waarlik, ons sal
doen soos jy gesê het."
11 Toe het Yiftag saam met die oudstes van Gil'ad gegaan en die volk het hom as
hoof en leier oor hulle aangestel en Yiftag het al sy woorde voor יהוה in Mitzpah
gepraat.
12 Nou het Yiftag boodskappers na die koning van die seuns van `Ammon gestuur om
te vra: "Wat is tussen u en my dat u na my toe kom om teen my land te veg?"
13 Die koning van die seuns van `Ammon sê vir Yiftag se boodskappers: "Omdat
Yisra'el my land weggevat het toe hulle opgekom het vanaf Mitzrayim, vanaf die
Arnon sover as tot by die Yabbok en tot by die Yarden, gee hulle nou in vrede
terug."
14 Yiftag het egter weer boodskappers na die koning van die seuns van `Ammon
gestuur
15 en vir hom gesê: "So sê Yiftag: Yisra'el het nie die land van Mo'av of die land van
die seuns van `Ammon gevat nie,
16 want Yisra'el het, toe hy uit Mitzrayim opgetrek het, deur die wildernis gegaan tot
by die Rooisee en by Kadesh gekom.
17 Toe het Yisra'el boodskappers gestuur na die koning van Edom om te sê: 'Laat my
asseblief deur u land trek,' maar die koning van Edom wou nie luister nie en hulle
het ook na die koning van Mo'av gestuur, maar hy wou nie instem nie; daarom het
Yisra'el in Kadesh gebly.

18 Toe het hulle deur die wildernis, om die land van Edom en die land van Mo'av gegaan en gekom aan die oostekant van die land van Mo'av en hulle het oorkant die Arnon gekamp, maar hulle het nie in die gebied van Mo'av ingegaan nie, want die Arnon is die grens van Mo'av.
19 Yisra'el het boodskappers gestuur na Sigon, die koning van die Emoriete en die koning van Heshbon en Yisra'el het vir hom gesê: 'Laat ons asseblief deur u land trek na ons plek toe,'
20 maar Sigon het Yisra'el nie vertrou om deur sy gebied te trek nie; Sigon het al sy manne bymekaargemaak en by Yahatz gekamp en teen Yisra'el geveg.
21 יהוה, die God van Yisra'el, het Sigon en sy hele volk in die hand van Yisra'el gegee en dié het hulle verslaan sodat Yisra'el die hele land van die Emoriete, die inwoners van daardie land, besit het.
22 Hulle het die hele grondgebied van die Emoriete, van die Arnon af, sover as die Yabbok en van die wildernis af tot by die Yarden, besit. Num 32
23 Aangesien יהוה, die God van Yisra'el, die Emoriete voor Sy volk Yisra'el uit verdrywe het, is dit dan vir jou om dit te besit?
24 Besit u nie wat u god K'mosh u gegee het om te besit nie? So wat ook al יהוה, ons God, voor ons uit onteien het, sal ons besit.
25 Is u nou enigsins beter as Balak, die seun van Tzippor, die koning van Mo'av? Het hy ooit met Yisra'el getwis, of ooit teen hulle geveg? Num 23, 25, 31; Deut 2:9
26 Terwyl Yisra'el in Heshbon met sy dorpies, in `Aro'er met sy dorpies en in al die stede wat langs die Arnon lê, gebly het vir drie honderd jaar lank, waarom het julle dit nie binne daardie tyd teruggevat nie?
27 Ek het daarom nie teen u gesondig nie, maar ú doen kwaad aan my deur teen my oorlog te maak. Mag יהוה-HaShafat (die Regter) vandag oordeel tussen die seuns van Yisra'el en die seuns van `Ammon!"
28 Die koning van die seuns van `Ammon het egter die boodskap wat Yiftag vir hom gestuur het, verwerp.
29 Die Gees van יהוה het op Yiftag gekom sodat hy deur Gil'ad en M'nasheh gegaan het; toe het hy deur Mitzpeh in Gil'ad gegaan en van Mitzpeh in Gil'ad het hy aangegaan na die seuns van `Ammon.
30 Yiftag het 'n gelofte aan יהוה gedoen en gesê: "As U waarlik die seuns van `Ammon in my hand gee,
31 dan sal dit wees dat wat ook al uitkom by die deure van my huis om my te ontmoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van `Ammon, aan יהוה sal behoort en ek sal dit as 'n brandoffer offer." Lev 27:1-4, 28
32 So het Yiftag oorgegaan na die seuns van `Ammon om teen hulle te veg en יהוה het hulle in sy hand gegee.
33 Hy het hulle met 'n baie groot slag verslaan van `Aro'er af tot by die ingang van Minnit, twintig stede en sover as tot by Avel-K'ramim. So is die seuns van `Ammon verneder voor die seuns van Yisra'el.
34 Toe Yiftag in Mitzpah by sy huis kom, let op, het sy dogter uitgekom om hom te ontmoet met tamboeryn en dans. Sy was sy absoluut enigste kind; behalwe vir haar het hy geen seun of dogter gehad nie.

35 Toe hy haar sien, skeur hy sy klere en sê: "Ag, my dogter! Jy laat my baie laag neerbuig en jy is tussen hulle wat vir my moeilikheid bring, want ek het my woord aan יהוה gegee en ek kan dit nie terugtrek nie." Deut 23:23
36 Sy antwoord hom: "My vader, u het u woord aan יהוה gegee; doen aan my soos u gesê het, aangesien יהוה u gewreek het op u vyande, die seuns van `Ammon."
37 Sy het vir haar vader gesê: "Laat dít vir my gedoen word: laat my twee maande alleen sodat ek kan weggaan na die berge en kan huil oor my maagdelikheid, ek en my vriendinne."
38 Toe sê hy: "Gaan!" So het hy haar vir twee maande weggestuur en sy het weggegaan saam met haar vriendinne en oor haar maagdelikheid gehuil op die berge.
39 Aan die einde van twee maande het sy na haar vader teruggekom en hy het aan haar gedoen volgens die gelofte wat hy gedoen het en sy het geen man intiem geken nie. Dit het dus 'n tradisie geword in Yisra'el
40 dat die dogters van Yisra'el elke jaar gaan om die dogter van Yiftag, die Gil'adiet, te herdenk, vier dae in die jaar.

12 1 Toe is die manne van Efrayim bymekaargeroep en hulle het oorgegaan na Tzafon en vir Yiftag gesê: "Waarom het jy oorgegaan om teen die seuns van `Ammon te veg sonder om óns te roep om saam met jou te gaan? Ons sal jou huis oor jou afbrand."
2 Yiftag sê vir hulle: "Ek en my mense het 'n hewige twis met die seuns van `Ammon gehad; toe ek julle geroep het, het julle my nie uit hulle hand bevry nie.
3 Toe ek sien dat jy my nie gaan bevry nie, het ek my lewe in my hande geneem en oorgegaan na die seuns van `Ammon en יהוה het hulle in my hand gegee. Waarom het julle dan vandag teen my opgekom om teen my te veg?"
4 Toe het Yiftag al die manne van Gil'ad bymekaargemaak en teen Efrayim geveg en die manne van Gil'ad het Efrayim verslaan omdat hulle gesê het: "Julle, o Gil'adiete, is vlugtelinge van Efrayim, tussen Efrayim en tussen M'nasheh."
5 Gil'ad het die driwwe van die Yarden oorkant Efrayim ingeneem en dit het gebeur as die vlugtelinge van Efrayim sê: "Laat my oorgaan, dan vra die manne van Gil'ad vir hom: "Is jy 'n Efrayimiet?" As hy sê: "Nee,"
6 dan vra hulle vir hom: "Sê nou, Shibbolet!" As hy egter sê: "Sibbolet" omdat hy dit nie reg kan uitspreek nie, dan gryp hulle hom en maak hom by die Yarden-driwwe dood. So het daar dan in dié tyd van Efrayim twee en veertig duisend man geval.
7 Yiftag het Yisra'el ses jaar lank gerig. Toe is Yiftag, die Gil'adiet dood en is begrawe in een van die stede van Gil'ad.
8 Ná hom het Ibtzan, van Beit-Legem, Yisra'el gerig.
9 Hy het dertig seuns gehad en dertig dogters wat hy uitgegee het in die huwelik buite die familie en hy het dertig dogters van buite af ingebring vir sy seuns en hy het Yisra'el sewe jaar lank gerig.
10 Toe het Ibtzan gesterf en is begrawe in Beit-Legem.
11 Ná hom het Elon, van Z'vulun, Yisra'el gerig en hy het Yisra'el tien jaar lank gerig.
12 Toe is Elon, van Z'vulun, dood en is begrawe in Ayalon, in die land Z'vulun.

13 Ná hom het `Avdon, die seun van Hillel, van Pir'aton, Yisra'el gerig.
14 Hy het veertig seuns en dertig kleinseuns gehad wat op sewentig donkies gery het en hy het Yisra'el agt jaar lank gerig.
15 `Avdon, die seun van Hillel, van Pir'aton, het gesterf en is begrawe in Pir'aton, in die land Efrayim, op die Bergland van die `Amalekiete.

13 1 Die seuns van Yisra'el het weer boos gedoen in die oë van יהוה sodat יהוה hulle oorgegee het in die hand van die F'lishtyne vir veertig jaar lank.
2 Daar was 'n sekere man van Tzor'ah, van die familie van die Daniete, met die naam van Manoag. Sy vrou was onvrugbaar en het geen kinders gehad nie.
3 Toe het die boodskapper van יהוה aan die vrou verskyn en vir haar gesê: "Let op, jy is onvrugbaar en het geen kinders gehad nie, maar jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun.
4 Nou, daarom, wees versigtig om nie wyn of sterk drank te drink nie en niks wat onrein is te eet nie,
5 want let op, jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun en geen skeermes mag op sy kop kom nie, want die seun sal van die baarmoeder af 'n Natzir tot God wees en hy sal begin om Yisra'el te bevry uit die hand van die F'lishtyne."
6 Toe het die vrou gekom en haar man vertel en gesê: "'n Man van God het na my toe gekom en Sy voorkoms was soos die voorkoms van die boodskapper van God, baie ontsagwekkend en ek het Hom nie gevra van waar Hy was nie en Hy het my ook nie Sy naam vertel nie,
7 maar Hy het vir my gesê: 'Let op, jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun en jy moet nou geen wyn of sterk drank drink of iets wat onrein is eet nie, want die seun sal 'n Natzir tot God wees van die baarmoeder af tot op die dag van sy dood."
8 Toe het Manoag by יהוה gepleit en gesê: "Ag, יהוה, laat die man van יהוה wat U gestuur het, asseblief nog 'n keer na ons toe kom dat Hy ons kan leer hoe ons moet maak met die seun wat gebore sal word."
9 God het geluister na die stem van Manoag sodat die boodskapper van God nog 'n keer na die vrou toe gekom het terwyl sy in die veld sit en Manoag, haar man, was nie by haar nie.
10 Die vrou het haastig gehardloop en haar man vertel: "Let op, die man het aan my verskyn wat die ander dag na my toe gekom het."
11 Toe staan Manoag op en volg sy vrou en toe hy by die man kom, vra hy: "Is U die man wat met dié vrou gepraat het?" Hy sê: "Ja."
12 Manoag het gevra: "As U woorde waar word, wat moet sy opvoeding en die leefwyse van die seun wees?"
13 Die boodskapper van יהוה sê vir Manoag: "Laat die vrou aandag gee aan alles wat Ek gesê het.
14 Sy mag niks eet wat van die wingerdstok afkomstig is nie, of enige wyn of sterk drank drink en niks eet wat onrein is nie; alles wat Ek haar beveel het, moet sy doen."

15 Toe sê Manoag vir die boodskapper van יהוה: "Laat ons U tog ophou dat ons 'n bokkie vir U kan voorberei."
16 Die boodskapper van יהוה antwoord Manoag: "Al hou jy my op, sal ek nie van jou kos eet nie, maar as jy 'n brandoffer voorberei, offer dit dan aan יהוה," want Manoag het nie geweet dat dit die boodskapper van יהוה was nie.
17 Manoag vra vir die boodskapper van יהוה: "Wat is U Naam (Karakter en Outoriteit) sodat ons U kan vereer wanneer U woord waar word?"
18 Die boodskapper van יהוה sê egter vir hom: "Waarom vra jy My Naam terwyl dit wonderbaarlik is."
19 Manoag vat die jong bokkie saam met die graanoffer en offer dit op die rots aan יהוה terwyl die boodskapper יהוה loof voor die oë van Manoag en sy vrou,
20 want dit het gebeur toe die vlam vanaf die altaar opstyg na die hemel toe dat die boodskapper van יהוה in die vlam van die altaar opgegaan het. Toe Manoag en sy vrou dit gesien het, het hulle op hul gesigte op die grond neergeval.
21 Die boodskapper van יהוה het nie weer aan Manoag en sy vrou verskyn nie. Toe het Manoag geweet dat Hy die boodskapper van יהוה was.
22 Manoag sê toe vir sy vrou: "Ons sal sekerlik sterf, want ons het God gesien."
23 Sy vrou sê egter vir hom: "As יהוה begeer het om ons te laat sterf, sou Hy nie uit ons hand 'n brandoffer en 'n graanoffer aanvaar het nie en ook nie vir ons al hierdie dinge laat sien het nie, asook nie al hierdie dinge in hierdie tyd laat hoor het nie.
24 Toe het die vrou geboorte gegee aan 'n seun en hom Shimshon genoem en die kind het opgegroei en יהוה het hom geseën.
25 Die Gees van יהוה het begin om hom op te wek in Mahaneh-Dan, tussen Tzor'ah en Eshta'ol.

14 1 Toe Shimshon afgegaan het na Timnah, sien hy 'n vrou in Timnah uit die dogters van die F'lishtyne.
2 Hy het teruggegaan en sy vader en moeder vertel: "Ek het 'n vrou uit die dogters van die F'lishtyne in Timnah gesien; daarom dan, kry haar vir my as vrou."
3 Toe sê sy vader en moeder vir hom: "Is daar onder die dogters van jou familie, of onder ons hele volk, nie 'n vrou dat jy gaan om 'n vrou uit die onbesnede F'lishtyne te vat nie?" Shimshon sê egter vir sy vader: "Kry haar vir my, want sy lyk goed vir my."
4 Sy vader en moeder het egter nie geweet dat dit van יהוה kom nie, want Hy het 'n geleentheid gesoek teen die F'lishtyne. In daardie tyd het die F'lishtyne oor Yisra'el geheers.
5 Toe het Shimshon saam met sy vader en moeder afgegaan na Timnah en tot by die wingerde van Timnah gekom en let op, 'n jong leeu het brullend op hom afgestorm.
6 Die Gees van יהוה het magtig oor hom gekom sodat hy dit verskeur het soos 'n mens 'n jong bokkie verskeur alhoewel hy niks in sy hand gehad het nie, maar hy het nie vir sy vader en moeder vertel wat hy gedoen het nie.
7 Hy het afgegaan en met die vrou gepraat en sy het vir Shimshon goed gelyk.

8 Toe hy later teruggegaan het om haar te gaan haal, het hy uitgedraai om na die karkas van die leeu te kyk en let op, daar was 'n swerm bye en heuning in die karkas van die leeu. Lev 5:2

9 Hy het die heuning in sy hande afgeskraap en al etende aangeloop. Toe hy by sy vader en moeder kom, het hy vir hulle gegee en hulle het geëet, maar hy het hulle nie vertel dat hy die heuning uit die liggaam van die leeu uitgeskraap het nie.

10 Toe het sy vader na die vrou toe afgegaan en Shimshon het 'n feesmaal daar gehou, want die jongmanne het die gebruik gehad om dit te doen.

11 Toe hulle hom sien, het hulle dertig vriende gebring om by hom te wees.

12 Toe sê Shimshon vir hulle: "Laat my nou vir julle 'n raaisel voorlê; as julle dit uitvind en vir my vertel gedurende die sewe dae van die feesmaal, dan sal ek vir julle dertig linne klede en dertig stelle klere gee.

13 As julle my egter nie kan vertel nie, dan moet júlle my dertig linne klede en dertig stelle klere gee." Hulle sê vir hom: "Lê maar jou raaisel voor sodat ons dit kan hoor."

14 Hy sê vir hulle: "Vanuit die eter kom iets om te eet en uit die sterke kom iets soets." Vir drie dae lank kon hulle nie die raaisel antwoord nie.

15 Toe het dit gebeur op die vierde dag dat hulle vir Shimshon se vrou gesê het: "Verlei jou man sodat hy die raaisel vir ons vertel, anders verbrand ons jou en die huis van jou vader met vuur. Het julle ons genooi om ons te verarm, of nie?"

16 Shimshon se vrou het voor hom gehuil en gesê: "Jy haat my net en het my nie lief nie; jy het 'n raaisel voor die seuns van my volk gelê en my nie vertel nie. Hy antwoord haar: "Let op, ek het dit nie vir my vader en moeder vertel nie, moes ek jou vertel?"

17 Sy het egter vir die sewe dae wat die feesmaal geduur het, by hom gehuil en op die sewende dag het hy haar vertel, want sy het hard druk op hom geplaas. Sy het toe die raaisel vir die seuns van haar volk vertel.

18 Op die sewende dag, voor sonsondergang, sê die manne van die stad vir hom: "Wat is soeter as heuning en wat is sterker as 'n leeu?" Hy antwoord hulle: "As julle nie met my kalf geploeg het nie, sou julle my raaisel nie uitgevind het nie."

19 Toe het die Gees van יהוה magtiglik oor hom gekom en hy het afgegaan na Ashkelon en dertig van hulle doodgemaak en hulle uitrustings gevat en die stelle klere aan hulle wat die raaisel vertel het gegee. Sy woede het gebrand en hy het opgegaan na die huis van sy vader.

20 Shimshon se vrou is egter vir sy metgesel gegee, wat sy vriend was.

15 1 Na 'n tyd, tydens die koringoes het Shimshon sy vrou besoek met 'n jong bokkie en gesê: "Ek wil by my vrou ingaan in haar kamer," maar haar vader het hom nie toegelaat om in te gaan nie.

2 Haar vader het gesê: "Ek het regtig gedink dat jy haar intens haat; ek het haar aan jou metgesel gegee. Is haar jonger suster nie mooier as sy nie? Laat sy joune wees in haar plek."

3 Shimshon het toe vir hulle gesê: "Hierdie keer sal ek skuldloos wees teenoor die F'lishtyne wanneer ek hulle kwaad aandoen."

4 Shimshon het gegaan en drie honderd jakkalse gevang, hulle stert teen stert gedraai en fakkels gevat en 'n fakkel in die middel tussen twee sterte gesit.
5 Toe hy die fakkels aan die brand gesteek het, het hy die jakkalse in die ongesnyde graan van die F'lishtyne losgelaat en so die miedens sowel as die ongesnyde graan, saam met die wingerde en olyfboorde aan die brand gesteek.
6 Toe vra die F'lishtyne: "Wie het dit gedoen?" Hulle sê: "Shimshon, die skoonseun van die man van Timnah omdat dié sy vrou gevat en haar vir sy metgesel gegee het." Die F'lishtyne het opgegaan en haar en haar vader met vuur verbrand.
7 Shimshon sê vir hulle: "Aangesien julle so optree, sal ek my sekerlik op julle wreek, maar daarna sal ek ophou."
8 Hy het hulle genadeloos geslaan met 'n groot slag en hy het afgegaan en gebly in die rotskloof van `Eitam.
9 Toe het die F'lishtyne opgegaan en gekamp in Y'hudah en uitgesprei tot by Legi.
10 Die manne van Y'hudah het gevra: "Waarom het julle teen ons opgetrek?" Hulle sê: "Ons het opgetrek om Shimshon vas te bind, om aan hom te doen soos hy aan ons gedoen het."
11 Toe trek drie duisend man uit Y'hudah af na die rotskloof van `Eitam en vra vir Shimshon: "Weet jy nie dat die F'lishtyne heersers is oor ons nie? Wat is dit wat jy ons nou aangedoen het?" Hy sê vir hulle: "Soos hulle aan my gedoen het, so het ek aan hulle gedoen."
12 Hulle sê vir hom: "Ons het afgekom om jou vas te bind sodat ons jou kan oorgee in die hand van die F'lishtyne." Shimshon sê vir hulle: "Sweer vir my dat julle my nie sal doodmaak nie."
13 Hulle antwoord hom: "Nee, maar ons sal jou vasbind en oorgee in hulle hand; tog sal ons jou sekerlik nie doodmaak nie." Toe bind hulle hom vas met twee nuwe toue en bring hom op vanuit die rots.
14 Toe hy by Legi kom, het die F'lishtyne hom skreeuend tegemoet gekom. Die Gees van יהוה het magtig oor hom gekom sodat die toue wat aan sy arms was, soos linne, wat in vuur gebrand is, geword het en sy bande het van sy hande afgeval.
15 Hy het 'n vars donkiekakebeen gevind, sy hand uitgesteek en dit gevat en 'n duisend man daarmee doodgemaak.
16 Toe sê Shimshon: "Met die kakebeen van 'n donkie, hope op hope; met die kakebeen van 'n donkie het ek 'n duisend man doodgemaak."
17 Toe hy klaar gepraat het, gooi hy die kakebeen uit sy hand uit en noem dié plek Ramat-Legi.
18 Toe het hy baie dors geword en hy roep uit na יהוה en sê: "U het hierdie groot bevryding deur die hand van U dienskneg gegee en moet ek nou van dors sterf en in die hand van die onbesnedenes val?"
19 God kloof egter die holte wat by Legi is oop sodat daar water uitkom. Toe hy gedrink het, het sy krag teruggekom en hy is verfris. Hy het dit daarom `Ein-HaKorei genoem, wat vandag nog in Legi is.
20 Hy het Yisra'el in die dae van die F'lishtyne vir twintig jaar lank gerig.

16 1 Toe het Shimshon na `Azah gegaan waar hy 'n hoer gesien en by haar ingegaan
het.
2 Toe die manne van `Azah die boodskap kry: "Shimshon het hiernatoe gekom,"
omsingel hulle hom en wag die hele nag vir hom by die stadspoort en hulle het die
hele nag lank stilgebly en gesê: "Teen dagbreek sal ons hom doodmaak."
3 Shimshon het gelê tot middernag en teen middernag het hy opgestaan en die deure
van die stadspoort en die twee deurposte gegryp en dié met balk en al uitgeruk,
hulle op sy skouers gesit en opgedra na die top van die berg wat oorkant Hevron
lê.
4 Hierna het dit gebeur dat hy 'n vrou in die dal van Sorek, wie se naam D'lilah was,
liefgehad het.
5 Toe kom die meesters van die F'lishtyne na haar toe op en sê vir haar: "Verlei hom
en vind uit waarin sy groot krag lê en hoe ons hom kan oorweldig om hom vas te
bind en te teister, dan sal ons jou elkeen elf honderd sikkels silwer gee."
6 D'lilah vra vir Shimshon: "Vertel my asseblief waarin jou groot krag is en waarmee
jy vasgebind kan word om jou te pla."
7 Shimshon sê vir haar: "As hulle my bind met sewe vars koorde wat nie uitgedroog
is nie, dan sal ek swak word en wees soos enige man."
8 Toe het die meesters van die F'lishtyne vir haar sewe vars koorde gebring wat nie
uitgedroog was nie en sy het hom daarmee vasgebind.
9 Sy het manne in die binnekamer laat wag en sy sê vir hom: "Die F'lishtyne is op jou,
Shimshon!" Hy breek egter die koorde, soos 'n vlastou breek as dit aan vuur raak.
Sy krag is nie uitgevind nie.
10 Toe sê D'lilah vir Shimshon: "Let op, jy het my mislei en vir my leuens vertel;
vertel my nou asseblief hoe jy vasgebind kan word."
11 Hy antwoord haar: "As hulle my stewig vasbind met nuwe toue wat nie gebruik is
nie, dan sal ek swak word en wees soos enige man."
12 D'lilah het nuwe toue gevat en hom daarmee vasgebind en vir hom gesê: "Die
F'lishtyne is op jou, Shimshon," want die manne het in die binnekamer gewag,
maar hy het die toue soos 'n garingdraad van sy arms afgebreek."
13 Toe sê D'lilah vir Shimshon: "Tot nou toe het jy my mislei en vir my leuens vertel;
vertel my hoe jy vasgebind kan word." Hy antwoord haar: "As jy die sewe lokke
van my hare saam met die weefnet invleg en met 'n pen vasmaak."
14 Terwyl hy slaap, vat D'lilah die sewe lokke van sy hare, weef dit in die weefnet,
steek dit vas met die pen en sê vir hom: "Die F'lishtyne is op jou, Shimshon!" Hy
het wakker geword uit sy slaap en die weefpen met die weefnet uitgeruk.
15 Toe sê sy vir hom: "Hoe kan jy sê: 'Ek het jou lief!' terwyl jou binneste nie met
my is nie? Jy het my nou hierdie drie keer mislei en my nie vertel waar jou groot
krag is nie".
16 Dit het gebeur toe sy hom daagliks met haar woorde gedruk en by hom aangedring
het dat sy gees vies was tot die dood toe.

17 Hy het vir haar alles vertel wat in sy gemoed was en vir haar gesê: "Daar het nooit 'n skeermes oor my kop gekom nie, want ek is 'n Natzir tot God van my moeder se baarmoeder af. As ek geskeer word, sou my krag my verlaat en ek sal swak word en wees soos enige man."
18 Toe D'lilah sien dat hy haar alles vertel het wat in sy binneste was, stuur sy en laat die meesters van die F'lishtyne roep en sê: "Kom weer 'n keer op, want hy het vir my alles wat in sy binneste was, vertel." Toe kom die meesters van die F'lishtyne op na haar toe en bring die geld in hulle hande.
19 Sy het hom op haar skoot laat slaap en 'n man geroep en hom die sewe haarlokke laat afskeer. Toe het sy hom begin lastig val en sy krag het hom verlaat.
20 Sy het gesê: "Die F'lishtyne is op jou, Shimshon!" Hy het uit sy slaap wakker geword en gesê: "Ek sal uitgaan soos die vorige kere en myself losruk." Hy het egter nie geweet dat יהוה van hom af weggegaan het nie.
21 Die F'lishtyne het hom gegryp, sy oë uitgesteek, hom afgebring na `Azah en hom met koperkettings vasgebind en hy was 'n maler in die gevangenis.
22 Die hare van sy kop het egter weer begin groei nadat dit afgeskeer is.
23 Die meesters van die F'lishtyne het bymekaargekom om 'n groot offer te bring aan hulle god Dagon en om hulle te verbly, want hulle het gesê: "Ons god het ons vyand, Shimshon, in ons hand gegee."
24 Toe die mense hom sien, het hulle hul god geprys, want hulle het gesê: "Ons god het ons vyand, die vernietiger van ons land, wat baie van ons doodgeslaan het, in ons hand gegee."
25 Dit het so gebeur dat toe hulle gees opgelig was, hulle sê: "Laat Shimshon haal sodat hy ons kan vermaak." Hulle het Shimshon uit die gevangenis laat haal en hy het hulle vermaak. Hulle het hom tussen die pilare laat staan.
26 Toe sê Shimshon vir die jongman wat sy hand vasgehou het: "Laat my die pilare voel waarop die huis rus dat ek teen hulle kan leun."
27 Nou, die huis was vol manne en vroue en al die meesters van die F'lishtyne was daar en omtrent drie duisend manne en vroue was op die dak wat gekyk het hoe Shimshon hulle vermaak.
28 Toe roep Shimshon uit na יהוה en sê: "Meester, יהוה, onthou my asseblief en versterk my asseblief net hierdie keer, o God, sodat ek in 'n oomblik vir my twee oë gewreek mag word teen die F'lishtyne!"
29 Shimshon het sy arms om die twee middelste pilare waarop die huis gerus het, geslaan en homself teen hulle gedruk, die een met sy regter en die ander met sy linkerhand.
30 Shimshon het gesê: "Laat my sterf saam met die F'lishtyne!" Hy het met al sy krag gebuig sodat die huis ingeval het op die meesters en op al die mense wat daarin was. So was die dooies wat hy met sy sterwe gedood het, meer as die wat hy in sy lewe gedood het.
31 Toe het sy broers en sy vader se hele huishouding afgekom en hom opgevat en hom begrawe tussen Tzor'ah en Eshta'ol, in die graf van sy vader Manoag. So het hy Yisra'el vir twintig jaar lank gerig.

17 1 Daar was 'n man van die bergland van Efrayim met die naam van Mikhay'hu.
2 Hy het vir sy moeder gesê: "Die elf honderd sikkels silwer wat van u gevat is en waaroor u 'n vloek uitgespreek het voor my ore, let op, die geld is by my, ék het dit gevat." Sy moeder sê: "Geseënd is my seun deur יהוה!"
3 Hy het toe die elf honderd sikkels silwer aan sy moeder teruggegee en sy moeder het gesê: "Ek sonder die geld ten volle uit my hand uit af aan יהוה sodat my seun 'n gesnede en 'n gegote beeld kan maak; daarom sal ek dit nou aan jou teruggee."
4 Toe hy die silwer aan sy moeder teruggegee het, vat sy moeder twee honderd sikkels silwer en gee dit aan 'n silwersmid, wat dit in 'n gesnede en 'n gegote beeld gemaak het wat in die huis van Mikhay'hu was.
5 Die man Mikhay'hu het 'n huistempel gehad en hy het 'n skouerkleed en huisafgode gemaak en een van sy seuns afgesonder om vir hom 'n priester te wees.
6 In daardie dae was daar geen koning in Yisra'el nie: elke man het gedoen wat reg was in sy eie oë.
7 Daar was 'n jongman van Beit-Legem in Y'hudah, uit die familie van Y'hudah, wat 'n Leviet was en hy het daar gebly.
8 Toe het die man uit die stad, uit Beit-Legem in Y'hudah, getrek om te bly waar hy ook al plek kon kry en op sy reis het hy in die bergland van Efrayim gekom, by die huis van Mikhay'hu.
9 Mikhay'hu vra vir hom: "Waar kom u vandaan?" Hy sê vir hom: "Ek is 'n Leviet, uit Beit-Legem in Y'hudah en ek gaan bly waar ek ook al 'n plek kan kry."
10 Mikhay'hu sê toe vir hom: "Bly by my en wees vir my soos 'n vader en 'n priester en ek sal vir u jaarliks tien sikkels silwer en 'n stel klere en u versorging gee." Die Leviet het ingegaan.
11 Die Leviet het ingewillig om by die man te bly en die jongman het vir hom geword soos een van sy seuns.
12 Mikhay'hu het die Leviet afgesonder en die jongman het sy priester geword en in die huis van Mikhay'hu gebly.
13 Toe sê Mikhay'hu: "Nou weet ek dat יהוה my voorspoedig sal laat wees omdat ek 'n Leviet as priester het.

18 1 In daardie dae was daar geen koning in Yisra'el nie en in dié dae het die stam van die Daniete vir hulleself 'n erfenis gesoek om in te bly, want tot daardie dag toe is al hulle erfenis nog nie aan hulle toegestaan tussen die stamme van Yisra'el nie.
2 Die seuns van Dan het vanuit al die getalle van hulle familie vyf manne, dapper manne uit Tzor'ah en Eshta'ol gestuur om die land te verken en dit te deursoek en vir hulle gesê: "Gaan deursoek die land." Hulle het in die Bergland van Efrayim gekom en in die huis van Mikhay'hu gebly.
3 Terwyl hulle naby die huis van Mikhay'hu was, het hulle die stem van die jongman, die Leviet, herken en hulle het daar afgedraai en vir hom gesê: "Wie het jou hierheen gebring, wat maak jy hier en wat het jy hier?"
4 Hy sê vir hulle: "So en so het Mikhay'hu aan my gedoen en hy het my gehuur en ek het sy priester geword."

5 Hulle vra vir hom: "Raadpleeg God asseblief sodat ons kan weet of ons pad waarop ons gaan, voorspoedig sal wees."
6 Die priester sê vir hulle: "Gaan in vrede; die pad waarop julle gaan, het יהוה se goedkeuring.
7 Toe gaan die vyf manne weg en hulle kom by Layish en sien dat die mense wat daarin is in veiligheid bly volgens die lewenswyse van die Tzidoniete, stil en veilig, want daar was geen heerser wat hulle verneder het vir enige iets in die land nie en hulle was ver van die Tzidoniete af en het geen transaksies met enige mens gehad nie.
8 Toe hulle by hul broers terugkom in Tzor'ah en Eshta'ol, sê hul broers vir hulle: "Wat rapporteer julle?"
9 Hulle antwoord: "Staan op en laat ons teen hulle optrek, want ons het die land gesien en let op, dit is baie goed. Moenie twyfel of uitstel om in te gaan en die land in besit te neem nie.
10 As julle ingaan, sal julle by 'n gemaksveilige volk kom met 'n uitgestrekte land, want God het dit in julle hand gegee, 'n plek wat niks te kort het aan enige iets op die aarde nie."
11 Toe het ses honderd man, bewapen met oorlogswapens, uit die familie van die Daniete, uit Tzor'ah en Eshta'ol, weggetrek.
12 Hulle het opgetrek en kamp opgeslaan by Kiryat-Ye'arim in Y'hudah. Hulle noem daarom dié plek Maganeh-Dan tot vandag toe; let op, dit lê wes van Kiryat-Ye'arim.
13 Hulle het van daar oorgegaan na die Bergland van Efrayim en gekom by die huis van Mikhay'hu.
14 Toe het die vyf man, wat gegaan het om die land van Layish te verken, aan hulle bloedverwante gesê: "Weet julle dat in hierdie huise 'n skouerkleed, huisafgode, 'n gesnede en 'n gegote beeld is? Nou dan, oorweeg wat julle moet doen!"
15 Hulle het daar afgedraai en by die huis van die jongman, die Leviet, die huis van Mikhay'hu gekom en hom na sy welstand gevra.
16 Die ses honderd man, met hulle oorlogswapens, uit die seuns van Dan, het by die ingang van die poort gestaan.
17 Die vyf man wat gegaan het om die land te verken, het opgegaan, daar ingegaan en die gesnede beeld, die skouerkleed, die huisgode en die gegote beeld gevat terwyl die priester by die ingang van die poort gaan staan het saam met die ses honderd man wat met oorlogswapens bewapen is.
18 Toe daardie manne in die huis van Mikhay'hu ingegaan en die gesnede beeld, die skouerkleed, die huisgode en die gegote beeld gevat het, vra die priester vir hulle: "Wat maak julle?"
19 Hulle sê vir hom: "Bly stil, sit jou hand oor jou mond, kom saam met ons en wees vir ons 'n vader en 'n priester. Is dit vir jou beter om priester te wees vir die huis van een man of om priester te wees vir 'n stam en 'n familie in Yisra'el?"
20 Die priester se verstand, wil en emosie was bly en hy vat die skouerkleed, die huisgode en die gesnede beeld en gaan saam met die mense.
21 Toe het hulle gedraai en weggegaan en die vee, die waardevolle goed en die beeste voor hulle gesit.

22 Nadat hulle 'n ent weg was van Mikhay'hu se huis af, is die manne van die huise wat naby Mikhay'hu se huis staan, bymekaargeroep en hulle het die seuns van Dan ingehaal.
23 Hulle het uitgeroep na die seuns van Dan, wat omgedraai en vir Mikhay'hu gesê het: "Wat is dit met jou dat julle bymekaargekom het?"
24 Hy het gesê: "Julle het my gode, wat ek gemaak het, weggevat saam met die priester en julle het weggegaan; wat het ek behalwe dit? Hoe kan julle vir my sê: 'Wat is dit met jou?'"
25 Die seuns van Dan sê vir hom: "Moenie jou stem tussen ons laat hoor nie, anders sal woeste en wrede manne julle oorval en jy sal jou lewe en die lewe van jou huishouding verloor."
26 Die seuns van Dan het aangegaan op hul pad en toe Mikhay'hu sien dat hulle te sterk was vir hom, het hy omgedraai en teruggegaan na sy huis.
27 Toe het hulle gevat wat Mikhay'hu gemaak het en die priester wat aan hom behoort het en hulle het by Layish, 'n rustige en gemaksveilige volk, gekom en hulle met die skerpte van die swaard verslaan en die stad met vuur verbrand.
28 Daar was niemand om hulle te bevry nie, want dit was ver van Tzidon af en hulle het met niemand transaksies aangegaan nie. Dit was in die vallei naby Beit-Regov. Hulle het die stad herbou en daarin gebly.
29 Hulle het die stad Dan genoem, volgens die naam van hulle vader Dan wat vir Yisra'el gebore is, maar tevore was die naam van die stad Layish.
30 Die seuns van Dan het vir hulle die gesnede beeld opgerig en Y'honatan, die seun van Gershom, die seun van M'nasheh, hy en sy seuns was priesters vir die stam van die Daniete tot op die dag dat die land oorgeneem is.
31 So het hulle vir hulleself die gesnede beeld van Mikhay'hu opgerig wat hy gemaak het, al die dae dat die huis van God in Shiloh was.

19 1 Nou het dit gebeur in daardie dae, toe daar geen koning in Yisra'el was nie, dat 'n sekere Leviet in die Bergland van Efrayim gebly het, wat vir homself 'n byvrou gevat het uit Beit-Legem in Y'hudah.
2 Sy byvrou het egter teen hom hoereer en van hom af weggegaan na haar vader se huis in Beit-Legem, Y'hudah en sy was daar vir 'n tydperk van vier maande.
3 Toe staan haar man op en gaan agter haar aan om sag met haar te praat en haar terug te bring en vat sy dienskneg saam met hom, met 'n paar donkies. Sy het hom in haar vader se huis ingebring en toe die jong vrou se vader hom sien, was hy bly om hom te ontmoet.
4 Sy skoonvader, die vader van die jong vrou, het hom teruggehou sodat hy drie dae by hom gebly het. Hulle het geëet en gedrink en daar oorgebly.
5 Op die vierde dag het hulle vroeg in die oggend opgestaan en hy het klaargemaak om te gaan en die vader van die jong vrou sê vir sy skoonseun: "Versterk jouself met 'n stukkie brood en daarna kan julle gaan."
6 Albei het gaan sit en saam geëet en gedrink en die vader van die jong vrou sê aan die man: "Wees asseblief gewillig om die nag te bly en laat jou gemoed vrolik wees."

7 Toe het die man opgestaan om te gaan, maar sy skoonvader het by hom aangedring sodat hy weer die nag daar oorgebly het.
8 Op die vyfde dag het hy opgestaan om vroeg in die oggend te gaan en die vader van die jong vrou sê: "Verkwik jouself en wag tot namiddag." Beide van hulle het geëet.
9 Toe die man opstaan om saam met sy byvrou en sy dienskneg weg te gaan, sê sy skoonvader, die vader van die jong vrou, vir hom: "Let nou op, die dag is op sy einde; bly asseblief die nag oor sodat jou gemoed vrolik kan wees, dan, môre, kan julle vroeg opstaan vir julle reis sodat julle huis toe kan gaan.
10 Die man was egter nie gewillig om die nag oor te bly nie en hy het opgestaan en vertrek en saam met 'n paar opgesaalde donkies en sy byvrou by 'n plek oorkant Y'vus (dit is Yerushalayim) aangekom.
11 Toe hulle Y'vus nader, was die dag amper verby en die dienskneg sê vir sy meester: "Kom, asseblief en laat ons uitdraai na hierdie stad van die Y'vusiete en daarin oornag."
12 Sy meester sê egter vir hom: "Ons sal nie uitdraai na 'n stad van vreemdelinge wat nie van die seuns van Yisra'el is nie, maar ons sal aangaan so ver as Giv'ah.
13 Hy sê vir sy dienskneg: "Kom, laat ons nader gaan na een van hierdie plekke en in Giv'ah of Ramah oornag.
14 Hulle het verbygetrek en op hulle pad gegaan en die son het oor hulle ondergegaan naby Giv'ah wat aan Binyamin behoort.
15 Hulle het daar afgedraai om in Giv'ah in te gaan en te bly. Toe hulle ingegaan het, het hulle in die oop plein van die stad gaan sit, want niemand het hulle in sy huis ingeneem om te oornag nie.
16 Let op, 'n ou man het uit die veld van sy werk af gekom teen sonsondergang. Die man was vanaf die Bergland van Efrayim afkomstig en het in Giv'ah gebly, maar die manne van die plek was Binyaminiete.
17 Hy het sy oë opgelig en die reisiger op die oop plein van die stad gesien en die ou man vra: "Waar gaan u heen en waar kom u vandaan?"
18 Hy sê vir hom: "Ons gaan deur van Beit-Legem in Y'hudah tot by die afgeleë deel van die Bergland van Efrayim, want ek is van daar en ek het na Beit-Legem in Y'hudah gereis, maar ek gaan na my huis toe en niemand wil my in sy huis inneem nie.
19 Tog is daar beide strooi en voer vir ons donkies en brood en wyn vir my, vir u diensmaagd en vir die jongman wat by u diensknegte is; daar is aan niks gebrek nie."
20 Die ou man sê: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir jou! Laat my net vir al u behoeftes sorg; moet egter net nie op die oop plein oornag nie."
21 Hy het hom in sy huis ingebring en aan die donkies voer gegee en hulle het hul voete gewas en geëet en gedrink.
22 Terwyl hulle feesvier, let op, het die manne van die stad, sekere waardelose manne, die huis omsingel en hard aan die deur geklop en hulle het met die ou man gepraat, die eienaar van die huis en gesê: "Bring die man uit wat in jou huis ingekom het dat ons met hom gemeenskap kan hê."

23 Toe het die man, die eienaar van die huis, uitgegaan na hulle toe en vir hulle gesê: "Nee, my manne, moet asseblief nie so boos optree nie; aangesien hierdie man in my huis ingekom het, moenie hierdie daad van skande doen nie.
24 Hier is my maagdelike dogter en sy byvrou. Laat ek hulle asseblief uitbring, onteer hulle en maak met hulle wat julle ook al wil, maar moenie so 'n daad van skande teen hierdie man doen nie," Lev 18:22,23; 20:13; Rom 1:27; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10
25 maar die manne wou nie na hom luister nie. Die man gryp toe sy byvrou en bring haar uit na hulle toe en hulle het haar verkrag en haar die hele nag deur misbruik tot die oggend toe en haar laat gaan met die aanbreek van die dag.
26 Met dagbreek het die vrou gekom en neergeval by die ingang van die man se huis waar haar meester was, tot daglig toe.
27 Toe haar meester die oggend opstaan en die deure van die huis oopmaak en uitgaan om verder te gaan, let op, het sy byvrou by die ingang van die huis gelê met haar hande op die drumpel.
28 Hy sê vir haar: "Staan op en laat ons gaan," maar daar was geen antwoord nie. Toe sit hy haar op die donkie en die man het opgestaan en na sy huis toe gegaan.
29 Toe hy sy huis binnegaan, het hy 'n mes gevat en sy byvrou vasgehou en haar in twaalf stukke gesny; ledemaat vir ledemaat en haar deur die hele grondgebied van Yisra'el gestuur.
30 Almal wat dit gesien het, het gesê: "So iets het nog nooit gebeur nie en is nie gesien van die dag af dat die seuns van Yisra'el uit die land van Mitzrayim opgetrek het tot vandag toe nie. Oorweeg dit, beraadslaag en praat!"

20 1 Toe het al die seuns van Yisra'el vanaf Dan tot Be'er-Sh'va, insluitende die land van Gil'ad, uitgekom en die vergadering het soos een man in Mitzpah vergader by יהוה.
2 Die leiers van die hele volk, van al die stamme van Yisra'el, het hulle plek ingeneem in die vergadering van die volk van God, vier honderd duisend voetsoldate wat die swaard uittrek.
3 Die seuns van Binyamin het gehoor dat die seuns van Yisra'el opgegaan het na Mitzpah. Die seuns van Yisra'el het gesê: "Vertel hoe hierdie boosheid gedoen is."
4 Die Leviet, die man van die vermoorde vrou, antwoord en sê: "Ek en my byvrou het in Giv'ah, wat aan Binyamin behoort, gekom, om te oornag,
5 maar die manne van Giv'ah het teen my opgestaan en die huis omsingel in die nag as gevolg van my. Hulle het beplan om my dood te maak; in plaas daarvan, het hulle my byvrou onteer sodat sy gesterf het.
6 Ek het my byvrou gevat en haar in stukke opgesny en haar rondgestuur in die hele gebied van die erfenis van Yisra'el omdat hulle boosheid en 'n skandelike daad in Yisra'el gepleeg het.
7 Let op, al julle seuns van Yisra'el, gee julle aanbeveling en raad!"
8 Toe staan die hele volk op soos een man en sê: "Geeneen van ons sal na sy tent toe gaan of enige een van ons sal teruggaan na sy huis toe nie,

9 maar dit is nou die ding wat ons aan Giv'ah sal doen: gaan op teen hom volgens die lot!
10 Ons sal tien man vat uit elke honderd van al die stamme van Yisra'el, 'n honderd uit 'n duisend en 'n duisend uit tien duisend, om kos vir die manne te voorsien sodat wanneer hulle by Giv'ah van Binyamin kom, hulle hul mag straf vir die skandelike dade wat hulle in Yisra'el gepleeg het."
11 Dus was al die manne van Yisra'el vergader teen die stad, eensgesind soos een man.
12 Toe stuur die stamme van Yisra'el manne deur die hele stam van Binyamin en sê: "Wat is hierdie boosheid wat tussen julle gebeur het?
13 Nou dan, lewer die waardelose manne uit wat in Giv'ah is dat ons hulle kan doodmaak en hierdie boosheid uit Yisra'el uitroei." Die seuns van Binyamin wou egter nie na die stem van hulle broers, die seuns van Yisra'el, luister nie.
14 Die seuns van Binyamin het uit die stede in Giv'ah bymekaargekom om uit te trek in oorlog teen die seuns van Yisra'el.
15 Die seuns van Binyamin, vanuit die stede, is op dié dag getel: ses en twintig duisend man wat die swaard uittrek, behalwe die inwoners van Giv'ah wat getel is: sewe honderd uitgesoekte manne.
16 Uit al hierdie manne was daar sewe honderd uitgesoekte manne wat links was; elkeen kon 'n klip na 'n haar slinger sonder om te mis.
17 Toe is die manne van Yisra'el, behalwe Binyamin, getel: vier honderd duisend man wat die swaard uittrek, hulle almal was soldate.
18 Die seuns van Yisra'el het opgestaan, opgegaan na Beit-El en God geraadpleeg en gesê: "Wie van ons moet eerste optrek om te veg teen die seuns van Binyamin?" Toe sê יהוה: "Y'hudah eerste."
19 Die seuns van Yisra'el het die oggend opgestaan en teen Giv'ah gekamp.
20 Die manne van Yisra'el het uitgegaan om te veg teen Binyamin en die manne van Yisra'el het opgestel vir die geveg by Giv'ah.
21 Toe kom die seuns van Binyamin uit Giv'ah uit en hulle het op dié dag twee en twintig duisend man van Yisra'el teen die grond geslaan,
22 maar die volk, die manne van Yisra'el, het hulleself bemoedig en hulle weer opgestel op die plek waar hulle die eerste dag opgestel het.
23 Die seuns van Yisra'el het opgegaan en gehuil voor יהוה tot die aand toe en יהוה geraadpleeg en gesê: "Moet ons weer optrek om te veg teen die seuns van my broer, Binyamin?" יהוה sê: "Trek teen hom op!"
24 Toe kom die seuns van Yisra'el teen die seuns van Binyamin die tweede dag.
25 Binyamin het uit Giv'ah op die tweede dag teen hulle uitgegaan en van die seuns van Yisra'el nog agttien duisend man wat almal die swaard uittrek, teen die grond geslaan.
26 Toe het al die seuns van Yisra'el en die hele volk opgegaan na Beit-El en gehuil; daar het hulle gebly voor die Teenwoordigheid van יהוה en dié dag gevas tot die aand toe en brandoffers en vredesoffers voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer.
27 Die seuns van Yisra'el het יהוה geraadpleeg (want die ark van die verbond van God was in dié dae daar,

28 en Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, het in dié dae voor dit gestaan) en gesê: "Moet ek weereens uitgaan in geveg teen die seuns van my broer, Binyamin, of moet ek ophou?" יהוה sê: "Gaan op, want môre sal Ek hulle in jou hand gee."
29 Yisra'el het rondom Giv'ah manne in hinderlaag opgestel.
30 Die seuns van Yisra'el het op die derde dag teen die seuns van Binyamin opgegaan en hulle teen Giv'ah opgestel soos die vorige kere.
31 Die seuns van Binyamin het uitgegaan teen die manne en is weggelok van die stad af en het soos die vorige kere begin om sommige van die manne op die grootpaaie, waarvan die een opgaan na Beit-El en die ander na Giv'ah en in die veld te slaan en te dood; omtrent dertig man van Yisra'el.
32 Die seuns van Binyamin het gesê: "Hulle is voor ons verslaan soos die eerste keer," maar die seuns van Yisra'el het gesê: "Laat ons vlug om hom van die stad af weg te trek na die grootpaaie toe."
33 Toe staan al die manne van Yisra'el op uit hulle plekke en neem stelling in by Ba'al-Tamar en die manne van Yisra'el wat in hinderlaag was ruk op uit hulle plekke, uit die grotte van Giv'ah.
34 Toe tien duisend uitgesoekte manne uit die hele Yisra'el teen Giv'ah aankom, het die geveg hewig geword, maar Binyamin het nie geweet dat die ramp naby hulle was nie.
35 יהוה het Binyamin voor Yisra'el verslaan sodat die seuns van Yisra'el op dié dag vyf en twintig duisend een honderd man, wat almal die swaard uittrek, van Binyamin vernietig het.
36 Die seuns van Binyamin het gesien dat hulle verslaan is. Toe die manne van Yisra'el ruimte vir Binyamin gee omdat hulle vertrou het op die manne in die hinderlaag wat hulle teen Giv'ah opgestel het,
37 het die manne in die hinderlaag vinnig teen Giv'ah gestorm; die manne in die hinderlaag het ook ontplooi en die hele stad met die skerpte van die swaard verslaan.
38 Die gegewe teken tussen die manne van Yisra'el en die manne in die hinderlaag was dat hulle 'n groot rookwolk uit die stad sal laat optrek.
39 Toe het die manne van Yisra'el omgedraai in die geveg en Binyamin het begin om ongeveer dertig man van Yisra'el neer te slaan, want hulle het gedink: "Hulle is sekerlik voor ons verslaan soos in die eerste geveg."
40 Toe die wolk egter begin optrek uit die stad in 'n rookpilaar het Binyamin agter hom gekyk en let op, die hele stad het in rook opgegaan na die hemel!
41 Toe het die manne van Yisra'el omgedraai en die manne van Binyamin was vreesbevange, want hulle het gesien dat die ramp naby hulle was;
42 daarom het hulle hul rûe op die manne van Yisra'el gedraai in die rigting van die wildernis, maar die geveg het hulle ingehaal terwyl die wat uit die stede kom, hulle tussen hulle vernietig.
43 Hulle het Binyamin omsingel, hulle agtervolg sonder rus en hulle vertrap oorkant Giv'ah, aan die oostekant.

44 So het daar agttien duisend man van Binyamin geval en almal was dapper soldate.
45 Die res het omgedraai en na die wildernis gevlug, na die rots van Rimmon, maar hulle het vyf duisend van hulle op die grootpaaie gevang en hulle ingehaal by Gid'om en twee duisend van hulle doodgemaak.
46 Al die gesneuweldes van Binyamin op dié dag was vyf en twintig duisend man wat die swaard uittrek en almal van hulle was dapper soldate,
47 maar ses honderd man het omgedraai en gevlug na die wildernis, na die rots van Rimmon en vier maande by die rots van Rimmon gebly.
48 Die manne van Yisra'el draai toe terug teen die seuns van Binyamin en verslaan hulle met die skerpte van die swaard, beide die hele stad, met die beeste en alles wat hulle gevind het; hulle het ook al die stede wat hulle gevind het, aan die brand gesteek.

21 1 Die manne van Yisra'el het in Mitzpah gesweer en gesê: "Niemand van ons mag sy dogter aan 'n Binyaminiet as vrou gee nie."
2 Die manne het in Beit-El gekom en daar voor die Teenwoordigheid van God gesit en hulle stem opgelig en bitterlik gehuil
3 en gesê: "Waarom, O יהוה, God van Yisra'el, het dit in Yisra'el gebeur dat daar vandag een stam uit Yisra'el weg is?"
4 Dit het die volgende oggend gebeur dat die manne vroeg opgestaan, daar 'n altaar gebou en brandoffers en vredesoffers gebring het.
5 Toe sê die seuns van Yisra'el: "Wie is daar van al die stamme van Yisra'el wat nie opgegaan het na die vergadering tot יהוה nie?" Omdat hulle 'n plegtige eed geneem het teen die een wat nie opgegaan het na יהוה in Mitzpah nie en gesê het: "Hy sal sekerlik gedood word."
6 Die seuns van Yisra'el het hulle broer Binyamin jammer gekry en gesê: "Daar is vandag een stam uit Yisra'el afgesny.
7 Wat sal ons doen aangaande vroue vir hulle wat oorgebly het, aangesien ons by יהוה gesweer het om nie enige van ons dogters aan hulle in die huwelik te gee nie?"
8 Hulle sê: "Watter een van die stamme van Yisra'el het nie opgegaan na יהוה in Mitzpah nie?" Let op, niemand het uit Yavesh-Gil'ad na die kamp, die vergadering, gekom nie,
9 want toe die volk getel is, let op, daar was niemand van die inwoners van Yavesh-Gil'ad nie.
10 Die vergadering stuur twaalf duisend van die dapper manne daarheen en beveel hulle en sê: "Gaan en slaan die inwoners van Yavesh-Gil'ad met die skerpte van die swaard, saam met die vroue en die kinders.
11 Dit is die ding wat julle moet doen: alles wat manlik is en al die vroue wat gemeenskap met 'n man gehad het, moet julle volkome vernietig."
12 Hulle het tussen die inwoners van Yavesh-Gil'ad vier honderd jong meisies gevind wat geen gemeenskap met 'n man gehad het nie en dié het hulle na die kamp gebring by Shiloh wat in die land Kena'an is.

13 Toe stuur die hele vergadering om met die seuns van Binyamin, wat by die rots van Rimmon was, te praat en vrede met hulle te verklaar.
14 Binyamin het in dié tyd teruggekom en hulle het die vroue wat hulle uit die vroue van Yavesh-Gil'ad lewend behou het, vir hulle gegee; tog was daar nie genoeg vir hulle nie.
15 Die volk was jammer vir Binyamin omdat יהוה 'n skeuring gemaak het onder die stamme van Yisra'el.
16 Toe sê die oudstes van die vergadering: "Wat sal ons doen aangaande vroue vir die wat oorgebly het, aangesien die vroue uit Binyamin vernietig is?
17 Hulle het gesê: "Daar moet 'n erfenis wees vir die oorlewendes van Binyamin sodat 'n stam nie uit Yisra'el uitgedelg mag word nie,
18 maar ons self kan geen vroue uit ons dogters aan hulle gee nie," want die seuns van Yisra'el het gesweer en gesê: "Vervloek is hy wat 'n vrou aan Binyamin gee."
19 Hulle het gesê: "Let op, daar is jaar vir jaar 'n fees tot יהוה in Shiloh, wat noord van Beit-El lê, oos van die grootpad wat opgaan van Beit-El na Sh'khem en suid van Levonah.
20 Hulle het die seuns van Binyamin beveel en gesê: "Gaan lê en wag in die wingerde,
21 kyk en let op, as die dogters van Shiloh uitkom om deel te neem aan die danse, dan moet julle uit die wingerde uitkom en elkeen van julle moet sy vrou, uit die dogters van Shiloh vang en na die land Binyamin gaan.
22 Dit sal gebeur dat as hulle vaders of hulle broers kom om by ons te kla, ons vir hulle sal sê: "Gee hulle vrywilliglik aan óns, want ons het nie vir elkeen 'n vrou in die oorlog gevat nie en ook het julle hulle nie aan hulle gegee nie, anders sou julle nou skuldig wees."
23 Die seuns van Binyamin het so gedoen en vroue gevat volgens hulle getal uit die wat dans, wat hulle weggedra het en hulle het weggegaan en teruggekeer na hul erfenis toe en hulle het die stede herbou en daarin gewoon.
24 Die seuns van Yisra'el het in daardie tyd daarvandaan weggegaan, elkeen na sy stam en na sy familie en elkeen van hulle het daarvandaan uitgegaan na sy erfenis toe.
25 In daardie dae was daar geen koning in Yisra'el nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë.

Die agste boek van die Verbond (Tanakh)

Die derde boek van die Profete

Die derde boek van die Vroeëre Profete

Sh'mu'el Alef

(1 Samuel)

(שמואל - Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is die Magtige God
of - deur die Magtige God gehoor)

Sh'mu'el Alef en Beit was oorspronklik een boek.

Die skrywer(s) van die boeke van Sh'mu'el was bes moontlik Sh'mu'el, Gad en Natan. Sh'mu'el het die eerste 24 hoofstukke van die eerste boek geskryf; Gad, Dawid se vriend, het die geskiedenis voortgesit en Natan het dit voltooi en saamgestel.

1 1 Daar was 'n sekere man uit Ramatayim-Tzofim, van die Bergland van Efrayim
en sy naam was Elkanah, die seun van Yerogam, die seun van Elihu, die seun van
Togu, die seun van Tzuf, van Efrayim.
2 Hy het twee vroue gehad; die naam van die een was Hannah en die naam van
die ander was P'ninah. P'ninah het kinders gehad, maar Hannah het geen kinders
gehad nie.
3 Dié man het elke jaar opgegaan uit sy stad om op sy gesig neer te buig en aan יהוה-
Tzva'ot (יהוה van die leërmag) te offer in Shiloh, waar die twee seuns van `Eli,
Hofni en Pingas, priesters van יהוה was.
4 Wanneer die dag kom dat Elkanah geoffer het, het hy vir sy vrou P'ninah en al haar
seuns en haar dogters 'n porsie gegee,
5 maar aan Hannah het hy 'n dubbele porsie gegee, want hy het Hannah liefgehad,
maar יהוה het haar baarmoeder gesluit.
6 Haar mededingster het haar egter bitterlik geterg om haar te irriteer omdat יהוה haar
baarmoeder gesluit het.
7 Dit het jaar na jaar gebeur, elke keer as sy opgaan na die huis van יהוה, het sy haar
geterg; sy het dan gehuil en wou nie eet nie.
8 Dan sê haar man, Elkanah, vir haar: "Hannah, waarom huil jy en waarom eet jy nie
en waarom is jou binneste treurig? Is ek nie vir jou beter as tien seuns nie?"
9 Hannah het opgestaan nadat hulle geëet en gedrink het in Shiloh en na die Huis van
יהוה gegaan. `Eli, die priester, het op die stoel by die deurpos van die tempel van
יהוה gesit.
10 Sy het, baie bedroef, tot יהוה gebid en bitterlik gehuil.
11 Sy het 'n gelofte gedoen en gesê: "יהוה-Tzva'ot, as U waarlik die ellende van
U diensmaagd raaksien en my onthou en U diensmaagd nie vergeet nie, maar U
diensmaagd 'n seun gee, dan sal ek hom aan יהוה gee al die dae Lev 27; Num 3:43-45 van
sy lewe en 'n skeermes sal nooit op sy kop kom nie." Rig 13:4,5
12 Dit het gebeur terwyl sy aanhou bid voor יהוה dat `Eli haar mond dophou.
13 Hannah het in haar binneste gepraat, net haar lippe het beweeg, maar haar stem is
nie gehoor nie; `Eli het gedink dat sy dronk was.
14 Toe sê `Eli vir haar: "Hoe lank wil jy jouself dronk maak? Sit jou wyn van jou af
weg."
15 Hannah antwoord egter: "Nee, my meester, ek is 'n vrou wat in my gees onderdruk
is; ek het nie wyn of sterk drank gedrink nie, maar ek het my verstand, wil en
emosie voor יהוה uitgestort.
16 Beskou tog nie u dienares as 'n waardelose vrou nie, want ek het tot nou toe vanuit
my groot bekommernis en verdriet gepraat."
17 Toe antwoord `Eli en sê: "Gaan in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en
vergenoegdheid en mag die God van Yisra'el jou versoeke, wat jy van Hom gevra
het, toestaan."
18 Sy sê: "Mag u dienares guns in u oë vind." Die vrou het toe weggegaan en sy het
geëet en haar gesig was nie dieselfde nie.

19 Toe het hulle die oggend vroeg opgestaan en voor יהוה aanbid en teruggegaan na hulle huis in Ramah en Elkanah het 'n intieme verhouding met sy vrou Hannah gehad en יהוה het haar onthou.
20 Dit het gebeur op die tyd nadat Hannah bevrug is dat sy geboorte gegee het aan 'n seun en hom Sh'mu'el genoem het, "want," het sy gesê, "ek het hom van יהוה gevra."
21 Toe het die man, Elkanah, saam met sy huisgesin opgegaan om aan יהוה die jaarlikse offer en sy gelofte-offer te bring,
22 maar Hannah het nie opgegaan nie, want sy het vir haar man gesê: "Wanneer die seun gespeen is, dan sal ek hom bring dat hy voor die Teenwoordigheid van יהוה kan verskyn en daar vir altyd bly."
23 Elkanah, haar man, het vir haar gesê: "Doen wat vir jou die beste is. Bly totdat jy hom gespeen het; mag יהוה net Sy woord bevestig." Die vrou het gebly en haar seun versorg totdat sy hom gespeen het.
24 Toe sy hom gespeen het, het sy hom saam met haar gebring, met 'n drie jaar oue bul, 'n efa meel en 'n houer wyn en sy het hom gebring na die Huis van יהוה in Shiloh, alhoewel die seun jonk was.
25 Toe het hulle die bul geslag en die seun na `Eli toe gebring.
26 Sy het gesê: "Ag, my meester, so waar as u self leef, my meester, ek is die vrou wat hier langs u gestaan en tot יהוה gebid het.
27 Vir hierdie seun het ek gebid en יהוה het my versoek aan my gegee wat ek van Hom gevra het.
28 So het ek hom ook toegewy aan יהוה; al die dae wat hy leef is hy aan יהוה toegewy." Hulle het יהוה daar aanbid.

2 1 Toe het Hannah gebid en gesê: "My verstand, wil en emosie juig in יהוה, my horing is opgelig in יהוה, my mond praat vrymoediglik teen my vyande, want ek verheug my in U verlossing.
2 Daar is niemand afgesonderd soos יהוה nie; inderdaad, daar is niemand buiten U en ook is daar geen Rots soos ons God nie.
3 Moenie meer so trots grootpraat nie; moenie dat arrogansie uit julle mond kom nie, want יהוה is 'n God van kennis en by Hom word die dade geweeg.
4 Die boë van die magtiges is verbreek, maar die swakkes is met krag omgord.
5 Die wat versadig was, het hulleself vir brood uitverhuur, maar die wat honger gehad het, het kos oorgehou. Selfs die onvrugbare het aan sewe geboorte gegee, maar sy wat baie kinders het, kwyn weg.
6 יהוה maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal na Sh'ol en laat opstaan.
7 יהוה maak arm en ryk; Hy verneder, Hy verhoog ook.
8 Hy lig die arme op uit die stof, uit die ashoop lig Hy die behoeftige op, om hulle te laat sit by die edeles en 'n erestoel te laat erf, want aan יהוה behoort die pilare van die aarde en Hy het die wêreld daarop gevestig.
9 Hy bewaar die voete van Sy Godvresendes, maar die bose oortreders word stil gemaak in duisternis, want 'n mens sal nie deur krag oorleef nie.

10 Die wat met יהוה stry, sal verpletter word; teen hulle donder Hy in die hemele; יהוה sal die eindes van die aarde oordeel, Hy sal krag gee aan Sy koning en die horing van Sy gesalfde oplig."
11 Toe het Elkanah na sy huis in Rama gegaan, maar die seun het tot יהוה bedien voor `Eli, die priester.
12 Nou, die seuns van `Eli was bose manne; hulle het nie 'n verbondsverhouding met יהוה gehad
13 of die priesters se gebruike met die mense geken nie. As enige iemand 'n offer gebring het, dan kom die dienskneg van die priester terwyl die vleis kook, met 'n drietand-vurk in sy hand
14 en steek dit in die kastrol, pot, pan of skottel; alles wat die vurk optrek, vat die priester vir homself. So het hulle in Shiloh gedoen met al die Yisra'eliete wat daarheen gekom het.
15 Ook, voordat hulle die vet verbrand, sal die dienskneg van die priester kom en aan die man wat offer sê: "Gee vir die priester vleis om te braai, want hy sal nie gekookte nie, maar net rou vleis van jou vat."
16 As die man vir hom sê: "Hulle moet sekerlik eers die vet verbrand, vat dan soveel as wat jy begeer," dan sal hy sê: "Nee, maar jy moet dit nou gee en so nie sal ek dit met geweld vat." Lev 7:25
17 So was die sonde van die jong manne baie groot voor יהוה, want die manne het die offer aan יהוה verag. Num 18:21,32; 1 Sh'm 2:28,29
18 Sh'mu'el het as seun bedien voor die Teenwoordigheid van יהוה, omgord met 'n linne skouerkleed.
19 Sy moeder het jaar na jaar vir hom 'n klein kledingstukkie gemaak en dit vir hom gebring wanneer sy saam met haar man opgaan om die jaarlikse offer te bring.
20 Dan sal `Eli vir Elkanah en sy vrou seën en sê: "Mag יהוה jou seuns gee uit hierdie vrou in die plek van die een wat sy aan יהוה toegewy het." Hulle het na hulle huis toe gegaan.
21 יהוה het Hannah besoek en sy is bevrug en het geboorte gegee aan drie seuns en twee dogters. Die seun Sh'mu'el het groot geword voor יהוה.
22 `Eli was baie oud en hy het alles wat sy seuns aan die hele Yisra'el doen en hoe hulle by die vroue, wat dien by die ingang van die Tent van Ontmoeting, gelê het, gehoor.
23 Hy het vir hulle gesê: "Waarom doen julle sulke dinge, die bose dinge wat ek van al hierdie mense hoor?
24 Nee, my seuns, die verslag wat ek hoor is nie goed nie, want julle dryf die mense weg van יהוה af.
25 As een mens teen 'n ander sondig, sal God vir hom intree, maar as 'n mens teen יהוה sondig, wie kan vir hom tussenbeide tree?" Hulle wou egter nie na die stem van hul vader luister nie, want יהוה het begeer om hulle dood te maak.
26 Nou die seun Sh'mu'el het gegroei in grootte en in guns by יהוה, sowel as by die mense. Luk 2:52

27 Toe het 'n man van God by `Eli gekom en vir hom gesê: "So sê יהוה: 'Het Ek My nie sekerlik openbaar aan die huis van jou vader toe hulle in Mitzrayim in die huis van Farao was nie?
28 Het Ek hulle nie vir My as priester gekies vanuit al die stamme van Yisra'el om op te klim na My altaar, om reukwerk aan die brand te steek en om 'n skouerkleed voor My te dra nie en het Ek nie aan die huis van jou vader al die vuuroffers van die seuns van Yisra'el gegee nie? Num 18:21,32; 1 Sh'm 2:13-17,29
29 Waarom het julle geskop na (hanteer julle verkeerd) My offers en vrywillige offers wat Ek in die wildernis beveel het en eer jy jou seuns bo My, deur julleself vet te maak met die beste van elke offer van My volk Yisra'el?' Num 18:21,32; 1 Sh'm 2:13-17,28
30 יהוה, die God van Yisra'el verklaar daarom: 'Ek het sekerlik gesê dat jou huis en die huis van jou vader vir altyd voor My aangesig sal loop,' maar nou verklaar יהוה: 'Dit is ver van My, want die wat My eer, sal Ek eer en die wat My verag, sal min geag wees.
31 Let op, die dae kom dat Ek jou sterkte en die sterkte van jou vader se huis sal breek sodat daar nie 'n ou man in jou huis sal wees nie.
32 Jy sal die benoudheid van My huis aanskou, ten spyte van al die goed wat Ek vir Yisra'el doen en vir ewig sal daar nie 'n ou man in jou huis wees nie.
33 Tog sal Ek nie al jou manne afsny van My altaar nie sodat jou oë nie sal huil en jou verstand, wil en emosie treur nie en al die vermeerdering van jou huis, sal in die fleur van die lewe sterf. 1 Kon 2:26-27
34 Hierdie sal vir jou die teken wees wat oor jou twee seuns, oor Hofni en Pingas, sal kom: op een dag sal hulle altwee sterf.
35 Ek sal egter vir My 'n getroue priester opwek wat sal doen volgens wat in My Gees en in My verstand, wil en emosie is en Ek sal vir hom 'n standhoudende huis bou en My gesalfde sal altyd voor My loop.'
36 Almal wat in jou huis oorbly, sal kom om voor hom neer te buig vir 'n stukkie silwer of 'n brood en sê: 'Stel my asseblief aan as een van die priesters sodat ek 'n stukkie brood kan eet'."

3 1 Die jongman Sh'mu'el het יהוה gedien voor `Eli en die boodskap van יהוה was skaars in daardie dae; visioene was daar nie dikwels nie.
2 Dit het gebeur in dié tyd terwyl `Eli op sy plek lê (sy oë het begin swak word, hy kon nie goed sien nie)
3 en die lamp van God nog nie doodgegaan het nie en Sh'mu'el gelê het in die tempel van יהוה, waar die ark van God was
4 dat יהוה na Sh'mu'el geroep het en hy sê: "Hier is ek."
5 Toe hardloop hy na `Eli en sê: "Hier is ek, want u het my geroep," maar hy antwoord: "Ek het nie geroep nie; gaan lê weer." Hy het toe geloop en gaan lê.
6 יהוה het weer geroep: "Sh'mu'el!" Sh'mu'el het opgestaan en na `Eli gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep," maar hy antwoord: "Ek het nie geroep nie, my seun, gaan lê weer."
7 Nou, Sh'mu'el het nog nie 'n verbondsverhouding met יהוה gehad nie; ook was die boodskap van יהוה nog nie aan hom geopenbaar nie.

8 יהוה het Sh'mu'el weer geroep, vir die derde maal en hy het opgestaan en na `Eli gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep." Toe het `Eli onderskei dat יהוה die jongman geroep het
9 en `Eli het vir Sh'mu'el gesê: "Gaan lê en as Hy jou roep, moet jy antwoord: 'Praat, יהוה, want U dienskneg luister.'" Sh'mu'el het geloop en op sy plek gaan lê.
10 Toe het יהוה gekom en gaan staan en geroep soos die ander kere: "Sh'mu'el, Sh'mu'el!" Sh'mu'el het gesê: "Praat, want U dienskneg luister."
11 יהוה het vir Sh'mu'el gesê: "Let op, Ek is op die punt om 'n ding in Yisra'el te doen waarvan albei die ore van elkeen wat dit hoor sal tuit.
12 Op daardie dag sal Ek teen `Eli uitvoer alles wat Ek aangaande sy huis gesê het, van begin tot end,
13 want Ek het hom vertel dat Ek op die punt is om sy huis vir ewig te oordeel vir die onregverdigheid waarvan hy geweet het, want sy seuns het 'n vloek oor hulleself gebring en hy het hulle nie bestraf nie.
14 Ek het daarom teen die huis van `Eli gesweer dat die onregverdigheid van die huis van `Eli tot in ewigheid nie deur offers of geskenke toegedek sal word nie."
15 Sh'mu'el het gelê tot die oggend. Toe het hy die deure van die huis van יהוה oopgemaak, maar Sh'mu'el was bang om die visioen aan `Eli te vertel.
16 Toe het `Eli vir Sh'mu'el geroep en gesê: "Sh'mu'el, my seun!" Hy antwoord: "Hier is ek."
17 Hy vra: "Wat is die boodskap wat Hy met jou gepraat het? Steek dit asseblief nie vir my weg nie. Mag God so aan jou doen en ook meer, as jy iets van al die woorde wat Hy met jou gepraat het, vir my wegsteek."
18 Sh'mu'el het hom alles vertel en niks vir hom weggesteek nie. Hy het gesê: "Hy is יהוה; laat Hom doen wat Hy dink is goed."
19 So het Sh'mu'el gegroei en יהוה was by hom en het nie een van Sy boodskappe onvervuld laat bly nie.
20 Die hele Yisra'el, vanaf Dan tot by Be'er-Sh'va het geweet dat Sh'mu'el bevestig is as 'n profeet van יהוה.
21 יהוה het weer verskyn in Shiloh, want יהוה het Hom openbaar aan Sh'mu'el in Shiloh deur die boodskap van יהוה.

4 1 So het die boodskap van Sh'mu'el tot die hele Yisra'el gekom. Yisra'el het uitgegaan om die F'lishtyne in geveg te ontmoet en langs Even-ha`Ezer gekamp terwyl die F'lishtyne by Afek gekamp het.
2 Die F'lishtyne het opgestel in gevegsorde om Yisra'el te ontmoet. Toe die geveg ontwikkel, is Yisra'el voor die F'lishtyne verslaan, wat ongeveer vier duisend man op die gevegsterrein doodgeslaan het.
3 Toe die manskappe die laer inkom, sê die oudstes van Yisra'el: "Waarom het יהוה ons vandag voor die F'lishtyne verslaan? Laat ons die ark van die verbond van יהוה vanaf Shiloh na ons toe bring dat dit tussen ons inkom en ons verlos van die krag van ons vyande."

4 Die mense het na Shiloh gestuur en hulle het die ark van die verbond van יהוה van die leërskare, wat bo die gérubs bly, daarvandaan gedra en die twee seuns van `Eli, Hofni en Pingas, was daar by die ark van die verbond van God.
5 Soos die ark van die verbond van יהוה die laer inkom, het die hele Yisra'el uitgeroep met 'n groot geskreeu van vreugde sodat die aarde weergalm het.
6 Toe die F'lishtyne die klank van die geskreeu hoor, het hulle gesê: "Wat beteken die geluid van die groot geskreeu in die laer van die Hebreërs?" Toe verstaan hulle dat die ark van יהוה in die kamp ingekom het.
7 Die F'lishtyne was bang, want hulle het gesê: "God het in die kamp ingekom!" Hulle het ook gesê: "Wee ons, want so iets het nog nie vroeër gebeur nie.
8 Wee ons! Wie sal ons red uit die hand van hierdie magtige gode? Hierdie is die gode wat die Mitzrayimiete met allerhande plae getref het en wonderwerke in die wildernis gedoen het.
9 Wees dapper en wees manne, F'lishtyne, of julle sal slawe word vir die Hebreërs soos hulle vir julle slawe was; daarom, wees manne en veg."
10 So het die F'lishtyne geveg, Yisra'el is verslaan en elke man het na sy tent toe gevlug en die slagting was baie groot, want daar het dertig duisend voetsoldate van Yisra'el geval.
11 Die ark van God is ook gevat en die twee seuns van `Eli, Hofni en Pin'gas, het gesterf.
12 'n Man van Binyamin het van die gevegslyn af gehardloop en dieselfde dag in Shiloh aangekom met sy klere geskeur en stof op sy kop.
13 Toe hy kom, let op, `Eli het op sy sitplek langs die pad gesit, ywerig wagtend, want hy was besorg oor die ark van God. Die man het gekom om dit in die stad te vertel en die hele stad het uitgeroep.
14 Toe `Eli dan die geluid van die geskreeu hoor, sê hy: "Wat beteken die geraas van hierdie oproer?" Toe het die man haastig gekom en `Eli vertel.
15 `Eli was agt en negentig jaar oud en sy oë het styf gestaan sodat hy nie kon sien nie.
16 Die man het vir `Eli gesê: "Ek is die een wat vanaf die gevegslyn gekom het. Waarlik, ek het vandag van die gevegslyn af ontvlug." Hy vra: "Hoe het dinge gegaan, my seun?"
17 Toe het die een wat die nuus gebring het, geantwoord: "Yisra'el het voor die F'lishtyne gevlug en daar was ook 'n groot slagting onder die manne en u twee seuns, Hofni en Pin'gas, is dood en die ark van God is gevat."
18 Toe hy die ark van God noem, val `Eli agteroor van die stoel af langs die poort; sy nek is gebreek en hy het gesterf, want hy was oud en swaar. So het hy Yisra'el veertig jaar lank gerig.
19 Sy skoondogter, die vrou van Pin'gas, was verwagtend en op die punt om geboorte te gee en toe sy die tyding hoor dat die ark van God gevat is en dat haar skoonvader en haar man gesterf het, het sy neergekniel en geboorte gegee, want haar pyn het haar oorval.

20 Op die tyd van haar dood, sê die vroue wat by haar staan: "Moenie bang wees nie, want jy het geboorte gegee aan 'n seun," maar sy het nie geantwoord of aandag gegee nie.
21 Sy het die seun I-Khavod genoem en gesê: "Die eer en lof het uit Yisra'el uit weggegaan" omdat die ark van God weggevat is en as gevolg van haar skoonvader en haar man.
22 Sy het gesê: "Die eer en lof is weg uit Yisra'el uit omdat die ark van God gevat is."

5 1 Die F'lishtyne het die ark van God gevat en dit van Even-ha`Ezer af na Ashdod gebring.
2 Toe het die F'lishtyne die ark van God gevat en dit na die huis van Dagon gebring en dit langs Dagon neergesit.
3 Toe die Ashdodiete vroeg die volgende oggend opstaan, let op, het Dagon op sy gesig op die grond voor die ark van יהוה geval. Hulle vat vir Dagon en sit hom weer op sy plek,
4 maar toe hulle die volgende oggend vroeg opstaan, let op, het Dagon op sy gesig op die grond voor die ark van יהוה geval en Dagon se kop en sy twee handpalms lê afgekap op die drumpel; net Dagon se lyf het vir hom oorgebly;
5 daarom trap die priesters van Dagon en almal wat in die huis van Dagon ingaan, tot vandag toe nie op die drumpel van Dagon se huis in Ashdod nie.
6 Die hand van יהוה was swaar op die Ashdodiete en Hy het hulle geteister en hulle getref met gewasse, beide Ashdod en sy grondgebiede.
7 Toe die manne van Ashdod sien dat dit so is, sê hulle: "Die ark van die God van Yisra'el mag nie by ons bly nie, want Sy hand is swaar op ons en op Dagon, ons god.
8 Hulle het gegaan en al die meesters van die F'lishtyne by hulle bymekaar laat kom en gesê: "Wat moet ons met die ark van die God van Yisra'el doen?" Hulle het gesê: "Laat die ark van die God van Yisra'el terug gaan na Gat." Hulle het die ark van die God van Yisra'el terug gebring.
9 Nadat hulle dit oorgebring het, was die hand van יהוה teen die stad met 'n baie groot verwarring en Hy het die mense van die stad getref, beide jonk en oud sodat gewasse op hulle uitgebreek het.
10 Hulle stuur toe die ark van God na `Ekron en toe die ark van God in `Ekron aankom, het die `Ekroniete uitgeroep en gesê: "Hulle het die ark van die God van Yisra'el na ons toe oorgebring om ons en ons mense dood te maak."
11 Hulle het daarom gestuur en al die meesters van die F'lishtyne het vergader en gesê: "Stuur die ark van die God van Yisra'el weg en laat dit na sy eie plek toe teruggaan sodat dit nie ons en ons mense sal doodmaak nie," want daar was 'n dodelike verwarring regdeur die hele stad; die hand van God was baie swaar daar
12 en die mense wat nie gesterf het nie, is met gewasse getref en die geskreeu van die stad het na die hemel opgegaan.

6 1 Die ark van יהוה was nou sewe maande lank in die land van die F'lishtyne
2 en die F'lishtyne het die priesters en die waarsêers geroep en gesê: "Wat moet ons met die ark van יהוה doen? Vertel ons hoe ons dit na sy plek toe moet stuur."
3 Hulle sê: "As julle die ark van die God van Yisra'el wegstuur, moet dit nie leeg wegstuur nie, maar julle moet beslis aan Hom 'n skuldoffer stuur; dan sal julle gesond word en julle sal weet waarom Sy hand nie van julle verwyder word nie.
4 Toe vra hulle: "Wat sal die skuldoffer wees wat ons aan Hom moet teruggee?" Hulle sê: "Vyf goue gewasse en vyf goue muise, volgens die getal van die meesters van die F'lishtyne, want een plaag was oor julle almal en oor julle meesters.
5 Julle moet beelde maak van julle gewasse en beelde van julle muise wat die land teister en julle moet eer, lof en aanbidding gee aan die God van Yisra'el; miskien sal Hy Sy hand verlig oor julle, julle gode en julle land.
6 Waarom dan verhard julle jul verstand, wil en emosie soos die Mitzrayimiete en Farao hulle verhard het? Het hulle hul nie toegelaat om weg te trek nadat Hy hulle swaar gestraf het nie en hulle het weggegaan?
7 Vat en berei daarom 'n nuwe wa voor en twee melkkoeie waar geen juk op was nie; span die koeie in voor die wa en vat hulle kalwers van hulle af weg, huis toe.
8 Vat die ark van יהוה en sit dit op die wa en sit die goue voorwerpe wat julle aan Hom as skuldoffer teruggee, in 'n kis langsaan. Stuur dit dan weg dat dit kan gaan.
9 Hou dop: as dit in die rigting van sy eie gebied, na Beit-Shemesh, opgaan, dan het Hy hierdie groot boosheid aan ons gedoen, maar so nie, dan weet ons dat dit nie Sy hand was wat ons getref het nie: dit het toevallig met ons gebeur."
10 Toe doen die manne so en vat twee melkkoeie en span hulle voor die wa en maak hulle kalwers by die huis toe.
11 Hulle sit die ark van יהוה op die wa, asook die kis met die goue muise en die beelde van hulle gewasse.
12 Die koeie het die reguit pad in die rigting van Beit-Shemesh gevat; hulle het op die hoofpad, al bulkend, geloop sonder om regs of links uit te draai en die meesters van die F'lishtyne het hulle gevolg tot by die grens van Beit-Shemesh.
13 Die mense van Beit-Shemesh was besig om die koringoes af te sny in die vallei. Hulle het hul oë opgeslaan, die ark gesien en hulle was verheug om dit te sien.
14 Die wa het in die veld van Y'hoshua van Beit-Shemesh gekom en daar gaan staan waar daar 'n groot klip was en hulle het die hout van die wa gekloof en die koeie as 'n brandoffer aan יהוה geoffer.
15 Die Leviete het die ark van יהוה afgehaal met die kis wat daarby was, waarin die goue voorwerpe was en hulle op die groot klip neergesit en die manne van Beit-Shemesh het daardie dag aan יהוה brandoffers geoffer en slagoffers geslag.
16 Toe die vyf meesters van die F'lishtyne dit sien, het hulle daardie dag teruggegaan na `Ekron.
17 Hierdie is die goue gewasse wat die F'lishtyne as 'n skuldoffer aan יהוה teruggegee het: vir Ashdod een, vir Gazah een, vir Ashkelon een, vir Gat een, vir `Ekron een.

18 Die goue muise was volgens die getal van al die stede van die F'lishtyne wat aan die vyf meesters behoort het, beide van die versterkte stede, sowel as van die plattelandse dorpe. Die groot klip waarop hulle die ark van יהוה neergesit het, is tot vandag toe getuie in die veld van Y'hoshua, van Beit-Shemesh.
19 Hy het die mense van Beit-Shemesh neergeslaan omdat hulle in die ark van יהוה ingekyk het. Hy het van al die mense vyf duisend en sewentig man gedood en die volk het getreur omdat יהוה die mense met 'n groot slagting geslaan het. Num 4:20
20 Die manne van Beit-Shemesh het gesê: "Wie is in staat om te staan voor die Teenwoordigheid van יהוה, hierdie afgesonderde God? Na wie toe sal Hy optrek van ons af?"
21 Hulle het boodskappers gestuur na die inwoners van Kiryat-Ye'arim en gesê: "Die F'lishtyne het die ark van יהוה teruggebring; kom af en bring dit op na julle toe."

7 1 Die manne van Kiryat-Ye'arim het gekom en die ark van יהוה gevat en dit in die huis van Avinadav op die heuwel gebring en hulle het sy seun El'azar afgesonder om die ark van יהוה te versorg.
2 Vanaf die dag dat die ark in Kiryat-Ye'arim gekom het, het daar 'n lang tyd verloop, want dit was twintig jaar en die hele huis van Yisra'el het agter יהוה aan geweeklaag.
3 Toe het Sh'mu'el met die hele huis van Yisra'el gepraat en gesê: "As julle met jul hele verstand, wil en emosie terugdraai na יהוה, die vreemde gode en die `Ashtarot tussen julle uit verwyder en julle verstand, wil en emosie op יהוה rig en Hom alleen dien, sal Hy julle bevry uit die hand van die F'lishtyne."
4 Die seuns van Yisra'el het die Ba'als en die `Ashtarot verwyder en יהוה alleen gedien.
5 Toe het Sh'mu'el gesê: "Versamel die hele Yisra'el by Mitzpah en ek sal tot יהוה vir julle bid."
6 Hulle het by Mitzpah bymekaargekom, water opgetrek en dit voor die Teenwoordigheid van יהוה uitgegiet en op daardie dag gevas en daar gesê: "Ons het gesondig teen יהוה." Sh'mu'el het die seuns van Yisra'el by Mitzpah gerig.
7 Toe die F'lishtyne hoor dat die seuns van Yisra'el by Mitzpah bymekaargekom het, het die meesters van die F'lishtyne teen Yisra'el opgetrek en toe die seuns van Yisra'el dit hoor, was hulle bang vir die F'lishtyne.
8 Toe sê die seuns van Yisra'el vir Sh'mu'el: "Moenie ophou om na יהוה, ons God, uit te roep namens ons nie dat Hy ons uit die hand van die F'lishtyne mag red."
9 Sh'mu'el het 'n gespeende lam gevat en dit as 'n volkome brandoffer aan יהוה geoffer en Sh'mu'el het tot יהוה uitgeroep namens Yisra'el en יהוה het hom geantwoord.
10 Sh'mu'el het die brandoffer gebring en die F'lishtyne het nadergekom om teen Yisra'el te veg, maar יהוה het op dié dag met 'n groot donderslag teen die F'lishtyne gedonder en hulle in verwarring gebring sodat hulle verslaan is voor Yisra'el.
11 Die manne van Yisra'el het uit Mitzpah uitgetrek en die F'lishtyne agtervolg en hulle neergeslaan tot so ver as onderkant Beit-Kar.
12 Toe het Sh'mu'el 'n klip gevat en dit opgerig tussen Mitzpah en Shen en dit Even-ha`Ezer genoem en gesê: "Tot hiertoe het יהוה ons gehelp."

13 So is die F'lishtyne onderwerp en hulle het nie meer die gebied van Yisra'el binnegekom nie en die hand van יהוה was teen die F'lishtyne, al die dae van Sh'mu'el.
14 Die stede wat die F'lishtyne van Yisra'el afgevat het, is tot Yisra'el herstel, van `Ekron af tot by Gat en Yisra'el het hulle gebied uit die hand van die F'lishtyne bevry. Daar was vrede tussen Yisra'el en die Emoriete.
15 Sh'mu'el was rigter oor Yisra'el al die dae van sy lewe.
16 Hy het van jaar tot jaar rondgetrek na Beit-El, Gilgal en Mitzpah en Yisra'el op al hierdie plekke gerig.
17 Dan gaan hy na Ramah terug, want sy huis was daar en daar het hy Yisra'el gerig en daar vir יהוה 'n altaar gebou.

8 1 Dit het gebeur dat toe Sh'mu'el oud was, hy sy seuns as rigters oor Yisra'el aangestel het.
2 Die naam van sy eersgeborene was Yo'el en die naam van sy tweede Aviyah; hulle het in Be'er-Sh'va gerig. 1 Kro 6:28
3 Sy seuns het egter nie in sy weë geloop nie, maar het na oneerlike wins afgedraai en omkoopgeskenke ontvang en die reg verdraai. Deut 27:25; 24:17
4 Toe het al die oudstes van Yisra'el saam vergader en by Sh'mu'el gekom in Ramah
5 en vir hom gesê: "Let op, u het oud geword en u seuns loop nie in u weë nie. Stel nou soos al die nasies 'n koning oor ons aan om ons te rig."
6 Dié ding was egter verkeerd in die oë van Sh'mu'el toe hulle gesê het: "Gee vir ons 'n koning om ons te rig," en Sh'mu'el het tot יהוה gebid.
7 יהוה sê vir Sh'mu'el: "Luister na die stem van die volk in alles wat hulle vir jou sê, want hulle het jóu nie verwerp nie, maar hulle het Mý verwerp as Koning oor hulle.
8 Soos al die dade wat hulle gedoen het, van dié dag af dat Ek hulle uit Mitzrayim laat optrek het tot vandag toe deurdat hulle My verlaat en ander gode gedien het; so doen hulle ook aan jou. Deut 17:14-20
9 Luister dan nou na hulle stem: jy moet hulle egter ernstig waarsku en hulle vertel van die werkswyse van die koning wat oor hulle sal regeer."
10 Sh'mu'el het al die woorde van יהוה aan die mense, wat 'n koning van hom gevra het, oorgedra.
11 Hy het gesê: "Dit sal die werkswyse wees van die koning wat oor julle sal regeer: hy sal julle seuns vat en hulle vir homself in sy strydwaens sit en by sy perderuiters en hulle sal voor sy wa hardloop.
12 Hy sal vir homself bevelvoerders oor duisend en bevelvoerders oor vyftig aanstel en sommige om sy land te ploeg en om sy oes in te samel en om sy oorlogswapens en gereedskap vir sy strydwaens te maak.
13 Hy sal ook julle dogters as salfmengsters, kooksters en baksters vat.
14 Hy sal die beste van julle lande, julle wingerde en julle olyfboorde vat en aan sy diensknegte gee.
15 Hy sal 'n tiende van julle saailande en julle wingerde vat en dit vir sy offisiere en sy diensknegte gee.

16 Hy sal julle slawe en slavinne, julle beste jongmanne en julle donkies vat en vir sy werk gebruik.
17 Hy sal 'n tiende van julle kleinvee vat en julleself sal sy slawe wees.
18 Dan sal julle in dié dag uitroep as gevolg van jul koning wat julle vir julleself gekies het, maar יהוה sal julle nie in dié dag verhoor nie."
19 Nogtans het die volk geweier om na die stem van Sh'mu'el te luister en hulle het gesê: "Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees
20 dat ons ook kan wees soos al die nasies; dat ons koning ons kan rig en voor ons uittrek en ons gevegte veg."
21 Nadat Sh'mu'el al die woorde van die mense aangehoor het, het hy hulle herhaal ten aanhore van יהוה.
22 יהוה het vir Sh'mu'el gesê: "Luister na hulle stem en stel 'n koning oor hulle aan." Sh'mu'el het vir die manne van Yisra'el gesê: 'Gaan, elkeen na sy stad.'"

9 1 Daar was 'n man van Binyamin met die naam van Kish, die seun van Avi'el, die seun van Tz'ror, die seun van B'khorat, die seun van Afiag, 'n Binyaminiet, 'n magtige man van dapperheid.
2 Hy het 'n seun gehad met die naam van Sha'ul, 'n keur jongman en aantreklik, daar was onder die seuns van Yisra'el geeneen meer aantreklik as hy nie; van sy skouers af op was hy langer as enige van die mense.
3 Die donkies van Kish, die vader van Sha'ul, was weg. Kish het vir Sha'ul gesê: "Vat nou een van die diensknegte saam met jou en staan op, gaan soek na die donkies."
4 Hy het deur die bergland van Efrayim en deur die land van Shalishah gegaan, maar hulle nie gekry nie. Toe gaan hulle deur die land Sha'alim, maar daar was niks nie. Toe gaan hy deur die land van Binyamin, maar hulle het niks gekry nie.
5 Toe hulle by die land van Tzuf kom, sê Sha'ul aan die dienskneg wat by hom was: "Kom, laat ons teruggaan, anders hou my vader op bekommerd wees oor die donkies en word angstig oor ons."
6 Hy sê vir hom: "Let nou op, daar is 'n man van God in hierdie stad en die man word geëer; alles wat hy sê kom sekerlik waar. Laat ons nou daarheen gaan, miskien kan hy ons vertel aangaande die reis wat ons onderneem het."
7 Toe vra Sha'ul vir sy dienskneg: "As ons egter gaan, let op, wat sal ons vir die man bring, want die brood in ons sakke is op en daar is nie 'n geskenk om vir die man van God te bring nie; wat het ons?"
8 Die dienskneg het Sha'ul weer geantwoord en gesê: "Let op, ek het nog 'n kwart van 'n sikkel silwer by my; ek sal dit vir die man van God gee en hy sal ons oor ons pad inlig."
9 Vroeër, as 'n man in Yisra'el gegaan het om God te raadpleeg, het hy gesê: "Kom, laat ons na die siener gaan," want hy wat nou 'n profeet genoem word, is vroeër 'n siener genoem.
10 Toe sê Sha'ul vir sy dienskneg: "Goed gesê, laat ons gaan." Hulle gaan na die stad toe waar die man van God is.
11 Terwyl hulle die opdraande na die stad opgaan, kom hulle meisies teë wat uitgaan om water te trek en vra vir hulle: "Is die siener hier?"

12 Hulle antwoord hul en sê: "Hy is, kyk, voor jou. Maak nou gou, want hy het vandag in die stad gekom, want die mense het vandag 'n offer op die hoë plek gebring.
13 Sodra julle die stad ingaan, sal julle hom vind net voordat hy opgaan na die hoë plek om te eet, want die mense eet nie voordat hy kom nie omdat hy die offer moet seën; daarna eet die genooides. Gaan daarom nou op, want julle sal hom nou vind."
14 Hulle het opgegaan na die stad toe. Toe hulle in die stad ingaan, let op, het Sh'mu'el uitgekom na hulle toe om op te gaan na die hoë plek toe.
15 'n Dag voor Sha'ul se koms het יהוה aan Sh'mu'el geopenbaar en gesê:
16 "Ongeveer hierdie tyd môre sal Ek 'n man uit die land van Binyamin na jou toe stuur en jy moet hom salf as 'n heerser oor My volk Yisra'el en hy sal My volk bevry uit die hand van die F'lishtyne, want Ek het My volk in ag geneem omdat hulle geroep na My gekom het.
17 Toe Sh'mu'el vir Sha'ul sien, het יהוה vir hom gesê: "Let op, die man van wie Ek met jou gepraat het! Hierdie een sal heers oor My mense."
18 Toe het Sha'ul nadergekom na Sh'mu'el in die poort en gevra: "Wys my asseblief waar die huis van die siener is?"
19 Sh'mu'el het Sha'ul geantwoord en gesê: "Ek is die siener! Gaan op voor my uit na die hoë plek, want julle sal vandag saam met my eet en ek sal jou in die oggend vroeg laat gaan en alles wat in jou gedagtes is, sal ek vir jou vertel.
20 Wat die donkies betref wat drie dae gelede weg is, moenie aan hulle dink nie, want hulle is gevind en vir wie is alles wat begeerlik is in Yisra'el? Is dit nie vir jou en jou vader se hele huishouding nie?"
21 Sha'ul antwoord: "Is ek nie 'n Binyaminiet, uit die kleinste van die stamme van Yisra'el en my familie die geringste uit al die families van die stam van Binyamin nie? Waarom praat u dan so met my?"
22 Toe vat Sh'mu'el vir Sha'ul en sy dienskneg en vat hulle in die saal in en gee vir hulle 'n plek aan die hoof van die genooides, wat omtrent dertig man was.
23 Sh'mu'el het vir die kok gesê: "Gee die gedeelte wat ek vir jou gegee het, waarvan ek vir jou gesê het: 'Sit dit eenkant'."
24 Toe het die kok die boud, met wat daarop was, opgetel en dit voor Sha'ul neergesit. Sh'mu'el het gesê: "Hier is wat opsy gesit is, voor jóú neergesit! Eet, want dit is vir jou bewaar tot die bestemde tyd vandat ek gesê het dat ek die mense uitnooi." So het Sha'ul dan dié dag saam met Sh'mu'el geëet.
25 Toe hulle vanaf die hoë plek afkom in die stad in, praat hy met Sha'ul op die dak.
26 Hulle het vroeg opgestaan en teen dagbreek het Sh'mu'el na Sha'ul op die dak geroep en gesê: "Staan op sodat ek jou kan wegstuur." Sha'ul het opgestaan en beide hy en Sh'mu'el het uitgegaan in die straat in.
27 Soos hulle afgaan na die kant van die stad, sê Sh'mu'el vir Sha'ul: "Sê vir die dienskneg dat hy voor ons uit moet gaan en aangaan, maar staan jy nou eers stil dat ek die boodskap van God aan jou kan verkondig."

10 1 Toe het Sh'mu'el die kruik met olie gevat, dit op sy kop uitgegooi, hom gesoen
en gesê: "Het יהוה jou nie gesalf as heerser oor Sy erfenis nie?
2 Wanneer jy vandag van my af weggaan, sal jy twee manne naby die graf van Ragel,
in die gebied van Binyamin by Tzeltzah, vind, wat vir jou sal sê: 'Die donkies wat
jy gaan soek het, is gevind. Nou, let op, jou vader het opgehou bekommer oor die
donkies en is besorg oor jou en vra: "Wat sal ek doen aangaande my seun?"'
3 Dan sal jy van daar af verder gaan en kom by die Eikeboom van Tavor en daar sal
drie manne jou kry wat na God, by Beit-El, opgaan: een dra drie bokkies, die ander
een dra drie brode en die ander dra 'n sak wyn.
4 Hulle sal jou groet en vir jou twee brode gee, wat jy uit hulle hand sal aanvaar.
5 Daarna sal jy kom by Giv'ah van God, waar die garnisoen van die F'lishtyne is en
dit sal wees sodra jy daar by die stad kom dat jy 'n groep profete sal ontmoet wat
van die hoë plek af kom met harp, tamboeryn, fluit en lier voor hulle uit terwyl
hulle profeteer.
6 Dan sal die Gees van יהוה kragtig op jou kom en jy sal saam met hulle profeteer en
in 'n ander mens verander word.
7 Dit sal wees dat, as hierdie tekens na jou toe kom, doen dan wat die geleentheid
vereis, want God is met jou.
8 Jy moet voor my uit afgaan na Gilgal en let op, ek sal na jou toe afkom om brandoffers
te offer en om vredesoffers te slag; sewe dae lank moet jy wag totdat ek by jou kom
en jou wys wat jy moet doen."
9 Dit het gebeur dat, toe hy sy rug draai om van Sh'mu'el af weg te gaan, God sy
verstand, wil en emosie verander het en al daardie tekens het op daardie dag
gebeur.
10 Toe hulle by Giv'ah gekom het, let op, ontmoet 'n groep profete hom en die Gees
van God het kragtig op hom gekom sodat hy tussen hulle geprofeteer het.
11 Dit het gebeur toe almal wat hom vroeër geken het, sien dat hy nou saam met die
profete profeteer, die mense vir mekaar gesê het: "Wat het gebeur met die seun van
Kish? Is Sha'ul ook onder die profete?"
12 'n Man vanaf dieselfde plek het gesê: "Maar wie is sy vader?" Daarom het dit 'n
spreekwoord geword: "Is Sha'ul ook onder die profete?"
13 Toe hy klaar geprofeteer het, het hy by die hoë plek aangekom.
14 Sha'ul se oom het vir hom en sy dienskneg gevra: "Waarheen het julle gegaan?"
Hy sê: "Om na die donkies te soek en toe ons sien dat hulle nie te vinde was nie,
het ons na Sh'mu'el gegaan."
15 Sha'ul se oom sê: "Vertel my asseblief wat Sh'mu'el vir julle gesê het."
16 Sha'ul sê toe vir sy oom: "Hy het ons reguit vertel dat die donkies gevind is." Hy
het hom egter nie van die saak van die koningskap, wat Sh'mu'el genoem het,
vertel nie.
17 Daarna het Sh'mu'el die volk by יהוה in Mitzpah saamgeroep
18 en vir die seuns van Yisra'el gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Ek het Yisra'el
uit Mitzrayim gebring en Ek het julle bevry uit die hand van die Mitzrayimiete en
uit die krag van al die koninkryke wat julle onderdruk het,'

19 maar julle het julle God vandag verwerp, wat julle uit al jul onheile en benoudhede bevry het; tog het julle gesê: 'Nee, maar stel 'n koning oor ons aan. Nou, daarom, bied julleself aan voor die Teenwoordigheid van יהוה volgens julle stamme en volgens julle families."
20 So het Sh'mu'el al die stamme van Yisra'el nader laat kom en die stam van Binyamin is deur die lot gekies.
21 Toe het hy die stam van Binyamin laat naderkom volgens sy families en die familie van Matri is gekies. Sha'ul, die seun van Kish, is gekies, maar toe hulle hom soek, kon hy nie gekry word nie;
22 daarom het hulle יהוה verder geraadpleeg: "Het die man al hierheen gekom?" יהוה sê: "Let op, hy het homself tussen die pakgoed weggesteek."
23 Hulle hardloop toe en het hom daarvandaan gebring en toe hy tussen die mense gaan staan het, was hy van sy skouers af boontoe langer as enige van die mense.
24 Sh'mu'el het aan al die mense gesê: "Sien julle hom wat יהוה gekies het? Daar is sekerlik nie een soos hy tussen al die mense nie." Al die mense het uitgeroep van vreugde en gesê: "Die koning lewe!"
25 Toe het Sh'mu'el die verordeninge van die koningskap Deut 17:14-20 vir die mense aangekondig en dit in 'n boek geskryf en voor die Teenwoordigheid van יהוה neergesit. Sh'mu'el het al die mense, elkeen na sy huis, weggestuur.
26 Sha'ul het ook na sy huis toe gegaan in Giv'ah en die dapperes wie se verstand, wil en emosie deur God aangeraak is, het saam met hom gegaan.
27 Sekere waardelose manne het gesê: "Hoe kan hierdie een ons bevry?" Hulle het hom verag en vir hom geen geskenk gebring nie, maar hy het stilgebly.

11 1 Nagash, die `Ammoniet, het opgekom en Yavesh-Gil'ad beleër en al die manne van Yavesh het vir Nagash gesê: "Sluit 'n verbond met ons en ons sal u dien."
2 Nagash, die `Ammoniet, het egter vir hulle gesê: "Op hierdie voorwaarde sal ek 'n verbond met julle sluit: dat ek almal van julle se regteroog uitsteek en dit so as 'n skande op die hele Yisra'el bring."
3 Die oudstes van Yavesh sê vir hom: "Laat ons sewe dae lank met rus dat ons boodskappers deur die hele gebied van Yisra'el kan stuur; dan, as daar niemand is wat ons bevry nie, sal ons na u toe uitkom."
4 Toe het die boodskappers in Giv'ah van Sha'ul gekom en hierdie boodskap voor die ore van die mense gesê. Al die mense het hulle stemme opgehef en gehuil.
5 Nou, let op, Sha'ul het agter die beeste aan van die veld af gekom en gesê: "Wat is dit met die mense dat hulle huil?" Hulle dra toe die boodskap van die manne van Yavesh aan hom oor.
6 Toe hy dié woorde hoor, kom die Gees van God kragtig oor Sha'ul en hy het baie kwaad geword.
7 Hy het 'n juk beeste gevat, hulle in stukke gesny en met boodskappers deur die hele gebied van Yisra'el gestuur om te sê: "Wie ook al nie agter Sha'ul en agter Sh'mu'el aan kom nie; so sal met sy beeste gedoen word." Toe val die skrik van יהוה op die mense en hulle kom uit soos een man.

8 Hy het hulle in Bezek getel: die seuns van Yisra'el was drie honderd duisend en die manne van Y'hudah dertig duisend.
9 Hulle het aan die boodskappers wat gekom het, gesê: "So moet julle vir die manne van Yavesh-Gil'ad sê: 'Môre, teen die tyd dat die son warm is, sal julle bevryding hê.'" Die boodskappers het gegaan en dit aan die manne van Yavesh vertel en hulle was verheug.
10 Toe sê die manne van Yavesh: "Môre sal ons na julle toe uitkom en julle kan met ons doen net wat julle goeddink."
11 Die volgende oggend het Sha'ul die manne in drie afdelings verdeel en hulle het tydens die oggendwag in die kamp ingekom en die `Ammoniete verslaan tot op die warm tyd van die dag. Die wat oorleef het, is verstrooi sodat nie twee van hulle bymekaar oorgebly het nie.
12 Toe sê die manne vir Sh'mu'el: "Wie is hy wat gesê het: 'Sal Sha'ul oor ons regeer?' Bring die manne dat ons hulle kan doodmaak."
13 Sha'ul antwoord egter: "Op hierdie dag mag geen man gedood word nie, want vandag het יהוה 'n bevryding in Yisra'el uitgevoer."
14 Toe sê Sh'mu'el vir die mense: "Kom, laat ons na Gilgal gaan en die koningskap daar vernuwe."
15 Al die mense het na Gilgal gegaan en daar, in Gilgal, vir Sha'ul koning gemaak voor die Teenwoordigheid van יהוה. Daar het hulle ook vredesoffers voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer en daar was Sha'ul en al die manne van Yisra'el grootliks verheug.

12 1 Toe sê Sh'mu'el vir die hele Yisra'el: "Let op, ek het na julle stem geluister in alles wat julle vir my gesê het en 'n koning oor julle aangestel.
2 Nou, hier is die koning wat voor julle loop, maar ek is oud en grys en let op, my seuns is hier by julle en ek het voor julle geloop van my jeug af tot vandag toe.
3 Hier is ek; bring getuienis teen my voor יהוה en Sy gesalfde. Wie se bees het ek gevat, of wie se donkie het ek gevat, of vir wie het ek bedrieg? Wie het ek onderdruk of van wie se hand het ek omkoopgeld gevat om my oë daarmee toe te maak? Ek sal dit vir julle teruggee."
4 Hulle antwoord: "U het ons nie bedrieg of ons onderdruk, of enige iets uit iemand se hand gevat nie."
5 Hy sê vir hulle: "יהוה is getuie teen julle en Sy gesalfde is vandag getuie dat julle niks in my hand gekry het nie." Hulle antwoord: "Hy is getuie."
6 Toe het Sh'mu'el aan die mense gesê: "Dit is יהוה wat Mosheh en Aharon aangestel en julle vaders uit die land van Mitzrayim gebring het.
7 Nou, staan jou man dat ek saam met julle voor die Teenwoordigheid van יהוה pleit aangaande al die regverdige dade van יהוה wat Hy vir julle en julle vaders gedoen het.
8 Toe Ya'akov in Mitzrayim ingegaan het en julle vaders uitgeroep het tot יהוה, het יהוה vir Mosheh en Aharon gestuur, wat julle vaders uit Mitzrayim uitgebring en hulle op hierdie plek gevestig het.

9 Hulle het יהוה, hul God, egter vergeet. Hy het hulle verkoop in die hand van Sisra, bevelvoerder van die leër van Hatzor en in die hand van die F'lishtyne en in die hand van die koning van Mo'av en hulle het teen hul geveg.
10 Hulle het uitgeroep tot יהוה en gesê: 'Ons het gesondig, want ons het יהוה verlaat en die Ba'als en `Ashtarot gedien, maar bevry ons nou uit die hand van ons vyande en ons sal U dien.'
11 Toe het יהוה vir Yeruba'al, B'dan, Yiftag en Shimshon gestuur en julle uit die hand van jul vyande reg rondom bevry sodat julle veilig gebly het. Rig 4:6; 6:14; 10:3; 11:1; 11:15
12 Toe julle sien dat Nagash, die koning van die seuns van `Ammon, teen julle aankom, het julle vir my gesê: 'Nee, maar 'n koning moet oor ons regeer' terwyl יהוה, julle God, jul Koning was;
13 daarom, hier is nou die koning wat julle gekies het, waarvoor julle gevra het en let op, יהוה het 'n koning oor julle aangestel.
14 As julle יהוה respekvol sal vrees, Hom dien, na Sy stem luister en nie rebelleer teen die bevel van יהוה nie, dan sal beide julle, sowel as die koning wat oor julle regeer, יהוה, julle God, aanhou volg!
15 As julle nie na die stem van יהוה sal luister nie, maar rebelleer teen die bevel van יהוה, dan sal die hand van יהוה teen julle wees, soos teen julle vaders.
16 Selfs nou, staan en kyk na hierdie groot ding wat יהוה voor julle oë sal doen.
17 Is dit nie vandag oestyd vir die koring nie? Ek sal יהוה aanroep dat Hy donderslae en reën gee, dan sal julle weet en sien dat julle boosheid groot is wat julle in die oë van יהוה gedoen het deur 'n koning vir julleself te vra."
18 Sh'mu'el het uitgeroep na יהוה en יהוה het donderslae en reën op dié dag gegee en al die mense was baie bang vir יהוה en vir Sh'mu'el.
19 Toe het al die mense vir Sh'mu'el gesê: "Bid tot יהוה, u God, vir u diensknegte sodat ons nie sterf nie omdat ons by al ons sondes nog boosheid bygevoeg het deur 'n koning vir onsself te vra."
20 Sh'mu'el het vir die mense gesê: "Moenie bang wees nie. Julle het al hierdie boosheid gedoen, maar tog moet julle nie van יהוה af wegdraai nie, maar dien יהוה met julle hele verstand, wil en emosie.
21 Julle mag nie afdraai nie, want dan gaan julle agter waardelose dinge aan wat nie voordelig is of bevry nie omdat hulle nutteloos is,
22 want יהוה sal Sy mense, ter wille van Sy groot Naam, nie in die steek laat nie omdat dit יהוה behaag het om van julle vir Hom 'n volk te maak. Ps 94:14; Rom 11:2
23 Meer nog, wat my betref, dit is ver van my dat ek teen יהוה sal sondig deur op te hou om vir julle te bid, maar ek sal julle in die goeie en regte pad leer.
24 Vrees יהוה alleen en dien Hom in waarheid met julle hele verstand, wil en emosie, want dink aan watter groot dinge Hy vir julle gedoen het,
25 maar as julle steeds boosheid doen, sal beide julle en julle koning weggevee word."

13 1 Toe Sha'ul aan die begin van twee jaar in sy koninkryk oor Yisra'el geheers het,
2 het Sha'ul vir hom drie duisend man uit Yisra'el gekies, waarvan twee duisend by Sha'ul in Mikhmas en op die bergland van Beit-El was terwyl 'n duisend by Y'honatan in Giv'ah-Binyamin was, maar hy het die res van die mense weggestuur, elkeen na sy tent.
3 Y'honatan het die garnisoen van die F'lishtyne, wat in Geva was, verslaan en die F'lishtyne het daarvan gehoor. Toe het Sha'ul die ramshoring reg deur die land geblaas en gesê: "Laat die Hebreërs dit hoor!"
4 Die hele Yisra'el het die nuus gehoor dat Sha'ul die garnisoen van die F'lishtyne verslaan het en ook dat Yisra'el haatlik geword het vir die F'lishtyne. Die manne is toe opgeroep na Sha'ul by Gilgal.
5 Die F'lishtyne het bymekaargekom om teen Yisra'el te veg; drie duisend strydwaens en ses duisend perderuiters en manne in menigte soos die sand wat op die seestrand is en hulle het opgekom en kamp opgeslaan by Mikhmas, oos van Beit-Aven.
6 Toe die manne van Yisra'el sien dat hulle in die nood is, want die volk was in benoudheid, het die mense weggekruip in grotte, doringbosse, in kranse, in kelders en in kuile.
7 Sommige van die Hebreërs het ook oor die Yarden gegaan na die land van Gad en Gil'ad, maar Sha'ul was steeds in Gilgal en al die manne wat hom bewend gevolg het.
8 Hy het sewe dae lank gewag, volgens die vasgestelde tyd wat Sh'mu'el bepaal het, maar Sh'mu'el het nie na Gilgal gekom nie en die manne het van hom af verstrooid geraak.
9 Sha'ul het gesê: "Bring die brandoffer en die vredesoffers na my toe." Hy het die brandoffer geoffer.
10 Net toe hy die brandoffer klaar geoffer het, let op, het Sh'mu'el gekom en Sha'ul het uitgegaan om hom te ontmoet en hom te groet.
11 Sh'mu'el sê egter: "Wat het jy gedoen?" Sha'ul sê: "Omdat ek gesien het dat die manne van my af verstrooid raak en dat u nie kom in die vasgestelde dae nie en dat die F'lishtyne in Mikhmas bymekaarkom,
12 het ek daarom gesê: 'Nou sal die F'lishtyne afkom teen my in Gilgal en ek het nie die guns van יהוה gevra nie.' Ek het myself geforseer en die brandoffer gebring."
13 Sh'mu'el sê vir Sha'ul: "Jy het dwaas opgetree; jy het nie die opdrag van יהוה, jou God, wat Hy jou beveel het, gehou nie, want nou sou יהוה jou koningskap oor Yisra'el vir altyd bevestig het,
14 maar nou sal jou koningskap nie voortbestaan nie. יהוה het vir Hom 'n man volgens Sy eie verstand, wil en emosie uitgesoek en יהוה het hom as heerser oor sy mense aangestel omdat jy nie gehou het wat יהוה jou beveel het nie."
15 Toe het Sh'mu'el opgestaan en opgegaan van Gilgal na Givah-Binyamin en Sha'ul het die manne wat by hom was getel, omtrent ses honderd man.
16 Sha'ul, sy seun Y'honatan en die manne wat by hulle aanwesig was, het in Geva in Binyamin gebly terwyl die F'lishtyne by Mikhmas gekamp het

17 en die roofkommandos het vanaf die kamp van die F'lishtyne gekom in drie afdelings: een afdeling het weggedraai in die rigting van `Ofrah, na die land van Shu'al toe
18 en 'n ander afdeling het weggedraai in die rigting van Beit-Horon en 'n ander afdeling het weggedraai in die rigting van die grens wat oor die vallei van Tzvo'im na die woestyn uitkyk.
19 Geen smid was te vinde in die hele land van Yisra'el nie, want die F'lishtyne het gesê: "Anders sal die Hebreërs swaarde of spiese maak."
20 Al die Yisra'eliete moes daarom na die F'lishtyne afgaan om elkeen sy ploegskaar, sy pik, sy byl of sy skoffel skerp te maak.
21 Die prys was twee-derdes van 'n sikkel vir die ploegskare, die pikke, die vurke, die byle en om die skoffels reg te maak.
22 So het dit gekom op die dag van die geveg dat daar geen swaard of spies te vinde was in die hande van enige van die manne wat by Sha'ul en Y'honatan was nie, maar wel by Sha'ul en sy seun Y'honatan.
23 Die garnisoen van die F'lishtyne het uitgegaan na die pas van Mikhmas.

14 1 Die dag het gekom dat Y'honatan, die seun van Sha'ul, vir die jongman wat sy wapens dra, gesê het: "Kom, ons gaan oor na die F'lishtyne se garnisoen wat aan die oorkant is," maar hy het nie sy vader vertel nie.
2 Sha'ul het in die buitewyke van Giv'ah gebly onder die granaatboom wat by Migron staan en die mense by hom was omtrent ses honderd man.
3 Agiyah, die seun van Agituv, die broer van I-Khavod, die seun van Pin'gas, die seun van `Eli, die priester van יהוה in Shiloh, het 'n skouerkleed gedra en die manne het nie geweet dat Y'honatan gegaan het nie.
4 Tussen die passe waardeur Y'honatan wou oorgaan na die garnisoen van die F'lishtyne, was daar 'n steil krans aan die een kant en 'n steil krans aan die ander kant en die naam van die een was Botzetz en die naam van die ander Seneh.
5 Die een krans rys op aan die noordekant oorkant Mikhmas en die ander een aan die suide, oorkant Geva.
6 Toe sê Y'honatan vir die jongman wat sy wapens dra: "Kom, laat ons oorgaan na die garnisoen van daardie onbesnedenes; miskien sal יהוה vir ons werk, want יהוה is nie beperk om deur baie of deur min te red nie."
7 Sy wapendraer sê vir hom: "Doen alles wat in u begeerte is, draai uself en hier is ek by u, volgens u begeerte."
8 Toe sê Y'honatan: "Let op, ons sal na die manne toe oorgaan en ons vir hulle wys.
9 As hulle vir ons sê: 'Wag totdat ons by julle kom,' dan moet ons op ons plek bly staan en nie na hulle opklim nie,
10 maar as hulle sê: 'Kom op na ons toe,' dan sal ons opklim, want יהוה het hulle in ons hand gegee en dit sal vir ons die teken wees."
11 Toe beide van hulle hulself wys vir die garnisoen van die F'lishtyne, sê die F'lishtyne: "Let op, Hebreërs kom uit die gate uit waar hulle hulself weggesteek het."

12 Die manne van die garnisoen het Y'honatan en sy wapendraer geroep en gesê: "Kom op na ons toe, dan sal ons julle iets vertel!" Y'honatan sê vir sy wapendraer: "Kom op agter my, want יהוה het hulle in die hand van Yisra'el gegee."
13 Toe klim Y'honatan boontoe op sy hande en voete en sy wapendraer agter hom en hulle het voor Y'honatan geval en sy wapendraer het sommige doodgemaak agter hom.
14 Daardie eerste slagting deur Y'honatan en sy wapendraer, was ongeveer twintig man; hulle het hul opgesny soos klipsnyers en soos manne wat 'n land ploeg.
15 Toe kom daar 'n bewing in die kamp, in die veld en onder al die manne. Selfs die garnisoen en die roofkommando het gebewe en die aarde het gebewe sodat dit 'n groot bewing geword het.
16 Sha'ul se wagte in Giv'ah-Binyamin het gekyk en let op, die menigte smelt weg en hulle gaan heen en weer.
17 Sha'ul sê vir die manne wat by hom was: "Tel nou en kyk wie van ons af weggegaan het." Toe hulle getel het, let op, was Y'honatan en sy wapendraer nie daar nie.
18 Toe sê Sha'ul vir Agiyah: "Bring die ark van God hier." Die ark van God was in dié tyd by die seuns van Yisra'el.
19 Terwyl Sha'ul met die priester gepraat het, het die verwarring in die kamp van die F'lishtyne aangehou en groter geword. Sha'ul sê vir die priester: "Trek jou hand terug!"
20 Toe het Sha'ul en al die manne wat by hom was, bymekaargekom en hulle het by die geveg aangekom en let op, elkeen se swaard was teen die ander en daar was 'n baie groot verwarring.
21 Die Hebreërs wat vroeër saam met die F'lishtyne was, wat oral saam met hulle in die kamp gegaan het, selfs hulle het ook omgedraai om saam met die Yisra'eliete wat saam met Sha'ul en Y'honatan was, te wees.
22 Toe al die manne van Yisra'el, wat hulself in die bergland van Efrayim weggesteek het, hoor dat die F'lishtyne gevlug het, het selfs ook hulle hul in die geveg agternagesit.
23 So het יהוה Yisra'el op dié dag bevry en die geveg het verby Beit-Aven versprei.
24 Die manne van Yisra'el is hard gedryf op daardie dag, want Sha'ul het die manne onder eed geplaas en gesê: "Vervloek is die man wat iets eet voor die aand en totdat ek myself op my vyande gewreek het." Nie een van die manne het aan iets geproe nie.
25 Almal van die land het die bos ingegaan en daar was heuning op die grond.
26 Toe die manne in die bos ingaan, let op, was daar 'n oorvloed van heuning, maar niemand het sy hand aan sy mond gesit nie omdat die manne bang was vir die eed.
27 Y'honatan het egter nie gehoor toe sy vader die manne onder eed geplaas het nie; daarom het hy die punt van die staf wat in sy hand was, uitgesteek en dit in 'n heuningkoek gedoop en sy hand aan sy mond gesit en sy oë het verhelder.
28 Toe sê een van die manne: "Jou vader het die manne streng onder eed geplaas: 'Vervloek is die man wat vandag kos eet.' Die manne was uitgeput.

29 Toe sê Y'honatan: "My vader maak moeilikheid vir die land. Kyk nou hoe my oë opgehelder het omdat ek 'n bietjie van hierdie heuning geproe het.
30 Hoeveel te meer, as die manne net vandag vrylik kon eet van die buit van hul vyande wat hulle gevind het, want nou is die slagting onder die F'lishtyne nie groot nie."
31 Hulle het die F'lishtyne daardie dag van Mikhmas af tot by Ayalon neergeslaan en die manne was baie uitgeput.
32 Die manne het gretiglik op die buit afgestorm en kleinvee, beeste en kalwers gevat en dit op die grond geslag en die manne het dit met die bloed geëet. Gen 9:4
33 Toe vertel hulle Sha'ul en sê: "Let op, die manne sondig teen יהוה deur dit met die bloed te eet." Lev 3:17 Hy het gesê: "Julle het vals opgetree; rol vandag 'n groot klip na my toe."
34 Sha'ul het gesê: "Versprei julle tussen die manne en sê vir hulle: 'Bring na my elkeen sy bees en sy kleinvee en slag dit hier en eet en moenie teen יהוה sondig deur met bloed te eet nie." Al die manne het elkeen daardie nag sy bees saam met hom gebring en dit daar geslag.
35 Sha'ul het vir יהוה 'n altaar gebou; dit was die eerste altaar wat hy vir יהוה gebou het.
36 Toe sê Sha'ul: "Laat ons afgaan in die nag agter die F'lishtyne aan en laat ons buit van hulle afvat tot die oggendlig en laat ons nie 'n man onder hulle laat oorbly nie. Hulle antwoord: "Doen wat ook al goed is in u oë." Die priester het gesê: "Laat ons hier tot God nader."
37 Sha'ul het God geraadpleeg: "Sal ek afgaan agter die F'lishtyne aan? Sal U hulle in Yisra'el se hand gee?" Hy het hom egter nie daardie dag geantwoord nie.
38 Sha'ul het gesê: "Kom nader hierheen, al die leiers van die volk en ondersoek en kyk hoe hierdie sonde vandag gebeur het,
39 want soos יהוה leef wat Yisra'el verlos, al was dit ook in my seun Y'honatan, dan moet hy sekerlik sterf!" Niemand uit al die manskappe het hom egter geantwoord nie.
40 Toe sê hy vir die hele Yisra'el: "Julle sal aan die een kant wees en ek en my seun Y'honatan sal aan die anderkant wees." Die manne antwoord Sha'ul: "Doen wat vir u goed lyk."
41 Sha'ul het daarom vir יהוה, God van Yisra'el, gesê: "Gee 'n volmaakte keuse!" Y'honatan en Sha'ul is aangewys, maar die manne het vry gekom.
42 Sha'ul het gesê: "Werp die lot tussen my en my seun Y'honatan." Y'honatan is aangewys.
43 Toe vra Sha'ul vir Y'honatan: "Vertel my wat jy gedoen het." Y'honatan het hom vertel en gesê: "Ek het inderdaad 'n bietjie heuning geproe met die punt van die staf wat in my hand was. Hier is ek, ek moet sterf."
44 Sha'ul het gesê: "Mag God dit aan my doen en ook meer, want jy moet sekerlik sterf, Y'honatan!"

45 Die manne het egter vir Sha'ul gesê: "Moet Y'honatan sterf; wat hierdie groot bevryding in Yisra'el bewerk het? 'n Verwerplike gedagte! Soos יהוה leef, nie een haar van sy kop sal op die grond val nie, want hy het met God gewerk hierdie dag." So het die volk Y'honatan bevry en hy het nie gesterf nie.
46 Toe het Sha'ul opgehou om die F'lishtyne te agtervolg en die F'lishtyne het na hulle eie plek gegaan.
47 Sha'ul het die koningskap oor Yisra'el gevat en het oorlog gevoer teen al sy vyande aan elke kant: teen Mo'av, die kinders van `Ammon, Edom, die konings van Tzovah en die F'lishtyne en waarheen hy ook al gedraai het, het hy straf uitgedeel.
48 Hy het dapper opgetree en die `Amalekiete verslaan en Yisra'el bevry uit die hande van die wat hulle geplunder het.
49 Die seuns van Sha'ul was Y'honatan, Yishvi en Malkishua en die name van sy twee dogters: die naam van die oudste dogter was Merav en die naam van die jongste Mikhal.
50 Die naam van Sha'ul se vrou was Agino'am, die dogter van Agima'atz en die naam van die bevelvoerder van sy leër was Avner, die seun van Ner, die oom van Sha'ul.
51 Kish, die vader van Sha'ul en Ner, die vader van Avner, was die seuns van Avi'el.
52 Die oorlog teen die F'lishtyne was hewig al die dae van Sha'ul en wanneer Sha'ul enige kragtige of dapper man sien, het hy hom opgeneem by syne.

15 1 Toe sê Sh'mu'el vir Sha'ul: "יהוה het my gestuur om jou as koning te salf oor sy volk, oor Yisra'el; luister en doen daarom nou die woorde van יהוה.
2 So sê יהוה-Tzva'ot: 'Ek sal `Amalek straf vir wat hy aan Yisra'el gedoen het, hoe hy homself teen hom gestel het op die pad Eks 17:8; Num 24:20; Deut 25:17-19; 1 Kron 4:43 terwyl hy uit Mitzrayim uit gekom het.
3 Gaan nou en verslaan `Amalek en vernietig alles heeltemal wat hy het en moet hom nie spaar nie, maar maak dood beide man en vrou, kind en suigeling, bees en kleinvee, kameel en donkie."
4 Toe het Sha'ul die manne bymekaargeroep en hulle getel in T'la'im: twee honderd duisend voetsoldate en tien duisend man van Y'hudah.
5 Sha'ul het by die stad van `Amalek gekom en 'n hinderlaag in die vallei opgestel.
6 Sha'ul het vir die Keiniete gesê: "Gaan weg, vertrek, gaan uit onder die `Amalekiete uit sodat ek julle nie saam met hulle vernietig nie, want julle het goedgunstigheid gewys aan al die seuns van Yisra'el toe hulle vanuit Mitzrayim op gekom het." Die Keiniete het van onder die `Amalekiete uit weggetrek. Rig 1:16
7 Sha'ul het die `Amalekiete vanaf Havilah, op pad na Shur, wat oos is van Mitzrayim, verslaan.
8 Hy het Agag, die koning van `Amalek, lewendig gevang en al die mense deur die skerpte van die swaard vernietig.
9 Sha'ul en die manne het egter vir Agag, die beste van die kleinvee en beeste, die vetgemaaktes, die lammers en alles wat goed was, gespaar en was nie gewillig om hulle volledig te vernietig nie, maar alles wat veragtelik en waardeloos was, dit het hulle volledig vernietig.

10 Toe het die woord van יהוה tot Sh'mu'el gekom en gesê:
11 "Ek sug omdat Ek Sha'ul koning gemaak het, want hy het weggedraai daarvan om My te volg en het nie My opdragte uitgevoer nie." Sh'mu'el was ontsteld en het die hele nag deur na יהוה uitgeroep.
12 Sh'mu'el het vroeg die oggend opgestaan om Sha'ul te ontmoet en dit is vir Sh'mu'el vertel en gesê: "Sha'ul het na Karmel gekom en let op, hy het vir homself 'n gedenkteken opgerig en toe gedraai en aangegaan af na Gilgal."
13 Sh'mu'el het by Sha'ul gekom en Sha'ul sê vir hom: "Geseënd is u deur יהוה! Ek het die opdrag van יהוה uitgevoer."
14 Sh'mu'el sê egter: "Wat is dan hierdie geblêr van kleinvee in my ore en 'n gebulk van beeste wat ek hoor?"
15 Sha'ul sê: "Hulle het dit van die `Amalekiete af gebring, want die manne het die beste kleinvee en beeste gespaar om aan יהוה, u God, te offer, maar die res het ons volledig vernietig."
16 Toe sê Sh'mu'el vir Sha'ul: "Wag en laat ek jou vertel wat יהוה laasnag vir my gesê het." Hy sê vir hom: "Praat!"
17 Sh'mu'el sê: "Is dit nie waar nie, alhoewel jy klein was in jou eie oë, is jy die hoof van die stamme van Yisra'el? יהוה het jou as koning oor Yisra'el gesalf
18 en יהוה het jou op 'n missie gestuur en gesê: 'Gaan en vernietig die sondaars, die `Amalekiete, volkome en veg teen hulle totdat hulle uitgewis is.'
19 Waarom het jy nie die stem van יהוה gehoorsaam nie, maar op die buit afgestorm en gedoen wat boos is in die oë van יהוה?"
20 Toe sê Sha'ul vir Sh'mu'el: "Ek het die stem van יהוה gehoorsaam en op die missie gegaan waarop יהוה my gestuur het en Agag, die koning van `Amalek, teruggebring en die `Amalekiete volledig vernietig,
21 maar die manne het sommige van die buit, kleinvee en beeste, die beste van die goed toegewy tot vernietiging, gevat om aan יהוה, u God, in Gilgal te offer."
22 Sh'mu'el het gesê: "Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme, Hos 6:6; Ps 40:7; Ps 51:18-21; Spr 21:3; Yir 15:22; Mat 9:13; Mat 12:7
23 want rebellie is soos die sonde van waarsêery en arrogansie is soos boosheid en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp."
24 Toe sê Sha'ul vir Sh'mu'el: "Ek het gesondig; ek het waarlik die bevel van יהוה en u woorde oortree, want ek was bang vir die manne en het na hulle stem geluister;
25 daarom, asseblief spreek my sonde vry en keer terug saam met my dat ek יהוה kan aanbid."
26 Sh'mu'el sê egter vir Sha'ul: "Ek sal nie saam met jou teruggaan nie omdat jy die woord van יהוה verwerp het en יהוה jou as koning oor Yisra'el verwerp het."
27 Terwyl Sh'mu'el omdraai om te gaan, gryp Sha'ul die rand van sy kleed en dit het geskeur.
28 Sh'mu'el sê vir hom: "Vandag het יהוה die koningskap oor Yisra'el van jou afgeskeur en dit aan jou naaste, wat beter as jy is, gegee.
29 Die Eer, Lof en Aanbidding van Yisra'el sal ook nie lieg of Sy gedagtes verander nie, want Hy is nie 'n mens dat Hy Sy gedagtes sal verander nie."

30 Toe sê hy: "Ek het gesondig; eer my tog nou voor die oudstes van my mense en voor Yisra'el en gaan terug saam met my dat ek יהוה, u God, kan aanbid."
31 Sh'mu'el het teruggegaan agter Sha'ul aan en Sha'ul het יהוה aanbid.
32 Toe sê Sh'mu'el: "Bring Agag, die koning van `Amalek, na my toe." Agag het opgeruimd na hom toe gekom. Agag het gesê: "Sekerlik is die bitterheid van die dood verby."
33 Sh'mu'el het egter gesê: "Soos jou swaard vroue kinderloos gemaak het, so sal jou moeder kinderloos wees onder die vroue." Sh'mu'el het Agag in stukke gekap voor die Teenwoordigheid van יהוה in Gilgal.
34 Toe gaan Sh'mu'el na Ramah, maar Sha'ul het opgegaan na sy huis by Giv'ah van Sha'ul.
35 Sh'mu'el het Sha'ul tot die dag van sy dood nie weer gesien nie en Sh'mu'el het getreur oor Sha'ul en יהוה het gesug omdat Hy Sha'ul koning oor Yisra'el gemaak het.

16 1 יהוה sê vir Sh'mu'el: "Hoe lank sal jy treur oor Sha'ul, aangesien Ek hom as koning oor Yisra'el verwerp het? Vul jou horing met olie en gaan; Ek stuur jou na Yishai, van Beit-Legem, want Ek het vanuit sy seuns vir My 'n koning gekies."
2 Sh'mu'el vra egter: "Hoe kan ek gaan? Wanneer Sha'ul dit hoor, sal hy my doodmaak." יהוה sê: "Vat 'n verskalf saam met jou en sê: 'Ek het gekom om aan יהוה te offer.'
3 Jy moet Yishai na die offers toe nooi en Ek sal jou wys wat jy moet doen en jy moet die een vir My salf wat Ek vir jou sal aanwys."
4 Sh'mu'el het gedoen wat יהוה gesê het en by Beit-Legem gekom. Die oudstes van die stad het hom bewend tegemoetgegaan en gevra: "Kom u in vrede?"
5 Hy sê: "In vrede! Ek het gekom om aan יהוה te offer. Sonder julle af en kom saam met my na die offers." Hy het ook vir Yishai en sy seuns afgesonder en hulle na die offers genooi.
6 Toe hulle inkom, kyk hy na Eli'av en dink: "Sekerlik is יהוה se gesalfde voor Hom!"
7 יהוה sê egter vir Sh'mu'el: "Moenie na sy voorkoms of sy lang gestalte kyk nie, want Ek het hom verwerp, want God kyk nie soos wat die mens sien nie, want die mens kyk na die uiterlike voorkoms, maar יהוה kyk na die verstand, wil en emosie."
8 Toe roep Yishai vir Avinadav en laat hom voor Sh'mu'el verbygaan en hy sê: "יהוה het hierdie een ook nie gekies nie."
9 Volgende laat Yishai vir Shammah verbygaan en hy sê: "יהוה het ook nie hierdie een gekies nie."
10 So het Yishai sewe van sy seuns voor Sh'mu'el laat verbygaan, maar Sh'mu'el het vir Yishai gesê: "יהוה het hierdie nie gekies nie."
11 Sh'mu'el het aan Yishai gevra: "Is hierdie al die seuns?" Hy antwoord: "Die kleinste bly nog oor en let op, hy pas die skape op." Toe sê Sh'mu'el vir Yishai: "Stuur en bring hom, want ons sal nie sit voordat hy hier kom nie."
12 Hy het gestuur en hom laat inkom. Nou, hy was rooierig, met mooi oë en 'n aantreklike voorkoms en יהוה sê: "Staan op, salf hom, want dit is hy."

13 Toe vat Sh'mu'el die horing met olie en salf hom tussen sy broers en die Gees van יהוה het van dié dag af aan kragtig oor Dawid gekom. Sh'mu'el het opgestaan en na Ramah gegaan.
14 Die Gees van יהוה het weggegaan van Sha'ul af en 'n bose gees vanaf die Teenwoordigheid van יהוה het hom geterroriseer.
15 Sha'ul se diensknegte sê toe vir hom: "Let nou op, 'n bose gees vanaf die Teenwoordigheid van יהוה terroriseer u.
16 Laat ons meester nou u diensknegte wat voor u staan beveel en laat hulle 'n man soek wat 'n bekwame speler op die harp is en dit sal gebeur as die bose gees vanaf voor יהוה op u is, dat hy moet speel met sy hand en u sal beter wees."
17 Sha'ul sê toe vir sy diensknegte: "Voorsien nou vir my 'n man wat goed kan speel en bring hom na my toe."
18 Toe sê een van die diensknegte: "Let op, ek het 'n seun van Yishai, die Beit-Legemiet, gesien wat 'n bekwame musikant is, 'n magtige, dapper man, 'n krygsman, wys in spraak, 'n aantreklike man en יהוה is by hom."
19 Sha'ul het boodskappers na Yishai gestuur en gesê: "Stuur vir my jou seun Dawid wat by die skape is."
20 Yishai vat toe 'n donkie, brood, 'n kruik met wyn en 'n jong bok en stuur dit vir Sha'ul deur Dawid, sy seun.
21 Toe het Dawid by Sha'ul gekom en hom bedien en Sha'ul het hom baie liefgehad sodat hy sy wapendraer geword het.
22 Sha'ul het na Yishai gestuur en gesê: "Laat Dawid nou voor my staan, want hy het guns in my oë gevind."
23 So het dit gebeur dat wanneer die gees vanaf voor יהוה na Sha'ul toe kom, Dawid die harp vat en met sy hand speel en Sha'ul sal verfris word en beter wees en die bose gees sal van hom af weggaan.

17 1 Die F'lishtyne het hulle leërs bymekaargebring vir oorlog en vergader by Sokhoh wat aan Y'hudah behoort en kamp opgeslaan tussen Sokhoh en `Azekah in Efes-Dammim.
2 Sha'ul en die manne van Yisra'el het bymekaargekom en gekamp in die vallei van Elah en in gevegsorde opgestel om teen die F'lishtyne te veg.
3 Die F'lishtyne het aan die een kant op die berg gestaan terwyl Yisra'el aan die ander kant op die berg gestaan het, met die vallei tussen hulle.
4 Toe kom daar 'n kampioen uit die leërs van die F'lishtyne, genaamd Golyat, vanaf Gat; sy lengte was ses el en 'n span (2,92 meter).
5 Daar was 'n koper helmet op sy kop en hy was geklee in 'n pantser van skubbe wat vyf duisend sikkels koper geweeg het,
6 met skeenplate van koper aan sy bene en 'n koper lans tussen sy skouers.
7 Die steel van sy spies was soos 'n wewersbalk en die lem van sy spies was ses honderd sikkels yster; sy skilddraer het ook voor hom geloop.

8 Hy het gaan staan en geskree na die gevegsordes van Yisra'el en vir hulle gesê: "Hoekom kom julle uit om op te trek in gevegsdrag? Is ek nie die F'lishtyne en julle diensknegte van Sha'ul nie? Kies vir julleself 'n man en laat hom afkom na my toe.
9 As hy in staat is om teen my te veg en my dood te maak, dan sal ons julle slawe word, maar as ek hom oorwin en hom doodmaak, dan moet julle ons diensknegte word en ons dien."
10 Weer sê die F'lishtyn: "Ek daag die gevegsordes van Yisra'el vandag uit! Gee vir my 'n man dat ons saam kan veg."
11 Toe Sha'ul en die hele Yisra'el hierdie woorde van die F'lishtyn hoor, was hulle ontsteld en baie bang.
12 Dawid was die seun van dié Efratiet, uit Beit-Legem in Y'hudah, met die naam van Yishai; hy het agt seuns gehad. Yishai was oud in die dae van Sha'ul, ver gevorderd in jare onder mense.
13 Die drie oudste seuns van Yishai het Sha'ul in die oorlog gevolg en die name van sy drie seuns wat na die oorlog gegaan het, was Eli'av, die oudste en die tweede na hom, Avinadav en die derde, Shammah.
14 Dawid was die jongste. Die drie oudstes het Sha'ul gevolg,
15 maar Dawid het heen en weer gegaan van Sha'ul af om sy vader se kleinvee in Beit-Legem op te pas.
16 Die F'lishtyn het in die oggend en in die aand vorentoe gekom en gaan staan, veertig dae lank.
17 Toe het Yishai vir sy seun Dawid gesê: "Vat nou vir jou broers 'n efa van hierdie gebraaide graan en hierdie tien brode en hardloop na die kamp na jou broers toe.
18 Bring ook hierdie tien skywe kaas na die bevelvoerder oor duisend en kyk na die welstand van jou broers en bring nuus terug van hulle,
19 want Sha'ul, hulle en al die manne van Yisra'el is in die vallei van Elah, besig om te veg teen die F'lishtyne.
20 Dawid het vroeg die volgende oggend opgestaan en die trop by 'n wagter gelos, die goed gevat en gegaan soos Yishai hom beveel het. Hy het by die sirkel van die kamp gekom terwyl die leër uitgegaan het in gevegsorde en die oorlogskreet uitgeskreeu het.
21 Yisra'el en die F'lishtyne het in gevegsordes opgetrek; leër teen leër.
22 Toe los Dawid sy pakgoed in die sorg van die oppasser en hardloop na die gevegsterrein om sy broers te groet.
23 Terwyl hy met hulle praat, let op, het die kampioen, die F'lishtyn vanaf Gat genaamd Golyat, opgekom uit die leër van die F'lishtyne en hy het hierdie selfde woorde gepraat en Dawid het dit gehoor.
24 Toe al die manne van Yisra'el die man sien, vlug hulle van hom af weg en was baie bang.
25 Die manne van Yisra'el het gesê: "Het julle hierdie man gesien wat opkom? Hy het sekerlik opgekom om Yisra'el uit te tart en dit sal wees dat die koning die man wat hom doodmaak sal verryk met groot rykdom en ook vir hom sy dogter gee en sy vader se huis in Yisra'el vry maak.

26 Toe praat Dawid met die manne wat by hom staan en sê: "Wat sal vir die man gedoen word wat hierdie F'lishtyn doodmaak en die smaad van Yisra'el af wegvat? Wie is hierdie onbesnede F'lishtyn dat hy die leërmagte van die lewende God uittart?"
27 Die manne antwoord hom volgens hierdie woorde en sê: "Só sal gedoen word vir die man wat hom doodmaak."
28 Eli'av, sy oudste broer, het gehoor toe hy met die manne praat en Eli'av se woede het gebrand teen Dawid en hy het gesê: "Hoekom het jy afgekom en by wie het jy daardie paar skape in die wildernis gelos? Ek ken jou vermetelheid en die boosheid van jou hart, want jy het afgekom om die geveg te sien."
29 Dawid sê egter: "Wat het ek nou gedoen? Was dit nie net 'n vraag nie?"
30 Toe draai hy van hom af weg na 'n ander en vra dieselfde ding en die manne het hom dieselfde geantwoord as vroeër.
31 Toe die woorde wat Dawid sê gehoor word, is dit aan Sha'ul vertel en hy het hom laat haal.
32 Dawid het vir Sha'ul gesê: "Laat geen man se binneste faal as gevolg van hom nie, u dienskneg sal gaan en teen hierdie F'lishtyn baklei."
33 Toe antwoord Sha'ul vir Dawid: "Jy is nie in staat om teen hierdie F'lishtyn op te gaan om teen hom te veg nie, want jy is nog jonk terwyl hy 'n krygsman van sy jeug af is."
34 Dawid sê egter vir Sha'ul: "U dienskneg het sy vader se kleinvee opgepas. Wanneer 'n leeu of 'n beer kom en 'n lam uit die trop uit wegvat,
35 dan gaan ek uit agter hom aan en val hom aan en red dit uit sy bek uit en as hy teen my opstaan, het ek hom aan sy baard gegryp, geslaan en hom doodgemaak.
36 U dienskneg het beide die leeu en die beer doodgemaak en hierdie onbesnede F'lishtyn sal soos een van hulle wees, aangesien hy die leër van die lewende God uitgetart het."
37 Dawid het ook gesê: "יהוה wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hy sal my bevry uit die hand van hierdie F'lishtyn." Sha'ul het vir Dawid gesê: "Gaan en mag יהוה by jou wees!"
38 Sha'ul het Dawid met sy klere aangetrek en 'n koper helmet op sy kop gesit en hom met pantser aangetrek.
39 Dawid het sy swaard bo-oor sy klere vasgegord en probeer loop omdat hy dit nooit probeer het nie. Dawid het vir Sha'ul gesê: "Ek kan nie hiermee gaan nie, want ek het dit nooit probeer nie." Dawid het hulle uitgetrek.
40 Hy het sy staf in sy hand gevat en vir hom vyf gladde klippe uit die spruit gekies en dit in sy herderssak gesteek wat hy gehad het, in die slingersak en sy slinger was in sy hand en hy het die F'lishtyn genader.
41 Toe het die F'lishtyn nadergekom na Dawid toe met die skilddraer voor hom.
42 Toe die F'lishtyn kyk en vir Dawid, wat rooierig was met 'n aantreklike voorkoms, sien, het hy hom verag omdat hy nog jonk was.
43 Die F'lishtyn vra vir Dawid: "Is ek 'n hond dat jy na my toe kom met stokke?" Die F'lishtyn het Dawid vervloek by sy gode.
44 Die F'lishtyn sê ook vir Dawid: "Kom na my toe en ek sal jou vlees vir die voëls van die lug en die diere van die veld gee."

45 Toe sê Dawid vir die F'lishtyn: "Jy kom na my toe met 'n swaard, 'n spies en 'n lans, maar ek kom na jou toe in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה-Tzva'ot, die God van die leërs van Yisra'el, wat jy uitgetart het.
46 Vandag sal יהוה jou in my hand oorlewer en ek sal jou neerslaan en jou kop van jou af verwyder en ek sal vandag die lyke van die leër van die F'lishtyne vir die voëls van die lug en die wilde diere van die aarde gee sodat die hele aarde kan weet dat daar 'n God in Yisra'el is
47 en dat hierdie hele menigte mag weet dat יהוה nie deur swaard en spies bevry nie, want die geveg behoort aan יהוה en Hy sal julle in ons hand gee."
48 Dit het gebeur toe die F'lishtyn opstaan en naderkom om Dawid te ontmoet dat Dawid vinnig na die gevegslyn hardloop om die F'lishtyn te ontmoet.
49 Dawid steek sy hand in sy sak en vat 'n klip daaruit en slinger dit en hy tref die F'lishtyn op sy voorkop en die klip sink in sy voorkop in dat hy op sy gesig teen die grond val.
50 So het Dawid oor die F'lishtyn die oorhand gekry met 'n slinger en 'n klip en hy het die F'lishtyn getref en hom doodgemaak, maar daar was geen swaard in Dawid se hand nie.
51 Toe het Dawid gehardloop en oor die F'lishtyn gaan staan en sy swaard gevat, dit uit sy skede getrek en hom doodgemaak en sy kop daarmee afgekap. Toe die F'lishtyne sien dat hulle kampioen dood is, het hulle gevlug.
52 Die manne van Yisra'el en Y'hudah het opgestaan, geskreeu in vreugde en die F'lishtyne agtervolg tot by die vallei en tot by die poorte van `Ekron. Die gevalle F'lishtyne het langs die pad na Sha'arayim gelê, selfs tot by Gat en `Ekron.
53 Die seuns van Yisra'el het teruggekeer van agtervolging van die F'lishtyne en hulle kamp geplunder.
54 Dawid het die kop van die F'lishtyn gevat en dit na Yerushalayim toe gebring, maar sy wapens in sy tent gesit.
55 Toe Sha'ul Dawid sien uittrek teen die F'lishtyn, sê hy vir Avner, die bevelvoerder van die leër: "Avner, wie se seun is díé jongman?" Avner antwoord: "By u lewe, o koning, ek weet nie!"
56 Die koning sê: "Vind uit wie se seun die jongman is."
57 Toe Dawid terugkom nadat hy die F'lishtyn doodgemaak het, het Avner hom gevat en hom voor Sha'ul gebring, met die kop van die F'lishtyn in sy hand.
58 Sha'ul vra vir hom: "Wie se seun is jy, jongman?" Dawid antwoord: "Die seun van u dienskneg, Yishai, die Beit-Legemiet."

18 1 Dit het gebeur nadat hy met Sha'ul gepraat het dat Y'honatan se lewe verkleef geraak het aan Dawid se lewe en Y'honatan het hom liefgekry soos sy eie lewe.
2 Sha'ul het hom daardie dag gevat en hom nie na sy vader se huis laat terugkeer nie.
3 Toe sluit Y'honatan 'n verbond met Dawid omdat hy hom liefgehad het soos homself.
4 Y'honatan het sy mantel, wat hy aangehad het, uitgetrek en dit vir Dawid gegee, met sy pantser, insluitend sy swaard, sy boog en sy gordel.

5 Dawid het uitgegaan na waar ook al Sha'ul hom gestuur het en was voorspoedig en Sha'ul het hom oor die krygsmanne aangestel. Dit was goed in die oë van al die mense en ook in die oë van die diensknegte van Sha'ul.
6 Dit het gebeur toe hulle gekom het, toe Dawid teruggekeer het nadat hy die F'lishtyne doodgemaak het, dat die vroue uit al die stede van Yisra'el singend en dansend gekom het om koning Sha'ul met tamboeryne, vreugde en musiekinstrumente te ontmoet.
7 Die vroue het gesing terwyl hulle speel en gesê: "Sha'ul het sy duisende neergeslaan, maar Dawid sy tienduisende!"
8 Toe word Sha'ul baie kwaad, want hierdie woord het hom ontevrede gemaak en hy sê: "Hulle het aan Dawid tienduisende toegeken, maar aan my het hulle duisende toegeken. Wat meer kan hy nou kry as net die koningskap!"
9 Sha'ul het van dié dag af aan met agterdog na Dawid gekyk.
10 Dit het gebeur op die volgende dag dat 'n bose gees vanaf voor יהוה kragtig op Sha'ul gekom het sodat hy in verrukking was binne-in die huis terwyl Dawid soos gewoonlik met sy hand die harp speel en Sha'ul het 'n spies in sy hand gehad.
11 Sha'ul het die spies gegooi, want hy het gedink: "Ek sal Dawid teen die muur vaspen!" Dawid het egter twee maal uit sy teenwoordigheid ontsnap.
12 Sha'ul was bang vir Dawid, want יהוה was by hom en het van Sha'ul af weggegaan.
13 Sha'ul het hom daarom uit sy teenwoordigheid verwyder en hom aangestel as sy bevelvoerder oor 'n duisend en hy het uitgegaan en ingekom voor die manne.
14 Dawid was voorspoedig in al sy weë, want יהוה was by hom. Ps 1:3
15 Toe Sha'ul sien dat hy baie voorspoedig was, het hy hom gevrees,
16 maar die hele Yisra'el en Y'hudah het Dawid liefgehad en hy het voor hulle uitgegaan en ingekom.
17 Toe het Sha'ul vir Dawid gesê: "Hier is my oudste dogter, Merav, ek sal haar vir jou as vrou gee; wees net 'n dapper man vir my en veg die oorloë van יהוה," want Sha'ul het gedink: "My hand sal nie teen hom wees nie, maar laat die hand van die F'lishtyne teen hom wees."
18 Dawid het egter vir Sha'ul gesê: "Wie is ek en wat is my lewe of my vader se familie in Yisra'el dat ek die koning se skoonseun sou wees?"
19 So het dit gebeur teen die tyd dat Merav, die dogter van Sha'ul, vir Dawid gegee moes word, dat sy vir Adri'el, die Megolati, as vrou gegee is.
20 Mikhal, Sha'ul se dogter, het Dawid liefgehad. Toe hulle dit vir Sha'ul vertel, het hy dit goedgekeur.
21 Sha'ul het gedink: "Ek sal haar vir hom gee dat sy vir hom 'n strik kan wees en dat die hand van die F'lishtyne teen hom kan wees." Sha'ul het daarom vir Dawid gesê: "Jy kan vir die tweede keer my skoonseun word, op hierdie dag!"
22 Toe het Sha'ul sy diensknegte beveel: "Praat met Dawid in die geheim en sê: 'Let op, die koning het vreugde oor jou en al sy diensknegte het jou lief; nou daarom, word die koning se skoonseun.'"

23 Die diensknegte van Sha'ul het toe hierdie woorde vir Dawid gesê, maar Dawid het gevra: "Is dit 'n kleinigheid in julle oë om die skoonseun van die koning te word, aangesien ek 'n arm man is wat min geag word?"
24 Die diensknegte van Sha'ul het aan hom rapporteer volgens die woorde wat Dawid gesê het.
25 Toe sê Sha'ul: "So moet julle vir Dawid sê: "Die koning vereis geen ander bruidsprys as tweehonderd voorhuide van die F'lishtyne nie, om wraak te neem op die koning se vyande." Sha'ul het beplan om Dawid te laat val deur die hand van die F'lishtyne.
26 Toe sy diensknegte hierdie woorde vir Dawid vertel, was Dawid tevrede om die koning se skoonseun te word. Voordat die dae verstreke was,
27 het Dawid opgestaan en hy en sy manne het gegaan en tweehonderd man onder die F'lishtyne doodgeslaan. Toe het Dawid hulle voorhuide gebring en hulle het die volle getal aan die koning gegee sodat hy die koning se skoonseun kon word. Sha'ul het Mikhal, sy dogter, vir hom as vrou gegee.
28 Toe Sha'ul sien en verstaan dat יהוה met Dawid was en dat Mikhal, die dogter van Sha'ul, hom lief het,
29 het Sha'ul nog banger geword vir Dawid. So was Sha'ul Dawid se konstante vyand.
30 Toe het die bevelvoerders van die F'lishtyne uitgegaan en dit het gebeur so dikwels as hulle uitgaan, dat Dawid wyser opgetree het as al die diensknegte van Sha'ul. Sy naam (karakter en outoriteit) is hoog geëer.

19 1 Sha'ul het vir sy seun Y'honatan en vir al sy diensknegte gesê om Dawid dood te maak, maar Y'honatan, Sha'ul se seun, het baie van Dawid gehou.
2 Y'honatan het dit vir Dawid vertel en gesê: " Sha'ul, my vader, soek om jou dood te maak. Wees daarom asseblief waaksaam in die oggend en bly in 'n geheime plek en steek jou weg.
3 Ek sal uitgaan en langs my vader staan in die veld waar jy is en ek sal met my vader oor jou praat; as ek iets uitvind, sal ek jou vertel."
4 Toe het Y'honatan goed van Dawid gepraat by Sha'ul, sy vader en vir hom gesê: "Moenie dat die koning sondig teen sy dienskneg Dawid nie, aangesien hy nie teen u gesondig het nie en omdat sy dade baie voordelig vir u is,
5 want hy het sy lewe in sy hand geneem en die F'lishtyne neergeslaan en יהוה het vir die hele Yisra'el 'n groot oorwinning besorg. U het dit gesien en was verheug. Waarom sal u dan teen onskuldige bloed sondig deur Dawid sonder rede dood te maak?"
6 Sha'ul het na die stem van Y'honatan geluister en Sha'ul het 'n eed geneem: "Soos יהוה leef, hy sal nie gedood word nie!"
7 Toe het Y'honatan vir Dawid geroep en Y'honatan het al hierdie woorde vir hom vertel. Y'honatan het Dawid na Sha'ul gebring en hy was in sy teenwoordigheid soos vroeër.
8 Toe daar weer oorlog was, het Dawid uitgegaan en teen die F'lishtyne geveg en hulle verslaan met 'n groot slagting sodat hulle voor hom uit gevlug het.

9 Daar was 'n bose gees vanaf voor יהוה op Sha'ul terwyl hy in sy huis sit met sy spies in sy hand en Dawid die harp met sy hand speel.
10 Sha'ul het probeer om Dawid met die spies teen die muur vas te pen, maar hy het uit Sha'ul se teenwoordigheid weggeglip sodat hy die spies in die muur ingegooi het. Dawid het gevlug en daardie nag ontsnap.
11 Toe het Sha'ul boodskappers na Dawid se huis gestuur om hom te bewaak om hom in die oggend dood te maak, maar Dawid se vrou, Mikhal, het hom vertel en gesê: "As jy nie vannag jou lewe red nie, sal jy môre doodgemaak word."
12 Mikhal het Dawid deur 'n venster laat afsak en hy het uitgegaan, gevlug en ontsnap.
13 Mikhal het die huishoudelike afgod gevat, dit op die bed neergelê, 'n kussing van bokhaar by sy kop gesit en dit bedek met klere.
14 Toe Sha'ul boodskappers stuur om Dawid te vat, het sy gesê: "Hy is siek."
15 Toe stuur Sha'ul die boodskappers om Dawid te sien met die opdrag: "Bring hom na my toe op sy bed sodat ek hom kan doodmaak."
16 Toe die boodskappers inkom, let op, was die huishoudelike afgod op die bed en 'n kussing van bokhaar by sy kop!
17 Sha'ul sê vir Mikhal: "Waarom het jy my so bedrieg en my vyand laat gaan sodat hy ontsnap het?" Mikhal het Sha'ul geantwoord: "Hy het vir my gesê: 'Laat my gaan, of ek maak jou dood.'"
18 Dawid het gevlug en ontsnap en by Sh'mu'el in Ramah gekom en hom alles vertel wat Sha'ul aan hom gedoen het. Hy en Sh'mu'el het in die blyplekke van die profete gaan bly.
19 Dit is vir Sha'ul vertel en gesê: "Let op, Dawid is in die blyplekke by Ramah."
20 Toe stuur Sha'ul boodskappers om Dawid te gaan haal, maar toe hulle die groep profete sien profeteer, met Sh'mu'el wat staan en hulle lei, het die Gees van God oor die boodskappers van Sha'ul gekom en hulle het ook geprofeteer.
21 Toe dit aan Sha'ul vertel is, het hy ander boodskappers gestuur en hulle het ook geprofeteer. Sha'ul het weer, die derde keer, boodskappers gestuur en hulle het ook geprofeteer.
22 Toe het hy self na Ramah gegaan en tot by die groot put gekom wat by Sekhu is en gevra en gesê: "Waar is Sh'mu'el en Dawid?" Iemand antwoord: " Let op, hulle is by die blyplekke in Ramah."
23 Hy het aangegaan tot by die blyplekke in Ramah en die Gees van God het ook oor hom gekom sodat hy saam geloop en aanhoudend geprofeteer het totdat hy by die blyplekke in Ramah gekom het.
24 Hy het ook sy klere uitgetrek en hy het ook voor Sh'mu'el geprofeteer en kaal gelê daardie hele dag en die hele nag; daarom sê hulle: "Is Sha'ul ook onder die profete?"

20 1 Toe het Dawid gevlug vanaf die blyplekke by Ramah en by Y'honatan gekom
en gevra: "Wat het ek gedoen? Wat is my oortreding en wat is my sonde voor jou
vader, dat hy my lewe soek?"
2 Hy sê vir hom: "'n Verwerplike gedagte! Jy sal nie sterf nie. Let op, my vader doen
geen ding, klein of groot, sonder om dit aan my te openbaar nie. Waarom sou my
vader dan hierdie saak vir my wegsteek? Dit is nie so nie!"
3 Toe sweer Dawid weer en sê: "Jou vader weet baie goed dat ek guns in jou oë gevind
het en hy het gesê: 'Moenie dat Y'honatan dit weet nie, anders sal hy bedroef
wees,' maar so waar as יהוה leef en jyself leef, daar is skaars 'n tree tussen my en
die dood!"
4 Toe sê Y'honatan vir Dawid: "Wat jy ook al sê, sal ek vir jou doen."
5 Toe sê Dawid vir Y'honatan: "Let op, môre is dit nuwemaan en ek is veronderstel
om saam met die koning te eet, maar laat my gaan sodat ek myself wegsteek in die
veld tot die derde sonsondergang toe.
6 As jou vader my enigsins mis, sê dan: 'Dawid het my dringend verlof gevra om na
sy stad, Beit-Legem, te hardloop, want dit is die jaarlikse offer vir die hele familie
daar.
7 As hy so sê: 'Goed,' dan is jou dienskneg veilig, maar as hy baie kwaad word, weet
dan dat hy besluit het op boosheid.
8 Bewys dan 'n guns aan jou dienskneg, want jy het jou dienskneg saam met jou in
'n verbond van יהוה gebring. As daar egter oortreding by my is, maak my dan self
dood, want waarom sou jy my dan na jou vader toe bring?"
9 Y'honatan het gesê: "Wat 'n verwerplike gedagte, want as ek sekerlik agterkom
dat my vader besluit het om boosheid oor jou te laat kom, sou ek jou nie daarvan
vertel nie?"
10 Toe vra Dawid vir Y'honatan: "Wie sal my vertel of jou vader jou 'n harde antwoord
gee?"
11 Y'honatan sê vir Dawid: "Kom, laat ons uitgaan in die veld in." Beide van hulle
het uitgegaan na die veld.
12 Toe sê Y'honatan vir Dawid: "יהוה, die God van Yisra'el, is Getuie! Wanneer ek na
my vader geluister het op hierdie tyd môre of die derde dag, let op, as dit goed is
teenoor Dawid, sal ek dan nie na jou toe stuur en dit aan jou openbaar nie?
13 As dit my vader plesier om jou skade aan te doen, mag יהוה so aan Y'honatan doen
en ook meer, as ek dit nie aan jou bekend maak en jou wegstuur nie sodat jy veilig
kan gaan. Mag יהוה by jou wees soos Hy by my vader was.
14 As ek dan nog lewe, sal jy my nie die liefdevolle omgee van יהוה bewys dat ek nie
sal sterf nie?
15 Jy sal ook vir ewig nooit jou liefdevolle omgee aan my huis onttrek nie, selfs nie
wanneer יהוה elke een van die vyande van Dawid afsny van die oppervlak van die
aarde af nie."
16 So het Y'honatan 'n verbond gesluit met die huis van Dawid. "Mag יהוה dit eis van
die hand van Dawid se vyande."

17 Y'honatan het Dawid weer laat sweer as gevolg van sy liefde vir hom, want hy het hom liefgehad soos hy sy eie lewe liefgehad het.
18 Toe het Y'honatan vir hom gesê: "Môre is dit nuwemaan en jy sal gemis word, want jou sitplek sal leeg wees.
19 Wanneer jy drie dae gebly het, moet jy gou afkom en gaan na die plek waar jy jou op daardie gebeurlike dag weggesteek het en jy moet by die klip `Ezel bly.
20 Ek sal drie pyle aan die kant skiet asof ek na 'n teiken skiet
21 en let op, ek sal die jongman stuur: 'Gaan soek die pyle!' As ek spesifiek vir die jongman sê: 'Let op, die pyle is dié kant van jou, kry hulle,' kom dan, want dit is veilig vir jou en geen skade nie, so waar as יהוה leef!
22 As ek egter vir die jongman sê: 'Let op, die pyle is anderkant jou,' gaan, want יהוה het jou weggestuur.
23 Wat die ooreenkoms betref waaroor ons gepraat het, let op, יהוה is saam met my en jou vir ewig."
24 Dawid het in die veld weggekruip en toe die nuwemaan kom, gaan die koning aansit om kos te eet.
25 Die koning het op sy sitplek gaan sit soos gewoonlik, die sitplek teen die muur; toe het Y'honatan op 'n plek gaan sit en Avner het langs Sha'ul gesit, maar Dawid se plek was leeg.
26 Nogtans het Sha'ul niks gepraat op daardie dag nie, want hy het gedink: "Dit is toevallig, hy is nie rein nie, sekerlik is hy nie rein nie."
27 Dit het gebeur op die tweede dag van die nuwemaan dat Dawid se plek leeg was. Sha'ul sê vir Y'honatan, sy seun: "Waarom het die seun van Yishai nie na die maaltyd gekom nie, nie gister of vandag nie?"
28 Y'honatan antwoord Sha'ul toe: "Dawid het my dringend verlof gevra om na Beit-Legem te gaan
29 want hy het gesê: 'Laat my asseblief gaan, aangesien ons familie 'n offer in die stad het en my broer het my beveel om dit by te woon. As ek dan nou guns in jou oë gevind het, laat my asseblief gaan dat ek my broers kan sien.' Hy het daarom nie na die koning se tafel toe gekom nie."
30 Toe het Sha'ul se woede ontvlam teen Y'honatan en hy sê vir hom: "Jy, seun van 'n perverse rebelse vrou, weet ek nie dat jy die seun van Yishai kies tot jou eie skande en tot skande van jou moeder se naaktheid nie?
31 Want solank as wat die seun van Yishai op die aarde leef, sal nie jy of jou koningskap bevestig word nie; daarom, stuur nou en bring hom na my toe, want hy moet sekerlik sterf."
32 Y'honatan het egter vir Sha'ul, sy vader, geantwoord en vir hom gesê: "Waarom moet hy gedood word, wat het hy gedoen?"
33 Toe slinger Sha'ul sy spies na hom toe om hom neer te vel. Toe het Y'honatan geweet dat sy vader besluit het om Dawid dood te maak.
34 Toe staan Y'honatan in gloeiende woede van die tafel af op en het geen kos geëet op die tweede dag van die nuwemaan nie, want hy was bedroef oor Dawid omdat sy vader hom onteer het.

35 Dit het gebeur in die oggend dat Y'honatan uitgegaan het in die veld in vir die afspraak met Dawid en 'n jongman was saam met hom.
36 Hy sê vir sy dienskneg: "Hardloop, vind nou die pyle wat ek gaan skiet." Terwyl die jongman hardloop, skiet hy 'n pyl verby hom.
37 Toe die jongman by die plek van die pyl kom wat Y'honatan geskiet het, roep Y'honatan die jongman agterna en sê: "Is die pyl nie verby jou nie?"
38 Y'honatan roep agter die jongman aan: "Maak gou, vinnig, moenie bly nie." Y'honatan se jongman tel die pyl op en kom na sy meester toe,
39 maar die jongman was van niks bewus nie: net Y'honatan en Dawid het van die saak geweet.
40 Toe gee Y'honatan sy wapens vir die jongman en sê vir hom: "Gaan, bring dit na die stad."
41 Toe die jongman weg was, staan Dawid op van die suidekant af en val met sy gesig op die grond en buig drie maal. Hulle het mekaar gesoen en saam gehuil, maar Dawid het meer gehuil.
42 Y'honatan het vir Dawid gesê: "Gaan in veiligheid, in sover ons vir mekaar gesweer het in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en gesê het: 'יהוה sal saam met my en jou wees en saam met my nageslag en jou nageslag, vir ewig." Toe het hy opgestaan en weggegaan, maar Y'honatan het in die stad ingegaan.

21 1 Toe het Dawid by Nov gekom, by die priester Agimelekh. Agimelekh het Dawid bewend tegemoetgegaan en vir hom gevra: "Waarom is u alleen en is daar niemand by u nie?"
2 Dawid sê vir Agimelekh, die priester: "Die koning het vir my 'n opdrag gegee en vir my gesê: 'Laat niemand iets van die saak weet waarvoor ek jou stuur en wat ek aan jou opdra nie' en ek het die jongmanne na 'n sekere plek gestuur;
3 daarom nou, wat is hier by u? Gee vir my vyf brode, of wat ook al gevind kan word."
4 Die priester het Dawid geantwoord en gesê: "Daar is geen gewone brood ter hande nie, maar daar is afgesonderde brood; as die jongmanne hulle maar net van vroue af weggehou het."
5 Dawid het die priester geantwoord en vir hom gesê: "Sekerlik is die manne van gister en eergister af afgesonder toe ons vertrek het en let op, die uitrusting van die jongmanne is afgesonder, soos op die gewone manier; hoeveel te meer sal hulle uitrusting vandag afgesonderd wees!"
6 Toe gee die priester vir hom afgesonderde brood, want daar was geen ander brood nie, behalwe die Brode van die Teenwoordigheid wat voor יהוה weggevat is, om vars brood neer te sit as dit weggevat word.
7 Een van die diensknegte van Sha'ul was daardie dag daar, teruggehou voor יהוה en sy naam was Do'eg, die Edomiet, die hoof van Sha'ul se veewagters.
8 Dawid sê vir Agimelekh: "Is hier nie 'n spies of 'n swaard byderhand nie? Want ek het nie my swaard of my wapens saam met my gebring nie, want die opdrag van die koning was dringend."

9 Toe sê die priester: "Die swaard van Golyat, die F'lishtyn, wat u in die vallei van Elah doodgemaak het, is daar agter die skouerkleed in 'n lap toegedraai; as u dit vir uself wil vat, vat dit, want daar is geen ander behalwe dit hier nie." Dawid het gesê: "Daar is geen ander soos hy nie, gee dit vir my."
10 Toe het Dawid opgestaan en dié dag van Sha'ul af weggevlug en na Akhish, die koning van Gat, toe gegaan.
11 Die diensknegte van Akhish het egter vir hom gevra: "Is dit nie Dawid, die koning van die land nie? Het hulle nie vir hom gesing terwyl hulle gedans en gesê het: 'Sha'ul het sy duisende verslaan en Dawid sy tienduisende,' nie?"
12 Dawid het hierdie woorde ter harte geneem en baie bang geword vir Akhish, die koning van Gat;
13 daarom het hy sy sinne voor hulle weggesteek en kranksinnig in hulle hande opgetree en op die deure van die poort geskryf en sy speeksel in sy baard laat afloop.
14 Toe sê Akhish vir sy diensknegte: "Let op, julle sien die man tree op soos 'n mal mens. Hoekom bring julle hom na my toe?
15 Het ek 'n gebrek aan kranksinniges dat julle hierdie een gebring het om as kranksinnige op te tree voor my? Moet so een in my huis inkom?"

22 1 Dawid het daarvandaan weggegaan en ontvlug na die grot van `Adullam en toe sy broers en sy vader se hele huishouding dit hoor, het hulle daarheen afgetrek na hom toe.
2 Elkeen wat in benoudheid was, elkeen wat in skuld was en elkeen wat ontevrede was, het by hom bymekaargekom en hy het bevelvoerder oor hulle geword. Daar was omtrent vier honderd man by hom gewees.
3 Dawid gaan toe van daar af na Mitzpeh in Mo'av en sê vir die koning van Mo'av: "Laat my vader en my moeder asseblief by julle bly totdat ek weet wat God vir my wil doen."
4 Toe los hy hulle by die koning van Mo'av en hulle het by hom gebly al die tyd wat Dawid in die vesting was.
5 Die profeet Gad het vir Dawid gesê: "Moenie in die vesting bly nie; gaan weg en gaan in die land Y'hudah in." Dawid het weggegaan en in die woud van Heret ingegaan.
6 Toe het Sha'ul gehoor dat Dawid en die manne wat by hom was, gevind is. Sha'ul het by Giv'ah op die hoogte onder die tamariskboom gesit met sy spies in sy hand en al sy diensknegte het rondom hom gestaan.
7 Sha'ul het vir sy diensknegte wat rondom hom gestaan het, gesê: "Luister nou, o Binyaminiete: sal die seun van Yishai ook vir julle almal lande en wingerde gee, julle almal aanstel as bevelvoerders oor duisende en bevelvoerders oor honderde?
8 Want almal van julle het teen my saamgesweer sodat daar niemand is wat dit aan my openbaar as my seun met die seun van Yishai 'n verbond sluit nie en niemand van julle wat vir my jammer is of aan my openbaar dat my seun my dienskneg teen my ophits om vir my 'n hinderlaag te lê, soos dit vandag is nie."

9 Toe sê Do'eg, die Edomiet, wat by die diensknegte van Sha'ul gestaan het: "Ek het die seun van Yishai sien kom na Nov by Agimelekh, die seun van Agituv.
10 Hy het יהוה geraadpleeg vir hom, vir hom padkos gegee en vir hom die swaard van Golyat, die F'lishtyn, gegee."
11 Toe stuur die koning iemand om die priester Agimelekh, die seun van Agituv, met sy vader se hele huishouding, die priesters wat in Nov was, te roep en hulle het almal na die koning toe gekom.
12 Sha'ul het gesê: "Luister nou, seun van Agituv!" Hy het geantwoord: "Hier is ek, my meester!"
13 Sha'ul sê vir hom: "Waarom het jy en die seun van Yishai teen my saamgesweer deurdat jy vir hom brood en 'n swaard gegee het en God vir hom geraadpleeg het sodat hy teen my sou opstaan deur in hinderlaag teen my te lê, soos dit vandag is?"
14 Toe antwoord Agimelekh die koning en sê: "Wie is onder al u diensknegte so getrou soos Dawid, selfs die skoonseun van die koning, wat bevelvoerder oor u wag is en geëerd is in u huis?
15 Het ek vandag begin om God vir hom te raadpleeg? Dit is ver van my! Die koning moenie op sy dienskneg, op enige van die huishouding van my vader, iets lê nie, want u dienskneg weet niks van hierdie hele saak nie."
16 Die koning sê egter: "Agimelekh, jy moet sekerlik sterf, jy en jou vader se hele huishouding." 1 Sh'm 2:27-33; 1 Sh'm 14:3; 1 Sh'm 22:11, 20
17 Die koning sê vir die wagte wat hom bedien: "Draai om en maak die priesters van יהוה dood omdat hulle hand ook met Dawid is en omdat hulle geweet het dat hy vlug en dit nie aan my geopenbaar het nie." Die diensknegte van die koning was nie gewillig om hulle hand uit te steek om die priesters van יהוה aan te val nie.
18 Toe sê die koning vir Do'eg: "Draai jy om en val die priesters aan." Do'eg, die Edomiet, het omgedraai en die priesters aangeval en hy het op dié dag vyf en tagtig man wat die linne skouerkleed dra, gedood.
19 Hy het ook die priesterstad Nov met die skerpte van die swaard geslaan, beide mans en vroue, kinders en suigelinge; ook die beeste, donkies en skape het hy met die skerpte van die swaard geslaan.
20 Een seun van Agimelekh, die seun van Agituv, met die naam van Avyatar, het ontsnap en agter Dawid aan gevlug.
21 Avyatar het vir Dawid vertel dat Sha'ul die priesters van יהוה vermoor het.
22 Toe sê Dawid vir Avyatar: "Ek het op daardie dag, toe Do'eg, die Edomiet, daar was, geweet dat hy sekerlik vir Sha'ul sou vertel. Ek is die oorsaak van die dood van al die lede van jou vader se huishouding.
23 Bly by my; moenie bang wees nie, jy is veilig by my, want hy wat my lewe soek, soek jou lewe ook."

23 1 Toe het hulle Dawid meegedeel en gesê: "Let op, die F'lishtyne veg teen Ke'ilah en hulle plunder die dorsvloere."
2 Toe raadpleeg Dawid יהוה en vra: "Sal ek gaan en hierdie F'lishtyne aanval?" יהוה sê vir Dawid: "Gaan en val die F'lishtyne aan en bevry Ke'ilah."

3 Dawid se manne sê egter vir hom: "Let op, hier in Y'hudah is ons bang. Hoeveel te meer dan as ons na Ke'ilah gaan teen die gevegsordes van die F'lishtyne?"
4 Toe raadpleeg Dawid יהוה weer en יהוה het hom geantwoord en gesê: "Staan op, gaan af na Ke'ilah, want Ek sal die F'lishtyne in jou hand gee."
5 Dawid en sy manne het na Ke'ilah gegaan en teen die F'lishtyne geveg en hulle vee weggelei en hulle met 'n groot slag geslaan. So het Dawid dan die inwoners van Ke'ilah bevry.
6 Dit het gebeur toe Avyatar, die seun van Agimelekh, na Dawid toe gevlug het by Ke'ilah, dat hy afgekom het met 'n skouerkleed in sy hand.
7 Toe dit aan Sha'ul vertel is dat Dawid na Ke'ilah gekom het, het Sha'ul gesê: "God het hom in my hand oorgelewer, want hy het homself ingesluit deur in 'n stad met dubbel poorte en grendels in te gaan."
8 Sha'ul het al die manne vir oorlog opgeroep om af te gaan na Ke'ilah om Dawid en sy manne te omsingel.
9 Dawid het geweet dat Sha'ul boosheid teen hom beraam; dus het hy vir Avyatar, die priester, gesê: "Bring die skouerkleed hier."
10 Toe sê Dawid: "יהוה, God van Yisra'el, U dienskneg het verseker gehoor dat Sha'ul na Ke'ilah wil kom om die stad om my ontwil te vernietig.
11 Sal die manne van Ke'ilah my in sy hand oorgee? Sal Sha'ul afkom soos U kneg gehoor het? יהוה, God van Yisra'el, ek bid, vertel asseblief U dienskneg!" יהוה het geantwoord: "Hy sal afkom."
12 Toe vra Dawid: "Sal die manne van Ke'ilah my en my manne in die hand van Sha'ul uitlewer?" יהוה antwoord: "Hulle sal jou uitlewer."
13 Toe het Dawid en sy manne, omtrent ses honderd, opgestaan en vanaf Ke'ilah weggegaan en gegaan waar hulle ook al kon. Toe dit vir Sha'ul vertel is dat Dawid uit Ke'ilah ontsnap het, het hy die agtervolging gestop.
14 Dawid het in vestings in die wildernis gebly en in 'n berg in die wildernis van Zif vertoef. Sha'ul het hom elke dag gesoek, maar God het hom nie in sy hand oorgegee nie.
15 Dawid het bewus geword daarvan dat Sha'ul uitgekom het om sy lewe te soek terwyl Dawid in die wildernis van Zif, by Horesh, was.
16 Y'honatan, Sha'ul se seun, het opgestaan en na Dawid by Horesh gegaan en hom bemoedig in God.
17 So het hy vir hom gesê: "Moenie bang wees nie, want die hand van Sha'ul, my vader, sal jou nie vind nie en jy sal koning wees oor Yisra'el en ek sal onder jou wees en my vader, Sha'ul, weet dit ook.
18 Toe sluit hulle twee 'n verbond voor die Teenwoordigheid van יהוה en Dawid het in Horesh gebly terwyl Y'honatan na sy huis toe gegaan het.
19 Toe het daar Zifiete opgegaan na Sha'ul by Giv'ah en gesê: "Kruip Dawid nie by ons weg, by die vestings by Horesh, op die heuwel van Hakhilah, wat suid van die wildernis lê nie?
20 Nou dan, o koning, kom af om volgens al die begeerte van u verstand, wil en emosie te doen en ons deel sal wees om hom in die hand van die koning uit te lewer."

21 Sha'ul het gesê: "Mag julle geseënd wees deur יהוה omdat julle vir my omgegee het.
22 Gaan nou, maak doodseker en ondersoek en bekyk die plek waar sy blyplek is, wie hom daar gesien het, want ek word vertel dat hy baie listig is.
23 Kyk en leer van al die wegkruipplekke waar hy homself wegsteek en kom na my toe terug met sekerheid en ek sal saam met julle gaan en as hy in die land is, sal ek hom opspoor onder al die duisende van Y'hudah."
24 Toe het hulle opgestaan en voor Sha'ul uit na Zif gegaan. Dawid en sy manne was in die wildernis van Ma'on, in die vlakte (`Aravah) suid van Yeshimon.
25 Toe Sha'ul en sy manne gaan om hom te soek, het hulle Dawid vertel en hy het afgegaan na die rots en in die wildernis van Ma'on gebly. Toe Sha'ul dit hoor, het hy Dawid agtervolg in die wildernis van Ma'on.
26 Sha'ul het aan een kant van die berg getrek en Dawid en sy manne aan die ander kant van die berg. Dawid het gou gemaak om van Sha'ul af weg te kom, want Sha'ul en sy manne het Dawid en sy manne omsingel om hulle te vang.
27 'n Boodskapper kom egter by Sha'ul en sê: "Maak gou en kom, want die F'lishtyne het 'n inval op die land gedoen."
28 Sha'ul het teruggedraai daarvan om Dawid agterna te jaag en gegaan om die F'lishtyne te ontmoet; daarom noem hulle daardie plek die Rots van Ontsnapping. (Sela-Hamaglekot)

24 1 Dawid het opgegaan van daar af en in die vestings van `Ein-Gedi gebly.
2 Toe Sha'ul terugkom van die agtervolging van die F'lishtyne, is vir hom vertel en gesê: "Let op, Dawid is in die wildernis van `Ein-Gedi."
3 Toe vat Sha'ul drie duisend uitgesoekte manne uit die hele Yisra'el en gaan om Dawid en sy manne te soek voor die Rotse van die Bergbokke.
4 Hy het op pad by die skaapkrale gekom waar daar 'n grot was en Sha'ul het ingegaan om homself te verlig. Dawid en sy manne het in die agterste kamers van die grot gesit.
5 Die manne van Dawid sê vir hom: "Let op, dit is die dag waarvan יהוה vir u gesê het: " Ek is op die punt om jou vyand in jou hand te gee en jy sal met hom maak soos jy goeddink." Toe staan Dawid op en sny stilletjies die soomhoek van Sha'ul se kleed af.
6 Dit het later gebeur dat Dawid se gewete hom gepla het omdat hy die soomhoek van Sha'ul se kleed afgesny het
7 en hy het vir sy manne gesê: "As gevolg van יהוה is dit ver van my dat ek hierdie ding aan my meester, die gesalfde van יהוה, sou doen om my hand teen hom uit te steek, want hy is die gesalfde van יהוה."
8 Dawid het sy manne met hierdie woorde oortuig en hulle nie toegelaat om teen Sha'ul op te staan nie. Sha'ul het opgestaan, die grot verlaat en op sy pad gegaan.
9 Daarna staan Dawid op en gaan uit die grot uit en roep agter Sha'ul aan en sê: "My meester, die koning!" Toe Sha'ul agter hom kyk, buig Dawid met sy gesig na die grond toe en val neer.

10 Dawid sê vir Sha'ul: "Waarom luister u na die woorde van mense wat sê: 'Let op, Dawid soek om u skade aan te doen?'
11 Let op, vandag het u gesien dat יהוה u in die grot in my hand gegee het en sommige het gesê dat ek u moet doodmaak, maar ek het u jammer gekry en ek het gesê: 'Ek sal nie my hand uitsteek teen my meester nie, want hy is die gesalfde van יהוה.'
12 Kyk nou, my vader! Inderdaad, sien die soomhoek van u kleed in my hand, want ek het die soomhoek van u kleed afgesny en u nie gedood nie. Weet en verstaan dat daar geen boosheid of rebellie in my hande is nie en ek het nie teen u gesondig nie alhoewel u op my lewe lê en wag om dit te vat.
13 Mag יהוה oordeel tussen u en my en mag יהוה my op u wreek, maar my hand sal nie teen u wees nie.
14 Soos die spreekwoord van die oumense sê: 'Uit die wetteloosheid kom boosheid voort,' maar my hand sal nie teen u wees nie.
15 Agter wie aan het die koning van Yisra'el uitgekom? Wie agtervolg u? 'n Dooie hond, 'n enkele vlooi!
16 יהוה sal daarom Regter wees en besluit tussen u en my. Mag Hy my saak sien en verdedig en my bevry uit u hand."
17 Toe Dawid klaar hierdie woorde tot Sha'ul uitgespreek het, sê Sha'ul: "Is dit jou stem, my seun Dawid?" Toe het Sha'ul sy stem opgelig en gehuil.
18 Hy het vir Dawid gesê: "Jy is regverdiger as ek, want jy het aan my goed gedoen terwyl ek boosheid aan jou gedoen het.
19 Jy het vandag verklaar dat jy aan my goed gedoen het en dat יהוה my in jou hand oorgelewer het en tog het jy my nie gedood nie,
20 want as iemand sy vyand vind, sal hy hom veilig laat gaan? Mag יהוה jou daarom met die goeie beloon vir wat jy vandag aan my gedoen het.
21 Nou, let op, ek weet dat jy sekerlik koning sal wees en dat die koninkryk van Yisra'el in jou hand bevestig sal word.
22 Nou, sweer vir my by יהוה dat jy my nageslag ná my nie sal afsny en my naam nie uit my vader se huis sal vernietig nie."
23 Dawid het vir Sha'ul gesweer en Sha'ul het na sy huis toe gegaan, maar Dawid en sy manne het na die vesting toe opgegaan.

25 1 Toe is Sh'mu'el dood en die hele Yisra'el het bymekaargekom en oor hom gerou en hom begrawe by sy huis in Ramah. Dawid het opgestaan en afgegaan na die wildernis van Pa'ran.
2 Daar was 'n man in Ma'on wie se besigheid in Karmel was en die man was baie ryk en het drie duisend skape en 'n duisend bokke gehad. Dit het gebeur terwyl hy sy skape geskeer het in Karmel
3 (die man se naam was Naval en die naam van sy vrou Avigayil en die vrou was intelligent en mooi van aansien, maar die man was grof en boos in sy optrede en hy was van die familie van Kalev)
4 dat Dawid in die wildernis gehoor het dat Naval sy skape skeer.
5 Dawid stuur tien jongmanne en Dawid sê vir die jongmanne: "Gaan op na Karmel en groet vir Naval in my naam

6 en so moet julle sê: "'n Lang lewe, vrede vir u huis en vrede op alles wat u besit.
7 Nou, ek het gehoor dat u skeerders het. U herders was by ons en ons het hulle nie beledig nie en hulle het ook niks vermis, al die dae wat hulle in Karmel was nie.
8 Vra u jongmanne en hulle sal u vertel. Laat my jongmanne daarom guns vind in u oë, want ons het op 'n feestelike dag gekom. Gee asseblief wat u byderhand het aan u diensknegte en aan u seun Dawid."
9 Toe Dawid se jongmanne arriveer, praat hulle met Naval volgens al hierdie woorde in Dawid se naam; toe wag hulle.
10 Naval het egter die diensknegte van Dawid geantwoord en gesê: "Wie is Dawid? Wie is die seun van Yishai? Daar is vandag baie diensknegte wat elkeen wegbreek van sy meester af.
11 Sou ek dan my brood, my water en my slaggoed wat ek vir my skeerders geslag het, vat en vir manne gee wie se oorsprong ek nie ken nie?"
12 Dawid se jongmanne het omgedraai op hulle pad en teruggegaan en gekom en hom vertel volgens al hierdie woorde.
13 Dawid sê vir sy manne: "Gord elkeen sy swaard aan!" Elke man het sy swaard aangegord en Dawid het ook sy swaard aangegord en omtrent vier honderd man het agter Dawid opgegaan terwyl twee honderd by die bagasie gebly het.
14 Een van die jongmanne het egter vir Avigayil, die vrou van Naval, vertel en gesê: "Let op, Dawid het boodskappers uit die wildernis gestuur om ons meester te groet en hy het hulle afgejak.
15 Tog was die manne vir ons baie goed en ons is nie beledig of het enige iets vermis al die dae wat ons saam met hulle rondgetrek het toe ons in die veld was nie.
16 Hulle was 'n muur vir ons, snags sowel as bedags, al die dae wat ons die skape by hulle opgepas het.
17 Nou, daarom moet uself weet en oorweeg wat u moet doen, want boosheid word beplan teen ons meester en teen sy hele huishouding en hyself is so 'n deugniet dat niemand met hom kan praat nie."
18 Toe het Avigayil gou twee honderd brode, twee kanne wyn, vyf voorbereide skape, vyf mate gebraaide graan, 'n honderd rosynekoeke en twee honderd vyekoeke gevat en dit op donkies gelaai.
19 Sy het vir haar jongmanne gesê: "Gaan voor my uit; let op, ek kom agter julle aan." Sy het egter nie vir haar man, Naval vertel nie.
20 Dit het gebeur terwyl sy op haar donkie ry en in die verborge deel van die berg afdaal, let op, dat Dawid en sy manne afkom na haar toe; so het sy hulle ontmoet.
21 Nou, Dawid het gedink: "Ek het sekerlik verniet alles wat aan hierdie man behoort in die wildernis beskerm sodat daar niks van sy goed vermis is nie en hy vergeld my goedheid met boosheid.
22 Mag God so aan die vyande van Dawid doen en nog meer, as ek van almal wat aan hom behoort, teen die oggend een laat oorbly wat manlik is."
23 Toe Avigayil Dawid sien, het sy gou van haar donkie afgeklim en voor Dawid op haar gesig neergeval en na die aarde toe gebuig.

24 Sy het voor sy voete neergeval en gesê: "Ek smeek u, my meester, laat die skuld op my wees, my meester; laat u dienares asseblief met u praat oor hierdie man, Naval,
25 want soos sy naam is, so is hy; Naval is sy naam en sy dwaasheid is by hom, maar ek, u dienares, het nie my meester se jongmanne, wat u gestuur het, gesien nie;
26 daarom, my meester, so waar as יהוה leef en u leef, aangesien יהוה u daarvan weerhou het om bloed te vergiet en om uself deur u eie hand te vergeld, laat nou u vyande en die wat boosheid soek teen my meester, soos Naval wees.
27 Laat hierdie geskenk wat u dienares vir my meester gebring het, nou vir die jongmanne gegee word wat saam met my meester is.
28 Vergewe asseblief die oortreding van u dienares, want יהוה sal sekerlik vir my meester 'n standhoudende huis maak omdat my meester die oorloë van יהוה geveg het en in u hele lewe geen boosheid gevind sal word nie.
29 Sou enige iemand opstaan om u te agtervolg en u lewe te soek, dan sal my meester se lewe saamgebind wees in die bondel van die lewendes by יהוה, u God, maar die lewens van u vyande sal Hy uitslinger soos vanuit die holte van 'n slinger.
30 Wanneer יהוה vir my meester doen volgens al die goeie waarvan Hy aangaande u gepraat het en u aanstel as heerser oor Yisra'el,
31 sal hierdie nie vir u droefheid veroorsaak nie, beide deur bloed te vergiet sonder rede en deurdat my meester homself vergeld het. Wanneer יהוה goed sal doen aan my meester, onthou dan u dienares."
32 Toe sê Dawid vir Avigayil: "Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, wat jou vandag gestuur het om my te ontmoet
33 en geseënd is jou onderskeiding en geseënd is jy, wat my vandag daarvan weerhou het om bloed te laat vloei en om myself te vergeld met my eie hand.
34 Nogtans, so waar as יהוה, die God van Yisra'el, leef wat my verhinder het om jou kwaad aan te doen, as jy nie gou gekom het om my te ontmoet nie, sou daar waarlik nie vir Naval een manlike oorgebly het teen die oggendlig nie!"
35 Dawid het uit haar hand ontvang wat sy vir hom gebring het en vir haar gesê: "Gaan op na jou huis in vrede! Kyk, ek het na jou geluister en jou versoek toegestaan."
36 Toe kom Avigayil by Naval en let op, hy het 'n fees in sy huis gehou, soos die fees van 'n koning. Naval se hart was vrolik in hom, want hy was baie dronk; daarom het sy hom niks vertel tot die oggendlig nie.
37 In die oggend egter, toe die wyn Naval verlaat het, het sy vrou hom hierdie dinge vertel en sy verstand, wil en emosie het in hom gesterf sodat hy soos 'n klip geword het.
38 Omtrent tien dae later het יהוה Naval getref en is hy dood.
39 Toe Dawid hoor dat Naval dood is, het hy gesê: "Geseënd is יהוה wat die saak van my smaad deur die hand van Naval verdedig het en sy kneg teruggehou het van boosheid. יהוה het ook die bose dade van Naval op sy eie kop laat neerkom." Toe het Dawid 'n voorstel aan Avigayil gestuur om haar as sy vrou te neem.
40 Toe die diensknegte van Dawid by Avigayil, in Karmel, gekom het, het hulle met haar gepraat en gesê: "Dawid het ons na u toe gestuur om u vir hom as vrou te vat."

41 Sy het opgestaan en met haar gesig na die grond toe gebuig en gesê: "Let op, hier is u dienares as slavin om die voete van my meester se diensknegte te was."
42 Toe staan Avigayil haastig op en het op 'n donkie gery, met haar vyf diensmeisies wat haar bedien en sy het die boodskappers van Dawid gevolg en sy vrou geword.
43 Dawid het ook vir Agino'am uit Yizre'el geneem en hulle het altwee sy vroue geword.
44 Sha'ul het sy dogter Mikhal, Dawid se vrou, aan Palti, die seun van Layish, gegee, wat van Gallim was.

26 1 Toe het die Zifiete by Sha'ul in Giv'ah gekom en gesê: "Kruip Dawid nie weg op die heuwel van Hakhilah, wat voor Yeshimon is nie?"
2 Sha'ul het opgestaan en afgegaan na die wildernis van Zif, met drie duisend, uitgesoekte manne uit Yisra'el saam met hom, om na Dawid te soek in die wildernis van Zif.
3 Sha'ul het gekamp op die heuwel van Hakhilah, wat voor Yeshimon, langs die pad lê en Dawid het in die wildernis gebly. Toe hy sien dat Sha'ul agter hom aankom in die wildernis in,
4 want Dawid het verkenners uitgestuur en geweet dat Sha'ul beslis kom,
5 het Dawid opgestaan en gekom op die plek waar Sha'ul gekamp het en Dawid het die plek gesien waar Sha'ul slaap en Avner, die seun van Ner, die bevelvoerder van sy leër en Sha'ul het in die sirkel van die kamp geslaap en die manne het rondom hom gekamp.
6 Toe sê Dawid vir Agimelekh, die Hittiet en vir Avishai, [1 Kro 2:16] die seun van Tz'ruyah, die broer van Yo'av: "Wie sal saam met my na Sha'ul in die kamp afgaan? Avishai het gesê: "Ek sal saam met u afgaan."
7 Dawid en Avishai het in die nag by die manne gekom en let op, Sha'ul lê in die sirkel van die kamp en slaap met sy spies in die grond gesteek langs sy kop en Avner en die manne het rondom hom gelê.
8 Toe sê Avishai vir Dawid: "Vandag het God u vyand in u hand oorgelewer; daarom dan, laat my asseblief toe om hom met die spies in een slag teen die grond vas te steek en ek sal hom nie 'n tweede keer steek nie."
9 Dawid sê egter vir Avishai: "Moet hom nie vernietig nie, want wie kan sy hand slaan aan die gesalfde van יהוה en sonder skuld bly?"
10 Dawid het ook gesê: "So waar as יהוה leef, sekerlik sal יהוה hom slaan, òf sy dag sal kom dat hy sterf, òf hy sal afgaan in die geveg en omkom!
11 יהוה verbied dat ek my hand aan die gesalfde van יהוה sou slaan, maar vat nou asseblief die spies wat by sy kop is en die waterkruik en laat ons gaan."
12 Dawid het die spies en die waterkruik van langs Sha'ul se kop gevat en hulle het weggegaan, maar niemand het dit gesien of daarvan geweet nie en ook het niemand wakker geword nie, want hulle was almal aan die slaap omdat 'n diepe slaap van יהוה op hulle geval het.
13 Toe het Dawid oorgegaan na die anderkant en bo-op die top van die berg, op 'n afstand, gaan staan met 'n groot area tussen hulle.

14 Dawid het uitgeroep na die manne en na Avner, die seun van Ner en gevra: "Antwoord jy nie, Avner?" Toe antwoord Avner: "Wie is jy wat na die koning roep?"
15 Dawid vra vir Avner: "Is jy nie 'n man nie en wie is soos jy in Yisra'el? Waarom het jy dan nie jou meester, die koning, bewaak nie? Iemand het gekom om die koning, jou meester, te vernietig.
16 Hierdie ding wat jy gedoen het, is nie goed nie! So waar as יהוה leef, almal van julle verdien die dood omdat julle nie julle meester, die gesalfde van יהוה, bewaak het nie. Kyk nou, waar is die spies van die koning en die waterkruik wat by sy kop was!"
17 Toe herken Sha'ul Dawid se stem en vra: "Is dit jou stem, my seun Dawid?" Dawid sê: "Dit is my stem, my meester, die koning!"
18 Hy het ook gesê: "Waarom agtervolg my meester dan sy dienskneg? Want wat het ek gedoen of watter boosheid is in my hand?
19 Laat my meester, die koning asseblief luister na die woorde van sy dienskneg. As יהוה u teen my aangehits het, laat Hom 'n offer aanvaar, maar as dit mense is: vervloek is hulle voor die Teenwoordigheid van יהוה, want hulle het my vandag uitgedryf sodat ek geen verbintenis met die erfenis van יהוה het nie deurdat hulle sê: "Gaan, dien ander gode!"
20 Nou dan, moenie my bloed op die grond laat val ver van die Teenwoordigheid van יהוה nie, want die koning van Yisra'el het uitgekom om een vlooi te soek, net soos 'n man 'n patrys in die berge agtervolg."
21 Toe sê Sha'ul: "Ek het gesondig; kom terug, my seun Dawid, want ek sal jou nie weer kwaad aandoen nie omdat my lewe vandag kosbaar was in jou oë; let op, ek het dwaas gehandel en 'n groot fout gemaak."
22 Dawid antwoord: "Let op, die spies van die koning! Laat nou een van die jongmanne oorkom en dit haal.
23 יהוה sal elkeen terugbetaal vir sy onpartydige opregtheid en vir sy getrouheid, want יהוה het u vandag in my hand oorgegee, maar ek het geweier om my hand teen die gesalfde van יהוה uit te steek.
24 Let nou op, soos u lewe vandag in my oë as kosbaar beskou is, mag so my lewe kosbaar geag word in die oë van יהוה en mag Hy my bevry uit elke benoudheid."
25 Toe sê Sha'ul vir Dawid: "Geseënd is jy, my seun Dawid! Jy sal baie verrig en sekerlik seëvier." Dawid het op sy pad gegaan en Sha'ul het na sy plek toe teruggekeer.

27 1 Toe het Dawid by homself gesê: "Nou, ek sal eendag omkom deur die hand van Sha'ul. Daar is vir my niks beter as om te ontsnap na die land van die F'lishtyne nie. Sha'ul sal dan hoop opgee in sy soeke na my in die hele grondgebied van Yisra'el en ek sal uit sy hand ontsnap."
2 Dawid en die ses honderd man wat by hom was, het opgestaan en oorgegaan na Akhish, die seun van Ma'okh, die koning van Gat.

3 Dawid het by Akhish, in Gat, gebly, hy en sy manne, elkeen met sy huishouding; Dawid met sy twee vroue, Agino'am uit Yizre'el en Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel.
4 Dit is aan Sha'ul vertel dat Dawid na Gat gevlug het. Hy het dus nie verder na hom gesoek nie.
5 Toe het Dawid vir Akhish gesê: "As ek guns in u oë gevind het, laat hulle vir my 'n plek gee in een van die plattelandse stede dat ek daar kan woon, want waarom sou u dienskneg in die koninklike stad by u woon?"
6 Akhish het vir hom Ziklag gegee op dié dag; daarom het Ziklag aan die konings van Y'hudah behoort tot vandag toe.
7 Die hoeveelheid dae wat Dawid in die land van die F'lishtyne gebly het, was 'n jaar en vier maande.
8 Dawid en sy manne het opgegaan en die G'shuriete, die Gizriete en die `Amalekiete aangeval, want hulle was van ouds af die bewoners van die land, soos jy by Shur kom en so ver as die land van Mitzrayim.
9 Dawid het die land aangeval en nie 'n man of vrou laat lewe nie en hy het die skape, beeste, donkies, kamele en klere weggevat. Toe het hy teruggegaan en by Akhish gekom.
10 Akhish het gesê: "Waar het julle vandag 'n aanval geloots?" Dawid het gesê: "Teen die Suidland (Negev) van Y'hudah, teen die Suidland van die Yeragme'eliete en teen die Suidland van die Keiniete.
11 Dawid het nie 'n man of vrou laat lewe om dié na Gat te bring nie, want hy het gedink: "Anders sal hulle aangaande ons vertel en sê: 'So het Dawid gedoen en dit was sy manier al die dae wat hy in die land van die F'lishtyne gebly het.'"
12 Akhish het Dawid vertrou en gesê: "Hy het homself sekerlik gehaat gemaak by sy mense, Yisra'el; daarom sal hy vir altyd my dienskneg word."

28 1 Nou, dit het gebeur in daardie dae dat die F'lishtyne hulle gewapende leërs bymekaargemaak het vir oorlog, om teen Yisra'el te veg en Akhish het vir Dawid gesê: "Weet verseker dat jy saam met my sal uitgaan in die kamp, jy en jou manne."
2 Dawid sê vir Akhish: "Goed, u sal weet wat u dienskneg kan doen." Akhish sê vir Dawid: "Goed, ek sal jou lewenslank my lyfwag maak."
3 Sh'mu'el was dood en die hele Yisra'el het oor hom gerou en hom begrawe in Ramah, sy eie stad. Sha'ul het die mediums en die waarsêers uit die land verwyder.
4 Die F'lishtyne het bymekaargekom en gekom en gekamp in Shunem. Sha'ul het die hele Yisra'el bymekaargemaak en hulle het in Gilboa gekamp.
5 Toe Sha'ul die kamp van die F'lishtyne sien, het hy bang geword en sy binneste het baie gebewe.
6 Toe Sha'ul יהוה geraadpleeg het, het יהוה hom nie geantwoord nie, nie deur drome nie, ook nie deur die Urim nie en ook nie deur die profete nie.
7 Toe sê Sha'ul vir sy diensknegte: "Soek vir my 'n vrou wat 'n medium is dat ek na haar toe kan gaan en haar raadpleeg." Sy dienaars sê vir hom: "Let op, daar is 'n vrou in `Ein-Dor wat 'n medium is."

8 Toe het Sha'ul hom vermom deur ander klere aan te trek en gegaan, hy en twee manne saam met hom en in die nag by die vrou aangekom en hy het gesê: "Roep asseblief vir my op en laat vir my opkom die een wat ek vir jou sal noem."
9 Die vrou sê egter vir hom: "Let op, jy weet wat Sha'ul gedoen het; hoe hy die mediums en waarsêers uitgesny het uit die land uit. Waarom stel jy dan 'n val vir my lewe om my dood te maak?" Deut 18:11,12
10 Sha'ul het vir haar by יהוה gesweer en gesê: "So waar as יהוה leef, geen straf sal oor jou kom hiervoor nie!"
11 Toe vra die vrou: "Wie moet ek vir jou laat opkom?" Hy het gesê: "Laat Sh'mu'el vir my opkom."
12 Toe die vrou Sh'mu'el sien, skreeu sy hardop en die vrou het met Sha'ul gepraat en gesê: "Waarom het u my bedrieg? Want u is Sha'ul."
13 Die koning antwoord haar: "Moenie bang wees nie, maar wat sien jy?" Die vrou sê vir Sha'ul: "Ek sien 'n goddelike wese uit die aarde opkom."
14 Hy vra haar toe: "Hoe is sy voorkoms?" Sy antwoord: "'n Ou man kom op met 'n mantel om." Sha'ul het geweet dat dit Sh'mu'el was en hy buig met sy gesig na die grond toe en betoon respek.
15 Toe sê Sh'mu'el vir Sha'ul: "Waarom steur jy my deur my te laat opkom?" Sha'ul antwoord: "Ek is baie benoud, want die F'lishtyne voer oorlog teen my en God het van my af weggegaan en antwoord my nie meer nie, nie deur profete nie en ook nie deur drome nie; daarom het ek u geroep om aan my bekend te maak wat ek moet doen."
16 Sh'mu'el het gesê: "Waarom vra jy my dan, aangesien יהוה van jou af weggegaan het en jou Teëstander geword het?
17 יהוה het gedoen soos wat Hy deur my gepraat het, want יהוה het die koningskap uit jou hand geskeur en dit vir jou naaste, vir Dawid, gegee.
18 Omdat jy nie na die stem van יהוה geluister en Sy intense wraak teen `Amalek uitgevoer het nie; daarom het יהוה vandag hierdie ding aan jou gedoen.
19 Meer nog sal יהוה Yisra'el ook saam met jou in die hand van die F'lishtyne gee; daarom sal jy en jou seuns môre by my wees. Inderdaad sal יהוה die leër van Yisra'el in die hand van die F'lishtyne gee."
20 Sha'ul het dadelik in sy volle lengte op die grond geval en was baie bang as gevolg van die woorde van Sh'mu'el; daar was ook geen krag in hom nie, want hy het die hele dag en die hele nag geen kos geëet nie.
21 Die vrou het na Sha'ul toe gekom en gesien dat hy baie beangs was en sy sê vir hom: "Let op, u dienares het u gehoorsaam en my lewe gewaag en na u woorde geluister wat u met my gepraat het.
22 Luister nou ook na die stem van u dienares en laat ek vir u 'n stukkie brood voorsit dat u kan eet en krag hê wanneer u gaan."
23 Hy het egter geweier en gesê: "Ek sal nie eet nie." Sy diensknegte en die vrou het egter by hom aangedring en hy het na hulle geluister, opgestaan van die grond af en op die bed gaan sit.
24 Die vrou het 'n vetgemaakte kalf in die huis gehad en dit gou geslag en sy het meel gevat, dit geknie en ongesuurde brood daarvan gebak.

25 Sy het dit voor Sha'ul en sy diensknegte gebring en hulle het geëet. Toe het hulle opgestaan en daardie nag weggegaan.

29 1 Die F'lishtyne het al hulle leërmagte by Afek versamel terwyl Yisra'el gekamp het by die fontein wat in Yizre'el is.
2 Die meesters van die F'lishtyne het opgetrek in honderde en in duisende en Dawid en sy manne het in die agterhoede saam met Akhish opgetrek.
3 Toe vra die bevelvoerders van die F'lishtyne: "Wat soek hierdie Hebreërs?" Akhish sê vir die bevelvoerders van die F'lishtyne: "Is dit nie Dawid, die dienskneg van Sha'ul, die koning van Yisra'el, wat al 'n jaar en 'n paar maande by my is, sonder dat ek iets fout in hom gevind het van die dag af dat hy oorgeloop het, tot vandag toe, nie?"
4 Die bevelvoerders van die F'lishtyne was kwaad vir hom en die bevelvoerders van die F'lishtyne het vir hom gesê: "Laat die man teruggaan sodat hy kan teruggaan na die plek wat u vir hom gegee het en laat hom nie saam met ons in die geveg afgaan nie, of hy sal in die geveg ons teëstander word, want waarmee kan hierdie man hom aanvaarbaar maak by sy meester? Sal dit nie wees met die koppe van hierdie manne nie?
5 Is dit nie Dawid nie, van wie hulle in die koordanse gesing en gesê het: "Sha'ul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende?"
6 Toe het Akhish vir Dawid geroep en vir hom gesê: "So waar as יהוה leef, jy was opreg en jou uitgang en jou ingang in die leër saam met my is goed in my oë, want ek het geen kwaad in jou gevind van die dag af dat jy na my gekom het tot vandag toe nie. Nogtans, is u nie aanvaarbaar in die oë van die bevelvoerders nie.
7 Draai daarom nou terug en gaan in vrede dat u nie die bevelvoerders van die F'lishtyne ontevrede maak nie."
8 Dawid sê vir Akhish: "Maar wat het ek gedoen? Of wat het u in u dienskneg gevind van die dag af dat ek voor u gekom het tot vandag toe dat ek nie mag gaan veg teen die vyande van my meester die koning nie?"
9 Akhish het Dawid egter geantwoord: "Ek weet dat jy goed is in my oë soos 'n boodskapper van God, nogtans het die bevelvoerders van die F'lishtyne gesê: 'Hy mag nie saam met ons opgaan in die geveg nie.'
10 Nou dan, staan vroeg op saam met die diensknegte van jou meester wat saam met jou gekom het en vertrek met dagbreek."
11 Dawid het vroeg opgestaan, hy en sy manne, om in die oggend weg te gaan, om terug te gaan na die land van die F'lishtyne. Die F'lishtyne het opgegaan na Yizre'el.

30 1 Toe het dit gebeur toe Dawid en sy manne op die derde dag by Ziklag aankom, dat die `Amalekiete 'n inval in die Negev en in Ziklag geloots het en hulle het Ziklag verslaan en dit met vuur verbrand.
2 Hulle het die vroue en almal wat daarin was, gevange geneem, beide klein en groot, sonder om enige iemand dood te maak, hulle weggevoer en verder gegaan.
3 Toe Dawid en sy manne by die stad kom, let op, was dit met vuur verbrand en hulle vroue, hulle seuns en hulle dogters is gevange geneem.

4 Toe het Dawid en die manne wat by hom was, hulle stem verhef en gehuil totdat daar geen krag meer in hulle was om te huil nie.
5 Dawid se twee vroue, Agino'am uit Yizre'el en Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel, is gevange geneem.
6 Meer nog, Dawid was baie benoud, want die manne het gepraat daarvan om hom te stenig, want al die manne was verbitterd, elkeen oor sy seuns en sy dogters, maar Dawid het homself versterk in יהוה, sy God.
7 Toe sê Dawid vir Avyatar, die priester, die seun van Agimelekh: "Bring asseblief vir my die skouerkleed." Avyatar het die skouerkleed na Dawid toe gebring.
8 Dawid het יהוה geraadpleeg en gesê: "Sal ek hierdie bende agtervolg? Sal ek hulle inhaal?" Hy sê vir hom: "Agtervolg, want jy sal hulle sekerlik inhaal en jy sal sekerlik almal red."
9 Dawid het gegaan, hy en die ses honderd man wat by hom was en by die spruit B'sor gekom, waar sommige agtergebly het.
10 Dawid het hulle agtervolg, hy en vier honderd man, want twee honderd man, wat te moeg was om deur die spruit B'sor te trek, het agtergebly.
11 Hulle het 'n Mitzrayimiet in die veld gevind wat hulle na Dawid gebring het, vir hom brood gegee wat hy geëet het en water om te drink.
12 Hulle het vir hom 'n stuk vyekoek en twee rosynekoeke gegee en hy het geëet; toe het sy gees ontwaak, want hy het geen brood geëet of water gedrink vir drie dae en drie nagte nie.
13 Dawid vra vir hom: "Aan wie behoort jy en waar kom jy vandaan? Hy sê: "Ek is 'n jongman van Mitzrayim, die slaaf van 'n Amalekiet en my meester het my laat agterbly toe ek drie dae gelede siek geword het.
14 Ons het 'n inval gedoen in die Suidland van die K'retiërs, in dié van Y'hudah, in die Suidland van Kalev en Ziklag met vuur verbrand.
15 Toe vra Dawid vir hom: "Sal jy my afbring na hierdie bende toe?" Hy sê: "Sweer vir my by God dat u my nie sal doodmaak en my nie sal uitlewer in die hand van my meester nie en ek sal u afbring na hierdie bende toe."
16 Toe hy hom afgebring het, let op, is hulle oor die hele land verstrooi, besig om te eet, te drink en te dans as gevolg van die groot buit wat hulle uit die land van die F'lishtyne en uit die land van Y'hudah gevat het.
17 Dawid het hulle verslaan van die aandskemer af tot die aand van die volgende dag en nie een man van hulle het ontsnap nie, behalwe vier honderd jongmanne wat op kamele gery en gevlug het.
18 So het Dawid alles herwin wat die Amalekiete gevat het en sy twee vroue gered.
19 Niks van hulle was weg nie, klein of groot, seuns of dogters, buit of niks van alles wat hulle vir hulleself gevat het nie; Dawid het alles teruggebring.
20 Dawid het al die kleinvee en beeste afgevat. Hulle het hul voor die ander vee uitgedryf en gesê: "Dit is Dawid se buit."
21 Toe Dawid by die twee honderd man kom wat te moeg was om agter Dawid aan te gaan, wat hulle by die spruit B'sor laat agterbly het, kom hulle uit om vir Dawid en die manne wat by hom was, te ontmoet. Dawid het met die manne nadergekom en hulle gegroet.

22 Toe het al die slegte mense en deugniete uit die manne wat saam met Dawid gegaan het, gesê: "Omdat hulle nie saam met ons gegaan het nie, sal ons nie vir hulle enige van die buit gee wat ons afgeneem het nie, behalwe vir elke man sy vrou en sy kinders sodat hy hulle kan wegvat."
23 Toe sê Dawid: "Julle moenie so maak met wat יהוה vir ons gegee het nie, my broers, Hy het ons bewaar en die bende wat ons oorval het, in ons hand gegee.
24 Wie sal in hierdie saak na julle luister? Want soos die gedeelte is van dié wat in die geveg aftrek, so is ook die gedeelte van die wat by die pakgoed bly; hulle sal gelykop deel." Num 31:27
25 So is dit dan van dié dag af aan gewees. Hy het dit as 'n instelling en 'n regverdige oordeel vir Yisra'el gemaak tot vandag toe.
26 Toe Dawid in Ziklag kom, het hy buit aan die oudstes van Y'hudah, sy vriende, gestuur en gesê: "Let op, 'n geskenk vir julle uit die buit van die vyande van יהוה:
27 aan dié wat in Beit-El is; aan dié wat in Ramot van die Suidland is; aan dié wat in Yattir is;
28 aan dié wat in `Aro'er is; aan dié wat in Sifmot is; aan dié wat in Esht'moa is;
29 aan dié wat in Rakhal is; aan dié wat in die stede van die Yeragme'eliete is; aan dié wat in die stede van die Keiniete is;
30 aan dié wat in Hormah is; aan dié wat in Kor-`Ashan is; aan dié wat in Atag is;
31 aan dié wat in Hevron is en aan al die plekke waar Dawid self en sy manne, gewoond was om te gaan.

31 1 Die F'lishtyne het teen Yisra'el geveg en die manne van Yisra'el het voor die F'lishtyne weggevlug en neergeslaan gelê op die berg Gilboa.
2 Die F'lishtyne het Sha'ul en sy seuns ingehaal en die F'lishtyne het Y'honatan, Avinadav en Malkishua, die seuns van Sha'ul, doodgemaak.
3 Die geveg het hewig teen Sha'ul verloop en die boogskutters het hom getref en hy is ernstig deur hulle gewond.
4 Toe sê Sha'ul vir sy wapendraer: "Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, anders kom die onbesnedenes en deurboor my en skeer gek met my." Sy wapendraer wou egter nie omdat hy baie bang was. Sha'ul vat toe sy swaard en val daarin.
5 Toe sy wapendraer sien dat Sha'ul dood is, het hy ook in sy swaard geval en saam met hom gesterf.
6 So het Sha'ul met sy drie seuns, sy wapendraer en al sy manne op dieselfde dag gesterf.
7 Toe die manne van Yisra'el wat aan die anderkant van die vallei was en dié wat anderkant die Yarden was, sien dat die manne van Yisra'el gevlug het en dat Sha'ul en sy seuns dood is, het hulle die stede verlaat en gevlug. Toe het die F'lishtyne gekom en daarin gaan woon.
8 Dit het gebeur op die volgende dag, toe die F'lishtyne gekom het om dié wat dood is te plunder, dat hulle Sha'ul en sy drie seuns dood op die berg Gilboa kry.
9 Hulle het sy kop afgekap en sy wapens afgestroop en dit in die land van die F'lishtyne rondgestuur om die blye boodskap te bring in die huise van hulle afgode en aan die volk.

10 Hulle het sy wapens in die tempel van `Ashtarot gesit en sy lyk teen die muur van Beit-Shan vasgeslaan.
11 Toe die inwoners van Yavesh-Gil'ad hoor wat die F'lishtyne aan Sha'ul gedoen het,
12 het al die dapper manne opgestaan en die hele nag deur geloop en die liggame van Sha'ul en die liggame van sy seuns van die muur van Beit-Shan afgehaal en by Yavesh gekom en hulle daar verbrand.
13 Hulle het hul bene gevat en hulle onder die eikeboom in Yavesh begrawe en sewe dae lank gevas.

Die negende boek van die Verbond (Tanakh)

Die vierde boek van die Profete

Die vierde boek van die Vroeëre Profete

Sh'mu'el Beit

(2 Samuel)

(שמואל - Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is die Magtige God
of - deur die Magtige God gehoor)

Sh'mu'el Alef en Beit was oorspronklik een boek.

Die skrywer(s) van die boeke van Sh'mu'el was bes moontlik Sh'mu'el, Gad en Natan. Sh'mu'el het die eerste 24 hoofstukke van die eerste boek geskryf; Gad, Dawid se vriend, het die geskiedenis voortgesit en Natan het dit voltooi en saamgestel.

1 1 Dit het gebeur ná die dood van Sha'ul, toe Dawid terug was nadat die `Amalekiete
verslaan is, dat Dawid twee dae in Ziklag gebly het.
2 Let op, op die derde dag kom 'n man uit Sha'ul se kamp, met geskeurde klere en
stof op sy kop. Dit het gebeur dat, toe hy by Dawid kom, hy op die grond neerval
en op sy gesig gaan lê.
3 Toe vra Dawid vir hom: "Van waar af kom jy?" Hy antwoord hom: "Ek het ontsnap
uit die kamp van Yisra'el."
4 Dawid sê vir hom: "Hoe het dit gegaan? Vertel my asseblief." Hy antwoord: "Die
manne het van die geveg af gevlug en baie van die manne het geval en is dood en
Sha'ul en sy seun Y'honatan is ook dood."
5 Dawid vra die jongman wat vir hom die boodskap gebring het: "Hoe weet jy dat
Sha'ul en sy seun Y'honatan dood is?"
6 Die jongman wat vir hom die boodskap gebring het, antwoord: "Ek was toevallig
op die berg Gilboa en let op, Sha'ul het op sy spies geleun en die strydwaens en
perderuiters was op hom.
7 Toe hy omkyk, het hy my gesien en na my geroep. Ek het gesê: 'Hier is ek.'
8 Hy het vir my gevra: 'Wie is jy?' Ek het hom geantwoord: 'Ek is 'n `Amalekiet.'
9 Toe sê hy vir my: 'Staan asseblief langs my en maak my dood, want 'n beangstheid
het my beetgepak omdat my lewe nog in my talm.'
10 Ek het langs hom gaan staan en hom doodgemaak, want ek het geweet dat hy nie
ná sy val sou kon leef nie. Ek het die kroon wat op sy kop was en die armband wat
om sy arm was, gevat en dit hier na my meester toe gebring."
11 Toe gryp Dawid sy klere en skeur dit en so ook al die manne wat by hom was.
12 Hulle het tot die aand toe oor Sha'ul en oor sy seun Y'honatan en vir die volk van
יהוה en vir die huis van Yisra'el gerou, gehuil en gevas omdat hulle deur die swaard
geval het.
13 Dawid vra vir die jongman wat hom vertel het: "Waar kom jy vandaan?" Hy
antwoord: "Ek is die seun van 'n vreemdeling, 'n `Amalekiet." Eks 17:8; 1 Sh'm 15:2-
14 Toe sê Dawid vir hom: "Hoe is dit dat jy nie bang was om jou hand uit te steek om
die gesalfde van יהוה dood te maak nie?"
15 Dawid roep een van die jongmanne en sê: "Gaan, slaan hom neer!" Hy het hom
neergeslaan en hy is dood.
16 Dawid het vir hom gesê: "Jou bloed is op jou kop, want jou mond het teen jou
getuig omdat jy sê: "Ek het die gesalfde van יהוה doodgemaak."
17 Toe het Dawid hierdie klaaglied geneurie oor Sha'ul en sy seun Y'honatan
18 en hy het beveel dat 'die Lied van die Boog' vir die seuns van Y'hudah geleer moet
word; let op, dit is geskryf in die Boek van Yashar.
19 Jou eer en lof, o Yisra'el, lê dood op jou hoë plekke.
Hoe het die helde geval!
20 Moenie daarvan praat in Gat nie;
moet dit nie verkondig op die strate van Ashkelon nie,
anders sal die dogters van die F'lishtyne hulle verheug,
die dogters van die onbesnedenes sal juig!

21 Berge van Gilboa, mag daar op julle
geen dou, geen reën en geen velde van offergawes wees nie,
want daar is die skild van die magtiges beswadder,
die skild van Sha'ul nie met olie gesalf nie!
22 Vanaf die bloed van die gesneuweldes, vanaf die vet van die magtiges
het die boog van Y'honatan nie teruggedraai nie
en die swaard van Sha'ul het nie leeg teruggekeer nie.
23 Sha'ul en Y'honatan, geliefdes en aangenaam in hulle lewe
en in hulle dood is hulle nie geskei nie.
Vinniger as arende was hulle, sterker as leeus.
24 Dogters van Yisra'el, huil oor Sha'ul
wat julle weelderig met skarlaken beklee het,
wat goue versiersels op julle klere gesit het.
25 Hoe het die helde geval te midde van die geveg!
Y'honatan lê verslaan op jou hoë plekke.
26 Ek is ontsteld oor jou, my broer Y'honatan!
Jy was baie aangenaam vir my;
jou liefde vir my was wonderliker
as die liefde van vroue.
27 Hoe het die magtiges geval
en is die oorlogswapens vernietig!

2 1 Daarna het dit gebeur dat Dawid יהוה geraadpleeg en gevra het: "Sal ek opgaan na een van die stede van Y'hudah?" יהוה het hom geantwoord: "Gaan op." Dawid sê toe: "Waarheen moet ek opgaan?" Hy antwoord: "Na Hevron."
2 Dawid het daarheen opgegaan, asook sy twee vroue, Agino'am uit Yizre'el en Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel.
3 Dawid het sy manne wat by hom was, laat opkom, elkeen met sy huishouding en hulle het in die stede van Hevron gebly.
4 Toe het die manne van Y'hudah gekom en Dawid daar as koning oor die huis van Y'hudah gesalf en vir Dawid vertel en gesê: "Dit was die manne van Javesh-Gil'ad wat Sha'ul begrawe het."
5 Dawid het boodskappers na die manne van Javesh-Gil'ad gestuur en vir hulle gesê: "Mag julle geseënd wees deur יהוה omdat julle hierdie omgee bewys het aan Sha'ul, julle meester en hom begrawe het.
6 Mag יהוה julle nou liefdevolle omgee en waarheid bewys en ek self sal ook hierdie goedheid aan julle bewys omdat julle hierdie ding gedoen het;
7 daarom, laat julle hande onveranderlik sterk wees en wees dapper, want Sha'ul, julle meester is dood en ook het die huis van Y'hudah my as koning oor hulle gesalf."
8 Avner, die seun van Ner, die bevelvoerder van Sha'ul se leër, het egter vir Ish-Boshet, Sha'ul se seun, gevat en hom oorgebring na Maganayim.
9 Hy het hom koning gemaak oor Gil'ad, oor die Ashuriete, oor Yizre'el, oor Efrayim, oor Binyamin en oor die hele Yisra'el.

10 Ish-Boshet, Sha'ul se seun, was veertig jaar oud toe hy koning geword het oor Yisra'el en hy was koning vir twee jaar. Die huis van Y'hudah het egter vir Dawid gevolg.
11 Die tyd wat Dawid koning was in Hevron oor die huis van Y'hudah, was sewe jaar en ses maande.
12 Avner, die seun van Ner, met die diensknegte van Ish-Boshet, die seun van Sha'ul, het vanuit Maganayim na Giv'on gegaan.
13 Yo'av, die seun van Tz'ruyah, met die diensknegte van Dawid het uitgegaan en hulle ontmoet by die poel van Giv'on en hulle het gaan sit, een aan die een kant van die poel en een aan die ander kant.
14 Toe sê Avner vir Yo'av: "Laat die jongmanne nou opstaan en 'n kompetisie voor ons hou." Yo'av sê: "Laat hulle opstaan."
15 Toe het hulle opgestaan en volgens getal oorgegaan: twaalf is vir Binyamin en Ish-Boshet, die seun van Sha'ul, afgetel en twaalf van die diensknegte van Dawid.
16 Elkeen van hulle het die ander aan die kop gegryp en sy swaard in sy opponent se sy gesteek sodat hulle saam geval het; daarom noem hulle dié plek Helkat-Hatzurim, wat by Giv'on is.
17 Daardie dag was die geveg baie hewig en Avner en die manne van Yisra'el is verslaan voor die diensknegte van Dawid.
18 Die drie seuns van Tz'ruyah was daar: Yo'av, Avishai en `Asah'el. `Asah'el was so vlugvoetig soos een van die bokke wat in die veld is.
19 `Asah'el het Avner agtervolg en het nie regs of links afgedraai om Avner te agtervolg nie.
20 Toe kyk Avner agter hom om en sê: "Is dit jy, `Asah'el?" Hy antwoord: "Dit is ek."
21 Avner sê vir hom: "Draai uit na jou regter- of linkerhand en gryp vir jou een van die jongmanne vir jouself en vat sy buit vir jouself." `Asah'el was egter nie gewillig om weg te draai daarvan om hom te volg nie.
22 Avner herhaal weer vir `Asah'el: "Draai weg daarvan om my te volg. Hoekom moet ek jou teen die grond slaan? Hoe kan ek dan my gesig oplig om jou broer Yo'av in die gesig te kyk?"
23 Hy het egter geweier om weg te draai; daarom het Avner hom met die agterkant van die spies in die onderlyf gesteek sodat die spies agter hom uitgekom het en hy daar neergeval en op die plek gesterf het. Dit het gebeur dat almal wat aangekom het by die plek waar `Asah'el geval en gesterf het, stilgestaan het,
24 maar Yo'av en Avishai het Avner agtervolg en toe die son ondergaan het hulle by die heuwel van Ammah gekom wat voor Giag lê, op die wildernispad van Giv'on.
25 Die seuns van Binyamin het agter Avner bymekaargekom en een groep geword en hulle het op die top van 'n sekere heuwel gestaan.
26 Toe roep Avner na Yo'av en sê: "Moet die swaard vir ewig verteer? Weet jy nie dat dit bitter sal wees aan die einde nie? Hoe lank gaan jy terughou om aan die manne te sê dat hulle moet terugdraai daarvan om hulle broers te volg?"
27 Yo'av antwoord: "So waar as God leef, as jy nie gepraat het nie, sou die manne sekerlik in die oggend weggegaan het, elkeen daarvan om sy broer te volg."

28 Toe blaas Yo'av op die ramshoring en al die manne het stilgestaan en Yisra'el nie langer gevolg nie en ook nie aangehou veg nie.
29 Avner en sy manne het toe daardie hele nag deur die Vlakte gegaan en deur die Yarden getrek, die hele oggend geloop en by Maganayim gekom.
30 Toe het Yo'av teruggekom daarvan om Avner te agtervolg. Toe hy al die manne bymekaargemaak het, was daar negentien van Dawid se diensknegte, behalwe vir `Asah'el, weg,
31 maar die diensknegte van Dawid het baie van Binyamin en Avner se manne neergeslaan sodat drie honderd en sestig man gesterf het.
32 Hulle het `Asah'el opgeneem en hom in die graf van sy vader, wat in Beit-Legem was, begrawe. Toe het Yo'av en sy manne die hele nag getrek totdat die dag in Hevron gebreek het.

3 1 Daar was 'n lang oorlog tussen die huis van Sha'ul en die huis van Dawid en Dawid het stadigaan sterker geword, maar die huis van Sha'ul het voortdurend swakker geword.
2 Daar is in Hevron seuns vir Dawid gebore. Sy eersgeborene was Amnon, by Agino'am van Yizre'el;
3 en sy tweede was Kalev, by Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel en die derde was Avshalom, die seun van Ma'akhah, die dogter van Talmai, die koning van G'shur
4 en die vierde Adoniyah, die seun van Haggit en die vyfde Sh'fatyah, die seun van Avital
5 en die sesde Yitre'am, by Dawid se vrou `Eglah. Hierdie is vir Dawid in Hevron gebore.
6 Dit het gebeur terwyl daar oorlog was tussen die huis van Sha'ul en die huis van Dawid dat Avner homself sterk gemaak het in die huis van Sha'ul.
7 Sha'ul het 'n byvrou gehad wie se naam Ritzpah was, die dogter van Ayah en Ish-Boshet het vir Avner gesê: "Waarom het jy by die byvrou van my vader ingegaan?"
8 Toe was Avner baie kwaad oor die woorde van Ish-Boset en het gesê: "Is ek 'n hondekop wat aan Y'hudah behoort? Vandag bewys ek guns aan die huis van Sha'ul, jou vader, aan sy broers en aan sy vriende en het jou nie in die hand van Dawid oorgegee nie en tog beskuldig jy my vandag van skuld met 'n vrou?
9 Mag God so aan Avner doen en nog meer, soos יהוה aan Dawid met 'n eed beloof het, as ek dit nie vir hom doen nie,
10 om die koningskap van die huis van Sha'ul oor te dra en die troon van Dawid vas te stel oor Yisra'el en oor Y'hudah, van Dan tot by Be'er-Sh'va."
11 Hy kon Avner verder nie 'n woord antwoord nie omdat hy vir hom bang was.
12 Toe stuur Avner boodskappers na Dawid in sy plek om te sê: "Aan wie behoort die land? Sluit u verbond met my en let op, my hand sal met u wees om die hele Yisra'el na u toe oor te bring."
13 Hy het gesê: "Goed, ek sal met jou 'n verbond sluit, maar een ding eis ek van jou, naamlik, jy sal nie my gesig sien as jy nie eers vir Mikhal, die dogter van Sha'ul, bring wanneer jy my kom sien nie."

14 Dawid het boodskappers na Ish-Boshet, Sha'ul se seun gestuur, om te sê: "Gee vir my my vrou Mikhal, aan wie ek verloof was vir tweehonderd voorhuide van die F'lishtyne."
15 Ish-Boshet het gestuur en haar van haar man, Palti'el, die seun van Layish, weggevat,
16 maar haar man het saam met haar gegaan, al huilende op pad en haar gevolg tot by Bagurim. Toe sê Avner vir hom: "Gaan terug." Hy het daarop teruggegaan.
17 Avner het met die oudstes van Yisra'el beraadslag en gesê: "In die verlede het julle begeer dat Dawid koning moes wees oor julle.
18 Doen dit dan nou, want יהוה het van Dawid gepraat en gesê: 'Deur die hand van My kneg Dawid sal Ek My volk Yisra'el uit die hand van die F'lishtyne en uit die hand van al hulle vyande red.'"
19 Avner het ook voor die ore van Binyamin gepraat en Avner het ook gegaan om voor die ore van Dawid in Hevron te praat van alles wat goed was vir Yisra'el en vir die hele huis van Binyamin.
20 Toe het Avner en twintig man saam met hom, by Dawid in Hevron gekom en Dawid het 'n fees berei vir Avner en die manne wat by hom was.
21 Avner het vir Dawid gesê: "Laat my opstaan en die hele Yisra'el by my meester die koning gaan versamel sodat hulle met u 'n verbond kan sluit en dat u koning kan wees oor alles wat u verstand, wil en emosie begeer." Dawid het vir Avner weggestuur en hy het in vrede gegaan.
22 Let op, die diensknegte van Dawid en Yo'av het van 'n rooftog af gekom en baie buit saam met hulle gebring, maar Avner was nie meer by Dawid in Hevron nie, want dié het hom weggestuur en hy het in vrede gegaan.
23 Toe Yo'av en die hele leër wat saam met hom was, arriveer, het hulle vir Yo'av vertel en gesê: "Avner, die seun van Ner, het na die koning toe gekom en dié het hom weggestuur en hy het in vrede gegaan."
24 Toe kom Yo'av by die koning en sê: "Wat het u gedoen? Let op, Avner het na u toe gekom; waarom het u hom dan weggestuur en hy is reeds weg?
25 U ken vir Avner, die seun van Ner, dat hy gekom het om u te mislei en om te leer van u uitgang en u ingang en om alles uit te vind wat u doen."
26 Toe Yo'av uitkom by Dawid, het hy boodskappers agter Avner aan gestuur en hulle het hom teruggebring van die put van Sirah Hassira af, maar Dawid het dit nie geweet nie.
27 Toe Avner na Hevron terugkom, het Yo'av hom eenkant toe gevat na die middel van die poort om vertroulik met hom te praat en hom daar in die maag gesteek sodat hy gesterf het vir die bloed van sy broer `Asah'el.
28 Agterna, toe Dawid dit hoor, het hy gesê: "Ek en my koninkryk is voor יהוה vir ewig onskuldig aan die bloed van Avner, die seun van Ner.
29 Mag dit val op die kop van Yo'av en op sy vader se hele huis en mag die huis van Yo'av nie vry wees van een wat 'n vloeiing het of wat melaats is of wat op krukke loop of wat deur die swaard val of gebrek aan brood het nie."
30 Yo'av en sy broer, Avishai, het Avner vermoor omdat hy hulle broer `Asah'el in die geveg by Giv'on gedood het.

31 Toe sê Dawid aan Yo'av en aan al die mense wat by hom was: "Skeur julle klere en gord rouklere aan en rouklaag oor Avner!" Koning Dawid het agter die draagbaar geloop.
32 So het hulle Avner in Hevron begrawe en die koning het sy stem opgelig en gehuil by die graf van Avner en die hele volk het gehuil.
33 Die koning het 'n klaaglied oor Avner gesing en gesê: "Moes Avner sterf soos 'n dwaas sterf?
34 Jou hande was nie vasgebind en jou voete ook nie in kettings gesit nie. Soos 'n mens voor die bose val, het jy geval." Die hele volk het weer oor hom gehuil.
35 Toe het die hele volk gekom om Dawid te oortuig om brood te eet terwyl dit nog dag was, maar Dawid het gesweer en gesê: "Mag God so aan my doen en ook meer, as ek brood of enige iets proe voor sonsondergang."
36 Al die mense het dit opgemerk en dit het hulle tevrede gestel, net soos alles wat die koning gedoen het, al die mense tevrede gestel het.
37 Al die mense en die hele Yisra'el het daardie dag verstaan dat dit nie van die koning af was om Avner, die seun van Ner, dood te maak nie.
38 Toe het die koning vir sy diensknegte gesê: "Weet julle nie dat 'n prins en 'n groot man vandag in Yisra'el geval het nie?
39 Ek is vandag swak, alhoewel ek as koning gesalf is terwyl hierdie manne, die seuns van Tz'ruyah, te moeilik is vir my. Mag יהוה die kwaaddoener vergeld na sy boosheid!"

4 1 Toe Ish-Boshet, die seun van Sha'ul, hoor dat Avner in Hevron gesterf het, het hy moed verloor en die hele Yisra'el was omgekrap.
2 Die seun van Sha'ul het twee manne, bevelvoerders van groepe, gehad: die naam van die een was Ba'anah en die naam van die ander Rekhav, seuns van Rimmon, die Be'erotiet, van die seuns van Binyamin, want Be'erot is ook as deel van Binyamin gereken.
3 Die Be'erotiete het na Gittayim gevlug en is vreemdelinge daar tot vandag toe.
4 Y'honatan, die seun van Sha'ul, het 'n seun gehad, lam aan sy voete. Hy was vyf jaar oud toe die tyding aangaande Sha'ul en Y'honatan uit Yizre'el gekom het en sy oppasser het hom opgetel en gevlug. Dit het gebeur in haar haastigheid om te vlug dat hy geval en lam geword het en sy naam was M'fivoshet.
5 Die seuns van Rimmon, die Be'erotiete, Ba'anah en Rekhav, het gegaan en by die huis van Ish-Boshet gekom op die warmste van die dag terwyl hy sy middagrus neem.
6 Hulle het na die middel van die huis gegaan en die seuns van boosheid het hom in die onderlyf gesteek en Ba'anah en Rekhav, sy broer, het ontsnap,
7 want toe hulle in die huis ingegaan het, het hy op sy bed in sy slaapkamer gelê. Hulle het hom doodgeslaan, sy kop afgekap en sy kop gevat en die hele nag lank deur die `Aravah (vlakte) gevlug.

8 Toe het hulle die kop van Ish-Boshet na Dawid in Hevron gebring en vir die koning gesê: "Let op, die kop van Ish-Boshet, die seun van Sha'ul, u vyand, wat u lewe gesoek het; so het יהוה aan my meester die koning vandag wraak gegee op Sha'ul en sy nageslag."
9 Dawid antwoord Ba'anah en Rekhav, sy broer, die seuns van Rimmon, die Be'erotiete en sê vir hulle: "So waar as יהוה leef wat my lewe uit alle benoudheid verlos het,
10 toe een my vertel en gesê het: 'Let op, Sha'ul is dood' en gedink het dat hy goeie nuus bring, het ek hom gegryp en hom in Ziklag doodgemaak, wat die beloning was wat ek hom gegee het vir die nuus.
11 Hoeveel te meer, as bose oortreders 'n opregte man in sy eie huis op sy bed vermoor, sal ek nie nou sy bloed van julle hand eis en julle van die aarde af vernietig nie?"
12 Toe het Dawid die jongmanne beveel en dié het hulle doodgemaak en hulle hande en voete afgekap en hulle opgehang langs die poel in Hevron, maar die kop van Ish-Boshet het hulle gevat en dit begrawe in die graf van Avner in Hevron.

5 1 Toe kom al die stamme van Yisra'el na Dawid in Hevron en sê: "Let op, ons is u vlees en bloed!
2 Vroeër, toe Sha'ul koning oor ons was, was ú die een wat Yisra'el uit- en ingelei het en יהוה het vir u gesê: 'Jy sal My volk Yisra'el oppas en jy sal 'n heerser wees oor Yisra'el'."
3 So het al die oudstes van Yisra'el na die koning in Hevron gekom en koning Dawid het met hulle 'n verbond in Hevron gesluit voor die Teenwoordigheid van יהוה; toe het hulle Dawid as koning oor Yisra'el gesalf.
4 Dawid was dertig jaar oud toe hy koning geword het en het vir veertig jaar regeer.
5 In Hevron het hy vir sewe jaar en ses maande oor Y'hudah regeer en in Yerushalayim het hy vir drie en dertig jaar oor die hele Yisra'el en Y'hudah regeer.
6 Die koning en sy manne het na Yerushalayim gegaan, teen die Y'vusiete, die inwoners van die land. Hulle het vir Dawid gesê: "Jy sal nie hier inkom nie, selfs die blindes en lammes sal jou verslaan." Hulle het gedink: "Dawid kan nie hier inkom nie."
7 Nogtans het Dawid die vesting van Tziyon ingeneem; dit is, die stad van Dawid.
8 Dawid het op daardie dag gesê: "Wie ook al die Y'vusiete verslaan, laat hom die lammes en die blindes (Idiomaties), wat Dawid se verstand, wil en emosie haat, deur die waterkanaal bereik." Hulle sê daarom: "Die blindes en lammes mag nie in die huis kom nie."
9 Dawid het in die vesting gaan bly en dit 'die stad van Dawid' genoem en Dawid het rondom, van die vesting af na die binnekant, gebou.
10 Dawid het voortdurend groter geword, want יהוה-Tzva'ot, was by hom.
11 Toe stuur Hiram, die koning van Tzor, boodskappers na Dawid met sederhout, skrynwerkers en klipkappers en hulle het vir Dawid 'n huis gebou.
12 Dawid het besef dat יהוה hom as koning oor Yisra'el bevestig het en dat Hy sy koningskap opgelig het ter wille van Sy volk Yisra'el.
13 Intussen het Dawid meer byvroue en vroue vanaf Yerushalayim gevat nadat hy van Hevron af gekom het en nog seuns en dogters is vir Dawid gebore.

14 Hierdie is die name van dié wat vir hom in Yerushalayim gebore is: Shamua, Shovav, Natan, Shlomo,
15 Yivgar, Elishua, Nefeg, Yafia,
16 Elishama, Elyada en Elifelet.
17 Toe die F'lishtyne hoor dat hulle Dawid as koning oor Yisra'el gesalf het, het al die F'lishtyne opgetrek om Dawid te soek en toe Dawid daarvan hoor, het hy afgegaan na die vesting.
18 Die F'lishtyne het gekom en hulleself uitgesprei oor die vallei van Refa'im.
19 Toe het Dawid יהוה geraadpleeg en gesê: "Sal ek optrek teen die F'lishtyne? Sal U hulle in my hand gee?" יהוה het vir Dawid gesê: "Gaan op, want Ek sal die F'lishtyne verseker in jou hand gee."
20 Dawid het by Ba'al-P'ratzim gekom en hulle daar verslaan en gesê: "יהוה het voor my deur my vyande gebreek soos water deurbreek." Hy het daarom dié plek Ba'al-P'ratzim genoem.
21 Hulle het hul afgode daar agtergelaat en Dawid en sy manne het dit weggedra.
22 Die F'lishtyne het weer opgekom en hulleself uitgesprei oor die vallei van Refa'im.
23 Toe Dawid יהוה geraadpleeg het, het Hy gesê: "Jy moenie direk opgaan nie; gaan agter hulle om en val hulle aan voor die balsembome.
24 Dit sal wees dat wanneer jy die klank van 'n opmars in die toppe van die balsembome hoor, jy gou moet maak, want dan het יהוה voor jou uitgetrek om die leër van die F'lishtyne te verslaan."
25 Dawid het gedoen net soos יהוה hom beveel het en hy het die F'lishtyne neergeslaan vanaf Geva tot by Gezer.

6 1 Dawid het weer die gekose manne in Yisra'el bymekaargemaak; dertig duisend.
2 Dawid het opgestaan en saam met al die manne wat by hom was na Ba'alei-Y'hudah gegaan, om die ark van God, wat by die Naam genoem word, die Naam יהוה-Tzva'ot wat bo die gérubs troon, daarvandaan te gaan haal.
3 Hulle het die ark van God op 'n nuwe wa gesit om dit vanaf die huis van Avinadav, wat op die heuwel is, te bring. `Uzah en Agyo, die seuns van Avinadav, het die nuwe wa gelei.
4 So het hulle dit met die ark van God vanaf die huis van Avinadav, wat op die heuwel is, gebring en Agyo het voor die ark geloop.
5 Intussen het Dawid en die hele huis van Yisra'el voor die Teenwoordigheid van יהוה fees gevier met allerhande soorte instrumente van dennehout, liere, harpe, tamboeryne, kastanjette en simbale.
6 Toe hulle egter by die dorsvloere kom, het `Uzah sy hand uitgesteek na die ark van God en dit vasgehou, want die osse het dit amper laat afval.
7 Die woede van יהוה het teen `Uzah ontvlam en God het hom daar neergeslaan vir sy oneerbiedigheid en hy is daar by die ark van God dood.
8 Dawid het ontsteld geword, as gevolg van יהוה se uitbarsting teen `Uzah en daardie plek is Peretz-`Uzah genoem, tot vandag toe.

9 Dawid was bang vir יהוה op daardie dag en hy het gesê: "Hoe kan die ark van יהוה na my toe kom?"
10 Dawid was nie gewillig om die ark van יהוה by hom in die stad van Dawid te laat inkom nie, maar Dawid het dit eenkant gevat na die huis van `Oved-Edom, die Gittiet.
11 Dus het die ark van יהוה vir drie maande lank in die huis van `Oved-Edom, die Gittiet, gebly en יהוה het `Oved-Edom en sy hele huishouding geseën.
12 Dit is vir koning Dawid vertel en gesê: "יהוה het die huis van `Oved-Edom en alles wat aan hom behoort, geseën ter wille van die ark van God." Dawid het gegaan en die ark van God met vreugde uit die huis van `Oved-Edom in die stad van Dawid ingebring.
13 Dit was so: wanneer die draers van die ark van יהוה ses treë geloop het, het hy 'n bees en 'n vetgemaakte kalf geoffer.
14 Dawid het met alle mag voor die Teenwoordigheid van יהוה gedans en Dawid het 'n linne skouerkleed gedra. [1 Kro 15:27]
15 So het Dawid en die hele huis van Yisra'el die ark van יהוה met gejuig en die klank van die ramshoring gebring.
16 Toe het dit gebeur: soos die ark van יהוה die stad van Dawid ingekom het, het Mikhal, die dogter van Sha'ul, deur die venster gekyk en koning Dawid gesien spring en dans voor die Teenwoordigheid van יהוה en sy het hom in haar verstand, wil en emosie verag.
17 Hulle het die ark van יהוה ingebring en dit op sy plek neergesit binne-in die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het en Dawid het brandoffers en vredesoffers geoffer voor יהוה.
18 Toe Dawid klaar die brandoffer en vredesoffers gebring het, het hy die volk in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה-Tzva'ot geseën.
19 Verder het hy aan al die mense, aan al die menigte van Yisra'el, aan elkeen, manne en vroue, 'n brood, 'n stuk vleis en 'n fyn witbrood uitgedeel. Toe het al die mense weggegaan, elkeen na sy huis. [1 Kro 16:3]
20 Toe Dawid egter terugkom om sy huishouding te seën, het Mikhal, die dogter van Sha'ul, uitgekom om Dawid te ontmoet en gesê: "Hoe het die koning van Yisra'el homself vandag onderskei! Hy het in die openbaar voor die oë van die slavinne van sy dienaars verskyn en homself sekerlik soos 'n nietige mens gedra!"
21 Dawid sê vir Mikhal: "Dit is voor יהוה, wat my gekies het bo jou vader en bo sy hele huis, om my as heerser aan te stel oor die volk van יהוה, oor Yisra'el; daarom sal ek voor יהוה feesvier!
22 Ek sal geringer geag word as dit en sal nederig wees in my eie oë, maar by die slavinne van wie jy gepraat het, by hulle sal ek onderskei word."
23 Mikhal, die dogter van Sha'ul, het tot die dag van haar dood geen kind gehad nie.

7 1 Dit het gebeur terwyl die koning in sy huis bly en יהוה hom rus gegee het van al sy vyande rondom hom,
2 die koning vir Natan, die profeet, sê: "Kyk nou, ék bly in 'n huis van sederhout, maar die ark van God bly in tentdoeke."

3 Natan het vir die koning gesê: "Gaan, doen alles wat in u gedagtes is, want יהוה is by u,"
4 maar in dieselfde nag kom die boodskap van יהוה tot Natan en sê:
5 "Gaan en sê aan My dienskneg Dawid: So sê יהוה: 'Is jy die een wat vir My 'n huis moet bou om in te woon?
6 Ek het nie in 'n huis gebly van die dag af dat Ek die seuns van Yisra'el uit Mitzrayim gebring het tot vandag toe nie, maar Ek het rondgetrek in tente.
7 Waar Ek ook al saam met al die seuns van Yisra'el rondgetrek het, het Ek 'n woord gepraat met een van hulle wat Ek aangestel het om My volk Yisra'el te voed en gesê: 'Hoekom het julle nie vir My 'n huis van sederhout gebou nie?' '
8 Nou, daarom moet jy vir My dienskneg Dawid sê: So sê יהוה-Tzva'ot: 'Ek het jou uit die weiveld, van agter die skape af, weggevat, om heerser te wees oor My volk, Yisra'el.
9 Ek was by jou oral waar jy gegaan het en het al jou vyande voor jou afgesny en Ek sal vir jou 'n groot naam (karakter en outoriteit) maak, soos die name van die groot manne wat op die aarde is.
10 Ek sal ook vir My volk Yisra'el 'n plek aanstel en hulle plant sodat hulle in hul eie plek kan bly in vrede en nie meer gepla word nie; ook sal bose manne hulle nie weer slawe maak, soos vroeër nie.
11 Selfs van die dag af dat Ek jou as regter oor My volk Yisra'el aangestel het, het Ek jou rus gegee van al jou vyande. יהוה verklaar ook teenoor jou dat יהוה vir jou 'n huis sal maak.
12 As jou dae voltooi is en jy by jou vaders neergelê word, sal Ek jou nageslag na jou oplig, wat uit jou liggaam sal voortkom en Ek sal sy koningskap bevestig. Yog 7:42
13 Hy sal vir My Naam (Karakter en Outoriteit) 'n huis bou en Ek sal die troon van sy koninkryk bevestig tot in ewigheid. Hand 2:30
14 Ek sal vir hom 'n Vader wees en hy sal vir My 'n seun wees; 2 Kor 6:18 wanneer hy 'n oortreding begaan, sal Ek hom straf met 'n roede van mense en met slae van 'n seun van 'n mens,
15 maar My liefdevolle goedheid sal nie van hom af weggaan soos wat Ek dit van Sha'ul, wie Ek voor jou verwyder het, af weggevat het nie.
16 Jou huis en jou koningskap sal voor My voortbestaan vir ewig; jou troon sal vasgestel word vir ewig.'"
17 Volgens hierdie hele boodskap en hierdie hele visioen, so het Natan met Dawid gepraat.
18 Toe het Dawid, die koning, ingegaan en voor יהוה gesit en gesê: "Wie is ek en wat is my huis, יהוה-God, dat U my tot hiertoe gebring het?
19 Tog was dit gering in U oë, יהוה-God, want U het ook aangaande die huis van U kneg in die verre toekoms gepraat. Hierdie is die gewoonte van mense, יהוה-God!
20 Weer, wat meer kan Dawid vir U sê? Want U het 'n verbondsverhouding met U dienskneg, יהוה-God.
21 Ter wille van U boodskap en volgens U wil en besluit het U al hierdie groot dinge gedoen, om U dienskneg te laat weet.

22 Om hierdie rede is U groot, יהוה-God, want daar is niemand soos U en daar is geen God behalwe U nie, volgens alles wat ons met ons ore gehoor het.
23 Watter enkel volk is soos U volk Yisra'el, wat God vir Homself as 'n volk bevry het om vir Homself 'n Naam te maak en om groot en ontsagwekkende dinge te doen op die aarde, soos Hy vroeër gedoen het vir U volk wat U bevry het vir Uself vanuit Mitzrayim, 'n volk wie se God U is?
24 Want U het vir Uself U volk Yisra'el bevestig as U eie volk vir ewig en U, יהוה, het vir hulle 'n God geword;
25 daarom nou, יהוה-God, bevestig die boodskap wat U aangaande U kneg en sy huis gesê het vir ewig en doen soos U gesê het
26 sodat U Naam (Karakter en Outoriteit) vir altyd groot kan wees deur te sê: "יהוה-Tzva'ot is God oor Yisra'el en mag die huis van U dienskneg Dawid vasgestel wees voor U Teenwoordigheid,
27 want U, יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, het aan U dienskneg 'n openbaring gemaak en gesê: "Ek sal vir jou 'n huis bou;" daarom het U dienskneg moed gevind om hierdie gebed tot U te bid.
28 Nou, יהוה-God, U is God, U boodskap is waarheid en U het hierdie goeie ding aan U dienskneg belowe. Yog 17:17
29 Nou, daarom, mag dit U behaag om die huis van U dienskneg te seën sodat dit vir ewig voor U Teenwoordigheid kan voortgaan, want U, יהוה-God, het gepraat en met U seën, mag die huis van U dienskneg vir ewig geseënd wees."

8 1 Hierna het Dawid die F'lishtyne verslaan en hulle onderwerp en Dawid het beheer oor die hoofstad gevat vanuit die hand van die F'lishtyne.
2 Hy het vir Mo'av verslaan en hulle gemeet met 'n lyn deur hulle op die grond te laat lê. Hy het twee mate gemeet om dood te maak en een volle maat om te laat lewe en die Mo'aviete het Dawid se diensknegte geword, wat belasting betaal. Deut 2:9; Yes 15:5
3 Toe het Dawid vir Hadad'ezer, die seun van Regov, die koning van Tzovah, verslaan, op sy pad om sy mag tot by die Eufraat te herstel.
4 (DSS en LXX) Dawid het een duisend strydwaens, sewe duisend perderuiters en twintig duisend voetsoldate van hom gevange geneem en Dawid het al die trekperde se hakskeensenings afgesny, maar genoeg daarvan laat oorbly vir 'n honderd strydwaens.
5 Toe die Arameërs van Dammesek gekom het om Hadad'ezer, die koning van Tzovah, te help, het Dawid twee en twintig duisend Arameërs doodgemaak.
6 Toe het Dawid garnisoene tussen die Arameërs van Dammesek gesit en die Arameërs het diensknegte van Dawid geword, wat belasting betaal en יהוה het Dawid gehelp waar hy ook al gegaan het.
7 Dawid het die goue skilde gevat wat die diensknegte van Hadad'ezer gedra het en dit na Yerushalayim gebring.
8 Vanuit Betag en Berotai, stede van Hadad'ezer, het koning Dawid 'n groot hoeveelheid koper gevat.
9 Toe To'i, die koning van Hamat, hoor dat Dawid die hele leër van Hadad'ezer verslaan het,

10 stuur To'i sy seun, Yoram na koning Dawid om hom te groet en hom te seën en hy het artikels van silwer, goud en koper gebring omdat hy teen Hadad'ezer geveg en hom verslaan het, want Hadad'ezer was in oorlog teen To'i.
11 Koning Dawid het ook hierdie artikels vir יהוה afgesonder, saam met die silwer en die goud wat hy afgesonder het van al die nasies wat hy onderwerp het:
12 van die Edomiete, die Mo'aviete, van die seuns van `Ammon, van die F'lishtyne, van die `Amalekiete en van die buit van Hadad'ezer, die seun van Regov, die koning van Tzovah.
13 Dawid het naam gemaak toe hy, na die slagting van die agtien duisend Edomiete in die Vallei van Sout, terugkeer.
14 Dawid het garnisoene in Edom gesit; in die hele Edom het hy garnisoene gesit en al die Edomiete het Dawid se diensknegte geword en יהוה het Dawid gehelp waar hy ook al gegaan het. Yir 49:7
15 Dawid het oor die hele Yisra'el regeer en Dawid het regverdige oordeel en onpartydige opregtheid aan die hele volk bedien.
16 Yo'av, die seun van Tz'ruyah, was oor die leër en Y'hoshafat, die seun van Agilud, was griffier.
17 Tzadok, die seun van Agituv en Avimelekh, die seun van Evyatar, was priesters en S'rayah was skrywer.
18 B'nayahu, die seun van Y'hoyada, was oor die persoonlike wagte en die boodskappers. Die seuns van Dawid was hoofministers.

9 1 Toe het Dawid gesê: "Is daar nog enige iemand oor van die huis van Sha'ul dat ek aan hom omgee kan bewys ter wille van Y'honatan?"
2 Daar was 'n dienskneg van die huis van Sha'ul, met die naam van Tziva en hulle het hom na Dawid geroep en die koning het vir hom gevra: "Is jy Tziva?" Hy antwoord: "U dienskneg!"
3 Die koning vra: "Is daar nie nog enige iemand van die huis van Sha'ul dat ek die omgee van God aan hom kan bewys, nie?" Tziva sê vir die koning: "Daar is nog 'n seun van Y'honatan, wie se voete altwee kreupel is."
4 Die koning vra vir hom: "Waar is hy?" Tziva sê vir die koning: "Let op, hy is in die huis van Makhir, die seun van `Ammi'el, in Lo-D'var."
5 Toe het koning Dawid gestuur en hom laat haal uit die huis van Makhir, die seun van `Ammi'el, uit Lo-D'var.
6 M'fivoshet, die seun van Y'honatan, die seun van Sha'ul, het by Dawid gekom en op sy gesig geval en plat gaan lê. Dawid het gesê: "M'fivoshet!" Hy het geantwoord: "Hier is u dienskneg."
7 Dawid het vir hom gesê: "Moenie bang wees nie, want ek sal sekerlik aan jou omgee bewys ter wille van jou vader Y'honatan en al die grond van jou oupa Sha'ul aan jou teruggee en jy self sal gereeld aan my tafel eet."
8 Weer het hy plat gaan lê en gesê: "Wat is u dienskneg dat u 'n dooie hond soos ek in ag sal neem?"

9 Toe het die koning vir Tziva, Sha'ul se dienskneg, geroep en vir hom gesê: "Alles wat aan Sha'ul en sy hele huis behoort het, het ek vir jou meester se kleinseun gegee.
10 Jy, jou seuns en jou slawe moet vir hom die grond bewerk en jy moet die opbrengs inbring sodat jou meester se kleinseun kos kan hê; nogtans sal M'fivoshet, jou meester se kleinseun, gereeld aan my tafel eet." Tziva het vyftien seuns en twintig slawe gehad.
11 Toe sê Tziva vir die koning: "Volgens alles wat my meester die koning sy dienskneg beveel, so sal u dienskneg doen." M'fivoshet het aan die tafel van Dawid geëet soos een van die koning se seuns.
12 M'fivoshet het 'n jong seun gehad met die naam van Mikha. Almal wat in die huis van Tziva gebly het, was M'fivoshet se diensknegte.
13 M'fivoshet het in Yerushalayim gebly, want hy het gereeld aan die koning se tafel geëet. Hy was kreupel in altwee voete.

10 1 Daarna het dit gebeur dat die koning van die `Ammoniete gesterf het en sy seun Hanun het in sy plek koning geword.
2 Toe het Dawid gesê: "Ek wil omgee bewys aan Hanun, die seun van Nagash, net soos sy vader aan my omgee bewys het." Dawid het van sy diensknegte gestuur om hom oor sy vader te troos, maar toe Dawid se diensknegte in die land van die `Ammoniete kom,
3 het die prinse van die `Ammoniete vir Hanun, hulle meester, gesê: "Dink u dat Dawid u vader eer omdat hy troosters na u toe gestuur het? Het Dawid nie sy diensknegte na u toe gestuur om die stad te deursoek, dit te verken en dit omver te werp nie?"
4 Hanun vat Dawid se diensknegte en skeer die helfte van hulle baard af en sny hulle klere in die middel af, tot by hulle heupe en stuur hulle weg.
5 Toe hulle dit vir Dawid vertel, het hy gestuur om hulle tegemoet te gaan, want die manne was baie verneder. Die koning het gesê: "Bly in Yerigo totdat julle baarde gegroei het en kom dan terug."
6 Toe die seuns van `Ammon sien dat hulle gehaat geword het by Dawid, het die seuns van `Ammon gestuur en die Arameërs van Beit-Regov en die Arameërs van Zobah gehuur, twintig duisend voetsoldate en die koning van Ma'akhah met een duisend man en die manne van Tov met twaalf duisend man.
7 Toe Dawid dit hoor, het hy Yo'av met die hele leër, die magtige manne, gestuur.
8 Die seuns van `Ammon het uitgekom en in gevegsorde opgestel by die ingang van die poort terwyl die Arameërs van Zobah en Regov en die manne van Tov en Ma'akhah by hulleself in die veld was.
9 Toe Yo'av sien dat die geveg opgestel is teen hom van voor sowel as van agter, het hy uit al die uitgesoektes in Yisra'el gekies en hulle opgestel teen die Arameërs,
10 maar die oorblewende manskappe het hy onder bevel van sy broer Avishai gesit en dié het hy opgestel teen die seuns van `Ammon.
11 Hy het gesê: "As die Arameërs vir my te sterk is, dan moet jy my help, maar as die seuns van `Ammon te sterk is vir jou, sal ek kom om jou te help.

12 Wees onveranderlik sterk en laat ons onsself dapper wys aan ons mense en aan die stede van ons God. Mag יהוה dan doen wat goed is in Sy oë!"
13 Yo'av en die manne wat by hom was, het nadergegaan aan die geveg met die Arameërs en hulle het voor hom gevlug.
14 Toe die seuns van `Ammon sien dat die Arameërs vlug, het hulle ook voor Avishai gevlug en die stad ingegaan. Toe het Yo'av teruggekom van die geveg met die seuns van `Ammon en in Yerushalayim gekom.
15 Toe die Arameërs sien dat hulle deur Yisra'el verslaan is, het hulle hulself bymekaar gebring.
16 Hadad'ezer het gestuur en die Arameërs van oorkant die Rivier (Eufraat) laat bring en hulle het na Heilam gekom. Shovakh, die bevelvoerder van Hadad'ezer se leër, het hulle gelei.
17 Nou toe dit vir Dawid vertel is, het hy die hele Yisra'el bymekaargemaak, deur die Yarden gegaan en by Heilam gekom en die Arameërs het hulleself opgestel om Dawid te ontmoet en teen hom baklei,
18 maar die Arameërs het voor Yisra'el gevlug en Dawid het een duisend sewe honderd strydwadrywers en veertig duisend ruiters van die Arameërs gedood en Shovakh, die bevelvoerder van hul leër, neergeslaan en hy het daar gesterf.
19 Toe al die konings, onderhorig aan Hadad'ezer, sien dat hulle voor Yisra'el verslaan is, het hulle met Yisra'el vrede gesluit en hulle gedien. Die Arameërs was bang om weer die seuns van `Ammon te help.

11 1 Toe het dit in die lente, wanneer die konings uittrek, gebeur dat Dawid vir Yo'av, sy diensknegte saam met hom en die hele Yisra'el uitstuur en hulle het die seuns van `Ammon vernietig en Rabbah beleër, maar Dawid het in Yerushalayim gebly.
2 Met sonsondergang het Dawid van sy bed af opgestaan en op die dak van die paleis rondgeloop en van die dak af het hy 'n vrou gesien wat besig was om te bad en die vrou was baie mooi in voorkoms.
3 Dawid het gestuur en navraag gedoen na die vrou en een het gesê: "Is dit nie Bat-Sh'va, die dogter van Eli'am, die vrou van Uriyah, die Hittiet, nie?"
4 Dawid het boodskappers gestuur en haar laat haal en toe sy by hom kom, het hy by haar gelê en nadat sy haar van haar onreinheid gereinig het, het sy teruggekeer na haar huis.
5 Die vrou het swanger geword, gestuur en Dawid vertel en gesê: "Ek is swanger."
6 Toe het Dawid na Yo'av gestuur: "Stuur Uriyah, die Hittiet, na my toe." Yo'av het vir Uriyah na Dawid toe gestuur.
7 Toe Uriyah by hom kom, vra Dawid of dit goed gaan met Yo'av, die manskappe en die stand van die oorlog.
8 Toe sê Dawid vir Uriyah: "Gaan af na jou huis toe en was jou voete." Uriyah het uit die paleis uitgegaan en 'n geskenk van die koning is agter hom aan gestuur.
9 Uriyah het egter by die deur van die paleis geslaap saam met al die diensknegte van sy meester en nie na sy huis afgegaan nie.

10 Toe het hulle Dawid vertel en gesê: "Uriyah het nie na sy huis afgegaan nie." Dawid vra toe vir Uriyah: "Kom jy nie van 'n reis af nie? Waarom gaan jy nie af na jou huis toe nie?"
11 Uriyah sê vir Dawid: "Die ark, Yisra'el en Y'hudah bly in tydelike skuilings en my meester Yo'av en die diensknegte van my meester kamp in die oop veld. Sou ek dan na my huis toe gaan om te eet en te drink en by my vrou te lê? So waar as u leef en lewe in u is, ek sal dit nie doen nie!"
12 Dawid sê vir Uriyah: "Bly vandag ook hier en môre sal ek jou laat gaan." Uriyah het daardie dag en die volgende in Yerushalayim gebly.
13 Dawid het hom geroep en hy het voor hom geëet en gedrink en hy het hom dronk gemaak en met sonsondergang het hy uitgegaan om op sy slaapplek by die diensknegte van sy meester te gaan slaap, maar hy het nie afgegaan na sy huis toe nie.
14 In die oggend skryf Dawid 'n brief aan Yo'av en stuur dit saam met Uriyah.
15 Hy het in die brief geskryf en gesê: "Sit Uriyah op die voorpunt van die hewigste geveg en onttrek van hom af sodat hy neergeslaan kan word en sterf."
16 So was dit dat terwyl Yo'av die stad verken, hy Uriyah op 'n plek sit waar hy geweet het daar dapper manne is.
17 Die manne van die stad het uitgegaan en teen Yo'av geveg en sommige van die manne, van die diensknegte van Dawid, het geval en Uriyah, die Hittiet, het ook gesterf.
18 Toe stuur Yo'av om aan Dawid die hele verloop van die geveg te rapporteer.
19 Hy het die boodskapper beveel en gesê: "Wanneer jy klaar die hele verloop van die geveg aan die koning vertel het
20 en dit gebeur dat die woede van die koning opkom en hy vir jou sê: 'Waarom het julle so naby die stad gegaan om te veg? Het julle dan nie geweet dat hulle bo van die muur af sou skiet nie?
21 Wie het Avimelekh, die seun van Yerubba'al, verslaan? Het 'n vrou nie 'n boonste meulsteen van bo van die muur af op hom gegooi sodat hy in Tevetz gesterf het nie? Waarom het julle so naby die muur gekom?' Dan moet jy sê: 'U dienskneg Uriyah, die Hittiet, is ook dood!'"
22 Die boodskapper het gegaan en gekom en aan Dawid alles rapporteer wat Yo'av vir hom gestuur het om te vertel.
23 Die boodskapper het vir Dawid gesê: "Die manne was vir ons te sterk en het teen ons uitgekom in die veld, maar ons het hulle teruggedruk tot by die ingang van die poort.
24 Meer nog, die boogskutters het bo van die muur af op u diensknegte geskiet; sommige van die koning se diensknegte is dood en u dienskneg, Uriyah, die Hittiet, is ook dood."
25 Toe het Dawid vir die boodskapper gesê: "So moet jy vir Yo'av sê: 'Moenie dat hierdie saak jou ontevrede stel nie, want die swaard verteer die een sowel as die ander; maak jou geveg teen die stad onveranderlik sterker en verwoes dit.' So moet jy hom bemoedig."

26 Toe die vrou van Uriyah hoor dat Uriyah, haar man, dood is, het sy oor haar man gerou.
27 Toe die routyd verby was, het Dawid gestuur en haar na sy huis toe gebring en sy het sy vrou geword. Toe het sy vir hom geboorte gegee aan 'n seun, maar die ding wat Dawid gedoen het, was boos in die oë van יהוה.

12 1 Toe stuur יהוה Natan na Dawid toe en hy het by hom gekom en gesê: "Daar was twee manne in 'n stad, die een was ryk en die ander arm.
2 Die ryk man het 'n groot menigte kleinvee en beeste gehad,
3 maar die arm man het niks gehad nie, behalwe een klein ooilammetjie wat hy gekoop en versorg het en wat saam met hom en sy kinders groot geword het. Dit het van sy brood geëet en uit sy beker gedrink en aan sy bors gelê en dit was vir hom soos 'n dogter.
4 'n Reisiger het by die ryk man gekom en hy was onwillig om van sy eie kleinvee of beeste te vat om vir die reisiger, wat by hom gekom het, iets voor te berei; hy het eerder die arm man se ooilam gevat en dit vir die man wat by hom gekom het voorberei."
5 Toe het Dawid se woede ontvlam teen die man en hy het vir Natan gesê: "So waar as יהוה leef, die man wat dit gedoen het, verdien om te sterf!
6 Hy moet viervoudig restitusie doen vir die lam [Eks 22:1] omdat hy hierdie ding gedoen het en geen omgee gehad het nie."
7 Natan sê toe vir Dawid: "U is die man! So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Dit is Ék wat jou as koning gesalf het oor Yisra'el en dit is Ék wat jou bevry het uit die hand van Sha'ul.
8 Ek het ook die huis van jou meester vir jou gegee en die vroue van jou meester onder jou sorg en Ek het die huis van Yisra'el en van Y'hudah vir jou gegee en as dit te min was, sou Ek baie meer dinge soos hierdie byvoeg.'
9 Waarom het jy die boodskap van יהוה verag deur te doen wat verkeerd is in Sy oë? Jy het Uriyah, die Hittiet, met die swaard neergeslaan, sy vrou het jy vir jou as vrou gevat en hom deur die swaard van die seuns van `Ammon vermoor.
10 Nou, daarom sal die swaard nooit van jou huis af weggaan nie, omrede jy My verag het en die vrou van Uriyah, die Hittiet, gevat het om jou vrou te wees.
11 So sê יהוה: 'Let op, Ek sal boosheid opwek teen jou vanuit jou eie huishouding; Ek sal selfs jou vroue voor jou oë vat en aan jou naaste gee en hy sal in helder daglig by jou vroue lê. [2 Sh'm 16:21,22]
12 Jy het dit weliswaar in die geheim gedoen, maar Ek sal hierdie ding doen voor die hele Yisra'el en in die helder daglig.'"
13 Toe sê Dawid vir Natan: "Ek het gesondig teen יהוה!" Natan sê vir Dawid: "So het יהוה dan ook u sonde verwyder; u sal nie sterf nie,
14 maar omdat u die vyande van יהוה deur hierdie saak geleentheid gegee het om kwaad te praat, sal die kind wat vir u gebore is, sekerlik sterf."
15 Natan het na sy huis toe gegaan. Toe het יהוה die seun, waaraan die weduwee van Uriyah vir Dawid geboorte gegee het, getref sodat hy ernstig siek was.

16 Dawid het daarom navraag gedoen by God vir die kind en Dawid het gevas en gegaan en die hele nag op die grond gelê.
17 Die oudstes van sy huishouding het langs hom gestaan om hom van die grond af op te tel, maar hy wou nie en het ook nie kos saam met hulle geëet nie.
18 Toe het dit op die sewende dag gebeur dat die seun sterf. Dawid se diensknegte was bang om hom te vertel dat die seun dood is, want hulle het gesê: "Let op, toe die seun nog gelewe het, het ons met hom gepraat en hy het nie na ons stem geluister nie. Hoe kan ons dan vir hom sê: 'Die seun is dood,' aangesien hy homself skade kan aandoen.'"
19 Toe Dawid egter sien dat sy diensknegte onder mekaar fluister, het Dawid verstaan dat die seun dood is. Dawid vra vir sy diensknegte: "Is die seun dood?" Hulle antwoord: "Hy is dood."
20 Dawid het van die grond af opgestaan, hom gewas en gesalf en ander klere aangetrek, in die huis van יהוה ingegaan en aanbid. Toe het hy na sy eie huis gekom en toe hy gevra het, het hulle kos voor hom gesit en hy het geëet.
21 Toe vra sy dienaars vir hom: "Wat is die ding wat u gedoen het? Terwyl die seun lewend was, het u gevas en gehuil, maar toe die seun sterf, het u opgestaan en kos geëet."
22 Hy antwoord: "Toe die seun nog gelewe het, het ek gevas en gehuil, want ek het gedink: 'Wie weet, יהוה mag onverdiende guns aan my bewys dat die seun mag leef,'
23 maar nou is hy dood; hoekom sou ek vas? Kan ek hom weer terugbring? Ek sal na hom toe gaan, maar hy sal nie na my toe terugkeer nie."
24 Toe het Dawid sy vrou Bat-Sh'va vertroos en by haar ingegaan en by haar gelê en sy het geboorte gegee aan 'n seun en hy het hom Shlomo genoem. יהוה het hom liefgehad
25 en 'n boodskap deur Natan, die profeet, gestuur en hy het hom Y'didyah laat noem, ter wille van יהוה.
26 Yo'av het teen Rabbah van die seuns van `Ammon geveg en die koninklike stad oorgeneem.
27 Yo'av het boodskappers na Dawid toe gestuur om te sê: "Ek het teen Rabbah geveg, ek het die koninklike stad oorgeneem;
28 daarom, maak die res van die manne bymekaar en beleër die stad en neem dit oor, of ék sal die stad self oorneem en dit sal na my vernoem word."
29 Dawid maak al die manne bymekaar en gaan na Rabbah, veg daarteen en neem dit oor.
30 Toe vat hy die kroon van hulle koning van sy kop af en die gewig daarvan was 'n talent goud, met 'n kosbare steen daarin en dit is op Dawid se kop gesit en hy het die buit van die stad in groot hoeveelhede uitgebring.
31 Hy het ook die manne wat daarin was, uitgebring en laat werk by die sae, skerp ysterinstrumente, ysterbyle en hulle laat oorgaan na die steenoonde en so het hy met al die stede van die seuns van `Ammon gedoen. Toe het Dawid en al die manne na Yerushalayim teruggekeer.

13 1 Avshalom, die seun van Dawid, het 'n mooi suster gehad met die naam van
Tamar en dit was hierna dat Amnon, die seun van Dawid, haar liefgehad het.
2 Amnon was so gefrustreerd oor sy suster Tamar dat hy homself siek gemaak het,
want sy was 'n maagd en dit was in Amnon se oë moeilik om iets aan haar te
doen,
3 maar Amnon het 'n vriend gehad, met die naam van Yonadav, die seun van Dawid
se broer Shim'ah en Yonadav was 'n baie skerpsinnige man.
4 Hy vra vir hom: "O, seun van die koning, waarom lyk jy so bedruk, oggend na
oggend? Sal jy my nie vertel nie?" Toe sê Amnon vir hom: "Ek is lief vir Tamar,
die suster van my broer Avshalom."
5 Toe sê Yonadav vir hom: "Lê op jou bed en maak of jy siek is. Wanneer jou vader
kom om jou te sien, moet jy vir hom sê: 'Laat my suster Tamar asseblief kom en
vir my iets gee om te eet en die ete voor my oë voorberei dat ek dit kan sien en uit
haar hand uit eet.'"
6 Amnon het gaan lê en gemaak of hy siek is. Toe die koning kom om hom te sien, sê
Amnon vir die koning: "Laat my suster Tamar asseblief kom en 'n paar koeke voor
my oë maak dat ek uit haar hand kan eet."
7 Toe het Dawid na Tamar se huis gestuur en gesê: "Gaan nou na die huis van jou
broer Amnon en berei vir hom ete voor."
8 Tamar gaan toe na die huis van haar broer Amnon en hy het gelê en sy het deeg
gevat, dit geknie en koeke voor sy oë gemaak en die koeke gebak.
9 Sy het die pan gevat en dit voor hom uitgegooi, maar hy het geweier om te eet. Amnon
het gesê: "Laat almal uitgaan van my af!" Almal het van hom af uitgegaan.
10 Toe sê Amnon vir Tamar: "Bring die kos in die slaapkamer dat ek uit jou hand kan
eet." Tamar het die koeke wat sy gemaak het, gevat en vir haar broer Amnon in die
slaapkamer gebring.
11 Toe sy dit na hom toe bring om te eet, het hy haar gegryp en vir haar gesê: "Kom
lê by my, my suster!"
12 Sy antwoord hom egter: "Nee, my broer, onteer my nie, want so iets word nie in
Yisra'el gedoen nie; moenie so 'n skandelike ding doen nie.
13 Wat van my? Waar sou ék van my skande ontslae raak? Wat van jou? Jy sal wees
soos een van die dwase in Yisra'el. Praat daarom asseblief met die koning, want hy
sal my nie van jou terughou nie."
14 Hy wou egter nie na haar luister nie en aangesien hy sterker was as sy, het hy haar
onteer en by haar gelê.
15 Toe het Amnon haar gehaat met 'n baie groot haat, want die haat waarmee hy haar
gehaat het, was groter as die liefde waarmee hy haar liefgehad het. Amnon sê vir
haar: "Staan op, gaan weg!"
16 Sy sê egter vir hom: "Nee, want die verkeerde om my weg te stuur, is groter as die
ander wat jy aan my gedoen het." Tog wou hy nie na haar luister nie.
17 Toe roep hy die jongman wat hom bedien en sê: "Gooi hierdie vrou uit my
teenwoordigheid uit en sluit die deur agter haar toe."

18 Sy het 'n rok met lang moue aangehad, want so het die maagdelike dogters van die koning aangetrek. Toe het sy bediende haar buitentoe gevat en die deur agter haar toegesluit.
19 Tamar het as op haar kop gesit en haar rok met lang moue aan haar geskeur en sy het haar hand op haar kop gesit en al huilende weggegaan.
20 Toe het Avshalom, haar broer, vir haar gesê: "Was jou broer Amnon by jou? Swyg egter nou, my suster! Hy is jou broer, sit jou hart nie op hierdie saak nie." So het Tamar as 'n verlatene in die huis van haar broer Avshalom gebly.
21 Toe koning Dawid van al hierdie dinge hoor, was hy baie kwaad,
22 maar Avshalom het nie met Amnon kwaad of goed gepraat nie, want Avshalom het Amnon gehaat omdat hy sy suster Tamar onteer het.
23 Dit het gebeur na twee volle jare dat Avshalom skaapskeerders gehad het in Ba'al-Hatzor wat naby Efrayim is en Avshalom het al die koning se seuns genooi.
24 Avshalom het by die koning gekom en gesê: "Let op, u dienskneg het skaapskeerders. Laat die koning en sy diensknegte asseblief saam met u dienskneg gaan."
25 Die koning sê egter vir Avshalom: "Nee, my seun, ons moenie almal gaan nie, want ons sal lastig wees vir jou." Alhoewel hy by hom aangehou het, wou hy nie gaan nie, maar het hom geseën.
26 Toe sê Avshalom: "So nie, laat my broer Amnon saam met ons gaan." Die koning sê vir hom: "Waarom moet hy saam met jou gaan?"
27 Toe Avshalom egter by hom aanhou, het hy Amnon en al die seuns van die koning saam met hom laat gaan.
28 Avshalom het sy diensknegte beveel en gesê: "Kyk nou, wanneer Amnon se binneste vrolik is met wyn en wanneer ek vir julle sê: 'Slaan Amnon dood,' dan moet julle hom doodmaak. Moenie bang wees nie; het ékself julle nie beveel nie? Wees vol moed en dapper."
29 Die diensknegte van Avshalom het met Amnon gedoen net soos Avshalom beveel het. Toe het al die seuns van die koning opgestaan en elkeen het op sy muil geklim en gevlug.
30 Nou dit was terwyl hulle op pad was dat die verslag by Dawid uitgekom het wat sê: "Avshalom het al die seuns van die koning doodgeslaan en nie een van hulle is oor nie."
31 Toe staan die koning op, skeur sy klere en gaan lê op die grond en al sy diensknegte het bygestaan met geskeurde klere.
32 Yonadav, die seun van Dawid se broer, Shim'ah, het geantwoord: "My meester moenie dink dat hulle al die jongmanne, die seuns van die koning, doodgemaak het nie, want Amnon alleen is dood omdat dit in Avshalom se beplanning bepaal is sedert die dag wat hy sy suster Tamar onteer het;
33 daarom nou, my meester die koning moenie die verslag 'al die koning se seuns is dood,' ernstig opneem nie, want net Amnon is dood."
34 Avshalom het gevlug. Die jongman wat op wag was, lig sy oë op en kyk en let op, baie mense kom van die pad agter hom af, aan die kant van die berg.
35 Yonadav sê vir die koning: "Let op, die seuns van die koning het gekom; volgens die woord van u dienskneg, so het dit gebeur."

36 Net toe hy klaar gepraat het, let op, kom die seuns van die koning en verhef hulle stemme en huil en ook die koning en al sy diensknegte het hard gehuil.
37 Avshalom het gevlug en na Talmai, die seun van `Ammihud, die koning van G'shur, gegaan. [2 Sh'm 3:3] Dawid het elke dag oor sy seun gerou.
38 Avshalom het gevlug en na G'shur gegaan en was drie jaar lank daar.
39 Koning Dawid het verlang om na Avshalom uit te gaan, want hy was getroos aangaande Amnon, aangesien hy dood is.

14 1 Yo'av, die seun van Tz'ruyah, het gesien dat die koning se verstand, wil en emosie na Avshalom uitgegaan het.
2 Yo'av het na T'koa gestuur en 'n wyse vrou van daar af laat haal en vir haar gesê: "Hou asseblief voor om een te wees wat rou en trek rouklere aan en moet jouself nie met olie salf nie, maar wees soos 'n vrou wat al baie dae rou oor 'n dooie.
3 Gaan dan na die koning toe en praat so met hom." Yo'av het die woorde in haar mond gelê.
4 Nou, toe die vrou uit T'koa met die koning praat, val sy op haar gesig op die grond en lê op die grond en het gesê: "Help, o koning!"
5 Die koning het vir haar gevra: "Wat is jou moeilikheid?" Sy het geantwoord: "Waarlik, ek is 'n weduwee, want my man is dood.
6 U dienares het twee seuns gehad, maar die twee van hulle het met mekaar geveg in die veld en daar was niemand om hulle uitmekaar te maak nie sodat een die ander geslaan en hom gedood het.
7 Nou let op, die hele familie het teen u dienares opgestaan en hulle sê: 'Gee hom wat sy broer doodgeslaan het oor sodat ons hom kan doodmaak vir die lewe van sy broer wat hy vermoor het en die erfgenaam ook vernietig.' So wil hulle dan my kooltjie wat oorgebly het, uitdoof, om vir my man geen naam of oorblyfsel op die aardbodem te laat bly nie."
8 Toe sê die koning vir die vrou: "Gaan na jou huis toe en ek sal aangaande jou bevele gee."
9 Die vrou uit T'koa sê vir die koning: "My meester, die koning; die wetsoortreding is op my en my vader se huis, maar die koning en sy troon is skuldloos."
10 Die koning het gesê: "Wie ook al met jou praat, bring hom na my toe en hy sal nie weer aan jou raak nie."
11 Toe sê sy: "Laat die koning asseblief יהוה, u God, onthou sodat die bloedwreker nie sal aanhou vernietig nie, anders sal hulle my seun vernietig." Hy sê: "So waar as יהוה leef, nie een haar van jou seun sal op die grond val nie!"
12 Toe sê die vrou: "Laat asseblief u dienares 'n woord met my meester die koning praat." Hy antwoord: "Praat."
13 Die vrou sê: "Waarom het u dan so iets beplan teen die volk van God? Want deur hierdie woord te sê, is die koning, soos een wat skuldig is, deurdat die koning nie sy verstote een laat terugkom nie,
14 want ons sal sekerlik sterf en is soos water wat uitgegooi word op die grond, wat 'n mens nie weer kan bymekaarmaak nie. Tog vat God nie die lewe weg nie, maar beplan metodes dat die verstote een nie van Hom af weggegooi sal word nie.

15 Die rede hoekom ek hierdie boodskap vir my meester die koning gebring het, is omdat die mense my bang gemaak het. U dienares het gedink: 'Laat ek nou met die koning praat, miskien sal die koning die versoek van sy dienares toestaan,
16 want die koning sal luister en sy dienares bevry uit die hand van die man wat probeer om beide my en my seun te vernietig uit die erfenis van God.'
17 Toe het u dienares gesê: 'Laat die woord van my meester die koning asseblief vertroostend wees, want soos die boodskapper van God, so is my meester die koning om goed en boos te onderskei en mag יהוה', u God, by u wees!'"
18 Toe antwoord die koning en sê vir die vrou: "Moet asseblief nie enige iets vir my wegsteek wat ek jou sal vra nie." Die vrou het gesê: "Laat my meester die koning asseblief praat."
19 Die koning het gevra: "Is Yo'av se hand saam met jou in dit alles?" Die vrou antwoord: "So waar as wat u leef, my meester die koning, niemand kan regs of links afwyk van enige iets wat my meester die koning gesê het nie. Inderdaad, dit was u dienskneg Yo'av wat my beveel het en dit is hy wat al hierdie woorde in u dienares se mond gelê het.
20 Om dinge anders te laat lyk, het u dienskneg Yo'av hierdie ding gedoen, maar my meester is wys, soos die wysheid van die boodskapper van God, om alles te weet wat op die aarde is."
21 Toe sê die koning vir Yo'av: "Nou let op, ek sal dit doen. Gaan daarom, bring die jongman Avshalom terug."
22 Yo'av het op sy gesig op die grond neergeval, uitgestrek op die grond gelê en die koning geseën. Toe sê Yo'av: "My meester die koning, vandag weet u dienskneg dat ek guns in u oë gevind het omdat die koning die versoek van sy dienskneg uitgevoer het."
23 Yo'av het opgestaan, na G'shur gegaan en vir Avshalom na Yerushalayim gebring.
24 Die koning het egter gesê: "Laat hom na sy eie huis gaan en nie my gesig sien nie." Avshalom het na sy eie huis gegaan en nie die gesig van die koning gesien nie.
25 Nou, in die hele Yisra'el was daar geen man so aantreklik soos Avshalom en so hoog geprys nie; van sy voetsool af tot by die kroon van sy kop, was daar geen gebrek aan hom nie.
26 Wanneer hy die hare van sy kop laat skeer het, (dit was aan die einde van elke jaar dat hy dit geskeer het), want dit was swaar op hom; daarom het hy dit geskeer; het hy die hare van sy kop teen twee honderd sikkels geweeg volgens die koninklike gewig.
27 Vir Avshalom is drie seuns gebore en een dogter met die naam van Tamar, sy was 'n vrou van pragtige voorkoms.
28 Avshalom het twee volle jare in Yerushalayim gebly en hy het nie die gesig van die koning gesien nie.
29 Toe het Avshalom Yo'av laat roep, om hom na die koning te stuur, maar hy wou nie na hom toe kom nie. Hy het vir 'n tweede keer gestuur, maar hy wou nie kom nie.

30 Hy sê daarom vir sy diensknegte: "Kyk, Yo'av se land is langs myne en hy het gars daarop; gaan steek dit aan die brand." Avshalom se diensknegte het die land aan die brand gesteek.
31 Toe staan Yo'av op, kom by Avshalom in sy huis en vra vir hom: "Waarom het jou diensknegte my land aan die brand gesteek?"
32 Avshalom antwoord Yo'av: "Let op, ek het na jou gestuur en gesê: 'Kom hier dat ek jou na die koning kan stuur om te vra: "Waarvoor het ek van G'shur af gekom? Dit sou vir my beter wees om nog daar te wees".' Nou, daarom, laat my die gesig van die koning sien en as daar oortreding by my is, laat hy my doodmaak."
33 Toe Yo'av by die koning kom en hom vertel, het hy Avshalom laat roep. Dus het hy na die koning gegaan en plat op die grond voor die koning op sy gesig gaan lê en die koning het Avshalom gesoen.

15 1 Hierna het dit gebeur dat Avshalom vir hom 'n strydwa, perde en vyftig man as hardlopers voor hom uit, voorsien het.
2 Avshalom het vroeg opgestaan en langs die pad na die poort gaan staan en Avshalom het elkeen wat 'n saak van regspraak gehad het om na die koning te bring, geroep en gesê: "Vanaf watter stad is jy?" Hy sal antwoord: "U dienaar is uit een van die stamme van Yisra'el,"
3 dan sal Avshalom vir hom sê: "Kyk, jou eise is goed en reg, maar van die koning se kant sal niemand na jou luister nie."
4 Meer nog, Avshalom sal sê: "O, dat een my sou aanstel as regter in die land, dan sou elkeen wat 'n regsaak of rede het, na my toe kan kom en ek sal aan hom gee wat reg is."
5 As 'n man naderkom om voor hom op die grond te lê, steek hy sy hand uit en gryp hom en soen hom.
6 Op dié manier het Avshalom met al die Yisra'eliete gehandel wat vir regspraak na die koning gekom het; so het Avshalom die verstand, wil en emosie van die manne van Yisra'el gesteel.
7 Dit het gebeur aan die einde van vier jaar dat Avshalom vir die koning gesê het: "Laat my asseblief gaan en in Hevron my gelofte, wat ek aan יהוה gedoen het, betaal,
8 want u dienskneg het 'n gelofte gemaak terwyl ek in G'shur in Aram gebly het en gesê: "As יהוה my werklik na Yerushalayim toe sal terugbring, dan sal ek יהוה dien."
9 Die koning het vir hom gesê: "Gaan in vrede!" Hy het opgestaan en na Hevron gegaan.
10 Avshalom het egter spioene uitgestuur regdeur al die stamme van Yisra'el om te sê: "Sodra julle die geluid van die ramshoring hoor, moet julle sê: 'Avshalom is koning in Hevron!'"
11 Toe het twee honderd man wat genooi was, in onskuld saam met Avshalom vanaf Yerushalayim gegaan, sonder om iets te weet.

12 Avshalom het ook terwyl hy die offers bring, vir Agitofel, die Gilohniet, Dawid se raadgewer, uit sy stad, uit Giloh, laat roep. Die sameswering was sterk, want die mense by Avshalom het voortdurend vermeerder.
13 Toe kom daar 'n boodskapper by Dawid wat sê: "Die verstand, wil en emosie van die manne van Yisra'el is met Avshalom."
14 Dawid het vir al sy diensnegte wat by hom in Yerushalayim was, gesê: "Staan op en laat ons vlug, want nie een van ons sal van Avshalom af ontsnap nie! Gaan gou, of hy sal ons gou inhaal en onheil oor ons bring en die stad met die skerpte van die swaard tref."
15 Toe het die diensknegte van die koning vir die koning gesê: "Let op, u diensknegte doen wat ook al ons meester die koning verkies!"
16 Die koning het uitgegaan met sy hele huishouding saam met hom, maar die koning het tien byvroue agter laat bly om die huis te versorg.
17 Die koning het uitgegaan en al die mense saam met hom en hulle het by die laaste huis gestop
18 terwyl al sy diensknegte langs hom verbytrek; al die persoonlike wagte, al die boodskappers en al die Gittiete, (ses honderd man wat saam met hom gekom het vanaf Gat), het voor die koning verbygegaan.
19 Toe sê die koning vir Ittai, die Gittiet: "Hoekom sou jy ook saam met ons gaan? Draai om en bly by die koning, want jy is 'n buitelander en ook 'n banneling; gaan terug na jou eie plek.
20 Jy het net gister gekom en sal ek jou vandag laat rondswerf saam met ons terwyl ek gaan waar ek wil? Draai om en vat jou broers terug. Onverdiende guns en waarheid sal by jou wees!"
21 Ittai het egter die koning geantwoord en gesê: "So waar as יהוה leef en my meester die koning leef, waarlik, waar my meester die koning ook al sal wees, vir dood of vir lewe, daar sal u dienskneg ook wees!"
22 Dawid sê daarom vir Ittai: "Gaan, trek verby!" Ittai, die Gittiet, het verbygetrek met al sy manne en al die kinders wat by hom was.
23 Terwyl die hele land hardop gehuil het, het al die mense verbygetrek. Die koning het ook oor die Kidronspruit getrek en al die mense het deurgetrek na die pad van die wildernis.
24 Let op, Tzadok het ook gekom en al die Leviete saam met hom wat die ark van die verbond van God dra en hulle het die ark van God neergesit en Evyatar het vanaf die stad gekom totdat al die mense klaar verbygegaan het.
25 Die koning het vir Tzadok gesê: "Vat die ark van God terug na die stad toe. As ek guns vind in die oë van יהוה, sal Hy my terugbring en beide dit en Sy blyplek laat sien,
26 maar as Hy so sou sê: 'Ek het in jou geen behae nie,' let op, hier is ek, laat Hy met my doen soos vir Hom goed is."
27 Die koning het ook vir Tzadok, die priester, gesê: "Is u nie 'n siener nie? Gaan in vrede terug na die stad toe en jou twee seuns saam met jou; Agima'atz, jou seun en Y'honatan, die seun van Avyatar.

28 Kyk, ek gaan by die driwwe van die wildernis wag totdat daar 'n woord van julle af kom om my in te lig."
29 Tzadok en Avyatar het die ark van God teruggevat na Yerushalayim en daar gebly.
30 Dawid het teen die hoogte van die Olyfberg opgeklim, al huilende en sy kop was bedek en hy het kaalvoet geloop. Toe het al die mense wat by hom was hulle koppe bedek en al huilende opgegaan.
31 Iemand het vir Dawid vertel: "Agitofel is tussen die samesweerders saam met Avshalom." Dawid het gesê: "O יהוה, ek bid, maak die raad van Agitofel dwaasheid!"
32 Let op, dit het gebeur net toe Dawid op die kruin, waar God aanbid is, kom dat Hushai, die Arkiet, hom daar ontmoet, met sy oorkleed geskeur en stof op sy kop.
33 Dawid sê vir hom: "As jy saam met my verder gaan, sal jy vir my 'n las wees,
34 maar as jy terugkeer na die stad en vir Avshalom sê: "Ek sal u dienskneg wees, o koning, soos wat ek u vader se dienskneg in die verlede was, so sal ek nou u dienskneg wees," dan kan jy vir my die raad van Agitofel verydel.
35 Is Tzadok en Avyatar, die priesters, nie saam met jou daar nie? So sal dit wees dat alles wat jy uit die huis van die koning hoor, jy aan Tzadok en Avyatar, die priesters, moet rapporteer.
36 Let op, hulle twee seuns is daar by hulle, Agima'atz van Tzadok en Y'honatan van Avyatar en deur hulle moet jy alles wat jy hoor, vir my stuur."
37 Hushai, Dawid se vriend, het in die stad ingekom en Avshalom het Yerushalayim binnegegaan.

16 1 Net toe Dawid 'n entjie verby die kruin is, let op, ontmoet Tziva, M'fivoshet se dienskneg, hom met 'n paar opgesaalde donkies en op hulle twee honderd brode, 'n honderd rosynekoeke, honderd somervrugte en 'n houer wyn.
2 Die koning het vir Tziva gevra: "Waarvoor het jy hierdie?" Tziva antwoord: "Die donkies is vir die huishouding van die koning om op te ry en die brood en die somervrugte vir die jongmanne om te eet en die wyn vir wie ook al swak is in die wildernis, om te drink."
3 Toe vra die koning: "Waar is die seun van jou meester?" Tziva sê vir die koning: "Let op, hy bly in Yerushalayim, want hy dink: 'Vandag sal die huis van Yisra'el my vader se koningskap aan my teruggee.'"
4 Die koning sê toe vir Tziva: "Let op, alles wat aan M'fivoshet behoort, is joune." Tziva het gesê: "Ek buig my neer! Mag ek guns vind in u oë, my meester die koning!"
5 Toe koning Dawid by Bagurim kom, let op, kom daar 'n man van die familie van die huis van Sha'ul, wie se naam Shim'i was, die seun van Gera; hy het uitgekom en aanhoudend gevloek soos hy uitkom.
6 Hy het klippe na Dawid en al die diensknegte van koning Dawid gegooi en al die mense en al die magtige manne was aan sy regter- en aan sy linkerkant.
7 Dit het Shim'i gesê terwyl hy gevloek het: "Gaan uit, gaan uit, jou bloedvergieter en jou deugniet!

8 יהוה het al die bloedvergieting van die huis van Sha'ul, in wie se plek jy geheers het, op jou laat terugkom en יהוה het die koninkryk in die hand van jou seun Avshalom gegee en let op, jy is vas in jou eie boosheid, want jy is 'n man van bloedvergieting."
9 Toe sê Avishai, die seun van Tz'ruyah, vir die koning: "Hoekom moet hierdie dooie hond my meester die koning vloek? Laat my nou oorstap en sy kop afsny!"
10 Die koning sê egter: "Wat het ek met julle te doen, seuns van Tz'ruyah? As hy vloek en as יהוה vir hom gesê het: 'Vloek vir Dawid,' wie mag dan vra: 'Hoekom maak jy so?'"
11 Toe het Dawid aan Avishai en aan al sy diensknegte gesê: "Let op, my seun wat van my uitgegaan het, soek my lewe; hoeveel te meer nou hierdie Binyaminiet? Laat hom staan en laat hom vloek, want יהוה het hom beveel.
12 Miskien sal יהוה my ellende sien en goed aan my teruggee in plaas van sy vloek vandag.
13 Dawid en sy manne het toe met die pad aangegaan en Shim'i het parallel, al langs hom, teen die kant van die berg geloop en vloek, klippe gegooi en stof na hom toe gegooi.
14 Die koning en al die mense wat by hom was, het moeg by die Yarden aangekom en hy het homself daar verfris.
15 Avshalom en al die manne, die manne van Yisra'el, het Yerushalayim binnegegaan en Agitofel was by hom.
16 Nou, dit het gebeur dat, toe Hushai die Arkiet, die vriend van Dawid, by Avshalom kom, Hushai vir Avshalom sê: "Die koning leef, die koning leef!"
17 Avshalom vra vir Hushai: "Is dit jou lojaliteit teenoor jou vriend? Waarom het jy nie saam met jou vriend gegaan nie?"
18 Toe sê Hushai vir Avshalom: "Nee, want wie יהוה, hierdie volk en al die manne van Yisra'el gekies het, syne sal ek wees en by hom sal ek bly.
19 In elk geval: wie sal ék dien? Moet ek nie dien in die teenwoordigheid van sy seun nie? Soos ek in u vader se teenwoordigheid gedien het, so sal ek in u teenwoordigheid wees."
20 Toe sê Avshalom vir Agitofel: "Gee jou advies. Wat moet ons doen?"
21 Agitofel sê vir Avshalom: "Gaan in by u vader se byvroue, wat hy laat agter bly het om die huis te versorg; dan sal die hele Yisra'el hoor dat u uself gehaat gemaak het by u vader en die hande van almal wat by u is, sal ook versterk word."
22 Hulle het vir Avshalom 'n tent op die dak opgeslaan en Avshalom het voor die oë van die hele Yisra'el by die byvroue van sy vader ingegaan. [2 Sh'm 12:11]
23 Die advies van Agitofel, wat hy in daardie dae gegee het, was asof 'n mens die woord van God geraadpleeg het; so was al die advies van Agitofel beskou deur beide Dawid en Avshalom.

17 1 Verder het Agitofel vir Avshalom gesê: "Laat my asseblief twaalf duisend man kies sodat ek kan opstaan en Dawid vannag agtervolg.
2 Ek sal op hom afkom terwyl hy moeg en uitgeput is en hom verskrik sodat al die mense vlug wat by hom is. Dan sal ek slegs die koning neerslaan

3 en ek sal die hele volk na u toe terugbring. Die terugkeer van almal hang af van die man wat u soek; die hele volk sal tevrede wees."
4 Die plan was goed in die oë van Avshalom en al die oudstes van Yisra'el.
5 Toe het Avshalom gesê: "Roep nou ook vir Hushai, die Arkiet en laat ons ook hoor wat hy te sê het."
6 Toe Hushai by Avshalom gekom het, het Avshalom vir hom gesê: "So het Agitofel gepraat. Sal ons sy plan uitvoer? So nie, praat jy dan."
7 Hushai sê vir Avshalom: "Die advies wat Agitofel hierdie keer gegee het, is nie goed nie."
8 Verder het Hushai gesê: "U ken u vader en sy manne dat hulle magtige manne is en verbete, soos 'n beer wat van haar kleintjies beroof is in die veld; ook is u vader 'n deskundige in oorlogvoering en hy sal nie die nag by die mense deurbring nie.
9 Let op, hy het homself versteek in een van die grotte of in 'n ander plek en dit sal wees dat, as hy hulle oorval by die eerste aanval, wie ook al dit hoor sal sê: 'Daar was 'n slagting onder die manne wat Avshalom volg!'
10 Selfs die een wat dapper is, wie se hart 'n leeu se hart is, sal heeltemal moed verloor, want die hele Yisra'el weet dat u vader 'n magtige man is en dat die manne by hom dapper is,
11 maar ek adviseer dat die hele Yisra'el, van Dan tot by Be'er-Sh'va, so oorvloedig soos die sand wat aan die seestrand is, sekerlik by u bymekaargebring word en dat u persoonlik in die geveg tree.
12 So sal ons op hom afkom in een van die plekke waar hy hom bevind en ons sal hom oorval soos die dou op die aarde val en van hom en van al die manne wat by hom is, sal selfs nie een oorbly nie.
13 As hy in 'n stad terugtrek, moet die hele Yisra'el toue na daardie stad toe bring en ons sal dit in die vallei in sleep totdat daar selfs nie 'n klein klippie te vinde is nie."
14 Toe sê Avshalom en al die manne van Yisra'el: "Die advies van Hushai, die Arkiet, is beter as die advies van Agitofel," want יהוה het beskik om die goeie advies van Agitofel te verydel sodat יהוה katastrofe oor Avshalom kon bring.
15 Toe sê Hushai vir Tzadok en Avyatar, die priesters: "Dit is wat Agitofel Avshalom en die oudstes van Yisra'el geadviseer het, maar dít het ek geadviseer.
16 Nou, daarom, stuur gou en laat Dawid weet: 'Moenie oornag by die driwwe van die wildernis nie, maar gaan sekerlik oor; anders sal die koning en al die mense wat by hom is, vernietig word'."
17 Y'honatan en Agima'atz het by `Ein-Rogel gebly en 'n diensmeisie sou gaan om hulle te vertel en hulle moes dan gaan en dit aan koning Dawid vertel, want hulle kon nie gesien word dat hulle die stad binnegaan nie.
18 'n Jongman het hulle egter gesien en vir Avshalom vertel; hulle twee het haastig vertrek en by die huis van 'n man in Bagurim gekom wat 'n put in sy binnehof gehad het en hulle het daarin afgegaan.
19 Die vrou het 'n bedekking gevat en dit bo-oor die put se opening uitgesprei en graan daarop gestrooi sodat niks sigbaar was nie.

20 Toe kom Avshalom se diensknegte by die vrou by die huis en vra: "Waar is Agima'atz en Y'honatan?" Die vrou sê vir hulle: "Hulle het die stroompie water oorgegaan." Toe hulle gesoek en niks gekry het nie, het hulle na Yerushalayim teruggegaan.
21 Dit het gebeur nadat hulle weggegaan het dat hulle uit die put uit opgekom en gegaan en aan koning Dawid berig gebring het en hulle het vir Dawid gesê: "Staan op en trek gou deur die water, want so het Agitofel teen julle advies gegee."
22 Toe het Dawid en al die mense wat by hom was, opgestaan en die Yarden oorgesteek en teen oggendlig het selfs nie een oorgebly wat nie die Yarden oorgesteek het nie.
23 Toe Agitofel sien dat sy advies nie gevolg is nie, het hy sy donkie opgesaal, opgestaan en na sy huis, na sy stad, gegaan en sy huis in orde gekry en homself verwurg; so is hy dood en is begrawe in die graf van sy vader.
24 Toe het Dawid in Maganayim aangekom en Avshalom het die Yarden oorgesteek, hy en al die manne van Yisra'el saam met hom.
25 Avshalom het `Amasa in Yo'av se plek oor die leër aangestel. `Amasa was die seun van 'n man met die naam van Yitra, die Yisra'eliet wat ingegaan het by Avigayil, die dogter van Nagash, suster van Tz'ruyah, Yo'av se moeder.
26 Yisra'el en Avshalom het gekamp in die land van Gil'ad.
27 Toe Dawid in Maganayim kom, bring Shovi, die seun van Nagash uit Rabbah, uit die seuns van `Ammon, Magir, die seun van `Ammi'el, uit Lo-D'var en Barzillai, die Gil'adiet, uit Roglim,
28 beddens, skottels, erdegoed, koring, gars, meel, gebraaide graan, bone, lensies, gebraaide sade,
29 heuning, dikmelk, kleinvee en kaas van beesmelk na Dawid en die mense wat by hom was, om te eet, want hulle het gesê: "Die mense is honger, moeg en dors in die wildernis."

18 1 Toe het Dawid die manne getel wat by hom was en bevelvoerders oor duisend en bevelvoerders oor honderd oor hulle aangestel.
2 Dawid het die manne uitgestuur: 'n derde deel onder bevel van Yo'av, 'n derde onder Avishai, die seun van Tz'ruyah, die broer van Yo'av en 'n derde onder Ittai, die Gittiet en die koning het vir die manne gesê: "Ek sal sekerlik ook saam met julle uitgaan."
3 Die manne het egter gesê: "U mag nie uittrek nie, want as ons moet vlug, sal hulle nie oor ons omgee nie; selfs al sterf die helfte van ons, hulle sal nie oor ons omgee nie, maar u is tien duisend van ons werd; daarom is dit nou beter dat u gereed is om ons van die stad af te help."
4 Toe sê die koning vir hulle: "Wat vir julle die beste is, sal ek doen." Die koning het langs die poort gestaan en al die manne het uitgegaan in honderde en in duisende.
5 Die koning het Yo'av, Avishai en Ittai beveel en gesê: "Werk sagkens met die jongman, Avshalom, vir my onthalwe." Al die manne het gehoor toe die koning aan al die bevelvoerders bevel gee aangaande Avshalom.

6 Toe gaan die manne uit, die veld in, teen Yisra'el en die geveg het plaasgevind in die woud van Efrayim.
7 Die manne van Yisra'el is daar voor die diensknegte van Dawid verslaan en die slagting was dié dag daar groot, twintig duisend man,
8 want die geveg is daar uitgesprei oor die hele platteland en die woud het daardie dag meer mense verteer as wat die swaard verteer het.
9 Avshalom het onverwags die diensknegte van Dawid ontmoet, want Avshalom het op sy muil gery en die muil het onder die digte takke van 'n groot eikeboom ingegaan en sy kop het in die eikeboom vasgehaak sodat hy tussen hemel en aarde bly hang het terwyl die muil, wat onder hom was, aanhou loop het.
10 Toe 'n sekere man dit sien, het hy Yo'av vertel en gesê: "Let op, ek het Avshalom in 'n eikeboom sien hang."
11 Toe sê Yo'av vir die man wat hom vertel het: "Nou, let op, het jy gesíen!? Waarom het jy hom dan nie daar teen die grond neergeslaan nie? Ek sou vir jou tien silwerstukke en 'n gordel gegee het."
12 Die man sê vir Yo'av: "Selfs al sou ek ook 'n duisend silwerstukke in my hand ontvang, sou ek nie my hand uitsteek teen die seun van die koning nie, want die koning het vir u, Avishai en Ittai voor ons ore beveel en gesê: 'Beskerm die jongman, Avshalom, vir my!'
13 Anders, as ek vals teen sy lewe opgetree het en daar is niks verborge vir die koning nie, dan sou u self opsy gestaan het."
14 Toe sê Yo'av: "Ek wil nie tyd hier by jou mors nie!" Hy vat drie spiese in sy hand en druk hulle deur die hart van Avshalom terwyl hy nog lewendig was in die eikeboom.
15 Tien jongmanne wat Yo'av se wapens gedra het, het nadergekom en Avshalom gesteek en hom gedood.
16 Toe blaas Yo'av die ramshoring en die manne het teruggedraai daarvan om Yisra'el te agtervolg, want Yo'av het die manne teruggehou.
17 Hulle het Avshalom gevat en hom in die woud in 'n groot put gegooi en 'n baie groot hoop klippe bo-op hom gestapel en die hele Yisra'el het gevlug, elkeen na sy tent.
18 Tydens sy leeftyd het Avshalom 'n gedenksteen in die koningsvallei opgerig vir homself, want, het hy gesê: "Ek het geen seun om my naam te bewaar nie." Hy het die gedenksteen na homself vernoem en dit word tot vandag toe die gedenkteken van Avshalom genoem.
19 Daarop sê Agima'atz, die seun van Tzadok: "Laat my asseblief hardloop en aan die koning die boodskap bring dat יהוה hom bevry het van die hand van sy vyande."
20 Yo'av sê egter vir hom: "Jy is nie die man om vandag 'n boodskap te dra nie, maar jy kan anderdag 'n boodskap dra, maar jy sal geen boodskap vandag dra nie omdat die seun van die koning dood is."
21 Toe sê Yo'av vir die Kushiet: "Gaan vertel vir die koning wat jy gesien het!" Die Kushiet het voor Yo'av gebuig en gehardloop.

22 Agima'atz, die seun van Tzadok, het weer 'n keer vir Yo'av gesê: "Wat ook al gebeur, laat my asseblief ook agter die Kushiet aan hardloop." Yo'av vra: "Waarom wil jy hardloop, my seun, aangesien jy geen beloning sal ontvang as jy gaan nie?"
23 "Maar wat ook al gebeur," sê hy, "ek sal hardloop." Hy antwoord hom toe: "Hardloop!" Toe hardloop Agima'atz met die vlakte langs en steek die Kushiet verby.
24 Dawid het tussen die twee poorte gesit en die wag het opgegaan na die dak van die poort op die muur en sy oë opgeslaan en let op, 'n man wat alleen hardloop.
25 Die wag het uitgeroep en die koning vertel en die koning sê: "As hy alleen is, dan is daar 'n goeie boodskap in sy mond." Hy het ál nader en nader gekom.
26 Toe sien die wag 'n ander man hardloop en die wag het na die poortwag geroep en gesê: "Let op, daar hardloop nog 'n man op sy eie. Die koning sê: "Hierdie een bring ook 'n goeie boodskap."
27 Die wag het gesê: "Ek dink die hardloop van die eerste een is soos die hardloop van Agima'atz, die seun van Tzadok." Die koning sê: "Hierdie is 'n goeie man wat kom met 'n goeie boodskap."
28 Agima'atz het uitgeroep en aan die koning gesê: "Vrede!" Hy het homself voor die koning neergebuig met sy gesig op die grond en gesê: "Geseënd is יהוה, u God, wat die manne oorgelewer het wat hulle hand teen my meester die koning opgelig het."
29 Die koning vra: "Gaan dit goed met die jongman, Avshalom?" Agima'atz antwoord: "Toe Yo'av die dienskneg van die koning, u dienskneg gestuur het, het ek 'n groot opskudding gesien, maar ek het nie geweet wat dit was nie."
30 Toe sê die koning: "Draai opsy en staan hier." Toe draai hy opsy en staan stil.
31 Let op, die Kushiet arriveer en die Kushiet sê: "My meester die koning, ontvang goeie nuus, want יהוה het u vandag bevry van die hand van al dié wat teen u opgestaan het."
32 Toe vra die koning vir die Kushiet: "Gaan dit goed met die jongman, Avshalom?" Die Kushiet antwoord: "Laat die vyande van my meester die koning en almal wat teen u opstaan vir boosheid, wees soos daardie jongman!"

19 1 Die koning was diep aangeraak en het opgegaan na die vertrek bo die poort en gehuil en so het hy gesê terwyl hy loop: "My seun Avshalom, my seun, my seun Avshalom! As ek maar gesterf het in jou plek! Avshalom, my seun, my seun!"
2 Toe is dit vir Yo'av vertel: "Let op, die koning huil en rou oor Avshalom."
3 Daardie dag het die oorwinning vir die hele volk in 'n rou verander omdat die volk dié dag gehoor het dat dit gesê is: "Die koning is bedroef oor sy seun."
4 Die mense het dié dag stilletjies die stad ingekom, soos mense wat verneder is, wegsluip as hulle in die geveg gevlug het.
5 Die koning het sy gesig bedek en het uitgeroep met 'n harde stem: "My seun Avshalom! Avshalom, my seun, my seun!"
6 Toe kom Yo'av by die koning in die huis en sê: "U het vandag die gesigte van al u diensknegte, wat vandag u lewe en die lewe van u seuns en dogters en die lewe van u vroue en die lewe van u byvroue gered het, met skaamte bedek,

7 deur diegene wat u haat, lief te hê en diegene wat u lief het, te haat, want u het vandag gewys dat prinse en diensknegte vir u niks is nie, want ek weet vandag dat, as Avshalom lewendig en ons almal vandag dood was, u tevrede sou wees.
8 Staan daarom nou op, gaan uit en praat goedhartig met u diensknegte, want ek sweer by יהוה, as u nie uitgaan nie, sal daar sekerlik vannag geen man by u bly nie en dit sal vir u groter wees as al die booshede wat oor u gekom het van u jeug af tot nou toe."
9 Die koning het opgestaan en in die poort gaan sit. Toe hulle die hele volk laat weet en gesê het: "Let op, die koning sit in die poort," het die hele volk voor die koning gekom. Yisra'el het gevlug, elkeen na sy tent.
10 Al die mense, van al die stamme van Yisra'el het onder mekaar getwis en gesê: "Die koning het ons bevry uit die hand van ons vyande en ons gered uit die hand van die F'lishtyne, maar nou het hy uit die land uit gevlug vir Avshalom.
11 Nietemin, Avshalom, wat ons oor ons gesalf het, het in die geveg gesterf. Waarom is julle dan nou stil daaroor om die koning terug te bring?"
12 Toe het koning Dawid na Tzadok en Avyatar, die priesters, gestuur om te sê: "Praat met die oudstes van Y'hudah en vra: 'Waarom is julle die laastes om die koning terug te bring na sy huis, aangesien die woorde van die hele Yisra'el na die koning en sy huis gekom het?
13 Julle is my broers; my vlees en bloed. Waarom sou julle dan die laastes wees om die koning terug te bring?'
14 Vir `Amasa moet julle sê: 'Is jy nie my vlees en bloed nie? Mag God so aan my doen en ook meer, as jy nie voortdurend die bevelvoerder van my leër voor my sal wees in die plek van Yo'av nie!'"
15 So het hy die gedagtes, wil en emosie van al die manne van Y'hudah soos een man gedraai sodat hulle na die koning gestuur en gesê het: "Kom terug, u en al u diensknegte."
16 Die koning het toe teruggegaan tot so ver as die Yarden en Y'hudah het na Gilgal gekom om die koning te gaan ontmoet, om die koning oor die Yarden te bring.
17 Toe het Shim'i, die seun van Gera, die Binyaminiet, wat uit Bagurim was, hom gehaas en saam met die jongmanne van Y'hudah afgekom om koning Dawid te ontmoet.
18 Daar was 'n duisend man uit Binyamin saam met hom, saam met Tziva, die dienskneg van die huis van Sha'ul en sy vyftien seuns en twintig diensknegte saam met hom en hulle het haastig gemaak na die Yarden toe, voor die koning.
19 Toe het hulle aangehou die drif oorsteek om die huis van die koning oor te bring en te doen wat goed was in sy oë. Shim'i, die seun van Gera, het voor die koning neergeval toe hy op die punt was om oor die Yarden te gaan.
20 Hy het vir die koning gesê: "Laat my meester my nie as skuldig beskou nie, of onthou wat u dienskneg verkeerd gedoen het op die dag dat my meester die koning uit Yerushalayim uitgekom het sodat die koning dit ter harte sou neem nie,
21 want u dienskneg weet dat ék gesondig het; daarom, let op, ek het vandag gekom, die eerste van die hele huis van Yosef om af te gaan om my meester die koning te ontmoet."

22 Avishai, die seun van Tz'ruyah, het egter geantwoord: "Moet Shim'i nie hieroor doodgemaak word omdat hy die gesalfde van יהוה gevloek het nie?"
23 Toe sê Dawid: "Wat het ek met julle te doen, seuns van Tz'ruyah, dat julle vandag my teëstanders sal wees? Moet enige mens vandag in Yisra'el doodgemaak word? Want weet ek nie vandag dat ek koning oor Yisra'el is nie?"
24 Die koning sê vir Shim'i: "Jy sal nie sterf nie." So het die koning vir hom gesweer.
25 Toe kom M'fivoshet, die kleinseun van Sha'ul, af om die koning te ontmoet en hy het nie sy voete versorg, of sy snor geskeer, of sy klere gewas, van die dag af dat die koning weggegaan het tot op die dag dat hy in vrede teruggekom het nie.
26 Dit was toe hy vanaf Yerushalayim gekom het om die koning te ontmoet dat die koning vir hom sê: "Waarom het jy nie saam met my gegaan nie, M'fivoshet?"
27 Hy antwoord: "My meester die koning, my dienskneg het my mislei, want u dienskneg het gedink: 'Ek sal vir myself 'n donkie opsaal dat ek daarop kan ry en saam met die koning gaan,' want u dienskneg is lam.
28 Meer nog, hy het sleg gepraat van u dienskneg by my meester die koning, maar my meester die koning is soos die boodskapper van God, doen daarom wat goed is in u oë,
29 want my vader se hele huishouding was niks anders as dooie mense voor my meester die koning nie; tog het u u dienskneg geplaas onder die wat aan u eie tafel eet. Watter reg het ek steeds dat ek nog by die koning sal kla?"
30 Toe sê die koning vir hom: "Waarom praat jy nog oor jou sake? Ek het besluit: jy en Tziva sal die land verdeel."
31 M'fivoshet het die koning geantwoord: "Laat hom selfs alles vat, aangesien my meester die koning veilig na sy eie huis gekom het."
32 Barzillai, die Gil'adiet, het afgekom vanaf Roglim en saam met die koning na die Yarden gegaan om hom oor die Yarden te vergesel.
33 Barzillai was baie oud, reeds tagtig jaar oud en hy het die koning onderhou gedurende sy verblyf in Maganayim, want hy was 'n baie belangrike man.
34 Die koning het vir Barzillai gesê: "Trek saam met my oor, dan sal ek jou by my in Yerushalayim onderhou."
35 Barzillai het egter die koning geantwoord: "Hoe lank het ek nog om te leef dat ek saam met die koning sou opgaan na Yerushalayim?
36 Ek is nou tagtig jaar oud. Kan ek tussen goed en kwaad onderskei, of kan u dienskneg proe wat ek eet en wat ek drink, of kan ek steeds die stem van sangers en sangeresse hoor? Waarom sal u dienskneg dan 'n verdere las wees vir my meester die koning?
37 U dienskneg sal vrolik saam met die koning oor die Yarden trek. Waarom sou die koning my betaal met hierdie beloning?
38 Laat asseblief u dienskneg teruggaan dat ek in my eie stad, naby die graf van my vader en my moeder, sterf. Nietemin, hier is u dienskneg Khimham, laat hom saam met my meester die koning oorgaan en doen vir hom wat goed is in u oë."
39 Die koning antwoord: "Khimham kan saam met my oorgaan en ek sal vir hom doen wat goed is in jou oë en alles wat jy van my verwag, sal ek vir jou doen."

40 Al die mense het oor die Yarden gegaan en die koning het ook oorgegaan. Toe soen die koning vir Barzillai en seën hom en hy het na sy plek toe teruggegaan.
41 Die koning het aangegaan na Gilgal en Khimham het saam met hom gegaan en al die mense van Y'hudah en ook die helfte van die mense van Yisra'el het die koning vergesel.
42 Let op, al die manne van Yisra'el kom by die koning en sê vir die koning: "Waarom het ons broers, die manne van Y'hudah, u weggesteel en die koning en sy huis en al die manne van Dawid saam met hom oor die Yarden gebring?"
43 Toe antwoord al die manne van Y'hudah die manne van Yisra'el: "Omdat die koning naby verwant is aan ons. Waarom is jy dan kwaad oor hierdie saak? Het ons enigsins iets ten koste van die koning geëet, of is enige iets vir ons gevat?"
44 Die manne van Yisra'el het egter die manne van Y'hudah geantwoord en gesê: "Ons het tien aandele aan die koning; daarom het ons ook meer reg op Dawid as julle. Waarom het julle ons met minagting behandel? Was dit nie ons advies eerste om ons koning terug te bring nie?" Tog was die woorde van die manne van Y'hudah heftiger as die woorde van die manne van Yisra'el.

20 1 'n Deugniet met die naam van Sh'va, die seun van Bikhri, 'n Binyaminiet was daar en hy het op die ramshoring geblaas en gesê: "Ons het geen deel aan Dawid en ook het ons geen erfenis in die seun van Yishai nie; elke man na sy tent toe, o Yisra'el!"
2 Al die manne van Yisra'el het daarvan onttrek om Dawid te volg en Sh'va (Ar. Sh'moa), die seun van Bikhri, gevolg, maar die manne van Y'hudah het standvastig tot hulle koning gebly, van die Yarden af tot by Yerushalayim.
3 Toe kom Dawid by sy huis in Yerushalayim en die koning het die tien vroue, die byvroue wat hy laat agterbly het om die huis te versorg, gevat en onder bewaking gesit en aan hulle middele voorsien, maar nie by hulle ingegaan nie. Hulle was opgesluit tot die dag van hulle dood en het gelewe as weduwees.
4 Toe sê die koning vir `Amasa: "Roep vir my die manne van Y'hudah binne drie dae byeen en wees jyself ook hier teenwoordig."
5 `Amasa het gegaan om Y'hudah byeen te roep, maar hy het langer as die bepaalde tyd gevat wat hy vir hom vasgestel het.
6 Dawid het vir Avishai gesê: "Nou sal Sh'va, die seun van Bikhri, ons meer kwaad doen as Avshalom; vat jou meester se diensknegte en jaag hom agterna sodat hy nie miskien vir homself versterkte stede vind en uit ons oog ontsnap nie."
7 Yo'av se manne het uitgegaan agter hom aan, saam met die persoonlike wagte, die boodskappers en al die magtige manne en hulle het vanuit Yerushalayim gegaan om Sh'va, die seun van Bikhri, agterna te jaag.
8 Toe hulle by die groot klip was, wat in Gib'on is, kom `Amasa hulle tegemoet. Yo'av was aangetrek in sy pantser en oor dit was 'n gordel met 'n swaard in sy skede wat by sy dy vasgemaak was en terwyl `Amasa verskyn, plaas Yo'av sy hand op sy swaard.
9 Yo'av sê vir `Amasa: "Gaan dit goed met jou, my broer?" Yo'av het `Amasa met die regterhand aan die baard gegryp om hom te soen,

10 maar `Amasa was nie op sy hoede vir die swaard wat in Yo'av se hand was nie. Toe steek hy hom daarmee in die maag en stort sy ingewande op die grond uit en hy het hom nie 'n tweede keer gesteek nie en hy is dood. Toe het Yo'av en sy broer, Avishai, vir Sh'va, die seun van Bikhri, agternagejaag.
11 Daar het by hom een van Yo'av se jongmanne gestaan en gesê: "Wie ook al vir Yo'av kies en wie ook al vir Dawid is, volg vir Yo'av!"
12 `Amasa het egter in die middel van die hoofpad in sy bloed rondgerol en toe die man sien dat elkeen van die manne stil staan wanneer hulle by hom verbykom, het hy `Amasa uit die pad uit verwyder in die veld in en 'n kleed oor hom gegooi.
13 Sodra hy van die hoofpad af verwyder is, het al die manne verbygegaan agter Yo'av aan om Sh'va, die seun van Bikhri, agterna te jaag.
14 Hy het deur al die stamme van Yisra'el getrek na Avel, Beit-Ma'akhah en die hele Berim en hulle is bymekaargemaak en het ook agter hom aan gegaan.
15 Hulle het gekom en hom in Abel-Beit-Ma'akhah beleër en 'n wal teen die stad opgegooi, wat teen die skanse opgerys het. Al die manskappe wat by Yo'av was, het verwoesting gesaai om die muur te laat val.
16 Toe roep 'n wyse vrou vanuit die stad: "Luister, luister! Sê asseblief vir Yo'av: 'Kom hier dat ek met u kan praat.'"
17 Hy het haar genader en die vrou sê: "Is u Yo'av?" Hy antwoord: "Ek is." Toe sê sy vir hom: "Hoor die woorde van u dienares." Hy antwoord: "Ek luister."
18 Toe praat sy en sê: "Vroeër was hulle gewoond om te sê: 'Hulle sal sekerlik advies soek by Avel!' en so het hulle 'n verskil afgehandel.
19 Ek is een van die vredeliewendes en getroues in Yisra'el. U is daarop uit om 'n stad te vernietig, selfs 'n moeder in Yisra'el. Waarom wil u die erfenis van יהוה verteer?"
20 Yo'av antwoord: "Dit is ver, ver van my dat ek sou verslind of vernietig!
21 Die saak is nie so nie, maar 'n man van die bergland van Efrayim, Sh'va, die seun van Bikhri, het sy hand opgelig teen koning Dawid. Lewer hom slegs uit, dan sal ek van die stad af wegtrek." Die vrou sê vir Yo'av: "Let op, sy kop sal oor die muur na u toe gegooi word."
22 Toe het die vrou in wysheid na die hele volk gekom en hulle het die kop van Sh'va, die seun van Bikhri, afgekap en dit na Yo'av gegooi. Toe het hy die ramshoring geblaas en hulle het uitmekaar gespat, weg van die stad af, elkeen na sy tent. Yo'av het ook na Yerushalayim, na die koning toe teruggegaan.
23 Yo'av was oor die hele leër van Yisra'el en B'nayah, die seun van Y'hoyada, oor die persoonlike wagte en oor die boodskappers
24 en Adoram was oor die dwangarbeid en Y'hoshafat, die seun van Agilud, was die griffier.
25 Sh'va was skrywer en Tzadok en Avyatar priesters
26 en `Ira, die Ya'iriet, was 'n bedienaar by Dawid.

21 1 In die dae van Dawid was daar 'n hongersnood vir drie jaar lank; jaar ná jaar het Dawid die Teenwoordigheid van יהוה gesoek en יהוה het gesê: "Dit is vir Sha'ul en sy bebloede huis omdat hy die Giv'oniete doodgemaak het."

2 Die koning het die Giv'oniete geroep en met hulle gepraat. Die Giv'oniete was nie van die seuns van Yisra'el nie, maar van die oorblyfsel van die Emoriete en die seuns van Yisra'el het 'n verbond met hulle gesluit, maar Sha'ul het probeer om hulle dood te maak in sy ywer vir die seuns van Yisra'el en Y'hudah. [Y'ho 9]
3 So het Dawid aan die Giv'oniete gesê: "Wat moet ek vir julle doen en waarmee moet ek toedekking doen dat julle die erfenis van יהוה kan seën?"
4 Toe sê die Giv'oniete vir hom: "Dit is nie silwer en goud wat die huis van Sha'ul ons skuld nie en dit is ook nie ons begeerte om enige iemand in Yisra'el dood te maak nie." Hy sê: "Ek sal vir julle doen wat julle ook al sê."
5 Hulle sê toe vir die koning: "Die man wat ons verteer het en beplan het om ons uit te wis binne enige grense van Yisra'el,
6 laat sewe manne van sy seuns aan ons gegee word en ons sal hulle voor יהוה hang in Giv'ah van Sha'ul, die gekose van יהוה!" Die koning het gesê: "Ek sal gee."
7 Die koning het egter vir M'fivoshet, die seun van Y'honatan, die seun van Sha'ul, gespaar vanweë die eed van יהוה wat tussen hulle was, tussen Dawid en Y'honatan, die seun van Sha'ul.
8 Die koning vat toe die twee seuns van Ritzpah, die dogter van Ayah, Armoni en M'fivoshet, wat vir Sha'ul gebore is en die vyf seuns van Merav, die dogter van Sha'ul, wat vir Adri'el, die seun van Barzillai, die Megolatiet, gebore is
9 en hy het hulle oorgegee in die hand van die Giv'oniete en hulle het hul opgehang in die berg voor die Teenwoordigheid van יהוה sodat al sewe saam geval het en hulle is gedood tydens die eerste dae van die oes, in die eerste dae van die gars oes.
10 Ritzpah, die dogter van Ayah, het 'n sak gevat en dit vir haarself uitgesprei op die rots, van die begin van die oes af totdat daar water uit die hemel daarop gereën het en sy het nie die voëls van die hemel oordag en ook nie die diere van die veld in die nag toegelaat om op hulle te sit nie.
11 Toe aan Dawid vertel is wat Ritzpah, die dogter van Ayah, die byvrou van Sha'ul, gedoen het,
12 het Dawid gegaan en die bene van Sha'ul en die bene van sy seun Y'honatan van die manne van Javesh-Gil'ad gaan haal, wat dit van die oop plein van Beit-Shan gesteel het, waar die F'lishtyne hulle opgehang het op die dag toe die F'lishtyne Sha'ul op Gilboa verslaan het.
13 Hy het die bene van Sha'ul en die bene van sy seun Y'honatan daarvandaan gebring en hulle het die bene van dié wat opgehang is, bymekaargemaak.
14 Hulle het die bene van Sha'ul en sy seun Y'honatan in die land van Binyamin, in Tzela, in die graf van sy vader Kish begrawe; so het hulle alles gedoen wat die koning beveel het en daarna is God deur gebed beweeg vir die land.
15 Toe die F'lishtyne weer in oorlog was met Yisra'el, het Dawid afgegaan en sy diensknegte saam met hom en terwyl hulle teen die F'lishtyne geveg het, het Dawid moeg geword.
16 Toe het Yishbi-B'nov, wat onder die nageslag van die reuse was, wie se spies se gewig drie honderd sikkels koper in gewig was en omgord was met 'n nuwe swaard, gedink om Dawid dood te maak,

17 maar Avishai, die seun van Tz'ruyah, het hom gehelp en die F'lishtyn verslaan en hom doodgemaak. Toe het die manne van Dawid tot hom gesweer en gesê: "U sal nie weer saam met ons uitgaan na die geveg nie sodat u nie die lamp van Yisra'el uitblus nie."
18 Dit het gebeur na hierdie dat daar weer oorlog was met die F'lishtyne in Gov. Toe het Sibkhai, die Hushatiet, vir Saf, wat onder die nageslag van die reuse was, verslaan.
19 Daar was weer oorlog met die F'lishtyne in Gov en Elganan, die seun van Ya'arei-Orgim, uit Beit-Legem, het Golyat, die Gittiet, wie se spiessteel soos 'n wewersbalk was, verslaan.
20 Daar was weer oorlog in Gat; waar daar 'n baie groot man was, wat ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet, vier en twintig in getal, gehad het en ook hy is vir die reuse gebore.
21 Toe hy Yisra'el geminag het, het Y'honatan, die seun van Shim'ah, die broer van Dawid, hom verslaan.
22 Hierdie vier is gebore vir die reuse in Gat en hulle het geval deur die hand van Dawid en deur die hand van sy diensknegte.

22 1 Dawid het die woorde van hierdie lied tot יהוה gespreek op die dag toe יהוה hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Sha'ul.
2 Hy het gesê: "יהוה is my Rots en my Vesting en my Bevryder;
3 my God, my Rots, by wie ek skuil;
my Skild en die Horing van my verlossing,
my Vesting en my Skuilplek;
my Verlosser, U red my van geweld.
4 Ek roep יהוה aan wat waardig is om geloof te word
en ek word van my vyande gered,
5 want die golwe van die dood het my omring,
strome van wettelose manne het my bang gemaak.
6 Die bande van Sh'ol het my omring;
die strikke van die dood het my gekonfronteer.
7 In my benoudheid, het ek יהוה aangeroep, ja, ek het geroep tot my God
en vanaf Sy tempel het Hy my stem gehoor
en my hulpgeroep, in Sy ore.
8 Toe het die aarde geskud en gebewe,
die fondamente van die hemel het gesidder en is geskud
omdat Hy woedend was.
9 Rook het opgegaan vanuit Sy neusgate,
vuur vanuit Sy mond het verteer;
kole is daardeur aan die brand gesteek.
10 Hy het die hemel neergebuig en afgekom,
met dik duisternis onder Sy voete.
11 Hy het op 'n gérub gery en gevlieg;
Hy het op die vlerke van die wind verskyn.

12 Hy het duisternis as afdakke rondom Hom gesit,
massas van waters, dik wolke van die lug.
13 Vanuit die helderheid voor Hom is kole voor Hom aan die brand gesteek.
14 יהוה het vanuit die hemel gedonder
en die Allerhoogste het Sy stem laat hoor. Yeg 1:4-28; 10:1-22; Ps 18:8-14
15 Hy het pyle uitgestuur en hulle verstrooi,
weerligstrale en hulle op die vlug laat slaan.
16 Toe het die kanale van die see sigbaar geword,
die fondasies van die wêreld is blootgelê,
deur die bestraffing van יהוה,
by die blaas van die asem vanuit Sy neusgate.
17 Hy het vanuit die hoogte gestuur, Hy het my gegryp,
Hy het my uit baie waters getrek.
18 Hy het my bevry van my sterk vyand,
van die wat my haat, want hulle was te sterk vir my.
19 Hulle het my gekonfronteer op die dag van my nood,
maar יהוה was my ondersteuning.
20 Hy het my ook uitgebring in 'n ruim plek in,
Hy het my gered omdat Hy behae in my gehad het.
21 יהוה het my beloon volgens my onpartydige opregtheid;
volgens die reinheid van my hande het Hy my vergoed,
22 want ek het al die lewenswyses van יהוה gehou
en nie boos opgetree teenoor my God nie,
23 want al Sy regverdige oordele was voor my
en van Sy voorskrifte het ek nie afgewyk nie.
24 Ek was ook skuldloos teenoor Hom
en ek het myself weerhou van oortreding van die wet;
25 daarom het יהוה my vergoed volgens my onpartydige opregtheid,
volgens my reinheid voor Sy oë.
26 By die wat omgee, wys U Uself as een wat omgee,
by die skuldlose wys U Uself skuldloos,
27 by die reine, wys U Uself rein
en by die perverse, wys U Uself uitgeslape.
28 U verlos 'n verdrukte volk,
maar U oë is op die hoogmoediges; U verneder hulle,
29 want U is my Lamp, o יהוה
en יהוה verlig my duisternis, Ps 119:105
30 want met U loop ek 'n bende storm,
met die hulp van my God kan ek oor 'n muur spring.
31 Wat God betref, Sy pad is volmaak;
die woord van יהוה is getoets;
Hy is 'n Skild vir almal wat by Hom skuil,
32 want wie is God buiten יהוה
en wie is 'n Rots buiten ons God?

33 God, wat my omgord het met krag,
my pad volmaak gemaak het.
34 Hy maak my voete soos dié van hertooie,
en laat my staan op my hoë plekke.
35 Hy oefen my hande vir die geveg
sodat my arms 'n koper boog kan span.
36 U het ook vir my die skild van U verlossing gegee
en U hulp maak my groot.
37 U vergroot my treë onder my
en my voete het nie gegly nie.
38 Ek het my vyande agtervolg en hulle vernietig
en ek het nie teruggedraai voordat hulle verteer is nie.
39 Ek het hulle verteer en hulle verbrysel sodat hulle nie opstaan nie
en hulle het onder my voete geval,
40 want U het my met krag omgord vir die geveg,
U het hulle wat teen my opstaan aan my onderwerp.
41 U het ook my vyande hulle rug na my laat draai
en ek het dié vernietig wat my haat.
42 Hulle het gekyk, maar daar was niemand om te red nie;
selfs na יהוה, maar Hy het hulle nie geantwoord nie.
43 Toe het ek hulle gemaal soos die stof van die aarde,
ek het hulle fyn gebreek en vertrap soos die vuilgoed van die strate.
44 U het my ook bevry van die twiste van my mense;
U het my bewaar as hoof van die nasies;
'n volk wat ek nie geken het nie, dien my.
45 Uitlanders maak asof hulle my gehoorsaam;
sodra hulle hoor, gehoorsaam hulle my.
46 Uitlanders verloor moed
en kom bewend uit hulle vestings uit.
47 יהוה leef! Geseënd is my Rots.
Laat God verhewe wees, die Rots van my verlossing;
48 die God wat die wraak vir my uitoefen
en volke onder my onderwerp,
49 wat my ook uitbring onder my vyande;
U lig my selfs op bo dié wat teen my opstaan;
U red my van die man van geweld;
50 daarom sal ek aan U, o יהוה, dank bring tussen die nasies
en ek sal lofprysing sing tot U Naam (Karakter en Outoriteit); Ps 18:50; Rom 15:9
51 Hy is 'n toring van bevryding vir Sy koning
en wys sagte omgee aan Sy gesalfde,
aan Dawid en sy nageslag vir ewig."

23 1 Nou, hierdie is die laaste woorde van Dawid:
"Dawid, die seun van Yishai, verklaar,
die man wat hoog opgelig is, verklaar,
die gesalfde van die God van Ya'akov en die soet psalmis van Yisra'el:
2 die Gees van יהוה praat deur my en Sy woord is op my tong.
3 Die God van Yisra'el het gesê, die Rots van Yisra'el het met my gepraat: 'Hy wat regverdig oor mense heers, wie heers in die respekvolle vrees van God,
4 is soos die oggendlig by sonsopkoms, 'n oggend sonder wolke, wanneer grasspruitjies opkom uit die aarde, deur die sonskyn ná die reën.'
5 Waarlik, is my huis nie so by God nie? Want Hy het 'n ewige verbond met my gesluit, vasgestel in alle dinge en verseker, want al my redding en begeertes, sal Hy dit nie inderdaad laat groei nie?
6 Maar die deugniete, elkeen van hulle sal weggegooi word soos dorings, want hulle kan nie aan die hand gevat word nie,
7 maar die man wat hulle aanraak moet bewapen wees met yster en die steel van 'n spies en hulle sal volkome verbrand word met vuur waar hulle is."
8 Hierdie is die name van die magtige manne wat Dawid gehad het:
Yoshev-Bashevet, 'n Tag'kmoniet, die hoof van die bevelvoerders; hy is `Adino die Etzniet genoem omdat hy agt honderd op een slag doodgemaak het;
9 ná hom was El'azar, die seun van Dodo, die Agogiet, een van die drie magtige manne by Dawid toe hulle die F'lishtyne geminag het wat daar bymekaar was om te veg en die manne van Yisra'el teruggetrek het.
10 Hy het opgestaan en die F'lishtyne geslaan totdat sy hand moeg geword en aan die swaard vasgekleef het en יהוה daardie dag 'n groot oorwinning bewerk het en die manne het teruggekom ná hom net om te buit.
11 Ná hom was Shammah, die seun van Age, die Hararіet. Die F'lishtyne het bymekaargekom in 'n eenheid waar daar 'n stuk grond was vol lensies en die mense het vir die F'lishtyne gevlug,
12 maar hy het gaan staan in die middel van die stuk grond, dit verdedig en die F'lishtyne verslaan en יהוה het 'n groot oorwinning bewerk.
13 Drie van die dertig hoofde het afgegaan en teen die oestyd by Dawid, by die grot van `Adullam, gekom terwyl 'n groep F'lishtyne gekamp het in die vallei van Refa'im.
14 Dawid was toe in die vesting terwyl die garnisoen van die F'lishtyne in Beit-Legem was.
15 Dawid het 'n begeerte gehad en het gesê: "O, dat iemand vir my water sou gee om te drink uit die put van Beit-Legem wat by die poort is!"
16 Die drie magtige manne breek toe deur die kamp van die F'lishtyne en skep water uit die put van Beit-Legem wat by die poort was en vat dit na Dawid toe. Nogtans wou hy dit nie drink nie, maar het dit uitgegooi tot eer van יהוה
17 en hy het gesê: "Mag dit ver van my wees, יהוה, dat ek dit sou doen! Sou ek die bloed drink van die manne wat in lewensgevaar gegaan het?" Hy wou dit daarom nie drink nie. Hierdie dinge het die drie magtige manne gedoen.

18 Avishai, die broer van Yo'av, die seun van Tz'ruyah, was hoof van die dertig. Hy het sy spies teen drie honderd geswaai en hulle doodgemaak en het 'n naam saam met die drie gehad.
19 Hy was die mees geëerde onder die dertig; daarom het hy hulle bevelvoerder geword, maar hy het nie by die eerste drie gekom nie.
20 Dan ook B'nayah, die seun van Y'hoyada, die seun van 'n dapper man van Kavtze'el, wat magtige dade gedoen het, het die twee seuns van `Ari'el van Mo'av doodgemaak. Hy het ook afgegaan en 'n leeu binne-in 'n gat doodgemaak op 'n dag wat dit gesneeu het.
21 Hy het 'n Mitzrayimiet doodgemaak, 'n indrukwekkende man. Die Mitzrayimiet het 'n spies in die hand gehad, maar hy het na hom toe afgegaan met 'n staf en die spies uit die hand van die Mitzrayimiet geruk en hom met sy eie spies doodgemaak.
22 Hierdie dinge het B'nayah, die seun van Y'hoyada, gedoen en hy het 'n naam gehad saam met die drie magtige manne.
23 Hy was geëerd onder die dertig, maar hy het nie by die eerste drie gekom nie en Dawid het hom aangestel oor sy lyfwag.
24 `Asah'el, die broer van Yo'av, was onder die dertig;
Elganan, die seun van Dodo, uit Beit-Legem;
25 Shammah, die Harodiet;
Elika, die Harodiet;
26 Heletz, die Paltiet;
`Ira, die seun van `Ikesh, van T'koa;
27 Avi'ezer, van `Anatot;
M'vunai, die Hushatiet;
28 Tzalmon, die Agogiet;
Mahrai, die N'tofatiet;
29 Helev, die seun van Ba'anah, die N'tofatiet;
Ittai, die seun van Rivai, uit Giv'ah, van die seuns van Binyamin;
30 B'nayahu, die Pir'atoniet;
Hiddai, van die spruite van Ga'ash;
31 Avi-`Alvon, die `Arvatiet;
`Azmavet, die Bagarumiet;
32 Elyagba, die Sha'alvoniet;
van die seuns van Yashen, Y'honatan;
33 Shammah, die Hahariet;
Agi'am, die seun van Sharar, die Arariet;
34 Elifelet, die seun van Agashbai, die seun van die Ma'akhatiet;
Eli'am, die seun van Agitofel, die Gilohniet;
35 Hetzrai, die Karmeliet; Pa'arai, die Arbiet;
36 Yig'al, die seun van Natan, van Tzovah;
Bani, die Gadiet;
37 Tzelek, die `Ammoniet en
Nagrai, die Be'erotiet, die wapendraers van Yo'av, die seun van Tz'ruyah;

38 `Ira, die Yitriet;
Garev, die Yitriet
39 Uriyah, die Hittiet; almal saam sewe en dertig.

24 1 Die woede van יהוה het weer teen Yisra'el opgevlam. Dawid is teen hulle aangehits en daar is vir hom gesê: "Gaan tel Yisra'el en Y'hudah." 1 Kro 21:1
2 Die koning het vir Yo'av, die bevelvoerder van die leër, wat by hom was, gesê: "Gaan deur al die stamme van Yisra'el, van Dan tot by Be'er-Sh'va en tel die volk sodat ek die getal mense kan weet."
3 Yo'av het egter vir die koning gesê: "Nou, mag יהוה, u God, by die volk honderd maal meer byvoeg as wat hulle is terwyl die oë van my meester die koning sien, maar waarom het my meester die koning behae in hierdie saak?"
4 Nogtans het die woord van die koning gestaan teenoor Yo'av en die bevelvoerders van die leër. Yo'av en die bevelvoerders van die leër het uitgegaan vanaf die teenwoordigheid van die koning om die mense van Yisra'el te tel.
5 Hulle het deur die Yarden gegaan en kamp opgeslaan in `Aro'er, regs van die stad wat in die middel van die vallei van Gad lê en in die rigting van Ya'zer.
6 Toe het hulle in Gil'ad gekom en by die land van Tagtim-Hodshi en hulle het by Dan-Ya'an gekom en rondom na Tzidon
7 en gekom by die vesting van Tzor en by al die stede van die Hiviete en Kena'aniete en hulle het uitgekom na die suide van Y'hudah in Be'er-Sh'va.
8 Toe hulle rondgegaan het deur die hele land, het hulle in Yerushalayim aangekom aan die einde van nege maande en twintig dae.
9 Yo'av het die getal van die getelde mense aan die koning gegee en daar was in Yisra'el agt honderd duisend weerbare manne wat die swaard uittrek en die manne van Y'hudah was vyf honderd duisend man.
10 Dawid se gewete het hom gepla nadat hy die volk getel het. Dawid het vir יהוה gesê: "Ek het baie gesondig deur wat ek gedoen het, maar nou, יהוה, vat asseblief die skuld van U dienskneg weg, want ek het baie dwaas opgetree."
11 Toe Dawid in die oggend opstaan, het die woord van יהוה tot die profeet Gad, die siener van Dawid, gekom en gesê:
12 "Gaan en praat met Dawid: "So sê יהוה: 'Ek bied vir jou drie dinge aan, wat Ek aan jou sal doen; kies vir jouself een van hulle.'"
13 Gad het by Dawid gekom en hom vertel en vir hom gesê: "Sal daar sewe jaar lank hongersnood in jou land kom, of wil jy drie maande lank vlug voor jou teëstanders terwyl hulle jou agtervolg, of moet daar drie dae lank pes wees in jou land? Oorweeg nou en sien watter antwoord ek aan Hom wat my gestuur het, moet bring."
14 Toe sê Dawid vir Gad: "Ek is baie benoud; laat ons nou val in die hand van יהוה, want Sy onverdiende guns en omgee is groot, maar laat my nie in die hand van mense val nie."
15 יהוה het 'n pes onder Yisra'el gestuur vanaf die oggend tot op die bepaalde tyd en van Dan tot Be'er-Sh'va het daar van die mense sewentig duisend man gesterf.

16 Toe die boodskapper sy hand uitsteek na Yerushalayim om dit te vernietig, het יהוה teruggetrek van die katastrofe en aan die boodskapper wat die mense vernietig het gesê: "Dit is genoeg, ontspan nou jou hand!" Die boodskapper van יהוה was by die dorsvloer van Aravnah, die Y'vusiet.
17 Toe het Dawid met יהוה gepraat toe hy die boodskapper sien wat die mense doodslaan en gesê: "Let op, dit is ék wat gesondig het en ék wat verkeerd gedoen het, maar hierdie skape, wat het hulle gedoen? Laat u hand asseblief teen my en my vader se huis wees."
18 Gad kom dieselfde dag by Dawid en sê vir hom: "Gaan op, bou vir יהוה 'n altaar op die dorsvloer van Aravnah, die Y'vusiet."
19 Dawid het opgegaan volgens die woord van Gad, net soos יהוה beveel het.
20 Aravnah het afgekyk en die koning en sy diensknegte na hom toe sien oorkom en Aravnah het uitgegaan en sy gesig na die grond toe neergebuig voor die koning.
21 Toe het Aravnah gesê: "Waarom kom my meester die koning na sy dienskneg?" Dawid antwoord: "Om die dorsvloer van jou te koop, om vir יהוה 'n altaar te bou sodat die plaag teruggehou kan word van die mense."
22 Aravnah sê vir Dawid: "My meester die koning kan vat en offer wat goed is in sy oë. Kyk, die beeste vir die brandoffer, die dorssleë en die jukke van die beeste vir die hout.
23 Aravnah gee alles, o koning, aan die koning." Aravnah het ook vir die koning gesê: "Mag יהוה, u God, u aanvaar."
24 Die koning het egter vir Aravnah gesê: "Nee, maar ek wil dit verseker van jou koop vir 'n prys, want ek wil nie aan יהוה, my God, brandoffers bring wat my niks kos nie." Dawid het die dorsvloer en die beeste gekoop vir vyftig sikkels silwer."
25 Dawid het daar vir יהוה 'n altaar gebou en brandoffers en vredesoffers gebring. So is יהוה deur gebed vir die land beweeg en die plaag is van Yisra'el af teruggehou.

Die tiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die vyfde boek van die Profete

Die vyfde boek van die Vroeëre Profete

M’lakhim Alef
(1 Konings)

מלכים - M’lakhim - Konings

M’lakhim Alef en Beit was oorspronklik een boek.

Die boek van ‘Die Annale van die Konings’ is bes moontlik saamgestel vanuit die geskrifte van baie skrywers.

1 1 Koning Dawid was oud en ver gevorderd in jare en hulle het hom met klere
toegemaak, maar hy kon nie warm word nie.
2 Sy diensknegte sê vir hom: "Laat hulle vir my meester die koning 'n jong maagd
soek en laat sy die koning versorg en sy verpleegster word en laat haar in u skoot
lê sodat my meester die koning warm kan bly."
3 Hulle het in die hele grondgebied van Yisra'el 'n mooi meisie gesoek en Avishag,
die Shunamiet, gevind en haar na die koning toe gebring.
4 Die meisie was baie mooi en sy was vir die koning 'n verpleegster en het hom
bedien, maar die koning het geen gemeenskap met haar gehad nie.
5 Nou, Adoniyah, die seun van Haggit, het homself verhoog en gesê: "Ek sal koning
wees!" Hy het vir homself strydwaens en perderuiters voorberei en vyftig man om
voor hom uit te hardloop.
6 Sy vader het hom nooit te eniger tyd teëgegaan deur te vra: "Waarom het jy so
gemaak?" nie. Hy was ook altyd 'n baie aantreklike man en hy is ná Avshalom
gebore.
7 Hy het met Yo'av, die seun van Tz'ruyah, beraadslag, asook met Evyatar, die priester
en deur hom te volg het hulle Adoniyah gehelp.
8 Tzadok, die priester, B'nayah, die seun van Y'hoyada, Natan, die profeet, Shim'i,
Re'i en die magtige manne van Dawid was nie by Adoniyah nie.
9 Adoniyah het kleinvee, beeste en vetgemaakte vee geslag by die klip van Zogelet
wat langs `Ein-Rogel staan en al sy broers, die seuns van die koning en al die
manne van Y'hudah, die diensknegte van die koning, genooi,
10 maar vir Natan, die profeet, B'nayah, die magtige manne en vir sy broer Shlomo,
het hy nie genooi nie.
11 Toe praat Natan met Bat-Sh'va, die moeder van Shlomo en sê: "Het u nie gehoor
dat Adoniyah, die seun van Haggit, koning geword het en dat ons meester Dawid
dit nie weet nie?
12 Kom dan nou, laat ek u asseblief raad gee dat u u lewe en die lewe van u seun
Shlomo kan red.
13 Gaan dadelik na koning Dawid en sê vir hom: "Het ú nie, my meester die koning,
vir u dienares gesweer en gesê: 'Jou seun Shlomo sal sekerlik koning wees ná my
en hy sal op my troon sit,' nie? Waarom het Adoniyah dan koning geword?
14 Let op, terwyl u nog daar is en met die koning praat, sal ék agter u inkom en u
woorde bevestig."
15 Bat-Sh'va het ingegaan by die koning in die slaapkamer. Nou, die koning was baie
oud en Avishag, die Shunamiet, het die koning bedien.
16 Toe het Bat-Sh'va gebuig en op die grond gaan lê voor die koning. Die koning het
gesê: "Wat wil jy hê?"
17 Sy antwoord hom: "My meester, ú het by יהוה u God vir u dienares gesweer en
gesê: 'U seun Shlomo sal sekerlik ná my koning wees en hy sal op my troon sit.'
18 Nou, let op, Adoniyah is koning en nou, my meester die koning, u het dit nie
geweet nie.

19 Hy het beeste, vetgemaakte vee en kleinvee in oorvloed geoffer en al die seuns van die koning, Evyatar, die priester en Yo'av, die bevelvoerder van die leër, genooi, maar hy het nie vir Shlomo, u dienskneg, genooi nie.
20 Wat ú betref, my meester, die koning, die oë van die hele Yisra'el is op u om vir hulle te vertel wie op die troon van my meester, die koning, ná hom sal sit.
21 Anders sal dit gebeur, sodra my meester die koning by sy vaders neergelê word dat ek en my seun Shlomo as oortreders beskou sal word."
22 Let op, terwyl sy nog met die koning praat, kom Natan, die profeet, in.
23 Hulle het dit vir die koning vertel en gesê: "Natan, die profeet, is hier." Toe hy voor die koning kom, het hy voor die koning met sy gesig op die grond gaan lê.
24 Toe sê Natan: "My meester die koning, het ú gesê: 'Adoniyah sal ná my koning wees en hy sal op my troon sit?',
25 want hy het vandag afgegaan en beeste, vetgemaakte vee en kleinvee in oorvloed geslag en al die seuns van die koning, die bevelvoerders van die leër en vir Evyatar, die priester, genooi en let op, hulle eet en drink voor hom en sê: 'Mag koning Adoniyah lewe!'
26 Vir my, u dienskneg, Tzadok, die priester, B'nayah, die seun van Y'hoyada en Shlomo, u dienskneg, het hy egter nie genooi nie.
27 Is hierdie saak deur my meester die koning gedoen en u het nie vir u diensknegte gewys wie op die troon van my meester die koning ná hom sal sit nie?"
28 Toe het koning Dawid gesê: "Roep Bat-Sh'va na my toe!" Sy het in die teenwoordigheid van die koning gekom en voor die koning gaan staan.
29 Toe sweer die koning en sê: "Soos יהוה leef wat my uit alle benoudheid verlos het,
30 sekerlik, soos ek vir jou by יהוה, die God van Yisra'el, gesweer en gesê het dat jou seun Shlomo ná my koning sal wees en dat hy op my troon sal sit in my plek, sal ek sekerlik vandag doen."
31 Toe het Bat-Sh'va met haar gesig na die grond toe neergebuig en voor die koning neergeval en gesê: "Mag my meester, koning Dawid, vir ewig leef!"
32 Toe het koning Dawid gesê: "Roep vir my Tzadok, die priester, Natan, die profeet en B'nayah, die seun van Y'hoyada." Hulle het in die koning se teenwoordigheid gekom.
33 Die koning het vir hulle gesê: "Vat die diensknegte van julle meester saam met julle en laat my seun Shlomo op my eie muil ry en bring hom af na Gigon toe.
34 Laat Tzadok, die priester en Natan, die profeet, hom daar as koning oor Yisra'el salf en blaas die ramshoring en sê: 'Koning Shlomo lewe!'
35 Dan moet julle agter hom aankom en hy moet kom en op my troon sit en koning wees in my plek, want ek het hom aangestel om heerser te wees, oor Yisra'el en Y'hudah."
36 B'nayah, die seun van Y'hoyada, antwoord die koning en sê: "Dit is waar! Mag יהוה, die God van my meester, die koning, so sê.
37 Soos יהוה met my meester die koning was, mag Hy so met Shlomo wees en sy troon groter maak as die troon van my meester, koning Dawid!"

38 Tzadok, die priester, Natan, die profeet, B'nayah, die seun van Y'hoyada, die persoonlike wagte en die boodskappers, het afgegaan en Shlomo laat ry op die muil van koning Dawid en hom na Gigon gebring.
39 Tzadok, die priester, het toe die horing met olie uit die tent gevat en Shlomo gesalf. Toe het hulle die ramshoring geblaas en die hele volk het gesê: "Koning Shlomo leef!"
40 Al die mense het agter hom aan opgegaan en die mense het op fluite gespeel en hulle verheug met groot blydskap sodat die aarde geskud het van hulle geraas.
41 Adoniyah en al die gaste wat by hom was, het dit gehoor toe hulle net klaar geëet het. Toe Yo'av die geluid van die ramshoring hoor, het hy gesê: "Hoekom is daar so 'n oproerigheid in die stad?"
42 Terwyl hy nog praat, let op, kom Y'honatan, die seun van Evyatar, die priester, daar aan. Toe sê Adoniyah: "Kom in, want jy is 'n dapper man en bring goeie nuus."
43 Y'honatan antwoord Adoniyah egter en sê: "Nee! Ons meester, koning Dawid, het Shlomo koning gemaak!
44 Die koning het vir Tzadok, die priester, Natan, die profeet, B'nayah, die seun van Y'hoyada, die persoonlike wagte en die boodskappers saam met hom gestuur en hulle het hom op die koning se muil laat ry.
45 Tzadok, die priester en Natan, die profeet, het hom in Gigon as koning gesalf en hulle het daarvandaan met blydskap opgekom sodat die stad in oproer is; dit is die geraas wat julle gehoor het.
46 Buitendien, Shlomo het selfs op die koninklike troon gaan sit.
47 Meer nog, die diensknegte van die koning het gekom om ons meester, koning Dawid, te seën en gesê: 'Mag u God die naam (karakter en outoriteit) van Shlomo beter maak as u naam (karakter en outoriteit) en sy troon groter maak as u troon!' Toe het die koning op die bed neergebuig.
48 Die koning het ook so gesê: 'Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, wat vandag een gegee het om op my troon te sit terwyl my oë dit sien.'"
49 Toe was al die gaste van Adoniyah bevrees en hulle het opgestaan en elkeen sy pad gegaan.
50 Adoniyah was bang vir Shlomo en hy het opgestaan en die horings van die altaar gaan vasgryp.
51 Dit is vir Shlomo vertel en gesê: "Let op, Adoniyah is bang vir koning Shlomo, want let op, hy hou die horings van die altaar vas en sê: 'Laat koning Shlomo vandag vir my sweer dat hy sy dienskneg nie met die swaard sal doodmaak nie.'"
52 Shlomo het gesê: "As hy 'n waardige man is, sal nie een van sy hare op die grond val nie, maar as boosheid in hom gevind word, sal hy sterf."
53 Koning Shlomo het gestuur en hulle het hom van die altaar afgebring en hy het gekom en voor koning Shlomo op die grond gaan lê en Shlomo het vir hom gesê: "Gaan na jou huis toe."

2 1 Toe die dae van Dawid naderkom dat hy sou sterf, het hy sy seun Shlomo beveel
en gesê:
2 "Ek gaan op die pad van die hele aarde. Wees daarom onveranderlik sterk en wys
jouself 'n man.
3 Onderhou die opdragte van יהוה, jou God, deur te loop op Sy paaie, deur Sy wette,
Sy opdragte, Sy regverdige oordele en Sy getuienisse te gehoorsaam, volgens wat
geskryf is in die wet van Mosheh sodat jy suksesvol kan wees in alles wat jy doen
en waarheen jy ook al draai
4 sodat יהוה Sy beloftes kan uitvoer wat Hy aangaande my gesê het, naamlik: 'As jou
seuns versigtig is op hulle pad deur voor My in waarheid te loop met hulle hele
gees en met hulle hele verstand, wil en emosie, sal daar nie vir jou 'n man op die
troon van Yisra'el ontbreek nie.'
5 Jy weet ook wat Yo'av, die seun van Tz'ruyah, aan my gedoen het; wat hy aan
die twee bevelvoerders van die leër van Yisra'el, Avner, die seun van Ner en
`Amasa, die seun van Yeter, gedoen het; wat hy vermoor het en ook oorlogsbloed
in vredestyd vergiet het en hy het die oorlogsbloed op sy gordel om sy heupe en op
die sandale aan sy voete gesit.
6 Tree op volgens jou wysheid en moenie sy grys hare in vrede in Sh'ol laat afgaan
nie,
7 maar wys goedheid aan die seuns van Barzillai, die Gil'adiet en laat hulle wees
onder dié wat aan jou tafel eet, want hulle het my bygestaan toe ek vir jou broer
Avshalom gevlug het.
8 Let op, Shim'i, die seun van Gera, die Binyaminiet van Bagurim, is daar by jou; dit
is hy wat my vervloek het met 'n hewige vloek op die dag toe ek na Maganayim
gegaan het, maar toe hy afgekom het na my by die Yarden, het ek vir hom by יהוה
gesweer en gesê: "Ek sal jou nie met die swaard doodmaak nie."
9 Nou, daarom moet jy hom nie ongestraf laat bly nie, want jy is 'n wyse man en jy sal
weet wat jy aan hom moet doen en sy grys hare met bloed in Sh'ol afbring."
10 Toe is Dawid by sy vaders neergelê en is begrawe in die stad van Dawid.
11 Die dae wat Dawid oor Yisra'el regeer het, was veertig jaar: in Hevron het hy sewe
jaar regeer en drie en dertig jaar in Yerushalayim.
12 Shlomo het op die troon van Dawid, sy vader, gaan sit en sy koningskap was stewig
vasgemaak.
13 Adoniyah, die seun van Haggit, het na Bat-Sh'va, die moeder van Shlomo, gekom
en sy het gevra: "Kom jy in vrede?" Hy antwoord: "In vrede."
14 Toe het hy gesê: "Ek het iets om vir u te sê." Sy antwoord: "Praat."
15 Hy het gesê: "U weet dat die koningskap myne was en dat die hele Yisra'el verwag
het dat ek koning sou wees; die koningskap het egter oorgegaan en my broer s'n
geword, want dit was syne vanaf יהוה.
16 Nou rig ek een versoek tot u; moet my nie weier nie." Sy antwoord hom: "Praat."
17 Toe sê hy: "Praat asseblief met Shlomo, die koning, want hy sal u nie weier nie, dat
hy Avishag, die Shunamiet, vir my as vrou moet gee."
18 Bat-Sh'va het gesê: "Goed, ék sal met die koning namens jou praat."

19 Bat-Sh'va het na koning Shlomo gegaan om met hom namens Adoniyah te praat en die koning het opgestaan om haar te ontmoet, voor haar neergebuig en op sy troon gaan sit; toe het hy vir die moeder van die koning 'n troon laat opstel en sy het aan sy regterhand gesit.
20 Toe sê sy: "Ek het een klein versoekie vir u; moet my nie weier nie." Die koning antwoord haar: "Vra, my moeder, want ek sal u nie weier nie."
21 Sy sê: "Laat Avishag, die Shunamiet, vir u broer Adoniyah as vrou gegee word."
22 Koning Shlomo antwoord en sê vir sy moeder: "Waarom vra u Avishag, die Shunamiet, vir Adoniyah? Vra ook die koningskap vir hom, want hy is my ouer broer; vir hom, vir Evyatar, die priester en vir Yo'av, die seun van Tz'ruyah!"
23 Toe sweer koning Shlomo by יהוה en sê: "Mag God so aan my doen en ook meer, as Adoniyah nie hierdie woord teen sy eie lewe gepraat het nie.
24 Nou, daarom, soos יהוה leef wat my bevestig het en my op die troon van my vader Dawid laat sit en vir my 'n huis gemaak het volgens sy belofte, sal Adoniyah sekerlik vandag doodgemaak word!"
25 Koning Shlomo het vir B'nayah, die seun van Y'hoyada gestuur en hy het hom aangeval sodat hy dood is.
26 Toe sê die koning vir Evyatar, die priester: "Gaan na `Anatot, na jou eie grond, want jy verdien om te sterf, maar ek sal jou nie nou doodmaak nie omdat jy die ark van die Meester, יהוה, voor my vader Dawid uit gedra het en omdat jy alles gely het wat my vader gely het."
27 So het Shlomo Evyatar ontslaan sodat hy nie meer priester van יהוה was nie, om die woord van יהוה te vervul wat Hy oor die huis van `Eli in Shiloh gespreek het.
28 Die nuus het by Yo'av gekom, want Yo'av het Adoniyah gevolg, alhoewel hy nie vir Avshalom gevolg het nie. Yo'av het na die tent van יהוה gevlug en die horings van die altaar vasgegryp.
29 Dit is vir koning Shlomo vertel dat Yo'av gevlug het na die tent van יהוה en let op, hy is langs die altaar! Toe stuur Shlomo vir B'nayah, die seun van Y'hoyada en sê: "Gaan, val hom aan."
30 B'nayah het by die tent van יהוה gekom en vir hom gesê: "So het die koning gesê: "Kom uit." Hy sê egter: "Nee, want ek sal sterf." B'nayah het weer woord na die koning gebring en gesê: "Só het Yo'av gepraat en só het hy my geantwoord."
31 Die koning sê vir hom: "Doen soos hy gepraat het en val hom aan en begrawe hom sodat jy die onskuldige bloed wat Yo'av vergiet het, van my en my vader se huis af kan verwyder.
32 יהוה sal sy bloed op sy eie kop laat terugkeer omdat hy twee manne, meer onpartydig opreg en beter as hy, aangeval en hulle met die swaard vermoor het sonder dat my vader Dawid daarvan geweet het: Avner, die seun van Ner, die bevelvoerder van die leër van Yisra'el en `Amasa, die seun van Yeter, die bevelvoerder van die leër van Y'hudah
33 sodat hulle bloed op die kop van Yo'av en op die kop van sy nageslag vir ewig kan terugkeer, maar vir Dawid, sy nageslag, sy huis en sy troon, mag daar vrede wees vanaf יהוה vir ewig."

34 Toe het B'nayah, die seun van Y'hoyada, opgegaan en hom aangeval en hom doodgemaak en hy is begrawe by sy eie huis in die wildernis.
35 Die koning het vir B'nayah, die seun van Y'hoyada, in sy plek oor die leër aangestel en die koning het Tzadok, die priester, aangestel in die plek van Evyatar.
36 Die koning het vir Shim'i laat roep en vir hom gesê: "Bou vir jouself 'n huis in Yerushalayim en leef daar, moenie van daar af uitgaan na enige plek toe nie,
37 want op die dag dat jy uitgaan en oor die spruit Kidron gaan, moet jy verseker weet dat jy sekerlik sal sterf; jou bloed sal op jou eie kop wees."
38 Shim'i sê toe vir die koning: "Die woord is goed. Soos my meester, die koning, gesê het, so sal u dienskneg doen." Shim'i het baie dae in Yerushalayim gebly,
39 maar dit het gebeur aan die einde van drie jaar dat twee van Shim'i se slawe weggeloop het na Akhish, die koning van Gat, die seun van Ma'akhah. Hulle het vir Shim'i vertel en gesê: "Let op, jou slawe is in Gat."
40 Toe staan Shim'i op en saal sy donkie op en gaan na Gat, na Akhish, om sy slawe te soek en Shim'i het gegaan en sy slawe van Gat af gebring.
41 Dit is vir Shlomo vertel dat Shim'i uit Yerushalayim na Gat gegaan en teruggekom het.
42 Die koning stuur en laat vir Shim'i roep en sê vir hom: "Het ek jou nie by יהוה laat sweer en jou ernstig gewaarsku en gesê: "Jy moet verseker weet dat op die dag dat jy weggaan en na enige plek gaan, sal jy sekerlik sterf," nie? Jy het vir my gesê: 'Die woord wat ek gehoor het, is goed.'
43 Waarom het jy dan nie die eed van יהוה en die opdrag wat ek jou opgelê het, gehou nie?"
44 Die koning het ook vir Shim'i gesê: "Jy ken self al die boosheid wat jy erken in jou verstand, wat jy aan my vader Dawid gedoen het; daarom sal יהוה jou boosheid op jou eie kop laat terugkeer,
45 maar koning Shlomo sal geseënd wees en die troon van Dawid sal voor יהוה vir ewig bevestig word!"
46 Die koning het B'nayah, die seun van Y'hoyada, beveel en hy het uitgegaan en hom aangeval sodat hy gesterf het. So is die koningskap bevestig in die hand van Shlomo.

3 1 Shlomo het 'n huweliksooreenkoms met Farao, die koning van Mitzrayim, gesluit en die dogter van Farao gevat en haar in die stad van Dawid ingebring totdat hy met die bou van sy eie huis, die huis van יהוה en die muur van Yerushalayim rondom klaar was.
2 Die mense het steeds op die hoë plekke geoffer omdat tot en met daardie dae daar geen huis vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה gebou was nie.
3 Shlomo het יהוה liefgehad en geloop in die instellings van sy vader Dawid, behalwe dat hy op die hoogtes geoffer en wierook laat opgaan het.
4 Die koning het na Giv'on gegaan om daar te offer omdat dit die grootste hoë plek was; Shlomo het 'n duisend brandoffers op daardie altaar geoffer. [2 Kro 1:3; 5:2-5]
5 In Giv'on het יהוה in 'n droom in die nag aan Shlomo verskyn en God het gesê: "Vra wat Ek aan jou moet gee."

6 Toe sê Shlomo: "U het aan u kneg, my vader Dawid, baie liefdevolle omgee gewys, soos wat hy voor U Teenwoordigheid geloop het in waarheid, in onpartydige opregtheid en in opregtheid van verstand, wil en emosie teenoor U en U het vir hom hierdie groot liefdevolle omgee bewaar dat U vir hom 'n seun gegee het om op sy troon te sit, soos dit vandag is.
7 Nou, יהוה', my God, U het U kneg koning gemaak in my vader Dawid se plek, maar ek is nog 'n jong seun; ek weet nie hoe om uit of in te gaan nie.
8 U kneg is tussen U volk wat U gekies het, 'n groot volk wat te veel is om getel of genommer te kan word.
9 Gee vir U dienskneg 'n begripvolle verstand, wil en emosie om U volk te oordeel; om tussen goed en kwaad te onderskei, want wie is in staat om hierdie groot volk van U te regeer?"
10 Dit was goed in die oë van יהוה' dat Shlomo dit gevra het.
11 God het vir hom gesê: "Omdat jy hierdie gevra het en nie vir jouself 'n lang lewe gevra het nie en ook nie rykdom vir jouself gevra het nie en ook nie die lewe van jou vyande gevra het nie, maar vir jouself onderskeiding gevra het om wat reg is te verstaan,
12 let op, Ek het volgens jou woorde gedoen. Let op, Ek het vir jou 'n wyse en onderskeidende verstand, wil en emosie gegee sodat daar geen een soos jy vóór jou was en een soos jy ná jou sal opstaan nie.
13 Ek het ook vir jou gegee wat jy nie gevra het nie, beide rykdom en eer sodat daar onder die konings niemand soos jy sal wees nie, al jou dae.
14 As jy in My paaie loop, My wette en opdragte onderhou, soos jou vader Dawid geloop het, dan sal Ek jou dae verleng."
15 Toe word Shlomo wakker en let op, dit was 'n droom! Hy het in Yerushalayim gekom en voor die ark van die verbond van יהוה' gaan staan en brandoffers gebring en vredesoffers voorberei en 'n feesmaal vir al sy diensknegte voorberei.
16 Toe kom daar twee vroue, wat prostitute was, na die koning en staan voor hom.
17 Die een vrou het gesê: "Ag, my meester, hierdie vrou en ek woon in dieselfde huis en ek het geboorte gegee aan 'n kind terwyl sy in die huis was.
18 Dit het op die derde dag na ek geboorte gegee het, gebeur dat hierdie vrou ook geboorte gegee het en ons was saam. Daar was niemand anders by ons in die huis nie, slegs ons twee in die huis.
19 Hierdie vrou se seun het in die nag gesterf omdat sy op hom gelê het.
20 Sy staan toe in die middel van die nag op en vat my seun van langs my weg terwyl u dienares slaap en sit hom aan haar bors en lê haar dooie seun aan my bors.
21 Toe ek die oggend opstaan om my seun te versorg, let op, hy is dood, maar toe ek in die oggend versigtig na hom kyk, let op, hy was nie my seun, waaraan ek geboorte gegee het nie!"
22 Toe sê die ander vrou: "Dit is nie so nie, want die lewendige een is my seun en die dooie is jou seun." Die eerste vrou sê egter: "Nee, want die dooie een is jou seun en die lewendige een is my seun." So het hulle voor die koning gepraat.

23 Die koning het gesê: "Die een sê: 'Hierdie is my seun wat lewe en jou seun is die dooie een;' en die ander sê: 'Nee, want die dooie een is jou seun en my seun die lewendige een.'
24 Toe sê die koning: "Bring vir my 'n swaard!" Hulle het 'n swaard voor die koning gebring.
25 Die koning het gesê: "Verdeel die lewendige seun in twee en gee die helfte vir die een en die helfte vir die ander."
26 Toe praat die vrou, wie se kind lewendig was, met die koning, want sy was diep ontroerd oor haar seun en sê: "Ag, my meester, gee vir haar die lewendige kind en maak hom nie dood nie!" Die ander een het egter gesê: "Hy sal nie myne of joune wees nie; verdeel hom!"
27 Toe sê die koning: "Gee die lewendige kind aan die eerste vrou en maak hom in geen geval dood nie. Sy is die moeder."
28 Toe die hele Yisra'el hoor van die oordeel wat die koning uitgespreek het, was hulle bang vir die koning, want hulle het gesien dat die wysheid van God, om reg te laat geskied, in hom was.

4 1 Koning Shlomo was nou koning oor die hele Yisra'el.
2 Hierdie was sy ampsdraers: `Azaryah, die seun van Tzadok, die priester;
3 Eligoref en Agiyah, die seuns van Shisha, was sekretarisse; Y'hoshafat, die seun van Agilud, was griffier.
4 B'nayah, die seun van Y'hoyada, was oor die leër en Tzadok en Evyatar was priesters.
5 `Azaryah, die seun van Natan, was oor die aangesteldes en Zavud, die seun van Natan, 'n priester, was die vriend van die koning.
6 Agishar was oor die huishouding en Adoniram, die seun van `Avda, was oor die manne onder dwangarbeid.
7 Shlomo het twaalf bestuurders oor die hele Yisra'el gehad wat vir die koning en sy huishouding voorsien het; elke man moes vir 'n maand in die jaar voorsien.
8 Hierdie is hulle name: "Ben-Hur in die Bergland van Efrayim;
9 Ben-Deker in Makatz, Sha'albim, Beit-Shemesh en Eilon-Beit-Hanan;
10 Ben-Hesed in Arubbot, Sokhoh en die hele land Hefer was syne;
11 Ben-Avinadav, al die hoogtes van Dor; Tafat, die dogter van Shlomo, was sy vrou.
12 Ba'ana, die seun van Agilud: Ta'anakh, Megiddo en die hele Beit-Sh'an wat langs Tzartan, onderkant Yizre'el lê, van Beit-Sh'an af tot by Avel-M'golah, so ver as tot by die anderkant van Yokme'am.
13 Ben-Gever in Ramot-Gil'ad; die dorpe van Ya'ir, die seun van M'nasheh, wat in Gil'ad lê was syne; die streek Argov, wat in Bashan lê; sestig groot stede met mure en koper grendels, was syne.
14 Aginadav, die seun van `Iddo, in Maganayim.
15 Agima'atz in Naftali; hy het ook met Basmat, dogter van Shlomo, getrou.
16 Ba'ana, die seun van Hushai, in Asher en B'alot;
17 Y'hoshafat, die seun van Paruag, in Yissakhar;

18 Shim'i, die seun van Ela, in Binyamin;
19 Gever, die seun van Uri, in die land Gil'ad, die land van Sigon, die koning van die Emoriete en van `Og, die koning van Bashan; hy was die enigste bestuurder in die land.
20 Y'hudah en Yisra'el was so talryk soos die sand wat aan die seestrand [Gen 13:16] in oorvloed is; hulle het geëet en gedrink en hulle verheug.
21 Shlomo het geheers oor al die koninkryke vanaf die Rivier tot by die land van die F'lishtyne en tot by die grens van Mitzrayim; hulle het belasting gebring en Shlomo gedien al die dae van sy lewe.
22 Shlomo se voorsiening vir een dag was dertig mates (6600 liter) fyn meel en sestig mates (13200 liter) meel;
23 tien vetgemaakte beeste, twintig veldbeeste, 'n honderd stuks kleinvee, behalwe die takbokke, gaselle, reebokke en vetgemaakte pluimvee,
24 want hy het outoriteit gehad oor alles wes van die Rivier, vanaf Tifsag tot by Gazah, oor al die konings wes van die Rivier en hy het vrede gehad aan alle kante rondom hom.
25 Y'hudah en Yisra'el het in veiligheid gebly, elke man onder sy wingerdstok en sy vyeboom, van Dan tot by Be'er-Sh'va, al die dae van Shlomo. [Lev 26:5]
26 Shlomo het veertig duisend stalle met perde gehad vir sy strydwaens en twaalf duisend perderuiters.
27 Daardie bestuurders het elkeen in sy maand vir koning Shlomo voorsien en almal wat na koning Shlomo se tafel toe kom; hulle het niks laat kortkom nie.
28 Hulle het ook die gars, die strooi vir die perde en die renperde gebring na die plek waar dit moes wees, elkeen volgens sy kwota.
29 God het aan Shlomo wysheid gegee, 'n baie groot onderskeiding en 'n breedte van insig soos die sand wat op die seestrand is.
30 Shlomo se wysheid was meer as die wysheid van al die seuns van die Ooste en as al die wysheid van Mitzrayim,
31 want hy was wyser as al die mense, as Eitan, die Ezragiet, Heiman, Kalkol en Darda, die seuns van Magol en sy beroemdheid was bekend onder al die nasies rondom.
32 Hy het ook drie duisend spreuke uitgespreek en sy liedere was 'n duisend en vyf.
33 Hy het van bome gepraat, van die seder wat in die L'vanon is tot by die hisop wat teen die muur groei; hy het ook gepraat van diere, voëls, kruipende diere en visse.
34 Mense van al die volke het gekom om na die wysheid van Shlomo te luister, vanaf al die konings van die aarde wat van sy wysheid gehoor het.

5 1 Hiram, die koning van Tzor, het sy diensknegte na Shlomo gestuur toe hy gehoor het dat hulle hom in sy vader se plek as koning gesalf het, want Hiram was altyd 'n vriend van Dawid.
2 Daarop laat Shlomo vir Hiram weet en sê:
3 "U weet dat my vader Dawid geen huis vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, sy God, kon bou nie vanweë die oorloë wat hom omring het totdat יהוה hulle onder sy voetsole gesit het (aan hom onderwerp het), [Rom 16:20]

4 maar nou het יהוה, my God, my rus gegee aan elke kant; daar is geen teëstander of teëspoed nie.
5 Let op, ek beplan om vir die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, my God, 'n huis te bou soos יהוה met my vader Dawid gepraat en gesê het: 'Jou seun wat Ek in jou plek op jou troon sal sit, hy sal die huis vir My Karakter en Outoriteit bou.'
6 Nou, daarom, beveel dat hulle vir my seders uit die L'vanon kap en laat my diensknegte saam met u diensknegte wees en ek sal vir u die lone van u diensknegte gee volgens alles wat u sê, want u weet dat onder ons niemand is wat weet hoe om bome te kap soos die Tzidoniete nie."
7 Toe Hiram die woorde van Shlomo hoor, was hy baie bly en het gesê: "Geseënd is יהוה vandag wat vir Dawid 'n wyse seun oor hierdie groot volk gegee het."
8 Hiram laat weet vir Shlomo en sê: "Ek het die boodskap gehoor wat u vir my gestuur het; ék sal alles wat u begeer aangaande die sederhout en die sipreshout, doen.
9 My diensknegte sal dit van die L'vanon afbring na die see en ék sal hulle daar in vlotte maak op die see, tot by die plek wat u my sal wys en ek sal dit daar uitmekaar laat haal en ú sal dit laat wegdra. Dan sal ú my behoefte vervul deur kos aan my huishouding te gee."
10 So het Hiram dan vir Shlomo sederhout en sipreshout gegee, soveel as wat hy wou hê.
11 Shlomo het toe vir Hiram 4 400 ton koring as voedsel vir sy huis en 4 400 liter uitgestampte olie gegee; so het Shlomo jaar vir jaar vir Hiram gegee.
12 יהוה het vir Shlomo wysheid gegee, net soos Hy hom belowe het en daar was vrede tussen Hiram en Shlomo en hulle twee het 'n verbond gesluit.
13 Koning Shlomo het dwangarbeiders uit die hele Yisra'el getrek en die dwangarbeiders was dertig duisend man.
14 En hy het hulle na L'vanon gestuur in aflossings van tien duisend per maand; een maand was hulle in L'vanon, twee maande tuis. Adoniram was oor die dwangarbeiders.
15 Shlomo het sewentig duisend draers en tagtig duisend klipkappers in die berge gehad, 2 Kro 2:17,18
16 behalwe vir die drie duisend drie honderd hoofopsigters van Shlomo wat oor die projek was en bevel gevoer het oor die mense wat die werk doen.
17 Toe het die koning beveel en hulle het groot klippe, kosbare klippe, uitgebreek om die fondament van die huis met gekapte klippe te lê.
18 Shlomo se bouers, Hiram se bouers en die G'valiete het dit gekap en die boomstamme en die klippe voorberei om die huis te bou.

6 1 Dit het gebeur in die vier honderd en tagtigste jaar ná die seuns van Yisra'el uit die land van Mitzrayim uitgekom het, in die vierde jaar van Shlomo se regering oor Yisra'el, in die maand Ziv, dit is die tweede maand, dat hy begin het om die huis van יהוה te bou.
2 Die huis wat koning Shlomo vir יהוה gebou het, was sestig el in sy lengte, twintig in sy breedte en dertig el in sy hoogte.

3 Die buiteportaal, aan die voorkant van die hoofdeel van die huis, was twintig el in sy lengte, ooreenstemmend met die breedte van die huis en tien el diep aan die voorkant van die huis.
4 Hy het ook vir die huis vensters gemaak met kunstige rame.
5 Teen die muur van die huis het hy verdiepings gebou reg rondom die mure van die huis, rondom die hoof vertrek en die binneste vertrek; so het hy sykamers reg rondom gemaak.
6 Die onderste verdieping was vyf el breed, die middelste ses el breed en die derde sewe el breed, want hy het insnydings in die muur van die huis reg rondom gemaak sodat die balke nie in die mure van die huis ingevoeg word nie.
7 Die huis, in die bou daarvan, is gebou met klippe wat klaar voorberei is by die breekplek en daar was geen hamer, byl of enige ystergereedskap, in die huis gehoor terwyl dit gebou is nie.
8 Die ingang vir die onderste sykamer was aan die regterkant van die huis en hulle sou opgaan met wenteltrappe na die middelste en van die middelste na die derde.
9 Hy het die huis gebou en dit klaar gemaak en hy het die huis bedek met balke en planke van sederhout.
10 Hy het ook bykomende kamers vas teen die hele huis gebou; elkeen was vyf el hoog en hulle was vas aan die huis met balke van seder.
11 Die woord van יהוה het tot Shlomo gekom en gesê:
12 "Aangaande hierdie huis wat jy besig is om te bou, as jy in My wette loop en My regverdige oordele uitvoer en al My opdragte hou deur daarin te loop, dan sal Ek My woord uitvoer wat Ek met jou vader Dawid gepraat het.
13 Ek sal tussen die seuns van Yisra'el bly en My volk Yisra'el nie in die steek laat nie."
14 Shlomo het die huis gebou en dit voltooi.
15 Toe het hy die mure van die huis aan die binnekant gebou met planke van seder; van die vloer van die huis af tot by die plafon het hy dit van binne met hout oordek en die vloer van die huis het hy met planke van sipres oorgetrek.
16 Hy het twintig el aan die agterkant van die huis met planke van seder gebou, van die vloer af tot by die plafon; hy het dit aan die binnekant as 'n binnevertrek gebou, as 'n Mees Afgesonderde plek.
17 Die huis, dit is die hoofvertrek voor, was veertig el lank.
18 Daar was sederhout aan die huis se binnekant: graveerwerk in die vorm van kalbasse en oop blomme; alles was sederhout, geen klip was te sien nie.
19 Toe het hy die binnevertrek binne-in die huis voorberei om die ark van die verbond van יהוה daar te sit.
20 Die binnevertrek was twintig el in lengte, twintig el in breedte en twintig el in hoogte en hy het dit oorgetrek met suiwer goud. Hy het ook die altaar met sederhout oorgetrek.
21 Shlomo het die huis van binne met suiwer goud oorgetrek en hy het goue kettings gemaak voor die binnevertrek, wat hy met goud oorgetrek het.
22 Hy het die hele huis met goud oorgetrek totdat die hele huis voltooi was. Ook die hele altaar wat by die binnevertrek hoort, het hy met goud oorgetrek.

23 Hy het ook in die binnevertrek twee gérubs gemaak van olyfhout, elkeen tien el hoog.
24 Die een vlerk van die gérub was vyf el en vyf el die ander vlerk van die gérub; tien el van die punt van een vlerk tot by die end van die ander.
25 Die ander gérub was tien el; altwee die gérubs was van een maat en een vorm.
26 Die hoogte van die een gérub was tien el en net so die ander gérub.
27 Hy het die gérubs in die middel van die binnevertrek gesit en die vlerke van die gérubs was uitgesprei sodat die vlerk van die een aan die een muur en die vlerk van die ander gérub aan die ander muur raak terwyl hulle vlerke in die middel van die vertrek aan mekaar raak.
28 Hy het ook die gérubs met goud oorgetrek.
29 Toe het hy al die mure van die huis rondom, die binne- en die buitevertrek, met figure van gérubs, palmbome en oop blomme laat ingraveer.
30 Hy het die vloer van die huis, die binne- en buitevertrek, met goud oorgetrek.
31 Vir die ingang van die binnevertrek het hy deure van olyfhout gemaak. Die latei en die deurraam was 'n vyfde van die muur.
32 Hy het twee deure gemaak van olyfhout en daarop het hy figure van gérubs, palmbome en oop blomme laat ingraveer en dit met goud oorgetrek en hy het die goud oor die gérubs en die palmbome uitgespan.
33 So het hy ook vir die ingang van die hoofvertrek vierkantige deurrame van olyfhout gemaak
34 en twee deure van sipreshout; die twee blaaie van die een deur het op draaipunte gedraai en die twee blaaie van die ander deur op draaipunte.
35 Hy het gérubs, palmbome en oop blomme daarop ingraveer en dit met goud, eweredig versprei oor die graveerwerk, oorgetrek.
36 Hy het die binnehof gebou met drie rye gekapte klip en 'n ry sederbalke.
37 In die vierde jaar is die fondament van die huis van יהוה gelê, in die maand Ziv.
38 In die elfde jaar, in die maand van Bul, dit is die agtste maand, is die huis voltooi in al sy dele en volgens al sy planne. Hy het sewe jaar lank daaraan gebou.

7 1 Shlomo het dertien jaar aan sy eie huis gebou en die hele huis voltooi.
2 Hy het die Huis van die Woud van L'vanon gebou, honderd el in sy lengte, vyftig el in sy breedte en dertig el in sy hoogte, op vier rye sederpilare en sederbalke op die pilare.
3 Dit was met sederhout gedek van bo, op balke wat rus op die vyf en veertig pilare, vyftien in elke ry.
4 Daar was drie rye kunstige vensters en venster was oorkant venster in drie rye.
5 Al die deure en openinge het vierkantige uitgekerfde deurrame gehad en elke deur was oorkant 'n deur in drie rye.
6 Toe het hy die Saal van Pilare gemaak; sy lengte was vyftig el en sy breedte dertig el, met 'n portaal daarvoor en pilare en 'n ingang voor hulle.
7 Hy het die troonsaal gemaak waar hy sou regspraak gee, die regsaal en dit was gedek met sederhout vanaf die vloer tot by die plafon.

8 Sy huis waar hy sou woon, die buitehof, aan die binnekant van die saal, was van dieselfde vakmanskap. Hy het ook so 'n huis gemaak vir die dogter van Farao, waarmee Shlomo getroud is.
9 Dit was alles van kosbare klippe, wat volgens maat gekap is, binne en buite met sae gesaag, vanaf die fondament tot by die muurplate en net so aan die buitekant, tot by die groot hof.
10 Die fondasie was van kosbare klippe, groot klippe, klippe van tien el en klippe van agt el.
11 Bo was kosbare klippe, volgens maat gekap en sederhout.
12 Die groot hof was rondom van drie rye gekapte klip en 'n laag sederbalke, net soos die binnehof van die huis van יהוה en die portaal van die huis.
13 Koning Shlomo het gestuur en Hiram uit Tzor gebring. 2 Kro 2:13,14
14 Hy was die seun van 'n weduwee uit die stam van Naftali en sy vader was 'n man van Tzor, 'n kopersmid en hy was vol wysheid, begrip en bekwaamheid om enige werk in koper te maak. Hy het by koning Shlomo gekom en al sy werk gedoen.
15 Hy het die twee pilare van koper gevorm; agttien el was die hoogte van een pilaar en 'n lyn van twaalf el kon die omtrek van beide meet.
16 Hy het ook twee pilaarkoppe gemaak van gegote koper om op die toppe van die pilare te sit; vyf el was die hoogte van die een pilaarkop en vyf el was die hoogte van die ander pilaarkop.
17 Daar was nette van netwerk en gevlegte stringe van kettingwerk vir die pilaarkoppe wat op die top van die pilare was; sewe vir die een pilaarkop en sewe vir die ander pilaarkop.
18 So het hy die pilare gemaak en twee rye vlegwerk rondom die een, om die pilaarkoppe, wat bo-op die granate was, toe te maak en net so het hy vir die ander pilaarkop gemaak.
19 Die pilaarkoppe bo-op die pilare in die portaal was vier el, 'n lelieontwerp.
20 Daar was pilaarkoppe op die twee pilare, bo-aan en naby die geronde projeksie, langs die netwerk en die granate was twee honderd, in rye rondom beide pilaarkoppe.
21 So het hy die pilare opgerig by die portaal van die hoofvertrek en hy het die regterpilaar opgerig en dit Yakhin genoem en hy het die linkerpilaar opgerig en dit Bo'az genoem.
22 Bo-op die pilare was lelieontwerpe. Die werk aan die pilare is voltooi.
23 Nou het hy die see gemaak van gietwerk; van rand tot rand was dit tien el, rond van vorm en die hoogte daarvan was vyf el en dertig el in omtrek.
24 Onder sy rand het kalbassies dit rondom omring; tien op die el het hulle die see heeltemal omring: die kalbasse was in twee rye, gegiet saam met die res.
25 Dit het gestaan op twaalf beeste: drie kyk na die noorde, drie kyk na die weste, drie kyk na die suide en drie kyk na die ooste toe en die see was bo-op hulle en hulle agterkante was na binne gedraai.
26 Dit was 'n handbreedte dik en sy rand was soos die rand van 'n beker, soos 'n lelieblom; dit kon twee duisend bat (50 000 liter) hou.
27 Toe het hy die tien staanders van koper gemaak; die lengte van elke staander was vier el, sy breedte vier el en sy hoogte drie el.

28 Hierdie was die ontwerp van die staanders: dit het rante gehad, gelyke rante tussen die rame;
29 op die rante wat tussen die rame was, was leeus, beeste en gérubs; bo-op die rame was daar 'n staander en onder die leeus en beeste was afhangende kransies.
30 Elke staander het vier koper wiele met koper asse gehad en sy vier voete het versterkings gehad; onder teen die bak was die versterkings gegiet met kransies aan elke kant.
31 Sy opening binne die kroon aan die bokant was een el en die opening was rond, soos die ontwerp van 'n staander, een en 'n half el en op sy opening was daar ook graveerwerk en die rante was vierkantig, nie rond nie.
32 Die vier wiele was onder die rante en die asse van die wiele was op die bak. Die hoogte van elke wiel was anderhalf el.
33 Die ontwerp van die wiele was soos die ontwerp van 'n strydwawiel. Hulle asse, vellings, speke en nawe was alles gietwerk.
34 Daar was vier versterkings op die vier hoeke van elke staander; die versterkings was deel van die staander self.
35 Bo-op die staander was daar 'n ronde vorm van 'n half-el hoog wat bo-op die staander gebly het en sy rant was deel daarvan.
36 Hy het op die plate van sy kante en op sy rant gérubs, leeus en palmbome graveer volgens die ruimte op elkeen, met kransies rondom.
37 So het hy die tien staanders gemaak: almal het een gietwerk gehad, een maat en een vorm.
38 Hy het tien waskomme van koper gemaak; elke kom het veertig bat gehou (220 liter) en elke kom was vier el; een kom was op elke bak van die tien staanders.
39 Toe het hy die staanders opgestel: vyf aan die regterkant van die huis en vyf aan die linkerkant van die huis en hy het die see van gegote metaal aan die regterkant van die huis opgestel, na die suide toe.
40 Hiram het die potte en die grawe en die komme gemaak. So het Hiram dan al die werk voltooi wat hy vir koning Shlomo in die huis van יהוה gedoen het:
41 die twee pilare met die twee balle van die pilaarkoppe, wat op die top van die twee pilare was en die twee netwerke om die twee balle van die pilaarkoppe wat op die top van die pilare is, te oordek
42 en die vier honderd granate vir die twee netwerke; twee rye granate vir elke netwerk, om die twee balle van die pilaarkoppe bo-op die pilare te oordek
43 en die tien staanders met die tien waskomme op die staanders
44 en die een see en die twaalf beeste onder die see
45 en die potte, die grawe en die komme; al hierdie voorwerpe wat Hiram vir koning Shlomo in die huis van יהוה gemaak het, was van gepoleerde koper.
46 In die vlakte van die Yarden het die koning dit gegiet; in die kleigrond tussen Sukkot en Tzartan.
47 Shlomo het al die voorwerpe ongeweeg gelaat omdat daar te veel was; die gewig van die koper kon nie bereken word nie.
48 Shlomo het al die voorwerpe wat in die huis van יהוה was, gemaak: die goue altaar, die goue tafel waarop die brode van die Teenwoordigheid moes lê

49 en die kandelare voor die binnevertrek van suiwer goud, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant en die blomme, die lampe en die tange, van goud
50 en die bekers, die snuiters, die komme, die lepels, die vuurpanne, van suiwer goud en die skarniere van die deure van die binnevertrek, van die Mees Afgesonderde Plek en die deure van die huis, van die hoofvertrek, van goud.
51 So is al die werk wat koning Shlomo aan die huis van יהוה gemaak het, voltooi. Shlomo het die dinge wat deur sy vader Dawid afgesonder is, ingebring; die silwer, die goud en die gereedskap het hy in die skatkamers van die huis van יהוה gesit.

8 1 Toe het Shlomo die oudstes van Yisra'el en al die stamhoofde, die familie-leiers van die seuns van Yisra'el, by hom in Yerushalayim bymekaar laat kom om die ark van die verbond van יהוה vanuit die stad van Dawid, dit is Tziyon, op te bring.
2 Al die manne van Yisra'el het hulleself op die fees by koning Shlomo vergader, in die maand van die oes, dit is die sewende maand. 2 Kro 5:3
3 Toe het al die oudstes van Yisra'el gekom en die priesters het die ark opgetel.
4 Hulle het die ark van יהוה en die tent van samekoms saam met al die afgesonderde gereedskap gebring wat in die tent was en die priesters en die Leviete het dit gebring.
5 Koning Shlomo en die hele vergadering van Yisra'el, wat by hom vergader was, was saam voor die ark terwyl hulle soveel kleinvee en beeste geoffer het dat hulle nie getel of bereken kon word nie.
6 Toe het die priesters die ark van die verbond van יהוה na sy plek gebring, in die binnevertrek van die huis, na die Mees Afgesonderde, onder die vlerke van die gérubs,
7 want die gérubs het hulle vlerke uitgesprei oor die plek van die ark en die gérubs het 'n bedekking van bo af oor die ark en sy pale gemaak,
8 maar die pale was so lank dat die punte van die pale uit die Afgesonderde plek, voor die binnevertrek, gesien kon word, maar hulle kon nie buite gesien word nie; hulle is daar tot vandag toe.
9 Daar was niks in die ark nie, behalwe die twee kliptafels wat Mosheh by Horev daarin gesit het, waar יהוה 'n verbond met die seuns van Yisra'el gesluit het, toe hulle uit die land van Mitzrayim uitgekom het.
10 Dit het gebeur dat toe die priesters uit die Afgesonderde plek uitgaan, die wolk die huis van יהוה gevul het
11 sodat die priesters, as gevolg van die wolk, nie kon staan om te bedien nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis van יהוה gevul.
12 Toe het Shlomo gesê: "יהוה het gesê dat Hy in die digte wolk sal bly.
13 Ek het verseker vir U 'n verhewe huis gebou, 'n plek vir U om ewig in te bly."
14 Toe draai die koning sy gesig om en seën die hele vergadering van Yisra'el terwyl die hele vergadering van Yisra'el staan.
15 Hy het gesê: "Praat goed van יהוה, die God van Yisra'el, wat met Sy mond met my vader Dawid gepraat het en dit met Sy hand volbring en gesê het:

16 'Van die dag af dat Ek My volk Yisra'el van Mitzrayim af gebring het, het Ek nie 'n stad gekies uit al die stamme van Yisra'el om 'n huis in te bou sodat My Karakter en Outoriteit daar sou wees nie, maar Ek het vir Dawid gekies om oor My volk Yisra'el te wees.'
17 Dit was in die verstand, wil en emosie van my vader, Dawid, om 'n huis te bou vir die Karakter en Outoriteit van יהוה, die God van Yisra'el,
18 maar יהוה het vir my vader, Dawid, gesê: 'Omdat dit in jou verstand, wil en emosie was om vir My Karakter en Outoriteit 'n huis te bou, het jy goed gedoen deurdat dit in jou verstand, wil en emosie was.
19 Nogtans sal jy nie die huis bou nie, maar jou seun wat vir jou gebore sal word, hy sal vir My Karakter en Outoriteit die huis bou.'
20 Nou het יהוה Sy Woord vervul wat Hy gesê het, want ek het opgestaan in die plek van my vader, Dawid en ek sit op die troon van Yisra'el soos יהוה belowe het en ek het die huis gebou vir die Karakter en Outoriteit van יהוה, die God van Yisra'el.
21 Daar het ek 'n plek gemaak vir die ark, waarin die verbond van יהוה is, wat Hy met ons vaders gesluit het toe Hy hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het."
22 Toe het Shlomo voor die altaar van יהוה gaan staan, voor die hele vergadering van Yisra'el en sy hande uitgesprei na die hemel
23 en hy het gesê: "יהוה, God van Yisra'el, daar is geen God soos U in die hemel daarbo of op die aarde hier onder nie, wat die verbond hou en liefdevolle omgee wys aan U dienskneg wat voor U loop met hulle hele verstand, wil en emosie,
24 wat vir U kneg, my vader Dawid, nagekom het wat U aan hom belowe het; inderdaad, U het met U mond gepraat en met U hand volbring, soos dit op hierdie dag is;
25 daarom, יהוה, God van Yisra'el, hou ook die belofte wat U aan U kneg, my vader Dawid, gemaak het, deur te sê: 'Daar sal vir jou nooit 'n man ontbreek wat op die troon van Yisra'el sal sit nie, as jou seuns net hulle pad in ag neem om voor My Teenwoordigheid te loop soos jy voor My Teenwoordigheid geloop het.'
26 Nou, daarom, o God van Yisra'el, ek bid, laat U woord bevestig word wat U gepraat het tot U kneg, my vader, Dawid.
27 Sal God werklik op die aarde bly? Let op, die hemel en die hoogste hemele kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het?
28 Tog, gee aandag aan die gebed van U dienskneg en tot sy smeking, יהוה, my God, om te luister na die geroep en die gebed wat U dienskneg vandag voor U bid;
29 dat U oë oop mag wees na hierdie huis, nag en dag, na die plek waarvan U gesê het: 'My Karakter en Outoriteit sal daar wees,' om te luister na die gebed wat U dienskneg na hierdie plek toe sal bid.
30 Luister na die smeking van U dienskneg en van U volk Yisra'el wanneer hulle na hierdie plek toe bid; luister in die hemel, U blyplek; hoor en vergewe.
31 As 'n mens teen sy naaste sondig en gedwing word om 'n eed te neem en hy voor U altaar in hierdie huis 'n eed neem,
32 hoor dan in die hemel en tree op en oordeel U diensknegte, veroordeel die wettelose deur sy optrede op sy eie kop te bring en verklaar die onpartydig opregte onskuldig deur vir hom te gee volgens sy onpartydige opregtheid.

33 Wanneer U volk Yisra'el verslaan word voor 'n vyand omdat hulle teen U gesondig het; as hulle weer na U toe draai en U Karakter en Outoriteit erken en tot U bid en smeek in hierdie huis,
34 hoor dan in die hemel en vergewe die sonde van U volk Yisra'el en bring hulle terug na die land wat U aan hulle vaders gegee het.
35 Wanneer die hemel toegesluit is en daar geen reën is nie omdat hulle teen U gesondig het en hulle na hierdie plek toe bid en U Karakter en Outoriteit erken en van hulle sonde af wegdraai wanneer U hulle teister,
36 hoor dan in die hemel en vergewe die sonde van U diensknegte en van U volk Yisra'el, inderdaad, leer hulle die goeie pad waarin hulle moet loop en stuur reën op U land, wat U aan U volk as 'n erfenis gegee het.
37 As daar hongersnood in die land is, as daar pes is, as daar skimmel, heuningdou, sprinkane of grassprinkane is, as sy vyande hom in die land, in sy poorte beleër, watter plaag ook al, watter siekte daar ook al is,
38 watter gebed of smeking ook al deur enige een of deur die hele volk Yisra'el gemaak word, laat elkeen die leed van sy eie verstand, wil en emosie ken en sy hande na hierdie huis toe uitsprei;
39 hoor dan in die hemel, U blyplek en vergewe en tree op en doen aan elkeen volgens al sy optrede, wie se verstand, wil en emosie U ken, want U alleen ken die verstand, wil en emosie van al die seuns van die mens
40 sodat hulle U respekvol kan vrees al die dae wat hulle leef in die land wat U aan ons vaders gegee het.
41 Ook aangaande die vreemdeling wat nie van U volk Yisra'el is nie, wanneer hy vanaf 'n ver land ter wille van U Karakter en Outoriteit kom,
42 want hulle sal hoor van U groot Naam (Karakter en Outoriteit), U magtige hand en U uitgestrekte arm; wanneer hy voor U sal kom en bid in hierdie huis,
43 hoor dan in die hemel, U blyplek en doen volgens alles waaroor die vreemdeling na U toe uitroep sodat al die volke van die aarde 'n verbondsverhouding met U Naam (Karakter en Outoriteit) mag hê, om U respekvol te vrees, net soos U volk Yisra'el en dat hulle mag weet dat hierdie huis wat ek gebou het, by U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word.
44 Wanneer U volk uitgaan om oorlog te maak teen hulle vyand, op watter pad U hulle ook al stuur en hulle bid tot יהוה in die rigting van die stad wat U verkies het en die huis wat ek vir U Naam (Karakter en Outoriteit) gebou het,
45 hoor dan in die hemel hulle gebed en hulle smeking en bevestig hulle doel.
46 Wanneer hulle teen U sondig, want daar is geen mens wat nie sondig nie en U kwaad is vir hulle, hulle aan 'n vyand oorgee sodat hulle hul gevange wegvoer na die land van die vyand, ver of naby,
47 as hulle daaroor dink in die land waarheen hulle gevange geneem is en hulle erken en omdraai en U smeek in die land van die wat hulle gevange geneem het en sê: 'Ons het gesondig en oortree, ons het boos opgetree,'

48 as hulle na U toe terugdraai met hul hele gees en met hul hele verstand, wil en emosie, in die land van hul vyande wat hulle weggevoer het en hulle bid tot U volgens die godsdiens van hul eie land wat U aan hulle vaders gegee het, die stad wat U gekies het en die huis wat ek vir U Naam (Karakter en Outoriteit) gebou het;
49 hoor dan in die hemel, U blyplek, hulle gebed en smeking en bevestig hulle doel
50 en vergewe U volk wat teen U gesondig het en al hulle oortredinge wat hulle teen U begaan het en laat hulle ontvangers van omgee word voor die wat hulle weggevoer het dat dié aan hulle omgee kan bewys,
51 want hulle is U volk en u erfenis wat U uit Mitzrayim uitgebring het, uit die midde van die ystersmeltoond
52 sodat U oë oop kan wees vir die smeking van U dienskneg en vir die smeking van U volk Yisra'el, om na hulle te luister wanneer hulle ook al tot U roep,
53 want U het hulle vir U as erfenis afgesonder vanuit al die volke van die aarde, soos U deur U kneg, Mosheh, gepraat het toe U, Meester-יהוה, ons vaders uit Mitzrayim uitgebring het."
54 Toe Shlomo klaar hierdie hele gebed en smeking gebid het tot יהוה, knielend met sy hande na die hemel uitgesprei, het hy van voor die altaar van יהוה af opgestaan
55 en hy het gestaan en die hele vergadering van Yisra'el hardop geseën en gesê:
56 "Praat goed van יהוה, wat aan Sy volk Yisra'el rus gegee het volgens alles wat Hy belowe het; nie een woord van al Sy goeie beloftes wat Hy deur Sy dienskneg Mosheh belowe het, het onvervuld gebly nie.
57 Mag יהוה, ons God, by ons wees soos Hy by ons vaders was; mag Hy ons nie verlaat of ons verwerp nie
58 sodat Hy ons verstand, wil en emosie na Homself sal keer, om in al Sy paaie te loop en Sy opdragte, Sy wette en Sy regverdige oordele te gehoorsaam wat Hy ons vaders beveel het.
59 Mag hierdie woorde van my, waarmee ek voor die Teenwoordigheid van יהוה gesmeek het, dag en nag naby יהוה, ons God, wees sodat Hy Sy dienskneg se doel kan bevestig en die doel van Sy volk Yisra'el, soos elke dag vereis
60 sodat al die volke van die aarde kan weet dat יהוה God is; [Gen 12:3] daar is geen ander een nie. [Deut 6:4]
61 Laat julle verstand, wil en emosie daarom volkome toegewy wees aan יהוה, ons God, om te leef volgens Sy instellings en Sy opdragte te gehoorsaam, soos op hierdie dag."
62 Die koning en die hele Yisra'el saam met hom, het offers voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer.
63 Shlomo het as die vredesoffer wat hy tot יהוה gebring het, twee en twintig duisend beeste en honderd en twintig duisend skape geoffer. So het die koning en al die seuns van Yisra'el die huis van יהוה afgesonder. [2 Kro 7:5]
64 Op dieselfde dag het die koning die middel van die hof afgesonder wat voor die huis van יהוה was, want daar het hy die brandoffer, die graanoffer en die vet van die vredesoffers geoffer omdat die koper altaar wat voor יהוה is, te klein was om die brandoffer, die graanoffer en die vet van die vredesoffers te hou.

65 So het Shlomo in dié tyd die fees onderhou en die hele Yisra'el saam met hom, 'n groot vergadering van die ingang na Hamat af tot by die spruit van Mitzrayim, voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, vir sewe dae en nog sewe dae; veertien dae lank.
66 Op die agtste dag het die volk 'n afvaardiging gestuur en die koning geseën en hulle het vreugdevol na hulle tente gegaan, bly van gees oor al die goedheid wat יהוה aan Sy kneg Dawid en Sy volk Yisra'el bewys het.

9 1 Dit het gebeur toe Shlomo die huis van יהוה en die huis van die koning klaar gebou het en alles wat Shlomo begeer het om te doen
2 dat יהוה vir die tweede keer aan Shlomo verskyn het, soos Hy aan hom verskyn het in Giv'on.
3 יהוה het vir hom gesê: "Ek het jou gebed en jou smeking gehoor wat jy voor My gemaak het; Ek het hierdie huis wat jy gebou het, afgesonder deur My Karakter en Outoriteit daar te plaas vir ewig en My oë en My verstand, wil en emosie sal ewigdurend daar wees.
4 Wat jou betref, as jy voor My loop soos jou vader Dawid geloop het, met integriteit van verstand, wil en emosie en in opregtheid, deur te doen alles wat Ek jou beveel het en My wette en regverdige oordele onderhou,
5 dan sal Ek die troon van jou koningskap oor Yisra'el vir ewig vasstel, net soos Ek aan jou vader Dawid beloof het deur te sê: 'Daar sal vir jou nooit 'n man ontbreek op die troon van Yisra'el nie,'
6 maar as jy of jou seuns wegdraai daarvan om My te volg en nie My opdragte en My wette na kom wat Ek aan jou voorgehou het nie en gaan en ander gode dien en hulle aanbid, Yeg 20:38
7 dan sal Ek Yisra'el van die land afsny wat Ek vir hulle gegee het en die huis wat Ek vir My Naam (Karakter en Outoriteit) afgesonder het, sal Ek uit My sig uit wegwerp. So sal Yisra'el 'n spreekwoord en 'n bywoord word onder al die volke.
8 Hierdie huis sal 'n hoop rommel word; elkeen wat verbygaan sal verbaas wees, spot en vra: 'Waarom het יהוה so gedoen aan hierdie land en aan hierdie huis?'
9 Hulle sal sê: 'Omdat hulle יהוה, hul God, verlaat het, wat hulle vaders uit die land van Mitzrayim uitgebring het en ander gode aangeneem, aanbid en gedien het; daarom het יהוה al hierdie onheil oor hulle gebring.'"
10 Dit het gebeur aan die einde van die twintig jaar waarin Shlomo die twee huise, die huis van יהוה en die huis van die koning, gebou het
11 (Hiram, die koning van Tzor, het Shlomo voorsien van seder- en sipreshout en goud soveel as hy begeer het) dat koning Shlomo aan Hiram twintig stede in die land van die Galil gegee het.
12 Hiram het uit Tzor gekom om die stede te sien wat Shlomo vir hom gegee het en hulle het hom nie tevrede gestel nie.
13 Hy het gesê: "Wat is hierdie stede wat jy vir my gegee het, my broer?" Hulle is die land van Kavul genoem, tot vandag toe.
14 Hiram het een honderd en twintig talente goud aan die koning gestuur.

15 Hierdie is die verslag oor die dwangarbeid wat koning Shlomo opgekommandeer het om die huis van יהוה, sy huis, Millo, die muur van Yerushalayim, Hatzor, Megiddo en Gezer te bou.
16 Farao, koning van Mitzrayim, het opgegaan en Gezer oorgeneem en dit met vuur verbrand en die Kena'aniete wat in die stad gebly het, doodgemaak en dit as 'n trougeskenk aan sy dogter, die vrou van Shlomo, gegee.
17 So het Shlomo Gezer opgebou en die laer Beit-Horon,
18 Ba'alat en Tamar in die wildernis, in die land
19 en al die voorraadstede wat Shlomo gehad het, selfs die stede vir sy strydwaens en die stede vir die perderuiters en alles wat Shlomo tevrede gestel het om te bou in Yerushalayim, in L'vanon en in die hele land onder sy heerskappy.
20 Al die mense wat oorgebly het van die Emoriete, Hittiete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, wat nie van die seuns van Yisra'el was nie,
21 hulle kinders wat ná hulle in die land oorgebly het, wat die seuns van Yisra'el nie in staat was om volledig uit te wis nie, van hulle het Shlomo opgekommandeer vir dwangarbeid, selfs tot vandag toe,
22 maar Shlomo het nie slawe gemaak van die seuns van Yisra'el nie, want hulle was krygsmanne, sy diensknegte, sy prinse, sy bevelvoerders, sy strydwabevelvoerders en sy perderuiters.
23 Hierdie was die hoofopsigters wat oor Shlomo se werk was: vyf honderd en vyftig wat oor die mense, wat die werk gedoen het, geheers het.
24 Sodra die dogter van Farao opgekom het vanuit die stad van Dawid na haar huis wat hy vir haar gebou het, het hy Millo gebou.
25 Shlomo het drie maal in 'n jaar brandoffers en vredesoffers op die altaar wat hy vir יהוה gebou het, gebring en wierook daarmee saam gebrand op die altaar wat voor die Teenwoordigheid van יהוה was. So het hy die huis voltooi.
26 Koning Shlomo het ook 'n vloot skepe gebou in `Etzyon-Gever wat by Elot aan die kus van die Sufsee in die land Edom lê.
27 Hiram het sy diensknegte met die vloot gestuur, matrose wat die see ken, saam met die diensknegte van Shlomo.
28 Hulle het na Ofir gegaan en vier honderd en twintig talente goud van daar gevat en dit na koning Shlomo toe gebring.

10 1 Toe die koningin van Sh'va hoor van die bekendheid van Shlomo en aangaande die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, het sy gekom om hom met moeilike vrae te toets.
2 Sy het na Yerushalayim gekom met 'n baie groot gevolg, met kamele wat speserye, baie goud en edelgesteentes dra. Toe sy by Shlomo kom, het sy met hom gepraat oor alles wat in haar verstand, wil en emosie was.
3 Shlomo het al haar vrae beantwoord; niks was vir die koning verborge wat hy nie aan haar verduidelik het nie.
4 Toe die koningin van Sh'va al die wysheid van Shlomo sien, die huis wat hy gebou het,

5 die kos van sy tafel, hoe sy diensknegte sit, die bediening van sy bediendes en hulle klere, sy skinkers en sy trap waarmee hy opgaan na die huis van יהוה, het haar asem weggeslaan.
6 Toe sê sy vir die koning: "Die verslag wat ek in my eie land gehoor het aangaande u woorde en u wysheid, was waar.
7 Nogtans het ek die verslae nie geglo nie totdat ek gekom en met my oë gesien het. Let op, die helfte is nie vir my vertel nie. U oortref in wysheid en in welvaart die verslag wat ek gehoor het.
8 Hoe geseënd is u manne, hoe geseënd is hierdie diensknegte van u wat voortdurend voor u staan en u wysheid hoor.
9 Lof aan יהוה, u God, wat bly was oor u om u op die troon van Yisra'el te laat sit! Omdat יהוה Yisra'el vir ewig lief het; daarom het Hy u koning gemaak om reg en onpartydige opregtheid te doen."
10 Sy het vir die koning 'n honderd en twintig talente goud, 'n groot hoeveelheid speserye en edelgesteentes gegee. Daar het nooit weer so 'n hoeveelheid speserye ingekom as wat die koningin van Sh'va vir koning Shlomo gegee het nie.
11 Die skepe van Hiram wat goud uit Ofir gaan haal het, het ook uit Ofir 'n groot hoeveelheid sandelhout en edelgesteentes gebring.
12 Die koning het ondersteunings vir die huis van יהוה en vir die huis van die koning, asook liere en harpe vir die sangers van die sandelhout (almug) gemaak; sulke sandelbome het nie weer ingekom of is gesien tot vandag toe nie.
13 Koning Shlomo het vir die koningin van Sh'va aan al haar begeertes, wat sy gevra het, voldoen; bo en behalwe wat hy vir haar gegee het volgens sy koninklike vrygewigheid. Toe het sy omgedraai en na haar eie land gegaan saam met haar bediendes.
14 Die gewig van goud wat in een jaar vir Shlomo ingekom het, was ses honderd ses en sestig talente goud, (ongeveer 23 metrieke ton)
15 behalwe wat ingekom het van die handelaars wat rondtrek en van die wins van die verkopers en van al die konings van die Arabiere en van die goewerneurs van die land.
16 Koning Shlomo het twee honderd groot skilde van suiwer goud gemaak; hy het ses honderd sikkels (6,8kg) goud op elke groot skild gebruik
17 en drie honderd skilde van suiwer goud met drie minahs (1,7kg) goud op elke skild en die koning het dit in die huis van die L'vanon-woud gesit.
18 Verder het die koning 'n groot troon van ivoor gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.
19 Die troon het ses trappe gehad en 'n ronde kopstuk bo die troon aan die agterkant en arms weerskante van die sitplek, met twee leeus wat langs die arms staan.
20 Twaalf leeus het daar op die ses trappe aan weerskante gestaan; niks soos dit is ooit vir enige ander koninkryk gemaak nie.
21 Al koning Shlomo se drinkservies was van goud en al die houers van die huis van die L'vanon-woud was van suiwer goud; niks was van silwer nie: dit is in die dae van Shlomo nie as waardevol gereken nie,

22 want die koning het 'n vloot van skepe van Tarshish gehad by die skepe van Hiram; een maal elke drie jaar het die skepe van Tarshish ingekom en goud, silwer, ivoor, ape en poue gebring.
23 So het koning Shlomo in rykdom en in wysheid, groter geword as al die konings van die aarde.
24 Die hele wêreld het die teenwoordigheid van Shlomo gesoek om sy wysheid te hoor wat God in sy verstand gegee het.
25 Elkeen van hulle het sy geskenk saam gebring: silwer voorwerpe, goue voorwerpe, klere, wapens, speserye, perde en muile, jaar na jaar.
26 Shlomo het strydwaens en perderuiters bymekaargemaak en hy het een duisend vier honderd waens en twaalf duisend perderuiters gehad en hy het dit in die stede vir stydwaens en by die koning in Yerushalayim gesit.
27 Die koning het silwer in Yerushalayim so algemeen gemaak soos klippe en seders so volop soos wildevyebome wat in die Laagland is. 2 Kro 1:15; 9:27
28 Shlomo se invoer van perde was uit Mitzrayim en die koning se handelaars het 'n kommissie ontvang op die goedere wat hulle gekoop het.
29 'n Strydwa is uit Mitzrayim ingevoer vir ses honderd sikkels silwer en 'n perd vir 'n honderd en vyftig en op dieselfde manier is hulle na al die konings van die Hittiete en die konings van Aram uitgevoer. Deut 17:16; 2 Kro 1:14

11 1 Koning Shlomo het baie buitelandse vroue liefgehad saam met die dogter van Farao: Mo'avitiese, `Ammonitiese, Edomitiese, Tzidonitiese en Hittitiese vroue;
2 vanuit die nasies waarvan יהוה aan die seuns van Yisra'el gesê het: "Julle mag nie met hulle assosieer nie en hulle ook nie met julle nie, want hulle sal sekerlik julle verstand, wil en emosie wegdraai agter hulle gode aan." Shlomo het hulle met liefde aangehang. Eks 23:24,33; 34:16; Deut 7:3-4; Y'ho 23:12-13; `Ez 9:12
3 Hy het sewe honderd vroue en prinsesse gehad en drie honderd byvroue en sy vroue het sy verstand, wil en emosie weggedraai,
4 want toe Shlomo oud was, het sy vroue sy verstand, wil en emosie agter ander gode aan weggedraai en sy verstand, wil en emosie was nie volkome toegewy aan יהוה, sy God, soos die verstand, wil en emosie van sy vader, Dawid, nie.
5 Shlomo het agter `Ashtoret, die godin van die Tzidoniërs en agter Milkom, die verfoeilike afgod van die `Ammoniete, aangeloop.
6 Shlomo het gedoen wat boos was in die oë van יהוה en יהוה nie ten volle gevolg soos sy vader, Dawid, nie.
7 Toe het Shlomo 'n hoë plek, op die berg wat oos van Yerushalayim lê, vir K'mosh, die verfoeilike afgod van Mo'av en vir Molekh, die verfoeilike afgod van die seuns van `Ammon, gebou. Yeg 43:7,8
8 So het hy ook gedoen vir al sy buitelandse vroue wat wierook gebrand en geoffer het aan hulle gode.
9 יהוה was kwaad vir Shlomo omdat sy verstand, wil en emosie weggedraai was van יהוה, die God van Yisra'el, wat twee keer aan hom verskyn het
10 en hom aangaande hierdie saak beveel het om nie agter ander gode aan te gaan nie, maar hy het nie gedoen wat יהוה beveel het nie.

11 יהוה het vir Shlomo gesê: "Omdat jy dit gedoen het en nie My verbond en My instellings, wat Ek jou beveel het, gehou het nie, sal Ek sekerlik die koninkryk van jou af wegskeur en dit aan jou dienskneg gee.
12 Nogtans sal ek dit nie in jou dae doen nie ter wille van jou vader, Dawid, maar Ek sal dit uit die hand van jou seun skeur.
13 Tog sal Ek nie die hele koninkryk wegskeur nie, maar Ek sal een stam aan jou seun gee ter wille van My dienskneg, Dawid en ter wille van Yerushalayim wat Ek verkies het."
14 Toe het יהוה vir Shlomo 'n teëstander opgewek: Hadad, die Edomiet; hy was van die koninklike familie in Edom.
15 Dit het gebeur toe Dawid in Edom was en Yo'av, die bevelvoerder van die leër, opgetrek het om die gesneuweldes te begrawe en hy al wat manlik was in Edom doodgeslaan het
16 (want Yo'av en die hele Yisra'el het ses maande lank daar gebly totdat hy al die manlike persone in Edom afgesny het)
17 dat Hadad, as 'n jong seun, na Mitzrayim gevlug het; hy en sekere Edomiete van sy vader se diensknegte saam met hom.
18 Hulle het opgestaan vanuit Midyan en in Pa'ran gekom en vanuit Pa'ran manne saam met hulle gevat en in Mitzrayim aangekom by Farao, die koning van Mitzrayim, wat vir hom 'n huis en kos gegee het en vir hom land gegee het.
19 Hadad het groot guns gevind voor Farao sodat hy vir hom sy vrou se suster, die suster van Tagp'neis, die koningin, as vrou gegee het.
20 Die suster van Tagp'neis het vir hom geboorte gegee aan sy seun G'nuvat, wat Tagp'neis in die huis van Farao groot gemaak het en G'nuvat was in die huis van Farao tussen die seuns van Farao.
21 Toe Hadad egter in Mitzrayim hoor dat Dawid by sy vaders neergelê is en dat Yo'av, die bevelvoerder van die leër, dood is, sê Hadad vir Farao: "Stuur my weg dat ek na my eie land kan gaan."
22 Toe sê Farao vir hom: "Maar wat het jy by my tekort, let op, dat jy begeer om na jou eie land te gaan?" Hy antwoord: "Niks nie; nogtans moet u my sekerlik laat gaan."
23 God het ook 'n ander teëstander teen hom opgewek, Rezon, die seun van Elyada, wat gevlug het van sy meester Hadad'ezer, die koning van Tzovah.
24 Nadat Dawid hulle by Tzovah gedood het, het hy manne by hom versamel en leier van 'n plunderbende geword en hulle het na Dammesek gegaan en daar gebly en in Dammesek geheers.
25 Hy was 'n teëstander van Yisra'el al die dae van Shlomo, saam met die boosheid wat Hadad gedoen het en hy het Yisra'el verafsku en oor Edom geheers.
26 Toe het Yarov'am, 'n dienskneg van Shlomo, die seun van N'vat, 'n Efrayimiet uit Tz'redah, wie se moeder se naam Tz'ru'ah was, 'n weduwee, ook teen die koning rebelleer.
27 Dít was die rede hoekom hy teen die koning rebelleer het: Shlomo het Millo gebou en die skeur aan die stad van sy vader, Dawid, toegemaak.

28 Die man Yarov'am was 'n dapper soldaat en toe Shlomo sien dat die jongman ywerig en hardwerkend was, het hy hom aangestel oor al die dwangarbeiders van die huis van Yosef.
29 Dit het omtrent in daardie tyd gebeur, toe Yarov'am uit Yerushalayim uitgaan dat die profeet Agiyah, die Shiloniet, hom op die pad kry. Agiyah het homself geklee in 'n nuwe mantel en hulle twee was alleen in die veld.
30 Toe gryp Agiyah die nuwe mantel wat hy aangehad het en skeur dit in twaalf stukke.
31 Hy sê vir Yarov'am: "Vat vir jou tien stukke, want so sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Let op, Ek sal die koninkryk uit die hand van Shlomo skeur en aan jou tien stamme gee,
32 maar een stam sal syne wees ter wille van My kneg Dawid en ter wille van Yerushalayim, die stad wat Ek gekies het uit al die stamme van Yisra'el
33 omdat hy My verlaat en hom neergebuig het voor `Ashtoret, die godin van die Tzidoniërs, voor K'mosh, die god van Mo'av en voor Milkom, die god van die seuns van `Ammon en nie geleef het op My maniere deur te doen wat reg is in My oë, om My regverdige oordele en My opdragte, soos sy vader, Dawid, na te kom nie.
34 Nogtans sal Ek nie die hele koninkryk uit sy hand uit vat nie, maar Ek sal hom heerser maak vir al die dae van sy lewe, ter wille van My kneg Dawid wat Ek gekies het, wat My opdragte en My instellings gehoorsaam het,
35 maar Ek sal die koninkryk uit die hand van sy seun vat en dit aan jou gee, tien stamme,
36 maar aan sy seun sal Ek een stam gee sodat My kneg Dawid altyd 'n lamp kan hê voor My in Yerushalayim, die stad waar Ek vir Myself gekies het om My Karakter en Outoriteit te plaas.
37 Ek sal jou vat en jy sal regeer oor alles wat jy begeer en jy sal koning wees oor Yisra'el.
38 Dan sal dit wees indien jy luister na alles wat Ek jou beveel en leef in My paaie en doen wat reg is in My oë deur My instellings en My opdragte te gehoorsaam, soos My kneg Dawid gedoen het, Ek dan by jou sal wees en vir jou 'n blywende huis bou, soos Ek vir Dawid gebou het en Ek sal Yisra'el vir jou gee.
39 So sal Ek die nageslag van Dawid hieroor beproef, maar nie vir altyd nie.'" Yeg 39:22-
40 Shlomo het daarom probeer om Yarov'am dood te maak, maar Yarov'am het opgestaan en na Mitzrayim gevlug, na Shishak, die koning van Mitzrayim en hy was in Mitzrayim tot die dood van Shlomo.
41 Die res van die dade van Shlomo en wat hy ook al gedoen het en sy wysheid, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die dade van Shlomo' nie?
42 Die tyd wat Shlomo in Yerushalayim oor die hele Yisra'el regeer het, was veertig jaar.
43 Shlomo is by sy vaders neergelê en is begrawe in die stad van sy vader, Dawid en sy seun, Regav'am, het in sy plek geheers.

12 1 Toe het Regav'am na Sh'khem gegaan, want die hele Yisra'el het na Sh'khem
gekom om hom koning te maak. 2 Kro 10:1-12:16
2 Toe Yarov'am, die seun van N'vat, dit hoor, het hy in Mitzrayim gebly, (want hy
was nog in Mitzrayim, waarheen hy van die teenwoordigheid van koning Shlomo
af gevlug het.)
3 Toe het hulle gestuur en hom laat roep en Yarov'am en die hele vergadering van
Yisra'el het gekom en met Regav'am gepraat en gesê:
4 "U vader het ons juk hard gemaak; daarom, maak die harde diens van u vader ligter
en sy swaar juk wat hy op ons gesit het en ons sal u dien."
5 Toe sê hy vir hulle: "Gaan weg vir drie dae, kom dan terug na my toe." Die mense
het weggegaan.
6 Koning Regav'am het met die oudstes, wat sy vader Shlomo gedien het toe hy nog
gelewe het, beraadslaag en hy vra: "Watter advies gee u my om hierdie mense te
antwoord?"
7 Toe praat hulle met hom en sê: "As u vandag 'n dienskneg tot hierdie volk sal wees
en hulle dien, hulle versoek toestaan en goeie woorde met hulle praat, sal hulle
altyd u diensknegte wees."
8 Hy het egter die advies van die oudstes wat hulle vir hom gegee het, verwerp
en met die jongmanne wat saam met hom grootgeword het en hom gedien het,
beraadslaag.
9 Hy vra toe vir hulle: "Watter advies gee julle wat ons hierdie mense sal antwoord wat
met my gepraat en gesê het: 'Maak die juk wat u vader op ons gesit het, ligter?'"
10 Die jongmanne wat saam met hom grootgeword het, antwoord hom en sê: "Só
moet u hierdie mense antwoord wat met u gepraat en gesê het: 'U vader het ons juk
swaar gemaak, maak u dit nou ligter vir ons,' u moet hulle antwoord: 'My pinkie is
dikker as my vader se duim. 2 Kro 10:10
11 Waar my vader julle belas het met 'n swaar juk, sal ek bysit by julle juk; my vader
het julle met swepe gedissiplineer, maar ék sal julle met skerpioene dissiplineer.'"
12 Toe het Yarov'am en al die mense by Regav'am gekom op die derde dag soos die
koning aangedui en gesê het: "Kom na my toe terug op die derde dag."
13 Die koning het die volk hard geantwoord, want hy het die raad wat die oudstes vir
hom gegee het, verwerp
14 en met hulle gepraat volgens die raad van die jongmanne en gesê: "My vader het
julle juk swaar gemaak, maar ék sal bysit by julle juk; my vader het julle met swepe
gedissiplineer, maar ék sal julle met skerpioene dissiplineer."
15 So het die koning dan nie na die mense geluister nie, want dit was 'n reeks
gebeurlikhede vanaf יהוה sodat Hy Sy woord kan vestig wat יהוה deur Agiyah, die
Shilohiet, tot Yarov'am, die seun van N'vat, gepraat het.
16 Toe die hele Yisra'el sien dat die koning nie na hulle luister nie, het die mense die
koning geantwoord en gesê: "Watter deel het ons aan Dawid? Ons het geen erfenis
aan die seun van Yishai nie! Na julle tente toe, Yisra'el! Kyk nou na jou eie huis,
Dawid!" Yisra'el het na hulle tente toe gegaan,

17 maar Regav'am was koning oor die seuns van Yisra'el wat in die stede van Y'hudah gebly het.
18 Toe stuur koning Regav'am vir Adoram, wat oor die dwangarbeid was en die hele Yisra'el het hom gestenig sodat hy dood is. Koning Regav'am het hom gehaas om op sy strydwa te klim om na Yerushalayim te vlug.
19 Só was Yisra'el in rebellie teen die huis van Dawid tot vandag toe.
20 Dit het gebeur toe die hele Yisra'el hoor dat Yarov'am terug was, hulle gestuur en hom na die vergadering geroep en hom koning gemaak het oor die hele Yisra'el. Niemand behalwe die stam van Y'hudah het die huis van Dawid gevolg nie.
21 Toe Regav'am in Yerushalayim gekom het, het hy die hele huis van Y'hudah en die stam van Binyamin bymekaargeroep, een honderd en tagtig duisend manne wat soldate was, om teen die huis van Yisra'el te veg, om die koninkryk tot Regav'am, die seun van Shlomo, te herstel.
22 Die woord van God het egter tot Sh'ma'yah, die man van God, gekom en gesê:
23 "Praat met Regav'am, die seun van Shlomo, koning van Y'hudah en met die hele huis van Y'hudah en Binyamin en die res van die mense en sê:
24 'So sê יהוה: Julle mag nie opgaan en teen julle familie, die seuns van Yisra'el, veg nie; gaan elkeen terug na sy huis, want hierdie ding het van My af gekom.'" Hulle het na die woord van יהוה geluister en teruggegaan volgens die woord van יהוה.
25 Toe het Yarov'am Sh'khem gebou op die bergland van Efrayim en daar gebly en van daar af uitgegaan en P'nu'el gebou.
26 Yarov'am het in homself gesê: "Nou sal die koninkryk terugkeer na die huis van Dawid.
27 As hierdie mense opgaan om offers te bring in die huis van יהוה in Yerushalayim, dan sal die verstand, wil en emosie van hierdie mense terugkeer na hulle meester, na Regav'am, koning van Y'hudah en hulle sal my doodmaak en teruggaan na Regav'am, koning van Y'hudah."
28 Die koning het beraadslaag en twee goue kalwers gemaak en vir hulle gesê: "Dit is te veel vir julle om op te gaan na Yerushalayim; let op julle gode, o Yisra'el, wat julle uit die land van Mitzrayim gebring het!"
29 Hy het een in Beit-El opgerig en die ander in Dan.
30 Hierdie ding het 'n sonde geword, want die mense het gaan aanbid voor die een sover as Dan.
31 Hy het ook huise op hoë plekke gebou en priesters vanuit al die mense gemaak, wat nie uit die seuns van Levi was nie.
32 Yarov'am het 'n fees ingestel in die agtste maand, op die vyftiende dag van die maand, soos die fees wat in Y'hudah was en op die altaar geklim. Dit het hy in Beit-El gedoen en geoffer tot die kalwers wat hy gemaak het. Hy het ook die priesters vir die hoë plekke wat hy gemaak het, in Beit-El gesit.
33 Toe het hy opgegaan na die altaar wat hy in Beit-El gemaak het, op die vyftiende dag van die agtste maand, in die maand wat hy uit sy eie verstand, wil en emosie uitgedink het en hy het vir die seuns van Yisra'el 'n fees ingestel en opgegaan na die altaar om wierook te brand.

13 1 Nou, let op, daar het 'n man van God uit Y'hudah, deur die woord van יהוה, in
Beit-El aangekom terwyl Yarov'am by die altaar staan om wierook te brand.
2 Hy het uitgeroep teen die altaar deur die woord van יהוה en gesê: "Altaar, altaar, so
sê יהוה: 'Let op, 'n seun sal gebore word vir die huis van Dawid met die naam van
Yoshiyahu en op jou sal hy die priesters van die hoë plekke wat wierook op jou
gebrand het, offer en mensbene sal op jou verbrand word.'" 2 Kon 23:15,16
3 Toe het hy dieselfde dag 'n teken gegee en gesê: "Dit is die teken dat יהוה gepraat het:
'Let op, die altaar sal uitmekaarskeur en die as wat daarop is, afgegooi word.'"
4 Toe die koning die woord van die man van God hoor, wat hy teen die altaar in Beit-
El uitgeroep het, steek Yarov'am sy hand uit vanaf die altaar en sê: "Gryp hom!"
Sy hand wat hy teen hom uitgesteek het, het egter styf geword sodat hy dit nie weer
kon terugtrek na homself toe nie.
5 Die altaar is ook uitmekaargeskeur en die as is van die altaar afgegooi volgens die
teken wat die man van God gegee het deur die woord van יהוה.
6 Die koning sê aan die man van God: "Pleit asseblief van יהוה, jou God en bid vir my
dat my hand aan my teruggegee sal word." Die man van God het van יהוה gepleit
en die koning se hand is vir hom herstel en dit het geword soos vroeër.
7 Toe sê die koning vir die man van God: "Kom saam met my huis toe en verfris
jouself en ek sal vir jou 'n beloning gee."
8 Die man van God sê egter vir die koning: "Selfs al gee u my die helfte van u huis, sal
ek nie saam met u gaan nie en ook sal ek geen brood eet of water drink in hierdie
plek nie,
9 want so het יהוה my beveel deur Sy woord en gesê: 'Jy mag geen brood eet of water
drink of terugkeer met die pad waarmee jy gegaan het nie.'"
10 Hy het toe met 'n ander pad gegaan en nie teruggekeer met die pad waarmee hy na
Beit-El gekom het nie.
11 'n Ou profeet het in Beit-El gebly en sy seuns het gekom en hom alles vertel wat
die man van God dié dag in Beit-El gedoen het; ook die woorde wat hy met die
koning gepraat het, het hulle vir hul vader vertel.
12 Hulle vader het vir hulle gesê: "Met watter pad het hy gegaan?" Sy seuns het die
pad gesien waarmee die man van God, wat uit Y'hudah gekom het, weg is.
13 Toe sê hy vir sy seuns: "Saal vir my die donkie op." Hulle het vir hom die donkie
opgesaal en hy het daarop weggery.
14 Hy het agter die man van God aan gegaan en hom gekry waar hy onder 'n eikeboom
sit en hy sê vir hom: "Is jy die man van God wat uit Y'hudah gekom het?" Hy
antwoord: "Ek is."
15 Toe sê hy vir hom: "Kom huis toe saam met my en eet brood."
16 Hy antwoord: "Ek kan nie teruggaan of saam met jou gaan nie; ek mag ook nie
brood eet of saam met jou water in hierdie plek drink nie,
17 want 'n opdrag het na my toe gekom deur die woord van יהוה: 'Jy mag geen brood
eet of water daar drink nie; jy mag nie terugkeer met die pad waarmee jy gegaan
het nie.'"

18 Hy het vir hom gesê: "Ek is ook 'n profeet net soos jy en 'n boodskapper het met
my gepraat deur die woord van יהוה en gesê: 'Bring hom terug saam met jou na jou
huis dat hy brood kan eet en water kan drink.'" Hy het vir hom gelieg.
19 Hy het saam met hom teruggegaan en in sy huis brood geëet en water gedrink.
20 Nou, dit het gebeur terwyl hulle aan tafel sit dat die woord van יהוה tot die profeet
wat hom laat omdraai het kom
21 en hy roep uit tot die man van God wat uit Y'hudah gekom het en sê: "So sê יהוה:
Omdat jy ongehoorsaam was aan die opdrag van יהוה en nie gehoorsaam was aan
die opdrag wat יהוה, jou God, jou beveel het nie,
22 maar teruggegaan en brood geëet en water gedrink het in die plek waarvan Hy vir
jou gesê het: Jy moet geen brood eet of water drink nie; daarom sal jou liggaam nie
in die graf van jou vaders kom nie."
23 Dit het gebeur nadat hy brood geëet en nadat hy gedrink het dat hy vir hom die
donkie opsaal, vir die profeet wat hy teruggebring het.
24 Toe hy weg is, het 'n leeu hom op die pad ontmoet en hom doodgemaak. Sy lyk
is op die pad neergegooi, met die donkie wat langs hom staan en die leeu wat ook
langs die lyk bly staan het.
25 Let op, daar het manne verbygekom wat die lyk op die pad sien lê het en die leeu
wat langs die lyk staan. Hulle het gekom en dit in die stad waar die ou profeet
woon, vertel.
26 Toe die profeet wat hom teruggebring het van die pad af, dit hoor, sê hy: "Dit is die
man van God wat ongehoorsaam was aan יהוה se opdrag; daarom het יהוה hom aan
die leeu oorgegee, wat hom verskeur en hom doodgemaak het, volgens die woord
van יהוה wat Hy met hom gepraat het."
27 Toe praat hy met sy seuns en sê: "Saal vir my die donkie op." Hulle het dit
opgesaal.
28 Hy het gegaan en sy lyk op die pad neergegooi gekry, met die donkie en die leeu
wat langs die lyk staan; die leeu het nie die lyk geëet of die donkie verskeur nie.
29 Die profeet het die lyk van die man van God opgetel en dit op die donkie gesit
en dit teruggebring en in die stad van die ou profeet gekom om te rou en hom te
begrawe.
30 Hy het sy lyk in sy eie graf neergelê en hulle het oor hom gerou: "Ag, my broer!"
31 Nadat hy hom begrawe het, sê hy vir sy seuns: "As ek sterf, begrawe my in die graf
waar die man van God in begrawe is; lê my bene langs sy bene neer, 2 Kon 23:18
32 want die ding sal sekerlik gebeur wat hy deur die woord van יהוה uitgeroep het
teen die altaar in Beit-El en teen al die huise van die hoë plekke wat in die stede
van Shomron is.
33 Ná hierdie gebeurtenis het Yarov'am nie van sy verkeerde pad af teruggekeer nie,
maar weer priesters van die hoë plekke, vanuit al die mense, aangestel; elkeen wat
wou, dié het hy aangestel, om priesters van die hoë plekke te wees.
34 Hierdie ding, wat vir die huis van Yarov'am sonde geword het, het dit verdelg en
vernietig van die aarde af.

14 1 In daardie tyd het Aviyah, die seun van Yarov'am, siek geword.
2 Yarov'am het vir sy vrou gesê: "Staan op en vermom jouself sodat hulle nie kan weet dat jy Yarov'am se vrou is nie en gaan na Shiloh; let op, Agiyah die profeet is daar, wat van my gesê het dat ek koning oor hierdie volk sou wees.
3 Vat tien brode, koeke en 'n houer met heuning saam met jou en gaan na hom toe. Hy sal vir jou vertel wat met die jongman sal gebeur."
4 Yarov'am se vrou het so gedoen, opgestaan en na Shiloh gegaan en by die huis van Agiyah gekom. Agiyah kon nie sien nie, want sy oë was dof vanweë sy ouderdom.
5 יהוה het vir Agiyah gesê: "Let op, die vrou van Yarov'am kom om jou te raadpleeg oor haar seun, want hy is siek; so en so moet jy vir haar sê, want dit sal wees dat as sy kom, sy sal voorgee om 'n ander vrou te wees."
6 Toe Agiyah die geluid van haar voete hoor toe sy by die deur inkom, sê hy: "Kom in, vrou van Yarov'am! Waarom gee jy voor om 'n ander vrou te wees? Ek is na jou gestuur met 'n harde boodskap.
7 Gaan sê vir Yarov'am: 'So sê יהוה, die God van Yisra'el: aangesien Ek jou van tussen die mense af opgelig en jou leier oor My volk Yisra'el gemaak
8 en die koninkryk van die huis van Dawid af weggeskeur en dit vir jou gegee het; [tog was jy nie soos My kneg Dawid, wat My opdragte gehou en My met sy hele verstand, wil en emosie gevolg het, om net te doen wat reg is in My oë, nie;
9 jy het ook meer boosheid gedoen as almal wat voor jou was en vir jou ander gode en gegote beelde gaan maak om My te tart tot woede en My agter jou rug gegooi;]
10 daarom, let op, Ek bring onheil oor die huis van Yarov'am en sal van Yarov'am af afsny al wat manlik is in Yisra'el, beide slaaf en vryman en Ek sal die huis van Yarov'am skoonvee soos 'n mens mis wegvee totdat daar niks van oor is nie.
11 Enige een wat aan Yarov'am behoort wat in die stad sterf, hom sal die honde eet en hom wat in die veld sterf, sal die voëls van die hemel eet, want יהוה het dit gesê.'
12 Staan op, gaan na jou huis toe. Wanneer jou voete die stad ingaan, sal die seun sterf.
13 Die hele Yisra'el sal oor hom rou en hom begrawe, want hy alleen van Yarov'am se familie sal na die graf toe kom omdat in die huis van Yarov'am in hom iets goeds gevind is teenoor יהוה, die God van Yisra'el.
14 Meer nog, יהוה sal vir Homself 'n koning oor Yisra'el opwek wat die huis van Yarov'am op dié dag sal uitwis en van nou af reeds.
15 יהוה sal Yisra'el slaan, soos 'n riet in die water heen en weer geskud word en Hy sal Yisra'el ontwortel uit hierdie goeie land uit wat Hy vir hulle vaders gegee het en hulle anderkant die Rivier (Eufraat) verstrooi omdat hulle hul Asherah beelde gemaak en יהוה tot woede getart het. Deut 16:21,22
16 Hy sal Yisra'el opgee vanweë die sondes van Yarov'am wat hy gedoen het en waardeur hy Yisra'el laat sondig het."
17 Toe het Yarov'am se vrou opgestaan en weggegaan en in Tirtzah gekom. Onderwyl sy oor die drumpel die huis binnegaan, het die jongman gesterf.

18 Die hele Yisra'el het hom begrawe en oor hom gerou volgens die woord van יהוה wat Hy deur Agiyah, Sy kneg, die profeet, gepraat het.
19 Die res van die dade van Yarov'am, hoe hy oorlog gevoer en hoe hy geheers het, let op, dit is geskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el.'
20 Die tyd wat Yarov'am geregeer het, was twee en twintig jaar en hy is neergelê by sy vaders en sy seun Nadav het in sy plek geheers.
21 Regav'am, die seun van Shlomo, het geheers in Y'hudah; Regav'am was een en veertig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir sewentien jaar in Yerushalayim regeer, die stad wat יהוה gekies het uit al die stamme van Yisra'el om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig en die naam van sy moeder was Na'amah, die `Ammoniet.
22 Y'hudah het boos gedoen in die oë van יהוה en Hom uitgetart tot jaloesie, meer as alles wat hulle vaders gedoen het, deur die sondes wat hulle gedoen het,
23 want hulle het ook vir hulle hoë plekke, pilare en Asherah beelde op elke hoë heuwel en onder elke groen boom gebou.
24 Daar was ook manlike kultusprostitute in die land. Hulle het gedoen volgens al die verfoeilikhede van die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el onteien het.
25 Dit het in die vyfde jaar van koning Regav'am gebeur dat Shishak, die koning van Mitzrayim, teen Yerushalayim opgetrek het. Deut 28:25
26 Hy het die skatte van die huis van יהוה weggevat en die skatte van die huis van die koning en hy het alles gevat, selfs al die goue skilde wat Shlomo gemaak het.
27 Koning Regav'am het koper skilde in hulle plek gemaak en hulle oorgegee aan die sorg van die bevelvoerders van die wag, wat die ingang van die koning se huis bewaak het.
28 Toe het dit gebeur dat so dikwels as die koning in die huis van יהוה ingaan die wagte dit sou dra en dit weer terugbring in die wagkamer in.
29 Die res van die dade van Regav'am en alles wat hy gedoen het, is dit nie geskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
30 Daar was voortdurend oorlog tussen Regav'am en Yarov'am.
31 Regav'am is neergelê by sy vaders en is begrawe by sy vaders in die stad van Dawid en die naam van sy moeder was Na'amah, die `Ammoniet en sy seun Aviyah het in sy plek koning geword.

15 1 In die agttiende jaar van koning Yarov'am, die seun van N'vat, het Aviyah oor Y'hudah koning geword. 2 Kro 13:1-22
2 Hy het drie jaar in Yerushalayim regeer en die naam van sy moeder was Ma'akhah, die dogter van Avshalom.
3 Hy het in al die sondes van sy vader geloop wat hy voor hom gedoen het en sy verstand, wil en emosie was nie volkome tot יהוה, sy God, toegewy soos die verstand, wil en emosie van sy vader, Dawid, nie,
4 maar ter wille van Dawid het יהוה, sy God, vir hom 'n lamp in Yerushalayim gegee om sy seun ná hom op te wek en Yerushalayim te vestig

5 omdat Dawid gedoen het wat reg was in die oë van יהוה, sonder om af te wyk van enige iets wat Hy hom beveel het, al die dae van sy lewe, behalwe in die saak van Uriyah, die Hittiet.
6 Daar was oorlog tussen Regav'am en Yarov'am, al die dae van sy lewe.
7 Die res van die dade van Aviyah en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie? Daar was ook oorlog tussen Aviyah en Yarov'am.
8 Aviyah is neergelê by sy vaders en hulle het hom in die stad van Dawid begrawe en Asa, sy seun, het in sy plek koning geword.
9 In die twintigste jaar van Yarov'am, die koning van Yisra'el, het Asa begin heers as koning van Y'hudah. 2 Kro 14:1-16:14
10 Hy het een en veertig jaar in Yerushalayim regeer en die naam van sy moeder was Ma'akhah, die kleindogter van Avshalom.
11 Asa het gedoen wat reg was in die oë van יהוה, net soos sy vader Dawid.
12 Hy het ook die manlike kultusprostitute uit die land uitgesit en al die afgode wat sy vaders gemaak het, verwyder.
13 Hy het ook sy moeder, Ma'akhah, as koninginmoeder verwyder omdat sy 'n fees vir haar afgod gehou het en Asa het die afgod vernietig en by die Kidronspruit verbrand,
14 maar die hoë plekke is nie weggevat nie; nogtans was Asa se verstand, wil en emosie al sy dae volkome toegewy aan יהוה.
15 Hy het die toegewyde dinge van sy vader en sy eie toegewyde dinge in die huis van יהוה ingebring: silwer, goud en gereedskap.
16 Daar was oorlog tussen Asa en Ba'sha, die koning van Yisra'el, al hulle dae.
17 Ba'sha, die koning van Yisra'el, het teen Y'hudah opgetrek en Ramah versterk om te verhoed dat enige een uitgaan vanaf, of ingaan na Asa, die koning van Y'hudah.
18 Toe vat Asa al die silwer en die goud wat oorgebly het in die skatkamers van die huis van יהוה en die skatte van die huis van die koning en gee dit in die hand van sy diensknegte en koning Asa het hulle gestuur na Ben-Hadad, die seun van Tavrimmon, die seun van Hezyon, die koning van Aram wat in Dammesek gebly het en gesê:
19 "Laat daar 'n verbond tussen my en u wees, soos tussen my vader en u vader. Let op, ek het vir u 'n geskenk van silwer en goud gestuur; gaan verbreek u verbond met Ba'sha, die koning van Yisra'el sodat hy van my af kan terugtrek.
20 Ben-Hadad het geluister na koning Asa en die bevelvoerders van sy leër teen die stede van Yisra'el gestuur en `Iyon, Dan, Avel-Beit-Ma'akhah, die hele Kinn'rot asook die hele land van Naftali verower.
21 Toe Ba'sha dit hoor, het hy opgehou om Ramah te versterk en in Tirtzah gebly.
22 Toe maak koning Asa 'n aankondiging in die hele Y'hudah, niemand was vrygestel nie en hulle het die klippe en hout van Ramah, waarmee Ba'sha gebou het, weggedra. Koning Asa het Geva in Binyamin en Mitzpah daarmee gebou.
23 Die res van al die dade van Asa en al sy mag en alles wat hy gedoen het en die stede wat hy gebou het, is dit nie beskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie? In die tyd van sy ouderdom was hy siek aan sy voete.

24 Asa is neergelê by sy vaders en is by sy vaders begrawe in die stad van sy vader, Dawid en Y'hoshafat sy seun het in sy plek geheers.
25 Nadav, die seun van Yarov'am, het koning geword oor Yisra'el in die tweede jaar van Asa, koning van Y'hudah en hy het twee jaar oor Yisra'el regeer.
26 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה en gewandel in die pad van sy vader en in sy sonde waarmee hy Yisra'el laat sondig het.
27 Toe het Ba'sha, die seun van Agiyah, van die huis van Yissakhar, saamgesweer teen hom en Ba'sha het hom verslaan by Gibb'ton wat aan die F'lishtyne behoort terwyl Nadav en die hele Yisra'el besig was om Gibb'ton te beleër.
28 So het Ba'sha hom doodgemaak in die derde jaar van Asa, koning van Y'hudah en in sy plek geheers.
29 Dit het gebeur dat, sodra hy koning geword het, hy die hele huis van Yarov'am doodgemaak het. Hy het vir Yarov'am geen persoon laat oorbly nie totdat hy almal vernietig het, volgens die woord van יהוה wat Hy gepraat het deur sy dienskneg Agiyah, van Shiloh,
30 vanweë die sondes van Yarov'am wat hy gedoen en waarmee hy Yisra'el laat sondig het, deur sy uittarting waarmee hy יהוה, die God van Yisra'el, uitgetart het tot woede.
31 Die res van die dade van Nadav en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
32 Daar was oorlog tussen Asa en Ba'sha, koning van Yisra'el, al hulle dae.
33 In die derde jaar van Asa, koning van Y'hudah, het Ba'sha, die seun van Agiyah, koning geword oor die hele Yisra'el in Tirtzah, vier en twintig jaar lank.
34 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה en geloop in die pad van Yarov'am en in sy sonde waarmee hy Yisra'el laat sondig het.

16 1 Die woord van יהוה teen Ba'sha, het tot Yehu, die seun van Hanani gekom en gesê:
2 "In sover Ek jou uit die stof opgelig en jou as leier oor My volk Yisra'el aangestel het en jy in die pad van Yarov'am geloop en My volk Yisra'el laat sondig het, om My te tart tot woede oor hulle sondes,
3 let op, Ek sal Ba'sha en sy huis verteer en Ek sal jou huis maak soos die huis van Yarov'am, die seun van N'vat.
4 Enige een van Ba'sha wat in die stad sterf, hom sal die honde eet en enige een van hom wat in die veld sterf, sal die voëls van die hemel eet."
5 Die res van die dade van Ba'sha, wat hy gedoen het en sy mag, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
6 Ba'sha is neergelê by sy vaders en is begrawe in Tirtzah en sy seun Elah het in sy plek koning geword.
7 Die woord van יהוה deur die profeet Yehu, die seun van Hanani, het ook teen Ba'sha en sy huishouding gekom, beide as gevolg van al die boosheid wat hy in die oë van יהוה gedoen het, deur Hom te tart tot woede met sy handewerk deur soos die huis van Yarov'am te wees en ook omdat hy hom doodgemaak het.

8 In die ses en twintigste jaar van Asa, koning van Y'hudah, het Elah, die seun van Ba'sha, oor Yisra'el koning geword in Tirtzah, twee jaar lank.
9 Sy dienskneg Zimri, bevelvoerder van die helfte van sy strydwaens, het teen hom saamgesweer. Hy het homself in Tirtzah dronk gedrink in die huis van Artza, wat oor die huishouding in Tirtzah was.
10 Toe het Zimri ingegaan en hom doodgeslaan in die sewe en twintigste jaar van Asa, koning van Y'hudah en het in sy plek koning geword.
11 Die oomblik toe hy koning word en op sy troon gaan sit, het dit gebeur dat hy die hele huishouding van Ba'sha doodgemaak het; hy het nie 'n enkele man laat oorbly nie; nie sy bloedverwante of sy vriende nie.
12 So het Zimri die hele huishouding van Ba'sha vernietig volgens die woord van יהוה wat Hy teen Ba'sha, deur die profeet Yehu, gepraat het
13 vir al die sondes van Ba'sha en die sondes van Elah, sy seun, wat hulle gesondig het en waarmee hulle Yisra'el laat sondig het, om יהוה, die God van Yisra'el, te tart tot woede met hulle afgode.
14 Die res van die dade van Elah en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
15 In die sewe en twintigste jaar van Asa, koning van Y'hudah, het Zimri vir sewe dae lank geheers in Tirtzah. Die manne het Gibb'ton beleër wat aan die F'lishtyne behoort.
16 Die manne wat beleër het, het dit hoor sê: "Zimri het saamgesweer en het ook die koning doodgeslaan;" daarom het die hele Yisra'el dieselfde dag vir `Omri, die bevelvoerder van die leër, in die kamp koning gemaak oor Yisra'el.
17 Toe het `Omri en die hele Yisra'el saam met hom opgegaan vanaf Gibb'ton en Tirtzah beleër.
18 Toe Zimri sien dat die stad ingeneem is, het hy in die vesting van die koning se huis ingegaan en die huis van die koning oor hom aan die brand gesteek en hy is dood,
19 as gevolg van sy sondes wat hy gesondig het deur te doen wat boos was in die oë van יהוה, deur te loop op die pad van Yarov'am en in sy sonde wat hy gedoen het om Yisra'el te laat sondig.
20 Die res van die dade van Zimri en sy sameswering wat hy gehad het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
21 Toe is die volk van Yisra'el verdeel in twee dele: die helfte van die mense het vir Tivni, die seun van Ginat, gevolg om hom koning te maak; die ander helfte het vir `Omri gevolg.
22 Die mense wat vir `Omri gevolg het, was te sterk vir die mense wat vir Tivni, die seun van Ginat, gevolg het en Tivni het gesterf en `Omri het koning geword.
23 In die een en dertigste jaar van Asa, koning van Y'hudah, het `Omri oor Yisra'el koning geword, twaalf jaar lank; hy het ses jaar in Tirtzah geheers.
24 Hy het die berg Shomron van Shemer gekoop vir twee talente silwer en op die berg gebou en die stad wat hy gebou het, Shomron genoem volgens die naam van Shemer, die eienaar van die berg.
25 `Omri het boos gedoen in die oë van יהוה en meer boos gehandel as almal wat voor hom was,

26 want hy het geloop in al die paaie van Yarov'am, die seun van N'vat en in sy sondes waarmee hy Yisra'el laat sondig het, om יהוה, die God van Yisra'el, te tart met hulle afgode.
27 Die res van die dade van `Omri, wat hy gedoen het en sy mag wat hy gewys het, is dit nie beskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
28 `Omri is neergelê by sy vaders en is in Shomron begrawe en sy seun Ag'av het in sy plek koning geword.
29 Ag'av, die seun van `Omri, het koning geword oor Yisra'el in die agt en dertigste jaar van Asa, koning van Y'hudah en Ag'av, die seun van `Omri, het twee en twintig jaar lank in Shomron oor Yisra'el regeer.
30 Ag'av, die seun van `Omri, het boos gedoen in die oë van יהוה, meer as almal wat voor hom was.
31 Dit het gebeur, asof dit die minste was vir hom om in die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, te loop, dat hy Izevel, die dogter van Et-Ba'al, die koning van die Tzidoniërs, getrou het en Ba'al gaan dien en voor hom neergebuig en aanbid het.
32 Hy het vir Ba'al 'n altaar opgerig in die huis van Ba'al wat hy in Shomron gebou het.
33 Ag'av het ook die Asherah opgerig. So het Ag'av meer gedoen om יהוה, die God van Yisra'el, te tart as al die konings van Yisra'el wat voor hom was. Deut 16:21
34 In sy dae het Hi'el, van Beit-El, Yerigo gebou; hy het sy fondasies met die verlies van Aviram, sy eersgeborene, gelê en sy poorte opgerig met die verlies van S'guv, sy jongste, volgens die woord van יהוה wat Hy deur Y'hoshua, die seun van Nun, gepraat het. Y'ho 6:26

17 1 Eliyahu, vanaf Tishbe, wat van die setlaars in Gil'ad was, het vir Ag'av gesê: "So waar as יהוה, die God van Yisra'el, leef, voor wie ek staan, daar sal sekerlik geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord!"
2 Die woord van יהוה het na hom gekom en gesê:
3 "Gaan hiervandaan weg en draai ooswaarts en steek jouself weg by die spruit K'rit, wat oos van die Yarden is.
4 Dit sal wees dat jy van die spruit sal drink en Ek het die kraaie beveel om daar vir jou te voorsien."
5 Hy het gegaan en gedoen volgens die woord van יהוה, want hy het gaan bly by die spruit K'rit, wat oos van die Yarden is.
6 Die kraaie het in die oggend vir hom brood en vleis gebring en brood en vleis teen sonsondergang en hy het uit die spruit gedrink.
7 Dit het gebeur na 'n rukkie dat die spruit opgedroog het, want daar was geen reën in die land nie.
8 Toe kom die woord van יהוה na hom en sê:
9 "Staan op, gaan na Tzarfat wat in Tzidon is en bly daar; let op, Ek het 'n weduwee daar beveel om vir jou te voorsien."
10 Hy het opgestaan en na Tzarfat gegaan en toe hy by die hek van die stad kom, let op, was 'n weduwee besig om daar houtjies bymekaar te maak en hy roep haar en sê: "Gaan haal asseblief vir my 'n bietjie water in die houer sodat ek kan drink."

11 Terwyl sy gaan om dit te gaan haal, roep hy na haar en sê: "Bring asseblief vir my
'n stukkie brood in jou hand."
12 Sy antwoord egter: "So waar as יהוה, u God, leef, ek het geen brood nie, net 'n
handvol meel in die houer en 'n bietjie olie in die kruik en let op, ek maak nou 'n
paar houtjies bymekaar sodat ek in kan gaan en vir my en my seun kan voorberei
sodat ons dit kan eet en sterf."
13 Toe sê Eliyahu vir haar: "Moenie vrees nie, gaan, doen soos jy gesê het, maar maak
eers daarvan vir my 'n klein broodkoekie en bring dit uit vir my; daarna kan jy vir
jóu en jou seun maak,
14 want so sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Die meel in die houer sal nie uitgeput raak
of die olie in die kruik leeg word nie, tot op die dag dat יהוה reën op die aarde sal
gee."
15 Sy het gegaan en gedoen volgens die woord van Eliyahu en sy, hy en haar
huishouding het vir baie dae lank geëet.
16 Die meel in die houer is nie uitgeput en die olie in die kruik het nie leeg geword
nie, volgens die woord van יהוה wat Hy deur Eliyahu gesê het.
17 Dit het gebeur ná hierdie dinge dat die seun van die vrou, die eienares van die
huis, siek geword het en sy siekte was so ernstig dat daar geen asem in hom oor
was nie.
18 Sy sê vir Eliyahu: "Wat het ek met u te doen, man van God? U het na my gekom
om my oortredinge in herinnering te bring en my seun dood te maak!"
19 Hy antwoord haar: "Gee vir my jou seun. Toe het hy hom van haar bors af
weggevat en hom opgedra na die bo-kamer waar hy gebly het en hom op sy eie
bed neergelê.
20 Hy het na יהוה toe uitgeroep en gesê: "יהוה, my God, het U ook oor die weduwee
by wie ek bly, 'n onheil gebring deur haar seun te laat sterf?"
21 Toe het hy homself drie maal uitgestrek oor die seun en יהוה aangeroep en gesê:
"יהוה, my God, ek vra U, laat hierdie seun se lewe na hom terugkeer."
22 יהוה het Eliyahu se stem gehoor en die lewe van die seun het na hom toe teruggekeer
en hy het weer geleef.
23 Eliyahu vat die seun en bring hom af uit die bo-kamer in die huis en gee hom aan
sy moeder en Eliyahu sê: "Kyk, jou seun lewe!"
24 Toe sê die vrou vir Eliyahu: "Nou weet ek dit: dat u 'n man van God is en dat die
woord van יהוה, in u mond, waarheid is." Deut 18:22

18 1 Dit het gebeur na baie dae dat die woord van יהוה in die derde jaar tot Eliyahu
gekom en gesê het: "Gaan, wys jouself aan Ag'av en Ek sal reën gee op die
aarde."
2 Eliyahu het gegaan om homself aan Ag'av te wys. Die hongersnood was swaar in
Shomron.
3 Ag'av het vir `Ovadyah, wat oor die huishouding was, geroep. `Ovadyah het יהוה
baie respekvol gevrees,

4 want toe Izevel die profete van יהוה vernietig het, het `Ovadyah 'n honderd profete gevat en hulle in groepe van vyftig in 'n grot weggesteek en hulle van brood en water voorsien.
5 Toe het Ag'av vir `Ovadyah gesê: "Trek deur die land na al die waterfonteine en na al die valleie; miskien sal ons gras kry en die perde en muile aan die lewe hou en nie van die beeste hoef dood te maak nie."
6 Hulle het die land tussen hulle verdeel om deur dit te trek; Ag'av het alleen in een rigting gegaan en `Ovadyah 'n ander pad op sy eie.
7 Terwyl `Ovadyah op pad was, let op, ontmoet Eliyahu hom en hy het hom herken en op sy gesig neergeval en gevra: "Is dit u, Eliyahu, my meester?"
8 Hy sê vir hom: "Dit is ek; gaan sê vir jou meester: 'Let op, Eliyahu is hier.'"
9 Hy sê: "Watter sonde het ek gesondig dat u u dienaar oorgee in die hand van Ag'av om my dood te maak?
10 So waar as יהוה, u God, leef, daar is geen nasie of koninkryk waarheen my meester nie gestuur het om na u te soek nie en as hulle sê: 'Hy is nie hier nie,' dan het hy die koninkryk en die nasie laat sweer dat hulle u nie kon kry nie.
11 Nou beveel u en sê: 'Gaan sê vir jou meester: "Let op, Eliyahu is hier!"'
12 Dit sal gebeur as ek u verlaat dat die Gees van יהוה u sal wegdra na waar ek nie weet nie; as ek kom en Ag'av vertel en hy u nie kan vind nie, sal hy my doodmaak, alhoewel ek, u dienskneg, יהוה respekvol vrees van my jeug af.
13 Is dit nie aan my meester vertel wat ek gedoen het toe Izevel die profete van יהוה doodgemaak het nie; dat ek 'n honderd van die profete van יהוה, in groepe van vyftig, in 'n grot weggesteek en hulle van brood en water voorsien het nie?
14 Nou sê u: 'Gaan sê vir jou meester: "Let op, Eliyahu is hier!" Hy sal my dan doodmaak!'
15 Eliyahu sê: "So waar as יהוה-Tzva'ot leef, voor wie se Teenwoordigheid ek staan, ek sal myself sekerlik vandag aan hom wys!"
16 `Ovadyah het Ag'av gaan ontmoet en hom vertel en Ag'av het gegaan om Eliyahu te ontmoet.
17 Toe Ag'av Eliyahu sien, vra Ag'av vir hom: "Is dit jy, jou versteurder van Yisra'el?"
18 Hy antwoord: "Ek het Yisra'el nie versteur nie, maar u en u vader se huis het omdat u die opdragte van יהוה verlaat en die Ba'als gevolg het.
19 Stuur dan nou en laat die hele Yisra'el by my bymekaarkom op die berg Karmel, saam met vier honderd en vyftig profete van Ba'al en vier honderd en vyftig profete van die Asherah wat aan Izevel se tafel eet."
20 Ag'av het gestuur na al die seuns van Yisra'el en die profete op die berg Karmel bymekaar gebring.
21 Eliyahu het nadergekom na al die mense en gesê: "Hoe lank sal julle aarsel tussen twee opinies? As יהוה God is, volg Hom, maar as Ba'al is, volg hom!" Die mense het hom egter nie 'n woord geantwoord nie.
22 Toe sê Eliyahu vir die mense: "Ek het alleen oorgebly as profeet van יהוה, maar die profete van Ba'al is vier honderd en vyftig man.

23 Laat hulle nou vir ons twee jong bulle gee en laat hulle vir hulself een jong bul uitkies en dit in stukke opsny en op die hout sit, maar geen vuur maak nie en ék sal die ander jong bul gereed maak en op die hout sit en ek sal geen vuur maak nie.
24 Dan doen julle 'n beroep op die karakter en outoriteit van julle god en ék op die Karakter en Outoriteit van יהוה en die God wat met vuur antwoord, Hy is God. Al die mense het geantwoord en gesê: "Dit is 'n goeie woord."
25 Eliyahu het vir die profete van Ba'al gesê: "Kies vir julleself een jong bul en berei dit eerste voor, want julle is baie en beroep julle op die karakter en outoriteit van julle god, maar maak geen vuur nie."
26 Toe vat hulle die jong bul wat vir hulle gegee is en berei dit voor en roep die naam (karakter en outoriteit) van Ba'al aan vanaf die oggend tot die middag en sê: "O Ba'al, antwoord ons!" Daar was egter geen stem en niemand het geantwoord nie. Hulle het rondom die altaar, wat hulle gebou het, gespring.
27 Dit het op die middag gebeur dat Eliyahu met hulle gespot en gesê het: "Roep met 'n harde stem, want hy is 'n god! Hy is seker besig of hy het eenkant toe gegaan, of hy is seker op reis, of miskien slaap hy en moet wakker gemaak word."
28 Hulle het met 'n harde stem geroep en hulleself volgens hul tradisie met swaarde en spiese gesny tot die bloed uit hulle gespuit het.
29 Toe die middag verby is, het hulle geraas tot op die tyd van die aandoffer, maar daar was geen stem, niemand het geantwoord nie en niemand het aandag gegee nie.
30 Toe sê Eliyahu vir al die mense: "Kom nader aan my." Al die mense het nadergekom na hom toe en hy het die altaar van יהוה herstel wat afgebreek is.
31 Eliyahu het twaalf klippe gevat, volgens die getal van die stamme van Ya'akov se seuns tot wie die woord van יהוה gekom het om te sê: "Yisra'el sal jou naam wees."
32 Met die klippe bou hy 'n altaar in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en hy het 'n sloot rondom die altaar gemaak, groot genoeg om twee seah saad te hou.
33 Hy het die hout rangskik, die jong bul in stukke gesny en dit bo-op die hout gelê.
34 Hy het gesê: "Maak vier kruike vol water en gooi dit op die brandoffer en op die hout." Hy het ook gesê: "Doen dit 'n tweede keer." Hulle het dit 'n tweede keer gedoen. Hy sê weer: "Doen dit vir 'n derde keer." Hulle het dit vir 'n derde keer gedoen.
35 Die water het rondom die altaar gevloei en hy het ook die sloot vol water gemaak.
36 Op die tyd dat die aandoffer geoffer word, het die profeet Eliyahu nadergekom en gesê: "יהוה, God van Avraham, Yitz'gak en Yisra'el, laat dit vandag bekend wees dat U God in Yisra'el is en dat ek U dienskneg is en dat ek al hierdie dinge volgens U woord gedoen het.
37 Antwoord my, יהוה, antwoord my sodat hierdie volk kan weet dat U, יהוה, God is en dat U hulle verstand, wil en emosie weer teruggedraai het."
38 Toe het die vuur van יהוה neergeval en die brandoffer, die hout, die klippe en die stof verteer en die water wat in die sloot was, opgelek.
39 Toe al die mense dit sien, het hulle op hul gesig neergeval en gesê: "יהוה, Hy is God, יהוה, Hy is God."

40 Toe sê Eliyahu vir hulle: "Gryp die profete van Ba'al; moenie dat een van hulle ontsnap nie." Hulle het hul gegryp en Eliyahu het hulle afgebring na die spruit Kishon en hulle daar doodgeslaan.
41 Toe sê Eliyahu vir Ag'av: "Gaan op, eet en drink, want daar is die gedruis van 'n reënbui!"
42 Ag'av het opgegaan om te eet en te drink, maar Eliyahu het na die top van Karmel gegaan en hy het op die grond afgebuig en sy gesig tussen sy knieë gesit.
43 Hy sê vir sy dienskneg: "Gaan nou op, kyk na die see toe." Hy het opgegaan en gekyk en gesê: "Daar is niks nie." Hy sê: "Gaan weer," sewe keer.
44 Dit het die sewende keer gebeur dat hy sê: "Let op, 'n wolkie so klein soos 'n man se hand kom op uit die see." Hy sê: "Gaan op, sê vir Ag'av: 'Berei jou strydwa voor en gaan af sodat die reënbui jou nie stop nie.'"
45 In 'n kort tydjie het die hemel swart geword van wolke en wind en daar was 'n groot reënbui en Ag'av het gery en na Yizre'el gegaan.
46 Toe was die hand van יהוה oor Eliyahu en hy het sy heupe vasgebind en verby Ag'av gehardloop na Yizre'el.

19 1 Ag'av het vir Izevel alles vertel wat Eliyahu gedoen het en hoe hy al die profete met die swaard doodgemaak het.
2 Toe stuur Izevel 'n boodskapper na Eliyahu en sê: "Mag die gode so met my doen en selfs meer, as ek nie jou lewe teen môre omtrent hierdie tyd maak soos die lewe van een van hulle, nie."
3 Hy was bang en het opgestaan en vir sy lewe gehardloop en by Be'er-Sh'va, wat aan Y'hudah behoort, gekom en sy dienskneg daar gelos.
4 Hyself het egter 'n dagreis ver die wildernis ingegaan en daar onder 'n jeneverbos gaan sit en gewens dat hy mag sterf en hy het gesê: "Dit is genoeg; יהוה, vat nou my lewe, want ek is nie beter as my vaders nie."
5 Hy het gaan lê en slaap onder 'n jeneverbos en let op, daar was 'n boodskapper wat hom aangeraak het en vir hom sê: "Staan op, eet!"
6 Toe hy kyk, let op, was daar 'n broodkoek, op warm klippe gebak en 'n kruik water by sy kop. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê.
7 Die boodskapper van יהוה het weer vir die tweede maal gekom en hom aangeraak en gesê: "Staan op, eet, want die pad is te veel vir jou."
8 Hy het opgestaan, geëet en gedrink en deur die krag van daardie kos veertig dae en veertig nagte lank gereis tot by Horev, die berg van God.
9 Toe kom hy daar by 'n grot en het daar gebly en let op, die woord van יהוה het tot hom gekom en vir hom gesê: "Wat maak jy hier, Eliyahu?"
10 Hy antwoord: "Ek was baie ywerig vir יהוה, die God van die leërskare, want die seuns van Yisra'el het U verbond verlaat, U altare afgebreek en U profete met die swaard doodgemaak en ek alleen is oor en hulle soek my lewe om dit weg te vat."
11 Hy sê: "Gaan en staan op die berg voor die Teenwoordigheid van יהוה." Let op, יהוה het verbygegaan. 'n Groot en sterk wind het die berge geskeur en die rotse in stukke gebreek voor יהוה; יהוה was nie in die wind nie; ná die wind, 'n aardbewing; יהוה was nie in die aardbewing nie;

12 ná die aardbewing, 'n vuur; יהוה was nie in die vuur nie; ná die vuur, die klank van
'n sagte gewaai.
13 Toe Eliyahu dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegedraai en uitgegaan en by
die ingang van die grot gaan staan. Let op, daar kom 'n stem na hom toe wat sê:
"Wat maak jy hier, Eliyahu?"
14 Toe antwoord hy: "Ek was baie ywerig vir יהוה, die God van die leërskare, want die
seuns van Yisra'el het U verbond verlaat, U altare afgebreek en U profete met die
swaard doodgemaak en ek alleen is oor en hulle soek my lewe om dit weg te vat."
15 יהוה sê vir hom: "Gaan terug op jou pad na die wildernis van Dammesek en wanneer
jy aangekom het, moet jy Haza'el koning oor Aram salf; 2 Kon 8:10-13
16 Yehu, die seun van Nimshi, moet jy salf as koning oor Yisra'el; Elisha, die seun van
Shafat, vanaf Avel-M'golah, moet jy salf as profeet in jou plek. 2 Kon 9:2
17 Dit sal gebeur: die een wat van die swaard van Haza'el ontsnap, sal Yehu doodmaak
en die een wat van die swaard van Yehu ontsnap, sal Elisha doodmaak.
18 Tog sal Ek sewe duisend in Yisra'el laat oorbly, al die knieë wat nie voor Ba'al
gebuig en elke mond wat hom nie gesoen het nie."
19 Hy het toe daarvandaan weggegaan en Elisha, die seun van Shafat, gekry terwyl hy
geploeg het met twaalf paar osse voor hom en hyself met die twaalfde paar. Eliyahu
het na hom toe oorgegaan en sy mantel op hom gegooi.
20 Hy het die osse gelos en agter Eliyahu aan geloop en gesê: "Laat ek asseblief my
vader en my moeder soen; dan sal ek u volg." Hy antwoord hom: "Gaan weer terug,
want wat het ek aan jou gedoen?"
21 Hy het teruggedraai daarvan om hom te volg en die paar osse gevat en hulle geoffer
en met die osse se trekgoed het hy hulle vleis gekook en aan die mense gegee en
hulle het geëet. Toe het hy opgestaan en Eliyahu gevolg en hom bedien.

20 1 Ben-Hadad, koning van Aram, het sy hele leër bymekaargemaak en daar was
twee en dertig konings saam met hom, met perde en strydwaens en hy het opgetrek
en Shomron beleër en daarteen geveg.
2 Toe het hy boodskappers na Ag'av, die koning van Yisra'el, in die stad gestuur en
vir hom gesê: "So sê Ben-Hadad:
3 'U silwer en u goud is myne; u mooiste vroue en kinders is ook myne.'"
4 Die koning van Yisra'el antwoord: "Dit is volgens u woord, my meester die koning;
ek is u s'n en alles wat ek het!"
5 Toe kom die boodskappers terug en sê: "So sê Ben-Hadad: 'Verseker het ek gestuur
en vir u gesê: "U moet u silwer, u goud, u vroue en u kinders vir my gee,"
6 maar omtrent hierdie tyd môre sal ek my diensknegte na u toe stuur en hulle sal u
huis en die huise van u diensknegte deursoek en hulle sal alles wat begeerlik is in
u oë, in hulle hand sit en wegdra.'"
7 Toe roep die koning van Yisra'el al die oudstes van die land en sê: "Kyk asseblief en
sien hoe hierdie man moeilikheid soek, want hy het na my toe gestuur vir my vroue,
my kinders, my silwer en my goud en ek het hom nie geweier nie."
8 Al die oudstes en al die mense antwoord hom: "Moenie luister of inwillig nie."

9 Hy het vir die boodskappers van Ben-Hadad gesê: "Sê vir my meester die koning: 'Alles waarvoor u die eerste keer na u dienskneg gestuur het, sal ek doen, maar hierdie ding kan ek nie doen nie." Die boodskappers het weggegaan en weer vir hom 'n antwoord gebring.
10 Ben-Hadad het gestuur en vir hom gesê: "Mag die gode so aan my doen en ook meer, as die stof van Shomron genoeg sal wees vir 'n handvol aan elke man wat my volg!"
11 Toe antwoord die koning van Yisra'el: "Sê vir hom: 'Laat die een wat sy wapenrusting aantrek nie roem soos een wat dit uittrek nie.'"
12 Toe hy hierdie boodskap hoor terwyl hy besig was om te drink saam met die konings in die tydelike skuilings, sê hy vir sy diensknegte: "Neem posisie in!" Hulle het posisie ingeneem teen die stad.
13 Nou let op, 'n profeet het Ag'av, die koning van Yisra'el, genader en gesê: "So sê יהוה: 'Het jy hierdie hele groot menigte gesien? Let op, Ek lewer hulle vandag in jou hand oor en jy sal weet dat Ek יהוה is.'"
14 Ag'av sê: "Deur wie?" Hy antwoord: "So sê יהוה: 'Deur die jongmanne van die heersers van die provinsies.'" Hy sê: "Wie moet die geveg begin?" Hy antwoord: "U."
15 Toe roep hy die jongmanne van die heersers van die provinsies op en hulle was twee honderd twee en dertig en ná hulle roep hy al die manne op, al die seuns van Yisra'el: sewe duisend.
16 Hulle het op die middag uitgegaan terwyl Ben-Hadad homself dronk gedrink het in die tydelike skuilings, saam met die twee en dertig konings wat hom gehelp het.
17 Die jongmanne van die heersers van die provinsies het eerste uitgegaan en Ben-Hadad het uitgestuur en hulle het hom berig gebring en gesê: "Manne het uit Shomron gekom."
18 Toe sê hy: "As hulle vir vrede uitgekom het, gryp hulle lewendig; of as hulle vir oorlog uitgekom het, gryp hulle lewendig."
19 So het hulle, die jongmanne van die heersers van die provinsies, uit die stad uitgegaan en die leër wat hulle volg.
20 Hulle het elkeen sy man doodgemaak en die Arameërs het gevlug en Yisra'el het hulle agtervolg en Ben-Hadad, koning van Aram, het ontsnap op 'n perd saam met perderuiters.
21 Die koning van Yisra'el het uitgegaan en perde en strydwaens neergeslaan en die Arameërs doodgemaak in 'n groot slagting.
22 Toe kom die profeet na die koning van Yisra'el en sê vir hom: "Gaan, versterk uself en ondersoek en kyk wat u moet doen, want met die draai van die jaar sal die koning van Aram teen u opkom."
23 Die diensknegte van die koning van Aram het vir hom gesê: "Hulle gode is gode van die berge; daarom was hulle sterker as ons, maar laat ons eerder teen hulle baklei op die vlakte en ons sal sekerlik sterker wees as hulle.
24 Doen daarom dit: verwyder die konings, elkeen uit sy plek en sit bevelvoerders in hulle plek

25 en maak 'n leër bymekaar soos die leër wat u verloor het, perd vir perd, strydwa vir strydwa. Dan sal ons teen hulle in die vlakte veg en ons sal sekerlik sterker wees as hulle." Hy het na hulle stem geluister en so gedoen.
26 Met die draai van die jaar het Ben-Hadad die Arameërs bymekaar gebring en opgegaan na Afek om teen Yisra'el te veg.
27 Die seuns van Yisra'el was saamgetrek, van lewensmiddele voorsien en het gegaan om hulle te ontmoet en die seuns van Yisra'el het teenoor hulle gekamp soos twee troppies bokke, maar die Arameërs het die land gevul.
28 Toe kom 'n man van God nader en praat met die koning van Yisra'el en sê: "So sê יהוה: 'Omdat die Arameërs gesê het: "יהוה" is 'n god van die berge, maar Hy is nie 'n god van die valleie nie,"' sal Ek hierdie hele groot menigte in jou hand gee en jy sal weet dat Ek יהוה is."
29 Hulle het vir sewe dae lank teenoor mekaar gekamp en op die sewende dag het die geveg begin en die seuns van Yisra'el het 'n honderd duisend voetgangers van die Arameërs op een dag verslaan,
30 maar die res het na Afek, in die stad in gevlug en die muur het op sewe en twintig duisend man wat oor was geval. Ben-Hadad het gevlug en in die stad, in 'n binnekamer gekom.
31 Sy diensknegte sê vir hom: "Let op, ons het gehoor dat die konings van die huis van Yisra'el genadige konings is; laat ons asseblief rouklere om ons heupe bind en toue om ons koppe en uitgaan na die koning van Yisra'el; miskien sal hy u lewe spaar."
32 Hulle het rouklere om hul heupe vasgebind en toue om hul koppe en na die koning van Yisra'el gekom en gesê: "U dienskneg Ben-Hadad sê: 'Laat my asseblief lewe!'" Hy antwoord: "Lewe hy dan nog? Hy is my broer."
33 Die manne het dit as 'n voorteken gevat en sy woord opgevang en gesê: "Ben-Hadad, u broer!" Toe sê hy: "Gaan, bring hom." Ben-Hadad het uitgekom na hom toe en hy het hom op die strydwa laat klim.
34 Ben-Hadad sê vir hom: "Die stede wat my vader van u vader afgeneem het, sal ek teruggee en u kan vir u strate aanlê in Dammesek soos my vader in Shomron aangelê het." Ag'av het gesê: "Ek sal u met hierdie verbond laat gaan." Hy het met hom 'n verbond aangegaan en hom laat gaan.
35 'n Sekere man uit die profete-seuns het deur die woord van יהוה vir 'n ander gesê: "Slaan my asseblief!" Die man het egter geweier om hom te slaan.
36 Toe sê hy vir hom: "Omdat jy nie na die stem van יהוה geluister het nie, let op, sodra jy van my af weggaan, sal 'n leeu jou doodmaak." Toe hy van hom af weggaan, het 'n leeu hom gekry en hom doodgemaak.
37 Toe het hy 'n ander man gekry en gesê: "Slaan my asseblief!" Die man het hom geslaan en hom beseer.
38 Toe vertrek die profeet en wag vir die koning op die pad en vermom homself met 'n verband oor sy oë.

39 Soos die koning verbygaan, roep hy uit na die koning en sê: "U dienskneg het uitgegaan in die middel van die geveg en let op, daar kom iemand eenkant toe en bring 'n man na my toe en sê: 'Bewaak hierdie man; as hy vir enige rede wegraak, sal jou lewe in die plek van sy lewe wees, of anders moet jy 'n talent silwer betaal.'
40 Terwyl u dienskneg hier en daar besig was, het hy verdwyn. Die koning van Yisra'el sê vir hom: "So sal jou vonnis wees: jy het dit self bepaal."
41 Toe vat hy gou die verband van sy oë af en die koning van Yisra'el herken hom as een van die profete.
42 Hy sê vir hom: "So sê יהוה: 'Omdat jy die man wat Ek tot vernietiging bedoel het, uit jou hand laat gaan het, sal jou lewe in die plek van sy lewe wees en jou mense in die plek van sy mense."
43 Die koning van Yisra'el het na sy huis toe gegaan, stuurs en vererg en by Shomron gekom.

21 1 Dit het ná hierdie dinge gebeur dat Navot, 'n Yizre'eliet, in Yizre'el 'n wingerd gehad het, wat langs die paleis van Ag'av, koning van Shomron, was.
2 Ag'av het met Navot gepraat en gesê: "Gee vir my jou wingerd sodat ek dit as 'n groentetuin kan hê, want dit is naby, langs my huis en ek sal vir jou 'n beter wingerd gee in sy plek; as jy wil, sal ek vir jou die prys daarvan in geld gee."
3 Navot het egter vir Ag'av gesê: "יהוה verbied dat ek die erfenis van my vaders vir u sou gee!"
4 Ag'av het stuurs en vererg in sy huis gekom oor die woord wat Navot, die Yizre'eliet, met hom gepraat het, want hy het gesê: "Ek sal nie vir u die erfenis van my vaders gee nie." Hy het op sy bed gaan lê, sy gesig weggedraai en geen kos geëet nie.
5 Izevel, sy vrou, het egter by hom gekom en vir hom gesê: "Waarom is jou gees so stuurs dat jy geen kos eet nie?"
6 Hy antwoord haar: "Omdat ek met Navot, die Yizre'eliet, gepraat en vir hom gesê het: 'Gee vir my jou wingerd vir geld, of anders, as jy wil, sal ek vir jou 'n wingerd in die plek daarvan gee,' maar hy het gesê: 'Ek sal nie my wingerd vir u gee nie."
7 Izevel, sy vrou, sê vir hom: "Heers jy nie nou oor Yisra'el nie? Staan op, eet brood en laat jou hart vrolik wees; ek sal vir jou die wingerd van Navot, die Yizre'eliet, gee."
8 Sy het briewe in die naam van Ag'av geskryf en hulle met sy seël verseël en die briewe aan die oudstes en die edeles, wat by Navot in sy stad gebly het, gestuur.
9 Sy het in die briewe geskryf en gesê: "Roep 'n vasdag uit en sit Navot aan die hoof van die mense
10 en sit twee manne, deugniete, voor hom en laat hulle teen hom getuig en sê: 'Jy het God en die koning gevloek!' Vat hom dan uit en stenig hom tot die dood."
11 Die manne van sy stad, die oudstes en die edeles wat in sy stad gebly het, maak toe soos Izevel hulle laat weet het, net soos dit geskryf was in die briewe wat sy vir hulle gestuur het.
12 Hulle het 'n vasdag uitgeroep en Navot aan die hoof van die mense laat sit.

13 Toe kom die twee deugniete in en gaan sit teenoor hom en die deugniete het teen hom, teen Navot, voor die mense getuig en gesê: "Navot het God en die koning gevloek." Toe lei hulle hom buitekant die stad en stenig hom, tot die dood, met klippe.
14 Toe stuur hulle woord na Izevel en sê: "Navot is gestenig en is dood."
15 Toe Izevel hoor dat Navot gestenig en dood is, sê Izevel vir Ag'av: "Staan op, neem die wingerd van Navot, die Yizre'eliet, in besit wat hy geweier het om vir jou te gee vir geld, want Navot leef nie, maar is dood."
16 Toe Ag'av hoor dat Navot dood is, het Ag'av opgestaan om af te gaan na die wingerd van Navot, die Yizre'eliet, om dit in besit te neem.
17 Toe het die woord van יהוה tot Eliyahu, die Tishbiet, gekom en gesê:
18 "Staan op, gaan af om Ag'av, koning van Yisra'el, te ontmoet wat in Shomron is; let op, hy is in die wingerd van Navot, waarheen hy afgegaan het om dit in besit te neem.
19 Jy moet met hom praat en sê: 'So sê יהוה: Het jy moord gepleeg en ook in besit geneem?' Jy moet met hom praat en sê: 'So sê יהוה: Op die plek waar die honde die bloed van Navot gelek het, sal die honde ook jou eie bloed oplek.'"
20 Ag'av sê vir Eliyahu: "Het jy my gekry, my vyand?" Hy antwoord: "Ek het u gekry omdat u uself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van יהוה!
21 Let op, Ek gaan boosheid oor jou bring en jou heeltemal wegvee en Ek sal van Ag'av afsny al wat manlik is in Yisra'el, slaaf of vryman
22 en Ek sal jou huis maak soos die huis van Yarov'am, die seun van N'vat en soos die huis van Ba'sha, die seun van Agiyah; as gevolg van die uittarting waarmee jy My uitgetart het tot woede en Yisra'el laat sondig het."
23 Van Izevel het יהוה ook gepraat en gesê: "Die honde sal Izevel eet in die distrik van Yizre'el."
24 Die een wat aan Ag'av behoort, wat in die stad sterf, hom sal die honde eet en wie in die veld sterf, sal die voëls van die hemel eet.
25 Daar was sekerlik nie een soos Ag'av wat homself verkoop het om boos te doen in die oë van יהוה nie omdat sy vrou Izevel hom aangehits het.
26 Hy het baie afskuwelik opgetree deur afgode te volg, volgens alles wat die Emoriete gedoen het, wat יהוה voor die kinders van Yisra'el uitgegooi het."
27 Toe Ag'av hierdie woorde hoor, het dit gebeur dat hy sy klere skeur, 'n roukleed aantrek en vas en hy het in die roukleed gelê en neerslagtig rondgegaan.
28 Toe kom die woord van יהוה tot Eliyahu, die Tishbiet en sê:
29 "Het jy gesien hoe Ag'av homself voor My verneder het? Omdat hy homself voor My verneder het, sal Ek die boosheid nie in sy dae bring nie; Ek sal die boosheid oor sy huis bring in sy seun se dae."

22 1 Drie jaar het verbygegaan sonder oorlog tussen Aram en Yisra'el.
2 In die derde jaar het Y'hoshafat, die koning van Y'hudah, afgekom na die koning van Yisra'el.

3 Die koning van Yisra'el vra vir sy diensknegte: "Weet julle dat Ramot-Gil'ad aan ons behoort en dat ons steeds niks doen om dit uit die hand van die koning van Aram te vat nie?"
4 Hy sê vir Y'hoshafat: "Sal u saam met my gaan om te veg by Ramot-Gil'ad?" Y'hoshafat antwoord die koning van Yisra'el: "Ek is soos u is, my volk soos u volk, my perde soos u perde."
5 Y'hoshafat sê verder ook vir die koning van Yisra'el: "Vra asseblief eers vir die woord van יהוה."
6 Toe maak die koning van Yisra'el die profete bymekaar, omtrent vier honderd man en sê vir hulle: "Sal ek teen Ramot-Gil'ad gaan om te veg of nie?" Hulle antwoord: "Gaan op, want יהוה sal dit in die hand van die koning gee."
7 Y'hoshafat sê egter: "Is daar nie nog 'n profeet van יהוה sodat ons deur hom kan vra nie?"
8 Die koning van Yisra'el antwoord Y'hoshafat: "Daar is nog een man deur wie ons by יהוה kan vra, maar ék haat hom omdat hy nie goed oor my profeteer nie, maar boosheid; Mikhay'hu, die seun van Yimlah." Y'hoshafat sê egter: "Laat die koning nie so praat nie!"
9 Toe roep die koning van Yisra'el 'n amptenaar en sê: "Bring gou vir Mikhay'hu, die seun van Yimlah."
10 Die koning van Yisra'el en Y'hoshafat, koning van Y'hudah, het by die dorsvloer by die ingang van die poort van Shomron, elkeen op sy troon gesit, aangetrek in hulle koninklike klere en al die profete het voor hulle profeteer.
11 Toe het Tzidkiyah, die seun van 'n Kena'anitiese vrou, vir homself ysterhorings gemaak en gesê: "So sê יהוה: 'Hiermee sal u die Arameërs deurboor totdat hulle verteer is.'"
12 Al die profete het so geprofeteer en gesê: "Gaan op na Ramot-Gil'ad en wees voorspoedig, want יהוה sal dit in die hand van die koning gee."
13 Toe praat die boodskapper wat gegaan het om Mikhay'hu te roep en sê vir hom: "Let nou op, die woorde van die profete is eenvormig gunstig vir die koning. Laat u woorde asseblief wees soos die woorde van een van hulle en praat gunstig."
14 Mikhay'hu sê egter: "So waar as יהוה leef, wat יהוה vir my sê, dit sal ek sê!"
15 Toe hy by die koning kom, sê die koning vir hom: "Mikhay'hu, sal ons na Ramot-Gil'ad gaan om te veg, of sal ons dit laat staan?" Hy antwoord hom: "Gaan op en wees suksesvol en יהוה sal dit in die hand van die koning gee."
16 Toe sê die koning vir hom: "Hoeveel maal moet ek jou laat sweer dat jy niks anders as die waarheid in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה tot my moet praat nie?"
17 Toe sê hy: "Ek het die hele Yisra'el verstrooid gesien op die berge soos skape wat geen herder het nie en יהוה het gesê: 'Hulle het geen meester nie; laat elkeen van hulle teruggaan na sy huis in vrede.'"
18 Toe sê die koning van Yisra'el vir Y'hoshafat: "Het ek u nie gesê dat hy nie goed aangaande my sal profeteer nie, maar boosheid?"

19 Mikhay'hu sê: "Daarom, hoor die woord van יהוה. Ek het יהוה sien sit op Sy troon en al die hemelse leërskare wat by Hom staan, aan Sy regter- en aan Sy linkerkant.
20 יהוה het gesê: 'Wie sal Ag'av verlei om op te gaan en te val by Ramot-Gil'ad?' Een het so gesê en die ander weer anders.
21 Toe kom 'n gees vorentoe en staan voor יהוה en sê: 'Ek sal hom verlei.'
22 יהוה vra vir hom: 'Hoe?' Hy sê: 'Ek sal uitgaan en 'n misleidende gees wees in die mond van al sy profete.' Toe sê Hy: 'Jy moet hom verlei en ook oorwin; gaan en doen so;'
23 daarom, let op, יהוה het 'n misleidende gees in die mond van al hierdie profete van u gegee en יהוה het tragedie oor u verklaar."
24 Toe kom Tzidkiyah, die seun van 'n Kena'anitiese vrou, nader en slaan vir Mikhay'hu op die wang en sê: "Hoe het die Gees van יהוה van my af weggegaan om met jou te praat?"
25 Mikhay'hu antwoord: "Let op, jy sal dit sien op daardie dag dat jy 'n binnekamer ingaan om jouself weg te steek."
26 Toe sê die koning van Yisra'el: "Vat vir Mikhay'hu terug na Amon, die goewerneur van die stad en Yo'ash, die seun van die koning
27 en sê: 'So sê die koning: "Sit hierdie man in die gevangenis en voer hom met brood en water van verdrukking (spaarsamig) totdat ek veilig terugkom.'"
28 Mikhay'hu sê: "As u wel veilig terugkom, dan het יהוה nie deur my gepraat nie. Luister, al julle mense!"
29 Die koning van Yisra'el en Y'hoshafat, koning van Y'hudah, het opgegaan teen Ramot-Gil'ad.
30 Die koning van Yisra'el het vir Y'hoshafat gesê: "Ek sal my vermom en in die geveg ingaan, maar trek ú klere aan." So het die koning van Yisra'el homself vermom en in die geveg ingegaan.
31 Die koning van Aram het die twee en dertig bevelvoerders oor sy strydwaens bevel gegee en gesê: "Moenie met klein of groot veg nie, maar net met die koning van Yisra'el alleen."
32 Toe die bevelvoerder van die strydwaens Y'hoshafat sien, het hulle gesê: "Dit is sekerlik die koning van Yisra'el" en hulle het gedraai om teen hom te veg en Y'hoshafat het uitgeroep.
33 Toe die bevelvoerder van die strydwaens sien dat dit nie die koning van Yisra'el was nie, het hulle teruggedraai agter hom weg.
34 'n Sekere man het sy boog blindelings gespan en die koning van Yisra'el getref tussen 'n las van die wapenrusting. Hy sê vir die drywer van sy strydwa: "Draai om en vat my uit die geveg uit, want ek is ernstig gewond."
35 Die geveg het dié dag gewoed en die koning is staande gehou in sy strydwa voor die Arameërs en het teen sonsondergang gesterf en die bloed van die wond het onder in die wa ingeloop.
36 Naby sonsondergang gaan 'n uitroep deur die leër wat sê: "Elke man na sy stad en elke man na sy land!"

37 Die koning is dood en is na Shomron gebring en hulle het die koning in Shomron begrawe.
38 Hulle het die strydwa by die poel van Shomron gewas (die hoere het hulleself daar gewas) en die honde het sy bloed opgelek, volgens die woord van יהוה wat Hy gepraat het.
39 Die res van die dade van Ag'av, alles wat hy gedoen het, die ivoorhuis en al die stede wat hy gebou het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
40 Ag'av is neergelê by sy vaders en Agazyah sy seun het in sy plek koning geword.
41 Y'hoshafat, die seun van Asa, het koning geword oor Y'hudah in die vierde jaar van Ag'av, koning van Yisra'el.
42 Y'hoshafat was vyf en dertig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vyf en twintig jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was `Azuvah, die dogter van Shilgi.
43 Hy het in al die paaie van sy vader Asa geloop deur te doen wat reg was in die oë van יהוה en het nie daarvan af weggedraai nie. Nogtans het hy nie die hoë plekke verwyder nie; die mense het steeds op die hoë plekke geoffer en wierook gebrand.
44 Y'hoshafat het vrede gemaak met die koning van Yisra'el.
45 Die res van Y'hoshafat se dade, sy mag wat hy gewys het en hoe hy oorlog gemaak het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie? 2 Kon 1:17; 2 Kon 3; 2 Kro 17-21:1
46 Hy het ook die manlike prostitute, wat nog uit die dae van sy vader, Asa, oor was, uit die land uitgegooi.
47 Daar was geen koning in Edom nie; 'n waarnemer was koning.
48 Y'hoshafat het skepe van Tarshish gebou om na Ofir te gaan vir goud, maar hulle het nie gegaan nie, want die skepe het gebreek in `Etzyon-Gever. 2 Kro 20:35-37
49 Toe sê Agazyah, die seun van Ag'av, vir Y'hoshafat: "Laat my diensknegte saam met u diensknegte op die skepe gaan," maar Y'hoshafat wou nie inwillig nie.
50 Y'hoshafat is neergelê by sy vaders en is by sy vaders begrawe in die stad van sy vader Dawid en sy seun Y'horam het koning geword in sy plek.
51 Agazyah, die seun van Ag'av, het koning geword oor Yisra'el in Shomron in die sewentiende jaar van Y'hoshafat, koning van Y'hudah en hy het twee jaar oor Yisra'el regeer.
52 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה en het geloop in die pad van sy vader, in die pad van sy moeder en in die pad van Yarov'am, die seun van N'vat, wat Yisra'el laat sondig het.
53 Hy het Ba'al gedien en voor hom neergebuig en aanbid en יהוה, die God van Yisra'el, tot woede getart, net soos alles wat sy vader gedoen het.

Die elfde boek van die Verbond (Tanakh)

Die sesde boek van die Profete

Die sesde boek van die Vroeëre Profete

M'lakhim Beit
(2 Konings)

מלכים - M'lakhim - Konings

M'lakhim Alef en Beit was oorspronklik een boek.

Die boek van 'Die Annale van die Konings' is bes moontlik saamgestel vanuit die geskrifte van baie skrywers.

1 1 Mo'av het teen Yisra'el rebelleer na die dood van Ag'av.
2 Agazyah het deur die traliewerk in sy bo-kamer, in Shomron, geval en siek geword. Hy het boodskappers gestuur en vir hulle gesê: "Gaan doen navraag by Ba'al-Z'vuv, die god van `Ekron, of ek van hierdie siekte gesond sal word."
3 Die boodskapper van יהוה het egter vir Eliyahu, die Tishbiet, gesê: "Staan op, gaan op om die boodskappers van die koning van Shomron te ontmoet en sê vir hulle: "Is dit omdat daar geen God in Yisra'el is nie dat julle gaan om navraag te doen by Ba'al-Z'vuv, die god van `Ekron?
4 יהוה sê daarom so: 'Jy sal nie afkom van die bed waarop jy geklim het nie, maar jy sal sekerlik sterf.'" Toe gaan Eliyahu weg.
5 Toe die boodskappers na hom toe terugkeer, sê hy vir hulle: "Waarom kom julle terug?"
6 Hulle antwoord hom: "'n Man het gekom om ons te ontmoet en vir ons gesê: 'Gaan terug na die koning wat julle gestuur het en sê vir hom: So sê יהוה: "Is dit omdat daar geen God in Yisra'el is nie dat jy stuur om navraag te doen by Ba'al-Z'vuv, die god van `Ekron? Jy sal daarom nie van die bed waarop jy geklim het, afkom nie, maar jy sal sekerlik sterf."'"
7 Hy sê vir hulle: "Watter tipe man was hy wat opgekom het, julle tegemoet en hierdie woorde met julle gepraat het?"
8 Hulle antwoord hom: "'n Harige man met 'n leer gordel om sy heupe gebind." Hy sê: "Dit is Eliyahu, die Tishbiet!"
9 Toe stuur hy 'n bevelvoerder oor vyftig, met sy vyftig, na hom toe. Hy het opgegaan na hom toe en let op, hy het op die top van die heuwel gesit. Hy sê vir hom: "Man van God, die koning sê: 'Kom af!'"
10 Eliyahu antwoord die bevelvoerder oor vyftig: "As ek 'n man van God is, laat daar vuur van die hemel af afkom en jou en jou vyftig verteer!" Toe kom daar vuur van die hemel af en verteer hom en sy vyftig.
11 Hy het weer 'n ander bevelvoerder oor vyftig, met sy vyftig, na hom toe gestuur en hy sê vir hom: "Man van God, so sê die koning: 'Kom gou af!'"
12 Eliyahu het hulle geantwoord: "As ek 'n man van God is, laat daar vuur van die hemel af afkom en jou en jou vyftig verteer!" Toe het die vuur van God uit die hemel afgekom en hom met sy vyftig verteer.
13 Hy het weer 'n bevelvoerder oor 'n derde vyftig, met sy vyftig, na hom gestuur. Toe die derde owerste oor vyftig opgegaan het, kom hy en buig op sy knieë voor Eliyahu en smeek hom en sê vir hom: "Man van God, laat my lewe en die lewe van hierdie vyftig diensknegte van u asseblief kosbaar wees in u oë!
14 Let op, vuur het van die hemel af afgekom en die eerste twee bevelvoerders oor vyftig, met hulle vyftig, verteer, maar laat my lewe nou kosbaar wees in u oë!"
15 Die boodskapper van יהוה sê vir Eliyahu: "Gaan saam met hom af, moenie bang wees vir hom nie." Hy het daarom opgestaan en saam met hom afgegaan na die koning toe.

16 Toe het hy vir hom gesê: "So sê יהוה: 'Omdat jy boodskappers gestuur het om navraag te doen by Ba'al-Z'vuv, die god van `Ekron; (is dit omdat daar geen God in Yisra'el is om navraag te doen na Sy woord nie?) daarom sal jy nie afkom van die bed waarop jy geklim het nie, maar jy sal sekerlik sterf.'"
17 Agazyah het gesterf volgens die woord van יהוה, dit wat Eliyahu gesê het en omdat hy geen seun gehad het nie, het Y'horam in sy plek koning geword in die tweede jaar van Y'horam, die seun van Y'hoshafat, koning van Y'hudah.
18 Die res van die dade van Agazyah, wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?

2 1 Dit het gebeur toe יהוה op die punt was om Eliyahu in 'n warrelwind na die hemel op te vat dat Eliyahu saam met Elisha vanaf Gilgal gegaan het.
2 Eliyahu het vir Elisha gesê: "Bly asseblief hier, want יהוה het my sover as Beit-El gestuur." Elisha het egter gesê: "So waar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!" Hulle het afgegaan na Beit-El.
3 Toe kom die profete-seuns wat in Beit-El was na Elisha toe uit en vra vir hom: "Weet u dat יהוה vandag u meester, wat oor u is, sal wegvat?" Hy antwoord: "Ja, ek weet; bly stil."
4 Eliyahu sê vir hom: "Elisha, bly asseblief hier, want יהוה het my na Yerigo gestuur." Hy het egter gesê: "Sowaar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!" Hulle het in Yerigo aangekom.
5 Die profete-seuns wat in Yerigo was, het na Elisha toe gekom en vir hom gevra: "Weet u dat יהוה vandag u meester, wat oor u is, sal wegvat?" Hy antwoord: "Ja ek weet; bly stil."
6 Toe sê Eliyahu vir hom: "Bly asseblief hier, want יהוה het my na die Yarden toe gestuur." Hy sê: "Sowaar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!" Die twee van hulle het voortgegaan.
7 Vyftig man van die profete-seuns het gegaan en op 'n afstand oorkant hulle gaan staan terwyl hulle twee by die Yarden staan.
8 Eliyahu vat sy mantel en vou dit bymekaar en slaan op die water en dit is na weerskante verdeel sodat hulle twee op droë grond oorgegaan het.
9 Nadat hulle oorgegaan het, sê Eliyahu vir Elisha: "Vra wat ek vir jou moet doen voordat ek van jou af weggevat word." Elisha antwoord: "Laat asseblief 'n dubbele deel van u gees op my wees."
10 Hy het gesê: "Jy het 'n harde ding gevra. Nogtans, as jy my sien wanneer ek van jou af weggevat word, sal dit so vir jou wees, maar indien nie, dan sal dit nie wees nie."
11 Terwyl hulle loop en praat, let op: 'n strydwa van vuur, met perde van vuur, wat skeiding tussen hulle twee maak en Eliyahu het in 'n warrelwind na die hemel opgegaan.
12 Elisha het dit gesien en uitgeroep: "My vader, my vader, die strydwa van Yisra'el en sy ruiters!" Hy het Eliyahu nie meer gesien nie. Toe het hy sy klere gegryp en dit in twee stukke geskeur.

13 Hy het ook die mantel van Eliyahu, wat van hom afgeval het, opgetel en teruggegaan
en op die wal van die Yarden gestaan.
14 Hy het die mantel van Eliyahu gevat wat van hom afgeval het en die water geslaan
en gesê: "Waar is יהוה, die God van Eliyahu?" Ook toe hy die water geslaan het, is
dit na weerskante verdeel en Elisha het oorgegaan.
15 Toe die profete-seuns wat by Yerigo, oorkant hom was, hom sien, het hulle gesê:
"Die gees van Eliyahu rus op Elisha!" Hulle het gekom om hom te ontmoet en voor
hom na die grond toe gebuig.
16 Hulle het vir hom gesê: "Let op, daar is by u diensknegte vyftig sterk manne; laat
hulle asseblief u meester gaan soek; miskien het die Gees van יהוה hom opgevat
en hom op een of ander berg of in 'n sekere vallei gesit." Hy het gesê: "Julle sal
nie stuur nie!"
17 Toe hulle egter aanhou tot hy verleë was, sê hy: "Stuur." Hulle het daarom vyftig
man gestuur en hulle het drie dae lank gesoek, maar hom nie gekry nie.
18 Hulle het na hom toe teruggekom terwyl hy nog in Yerigo bly en hy vra vir hulle:
"Het ek nie vir julle gesê nie: 'Moenie gaan nie?'"
19 Toe het die manne van die stad vir Elisha gesê: "Let op, die ligging van die stad is
gunstig, soos my meester sien, maar die water is sleg en die grond onvrugbaar."
20 Hy het gesê: "Bring vir my 'n nuwe houer en gooi sout daarin." Hulle het dit na
hom toe gebring.
21 Hy gaan uit na die fontein van die water, gooi sout daarin en sê: "So sê יהוה: "Ek
het dié water gereinig; daar sal nie langer dood of onvrugbaarheid van kom nie."
22 Die water is gereinig tot vandag toe volgens die woord van Elisha wat hy gepraat
het.
23 Toe het hy daarvandaan opgegaan na Beit-El en terwyl hy met die pad opgaan, kom
daar jong seuns uit die stad uit en spot hom en sê: "Gaan op, jou kaalkop! Gaan op,
jou kaalkop!"
24 Toe hy agter hom kyk en hulle sien, vervloek hy hulle in die Naam (Karakter en
Outoriteit) van יהוה. Toe kom twee wyfie bere uit die woud uit en verskeur twee en
veertig van die seuns.
25 Hy het daarvandaan na die berg Karmel gegaan en van daar af na Shomron
teruggegaan.

3 1 Y'horam, die seun van Ag'av, het koning geword oor Yisra'el in Shomron in die
agttiende jaar van Y'hoshafat, koning van Y'hudah en hy het twaalf jaar regeer.
2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, alhoewel nie soos sy vader en sy moeder nie,
want hy het die pilaar van Ba'al verwyder wat sy vader gemaak het. Deut 16:22
3 Nogtans het hy vasgehou aan die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee
hy Yisra'el laat sondig het; hy het nie van hulle afgewyk nie.
4 Mesha, die koning van Mo'av, was 'n skaapboer en het aan die koning van Yisra'el
'n honderd duisend lammers en 'n honderd duisend ramme se wol betaal.
5 Toe Ag'av gesterf het, het die koning van Mo'av egter teen die koning van Yisra'el
rebelleer.

6 Koning Y'horam het in daardie tyd uit Shomron uitgegaan en die hele Yisra'el opgeroep.
7 Toe het hy woord gestuur na Y'hoshafat, koning van Y'hudah, en gesê: "Die koning van Mo'av het teen my gerebelleer. Sal u saam met my teen Mo'av gaan veg?" Hy antwoord: "Ek sal opgaan; ek is soos u is, my volk soos u volk, my perde soos u perde."
8 Hy vra: "Met watter pad sal ons opgaan?" Hy antwoord: "Die pad van die wildernis van Edom."
9 So het die koning van Yisra'el saam met die koning van Y'hudah en die koning van Edom gegaan en hulle het 'n roete van sewe dae gereis en daar was geen water vir die leër of vir die beeste wat hulle gevolg het nie.
10 Toe sê die koning van Yisra'el: "Helaas, יהוה het hierdie drie konings geroep om hulle in die hand van Mo'av te gee!"
11 Y'hoshafat vra egter: "Is hier nie 'n profeet van יהוה dat ons deur hom by יהוה navraag kan doen nie?" Een van die koning van Yisra'el se diensknegte antwoord en sê: "Elisha, die seun van Shafat, wat water op die hande van Eliyahu gegooi het, (hom gedien het) is hier."
12 Y'hoshafat sê: "Die woord van יהוה is by hom." So het die koning van Yisra'el, Y'hoshafat en die koning van Edom na hom toe afgegaan.
13 Elisha het vir die koning van Yisra'el gesê: "Wat het ek met u te doen? Gaan na die profete van u vader en die profete van u moeder!" Die koning van Yisra'el antwoord hom: "Nee, want יהוה het hierdie drie konings geroep om hulle in die hand van Mo'av te gee."
14 Elisha sê: "So waar as יהוה-Tzva'ot leef voor wie se Teenwoordigheid ek staan, as dit nie was dat ek die teenwoordigheid van Y'hoshafat, die koning van Y'hudah, geag het nie, sou ek nie na u gekyk of u raakgesien het nie,
15 maar bring nou vir my 'n musikant." Dit het gebeur toe die musikant speel dat die hand van יהוה op hom gekom het.
16 Hy het gesê: "So sê יהוה: 'Maak hierdie vallei vol slote,'
17 want so sê יהוה: 'Julle sal geen wind of reën sien nie; tog sal hierdie vallei gevul word met water sodat julle sal drink, beide julle, julle beeste en julle ander diere.
18 Hierdie is maar 'n geringe ding in die oë van יהוה; Hy sal ook die Mo'aviete in julle hand gee.
19 Dan moet julle elke versterkte stad en elke uitgesoekte stad slaan en elke goeie boom afkap, al die waterfonteine toestop en elke goeie stuk grond met klippe bederf.'"
20 Dit het die volgende oggend omtrent die tyd dat hulle die offer bring, gebeur dat, let op, water van die kant van Edom af kom en die land is gevul met water.
21 Al die Mo'aviete het gehoor dat die konings opgekom het om teen hulle te veg en almal wat in staat was om die wapenrusting aan te trek en ouer, is opgeroep en hulle het op die grens gestaan.
22 Hulle het vroeg die oggend opgestaan en die son het op die water geskyn en die Mo'aviete het die water oorkant hulle so rooi soos bloed gesien.

23 Toe sê hulle: "Dit is bloed; die konings het sekerlik teen mekaar baklei en die een
het die ander neergeslaan. Nou, daarom, Mo'av na die buit!"
24 Toe hulle egter by die kamp van Yisra'el kom, het die Yisra'eliete opgestaan en die
Mo'aviete verslaan sodat hulle voor hul gevlug het en hulle het vorentoe gegaan,
in die land in en die Mo'aviete neergeslaan.
25 So het hulle die stede vernietig en elkeen het op elke goeie stuk grond 'n klip
gegooi en dit vol gemaak. So het hulle elke waterfontein toegestop en elke goeie
boom afgekap totdat hulle in Kir-Hareset die mure gelos het; die slingervelgooiers
het dit egter omsingel en dit vernietig.
26 Toe die koning van Mo'av sien dat die geveg vir hom te swaar is, het hy sewe
honderd man wat die swaard uittrek, saam met hom gevat om na die koning van
Edom deur te breek, maar hulle kon nie.
27 Toe vat hy sy eersgebore seun, wat in sy plek moes heers en offer hom as brandoffer
op die muur. Daar het 'n groot toorn teen Yisra'el gekom en hulle het van hom af
weggetrek en na hulle land teruggekeer.

4 1 'n Sekere vrou vanuit die vroue van die profete-seuns het na Elisha uitgeroep: "U
dienskneg, my man, is dood en u weet dat u dienskneg, יהוה respekvol gevrees het
en die skuldeiser het gekom om my twee seuns te vat om sy slawe te wees."
2 Elisha het vir haar gesê: "Wat kan ek vir jou doen? Vertel my, wat het jy in die huis?"
Sy antwoord: "U dienares het niks in die huis nie, behalwe 'n fles met olie."
3 Toe sê hy: "Gaan, leen vir jou baie leë houers van al jou bure; moenie min kry nie.
4 Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe, gooi dit in al daardie houers
en sit dit wat vol is eenkant.
5 Sy het van hom af weggegaan en die deur agter haar en haar seuns toegesluit; hulle
het die houers vir haar gebring en sy het gegooi.
6 Toe die houers vol was, sê sy vir haar seun: "Bring vir my nog 'n houer." Hy
antwoord haar: "Daar is nie meer een houer nie." Die olie het opgehou.
7 Toe kom sy en vertel die man van God en hy sê: "Gaan, verkoop die olie en betaal
jou skuld; jy en jou seuns kan van die res leef."
8 Daar het 'n dag gekom wat Elisha oorgegaan het na Shunem, waar daar 'n prominente
vrou was en sy het hom oortuig om 'n maaltyd te eet. So was dit, so dikwels as wat
hy verbygaan, het hy daar ingedraai om 'n maaltyd te eet.
9 Sy het vir haar man gesê: "Let nou op, ek sien dat hierdie 'n afgesonderde man van
God is wat voortdurend by ons verbygaan.
10 Laat ons asseblief 'n klein gemuurde bo-kamer maak en laat ons daar vir hom 'n
bed, 'n tafel, 'n stoel en 'n lampstaander neersit; dit sal wees wanneer hy na ons toe
kom hy daar kan bly."
11 Eendag het hy daar gekom, in die bo-kamer gegaan en gerus.
12 Toe het hy vir Geigazi, sy dienskneg, gesê: "Roep hierdie Shunamitiese vrou." Toe
hy haar geroep het, het sy voor hom gestaan.

13 Hy het vir hom gesê: "Vra haar nou: 'Let op, jy was vol sorg teenoor ons met al hierdie omgee; wat kan ek vir jou doen? Moet daar vir jou 'n goeie woord gedoen word by die koning of by die bevelvoerder van die leër?" Sy antwoord: "Ek leef onder my eie mense."
14 Hy sê: "Wat kan dan vir haar gedoen word?" Geigazi antwoord: "Dit is waar, sy het geen seun nie en haar man is oud."
15 Hy het gesê: "Roep haar." Toe hy haar geroep het, het sy in die deur gestaan.
16 Toe sê hy: "Tydens hierdie seisoen volgende jaar sal jy 'n seun vashou." Sy sê: "Nee, my meester, o, man van God, moenie vir u dienares lieg nie!"
17 Die vrou het swanger geword en geboorte gegee aan 'n seun in daardie seisoen die volgende jaar, soos Elisha vir haar gesê het.
18 Toe die seun opgegroei het, het die dag gekom dat hy uitgegaan het na sy vader, na die maaiers.
19 Hy het vir sy vader gesê: "My kop, my kop!" Dié sê toe vir sy dienskneg: "Dra hom na sy moeder toe."
20 Toe hy hom gevat en na sy moeder gebring het, het hy op haar skoot gesit tot die middag toe en gesterf.
21 Sy het opgegaan en hom op die bed van die man van God neergelê en agter hom toegesluit en uitgegaan.
22 Toe roep sy haar man en sê: "Stuur asseblief vir my een van die diensknegte en een van die donkies sodat ek gou na die man van God kan gaan en terugkom."
23 Hy sê: "Waarom sal jy vandag na hom toe gaan? Dit is nie nuwemaan of Shabbat nie." Sy antwoord: "Shalom (Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid)!"
24 Toe saal sy die donkie op en sê vir haar dienskneg: "Jaag aan en gaan vooruit; moenie die pas verslap, behalwe as ek jou sê nie."
25 Sy het gegaan en by die man van God by die berg Karmel gekom. Toe die man van God haar op 'n afstand sien, sê hy vir sy dienskneg Geigazi: "Let op, daar is dié Shunamiet!
26 Hardloop nou om haar te ontmoet en sê vir haar: "Gaan dit goed met u? Gaan dit goed met u man? Gaan dit goed met die seun?" Sy antwoord: "Dit is goed."
27 Toe sy by die man van God by die berg kom, het sy sy voete vasgegryp en Geigazi het nadergekom om haar weg te stoot, maar die man van God sê: "Laat haar staan, want haar lewe is verbitterd in haar en יהוה het dit vir my verberg en my nie vertel nie."
28 Toe het sy gesê: "Het ek van my meester 'n seun gevra? Het ek nie gesê: 'Moet my nie mislei nie?'"
29 Toe sê hy vir Geigazi: "Gord vas jou heupe en vat my staf in jou hand en gaan heen; as jy iemand teëkom, moet hom nie groet nie en as iemand jou groet, antwoord hom nie en lê my staf op die gesig van die seun."
30 Die moeder van die seun het gesê: "Sowaar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!" Hy het opgestaan en haar gevolg.
31 Geigazi het voor hulle uit gegaan en die staf op die gesig van die seun gelê, maar daar was geen klank of reaksie nie. Hy het teruggekom na hom toe en vir hom gesê: "Die jongman het nie wakker geword nie."

32 Toe Elisha in die huis inkom, let op, was die jongman dood en het op sy bed gelê!
33 Hy het ingegaan en die deur agter hulle twee toegesluit en tot יהוה gebid.
34 Hy het opgestaan en op die seun gaan lê en sy mond op sy mond gesit, sy oë op sy oë en sy hande op sy hande en homself op hom uitgestrek en die vlees van die seun het warm geword.
35 Toe het hy teruggekom en in die huis een keer heen en weer geloop en weer opgegaan en homself op hom uitgestrek en die jongman het sewe maal genies en sy oë oopgemaak.
36 Toe roep hy Geigazi en sê: "Roep hierdie Shunamiet." Hy het haar geroep en toe sy by hom gekom het, sê hy: "Tel jou seun op."
37 Toe het sy ingekom en voor sy voete geval en na die grond toe neergebuig en sy het haar seun opgetel en uitgegaan.
38 Toe Elisha teruggegaan het na Gilgal, was daar hongersnood in die land. Terwyl die profete-seuns voor hom sit, sê hy vir sy dienskneg: "Sit die groot pot op en maak 'n bredie vir die profete-seuns."
39 Toe gaan een uit in die veld om kruie te versamel en hy het wilde ranke gekry en sy kleed vol wilde pampoene gepluk en gekom en dit in die pot bredie ingesny, want hulle het dit nie geken nie.
40 Hulle het vir die manne opgeskep om te eet en net toe hulle van die bredie eet, skreeu hulle en roep: "Man van God, daar is dood in die pot!" Hulle kon dit nie eet nie.
41 Hy sê egter: "Bring meel." Hy gooi dit in die pot en sê: "Skep uit vir die mense sodat hulle kan eet." Toe was daar niks verkeerd in die pot nie.
42 'n Man het van Ba'al-Shalishah af gekom en vir die man van God brood van die eersteling vrugte gebring; twintig garsbrode en vars graan in sy sak. Hy het gesê: "Gee vir die mense sodat hulle kan eet."
43 Sy dienskneg antwoord: "Wat? Sal ek dit aan 'n honderd man voorsit?" Hy sê egter: "Gee vir die mense sodat hulle kan eet, want so sê יהוה: 'Hulle sal eet en oorhou.'"
44 Hy sit dit voor hulle neer en hulle het geëet en oorgehou volgens die woord van יהוה. Mat 14:14-21; 15:32-39; Mar 8:1-8

5 1 Na'aman, die bevelvoerder van die leër van die koning van Edom, was 'n groot man voor sy meester en hoogs gerespekteerd, want deur hom het יהוה aan die Edomeërs oorwinning gegee. Die man was ook 'n dapper soldaat, maar melaats.
2 Die Edomeërs het in bendes uitgegaan en 'n jong meisie uit die land van Yisra'el gevange weggevoer; sy het Na'aman se vrou bedien.
3 Sy het vir haar meesteres gesê: "Ek wens my meester was by die profeet wat in Shomron is, dan sou hy hom van sy melaatsheid genees.
4 Na'aman het ingegaan en vir sy meester vertel en gesê: "So en so het die meisie gesê wat uit die land van Yisra'el is.
5 Toe sê die koning van Edom: "Gaan nou en ek sal 'n brief aan die koning van Yisra'el stuur." Hy het gegaan en tien talente silwer, ses duisend sikkels goud en tien stelle klere saam met hom gevat.

6 Hy het die brief vir die koning van Yisra'el gebring wat sê: "Nou, wanneer hierdie brief by u kom, let op, ek het vir Na'aman, my dienskneg, na u toe gestuur sodat u hom kan genees van sy melaatsheid."
7 Toe die koning van Yisra'el die brief gelees het, skeur hy sy klere en sê: "Is ek God, om dood en lewend te maak dat hierdie man na my stuur om 'n man se melaatsheid te genees? Oorweeg dit nou en sien hoe hy 'n stryd met my soek."
8 Dit het gebeur toe Elisha, die man van God, hoor dat die koning van Yisra'el sy klere geskeur het, hy woord vir die koning stuur en sê: "Waarom het u u klere geskeur? Laat hom nou na my toe kom en hy sal weet dat daar 'n profeet in Yisra'el is."
9 So het Na'aman gekom met sy perde en met sy waens en by die ingang van Elisha se huis gestaan.
10 Elisha stuur 'n boodskapper na hom toe om te sê: "Gaan en was sewe maal in die Yarden en jou vlees sal aan jou herstel word en jy sal rein wees."
11 Na'aman was egter woedend en het weggegaan en gesê: "Let op, ek het gedink: 'Hy sal sekerlik uitkom om my te sien en staan en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, sy God, aanroep en sy hand oor die plek waai en die melaatsheid genees.
12 Is Abanah en Farpar, die riviere van Dammesek, nie beter as al die waters van Yisra'el nie? Kon ek my nie daarin was en rein wees nie?" Hy het omgedraai en in woede weggery.
13 Toe kom sy diensknegte nader en praat met hom en sê: "My vader, as die profeet u gevra het om 'n groot ding te doen, sou u dit nie gedoen het nie? Hoeveel te meer dan, wanneer hy vir u sê: 'Was en wees rein?'"
14 Hy het afgegaan en homself sewe maal in die Yarden gewas volgens die woord van die man van God en sy vlees is herstel soos die vlees van 'n jong seun en hy was rein.
15 Toe hy terugkom by die man van God met sy hele gevolg, het hy gekom en voor hom gaan staan en gesê: "Let op, nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie, behalwe in Yisra'el; vat asseblief nou 'n geskenk vanaf u dienskneg."
16 Hy sê egter: "Sowaar as יהוה leef voor wie ek staan, ek sal niks vat nie!" Hy het by hom aangedring om dit te vat, maar hy het geweier.
17 Na'aman het gesê: "Indien nie, laat daar asseblief twee muilvragte grond vir my gegee word, want u dienskneg sal nie langer brandoffers offer, of aan ander gode offer nie, maar net aan יהוה.
18 Mag יהוה in hierdie saak u dienskneg vergewe: wanneer my meester in die huis van Rimmon ingaan om hom daar neer te buig terwyl hy op my hand leun en ek my in die huis van Rimmon neerbuig; wanneer ek my neerbuig in die huis van Rimmon, mag יהוה u dienskneg in hierdie saak vergewe."
19 Hy sê vir hom: "Gaan in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!" Hy het 'n ent van hom af weggegaan,
20 maar Geigazi, die dienaar van Elisha, die man van God, het gedink: "Let op, my meester het hierdie Na'aman, die Edomeër, gespaar deur nie uit sy hand aan te neem wat hy gebring het nie. So waar as יהוה leef, ek sal agter hom aan hardloop en iets van hom af vat."

21 Geigazi het Na'aman dus agternagesit. Toe Na'aman een agter hom aan sien
hardloop, het hy van die wa afgeklim om hom te ontmoet en gesê: "Vrede, vreugde,
gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid."
22 Hy antwoord: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid. My
meester het my gestuur om te sê: 'Let op, daar het nou net twee jongmanne van die
profete-seuns, van die bergland van Efrayim af, na my toe gekom. Gee asseblief vir
hulle 'n talent silwer en twee stelle klere.'"
23 Na'aman het gesê: "Wees vry om twee talente te vat!" Hy het by hom aangedring
en twee talente silwer in twee sakke toegebind en dit saam met twee stelle klere aan
twee van sy dienaars gegee, wat dit voor hom uit gedra het.
24 Toe hy by die heuwel aankom, het hy dit uit hulle hand geneem en in die huis gesit
en die manne weggestuur en hulle het vertrek.
25 Hy het egter ingegaan en voor sy meester gestaan en Elisha sê vir hom: "Waar was
jy, Geigazi?" Hy antwoord: "U dienskneg het nêrens heen gegaan nie."
26 Toe sê hy vir hom: "Het my gees nie saamgegaan toe 'n man van sy wa af omgedraai
het jou tegemoet nie? Is dit 'n tyd om geld en klere, olyfboorde, wingerde, kleinvee,
beeste, slawe en slavinne te ontvang?
27 Die melaatsheid van Na'aman sal daarom vir ewig aan jou en jou nageslag
vaskleef." Hy het uit sy teenwoordigheid uit weggegaan, melaats soos sneeu.

6 1 Die profete-seuns het vir Elisha gesê: "Let nou op, die plek voor u waar ons bly,
is te beperk vir ons.
2 Laat ons asseblief na die Yarden gaan en elkeen 'n balk daarvandaan gaan haal sodat
ons daarvan vir ons 'n plek kan maak waar ons bly." Hy het gesê: "Gaan."
3 Toe sê een: "Gaan asseblief saam met u diensknegte." Hy antwoord: "Ek sal
gaan."
4 Hy het saam met hulle gegaan en toe hulle by die Yarden kom, het hulle bome
afgekap,
5 maar terwyl een 'n balk kap, val die bylkop in die water en hy roep uit en sê: "Ag,
my meester, dit was geleen!"
6 Toe vra die man van God: "Waar het dit geval?" Toe hy hom die plek wys, het hy 'n
stok afgesny en dit daar gegooi en die yster bo laat dryf.
7 Hy het gesê: "Haal dit self uit!" Hy het sy hand uitgesteek en dit gevat.
8 Die koning van Aram het oorlog gevoer teen Yisra'el en hy het met sy diensknegte
beraadslaag en gesê: "Op dié en dié plek sal my kamp wees."
9 Die man van God het die koning van Yisra'el laat weet: "Pas op dat u nie deur
daardie plek trek nie, want die Arameërs kom daar deur."
10 Die koning van Yisra'el het na die plek gestuur waaroor die man van God met hom
gepraat het; so het hy hom meer as een of twee keer gewaarsku sodat hy daar op
sy hoede was.
11 Die verstand, wil en emosie van die koning van Aram was briesend hieroor en hy
roep sy diensknegte en sê vir hulle: "Kan julle my vertel wie van ons vir die koning
van Yisra'el is?"

12 Een van sy diensknegte antwoord: "Nee, my meester, o koning, Elisha, die profeet wat in Yisra'el is, vertel aan die koning van Yisra'el die woorde wat u in u slaapkamer praat."
13 Hy het gesê: "Gaan kyk waar hy is sodat ek kan stuur en hom laat vang." Dit is vir hom vertel en gesê: "Let op, hy is in Dotan."
14 Hy het perde, strydwaens en 'n groot leër daarheen gestuur en hulle het in die nag gekom en die stad omsingel.
15 Toe die lyfbediende van die man van God vroeg opgestaan en uitgegaan het, let op, het 'n leër met perde en strydwaens om die stad beweeg. Sy dienskneg sê vir hom: "Ag, my meester, wat sal ons doen?"
16 Hy antwoord: "Moenie vrees nie, want dié wat by ons is, is meer as dié wat by hulle is."
17 Toe het Elisha gebid en gesê: "יהוה, ek bid, maak sy oë oop sodat hy kan sien." יהוה het die dienskneg se oë oopgemaak en hy het gesien en let op, die berg was vol perde en strydwaens van vuur reg rondom Elisha.
18 Toe hulle na hom toe afkom, het Elisha tot יהוה gebid en gesê: "Ek bid, slaan hierdie mense met blindheid." Hy het hulle volgens die woord van Elisha met blindheid geslaan.
19 Toe sê Elisha vir hulle: "Dit is nie die pad nie en ook nie die stad nie; volg my en ek sal julle na die man toe bring wat julle soek." Hy het hulle na Shomron gebring.
20 Toe hulle Shomron ingekom het, sê Elisha: "יהוה, maak hulle oë oop sodat hulle kan sien." יהוה het hulle oë oopgemaak en hulle het gesien en let op, hulle was binne-in Shomron!
21 Toe hy hulle sien, vra die koning van Yisra'el vir Elisha: "My vader, moet ek hulle doodmaak? Moet ek hulle doodmaak?"
22 Hy antwoord: "U mag nie doodmaak nie. Sou u hulle doodmaak wat u met u swaard en u boog as gevangenes weggevoer het? Sit aan hulle brood en water voor sodat hulle kan eet en drink en na hulle meester toe gaan."
23 Hy het 'n groot fees vir hulle voorberei en nadat hulle geëet en gedrink het, stuur hy hulle weg en hulle het na hul meester gegaan. Die plunderende bendes van die Arameërs het nie weer in die land van Yisra'el ingekom nie.
24 Dit het later gebeur dat Ben-Hadad, die koning van Aram, sy hele leër bymekaargemaak en opgegaan en Shomron beleër het.
25 Daar was 'n groot hongersnood in Shomron en let op, hulle het dit beleër totdat 'n donkiekop verkoop het vir tagtig sikkels silwer en 'n kwart-kab duiwemis vir vyf sikkels silwer. Deut 28:52,53
26 Terwyl die koning op die muur verbygaan, roep 'n vrou uit na hom en sê: "Help, my meester, o koning!"
27 Hy antwoord: "As יהוה jou nie help nie, waarvandaan sal ek jou help? Van die dorsvloer of van die parskuip?"
28 Die koning sê vir haar: "Wat is jou probleem?" Sy antwoord: "Hierdie vrou het vir my gesê: 'Gee jou seun sodat ons hom vandag kan eet en ons sal môre my seun eet.'

29 Ons het dus my seun gekook en hom geëet en ek het die volgende dag vir haar gesê: 'Gee jou seun sodat ons hom kan eet,' maar sy het haar seun weggesteek."
Lev 26:29; Deut 28:53-

30 Toe die koning die woorde van die vrou hoor, skeur hy sy klere, (hy het op die muur verbygeloop) en die mense het gekyk en let op, hy het 'n roukleed onder aan, teen sy liggaam.
31 Toe het hy gesê: "Mag God so aan my doen en meer nog, as die kop van Elisha, die seun van Shafat, vandag op hom sal bly."
32 Elisha het in sy huis gesit en die oudstes het by hom gesit. Die koning het 'n man vanuit sy teenwoordigheid gestuur, maar voordat die boodskapper by hom kom, sê hy vir die oudstes: "Sien julle hoe hierdie seun van 'n moordenaar gestuur het om my kop af te kap? Kyk, wanneer die boodskapper kom, sluit die deur en hou die deur teen hom toe. Is die klank van sy meester se voetstappe nie agter hom nie?"
33 Terwyl hy nog met hulle praat, let op, kom die boodskapper af na hom toe en die koning sê: "Let op, hierdie boosheid kom van יהוה; hoekom sou ek langer op יהוה wag?"

7 1 Toe sê Elisha: "Hoor en luister na die woord van יהוה! So sê יהוה: 'Môre omtrent hierdie tyd sal 'n maat fyn meel 'n sikkel en twee mate gars 'n sikkel kos in die poort van Shomron.'"
2 Die adjudant op wie se hand die koning geleun het, antwoord die man van God en sê: "Let op, al maak יהוה ook vensters in die hemel, sou dit kan gebeur?" Toe sê hy: "Let op, jy sal dit met jou eie oë sien, maar nie daarvan eet nie."
3 Daar was vier melaatse manne by die ingang van die poort en hulle het vir mekaar gesê: "Hoekom sit ons hier totdat ons sterf?
4 As ons sê: 'Laat ons in die stad ingaan;' die hongersnood is erg in die stad en ons sal daar sterf en as ons hier sit, sal ons ook sterf; daarom, kom nou en laat ons oorgaan na die kamp van die Arameërs. As hulle ons laat lewe, sal ons lewe en as hulle ons doodmaak, sal ons net sterf."
5 Hulle het teen aandskemer opgestaan om na die kamp van die Arameërs te gaan; toe hulle aan die buitekant van die kamp van die Arameërs kom, let op, was daar niemand nie,
6 want יהוה het die leër van die Arameërs 'n geluid van waens, 'n geluid van perde en 'n geluid van 'n groot leërmag, laat hoor sodat hulle vir mekaar gesê het: "Let op, die koning van Yisra'el het die koning van die Hittiete en die koning van die Mitzrayimiete teen ons gehuur om ons te oorval."
7 Hulle het daarom in die skemer opgestaan en gevlug en hulle tente, perde en donkies, die kamp net soos dit was, gelos en vir hul lewe gevlug.
8 Toe daardie melaatse manne by die kant van die kamp kom, het hulle een tent binnegegaan en geëet en gedrink en silwer, goud en klere van daar weggedra en dit gaan wegsteek en hulle het teruggekom en 'n ander tent binnegegaan en ook daaruit weggedra en dit gaan wegsteek.
9 Toe sê hulle vir mekaar: "Ons doen wat nie reg is nie. Hierdie dag is 'n dag van goeie nuus, maar ons bly stil! As ons wag tot die oggendlig, dan sal straf ons inhaal. Kom daarom nou, laat ons gaan en dit aan die huishouding van die koning vertel."

10 Hulle het gekom en na die poortwagters van die stad geroep en hulle vertel en gesê: "Ons het by die kamp van die Arameërs gekom en let op, daar was niemand daar of die stem van 'n mens nie, slegs die vasgemaakte perde en vasgemaakte donkies en die tente net soos hulle was."
11 Die poortwagters het geroep en dit in die huishouding van die koning vertel.
12 Toe staan die koning in die nag op en sê vir sy diensknegte: "Ek sal julle nou vertel wat die Arameërs aan ons gedoen het. Hulle weet dat ons honger is; daarom het hulle uit die kamp gegaan om hulleself in die veld weg te steek en gesê: 'Wanneer hulle uit die stad uitgaan, sal ons hulle lewendig vang en in die stad inkom.'"
13 Een van sy diensknegte antwoord: "Asseblief, laat sommige mans vyf van die perde wat oorgebly het in die stad vat. As hulle gevang sou word, laat hulle as 'n verlies beskou word soos die hele leër van Yisra'el wat omgekom het; laat ons daarom stuur en sien."
14 Hulle vat daarom twee strydwaens met perde en die koning het agter die leër van die Arameërs aan gestuur en gesê: "Gaan en kyk."
15 Hulle het agter hulle aan gegaan tot by die Yarden en let op, die hele pad was vol klere en toerusting wat die Arameërs in hulle haas weggegooi het. Toe draai die boodskappers om en vertel die koning.
16 Die mense het uitgegaan om die kamp van die Arameërs te plunder en 'n maat fyn meel het 'n sikkel gekos en twee mate gars 'n sikkel, volgens die woord van יהוה.
17 Die koning het die adjudant op wie se hand hy geleun het, oor die poort aangestel, maar die mense het hom in die poort vertrap en hy het gesterf net soos die man van God, wat gepraat het toe die koning na hom toe afgekom het, gesê het.
18 Dit het gebeur net soos die man van God met die koning gepraat en gesê het: "Môre omtrent hierdie tyd sal twee mate gars 'n sikkel en 'n maat fyn meel 'n sikkel in die poort van Shomron wees."
19 Toe het die adjudant die man van God geantwoord en gesê: "Let op, al maak יהוה ook vensters in die hemel, sou so iets kan gebeur?" Hy het gesê: "Let op, jy sal dit met jou eie oë sien, maar nie daarvan eet nie."
20 Net so het dit met hom gebeur, want die mense het hom in die poort vertrap en hy is dood.

8 1 Elisha het met die vrou gepraat wie se seun hy lewendig gemaak het en gesê: "Staan op en gaan saam met jou huisgesin en bly as vreemdeling waar jy kan bly, want יהוה het 'n hongersnood uitgeroep en dit sal oor die land kom vir sewe jaar."
2 Die vrou het opgestaan en gedoen volgens die woord van die man van God en sy het met haar huisgesin gegaan en as vreemdeling vir sewe jaar lank in die land van die F'lishtyne gebly.
3 Aan die einde van sewe jaar het die vrou uit die land van die F'lishtyne teruggekom en uitgegaan om 'n beroep op die koning te doen vir haar huis en haar grond.
4 Die koning het met Geigazi, die dienskneg van die man van God, gepraat en gesê: "Vertel my asseblief al die groot dinge wat Elisha gedoen het."

5 Terwyl hy die koning vertel hoe hy die een wat dood was lewendig gemaak het, let op, appelleer die vrou wie se seun hy lewendig gemaak het, tot die koning vir haar huis en haar grond. Geigazi sê: "My meester, o koning, hierdie is die vrou en hierdie is haar seun, wat Elisha lewendig gemaak het."
6 Toe die koning die vrou vra, het sy hom vertel. Toe stel die koning vir haar 'n sekere amptenaar aan en sê: "Herstel alles wat aan haar behoort en ook die hele opbrengs van die grond, van die dag af dat sy die land verlaat het, tot nou toe."
7 Elisha het na Dammesek gekom. Ben-Hadad, die koning van Aram, was siek en dit is vir hom gesê: "Die man van God het hierheen gekom."
8 Die koning sê vir Haza'el: "Vat 'n geskenk in jou hand en gaan ontmoet die man van God en doen navraag by יהוה deur hom en vra: "Sal ek van hierdie siekte herstel?"
9 Haza'el het hom gaan ontmoet en 'n geskenk van veertig kameelvragte in sy hand gevat, allerhande goeie goed van Dammesek en hy het gekom en voor hom gaan staan en gesê: 'U seun Ben-Hadad, koning van Aram, het my na u toe gestuur om te vra: "Sal ek herstel van hierdie siekte?'"
10 Elisha antwoord hom: "Gaan, sê vir hom: 'Jy sal sekerlik herstel,' maar יהוה het my laat sien dat hy sekerlik sal sterf."
11 Hy het strak na hom gekyk totdat hy verleë was en die man van God het gehuil.
12 Haza'el sê: "Waarom huil my meester?" Toe antwoord hy: "Omdat ek weet watter boosheid jy die seuns van Yisra'el sal aandoen; jy sal hulle vestings aan die brand steek en hulle jongmanne met die swaard doodmaak en hulle jong kinders verpletter en hulle swanger vroue oopsny."
13 Toe sê Haza'el: "Wat is u dienskneg, 'n hond, dat hy hierdie groot ding sou doen?" Elisha antwoord: "יהוה het my gewys dat jy koning oor Aram sal wees." 1 Kon 19:15
14 Hy het van Elisha af weggegaan en na sy meester teruggegaan, wat vir hom vra: "Wat het Elisha vir jou gesê?" Hy antwoord: "Hy het vir my gesê dat U sekerlik sal herstel."
15 Die volgende dag het hy die bedsprei gevat en dit in water gedoop en oor sy gesig uitgesprei sodat hy gesterf het en Haza'el het koning geword in sy plek.
16 In die vyfde jaar van Y'horam, die seun van Ag'av, koning van Yisra'el, Y'hoshafat was toe koning van Y'hudah, het Y'horam, die seun van Y'hoshafat, koning van Y'hudah, koning geword. 2 Kro 21:1-20
17 Hy was twee en dertig jaar oud toe hy koning geword het en hy het agt jaar lank in Yerushalayim geheers.
18 Hy het geloop op die pad van die konings van Yisra'el, net soos die huis van Ag'av gedoen het, want die suster van Ag'av het sy vrou geword en hy het gedoen wat boos was in die oë van יהוה.
19 Tog wou יהוה Y'hudah nie vernietig nie, ter wille van Dawid, Sy dienskneg, aangesien Hy hom belowe het om altyd vir hom 'n lamp deur sy seuns te gee.
20 In sy dae het die Edomiete van onder die hand van Y'hudah in opstand gekom en 'n koning oor hulleself aangestel.
21 Toe het Y'horam oorgegaan na Tza'ir en al sy strydwaens saam met hom. Hy het in die nag opgestaan en die Edomiete verslaan wat hom en die bevelvoerders van die

strydwaens omsingel het, maar sy manne het na hulle tente gevlug.
22 So het die Edomiete teen Y'hudah in opstand gekom tot vandag toe. Toe het Livnah in dieselfde tyd in opstand gekom.
23 Die res van die dade van Y'horam en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
24 Y'horam is neergelê by sy vaders en is by sy vaders begrawe in die stad van Dawid en sy seun, Agazyah, het in sy plek koning geword.
25 In die elfde jaar van Y'horam, die seun van Ag'av, die koning van Yisra'el, het Agazyah, die seun van Y'horam, koning van Y'hudah, begin heers. [2 Kro 22:1-]
26 Agazyah was twee en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir een jaar in Yerushalayim regeer en die naam van sy moeder was `Atalyahu, die dogter van `Omri, koning van Yisra'el.
27 Hy het geloop in die lewenswyse van die huis van Ag'av en boos gedoen in die oë van יהוה, soos die huis van Ag'av, want hy was 'n skoonseun van die huis van Ag'av.
28 Toe het hy saam met Y'horam, die seun van Ag'av, in oorlog gegaan teen Haza'el, koning van Aram, by Ramot-Gil'ad en die Arameërs het Y'horam gewond.
29 Koning Y'horam het teruggekeer om in Yizre'el te herstel van die wonde wat die Arameërs hom toegedien het by Ramah toe hy teen Haza'el, koning van Aram baklei het. Agazyah, die seun van Y'horam, koning van Y'hudah, het afgegaan om Y'horam, die seun van Ag'av, in Yizre'el te besoek, want hy was siek.

9 1 Elisha, die profeet, het een van die profete-seuns geroep en vir hom gesê: "Gordel vas jou heupe en neem hierdie kruik met olie in jou hand en gaan na Ramot-Gil'ad.
2 Wanneer jy daar kom, soek vir Yehu, die seun van Y'hoshafat, die seun van Nimshi en gaan in en laat hom opstaan onder sy broers uit en bring hom na 'n binnekamer.
3 Vat dan die kruik met olie en giet dit op sy kop uit en sê: So sê יהוה: 'Ek het jou gesalf as koning oor Yisra'el.' Maak dan die deur oop, vlug en moenie wag nie."
4 Die jongman, die dienskneg van die profeet, het na Ramot-Gil'ad gegaan.
5 Toe hy arriveer, let op, het die bevelvoerders van die leër daar gesit en hy sê: "Ek het 'n woord vir u, bevelvoerder." Yehu vra: "Vir wie van ons?" Hy antwoord: "Vir u, bevelvoerder!"
6 Hy het opgestaan, in die huis ingegaan en hy het die olie op sy kop uitgegooi en vir hom gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Ek het jou gesalf as koning oor die volk van יהוה, oor Yisra'el.
7 Jy sal die huis van Ag'av, jou meester, slaan sodat Ek die bloed van My knegte, die profete en die bloed van al die knegte van יהוה deur die hand van Izevel, kan wreek,
8 want die hele huis van Ag'av sal sterf en Ek sal van Ag'av almal wat manlik is in Yisra'el, beide slaaf en vryman, afsny.
9 Ek sal die huis van Ag'av maak soos die huis van Yarov'am, die seun van N'vat en soos die huis van Ba'sha, die seun van Agiyah.

10 Die honde sal Izevel eet in die gebied van Yizre'el en niemand sal haar begrawe nie." Toe het hy die deur oopgemaak en gevlug.
11 Yehu het uitgegaan na die diensknegte van sy meester en een sê vir hom: "Is alles goed? Waarom het hierdie kranksinnige na jou toe gekom?" Hy antwoord hulle: "Julle ken die man en sy gepraat."
12 Hulle sê: "Dit is 'n leuen! Vertel ons nou." Hy antwoord: "So en so het hy vir my gesê: 'So sê יהוה: Ek het jou as koning oor Yisra'el gesalf.'"
13 Toe vat hulle gou elkeen sy kleed en lê dit onder hom op die kaal trappe neer en blaas op die ramshoring en sê: "Yehu is koning!"
14 Yehu, die seun van Y'hoshafat, die seun van Nimshi, het saamgesweer teen Y'horam. Y'horam en die hele Yisra'el was besig om Ramot-Gil'ad te verdedig teen Haza'el, koning van Aram,
15 maar koning Y'horam het teruggekeer na Yizre'el om genees te word van die wonde wat die Arameërs hom toegedien het in die geveg teen Haza'el, koning van Aram. Yehu het gesê: "As julle saamstem, laat niemand ontsnap of uit die stad uitgaan om dit in Yizre'el te gaan vertel nie."
16 Toe ry Yehu op 'n strydwa en gaan na Yizre'el, want Y'horam het daar gelê. Agazyah, koning van Y'hudah, het afgekom om Y'horam te sien.
17 Die wag het op die toring in Yizre'el gestaan en die geselskap van Yehu gesien soos hy aankom en gesê: "Ek sien 'n geselskap." Y'horam sê: "Vat 'n ruiter en stuur hulle tegemoet en laat hom vra: 'Is dit vrede?'"
18 'n Perderuiter het hom tegemoet gegaan en gesê: "So vra die koning: 'Is dit vrede?'" Yehu antwoord: "Wat het jy met vrede te doen? Draai in agter my!" Die wag het rapporteer: "Die boodskapper het by hulle gekom, maar hy het nie teruggekom nie."
19 Toe stuur hy 'n tweede perderuiter, wat by hulle kom en sê: "So vra die koning: 'Is dit vrede?'" Yehu antwoord: "Wat het jy met vrede te doen? Draai in agter my!"
20 Die wag het gerapporteer: "Hy het tot by hulle gekom en hy kom nie terug nie en die ry is soos die ry van Yehu, die seun van Nimshi, want hy ry verwoed."
21 Toe sê Y'horam: "Maak gereed." Hulle het sy strydwa gereed gemaak. Y'horam, koning van Yisra'el en Agazyah, koning van Y'hudah, het uitgegaan, elkeen op sy strydwa en hulle het uitgegaan om Yehu te ontmoet en hom gekry op die stuk grond van Navot, die Yizre'eliet.
22 Toe Y'horam vir Yehu sien, sê hy: "Is dit vrede, Yehu?" Hy antwoord: "Watter vrede, solank as wat die hoereerderye van jou moeder Izevel en haar toorderye so baie is?"
23 Y'horam het omgeswaai en gevlug en vir Agazyah gesê: "Verraad, Agazyah!"
24 Yehu het sy boog met sy volle sterkte gespan en Y'horam tussen sy arms geskiet; die pyl het deur sy hart gegaan en hy het in sy wa inmekaargesak.
25 Toe sê hy vir Bidkar, sy offisier: "Tel hom op, gooi hom op die stuk grond van Navot, die Yizre'eliet, want ek onthou toe ek en jy saam agter sy vader Ag'av gery het dat יהוה hierdie uitspraak oor hom gegee het:

26 'Ek het sekerlik gister die bloed van Navot en die bloed van sy seuns gesien, sê יהוה en Ek sal jou op hierdie stuk grond terugbetaal, sê יהוה.' Tel hom dan nou op en gooi hom op die stuk grond volgens die woord van יהוה. 1 Kon 21:19-29
27 Toe Agazyah, koning van Y'hudah, dit sien, het hy gevlug op die pad na Beit-HaGan. Yehu het hom ook agtervolg en gesê: "Skiet hom ook in die strydwa!" Hulle het hom geskiet by die hoogte van Gur by Yivle'am, maar hy het na Megiddo gevlug en daar gesterf.
28 Sy diensknegte het hom toe in 'n strydwa na Yerushalayim gevat en hom in sy graf by sy vaders begrawe in die stad van Dawid.
29 In die elfde jaar van Y'horam, die seun van Ag'av, het Agazyah koning oor Y'hudah geword.
30 Toe Yehu in Yizre'el gekom het, het Izevel daarvan gehoor en sy het haar oë geverf en haar kop versier en by die venster uitgekyk.
31 Terwyl Yehu deur die poort inkom, sê sy: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, Zimri, moordenaar van jou meester!" 1 Kon 16:10-20
32 Toe het hy sy gesig opgelig na die venster en gevra: "Wie is aan my kant? Wie?" Twee of drie amptenare het afgekyk na hom.
33 Hy sê: "Gooi haar af!" Hulle het haar afgegooi en van haar bloed het teen die muur en teen die perde gespat en hulle het haar vertrap.
34 Hy het ingegaan en geëet en gedrink en hy het gesê: "Kyk tog na dié vervloekte vrou en begrawe haar, want sy is 'n koningsdogter."
35 Hulle het gegaan om haar te begrawe, maar hulle het niks meer van haar gekry as net die skedel, die voete en die palms van haar hande nie.
36 Hulle kom daarom terug en vertel hom en hy sê: "Dit is die woord van יהוה wat Hy deur sy kneg Eliyahu, die Tishbiet, gepraat het, naamlik: "Op die eiendom van Yizre'el sal die honde die vlees van Izevel eet
37 en die lyk van Izevel sal soos mis op die land wees op die eiendom van Yizre'el sodat hulle nie sal kan sê: 'Dit is Izevel' nie."

10 1 Ag'av het sewentig seuns gehad in Shomron. Yehu het aan die heersers van Yizre'el, die oudstes en aan die opvoeders van die seuns van Ag'av briewe geskryf, hulle na Shomron gestuur en gesê:
2 "Nou, wanneer hierdie brief by julle kom, aangesien die seuns van jul meester by julle is, sowel as die strydwaens, die perde, 'n versterkte stad en die wapens by julle is,
3 kies die beste en betroubaarste van die seuns van julle meester en sit hom op die troon van sy vader en veg vir die huis van julle meester.
4 Hulle het egter baie gevrees en gesê: "Let op, die twee konings het nie voor hom standgehou nie; hoe kan ons dan staan?"
5 Die een wat oor die huishouding was, hy wat oor die stad was, die oudstes en die opvoeders het woord aan Yehu gestuur en gesê: "Ons is u diensknegte, alles wat u ons beveel, sal ons doen; ons sal niemand koning maak nie; doen wat goed is in u oë."

6 Toe het hy vir die tweede keer 'n brief aan hulle geskryf en gesê: "As julle aan my kant is en my stem sal gehoorsaam, vat die koppe van die manne, die seuns van julle meester en kom môre omtrent hierdie tyd na my toe in Yizre'el." Die koning se seuns, sewentig man, was by die groot manne van die stad wat hulle grootgemaak het.
7 Toe die brief by hulle kom, het hulle die seuns van die koning gevat en hulle gedood, sewentig man en hulle koppe in mandjies gesit en vir hom na Yizre'el gestuur.
8 Toe die boodskapper kom en hom vertel en sê: "Hulle het die koppe van die koning se seuns gebring," sê hy: "Sit hulle in twee hope neer by die ingang van die poort tot die oggend toe."
9 In die oggend het hy uitgegaan en gaan staan en vir al die mense gesê: "Julle is onskuldig. Let op, ék het saamgesweer teen my meester en hom vermoor, maar wie het al hierdie manne doodgemaak?
10 Weet dan dat niks onvervuld sal bly van die woord van יהוה wat יהוה gepraat het teen die huis van Ag'av nie, want יהוה het gedoen wat Hy deur sy dienskneg Eliyahu gesê het."
11 Yehu het almal van die huis van Ag'av wat in Yizre'el oor was en al sy groot manne, sy vertrouelinge en sy priesters, doodgemaak totdat hy vir hom niemand laat oorbly het nie.
12 Toe het hy opgestaan en vertrek na Shomron. Terwyl hy oppad was, by Beit-Eked van die herders,
13 het Yehu familie van Agazyah, koning van Y'hudah, ontmoet en gesê: "Wie is julle?" Hulle antwoord: "Ons is familie van Agazyah en ons het afgekom om die seuns van die koning en die seuns van die koninginmoeder te groet."
14 Hy het gesê: "Gryp hulle lewendig!" Hulle het hul lewendig gegryp en by die put van Beit-Eked gedood; twee en veertig man en hy het niemand van hulle laat oorbly nie.
15 Toe hy daarvandaan vertrek het, het hy vir Y'honadav, die seun van Rekhav, ontmoet wat hom tegemoet kom en hy groet hom en sê vir hom: "Is jou hart reg, soos my hart met jou hart is?" Y'honadav antwoord: "Dit is." Yehu sê "As dit is, gee jou hand." Hy het vir hom sy hand gegee en hy het hom by hom op die wa gevat.
16 Hy het gesê: "Kom saam met my en sien my ywer vir יהוה." Hy het hom op sy wa laat ry.
17 Toe hy in Shomron kom, het hy almal doodgemaak wat van Ag'av in Shomron oorgebly het totdat hy hom uitgewis het volgens die woord van יהוה wat Hy tot Eliyahu gepraat het.
18 Yehu het al die mense bymekaar laat kom en vir hulle gesê: "Ag'av het Ba'al 'n bietjie gedien; Yehu sal hom baie dien.
19 Roep nou al die profete van Ba'al, al sy aanbidders en al sy priesters; laat niemand gemis word nie, want ek het 'n groot offer aan Ba'al. Wie ook al gemis word, sal nie leef nie." Yehu het dit egter met lis gedoen om die aanbidders van Ba'al te kan vernietig.

20 Yehu het ook gesê: "Sonder 'n ernstige byeenkoms af vir Ba'al." Hulle het dit uitgeroep.
21 Yehu het ook regdeur die hele Yisra'el gestuur en al die aanbidders van Ba'al het gekom sodat daar niemand oor was wat nie gekom het nie. Toe hulle in die tempel van Ba'al ingegaan het, was die tempel van Ba'al vol van een kant tot die ander.
22 Hy sê vir die een wat in beheer was oor die klerekamer: "Bring klere uit vir al die aanbidders van Ba'al." Hy het vir hulle klere uitgebring.
23 Yehu het saam met Y'honadav, die seun van Rekhav, in die tempel van Ba'al ingegaan en hy sê aan die aanbidders van Ba'al: "Soek en kyk dat daar nie miskien van die diensknegte van יהוה hier by julle is nie, maar net die aanbidders van Ba'al."
24 Toe het hulle ingegaan om offers en brandoffers te offer. Yehu het vir homself tagtig man buitekant opgestel en gesê: "Die een wat een van die manne wat ek in julle hande gee, laat ontsnap, sal sy lewe gee in sy plek."
25 Net toe hy klaar die brandoffer geoffer het, het dit gebeur dat Yehu aan die lyfwagte en die koninklike offisiere sê: "Gaan in, maak hulle dood, laat niemand uitkom nie!" Hulle het hul met die skerpte van die swaard doodgemaak en die lyfwagte en die koninklike offisiere het hulle uitgegooi en na die binnedeel van die huis van Ba'al gegaan.
26 Hulle het die pilare van die huis van Ba'al uitgebring en dit verbrand.
27 Hulle het ook die pilaar van Ba'al en die huis van Ba'al afgebreek en toilette daarvan gemaak, tot vandag toe.
28 So het Yehu Ba'al uit Yisra'el uit vernietig.
29 Nogtans het Yehu nie afgewyk van die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie: die goue kalwers wat in Beit-El en in Dan was.
30 יהוה sê vir Yehu: "Omdat jy goed gedoen het deur te doen wat reg is in My oë en volgens alles wat in My hart was aan die huis van Ag'av gedoen het, sal jou seuns tot in die vierde geslag op die troon van Yisra'el sit."
31 Yehu het egter nie versigtig in die wet van יהוה, die God van Yisra'el, met sy hele verstand, wil en emosie geloop nie; hy het nie afgewyk van die sondes van Yarov'am waarin hy Yisra'el laat sondig het nie. Hos 1:4
32 In dié dae het יהוה dele van Yisra'el begin afsny en Haza'el het hulle deur die hele gebied van Yisra'el verslaan:
33 van die Yarden af ooswaarts, die hele land van Gil'ad, die Gadiete, die Re'uveniete en die M'nashehiete, vanaf `Aro'er wat by die vallei van die Arnon lê, Gil'ad sowel as Bashan.
34 Die res van die dade van Yehu en alles wat hy gedoen het, al sy mag, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
35 Yehu is neergelê by sy vaders en is begrawe in Shomron. Y'ho'agaz, sy seun het in sy plek koning geword.
36 Die tyd wat Yehu oor Yisra'el in Shomron regeer het, was agt en twintig jaar.

11 1 Toe `Atalyah, die moeder van Agazyah, sien dat haar seun dood is, het sy opgestaan en die hele koninklike nageslag vernietig, 2 Kro 22:10-23:21
2 maar Y'hosh'va, die dogter van koning Y'horam, die suster van Agazyah, het Yo'ash, die seun van Agazyah, gevat en hom gesteel vanuit die koning se seuns wat doodgemaak is en hom en sy versorger in haar slaapkamer gesit. So het hulle hom dan vir `Atalyah weggesteek en hy is nie gedood nie.
3 Hy was saam met haar in die huis van יהוה weggesteek, ses jaar lank terwyl `Atalyah oor die land regeer.
4 In die sewende jaar het Y'hoyada gestuur en die bevelvoerders oor 'n honderd van die lyfwagte en van die wagte laat haal en by hom in die huis van יהוה laat kom. Toe het hy met hulle 'n verbond gesluit en hulle onder eed geplaas in die huis van יהוה en vir hulle die koning se seun gewys.
5 Hy het hulle beveel en gesê: "Dit is wat julle moet doen: een derde van julle wat op die Shabbat inkom, moet wag hou by die huis van die koning,
6 'n derde deel by die poort Sur en 'n derde deel by die poort agter die wagte en julle moet wag hou oor die huis om dit te verdedig.
7 Twee dele van julle, almal wat op die Shabbat uitgaan, moet ook waghou by die huis van יהוה vir die koning.
8 Dan moet julle die koning omring, elkeen met sy wapens in sy hand en wie ook al in die rye inkom, moet gedood word en julle moet by die koning wees as hy uit- en ingaan."
9 Die bevelvoerders oor 'n honderd het toe alles gedoen soos die priester Y'hoyada beveel het en elkeen het sy manne wat op die Shabbat inkom saam met die wat op die Shabbat uitgaan gevat en na die priester Y'hoyada gekom.
10 Die priester het die spiese en die skilde van koning Dawid aan die bevelvoerders oor 'n honderd gegee wat in die huis van יהוה was.
11 Die wagte het elkeen gaan staan met sy wapens in sy hand, vanaf die regterkant van die huis tot by die linkerkant van die huis, by die altaar en by die huis, rondom die koning.
12 Toe het hy die seun van die koning uitgebring en die koninklike kroon op sy kop gesit, hom gesalf en hom koning gemaak; hulle het met die hande geklap en gesê: "Laat die koning lewe!"
13 Toe `Atalyah die stem van die wagte en van die mense hoor, het sy na die mense in die huis van יהוה gekom.
14 Sy het gekyk en let op, die koning het by die pilaar gestaan, volgens die gewoonte, met die bevelvoerders en die trompetblasers langs die koning en al die mense van die land was bly en het op trompette geblaas. Toe skeur `Atalyah haar klere en roep uit: "Verraad, verraad!"
15 Y'hoyada, die priester, het die bevelvoerders oor 'n honderd, wat oor die leër aangestel is, beveel en vir hulle gesê: "Vat haar uit die rye uit en maak die wat agter haar aankom dood met die swaard," want die priester het gesê: "Sy moenie in die huis van יהוה doodgemaak word nie."

16 Hulle het haar gegryp en toe sy by die ingang vir die perde van die huis van die koning gekom het, is sy daar doodgemaak.
17 Toe het Y'hoyada 'n verbond gesluit tussen יהוה, die koning en die volk dat hulle die volk van יהוה sou wees; ook tussen die koning en die volk.
18 Al die mense van die land het in die tempel van Ba'al ingegaan en dit afgebreek; sy altare en sy beelde het hulle deeglik in stukkies gebreek en Mattan, die priester van Ba'al, voor die altare doodgeslaan. Die priester het amptenare aangestel oor die huis van יהוה.
19 Y'hoyada het die bevelvoeders oor 'n honderd, die lyfwagte, die wagte en die hele volk van die land gevat en hulle het die koning afgebring uit die huis van יהוה en deur die poort van die wagte na die huis van die koning gegaan en hy het op die troon van die konings gaan sit.
20 Al die mense van die land was bly en die stad rustig, want hulle het `Atalyah met die swaard doodgemaak by die koning se huis.

12 1 Yo'ash was sewe jaar oud toe hy koning geword het. 2 Kro 24:1-27
2 In die sewende jaar van Yehu het Yo'ash koning geword en hy het veertig jaar in Yerushalayim regeer en die naam van sy moeder was Tzivyah, van Be'er-Sh'va.
3 Yo'ash het gedoen wat reg was in die oë van יהוה, al sy dae waarin Y'hoyada, die priester, hom onderrig het.
4 Net die hoë plekke is nie weggevat nie; die volk het steeds geoffer en op die hoë plekke wierook laat opgaan.
5 Toe het Yo'ash vir die priesters gesê: "Al die geld wat as toegewyde gawes in die huis van יהוה gebring word, die geld van elke man se waardebepaling en al die geld wat iemand se hart hom oortuig om in die huis van יהוה te bring, Eks 30:12-16
6 mag die priesters vir hulleself vat, elkeen vanaf húlle wat besluit het om te gee en laat dit gebruik word vir die herstel van die huis, waar ook al 'n beskadigde plek gevind word.
7 Dit het egter gebeur dat in die drie en twintigste jaar van koning Yo'ash, die priesters nie die beskadigde plekke van die huis herstel het nie.
8 Toe het koning Yo'ash vir Y'hoyada, die priester en die ander priesters geroep en vir hulle gesê: "Waarom het julle nie die beskadigde plekke van die huis herstel nie? Nou daarom, julle moet geen geld ontvang vanaf wie dit gee nie, maar dit oorgee vir die herstel van die beskadigde plekke van die huis."
9 Die priesters het ingewillig om geen geld meer van die volk te ontvang nie en om ook nie die beskadigde plekke van die huis te herstel nie.
10 Y'hoyada, die priester, het egter 'n kis gevat en 'n gat in sy deksel geboor en dit langs die altaar neergesit, aan die regterkant soos 'n mens in die huis van יהוה inkom en die priesters wat die drumpel bewaak, het al die geld wat in die huis van יהוה ingebring is, daarin gegooi. 2 Kro 24:8-11
11 Toe hulle sien dat daar baie geld in die kis was, het die skrywer van die koning en die hoofpriester opgekom en dit in sakke gebind en die geld getel wat in die huis van יהוה gevind is.

12 Hulle het die afgeweegde geld oorhandig aan dié wat die werk gedoen het, wat toesig oor die huis van יהוה gehad het en hulle het dit uitbetaal aan die skrynwerkers en die bouers wat aan die huis van יהוה gewerk het
13 en aan die messelaars en die klipkappers en om hout en gekapte klippe mee te koop om die beskadigde plekke van die huis van יהוה te herstel en vir alles wat uitgegee moes word om die huis te herstel.
14 Daar is egter nie silwer bekers, snuiters, komme, trompette, enige goue houers of silwer houers in die huis van יהוה gemaak van die geld wat in die huis van יהוה gebring is nie,
15 want hulle het dit vir dié gegee wat die werk gedoen het en daarmee het hulle die huis van יהוה herstel.
16 Meer nog, hulle het nie boekhouding vereis van die manne in wie se hand die geld gegee is om dié wat die werk doen te betaal nie, want hulle het getrou opgetree.
17 Die geld van die skuldoffer en die geld van die sondoffers is nie in die huis van יהוה gebring nie; dit was vir die priesters.
18 Toe het Haza'el, koning van Aram, opgegaan en teen Gat geveg en dit ingeneem en Haza'el het sy gesig gerig om op te gaan na Yerushalayim.
19 Yo'ash, koning van Y'hudah, het al die afgesonderde voorwerpe wat Y'hoshafat, Y'horam en Agazyah, sy vaders, konings van Y'hudah, afgesonder het, saam met sy eie afgesonderde voorwerpe en al die goud wat te vinde was in die skatkamers van die huis van יהוה en van die koning se huis gevat en dit aan Haza'el, koning van Aram gestuur. Toe het hy van Yerushalayim af weggegaan.
20 Die res van die dade van Yo'ash en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
21 Sy diensknegte het opgestaan en 'n sameswering gesmee en Yo'ash doodgeslaan in Beit-Millo, op pad na Silla.
22 Yozakhar, die seun van Shim'at en Y'hozavat, die seun van Shomer, sy diensknegte, het hom doodgeslaan en hy is begrawe by sy vaders in die stad van Dawid en Amatzyah, sy seun, het in sy plek koning geword.

13 1 In die drie en twintigste jaar van Yo'ash, die seun van Agazyah, die koning van Y'hudah, het Y'ho'agaz, die seun van Yehu, koning geword oor Yisra'el in Shomron, sewentien jaar lank.
2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה en agter die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het, aangeloop; hy het nie van hulle af weggedraai nie.
3 Die toorn van יהוה het teen Yisra'el ontbrand en Hy het hulle voortdurend oorgegee in die hand van Haza'el, koning van Aram en in die hand van Ben-Hadad, die seun van Haza'el.
4 Toe het Y'ho'agaz die guns van יהוה gesoek en יהוה het na hom geluister, want Hy het die verdrukking van Yisra'el gesien, hoe die koning van Aram hulle onderdruk.
5 יהוה het aan Yisra'el 'n bevryder gegee sodat hulle van onder die mag van Aram uit ontsnap het en die seuns van Yisra'el het in hulle tente gebly soos vroeër.

6 Nogtans het hulle nie weggedraai van die sondes van die huis van Yarov'am waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie, maar daarin geloop en die Asherah het ook in Shomron bly staan.
7 Hy het vir Y'ho'agaz nie meer as vyftig perderuiters, tien strydwaens en tien duisend voetgangers van die leër laat oorbly nie, want die koning van Aram het hulle vernietig en hulle gemaak soos stof as gedors word.
8 Die res van die dade van Y'ho'agaz en alles wat hy gedoen het en sy mag, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
9 Y'ho'agaz is neergelê by sy vaders en hulle het hom in Shomron begrawe en Y'ho'ash, sy seun, het in sy plek koning geword.
10 In die sewe en dertigste jaar van Yo'ash, die koning van Y'hudah, het Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, koning geword oor Yisra'el in Shomron; sestien jaar lank.
11 Hy het gedoen wat boos was in die oë van יהוה; hy het nie weggedraai van al die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie, maar het daarin volhard.
12 Die res van die dade van Y'ho'ash en alles wat hy gedoen het en sy mag waarmee hy teen Amatzyah, koning van Y'hudah, geveg het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
13 Y'ho'ash is neergelê by sy vaders en Yarov'am het op sy troon gaan sit en Y'ho'ash is begrawe in Shomron by die konings van Yisra'el.
14 Toe Elisha siek geword het met die siekte waaraan hy sou sterf, het Y'ho'ash, die koning van Yisra'el, afgekom na hom toe en oor hom gehuil en gesê: "My vader, my vader, die strydwa van Yisra'el en sy ruiters!" 2 Kon 2:12
15 Elisha sê vir hom: "Vat 'n boog en pyle." Hy het 'n boog en pyle gevat.
16 Toe sê hy vir die koning van Yisra'el: "Sit jou hand aan die boog." Hy het sy hand op dit gesit en Elisha het sy hande op die hande van die koning gelê.
17 Hy het gesê: "Maak die venster oop na die ooste toe!" Hy het dit oopgemaak. Toe sê Elisha: "Skiet!" Hy het geskiet. Toe sê hy: "יהוה se pyl van oorwinning, van oorwinning oor Aram, want jy sal die Arameërs oorwin by Afek."
18 Toe sê hy: "Vat die pyle." Hy het dit gevat. Hy sê vir die koning van Yisra'el: "Slaan die grond!" Hy het drie maal geslaan en opgehou.
19 Die man van God was kwaad vir hom en sê: "Jy moes vyf of ses maal geslaan het; dan sou jy die Arameërs geslaan het totdat jy hulle vernietig het, maar nou sal jy die Arameërs net drie maal verslaan."
20 Elisha het gesterf en hulle het hom begrawe. Die bendes van die Mo'aviete het met die aanvang van die jaar die land binnegeval.
21 Terwyl hulle besig was om 'n man te begrawe, let op, sien hulle 'n plunderende bende en gooi die man in die graf van Elisha. Toe die man die gebeente van Elisha raak, het hy lewendig geword en op sy voete gestaan.
22 Haza'el, koning van Aram, het Yisra'el onderdruk, al die dae van Y'ho'agaz,
23 maar יהוה was goedgunstig tot hulle en het omgee vir hulle gehad en na hulle toe gedraai ter wille van Sy verbond met Avraham, Yitz'gak en Ya'akov en Hy wou hulle nie vernietig en van Sy Teenwoordigheid af weggooi nie; tot nou toe.

24 Toe Haza'el, koning van Aram, sterf, het Ben-Hadad, sy seun, in sy plek koning geword.
25 Toe het Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, weer die stede uit die hand van Ben-Hadad, die seun van Haza'el, teruggevat wat hy uit die hand van Y'ho'agaz, sy vader, in die oorlog gevat het. Y'ho'ash het hom drie maal verslaan en die stede van Yisra'el herower.

14 1 In die tweede jaar van Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, koning van Yisra'el, het Amatzyah, die seun van Yo'ash, die koning van Y'hudah, koning geword.
2 Hy was vyf en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het nege en twintig jaar lank in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Y'ho'addan van Yerushalayim.
3 Hy het reg gedoen in die oë van יהוה, alhoewel nie soos sy vader, Dawid, nie; hy het alles gedoen volgens wat sy vader, Yo'ash, gedoen het.
4 Net die hoë plekke is nie weggevat nie: die volk het nog op die hoë plekke geoffer en wierook gebrand.
5 Nou, sodra die koninkryk stewig in sy hand was, het dit gebeur dat hy sy diensknegte, wat sy vader, die koning, doodgeslaan het, doodgemaak het.
6 Die kinders van die moordenaars het hy egter nie laat doodmaak nie, volgens wat geskryf is in die wetboek van Mosheh, soos יהוה dit beveel en gesê het: "Die vaders mag nie vir die kinders en die kinders mag nie vir die vaders doodgemaak word nie, maar elkeen moet vir sy eie sonde doodgemaak word." Deut 24:16; Yir 31:30; Yeg 18:20
7 Hy het tien duisend man van Edom in die Soutvallei verslaan en Sela in die oorlog verower en dit Yokte'el genoem, tot vandag toe.
8 Toe stuur Amatzyah boodskappers na Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, die seun van Yehu, koning van Yisra'el, om te sê: "Kom, laat ons mekaar se gesigte sien."
9 Y'ho'ash, koning van Yisra'el, het vir Amatzyah, koning van Y'hudah, laat weet en gesê: "Die distel wat in L'vanon is, het vir die seder wat in L'vanon is, laat weet: 'Gee jou dogter vir my seun as vrou,' maar 'n wilde dier van die L'vanon het verbygegaan en die distel vertrap.
10 U het inderdaad vir Edom verslaan 2 Kro 25:11 en u verstand, wil en emosie het trots geword; geniet die eer en bly by die huis, want waarom wil u moeilikheid uittart sodat u sou val; u en Y'hudah saam met u?"
11 Amatzyah wou egter nie luister nie. Toe gaan Y'ho'ash, koning van Yisra'el, op en hy en Amatzyah, koning van Y'hudah, het teenoor mekaar gestaan by Beit-Shemesh, wat aan Y'hudah behoort.
12 Y'hudah is deur Yisra'el verslaan en hulle het gevlug, elkeen na sy tent toe.
13 Y'ho'ash, koning van Yisra'el, het Amatzyah, koning van Y'hudah, die seun van Yo'ash, die seun van Agazyah, gevange geneem by Beit-Shemesh en by Yerushalayim gekom en vier honderd el van die muur van Yerushalayim afgebreek, vanaf die poort van Efrayim tot by die Hoekpoort.
14 Hy het al die goud, die silwer en al die gereedskap wat in die huis van יהוה en in die skatkamers van die huis van die koning te vinde was, gevat, asook die gyselaars en teruggegaan na Shomron.

15 Die res van die dade van Y'ho'ash, wat hy gedoen het en sy mag en hoe hy teen Amatzyah, die koning van Y'hudah, geveg het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
16 Y'ho'ash is neergelê by sy vaders en is begrawe in Shomron by die konings van Yisra'el en Yarov'am, sy seun, het in sy plek koning geword.
17 Amatzyah, die seun van Yo'ash, die koning van Y'hudah, het nog vyftien jaar geleef ná die dood van Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, koning van Yisra'el.
18 Die res van die dade van Amatzyah, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
19 Hulle het saamgesweer teen hom in Yerushalayim en hy het na Lakhish gevlug, maar hulle het agter hom aan gestuur na Lakhish en hom daar doodgemaak.
20 Toe het hulle hom op perde vervoer en hy is in Yerushalayim begrawe by sy vaders in die stad van Dawid.
21 Al die mense van Y'hudah het vir `Azaryahu (`Uziyahu) gevat, wat sestien jaar oud was en hom koning gemaak in die plek van sy vader Amatzyah. [2 Kro 26:1-23]
22 Nadat die koning by sy vaders neergelê is, het hy Eilat gebou en weer aan Y'hudah herstel.
23 In die vyftiende jaar van Amatzyah, die seun van Yo'ash, koning van Y'hudah, het Yarov'am, die seun van Y'ho'ash, koning van Yisra'el, in Shomron koning geword vir een en veertig jaar lank.
24 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, hy het nie weggedraai van al die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie.
25 Hy het die grens van Yisra'el herstel vanaf die ingang van Hamat af tot by die see van die `Aravah, volgens die woord van יהוה, die God van Yisra'el, wat Hy deur sy dienskneg Yonah, die seun van Amittai, die profeet, wat uit Gat-Hefer was, gepraat het,
26 want יהוה het die ellende van Yisra'el gesien, wat baie bitter was, want daar was geen slaaf of vryman en geen helper vir Yisra'el nie.
27 יהוה het nie gesê dat Hy die naam van Yisra'el onder die hemel sou uitdelg nie en Hy het hulle gered deur Yarov'am, die seun van Yo'ash.
28 Die res van die dade van Yarov'am en alles wat hy gedoen het en sy mag, hoe hy geveg en hoe hy Dammesek en Hamat van Y'hudah aan Yisra'el herstel het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
29 Yarov'am is neergelê by sy vaders, met die konings van Yisra'el en Z'kharyah, sy seun, het in sy plek koning geword.

15 1 In die sewe en twintigste jaar van Yarov'am, koning van Yisra'el, het `Uziyahu, die seun van Amatzyah, koning van Y'hudah, koning geword.
2 Hy was sestien jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir twee en vyftig jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Y'kholyahu, van Yerushalayim.
3 Hy het reg gedoen in die oë van יהוה, net soos sy vader Amatzyah gedoen het.
4 Net die hoë plekke is nie weggevat nie; die volk het steeds op die hoë plekke geoffer en wierook laat opgaan.

5 יהוה het die koning getref sodat hy 'n melaatse [2 Kro 26:16-21] was tot die dag van sy dood. Hy het in 'n afsonderlike huis gebly terwyl Yotam, die seun van die koning, oor die huishouding was en geoordeel het oor die mense van die land.
6 Die res van die dade van `Uziyahu en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
7 `Uziyahu is neergelê by sy vaders en is begrawe by sy vaders in die stad van Dawid en Yotam, sy seun, het in sy plek koning geword.
8 In die agt en dertigste jaar van `Uziyahu, koning van Y'hudah, het Z'kharyah, die seun van Yarov'am, koning geword oor Yisra'el in Shomron vir ses maande lank.
9 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, soos sy vaders gedoen het; hy het nie weggedraai van die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie.
10 Toe het Shallum, die seun van Yavesh, saamgesweer teen hom en hom voor die mense geslaan en doodgemaak en in sy plek geheers.
11 Die res van die dade van Z'kharyah, let op, dit is opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el'.
12 Dit is die woord van יהוה wat Hy tot Yehu gepraat en gesê het: "Jou seuns tot die vierde geslag sal op die troon van Yisra'el sit," en dit was so.
13 Shallum, die seun van Yavesh, het in die nege en dertigste jaar van `Uziyah, koning van Y'hudah, koning geword en 'n maand lank in Shomron regeer.
14 Toe het Menagem, die seun van Gadi, vanaf Tirtzah opgegaan en in Shomron gekom en Shallum, die seun van Yavesh, in Shomron geslaan en doodgemaak en in sy plek koning geword.
15 Die res van die dade van Shallum en sy sameswering wat hy gesmee het, let op, dit is opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el'.
16 Toe het Menagem Tifsag verslaan met almal wat daarin was tot by sy grens met Tirtzah omdat hulle nie vir hom oopgemaak het nie; daarom het hy dit verslaan en al die swanger vroue daarvan oopgesny.
17 In die nege en dertigste jaar van `Uziyahu, koning van Y'hudah, het Menagem, die seun van Gadi, koning oor Yisra'el geword in Shomron; tien jaar lank.
18 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה; hy het in al sy dae nie weggedraai van die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie.
19 Pul, koning van Ashur, het teen die land gekom en Menagem het vir Pul 'n duisend talente silwer gegee sodat sy hande met hom sou wees om die koningskap in sy hand te versterk.
20 Toe het Menagem die geld vanuit Yisra'el ingevorder, van al die magtige manne van rykdom, vyftig sikkels silwer van elke man om die koning van Ashur te betaal. So het die koning van Ashur teruggedraai en nie daar in die land gebly nie.
21 Die res van die dade van Menagem en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
22 Menagem is neergelê by sy vaders en P'kagyah, sy seun, het in sy plek koning geword.

23 In die vyftigste jaar van `Uziyahu, koning van Y'hudah, het P'kagyah, die seun van Menagem, in Shomron koning geword oor Yisra'el; twee jaar lank.
24 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה; hy het nie weggedraai van die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie.
25 Toe het Pekag, die seun van Remalyahu, sy adjudant, teen hom saamgesweer en hom in Shomron, in die vesting van die koning se huis geslaan, saam met Argov, Aryeh en vyftig man uit die Gil'adiete en hy het hom doodgemaak en in sy plek koning geword.
26 Die res van die dade van P'kagyah en alles wat hy gedoen het, let op, dit is opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el'.
27 In die twee en vyftigste jaar van `Uziyahu, koning van Y'hudah, het Pekag, die seun van Remalyahu, in Shomron koning geword oor Yisra'el; twintig jaar lank.
28 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה; hy het nie weggedraai van die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie.
29 In die dae van Pekag, koning van Yisra'el, het Tiglat-Pil'eser, koning van Ashur, gekom en `Iyon, Avel-Beit-Ma'akhah, Yanoag, Kedesh, Hatzor, Gil'ad en die Galil ingeneem; die hele land van Naftali en hy het hulle in gevangenskap weggevoer na Ashur.
30 Hoshea, die seun van Elah, het 'n sameswering gesmee teen Pekag, die seun van Remalyah en hom geslaan en doodgemaak en in sy plek koning geword, in die tweede jaar van Yotam, die seun van `Uziyahu.
31 Die res van die dade van Pekag en alles wat hy gedoen het, let op, dit is opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el.'
32 In die tweede jaar van Pekag, die seun van Remalyah, koning van Yisra'el, het Yotam, die seun van `Uziyahu, koning van Y'hudah, koning geword. [2 Kro 27:1-9]
33 Hy was vyf en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir sestien jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Yerusha, die dogter van Tzadok.
34 Hy het gedoen wat reg was in die oë van יהוה; hy het alles gedoen volgens wat sy vader `Uziyahu gedoen het.
35 Net die hoë plekke is nie verwyder nie; die volk het steeds op die hoë plekke geoffer en wierook laat opgaan. Hy het die Boonste Poort van die huis van יהוה gebou.
36 Die res van die dade van Yotam en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
37 In daardie dae het יהוה begin om Retzin, koning van Aram en Pekag, die seun van Remalyah, teen Y'hudah te stuur.
38 Yotam is neergelê by sy vaders en is begrawe by sy vaders in die stad van sy vader, Dawid en sy seun, Agaz, het in sy plek koning geword.

16 1 In die agtiende jaar van Pekag, die seun van Remalyah, het Agaz, die seun van
Yotam, koning van Y'hudah geword.
2 Agaz was twintig jaar oud toe hy koning geword het en het vir sestien jaar in
Yerushalayim regeer en hy het nie gedoen wat reg was in die oë van יהוה, sy God,
soos sy vader Dawid nie, 2 Kro 28:1-27
3 maar hy het geloop in die pad van die konings van Yisra'el en selfs sy seun deur
die vuur laat gaan volgens die gruwels van die nasies wat יהוה voor die seuns van
Yisra'el uit verdryf het.
4 Hy het op die hoë plekke geoffer en wierook laat opgaan op die heuwels en onder
elke groen boom.
5 Toe het Retzin, koning van Aram en Pekag, die seun van Remalyah, koning van
Yisra'el, opgegaan na Yerushalayim om oorlog te maak en hulle het Agaz beleër,
maar kon hom nie oorwin nie. Yes 7:1
6 In daardie tyd het Retzin, koning van Aram, Eilat aan Aram herstel en die Y'hudahiete
heeltemal uit Eilat verdryf en die Arameërs het na Eilat gekom en het daar gaan
woon tot vandag toe.
7 Agaz stuur toe boodskappers na Tiglat-Pil'eser, koning van Ashur, om te sê: "Ek is
u dienskneg en u seun; kom op en bevry my uit die hand van die koning van Aram
en uit die hand van die koning van Yisra'el wat teen my opstaan.
8 Agaz het die silwer en die goud wat in die huis van יהוה en in die skatkamers van
die huis van die koning te vinde was, gevat en 'n geskenk aan die koning van Ashur
gestuur.
9 Die koning van Ashur het na hom geluister en die koning van Ashur het teen
Dammesek opgegaan en dit verower en hulle in gevangenskap weggevoer na Kir
en Retzin doodgemaak.
10 Koning Agaz het na Dammesek gegaan om Tiglat-Pil'eser, koning van Ashur, te
ontmoet en die altaar gesien wat in Dammesek was. Koning Agaz het vir Uriyah,
die priester, die bloudrukplan en 'n model van die altaar gestuur, volgens die
vakmanskap daarvan.
11 Uriyah, die priester, het 'n altaar gebou, volgens alles wat koning Agaz uit
Dammesek gestuur het, so het Uriyah, die priester dit gemaak, voor die koms van
koning Agaz vanuit Dammesek.
12 Toe die koning vanaf Dammesek kom, het die koning die altaar gesien; toe het die
koning nadergekom na die altaar en opgegaan daarheen
13 en sy brandoffer en sy spysoffer gebrand en sy drankoffer uitgegooi en die bloed
van sy vredesoffers op die altaar gesprinkel.
14 Die koper altaar wat voor die Teenwoordigheid van יהוה was, het hy van die
voorkant van die huis gebring, van tussen sy altaar en die huis van יהוה uit en dit
aan die noordekant van sy altaar gesit.

15 Toe het koning Agaz, Uriyah, die priester, beveel en gesê: "Op die groot altaar moet jy die oggend brandoffer, die aand graanoffer, die koning se brandoffer en sy graanoffer saam met die brandoffer van die hele volk van die land, hulle graanoffer en hulle drankoffers brand en al die bloed van brandoffers en al die bloed van offers daarteen sprinkel, maar die koper altaar sal vir my wees om by navraag te doen."
16 Uriyah, die priester, het gedoen volgens alles wat koning Agaz beveel het.
17 Toe het koning Agaz die rante van die staanders afgesny en die waskom van hulle af afgehaal; hy het ook die see van die koper beeste af afgehaal wat onder hulle was en dit op 'n klipvloer gesit,
18 asook die bedekking wat hulle vir die Shabbat gebou het in die huis van יהוה en die koning se ingang van buite af het hy weggedraai van die huis van יהוה af uit vrees vir die koning van Ashur.
19 Die res van die dade van Agaz, wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
20 Agaz is neergelê by sy vaders en is by sy vaders begrawe in die stad van Dawid en sy seun Hizkiyahu het in sy plek regeer.

17 1 In die twaalfde jaar van Agaz, koning van Y'hudah, het Hoshea, die seun van Elah, in Shomron oor Yisra'el koning geword; nege jaar lank.
2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, net nie soos die konings van Yisra'el wat voor hom was nie.
3 Shalman'eser, die koning van Ashur, het teen hom opgekom en Hoshea het sy dienskneg geword en aan hom belasting betaal,
4 maar die koning van Ashur het by Hoshea 'n sameswering ontdek, wat boodskappers na So, koning van Mitzrayim gestuur het en nie aan die koning van Ashur belasting betaal het soos elke jaar nie; die koning van Ashur het hom dus opgesluit en hom in die tronk vasgebind.
5 Toe het die koning van Ashur die hele land ingeneem en opgegaan na Shomron en dit drie jaar lank beleër.
6 In die negende jaar van Hoshea het die koning van Ashur Shomron ingeneem en Yisra'el in ballingskap weggevoer na Ashur en hulle laat bly in Halag en Havor, by die rivier van Gozan en in die stede van die Mede. Hos 1:4; 11:5
7 Dit het gebeur omdat die seuns van Yisra'el gesondig het teen יהוה, hulle God, wat hulle uit die land van Mitzrayim, van onder die hand van Farao, koning van Mitzrayim, uit laat opgaan het en hulle ander gode gevrees het
8 en geleef het in die tradisies van die nasies, wat יהוה voor die kinders van Yisra'el uit verdryf het en van die konings van Yisra'el, wat dit ingestel het.
9 Die seuns van Yisra'el het dinge in die geheim gedoen wat nie reg was teenoor יהוה, hulle God, nie. Yeg 8:12 Meer nog, hulle het vir hulself hoë plekke gebou in al hulle stede, van wagtoring af tot versterkte stad.
10 Hulle het vir hulself pilare en Asherah beelde opgerig op elke hoë heuwel en onder elke groen boom

11 en daar het hulle wierook gebrand op al die hoë plekke, soos die nasies wat יהוה voor hulle uit weggevoer het, gedoen het en hulle het bose dinge gedoen om יהוה uit te tart.
12 Hulle het afgode gedien, waarvan יהוה vir hulle gesê het: "Julle mag dit nie doen nie."
13 Tog het יהוה Yisra'el en Y'hudah gewaarsku deur al Sy profete en elke siener en gesê: "Draai weg van julle bose dade en onderhou My opdragte, My instellings, volgens die hele wet wat Ek julle vaders beveel het en wat Ek vir julle gestuur het deur My diensknegte, die profete."
14 Nietemin, hulle het nie geluister nie en hul nek styf gemaak soos hulle vaders wat nie op יהוה, hulle God, vertrou het nie.
15 Hulle het Sy instellings en Sy verbond verwerp wat Hy met hulle vaders gesluit en Sy waarskuwings waarmee Hy hulle gewaarsku het en agter nietighede aangeloop en nietig geword en agter die nasies aangegaan wat rondom hulle was, van wie יהוה hulle beveel het om nie soos hulle te doen nie.
16 Hulle het al die opdragte van יהוה, hulle God, verlaat en vir hulle gegote beelde, twee kalwers, gemaak en 'n Asherah en die hele leër van die hemel aanbid en Ba'al gedien.
17 Toe het hulle hul seuns en hul dogters deur die vuur laat gaan [Lev 18:21; 20:2-5] en waarsêery en towery gepraktiseer en hulleself verkoop om boosheid te doen in die oë van יהוה, om Hom uit te tart.
18 So het יהוה dan baie kwaad geword vir Yisra'el en hulle van Sy Teenwoordigheid af verwyder; niemand het oorgebly nie behalwe die stam van Y'hudah.
19 Ook Y'hudah het die opdragte van יהוה, hulle God, nie gehou nie, maar geloop in die tradisies wat Yisra'el ingestel het.
20 יהוה het die hele nageslag van Yisra'el verwerp en hulle geteister en hulle in die hand van plunderaars oorgegee totdat Hy hulle uit Sy sig uit weggegooi het.
21 Toe Hy Yisra'el van die huis van Dawid afgeskeur het, het hulle Yarov'am, die seun van N'vat, koning gemaak. Toe het Yarov'am Yisra'el weggedryf daarvan om יהוה te volg en hulle 'n groot sonde laat doen.
22 Die seuns van Yisra'el het geloop in al die sondes van Yarov'am wat hy gedoen het, hulle het daar nie van weggedraai nie
23 totdat יהוה Yisra'el voor Sy sig verwyder het soos Hy deur al Sy diensknegte, die profete, gepraat het. Yisra'el is in ballingskap uit sy land weggevoer na Ashur, tot vandag toe. [2 Kon 13:23; 14:27]
24 Die koning van Ashur het uit Bavel, uit Kutah, uit `Ava, uit Hamat en S'farvayim mense gebring en laat woon in die stede van Shomron, in die plek van die seuns van Yisra'el. Hulle het Shomron dus in besit geneem en in sy stede gaan woon.
25 Aan die begin van hulle verblyf daar het hulle יהוה nie gevrees nie; daarom het יהוה leeus tussen hulle ingestuur, wat sommige van hulle doodgemaak het.
26 Hulle het met die koning van Ashur gepraat en gesê: "Die nasies wat U weggevoer het na die stede van Shomron, ken nie die gebruike van die God van die land nie; daarom het Hy leeus onder hulle gestuur en let op, dié maak hulle dood omdat hulle nie die gebruike van die God van die land ken nie.

27 Toe beveel die koning van Ashur en sê: "Vat een van die priesters daarheen wat julle weggevoer het in ballingskap en laat hom daar gaan bly en laat hom die gebruike van die God van die land aan hulle leer.
28 Een van die priesters wat uit Shomron weggevoer is in ballingskap het gekom en in Beit-El gebly en hulle geleer hoe hulle יהוה moet vrees.
29 Elke nasie het egter steeds sy eie gode gemaak en in die huise van die hoë plekke gesit wat die mense van Shomron gebou het; elke nasie in hul stede waarin hulle gebly het.
30 Die manne van Bavel het Sukkot-B'not gemaak, die manne van Kutah het Nergal gemaak, die manne van Hamat het Ashima gemaak,
31 die `Aviete het Nivgaz en Tartak gemaak. Die S'farvayiete het hulle kinders vir Adrammelekh en Anammelekh, die gode van die S'farvayiete, in die vuur verbrand.
32 So, hulle het יהוה respekvol gevrees en vanuit hulleself vir hulle priesters van die hoë plekke aangestel wat vir hulle opgetree het in die huise van die hoë plekke.
33 Hulle het יהוה respekvol gevrees en hulle eie gode gedien volgens die gebruik van die nasies waaruit hulle weggevoer is.
34 Tot vandag toe doen hulle volgens die vroeëre gebruike: hulle vrees יהוה nie en doen ook nie Sy instellings, Sy regverdige oordele, of die wet, of die opdragte wat יהוה die seuns van Ya'akov beveel het nie, wat Hy Yisra'el genoem het,
35 met wie יהוה 'n verbond gesluit en hulle beveel en gesê het: "Julle mag geen ander gode vrees of julle voor hulle neerbuig of hulle dien of aan hulle offer nie,
36 maar יהוה, wat julle uit Mitzrayim gebring het met groot krag en met 'n uitgestrekte arm, Hom moet julle respekvol vrees en voor Hom buig en aan Hom offer.
37 Die instellings en die regverdige oordele en die wet en die opdragte wat Hy vir julle neergeskryf het, moet julle oplet om vir altyd te doen en julle sal nie ander gode vrees nie.
38 "Die verbond wat Ek met julle gesluit het, mag julle nie vergeet nie en ook mag julle nie ander gode vrees nie,
39 maar julle moet יהוה, julle God, respekvol vrees en Hy sal julle bevry uit die hand van al julle vyande."
40 Hulle het egter nie geluister nie en volgens hul vroeëre gebruike gedoen.
41 Terwyl hierdie nasies יהוה respekvol gevrees het, het hulle ook hulle afgode gedien; ook hulle kinders en hulle kleinkinders, soos hulle vaders gedoen het, so doen hulle tot vandag toe.

18 1 Dit het in die derde jaar van Hoshea, die seun van Elah, koning van Yisra'el, gebeur dat Hizkiyahu, die seun van Agaz, koning van Y'hudah geword het.
2 Hy was vyf en twintig jaar oud toe hy koning geword het en het nege en twintig jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Aviyah, die dogter van Z'kharyah.
3 Hy het reg gedoen in die oë van יהוה volgens alles wat sy vader, Dawid, gedoen het.

4 Hy het die hoë plekke verwyder, die pilare afgebreek en die Asherah omgekap. Hy het ook die koper slang wat Mosheh gemaak het, in stukkies gebreek omdat die seuns van Yisra'el tot op daardie dae wierook daarop gebrand het en dit is N'gushtan (gemaak van koper) genoem.
5 Hy het in יהוה, die God van Yisra'el, vertrou sodat ná hom daar tussen al die konings van Y'hudah niemand soos hy was nie, of tussen hulle wat voor hom was nie,
6 want hy het יהוה aangehang sonder om van Hom af weg te draai en Sy opdragte uitgevoer wat יהוה Mosheh beveel het.
7 יהוה was by hom; waarheen hy ook al gegaan het, was hy voorspoedig Ps 1:3 en hy het in opstand gekom teen die koning van Ashur en hom nie gedien nie.
8 Hy het die F'lishtyne verslaan so ver as tot by `Azah en sy grense, van wagtoring af tot versterkte stad.
9 In die vierde jaar van koning Hizkiyahu; dit was die sewende jaar van Hoshea, die seun van Elah, koning van Yisra'el; het Shalman'eser, koning van Ashur, teen Shomron opgegaan en dit beleër.
10 Hulle het dit ingeneem aan die einde van drie jaar; in die sesde jaar van Hizkiyahu - wat die negende jaar van Hoshea, koning van Yisra'el was - is Shomron oorgeneem.
11 Toe het die koning van Ashur Yisra'el in ballingskap weggevoer na Ashur en hulle laat bly in Halag en by Havor, by die rivier van Gozan en in die stede van die Mede
12 omdat hulle nie die stem van יהוה, hulle God, gehoorsaam het nie, maar Sy verbond oortree het; alles wat Mosheh, die dienskneg van יהוה, beveel het; hulle wou nie luister of dit doen nie.
13 In die veertiende jaar van koning Hizkiyahu het Sangeriv, die koning van Ashur, opgegaan teen al die versterkte stede van Y'hudah en hulle verower.
14 Toe laat Hizkiyahu, koning van Y'hudah, die koning van Ashur in Lakhish weet: "Ek het verkeerd gedoen; trek terug van my af; wat u my ook al oplê, sal ek verdra." Die koning van Ashur het drie honderd talente silwer en dertig talente goud van Hizkiyahu, koning van Y'hudah, verwag.
15 Hizkiyahu het al die silwer gegee wat in die huis van יהוה en in die skatkamers van die huis van die koning te vinde was.
16 In daardie tyd het Hizkiyahu, koning van Y'hudah, die goud van die deure van die tempel van יהוה en van die deurposte afgesny wat hy oorgetrek het en dit vir die koning van Ashur gegee.
17 Toe stuur die koning van Ashur vir Tartan, Rav-Saris en Rav-Shakeh uit Lakhish met 'n groot leër na koning Hizkiyahu in Yerushalayim. Hulle het opgegaan en by Yerushalayim gekom. Toe hulle opgegaan het, het hulle gekom en gaan staan by die watervoor van die Boonste poel wat op die hoofpad van die Wassersveld lê.
18 Toe hulle na die koning roep, het Elyakim, die seun van Hilkiyahu, wat oor die huishouding was, Shevnah, die griffier en Yo'ag, die seun van Asaf, die kanselier, uitgekom na hulle toe.
19 Toe sê Rav-Shakeh vir hulle: "Sê vir Hizkiyahu: 'So praat die groot koning, die koning van Ashur! Wat is die vertroue wat jy het?

20 Jy praat, maar dit is net lippetaal: 'Ek het advies en krag vir die oorlog.' Op wie vertrou jy dat jy teen my gerebelleer het?
21 Nou, let op, jy vertrou op die staf van dié vergruisde riet, op Mitzrayim, wat, as iemand daarop leun, dit in sy hand ingaan en dit deurboor. So is Farao, koning van Mitzrayim, vir almal wat op hom vertrou.
22 As julle egter vir my sê: 'Ons vertrou op יהוה, ons God;' is dit nie Hy Wie se hoë plekke en Wie se altare Hizkiyahu verwyder het en vir Y'hudah en Yerushalayim gesê het: 'Julle moet voor hierdie altaar in Yerushalayim aanbid,' nie?
23 Nou daarom, maak 'n ooreenkoms met my meester, die koning van Ashur en ek sal vir jou twee duisend perde gee as jy van jou kant af ruiters daarop kan plaas.
24 Hoe kan u dan die versoek van een van die minste van die amptenare van my meester weerstaan en op Mitzrayim vertrou vir strydwaens en perderuiters?
25 Het ek nou sonder יהוה se goedkeuring opgekom teen hierdie plek om dit te vernietig? יהוה het vir my gesê: 'Gaan op teen hierdie land en vernietig dit.'"
26 Toe sê Elyakim, die seun van Hilkiyahu, Shevnah en Yo'ag vir Rav-Shakeh: "Praat met u diensknegte in Aramees, want ons verstaan dit en moenie met ons Hebreeus praat ten aanhore van die manne wat op die muur is nie."
27 Rav-Shakeh sê egter vir hulle: "Het my meester my net na u meester en na u gestuur om hierdie woorde te praat en nie met die manne wat op die muur sit, wat hulle eie drek gaan eet en hul eie urine drink saam met julle, nie?"
28 Toe staan Rav-Shakeh en roep hardop in Hebreeus en sê: "Hoor en luister na die woord van die groot koning, die koning van Ashur!
29 So sê die koning: 'Moenie dat Hizkiyahu julle mislei nie, want hy sal julle nie uit my hand kan bevry nie
30 en moet ook nie dat Hizkiyahu julle op יהוה laat vertrou deur te sê: 'יהוה sal ons sekerlik bevry en hierdie stad sal nie in die hand van die koning van Ashur gegee word nie'.'
31 Moenie na Hizkiyahu luister nie, want so sê die koning van Ashur: 'Maak jou vrede met my en kom uit na my toe en eet elkeen van sy wingerdstok en elkeen van sy vyeboom en drink elkeen van die water van sy eie put
32 totdat ek julle kom haal na 'n land soos julle eie land, 'n land van graan en nuwe wyn, 'n land van brood en wingerde, 'n land van olyfbome en heuning sodat julle mag leef en nie sterwe nie.' Moet egter nie na Hizkiyahu luister, wanneer hy julle mislei deur te sê: 'יהוה sal ons bevry,' nie.
33 Het enige een van die gode van die nasies sy land bevry uit die hand van die koning van Ashur?
34 Waar is die gode van Hamat en Arpad? Waar is die gode van S'farvayim, Hena en 'Ivah? Het hulle Shomron uit my hand bevry?
35 Wie is daar onder al die gode van die lande wat hulle land uit my hand bevry het dat יהוה Yerushalayim uit my hand sou bevry?"
36 Die manskappe was egter stil en het hom nie 'n woord geantwoord nie, want dit was die bevel van die koning: "Moet hom nie antwoord nie."

37 Toe het Elyakim, die seun van Hilkiyahu, wat oor die huishouding was, Shevnah, die griffier en Yo'ag, die seun van Asaf, die kanselier, met geskeurde klere by Hizkiyahu gekom en hom die woorde van Rav-Shakeh meegedeel.

19 1 Toe koning Hizkiyahu dit hoor, het hy sy klere geskeur, hom met 'n roukleed bedek en in die huis van יהוה ingegaan.
2 Daarna stuur hy Elyakim, wat oor die huishouding was en Shevnah, die griffier en die oudstes van die priesters, wat met rouklere bedek is, na die profeet Yesha'yahu, die seun van Amotz.
3 Hulle het vir hom gesê: "So sê Hizkiyahu: 'Vandag is 'n dag van benoudheid, bestraffing en verwerping, want die kinders het gekom tot by die geboorte, maar daar is geen krag om gebore te word nie.
4 Miskien sal יהוה, u God, al die woorde hoor van Rav-Shakeh wat deur sy meester, die koning van Ashur, gestuur is om die lewende God te onteer en sal Hy die woorde bestraf wat יהוה, u God, gehoor het; bid daarom dan 'n gebed vir die oorblyfsel wat oor is.'"
5 Die diensknegte van koning Hizkiyahu het by Yesha'yahu gekom,
6 Yesha'yahu sê vir hulle: "So moet julle jul meester antwoord: 'So spreek יהוה: "Moenie bang wees as gevolg van die woorde wat jy gehoor het nie, waarmee die diensknegte van die koning van Ashur kwaad van My gepraat het nie.
7 Let op, Ek sal 'n gees in hom sit sodat hy 'n gerug sal hoor en na sy eie land sal teruggaan en Ek sal hom in sy eie land deur die swaard laat val."'"
8 Rav-Shakeh het teruggegaan en die koning van Ashur gekry terwyl hy besig was om te veg teen Livnah, want hy het gehoor dat die koning Lakhish verlaat het.
9 Toe hy hoor dat hulle aangaande Tirhakah, koning van Kush, sê: "Let op, hy het uitgekom om teen u te veg," het hy weer boodskappers na Hizkiyahu gestuur en gesê:
10 "So moet julle vir Hizkiyahu, koning van Y'hudah, sê: 'Moenie dat u God in wie u vertrou, u mislei deur te sê: "Yerushalayim sal nie in die hand van die koning van Ashur oorgegee word nie."
11 Let op, u het self gehoor wat die konings van Ashur aan al die lande gedoen het, deur hulle volkome te vernietig, dus, sal u gespaar word?
12 Het die gode van die nasies wat my vaders vernietig het, hulle gered; Gozan en Haran en Retzef en die seuns van `Eden wat in Tel'assar was?
13 Waar is die koning van Hamat en die koning van Arpad en die koning van die stad S'farvayim, van Hena en `Ivah?'"
14 Toe vat Hizkiyahu die brief uit die hand van die boodskappers en lees dit en hy het opgegaan na die huis van יהוה en dit voor die Teenwoordigheid van יהוה uitgesprei.
15 Hizkiyahu het voor die Teenwoordigheid van יהוה gebid en gesê: "יהוה, God van Yisra'el, wat op die troon sit bo die gérubs, U alleen is die God van al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak!
16 Draai U oor en luister, o יהוה; maak U oë oop, יהוה, kyk en luister na die woorde van Sangeriv, wat hy gestuur het om die lewende God te onteer!

17 Dit is waar, יהוה, die konings van Ashur het die nasies en hulle lande verwoes
18 en hulle gode in die vuur gegooi, want dit was geen gode nie, maar werk van mense hande, hout en klip; hulle het hul vernietig.
19 Nou bid ek, יהוה, ons God, bevry ons uit sy hand sodat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U, יהוה, alleen God is."
20 Toe laat Yesha'yahu, die seun van Amotz, Hizkiyahu weet en sê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Omdat jy tot My gebid het aangaande Sangeriv, koning van Ashur, het Ek jou gehoor.'
21 Dit is die woord wat יהוה teen hom gepraat het: 'Sy het jou verag en bespot, die maagdelike dogter van Tziyon; sy het haar kop agter jou geskud, die dogter van Yerushalayim.
22 Van wie het jy kwaad gepraat en wie het jy onteer? Teen wie het jy jou stem verhef en jou oë hoogmoedig opgelig? Teen die Afgesonderde Een van Yisra'el!
23 Deur jou boodskappers het jy יהוה onteer en jy het gesê: 'Met die menigte van my strydwaens het ék na die hoogtes van die berge opgekom, na die uithoeke van die L'vanon en ek het sy hoë seders, sy keur van sipresse, omgekap en deurgedring tot in sy diepste skuilhoeke, sy digste woude.
24 Ék het gegrawe en vreemde waters gedrink en met my voetsole droog ek al die rivierstrome van Mitzrayim op.'
25 Het jy dit nie gehoor nie? Lank gelede het Ek dit gedoen; van antieke tye af het Ek dit beplan. Nou het Ek dit laat gebeur sodat jy van versterkte stede puinhope sal maak;
26 daarom was hulle inwoners kort van krag, hulle was moedeloos en beskaamd; hulle was soos plante van die veld en soos die groen kruie, soos gras op die dakke verbrand word voordat dit opgegroei het,
27 maar Ek ken jou sit en jou uitgaan en jou ingaan en hoe jy teen My raas.
28 As gevolg van jou geraas teen My en omdat jou trotsheid opgekom het in My ore; daarom sal Ek My haak in jou neus sit en My toom tussen jou lippe en jou terugbring met die pad waarmee jy gekom het.
29 Dan sal hierdie vir jou die teken wees: julle sal hierdie jaar eet wat vanself groei, in die tweede jaar wat van dieselfde af uitspruit en in die derde jaar, saai, oes, wingerde plant en hulle vrugte eet.
30 Die oorlewendes wat oorgebly het van die huis van Y'hudah sal weer wortel skiet ondertoe en vrugte dra boontoe,
31 want vanuit Yerushalayim sal 'n oorblyfsel uitgaan en oorlewendes vanuit die berg Tziyon. Die ywer van יהוה sal dit doen.
32 יהוה sê daarom so aangaande die koning van Ashur: 'Hy sal nie by hierdie stad kom of 'n pyl daar skiet nie en hy sal nie met 'n skild voor dit kom of 'n wal teen dit opgooi nie.
33 Met die pad wat hy gekom het, sal hy teruggaan en hy sal nie by hierdie stad kom nie,' verklaar יהוה,
34 want Ek sal hierdie stad verdedig om dit te verlos, ter wille van Myself en vir My kneg Dawid."

35 Toe het dit gebeur daardie nag dat die boodskapper van יהוה uitgegaan en een honderd vyf en tagtig duisend in die kamp van die Ashuriërs verslaan het en toe manne die oggend vroeg opstaan, let op, was almal van hulle dood!
36 Sangeriv, die koning van Ashur, het vertrek, teruggegaan en in Ninveh gebly.
37 Dit het gebeur terwyl hy hom neerbuig in die tempel van Nisrokh, sy god, dat sy seuns Adrammelekh en Shar'etzer hom met die swaard doodgemaak het en hulle het ontsnap na die land van Ararat. Esar-Haddon, sy seun, het in sy plek koning geword.

20 1 In dié dae het Hizkiyahu dodelik siek geword en Yesha'yahu, die profeet, die seun van Amotz, het by hom gekom en vir hom gesê: "So sê יהוה: 'Kry jou huis in orde, want jy sal sterf en nie lewe nie.'" Yes 38:1-22; 2 Kron 32:25,26
2 Toe het hy sy gesig na die muur gedraai en gebid tot יהוה en gesê:
3 "Onthou nou, יהוה, ek smeek U, hoe ek voor U Teenwoordigheid in waarheid en met 'n volmaakte verstand, wil en emosie geloop het en gedoen het wat goed is in u oë." Hizkiyahu het bitterlik gehuil.
4 Voordat Yesha'yahu by die middelste hof uitgegaan het, het die woord van יהוה tot hom gekom en gesê:
5 "Gaan terug en sê vir Hizkiyahu, die leier van My volk: "So sê יהוה, die God van jou vader, Dawid: 'Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; let op, Ek sal jou genees. Op die derde dag sal jy opgaan na die huis van יהוה.
6 Ek sal vyftien jaar by jou lewe byvoeg en jou en hierdie stad uit die hand van die koning van Ashur bevry en Ek sal hierdie stad verdedig ter wille van Myself en vir My kneg, Dawid.'"
7 Toe sê Yesha'yahu: "Vat 'n vyekoek." Hulle het dit gevat en op die sweer gesit en hy het herstel.
8 Hizkiyahu het vir Yesha'yahu gevra: "Wat sal die teken wees dat יהוה my sal genees en dat ek op die derde dag sal opgaan na die huis van יהוה?"
9 Yesha'yahu antwoord: "Dit sal vir jou die teken wees vanaf יהוה dat יהוה sal doen wat Hy gesê het: moet die skaduwee tien grade vorentoe gaan, of moet dit tien grade terug gaan?"
10 Hizkiyahu antwoord: "Dit is maklik vir die skaduwee om tien grade af te gaan; nee, maar laat die skaduwee terugdraai, tien grade agtertoe."
11 Yesha'yahu, die profeet, het uitgeroep na יהוה en Hy het die skaduwee op die trappe tien grade teruggebring waarlangs dit afgegaan het op die trappe van Agaz se sonwyser.
12 In daardie tyd het M'rodakh-Bal'adan, 'n seun van Bal'adan, koning van Bavel, briewe en 'n geskenk vir Hizkiyahu gestuur, want hy het gehoor dat Hizkiyahu siek was.
13 Hizkiyahu het na hulle geluister en vir hulle sy hele skathuis gewys, die silwer, die goud, die speserye, die kosbare olie, sy wapenhuis en alles wat in sy skatkamers te vinde was. Daar was niks in sy huis of in sy hele ryk wat Hizkiyahu nie vir hulle gewys het nie.

14 Toe kom die profeet Yesha'yahu na koning Hizkiyahu en sê vir hom: "Wat het hierdie manne gesê en waarvandaan het hulle na u toe gekom?" Hizkiyahu antwoord: "Hulle het van 'n ver land af gekom, vanaf Bavel."
15 Hy het gesê: "Wat het hulle in u huis gesien?" Hizkiyahu antwoord: "Alles wat in my huis is, het hulle gesien; daar is niks in my skatkamers wat ek nie vir hulle gewys het nie."
16 Yesha'yahu sê vir Hizkiyahu: "Hoor en luister na die woord van יהוה!
17 'Let op, daar kom dae dat alles wat in jou huis is en wat jou vaders tot vandag toe opgehoop het, na Bavel weggevoer sal word; daar sal niks oorbly nie,' sê יהוה.
18 'Sommige van jou seuns wat uit jou sal voortkom, wat jy sal verwek, sal weggevat word en hulle sal amptenare word in die paleis van die koning van Bavel.'" Dan 1:3,4
19 Toe sê Hizkiyahu vir Yesha'yahu: "Die woord van יהוה wat u gesê het, is goed, as daar maar vrede en waarheid in my dae sal wees!"
20 Die res van die dade van Hizkiyahu en al sy mag en hoe hy die dam en die watervoor gemaak en die water in die stad ingebring het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
21 Hizkiyahu is neergelê by sy vaders en M'nasheh, sy seun, het in sy plek koning geword. Yes 36:1-39:8

21 1 M'nasheh was twaalf jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir vyf en vyftig jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Heftzibah. 2 Kro 33:1-20
2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, volgens die gruwels van die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el onteien het,
3 want hy het die hoë plekke weer herbou wat sy vader Hizkiyahu vernietig het en altare opgerig vir Ba'al en 'n Asherah gemaak, soos Ag'av, koning van Yisra'el, gedoen het en die hele leër van die hemel aanbid en hulle gedien. Deut 16:21
4 Hy het altare gebou in die huis van יהוה, waarvan יהוה gesê het: "In Yerushalayim sal Ek My Karakter en Outoriteit plaas." Deut 16:21; Yeg 43:8,9
5 Hy het altare gebou vir die hele leër van die hemel in die twee voorhowe van die huis van יהוה. Deut 16:21; Yeg 43:8,9
6 Hy het sy seun deur die vuur laat gaan, heksery, waarsêery en voortekens gepraktiseer en mediums en spiritiste gebruik. Hy het baie boosheid gedoen in die oë van יהוה om Hom te tart. Deut 18:10; 2 Kro 33:6
7 Toe het hy 'n gesnede beeld van Asherah, wat hy gemaak het, in die huis gesit waarvan יהוה vir Dawid en sy seun Shlomo gesê het: "In hierdie huis en in Yerushalayim, wat Ek verkies het uit al die stamme van Yisra'el, sal Ek vir ewig My Karakter en Outoriteit plaas. Deut 16:21; Yeg 43:8,9
8 Ek sal die voet van Yisra'el nie meer laat rondswerf uit die land wat Ek aan hulle vaders gegee het nie, as hulle net sal oplet om alles te doen, volgens wat Ek hulle beveel het en volgens die hele wet wat My dienskneg Mosheh hulle beveel het."
9 Hulle het egter nie geluister nie en M'nasheh het hulle verlei om meer boosheid te doen as die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el vernietig het.
10 Nou het יהוה deur Sy diensknegte, die profete, gepraat en gesê:

11 "Omdat M'nasheh, koning van Y'hudah, hierdie gruwels gedoen het, boser as wat al die Emoriete gedoen het wat voor hom was en ook vir Y'hudah laat sondig het deur sy afgode;
12 daarom, so sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Let op, Ek bring sulke katastrofes oor Yerushalayim en Y'hudah, wat, as enige iemand daarvan hoor, beide sy ore sal tuit.
13 Ek sal die meetsnoer van Shomron en die skietlood van die huis van Ag'av oor Yerushalayim span en Ek sal Yerushalayim skoonvee soos 'n mens 'n bord skoonvee: dit skoonvee en onderstebo draai.
14 Ek sal die oorblyfsels van My erfenis verwerp en hulle in die hand van hul vyande oorgee en hulle sal soos buit en plunder word vir al hul vyande
15 omdat hulle boos gedoen het in My oë en My gedurig getart het tot woede sedert die dag dat hulle vaders uit Mitzrayim uitgekom het, tot vandag toe.'"
16 Meer nog, M'nasheh het vreeslik baie onskuldige bloed vergiet totdat hy Yerushalayim van end tot end daarmee gevul het, behalwe sy sonde waarmee hy Y'hudah laat sondig het om te doen wat boos was in die oë van יהוה.
17 Die res van die dade van M'nasheh en alles wat hy gedoen het en sy sonde wat hy begaan het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie? 2 Kro 33:10-19
18 M'nasheh is neergelê by sy vaders en is begrawe in die tuin van sy eie huis, in die tuin van die skatkamer. Amon, sy seun, het in sy plek koning geword. 2 Kro 33:20-25
19 Amon was twee en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir twee jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Meshullemet, die dogter van Harutz, van Yotvah.
20 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, soos M'nasheh, sy vader, gedoen het.
21 Hy het geheel en al in die pad wat sy vader geloop het, geloop en die afgode gedien wat sy vader gedien het en hom voor hulle neergebuig. 2 Kro 33:2-7, 22
22 So het hy יהוה, die God van sy vaders, verlaat en nie in die pad van יהוה geloop nie.
23 Die diensknegte van Amon het teen hom saamgesweer en die koning in sy huis doodgemaak.
24 Toe het die mense van die land almal wat saamgesweer het teen koning Amon doodgemaak en die mense van die land het vir Yoshiyahu, sy seun, in sy plek koning gemaak.
25 Die res van die dade van Amon, wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
26 Hy is begrawe in sy graf, in die tuin van die skatkamer. Yoshiyahu, sy seun, het in sy plek koning geword.

22 1 Yoshiyahu was agt jaar oud toe hy koning geword het en hy het een en dertig jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Y'didah, die dogter van `Adayah, vanaf Botzkat. 2 Kro 34:1-35:27
2 Hy het gedoen wat reg was in die oë van יהוה en in alles in die pad van sy vader, Dawid, geloop en nie regs of links afgedraai nie.

3 In die agttiende jaar van koning Yoshiyahu het die koning vir Shafan, die skrywer, die seun van Atzalyahu, die seun van Meshullam, na die huis van יהוה gestuur en gesê:
4 "Gaan op na Hilkiyahu, die hoofpriester en laat hy die geld tel wat in die huis van יהוה ingebring is, wat die deurwagters versamel het vanaf die volk.
5 Laat hulle dit oorhandig aan die werkers wat aangestel is oor die huis van יהוה en laat hulle dit aan die werkers gee, wat in die huis van יהוה is om die skade aan die huis te herstel,
6 aan die skrynwerkers, bouers en messelaars en om hout en gekapte klippe te koop om die huis te herstel.
7 Daar sal net geen boekhouding met hulle gedoen word oor die geld wat in hulle hand gegee is nie, want hulle handel getrou."
8 Toe sê die hoofpriester Hilkiyahu vir Shafan, die skrywer: "Ek het die Boek van die Wet in die huis van יהוה gevind." Hilkiyahu het die boek vir Shafan gegee, wat dit gelees het.
9 Shafan, die skrywer, het by die koning gekom en vir die koning woord gebring en gesê: "U diensknegte het die geld uitgehaal wat in die huis te vinde was en dit in die hande van die werkers wat aangestel is oor die huis van יהוה oorhandig."
10 Meer nog, Shafan, die skrywer, het die koning vertel en gesê: "Hilkiyahu, die priester, het vir my 'n boek gegee." Shafan het dit in die koning se teenwoordigheid gelees.
11 Toe die koning die woorde van die Boek van die Wet hoor, het hy sy klere geskeur.
12 Toe het die koning vir Hilkiyahu, die priester, Agikam, die seun van Shafan, `Akhbor, die seun van Mikhayah, Shafan, die skrywer en `Asayah, die dienskneg van die koning, beveel en gesê:
13 "Gaan raadpleeg יהוה vir my, vir die volk en vir die hele Y'hudah oor die woorde van hierdie boek wat gevind is, want die toorn van יהוה is groot wat teen ons ontvlam omdat ons vaders nie geluister het na die woorde van hierdie boek, om te doen volgens alles wat vir ons geskryf is, nie."
14 Toe gaan Hilkiyahu, die priester, Agikam, `Akhbor, Shafan en `Asayah na Huldah, die profetes, die vrou van Shallum, die seun van Tikvah, die seun van Hargas, bewaarder van die wapens; sy het in Yerushalayim gebly en die wet bestudeer en hulle het met haar gepraat.
15 Sy het vir hulle gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Sê vir die man wat julle na my toe gestuur het,
16 so sê יהוה: "Let op, Ek bring boosheid oor hierdie plek en oor sy inwoners, al die woorde van die boek wat die koning van Y'hudah gelees het
17 omdat hulle My verlaat en vir ander gode wierook laat opgaan het, om My met al hul handewerk te tart; daarom sal My wraak brand teen hierdie plek en nie uitgeblus word nie".'
18 Aan die koning van Y'hudah wat julle gestuur het om יהוה te raadpleeg, moet julle egter só sê: 'So sê יהוה, God van Yisra'el aangaande die woorde wat jy gehoor het:

19 "Omdat jou hart sag is en jy jou voor die Teenwoordigheid van יהוה verneder het toe
jy hoor wat Ek oor hierdie plek en oor sy inwoners gesê het: 'hulle sal 'n verlatenheid
en vervloeking word' en jy jou klere geskeur en voor My Teenwoordigheid gehuil
het, het Ék jou waarlik gehoor," sê יהוה.'
20 Let daarom op, Ek sal jou by jou vaders versamel en jy sal met vrede in jou graf
versamel word en jou oë sal nie al die boosheid sien wat Ek oor hierdie plek bring
nie." Hulle het woord aan die koning teruggebring.

23 1 Toe het die koning gestuur en hulle het al die oudstes van Y'hudah en
Yerushalayim by hom versamel.
2 Die koning het opgegaan na die huis van יהוה en al die manne van Y'hudah en al die
inwoners van Yerushalayim saam met hom en die priesters en die profete en al die
mense, beide klein en groot en hy het al die woorde van die boek van die verbond,
wat in die huis van יהוה gevind is, ten aanhore gelees.
3 Die koning het by die pilaar gestaan en 'n verbond in die Teenwoordigheid van יהוה
gesluit om יהוה te volg en Sy opdragte, Sy getuienisse en Sy instellings met sy hele
verstand, wil en emosie en met sy hele lewe te onderhou en om die woorde van die
verbond wat in hierdie boek geskryf is, uit te voer en al die mense het ingetree in
die verbond.
4 Toe beveel die koning vir Hilkiyahu, die hoofpriester, die priesters van die tweede
rang en die deurwagters om al die voorwerpe uit die tempel van יהוה te bring wat
gemaak is vir Ba'al, vir Asherah en vir die hele leër van die hemel en hy het dit
buitekant Yerushalayim in die velde van Kidron verbrand en hulle as na Beit-El
gedra.
5 Hy het weggedoen met die afgodspriesters wat die konings van Y'hudah aangestel
het om wierook te brand op die hoë plekke in die stede van Y'hudah en in die
omgewing van Yerushalayim en ook dié wat tot Ba'al, tot die son, die maan, die
sterretekens en die hele leër van die hemel wierook laat opgaan het.
6 Hy het die Asherah uit die huis van יהוה na buitekant Yerushalayim uitgebring na die
spruit Kidron en dit by die spruit Kidron verbrand en dit tot stof gemaal en sy stof
gegooi op grafte van die gewone mense.
7 Hy het ook die huise van kultusprostitute afgebreek wat in die huis van יהוה was,
waar die vroue behangsels geweef het vir die Asherah.
8 Toe het hy al die priesters uit die stede van Y'hudah laat kom en die hoë plekke
onteer waarop die priesters wierook gebrand het, van Geba af tot by Be'er-Sh'va
en die hoë plekke van die poorte afgebreek, wat by die ingang van die poort van
Y'hoshua, die goewerneur van die stad, aan 'n mens se linkerhand by die stadspoort,
was.
9 Nogtans het die priesters van die hoë plekke nie opgegaan na die altaar van יהוה in
Yerushalayim nie, maar hulle het ongesuurde brode tussen hulle broers geëet.
10 Hy het Tofet, wat in die Ben-Hinnom vallei was, ook onteer sodat niemand sy seun
of sy dogter vir Molekh deur die vuur sou laat gaan nie. Deut 18:10

11 Hy het weggedoen met die perde wat die konings van Y'hudah aan die son gegee het, by die ingang van die huis van יהוה, by die kamer van N'tan-Melekh, die amptenaar, wat in die omgewing was en hy het die waens van die son met vuur verbrand.
12 Die altare wat op die dak, die bo-kamer van Agaz, was, wat die konings van Y'hudah gemaak het en die altare wat M'nasheh in die twee howe van die huis van יהוה gemaak het, het die koning afgebreek en dit daar verbrysel en hulle stof in die Kidronspruit gegooi. Deut 16:21
13 Die hoë plekke wat voor Yerushalayim was, regs van die Berg van Vernietiging, wat Shlomo, die koning van Yisra'el, vir `Ashtoret, die gruwel van die Tzidoniërs, vir K'mosh, die gruwel van Mo'av en vir Milkom, die gruwel van die seuns van `Ammon, gebou het, het die koning onteer.
14 Hy het die klippilare in stukkies gebreek, die Asherah afgekap en hulle plek met mensbene opgevul.
15 Verder, die altaar wat by Beit-El was en die hoë plek wat Yarov'am, die seun van N'vat, wat Yisra'el laat sondig het, gebou het; ook daardie altaar en die hoë plek het hy afgebreek. Toe het hy sy klippe afgebreek, tot stof gemaal en die Asherah verbrand.
16 Toe Yoshiyahu omdraai, sien hy die grafte wat daar op die berg was en hy het die bene uit die grafte laat haal en op die altaar verbrand en dit onteer, volgens die woord van יהוה wat verklaar is deur die man van God wat hierdie woorde uitgeroep het. 1 Kon 13:1,2
17 Toe sê hy: "Wat is hierdie monument wat ek sien?" Die manne van die stad antwoord hom: "Dit is die graf van die man van God wat uit Y'hudah gekom en hierdie dinge verklaar het wat u teen die altaar van Beit-El gedoen het." 1 Kon 13:30-32
18 Hy het gesê: "Laat hom met rus, laat niemand sy bene versteur nie." Hulle het sy bene en die bene van die profeet wat uit Shomron gekom het, met rus gelaat.
19 Yoshiyahu het ook al die huise van die hoë plekke wat in die stede van Shomron was, wat die konings van Yisra'el gebou het om יהוה te tart, verwyder en daarmee gedoen net soos hy in Beit-El gedoen het.
20 Al die priesters van die hoë plekke wat daar was, het hy op die altare doodgemaak en mensbene daarop gebrand. Toe het hy na Yerushalayim teruggegaan.
21 Toe het die koning al die mense beveel en gesê: "Vier Pesag vir יהוה, julle God, soos geskrywe is in hierdie boek van die verbond."
22 Daar is sekerlik nie so 'n Pesag gevier vanaf die dae van die Rigters, wat Yisra'el gerig het, of gedurende al die dae van die konings van Yisra'el en die konings van Y'hudah nie,
23 maar in die agttiende jaar van koning Yoshiyahu is hierdie Pesag tot יהוה in Yerushalayim gehou. 2 Kro 35:1-19
24 Yoshiyahu het verder ook die mediums, die spiritiste, die huisgode en die afgode en al die gruwels wat in die land van Y'hudah en in Yerushalayim te sien was, verwyder, om die woorde van die wet te bevestig wat geskryf is in die boek wat Hilkiyahu, die priester, in die huis van יהוה gekry het.

25 Voor hom was daar geen koning soos hy, wat met sy hele gees, verstand, wil en emosie en met al sy krag omgedraai het na יהוה volgens die hele wet van Mosheh nie en ook het nie een ná hom soos hy opgestaan nie.
26 Nogtans het יהוה nie weggedraai van die ernstigheid van Sy groot toorn waarmee Sy woede teen Y'hudah gebrand het oor al die tartinge waarmee M'nasheh Hom getart het nie. 2 Kon 24:2; Hos 12:1; `Am 2:4; Mal 2:11
27 יהוה het gesê: "Ek sal Y'hudah ook uit My sig verwyder soos Ek Yisra'el verwyder het en Ek sal hierdie stad Yerushalayim verwerp wat Ek gekies het en die huis waarvan Ek gesê het: 'My Karakter en Outoriteit sal daar wees.'"
28 Die res van die dade van Yoshiyahu en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
29 In sy dae het Farao N'khoh, koning van Mitzrayim, teen die koning van Ashur opgegaan na die Eufraatrivier en koning Yoshiyahu het hom tegemoet gegaan en toe hy hom sien, het hy vir Yoshiyahu gedood by Megiddo.
30 Sy diensknegte het sy liggaam in 'n strydwa vanaf Megiddo gery en hom na Yerushalayim gebring en hom in sy eie graf begrawe. Toe het die mense van die land vir Y'ho'agaz, die seun van Yoshiyahu, gevat, hom gesalf en hom in die plek van sy vader koning gemaak.
31 Y'ho'agaz was drie en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het drie maande lank in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Hamutal, die dogter van Yirmeyahu, van Livnah. 2 Kro 36:1-4
32 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, volgens alles wat sy vaders gedoen het.
33 Farao N'khoh het hom in Rivlah, in die land van Hamat, gevange gehou sodat hy nie in Yerushalayim sou regeer nie en die land 'n boete opgelê van 'n honderd talente silwer en 'n talent goud.
34 Farao N'khoh het Elyakim, die seun van Yoshiyahu, koning gemaak in die plek van Yoshiyahu, sy vader en sy naam verander na Y'hoyakim, maar hy het Y'ho'agaz weggevat en hom na Mitzrayim gebring en hy is daar dood. 2 Kro 36:4-
35 Y'hoyakim het die silwer en die goud vir Farao gegee, maar hy het die grond belas om die geld volgens die bevel van Farao te gee. Hy het die silwer en die goud van die mense van die land ingevorder, elkeen volgens sy waardasie, om dit vir Farao N'khoh te gee.
36 Y'hoyakim was vyf en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het elf jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Z'vudah, die dogter van P'dayah, van Rumah.
37 En hy het boos gedoen in die oë van יהוה, volgens alles wat sy vaders gedoen het.

24 1 In sy dae het N'vukadnetzar, koning van Bavel, opgegaan en Y'hoyakim het vir drie jaar lank sy dienskneg geword; toe het hy omgedraai en teen hom gerebelleer.
2 יהוה het die bendes van die Kasdeërs, bendes van die Arameërs, bendes van die Mo'aviete en die bendes van die `Ammoniete teen hom gestuur. Hy het hulle teen Y'hudah gestuur om dit te vernietig volgens die woord van יהוה wat Hy deur Sy knegte, die profete, gepraat het. 2 Kon 23:26,27; Hos 12:1; `Am 2:4; Mal 2:11

3 Sekerlik het dit volgens die bevel van יהוה oor Y'hudah gekom, om hulle van Sy Teenwoordigheid te verwyder vanweë die sondes van M'nasheh, volgens alles wat hy gedoen het;
4 asook vir die onskuldige bloed wat hy vergiet het sodat hy Yerushalayim met onskuldige bloed gevul het en יהוה wou nie vergewe nie.
5 Die res van die dade van Y'hoyakim en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
6 Y'hoyakim is neergelê by sy vaders en sy seun Y'hoyakhin het in sy plek koning geword.
7 Die koning van Mitzrayim het nie weer uit sy land uitgekom nie, want die koning van Bavel het alles gevat wat aan die koning van Mitzrayim behoort het, vanaf die spruit van Mitzrayim tot by die Eufraatrivier.
8 Y'hoyakhin was agttien jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir drie maande in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was N'gushta, die dogter van Elnatan, van Yerushalayim. 2 Kro 36:9-10
9 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, volgens alles wat sy vader gedoen het.
10 In dié tyd het die diensknegte van N'vukadnetzar, koning van Bavel, na Yerushalayim opgegaan en die stad is beleër.
11 N'vukadnetzar, koning van Bavel, het by die stad gekom terwyl sy diensknegte dit beleër het.
12 Y'hoyakhin, die koning van Y'hudah, het uitgegaan na die koning van Bavel, hy, sy moeder, sy dienaars, sy bevelvoerders en sy amptenare en die koning van Bavel het hom gevange geneem in die agtste jaar van sy regering.
13 Hy het al die skatte van die huis van יהוה en die skatte van die huis van die koning daarvandaan uitgedra en al die goud van die voorwerpe afgesny wat Shlomo, koning van Yisra'el, gemaak het in die tempel van יהוה, net soos יהוה gesê het.
14 Toe het hy die hele Yerushalayim, al die bevelvoerders, al die dapper magtige manne, tien duisend ballinge en al die vakmanne en die slotmakers weggevoer; niemand het oorgebly nie, behalwe die armste mense van die land.
15 Hy het Y'hoyakhin in ballingskap weggevoer na Bavel, asook die moeder van die koning, die vroue van die koning, sy amptenare, asook die heersende manne van die land het hy in ballingskap uit Yerushalayim na Bavel laat gaan.
16 Al die dapper manne, sewe duisend en die vakmanne en die slotmakers, een duisend, almal sterk en in staat om oorlog te maak; dié het die koning van Bavel in ballingskap na Bavel gebring.
17 Toe het die koning van Bavel Y'hoyakhin se oom, Mattanyah, in sy plek koning gemaak en sy naam verander na Tzidkiyahu.
18 Tzidkiyahu was een en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir elf jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Hamutal, die dogter van Yirmeyahu, van Livnah.
19 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה volgens alles wat Y'hoyakhin gedoen het,
20 want deur die woede van יהוה het dit in Yerushalayim en Y'hudah gebeur totdat Hy hulle uit Sy Teenwoordigheid weggegooi het. Tzidkiyahu het teen die koning van Bavel gerebelleer.

25 1 In die negende jaar van sy regering, in die tiende maand, op die tiende van die maand, het N'vukadnetzar, koning van Bavel, gekom, hy en sy hele leër, teen Yerushalayim en daarteen kamp opgeslaan en 'n beleëringsmuur rondom gebou.
2 Die stad was in beleëring tot die elfde jaar van koning Tzidkiyahu.
3 Op die negende dag van die vierde maand, was die hongersnood so groot in die stad dat daar geen kos vir die mense van die land was nie.
4 Toe is in die stad ingebreek en al die krygsmanne het in die nag, deur die poort, tussen die twee mure wat langs die koning se tuin is, gevlug, alhoewel die Kasdeërs reg rondom die stad was en hulle het op die pad van die Vlakte gegaan.
5 Die leër van die Kasdeërs het die koning egter agtervolg en hom in die vlaktes van Yerigo ingehaal en sy hele leër is van hom af verstrooi.
6 Toe vang hulle die koning en bring hom na die koning van Bavel by Rivlah en hy het 'n vonnis oor hom uitgespreek.
7 Hulle het die seuns van Tzidkiyahu voor sy oë doodgeslaan en toe die oë van Tzidkiyahu verblind en hom met koper kettings gebind en hom na Bavel gebring.
8 Op die sewende dag van die vyfde maand, in wat die negentiende jaar van koning N'vukadnetzar, die koning van Bavel, was, het N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die wag, 'n dienskneg van die koning van Bavel, na Yerushalayim gekom. Yir 52:12
9 Hy het die huis van יהוה, die koning se huis en al die huise van Yerushalayim, elke groot huis, met vuur verbrand. Yir 17:27
10 Die hele leër van die Kasdeërs, wat by die bevelvoerder van die wag was, het die mure rondom Yerushalayim afgebreek.
11 Toe is die res van die mense wat in die stad oorgebly het en die oorlopers wat na die koning van Bavel oorgeloop het en die res van die mense deur N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die wag, in ballingskap weggevat,
12 maar die bevelvoerder van die wag het sommige van die armstes van die land gelos om wynboere en landbouers te wees.
13 Die Kasdeërs het die koper pilare wat in die huis van יהוה was, die staanders en die koper see wat in die huis van יהוה was, stukkend gebreek en die koper na Bavel weggedra.
14 Hulle het die potte, grawe, snuiters, lepels en al die koper houers wat in die diens gebruik is, weggevat.
15 Die bevelvoerder van die wag het ook die vuurpanne en die komme, wat van suiwer goud en van suiwer silwer was, weggevat;
16 die twee pilare, die een see en die staanders wat Shlomo vir die huis van יהוה gemaak het; die koper van al hierdie voorwerpe kon nie geweeg word nie.
17 Die hoogte van een pilaar was agttien el en 'n pilaarkroon van koper was daarop; die hoogte van die pilaarkroon was drie el; met vlegwerk en granate rondom op die pilaarkroon, alles van koper en net so was die tweede pilaar, met vlegwerk.
18 Toe het die bevelvoerder van die wag vir S'rayah, die hoofpriester, Tz'fanyah, die tweede priester en drie amptenare van die tempel gevang.

19 Hy het een amptenaar vanuit die stad wat oor die krygsmanne aangestel was, vyf van die koning se raadgewers wat in die stad gevind is, die skrywer van die bevelvoerder van die leër, wat die mense van die land oproep en sestig man van die mense van die land wat in die stad gevind is, gevat.
20 N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die wag, het hulle gevat en hulle na die koning van Bavel, by Rivlah gebring.
21 Toe het die koning van Bavel hulle neergeslaan en hulle doodgemaak in Rivlah, in die land van Hamat. So is Y'hudah uit sy land uit in ballingskap weggevoer.
22 Wat die mense betref wat in die land van Y'hudah oorgebly het, wat N'vukadnetzar, koning van Bavel, laat agterbly het: hy het G'dalyah, die seun van Agikam, die seun van Shafan, oor hulle aangestel. Yir 40:5-43:13
23 Toe al die bevelvoerders van die leërs, hulle en die manne, hoor dat die koning van Bavel vir G'dalyah aangestel het, het hulle na G'dalyah, na Mitzpah gekom, naamlik: Yishma'el, die seun van N'tanyah, Yoganan, die seun van Kareag, S'rayah, die seun van Tangumet, die N'tofatiet en Ya'azanyah, die seun van die Ma'akhati, hulle en hul manne.
24 G'dalyah het vir hulle en hul manne gesweer en vir hulle gesê: "Moenie bang wees vir die diensknegte van die Kasdeërs nie; leef in die land en dien die koning van Bavel en dit sal met julle goed gaan."
25 Dit het egter in die sewende maand gebeur dat Yishma'el, die seun van N'tanyah, die seun van Elishama, uit die koninklike familie, met tien manne gekom het en G'dalyah doodgeslaan het, saam met die Jode en die Kasdeërs wat saam met hom by Mitzpah was.
26 Toe het al die mense, klein en groot, saam met die bevelvoerders van die leërs, opgestaan en na Mitzrayim gegaan, want hulle was bang vir die Kasdeërs.
27 Dit het in die sewe en dertigste jaar van die ballingskap van Y'hoyakhin, koning van Y'hudah, in die twaalfde maand, op die sewe en twintigste van die maand gebeur dat Eveel-M'rodakh, koning van Bavel, in die jaar dat hy koning geword het, vir Y'hoyakhin, die koning van Y'hudah, uit die gevangenis vrygelaat het
28 en hy het vriendelik met hom gepraat en sy troon gesit bokant die trone van die konings wat by hom in Bavel was.
29 Y'hoyakhin het sy gevangenisklere vervang en hy het gereeld sy maaltye in die koning se teenwoordigheid geëet, al die dae van sy lewe
30 en vir sy lewensonderhoud, is 'n gereelde lewensonderhoud vir hom gegee deur die koning, 'n deel elke dag, al die dae van sy lewe.

Die twaalfde boek van die Verbond (Tanakh)

Die sewende boek van die Profete

Die eerste boek van die Latere Profete

Yesha'yahu
(Jesaja)

ישעיהו - יהוה het gered.

Die boek is deur die profeet Yesha'yahu, tydens sy bediening van ongeveer 762 tot 698 voor Yeshua, geskryf.

1 1 Die visioene van Yesha'yahu, die seun van Amotz, wat hy gesien het met betrekking tot Y'hudah en Yerushalayim, wat hy gesien het tydens die heerskappye van `Uziyahu, Yotam, Agaz en Hizkiyahu, konings van Y'hudah.
2 "Luister, o hemele en luister, o aarde, want יהוה praat: "Ek het seuns groot gemaak en tot groot hoogtes gebring, maar húlle het teen My in opstand gekom.
3 Selfs 'n os ken sy weiplek en 'n donkie die krip van sy meester, maar Yisra'el ken nie een van die twee nie en My volk verstaan nie wat dit beteken nie.
4 Wee 'n sondige nasie; 'n volk neergedruk met skuld, nageslag van wetteloses, seuns wat korrup optree! Julle het יהוה verlaat. Julle het die Afgesonderde van Yisra'el verag, julle het van Hom af weggedraai.
5 Waar sal julle nog geslaan word, aangesien julle voortgaan in rebellie? Die hele kop is siek en die hele binneste is swak.
6 Vanaf die voetsool tot die kop is daar niks reg nie, net kneusplekke, opswellings en rou wonde; nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie.
7 Julle land is verlate, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid; dit is 'n verlatenheid asof deur vreemdes vernietig.
8 Die dogter van Tziyon is verlate soos 'n skerm in 'n wingerd, soos 'n wagtershut in 'n komkommerveld, soos 'n beleërde stad.
9 As יהוה-Tzva'ot nie vir ons 'n bietjie oorblywendes oorgelos het nie, sou ons soos S'dom geword het, ons sou soos `Amorah wees. Rom 9:29
10 Hoor die woord van יהוה, heersers van S'dom! Luister na die instruksies van ons God, mense van `Amorah!
11 'Wat is julle vermenigvuldigde slagoffers vir My?' sê יהוה. 'Ek het genoeg gehad van die brandoffers van ramme en die vet van gevoerde kalwers; Ek het geen plesier in die bloed van bulle, lammers of bokke nie. 1 Sh'm 15:22; Mat 9:13; Mat 12:7
12 As julle kom om voor My Teenwoordigheid te verskyn, wie vereis dit van julle, hierdie vertrapping van My voorhowe?
13 Moenie langer julle waardelose offergawes bring nie; wierook is 'n gruwel vir My. Nuwemaan en Shabbat, die uitroep van byeenkomste; Ek kan nie booshede saam met die ernstige byeenkomste verdra nie!
14 Ek haat julle Nuwemaanfeeste en julle aangestelde feestye; hulle het vir My 'n las geword; Ek is moeg om dit te dra.
15 Wanneer julle jul hande uitsprei, 1 Tim 2:8 sal Ek My oë vir julle toemaak; ja, selfs al vermenigvuldig julle gebede, Ek sal nie luister nie. Julle hande is oortrek met bloed.
16 Was julleself, maak julleself skoon; Ya'a 4:8; 1 Yog 1:7-9 verwyder die boosheid van julle dade uit My sig. Hou op om boos te doen,
17 leer om goed te doen; soek regverdige oordeel, bestraf die gewetenlose, verdedig die weeskinders, verdedig die saak van die weduwee. Ya'a 1:27
18 Kom nou en laat ons saam redeneer,' sê יהוה: 'Alhoewel julle sondes soos skarlaken is, sal dit so wit wees soos sneeu; alhoewel hulle so rooi is soos karmosyn, sal dit wees soos wol. Ps 51:9
19 As julle inwillig en gehoorsaam, sal julle die beste van die land eet,

20 maar as julle weier en rebelleer, sal julle deur die swaard verteer word. Waarlik, die mond van יהוה het gepraat.
21 Hoe het die getroue stad 'n hoer geword! Sy was vol regverdige oordeel! Onpartydige opregtheid het eens in haar gewoon, maar nou moordenaars!
22 Jou silwer het afsaksels geword; Spr 25:4 jou wyn vermeng met water.
23 Jou heersers is rebelle en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag agter belonings aan. Hulle verdedig nie die weeskinders nie en die saak van die weduwee kom ook nie voor hulle nie;'
24 daarom verklaar die Meester יהוה-Tzva'ot, die Magtige Een van Yisra'el: 'O, Ek sal My wreek op My teëstanders en vergelding eis van My vyande!
25 Ek sal ook My hand teen jou draai en jou afsaksels soos loog uitsmelt en al jou onsuiwerheid verwyder.
26 Dan sal Ek jou regters soos vroeër herstel en jou raadgewers soos in die begin; daarna sal jy die stad van onpartydige opregtheid genoem word; 'n getroue stad.
27 Tziyon sal losgekoop word deur regverdigheid en die van haar wat omdraai, deur onpartydige opregtheid,
28 maar wetteloses en sondaars sal saam vergruis word en die wat יהוה verlaat, sal tot 'n einde kom. Yeg 20:38
29 Sekerlik sal hulle verneder word deur die eikebome (afgode) wat hulle aanbid het en hulle sal verleë wees oor die tuine wat hulle gekies het,
30 want hulle sal wees soos 'n eikeboom waarvan die blare wegkwyn, of soos 'n tuin wat geen water het nie.
31 Hulle sterkte sal wees soos was, hulle werke soos die pit en hulle sal saam brand as een en daar is niemand wat hulle sal uitblus nie.'"

2 1 Die boodskap wat Yesha'yahu, die seun van Amotz, gesien het met betrekking tot Y'hudah en Yerushalayim.
2 Dit sal gebeur dat in die laaste dae die berg van die huis van יהוה vasgestel sal word as die hoof van die berge en opgelig sal word bo die heuwels en al die nasies sal daarheen stroom.
3 Baie volke sal kom en sê: "Kom, laat ons opgaan na die berg van יהוה, na die huis van die God van Ya'akov sodat Hy ons kan leer aangaande Sy paaie en dat ons in Sy paaie kan loop," want die wet sal uitgaan vanuit Tziyon en die woord van יהוה vanuit Yerushalayim. Gen 49:10; Yes 3:1; Mik 4:1,2
4 Hy sal oordeel tussen die nasies en besluite gee oor baie volke en hulle sal hul swaarde tot ploegskare smee en hul spiese tot snoeimesse. Nasie sal nie meer die swaard oplig teen nasie nie en hulle sal nooit weer oorlog leer maak nie.
5 Kom, huis van Ya'akov en laat ons loop in die Lig van יהוה,
6 want U het U volk verwerp, die huis van Ya'akov omdat hulle, soos die F'lishtyne, vol invloede van die ooste is, waarsêers is en ooreenkomste met die seuns van vreemdes maak.
7 Hulle land is vol gemaak met silwer en goud en daar is geen einde aan hulle skatte nie; hulle land is ook vol perde gemaak en daar is geen einde aan hulle strydwaens nie. Deut 17:16; Yes 31:1,3

8 Hulle land is ook vol afgode gemaak; hulle buig neer voor die werk van hul hande, dit wat hulle vingers gemaak het.
9 Die gewone mens is nederig gemaak en die belangrike man verneder; vergewe hulle daarom nie.
10 Gaan in die rots in en kruip weg in die grond vir die verskrikking van יהוה en vir die grootheid van Sy majesteit.
11 Die trotse kyk van die mens sal verneder word en die hoogheid van die mens nederig gemaak word en יהוה alleen sal in dié dag verhoog word,
12 want יהוה-Tzva'ot sal 'n dag van rekenskap hê vir elkeen wat trots en hoogmoedig is sodat hy verneder kan word; teen elkeen wat verhewe is [Open 6:17]
13 en teen al die hoë en verhewe seders van die L'vanon en oor al die eikebome van Bashan;
14 teen al die hoë berge en teen al die verhewe heuwels;
15 teen elke hoë toring, teen elke versterkte muur;
16 teen al die skepe van Tarshish en teen al die mooi handewerk.
17 Die trots van die mens sal nederig gemaak word en die hoogmoed van die mens afgebring word en יהוה alleen sal in dié dag opgelig word,
18 maar die afgode sal geheel en al verdwyn.
19 Die mens sal in grotte van die rotse en in gate van die grond ingaan voor die verskrikking van יהוה en die grootheid van Sy majesteit, wanneer Hy opstaan om die aarde te laat bewe.
20 In dié dag sal die mens sy afgode van silwer en sy afgode van goud, wat hulle vir hulself gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die molle en die vlermuise,
21 om in te gaan in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse voor die verskrikking van יהוה en die grootheid van Sy majesteit, wanneer Hy opstaan om die aarde te laat bewe.
22 Hou op om die mens te ag, wie se asem in sy neus is (om haastig te wees), want van watter waarde is hy?

3 1 Let op, die Meester יהוה-Tzva'ot sal beide die voorsiening en die ondersteuning (stok en die staf) [Ps 23:4] uit Yerushalayim en Y'hudah verwyder; die ganse voorsiening van brood en die ganse voorsiening van water; [Gen 49:10; Yes 2:3]
2 die magtige man en die krygsman, die regter en die profeet, die waarsêer en die oudste,
3 die bevelvoerder oor vyftig en die eerbare man, die raadsman en die meester ambagsman en die ervare besweerder.
4 Ek sal seuns aanstel as hulle prinse en moedswillige seuns sal oor hulle heers.
5 Die mense sal onderdruk word, elkeen deur 'n ander en elkeen deur sy naaste; die jeug sal teen die oueres en die ondergeskiktes teen die eerbares aanstorm.
6 Wanneer 'n man sy broer in die huis van sy vader gryp en sê: "Jy het 'n kleed, jy moet ons heerser wees en hierdie puinhoop regeer,"
7 dan sal hy in dié dag protesteer en sê: "Ek sal nie julle leier wees nie, want in my huis is daar geen brood of kleed nie; julle kan my nie aanstel as heerser oor die mense nie,"

8 want Yerushalayim het gestruikel en Y'hudah het geval, want hulle gepraat en hulle dade is teen יהוה, om teen Sy verhoogde Teenwoordigheid te rebelleer.
9 Die uitdrukking van hulle gesigte getuig teen hulle en hulle vertoon hulle sonde soos S'dom; hulle steek dit nie eens weg nie. Wee hulle, want hulle het boosheid op hulleself gebring!
10 Sê vir die regverdiges dat dit met hulle goed sal gaan, want hulle sal die vrug van hul dade eet.
11 Wee die oortreder van die wet! Met hom sal dit sleg gaan, want wat hy verdien, sal aan hom gedoen word.
12 O My volk! Die onderdrukkers is kinders en vroue heers oor julle. O My volk! Die wat jou lei, lei jou op 'n dwaalspoor en verwar die rigting van jou pad.
13 יהוה staan op om teë te staan en staan om die mense te oordeel.
14 יהוה tree in oordeel met die oudstes en prinse van Sy volk: "Dit is julle wat die wingerd verteer het; wat van die armes geplunder is, is in julle huise.
15 Wat bedoel julle dat julle My volk vertrap en die gesig van die armes vergruis?" verklaar die Meester, יהוה-Tzva'ot.
16 Verder het יהוה gesê: "Omdat die dogters van Tziyon trots is en met hulle koppe hooggehou en met verleidende oë loop en wegstap met trippelgang en die ringe aan hulle voete laat rinkel en so vir יהוה uittart,
17 sal יהוה die skedel van die dogters van Tziyon met skurfheid slaan en יהוה sal hulle voorkoppe kaal maak."
18 In dié dag sal יהוה die mooiheid van voetringe, kopbande en maanornamente,
19 hangende oorringe, armbande, sluiers,
20 kopversiersels, enkelkettings, serpe, reukdosies, gelukbringers,
21 vingerringe, neusringe,
22 feesklere, oormantels, jasse, geldsakkies,
23 handspieëltjies, onderklere, tulbande en gesigdoeke wegvat.
24 Nou sal dit gebeur dat in plaas van soet reukwater daar 'n stank sal wees; in plaas van 'n gordel, 'n tou; in plaas van opgedoende hare, 'n uitgeplukte kopvel; in plaas van fyn klere, 'n roukleed met brandmerke; in plaas van mooiheid, skaamte.
25 Jou manne sal deur die swaard val en jou magtiges in die geveg.
26 Haar poorte sal kla en treur en sy sal verlate op die grond sit.

4 1 In dié dag sal sewe vroue een man gryp en sê: "Ons sal ons eie brood eet en ons eie klere aantrek, laat ons net by jou naam genoem word; vat ons skande weg."
2 In dié dag sal die Spruit van יהוה mooi en tot eer en lof wees en die vrug van die aarde sal die trots en versiering van die oorgeblewenes van Yisra'el wees.
3 Dit sal gebeur dat hy wat in Tziyon oor is en agterbly in Yerushalayim, afgesonderd genoem sal word; elkeen wat opgeteken is en lewe in Yerushalayim.
4 Wanneer יהוה die vuilheid van die dogters van Tziyon afgewas en die bloedvergieting van Yerushalayim uit haar uitgespoel het, deur die Gees van oordeel en die Gees van suiwering,

5 dan sal יהוה oor die hele area van die berg Tziyon en oor haar bymekaarkomplekke bedags 'n wolk en rook skep en die helderheid van 'n brandende vuur in die nag, want die grootsheid van יהוה sal 'n beskutting oor alles wees.
6 Daar sal 'n bedekking wees om skadu bedags te gee teen die hitte en vir 'n skuilplek en beskerming teen die storm en die reën.

5 1 Nou sal ek vir my Beminde 'n lied van my Beminde aangaande Sy wingerd sing! My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel.
2 Hy het dit rondom omgespit, die klippe uitgehaal en die keur van wingerdstokke daar geplant. Hy het 'n toring in die middel daarvan gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekap. Toe het Hy verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het slegs wilde druiwe voortgebring.
3 Nou, inwoners van Yerushalayim en manne van Y'hudah, oordeel tussen My en My wingerd.
4 Wat was daar meer om te doen vir My wingerd wat Ek nie daarin gedoen het nie? Waarom, toe Ek verwag het dat dit druiwe sou dra, het dit wilde druiwe voortgebring?
5 Laat My julle nou vertel wat Ek met My wingerd gaan doen: Ek sal sy omheining verwyder en dit sal verteer word; Ek sal sy muur afbreek en dit sal vertrapte grond word.
6 Ek sal dit verlate maak; dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar dorings en distels sal daarin opkom. Ek sal ook die wolke beveel om geen reën daarop te laat reën nie,
7 want die wingerd van יהוה-Tzva'ot is die huis van Yisra'el en die manne van Y'hudah Sy genotvolle plant. So het Hy uitgekyk vir regverdige oordeel, maar let op, bloedvergieting; vir onpartydige opregtheid, maar let op, 'n uitroep van nood!
8 Wee hulle wat die grense tussen huise oortree, wat die landmerke tussen die landerye verwyder om die land te steel sodat julle alleen op die aarde kan leef. Deut 19:14; Mik 2:2
9 In my ore het יהוה-Tzva'ot gepraat: "Sekerlik sal baie huise verlate word, grotes en mooies, sonder inwoner,
10 want tien morg wingerd sal een bat oplewer en 'n homer saad sal 'n efa graan lewer."
11 Wee hulle wat vroeg in die oggend opstaan om sterk drank na te jaag, wat in die nag láát opbly sodat wyn hulle kan opwarm.
12 Hulle fees-etes is met lier en harp, tamboeryn, fluit en wyn, maar hulle gee nie aandag aan die dade van יהוה nie en die werk van Sy hande oorweeg hulle nie;
13 daarom gaan My volk in ballingskap weens hulle gebrek aan kennis, hulle eerbares ly honger en hulle menigte droog uit van die dors.
14 Sh'ol het daarom sy keel vergroot en sy mond oopgemaak sonder maat en Yerushalayim se prag, haar menigte, haar luidrugtigheid en die uitgelatenes, sink daarin weg.
15 So word die gewone man nederig gemaak en die belangrike man verneder, die oë van die trotse mense sal ook verneder word,

16 maar יהוה-Tzva'ot sal opgelig word in oordeel en die Afgesonderde God sal Homself Afgesonderd wys in onpartydige opregtheid.
17 Dan sal die lammers, soos hulle gewoond was, op hulle weiveld wei en die puinhope wat herbou sal word sal die eiendom van hulle regmatige eienaars wees.
18 Wee hulle wat die oortredinge van die wet saamsleep met koorde van valsheid en die sonde asof met wa-toue;
19 wat sê: "Laat Hy gou maak, laat Hy Sy werk verhaas sodat ons dit kan sien! Laat die doel van die Afgesonderde van Yisra'el naderkom en gebeur sodat ons dit kan ken!"
20 Wee hulle wat boosheid goed noem en goedheid boos; wat die duisternis plaas in die plek van lig en die lig in die plek van duisternis; wat bitter vervang met soet en soet met bitter.
21 Wee hulle wat wys is in hulle eie oë en slim is na eie oordeel.
22 Wee hulle wat helde is deur wyn te drink en dapper manne is deur sterk drank te meng;
23 wat die bose oortreder onskuldig verklaar vir 'n omkoopgeskenk en die reg van die een wat onskuldig is, wegvat;
24 daarom, soos die vuurtong stoppels verteer en droë gras in die vlam inmekaarsak, so sal hulle wortel soos poeier word en hulle bloeisel soos stof wegwaai omdat hulle die wet van יהוה-Tzva'ot verwerp het en die woord van die Afgesonderde van Yisra'el verag het.
25 Om hierdie rede het die woede van יהוה gebrand teen Sy volk en het Hy Sy hand teen hulle uitgesteek en hulle neergeslaan en die berge het gebewe en hulle lyke het soos vullis in die middel van die strate gelê. Na dit alles is Sy woede nie uitgewoed nie, maar is Sy hand nog uitgesteek.
26 Hy sal 'n banier oplig vir die nasies van ver en vir hulle fluit vanaf die einde van die aarde en let op, hulle sal gou, met spoed, kom.
27 Nie een van hulle is moeg of struikel nie, nie een sluimer of slaap nie, of het die gordel van hulle heupe losgemaak of die riem van hulle skoene gebreek nie.
28 Hulle pyle is skerp en hulle boë gespan; die pote van hulle perde is soos 'n vuursteen en hulle wiele soos 'n warrelwind.
29 Hulle gebrul is soos dié van 'n leeuwyfie, hulle brul soos jong leeus; dit grom as hy die prooi gryp en wegsleep sonder dat iemand dit red.
30 Dit sal in dié dag daaroor grom soos die gedreun van die see. As iemand na die aarde kyk, let op, daar is duisternis en benoudheid; selfs die lig is verduister deur dik duisternis.

6 1 In die jaar van koning `Uziyahu se dood het ek יהוה sien sit op 'n hoë en verhewe troon terwyl die sleep van Sy kleed die tempel vul.
2 Serafs het bo Hom gestaan; elkeen met ses vlerke: met twee het hy sy gesig bedek, met twee het hy sy voete bedek en met twee het hy gevlieg.
3 Een het na 'n ander geroep en gesê: "Afgesonderd, afgesonderd, afgesonderd is יהוה-Tzva'ot. Die hele aarde is vol van Sy lof, eer en waarde!"

4 Die fondasies van die drumpels het gebewe deur die stem van hom wat uitgeroep het terwyl die tempel vol rook geword het.
5 Toe het ek gesê: "Wee my, ek is vernietig, want ek is 'n man van onrein lippe en ek woon onder 'n volk van onrein lippe en my oë het יהוה-Tzva'ot, die Koning, gesien!"
6 Toe het een van die serafs na my toe gevlieg met 'n brandende kooltjie in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar afgehaal het.
7 Hy het my mond aangeraak en gesê: "Let op, dit het jou lippe aangeraak en jou wetsoortreding is weggevat en jou sonde is vergewe."
8 Toe hoor ek die stem van יהוה sê: "Wie sal Ek stuur en wie sal vir Ons gaan?" Toe antwoord ek: "Hier is ek, stuur my."
9 Hy het gesê: "Gaan en sê vir hierdie volk: 'Hou aan luister, maar begryp nie; hou aan kyk, maar verstaan nie. Deut 29:3,4; Yes 29:10; Yeg 12:2; Mar 4:10-12; Luk 8:10; Hand 28:26,27; Rom 11:8
10 Die verstand, wil en emosie van hierdie volk het onsensitief geword, hulle ore dig en hulle oë dof sodat hulle nie met hul oë kan sien of met hulle ore kan hoor of met hul verstand, wil en emosie kan verstaan en terugdraai nie en ook word hulle nie vrygespreek nie."
11 Toe vra ek: "יהוה hoe lank?" Hy antwoord: "Totdat die stede verwoes lê sonder inwoners, die huise sonder mense en die land heeltemal verlate is
12 en יהוה die mense ver verwyder het en die verlate plekke in die land baie is.
13 Tog sal daar 'n tiende deel daarin oorbly en dit sal weer onderwerp wees aan verbranding, soos 'n terpentynboom of 'n eikeboom, wat 'n stomp oorhou wanneer dit afgekap word. Die afgesonderde saad is sy oorsprong."

7 1 Dit het in die dae van Agaz, die seun van Yotam, die seun van `Uziyahu, koning van Y'hudah gebeur dat Retzin, koning van Aram en Pekag, die seun van Remalyah, koning van Yisra'el, opgegaan het na Yerushalayim om daarteen oorlog te maak, maar dit nie kon oorwin nie. 2 Kon 16:5-20; 2 Kro 28:5-27
2 Toe dit aan die huis van Dawid gerapporteer en gesê is: "Die Arameërs het in Efrayim gekamp," het sy binneste en die binneste van sy mense geskud soos die bome van die bos skud met die wind.
3 יהוה het vir Yesha'yahu gesê: "Gaan nou uit na die einde van die watervoor van die boonste poel, by die hoofpad na die wasser se veld, om Agaz te ontmoet, jy en jou seun, Sh'ar Yashuv
4 en sê vir hom: "Wees versigtig en wees kalm; wees nie bevrees en moenie lafhartig wees oor hierdie twee rokende stompe brandhout of as gevolg van die gloeiende woede van Retzin, Aram en van die seun van Remalyah nie
5 omdat Aram, met Efrayim en die seun van Remalyah, boosheid teen jou beplan en gesê het:
6 'Laat ons opgaan teen Y'hudah en dit terroriseer en vir onsself 'n gat in sy mure maak en die seun van Tav'el koning maak in sy midde,' nie.
7 So sê die Meester, יהוה: 'Dit sal nie staan nie en ook nie gebeur nie,
8 want die hoof van Aram is Dammesek en die hoof van Dammesek is Retzin; binne vyf en sestig jaar sal Efrayim vermorsel word sodat dit nie meer 'n volk is nie

9 en die hoof van Efrayim is Shomron en die hoof van Shomron is die seun van Remalyah. As julle nie vertrou nie, sal julle sekerlik nie voortgaan nie!'"
10 Toe het יהוה weer met Agaz gepraat en gesê:
11 "Vra vir jouself 'n teken van יהוה, jou God; maak dit diep soos Sh'ol of hoog soos die hemel."
12 Agaz het egter geantwoord: "Ek sal nie vra of יהוה toets nie."
13 Toe sê hy: "Luister nou, o huis van Dawid! Is dit 'n te klein saak vir julle om mense se geduld te beproef sodat julle die geduld van my God ook beproef?
14 יהוה sal daarom self aan julle 'n teken gee: let op, 'n maagd sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun en sy sal Sy Naam (Karakter en Outoriteit) `Immanu'el noem. Mat 1:23
15 Hy sal dikmelk en heuning eet teen die tyd dat Hy sal weet hoe om die bose te weier en om die goeie te kies,
16 want voordat die Seun sal weet hoe om die bose te weier en die goeie te kies, sal die land voor wie se twee konings jy lastig geval word, verlate wees.
17 יהוה sal oor jou, jou volk en die huis van jou vader sulke dae laat kom soos daar nie gekom het van die dag dat die koning van Ashur Efrayim van Y'hudah afgeskei het nie!
18 In dié dag sal יהוה vir die vlieë fluit wat aan die verste einde van die strome van Mitzrayim is en vir die bye wat in die land van Ashur is.
19 Hulle sal kom en gaan sit op die steil klowe, op die lysies van die kranse en op al die doringbosse en op al die drinkplekke.
20 In dié dag sal יהוה met 'n skerp skeermes die anderkant van die Eufraat, deur die koning van Ashur, die kop en die beenhare skeer en hy sal ook die baard afskeer.
21 In daardie dag mag 'n man 'n jong koei en 'n paar skape aan die lewe hou
22 en weens die oorvloed van melk wat hulle lewer, sal hy dikmelk eet, want almal wat in die land oorgebly het sal dikmelk en heuning eet.
23 Dit sal gebeur in daardie dag dat op elke plek waar daar 'n duisend wingerdstokke was, met die waarde van 'n duisend sikkels silwer, dorings en distels sal kom.
24 Met pyl en boog sal hulle daarheen kom, want die hele land sal vol dorings en distels wees.
25 Al die heuwels wat met die skoffelpik bewerk is, sal jy nie na toe gaan nie, uit vrees vir dorings en distels, maar dit sal 'n plek word om beeste te laat wei en vir kleinvee om te vertrap."

8 1 Toe het יהוה vir my gesê: "Vat vir jou 'n groot tablet en skryf daarop met gewone letters: 'Vinnig kom die buit, gou is die prooi. (Maher-Shalal-Hash-Baz.)'"
2 Ek het vir myself betroubare getuies geneem as getuies: Uriyah, die priester en Z'kharyah, die seun van Y'verekyah.
3 Ek het na die profetes gekom en sy het swanger geword en geboorte gegee aan 'n seun. Toe het יהוה vir my gesê: "Noem hom: 'Maher-Shalal-Hash-Baz,'
4 want voordat die seun sal weet hoe om uit te roep: 'My vader!' of: 'My moeder,' sal die rykdom van Dammesek en die buit van Shomron voor die koning van Ashur weggedra word." 2 Kon 17-18:12; Yes 9:8

5 Weer het יהוה verder met my gepraat en gesê:
6 "In soverre hierdie volk die rustig vloeiende waters van Shiloah verwerp het en hulle verheug in Retzin en die seun van Remalyah;
7 daarom, let op, יהוה is op die punt om die sterk en oorvloedige waters van die Eufraat oor hulle te laat kom; die koning van Ashur en al sy lof en eer en dit sal bo-oor al sy kanale opstyg en oor al sy walle gaan.
8 Dan sal dit voortstroom in Y'hudah in, dit sal oorstroom en deur gaan; dit sal selfs tot by die nek kom en die uitsprei van sy vlerke sal die breedte van U land vul, o, God wat by ons is! (`Immanu'el) Eks 29:45,46; 2 Kon 18:13-; Yes 10:11; Yeg 47
9 Bewe, o volke en word stukkend geslaan; luister, julle vanaf die ver plekke van die aarde: omgord julleself en word verslaan.
10 Maak 'n plan en dit sal verydel word; maak 'n voorstel, maar dit sal nie staan nie, want God is by ons (`Immanu'el)!" Eks 29:45,46; Open 21:3
11 Want so het יהוה met my gepraat; met magtige krag vir my instruksie gegee om nie te loop op die pad van hierdie volk nie en gesê:
12 "Julle moenie sê: ''n Sameswering' vir alles wat hierdie volk 'n sameswering noem nie en julle moenie bang wees waarvoor hulle bang is, of daarvoor vrees nie.
13 יהוה-Tzva'ot, Hom moet julle as Afgesonderd beskou; Hy is julle God en Hy is julle Helper!
14 Dan sal Hy 'n Toevlugsoord wees; asook 'n Klip om mee te slaan en 'n Rots om oor te struikel Mat 11:5,6; 1 Kefa 2:7,8; Rom 9:32 vir beide die huise van Yisra'el en 'n Vangnet en 'n Strik vir die inwoners van Yerushalayim.
15 Baie sal oor dit struikel, dan sal hulle val en stukkend wees; hulle sal selfs verstrik en gevang word.
16 Bind die getuienis toe, seël die wet tussen My studentevolgelinge."
17 Ek sal wag op יהוה, wat Sy gesig verberg vir die huis van Ya'akov; ek sal selfs gretiglik na Hom soek.
18 Let op, ek en die seuns wat יהוה my gegee het, is as tekens en wonders in Yisra'el, vanaf יהוה-Tzva'ot wat op die berg Tziyon bly. Heb 2:13
19 Wanneer hulle vir julle sê: "Raadpleeg die mediums en die spiritiste wat fluister en mompel;" sulke mense is nie God se volk nie, hulle wat die dooies namens die lewendes raadpleeg. Lev 19:31; Deut 18:11
20 Wat die wet en die getuienis betref, as hulle nie praat volgens hierdie woord nie, is dit omdat hulle geen omkoopgeskenk daarvoor ontvang het nie.
21 Hulle sal deur die land trek, beswaard en honger en dit sal wees dat wanneer hulle honger het, hulle woedend sal wees en hulle koning en hulle God sal vloek en hoogmoedig sal wees.
22 Dan sal hulle na die aarde kyk en let op, nood, duisternis en die onheil van benoudheid sal hulle verstrooi, maar Hy sal hom wat in verdrukking is nie teister soos vroeër nie.

9 1 Die land van Z'vulun en die land van Naftali het hulle verheug, die magtige outoriteit, die pad deur die see, die land aan die anderkant van die Yarden, Galil van die ander nasies, het hul verheug. Mat 4:15
2 Die volk wat in duisternis loop, het 'n groot Lig gesien; dié wat leef in die land van die skaduwee van die dood, op hulle het die Lig geskyn. Mat 4:16; Yog 8:12
3 U het die nasie vermenigvuldig, hulle vreugde vermeerder; hulle was vrolik in U Teenwoordigheid, soos met die vrolikheid van oestyd, soos mense in die rondte swaai van vreugde as hulle die buit verdeel,
4 want U het die juk van hulle las, die staf op hulle skouers, die lat van hulle onderdrukker, soos met die geveg van Midyan, verbreek,
5 want elke stem wat gehoor word, bring verskrikking en klere wat in bloed gerol is, maar dit sal wees om te verbrand; brandstof vir die vuur,
6 want 'n jong Seun is vir ons gebore, 'n Seun is vir ons gegee; die regering sal op Sy skouers rus; Sy Naam (Karakter en Outoriteit) word genoem: Wonderlike Raadgewer, Magtige Krygsman, Ewige Prins van Vrede.
7 Daar sal geen einde wees aan die vermeerdering van Sy regering en van Sy vrede, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit in stand te hou met regverdigheid en onpartydige opregtheid, van toe af aan en vir ewig, nie. Die ywer van יהוה-Tzva'ot sal dit uitvoer. Hand 1:6; Heb 1:8
8 יהוה stuur 'n boodskap teen Ya'akov en dit val op Yisra'el.
9 Al die mense weet dit; Efrayim en die inwoners van Shomron, wat in trotsheid en arrogansie van verstand, wil en emosie verklaar:
10 "Die bakstene het geval, maar ons sal met gladde klip bou; die wildevyebome is afgekap, maar ons sal hulle met seders vervang;"
11 daarom laat יהוה Retzin se teëstanders teen hulle opstaan en hits Hy hulle vyande aan:
12 die Arameërs van die ooste en die F'lishtyne van die weste; hulle verteer Yisra'el met gapende kake. Ondanks dit alles, draai Sy woede nie weg nie en is Sy hand steeds uitgestrek.
13 Nogtans draai die volk nie terug na Hom wat hulle slaan, of soek hulle יהוה-Tzva'ot nie;
14 daarom sny יהוה kop en stert van Yisra'el af, palmtak en biesie op een dag.
15 Die kop is die oudste en eerbare man en die stert is dié profeet wat leuens profeteer.
16 Dié wat hierdie volk lei, sal hulle wetteloos maak en dié wat deur hulle gelei word, sal laag afgebring word; Hos 4:5
17 daarom het יהוה geen vreugde in hulle jongmanne, of is Hy jammer vir hulle weeskinders of hulle weduwees nie, want elkeen van hulle is 'n toneelspeler van 'n vals karakter en 'n boosdoener en elke mond praat dwaasheid. Ondanks dit alles draai Sy woede nie weg nie en Sy hand is steeds uitgestrek,
18 want wetteloosheid brand soos 'n vuur; dit verteer dorings en distels en steek selfs die digste dele van die woud aan die brand; die wat gekies is, sal opwaarts gaan soos die opstyging van rook.

19 Deur die woede van יהוה-Tzva'ot word die land opgebrand en die volk is soos brandstof vir die vuur; nie een man spaar sy broer nie.
20 Hulle sny af na regs en is honger; hulle eet na links en word nie versadig nie; elkeen eet die vlees van sy eie arm.
21 M'nasheh vir Efrayim en Efrayim vir M'nasheh en saam is hulle teen Y'hudah. Ondanks dit alles draai Sy woede nie weg nie en Sy hand is steeds uitgestrek.

10 1 Wee hulle wat bose instellings afdwing en hulle wat aanhoudend onregverdige wette neerskryf,
2 om die armes van regverdigheid te ontneem en om die armes onder My volk van die reg te beroof sodat die weduwees hulle buit kan word en hulle die weeskinders kan plunder.
3 Nou wat sal julle doen op die dag van straf en by die verwoesting wat van ver af sal kom? Na wie toe sal julle vlug vir hulp en waar sal julle jul rykdom los?
4 Daar is niks oor as om te buig tussen die gevangenes of te val tussen die wat doodgeslaan is nie. Ondanks dit alles draai Sy woede nie weg nie en Sy hand is steeds uitgestrek.
5 Wee Ashur: die lat van My woede en die staf in wie se hande My verontwaardiging is! 2 Kon 17:20-41
6 Ek stuur hom teen 'n wettelose nasie en gee hom bevel teen die volk van My woede, om buit te vang en plunder te gryp en om hulle te vertrap soos modder in die strate.
7 Tog is dit nie so bedoel nie, of so in sy verstand, wil en emosie beplan nie, maar is dit eerder om te vernietig en baie nasies af te sny,
8 want hy sê: "Is my prinse nie almal konings nie?
9 Is Kalno nie soos Kark'mish, of Hamat soos Arpad, of Shomron soos Dammesek nie?
10 Soos my hand die koninkryke van die afgode bereik het, wie se gesnede beelde groter as dié van Yerushalayim en Shomron was,
11 sal ek nie aan Yerushalayim en sy afgode doen soos wat ek aan Shomron en sy afgode gedoen het nie?"
12 So sal dit wees, wanneer יהוה al Sy werk op die berg Tziyon en in Yerushalayim voltooi het: "Ek sal die vrug van die arrogante verstand, wil en emosie van Ashur se koning straf en die prag en praal van sy hoogmoedigheid,
13 want hy het gesê: 'Deur die krag van my hand en deur my wysheid het ek dit gedoen, want ek het begrip en ek het die grense van die volke verwyder en hulle skatte geplunder en soos 'n magtige man het ek hulle inwoners neergegooi
14 en my hand het na die rykdom van die volke uitgereik soos na 'n nes en ék het die hele aarde bymekaargemaak soos 'n mens verlate eiers bymekaarmaak en daar was niemand wat sy vlerk geklap of sy bek oopgemaak of getjirp het nie.'" 2 Kon 19:20-37
15 Kan die byl hom beroem bo die een wat daarmee kap, of die saag homself verhef bo die een wat dit trek? Asof 'n knuppel húlle swaai wat hom oplig, asof 'n lat hóm oplig wat nie hout is nie!

16 Die Meester, יהוה-Tzva'ot, sal daarom 'n wegvretende siekte stuur onder sy dapper soldate en onder sy lof en eer sal Hy 'n brand aansteek soos 'n brandende vlam.
17 Die Lig van Yisra'el sal 'n vuur word en Sy Afgesonderde Een 'n vlam; dit sal brand en sy distels en sy dorings in 'n enkele dag verteer. Luk 12:49
18 Hy sal ook die lof en eer van sy woud en van sy vrugbare velde vernietig, beide lewe en liggaam en dit sal wees soos wanneer 'n siek man wegkwyn.
19 Die res van die bome van sy woud sal so min in getal wees dat 'n kind dit kan opskryf.
20 In dié dag sal die wat oorgebly het van Yisra'el en die wat ontvlug het van die huis van Ya'akov, nooit weer steun op die een wat hulle geslaan het nie, maar hulle sal in waarheid steun op יהוה, die Afgesonderde Een van Yisra'el.
21 Die wat oorbly, die wat oorbly van Ya'akov, sal terugkom na die Magtige God,
22 want al mag jou mense, o Yisra'el, wees soos die sand van die see, sal net 'n deeltjie van hulle, wat oorbly, terugkom; Yeg 20:38 hulle getalle verminder, afgesny, maar oorlopend vol onpartydige opregtheid, Rom 9:28
23 want 'n volkome verwoesting, een wat beveel is, sal die Meester, יהוה-Tzva'ot, uitvoer reg deur die hele aarde;
24 daarom, so sê die Meester, יהוה-Tzva'ot: "O, My volk wat in Tziyon bly, moenie vir Ashur vrees wat jou met die lat slaan en sy staf teen jou oplig op die manier wat Mitzrayim gedoen het nie,
25 want in 'n baie kort rukkie sal My verontwaardiging verby wees en My woede as gevolg van hulle vernietiging."
26 יהוה-Tzva'ot sal 'n gésel teen hom oplig soos met die slagting van Midyan by die rots van `Orev en Sy staf sal oor die see wees en Hy sal dit oplig op die manier wat Hy in Mitzrayim gedoen het.
27 So sal dit wees in dié dag dat sy las verwyder sal word van jou skouer af en sy juk van jou nek en die juk sal vernietig word as gevolg van jou salwing.
28 Hy het teen `Ayat gekom; hy het deur Migron getrek; by Mikhmas het hy sy bagasie neergesit.
29 Hulle het deur die pas gegaan en gesê: "Geva sal ons blyplek wees!" Ramah is vreesbevange en Giv'at van Sha'ul het weggevlug.
30 Skreeu dit hard uit met jou stem, o Bat-Gallim! Gee aandag, Layish en arme `Anatot!
31 Madmenah het gevlug, die inwoners van Gevim het skuiling gesoek!
32 Vandag nog sal hy stop in Nov; hy swaai sy vuis teen die berg van die dogter van Tziyon, teen die heuwel van Yerushalayim!
33 Let op, die Meester, יהוה-Tzva'ot, slaan met 'n verskriklike slag die takke af, ook dié wat hoog van postuur is, sal afgekap word en die wat hoogmoedig is, sal verneder word.
34 Hy sal die digtheid van die woud met 'n yster afkap en die L'vanon sal val deur die Magtige Een.

11 1 Dan sal 'n Loot Mat 2:23 uitspruit uit die stomp van Yishai en 'n Tak vanuit sy wortels sal vrugte dra. Open 5:5

2 Die Gees van יהוה sal op Hom rus, die Gees van wysheid [Luk 2:52] en begrip, die Gees van raad en krag, die Gees van kennis en die respekvolle vrees van יהוה. [Open 4:5]
3 Hy sal Hom verheug in die respekvolle vrees van יהוה en Hy sal nie oordeel deur wat Sy oë sien nie en ook nie 'n besluit maak deur wat Sy ore hoor nie,
4 maar die armes met onpartydige opregtheid oordeel en met regverdigheid besluit namens die geteisterdes van die aarde en Hy sal die aarde slaan met die lat van Sy mond en met die asem van Sy lippe sal Hy die bose oortreder doodslaan. [Open 19:11]
5 Ook sal onpartydige opregtheid die gordel om Sy lendene wees en vertrouenswaardigheid die gordel om Sy heupe. [1 Kef 1:13; Efe 6:14]
6 Die wolf sal by die lam bly, die luiperd sal by die jong bokkie gaan lê, die kalf, die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar en 'n klein seuntjie sal hulle lei.
7 Die koei en die wyfie beer sal ook wei, hulle jonges sal saam lê en die leeu sal strooi eet soos die os.
8 Die suigeling sal by die gat van 'n kobra speel en die gespeende kind sal sy hand sit op die adder se nes. [Yes 65:25]
9 Hulle sal nie seermaak of vernietig op My volkome afgesonderde berg nie, want die aarde sal vol wees van die kennis van יהוה soos die waters die see bedek.
10 Dan, in daardie dag, sal die nasies hulle toevlug neem na die Wortel van Yishai, wat sal staan as 'n Banier vir die volke en Sy rusplek sal wonderlik wees. [Mat 2:23; Hand 3:21; Rom 15:12]
11 Dan sal dit gebeur op daardie dag dat יהוה weer vir die tweede keer met Sy hand, dié wat oorbly van Sy volk, vanuit Ashur, Mitzrayim, Patros, Kush, `Eilam, Shin'ar, Hamat en die eilande van die see, sal terugwen.
12 Hy sal 'n banier oplig vir die nasies, die uitgebandes van Yisra'el laat vergader en die verstrooides van Y'hudah bymekaarmaak uit die vier hoeke van die aarde.
13 Dan sal die jaloesie van Efrayim verdwyn en die wat Y'hudah lastig val sal afgesny word; Efrayim sal nie jaloers wees op Y'hudah nie en Y'hudah sal Efrayim nie lastig val nie.
14 Hulle sal afsweef op die hange van die F'lishtyne aan die weste; saam sal hulle die seuns van die Ooste plunder; hulle sal Edom en Mo'av [Deut 2:5,9] besit en die seuns van `Ammon [Deut 2:19] sal aan hulle onderdanig wees.
15 יהוה sal die seetong van Mitzrayim heeltemal vernietig en Hy sal Sy hand oor die Rivier swaai met Sy skroeiende wind en dit uitmekaar slaan tot sewe strome en mense droog laat oorloop.
16 Daar sal 'n hoofpad wees vir die oorblywendes van Sy volk wat oorbly uit Ashur, net soos daar was vir Yisra'el op die dag toe hulle uit Mitzrayim uit opgekom het.

12 1 Dan sal jy op daardie dag sê:
"Ek sal U dank, יהוה, want alhoewel U kwaad was vir my, is U woede weggedraai en U vertroos my.
2 Let op, die Magtige God is my Verlossing, ek sal vertrou en nie bang wees nie, want Yah, יהוה, is my Krag en my Loflied en Hy het my Verlossing geword."
3 Julle sal daarom met vreugde water skep uit die fonteine van verlossing. [Yog 7:37,38]

4 In dié dag sal julle sê: "Gee dank aan יהוה, roep Sy Naam aan, maak Sy dade onder die volke bekend, laat hulle onthou dat Sy Naam (Karakter en Outoriteit) hoog opgelig is!
5 Lofprys יהוה deur sang, want Hy het uitstekende dinge gedoen; laat dit bekend wees regdeur die aarde.
6 Jubel en skree uit van vreugde, o inwoners van Tziyon, want die Afgesonderde van Yisra'el is groot in julle midde."

13 1 Die profetiese gesig wat Yesha'yahu, die seun van Amotz, aangaande Bavel gesien het:
2 Lig 'n banier op die kaal berg op; roep hulle hardop toe, waai met die hand sodat hulle die deure van die edeles kan binnegaan.
3 Ek het My afgesonderdes opdrag gegee; Ek het selfs My magtige soldate geroep, My trots, jubelendes, om My woede uit te voer.
4 'n Klank van opskudding op die berge soos die van baie mense; 'n klank van die oproer van die koninkryke van nasies wat bymekaargekom het! יהוה-Tzva'ot roep die leër op vir oorlog.
5 Hulle kom vanaf 'n ver land, van die verste horisonne af, יהוה en Sy instrumente van Sy woede, om die hele land te verwoes.
6 Huil, want die dag van יהוה is naby! Dit sal kom as die vernietiging deur die Almagtige;
7 daarom val al die hande slap en elke mens se binneste sal smelt.
8 Hulle sal beangs wees, pyne en benoudheid sal hulle aangryp; hulle sal inmekaarkrimp soos 'n vrou wat geboorte gee; hulle sal na mekaar kyk in verbasing; hulle gesigte ontvlam. [1 Thes 5:3]
9 Let op, die dag van יהוה kom, hardvogtig, met toorn en brandende woede, om die land verlate te maak en Hy sal die sondaars daarop uitwis, [2 Kef 3:10-12]
10 want die sterre van die hemel en sy konstelasies sal nie hulle lig laat skyn nie; die son sal donker wees as hy opkom en die maan sal nie sy lig laat skyn nie. [Mat 24:29]
11 So sal Ek die wêreld vir sy boosheid en die morele bose vir sy permissiwiteit straf; Ek sal ook 'n einde maak aan die arrogansie van die trotses en die hoogmoed van die gewetenlose verneder.
12 Ek sal die sterflike mens skaarser maak as suiwer goud en die mensdom as die goud van Ofir.
13 Ek sal daarom die hemel laat bewe en die aarde sal deur die toorn van יהוה-Tzva'ot uit sy plek geskud word in die dag van Sy brandende woede.
14 Dit sal wees soos 'n gasel wat gejag word, of soos kleinvee met niemand om hulle bymekaar te maak nie, hulle sal elkeen na sy eie volk toe draai en elkeen na sy land toe vlug.
15 Enige een wat gevind word, sal deurboor word en elkeen wat gevang word, val deur die swaard.
16 Hulle kinders sal in stukke geslaan word voor hulle oë, hul huise sal geplunder en hul vroue onteer word.

17 Let op, Ek gaan die Mede teen hulle opstook, wat silwer nie sal ag en geen behae in goud sal hê nie.
18 Hulle boë sal die jongmanne afmaai, hulle sal nie eens omgee vir die vrug van die baarmoeder nie; hulle oog sal ook nie jammer wees vir die kinders nie.
19 Bavel, die skoonheid van die koninkryke, die lof en eer van die Kasdeërs se trots, sal wees soos toe God S'dom en `Amorah omgekeer het.
20 Van geslag tot geslag sal dit nooit bewoon word of in geleef word nie en die Arabier sal ook nie sy tent daar opslaan nie en ook sal geen herders hulle vee daar laat lê nie,
21 maar woestyn gediertes sal daar lê en hulle huise sal vol uile wees; volstruise sal ook daar leef en bokramme sal daar rondspring.
22 Hiënas sal huil in hulle versterkte torings en jakkalse in hulle luukse paleise. Haar tyd sal ook gou kom en haar dae sal nie uitgerek word nie.

14 1 Wanneer יהוה omgee sal wys oor Ya'akov en Yisra'el weer sal kies en hulle in hul eie land vestig, dan sal vreemdelinge hulle by hul voeg en hulleself verbind tot die huis van Ya'akov. Yeg 47:22,23
2 Hulle sal die volke saamvat en na hul plek bring en die huis van Yisra'el sal hulle besit as 'n erfenis in die land van יהוה, as slawe en slavinne; hulle sal dié gevange neem wat hulle as gevangenes weggevoer het en oor hulle onderdrukkers heers.
3 Dit sal wees op die dag wanneer יהוה jou rus gee van jou smart, jou rusteloosheid en van die harde diens waaraan julle verslaaf is
4 dat jy hierdie spreuk teen die koning van Bavel sal begin en sê: "Hoe het die onderdrukker opgehou, die ywerige het opgehou!
5 יהוה het die staf van die bose oortreder verbreek, die septer van die heersers,
6 wat die volke in raserny met onophoudelike slae geslaan het, wat die nasies in woede onderdruk het met onbeteuelde vervolging.
7 Die hele aarde rus, is stil; hulle breek uit in uitroepe van blydskap.
8 Selfs die sipresbome en die seders van die L'vanon is bly oor jou en hulle sê: 'Sedert jy afgebring is, kom geen snyer teen ons op nie.'
9 Sh'ol, onder, is opgewonde oor jou koms; dit wek al die leiers van die aarde en die konings van die nasies op wat jy onttroon het.
10 Hulle sal almal antwoord en vir jou sê: 'Selfs jy is swak gemaak soos ons; jy het soos ons geword.'
11 Jou prag en praal en die musiek van jou harpe is afgebring na Sh'ol; maaiers is onder jou uitgesprei en wurms is jou bedekking.'
12 Hoe het jy geval uit die hemel, o ligdraer, seun van die sonsopkoms! Jy is na die aarde toe afgesny, jy wat die nasies swak gemaak het,
13 maar jy het in jou verstand, wil en emosie gesê: 'Ek wil opgaan na die hemel; ek sal my troon oplig bo die sterre van God en ek sal sit op die berg van ontmoeting, aan die noordelike uithoek.
14 Ek sal opgaan bo die hoogtes van die wolke; ek sal myself soos die Allerhoogste maak!' 1 Tim 3:6
15 Nogtans sal jy in Sh'ol neergewerp word, in die diepste plekke van die put! Luk 10:15

16 Die wat jou sien, sal jou aanstaar, hulle sal oor jou wonder en sê: 'Is dit die man wat die aarde laat bewe het, wat koninkryke geskud het,
17 wat die wêreld soos 'n wildernis gemaak en sy stede verwoes het, wat nie sy gevangenes toegelaat het om huis toe te gaan nie?
18 Al die konings van die nasies lê in lof en eer, elkeen in sy eie graf,
19 maar jy is uitgewerp uit jou graf, soos 'n verwerpte tak, aangetrek met die doodgemaaktes wat deurboor is met 'n swaard, wat afgaan na die klippe van die put, soos 'n vertrapte lyk.
20 Jy sal nie met hulle in die graf verenig word nie, want jy het jou land verwoes, jou volk doodgemaak. Mag die nageslag van die boosdoeners vir ewig nie genoem word nie.
21 Berei 'n plek van slagting voor vir sy seuns, as gevolg van die oortredinge van hulle vaders. Hulle moenie opstaan en die aarde in besit neem en die oppervlak van die wêreld vol stede maak nie."
22 "Ek sal teen hulle opstaan," verklaar יהוה-Tzva'ot, "en sal van Bavel af afsny: naam, oorblewene, nageslag en nakomeling," verklaar יהוה.
23 "Ek sal dit 'n besitting maak vir die reier en moerasse van water en Ek sal dit wegvee met die besem van vernietiging," verklaar יהוה-Tzva'ot.
24 יהוה-Tzva'ot het gesweer en gesê: "Waarlik, net soos Ek dit wou, so het dit gebeur en net soos Ek beplan het, so sal dit wees:
25 om Ashur te verbreek in My land en Ek sal hom op My berge vertrap. Dan sal sy juk van hulle af verwyder word en sy las van hulle skouer af.
26 Dit is die plan wat teen die hele aarde gemaak is en dit is die hand wat uitgestrek is oor al die nasies,
27 want יהוה-Tzva'ot het beplan, wie kan dit verydel? Sy hand is uitgestrek, wie kan dit terugdraai?"
28 In die jaar wat koning Agaz dood is, het hierdie profetiese visie gekom:
29 "Wees nie bly, enige van julle in F'lishet omdat die lat verbreek is wat jou geslaan het nie, want uit die wortel van die slang sal 'n adder uitkom en sy vrug sal 'n vlieënde slang wees.
30 Die wat die hulpeloosste is, sal eet en die behoeftiges sal in veiligheid lê. Ek sal jou wortel met hongersnood vernietig en dit sal dié van jou wat oorgebly het doodmaak.
31 Huil, o poort! Skree, o stad! O, F'lishet, almal van julle is in verwarring, want rook sal uit die noorde kom en daar is niemand alleen in Sy aangestelde tye nie.
32 Hoe sal 'n mens die boodskappers van die nasies antwoord? Dat יהוה Tziyon gestig het en die geteisterdes van Sy volk sal daarin skuiling soek."

15 1 Die profetiese visioen aangaande Mo'av:
"Sekerlik is `Ar-Mo'av in 'n nag vernietig en verwoes! Sekerlik is Kir-Mo'av in 'n nag vernietig en verwoes!
2 Hulle het opgegaan na die tempel en na Dibon, na die hoë plekke om te huil; Mo'av huil oor N'vo en Meidva; almal se koppe is kaal, elke baard is afgesny.

3 Op hul strate het hulle rouklere aangegord; op hulle dakke en op hulle pleine, almal huil, deurdrenk in trane.
4 Heshbon en El'aleh skree ook uit, hulle stem word gehoor al die pad tot by Yahatz; daarom skree die gewapende manne van Mo'av hardop; sy lewe sidder binne hom.
5 My verstand, wil en emosie skree uit oor Mo'av; sy vlugtelinge is sover as tot by Tzo'ar en Eglat-Sh'lishiyah, want hulle gaan die hoogte van Lugit uit met gehuil; op die pad na Horonayim skree hulle sekerlik 'n kreet van benoudheid uit oor die verwoesting,
6 want die waters van Nimrim is verlate, die gras is verseker verlep, die grasspruitjies het doodgegaan, daar is geen groenigheid nie.
7 Hulle dra daarom die oorvloed wat hulle bymekaargemaak en gestoor het oor die Wilgerspruit,
8 want die uitroep van benoudheid het in die grondgebied van Mo'av rondgegaan, sy gehuil so ver as tot by Eglayim en sy huilery selfs tot by Be'er-Elim,
9 want die waters van Dimon is vol bloed; Ek sal sekerlik meer oor Dimon bring, 'n leeu oor die vlugtelinge van Mo'av en oor die van die land wat oorgebly het."

16 1 Die profesie oor die res van die land: "Ek sal die seun van die regeerder van die land, vanaf Selah, (die Rotsstad) in die wildernis, na die berg van die dogter van Tziyon stuur,
2 dan sal die dogters van Mo'av wees soos voëls wat vlug, 'n nes uitmekaar gejaag, by die driwwe van die Arnon.
3 Gee advies, maak 'n besluit, gooi jou skaduwee soos die nag oor die middel van die dag, steek die uitgeworpenes weg, moenie die vlugteling verraai nie!
4 Laat die uitgeworpenes van Mo'av by jou bly; wees 'n skuilplek vir hulle teen die vernietiger, want die afperser het tot 'n einde gekom, verwoesting het opgehou, onderdrukkers is heeltemal weg uit die land!
5 'n Troon sal selfs opgerig word in liefdevolle omgee en 'n Regter sal in Dawid se tent in vertrouenswaardigheid daarop sit; meer nog, Hy sal regverdige oordeel soek en gou wees in onpartydige opregtheid. Yes 9:7; Dan 7:14,27; Mik 4:7; Luk 1:33
6 Ons het gehoor van die trotsheid van Mo'av, 'n oormatige trots; van sy arrogansie, trotsheid en woede; sy ydele grootpratery is vals.
7 Mo'av sal daarom huil, almal sal oor Mo'av huil, want die fondasies van die mure is vernietig; sekerlik kerm hulle soos dié wat siek is, Yir 48:20
8 want die velde van Heshbon het verwelk, die wingerde van Sebmah; die meesters van die nasies het sy keurtrosse vertrap, wat so ver as Ya'zer gekom het en in die woestyne ingedwaal het; sy ranke het hulleself uitgesprei en oor die see gegaan;
9 daarom sal Ek jou bitterlik laat huil met die huil van Ya'zer, vir die wingerd van Sebmah; Ek sal jou deurdrenk met jou trane, Heshbon en El'aleh, want die uitroepe oor jou somervrugte en jou oes het weggeval. Yir 48:32,33
10 Vreugde en blydskap word weggevat uit die vrugbare veld; in die wingerde sal daar ook nie uitroepe van vreugde of jubelende gejuig wees nie; geen trapper trap wyn uit in die parskuipe nie; Ek het die uitroepe van vreugde laat ophou.

11 My verstand, wil en emosie weeklaag daarom soos 'n harp oor Mo'av en My
binneste gevoelens oor die versterkte mure wat vernietig sal word.
12 So sal dit wees as Mo'av homself aanbied: wanneer hy homself moeg maak op die
hoë plek en na sy afgesonderde plek kom om te bid, sal hy nie seëvier nie."
13 Dit is die woord wat יהוה vroeër teen Mo'av gepraat het,
14 maar nou praat יהוה en sê: "Binne drie jaar, soos 'n huurling hulle sal tel, sal die lof
en eer van Mo'av onteer word saam met sy hele groot populasie en dié wat oorbly
van hom sal baie klein en magteloos wees."

17 1 Die profetiese visioen aangaande Dammesek:
"Let op, Dammesek is op die punt om as stad verwyder te word en sal 'n gevalle
puinhoop word.
2 Die stede van `Aro'er is verlate; hulle sal vir die troppe vee wees om in te lê en daar
sal niemand wees om hulle bang te maak nie.
3 Die versterkte stad sal verdwyn uit Efrayim en koningskap uit Dammesek; die wat
oorbly van Aram sal wees soos die lof en eer van die seuns van Yisra'el," verklaar
יהוה-Tzva'ot.
4 "In daardie dag sal die lof en eer van Ya'akov wegkwyn en die vettigheid van sy
vlees sal maer word.
5 Dit sal wees soos wanneer die maaier die ongesnyde graan bymekaarvat en sy arm
die are oes; of dit sal wees soos iemand wat are optel in die vallei van Refa'im.
6 Tog sal 'n na-oes daarin gelos word soos by die skud van 'n olyfboom: twee, drie
olywe aan die heelboonste tak; vier, vyf aan die takke van 'n vrugbare boom,"
verklaar יהוה, die God van Yisra'el. Yeg 20:38
7 "In daardie dag sal die mens sy Maker in ag neem en sy oë sal kyk na die Afgesonderde
Een van Yisra'el.
8 Hy sal nie die altare in ag neem nie, die werk van sy hande, of kyk na wat sy vingers
gemaak het nie, selfs die Asherah en die wierook staanders.
9 In daardie dag sal hulle sterk stede soos verlate plekke in die woud wees, of soos
takke wat hulle gelos het voor die seuns van Yisra'el en die land sal 'n verlatenheid
word,
10 want jy het die God van jou verlossing vergeet en nie die Rots van jou toevlug onthou
nie; daarom plant jy lieflike plante en lê dit uit met vreemde wingerdstokke.
11 Op die dag dat jy hulle plant, sal hul bloeisels voortbring en in die oggend sal jou
saad uitspruit, maar die oes sal 'n mislukking wees in die dag van sieklikheid en
desperate pyn.
12 Helaas, die gedruis van baie volke, wat brul soos die gedruis van die seë en die
geraas van nasies wat voortjaag soos die geraas van magtige waters!
13 Die nasies druis voort soos die gedruis van baie waters, maar Hy sal hulle bestraf
en hulle sal ver weg vlug en gejaag word soos kaf in die berge voor die wind of
soos stof voor 'n stormwind.
14 In die aand, let op, is daar verskrikking! Voor die oggend is hulle nie meer nie. Dit
is die deel van hulle wat ons plunder en die lot van hulle wat ons beroof.

18 1 Wee jou, o land van suisende vlerke wat anderkant die riviere van Kush lê,
2 wat afgevaardigdes per see stuur, in vaartuie van papirus, op die oppervlakte van die waters en sê: "Gaan, vinnige boodskappers, na 'n nasie wat geplunder en ontwortel sal word, na 'n nasie wie se sterkte tot nou toe van binne was; na 'n nasie wat onteer en verneder gaan word, wie se land deur riviere verwoes is."
3 Al julle inwoners van die wêreld en bewoners van die aarde, as 'n banier opgelig word op die berge, sal julle dit sien! Sodra die ramshoring geblaas word, sal julle dit hoor,
4 want so het יהוה vir my gesê: "Ek sal stilweg van My blyplek af kyk, soos dansende hitte in die sonskyn, soos 'n wolk van dou in die hitte van die oestyd,"
5 want voor die oes, sodra die knoppie blom en die blom 'n rypwordende druiwekorrel word, dan sal Hy die ranke afsny met snoeiskêre en die lote verwyder en wegkap.
6 Hulle sal saam gelos word vir die roofvoëls van die berge en vir die wilde diere van die aarde en die roofvoëls sal die somer daarop deurbring en al die wilde diere van die aarde sal die oestyd daarop deurbring.
7 In daardie tyd sal 'n geskenk van eerbetoon na die plek van die Naam van יהוה-Tzva'ot, die berg Tziyon, aan יהוה-Tzva'ot gebring word deur 'n nasie wat geplunder en ontwortel sal word, deur 'n nasie wie se sterkte tot nou toe van binne was; deur 'n nasie wat onteer en verneder gaan word, wie se land deur riviere verwoes is.

19 1 Die profesie aangaande die val van Mitzrayim: let op, יהוה ry op 'n vinnige wolk en is op die punt om na Mitzrayim te kom; die afgode van Mitzrayim sal bewe voor Sy Teenwoordigheid en die verstand, wil en emosie van die Mitzrayimiete sal in hulle binneste wegsmelt.
2 "Ek sal Mitzrayimiet teen Mitzrayimiet ophits en elkeen sal teen sy broer baklei en elkeen teen sy naaste, stad teen stad, koninkryk teen koninkryk.
3 Dan sal die gees van Mitzrayim gedemoraliseer wees in hulle en Ek sal sy strategie deurmekaar maak sodat hulle na afgode en geeste van die dooies en na mediums en spiritiste sal draai.
4 Meer nog, Ek sal Mitzrayim oorgee in die hand van 'n wrede meester en 'n magtige koning sal oor hulle heers," verklaar die Meester, יהוה-Tzva'ot.
5 Die waters sal vanuit die see opdroog en die rivier sal verskroei en droog lê.
6 Die kanale sal 'n stank afgee; die strome van Mitzrayim sal uitdun en opdroog; die riete en biesies sal wegvrot.
7 Die weivelde langs die Nyl, by die mond van die Nyl en al die saailande langs die Nyl sal droog word, weggedryf en nie meer wees nie.
8 Die vissermanne sal kla en almal wat lyne in die Nyl uitgooi, sal rou en dié wat visnette uitsprei oor die waters, sal wegkwyn.
9 Meer nog, die vervaardigers van linne, gemaak van geborselde vlas en die wewers van wit stowwe, sal totaal mismoedig wees.
10 Die pilare sal vergruis word; al die loonarbeiders sal sielsbedroef wees.

11 Die prinse van Tzo'an is maar net dwase, die raad van Farao se slimste raadgewers het onnosel geword. Hoe kan julle vir Farao sê: 'Ek is 'n seun van die wyse, 'n seun van antieke konings?'
12 Wel, waar is jou wyse manne? Laat hulle jou asseblief vertel en laat hulle verstaan wat יהוה-Tzva'ot se doel teen Mitzrayim is.
13 Die prinse van Tzo'an het dwaas opgetree, die prinse van Nof is mislei; Mitzrayim is op 'n dwaalweg gebring deur die hoeksteen van sy stamme.
14 יהוה het binne haar 'n gees van verdraaiing gemeng en die Mitzrayimiet op 'n dwaalweg gebring in alles wat hy doen, soos 'n dronkaard steier in sy uitbraaksel.
15 Daar sal ook geen leier in Mitzrayim wees wat kop of stert, palmtak of biesie daarvan kan verstaan nie.
16 In dié dag sal die Mitzrayimiet word soos vroue en hulle sal bewe en in angs wees vir die waai van die hand van יהוה-Tzva'ot wat Hy oor hulle gaan waai.
17 Die land van Y'hudah sal vir die Mitzrayimiete 'n verskrikking wees; elkeen aan wie dit genoem word, sal in angs daaroor wees, vanweë die doel van יהוה-Tzva'ot wat Hy teen hulle beplan het.
18 In dié dag sal daar vyf stede in die land van Mitzrayim wees wat die taal van Kena'an praat en by יהוה-Tzva'ot sweer; een sal 'die Stad van die son' genoem word.
19 In dié dag sal daar 'n altaar tot יהוה in die middel van die land van Mitzrayim wees en 'n pilaar vir יהוה naby sy grens.
20 Dit sal 'n teken en 'n getuie word vir יהוה-Tzva'ot in die land van Mitzrayim, want hulle sal uitroep na יהוה as gevolg van onderdrukkers en Hy sal vir hulle 'n Redder en 'n Kampioen stuur en Hy sal hulle bevry.
21 So sal יהוה Homself bekend maak aan Mitzrayim en die Mitzrayimiete sal יהוה in dié dag ken. Hulle sal Hom selfs dien met slagoffers en offers en 'n gelofte doen aan יהוה en dit uitvoer.
22 יהוה sal Mitzrayim slaan, slaan, maar genees; so sal hulle terugdraai na יהוה en Hy sal hulle antwoord en hulle genees.
23 In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Mitzrayim na Ashur en die Ashuriërs sal in Mitzrayim kom en die Mitzrayimiete in Ashur en die Mitzrayimiete sal saam met die Ashuriërs aanbid.
24 In dié dag sal Yisra'el die derde wees naas Mitzrayim en Ashur, 'n seën in die middel van die aarde,
25 wat deur יהוה-Tzva'ot geseën is, met die woorde: "Geseënd is Mitzrayim, My volk, Ashur, die werk van My hande en Yisra'el, My erfenis!"

20 1 In die jaar toe die bevelvoerder na Ashdod gekom het, toe Sargon, die koning van Ashur, hom gestuur het en hy teen Ashdod baklei en dit ingeneem het;
2 in dié tyd het יהוה deur Yesha'yahu, die seun van Amotz, gepraat en gesê: "Gaan maak die roukleed van jou heupe af los en trek jou skoene van jou voete af." Hy het so gedoen en kaal en kaalvoet geloop.
3 יהוה het gesê: "Net soos My dienskneg Yesha'yahu kaal en kaalvoet geloop het vir drie jaar lank as 'n teken en bewys teen Mitzrayim en Kush,

4 so sal die koning van Ashur die gevangenes van Mitzrayim en die ballinge van Kush weglei, jonk en oud, kaal en kaalvoet, met agterstewes ontbloot, tot die skande van Mitzrayim.
5 Dan sal hulle ontsteld en beskaamd wees as gevolg van Kush, hulle hoop en Mitzrayim, hulle trots.
6 So sal die inwoners van hierdie kusland in dié dag sê: 'Let op, dít is ons hoop, waarheen ons gevlug het om hulp, om bevry te word van die koning van Ashur en ons, hoe sal óns ontvlug?'"

21 1 Die profetiese visioen aangaande die wildernis van die see: soos stormwinde deur die Negev gaan, kom dit vanuit die wildernis, uit 'n vreesaanjaende land;
2 'n ernstige visie is aan my gewys! Die valse handel steeds valslik en die vernietiger vernietig. Gaan op, `Eilam en die berge van Madai! Ek het 'n einde gemaak aan al hulle gesug.
3 Om hierdie rede is my heupe vol benoudheid; pyne het my aangegryp soos die pyne van 'n vrou wat geboorte gee. Ek is so verward, ek kan nie hoor nie; so angsbevange, ek kan nie sien nie.
4 My verstand, wil en emosie duisel, angs oorval my; die skemeraand waarna ek uitgesien het, is vir my verander tot 'n verskrikking.
5 Hulle dek die tafel, gooi die lap oor, hulle eet, hulle drink: "Staan op, bevelvoerders, salf die skilde,"
6 want so sê יהוה vir my: "Gaan, plaas die brandwag, laat hom rapporteer wat hy sien.
7 Wanneer hy 'n strydwa sien, 'n paar perderuiters, 'n ruiter op 'n donkie en 'n ruiter op 'n kameel, laat hom ernstig aandag gee, baie ernstig."
8 Toe het die brandwag geroep: "O יהוה, ek staan voortdurend op die wagtoring in die dag en ek is op my wagpos elke nag.
9 Nou, let op, hier kom een van die paar perderuiters en hy het gesê: 'Geval, Bavel het geval en al die beelde van haar gode is stukkend op die grond'." Open 14:8
10 O my gedorstes en geteisterdes van die dorsvloer, wat ek gehoor het van יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, maak ek aan julle bekend!
11 Die profetiese visioen aangaande Edom: een hou aan om my van Se'ir af te roep: "Waaksman, hoe ver is die nag verby? Waaksman, hoe ver is die nag verby?"
12 Die waaksman sê: "Die oggend kom, maar ook die nag. As julle moet vra, vra; kom weer terug."
13 Die profetiese visioen aangaande Arabië: "In die ruigtes van Arabië moet julle oornag, karavane van die D'daniete!
14 Bring water vir die wat dors is, o inwoners van die land van Teima, ontmoet die vlugteling met brood,
15 want hulle het vir die swaarde gevlug, vir die getrekte swaard, vir die gespande boog en vir die druk van die geveg,
16 want so het יהוה vir my gesê: 'Binne 'n jaar, soos die huurling dit sal tel, sal al die lof en eer van Kedar tot 'n einde kom

17 en wat oorbly van die getal boogskutters van die seuns van Kedar, sal min wees,' want יהוה, God van Yisra'el, het gepraat."

22 1 Die profetiese visioen aangaande die Vallei van Visie: wat is dit nou met julle dat julle almal op die huise se dakke geklim het?
2 Julle wat vol geraas was, luidrugtige dorp, jubelende stad; jou dooies is nie deur die swaard gedood of het nie in die geveg gesterf nie.
3 Al jou heersers het saam gevlug en is sonder boog gevang; almal van jou wat gevind is, is saam gevange geneem, hoewel hulle ver weg gevlug het.
4 Ek sê daarom: "Draai jou oë weg van my af, laat my bitterlik huil; moenie probeer om my te troos aangaande die verwoesting van die dogter van my volk nie,"
5 want dit is 'n dag van paniek, onderwerping en verwarring in die vallei van die visie voor die Meester, יהוה-Tzva'ot. Hulle het die mure ondersoek en geskreeu op die berge!
6 `Eilam het die pylkoker opgeneem met strydwaens, voetsoldate en perderuiters en Kir het die skild ontbloot.
7 Dit sal gebeur dat jou beste valleie met strydwaens gevul word en die ruiters vaste posisies inneem by die poort
8 en die verdediging van Y'hudah sal weggevat word. In daardie dag het jy staat gemaak op die wapens van die Huis van die Woud
9 en julle het gesien dat die breuke in die stad van Dawid baie is en julle het die waters van die onderste poel opgevang.
10 Toe het julle die huise van Yerushalayim getel en huise afgebreek om die muur te versterk.
11 Julle het ook 'n opgaarplek tussen die twee mure gemaak vir die water van die ou poel, maar julle het nie staatgemaak op Hom wat dit gemaak het nie en Hom wat dit lankal beplan het, ook nie in ag geneem nie;
12 daarom het die Meester, יהוה-Tzva'ot, jou in daardie dag geroep tot gehuil en tot weeklag, tot kaal skeer van die kop en om 'n roukleed te dra.
13 In plaas daarvan, is daar vrolikheid en blydskap, doodmaak van beeste en slag van skape, eet van vleis en drink van wyn: "Laat ons eet en drink, want môre mag ons sterf."
14 יהוה-Tzva'ot het Homself aan my openbaar: "Hierdie oortreding sal julle nie vergewe word nie totdat julle doodgaan," sê die Meester, יהוה-Tzva'ot.
15 So sê die Meester, יהוה-Tzva'ot: "Kom, gaan na hierdie bestuurder, na Shevnah, wat oor die huishouding aangestel is:
16 'Watter reg het jy hier en wie het jy hier dat jy vir jouself 'n graf hier uitgekap het, jy wat 'n graf in die hoogte uitkap, wat vir jouself 'n rusplek in die rots uitkerf?
17 Let op, יהוה is op die punt om jou sekerlik weg te slinger, o mens en jou sekerlik te verlaat,
18 jou te teister soos die teistering van 'n groep soldate wat in 'n stad beleër is sonder uitkoms; daar sal jy sterf en daar sal jou pronk strydwaens wees, skande van jou meester se huis!'
19 Ek sal jou verwyder uit jou pos en jou uit jou posisie afbring.

20 Dan sal dit op daardie dag gebeur dat Ek My dienskneg, Elyakim, die seun van Hilkiyahu, laat roep
21 en Ek sal hom aantrek met jou kleed en jou serp stewig om hom bind. Ek sal hom onveranderlik toevertrou met jou outoriteit en hy sal vir die inwoners van Yerushalayim en vir die huis van Y'hudah 'n vader wees.
22 Dan sal Ek die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer sit; wanneer hy oopmaak, sal niemand sluit nie; wanneer hy sluit, sal niemand oopmaak nie. Open 3:7
23 Ek sal hom inslaan soos 'n pen in 'n vaste plek en hy sal 'n troon van lof en eer word vir sy vader se huis.
24 Hulle sal al die lof en eer van sy vader se huis, nageslag en sake, al die kleinste van houers, van komme af tot al die kruike, aan hom hang."
25 "In daardie dag," verklaar יהוה-Tzva'ot, "sal die pen wat in 'n stewige plek ingeslaan is padgee; dit sal afbreek en val en die vrag goed wat daaraan hang, sal afgesny word, want יהוה het gepraat."

23 1 Die profetiese visioen aangaande Tzor: huil, o skepe van Tarshish, want dit is verwoes, sonder huis of hawe; dit word aan hulle rapporteer uit die land van die Kittiërs.
2 Wees stil, inwoners van die kusland, groothandelaars van Tzidon, jou boodskappers het oor die see gegaan,
3 oor baie waters. Die graan van die Nyl, die oes van die Rivier (Eufraat) was haar inkomste en sy was die mark van nasies.
4 Wees beskaamd, o Tzidon, want die see, die vesting van die see, praat en sê: "Ek het geen geboortepyne gehad of geboorte gegee nie, ek het geen jongmanne grootgemaak of maagde opgevoed nie."
5 As die verslag Mitzrayim bereik, sal hulle in benoudheid wees oor die verslag van Tzor.
6 Vaar oor na Tarshish; huil, o inwoners van die kusland!
7 Is dít julle jubelende stad wat sy oorsprong in die gryse verlede het, wie se voete haar gedra het om ver plekke te koloniseer?
8 Wie het dit teen Tzor, die uitdeler van krone, wie se groothandelaars prinse was, wie se handelaars die geëerdes van die aarde was, beplan?
9 יהוה-Tzva'ot het dit beplan, om die trots van alle skoonheid te onteer, om al die geëerdes te verag.
10 Oorstroom jou land soos die Nyl, dogter van Tarshish! Daar is geen terughouding meer nie.
11 Hy het Sy hand uitgestrek oor die see, Hy het koninkryke laat bewe; יהוה het 'n bevel gegee met betrekking tot Kena'an, om sy vestings af te breek.
12 Hy het gesê: "Jy sal nie meer uitgelate wees nie, o onteerde maagdelike dogter van Tzidon! Staan op, vaar oor na Kittim; selfs daar sal jy geen rus kry nie.
13 Let op, die land van die Kasdeërs; dit is die volk wat nie was nie; Ashur het dit bestem vir woestyngediertes; hulle het hul beleëringstorings opgerig, hul paleise gestroop, dit 'n puinhoop gemaak.
14 Huil, o skepe van Tarshish, want julle vesting is verwoes!

15 In daardie dag sal Tzor vergeet word vir sewentig jaar lank, soos die dae van een koning. Aan die einde van sewentig jaar sal dit met Tzor gebeur volgens die lied van die hoer:
16 "Vat die harp, gaan rond in die stad, o vergete hoer! Speel die snare bekwaam, sing baie liedere sodat jy onthou kan word."
17 Dit sal gebeur aan die einde van sewentig jaar dat יהוה Tzor sal besoek. Dan sal sy terugkeer na haar hoereloon en hoereer met al die koninkryke wat op die aardbodem is.
18 Haar wins en haar hoereloon sal tot יהוה afgesonder word; dit sal nie opgehoop of gebêre word nie, maar haar wins sal voldoende kos en keur klere word vir die wat in die Teenwoordigheid van יהוה loop. Yeg 28; Spr 13:22

24 1 Let op, יהוה verwoes die aarde, vernietig dit, misvorm sy oppervlakte en verstrooi sy inwoners.
2 Die mense sal wees soos die priester, die slaaf soos sy meester, die slavin soos haar meesteres, die koper soos die verkoper, die uitlener soos die lener, die skuldeiser soos die skuldenaar.
3 Die aarde sal heeltemal verwoes en heeltemal geplunder wees, want יהוה het hierdie boodskap gespreek:
4 'Die aarde treur, verwelk; die wêreld kwyn, verwelk; die vernaamstes van die mense van die aarde kwyn weg.
5 Die aarde is bevuil deur sy inwoners, want hulle het wette oortree, die instellings geskend, die ewige verbond verbreek;
6 daarom verteer 'n vloek die aarde en dié wat daarin woon word skuldig gehou; daarom word die bewoners van die aarde verbrand en is daar min mense oor.
7 Die nuwe wyn treur, die wingerdstok verwelk, almal wat bly van hart is, sug.
8 Die vreugde van die tamboeryne het opgehou, die geraas van die uitgelatenes hou op, die vreugde van die harp hou op!
9 Hulle drink nie wyn met sang nie; sterk drank is bitter vir die wat dit drink.
10 Die stad van chaos is afgebreek; al die huise is toegesluit sodat niemand mag ingaan nie.
11 Daar is 'n geskree oor wyn op die strate; alle blydskap verander in mismoedigheid, die vreugde is van die aarde af verban.
12 Verlatenheid het in die stad oorgebly en die poort is tot 'n puinhoop stukkend geslaan,
13 want so sal dit wees op die aarde, tussen die mense, soos die skud van 'n olyfboom, soos die na-oes as die druiwe-oes verby is.
14 Hulle lig hulle stem op, hulle skree van vreugde; hulle skree uit vanaf die weste aangaande die majesteit van יהוה.
15 Bring daarom lof en eer aan יהוה in die ooste, aan die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, die God van Yisra'el, in die kuslande van die see!'
16 Van die einde van die aarde af hoor ons liedere, selfs lof en eer aan die Regverdige Een, maar ek sê: "Weë my, weë my, dit is 'n raaisel vir my! Die verraderlikes handel vals; valser en valser. Open 22:11

17 Angs, die kuil en die strik konfronteer jou, o inwoner van die aarde!
18 Dan sal dit wees dat hy wat vlug vir die verslag van die ramp, in die kuil sal val en hy wat uit die kuil uitklim, sal in die strik gevang word, want die vensters bo is oopgemaak en die fondamente van die aarde skud.
19 Die aarde word heeltemal opgebreek, die aarde word geheel en al oopgebreek, die aarde word uitermate geskud.
20 Die aarde slinger heen en weer soos 'n dronkaard en word geskud soos 'n pondok, want sy wetsoortreding is swaar op hom en hy sal val om nooit weer op te staan nie.
21 Dit sal in daardie dag so gebeur dat יהוה die hemelse leërskare daar bo sal straf en die konings van die aarde op die aarde.
22 Hulle sal bymekaar gemaak word, soos gevangenes, in die ondergrondse sel en in die tronk toegemaak wees en ná baie dae sal hulle gestraf word.
23 Dan sal die maan rooi word van skaamte en die son beskaamd, want יהוה-Tzva'ot sal regeer op die berg Tziyon en in Yerushalayim en Sy eer, lof en aanbidding sal voor die oudstes wees. Open 21:23

25 1 יהוה, U is my God! U sal ek oplig; ek sal dank gee aan U Naam (Karakter en Outoriteit), want U het wonders gedoen, getroue raadgewing gegee vanaf lank terug, dit is waar,
2 want U het 'n stad verlaag tot 'n hoop, 'n versterkte vesting tot 'n puinhoop; 'n paleis van vreemdes is geen stad meer nie, dit sal nooit weer herbou word nie.
3 'n Sterk volk sal U daarom loof en eer, stede van gewetenlose nasies sal U respekvol vrees,
4 want U is 'n Verdediging vir die hulpelose, 'n Verdediging vir die behoeftige in sy benoudheid; 'n Skuilplek teen die storm, 'n Skaduwee teen die hitte, want die asem van die gewetenlose is soos 'n storm teen 'n muur.
5 Soos hitte tydens droogte, onderdruk U die oproer van vreemdes; soos hitte deur die skaduwee van 'n wolk word die lied van die gewetenlose stil gemaak.
6 יהוה-Tzva'ot sal op hierdie berg vir al die volke 'n oorvloedige feesmaal voorberei; 'n feesmaal van verouderde en ryk wyne, van die dinge wat behoort aan ons hemelse Verlosser en die Magtige Een. Open 19:6,7
7 Hy sal ook die invloed en aansien van die regeerder wat oor al die volke geheers het, op hierdie berg vernietig, as gevolg van die slagting onder al die nasies.
8 Hy sal dood vir alle tye insluk in oorwinning 1 Kor 15:54 en die Meester, יהוה-Tzva'ot, sal die trane van alle gesigte af afvee en Hy sal die smaad van Sy volk van die hele aarde af verwyder, want יהוה het gepraat. Open 21:4
9 Dit sal in daardie dag gesê word: "Let op, hierdie is ons God vir Wie ons gewag het dat Hy ons kan red. Dit is יהוה vir Wie ons gewag het; ons sal in die rondte swaai van vreugde oor Hom en ons verheug in Sy redding,"
10 want die hand van יהוה sal rus op hierdie berg en Mo'av sal vertrap word in sy plek soos strooi vertrap word in die water van 'n mishoop
11 en hy sal sy hande uitsprei daarin soos 'n swemmer dit uitsprei om te swem en Hy sal hulle trotsheid laag neerlê saam met die buit van hulle bendes.

12 Die vesting van verraad van jou rebelse manne en jou sterk mure sal Hy afbreek, laag neerlê in die grond, selfs tot in die stof.

26 1 In dié dag sal hierdie lied gesing word in die land van Y'hudah: "O stad, wie se Verlossing staande gebly het; Hy rig mure en skanse op vir sekuriteit. Ps 46:6; Spr 18:10
2 Maak oop die hekke sodat die waarheid en die onpartydige en opregte nasie, wat getrou bly, kan ingaan! Open 21:25-27; 22:14
3 U sal ons in volmaakte vrede bewaar omdat ons op U vertrou het.
4 Vertrou in יהוה vir ewig, want die Meester יהוה is 'n ewige sterkte."
5 Hy het die wat op die hoogte bly, die onoorkombare vesting, laag neergewerp; Hy het dit neergegooi, laag tot op die grond, dit in die stof gegooi.
6 Die voet sal dit vertrap, die voete van die geteisterdes, die voetstappe van die hulpeloses.
7 Die pad van die nederige is gelyk; die pad van die onpartydig opregte is reguit en gelyk.
8 Inderdaad, in die pad van U oordele, o יהוה, het ons U gretiglik verwag; U Naam (Karakter en Outoriteit), U gedagtenis, is die begeerte van ons lewe.
9 In die nag begeer my lewe na U; ja, ook my gees binne my soek U gretiglik, want as die aarde U oordele ervaar, leer die inwoners van die wêreld onpartydige opregtheid.
10 Die bose oortreder het ver afgedwaal sodat hy nie onpartydige opregtheid leer nie; dissipline in die land bring opregtheid; die bose sal nie die majesteit van יהוה sien nie.
11 יהוה, U hand is opgelig, tog sien hulle dit nie. Hulle sien U ywer vir die mense en word beskaamd; vuur sal inderdaad U vyande verteer. Heb 10:27
12 יהוה, U sal vir ons vrede bewerk, aangesien U ook al ons werke vir ons uitgevoer het.
13 יהוה, ons God, ander meesters buiten U het oor ons geheers, maar deur U alleen verklaar ons U Naam (Karakter en Outoriteit).
14 Die dooies sal nie lewe nie, verlate geeste sal nie opstaan nie; daarom het U hulle gestraf en vernietig en alle gedagtenis aan hulle weggevee.
15 U het die nasie vermeerder o יהוה, U het die nasie vermeerder, U is geloof en vereer; U het al die grense van die land uitgebrei.
16 יהוה, in benoudheid het hulle U gesoek; hulle kon net 'n gebed fluister, U tugtiging was op hulle.
17 Soos 'n verwagtende vrou, wat naby die tyd kom dat sy geboorte moet gee, inmekaar krimp en skree in haar geboortepyne, so was ons voor U, o יהוה!
18 Ons was verwagtend en het inmekaargekrimp soos hulle wat aan wind geboorte gegee het; red ons sodat ons nie op die aarde vergaan nie en die inwoners van die aarde nie tot 'n einde kom nie.
19 U dooie manne sal lewe, hulle lyke sal opstaan. Word wakker en roep uit van vreugde, julle wat in die stof lê, want U dou is soos die dou van die sonsopkoms en die aarde sal geboorte gee aan die verlate geeste. Yeg 37

20 Kom, my volk, gaan in julle kamers in en sluit jul deure agter jul toe; kruip vir 'n kort rukkie weg totdat die verontwaardiging verbygaan,
21 want let op, יהוה is op die punt om uit Sy plek uit te kom om die onregverdigheid van die inwoners van die aarde te straf en die aarde sal sy bloedvergieting openbaar en nie langer die wat gedood is, toedek nie.

27 1 In dié dag sal יהוה die livyatan, die deurborende reptiel, ja, livyatan, die kronkelende reptiel, met Sy vreeslike, groot en magtige swaard straf en Hy sal die draak doodmaak wat in die see is. Yes 51:9; Iyov 41; Ps 74:14
2 In daardie dag: "Sing van 'n wingerd van wyn!
3 Ek, יהוה, is sy Versorger: Ek sal dit elke oomblik water gee; Ek bewaak dit nag en dag sodat niemand dit kan beskadig nie. Yog 15:1
4 Ek het geen toorn nie. Sou iemand My dorings of distels gee in die geveg, sou Ek daarop trap, dit volkome verbrand;
5 of laat hom onveranderlik vashou aan My beskerming, Ek sal vir hom vrede maak, vrede sal Ek vir hom gee."
6 In die dae wat kom, sal Ya'akov wortel skiet, Yisra'el sal bloei en uitspruit en hulle sal die hele wêreld met vrugte vul.
7 Het יהוה die onderdrukker geslaan soos wat hy dié slaan wat hom geslaan het? Of word hulle gedood soos dié wat deur die slagting deur hom gedood is?
8 U het met hulle geworstel deur hulle te verban, deur hulle weg te dryf. Met Sy sterk wind het Hy hulle uitgedryf op die dag van die oostewind.
9 Die wetsoortreding van Ya'akov sal daarom hierdeur vergewe wees en dit sal die volle prys wees van die vryspraak van sy sonde: wanneer hy al die altaarklippe maak soos verkrummelde kalkklippe; wanneer die Asherahs, afgode en wierookaltare nie meer regop sal staan nie, Rom 11:25-27
10 want die versterkte stad is afgesny, 'n woning wat ontvolk en verlate is soos die woestyn; daar sal die kalwers wei en daar sal hulle lê en sy gras eet.
11 Wanneer sy takke verdor is, word hulle afgebreek; vroue kom en maak 'n vuur daarmee, want hulle is nie 'n volk van onderskeiding nie; daarom sal hulle Maker nie vir hulle omgee nie en sal hulle Skepper nie vir hulle onverdiende guns bewys nie.
12 In dié dag sal יהוה vanaf die vloeiende stroom van die Eufraat af tot by die spruit van Mitzrayim, Sy vrugte oes en júlle sal ingesamel word, een vir een, o seuns van Yisra'el!
13 Dit sal gebeur dat in dié dag 'n groot ramshoring geblaas sal word Mat 24:31 en dan sal dié wat verlore gegaan het in die land van Ashur en dié wat versprei was oor die land van Mitzrayim, kom en יהוה aanbid op die afgesonderde berg by Yerushalayim.

28 1 Wee die trotse kroon van die dronkaards van Efrayim en die verwelkende blom van sy wonderlike skoonheid, wat aan die kop is van die vrugbare vallei van hulle wat deur wyn oorweldig is.
2 Let op, יהוה is sterk en magtig, wat soos 'n haelstorm, 'n storm van verwoesting, soos 'n storm van magtige, oorvloeiende waters met Sy hand op die grond neergooi.
3 Die trotse kroon van die dronkaards van Efrayim word onder die voete vertrap

4 en die verwelkende blom van sy wonderlike skoonheid, wat aan die kop van die vrugbare vallei is, sal wees soos die eerste ryp vy voor die somer, wat iemand sien en sodra dit in die hand is, sluk hy dit weg.
5 In daardie dag sal יהוה-Tzva'ot 'n pragtige Kroon en 'n wonderlike Krans wees vir dié wat oorgebly het van Sy volk;
6 'n Gees van regverdige oordeel vir hom wat in die oordeel sit en 'n Sterkte vir hulle wat die aanval by die poort afweer.
7 Hierdie het ook oortree met wyn en oorboord gegaan met sterk drank: die priester en die profeet het oortree met sterk drank, [Lev 10:9; Yeg 44:21] hulle is oorweldig deur wyn, hulle steier van sterk drank; hulle fouteer in oordeel as gevolg van dronkenskap, hulle eet oormatig,
8 want al die tafels is vol walglike uitbraaksel, sonder 'n enkele skoon plek.
9 Vir wie wil hy Godskennis leer en vir wie wil hy die boodskap interpreteer? Vir hulle wat van melk gespeen is? Dié wat van die borste weggevat is? [Mal 2:5-9; Heb 5:12-14]
10 Want, "vuilheid is op vuilheid, vuilheid op vuilheid, braaksel is op braaksel, braaksel op braaksel, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie."
11 Hy sal inderdaad met hierdie volk praat deur onverstaanbare lippe en 'n vreemde tong,
12 Hy wat aan hulle gesê het: "Hier is rus, gee rus aan die vermoeides" en "hier is verfrissing," maar hulle wou nie luister nie.
13 So sal die woord van יהוה vir hulle wees: "Vuilheid is op vuilheid, vuilheid op vuilheid, braaksel is op braaksel, braaksel op braaksel, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie" sodat hulle kan gaan en agteruit struikel, gebreek word, in 'n strik val en gevang word.
14 Hoor daarom die Woord van יהוה, julle spotters, wat heers oor hierdie volk wat in Yerushalayim is
15 omdat julle gesê het: "Ons het 'n verbond met die dood gesluit en met Sh'ol het ons 'n verdrag aangegaan. Die oorweldigende gésel sal ons nie bereik wanneer Hy verbykom nie, want ons het valsheid ons skuilplek gemaak en onsself in misleiding weggesteek;"
16 daarom, so sê die Meester יהוה: "Let op, Ek lê in Tziyon 'n Steen, 'n beproefde Steen, 'n duur Hoeksteen vir die fondasie, stewig neergesit. Hy wat daarin vertrou, sal nie bang wees nie. [1 Kef 2:6; Rom 9:33]
17 Ek sal die regverdige oordeel tot 'n maatband maak en onpartydige opregtheid die waterpas; dan sal hael die skuiling van leuens wegvee en die waters die geheime plek oorspoel.
18 Julle verbond met die dood sal gekanselleer word en julle verdrag met Sh'ol nie staan nie; wanneer die oorweldigende gésel deurtrek, sal julle deur Hom vertrap word.
19 So dikwels as wat Hy deurtrek, sal Hy julle gryp, want oggend na oggend sal Hy deurtrek, dag of nag en dit sal suiwer angs wees om te verstaan wat dit beteken."
20 Die bed is te kort om op uit te strek en die kombers te klein om jouself in toe te draai,

21 want יהוה sal opstaan soos by die berg P'ratzim; Hy sal opgewerk wees soos in die vallei van Giv'on om Sy taak uit te voer, Sy ongewone taak en om Sy werk te verrig, Sy uitsonderlike werk!
22 Gedra julle nou nie soos spotters nie, of julle bande sal sterker gemaak word, want ek het van die Meester, יהוה-Tzva'ot, gehoor van 'n vasgestelde vernietiging oor die hele aarde.
23 Gee gehoor en hoor my stem; luister en hoor my boodskap!
24 Ploeg die boer voortdurend om te saai? Skeur hy sy akker voortdurend oop en eg die grond?
25 Maak hy nie die oppervlak gelyk en saai vinkel, strooi komyn, plant koring in rye en gars in hulle plek en rog om sy rand, nie?
26 Want sy God gee hom instruksies volgens diskressie en leer hom behoorlik,
27 want vinkel word nie met die slee gedors nie en die wawiel word nie oor komyn gerol nie, maar vinkel word uitgeslaan met 'n staf en komyn met 'n stok.
28 Broodkoring word fyn gestamp, inderdaad hou hy nie aan om dit te dors nie, want die wawiel en die perde beskadig dit, hy stamp dit nie verder nie.
29 Ook dit kom van יהוה-Tzva'ot, wat Sy raadgewing wonderbaar gemaak het en Sy wysheid groot.

29 1 Wee Ari'el, Ari'el, (simboliese naam van Yerushalayim) die stad waar Dawid eens gekamp het! Voeg jaar by jaar, laat hulle die feeste hou.
2 Tog sal Ek benoudheid oor Ari'el bring en dit sal 'n geklaag en gerou wees en dit sal vir My soos 'n Ari'el (Leeu van die Magtige God) wees.
3 Ek sal kamp opslaan teen jou en jou omsingel en Ek sal beleëringswerke en gevegstorings teen jou oprig.
4 Dan sal jy laag gebring word; vanaf die aarde sal jy praat en vanuit die stof waar jy platlê sal jou woorde kom. Jou stem sal wees soos die van 'n gees vanuit die grond en jou stem sal fluister vanuit die stof,
5 maar die menigte van jou vyande sal word soos fyn stof en die menigte van die gewetenloses soos die kaf wat wegwaai; dit sal gou, onverwags gebeur.
6 Vanaf יהוה-Tzva'ot sal jy gestraf word met donder en aardbewing en groot geraas, warrelwind en storm en die vlam van 'n verterende vuur.
7 Die menigte van al die nasies wat oorlog maak teen Ari'el, almal wat teen hom en sy vesting oorlog maak en hom benoud maak, sal soos 'n droom wees, 'n visioen van die nag.
8 Dit sal wees soos wanneer 'n honger man droom dat hy eet, maar wanneer hy wakker word is sy honger nie versadig nie, of soos wanneer 'n dors man droom dat hy drink, maar wanneer hy wakker word, let op, hy is moeg en sy dors is nie geles nie. Só sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog maak teen die berg Tziyon.
9 Hulle is stomgeslaan en verblind, hulle word gepla en steier; hulle word dronk, maar nie van wyn nie; hulle steier, maar nie van sterk drank nie,

10 want יהוה het 'n gees van diepe slaap oor hulle uitgegooi en dit het hulle oë, asook die oë van die profete en heersers, Deut 29:3,4; Yes 6:9; Yeg 12:2; Mat 13:14,15; Yog 12:40; Rom 11:8 die sieners, wat die geheime sien, toegemaak.
11 Die hele visioen sal vir julle wees soos die woorde van 'n geseëlde boek wat, wanneer hulle dit vir iemand gee wat kan lees en sê: "Lees hierdie asseblief," sal hy sê: "Ek kan nie, want dit is geseël."
12 Dan sal die boek vir iemand gegee word wat nie kan lees nie, met die woorde: "Lees hierdie asseblief," en hy sal sê: "Ek kan nie lees nie."
13 Toe het יהוה gesê: "Omdat hierdie volk naderkom met hulle woorde en My eer met hulle lippediens, maar hulle verstand, wil en emosie ver van My verwyder is en hulle respekvolle vrees vir My uit 'n aangeleerde tradisie bestaan; Mat 15:8,9; Mar 7:6,7
14 let op, sal Ek weereens wonderlik handel met hierdie volk, wonderbaarlik wonderlik en die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan en die onderskeiding van hul onderskeidende manne sal weggesteek word." Luk 10:21; Rom 1:21,22; 1 Kor 1:19
15 Wee hulle wat hul planne diep wegsteek vir יהוה, wie se werk in duisternis plaasvind en sê: "Wie sien ons" en "wie ken ons?"
16 Julle draai dinge om! Moet die pottebakker as gelyk met die klei beskou word sodat wat gemaak is vir sy maker kan sê: "Hy het my nie gemaak nie," of wat gevorm is vir hom wat hom gevorm het kan sê: "Hy het geen begrip nie?" Yes 45:9; Rom 9:20
17 Is dit nie net nog 'n baie kort rukkie voordat die L'vanon in 'n vrugbare land verander word en die vrugbare land as 'n woud beskou word nie?
18 In dié dag sal die dowes woorde uit 'n boek hoor en uit hulle donkerheid en duisternis sal die oë van die blindes sien. Mat 11:5
19 Die geteisterdes sal ook hulle vreugde in יהוה vergroot en die behoeftiges onder die mense sal in die rondte swaai van vreugde in die Afgesonderde van Yisra'el,
20 want die gewetenlose sal tot 'n einde kom en die spotter sal ophou. Inderdaad sal almal wat ingestel is om boos te wees afgesny word;
21 hulle wat 'n mens laat aankla deur 'n woord en strikke span vir hom wat vir die reg oordeel in die poort en die regverdige met betekenislose argumente bedrieg;
22 daarom, so sê יהוה, wat Avraham vrygekoop het, aangaande die huis van Ya'akov: "Ya'akov sal nie nou beskaamd staan nie en sy gesig sal ook nie nou bleek word nie, Deut 32:6
23 maar wanneer hy sy seuns, die werk van My hande, in sy midde sien, sal hulle die Afgesonderde Een van Ya'akov afsonder en in respekvolle vrees wees tot die God van Yisra'el.
24 Hulle wat afdwaal in hulle gees sal die waarheid ken en hulle wat kritiseer sal instruksies aanvaar.

30 1 "Wee die opstandige seuns," sê יהוה, "wat 'n plan uitvoer, maar nie Myne nie, wat 'n alliansie maak, maar nie van My Gees nie, om sodoende sonde by sonde te voeg;
2 wat voortgaan af na Mitzrayim sonder om My te raadpleeg, om toevlug te soek onder die veiligheid van Farao en om skuiling te soek in die skaduwee van Mitzrayim!

3 Die veiligheid van Farao sal daarom julle skande wees en die skuiling in die skaduwee van Mitzrayim julle vernedering,
4 want hulle prinse is by Tzo'an en hulle ambassadeurs het in Hanes aangekom.
5 Almal sal beskaamd staan vanweë 'n volk wat vir hulle geen voordeel inhou nie, wat geen hulp of voordeel is nie, maar tot skande en oneer."
6 Die profetiese visioen: 'die wilde diere van die Negev': deur 'n land van benoudheid en angs, vanwaar leeuwyfie en leeu, adder en vlieënde draak kom, vervoer hulle hul rykdom op die rûe van jong donkies en hulle skatte op die bulte van kamele, na 'n volk wat hulle nie kan bevoordeel nie;
7 na Mitzrayim, wie se hulp nietig en leeg is; daarom noem ek haar: "Die sterkte wat uitgeskakel is."
8 Gaan nou, skryf dit op 'n tablet in hulle teenwoordigheid en graveer dit op 'n boekrol dat dit kan dien in die toekoms, as 'n getuie vir ewig,
9 want hierdie is 'n rebelse volk, valse seuns, seuns wat weier om te luister na die instruksies van יהוה;
10 wat aan die sieners sê: "Moenie sien nie!" en vir die profete: "Moenie vir ons profeteer wat reg is nie; praat aangename woorde met ons, profeteer valshede.
11 Kom weg van die pad af, draai weg van die pad, laat ons niks meer hoor van die Afgesonderde Een van Yisra'el nie!"
12 Die Afgesonderde Een van Yisra'el sê daarom so: "Omdat julle hierdie boodskap verwerp het en julle vertroue geplaas het op onderdrukking en bedrog en daarop gesteun het,
13 sal hierdie oortreding vir julle wees soos 'n skeiding op die punt om te val, 'n bult in 'n hoë muur, wie se ineenstorting skielik, in 'n oomblik kom,
14 wie se ineenstorting is soos die breek van 'n pottebakker se kruik, so onverbiddelik stukkend geslaan dat by die brokstukke daarvan geen skerf gevind word om vuur uit die vuurherd te haal of om water uit die kuil te skep nie,"
15 want so het die Meester, יהוה, die Afgesonderde Een van Yisra'el gesê: "In erkenning, berou en rus sal julle gered word, in stil wees en vertroue bestaan julle krag," maar julle wou nie,
16 en julle het gesê: "Nee, want ons sal op perde vlug;" daarom sal julle vlug! "Ons sal op vinnige perde ry;" daarom sal julle agtervolgers vinnig wees!
17 Een duisend van julle sal vlug vir die bedreiging van een, julle sal vlug vir die bedreiging van vyf totdat julle oorbly soos 'n vlag op 'n bergtop en soos 'n banier op 'n heuwel;
18 daarom verlang יהוה om onverdiende guns aan julle te wys en daarom wag Hy van bo om vir julle om te gee, want יהוה is 'n God van regverdige oordeel; hoe geseënd is almal wat na Hom verlang!
19 O volk in Tziyon, inwoner van Yerushalayim, jy sal nie langer huil nie. Hy sal sekerlik onverdiende guns bewys op die klank van jou uitroep; wanneer Hy dit hoor, sal Hy jou antwoord.
20 Alhoewel יהוה vir jou brood van ontbering en water van onderdrukking gegee het, sal jou Leermeester Homself nie langer wegsteek nie, maar jou oë sal jou Leermeester sien.

21 Jou ore sal 'n woord agter jou hoor: "Hierdie is die pad, loop daarop," wanneer julle ook al na regs of na links wil afdraai. Deut 5:32; 17:11

22 Julle sal jul gesnede beelde, oorgetrek met silwer, asook die gegote beelde, oorgetrek met goud, ontreinig. Julle sal hulle verstrooi as 'n onrein ding en sê: "Weg daarmee!"

23 Dan sal Hy reën gee vir die saad wat jy in die grond sal saai en brood van die opbrengs van die grond en dit sal ryk en oorvloedig wees; op daardie dag sal jou vee op 'n ruim weiveld wei.

24 Ook die osse en die donkies wat die grond bewerk, sal gesoute voer eet, wat uitgewan is met graaf en vurk.

25 Op die dag van die groot slagting, wanneer die torings val, sal daar strome, wat met water loop, wees op elke hoë berg en op elke verhewe heuwel.

26 Die lig van die maan sal wees soos die lig van die son en die lig van die son sal sewe keer helderder wees, soos die lig van sewe dae, op die dag wanneer יהוה die breuk van sy volk opbind en die pyn van hulle wond genees.

27 Let op, die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה kom van ver af, Sy toorn brand en dig is Sy rookwolke; Sy lippe is vol verontwaardiging en Sy tong is soos 'n verterende vuur;

28 Sy asem is soos 'n oorlopende stroom wat tot by die nek kom, om die nasies heen en weer te skud in 'n sif en om die toom, wat lei tot vernietiging, in die kakebene van die volke te sit.

29 Julle sal liedere hê soos in die nag wanneer julle die fees hou en blydskap van binne soos wanneer iemand marsjeer op die fluit, om te gaan na die berg van יהוה, na die Rots van Yisra'el.

30 יהוה sal Sy stem van outoriteit laat hoor en die afkom van Sy arm laat sien in vreeslike toorn en in die vlam van 'n verterende vuur, in wolkbreuk en haelkorrels,

31 want met die stem van יהוה sal Ashur bevrees wees, 2 Kef 3:10-12 Hy slaan met die stok.

32 Elke hou van die lat van straf, wat יהוה op hom sal lê, sal wees met tamboeryn en siter musiek en in gevegte, met swaaiende wapens, sal Hy teen hulle veg,

33 want sy straf is lankal al gereed, inderdaad is dit vir die koning voorberei. Hy het dit diep en groot gemaak, 'n brandstapel van vuur met baie hout; soos 'n stroom van swawelvuur, steek die asem van יהוה dit aan die brand.

31 1 Wee hulle wat na Mitzrayim aftrek vir hulp, wat vertrou op perde en in strydwaens omdat daar baie is en op perderuiters omdat hulle baie sterk is, maar hulle kyk nie na die Afgesonderde van Yisra'el of soek nie na יהוה nie. Ps 20:8

2 Nogtans is Hy ook wys en sal 'n ramp bring en trek nie Sy woorde terug nie, maar sal opstaan teen die huis van die boosdoeners en teen die hulp van die werkers van boosheid.

3 Nou, die Mitzrayimiete is mense en nie God nie en hulle perde is vlees en nie gees nie; so sal יהוה Sy hand uitstrek en hy wat help sal struikel en wie gehelp is, sal val en almal van hulle sal saam tot 'n einde kom,

4 want so sê יהוה vir my: "Soos die leeu of die jong leeu grom oor sy prooi wanneer
'n groep herders teen hom uitgeroep word, sal hy nie beangs wees vir hulle stem of
omgekrap wees oor hulle geraas nie, só sal יהוה-Tzva'ot afkom om oorlog te maak
vir die berg Tziyon en sy heuwel."
5 Soos swewende voëls, so sal יהוה-Tzva'ot op Yerushalayim afkom. Hy sal afkom
om dit te beskerm, te bevry en dit red.
6 Draai terug na Hom van Wie julle ver weggeval het, o seuns van Yisra'el,
7 want in dié dag sal elke mens sy silwer afgode en sy goue afgode weggooi, wat julle
sondige hande vir julle as 'n sonde gemaak het.
8 Ashur sal val deur 'n swaard, nie van 'n man nie en 'n swaard, nie van 'n mens
nie, sal hom verteer. So sal hy nie die swaard ontvlug nie en sy jongmanne sal
dwangarbeiders word. 2 Kon 19:37
9 "Hy sal bly in sy rotsagtige blyplekke en sy prinse sal oorwin word voor die banier,"
verklaar יהוה, wie se vuur in Tziyon is en wie se vuuroond in Yerushalayim is.

32 1 Let op, 'n koning sal in onpartydige opregtheid regeer en prinse sal regverdig
heers.
2 Elkeen sal wees soos 'n toevlug teen die wind en 'n skuiling teen die storm, soos
waterstrome in 'n droë land, soos die skaduwee van 'n groot rots in 'n geskroeide
land.
3 Dan sal die oë van die wat sien nie meer verblind wees nie en die ore van die wat
luister, sal hoor.
4 Die verstand van die onverstandiges sal die waarheid onderskei en die tong van die
hakkelaars sal gou wees om duidelik te praat.
5 Die dwaas sal nie meer edel genoem word nie, of die skurk van gepraat word as
verlosser nie,
6 want 'n dwaas praat onsin en sy verstand, wil en emosie neig na boosheid: om vals
voor te doen en leuens teen יהוה te praat; om die honger persoon onversadig te hou
en drinkgoed terug te hou van hulle wat dors is.
7 Die skurk se wapens is wetteloosheid; hy beraam bose planne om die geteisterdes te
vernietig met leuens, alhoewel die getuienis van die behoeftige reg is,
8 maar die edele beraam groot planne en hy sal op sy grootheid staan.
9 Staan op, geruste vroue, hoor my stem! Selfvoldane dogters, luister na my
boodskap!
10 Baie jare en dae sal julle sidder, o selfvoldane dogters, want die druiwe-oes is
verby en die insameling van vrugte sal nie kom nie.
11 Bewe, geruste vroue! Wees bekommerd, selfvoldane dogters! Trek julle klere uit
en trek rougewade om julle heupe.
12 Slaan op julle borste oor die aangename velde, oor die vrugbare wingerde,
13 vir die land van My volk, waar dorings en distels sal opkom; ja, vir al die
vreugdevolle huise en die uitgelate stad,
14 want die paleis is verlate, die bevolkte stad is in die steek gelaat; die heuwel en die
wagtoring het grotte geword vir ewig, 'n vreugde vir die wilde-donkies, 'n weiveld
vir troppe vee.

15 Wanneer die Gees oor ons uitgegiet word vanuit die hoogte en die wildernis 'n vrugbare veld word en die vrugbare veld as 'n woud gereken word,
16 dan sal regverdige oordeel in die wildernis bly en onpartydige opregtheid in die vrugbare veld.
17 Die werke van onpartydige opregtheid sal vrede wees en die diens van onpartydige opregtheid, rustigheid en veiligheid vir ewig. Ya'a 3:18
18 Dan sal My volk in 'n vredevolle blyplek, in veilige huise en in onverstoorde plekke van rus bly;
19 as die hael sou neerval op die woud, sal dit nie op jou kom nie en jy sal so versekerd wees soos die op 'n vlakte.
20 Hoe gelukkig sal julle wees, julle wat langs al die waters saai, wat die os en die donkie vry laat uitkom!

33 1 Wee jou, vernietiger terwyl jy nie vernietig is nie en jy wat vals is teen wie nie vals opgetree is nie! Sodra jy klaar vernietig het, sal jy vernietig word; sodra jy klaar vals opgetree het, sal ander vals teenoor jou optree.
2 יהוה, bewys ons onverdiende guns; ons het op U gewag. Wees hulle Sterkte elke oggend, ons Verlossing ook in die tyd van benoudheid!
3 Met die klank van die opskudding vlug die volke; as U Uself oplig, word nasies verstrooi.
4 Julle buit word bymekaargemaak soos die rusper bymekaargemaak word; soos 'n swerm sprinkane wanneer dit bymekaargemaak word.
5 יהוה is hoog opgelig, want Hy bly in die hoogte; Hy het Tziyon vol regverdige oordeel en onpartydige opregtheid gemaak
6 en Hy sal die Standvastigheid van julle tye wees, 'n Rykdom van verlossing, wysheid en kennis; die respekvolle vrees van יהוה is Sy skat.
7 Let op, hulle helde skree in die strate, die ambassadeurs van vrede huil bitterlik.
8 Die hoofpaaie is verlate, die reisigers het opgehou. Hy het die verbond verbreek, die stede verag, Hy neem die mens nie in ag nie.
9 Die land treur en kwyn weg; L'vanon staan beskaamd en verwelk; Sharon is soos 'n woestynvlakte, Bashan en Karmel het hul blare verloor.
10 "Nou sal Ek opstaan," sê יהוה, "nou sal Ek verhoog word, nou sal Ek opgelig word.
11 Julle het bevrug geraak van strooi, julle sal geboorte gee aan stoppels; My asem sal julle verteer soos 'n vuur.
12 Die volke sal verbrand word tot kalk, soos afgekapte dorings wat in die vuur verbrand word.
13 Julle wat ver weg is, hoor wat Ek gedoen het en julle wat naby is, erken My mag!"
14 Die sondaars in Tziyon is vreesbevange; bewing het die wettelose aangegryp. "Wie van ons kan leef met die verterende vuur? Heb 12:29 Wie van ons kan leef met voortdurende gebrand?"

15 Hy wat in onpartydige opregtheid loop en met openhartigheid praat; hy wat onregverdige wins verwerp en sy hande skud sodat hulle geen omkoopgeskenk vashou nie; hy wat sy oor toestop om nie van bloedvergieting te hoor nie en sy oë toemaak om nie na boosheid te kyk nie;
16 hy sal op die hoogtes woon, sy skuiling sal die ondeurdringbare Rots wees; sy brood sal vir hom gegee word, sy water sal seker wees.
17 Jou oë sal die Koning in Sy skoonheid aanskou; hulle sal 'n ver land sien.
18 Jou verstand, wil en emosie sal terreur deurdink: "Waar is hy wat tel? Waar is hy wat weeg? Waar is hy wat die torings tel?
19 Jy sal nie langer 'n woeste volk sien nie, 'n volk met onverstaanbare spraak wat niemand begryp nie, met 'n hakkelende tong, wat niemand verstaan nie. Deut 28:49,50
20 Kyk oor Tziyon, die stad van ons aangestelde feeste! Jou oë sal Yerushalayim sien, 'n onaangeraakte blyplek, 'n tent wat nie opgevou sal word nie, sy penne sal nooit uitgetrek word of enige van sy toue losgeskeur word nie,
21 maar daar sal יהוה, die Majestueuse, vir ons 'n Plek van riviere en breë kanale wees, waarop geen roeiskepe sal vaar nie en waarop geen kragtige skip verby sal gaan nie,
22 want יהוה is ons Regter, יהוה is ons Wetgewer, יהוה is ons Koning; Hy sal ons red.
23 Jou toue hang slap; dit kan nie die voetstuk van hulle mas styf vashou, of die seil uitsprei nie. Dan sal die roof van 'n oorvloedige buit verdeel word; die lammes sal die buit vat
24 en geen inwoner sal sê: "Ek is siek", nie. Die mense wat daarin woon, se oortredinge sal vergewe wees.

34 1 Kom nader, o nasies, om te hoor en luister o volke! Laat die aarde en alles wat daarin is luister en hoor en die wêreld en alles wat daaruit voortkom,
2 want die verontwaardiging van יהוה is teen al die nasies en Sy toorn teen al hulle weermagte; Hy het hulle ten volle vernietig, Hy het hulle oorgegee aan slagting.
3 Hulle gesneuweldes sal uitgegooi word en hulle lyke sal stank afgee en die berge sal deurdrenk wees met hulle bloed.
4 Al die leërskare van die hemel sal wegkwyn en die hemel sal opgerol word soos 'n boekrol en al sy leërskares sal ook verwelk soos 'n blaar van die wingerdstok verwelk of soos een wat van die vyeboom af afval, Mat 24:29
5 want My swaard is versadig in die hemel; let op, dit sal afkom op Edom vir oordeel en op die volk wat Ek uitgesonder het vir vernietiging.
6 Die swaard van יהוה is vol bloed, dit is deurdrenk van vet, met die bloed van lammers en bokke, van die niervet van ramme, want יהוה het 'n offer in Botzrah en 'n groot slagting in die land van Edom geoffer.
7 Wilde bulle (Aurogs) sal saam met hulle val en die jong bulle saam met die sterkes; so sal hulle land deurdrenk word met bloed en hulle stof olierig word met vet,
8 want יהוה het 'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding vir die regsaak van Tziyon.
9 Sy strome sal in pik verander word, sy los grond in swawelvuur en sy land sal brandende pik word.

10 Dit sal nie snags of oordag uitgeblus word nie; die rook sal vir ewig opgaan. Van geslag tot geslag lê dit verlate; vir ewig en ewig sal niemand daar deurgaan nie,
11 maar pelikane en uile sal dit besit en kraaie en volstruise sal daarin bly en Hy sal die maatband van die swaard daaroor uitstrek en daar sal geen vreugde wees nie.
12 Sy edeles, daar sal niemand wees wat hulle as koning kan verklaar nie en al sy prinse sal niks wees nie.
13 Dorings sal in sy versterkte torings opkom, brandnetels en distels in sy versterkte stede; dit sal 'n tuiste vir monsters, 'n blyplek vir die dogters van volstruise wees.
14 Die woestyn gediertes sal die wolwe ontmoet; die wolhaar bok sal ook na sy soort roep; ja, die nagmonster sal daar bly en vir haarself 'n rusplek vind.
15 Die groot uil sal haar nes daar maak, eiers lê, uitbroei en onder haar skaduwee bymekaarmaak. Ja, die aasvoëls sal daar bymekaarkom, elkeen met haar maat.
16 Soek in die boek van יהוה en lees: nie een van hierdie sal ontbreek nie; nie een sal sy maat soek nie, want Sy mond het beveel en Sy Gees het hulle bymekaargebring.
17 Hy het vir hulle die lot gewerp en Sy hand het dit vir hulle met die maatlyn verdeel. Hulle sal dit vir ewig besit, van geslag tot geslag sal hulle daarin woon.

35 1 Die geskroeide wildernis sal bly wees en die woestyn sal bly wees en bot soos die veldsaffraan;
2 dit sal lustig bot en verheug wees met gejuig en uitroepe van vreugde. Die lof en eer van die L'vanon sal daaraan gegee word, die majesteit van Karmel en Sharon. Hulle sal die lof, eer en waarde van יהוה sien, die majesteit van ons God.
3 Bemoedig die uitgeputte en versterk die swakke. Heb 12:12
4 Sê aan die wat vreesagtig van verstand, wil en emosie is: "Hou moed, moenie vrees nie! Let op, julle God, die Vergelder, kom; God, die Verlosser, kom om julle te verlos.
5 Dan sal die oë van die blindes oopgemaak en die ore van die dowes ontsluit word.
6 Dan sal die verlamde spring soos 'n bok en die tong van die stomme sal skree van vreugde, want waters sal uitbreek in die wildernis en strome in die woestyn. Mat 11:5
7 Die verskroeide land sal 'n waterpoel word en die dorsland, fonteine van water; in die gate van jakkalse, hulle rusplek, is gras, riete en biesies.
8 Dáár sal 'n hoofweg wees, 'n pad, wat 'die hoofweg van Afgesonderdheid' genoem sal word. Die onreine sal nie daarop reis nie, maar dit sal vir húlle wees wat op daardie pad loop en die dwase sal nie daarop rondloop nie.
9 Dáár sal geen leeu wees nie en geen gevaarlike dier sal daarop kom nie. Hierdie sal nie daar gekry word nie, maar die vrygekooptes sal daarop loop
10 en die losgekooptes van יהוה sal teruggaan en na Tziyon kom met uitroepe van blydskap, met ewige vreugde op hulle koppe. Hulle sal vreugde en blydskap vind en droefheid en sugtinge sal wegvlug.

36 1 In die veertiende jaar van koning Hizkiyahu het Sangeriv, koning van Ashur, opgetrek teen al die versterkte stede van Y'hudah en hulle verower. 2 Kon 18:13-
2 Die koning van Ashur het vir Rav-Shakeh vanaf Lakhish na Yerushalayim gestuur, na koning Hizkiyahu, met 'n groot leër en hy het gaan staan by die watervoor van die boonste poel, op die hoofpad van die wasser se veld.

3 Toe het Elyakim, die seun van Hilkiyahu, wat oor die huishouding was, Shevnah, die skrywer en Yo'ag, die seun van Asaf, die griffier, na hom toe uitgekom.
4 Toe sê Rav-Shakeh vir hulle: "Sê nou vir Hizkiyahu: 'So sê die groot koning, die koning van Ashur: "Wat is hierdie selfvertroue wat jy het?
5 Ek sê: 'Jou raad en krag vir die oorlog is net leë woorde.' Op wie vertrou jy dat jy teen my rebelleer het?
6 Let op, jy vertrou op die staf van die geknakte riet, op Mitzrayim, wat, as iemand daarop leun, in sy hand sal ingaan en dit deurboor; so is Farao, koning van Mitzrayim, vir almal wat op hom vertrou.
7 As jy egter vir my sê: 'Ons vertrou op יהוה, ons God,' is dit nie Hy Wie se hoë plekke en Wie se altare Hizkiyahu verwyder het en vir Y'hudah en Yerushalayim gesê het: 'Voor hierdie altaar moet julle aanbid,' nie?
8 Nou daarom, kom wed tog met my meester, die koning van Ashur en ek sal vir jou twee duisend perde gee as jy van jou kant af ruiters daarop kan sit.
9 Hoe kan jy dan die aanval van 'n enkele amptenaar van my meester se geringste dienaars weerstaan en op Mitzrayim vertrou vir strydwaens en perderuiters?
10 Het ek nou sonder יהוה se goedkeuring teen hierdie land opgetrek om dit te verwoes? יהוה het vir my gesê: 'Trek op teen hierdie land en verwoes dit.'"
11 Toe sê Elyakim, Shevnah en Yo'ag vir Rav-Shakeh: "Praat nou met u diensknegte in Aramees, want ons verstaan dit en moenie met ons in Hebreeus praat voor die ore van die manskappe wat op die muur is nie."
12 Rav-Shakeh het egter gesê: "Het my meester my slegs na jou meester en na julle toe gestuur om hierdie woorde te sê en nie na die manne wat op die muur sit, wat hulle eie drek sal eet en hul eie urine sal drink, saam met julle nie?"
13 Toe gaan Rav-Shakeh staan en roep hardop in Hebreeus uit en sê: "Hoor die woorde van die groot koning, die koning van Ashur!
14 So sê die koning: 'Moenie dat Hizkiyahu julle bedrieg nie, want hy sal julle nie kan red nie;
15 moet ook nie dat Hizkiyahu julle op יהוה laat vertrou deur te sê: "יהוה sal ons sekerlik bevry nie; hierdie stad sal nie in die hand van die koning van Ashur oorgegee word nie."'
16 Luister nie na Hizkiyahu nie, want so sê die koning van Ashur: 'Maak vrede met my en kom uit na my toe en eet elkeen van sy wingerdstok en elkeen van sy vyeboom en drink elkeen die water van sy eie put
17 totdat ek kom en julle wegvat na 'n land soos julle eie land, 'n land van graan en nuwe wyn, 'n land van brood en wingerde.
18 Moenie dat Hizkiyahu julle mislei deur te sê: "יהוה sal ons bevry," nie. Het enige van die gode van die nasies hulle land bevry uit die hand van die koning van Ashur?
19 Waar is die gode van Hamat en Arpad? Waar is die gode van S'farvayim? Wanneer het hulle Shomron uit my hand bevry?
20 Wie is daar onder al die gode van hierdie lande wat hulle land bevry het uit my hand dat יהוה Yerushalayim uit my hand sou bevry?'"

21 Hulle het egter stilgebly en hom niks geantwoord nie, want die koning se opdrag was: "Moet hom nie antwoord nie."
22 Toe het Elyakim, die seun van Hilkiyahu, wat oor die huishouding was, Shevnah, die skrywer en Yo'ag, die seun van Asaf, die griffier, met geskeurde klere by Hizkiyahu gekom en hom die woorde van Rav-Shakeh vertel.

37 1 Toe koning Hizkiyahu dit hoor, het hy sy klere geskeur, hom met 'n roukleed bedek en in die huis van יהוה ingegaan.
2 Toe stuur hy vir Elyakim, wat oor die huishouding was, Shevnah, die skrywer, en die oudstes van die priesters, met rouklere bedek, na Yesha'yahu die profeet, die seun van Amotz.
3 Hulle sê vir hom: "So sê Hizkiyahu: 'Hierdie dag is 'n dag van benoudheid, bestraffing en verwerping, want die kinders het tot by geboorte gekom en daar is geen krag om geboorte te gee nie.
4 Miskien sal יהוה, u God, die woorde van Rav-Shakeh hoor wat sy meester, die koning van Ashur, gestuur het om die Lewende God te onteer en die woorde wat יהוה, u God, gehoor het, bestraf; daarom, offer 'n gebed vir die wat oorgebly het.'"
5 Die diensknegte van koning Hizkiyahu het by Yesha'yahu gekom.
6 Yesha'yahu het vir hulle gesê: "So moet julle jul meester antwoord: 'So sê יהוה: "Moenie bang wees as gevolg van die woorde wat jy gehoor het, waarmee die diensknegte van die koning van Ashur sleg van My gepraat het nie.
7 Let op, Ek sal 'n gees in hom plaas sodat hy 'n gerug sal hoor en na sy eie land sal teruggaan en Ek sal hom in sy eie land deur die swaard laat val."'"
8 Toe het Rav-Shakeh teruggegaan en die koning van Ashur gekry, vegtend teen Livnah, want hy het gehoor dat die koning Lakhish verlaat het
9 nadat hy hoor-sê het aangaande Tirhakah, koning van Kush: "Hy het uitgekom om teen u te veg." Toe hy dit hoor, stuur hy boodskappers na Hizkiyahu om te sê:
10 "So moet julle vir Hizkiyahu, koning van Y'hudah, sê: 'Moenie dat u God op wie u vertrou, u bedrieg nie deur te sê: "Yerushalayim sal nie in die hand van die koning van Ashur oorgegee word nie."
11 Let op, u het gehoor wat die konings van Ashur aan al die lande gedoen het deur hulle volkome te vernietig. Dus, sal ú gespaar word?
12 Het die gode van daardie nasies, wat my vaders vernietig het, hulle bevry: Gozan, Haran, Retzef en die seuns van `Eden wat in Tel'assar was?
13 Waar is die koning van Hamat, die koning van Arpad, die koning van die stad van S'farvayim, van Hena en `Ivah?'"
14 Toe vat Hizkiyahu die brief uit die hand van die boodskappers, lees dit, gaan op na die huis van יהוה en sprei dit uit voor die Teenwoordigheid van יהוה.
15 Hizkiyahu het tot יהוה gebid en gesê:
16 "O, יהוה-Tzva'ot, God van Yisra'el, wat bo die gérubs op die troon is; U alleen is die God van al die koninkryke van die aarde; U het die hemel en die aarde gemaak.
17 O יהוה, draai U oor en hoor! יהוה, maak oop U oë en sien en luister na al die woorde van Sangeriv, wat hy gestuur het om die Lewende God te onteer!

18 Dit is waar, o יהוה, die konings van Ashur het al die lande en hulle streke verwoes
19 en hulle gode in die vuur gegooi, want hulle was nie gode nie, maar die werk van mensehande, hout en klip, hulle het hul vernietig.
20 Nou, יהוה, ons God, bevry ons vanuit sy hand sodat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U, יהוה, alleen God is."
21 Toe stuur Yesha'yahu, die seun van Amotz, woord vir Hizkiyahu en sê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Omdat jy tot My gebid het aangaande Sangeriv, koning van Ashur,
22 is hierdie die woord wat יהוה teen hom uitgespreek het: "Sy het jou verag en met jou gespot, die maagdelike dogter van Tziyon; sy het haar kop agter jou geskud, die dogter van Yerushalayim!
23 Wie het jy onteer en sleg van gepraat? Teen wie het jy jou stem verhef en jou oë hoogmoedig opgelig? Teen die Afgesonderde Een van Yisra'el!
24 Deur jou diensknegte het jy יהוה onteer en jy het gesê: "Met my menigte strydwaens het ek gekom tot by die hoogtes van die berge, tot by die afgesonderdste dele van L'vanon en ek kap sy hoë seders af, die keur van sy sipresse en ek sal na sy hoogste pieke gaan, sy digste woud.
25 Ék het gegrawe en water gedrink en met die sool van my voete al die strome van Mitzrayim laat opdroog."
26 Het jy nie gehoor nie? Ek het dit lank terug gedoen, van die oudste tye af het Ek dit beplan en nou het Ek dit laat gebeur dat jy versterkte stede tot puinhope sal verander.
27 Hulle inwoners was swak, hulle is ontsteld en verslane; hulle was soos plante van die veld en soos groen kruie, soos gras op die dakke, sagte grashalms, verskroei voordat dit volgroei is,
28 maar Ek ken jou sit en jou uitgaan en jou inkom en hoe jy teen My woed.
29 Ek sal My haak in jou neus sit en My toom tussen jou lippe en jou terugdraai met die pad waarmee jy gekom het omdat jy teen My woed en omdat jou arrogansie opgekom het tot My ore.
30 Dan sal hierdie vir jou die teken wees: jy sal hierdie jaar eet wat vanself groei, in die tweede jaar wat van dieselfde opkom en in die derde jaar, saai, oes, plant wingerde en eet hulle vrugte.
31 Die oorlewendes wat oorgebly het van die huis van Y'hudah sal weer wortel skiet ondertoe en vrugte dra boontoe,
32 want vanuit Yerushalayim sal wat oorbly uitgaan en oorlewendes vanaf die berg Tziyon. [Hand 1:8] Die ywer van יהוה-Tzva'ot sal dit uitvoer.'
33 So sê יהוה daarom aangaande die koning van Ashur: 'Hy sal nie na hierdie stad kom of daar 'n pyl na skiet nie en hy sal nie voor dit kom met 'n skild of 'n beleëringswal teen dit gooi nie.
34 Met die pad wat hy gekom het, sal hy teruggaan en hy sal nie na hierdie stad kom nie,' sê יהוה,
35 'want Ek sal hierdie stad verdedig om dit te red om My eie en om My kneg Dawid se ontwil.'"

36 Toe het die boodskapper van יהוה uitgegaan en een honderd vyf en tagtig duisend in die laer van Ashur verslaan en toe mense die oggend vroeg opstaan, let op, was hulle kamerade almal dood.
37 Sangeriv, koning van Ashur, het vertrek, teruggegaan en in Ninveh gebly.
38 Dit het gebeur terwyl hy hom neerbuig in die huis van Nisrokh, sy god, dat Adrammelekh en Shar'etzer, sy seuns, hom met die swaard doodgemaak het en hulle het ontvlug na die land van Ararat. Esar-Haddon, sy seun, het koning geword in sy plek.

38 1 In daardie dae het Hizkiyahu dodelik siek geword en Yesha'yahu, die profeet, die seun van Amotz, het by hom gekom en vir hom gesê: "So sê יהוה: "Kry u huis in orde, want u sal sterf en nie lewe nie." 2 Kon 20; 2 Kron 32:25,26
2 Toe draai Hizkiyahu sy gesig na die muur en bid tot יהוה,
3 en het gesê: "Onthou nou, o יהוה, ek smeek U, hoe ek voor U in waarheid en met 'n volkome verstand, wil en emosie geloop het en gedoen het wat goed is in U oë." Hizkiyahu het bitterlik gehuil.
4 Toe het die woord van יהוה tot Yesha'yahu gekom en gesê:
5 "Gaan sê vir Hizkiyahu: 'So sê יהוה, die God van jou vader Dawid: "Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; let op, Ek sal vyftien jaar by jou lewe byvoeg.
6 Ek sal jou en hierdie stad uit die hand van die koning van Ashur bevry en Ek sal hierdie stad verdedig.'"
7 Hierdie sal vir jou die teken wees vanaf יהוה dat יהוה hierdie ding wat Hy gesê het, sal doen:
8 "Let op, Ek sal dat die skaduwee op die trappe, wat afgegaan het met die son, op die trappe van Agaz, tien stappe teruggaan." Die son se skaduwee het tien stappe teruggegaan op die trappe waarop dit afgegaan het.
9 'n Geskrif van Hizkiyahu, koning van Y'hudah, nadat hy siek was en gesond geword het:
10 Ek het gesê: "In die middel van my lewe moet ek die poorte van Sh'ol binnegaan; ek word beroof van die res van my jare."
11 Ek het gesê: "Ek sal יהוה nie sien nie, יהוה, in die land van die lewendes; ek sal die mens nie meer sien onder die inwoners van die wêreld nie.
12 Soos 'n herderstent word my blyplek opgebreek en van my af verwyder; soos 'n wewer het ek my lewe opgerol. Hy sny my van die wewersbalk af; vanaf oggend tot aand het U my oorgegee aan my lot.
13 Ek het myself in toom gehou tot die oggend. Soos 'n leeu, só breek Hy al my bene; vanaf oggend tot aand het U my oorgegee aan my lot.
14 Soos 'n swaweltjie tjirp, so het ek gebabbel; ek het gekla soos 'n duif; my oë het dof na die hoogtes gekyk: o יהוה, bevry my en vertroos my!
15 Wat sal ek sê? Want Hy het met my gepraat en Hyself het dit gedoen; Ek sal al my jare ronddwaal as gevolg van die bitterheid van my lewe.
16 O יהוה, deur hierdie dinge leef die mens en in dit alles is die lewe van my gees; herstel my tot gesondheid en laat my lewe!

17 Let op, ek het groot bitterheid gehad vir my eie welsyn, maar U was tevrede met my lewe en het dit weggehou van die put van vernietiging, want U het al my sondes agter U rug gegooi,
18 want Sh'ol kan U nie bedank nie, die dood kan U nie prys nie; die wat afgaan in die put kan nie hoop op U getrouheid nie.
19 Dit is die lewende wat aan U dank bring, soos ek vandag doen; 'n vader vertel sy seun van U vertrouenswaardigheid.
20 יהוה sal my sekerlik red; ons sal my lied op snaarinstrumente speel al die dae van ons lewe, by die huis van יהוה."
21 Yesha'yahu het gesê: "Laat hulle 'n vyekoek vat en dit op die sweer sit sodat hy kan herstel."
22 Toe het Hizkiyahu gesê: "Wat is die teken dat ek sal opgaan na die huis van יהוה?"

39 1 In daardie tyd het M'rodakh-Bal'adan, die seun van Bal'adan, koning van Bavel, 'n brief en 'n geskenk vir Hizkiyahu gestuur, want hy het gehoor dat hy siek was en gesond geword het.
2 Hizkiyahu was bly en het aan hulle sy skathuis gewys, die silwer, die goud, die speserye, die kosbare olie, sy hele arsenaal en alles wat te vinde was in sy skatkamers. Daar was niks in sy huis of in sy hele ryk wat Hizkiyahu nie vir hulle gewys het nie.
3 Toe kom die profeet Yesha'yahu na koning Hizkiyahu en sê vir hom: "Wat het hierdie manne gesê en waarvandaan het hulle na u toe gekom?" Hizkiyahu antwoord: "Uit 'n ver land het hulle na my toe gekom, uit Bavel."
4 Hy sê: "Wat het hulle in u huis gesien?" Hizkiyahu antwoord: "Hulle het alles gesien wat in my huis is; daar is niks in my skatkamers wat ek hulle nie gewys het nie."
5 Toe sê Yesha'yahu vir Hizkiyahu: "Luister en hoor die woord van יהוה-Tzva'ot:
6 'Let op, die dae kom dat alles wat in jou huis is en wat jou vaders opgeberg het tot vandag toe, na Bavel weggedra sal word; daar sal niks oorbly nie,' sê יהוה.
7 'Van jou seuns wat uit jou sal voortkom, wat jy sal verwek, sal weggevat word en hulle sal amptenare in die paleis van die koning van Bavel word.'"
8 Toe sê Hizkiyahu vir Yesha'yahu: "Die boodskap van יהוה wat u gebring het, is goed," want hy het gedink: "Daar sal vrede en waarheid in my dae wees!"

40 1 "Troos, troos My volk," sê julle God.
2 "Praat sag met Yerushalayim en roep uit na haar dat haar oorlog verby is, dat haar oortreding verwyder is en dat sy uit die hand van יהוה dubbel ontvang het vir al haar sondes."
3 'n Stem roep uit: "Berei die pad van יהוה voor in die wildernis; maak die pad gelyk in die woestyn, 'n grootpad vir ons God! Mal 3:1; Mat 3:3; Mar 1:3; Luk 1:76; 3:4; Yog 1:23
4 Laat elke vallei opgevul en elke berg en heuwel laag gemaak word en laat die steil grond 'n vlakte word en die rotsagtige plekke 'n breë vallei.
5 Dan sal die lof, eer en waarde van יהוה openbaar word en alle vlees sal saam sien, want die mond van יהוה het gepraat."

6 'n Stem sê: "Roep uit!" Toe antwoord hy: "Wat moet ek uitroep?" "Alle vlees is gras en al sy mooiheid soos die blom van die veld.
7 Die gras verdor, die blom verwelk wanneer die asem van יהוה daaroor blaas. Sekerlik is die mense gras!
8 Die gras verdor, die blom verwelk, maar die boodskap van ons God staan vir ewig." Yog 1:1; 1 Kef 1:25; 1 Yog 1:1
9 Kry jouself bo-op 'n hoë berg, O Tziyon, verkondiger van goeie nuus; verhef jou stem met mag, O Yerushalayim, verkondiger van goeie nuus, hef jou stem op met mag; lig dit op, moenie vrees nie! Sê vir die stede van Y'hudah: "Hier is julle God!"
10 Let op, die Meester, יהוה, sal kom met krag, Sy arm met mag. Let op, Sy loon is by Hom en Sy beloning is voor Hom.
11 Hy sal Sy kudde versorg soos 'n herder; Hy sal die lammers in Sy arms bymekaarmaak en aan Sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei.
12 Wie het die waters met die holte van Sy hand afgemeet, die hemele afgemerk met 'n span, die stof van die aarde met 'n maatbak bereken en die berge met 'n hangskaal geweeg en die heuwels met 'n weegskaal?
13 Wie het vir die Gees van יהוה rigting aangewys Iyov 21:22; 1 Kor 2:16 of Hom onderrig as sy raadsman?
14 Met wie het Hy raad gehou en wie het Hom insig gegee? Wie het Hom geleer aangaande die pad van regverdige oordeel en Hom ingelig oor die pad van insig?
15 Let op, die nasies is soos 'n druppel vanuit 'n emmer en word beskou as 'n stoffie op die weegskaal. Let op, Hy lig die eilande op soos fyn stof.
16 Selfs L'vanon is nie genoeg om te brand, of sy wilde diere genoeg vir 'n brandoffer nie.
17 Al die nasies is soos niks voor Hom; hulle word deur Hom as minder as niks en nietig beskou.
18 Met wie wil julle God gelykstel, of met watter gelykenis Hom vergelyk?
19 Die ambagsman giet 'n afgod, 'n goudsmid trek dit oor met goud en die silwersmid maak kettings van silwer.
20 Hy wat te arm is vir so 'n offer, kies 'n boom wat nie vergaan nie; hy soek vir hom 'n vaardige ambagsman om 'n afgod voor te berei wat nie sal wankel nie.
21 Weet julle nie? Het julle nie gehoor nie? Is dit nie van die begin af aan julle verkondig nie? Het julle nie van die fondamente van die aarde af verstaan nie?
22 Dit is Hy, wat sit bo die kring van die aarde, wat die hemele uitstrek soos 'n gordyn en hulle uitsprei soos 'n tent om in te bly en die inwoners daarvan is soos sprinkane.
23 Dit is Hy wat die heersers verminder tot niks, wat die regters van die aarde nietig maak.
24 Hulle sal nie geplant word nie, hulle sal nie gesaai word nie, hulle stam sal nie wortel skiet in die grond nie, maar Hy sal op hulle blaas en hulle verdor en die storm sal hulle wegvoer soos stoppels.
25 "Met wie sal julle My dan vergelyk dat Ek sy gelyke kan wees?" sê die Afgesonderde Een.

26 Lig julle oë op na bo en sien: Wie het hierdie dinge geskep? Die Een wat hulle leërskare uitlei volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, as gevolg van die grootheid van Sy mag en die sterkte van Sy krag is daar nie een van hulle weg nie.
27 Waarom sê jy dan, o Ya'akov en stel jy dit o Yisra'el: "My pad is vir יהוה verborge en die reg wat my toekom gaan ongemerk by my God verby?"
28 Weet jy dit nie? Het jy dit nie gehoor nie? Die Ewige God, יהוה, die Skepper van die eindes van die aarde word nie moeg of vermoeid nie; Sy insig is onbepaalbaar.
29 Hy gee krag aan die vermoeide en vermenigvuldig krag vir hom wat geen krag het nie.
30 Alhoewel jonges moeg en vermoeid word en fikse jongmanne sleg struikel,
31 tog sal die wat op יהוה wag, hulle krag hernu; hulle sal opvaar met vlerke soos arende; hulle sal hardloop en nie moeg word nie, hulle sal loop en nie vermoeid word nie.

41 1 "Luister in stilte na My, o kuslande en laat die volke nuwe krag kry; laat hulle vorentoe kom en laat hulle dan praat; laat ons saam kom vir oordeel.
2 Wie het een uit die ooste opgewek vir wie Hy in onpartydige opregtheid na Sy voete roep? Hy bevry nasies voor Hom en onderwerp konings. Hy maak hulle soos stof met Sy swaard, soos windverwaaide kaf met Sy boog.
3 Hy agtervolg hulle en maak dan vrede; Hy sal nie per voet daar verbygaan nie.
4 Wie het dit gedoen en bereik, die geslagte van die begin af geroep? 'Ek, יהוה, is die Eerste en die Finale; Ek is Hy.'"
5 Die kuslande het gesien en is bang; die eindes van die aarde bewe; hulle het nader beweeg en gekom.
6 Elkeen het sy naaste gehelp en vir sy broer gesê: "Wees onveranderlik sterk!"
7 So het die ambagsman die smelter versterk, hy wat met die hamer plat slaan, hy wat op die aambeeld slaan terwyl hy van die soldering sê: "Dit is goed!" Hy maak dit met spykers vas sodat dit nie beweeg nie.
8 "Maar jy, Yisra'el, My dienskneg, Ya'akov, wat Ek gekies het, nageslag van Avraham, My vriend,
9 jy, wat Ek gevat het van die eindes van die aarde af en van sy verste dele geroep het en vir jou gesê het: 'Jy is My dienskneg; Ek het jou gekies en jou nie verwerp nie;
10 moenie vrees nie, want Ek is by jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek sal jou versterk, sekerlik sal Ek jou help en jou ondersteun met My regverdige regterhand.'
11 Let op, almal wat kwaad is vir jou sal beskaamd staan en onteer word; hulle wat jou teëstaan sal soos niks wees en vergaan.
12 Jy sal hulle wat met jou stry soek, maar hulle nie kry nie, die wat teen jou oorlog voer sal wees soos niks en wat nie bestaan nie,
13 want Ek is יהוה, jou God, wat jou regterhand ophou, wat vir jou sê: 'Moenie vrees nie, Ek sal jou help.'
14 Moenie vrees nie, wurmpie Ya'akov, manne van Yisra'el! Ék sal jou help," verklaar יהוה "en jou Loskoper is die Afgesonderde Een van Yisra'el.

15 Let op, Ek het van jou 'n skerp, dorsslee gemaak met dubbel snykante; jy sal berge dors en fyn maal en die heuwels maak soos kaf.
16 Jy sal hulle uitwan en die wind sal hulle wegdra en die storm sal hulle verstrooi, maar jy sal in die rondte swaai van vreugde in יהוה, jy sal roem en eer in die Afgesonderde Een van Yisra'el.
17 Die geteisterdes en behoeftiges soek water, maar daar is niks nie en hulle tong verskroei van dors; Ek, יהוה, sal hulle self antwoord; as die God van Yisra'el, sal Ek hulle nie in die steek laat nie.
18 Ek sal riviere op die kaal heuwels oopmaak en fonteine in die valleie; Ek sal die wildernis 'n poel van water maak en die droë land fonteine van water.
19 Ek sal die seder in die wildernis sit, die akasia en die mirt en die olyfboom; Ek sal die jenewerboom in die woestyn plant saam met die palmhoutboom en die sipres
20 sodat hulle kan sien en herken, oorweeg en insig kry dat die hand van יהוה dit gedoen het en die Afgesonderde Een van Yisra'el dit geskep het.
21 "Stel julle saak," sê יהוה; "bring julle sterk argumente vorentoe," sê die Koning van Ya'akov.
22 "Laat hulle dit bring en aan Ons verklaar wat gaan gebeur; wat die vorige betref, verklaar wat hulle was sodat Ons dit kan oorweeg en weet wat gaan gebeur, of kondig aan wat gaan gebeur;
23 verklaar die dinge wat later sal kom sodat Ons kan weet dat julle gode is; inderdaad, doen goed of kwaad sodat Ons verbaas kan rondkyk en saam kan vrees.
24 Let op, julle tel nie en julle werk beteken niks nie; om julle te kies is verwerplik.
25 Ek het een uit die noorde opgewek en hy het gekom; van die opkoms van die son af sal hy My Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep en hy sal afkom op heersers soos op bouklei, soos die pottebakker die klei trap."
26 Wie het dit verklaar van die begin af sodat Ons kan weet? Of van vroeër af sodat Ons kan sê: 'Hy is reg?' Daar was sekerlik niemand wat verklaar het, niemand wat dit afgekondig het, niemand wat julle woorde gehoor het nie.
27 Ek het vroeër vir Tziyon gesê: 'Let op, hier is hulle!' Vir Yerushalayim: 'Ek sal 'n Boodskapper van goeie nuus gee.'
28 Wanneer Ek egter kyk, is daar geen en onder hulle is daar geen raadgewer wat, as Ek vra, 'n antwoord kan gee nie.
29 Let op, hulle is almal boos, hulle werke is waardeloos, hulle gegote beelde is wind en leegheid."

42 1 "Let op, My Kneg wat Ek ondersteun; My gekose Een in Wie My Lewe verheug is. Ek het My Gees op Hom gelê; Hy sal regverdige oordeel na die nasies bring.
2 Hy sal nie uitskree of Sy stem verhef, of Sy stem op die straat laat hoor nie.
3 Die gekneusde riet sal Hy nie breek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; Hy sal getrou 'n regverdige oordeel bring. Mat 12:19-21
4 Hy sal nie moedeloos of vergruis word totdat Hy regverdigheid op die aarde gevestig het nie en die kuslande sal afwagtend op Sy wet wag."

5 So sê יהוה-God, wat die hemele geskep en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met alles wat daarop is, wat asem gee aan die mense daarop en gees aan die wat daarop loop:
6 "Ek is יהוה. Ek het Jou geroep in onpartydige opregtheid, Ek sal Jou ook aan die hand vat en oor Jou wag hou en Ek sal Jou aanstel as 'n Verbond met die volk, as 'n Lig vir die nasies, Yes 49:8; Rom 11:27
7 om blinde oë oop te maak; om gevangenes uit die kerker uit te bring en die wat in duisternis leef uit die tronk.
8 Ek is יהוה, dit is My Naam (Karakter en Outoriteit); Ek sal nie My eer aan 'n ander gee, of My lofprysing aan gesnede beelde nie.
9 Let op, die vorige dinge het gebeur, nou verklaar Ek nuwe dinge; voordat hulle uitspruit, verkondig Ek hulle aan Jou."
10 Sing tot יהוה 'n nuwe lied en besing Sy lof vanaf die eindes van die aarde af; julle wat afgaan na die see en alles wat daarin is; julle eilande en die wat daarop woon!
11 Laat die wildernis en sy stede uitroep, die dorpe waar Kedar bly! Laat die inwoners van Selah hardop sing, laat hulle uitroep van vreugde vanaf die top van die berge!
12 Laat hulle aan יהוה lof, eer en waarde gee en Sy lofprysing in die kuslande verkondig!
13 יהוה sal uittrek soos 'n magtige man; Hy sal ywer opwek soos 'n krygsman. Hy sal 'n kreet uiter, ja, 'n strydkreet. Hy sal teen Sy vyande standhou.
14 "Ek het vir 'n lang tyd stilgebly, Ek het stilgebly en Myself bedwing. Ek sal kreun soos 'n vrou wat geboorte gee, Ek sal beide snak en hyg.
15 Ek sal berge en heuwels woes maak en al hulle plante verdroog; Ek sal riviere tot kuslande maak en poele laat opdroog.
16 Ek sal die blindes lei op 'n roete wat hulle nie ken nie, op paaie wat hulle nie ken nie, hulle lei; Ek sal die duisternis lig maak voor hulle en die rowwe plekke tot vlaktes. Dit is die dinge wat Ek sal doen en Ek sal dit nie ongedaan laat nie.
17 Hulle wat in afgode vertrou, wat aan gegote beelde sê: 'Julle is ons gode,' sal teruggedraai word en diep beskaamd word.
18 Hoor, julle dowes en kyk, julle blindes sodat julle kan sien.
19 Wie is blind buiten My dienskneg of so doof soos My boodskapper wat Ek stuur? Wie is so blind soos hy wat in vrede met My is, of so blind soos die dienskneg van יהוה?
20 Jy het baie dinge gesien, maar jy neem hulle nie waar nie; jou ore is oop, maar niemand hoor nie."
21 Dit het יהוה behaag ter wille van Sy onpartydige opregtheid om die wet groot, eerbaar en lofwaardig te maak. Ps 19:8,9; Rom 7:12; 1 Tim 1:8
22 Hierdie is egter 'n beroofde en geplunderde volk; hulle is almal vasgevang in grotte, weggesteek in tronke; hulle het 'n prooi geword met niemand om hulle te bevry nie, 'n plundering met niemand wat sê: 'Gee terug!' nie.
23 Wié, tussen julle, luister na hierdie dinge? Wie sal toegee en luister na vandag?
24 Wie het Ya'akov oorgegee as buit en Yisra'el aan plunderaars? Was dit nie יהוה teen Wie ons gesondig het nie en in Wie se paaie ons nie gewillig was om te loop nie en Wie se wet ons nie gehoorsaam het nie?

25 Hy het daarom die hitte van Sy woede en die geweld van die geveg op hulle uitgestort en dit het hul rondom aan die brand gesteek, tog het hul dit nie besef nie en dit het hulle gebrand, maar hul het dit nie ernstig opgeneem nie,

43 1 maar nou, so sê יהוה, jou Skepper, o Ya'akov en Hy wat jou gevorm het, o Yisra'el: "Moenie vrees nie, want Ek het jou vrygekoop; Ek het jou by jou naam geroep; jy is Myne!

2 As jy deur die water gaan, sal Ek by jou wees en deur die riviere, hulle sal jou nie oorstroom nie. Wanneer jy deur die vuur loop, sal jy nie geskroei word nie en die vlam sal jou nie brand nie, Dan 3:17,27

3 want Ek is יהוה, jou God, die Afgesonderde Een van Yisra'el, jou Verlosser; Ek het Mitzrayim gegee as losprys vir jou, Kush en S'va in jou plek.

4 Omdat jy waardevol is in My oë, geëerd is en Ek jou lief het, sal Ek ander mense in jou plek gee en volke vir jou lewe. Iyov 36:20

5 Moenie vrees nie, want Ek is by jou; Ek sal jou nageslag van die ooste af bring en jou bymekaarmaak van die weste af.

6 Ek sal vir die noorde sê: 'Gee!' en vir die suide: 'Moet hulle nie terughou nie!' Bring My seuns van ver en My dogters vanaf die einde van die aarde, 2 Kor 6:18

7 elkeen wat na My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is en wat Ek geskep het vir My lof, eer en waarde; wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het."

8 Bring die volk wat blind is uit alhoewel hulle oë het en die dowes alhoewel hulle ore het.

9 Al die nasies het saam vergader sodat die volke vergader kan wees. Wie tussen hulle kan hierdie verkondig en aan ons die vorige dinge bekend maak? Laat hulle hul getuies bring sodat hulle onskuldig verklaar kan word; of laat hulle hoor en sê: 'Dit is die waarheid!'

10 Júlle is My getuies," verklaar יהוה, "My diensknegte wat Ek gekies het sodat julle kan weet en My kan vertrou en kan verstaan dat dit Ek is. Voor My is geen god gevorm nie en daar sal geen ná My wees nie.

11 Ek, Ek is יהוה en daar is geen Verlosser buiten My nie.

12 Dit is Ék wat verkondig, gered en aangekondig het en daar was geen vreemde god onder julle nie; julle is My getuies," verklaar יהוה, "en Ek is God.

13 Selfs van ewigheid af is Ek Hy en daar is niemand wat kan red uit My Hand nie; Ek tree op en wie kan dit omkeer?"

14 So sê יהוה, jou Loskoper, die Afgesonderde van Yisra'el: "Om julle ontwil het Ek na Bavel gestuur en sal hulle almal, die Kasdeërs, as vlugtelinge laat afkom in die skepe waarop hulle hul beroem.

15 Ek is יהוה, julle Afgesonderde Een; die Skepper van Yisra'el, julle Koning."

16 So sê יהוה wat deur die see 'n roete en deur die magtige waters 'n pad gemaak het,

17 wat die strydwa en die perd, die leërmag en die magtige manne laat uittrek het; hulle sal saam lê en nie weer opstaan nie; hulle is uitgedoof en uitgeblus soos 'n lamppit.

18 "Moenie die vorige dinge oproep of dinge van die verlede oordink nie.

19 Let op, Ek sal iets nuuts doen, nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie opmerk nie? Ek sal selfs 'n pad in die wildernis maak, riviere in die woestyn.
20 Die wilde diere van die veld sal My loof en eer, die jakkals en die volstruis, want Ek het waters in die wildernis gegee en riviere in die woestyn, om My gekose volk te laat drink.
21 Die volk wat Ek vir Myself gevorm het, sal My lof verkondig. [1 Kef 2:9]
22 Nogtans het jy My nie aangeroep nie, o Ya'akov, maar Ek het jou geroep, o Yisra'el!
23 Jy het nie die skape van jou brandoffers vir My gebring nie en My ook nie geëer met jou slagoffers nie. Ek het jou nie belas met offers en jou ook nie moeg gemaak met wierook nie.
24 Jy het nie vir My suikerriet met geld gekoop nie en My ook nie gevul met die vet van jou offers nie, maar jy het My belas met jou sondes, jy het My moeg gemaak met jou oortredinge.
25 Ek, Ek is die Een wat jou wetsoortredinge uitvee om My ontwil en Ek sal nie aan jou sondes dink nie.
26 Herinner My, laat ons ons saak saam bepleit; stel jou saak sodat jy reg bewys kan word.
27 Jou eerste voorvader het gesondig en jou spreekbuise het teen My oortree.
28 Jou prinse het die Afgesonderde Plek onteer; daarom het Ek Ya'akov aan die vervloeking oorgegee en Yisra'el aan bespotting,

44 1 maar luister nou, Ya'akov, My dienskneg en Yisra'el wat Ek gekies het!"
2 So sê יהוה, wat jou gemaak en jou gevorm het van die baarmoeder af, wat jou sal help: "Moenie vrees nie, Ya'akov, My dienskneg en Yeshurun wat Ek gekies het,
3 want Ek sal water op 'n uitgedroogde land uitgooi en strome op die droë grond; Ek sal My Gees op jou nageslag uitgiet en My seën op jou nakomelinge [Yog 7:37,38]
4 en hulle sal opspring tussen die gras soos populiere by waterstrome.'
5 Die een sal sê: 'Ek behoort aan יהוה' en die ander sal die naam van Ya'akov aanroep en die ander sal met sy hand skryf: 'Ek behoort aan יהוה' en sal die naam van Yisra'el eer."
6 So sê יהוה, die Koning van Yisra'el en sy Loskoper, יהוה-Tzva'ot: 'Ek is die Eerste en Ek is die Laaste en buiten My is daar geen God nie.
7 Wie is soos Ek? Laat hom dit verklaar en verkondig; laat hom dit aan My weergee in volgorde, vanaf die tyd dat Ek die antieke nasie gevestig het. Laat hulle die dinge wat kom en wat sal gebeur, bekend maak.
8 Moenie bewe en moenie bang wees nie; het Ek dit nie lank tevore vir jou aangekondig en dit verklaar nie? Júlle is My getuies! Is daar enige God buiten My, of is daar enige ander Rots? Ek weet van geeneen nie.
9 Hulle wat gesnede beelde vorm, is almal nutteloos en hulle kosbare dinge is tot geen voordeel nie; selfs hulle eie getuies faal om te sien of weet sodat hulle beskaamd word.
10 Wie maak 'n god en giet 'n beeld tot geen voordeel nie?

11 Let op, al sy metgeselle sal beskaam word, want die ambagsmanne self is net mense! Laat hulle almal bymekaarkom, laat hulle opstaan, laat hulle bewe, laat hulle saam beskaam word!
12 Die skrynwerker maak 'n stuk yster gereedskap skerp en vorm die beeld met 'n skaaf en rond dit af met 'n beitel en werk dit met sy sterk arm. Hy word ook honger en sy krag faal; hy drink geen water nie en word moeg.
13 Die skrynwerker kies 'n stukkie hout en trek 'n maatlyn. Hy bewerk hom met skawe en trek hom met 'n passer en maak hom in die vorm van 'n man, na die skoonheid van 'n man, om in 'n huis te sit.
14 Hy kap seders vir homself en vat 'n sipres of 'n eikeboom en laat dit vir hom opgroei tussen die bome van die woud. Hy plant 'n denneboom en die reën laat dit groei.
15 Dan word dit vir die mens iets om te brand en hy vat een daarvan en maak hom warm; hy maak ook 'n vuur om brood te bak. Hy maak ook 'n god en aanbid dit; hy maak 'n gesnede beeld daarvan en val voor dit neer.
16 Die helfte daarvan brand hy in die vuur en op sy kole braai hy vleis, eet en word versadig. Hy maak homself ook warm en sê: 'A, ek is warm, ek het die vuur gesien!'
17 Die res daarvan, maak hy egter in 'n god, sy gesnede beeld; hy val voor dit neer en aanbid dit; hy bid ook tot dit en sê: 'Bevry my, want u is my god!'
18 Hulle weet nie en verstaan nie, want Hy het hulle oë toegesmeer sodat hulle nie kan sien nie en hulle harte sodat hulle nie kan begryp nie.
19 Niemand onthou nie en daar is geen kennis of insig om te sê nie: 'Ek het die helfte daarvan verbrand in die vuur en ook brood gebak op sy kole; ek het vleis gebraai en geëet; dan maak ek die res daarvan in 'n gruwel, ek val neer voor 'n stuk hout!'
20 Hy word gevoed uit as, 'n misleide verstand, wil en emosie het hom laat wegdraai en hy kan homself nie red, of sê nie: 'Is daar nie 'n leuen in my regterhand nie?'
21 Onthou hierdie dinge, o Ya'akov en Yisra'el, want jy is My dienskneg; Ek het jou gevorm; jy is My dienskneg, o Yisra'el; jy sal nie deur My vergeet word nie.
22 Ek het jou oortredinge van die wet uitgevee soos 'n dik wolk en jou sondes soos 'n swaar mis. Draai terug na My, want Ek het jou losgekoop."
23 Roep uit van vreugde, o hemele, want יהוה het dit gedoen. Roep vreugdevol uit, laer dele van die aarde! Breek uit in uitroepe van vreugde, o berge, woude en elke boom daarin, want יהוה het Ya'akov losgekoop en in Yisra'el Sy lof, eer en waarde gewys.
24 So sê יהוה, jou Loskoper en die Een wat jou gevorm het van die baarmoeder af: "Ek, יהוה, is die Maker van alle dinge, wat Self die hemel uitspan en die aarde heeltemal alleen uitsprei,
25 wat die tekens van die leuenprofete laat faal en die waarsêers tot dwase maak; wat die wyse laat terugtrek en hulle kennis in dwaasheid verander;
26 wat die woord van Sy dienskneg bevestig en die doel van Sy boodskappers uitvoer; wat van Yerushalayim sê: 'Dit sal bewoon word' en van die stede van Y'hudah: 'Hulle sal herbou word' en 'Ek sal sy puinhope oprig;'

27 wat vir die diepte van die see sê: 'Wees opgedroog' en 'Ek sal jou riviere droog maak;'
28 wat van Koresh sê: 'Hy is My herder en hy sal al My begeertes uitvoer;' van Yerushalayim sê: 'Dit sal gebou word;' van die tempel: 'Jou fondasies sal gelê word.'"

45 1 So sê יהוה aan Koresh, Sy gesalfde, vir wie Hy aan die regterhand gevat het om nasies voor hom te onderwerp, om die lendene van konings los te maak; om deure voor hom oop te maak sodat hekke nie gesluit sal word nie:
2 "Ek self sal voor jou uit gaan en rowwe plekke gelykmaak; Ek sal koper deure verbreek en deur hulle ysterstawe sny.
3 Ek sal vir jou die skatte van duisternis gee en die verborge skatte van geheime plekke sodat jy kan weet dat dit Ek, יהוה, die God van Yisra'el is wat jou by jou naam roep.
4 Ter wille van Ya'akov, My dienskneg en Yisra'el, My gekose, het Ek jou ook by jou naam geroep; Ek het jou 'n titel van eer gegee, alhoewel jy My nie geken het nie.
5 Ek is יהוה en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; Ek sal jou omgord, alhoewel jy My nie geken het nie
6 sodat mense kan weet van die opkoms van die son tot sy ondergang dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is יהוה en daar is geen ander nie; Deut 6:4
7 die Een wat lig vorm en die duisternis skep, wat vrede veroorsaak en onheil skep; Ek is יהוה wat al hierdie dinge doen. Dan 6:28; 10:1; `Ez 1; 2 Kro 36:22-23
8 Laat dit drup, o hemele, van bo af en laat die wolke onpartydige opregtheid afgooi; laat die aarde oopmaak, verlossingsvrugte dra en onpartydige opregtheid saam met dit uitspruit. Ek, יהוה, het dit geskep.
9 Wee hom wat met sy Maker twis; 'n kleipot tussen die houers van klei! Sal die klei vir die pottebakker sê: 'Wat maak jy?' Of die ding wat jy maak, sê: 'Hy het geen hande nie!' Yes 29:16; Rom 9:20
10 Wee hom wat vir 'n vader sê: 'Wat verwek u?' Of vir 'n vrou: 'Waaraan gee u geboorte?'"
11 So sê יהוה, die Afgesonderde Een van Yisra'el en sy Maker: "Vra My aangaande die dinge wat kom rakende My seuns en jy moet die werk van My hande aan My toevertrou!
12 Dit is Ek wat die aarde gemaak en die mens daarop geskep het. Ek het die hemel met My hande uitgespan en Ek het sy ganse leërskare aangestel.
13 Ek het hom opgewek in onpartydige opregtheid en al sy paaie sal Ek gelykmaak; hy sal My stad bou en My ballinge laat vrygaan sonder enige betaling of beloning," sê יהוה-Tzva'ot.
14 So sê יהוה: "Die produkte van Mitzrayim en die handelsware van Kush en die S'vaïete, manne van gestalte, sal na jou toe oorkom en joune wees; hulle sal agter jou loop; hulle sal in kettings oorkom en voor jou buig; hulle sal jou versoek: 'Waarlik, God is by jou en daar is geen ander, geen ander God nie! Deut 6:4
15 Waarlik, U is 'n God wat Uself verberg, O God van Yisra'el, Verlosser.'"

16 Hulle sal beskaamd gemaak word en selfs verneder word, almal van hulle; die vervaardigers van afgode sal saam weggaan in vernedering.
17 Die verlossing van Yisra'el is in יהוה, die Verlosser van die wêreld; julle sal nie vir altyd gespot of verneder word nie,
18 want so sê יהוה, wat die hemele geskep het; Hy is die God wat die aarde gevorm en dit gemaak het, Hy het dit vasgestel en dit nie as 'n verwoeste plek geskep nie, maar dit gevorm om bewoon te word: "Ek is יהוה en daar is geen ander nie. Deut 6:4
19 Ek het nie in die geheim gepraat, in een of ander donker land nie; Ek het nie vir die nageslag van Ya'akov gesê: 'Soek My in 'n verwoeste plek nie'; Ek, יהוה, praat onpartydige opregtheid en verklaar dinge wat reg is.
20 Maak julle bymekaar en kom, kom almal nader, julle wat uit die nasies gevlug het! Hulle wat hulle hout afgod ronddra en tot 'n god bid wat nie kan red nie, het geen kennis nie.
21 Verklaar en stel julle saak; laat hulle inderdaad saam beraadslaag. Wie het dit lankal aangekondig? Is dit nie Ek, יהוה, nie? Daar is geen ander God buiten My nie, 'n regverdige God en Verlosser; daar is geen buiten My nie. Deut 6:4
22 Draai na My toe en word gered, alle eindes van die aarde, want Ek is God en daar is geen ander nie.
23 Ek het by Myself gesweer; dié woord gaan uit My mond in onpartydige opregtheid en sal nie terugdraai nie: Rom 14:11; Fil 2:10 dat tot My sal elke knie buig en elke tong sal 'n eed sweer.
24 Hulle sal van My sê: 'Alleen in יהוה is onpartydige opregtheid en sterkte.' Neg 8:10 Mense sal na Hom toe kom en almal wat vir Hom kwaad was, sal beskaamd gemaak word.
25 In יהוה sal al die nageslagte van Yisra'el onskuldig verklaar word en loof.

46 1 Bel het neergebuig, N'vo buig krom; hulle afgode is as vrag op die beeste gelaai. Die dinge wat julle dra, is swaar, 'n vrag vir die vermoeide diere. Mat 11:30
2 Hulle buig krom, hulle het saam neergebuig; hulle kon die vrag nie red nie, maar het self in gevangenskap gegaan.
3 Luister na My, o huis van Ya'akov en almal wat oorgebly het van die huis van Yisra'el, julle wat deur My gedra is van die baarmoeder af, versorg van geboorte af;
4 selfs tot jou oudag is Ék dieselfde, tot jou grys jare sal Ek jou dra; Ék het dit gedoen en Ék sal jou dra en Ék sal jou red.
5 Tussen My en wie wil julle 'n ooreenkoms tref en My vergelyk dat ons eenders sal wees?
6 Hulle wat goud uit die geldsak skud en silwer afweeg met die weegskaal, huur 'n goudsmid en hy maak dit in 'n god; hulle buig neer; inderdaad aanbid hulle dit.
7 Hulle lig hom op die skouer, dra hom en sit hom op sy plek neer en daar staan hy! Hy beweeg nie van sy plek nie; al roep iemand ook na hom, hy kan nie antwoord nie; hy kan hom nie verlos van sy benoudheid nie.
8 Onthou dit en wees oortuig; herinner jou daaraan, o oortreders!

9 Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie; Deut 6:4
10 wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: 'My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer;
11 wat 'n roofvoël roep uit die ooste, die man van My doel uit 'n ver land. Waarlik, Ek het gepraat, Ek sal dit laat gebeur. Ek het dit beplan, Ek sal dit doen.
12 Luister na My, julle hardkoppiges, wat ver is van onpartydige opregtheid!
13 Ek bring My onpartydige opregtheid naby; dit is nie ver nie en My verlossing sal nie vertoef nie en Ek sal verlossing gee in Tziyon en My lof, eer en waarde aan Yisra'el."

47 1 "Kom af en sit in die stof, maagdelike dogter van Bavel! Sit op die grond sonder 'n troon, dogter van die Kasdeërs, want jy sal nie langer sag en delikaat genoem word nie.
2 Vat die maalsteen en maal meel; verwyder jou sluier, trek uit die romp, ontbloot die been, trek deur die riviere!
3 Jou naaktheid sal ontbloot word, jou skande sal ook ontbloot word! Ek sal wraak neem en geen mens spaar nie."
4 Ons Verlosser, Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is יהוה-Tzva'ot, is die Afgesonderde Een van Yisra'el.
5 "Sit stil en gaan in duisternis in, dogter van die Kasdeërs, want jy sal nie langer die koningin van die koninkryke genoem word nie.
6 Ek was kwaad vir My volk, Ek het My erfenis onteer en hulle in jou hand oorgegee: jy het hulle geen omgee bewys nie, op die oues het jy jou juk baie swaar gemaak.
7 Tog het jy gesê: 'Ek sal 'n koningin wees vir altyd;' jy het hierdie dinge nie in ag geneem of aan die einde daarvan gedink nie.
8 Hoor nou dit, sensuele een, wat so veilig bly, wat in jou hart sê: 'Ek is en daar is niemand anders nie! Ek sal nie as weduwee sit of verlies van kinders ken nie.'
9 Hierdie twee dinge sal egter skielik, op een dag, oor jou kom: verlies van kinders en weduweeskap; in volle maat sal hulle oor jou kom, ondanks jou baie towerye, ondanks die groot krag van jou besweringe.
10 Jy het veilig gevoel in jou boosheid en gesê: 'Niemand sien my nie!' Jou wysheid en jou kennis het jou mislei, want jy het in jou gedagtes gesê: 'Ek is en daar is niemand anders nie!'
11 Boosheid sal egter oor jou kom wat jy nie sal weet hoe om weg te toor nie en onheil sal op jou val wat jy nie kan toedek nie en vernietiging waarvan jy nie geweet het nie, sal skielik oor jou kom.
12 Staan vas in jou besweringe en in jou baie toorderye waarmee jy jou van jou jeug af mee besig hou; miskien kan jy voordeel trek, miskien kan jy bewing veroorsaak!
13 Jy word moeg gemaak deur jou baie planne; laat nou die astroloë, hulle wat deur die sterre profeteer, wat voorspel deur die Nuwemane, opstaan en jou red van wat oor jou sal kom.

14 Let op, hulle het geword soos stoppels, vuur verbrand hulle; hulle kan hulself nie red uit die mag van die vlam nie; daar sal geen kool wees om by warm te word of geen vuur om voor te sit nie!
15 So het hulle geword waarmee jy gewerk en handel gedryf het van jou jeug af; elkeen het in sy eie rigting gedwaal; daar is niemand om jou te red nie.

48 1 Hoor dit, huis van Ya'akov, wat Yisra'el genoem word en wat uit die lendene van Y'hudah voortgekom het, wat sweer by die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en die God van Yisra'el aanroep, maar nie in waarheid of in onpartydige opregtheid nie,
2 al beroep hulle hulself op die afgesonderde stad en leun op die God van Yisra'el; יהוה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit).
3 Ek het die vorige dinge lankal verkondig en hulle het uit My mond uitgegaan en Ek het hulle verklaar; skielik het Ek opgetree en dit het gebeur.
4 Omdat Ek weet dat jy halsstarrig en jou nek 'n ystersening is en jou voorkop koper;
5 daarom het Ek hulle lank tevore aan jou verkondig; voordat dit gebeur het, het Ek dit aan jou verkondig sodat jy nie sou sê: 'My afgod het dit gedoen en my gesnede beeld en my gegote beeld het dit beveel nie.'
6 Jy het gehoor; kyk na dit alles! Sal júlle dit nie verkondig nie? Van nou af aan verkondig Ek aan julle nuwe dinge, geheime dinge wat jy nie geweet het nie.
7 Hulle is nou geskep en nie lank terug nie en voor vandag het jy hulle nie gehoor nie sodat jy nie kan sê: 'Let op, ek het dit geken,' nie
8 Jy het dit nie gehoor nie, jy het dit nie geken nie. Selfs van lank gelede is jou oor nie oopgemaak nie, want Ek het geweet dat jy baie verraderlik sal optree en dat jy van geboorte af 'n rebel genoem is.
9 Om My Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil vertraag Ek My toorn en terwille van My lofprysing sal Ek jou behou en jou nie vernietig nie.
10 Let op, Ek het jou gesuiwer, maar nie soos silwer nie; Ek het jou getoets in die hoogoond van ellende.
11 Om My ontwil, om My ontwil sal Ek dit doen sodat My Naam nie onteer sal word nie en Ek My lof, eer en waarde nie aan 'n ander sal gee nie.
12 Luister na My, o Ya'akov, Yisra'el wat Ek geroep het; Ek is Hy; Ek is die Eerste, Ek is ook die Laaste.
13 Sekerlik het My hand die aarde begin en My regterhand die hemele uitgesprei; wanneer Ek na hulle roep, staan hulle saam." Gen 1:1
14 Kom bymekaar, julle almal en luister! Wie onder julle het hierdie dinge verkondig? יהוה het hom lief; Hy sal Sy goeie plesier oor Bavel uitvoer en Sy arm sal teen die Kasdeërs wees.
15 "Ek, Ek het gepraat; inderdaad het Ek hom geroep, Ek het hom gebring en Ek sal sy paaie suksesvol maak.
16 Kom nader na My toe, hoor hierdie: Ek het van die begin af nie in die geheim gepraat nie; vanaf die tyd dat dit gebeur het, was Ek daar!" Nou het die Meester יהוה en Sy Gees my gestuur.

17 So sê יהוה, jou Verlosser, die Afgesonderde Een van Yisra'el: "Ek is יהוה, jou God, wat jou leer om uit te styg, wat jou lei op die pad wat jy moet gaan.
18 As jy maar net na My opdragte geluister het, dan sou jou vrede wees soos 'n rivier en jou onpartydige opregtheid soos die golwe van die see.
19 Jou nakomelinge sou wees soos die sand en jou nageslag soos sy korrels; hulle naam sou nooit afgesny of vernietig word van My Teenwoordigheid nie!
20 Gaan weg van Bavel! Vlug weg van die Kasdeërs! Verklaar met die klank van vreugdevolle krete, verkondig dit, stuur dit uit na die eindes van die aarde!" Sê: "יהוה het Sy kneg Ya'akov losgekoop."
21 Hulle het nie dors gehad toe Hy hulle deur die woestyne gelei het nie. Hy het water uit die rots vir hulle laat vloei; Hy het die rots oopgekloof en die water het uitgevloei.
22 "Daar is geen vrede vir die bose oortreder nie," sê יהוה.

49 1 Luister na My, eilande en gee aandag, volke wat ver is! יהוה het My geroep van die baarmoeder af; vanaf die liggaam van My moeder het Hy My Naam (Karakter en Outoriteit) gegee.
2 Hy het My mond gemaak soos 'n skerp swaard, Open 1:16 in die skaduwee van Sy hand het Hy My verberg en Hy het My ook 'n gekose pyl gemaak, Hy het My in Sy pylkoker weggesteek.
3 Hy het vir My gesê: "Jy is My dienskneg, Yisra'el, in Wie Ek My eer, lof en aanbidding sal wys."
4 Ék het nie vir die nageslag van Ya'akov gesê: "Ek het tevergeefs hard gewerk, my krag vir niks en vrugteloos spandeer! Sekerlik is My oordeel voor יהוה en My werk voor My God," nie.
5 Nou sê יהוה, wat My van die baarmoeder af gevorm het om Sy Dienskneg te wees, om Ya'akov na Hom toe terug te bring sodat Yisra'el by Hom versamel mag word, want Ek word geëer in die oë van יהוה en My God is My sterkte.
6 Hy sê: "Dit is te gering dat U My Dienskneg sou wees om die stamme van Ya'akov op te tel en die wat bewaar is in Yisra'el te herstel. Ek sal U ook maak tot 'n Lig van die nasies sodat My verlossing tot aan die einde van die aarde kan reik." Hand 13:6,7
7 So sê יהוה, die Loskoper van Yisra'el, Sy Afgesonderde Een, aan die veragte Een, aan die Een wat verafsku is deur die volk, aan die Dienskneg van heersers: "Konings sal sien en opstaan, prinse sal ook neerbuig, as gevolg van יהוה wat getrou is, die Afgesonderde Een van Yisra'el wat U gekies het."
8 So sê יהוה: "In 'n voordelige tyd het Ek U geantwoord en in 'n dag van verlossing het Ek U gehelp 2 Kor 6:2 en Ek sal U beskerm en U gee as 'n Verbond vir die volk, om die land te herstel, om hulle die verlate erfenis te laat erf; Yes 42:6; Rom 11:7
9 om te sê aan die wat gebind is: "Gaan uit," aan die wat in duisternis is: "Wys jouself!" Langs die paaie sal hulle wei en hulle weiveld sal op al die kaal heuwels wees.
10 Hulle sal nie honger of dors nie en ook sal die skroeiende son hulle nie neergooi nie, want Hy wat vir hulle omgee sal hulle lei en hulle begelei na die fonteine van water. Ps 23; Open 7:16,17

11 Ek sal al My berge verander in grootpaaie en My grootpaaie sal opgelig wees.
12 Let op, hierdie kom van ver en let op, hulle sal van die noorde en van die weste af kom en hierdie vanaf die kus van die land van die Siniete.
13 Roep uit van vreugde, o hemele en swaai in die rondte van vreugde, o aarde! Berge breek uit in vreugdevolle krete, want יהוה het Sy volk getroos en sal omgee vir Sy geteisterdes.
14 Tziyon het egter gesê: "יהוה het my in die steek gelaat en יהוה het my vergeet!"
15 "Kan 'n vrou haar suigeling vergeet en nie omgee vir die seun van haar baarmoeder nie? Selfs hulle kan vergeet, maar Ék sal jou nie vergeet nie! Deut 4:31; 1 Kro 28:20; Heb 13:5
16 Let op, Ek het jou op My handpalms graveer; jou mure is gedurig voor My.
17 Jou bouers maak gou; jou vernietigers en verwoesters sal van jou af weggaan.
18 Lig jou oë op en kyk rondom; hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe! So waar as Ek leef," verklaar יהוה, "jy sal hulle sekerlik almal aansit soos juwele en hulle ombind soos 'n bruid,
19 want jou puinhope en verlate plekke en jou verwoeste land sal sekerlik nou te klein wees vir die inwoners en die wat jou verslind het, is ver weg!
20 Die kinders waarvan jy beroof is, sal nog in jou ore sê: 'Die plek is te klein vir my; maak vir my plek sodat ek hier kan bly!'
21 Dan sal jy in jou binneste sê: 'Wie het aan hierdie kinders geboorte gegee vir my, aangesien ek van my kinders ontneem is en ek onvrugbaar is, 'n banneling wat ronddwaal? Wie het hulle grootgemaak? Let op, ek is alleen agtergelaat; waar het hulle vandaan gekom?'"
22 So sê יהוה-God: "Let op, Ek sal My hand oplig na die nasies en My banier oprig na die volke en hulle sal julle seuns in die arms bring en jou dogters sal op die skouer gedra word.
23 Konings sal jou oppassers wees, hulle prinse jou versorgers. Hulle sal voor jou neerbuig met die gesig na die aarde toe en die stof van jou voete aflek en jy sal weet dat Ek יהוה is. Hulle wat vol versekerde verwagting op My wag sal nie beskaam word nie.
24 Kan die buit afgeneem word van die magtige man? Of die gevangenes van 'n wreedaard gered word?"
25 Waarlik, so sê יהוה: "Selfs die prooi van die magtige man sal weggevat en die gevangenes van die wreedaard bevry word, want Ek sal die een teëstaan wat jou teëstaan en Ek sal jou kinders red.
26 Ek sal jou onderdrukkers hulle eie vlees voer en hulle sal dronk word van hulle eie bloed soos van soetwyn. Open 16:6 Alle vlees sal weet dat Ek, יהוה, jou Verlosser is en jou Loskoper, die Magtige Een van Ya'akov."

50 1 So sê יהוה: "Waar is die skeibrief waarmee Ek julle moeder weggestuur het? Of aan wie van My skuldeisers het Ek julle verkoop? Let op, julle is verkoop vir julle onregverdigheid en vir jul oortredinge van die wet is julle moeder weggestuur.

2 Waarom was daar niemand toe Ek gekom het nie? Toe Ek geroep het, het niemand geantwoord nie? Is My hand so kort dat Ek nie kan loskoop of het Ek nie die krag om te bevry nie? Let op, deur My bestraffing maak Ek die see droog; Ek maak van die riviere 'n wildernis; hulle visse stink omdat daar geen water is nie en sterf van die dors.
3 Ek trek die hemele aan met duisternis en bedek dit met 'n roukleed.
4 יהוה-God het vir my die tong van 'n geleerde gegee sodat ek kan weet hoe om die vermoeide te verkwik met 'n woord; Hy maak my in die oggend wakker, Hy maak my oor wakker om die leringe te hoor.
5 יהוה-God het my oor oopgemaak en ek was nie ongehoorsaam of het teruggedraai nie.
6 Ek het my rug gegee vir die wat slaan en my wange vir die wat die baard uitpluk; ek het nie my gesig toegemaak vir vernedering en gespoeg nie, Luk 6:29
7 want יהוה-God help my; daarom word ek nie onteer nie; daarom het ek my gesig soos 'n vuursteen gemaak en ek weet dat ek nie beskaamd sal staan nie.
8 Hy wat my verdedig is naby; wie sal teen my staan? Laat ons teen mekaar opstaan! Wie het 'n saak teen my? Laat hom naderkom na my toe!
9 Let op, יהוה-God help my; wie is dit wat my veroordeel? Let op, hulle sal almal verslyt soos 'n kledingstuk; die mot sal hulle eet.
10 Wie is daar onder julle wat יהוה vrees, wat die stem van Sy dienskneg gehoorsaam, wat in duisternis loop en geen lig het nie? Laat hom vertrou in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה en steun op sy God!
11 Let op, julle almal wat 'n vuur aansteek, wat julleself met vonke omring, loop in die lig van julle vuur en tussen die vonke wat julle aangesteek het! Dit sal julle van My hand ontvang; julle sal in foltering neerlê.

51 1 "Luister na My, julle wat onpartydige opregtheid najaag, wat יהוה soek! Kyk na die rots waaruit julle gekap is en die gruisgat waaruit julle gegrawe is.
2 Kyk na Avraham, julle vader en na Sarah, wat aan julle geboorte gegee het in pyn. Toe hy nog alleen was het Ek hom geroep, toe het Ek hom geseën en hom vermenigvuldig."
3 Inderdaad sal יהוה vir Tziyon vertroos; Hy sal al sy puinhope vertroos en sy wildernis maak soos `Eden en sy woestyn soos die tuin van יהוה; Gen 2:8- vreugde en blydskap sal daarin gevind word, hande wat opgelig word en die klank van 'n lied.
4 "Gee aandag aan My, My volk en gee die oor vir My, My nasie, want 'n wet sal van My af uitgaan en Ek sal My regverdige oordeel stel as 'n lig vir die volke.
5 My onpartydige opregtheid is naby, My verlossing het uitgegaan en My arms sal die volke oordeel; die kuslande sal op My wag en op My arm sal hulle vertrou.
6 Lig julle oë op na die hemel en kyk dan na die aarde daaronder, want die hemel sal verdwyn soos rook en die aarde verslyt soos 'n kledingstuk en sy inwoners sal net so sterf, maar My verlossing sal vir ewig wees en My onpartydige opregtheid sal nie afneem nie.

7 Luister na My, julle wat onpartydige opregtheid ken, 'n volk in wie se verstand, wil en emosie My wet is! [Ps 40:9] Moenie bang wees vir die beskuldigings van mense en skrik vir hulle skeltaal nie, [Ps 119:41,42]
8 want die mot sal hulle opeet soos 'n kleed en die wurm sal hulle eet soos wol, maar My onpartydige opregtheid sal vir ewig wees en My verlossing vir alle geslagte."
9 Ontwaak, ontwaak, beklee jou met sterkte, arm van יהוה! Ontwaak soos in die ou dae, in die geslagte van lank gelede. Is dit nie U wat 'n ernstige straf aangekondig en die seemonster deurboor het nie? [Yes 27:1; Ps 74:14]
10 Is dit nie U wat die see, die waters van die dieptes drooggemaak het nie, wat van die dieptes van die see 'n pad gemaak het [Yes 43:16] vir die vrygekooptes om oor te gaan nie?
11 So sal die vrygekooptes van יהוה teruggaan en met vreugdevolle krete na Tziyon kom en ewige vreugde sal op hulle kop wees. Hulle sal vreugde en blydskap verkry en droefheid en gesug sal wegvlug.
12 Ek, ja Ek is Hy wat julle troos! Wie is jy dat jy bang is vir die mens wat sterf en vir die seun van 'n mens wat soos gras gemaak is
13 sodat jy יהוה wat jou gemaak het vergeet, wat die hemel uitgesprei en die fondasies van die aarde gelê het; dat jy voortdurend, die hele dag vrees as gevolg van die woede van die onderdrukker, soos hy gereedmaak om te vernietig? Waar is die woede van die onderdrukker? [Lev 26:36]
14 Die banneling sal gou losgelaat word en sal nie in die kerker sterf of sy brood ontbreek nie,
15 want Ek is יהוה, jou God, wat die see bestraf en sy golwe is stil; יהוה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)! [Mat 8:26; Mar 4:39; Luk 8:24]
16 Ek het My woorde in jou mond gelê en jou met die skaduwee van My hand bedek, om die hemel vas te stel, die aarde te vestig en aan Tziyon te sê: 'Jy is My volk!'
17 Word wakker, word wakker, staan op, Yerushalayim, jy wat uit die hand van יהוה die beker van Sy woede gedrink het; jy het die kelk van wankeling uitgedrink tot op die afsaksel.
18 Daar is nie een tussen al die seuns waaraan sy geboorte gegee het om haar te lei nie; ook nie een tussen al die seuns wat sy grootgemaak het om haar aan die hand te vat nie.
19 Hierdie twee dinge het jou oorgekom; die verwoesting en vernietiging, hongersnood en swaard; wie sal oor jou treur? Hoe sal ek jou troos?
20 Jou kinders het flou geval, hulle lê by die ingang van elke straat, soos 'n bok in 'n net, vol van die toorn van יהוה, die bestraffing van jou God;
21 daarom, hoor asseblief hierdie, geteisterde, wat dronk is, maar nie van wyn nie!
22 So sê jou Meester, יהוה, jou God, wat vir Sy volk stry: "Let op, Ek het die beker van wankeling uit jou hand gevat, die kelk van My woede; jy sal dit nooit weer drink nie.
23 Ek sal dit in die hand van jou folteraars sit, wat vir jou gesê het: 'Lê sodat ons oor jou kan loop.' Jy het jou rug soos die grond gemaak en soos die straat vir die wat daaroor loop."

52 1 Word wakker, word wakker, trek jouself aan met jou sterkte, o Tziyon; trek jouself aan in jou pragtige klere, o Yerushalayim, die afgesonderde stad, want die onbesnedene en die onreine sal nie langer in jou inkom nie.
2 Skud jouself los uit die stof, staan op, o gevange Yerushalayim; maak jouself los van die kettings om jou nek, o gevange dogter van Tziyon,
3 want so sê יהוה: "Julle is verkoop vir niks en julle sal vrygekoop word sonder geld," 1 Kef 1:18
4 want so sê יהוה-God: "My volk het aanvanklik afgetrek na Mitzrayim om daar te bly; toe het Ashur hom sonder rede onderdruk.
5 "Wat het Ek dus nou hier?" verklaar יהוה; "aangesien My volk sonder rede weggevat is?" יהוה verklaar: "Die wat oor hulle heers raas en My Naam (Karakter en Outoriteit) word voortdurend, die hele dag lank, sleg gepraat; Yeg 36:20; Rom 2:24
6 daarom sal My volk My Naam (Karakter en Outoriteit) ken; daarom is Ek die Een wat praat in daardie dag: 'Hier is Ek!'"
7 Hoe lieflik is die voete van hom wat die goeie nuus bring op die berge, wat vrede aankondig Rom 10:15; Efe 6:15 en goeie nuus van geluk verkondig, wat verlossing aankondig en vir Tziyon sê: "Jou God heers!"
8 Luister! Jou wagte lig hulle stem op, hulle skreeu vreugdevol saam, want hulle sal met hulle eie oë sien wanneer יהוה Tziyon herstel.
9 Breek uit, juig vreugdevol saam, puinhope van Yerushalayim, want יהוה het Sy volk getroos, Hy het Yerushalayim losgekoop.
10 יהוה het Sy afgesonderde arm ontbloot voor die oë van al die nasies sodat al die eindes van die aarde die verlossing van ons God kan sien.
11 Vertrek, vertrek, gaan daaruit weg, raak aan geen onrein ding nie; gaan uit haar midde uit, 2 Kor 6:14-18 reinig julleself, draers van die voorwerpe van יהוה!
12 Julle moet egter nie in haas uitgaan of as vlugtelinge nie, want יהוה sal voor julle uitgaan en die God van Yisra'el is julle agterhoede.
13 Let op, My Dienskneg sal voorspoedig wees, Hy sal hoog en opgelig wees, grootliks verhewe.
14 Net soos baie hulle oor jou verstom het, so is Sy voorkoms meer ontsier as enige mens en Sy voorkoms meer as die seuns van die mens.
15 So sal Hy baie nasies reinig, konings sal hulle mond toehou as gevolg van Hom, want wat nie aan hulle vertel is nie, sal hulle sien en wat hulle nie gehoor het nie, sal hulle verstaan. Yes 64:3,4; Rom 15:21; 1 Kor 2:9; 15:3,4

53 1 My meester, wie het ons boodskap vertrou? Aan wie is die arm van יהוה openbaar? Yog 12:38; Rom 10:16
2 Hy het voor Hom opgegroei soos 'n jong loot en soos 'n wortel uit verskroeide grond. Hy het geen gestalte of majesteit gehad dat ons na Hom sou kyk nie en ook geen voorkoms sodat ons tot Hom aangetrokke sou wees nie.
3 Hy is verag en deur die mense in die steek gelaat, 'n Man van smarte en bekend met droefheid en is verag soos een vir wie mense hulle gesig wegsteek en ons het Hom nie geag nie.

4 Sekerlik het Hy óns siektes en óns benoudhede gedra; tog het óns Hom beskou as een wat aangetas is, deur God geslaan en onderdruk, Mal 3:17-20; Mat 8:14-17; 1 Kefa 2:24
5 maar Hy is deurboor vir ons oortredinge van die wet, Hy is vergruis vir ons onregverdighede; die tugtiging was op Hom sodat dit goed kan gaan met ons en deur Sy kastyding is ons genees. 1 Kef 2:24; Rom 4:25; 1 Kor 15:3
6 Ons almal het afgedwaal soos skape, ons het elkeen na sy eie pad gedraai, maar יהוה het die onregverdigheid van ons almal op Hom laat val.
7 Hy was onderdruk en geteister, tog het Hy nie Sy mond oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagting gelei word en soos 'n skaap wat stil is voor sy skeerders, so het Hy nie Sy mond oopgemaak nie. Mat 26:63; 27:12,14; Open 5:6
8 Hy is uit die tronk en die oordeel weggevat en wie kan Sy angs beskryf? Hy is afgesny uit die land van die lewendes, vir die wetsoortreding van My volk, vir wie die straf was. Hand 8:33
9 Sy graf is toegeken by wetsoortreders, 1 Kor 15:3,4 alhoewel Hy geen geweld gepleeg het nie; tog was Hy by 'n ryk man in Sy dood; Mat 27:57,60; 1 Kef 2:22; 1 Yog 3:5 ook was daar geen bedrog in Sy mond nie,
10 maar dit het יהוה behaag om Hom te vergruis, Hom te laat ly; Hy het Homself as 'n Oortredingsoffer gemaak sodat ewigheid dit sal sien; Hy sal Sy dae verleng en die goeie wil van יהוה sal deur Sy hand voorspoedig wees. Yog 12:24; 1 Kor 15:36-44
11 Hy sal die beloning van die angs van Sy lewe sien en tevrede wees deur Sy kennis; Hy sal die regverdige onskuldig verklaar, want Hy is 'n Dienskneg van baie en Hy sal hulle oortredinge dra. Heb 2:10
12 Ek sal daarom vir Hom 'n deel gee onder die grotes en met die sterkes sal Hy die buit verdeel omdat Hy Homself uitgestort het tot die dood en saam met die wetteloses getel is; tog het Hy die sonde van baie gedra en vir die wetsoortreders ingetree. Ps 50:5; Mar 15:28; Luk 22:37; Heb 2:17; 9:28; 1 Kef 2:24

54 1 "Roep uit van vreugde, onvrugbare, jy wat nie geboorte gegee het nie! Gal 4:27
Breek uit in vreugdevolle krete en juig hardop, jy wat geen geboortepyne gehad het nie, want die seuns van die eensame is meer as die seuns van die getroude vrou," sê יהוה.
2 "Maak die plek van jou tent groter; rek die afskortings van jou blyplek uit, wees nie spaarsamig nie; maak jou lyne lank en versterk jou penne,
3 want jy sal na regs en na links uitbrei en jou nageslag sal nasies besit en verwoeste stede herbevolk.
4 Moenie vrees nie, want jy sal nie beskaamd staan nie en moenie vernederd voel nie, want jy sal nie onteer word nie, maar jy sal die skande van jou jeug vergeet en die smaad van jou weduweeskap nie meer onthou nie,
5 want jou Maker is jou Man; יהוה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit) en die Afgesonderde Een van Yisra'el is jou Loskoper, wat die God van die hele aarde genoem word,
6 want soos 'n verlate vrou en 'n bedroefde van gees het יהוה jou geroep; as 'n vrou wat van haar jeugtyd af verwerp is," sê jou God.

7 "Vir 'n kort oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot omgee sal Ek jou bymekaarmaak.
8 In 'n uitbarsting van toorn het Ek vir 'n oomblik My gesig vir jou verberg, maar met ewige liefdevolle goedheid sal Ek vir jou omgee," sê יהוה, jou Loskoper.
9 "Soos in die dae van Noag is dit vir My, toe Ek gesweer het dat die waters van Noag nie weer die aarde sou oorstroom nie; Gen 9:11 so het Ek gesweer dat Ek nie vir jou kwaad sal wees of jou sal bestraf nie,
10 want die berge mag verwyder word en die heuwels mag skud, maar My liefdevolle goedheid sal nie van jou verwyder word nie en My verbond van vrede sal nie geskud word nie," sê יהוה, wat vir jou omgee.
11 "O, geteisterde een, deur 'n storm rondgegooi, ongetrooste, let op, Ek lê jou stene in antimoon en Ek sal jou fondasies in saffiere lê.
12 Ek sal verder jou gevegsdrag maak van robyne, jou poorte van kristal en jou hele muur van kosbare stene.
13 יהוה sal al jou seuns leer Yog 6:45 en die vrede van jou seuns sal groot wees.
14 In onpartydige opregtheid sal jy gevestig word; ver van onderdrukking, want jy sal nie vrees nie en ver van verskrikking, want dit sal nie naby jou kom nie.
15 As iemand jou wild aanval, sal dit nie van My af wees nie; wie jou ook al aanval, sal val as gevolg van jou.
16 Let op, Ék het self die smid geskep wat die koolvuur aanblaas en 'n instrument vir sy werk voortbring en Ék het die Vernietiger geskep om te verwoes.
17 Geen wapen wat teen jou gevorm word, sal voorspoedig wees nie en elke tong wat jou beskuldig in oordeel, sal jy veroordeel. Dit is die erfenis van die diensknegte van יהוה en hulle vryspraak is van My," verklaar יהוה.

55 1 "O, elkeen wat dors het, kom na die waters Yog 7:37,38 en wie geen geld het nie, kom, koop en eet. Mat 10:8; 2 Kor 11:7; Open 21:6; 22:17 Kom, koop wyn en melk sonder geld en sonder prys.
2 Waarom spandeer julle geld vir wat geen brood is nie en julle salaris op wat nie kan versadig nie? Luister versigtig na My en eet wat goed is en verheug jouself in oorvloed.
3 Draai julle oor en kom na My toe, luister en doen sodat julle kan lewe en Ek sal 'n ewige verbond met julle sluit, Hand 13:34 volgens die getroue onverdiende gunste aan Dawid bewys.
4 Let op, Ek het hom 'n getuie tot die volke gemaak, 'n leier en bevelvoerder vir die volke.
5 Let op, jy sal 'n nasie roep wat jy nie ken nie en 'n nasie wat jou nie ken nie, sal na jou toe hardloop, ter wille van יהוה, jou God, die Afgesonderde Een van Yisra'el omdat Hy jou lof en eer gegee het.
6 Soek יהוה terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.
7 Laat die wettelose sy pad verlaat en die bose sy gedagtes en laat hom terugdraai na יהוה en Hy sal vir hom omgee; na ons God, want Hy sal oorvloedig vryspreek,

8 want My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle manier is nie My manier nie," verklaar יהוה,
9 want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My metodes hoër as julle metodes en My gedagtes as julle gedagtes,
10 want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter, nie,
11 so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie,
12 want julle sal met vreugde uitgaan en met vrede gelei word; die berge en heuwels sal uitbreek in uitroepe van vreugde voor julle en al die bome van die veld sal hande klap.
13 In plaas van 'n doringboom sal 'n sipres opkom en in plaas van 'n netel sal 'n mirteboom opkom en dit sal 'n herdenking wees tot יהוה, as 'n ewige teken wat nie afgesny sal word nie."

56 1 So sê יהוה: "Bewaar die regverdige oordeel en doen onpartydige opregtheid, want My verlossing is op die punt om te kom en My onpartydige opregtheid om geopenbaar te word.
2 Hoe geseënd is die mens wat dit doen en die seun van 'n mens wat onveranderlik daaraan vashou, wat hom daarvan weerhou om die Shabbat te onteer en sy hand weerhou daarvan om boosheid te doen."
3 Laat die vreemdeling wat hom by יהוה gevoeg het, nie sê: "יהוה sal my sekerlik afskei van Sy volk," nie en laat die gelowige ook nie sê: "Let op, ek is 'n droë boom," nie,
4 want so sê יהוה: "Aan die gelowiges wat My Shabbatte hou en kies wat My tevrede stel en onveranderlik My verbond vashou, Num 15:13-16; Hand 15:18-21; Efe 2:3-8
5 aan hulle sal Ek in My huis en binnekant My mure 'n gedenkteken en 'n naam (karakter en outoriteit) gee wat beter is as seuns en dogters; Ek sal vir hulle 'n ewige naam (karakter en outoriteit) gee wat nie afgesny sal word nie.
6 Ook aan die vreemdelinge wat hulle by יהוה voeg, om Hom te bedien en om die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה lief te hê, om Sy diensknegte te wees, elkeen wat hom weerhou om die Shabbat te onteer en onveranderlik vashou aan My verbond,
7 hulle sal Ek bring na My afgesonderde berg en hulle vol vreugde maak in My huis van gebed. Hulle brandoffers en hulle offers sal aanvaarbaar wees op My altaar, want My huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke." Mat 21:13; Mar 11:17
8 יהוה-God, wat die verstrooides van Yisra'el versamel, verklaar: "Ek sal nog meer versamel, by die versameldes.
9 Al julle wilde diere van die veld, al julle wilde diere in die bos, kom eet!
10 Hulle wagte is blind, hulle weet almal niks nie; hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie; dromers wat lê, wat lief is om te sluimer

11 en die honde is gulsig, hulle is nie tevrede nie en hulle is herders wat nie insig het nie; hulle het almal na hulle eie metodes gedraai, elkeen na sy onregverdige wins, tot die laaste een."
12 "Kom," sê hulle, "laat ons wyn gaan haal en laat ons baie sterk drank drink en môre sal wees soos vandag, net meer so!" 1 Kor 15:32

57 1 "Die regverdige kom om en daar is niemand wat dit ter harte neem nie en die toegewydes word weggevat terwyl niemand verstaan nie, want die regverdige word weggevat van die boosheid,
2 hy gaan in vrede in; wie in Sy opregte pad loop, hulle rus in hulle beddens,
3 maar kom hier, julle seuns van 'n towenares, nageslag van 'n owerspeler en 'n prostituut.
4 Teen wie maak julle grappe? Teen wie maak julle jul mond wyd oop en steek julle tong uit? Is julle nie seuns van rebellie, nageslag van misleiding nie,
5 wat julleself ontvlam tussen die eikebome, onder elke groen boom; wat die kinders slag in die klowe, onder die oorhang van die kranse?
6 Tussen die gladde klippe van die kloof is jou deel, hulle is jou lot; jy het ook vir hulle drankoffers uitgegooi, 'n graanoffer gebring. Sal Ek toegee aangaande hierdie dinge?
7 Jy het jou bed op 'n hoë en verhewe berg gemaak; jy het ook daarheen opgegaan om offers te bring.
8 Agter die deur en die deurkosyn het jy jou teken opgesit; inderdaad, ver weg verwyder van My, het jy jouself ontbloot en opgegaan en jou bed wyd gemaak. Jy het vir jouself 'n ooreenkoms met hulle gemaak, jy het hulle bed liefgehad, jy het na hulle manlikheid gekyk.
9 Jy het na die koning gereis met olie en jou reukwater vermeerder; jy het jou boodskappers 'n ver afstand gestuur en jouself laag afgebring, selfs tot by Sh'ol.
10 Jy is uitgeput deur die veelvoud van jou korrupte metodes; tog het jy nie gesê: "Ek sal ophou" nie! Jy het jouself afgetakel met die skuld van jou hande; daarom het jy nie reggemaak nie.
11 Oor wie was jy bekommerd en bevrees, toe jy gelieg het, My nie onthou het of aan My gedink het nie? Let op, Ek is die Afgesonderde Een van ouds en jy het My nie respekvol gevrees nie.
12 Ék sal My onpartydige opregtheid verklaar, maar jou werke sal vir jou geen voordeel bring nie.
13 Wanneer jy uitroep, laat jou versameling afgode jou bevry, maar die wind sal hulle almal oplig, 'n asem sal hulle wegvat, maar hy wat skuiling soek by My, sal die land erf en My afgesonderde berg besit.
14 Dit sal gesê word: 'Bou op, bou op, berei die pad voor, verwyder elke struikelblok uit die pad van My volk,'"
15 want so sê die hoë en verhewe Een wat vir ewig leef, Wie se Naam (Karakter en Outoriteit) afgesonderd is: "Ek bly in 'n hoë en afgesonderde plek en ook by die berouvolle en nederige van gees, om die gees van die nederiges en die verstand, wil en emosie van die berouvolles weer te laat lewe,

16 want Ek sal nie vir altyd teëstaan en nie vir altyd kwaad wees nie, want die gees en die asem van dié wat Ek gemaak het, sal swak word voor My.
17 Ek was kwaad vanweë die onregverdigheid van hulle onregverdige wins en het hulle geslaan; Ek het My verberg en was kwaad en hy het aangehou op die manier van sy verstand, wil en emosie.
18 Ek het sy lewenswyse gesien, maar Ek sal hom genees; Ek sal hom lei en aan hom en dié van hom wat treur, troos herstel
19 deur lofprysing van die lippe te skep. Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir hom wat ver en die wat naby is," sê יהוה; Efe 2:17 "Ek sal hom genees."
20 Die bose oortreder is egter soos 'n onstuimige see, want dit kan nie rustig wees nie en sy waters gooi slyk en modder op.
21 "Daar is geen vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir die bose oortreder nie!" sê my God.

58 1 "Roep hardop, moenie terughou nie, lig jou stem op soos 'n ramshoring en verklaar aan My volk hulle oortreding van die wet en aan die huis van Ya'akov hulle sondes,
2 tog soek hulle My dag vir dag en het 'n behae daarin om My paaie te ken soos 'n nasie wat onpartydige opregtheid doen en nie die instellings van sy God verlaat het nie; hulle vra van My regverdige beslissings. Hulle verheug hulleself daarin om naby God te kom.
3 'Waarom het ons gevas en U sien dit nie? Waarom het ons ons verneder en U let dit nie op nie?' Let op, op die dag wat julle vas, doen julle net wat jul begeer en bring offers aan al julle afgode.
4 Let op, julle vas vir die doel van twis en tweedrag en om te slaan met 'n bose vuis. Julle sal nie vas soos julle dit vandag doen, as julle jul stem in die hoogte wil laat hoor nie.
5 Is dit 'n vas soos dié wat Ek verkies, 'n dag vir 'n mens om homself te verneder? Is dit om die kop te buig soos 'n riet en om sak en as uit te sprei as 'n bed? Noem jy dít 'n vas, 'n aanvaarbare dag vir יהוה?
6 Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: om die bande van boosheid los te maak, die stroppe van die juk af te haal, die onderdruktes te laat vrygaan en elke juk stukkend te breek.
7 Is dit nie om jou brood met hulle wat honger is te deel en die daklose arme in jou huis in te bring nie? Wanneer jy iemand sien wat kaal is, om hom te bedek en nie een van jou eie vlees ('n mens soos jy) weg te wys nie? Yeg 18:7,16; Mat 25:35
8 Dan sal jou lig uitbreek soos die sonsopkoms en jou genesing skielik uitspruit en jou onpartydige opregtheid sal voor jou uitgaan; die eer, lof en aanbidding van יהוה sal jou agterhoede wees. Mal 3:20
9 Dan sal jy roep en יהוה sal antwoord; jy sal uitroep en Hy sal sê: 'Hier is Ek!' As jy die juk, die vingerwys en die bose gepraat uit jou midde verwyder
10 en jou brood gee vir die wat honger is en die geteisterdes se begeertes vervul; dan sal jou lig skyn in duisternis en jou donkerheid sal wees soos die middag.

11 יהוה sal jou voortdurend lei en jou begeerte versadig in geskroeide plekke en krag gee aan jou gebeente en jy sal wees soos 'n natgeleide tuin en soos 'n fontein van water waarvan die water nooit ophou nie. Yog 7:37,38

12 Die vanuit jou sal die ou puinhope herbou; jy sal die eeue oue fondamente oprig en jy sal 'die herbouer van gebreekte mure', 'hersteller van strate om in te bly,' genoem word.

13 As jy, as gevolg van die Shabbat, jou voet wegdraai daarvan om jou eie plesier op My afgesonderde dag te doen en die Shabbat 'n vreugde, die afgesonderde dag van יהוה eerbaar, noem en dit eer, deur nie jou eie dinge te doen, jou eie plesier te soek en jou eie woorde te praat nie, Eks 20:8-11; 31:14; Lev 23:3; 24:8; Neg 13:17-22; Dan 7:25; Mat 12:8; 24:20; Hand 13:42; Heb 4:9

14 dan sal jy vreugde vind in יהוה en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou voed met die erfenis van Ya'akov, jou vader, want die mond van יהוה het gepraat."

59 1 Let op, die hand van יהוה is nie te kort dat dit nie kan red nie en Sy oor is ook nie doof dat dit nie kan hoor nie,

2 maar julle boosheid het 'n skeiding gemaak tussen julle en julle God en julle sondes het Sy gesig vir julle verberg sodat Hy nie hoor nie,

3 want julle hande is onrein gemaak deur bloed en julle vingers met wetteloosheid; julle lippe het valsheid gepraat, julle tong mompel boosheid.

4 Niemand kla in onpartydige opregtheid aan en niemand pleit eerlik nie; hulle vertrou in verwarring en praat leuens; hulle raak swanger aan moeilikheid en gee geboorte aan boosheid.

5 Hulle broei adder-eiers uit en weef spinnerakke; hy wat van hulle eiers eet, sterf en uit die wat stukkend gebreek word, breek 'n adder uit.

6 Hulle geweefdes sal nie klere word nie en hulle sal hulle ook nie met hulle werke toemaak nie; hulle werke is bose werke en 'n daad van geweld is in hulle hande. Open 19:8

7 Hulle voete hardloop na boosheid en is haastig om onskuldige bloed te vergiet; hulle gedagtes is bose gedagtes, verwoesting en vernietiging is op hulle hoofpaaie.

8 Hulle ken nie die pad van vrede nie en daar is geen regverdige oordeel in hulle spore nie; hulle maak hul paaie verdraaid, niemand wat daarop loop, ken vrede nie.

9 Regverdige oordeel is daarom ver van ons af en onpartydige opregtheid haal ons nie in nie; ons hoop op lig, maar let op, duisternis; op helderheid, maar ons loop in donkerte. Spr 1:16; Rom 3:15-17

10 Ons tas rond langs die muur soos blindes, ons tas rond soos die wat geen oë het nie; ons struikel op die middag soos in die skemeraand; ons is onder die gesondes soos dooie mense.

11 Ons brom almal soos bere en kla treurig soos duiwe; ons hoop op regverdige oordeel, maar daar is geen; op verlossing, dit is ver van ons af,

12 want ons oortredinge van die wet is vermenigvuldig voor U en ons sondes getuig teen ons, want ons wetsoortredinge is by ons en ons ken ons booshede:

13 oortreding en ontkenning van יהוה en wegdraai van ons God; die praat van onderdrukking en opstand, die vorming en uitspreek van leuentaal uit die verstand, wil en emosie.
14 Regverdige oordeel word teruggedraai en onpartydige opregtheid staan ver weg, want die waarheid struikel in die straat en opregtheid kan nie inkom nie.
15 Ja, die waarheid kom kort en wie afwyk van die boosheid, maak homself 'n prooi. Nou het יהוה gesien en dit was onaanvaarbaar in Sy oë, dat daar geen regverdige oordeel was nie.
16 Hy het gesien dat daar niemand was nie en het gewonder dat daar niemand is om tussenbeide te tree nie; toe het Sy eie arm vir Hom verlossing gebring en Sy onpartydige opregtheid het Hom in stand gehou. Yes 63:5; Open 5:3
17 Hy het onpartydige opregtheid aangetrek soos 'n borsplaat en die helm van verlossing op Sy kop gesit en Hy het klere van wraak aangetrek as klere en Homself toegedraai met ywer as 'n mantel. Efe 6:13-17
18 Volgens hulle dade, so sal Hy vergeld: toorn aan Sy teëstanders, terugbetaling aan Sy vyande; aan die kuslande sal Hy terugbetaal.
19 So sal hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה vrees van die weste af en Sy lof, eer en waarde vanaf die opgaan van die son, want die onderdrukker sal kom soos 'n stormende stroom en die Gees van יהוה sal hom verneder.
20 "'n Loskoper sal na Tziyon toe kom en na die wat in Ya'akov wegdraai van oortreding," verklaar יהוה. Yes 49:7; Rom 11:26
21 "Wat My betref, hierdie is My verbond met julle," sê יהוה: "My Gees wat op jou is en My woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal nie uit jou mond uitwyk nie en ook nie uit die mond van jou nageslag en ook nie uit die mond van jou nageslag se nageslag nie," sê יהוה, "van nou af en vir ewig.

60 1 "Staan op, skyn, want jou Lig het gekom en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het oor jou opgekom,
2 want let op, duisternis sal die aarde oordek en 'n diepe donkerheid die volke, maar יהוה sal oor jóu opkom en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid sal oor jou verskyn.
3 Nasies sal na jou lig toe kom en konings na die helderheid van jou opkoms.
4 Lig jou oë op en kyk rondom; hulle kom almal bymekaar, hulle kom na jou toe. Jou seuns sal van ver af kom en jou dogters sal in die arms gedra word.
5 Dan sal jy sien en jou gesig sal ophelder en jy sal verheug wees en jou verstand, wil en emosie sal tot rus kom, want die rykdom van die see sal na jou toe gedraai word, die sterkte van die nasies sal na jou toe kom.
6 'n Menigte kamele sal jou toedek, die drommedarisse van Midyan en `Eifah; almal vanaf Sh'va sal kom; hulle sal goud en wierook bring en sal goeie nuus dra van die lofprysinge van יהוה.
7 Al die kleinvee van Kedar sal by jou bymekaargemaak word, die ramme van N'vayot sal jou bedien; hulle sal met aanvaarding opgaan na My altaar en Ek sal eer en lof bring aan My huis van lof, eer en waarde.
8 Wie is hierdie wat soos 'n wolk vlieg, soos duiwe na hulle vensters?

9 Die kuslande sal sekerlik vir My wag en die skepe van Tarshish sal kom soos van ouds met hul silwer en goud vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, jou God en vir die Afgesonderde Een van Yisra'el, om jou seuns van ver af te bring omdat Hy jou eer en lof gebring het.
10 Vreemdelinge sal jou mure opbou en hulle konings sal jou bedien, want in My toorn het Ek jou geslaan en in My guns het Ek vir jou omgegee.
11 Jou poorte sal voortdurend oop wees; hulle sal nie bedags of snags gesluit word nie sodat hulle, met hulle konings gelei in optog, die rykdom van die nasies na jou toe kan bring,
12 want die nasie en die koninkryk wat jou nie sal dien nie, sal vergaan en dié nasie sal totaal vernietig word.
13 Die lof en eer van die L'vanon sal na jou toe kom, die jenewerboom, die palmhout en die sipres saam, om die plek van My Afgesonderdheid mooi te maak en Ek sal die plek van My voete wonderlik maak.
14 Die seuns van hulle wat jou verdruk het, sal buigend na jou toe kom en almal wat jou verag het, sal hulle neerbuig by jou voetsole en hulle sal jou die Stad van יהוה noem, Tziyon van die Afgesonderde Een van Yisra'el.
15 Waar jy verlate en gehaat was met niemand wat deurgaan nie, sal Ek jou maak tot 'n ewige trots, 'n vreugde van geslag tot geslag.
16 Jy sal ook die rykdom van nasies byvoeg en die rykdom van konings verkry; dan sal jy weet dat Ek, יהוה, jou Verlosser, jou Loskoper is, die Magtige Een van Ya'akov.
17 In plaas van koper sal Ek goud bring en in plaas van yster sal Ek silwer bring en in plaas van hout, koper en in plaas van klippe, yster en Ek sal vrede as jou administrateur aanstel en onpartydige opregtheid as jou toesighouers.
18 Geweld sal nie meer in jou land gehoor word nie en ook nie verwoesting of vernietiging in jou grondgebied nie, maar jy sal jou mure "verlossing" noem en jou poorte "lofprysing."
19 Jy sal nie langer die son bedags as lig hê nie en die maan sal ook nie vir jou lig as helderheid gee nie, maar jy sal יהוה as 'n ewige Lig hê en jou God as jou Lof en Eer. Open 21:23-24
20 Jou son sal nie meer ondergaan nie en jou maan nie kleiner word nie, want jy sal יהוה as 'n ewige Lig hê en die dae van jou rou sal verby wees.
21 Dan sal al jou mense onpartydig opreg wees; hulle sal vir ewig die land besit, die lote wat Ek geplant het, die werk van My hande sodat Ek geloof, geëer en aanbid sal word.
22 Die kleinste een sal 'n stam word en die geringste een 'n magtige nasie. Ek, יהוה, sal dit op die regte tyd verhaas."

61 1 Die Gees van יהוה-God is op My omdat יהוה My gesalf het om goeie nuus te bring aan die geteisterdes; Hy het My gestuur om die gebrokenes van verstand, wil en emosie op te bind, om vryheid vir die weggevoerdes te verklaar en loslating vir gevangenes; Mat 11:5
2 om die jaar van guns van יהוה aan te kondig en die dag van die wraak van ons God; om almal wat treur te troos, Luk 4:18,19

3 om aan die wat treur in Tziyon te voorsien; vir hulle 'n sierkrans te gee in die plek van as, vreugde-olie in plaas van rou, die mantel van lofprysing in plaas van 'n verslae gees. Hulle sal eikebome van onpartydige opregtheid, deur יהוה geplant, genoem word sodat Hy geloof, geëer en aanbid kan word.
4 Dan sal hulle die ou puinhope herbou, die vorige verwoeste plekke oplig en die verwoeste stede herstel; die vernietiging van baie geslagte.
5 Vreemdelinge sal staan en julle kleinvee oppas en buitelanders sal julle boere en wynboere wees,
6 maar júlle sal die priesters van יהוה genoem word; Eks 19:6; 1 Kef 2:5,9; Open 1:6; 20:6 daar sal van julle gepraat word as bedienaars van ons God! Julle sal die rykdom van die nasies eet en in hulle rykdom sal julle roem.
7 In plaas van julle skande, 'n dubbele deel vir julle en in plaas van vernedering sal julle jubel oor hulle deel; daarom sal julle 'n dubbele deel in hulle land besit, ewige vreugde sal hulle s'n wees,
8 want Ek, יהוה, het die regverdige oordeel lief; Ek haat diefstal en oortreding; Ek sal jou werk in waarheid lei en 'n ewige verbond met jou sluit.
9 Dan sal julle nageslag bekend wees onder die nasies en julle nakomelinge onder die volke. Almal wat julle sien, sal julle herken, want julle is die nageslag wat יהוה geseën het.
10 Ek sal my grootliks verbly in יהוה, my lewe sal in die rondte swaai van vreugde in my God, want Hy het my aangetrek met klere van verlossing, Hy het my in die mantel van onpartydige opregtheid toegedraai, soos 'n bruidegom die hoofversiersel ombind en soos 'n bruid haarself versier met haar juwele,
11 want soos die aarde sy spruite voortbring en soos 'n tuin dit wat gesaai is, laat uitspruit, so sal יהוה-God onpartydige opregtheid en lofprysing laat opspring voor al die nasies.

62 1 Ter wille van Tziyon sal ek nie stil wees nie en ter wille van Yerushalayim sal ek nie stilbly nie totdat haar onpartydige opregtheid uitbreek soos helderheid en haar verlossing soos 'n fakkel wat brand.
2 Die nasies sal jou onpartydige opregtheid sien en al die konings jou lof en eer en jy sal 'n nuwe naam genoem word wat deur die mond van יהוה uitgewys sal word. Yes 65:15; Open 2:17
3 Jy sal ook 'n kroon van skoonheid wees in die hand van יהוה en 'n koninklike tulband in die hand van jou God.
4 Dit sal nie langer vir jou gesê word, "In die steek gelaat," nie en ook nie vir jou land, "Verwaarloos," nie, maar jy sal genoem word: "My vreugde is in haar" en jou land: "Getroude," want יהוה is bly oor jou en jou land sal getroud wees, Hos 1 en 2
5 want soos 'n jongman 'n maagd trou, so sal jou gekoses met jou trou en soos die bruidegom hom verheug oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees. Open 19:7
6 O Yerushalayim, Ek het wagte op jou mure aangestel; die hele dag en die hele nag sal hulle nooit stilbly nie. Julle wat יהוה herinner, neem geen rus nie
7 en gee Hom geen rus nie totdat Hy Yerushalayim vestig en maak tot 'n lofprysing op die aarde! Open 21

8 יהוה het gesweer by Sy regterhand en by Sy magtige arm: "Ek sal jou graan nooit weer as kos vir jou vyande gee nie; ook sal buitelanders nie jou nuwe wyn drink waarvoor jy gewerk het nie,
9 maar hulle wat dit insamel, sal dit eet en יהוה prys en hulle wat dit oes, sal dit drink in die howe van My Afgesonderde Plek."
10 Gaan deur, gaan deur die poorte, maak die pad oop vir die mense! Bou op, bou op die hoofpad; verwyder die klippe, lig 'n banier op oor die volke!
11 Let op, יהוה het tot aan die einde van die aarde aangekondig, sê vir die dogter van Tziyon: "Kyk, jou Verlossing kom; let op, Sy beloning is by Hom en Sy vergoeding voor Hom."
12 Hulle sal genoem word: "Die afgesonderde volk, die vrygekooptes van יהוה" en jy sal genoem word: "Uitgesoekte, 'n stad nie in die steek gelaat nie."

63 1 Wie is dit wat kom vanaf Edom, met donker rooi klere vanaf Botzrah? Wie is majestueus in Sy kleredrag en magtig in die grootheid van Sy krag? "Dit is Ek wat in onpartydige opregtheid praat, magtig om te red."
2 Waarom is U kleredrag rooi en U klere soos dié van een wat in die wynpers trap?
3 "Ek het die wyn alleen deurgetrap en van die volke was daar niemand by My nie. Ek het hulle ook getrap in My woede en hulle vertrap in My toorn en hulle lewensbloed het op My klere gespat en Ek het al My klere bevlek,
4 want die dag van wraak was in My verstand, wil en emosie en My jaar van loskoping het gekom.
5 Ek het gekyk en daar was niemand om te help nie en Ek het gewonder omdat daar niemand was om te ondersteun nie; My eie arm het vir My verlossing gebring en My toorn het My ondersteun. Yes 59:16; Open 5:3
6 Ek het volke vertrap in My woede en hulle dronk gemaak in My toorn en Ek het hulle lewensbloed op die aarde uitgegooi."
7 Ek sal die liefdevolle goedheid van יהוה noem, die lofprysinge van יהוה, volgens alles wat יהוה aan ons toegestaan het en die groot goedheid teenoor die huis van Yisra'el, wat Hy aan hulle toegestaan het volgens Sy omgee en volgens die oorvloed van Sy liefdevolle goedheid,
8 want Hy het gesê: "Hulle is sekerlik My volk, seuns wat nie vals sal wees nie." So het Hy hulle Verlosser geword.
9 In al hulle pyniging was Hy gepynig en die boodskapper van Sy Teenwoordigheid het hulle gered; in Sy liefde en in Sy omgee het Hy hulle losgekoop en Hy het hulle opgetel en hulle gedra, al die dae van ouds,
10 maar húlle het rebelleer en Sy Gees wat Afgesonderd is bedroef; Hand 7:51; Efe 4:30 daarom het Hy Homself gedraai om hulle vyand te word; Hy het teen hulle geveg.
11 Toe het Sy volk die ou dae van Mosheh onthou. Waar is Hy wat hulle uit die see uitgebring het saam met die herders van Sy kudde? Waar is Hy wat Sy Gees wat Afgesonderd is in hulle midde geplaas het;
12 wat hulle deur Sy wonderlike arm en regterhand gelei het, wat die waters voor hulle verdeel het, om vir Homself 'n ewige Naam te maak;

13 wat hulle deur die dieptes gelei het? Soos 'n perd in die wildernis het hulle nie gestruikel nie.
14 Soos die beeste wat in die vallei afgaan, het die Gees van יהוה hulle rus gegee. Só het U U volk gelei, om vir Uself 'n eervolle, lofwaardige Naam te maak.
15 "Kyk van die hemel af neer en sien uit U afgesonderde en lofwaardige blyplek, waar is U ywer en U magtige dade? Die ontroering van U verstand, wil en emosie en U liefdevolle omgee is ingehou teenoor ons,
16 want U is ons Vader, alhoewel Avraham ons nie ken nie en Yisra'el ons nie erken nie. U, O יהוה, is ons Vader en ons Loskoper. U Naam is van ewigheid af.
17 יהוה, waarom laat U ons wegdwaal van U paaie en verhard U ons verstand, wil en emosie sodat ons U nie vrees nie? Kom terug ter wille van U diensknegte, die stamme van U erfenis!
18 U afgesonderde volk het U Afgesonderde Plek vir 'n kort rukkie besit; ons teëstanders het dit vertrap.
19 Ons het geword soos hulle oor wie U nooit geheers het nie, hulle waaroor U Naam (Karakter en Outoriteit) nie uitgeroep is nie. Ag, as U maar die hemele wou skeur en afkom sodat die berge sal bewe voor U Teenwoordigheid

64 1 dat hulle mag smelt soos was voor die vuur smelt en dat vuur U vyande mag verteer, om U Naam (Karakter en Outoriteit) aan U teëstanders bekend te maak sodat die nasies in U Teenwoordigheid mag bewe,
2 wanneer U ontsagwekkende dinge doen wat ons nie verwag het nie. U het afgekom en die berge het geskud in U Teenwoordigheid!
3 Van die begin van die wêreld af het hulle dit nie gehoor of met die oor waargeneem, of het die oog, o God, enige buiten U gesien nie, as gevolg van wat U doen vir dié wat op U wag. Ps 31:18-20; 1 Kor 2:9
4 U ontmoet hom wat onpartydige opregtheid doen, wat U met vreugde in U handelswyses onthou. Let op, U was kwaad, want ons het gesondig; ons het oortree teenoor U handelswyses en tog sal ons gered word.
5 Ons het almal geword soos 'n onrein ding en al ons regverdige dade is soos 'n vuil kleed; ons het almal verwelk soos 'n blaar en ons onregverdigheid het ons weggevat soos die wind.
6 Daar is niemand wat U Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep, wat onthou om aan U vas te hou nie, want U het U gesig weggedraai van ons af en ons oorgegee aan die krag van ons sondes,
7 maar nou, יהוה, U is ons Vader; ons is die klei en U is ons Pottebakker en ons is almal die werk van U hand.
8 יהוה, wees nie uitermate kwaad nie en onthou nie die onregverdigheid vir ewig nie; let op, kyk nou, ons is almal U volk.
9 U afgesonderde stede het 'n wildernis geword; Tziyon het 'n wildernis geword, Yerushalayim 'n verlatenheid. Yes 64:9,10
10 Ons afgesonderde en pragtige huis waar ons vaders U geloof het, is met vuur verbrand en al ons kosbaarhede, het 'n puinhoop geword.
11 יהוה, sal U Uself terughou oor hierdie dinge? Sal U stilbly en ons uitermate teister?"

65 1 "Ek het Myself laat soek deur hulle wat nie na My gevra het nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; [Rom 10:20] aan 'n nasie wat nog nooit My Naam uitgeroep het nie, het Ek gesê: 'Hier is Ek, hier is Ek!'
2 Ek het My hande die hele dag lank uitgesprei na 'n rebelse volk, [Rom 10:21] wat loop op 'n pad wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan;
3 'n volk wat My voortdurend in die gesig uittart, deur offers in tuine te bring en wierook te laat opgaan op bakstene;
4 wat tussen die grafte sit en die nag in geheime plekke deurbring; wat varkvleis eet en in hulle potte is die mengsel van onrein vleis, [Lev 11:7; Yes 66:17]
5 wat sê: 'Bly by jouself! Kom nie naby my nie, want ek is meer afgesonder as jy!' Hulle is rook in My neusgate, 'n vuur wat die hele dag brand.
6 Let op, dit staan voor My geskryf, Ek sal nie stilbly nie, maar Ek sal terugbetaal; Ek sal selfs in hulle boesem terugbetaal,
7 beide hulle onregverdigheid en die onregverdigheid van hulle vaders saam," sê יהוה. "Omdat hulle wierook op die berge gebrand het en My gespot het op die heuwels sal Ek al hulle vorige werke in hulle boesem uitmeet."
8 So sê יהוה: "Soos die nuwe wyn in die tros gevind word en een sê: 'Verniel dit nie, want daar is voordeel in dit,' so sal Ek optree ter wille van My diensknegte, om nie almal van hulle te vernietig nie.
9 Ek sal 'n nageslag uit Ya'akov laat voortkom en 'n erfgenaam van My berge uit Y'hudah; My gekoses sal dit erf en My diensknegte sal daar bly.
10 Sharon sal 'n weiveld vir kleinvee wees en die vallei van Akhor 'n rusplek vir beeste, vir My volk wat My soek,
11 maar julle wat יהוה verlaat, wat My afgesonderde berg vergeet, wat 'n tafel dek vir Gad (die geluksgod) en gemengde wyn inskink vir Meni (die god van die noodlot),
12 sal Ek bestem vir die swaard en julle almal sal neerbuig vir die slagting omdat Ek geroep het, maar julle het nie geantwoord nie, Ek het gepraat, maar julle het nie gehoor, geluister en gedoen nie en julle het boosheid voor My oë gedoen en gekies wat My nie behaag nie."
13 יהוה-God sê daarom: "Let op, My diensknegte sal eet, maar julle sal honger bly. Let op, My diensknegte sal drink, maar julle sal dors wees. Let op, My diensknegte sal bly wees, maar julle sal beskaamd staan.
14 Let op, My diensknegte sal vreugdevol uitroep met 'n vrolike verstand, wil en emosie en júlle sal uitskree met 'n swaar gemoed en huil met 'n gebreekte gees.
15 Julle sal jul naam (karakter en outoriteit) as 'n vloek vir My gekoses laat agterbly en יהוה-God sal jou doodslaan, maar My knegte sal met 'n ander naam (karakter en outoriteit) genoem word, [Yes 62:2; Open 2:17]
16 want hy wat homself seën in die land, sal homself seën deur die God van waarheid en hy wat sweer op die aarde, sal sweer by die God van waarheid, want die vorige moeilikhede is vergeet en hulle is verborge vir My oë,
17 want let op, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde en die vorige dinge sal nie onthou word of aan gedink word nie, [2 Kef 3:13; Open 21:1]

18 maar wees julle bly en swaai in die rondte van vreugde vir ewig oor wat Ek skep,
want let op, Ek skep Yerushalayim om te jubel en sy mense vir blydskap.
19 Ek sal ook in die rondte swaai van vreugde oor Yerushalayim en bly wees oor My
volk en daar sal nie meer die stem van geween of die stem van geskree in haar
gehoor word nie.
20 Daar sal nie meer 'n suigeling in haar wees wat net 'n paar dae leef of 'n ou man
wat nie sy dae uitleef nie, want die jeug sal sterf op 'n honderd jaar oud en wie nie
een honderd jaar bereik nie, sal vervloek wees.
21 Hulle sal huise bou en daarin bly en ook wingerde plant en die vrug daarvan eet.
22 Hulle sal nie bou en 'n ander daarin bly nie; hulle sal nie plant en 'n ander dit eet
nie, want soos die dae van 'n boom, sal My volk wees en My gekoses sal die werk
van hulle hande geniet. [Deut 28:22]
23 Hulle sal nie tevergeefs werk of geboorte gee aan kinders vir 'n vervloeking nie,
want hulle is die nageslag van die wat deur יהוה geseën is en hulle nakomelinge
saam met hulle.
24 Dit sal ook gebeur dat voordat hulle roep, Ek sal antwoord en terwyl hulle nog
praat, sal Ek hoor.
25 Die wolf en die lam sal saam wei en die leeu sal strooi eet soos 'n os en stof sal die
slang se kos wees; hulle sal geen kwaad of skade doen op My hele afgesonderde
berg nie," sê יהוה. [Yes 11:6-8]

66 1 So sê יהוה: "Die hemel is My troon en die aarde is My voetstoel. [Mat 5:35] Waar is
dan die huis wat julle vir My kan bou? Waar is 'n plek waar Ek kan rus?
2 Want My hand het al hierdie dinge gemaak, so het dit alles ontstaan," [Hand 7:50] verklaar
יהוה, "maar na hierdie een sal Ek kyk: na hom wat nederig is, berouvol van gees en
wat My Woord respekvol vrees.
3 Hy wat 'n bees slag, is soos een wat 'n man doodslaan; hy wat 'n lam offer, soos hy
wat 'n hond se nek breek; hy wat 'n graanoffer bring soos een wat varkbloed offer;
hy wat wierook brand, is soos hy wat boosheid seën. Soos húlle hul eie paaie gekies
het en hulle lewens 'n behae in hul verwerplikhede het,
4 so sal Ek hulle strawwe kies en dit wat hulle vrees oor hulle bring omdat Ek geroep
het, maar niemand het geantwoord nie; Ek het gepraat, maar hulle het nie geluister
nie; hulle het boos gedoen in My oë en gekies wat My nie behaag nie."
5 Hoor die woord van יהוה, julle wat bewe voor Sy Woord! "Sê aan julle broers
wat julle haat, wat julle uitsluit om My Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil:
'Laat יהוה geloof en geëer word.' Wees vol vreugde in jou blydskap en hulle sal
beskaamd staan!"
6 "'n Klank van oproer uit die stad, 'n stem vanaf die tempel. Die stem van יהוה wat
Sy vyande beloon!
7 Voordat sy geboortepyne gekry het, het sy geboorte gegee; voordat haar pyn gekom
het, het sy geboorte gegee aan 'n seun.
8 Wie het van so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Kan 'n land in een dag gebore
word? Kan 'n nasie op een slag voortgebring word? Sodra Tziyon geboortepyne
gekry het, het sy geboorte gegee aan haar kinders.

9 Sal Ek tot op die punt van geboorte bring en nie tot geboorte laat kom nie?" vra יהוה. "Of miskien is dit nie Ek wat geboorte laat gee en wat die baarmoeder sluit nie?" vra jou God.
10 "Wees bly saam met Yerushalayim en swaai in die rondte van vreugde oor haar, almal wat haar lief het! Wees uitermate vrolik saam met haar, almal wat oor haar treur
11 sodat julle kan drink en versadig word aan haar vertroostende borste sodat julle kan suig en julle verlustig aan haar oorvloedige boesem,"
12 want so sê יהוה: "Let op, Ek steek vrede na haar toe uit soos 'n rivier en die eer en lof van die nasies soos 'n oorlopende stroom en julle sal versorg word, julle sal op die heup gedra word en op die knieë vertroetel word.
13 Soos een wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos en julle sal in Yerushalayim getroos word."
14 Dan sal julle sien en julle verstand, wil en emosie sal vrolik wees en julle gebeente sal floreer soos jong gras en die hand van יהוה sal bekend gemaak word aan Sy diensknegte, maar Hy sal verontwaardig wees teenoor Sy vyande,
15 want let op, יהוה sal kom in vuur en Sy strydwaens soos 'n warrelwind, om Sy woede met toorn aan te bied en Sy bestraffing met vlamme van vuur, Ps 79:6; 2 Thes 1:8
16 want יהוה sal met vuur en met Sy swaard oor alle vlees oordeel vel en hulle wat deur יהוה verslaan is, sal baie wees.
17 "Die wat hulleself afsonder en hulleself reinig vir die tuine terwyl hulle die een wat in die middel staan, wat varkvleis, verwerplike dinge en muise eet, volg, sal almal saam tot 'n einde kom," verklaar יהוה, Lev 11:7; Yes 65:4
18 want Ek ken hulle werke en hulle gedagtes; die tyd kom om al die nasies en tale te versamel en hulle sal kom en My Gemanifesteerde Teenwoordigheid sien.
19 Ek sal 'n teken tussen hulle plaas en oorlewendes vanaf hulle na die nasies uitstuur: Tarshish, Pul, Lud, Meshekh, Rosh, Tuval en Yavan, na die ver kuslande wat nie van My roem gehoor of My lof en eer gesien het nie. Hulle sal My lof, eer en waarde onder die nasies verkondig.
20 Dan sal hulle al julle broers bring uit al die nasies as graanoffer tot יהוה, op perde, in waens, in draagstoele, op muile en op kamele na My afgesonderde berg Yerushalayim," sê יהוה, "net soos die seuns van Yisra'el hulle graanoffer in 'n rein houer na die huis van יהוה bring.
21 Ek sal ook sommige van hulle as priesters en Leviete vat," sê יהוה,
22 "want net soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor My sal staan," verklaar יהוה, "so sal julle nageslag en julle naam staan. 2 Kef 3:13; Open 21:1
23 Dit sal wees vanaf Nuwemaan tot Nuwemaan en van Shabbat tot Shabbat dat die ganse mensdom sal kom om voor My neer te buig," sê יהוה.
24 "Dan sal hulle uitgaan en die lyke van die mense wat teen My oortree het, sien, want hulle wurm sal nie sterf en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie en hulle sal 'n afsku wees vir die ganse mensdom." Mar 9:44,46,48

Die dertiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die agste boek van die Profete

Die tweede boek van die Latere Profete

Yirmeyahu
(Jeremia)

ירמיהו- hy vir wie יהוה aangestel het.

Die boek is deur die profeet Yirmeyahu (Yir 36:1) in die vierde jaar van Y'hoyakhin, op bevel van יהוה geskryf en gedikteer aan sy student, Barukh.
Hy het vir 50 jaar bedien vanaf 627 voor Yeshua.

1 1 Die woorde van Yirmeyahu, die seun van Hilkiyahu, vanuit die priesters wat in `Anatot, in die land van Binyamin was, [2 Kon 22:4; 23:4]
2 tot wie die woord van יהוה gekom het in die dae van Yoshiyahu, die seun van Amon, koning van Y'hudah, in die dertiende jaar van sy regering.
3 Dit het ook gekom in die dae van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, tot aan die einde van die elfde jaar van Tzidkiyahu, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, totdat die inwoners van Yerushalayim in gevangenskap weggevat is in die vyfde maand. [2 Kon 22-25]
4 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
5 "Voordat Ek jou in die baarmoeder gevorm het, het Ek jou geken en voordat jy gebore is, het Ek jou afgesonder; Ek het jou as 'n profeet vir die nasies aangestel." [Ps 139:16]
6 Toe het ek gesê: "Helaas, יהוה-God, let op, ek weet nie hoe om te praat nie, want ek is jonk."
7 יהוה het egter vir my gesê: "Moenie sê: 'Ek is jonk' nie, want jy moet gaan waarheen Ek jou ook al stuur en alles wat Ek jou beveel, moet jy sê.
8 Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou om jou te bevry," verklaar יהוה.
9 Toe het יהוה Sy hand uitgesteek en my mond aangeraak en יהוה het vir my gesê: "Let op, Ek het My woorde in jou mond gelê.
10 Let op, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en af te breek, om te vernietig en omver te werp, om te bou en te plant."
11 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê: "Wat sien jy, Yirmeyahu?" Ek antwoord: "Ek sien 'n amandelboom se tak." [Num 17]
12 Toe het יהוה vir my gesê: "Jy het goed gesien, want Ek waak oor My woord om dit uit te voer."
13 Die boodskap van יהוה het vir die tweede keer tot my gekom en gesê: "Wat sien jy?" Ek antwoord: "Ek sien 'n kokende pot en sy opening is na die noorde toe."
14 Toe sê יהוה vir my: "Uit die noorde uit sal die boosheid losbreek oor al die inwoners van die land,
15 want let op, Ek roep al die families van die koninkryke van die noorde," verklaar יהוה; "en hulle sal kom en hulle sal elkeen sy troon opstel by die ingang van die poorte van Yerushalayim en teen al sy mure rondom en teen al die stede van Y'hudah.
16 Ek sal My oordele oor hulle uitspreek, weens al hulle boosheid, waardeur hulle My verlaat het en offers aan ander gode geoffer het en die werke van hulle eie hande aanbid het.
17 Nou, bind jou heupe vas, staan op en sê vir hulle alles wat Ek jou beveel. Moenie bang wees vir hulle nie, [Yog 12:43; Rom 1:16] of Ek sal jou voor [Mat 10:33; Mark 8:38; 2 Tim 2:12b] hulle neerwerp.
18 Let nou op, Ek het jou vandag soos 'n versterkte stad, 'n yster pilaar en koper mure teen die hele land gemaak, teen die konings van Y'hudah, teen sy prinse, teen sy priesters en teen die mense van die land.
19 Hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorwin nie, want Ek is by jou om jou te bevry," verklaar יהוה. [Heb 13:5]

2 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
2 "Gaan en verkondig in die ore van die mense van Yerushalayim en sê: 'So sê יהוה:
"Ek onthou aangaande jou die toewyding van jou jeug, die liefde van jou uithou,
hoe jy in die woestyn, deur 'n onbesaaide land, agter My aan geloop het.
3 Yisra'el is die eersteling van Sy oes, afgesonder vir יהוה. Almal wat daarvan
vernietig, sal veroordeel word; boosheid sal oor hulle kom," verklaar יהוה.'"
4 Luister en hoor die woord van יהוה, o huis van Ya'akov en al die families van die
huis van Yisra'el!
5 So sê יהוה: "Watter onregverdigheid het julle vaders in My gevind dat hulle ver van
My af weggegaan en agter leegheid aan geloop het en self leeg geword het?
6 Hulle het nie gesê: 'Waar is יהוה wat ons uit die land van Mitzrayim uit gebring het,
wat ons deur die wildernis gelei het, deur 'n land van woestyne en kuile, deur 'n
land van droogte en diep duisternis, deur 'n land waardeur niemand trek en waar
geen mens bly,' nie.
7 Ek het julle in die vrugbare land gebring om die vrugte en die goeie dinge daarvan te
eet, maar julle het gekom en My land onteer en My erfenis het julle 'n verafskuwing
gemaak.
8 Die priesters het nie gesê: 'Waar is יהוה?' nie. Die wat die wet handhaaf, het My
nie geken nie; die heersers het ook teen My oortree en die profete het deur Ba'al
geprofeteer en agter dinge aangeloop wat geen voordeel bring nie;
9 daarom sal Ek steeds met julle argumenteer," verklaar יהוה; "en met julle kinds-
kinders sal Ek argumenteer,
10 want gaan oor na die kuslande van die Kittiërs, kyk en stuur na Kedar en gee daar
goed ag op en kyk of daar so iets soos dié gebeur het!
11 Het 'n nasie sy gode verruil terwyl hulle nie-gode is? My volk het egter sy lof, eer
en waarde verruil vir wat geen voordeel bring nie.
12 O hemele, wees verstom hieroor, sidder en wees bedroef," verklaar יהוה,
13 "want My volk het twee booshede gedoen: hulle het My, die Fontein van lewende
water, Yog 4:13-14 verlaat om vir hulleself reënbakke uit te kap, gebreekte reënbakke
wat geen water kan hou nie. 2 Kef 2:17
14 Is Yisra'el 'n slaaf, of is hy 'n bediende wat in die huis gebore is? Waarom het hy
'n prooi geword?
15 Die jong leeus het vir hom gebrul, hulle het hard gebrul en van sy land 'n woesteny
gemaak; sy stede is vernietig, sonder inwoner.
16 Die manne van Nof (Memphis) en Tagpanges het geheers oor die kroon van jou
kop.
17 Het jy dit nie aan jouself gedoen deur יהוה, jou God, te verlaat toe Hy jou op die
pad gelei het nie?
18 Wat maak jy dan nou op die pad na Mitzrayim, om die water van die Nyl te drink?
Of wat maak jy op die pad na Ashur, om die waters van die Eufraat te drink?
19 Jou eie boosheid sal jou reghelp en jou afvalligheid sal jou bestraf; weet dan en
sien dat dit boos en bitter is vir jou om יהוה, jou God, te verlaat; My respekvolle
vrees is dan nie in jou nie," verklaar יהוה, God van die leërskare,

20 "want lank gelede het Ek jou juk verbreek en jou bande afgeskeur, maar jy het gesê: 'Ek sal nie dien nie,' want op elke hoë heuwel en onder elke groen boom het jy gaan lê as 'n hoereerder.
21 Nogtans het Ek jou geplant as 'n keur wingerdstok, 'n heeltemal betroubare saad. Hoe het jy jouself dan voor My verander in die minderwaardige lote van 'n vreemde wingerdstok?
22 Alhoewel jy jou was met loog en baie seep gebruik, is die vlek van jou onregverdigheid voor My," verklaar יהוה-God.
23 "Hoe kan jy sê: 'Ek is nie onteer nie; ek het nie agter die Ba'als aan gegaan nie?' Kyk na jou lewenswyse in die valleie en besef wat jy gedoen het! Jy is 'n jong kameelkoei wat haar stem verhef;
24 'n wilde-donkie, gewoond aan die wildernis, wat in haar heftige begeerte die wind snuif in die tyd van haar hitte! Wie kan haar wegkeer? Almal wat haar soek, sal hulle nie vermoei nie; in haar maand sal hulle haar kry.
25 Jou voete is moeg, want hulle is nie beslaan nie en jou keel droog van die dors, maar jy het gesê: 'Ek het sterk geword en is nie bereid om te erken en om te draai nie, want ek het vreemdes liefgehad en sal agter hulle aan loop.'
26 Soos 'n dief beskaamd staan as hy ontdek word, so is die huis van Yisra'el beskaamd; hulle, hulle konings, hulle prinse, hulle priesters en hulle profete,
27 wat vir 'n boom sê: 'Jy is my vader' en vir 'n klip: 'Jy het geboorte gegee aan my,' want hulle het hulle rug na My toe gedraai en nie die gesig nie, maar in die tyd van hulle moeilikheid sal hulle sê: 'Staan op en red ons!'
28 Waar is jou gode wat jy vir jouself gemaak het? Laat hulle opstaan as hulle jou kan red in die tyd van jou moeilikheid, want volgens die getal van jou stede is jou gode, o Y'hudah!
29 Waarom stry julle met My? Julle almal het teen My oortree," verklaar יהוה.
30 "Tevergeefs het Ek julle seuns geslaan; hulle het geen tugtiging aanvaar nie; julle swaard het julle profete verslind soos 'n vernietigende leeu.
31 O geslag, gee ag op die woord van יהוה! Was Ek 'n Wildernis vir Yisra'el of 'n Land van dik duisternis? Waarom sê My volk: 'Ons is vernederd, ons sal nie meer na U toe kom nie?'
32 Kan 'n maagd haar versierings vergeet, of 'n bruid haar klere? Tog het My volk My dae sonder tal vergeet. Yir 3:21
33 Hoe goed berei jy jou pad voor om liefde te soek! Let op, jy het ook boosheid geleer deur jou optrede.
34 Ook is daar aan jou hande die bloed gevind van die onskuldige armes. Ek het dit nie gevind deur hard te soek nie, want dit is onder elke boom.
35 Tog het jy steeds gesê: 'Ek is onskuldig; Sy toorn sal sekerlik weggedraai word van my af.' Let op, Ek sal in oordeel met jou gaan omdat jy sê: 'Ek het nie gesondig nie.'
36 Hoekom loop jy so baie rond en verander jou pad? Jy sal ook deur Mitzrayim beskaamd gemaak word soos jy deur Ashur beskaamd gemaak is.
37 Ja, jy sal vernederd van hom af weggaan, want יהוה is kwaad vir hulle waarop jy jou vertroue geplaas het en jy sal nie met hulle voorspoedig wees nie."

3 1 Hy sê: "As 'n man sy vrou skei en sy gaan van hom af weg en behoort aan 'n
ander man en hy gaan na haar toe terug, let op, die land sal besoedel wees. Jy het
egter egbreuk gepleeg met baie heersers; draai terug na My toe," verklaar יהוה!
2 "Lig jou oë op na die hoofpaaie en kyk of daar 'n plek is waar jy jouself nie onteer
het nie? Langs die paaie het jy vir hulle gesit en wag soos 'n volstruis in die woestyn
en jy het die land besoedel deur jou hoerery;
3 daarom is die reënbuie teruggehou en daar was geen lentereëns nie. Steeds het jy 'n
hoerevoorkop gehad, jy het geweier om skaam te wees.
4 Het jy nie nou net na My geroep nie: 'My Vader, U is die Vriend van my jeug!
5 Sal Hy vir ewig kwaad wees, sal Hy verontwaardig bly tot die einde?' Let op, jy het
gepraat en bose dinge gedoen en jou wil gekry."
6 Toe het יהוה vir my in die dae van koning Yoshiyahu gesê: "Het jy gesien wat die
ontroue Yisra'el gedoen het? Sy het opgegaan en op elke hoë heuwel en onder elke
groen boom hoereer.
7 Ek het gedink: 'Nadat sy dit alles gedoen het, sal sy terugdraai na My toe,' maar sy
het nie teruggedraai nie en haar boosheid is deur haar suster, Y'hudah, gesien.
8 Sy het al Yisra'el se boosheid gesien en omdat Yisra'el se inwoners hoerery gepleeg
het, het Ek haar weggestuur en aan haar 'n skeibrief gegee; tog het haar perverse
suster, Y'hudah, nie gevrees nie, maar het gegaan en ook hoereer. Yir 11:10
9 Haar hoerery was so oordadig dat sy die land besoedel en owerspel gepleeg het met
afgode van klip en hout.
10 Nogtans, ten spyte van dit alles, het haar misleidende suster, Y'hudah, nie met haar
hele verstand, wil en emosie na My toe terug gedraai nie, maar net met valsheid,"
verklaar יהוה.
11 יהוה het vir my gesê: "Ontroue Yisra'el het haarself meer as haar perverse suster,
Y'hudah, regverdig.
12 Gaan en verkondig hierdie woorde na die noorde toe en sê: 'Draai terug, inwoners
van Yisra'el,' verklaar יהוה; 'Ek sal nie na jou kyk in woede nie, want Ek is
goedgunstig,' verklaar יהוה; 'Ek sal nie vir ewig kwaad wees nie.
13 Erken slegs jou onregverdigheid dat jy teen יהוה, jou God, oortree het en jou
gunste versprei het na die vreemdelinge onder elke groen boom en jy nie My stem
gehoorsaam het nie,' verklaar יהוה.
14 Erken en draai terug, o afvallige seuns,' verklaar יהוה, 'want Ek is 'n Meester vir
julle en Ek sal julle vat, een uit 'n stad en twee uit 'n familie en Ek sal julle na
Tziyon toe bring.
15 Dan sal Ek vir julle herders gee na My eie verstand, wil en emosie, wat julle sal
voed met Godskennis en begrip.
16 Dit sal wees in daardie dae, wanneer julle vermenigvuldig en vermeerder het in die
land,' verklaar יהוה, 'dat hulle nie meer sal sê: 'Die ark van die verbond van יהוה'
nie. Dit sal nie in die gedagtes opkom nie, ook sal hulle dit nie onthou nie, ook nie
mis nie en dit sal nie weer gemaak word nie. Open 11:19

17 In dié tyd sal hulle Yerushalayim noem, 'die troon van יהוה' en al die nasies sal daar, by Yerushalayim, bymekaar gebring word, vanweë die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en hulle sal ook nie meer agter die hardnekkigheid van hul bose verstand, wil en emosie aanloop nie.
18 In daardie dae sal die huis van Y'hudah saam met die huis van Yisra'el loop en hulle sal saam vanuit die land van die noorde kom na die land wat Ek aan julle vaders as erfenis gegee het.
19 Toe het Ek gedink hoe Ek jou sal vestig tussen My seuns en aan jou 'n aangename land sal gee, die mooiste erfenis van die nasies! Ek het ook gedink: 'Jy sal My noem: My Vader en nie wegdraai daarvan om My te volg nie.'
20 Beslis, soos 'n vrou ontrou weggaan van haar minnaar, so het julle ontrou met My gehandel, o huis van Yisra'el," verklaar יהוה.
21 'n Stem is gehoor op die hoofpaaie, die gehuil en gesmeek van die seuns van Yisra'el omdat hulle hul lewenswyses bederf het, יהוה, hulle God, vergeet het.
22 "Draai terug, o ontroue seuns; Ek sal julle ontrouheid genees." "Let op, ons kom na U toe, want U is יהוה, ons God.
23 Waarlik, die heuwels is 'n misleiding, 'n opskudding op die berge. Waarlik, in יהוה, ons God, is die verlossing van Yisra'el,
24 maar die skandelike ding het die arbeid van ons vaders verteer sedert ons jeug, hulle kleinvee en hulle beeste, hulle seuns en hulle dogters.
25 Laat ons lê in ons skande en laat ons vernedering ons oordek, want ons het teen יהוה, ons God, gesondig, ons en ons vaders, van ons jeug af tot vandag toe en ons het nie die stem van יהוה, ons God, gehoorsaam nie."

4 1 "As jy sou erken en omdraai, o Yisra'el," verklaar יהוה, "dan moet jy na My toe terugdraai en as jy jou verwerplike dinge van voor My Teenwoordigheid af sal wegsit en nie twyfel nie
2 en jy sal sweer: 'So waar as יהוה leef,' in waarheid, in regverdige oordeel en in onpartydige opregtheid, dan sal die nasies hulleself in Hom seën en in Hom sal hulle hul beroem,"
3 want so sê יהוה aan die manne van Y'hudah en aan Yerushalayim: "Ploeg julle braakland om en moenie tussen dorings saai nie.
4 Besny julleself tot יהוה en verwyder die onbesnedenheid van julle verstand, wil en emosie, manne van Y'hudah en inwoners van Yerushalayim, of anders sal My toorn soos 'n vuur uitgaan en brand met niemand om dit te blus nie, as gevolg van die boosheid van julle dade." Deut 10:16; Deut 30:6; Yir 9:24; Yeg 44:7,9; Yo'el 2:13; Rom 2:29; Gal 5:2-6; Kol 2:11
5 Verklaar in Y'hudah en verkondig dit in Yerushalayim en sê: "Blaas die ramshoring in die land! Roep hardop uit en sê: 'Bring julleself bymekaar en laat ons in die versterkte stede ingaan!'
6 Lig 'n banier na Tziyon toe óp! Soek skuiling, moenie staan nie, want Ek bring boosheid uit die noorde en 'n groot vernietiging.
7 'n Leeu het opgekom uit sy fynbos en 'n vernietiger van nasies het opgetrek; hy het uit sy plek uitgegaan om jou land 'n woesteny te maak; jou stede sal puinhope word, sonder inwoners.

8 Hiervoor, trek rouklere aan, treur en huil, want die heftige woede van יהוה het nie omgedraai van jou af nie."
9 "Dit sal gebeur op dié dag," verklaar יהוה, "dat die binneste van die koning en die binneste van die prinse sal faal en die priesters sal verskrik wees en die profete verstom staan."
10 Toe het ek gesê: "Ag, יהוה-God, waarlik, ek het hierdie volk en vir Yerushalayim grootliks mislei deur te sê: 'Julle sal vrede hê' terwyl 'n swaard aan die keel raak."
11 In daardie tyd sal dit vir hierdie volk en vir Yerushalayim gesê word: "'n Gloeiende wind sal waai vanaf die kaal hoogtes in die wildernis in die rigting van die dogter van My volk; nie om te wan of skoon te maak nie,
12 maar 'n sterk wind vanaf daardie plekke sal na My toe kom; nou sal Ek ook oordele teen hulle uitspreek.
13 "Let op, hy gaan op soos wolke en sy strydwaens soos 'n warrelwind; sy perde is vinniger as arende. Wee ons, want ons is verwoes!"
14 "Was jou verstand, wil en emosie van boosheid, o Yerushalayim sodat jy gered kan word. Hoe lank sal jou bose gedagtes blyplek vind in jou?
15 Want 'n stem verkondig boosheid vanuit Dan en vanaf die gebergte van Efrayim.
16 Rapporteer dit nou aan die nasies! Verklaar oor Yerushalayim: 'Beleërders kom uit 'n ver land en lig hulle stem op teen die stede van Y'hudah.
17 Soos wagters oor 'n veld, is hulle reg rondom teen haar omdat sy teen My gerebelleer het'," verklaar יהוה.
18 "Jou paaie en jou dade het hierdie dinge na jou toe gebring. Hierdie is jou boosheid; hoe bitter! Hoe het dit nie jou verstand, wil en emosie aangeraak nie!"
19 "My lewe, my lewe! Ek is in angs! O, my hart! My hart klop in my, ek kan nie stil wees nie, want jy, my lewe, het die klank van die ramshoring gehoor, die oorlogsalarm!
20 Ramp op ramp word uitgeroep, want die hele land is verwoes; skielik is my tente verwoes, my gordyne het afgeval.
21 Hoe lank moet ek die banier sien, die geluid van die ramshoring hoor?
22 Want My volk is dwaas, hulle ken My nie; hulle is dwase seuns en het geen insig nie. Hulle is slinks om boosheid te doen, maar om goed te doen, weet hulle nie."
23 Ek het na die aarde gekyk en let op, dit was vormloos en leeg [Gen 1:2] en na die hemele en hulle het geen lig gehad nie.
24 Ek het na die berge gekyk en let op, hulle het geskud en al die heuwels het heen en weer beweeg.
25 Ek het gekyk en let op, daar was geen mens nie en al die voëls van die hemele het gevlug.
26 Ek het gekyk en let op, die vrugbare land was 'n wildernis en al sy stede was afgebreek voor יהוה, voor Sy intense woede,
27 want so sê יהוה: "Die hele land sal 'n verlatenheid wees, tog sal Ek nie 'n volkome vernietiging uitvoer nie.

28 Hieroor sal die aarde treur en die hemele daarbo donker wees omdat Ek gepraat het, Ek het dit ten doel gehad en Ek sal nie My gedagtes verander nie en ook nie daarvan wegdraai nie."
29 Met die geluid van die ruiters en boogskutters vlug elke stad; hulle gaan in die onderbosse in en klim op die rotse; elke stad is verlate en geen mens bly in hulle nie.
30 Jy, verlate een, wat gaan jy doen? Al trek jy skarlaken aan, al versier jy jou met goue ornamente, al maak jy jou oë groter met verf; tevergeefs maak jy jouself mooi; jou minnaars verag jou, hulle soek jou lewe,
31 want ek het 'n uitroep gehoor soos van 'n vrou wat geboorte gee, 'n benoudheid soos van een wat geboorte gee aan haar eerste kind, die geskree van die dogter van Tziyon, hygend na asem, sy sprei haar hande uit en sê: "Wee my, want ek word flou voor moordenaars."

5 1 "Swerf heen en weer deur die strate van Yerushalayim en kyk nou en neem kennis en soek op haar oop pleine of julle iemand kan vind, of daar een is wat regverdig oordeel, wat waarheid soek, dan sal Ek haar vryspreek.
2 Alhoewel hulle sê: 'So waar as יהוה leef,' sweer hulle sekerlik vals."
3 "O יהוה, soek U oë nie na waarheid nie? U het hulle neergeslaan, maar hulle het nie verswak nie; U het hulle verteer, maar hulle het geweier om korreksie te aanvaar. Hulle het hul gesigte harder gemaak as 'n rots; hulle het geweier om berou te hê en om te draai."
4 Toe het ek gesê: "Hulle is slegs die minderes; hulle is dwaas omdat hulle die pad van יהוה, of die instellings van hulle God, nie ken nie.
5 Ek sal na die grotes toe gaan en met hulle praat, want hulle ken die pad van יהוה en die instellings van hulle God," maar ook hulle het almal saam die juk verbreek, die bande stukkend geruk.
6 'n Leeu uit die woud sal hulle daarom doodmaak, 'n wolf van die woestyne sal hulle vernietig; 'n luiperd hou hulle stede dop; almal wat uit hulle uitgaan, sal verskeur word, want hulle oortredinge is baie, hulle afvalligheid talryk.
7 "Waarom sou Ek jou vergewe? Jou seuns het My verlaat en gesweer by die wat nie god is nie. Toe Ek hulle tot versadigens toe gevoed het, het hulle owerspel gepleeg en opgebondel by die hoer se huis.
8 Hulle was vet gevoerde sterk hingste; elkeen runnik agter sy naaste se vrou aan.
9 Sou Ek hierdie dinge nie straf nie?" verklaar יהוה; "Op 'n nasie soos hierdie Myself nie wreek nie?
10 Gaan op haar mure op en vernietig hulle, maar moet dit nie volkome vernietig nie: spaar haar fondasies, want hulle behoort aan יהוה,
11 want die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah het baie verraderlik teen My opgetree," verklaar יהוה.
12 Hulle het aangaande יהוה gelieg en gesê: "Nie Hy nie; ongeluk sal nie oor ons kom nie en ons sal geen swaard of hongersnood sien nie.
13 Die profete is soos wind en die boodskap is nie in hulle nie. So sal dit met húlle gedoen word!"

14 So sê יהוה, die God van die leërskare: "Omdat julle hierdie woord gesê het, let op, Ek maak My boodskappe in jou mond 'n vuur en hierdie volk hout en dit sal hulle verteer. Open 11:5

15 Let op, Ek bring 'n nasie teen julle van ver af, o huis van Yisra'el," verklaar יהוה. "Dit is 'n standvastige nasie, 'n antieke nasie, 'n nasie wie se taal julle nie ken of verstaan wat hulle sê nie. Deut 28:49,50; Yes 33:19

16 Hulle pylkoker is soos 'n geopende graf; hulle is almal magtige manne.

17 Hulle sal jou oes en jou kos verteer, hulle sal jou seuns en jou dogters verteer, hulle sal jou kleinvee en jou beeste verteer, hulle sal jou wingerdstok en jou vyeboom verteer, hulle sal jou versterkte stede waarop jy vertrou, met die swaard verwoes.

18 Nogtans, selfs in daardie dae," verklaar יהוה, "sal Ek nie van julle 'n volkome verwoesting maak nie.

19 Dit sal gebeur wanneer hulle sê: 'Waarom het יהוה, ons God, al hierdie dinge aan ons gedoen?' dat jy hulle sal antwoord: 'Soos julle My verlaat het en vreemde gode in julle land gedien het, so sal julle vreemdelinge dien in 'n land wat nie julle s'n is nie.'

20 Verklaar dit in die huis van Ya'akov en verkondig dit in Y'hudah en sê:

21 'Hoor nou dit, o dwase en verstandelose volk, wat oë het, maar nie sien nie; wat ore het, maar nie hoor nie!

22 Het julle nie respekvolle vrees vir My nie?'" verklaar יהוה. "Bewe julle nie in My Teenwoordigheid nie? Want Ek het die sand gestel as 'n grens vir die see, as 'n ewige wet sodat dit nie daaroor sal gaan nie. Alhoewel die golwe rol, tog kan hulle nie bly staan nie; alhoewel hulle dreun, kan hulle nie daaroor gaan nie,

23 maar hierdie volk het 'n hardkoppige en rebelse verstand, wil en emosie; hulle het weggedraai en weggegaan.

24 Hulle sê nie in hul verstand, wil en emosie: 'Laat ons nou יהוה, ons God, respekvol vrees, wat reën gee op sy tyd, vroeë reëns en laat reëns, wat vir ons die vasgestelde weke van die oes in stand hou,' nie. Deut 11:14

25 Julle onregverdighede het hierdie dinge weggedraai en julle sondes het die goeie van julle af teruggehou,

26 want bose oortreders word onder My volk gevind; hulle kyk soos voëlvangers wat lê en wag; hulle het 'n val gestel, hulle vang mense.

27 Soos 'n hok vol voëls, so is hulle huise vol misleiding; daarom het hulle groot en ryk geword.

28 Hulle is vet, hulle is geslepe; hulle blink uit in dade van boosheid. Hulle bepleit nie die saak van die weeskind sodat hulle mag floreer nie en hulle verdedig ook nie die regte van die behoeftiges nie.

29 Sou Ek hulle nie straf nie?" verklaar יהוה. "Sal Ek Myself nie wreek op 'n nasie soos hierdie nie?"

30 'n Skrikwekkende en verskriklike ding het in die land gebeur:

31 die profete profeteer vals en die priesters heers in hulle eie outoriteit en My volk hou daarvan so! Wat sal julle aan die einde daarvan doen?"

6 1 "Vlug na veiligheid, seuns van Binyamin, uit Yerushalayim uit! Blaas nou die ramshoring in T'koa en lig 'n teken op oor Beit-Hakkerem, want boosheid en 'n groot verwoesting kyk af vanuit die Noorde.
2 Die aantreklike en fyn een, die dogter van Tziyon, sal ek afsny.
3 Herders met hulle troppe sal na haar toe kom; hulle sal tente rondom haar opslaan, hulle sal elkeen op hulle plek wei.
4 Berei die oorlog voor teen haar; staan op en laat ons aanval teen die middag! Wee ons, want die dag gaan verby, want die aandskaduwees word langer!
5 Staan op en laat ons aanval in die nag en haar paleise verwoes,"
6 want so sê יהוה-Tzva'ot: "Kap haar bome af en gooi 'n verskansing op teen Yerushalayim. Hierdie is die stad wat gestraf moet word, waar binne net onderdrukking is.
7 Soos 'n put sy water vars hou, so hou sy haar boosheid vars. Geweld en verwoesting word in haar gehoor, siekte en wonde is altyd voor My.
8 Wees gewaarsku, o Yerushalayim, of Ek sal van jou vervreemd word en jou 'n verlatenheid maak, 'n onbewoonde land."
9 So sê יהוה-Tzva'ot: "Hulle sal die wat oorbly van Yisra'el skoon af oes soos 'n wingerdstok; gaan weer met jou hand oor die takke soos 'n druiwesnyer!"
10 Met wie sal ek praat en hulle waarsku dat hulle kan hoor? Let op, hulle ore is toe en hulle kan nie luister nie. [Hand 7:51] Luister, die woord van יהוה het vir hulle 'n berisping geword; hulle het geen behae daarin nie,
11 maar ek is vol van die toorn van יהוה; ek is moeg daarvan om dit in te hou. "Giet dit uit oor die seuns op die straat en oor die vergadering van jongmanne, want beide man en vrou sal gevat word, die grysaard en die baie oues.
12 Hulle huise sal na ander toe oorgedra word, hulle landerye en vroue saam, want Ek sal My hand uitsteek teen die inwoners van die land," verklaar יהוה,
13 "want vanaf die minste van hulle tot die grootste is hulle almal gulsig na wins en vanaf die profeet tot die priester handel hulle almal vals.
14 Hulle het die gebrokenheid van My volk kunsmatig genees en gesê: 'Vrede, vrede,' maar daar is geen vrede nie.
15 Was hulle skaam vir die gruwel wat hulle gedoen het? Hulle was geensins skaam nie. Hulle het nie eens geweet hoe om te bloos nie; daarom sal hulle val onder die wat val; in die tyd dat Ek hulle straf, sal hulle neergegooi word," sê יהוה.
16 So sê יהוה: "Staan langs die pad en kyk en vra na die ou paaie, waar die goeie pad is en loop daarin en julle sal rus vind vir julle lewe, [Mat 11:29] maar hulle het gesê: 'Ons sal nie daarin loop nie.'
17 Ek het ook wagte oor julle aangestel en gesê: 'Luister na die geluid van die ramshoring!' Hulle het egter geantwoord: 'Ons sal nie luister nie.'
18 Luister en hoor daarom, o nasies en weet, o vergadering, wat onder hulle is,
19 luister en hoor, aarde: 'Let op, Ek bring 'n ramp oor hierdie volk, die vrug van hulle planne, want hulle het nie na My woorde geluister nie en My wet, dié het hulle ook verwerp.

20 Met watter doel kom wierook na My toe uit Sh'va en die soet rottang uit 'n ver land? Julle brandoffers is nie aanvaarbaar nie en julle offers stel My nie tevrede nie'."
21 יהוה sê daarom: "Let op, Ek lê struikelblokke voor hierdie volk en hulle sal daaroor struikel, vaders en seuns saam; die buurman en sy vriend sal doodgaan."
22 So sê יהוה: "Let op, daar kom 'n volk uit die noordelike land en 'n groot nasie sal opgewek word uit die verste dele van die aarde.
23 Hulle gryp boog en lans; hulle is wreed en het geen omgee nie; hulle stem dreun soos die see en hulle ry op perde, gewapend soos 'n man vir die oorlog teen jou, o dogter van Tziyon!"
24 Ons het die verslag daarvan gehoor; ons hande is slap. Angs het ons aangegryp, pyn soos van 'n vrou wat geboorte gee.
25 Moenie in die veld uitgaan nie en moenie op die pad loop nie, want die vyand het 'n swaard; verskrikking is aan elke kant!
26 "Dogter van my volk, trek rouklere aan en rol in die as; rou soos oor 'n absoluut enigste kind, 'n bitter rouklag, want skielik sal die verwoester oor ons kom.
27 "Ek het jou as keurder en toetser onder My volk gemaak sodat jy hulle pad kan ken en toets.
28 Hulle is almal hardkoppiglik rebels en gaan rond as storievertellers. Hulle is koper en yster; almal van hulle is korrup.
29 Die blaasbalk blaas hard; die lood word verteer deur die vuur; tevergeefs hou hulle aan met die suiwering, maar die bose word nie afgeskei nie.
30 Hulle noem hul: 'Verworpe silwer,' want יהוה het hulle verwerp."

7 1 Die woord wat van יהוה af tot Yirmeyahu gekom het:
2 "Staan in die poort van die huis van יהוה en verkondig hierdie boodskap en sê: 'Hoor, luister en doen die boodskap van יהוה, die hele huis van Y'hudah, wat deur hierdie poorte ingaan om יהוה te aanbid!'"
3 So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Verander julle lewenswyse en julle dade en Ek sal julle in hierdie plek laat bly.
4 Moenie vertrou op misleidende woorde wat sê: 'Hierdie is יהוה se tempel, יהוה se tempel, יהוה se tempel,' nie,
5 want as julle waarlik jul lewenswyse en julle dade verander, as julle waarlik regverdige oordeel toepas tussen 'n man en sy naaste,
6 die vreemdeling, wees en weduwee nie onderdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet of agter ander gode aanloop tot julle eie vernietiging nie,
7 dan sal Ek julle laat bly in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, vir ewig en ewig.
8 Let op, julle vertrou op misleidende woorde wat nie baat nie.
9 Sal julle steel, moor, owerspel pleeg, vals sweer, tot Ba'al offer en agter ander gode aan loop, wat julle nie geken het nie
10 en dan kom staan voor My Teenwoordigheid in hierdie huis, wat na My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word en sê: 'Bevry ons?' Tog doen julle al hierdie gruwels.

11 Het hierdie huis, wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is, 'n grot van rowers in julle oë geword? [Mat 21:13; Mar 11:17] Let op, Ek, Ek het dit gesien," verklaar יהוה.
12 "Gaan egter nou na My plek wat in Shiloh was, waar Ek My Naam (Karakter en Outoriteit) vroeër laat bly het en kyk wat Ek daaraan gedoen het weens die boosheid van My volk Yisra'el.
13 Nou, omdat julle al hierdie dinge gedoen het," verklaar יהוה, "en Ek met julle gepraat het, vroeg opgestaan en gepraat het, maar julle nie gehoor het nie en Ek julle geroep het, maar julle nie geantwoord het nie,
14 sal Ek daarom aan die huis wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is, waarin julle vertrou en aan die plek wat Ek aan julle en julle vaders gegee het, doen soos Ek aan Shiloh gedoen het.
15 Ek sal julle uit My sig uit weggooi soos Ek al julle broers, die hele geslag van Efrayim, uitgegooi het.
16 Wat jou betref, bid nie vir hierdie volk nie en lig geen uitroep of gebed op vir hulle nie en moenie by My intree nie, want Ek hoor jou nie. [Yir 11:14; 14:11]
17 Sien jy nie wat hulle in die stede van Y'hudah en op die strate van Yerushalayim doen nie?
18 Die seuns maak hout bymekaar, die vaders steek die vuur aan en die vroue knie deeg om koeke te maak vir die koningin van die hemel en gooi vir ander gode drankoffers uit om My uit te lok tot woede.
19 Dit is nie vir My wat hulle uittart nie," verklaar יהוה. "Hulle tart hulleself tot hul eie skaamte."
20 יהוה-God sê daarom: "Let op, My woede en My toorn sal uitgestort word op hierdie plek, op mens en dier en op die bome van die veld en op die vrug van die grond en dit sal brand en nie uitgeblus word nie."
21 So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Voeg julle brandoffers by julle offers en eet vleis,
22 want Ek het nie met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit die land van Mitzrayim uitgelei het, gepraat of bevel gegee in verband met brandoffers of offers [1 Sh'm 15:22] nie,
23 maar dít is wat Ek hulle beveel en gesê het: 'Gehoorsaam My stem en Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees en julle moet loop in al die lewenswyses wat Ek julle beveel sodat dit met julle goed kan gaan.'
24 Tog het hulle nie gehoorsaam en hulle oor gedraai nie, maar in hulle eie planne en in die hardkoppigheid van hul bose verstand, wil en emosie geloop en het agteruitgegaan en nie vorentoe nie.
25 Sedert die dag dat julle vaders uit die land van Mitzrayim uit gekom het, tot vandag toe, het Ek al My knegte, die profete, na julle toe gestuur, daagliks, vroeg opgestaan en hulle gestuur.
26 Tog het hulle nie na My geluister of hulle oor gedraai nie, maar hul nek verhard; hulle het meer boosheid as hul vaders gedoen.
27 Jy moet al hierdie woorde vir hulle sê, maar hulle sal nie na jou luister nie en jy moet na hulle roep, maar hulle sal jou nie antwoord nie.

28 Jy moet vir hulle sê: 'Hierdie is die nasie wat nie na die stem van יהוה, hulle God, geluister het of korreksie aanvaar het nie; waarheid het verdwyn en is van hulle mond af afgesny.
29 Sny af jou hare, gooi dit weg en neem 'n klaaglied op op die hoofpaaie, want יהוה is kwaad en het die geslag wat verbygaan verwerp,'
30 want die seuns van Y'hudah het gedoen wat verkeerd is in My oë," verklaar יהוה. "Hulle het hul verwerplike dinge in die huis, wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is, gesit om dit te verontreinig.
31 Hulle het altare by Tofet gebou, wat in die vallei van die seun van (Ben)-Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters in die vuur te verbrand, wat Ek nie beveel het nie en wat nie in My gedagtes opgekom het nie;
32 daarom, let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "dat dit nie langer Tofet of die vallei van Ben-Hinnom genoem word nie, maar Vallei van die Slagting, want hulle sal in Tofet begrawe omdat daar geen ander plek sal wees nie.
33 Die lyke van hierdie volk sal dien as voedsel vir die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde en niemand sal hulle verskrik nie. Yeg 39:17-22
34 Dan sal Ek die stem van vreugde, die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid laat stil word vanuit die stede van Y'hudah en vanuit die strate van Yerushalayim, want die land sal 'n verlatenheid word."

8 1 "In dié tyd," verklaar יהוה, "sal hulle die bene van die konings van Y'hudah, die bene van sy prinse, die bene van die priesters, die bene van die profete en die bene van die inwoners van Yerushalayim uit hulle grafte uitbring.
2 Hulle sal dit uitsprei voor die son, die maan en voor die hele leër van die hemel wat hulle liefgehad en gedien het, waar agter hulle aangeloop het, wat hulle gesoek en wat hulle aanbid het. Hulle sal nie bymekaargemaak of begrawe word nie, hulle sal wees soos mis op die aardoppervlak.
3 Die dood sal bo die lewe verkies word Yir 21:8 deur almal wat oorbly van hierdie bose familie, wat in al die plekke, waarheen Ek hulle verdryf het, oorgebly het," verklaar יהוה-Tzva'ot.
4 "Jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה: "Val iemand en staan nie weer op nie? Draai een weg en erken nie en draai nie terug nie?
5 Waarom dan het hierdie volk, Yerushalayim, weggedraai in voortdurende afvalligheid? Hulle hou vas aan misleiding, hulle weier om terug te keer.
6 Ek het geluister en gehoor: hulle praat wat nie reg is nie; geen mens het erken en berou oor sy boosheid en sê: 'Wat het ek gedoen' nie? Elkeen slaan sy koers in, soos 'n perd wat in die geveg in storm.
7 Selfs 'n reier in die lug ken haar seisoene en die tortelduif, die swaweltjie en die kraanvoël kom die tyd van hulle migrasie na, maar My volk ken nie die instellings van יהוה nie.
8 Hoe kan julle sê: 'Ons is wys en die wet van יהוה is by ons?' Let op, die leuenpen van die skrywers het dit tot 'n leuen gemaak.
9 Die wyse manne word beskaamd, is ontsteld en uitgevang. Let op, hulle het die woord van יהוה verwerp en watter soort wysheid sou hulle hê?

10 Ek sal daarom hulle vroue aan ander gee, hulle landerye aan nuwe eienaars, want van die kleinste tot die grootste is almal gierig na wins; vanaf die profeet tot die priester praktiseer almal misleiding.
11 Hulle genees die gebrokenheid van die dogter van My volk kunsmatig en sê: 'Vrede, vrede,' maar daar is geen vrede nie.
12 Was hulle skaam vir die gruwel wat hulle gedoen het? Hulle was geensins skaam nie. Hulle het nie eens geweet hoe om te bloos nie; daarom sal hulle val onder die wat val; in die tyd dat Ek hulle straf, sal hulle neergegooi word," sê יהוה.
13 "Ek sal hulle sekerlik weggryp," verklaar יהוה. "Daar sal geen druiwe aan die wingerdstok wees en geen vye aan die vyeboom nie. Die blare sal verdor en wat Ek vir hulle gegee het, sal verbygaan."""" Hav 3:17
14 Waarom sit ons stil? Kom bymekaar en laat ons in die versterkte stede ingaan en daar vergaan, want יהוה, ons God, het ons verdoem en giftige water vir ons gegee om te drink, want ons het teen יהוה gesondig.
15 Ons het gewag op vrede, maar niks goeds het gekom nie; op 'n tyd van genesing, maar let op, verskrikking!
16 Vanaf Dan word die gesnork van sy perde gehoor. Met die klank van die gerunnik van sy hingste bewe die hele land, want hulle kom en verteer die land en sy volheid, die stad en sy inwoners.
17 "Want let op, Ek stuur slange teen jou, adders waarteen geen beswering is nie en hulle sal julle byt," verklaar יהוה. Num 21:6,7
18 My smart is verby genesing, my verstand, wil en emosie is flou binne-in my.
19 Let op, luister! Die uitroep van die dogter van my volk uit 'n ver land: "Is יהוה nie in Tziyon nie? Is haar Koning nie in haar nie?" "Waarom het hulle My getart met hulle gesnede beelde, met vreemde afgode?"
20 "Die oes is verby, die somer is ten einde en óns is nie gered nie!"
21 Vir die gebrokenheid van die dogter van my volk is ek gebroke; ek rou, ontsteltenis het my aangegryp.
22 Is daar geen balsem in Gil'ad nie? Is daar geen geneesheer daar nie? Waarom is die gesondheid van die dogter van my volk dan nie herstel nie?
23 Ag, was my kop maar water en my oog 'n fontein van trane sodat ek dag en nag mag huil vir die wat neergeslaan is van die dogter van my volk!

9 1 Ag, het ek maar 'n herberg vir reisigers in die woestyn gehad sodat ek my volk kon verlaat en van hulle af kon weggaan, want almal van hulle is owerspelers, 'n vergadering van valse mense.
2 "Hulle span hulle tong, soos hulle boog; leuens, nie waarheid nie, hou aan in die land, want hulle gaan voort van boosheid tot boosheid en hulle ken My nie," verklaar יהוה.
3 "Laat elkeen op sy hoede wees vir sy naaste en vertrou op geen broer nie, want elke broer handel onderduims en elke naaste gaan as 'n kwaadprater om.
4 Elkeen bedrieg sy naaste en praat nie die waarheid nie; hulle het hul tong geleer om leuens te praat; hulle maak hulself moeg met onregverdigheid.

5 Jou blyplek is in die middel van misleiding; deur misleiding weier hulle om My te
ken," verklaar יהוה.
6 יהוה-Tzva'ot sê daarom: "Let op, Ek suiwer hulle en toets hulle, [Ps 66:10] want wat
anders kan Ek doen as gevolg van die dogter van My volk? [Yes 1:25]
7 Hulle tong is 'n dodelike pyl; dit praat misleiding; met sy mond praat een vrede met
sy naaste, maar in sy binneste stel hy vir hom 'n hinderlaag op. [Ps 34:14; Ya'a 1:26; 3:5-8]
8 Sou Ek hulle nie straf vir hierdie dinge nie?" verklaar יהוה. "Sou Ek Myself nie
wreek op 'n nasie soos hierdie een nie?
9 Ek sal 'n gehuil en 'n gekla opneem vir die berge en 'n treurlied oor die weivelde
van die wildernis, want hulle is verwoes sodat niemand daar deur gaan nie en die
gebulk van beeste word nie gehoor nie; beide die voëls van die hemel en die diere
het gevlug; hulle is weg.
10 Ek sal van Yerushalayim 'n puinhoop maak, 'n lêplek van jakkalse en die stede van
Y'hudah 'n verlatenheid, sonder inwoning."
11 Wie is die wyse man wat dit mag verstaan? Wie is hy met wie die mond van יהוה
gepraat het dat hy dit kan verkondig? Waarom is die land vernietig, verwoes soos
'n woestyn sodat niemand deur gaan nie?
12 יהוה het gesê: "Omdat hulle My wet, wat Ek hulle voorgehou het, verlaat het en nie
My stem gehoorsaam of daarvolgens geloop het nie,
13 maar geloop het agter die hardkoppigheid van hulle verstand, wil en emosie en
agter die Ba'als aan, soos hulle vaders hulle geleer het,"
14 sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "let daarom op, Ek sal hulle, hierdie volk,
met wilde-als voed en vir hulle giftige water gee om te drink.
15 Ek sal hulle verstrooi onder die nasies wat nie hulle of hul vaders geken het nie en
Ek sal die swaard agter hulle aanstuur totdat Ek hulle uitgewis het."
16 So sê יהוה-Tzva'ot: "Oorweeg en roep die klaagvroue sodat hulle kom en stuur na
die huilvroue sodat hulle kan kom!
17 Laat hulle gou maak en 'n weeklag opneem vir ons sodat ons oë trane kan stort en
ons ooglede stroom met water,
18 want die geluid van weeklag word uit Tziyon gehoor: 'Hoe is ons nie verwoes
nie! Ons is tot diep skande gemaak, want ons het die land verlaat omdat hulle ons
wonings afgebreek het.'"
19 Luister en hoor nou die woord van יהוה, o vroue en laat julle ore die woord van Sy
mond ontvang; leer julle dogters 'n weeklag en vir mekaar 'n treurlied,
20 want die dood het deur ons vensters opgekom, in ons paleise ingekom om die seuns
van die straat af uit te roei, die jongmanne van die pleine af.
21 Sê: "So sê יהוה: 'Die lyke van mense sal val soos mis op die oop veld en soos
gerwe agter die maaier, maar niemand sal dit bymekaarmaak nie.'"
22 So sê יהוה: "Laat 'n wyse man hom nie beroem op sy wysheid nie [Rom 1:22] en laat die
magtige man hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy
rykdom nie, [Ps 34:3; 1 Kor 1:31; Open 3:17]
23 maar laat hy wat wil roem, hierop roem: dat hy verstaan en My ken, dat Ek יהוה
is wat liefdevolle goedheid, regverdige oordeel en onpartydige opregtheid op die
aarde uitoefen, want Ek verheug My in dié dinge," verklaar יהוה. [Yo'el 2:13; 2 Kor 10:17]

24 "Let op, die dae kom," verklaar יהוה, "dat Ek almal sal straf wat besny is en tog onbesnede is: Lev 26:41; Deut 10:16; 30:6; Yo'el 2:13; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6; Kol 2:11
25 Mitzrayim, Y'hudah, Edom, die seuns van `Ammon, Mo'av en almal wat die kante van hul baard in stukke afsny, wat in die woestyn bly, want al hierdie nasies is onbesnede en die hele huis van Yisra'el is onbesnede van verstand, wil en emosie." Hand 7:51

10 1 Luister na die boodskap wat יהוה met julle gepraat het, o huis van Yisra'el!
2 So sê יהוה: "Moenie die maniere van die nasies leer nie Deut 12:29-31 en moenie vrees vir die tekens van die hemel nie, alhoewel die nasies daarvoor vrees,
3 want die tradisies van die volke is misleiding, want dit is 'n boom uit 'n woud gekap, die handewerk van 'n ambagsman met snygereedskap.
4 Hulle versier dit met silwer en goud; hulle maak dit vas met spykers en hamers dat dit nie waggel nie.
5 Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommerland is hulle en hulle kan nie praat nie; hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Moenie vir hulle bang wees nie, want hulle kan geen skade doen nie en ook geen goed doen nie."
6 Daar is niemand soos U nie, יהוה! U is groot en U Naam (Karakter en Outoriteit) is groot in krag.
7 Wie sou U nie vrees nie, o Koning van die nasies? Inderdaad kom dit U toe, want onder al die wyse manne van die nasies en in al hulle koninkryke is daar niemand soos U nie.
8 Hulle is egter almal, in hul beoefening van misleiding, saam dom en dwaas; hulle afgod is hout!
9 Geslaande silwer word uit Tarshish gebring en goud uit Ufaz, die werk van 'n ambagsman en van die hande van 'n goudsmid; persblou en pers is hulle klere; alles die werk van bekwame manne,
10 maar יהוה is die Ware God; Hy is die Lewende God en die Ewige Koning; vir Sy toorn bewe die aarde en die nasies kan nie Sy verontwaardiging verdra nie.
11 So moet julle vir hulle sê: "Die gode wat nie die hemel en die aarde gemaak het nie, sal vergaan van die aarde af en van onder die hemele uit."
12 Hy het die aarde gemaak deur Sy krag, die wêreld gevestig deur Sy wysheid en die hemel uitgestrek deur Sy insig.
13 As Hy Sy stem laat hoor, is daar 'n geruis van waters in die hemel Ps 29:3- en Hy laat die wolke opstyg van die einde van die aarde af; Hy maak weerlig vir die reën en bring die wind vanuit sy voorraadskure.
14 Elke mens is dom, sonder kennis; elke goudsmid staan beskaamd deur sy afgode, want sy gegote beeld is misleidend en daar is geen asem in hulle nie.
15 Hulle is waardeloos, 'n werk van spottery; in die tyd van hulle straf sal hulle vergaan.
16 Ya'akov se Deel is nie soos hierdie nie, want Hy is die Maker van alles en Yisra'el is die stam van Sy erfenis; יהוה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit).
17 Tel jou bondel van die grond af op, jy wat onder die beleëring vertoef,

18 want so sê יהוה: "Let op, Ek slinger die inwoners van die land in hierdie tyd uit en sal vir hulle benoudheid veroorsaak sodat hulle gevind kan word."
19 Wee my vanweë my besering! My wond is ongeneeslik, maar ék het gesê: "Waarlik, dit is 'n siekte en ek moet dit dra."
20 My tent is vernietig en al my toue is gebreek; my seuns het van my af weggegaan en is nie meer nie. Daar is niemand om weer my tent uit te span en my gordyne op te sit nie,
21 want die herders het dom geword en יהוה nie gesoek nie; daarom was hulle nie voorspoedig nie en hulle hele kudde is verstrooi. Mal 2
22 Let op, die klank van die verslag het gekom en 'n groot geraas uit die land van die Noorde, om die stede van Y'hudah 'n verlatenheid te maak, 'n lêplek van jakkalse.
23 Ek weet, o יהוה, dat 'n mens se pad nie in homself is nie en dit is ook nie in 'n man wat loop om sy eie tree te rig nie.
24 Dissiplineer my, יהוה, maar met regverdige oordeel; nie in U toorn nie, of U sal my tot niks maak nie. Heb 12:6,11
25 Stort U toorn uit oor die nasies wat U nie ken nie en oor die families wat U Naam (Karakter en Outoriteit) nie aanroep nie, want hulle het Ya'akov verteer en hom opgeëet en sy blyplek verwoes. Yes 66:15; 2 Thes 1:8; Ps 79:6

11 1 Die woord wat vanaf יהוה tot Yirmeyahu gekom het:
2 "Hoor, luister en doen die woorde van hierdie verbond en praat met die manne van Y'hudah en met die inwoners van Yerushalayim
3 en sê vir hulle: 'So sê יהוה, die God van Yisra'el: "Vervloek is die man wat nie na die woorde van hierdie verbond luister en dit nie doen nie.
4 Dit wat Ek julle vaders beveel het op die dag toe Ek hulle uit die land van Mitzrayim, uit die ystersmeltoond, uitgelei en gesê het: 'Luister na My stem en doen volgens alles wat Ek julle beveel; só sal julle My volk wees en Ek sal julle God wees,'
5 om die eed te bevestig wat Ek tot julle vaders gesweer het om aan hulle 'n land wat oorloop van melk en heuning te gee soos dit vandag is.'"" Toe antwoord ek: "Dit is waar, יהוה!"
6 יהוה het vir my gesê: "Verkondig al hierdie woorde in die stede van Y'hudah en op die strate van Yerushalayim en sê: 'Luister en hoor die woorde van hierdie verbond en doen dit,
7 want Ek het julle vaders ernstig gewaarsku op die dag toe Ek hulle uit die land van Mitzrayim laat opkom het, selfs tot vandag toe, aanhoudend gewaarsku en gesê: "Luister na My stem!"
8 Nogtans het hulle nie gehoorsaam of hulle oor gedraai nie, maar elkeen in die hardkoppigheid van sy bose verstand, wil en emosie geloop; daarom het Ek al die woorde van hierdie verbond oor hulle gebring, wat Ek hulle beveel het om te doen, maar hulle nie gedoen het nie.'"
9 Toe het יהוה vir my gesê: "'n Sameswering is ontdek onder die manne van Y'hudah en onder die inwoners van Yerushalayim.

10 Hulle het teruggedraai na die oortredinge van hulle voorvaders wat geweier het om My woorde te gehoorsaam en hulle het agter ander gode aangeloop om dié te dien; die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah het My verbond verbreek wat Ek met hulle vaders gesluit het." Yir 3:8
11 יהוה sê daarom: "Let op, Ek bring 'n ramp oor hulle waarvan hulle nie kan ontsnap nie; alhoewel hulle na My sal roep, sal Ek nie na hulle luister nie.
12 Dan sal die stede van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim gaan en roep na die gode vir wie hulle wierook gebrand het, maar dié sal hulle sekerlik nie red in die tyd van hulle ramp nie,
13 want jou gode is soveel as jou stede, o Y'hudah en soveel as die strate van Yerushalayim is die altare wat julle opgerig het vir die skandelike ding, altare om wierook te brand tot Ba'al.
14 Moet daarom nie vir hierdie volk bid nie en moet ook nie 'n uitroep of gebed vir hulle oplig nie, Yir 7:16; 14:11 want Ek sal nie hoor as hulle My vanweë hulle ramp aanroep nie.
15 Watter reg het My geliefde in My huis wanneer sy baie vuil dade gedoen het? Kan die offervleis jou ramp van jou af wegvat sodat jy kan bly wees?"
16 יהוה het jou naam (karakter en outoriteit) genoem: "Groen olyfboom, pragtig in vrug en vorm;" met die geluid van 'n groot gedruis het Hy 'n vuur onder dit aangesteek en sy takke is waardeloos.
17 יהוה-Tzva'ot, wat jou geplant het, het boosheid teen jou verklaar weens die boosheid van die huis van Yisra'el en van die huis van Y'hudah, wat hulle teen hulleself gedoen het om Hom te tart deur offers aan Ba'al te offer.
18 Meer nog, יהוה het dit aan my bekend gemaak en ek het dit geweet; toe het U my hulle dade gewys,
19 maar ek was soos 'n mak lam wat hulle lei na die slagting en ek het nie geweet dat hulle teen my planne beraam en gesê het nie: "Laat ons die boom met sy vrugte vernietig en laat ons hom afkap uit die land van die lewendes sodat sy naam nie meer onthou word nie!"
20 O יהוה-Tzva'ot, wat regverdiglik oordeel, wat die gevoel en die verstand, wil en emosie toets, laat my U wraak op hulle sien, want aan U het ek my saak oorgegee;
21 daarom, so sê יהוה aangaande die manne van `Anatot, wat jou lewe soek en sê: "Moenie profeteer in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה nie sodat jy nie sal sterf deur ons hand nie."
22 So sê יהוה-Tzva'ot: "Let op, Ek is op die punt om hulle te straf! Die jongmanne sal deur die swaard sterf, hulle seuns en hulle dogters sal deur die hongersnood sterf
23 en niemand sal vir hulle oorbly nie, want Ek sal rampe bring oor die manne van `Anatot in die jaar van hulle straf."

12 1 Onpartydig opreg is U, o יהוה, dat ek my saak by U sou bepleit; inderdaad wil ek oor regsake met U praat: waarom is die pad van die bose oortreder voorspoedig? Waarom lewe hulle wat verraad bedryf in gemak?
2 U het hulle geplant, ook het hulle wortel geskiet; hulle groei, hulle het selfs vrugte gedra. U is naby aan hulle mond, maar ver van hulle gedagtes. Yes 29:13; Mat 7:21; 15:8-9

3 U ken my egter, o יהוה; U sien my en toets my verstand, wil en emosie teenoor U. Sleep hulle weg soos slagskape en sonder hulle af vir die dag van slagting!
4 Hoe lank moet die land treur en die plante van die veld verdor? Vanweë die boosheid van hulle wat daarin bly, word diere en voëls weggeruk omdat hulle sê: "Hy sal ons einde nie sien nie!"
5 "As jy met voetgangers loop en hulle maak jou moeg, hoe kan jy dan met perde kompeteer? As jy val in 'n land van vrede, hoe sal jy dan maak in die digte bosse van die Yarden,
6 want ook jou broers en die huis van jou vader, ook hulle het verraderlik teen jou opgetree; ook hulle roep hardop agter jou aan. Moet hulle nie glo nie, al sê hulle mooi goed vir jou.
7 Ek het My huis verlaat, Ek het My erfenis verwerp; Ek het die geliefde van My lewe in die hand van haar vyande gegee.
8 My erfenis het vir My geword soos 'n leeu in die woud; sy het teen My gebrul; daarom het Ek haar begin haat.
9 My erfenis het vir My geword soos 'n gespikkelde roofvoël, die roofvoëls reg rondom is teen haar. Gaan, maak al die wilde diere van die veld bymekaar, bring hulle om haar te kom opeet!
10 Baie herders het My wingerd verwoes, hulle het My veld vertrap; hulle het My aangename land 'n verlate wildernis gemaak. Mal 2
11 Dit is 'n verlatenheid gemaak; verlate treur dit voor My; die hele land is verlate gemaak omdat daar niemand is wat daarvoor omgee nie.
12 Op al die kaal heuwels in die wildernis het vernietigers gekom, want 'n swaard van יהוה verteer van die een kant van die land tot die ander; daar is geen vrede vir enige iemand nie.
13 Hulle het koring gesaai en dorings gemaai; hulle het hulself uitgeput vir geen wins nie, maar wees beskaamd oor julle oes, vanweë die ernstige woede van יהוה."
14 So sê יהוה: "Aangaande al My bose bure wat slaan na die erfenis wat Ek vir My volk Yisra'el gegee het: let op, Ek is op die punt om hulle vanuit hul land te ontwortel en sal die huis van Y'hudah tussen hulle uit ontwortel.
15 Dit sal gebeur nadat Ek hulle ontwortel het, dat Ek weer vir hulle sal omgee en Ek sal hulle terugbring, elkeen na sy erfenis en elkeen na sy land.
16 Dan, as hulle regtig die lewenswyses van My volk sal leer, om te sweer by My Naam (Karakter en Outoriteit): 'So waar as יהוה leef,' soos hulle My volk geleer het om te sweer by Ba'al, sal hulle tussen My volk opgebou word, Yes 19:23-25
17 maar as hulle nie wil luister nie en dit nie doen nie, dan sal Ek dié nasie ontwortel en dit vernietig," verklaar יהוה.

13 1 So het יהוה vir my gesê: "Gaan koop vir jou 'n linne gordel en bind dit om jou heupe, maar moet dit nie in water sit nie."
2 Ek het die gordel gekoop volgens die woord van יהוה en dit om my heupe gesit.
3 Toe het die woord van יהוה vir die tweede keer tot my gekom en gesê:
4 "Vat die gordel wat jy gekoop het, wat om jou heupe is en staan op, gaan na die Eufraat en steek dit daar weg in 'n klipskeur."

5 Ek het gegaan en dit weggesteek by die Eufraat, soos יהוה my beveel het.
6 Ná baie dae het יהוה vir my gesê: "Staan op, gaan na die Eufraat en gaan haal die gordel van daar af wat Ek jou beveel het om daar weg te steek."
7 Toe het ek na die Eufraat gegaan en gegrawe en die gordel gevat van die plek af waar ek dit weggesteek het en let op, die gordel was bederf, dit was totaal waardeloos.
8 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
9 "So sê יהוה: 'Net so sal Ek die trots van Y'hudah en die groot trots van Yerushalayim vernietig.
10 Laat hierdie bose volk wat weier om na My woorde te luister, wat loop in die hardkoppigheid van hulle verstand, wil en emosie en agter ander gode aan loop om hulle te dien en voor hulle neer te buig, wees net soos hierdie gordel wat totaal waardeloos is,
11 want soos die gordel kleef aan die heupe van 'n man, so het Ek die hele huis van Yisra'el en die hele huis van Y'hudah aan My laat kleef,' verklaar יהוה, 'om vir My 'n volk te wees, vir roem, vir lofprysing en vir lof en eer, maar hulle het nie geluister nie;'
12 daarom moet jy hierdie boodskap vir hulle gee: 'So sê יהוה, die God van Yisra'el: "Elke kan moet vol wyn gemaak word.'" Wanneer hulle vir jou sê: 'Weet ons nie baie goed dat elke kan vol wyn gemaak moet word nie?'
13 Dan moet jy vir hulle sê: 'So sê יהוה: "Let op, Ek is op die punt om al die inwoners van hierdie land te vul met dronkenskap, die konings wat namens Dawid op sy troon sit, die priesters, die profete en al die inwoners van Yerushalayim.
14 Ek sal hulle teen mekaar verbrysel, beide die vaders en die seuns saam," sê יהוה. "Ek sal nie medelye wys of jammer wees of omgee om hulle te vernietig nie."'"
15 Luister en gee aandag; moenie hooghartig wees nie, want יהוה het gepraat!
16 Gee eer, lof en aanbidding aan יהוה, julle God, voordat dit donker word en voordat julle voete struikel op die skemerige berge en terwyl julle wag op lig, maak Hy dit tot diep duisternis en verander dit na die skaduwee van die dood,
17 maar as julle nie daarna wil luister nie, sal ekself in die geheim huil vir sulke hoogmoed en my oë sal bitterlik huil en afloop in trane omdat die kudde van יהוה gevange geneem is.
18 Sê aan die koning en die koninginmoeder: "Verneder julleself en erken en draai weg, want die kroon van julle lof en eer het van jul kop af afgeval. 2 Kon 24:12
19 Die stede van die Suidland is toegesluit en daar is niemand om dit oop te maak nie; die hele Y'hudah is in ballingskap weggevoer, heeltemal in ballingskap weggevoer!
20 Lig op jou oë en sien hulle wat uit die noorde kom. Waar is die kudde wat aan jou gegee is, jou pragtige skape?
21 Wat sal jy sê wanneer Hy vroeëre metgeselle wat jy self geleer het, as hoofde oor jou aanstel? Sal steekpyne jou nie aangryp soos van 'n vrou in kraam nie?
22 As jy in jou binneste sê: "Waarom het hierdie dinge met my gebeur?" Weens die grootheid van jou oortredinge is jou rompe opgetel en jou hakskene ontbloot.
23 Kan 'n Kushiet sy vel verander of 'n luiperd sy kolle, dan kan julle ook goed doen, julle wat gewoond is om boosheid te doen.

24 Ek sal hulle daarom soos drywende strooi voor die woestynwind verstrooi.
25 Dit is jou lot, die deel wat Ek vir jou afgemeet het," verklaar יהוה, "omdat jy My vergeet en op valsheid vertrou het.
26 So sal Ek ook jou rompe oplig oor jou gesig sodat jou skande ontbloot en gesien kan word.
27 Ek het jou owerspel en jou wellus, die boosheid van jou prostitusie en jou verwerplikhede op die heuwels in die wildernis gesien. Wee jou, Yerushalayim, want jy is onwillig om gereinig te word! Hoe lank voordat jy sal erken en berou hê?"

14 1 Dit wat na Yirmeyahu gekom het as die boodskap van יהוה aangaande die groot droogte.
2 "Y'hudah treur en haar poorte verval; hulle sit op die grond in rou en die uitroep van Yerushalayim gaan op.
3 Hulle vernames het hulle bediendes gestuur vir water; hulle het by die bakke gekom en geen water gekry nie. Hulle het teruggekom met hulle houers leeg; hulle is beskaamd en verneder en hulle bedek hulle koppe.
4 Omdat die grond gebars is, want daar was geen reën op die land nie, kom die landbouers tot skande, hulle bedek hulle koppe,
5 want selfs die wildsbokooi in die veld het geboorte gegee, net om haar lam te verwerp omdat daar geen gras is nie.
6 Die wilde-donkies staan op die kaal heuwels, hulle snuif die lug op soos jakkalse; hulle oë faal omdat daar geen gras is nie.
7 Alhoewel ons oortredinge teen ons getuig, o יהוה, tree op ter wille van U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil! Waarlik, ons afdwalings was baie, ons het teen U gesondig.
8 O, Verwagting van Yisra'el, sy Verlosser in tyd van benoudheid! Waarom is U soos 'n vreemdeling in die land of soos 'n reisiger wat sy tent vir die nag opgeslaan het?
9 Waarom is U soos 'n man wat verslae is, soos 'n magtige man wat nie kan red nie? Tog is U in ons midde, o יהוה en ons word volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem. Moet ons nie verlaat nie!"
10 So sê יהוה vir hierdie volk: "Selfs al het hulle daarvan gehou om te swerwe, het hulle nie hul voete in toom gehou nie; daarom aanvaar יהוה hulle nie. Nou sal Hy hulle onregverdigheid onthou en hulle sondes oproep tot verantwoording."
11 יהוה het vir my gesê: "Moenie bid vir die welstand van hierdie volk nie. Yir 7:16; 11:14
12 As hulle vas, gaan Ek nie na hulle uitroep luister nie en as hulle brandoffers en graanoffers bring, gaan Ek hulle nie aanvaar nie. Ek gaan eerder 'n einde aan hulle maak deur die swaard, hongersnood en pes."
13 Ek het egter gesê: "Ag, Meester, יהוה, kyk, die profete sê vir hulle: 'Julle sal geen swaard sien en geen hongersnood hê nie, maar Ek sal vir julle 'n standhoudende vrede gee in hierdie plek.'"

14 Toe het יהוה vir my gesê: "Die profete profeteer valsheid in My Naam (Karakter en Outoriteit). Ek het hulle nie gestuur, of hulle beveel of met hulle gepraat nie; hulle profeteer vir julle 'n vals visioen, waarsêery, nuttelоosheid en die misleiding van hulle eie gedagtes. Yeg 13

15 יהוה sê daarom: "Aangaande die profete wat profeteer in My Naam (Karakter en Outoriteit), alhoewel dit nie Ek is wat hulle gestuur het nie; tog hou hulle aan sê: 'Daar sal geen swaard of hongersnood in hierdie land wees nie.' Daardie profete sal deur swaard en hongersnood hulle einde tegemoet gaan!

16 Ook die volk vir wie hulle profeteer, sal in die strate van Yerushalayim uitgegooi word vanweë die hongersnood en die swaard en daar sal niemand wees om hulle te begrawe nie; nie hulle, of hulle vrouens, of hulle seuns, of hulle dogters nie, want Ek sal hulle eie boosheid oor hulle uitstort.

17 Jy moet hierdie woord vir hulle sê: 'Laat My oë afloop in trane nag en dag en nie ophou nie, want die maagdelike dogter van My volk is gebreek met 'n magtige hou, met 'n ernstig geïnfekteerde wond.

18 As Ek uitgaan in die platteland, let op, die wat neergeslaan is met die swaard; of as Ek in die stad ingaan, let op, siektes van hongersnood, want beide profeet en priester het in die land rondvertel wat hulle nie weet nie.'"

19 Het U Y'hudah heeltemal verwerp? Of het U Tziyon verafsku? Waarom het U ons geslaan sodat ons verby genesing is? Ons het gewag op vrede, maar niks goeds het gekom nie en op 'n tyd van genesing, maar let op, verskrikking!

20 יהוה, ons ken ons boosheid, die onregverdigheid van ons vaders, want ons het teen U gesondig.

21 Moet ons nie, ter wille van U Naam (Karakter en Outoriteit), verag nie; moenie die troon van U lof, eer en waarde onteer nie; onthou en moenie U verbond met ons kanselleer nie.

22 Is daar enige onder die afgode van die nasies wat reën kan maak? Of kan die hemel reënbuie toestaan? Is dit nie U nie, o יהוה, ons God? Ons verwagting is daarom van U, want U is die Een wat al hierdie dinge doen.

15 1 Toe het יהוה vir my gesê: "Selfs al sou Mosheh en Sh'mu'el voor My staan, sal Ekself nie by hierdie volk wees nie; stuur hulle weg van My Teenwoordigheid af en laat hulle weggaan!

2 Dit sal wees dat as hulle vir jou vra: "Waar moet ons heengaan?" dan moet jy vir hulle sê: 'So sê יהוה: "Wie vir die dood bestem is, na die dood en wie vir die swaard, na die swaard en wie vir die hongersnood, na die hongersnood en wie vir die gevangenskap, na die gevangenskap."' Yir 43:11; Open 13:10

3 Ek sal vier soorte oor hulle aanstel," verklaar יהוה: "die swaard om dood te maak, die honde om weg te sleep, die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde om op te eet en te vernietig.

4 Ek sal van hulle 'n voorwerp van verskrikking maak vir al die koninkryke van die aarde as gevolg van M'nasheh, die seun van Hizkiyahu, die koning van Y'hudah, vir wat hy in Yerushalayim gedoen het. Deut 28:25; 2 Kon 21; 2 Kro 33

5 Inderdaad, wie sal vir jou jammer kry, o Yerushalayim? Of wie sal oor jou treur? Of wie sal uitdraai om na jou welstand te vra?
6 Jy wat My verwerp het," verklaar יהוה, "jy hou aan agteruitgaan; daarom sal Ek My hand teen jou uitstrek en jou vernietig; [2 Tim 3:9] Ek is moeg om toe te gee!
7 Ek sal hulle uitwan met 'n hooivurk in die stede van die land. Ek het hulle van kinders ontneem. Ek het My volk vernietig, tog het hulle nie berou gehad en omgedraai van hulle lewenswyses nie.
8 Hulle weduwees sal meer voor My wees as die sand van die see; Ek sal 'n verwoester op die middag teen hulle bring, teen die moeder van 'n jongman; Ek sal angs en ontsteltenis skielik oor haar laat kom.
9 Sy wat geboorte gegee het aan sewe, kwyn weg; haar asemhaling is met moeite; haar son het ondergegaan terwyl dit nog dag was; sy is beskaamd en verneder. Ek sal hulle oorlewendes aan die swaard oorgee voor hulle vyande," verklaar יהוה.
10 Wee my, my moeder, dat u aan my geboorte gegee het as 'n man van twis en 'n man van stryd vir die hele land! Ek het nie uitgeleen nie en hulle het nie aan my geleen nie; tog vervloek almal my.
11 יהוה het gesê: "Sekerlik sal Ek jou bevry vir die goeie; sekerlik sal Ek maak dat die vyand jou sal smeek in 'n tyd van rampe en 'n tyd van benoudheid.
12 Kan enige iemand yster breek, yster uit die noorde, of koper?
13 Jou rykdom, jou skatte en al jou grense sal Ek as buit gee as gevolg van jou sondes.
14 Dan sal Ek dat jou vyande dit bring in 'n land wat jy nie ken nie, want 'n vuur is aangesteek in My toorn, dit sal oor julle brand."
15 U wat weet, o יהוה, onthou my, neem kennis van my en neem wraak namens my op my vervolgers. In U geduld, moet my nie wegvat nie. Weet dat ek beskuldigings om U ontwil verdra.
16 U woorde is gevind en ek het hulle opgeëet en U woorde het vir my 'n vreugde en 'n blydskap vir my verstand, wil en emosie geword, want ek word volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem, o יהוה-Tzva'ot! [Open 10:9]
17 Ek het nie gesit in die sirkel van pretmakers of was uitgelate nie; [Ps 1:1] as gevolg van U hand op my het ek alleen gesit, want U het my met verontwaardiging gevul.
18 Waarom is my pyn ewigdurend en my wond ongeneeslik, weierend om genees te word? Sou U waarlik vir my wees soos 'n bedrieglike stroom, met waters wat onbetroubaar is?
19 יהוה sê daarom: "As jy terugdraai, dan sal Ek jou herstel, voor My sal jy staan en as jy die kosbare uit die waardelose onttrek, sal jy My woordvoerder word. Húlle mag na jou toe draai, maar jy moenie na hulle toe draai nie.
20 Dan sal Ek jou 'n versterkte muur van koper maak vir hierdie mense en alhoewel hulle teen jou sal veg, sal hulle nie oorwin nie, want Ek is by jou om jou te red en om jou te bevry," verklaar יהוה.
21 "So sal Ek jou bevry uit die hand van die bose en jou loskoop uit die houvas van die gewelddadige."

16 1 Die woord van יהוה het ook tot my gekom en gesê:
2 "Jy mag vir jou geen vrou vat en jy mag ook geen seuns of dogters in hierdie plek hê nie,"
3 want so sê יהוה van die seuns en die dogters wat in hierdie plek gebore word en van hulle moeders wat geboorte aan hulle gee en van hulle vaders wat hulle verwek in hierdie land:
4 "Hulle sal aan dodelike siektes sterf, hulle sal nie beklaag of begrawe word nie; hulle sal wees soos mis op die oppervlakte van die grond en tot 'n einde kom deur swaard en hongersnood en hulle lyke sal kos word vir die voëls van die hemel en vir die wilde diere van die aarde,"
5 want so sê יהוה: "Moenie 'n huis van rou ingaan of gaan om te rouklaag of hulle te troos nie, want Ek het My vrede, liefdevolle goedheid en omgee van hierdie volk af onttrek," verklaar יהוה.
6 Beide groot sowel as klein sal sterf in hierdie land; hulle sal nie begrawe word nie en niemand sal hulle beklaag en homself stukkend kerwe of sy kop kaal skeer om hulle ontwil nie.
7 Mense sal nie brood breek in rou vir hulle om iemand te troos oor 'n dooie, of aan hulle 'n beker van troos gee om te drink oor iemand se vader of moeder nie.
8 Verder mag jy ook nie in 'n huis van feesviering ingaan om saam met hulle te sit en te eet en te drink nie,
9 want so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Let op, Ek gaan, voor julle oë en in julle dae, die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid uitroei uit hierdie plek uit.
10 Wanneer jy al hierdie woorde aan hierdie volk vertel, sal hulle jou vra: 'Waarom het יהוה al hierdie groot rampe teen ons verklaar? Wat is ons oortredinge of ons sonde wat ons teen יהוה, ons God, begaan het?'
11 Dan moet jy vir hulle sê: 'Omdat julle vaders My verlaat het,' verklaar יהוה, 'en ander gode gevolg en hulle gedien en neergebuig het voor hulle, maar My het hulle verlaat en nie My wet gehou nie.
12 Julle het ook boosheid gedoen, selfs erger as julle vaders, want let op, julle leef elkeen volgens die hardkoppigheid van sy eie bose verstand, wil en emosie, sonder om na My te luister.
13 Ek sal julle uit hierdie land uit slinger na 'n land wat julle nie geken het nie, nie julle of julle vaders nie; daar sal julle dag en nag ander gode dien omdat Ek julle geen guns sal bewys nie;' Deut 28:64
14 daarom, let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer dit nie meer gesê sal word: 'So waar as יהוה leef, wat die seuns van Yisra'el uit Mitzrayim gebring het nie;'
15 maar: 'So waar as יהוה leef, wat die seuns van Yisra'el gebring het uit die land van die noorde en uit al die lande waarheen Hy hulle verban het,' want Ek sal hulle herstel na hulle eie land wat Ek vir hulle vaders gegee het.
16 Let op, Ek sal stuur vir baie vissers," verklaar יהוה, "en hulle sal hulle van die eilande af vang; daarna sal Ek stuur vir baie jagters wat hulle sal jag vanaf elke berg en van elke heuwel en uit die rotsskeure,

17 want My oë is op al hulle lewenswyses; dit is nie vir My weggesteek nie en hulle onregverdigheid is ook nie vir My oë verborge nie.
18 Ek sal eers hulle oortredinge en hulle sonde dubbeld vergeld omdat hulle My land besoedel het; My erfenis gevul het met die lyke van hulle verfoeilike afgode en met hulle verwerplikhede."
19 O יהוה, my Sterkte en my Vesting, my Toevlug in die dag van benoudheid, tot U sal die volke van die eindes van die aarde af kom en sê: "Ons vaders het niks geërf, behalwe valsheid, nuttelоosheid en dinge sonder voordeel nie."
20 Let op, mense maak gode vir hulleself, wat geen gode is nie. [1 Kor 8:4]
21 "Let daarom op, Ek gaan hulle laat weet; hierdie keer gaan Ek dat hulle My krag en mag ken en hulle sal weet dat My Naam (Karakter en Outoriteit) יהוה is."

17 1 Die sonde van Y'hudah is geskrywe met 'n ystergriffel, met 'n diamantpunt is dit ingegraveer op die tafel van hulle verstand, wil en emosie en op die horings van hulle altare.
2 Soos hulle hul kinders onthou, so onthou hulle hul altare en Asherim by die groen bome, op die hoë heuwels. [Deut 16:21]
3 "Ek sal jou rykdom, al jou skatte en alles wat tussen jou grense is as buit oorgee as gevolg van jou sonde.
4 Ek sal jou die erfenis laat verloor wat Ek vir jou gegee het en Ek sal maak dat jy jou vyande dien in die land wat jy nie ken nie, want julle het 'n vuur aangesteek in My woede, wat tot in ewigheid sal brand."
5 So sê יהוה: "Vervloek is die man wat op die mensdom vertrou en vlees sy krag maak en wie se verstand, wil en emosie wegdraai van יהוה af. [Ps 118:8,9]
6 Hy sal wees soos 'n plant in die woestyn en sal nie sien as voorspoed kom nie, maar sal in klipperige plekke in die wildernis bly, 'n soutland sonder inwoners.
7 Geseënd is die man wat in יהוה vertrou en wie se vertroue יהוה is, [Ps 1:3]
8 want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is, wat sy wortels uitsteek by 'n stroom en nie sal vrees as die hitte kom nie, maar sy blad sal groen wees en hy sal nie angstig wees in 'n jaar van droogte nie en nie ophou om vrugte te dra nie. [Yeg 47:12]
9 Bedrieglik en ernstig siek is die verstand, wil en emosie bo alle dinge; wie kan dit verstaan?
10 Ek, יהוה, deursoek die verstand, wil en emosie, Ek toets die gedagtes, om aan elkeen te gee volgens sy lewenswyse, volgens die vrug van sy dade. [Ps 139:23]
11 Soos 'n patrys wat uitroep na die eiers wat sy nie uitgebroei het nie, so is hy wat 'n fortuin maak, maar onregverdig; in die middel van sy dae sal dit hom verlaat en aan die einde sal hy 'n dwaas wees."
12 'n Troon van eer, lof en aanbidding, verhewe van die begin af, is die plek van ons afgesonderdheid.
13 O יהוה, die Verwagting van Yisra'el! Almal wat U verlaat, sal beskaam word; wie op die aarde wegdraai sal opgeskryf word omdat hulle יהוה, die Fontein van lewende water, verlaat het. [Yog 4:10]
14 Maak my gesond, יהוה en ek sal gesond wees; red my, dan sal ek gered wees, want U is my Lofprysing.

15 Let op, hulle sê vir my: "Waar is die boodskap van יהוה? Laat dit nou kom!"
16 Wat my betref, ek het U nie aangepor om boosheid te bring nie en ek het ook nie enige man se ongelukkige dag begeer nie; U weet self dat dit wat uit my lippe uitgegaan het, in U Teenwoordigheid was.
17 Moenie 'n verskrikking vir my wees nie; U is my Toevlug in die dag van rampe.
18 Laat die wat my vervolg beskaamd staan, maar laat my nie beskaamd word nie; laat hulle ontsteld wees, maar laat my nie ontsteld wees nie. Bring oor hulle 'n dag van rampe en vergruis hulle met 'n dubbele verwoesting.
19 So het יהוה vir my gesê: "Gaan staan in die publieke poort, waardeur die konings van Y'hudah in- en uitgaan, sowel as in al die poorte van Yerushalayim
20 en sê vir hulle: 'Luister na die woord van יהוה, konings van Y'hudah, die hele Y'hudah en al die inwoners van Yerushalayim wat deur hierdie poorte ingaan:
21 so sê יהוה: "Neem kennis vir julle eie onthalwe en dra geen vrag op die Shabbat nie en bring ook niks deur die poorte van Yerushalayim nie. Neg 13:15-22
22 Julle mag ook geen vrag uit julle huise uitbring op die Shabbat of enige werk doen nie, maar hou die Shabbatdag afgesonderd, soos Ek julle vaders beveel het."
23 Tog het hulle nie geluister nie en hulle oor nie gedraai nie, maar hul nekke styf gemaak om nie te luister of dissipline te aanvaar nie.
24 "Dit sal egter gebeur, as julle aandagtig na My luister," verklaar יהוה, "om geen vrag deur die poorte van hierdie stad op die Shabbat in te bring nie, maar die Shabbatdag af te sonder deur géén werk daarop te doen nie,
25 dat konings en vorste deur die poorte van hierdie stad sal ingaan wat op die troon van Dawid sit, wat op strydwaens en op perde ry, hulle en hulle prinse, die manne van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim en hierdie stad sal vir ewig bewoon word.
26 Hulle sal inkom vanuit die stede van Y'hudah en uit die omstreke van Yerushalayim, uit die land van Binyamin, uit die Laagland, uit die heuwelagtige land en uit die Suidland en hulle sal brandoffers, offers, graanoffers, wierook en dankoffers bring na die huis van יהוה,
27 maar as julle nie na My luister om die Shabbatdag af te sonder deur geen vrag te dra en deur die poorte van Yerushalayim in te kom op die Shabbatdag nie, sal Ek 'n vuur in sy poorte aansteek en dit sal die paleise van Yerushalayim verteer en nie uitgeblus word nie."'" 2 Kon 25:9; Neg 10:31; 13:15-22

18 1 Die woord wat van יהוה tot Yirmeyahu gekom het:
2 "Staan op en gaan af na die huis van die pottebakker en daar sal Ek My woorde vir jou aankondig."
3 Toe het ek afgegaan na die huis van die pottebakker en daar was hy besig om iets op die wiel te maak,
4 maar die houer wat hy besig was om van klei te maak, het misluk in die hand van die pottebakker; hy het die klei weer gemeng en 'n ander houer gemaak, soos wat die pottebakker goed gedink het om te maak.
5 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:

6 "Kan Ek nie soos hierdie pottebakker met julle maak nie, o huis van Yisra'el?" verklaar יהוה. "Let op, soos die klei in die hand van die pottebakker, so is julle in My hand, o huis van Yisra'el!
7 As ek skielik sou praat van 'n nasie of 'n koninkryk om dit te ontwortel, af te breek of te vernietig;
8 as dié nasie waarteen Ek gepraat het, wegdraai van hulle boosheid af, sal Ek die boosheid wat Ek teen hulle beplan het, wegdraai;
9 of in 'n ander oomblik sal Ek praat oor 'n nasie of oor 'n koninkryk om dit op te bou of te plant;
10 as dit doen wat verkeerd is in My oë deur nie My stem te gehoorsaam nie, dan sal Ek van gedagte verander oor die goeie waarmee Ek belowe het om dit te seën.
11 Nou dan, praat met die manne van Y'hudah en teen die inwoners van Yerushalayim en sê: 'So sê יהוה: "Let op, Ek beplan rampe teen julle en werk 'n plan uit teen julle. O, draai terug, elkeen van julle van sy bose pad en hervorm julle lewenswyse en julle dade.'"
12 Hulle het egter gesê: 'Ons sal sterk word en volgens ons eie planne optree en elkeen van ons sal volgens die hardkoppigheid van sy bose verstand, wil en emosie optree.'
13 יהוה sê daarom: 'Vra nou onder die volke, wie het al ooit so iets gehoor? Die maagd van Yisra'el het 'n mees afskuwelike ding gedoen.
14 Verdwyn die groen gras van die berg af of verlaat die sneeu L'vanon? Hou die koue water wat uitborrel en afstroom, op met vloei?
15 Tog het My volk My vergeet, hulle brand wierook vir die waardelose gode en hulle het gestruikel in hulle lewenswyses, afgedwaal van die antieke lewenswyses, om te loop op paaie waarop nie geloop is nie,
16 om hulle land 'n verlatenheid te maak, 'n voorwerp van ewige bespotting; elkeen wat daar verbygaan, sal verstom wees en sy kop skud.
17 Soos 'n oostewind sal Ek hulle verstrooi voor die vyand; Ek sal in die dag van hulle katastrofe vir hulle My rug en nie My gesig wys nie.'"
18 Toe het hulle gesê: "Kom, laat ons planne maak teen Yirmeyahu, die wet sal sekerlik nie verlore wees vir die priester, of raad by die wyse, of 'n woord vir die profeet nie! Kom, laat ons na hom slaan met die tong en laat ons nie luister na enige van sy woorde nie."
19 יהוה, luister na my en luister na wat my opponente sê!
20 Sal goed met kwaad vergeld word, want hulle het vir my 'n gat gegrawe. Onthou hoe ek voor U Teenwoordigheid gestaan het om goed namens hulle te praat, om so U toorn van hulle af weg te draai;
21 daarom, gee hulle kinders oor aan hongersnood en lewer hulle oor aan die mag van die swaard en laat hulle vroue kinderloos en weduwees word. Laat hulle manne ook neergeslaan word tot die dood, hulle jongmanne plat geslaan word in die geveg deur die swaard.
22 Laat 'n uitroep gehoor word uit hulle huise, wanneer U skielik 'n bende oor hulle bring, want hulle het 'n gat gegrawe om my te vang en strikke weggesteek vir my voete.

23 Tog, U, יהוה, ken al hulle dodelike ontwerpe teen my; moenie hulle oortredinge vergewe of hulle sonde voor U uitvee nie, maar mag hulle tot 'n val kom voor U Teenwoordigheid; tree teen hulle op in die tyd van U woede!

19 1 So sê יהוה: "Gaan koop vir jou 'n pottebakker se kleikruik en vat sommige van die oudstes van die volk en sommige van die senior priesters.
2 Gaan dan uit na die vallei van Ben-Hinnom, wat by die ingang van die Potskerwepoort lê en verkondig daar die woorde wat Ek jou gee
3 en sê: "Hoor die woord van יהוה, o konings van Y'hudah en inwoners van Yerushalayim! So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Let op, Ek is op die punt om 'n katastrofe oor hierdie plek te bring sodat elkeen wat dit hoor, se ore sal tuit.
4 Omdat hulle My verlaat het en hierdie 'n vreemde plek gemaak het en daarin offers gebrand het vir ander gode, wat nie hulle of hulle vaders of die konings van Y'hudah geken het nie en omdat hulle hierdie plek gevul het met die bloed van die onskuldiges
5 en die hoë plekke vir Ba'al gebou het om hulle seuns in die vuur te verbrand as brandoffers aan Ba'al; iets wat Ek nooit beveel of van gepraat het nie, of wat nooit in My gedagtes opgekom het nie; Deut 18:10
6 daarom, let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer hierdie plek nie langer Tofet of die vallei van Ben-Hinnom genoem sal word nie, maar eerder die Vallei van Slagting. 2 Kon 23:10; Yir 7:31-32
7 Ek sal die raad van Y'hudah en Yerushalayim in hierdie plek uitskud en Ek sal dat hulle voor hul vyande val deur die swaard en deur die hand van die wat hulle lewe soek en Ek sal hulle lyke oorgee as kos vir die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde.
8 Ek sal hierdie stad 'n verlatenheid maak en 'n voorwerp van bespotting; elkeen wat daar verbygaan, sal verstom wees en spot as gevolg van al sy rampe.
9 Ek sal dat hulle die vlees van hul seuns en die vlees van hul dogters eet en hulle sal mekaar se vlees eet in die beleëring en in die benoudheid waarmee hulle vyande en die wat hulle lewe soek, hulle benoud sal maak.'"
10 "Dan moet jy die kruik breek voor die oë van die manne wat saam met jou gegaan het
11 en vir hulle sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "Net so sal Ek hierdie volk en hierdie stad verbreek, soos 'n mens 'n pottebakker se houer breek, wat nie meer heelgemaak kan word nie en hulle sal in Tofet begrawe omdat daar geen ander plek sal wees om te begrawe nie.
12 Dit is hoe Ek hierdie plek en sy inwoners sal behandel," verklaar יהוה, "om hierdie stad soos Tofet te maak.
13 Die huise van Yerushalayim en die huise van die konings van Y'hudah sal onteer word soos die plek Tofet, as gevolg van al die huise op wie se dakke hulle offers gebrand het aan al die hemelse leërmagte Hand 7:42 en drankoffers uitgegiet het vir ander gode."'" 2 Kon 23:12
14 Toe het Yirmeyahu uit Tofet gekom, waarheen יהוה hom gestuur het om te profeteer en hy het gaan staan in die buitehof van die huis van יהוה en vir die mense gesê:

15 "So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Let op, Ek is op die punt om die hele
katastrofe wat Ek teen hom verklaar het oor hierdie stad en al sy stede te bring omdat
hulle hul nek styf gemaak het om sodoende nie My woorde te gehoorsaam nie.'"

20 1 Pash'gur, die priester, die seun van Immer, wat hoof amptenaar was in die huis
van יהוה, het vir Yirmeyahu hierdie dinge hoor profeteer.
2 Pash'gur het Yirmeyahu, die profeet, laat slaan en hom in die blok gesit by die
boonste Binyaminpoort, wat by die huis van יהוה was.
3 Die volgende dag, toe Pash'gur Yirmeyahu bevry het uit die blok uit, het Yirmeyahu
vir hom gesê: "Pash'gur is nie die naam wat יהוה jou genoem het nie, maar Magor-
Missaviv (verskrikking aan elke kant),
4 want so sê יהוה: 'Let op, Ek gaan jou 'n verskrikking maak vir jouself en vir al
jou vriende en terwyl jy kyk, sal hulle deur die swaard van hul vyande val. So sal
Ek die hele Y'hudah oorgee in die hand van die koning van Bavel en hy sal hulle
wegdra as ballinge na Bavel en hulle met die swaard doodmaak.
5 Ek sal ook al die rykdom van hierdie stad en al sy produkte en al sy kosbare dinge
oorgee; selfs al die skatte van die konings van Y'hudah sal Ek oorgee in die hand
van hulle vyande en hulle sal dit plunder, hulle wegvat en na Bavel bring 2 Kon 20:17
6 en jy, Pash'gur en almal wat in jou huis bly, sal in ballingskap gaan en jy sal Bavel
binnegaan en daar sterf en daar begrawe word, jy en al jou vriende vir wie jy valslik
geprofeteer het.'"
7 O יהוה, ek het U misverstaan en ek is mislei; U was te sterk vir my en het oorwin. Ek
het 'n voorwerp van bespotting geword die hele dag lank; almal spot met my,
8 want elke keer as ek praat, roep ek dit hard uit; ek verkondig geweld en vernietiging,
want die boodskap van יהוה het verwyt en bespotting vir my tot gevolg gehad die
hele dag lank.
9 As ek egter sê: "Ek sal Hom nie onthou of meer in Sy Naam (Karakter en Outoriteit)
praat nie," dan word dit soos 'n brandende vuur in my verstand, wil en emosie wat
in my gebeente opgesluit is en ek is moeg daarvan om uit te hou en ek kan nie meer
nie,
10 want ek het baie se bose voornemens gehoor wat van elke kant af bymekaargekom
het en met hulle mond na my welsyn verneem het, maar my gehaat het in hulle
verstand, wil en emosie en gesê het: "Wys hom uit vir ons, ons sal teen hom staan,
miskien sal hy mislei word sodat ons ons wraak op hom kan neem."
11 יהוה is egter by my soos 'n gevreesde Kampioen; daarom sal my vervolgers struikel
en nie oorwin nie; hulle sal uiters beskaamd staan omdat hulle gefaal het, met 'n
ewige skande wat nie vergeet sal word nie.
12 Tog, O יהוה-Tzva'ot, U wat die regverdige toets, wat die gedagtes en die verstand,
wil en emosie sien; laat my U wraak sien op hulle, want aan U het ek my regsaak
voorgelê.
13 Sing vir יהוה, lofprys יהוה, want Hy het die lewe van die behoeftige uit die hand
van die boosdoeners bevry.
14 Vervloek is die dag waarop ek gebore is; laat die dag waarop my moeder geboorte
aan my gegee het, nie geseënd wees nie.

15 Vervloek is die man wat vir my vader die nuus gebring en gesê het: "'n Baba seun is vir jou gebore" en hom baie gelukkig gemaak het,
16 maar laat dié man wees soos die stede wat יהוה omgekeer het sonder berou en laat hom 'n uitroep in die oggend hoor en 'n alarm se geskree op die middag
17 omdat hy my nie voor geboorte doodgemaak het nie sodat my moeder my graf sou word en haar baarmoeder ewig swanger.
18 Waarom het ek ooit uit die baarmoeder uitgekom om na moeilikheid en smart te kyk sodat my dae in skande deurgebring is?

21 1 Die woord wat vanaf יהוה tot Yirmeyahu gekom het toe koning Tzidkiyahu vir Pash'gur, die seun van Malkiyah en Tz'fanyah, die priester, die seun van Ma'aseiyah, na hom toe gestuur het met die woorde: Yir 37:3
2 "Raadpleeg יהוה asseblief namens ons, want N'vukadnetzar, koning van Bavel, maak oorlog teen ons; miskien sal יהוה met ons handel volgens al Sy wonderlike dade sodat hy van ons af sal terugtrek."
3 Toe het Yirmeyahu vir hulle gesê: "Julle moet vir Tzidkiyahu die volgende sê:
4 'So sê יהוה, die God van Yisra'el: "Let op, Ek is op die punt om die oorlogswapens wat in julle hande is, waarmee julle oorlog voer teen die koning van Bavel en teen die Kasdeërs wat julle buite die muur beleër, terug te draai en Ek sal dit in die middel van hierdie stad versamel.
5 Ek self sal teen julle oorlog maak met 'n uitgestrekte hand en 'n magtige arm, in toorn en in woede en in groot verontwaardiging.
6 Ek sal ook die inwoners van hierdie stad neerslaan, beide mens en dier; hulle sal sterf van 'n groot pes.
7 Dan, daarna," verklaar יהוה, "sal Ek Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, sy diensknegte en die volk, selfs die wat in hierdie stad die pes, die swaard en die hongersnood oorleef het, oorgee in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel en in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en hy sal hulle neerslaan met die skerpte van die swaard. Hy sal hulle nie spaar nie en ook geen jammerte of omgee hê nie.'" 2 Kon 25
8 "Jy moet ook vir hierdie volk sê: 'So sê יהוה: "Let op, Ek hou julle die pad van die lewe én die pad van die dood voor: Yir 8:3
9 hy wat in hierdie stad bly, sal sterf deur die swaard en deur hongersnood en deur die pes, maar hy wat uitgaan en oorloop na die Kasdeërs wat julle beleër, sal lewe en sy eie lewe sal vir hom buit wees, 2 Kon 24:12; 25:27-30
10 want Ek het My gesig teen hierdie stad gerig ten skade en nie ten goede nie," verklaar יהוה. "Dit sal oorgegee word in die hand van die koning van Bavel en hy sal dit met vuur verbrand.'" 2 Kon 25:9
11 "Sê dan vir die huishouding van die koning van Y'hudah: 'Hoor, luister en doen die woord van יהוה.
12 O huis van Dawid, so sê יהוה: "Pas elke oggend die reg toe en red hulle wat beroof is uit die hand van sy onderdrukker sodat My wraak nie uitgaan en brand soos 'n vuur met niemand om dit te blus, weens die boosheid van hulle dade nie.

13 Let op, Ek is teen jou, o inwoner van die vallei, rots van die vlakte," verklaar יהוה.
"Julle wat sê: 'Wie sal afkom teen ons, of wie sal in ons blyplekke inkom?'
14 Ek sal julle egter volgens die vrug van julle dade straf," verklaar יהוה; "en Ek sal
'n vuur aansteek in sy woud sodat dit sy hele omgewing verteer."""

22 1 So sê יהוה: "Gaan af na die huis van die koning van Y'hudah, praat hierdie
woord daar
2 en sê: 'Luister en hoor die woord van יהוה, o koning van Y'hudah, wat sit op die troon
van Dawid; jy en jou diensknegte en jou volk wat deur hierdie poorte ingaan;
3 so sê יהוה: "Gee regverdige oordeel en doen onpartydige opregtheid en red die wat
beroof is uit die hand van sy onderdrukker; moet ook nie die vreemdeling, die wees
en die weduwee verkeerd, of met geweld behandel nie en moenie onskuldige bloed
in hierdie plek vergiet nie,
4 want as julle hierdie ding werklik sal doen, sal konings deur die poorte van hierdie
huis ingaan wat op die troon van Dawid sal sit, wat op strydwaens en op perde sal
ry, hyself en sy diensknegte en sy volk,
5 maar as julle nie hierdie woorde gehoorsaam nie, dan sweer Ek by Myself," verklaar
יהוה, "dat hierdie huis 'n verlatenheid sal word,"""
6 want so sê יהוה aangaande die huis van die koning van Y'hudah: "Jy is soos Gil'ad
vir My, soos die top van L'vanon. Tog sal Ek jou sekerlik maak soos 'n wildernis,
stede wat nie bewoon word nie!
7 Ek sal verwoesters teen jou afsonder, elkeen met sy wapens en hulle sal jou keur
seders afkap en in die vuur gooi.
8 Baie nasies sal by hierdie stad verbygaan en die een aan die ander vra: 'Waarom het
יהוה so gedoen aan hierdie groot stad?'
9 Dan sal hulle antwoord: 'Omdat hulle die verbond van יהוה, hulle God, verlaat het
en voor ander gode neergebuig en dié gedien het.'"
10 Moenie huil of rou oor die wat dood is nie, maar huil aanhoudend vir die een wat
weggaan, want hy sal nie weer terugkom of die land van sy geboorte sien nie,
11 want so sê יהוה aangaande Shallum, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah,
wat in die plek van sy vader Yoshiyahu koning geword het, wat uit hierdie plek
uitgegaan het: "Hy sal nooit hierheen terugkom nie,
12 maar in die plek waarheen hulle hom as gevangene weggevoer het, daar sal hy sterf
en nie hierdie land weer sien nie. 2 Kon 23:31-34
13 Wee hom wat sy huis bou sonder onpartydige opregtheid en sy boonste kamers
sonder regverdige oordeel; wat sy naaste se dienste gebruik sonder betaling en nie
vir hom sy loon gee nie;
14 wat sê: 'Ek sal vir my 'n groot huis bou met ruim bokamers en sy vensters uitsny;
dit met sederhout panele bedek en helder rooi verf.'
15 Word jy 'n koning omdat jy wedywer in sederhout? Het jou vader nie geëet en
gedrink en regverdig geoordeel en onpartydig opreg gehandel nie? Toe het dit goed
met hom gegaan.
16 Hy het die saak van die geteisterde en behoeftige regverdig hanteer; toe het dit
goed gegaan. Is dit nie wat dit beteken om My te ken nie?" verklaar יהוה.

17 "Jou oë en jou verstand, wil en emosie is egter net op jou eie onregverdige wins en op die vergieting van onskuldige bloed en op die praktisering van onderdrukking en afpersing."
18 יהוה sê daarom aangaande Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah: "Hulle sal nie oor hom rou nie: 'Ag, my broer!' of 'ag, suster!' nie. Hulle sal nie oor hom rou nie: 'Ag, vir die meester!' of 'ag, vir sy majesteit!' nie.
19 Hy sal met 'n donkiebegrafnis begrawe word, weggesleep en uitgegooi anderkant die poorte van Yerushalayim. 2 Kon 24:6
20 Gaan op na L'vanon en roep uit, lig jou stem op in Bashan; roep ook uit vanaf `Avarim, want al jou minnaars is vergruis.
21 Ek het met jou gepraat in jou voorspoed, maar jy het gesê: 'Ek sal nie luister nie.' Dit is wat jy gedoen het van jou jeug af: jy het nie My stem gehoorsaam nie.
22 Die wind sal al jou herders wegwaai en jou minnaars sal in gevangenskap gaan; dan sal jy beskaamd en vernederd staan weens al jou boosheid.
23 Jy wat bly in L'vanon, nes gemaak het in die seders; hoe sal jy kreun as steekpyne oor jou kom, pyn soos 'n vrou wat geboorte gee!
24 So waar as wat Ek leef," verklaar יהוה, "alhoewel Koniyahu, die seun van Y'hoyakim, koning van Y'hudah, 'n seëlring aan My regterhand was, nogtans sal Ek jou afruk
25 en Ek sal jou oorgee in die hand van hulle wat jou lewe soek en in die hand van hulle vir wie jy bang is, in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel en in die hand van die Kasdeërs.
26 Ek sal jou en jou moeder wat aan jou geboorte gegee het, wegslinger na 'n ander land waar julle nie gebore is nie en daar sal julle sterf,
27 maar na die land waarheen hulle begeer om terug te kom, daarheen sal hulle nie terugkeer nie.
28 Is hierdie man, Koniyahu, 'n veragte, verbrokkelde houer, of is hy 'n onbegeerlike voorwerp? Waarom is hy en sy geslag weggeslinger en weggegooi na 'n land wat hulle nie geken het nie?" 2 Kon 24:8-15; 2 Kro 36:9,10
29 O Land, land, land, hoor, luister en doen die woord van יהוה!
30 So sê יהוה: "Skryf hierdie man op as kinderloos, 'n man wat nie voorspoedig sal wees in sy dae nie, want niemand van sy nageslag sal voorspoedig wees en sit op die troon van Dawid of heers oor Y'hudah nie."

23 1 "Wee die herders wat die skape van My weiding vernietig en verstrooi," verklaar יהוה; Mal 2
2 daarom, sê יהוה, God van Yisra'el, aangaande die herders wat Sy volk oppas: "Júlle het My skape verstrooi en hulle weggedryf en nie aandag aan hulle gegee nie; let op, Ek is op die punt om aandag aan julle te gee vir die boosheid van julle dade," verklaar יהוה. Yog 10:8
3 "Dan sal Ek self die wat oorbly van My skape versamel vanuit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het en hulle terugbring na hulle weiveld en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig.

4 Ek sal ook herders oor hulle opwek wat hulle sal versorg en hulle sal nie meer bang of beangs wees en geen een sal vermis word nie," verklaar יהוה.
5 "Let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer Ek vir Dawid 'n Onpartydige en Opregte Spruit sal opwek en Hy sal as Koning regeer en wys optree en regverdig oordeel en onpartydige opregtheid doen in die land. Yog 7:42
6 In Sy dae sal Y'hudah gered word en Yisra'el veilig woon en dít is Sy Naam (Karakter en Outoriteit) waarmee Hy genoem sal word: 'יהוה is ons Tzidkenu' [יהוה is ons Onpartydige Opregtheid.] Luk 23:47
7 Let daarom op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer hulle nie langer sal sê: 'So waar as יהוה leef wat die seuns van Yisra'el uit Mitzrayim uitgebring het,' nie,
8 maar: 'So waar as יהוה leef wat die nageslag van die huis van Yisra'el van die land in die noorde gebring en terug gelei het en uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het.' Dan sal hulle op hul eie grond leef."
9 Wat die profete betref: my binneste is gebreek, al my bene bewe binne my; ek het soos 'n dronk man geword, soos 'n man deur wyn oorweldig, vanweë יהוה en Sy afgesonderde woorde,
10 want die land is vol owerspelers, want die land treur weens die vloek. Die weivelde van die wildernis het opgedroog en hulle het swak voortgebring en hulle was nie voorspoedig nie,
11 want beide profeet en priester is besoedel. "Selfs in My huis het Ek hulle boosheid gevind," verklaar יהוה.
12 "Hulle pad sal daarom vir hulle soos glibberige plekke wees in die duisternis; hulle sal weggedryf word en daarin neerval, want Ek sal katastrofes oor hulle bring, die jaar van hulle straf," verklaar יהוה.
13 "Meer nog, Ek het onder die profete van Shomron 'n afstootlike ding gesien: hulle profeteer deur Ba'al en lei My volk Yisra'el op 'n dwaalspoor.
14 Ek het ook onder die profete van Yerushalayim 'n verskriklike ding gesien: die pleeg van owerspel en loop in valsheid en hulle versterk die hande van boosdoeners sodat niemand terugdraai van sy boosheid af nie. Hulle het almal vir My geword soos S'dom en haar inwoners soos `Amorah;"
15 daarom, so sê יהוה-Tzva'ot aangaande die profete: "Let op, Ek gaan vir hulle wilde-als voer en hulle giftige water laat drink, want van die profete van Yerushalayim af het besoedeling uitgegaan in die hele land in." Yir 9:14
16 So sê יהוה-Tzva'ot: "Moenie luister na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie. Hulle lei julle in nuttelosheid in; hulle praat visioene vanuit hulle eie verbeelding, nie uit die mond van יהוה nie.
17 Hulle sê gedurig aan dié wat My verag: 'יהוה het gesê: "Julle sal vrede hê."' Vir elkeen wat in die hardkoppigheid van sy eie verstand, wil en emosie loop, sê hulle: 'Katastrofes sal nie oor julle kom nie.'"
18 Wie het in die raad van יהוה gestaan sodat hy Sy woord sou sien en hoor? Wie het aandag gegee aan Sy woord en geluister?
19 Let op, die storm van יהוה het in toorn uitgegaan, 'n draaikolk! Dit sal afswaai op die kop van die bose oortreders.

20 Die woede van יהוה sal nie terugdraai totdat Hy Sy doel en die planne van Sy wil uitgevoer het nie; in die laaste dae sal julle dit duidelik verstaan.
21 "Ek het die profete nie gestuur nie, maar hulle hardloop; Ek het nie met hulle gepraat nie, maar hulle het profeteer,
22 maar as hulle in My raad gestaan het, sou hulle My woorde aan My volk aangekondig het en hulle teruggedraai het van hul bose pad en van die boosheid van hulle dade.
23 Ek is 'n God wat naby is," verklaar יהוה, "en nie 'n God wat ver is nie. Deut 4:7
24 Kan 'n man homself in wegsteekplekke wegsteek dat Ek hom nie sien nie?" verklaar יהוה. "Maak Ek nie die hemel en die aarde vol nie?" verklaar יהוה.
25 "Ek het gehoor wat die profete gesê het wat valslik in My Naam (Karakter en Outoriteit) profeteer en sê: 'Ek het 'n droom gehad, ek het 'n droom gehad!'
26 Hoe lank al is daar iets in die verstand, wil en emosie van die profete wat valsheid profeteer, profete van die misleiding van hulle eie verstand, wil en emosie,
27 wat beplan om My volk My Naam (Karakter en Outoriteit) te laat vergeet deur hulle drome wat hulle vir mekaar vertel, net soos hulle vaders My Naam (Karakter en Outoriteit) vergeet het as gevolg van Ba'al?
28 Die profeet wat 'n droom het, kan sy droom vertel, maar laat hom wat My woord het, My woord in waarheid praat. Hoekom meng jy kaf met die koring?" verklaar יהוה.
29 "Is My woord nie soos vuur en soos 'n hamer wat 'n rots vergruis nie?" verklaar יהוה.
30 "Let daarom op, Ek is teen die profete," verklaar יהוה, "wat My woorde by mekaar steel.
31 Let op, Ek is teen die profete," verklaar יהוה, "wat hulle eie tong gebruik en sê: 'יהוה verklaar!' Deut 18:20
32 Let op, Ek is teen hulle wat valse drome profeteer," verklaar יהוה, "en dit vertel en My volk verlei deur hulle valshede en hulle waaghalsige grootpratery; tog het Ek hulle nie gestuur of beveel nie en ook het hulle vir hierdie volk nie die minste voordeel gebring nie," verklaar יהוה.
33 "Wanneer hierdie volk, of die profeet, of 'n priester jou vra en sê: 'Wat is die geestesopenbaring van יהוה?' Dan moet jy vir hulle sê: 'Watter geestesopenbaring?' יהוה verklaar: 'Ek sal julle alleen los.'
34 Wat die profeet of die priester betref of die volk wat sê: 'Die geestesopenbaring van יהוה,' Ek sal straf bring oor daardie man en oor sy huishouding.
35 So moet elkeen van julle vir sy naaste en elkeen vir sy broer sê: 'Wat het יהוה geantwoord?' of 'wat het יהוה gepraat?',"
36 want julle sal nie meer die geestesopenbaring van יהוה onthou nie omdat elke man se woord geestesopenbaring sal word en julle die boodskappe van die lewende God, van יהוה-Tzva'ot, ons God, verdraai het.
37 So moet jy vir daardie profeet sê: 'Wat het יהוה jou geantwoord?' en 'wat het יהוה gesê?'

38 As julle sê: 'Die geestesopenbaring van יהוה!' Sekerlik, so sê יהוה: 'Omdat julle hierdie woord gesê het: "Die geestesopenbaring van יהוה!" het Ek ook na julle gestuur met die woorde: 'Julle mag nie sê: "Die geestesopenbaring van יהוה" nie;'
39 daarom, let op, Ek sal julle sekerlik vergeet en julle wegstamp van My Teenwoordigheid af, saam met die stad wat Ek vir julle en julle vaders gegee het.
40 Ek sal 'n ewige smaad op julle lê en 'n ewige vernedering wat nie vergeet sal word nie."

24 1 Nadat N'vukadnetzar, koning van Bavel, vir Koniyahu, die seun van Y'hoyakim, koning van Y'hudah, die amptenare van Y'hudah en die ambagsmanne en die smede uit Yerushalayim in gevangenskap weggevoer en hulle na Bavel gebring het, [2 Kon 24:8-15] het יהוה my gewys: let op, twee mandjies met vye, voor die tempel van יהוה reggesit:
2 een mandjie het baie goeie vye, soos die eerste-ryp vye en die ander mandjie het baie slegte vye, wat nie geëet kon word nie, so vrot was dit.
3 Toe het יהוה vir my gesê: "Wat sien jy, Yirmeyahu?" Ek het geantwoord: "Vye; die goeie vye is baie goed en die slegtes baie sleg. So vrot, dit is te sleg om te eet."
4 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
5 "So sê יהוה, God van Yisra'el: 'Soos hierdie goeie vye, so sal Ek die gevangenes van Y'hudah, wat Ek uit hierdie plek na die land van die Kasdeërs gestuur het, as goed beskou,
6 want Ek sal My oog oor hulle laat gaan vir die goeie en Ek sal hulle weer na hierdie land toe bring en Ek sal hulle opbou en nie afbreek nie en hulle plant en nie uitruk nie.
7 Ek sal vir hulle 'n verstand, wil en emosie gee om My te ken, want Ek is יהוה en hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees, want hulle sal na My toe terugkeer met hul hele verstand, wil en emosie,
8 maar soos die slegte vye wat te vrot is om te eet, inderdaad, so sê יהוה, só sal Ek Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en sy amptenare en die wat oorbly in Yerushalayim, wat in hierdie land gebly het en die wat in Mitzrayim bly, verlaat. [2 Kon 24:17-25:26]
9 Ek sal van hulle 'n verskrikking en boosheid maak vir al die koninkryke van die aarde, 'n bespotting en 'n spreekwoord, 'n belediging en 'n vervloeking in al die plekke waarheen Ek hulle sal verstrooi.
10 Ek sal die swaard, die hongersnood en die pes oor hulle stuur totdat hulle vernietig is vanuit die land wat Ek vir hulle en hul vaders gegee het.'"

25 1 Die woord wat tot Yirmeyahu gekom het aangaande die hele volk van Y'hudah, in die vierde jaar van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah; dit was die eerste jaar van N'vukadnetzar, koning van Bavel;
2 wat Yirmeyahu, die profeet, aan die hele volk van Y'hudah en al die inwoners van Yerushalayim meegedeel en gesê het:
3 "Vanaf die dertiende jaar van Yoshiyahu, die seun van Amon, koning van Y'hudah, tot op hierdie dag, hierdie drie en twintig jaar lank, het die woord van יהוה tot my gekom en ek het keer op keer met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie.

4 יהוה het ook al Sy diensknegte, die profete, keer op keer na julle toe gestuur, maar julle het nie geluister of julle oor gedraai om te hoor nie,
5 om te sê: 'Draai elkeen nou weg van sy bose pad en van die boosheid van julle dade en bly in die land wat יהוה aan julle en julle voorvaders gegee het, vir ewig en ewig
6 en moenie agter ander gode aangaan om hulle te dien en voor hulle neer te buig nie en moet My nie tart tot woede met die werk van julle hande nie en Ek sal julle geen skade aandoen nie.'
7 Tog het julle nie na My geluister nie," verklaar יהוה "waardeur julle My getart het met die werk van julle hande, tot jul eie skade;"
8 daarom, so sê יהוה-Tzva'ot: "Omdat julle nie My woorde gehoorsaam het nie,
9 let op, Ek sal al die stamme van die Noorde laat haal en vat," verklaar יהוה "en Ek sal N'vukadnetzar, koning van Bavel, My dienskneg, vat en Ek sal hulle bring teen hierdie land en sy inwoners en teen al hierdie nasies rondom en Ek sal hulle volkome vernietig en hulle tot 'n verwoesting en spot maak en tot 'n ewige verlatenheid.
10 Meer nog, Ek sal uit hulle die stem van vreugde en die stem van blydskap uithaal, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die geluid van die meulsteen en die lig van die lamp.
11 Hierdie hele land sal 'n verlatenheid en 'n verskrikking wees en hierdie nasies sal die koning van Bavel sewentig jaar lank dien. 2 Kro 36:21
12 Dan sal dit wees wanneer sewentig jaar voltooi is, Ek die koning van Bavel, daardie nasie en die land van die Kasdeërs vir hulle oortredinge sal straf," verklaar יהוה "en Ek sal daarvan 'n ewige verlatenheid maak.
13 Ek sal oor daardie land al My woorde bring wat Ek daaroor aangekondig het, alles wat geskryf is in hierdie boek, wat Yirmeyahu geprofeteer het teen al die nasies,
14 want baie nasies en groot konings sal ook slawe van hulle maak en Ek sal hulle vergeld ooreenkomstig hul dade en volgens die werk van hul hande,'"
15 want so het יהוה, die God van Yisra'el, vir my gesê: "Neem hierdie beker van die wyn van toorn uit My hand en laat al die nasies na wie Ek jou stuur dit drink. Open 16:19
16 Hulle sal drink en slinger en rasend word weens die swaard wat Ek tussen hulle sal instuur."
17 Toe het ek die beker uit die hand van יהוה gevat en al die volke na wie יהוה my gestuur het, maak drink:
18 Yerushalayim en die stede van Y'hudah en sy konings en sy prinse, om van hulle 'n puinhoop te maak, 'n verskrikking, 'n bespotting en 'n vervloeking, soos dit vandag is;
19 Farao, koning van Mitzrayim, sy diensknegte, sy prinse en sy hele volk
20 en al die vreemde volke, al die konings van die land `Utz, al die konings van die land van die F'lishtyne, selfs Askelon, `Azah, `Ekron en die wat oorgebly het van Ashdod;
21 Edom, Mo'av en die seuns van `Ammon;
22 al die konings van Tzor, van Tzidon en die konings van die kuslande wat oorkant die see is
23 en D'dan, Teima, Buz en almal in die uiterste uithoeke

24 en al die konings van Arabië en al die konings van die vreemde mense wat in die woestyn bly
25 en al die konings van Zimri, al die konings van `Eilam en al die konings van die Mede
26 en al die konings van die noorde wat naby en ver is, die een met die ander en al die koninkryke van die aarde wat op die aardbodem is en die koning van Sheshakh sal ná hulle drink.
27 Jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Drink, wees dronk, gooi op, val neer en staan nie weer op nie, as gevolg van die swaard wat Ek tussen julle sal instuur.'"
28 "Dit sal wees dat as hulle weier om die beker uit jou hand te vat om te drink, dan moet jy vir hulle sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "Julle sal sekerlik drink,
29 want let op, Ek begin om 'n katastrofe in die stad te begin wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is en sal júlle heeltemal vry wees van straf? Julle sal nie vry wees van straf nie, want Ek roep 'n swaard op teen al die inwoners van die aarde," verklaar יהוה-Tzva'ot;'
30 daarom sal jy al hierdie woorde teen hulle profeteer en jy sal vir hulle sê: 'יהוה sal brul uit die hoogte en Sy stem oplig uit Sy afgesonderde blyplek; Hy sal magtiglik brul teen Sy kudde. Hy sal, soos die druiwetrappers, teen al die inwoners van die aarde uitskreeu.
31 'n Groot geraas het gekom tot by die einde van die aarde, want יהוה het 'n geskil met die nasies, Hy tree in die oordeel oor alle vlees; wat die bose oortreders betref, het Hy hulle oorgegee aan die swaard,' verklaar יהוה."
32 So sê יהוה-Tzva'ot: "Let op, boosheid gaan uit van nasie tot nasie en 'n groot storm word opgewek vanuit die afgeleë dele van die aarde.
33 Die wat deur יהוה neergeslaan is, sal op dié dag wees van die een einde van die aarde tot die ander. Daar sal nie oor hulle gerou word nie, hulle sal nie bymekaar gemaak word of begrawe word nie; hulle sal soos mis op die grond wees.
34 Huil, o herders en roep uit; rol rond in die as, julle meesters van die kudde, want die dae van julle slagting en uitmekaarjaag het gekom en julle sal val soos keur voorwerpe.
35 Die herders sal nie die pad kry om te vlug of die ramme van die trop ontsnap nie.
36 Hoor die klank van die geskree van die herders en die gehuil van die meesters van die kudde omdat יהוה hulle weiveld verwoes het
37 en die vredevolle kuddes stil gemaak het weens die ernstige woede van יהוה.
38 Hy het soos 'n jong leeu sy wegkruipplek verlaat, want hulle land het 'n verskrikking geword weens die gewelddadigheid van die onderdrukkende swaard en weens Sy groot woede."

26 1 In die begin van die regering van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, het hierdie woord van יהוה af gekom en gesê:
2 "So sê יהוה: 'Gaan staan in die hof van die huis van יהוה en praat met al die stede van Y'hudah wat kom om te aanbid in die huis van יהוה, al die woorde wat Ek jou beveel het om vir hulle te sê; laat geen woord weg nie!

3 Miskien sal hulle luister en elkeen sal omdraai van sy verkeerde pad af sodat Ek jammer word oor die katastrofe wat Ek van plan is om aan hulle te doen weens die boosheid van hulle dade.'
4 Jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה: "As julle nie na My luister nie: om in My wet te leef wat Ek voor julle gestel het;
5 om te luister na die woorde van My diensknegte, die profete, wat Ek na julle toe gestuur het om julle vroegtydig te waarsku, nie, (maar julle het nie geluister nie)
6 dan sal Ek hierdie huis maak soos Shiloh en hierdie stad sal Ek 'n vervloeking maak vir al die nasies van die aarde."""
7 Die priesters, die profete en die hele volk het Yirmeyahu hierdie woorde hoor praat in die huis van יהוה.
8 Toe Yirmeyahu klaar gepraat het, alles wat יהוה beveel het om vir die hele volk te sê, het die priesters en die profete en die hele volk hom gegryp en gesê: "Jy moet sterf!
9 Waarom het jy in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה geprofeteer en gesê: 'Hierdie huis sal soos Shiloh word en hierdie stad sal verlate wees, sonder inwoner'?" Die hele volk het rondom Yirmeyahu vergader in die huis van יהוה.
10 Toe die amptenare van Y'hudah hierdie dinge hoor, het hulle vanuit die huis van die koning opgegaan na die huis van יהוה en hulle het gaan sit by die ingang van die Nuwe Poort van die huis van יהוה.
11 Toe het die priesters en die profete met die amptenare en met die hele volk gepraat en gesê: "'n Doodsvonnis vir hierdie man, want hy het geprofeteer teen hierdie stad, soos julle met jul ore gehoor het."
12 Toe het Yirmeyahu met al die amptenare en met die hele volk gepraat en gesê: "יהוה het my gestuur om al die woorde wat julle gehoor het teen hierdie huis en teen hierdie stad te profeteer.
13 Nou daarom, verander julle lewenswyses en julle dade en gehoorsaam die stem van יהוה, julle God en יהוה sal Sy gedagtes verander aangaande die onheil wat Hy teen julle aangekondig het,
14 maar ek, let op, ek is in julle hand; maak met my soos dit goed en reg is in julle oë.
15 Weet net verseker dat as julle my doodmaak, julle onskuldige bloed op julleself sal bring en op hierdie stad en op sy inwoners, want יהוה het my waarlik na julle toe gestuur om al hierdie woorde voor julle ore te praat."
16 Toe sê die amptenare en die hele volk vir die priesters en die profete: "Geen doodsvonnis vir hierdie man nie, want hy het met ons gepraat in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, ons God."
17 Toe het sommige oudstes van die land opgestaan en met die hele vergadering van die volk gepraat en gesê:
18 "Mikhayah, van Moreshet, het profeteer in die dae van Hizkiyahu, koning van Y'hudah en met die hele volk van Y'hudah gepraat en gesê: 'So het יהוה-Tzva'ot gesê: "Tziyon sal soos 'n land omgeploeg word en Yerushalayim sal puinhope word en die berg van die huis soos hoë plekke van 'n woud."' Mik 3:12

19 Het Hizkiyahu, koning van Y'hudah en die hele Y'hudah hom doodgemaak? Het hy יהוה nie gevrees en יהוה se guns gevra nie en het יהוה nie Sy gedagtes verander oor die onheil wat Hy teen hulle aangekondig het nie, maar ons is besig om 'n groot boosheid teen onsself te pleeg!"
20 Daar was inderdaad ook 'n man wat in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה geprofeteer het, Uriyahu, die seun van Sh'ma'yahu, van Kiryat-Ye'arim en hy het teen hierdie stad en teen hierdie land woorde geprofeteer soortgelyk aan Yirmeyahu.
21 Toe koning Y'hoyakim, al sy magtige manne en al die amptenare sy woorde hoor, het die koning probeer om hom dood te maak, maar Uriyahu het dit gehoor en hy was bang en het gevlug en na Mitzrayim gegaan.
22 Toe stuur koning Y'hoyakim manne na Mitzrayim, Elnatan, die seun van `Akhbor en manne het saam met hom na Mitzrayim gegaan.
23 Hulle het Uriyahu uit Mitzrayim uitgebring en hom na koning Y'hoyakim gebring wat hom met die swaard doodgeslaan en sy lyk op die grafte van die gewone mense gegooi het,
24 maar die hand van Agikam, die seun van Shafan, was met Yirmeyahu sodat hy nie in die hand van die volk oorgegee is om doodgemaak te word nie.

27 1 Aan die begin van die regering van Tzidkiyahu, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, het hierdie woord vanaf יהוה tot Yirmeyahu gekom:
2 So het יהוה vir my gesê: "Maak vir jouself stroppe en jukke en sit dit op jou nek
3 en stuur woord vir die koning van Edom, na die koning van Mo'av, na die koning van die seuns van `Ammon, na die koning van Tzor en na die koning van Tzidon deur middel van die gesante wat na Tzidkiyahu, koning van Y'hudah in Yerushalayim gekom het.
4 Beveel hulle om na hul meesters te gaan en te sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el. So moet julle aan jul meesters sê:
5 "Ek het die aarde, die mens en die diere wat op die aarde is, gemaak deur My groot krag en deur My uitgestrekte arm en Ek gee dit aan die een wat My tevrede stel.
6 Nou het Ek al hierdie lande in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel, My dienskneg gegee en Ek het ook die wilde diere van die veld aan hom gegee om hom te dien.
7 Al die nasies sal hom, sy seun en sy kleinseun dien totdat die tyd van sy eie land kom; dan sal baie nasies en groot konings hom hulle dienskneg maak.
8 Dit sal wees dat die nasie en die koninkryk wat hom, N'vukadnetzar, koning van Bavel, nie sal dien nie en wat sy nek nie sal sit onder die juk van die koning van Bavel nie, daardie nasie sal Ek straf met die swaard en die hongersnood en die pes,' verklaar יהוה, 'totdat Ek hulle vernietig het deur sy hand.
9 Julle egter, moenie luister na julle profete, na julle waarsêers, na julle dromers, na julle goëlaars en na julle towenaars nie. Hulle wat met julle praat en sê: "Julle sal nie die koning van Bavel dien nie,"
10 want hulle profeteer 'n leuen vir julle om julle ver te verwyder uit julle land uit en Ek sal julle uitdryf en julle sal omkom,

11 maar die nasie wat sy nek onder die juk van die koning van Bavel sal bring en hom dien, dié sal Ek in sy land laat bly,' verklaar יהוה 'en hulle sal dit bewerk en daarin bly.'"
12 Ek het woorde soos hierdie met Tzidkiyahu, koning van Y'hudah gepraat en gesê: "Bring julle nekke onder die juk van die koning van Bavel, dien hom en sy volk en leef!
13 Hoekom sal u sterf, u en u volk, deur die swaard, die hongersnood en die pes, soos יהוה met daardie nasie gepraat het wat nie die koning van Bavel sal dien nie?
14 Moet dus nie luister na die woorde van die profete nie. Hulle wat met julle praat en sê: 'Julle sal nie die koning van Bavel dien nie,' want hulle profeteer vir julle 'n leuen,
15 want Ek het hulle nie gestuur nie," verklaar יהוה, "maar hulle profeteer vals in My Naam (Karakter en Outoriteit) sodat Ek julle kan uitdryf en julle kan omkom, julle en die profete wat vir julle profeteer."
16 Ek het met die priesters en met hierdie hele volk gepraat en gesê: "So sê יהוה: Moenie luister na die woorde van julle profete, wat vir julle profeteer en sê: 'Let op, die voorwerpe van die huis van יהוה sal nou binnekort uit Bavel teruggebring word' nie, want hulle profeteer 'n leuen vir julle.
17 Moenie na hulle luister nie; dien die koning van Bavel en leef. Waarom moet hierdie stad 'n puinhoop word?
18 As hulle egter profete is en as die woord van יהוה by hulle is, laat hulle יהוה-Tzva'ot nou versoek dat die voorwerpe wat in die huis van יהוה en die huis van die koning van Y'hudah en in Yerushalayim oorgebly het, nie na Bavel mag gaan nie,
19 want so sê יהוה-Tzva'ot aangaande die pilare, die see, die staanders en die ander voorwerpe wat in hierdie stad oorgebly het, [2 Kon 25:15-17]
20 wat N'vukadnetzar, die koning van Bavel, nie gevat het toe hy Y'khonyahu, die seun van Y'hoyakim, koning van Y'hudah, saam met al die edeles van Y'hudah en Yerushalayim in ballingskap weggevoer het uit Yerushalayim na Bavel toe nie.
21 Ja, so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, aangaande die voorwerpe wat in die huis van יהוה en die huis van die koning van Y'hudah en in Yerushalayim oorgebly het: [`Ez 6:5]
22 'Hulle sal na Bavel toe gedra word en sal daar bly tot op die dag dat Ek hulle besoek,' verklaar יהוה, 'dan sal Ek hulle terugbring en herstel tot hierdie plek.'"

28 1 In dieselfde jaar, in die begin van die regering van Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, in die vierde jaar, in die vyfde maand, het Hananyah, die seun van `Azzur, die profeet, wat uit Gib'on kom, met my gepraat in die huis van יהוה in die teenwoordigheid van die priesters en van die hele volk en gesê:
2 "So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Ek het die juk van die koning van Bavel verbreek.
3 Binne twee jaar sal Ek al die voorwerpe van die huis van יהוה wat N'vukadnetzar, die koning van Bavel, uit hierdie plek weggevat en na Bavel gebring het, na hierdie plek terugbring.

4 Ek gaan ook vir Koniyahu, die seun van Y'hoyakim, koning van Y'hudah en al die ballinge van Y'hudah wat na Bavel gegaan het, terugbring,' verklaar יהוה; 'want Ek sal die juk van die koning van Bavel verbreek.'" 2 Kon 25:27-30
5 Toe het Yirmeyahu, die profeet, met Hananyah, die profeet, gepraat in die teenwoordigheid van die priesters en van die hele volk wat in die huis van יהוה gestaan het
6 en die profeet Yirmeyahu het gesê: "Dit is waar, mag יהוה so doen; mag יהוה jou woorde wat jy geprofeteer het bevestig om die voorwerpe van die huis van יהוה en al die ballinge uit Bavel na hierdie plek toe terug te bring!
7 Tog, luister nou na hierdie woord wat ek voor julle ore praat en voor die ore van die hele volk:
8 "Die profete wat voor my en voor jou was, het van ouds af geprofeteer teen baie lande en teen groot koninkryke, van oorlog en katastrofes en pes.
9 Die profeet wat profeteer van vrede: wanneer die woord van die profeet waar word, sal die profeet bekend wees as een wat waarlik deur יהוה gestuur is."
10 Toe het Hananyah, die profeet, die juk van die nek van Yirmeyahu, die profeet, afgehaal en dit gebreek.
11 En Hananyah het gepraat in die teenwoordigheid van die hele volk en gesê: "So sê יהוה: 'Net so sal Ek die juk van N'vukadnetzar, koning van Bavel, binne twee jaar van die nek van al die nasies verbreek.'" Toe het die profeet Yirmeyahu weggegaan.
12 Die woord van יהוה het tot Yirmeyahu gekom nadat die profeet Hananyah die juk van die nek van die profeet Yirmeyahu afgebreek het en gesê:
13 "Gaan praat met Hananyah en sê: 'So sê יהוה: "Jy het die jukke van hout gebreek, maar jy het in die plek daarvan yster jukke gemaak,"
14 want so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Ek het 'n yster juk op die nek van al hierdie nasies gelê om N'vukadnetzar, die koning van Bavel, te dien en hulle sal hom dien. Ek het ook vir hom die wilde diere van die veld gegee."'"
15 Toe het Yirmeyahu, die profeet, vir Hananyah, die profeet, gesê: "Luister nou, Hananyah, יהוה het jou nie gestuur nie en jy het hierdie volk in 'n leuen laat vertrou;
16 daarom, so sê יהוה: 'Let op, Ek is op die punt om jou van die aarde af te verwyder; hierdie jaar sal jy sterf omdat jy rebellie teen יהוה beraad het.'"
17 Hananyah, die profeet, het in dieselfde jaar, in die sewende maand, gesterf.

29 1 Hierdie is die woorde van die brief wat Yirmeyahu, die profeet, uit Yerushalayim gestuur het na die res van die oudstes van die ballinge, die priesters, die profete en na die hele volk wat N'vukadnetzar uit Yerushalayim in ballingskap weggevoer het na Bavel toe.
2 Dit is nádat Y'konyahu, die koning, die koninginmoeder, die hofamptenare, die prinse van Y'hudah en Yerushalayim, die smede en die ambagsmanne, uit Yerushalayim vertrek het. 2 Kon 24:12

3 Dit is per hand saam met El'asah, die seun van Shafan en G'maryah, die seun van Hilkiyahu, vir wie Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, na N'vukadnetzar, die koning van Bavel, gestuur het, na Bavel en dit sê:
4 "So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, aan al die ballinge wat Ek uit Yerushalayim na Bavel in ballingskap gestuur het:
5 'Bou huise en woon daarin en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan.
6 Vat vroue en word die vaders van seuns en dogters en vat vroue vir julle seuns en gee julle dogters aan mans sodat hulle geboorte kan gee aan seuns en dogters en vermenigvuldig daar en moenie verminder nie.
7 Soek die welstand van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggestuur het en bid daarvoor tot יהוה, want in sy welstand sal julle welstand hê,' Rom 13:1-6; 1 Tim 2:2
8 want so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Moenie dat julle profete en julle waarsêers wat tussen julle is, julle mislei nie en moenie luister na die drome wat hulle droom nie,
9 want hulle profeteer vir julle vals in My Naam (Karakter en Outoriteit); Ek het hulle nie gestuur nie,' verklaar יהוה.
10 So sê יהוה: 'Wanneer sewentig jaar vir Bavel voltooi is, sal Ek julle besoek en My goeie boodskap aan julle vervul om julle na hierdie plek toe terug te bring, 2 Kro 36:21
11 want Ék weet watter planne Ek vir julle het,' verklaar יהוה, 'planne vir welvaart en nie van katastrofe nie, om vir julle 'n toekoms en 'n versekerde verwagting te gee,
12 dan sal julle My aanroep en kom en tot My bid en Ek sal na julle luister.
13 Julle sal My soek en vind as julle na My soek met julle hele verstand, wil en emosie. Deut 4:29
14 Ek sal deur julle gevind word,' verklaar יהוה; 'Ek sal julle voorspoed herstel en julle versamel vanuit al die nasies en vanaf al die plekke waarheen Ek julle verdryf het,' verklaar יהוה; 'Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggestuur het.'
15 Omdat julle gesê het: 'יהוה het vir ons profete opgewek in Bavel;'
16 daarom, so sê יהוה aangaande die koning wat op die troon van Dawid sit en aangaande die hele volk wat in hierdie stad bly, julle broers wat nie saam met julle in ballingskap gegaan het nie, Yir 52:29,30
17 so sê יהוה-Tzva'ot: 'Let op, Ek stuur die swaard, hongersnood en pes oor hulle en Ek sal hulle maak soos oopgebarste vye wat te vrot is om te eet. Yir 24
18 Ek sal hulle agtervolg met die swaard, met hongersnood en met die pes en Ek sal van hulle 'n verskrikking maak vir al die koninkryke van die aarde, om 'n vervloeking, 'n afsku, 'n bespotting en 'n smaad onder al die volke waarheen Ek hulle verdryf het, te wees
19 omdat hulle nie na My woorde geluister het nie,' verklaar יהוה, 'wat Ek keer op keer deur My diensknegte, die profete, na hulle gestuur het, maar hulle het nie geluister nie,' verklaar יהוה.
20 Julle, daarom, hoor, luister en doen die woord van יהוה, al julle ballinge wat Ek uit Yerushalayim na Bavel weggestuur het!

21 So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, aangaande Ag'av, die seun van Kolayah en aangaande Tzidkiyahu, die seun van Ma'aseiyah, wat vir julle valslik in My Naam (Karakter en Outoriteit) profeteer: 'Let op, Ek sal hulle in die hand van N'vukadnetzar, die koning van Bavel, oorgee en hy sal hulle voor julle oë neerslaan.
22 As gevolg van hulle sal 'n vloek gebruik word deur al die ballinge van Y'hudah wat in Bavel is en sê: "Mag יהוה jou maak soos Tzidkiyahu en soos Ag'av, wat deur die koning van Bavel in die vuur gebraai is
23 omdat hulle dwaas gehandel het in Yisra'el en owerspel met die vroue van hulle naaste gepleeg het en woorde in My Naam (Karakter en Outoriteit) valslik gepraat het, wat Ek hulle nie beveel het nie en Ek is die Een wat weet en 'n Getuie is," verklaar יהוה.'
24 Met Sh'ma'yah, die Negelamiet, moet jy praat en sê:
25 "So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Jy het briewe in jou eie naam (karakter en outoriteit) na al die mense wat in Yerushalayim is, gestuur en na Tz'fanyah, die seun van Ma'aseiyah, die priester en na al die priesters, wat sê:
26 "יהוה het jou as priester aangestel in die plek van Y'hoyada, die priester, om die toesighouer in die huis van יהוה te wees oor elke kranksinnige wat profeteer, om hom in die blok en in die nekyster te sit;
27 nou dan, waarom het jy nie vir Yirmeyahu, van `Anatot, wat by julle profeteer, tereggewys nie,
28 want hy het vir ons in Bavel laat weet en gesê: 'Dit sal lank duur; bou huise en woon daarin en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan'?"""
29 Tz'fanyah, die priester, het hierdie brief vir Yirmeyahu, die profeet, gelees.
30 Toe kom die woord van יהוה tot Yirmeyahu en sê:
31 "Stuur aan al die ballinge en sê: 'So sê יהוה aangaande Sh'ma'yah, die Negelamiet: "Omdat Sh'ma'yah vir julle geprofeteer het alhoewel Ek hom nie gestuur het nie en julle in 'n leuen laat vertrou het;
32 daarom," so sê יהוה: "let op, Ek is op die punt om Sh'ma'yah, die Negelamiet en sy nageslag te straf; hy sal niemand hê wat leef tussen hierdie volk nie en hy sal nie die goeie sien wat Ek op die punt is om aan My volk te doen nie," verklaar יהוה, "want hy het rebellie teen יהוה verkondig."""

30 1 Die woord wat vanaf יהוה tot Yirmeyahu gekom het:
2 "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Skryf al die woorde wat Ek met jou gepraat het, in 'n boek neer,
3 want let op, daar kom dae,' verklaar יהוה, 'dat Ek die voorspoed van My volk Yisra'el en Y'hudah sal herstel.' יהוה sê: 'Ek sal hulle ook terugbring na die land wat Ek vir hulle voorvaders gegee het en hulle sal dit besit.'"
4 Hierdie is die woorde wat יהוה gesê het aangaande Yisra'el en Y'hudah:
5 "So sê יהוה: 'Ek het 'n klank van verskrikking gehoor; van vrees en daar is geen vrede nie!
6 Vra tog en kyk of 'n manspersoon geboorte kan gee? Waarom sien Ek elke man met sy hande op sy heupe soos 'n vrou in geboortepyn en waarom het alle gesigte bleek geword?

7 Wee, want daardie dag is groot, daar is geen ander soos dit nie en dit is die tyd van Ya'akov se benoudheid, maar hy sal daaruit gered word.
8 Dit sal gebeur op daardie dag,' verklaar יהוה-Tzva'ot, 'dat Ek die koning van Bavel se juk van hulle nek sal afbreek en hulle stroppe sal afskeur en vreemdelinge sal hul nie langer hulle slawe maak nie,
9 maar hulle sal יהוה, hulle God, dien en Dawid, hulle Koning, wat Ek vir hulle sal opwek.
10 Wees nie bevrees nie, o Ya'akov My kneg,' verklaar יהוה 'en moenie mismoedig wees nie, o Yisra'el, want let op, Ek sal jou red daar ver en jou nageslag uit die land van hulle gevangenskap en Ya'akov sal terugkom en stil en rustig wees en niemand sal hom bang maak nie,
11 want Ek is by jou,' verklaar יהוה, 'om jou te red, want Ek sal al die nasies waarheen Ek jou verstrooi het volkome vernietig, maar vir jou sal Ek nie volkome vernietig nie, maar Ek sal jou regverdiglik tugtig en jou onder geen omstandighede ongestraf laat bly nie,'
12 want so sê יהוה: 'Jou wond is ongeneeslik en jou besering ernstig.
13 Daar is niemand om jou saak te pleit nie; geen genesing vir jou seer nie, geen herstel vir jou nie.
14 Al jou minnaars het jou vergeet, hulle vra nie na jou nie, want Ek het jou verwond met die wond van 'n vyand, met 'n wrede straf omdat jou oortredinge groot is en jou sondes baie.
15 Waarom roep jy uit oor jou wond? Jou wond is pynlik omdat jou oortredinge groot is en omdat jou sondes vermeerder het, het Ek hierdie dinge aan jou gedoen;
16 daarom, almal wat jou opeet, sal opgeëet word en al jou teëstanders, elke een van hulle, sal in gevangenskap gaan en hulle wat jou plunder, sal geplunder word en Ek sal almal wat jou jag, oorgee as 'n prooi,
17 want Ek sal jou tot gesondheid herstel en jou genees van jou wonde,' verklaar יהוה, 'omdat hulle jou 'n uitgeworpene genoem het en sê: "Dit is Tziyon, niemand gee om vir haar nie."'
18 So sê יהוה: 'Let op, Ek sal die voorspoed van die tente van Ya'akov herstel en My oor sy blyplekke ontferm en die stad sal op sy puinhoop herbou word en die paleis sal op sy regte plek staan.
19 Vanuit hulle sal danksegging en die stem van hulle wat feesvier uitgaan en Ek sal hulle vermenigvuldig en hulle sal nie verminder nie; Ek sal hulle ook eer en hulle sal nie gering wees nie.
20 Hulle seuns sal ook wees soos vroeër en hulle bymekaarkoms sal voor My vasgestel wees en Ek sal al hulle onderdrukkers straf.
21 Hulle Leier sal een van hulle wees en hulle Heerser sal uit hul midde kom en Ek sal Hom nader bring en Hy sal nader kom na My toe, want wie sal sy lewe waag om nader te kom na My toe?' verklaar יהוה. Hag 1:12, 14; 2:4, 5, 21-23; Z'kh 4:6-10
22 'Julle sal My volk wees en Ek sal julle God wees.'"
23 Let op, die storm van יהוה! Toorn het uitgegaan, 'n kolkende storm! Dit sal oor die koppe van die bose oortreders losbreek.

24 Die ernstige woede van יהוה sal nie terugdraai nie totdat Hy die beplanning van Sy denke uitgevoer en voltooi het; in die laaste dae sal julle dit verstaan.

31 1 "In daardie tyd," verklaar יהוה, "sal Ek die God wees van al die families van Yisra'el en hulle sal My volk wees."
2 So sê יהוה: "Die mense wat die swaard oorleef het, het onverdiende guns gevind in die wildernis toe Yisra'el gegaan het om sy rus te vind."
3 יהוה het van ver af aan hom verskyn: "Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou nader getrek met liefdevolle goedheid.
4 Ek sal jou weer bou en jy sal herbou wees, o maagd van Yisra'el! Jy sal weer jou tamboeryne optel en gaan na die danse van die feesvierders.
5 Jy sal weer wingerde plant op die heuwels van Shomron; die planters sal plant en hulle geniet,
6 want die dag sal kom wanneer die wagters op die heuwels van Efrayim uitroep: 'Staan op en laat ons opgaan na Tziyon, na יהוה, ons God,'"
7 want so sê יהוה: "Sing hardop uit vreugde vir Ya'akov en roep uit oor die hoofde van die nasies; verkondig dit, sing lofprysing en sê: 'O יהוה, red U volk, wat oorgebly het van Yisra'el.'
8 Let op, Ek bring hulle vanuit die noordelike land en Ek sal hulle bymekaarmaak vanaf die afgeleë dele van die aarde; tussen hulle die blindes, die lammes, die vroue wat swanger is en die wat in kraam is, almal saam; as 'n groot vergadering sal hulle hierheen terugkom.
9 Hulle sal met gehuil en met smekinge kom. Ek sal hulle lei; Ek sal hulle op paaie laat loop na waterstrome, op 'n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie, want Ek is 'n Vader vir Yisra'el en Efrayim is My eersgeborene."
10 Luister en hoor die woord van יהוה, o nasies en verkondig in die kuslande wat ver is en sê: "Hy wat Yisra'el verstrooi het, sal hom bymekaarmaak en hom bewaak soos 'n herder sy kudde bewaak,"
11 want יהוה het Ya'akov losgekoop en hom bevry uit die hand van hom wat sterker was as hy. Yir 32:33,34; Yog 8:31-47; 2 Tim 2:25,26
12 Hulle sal kom en uitroep van vreugde op die hoogte van Tziyon en stralend wees oor die buit van יהוה, oor die graan en die nuwe wyn en die olie en oor die jong skape en beeste en hulle lewe sal soos 'n natgemaakte tuin wees en hulle sal nooit weer wegkwyn nie.
13 Dan sal die maagd haar verheug in die dans en die jongmanne en die oues saam, want Ek sal hulle rou in vreugde verander en hulle troos en vir hulle blydskap gee vir hulle smart.
14 Ek sal die lewe van die priesters vol maak met oorvloed en My volk sal versadig wees met My goedheid," verklaar יהוה.
15 So sê יהוה: "'n Stem word gehoor in Ramah, 'n gekerm en bitter gehuil; Ragel huil oor haar kinders; sy weier om getroos te word oor haar kinders, want hulle is nie meer nie." Mat 2:17,18
16 So sê יהוה: "Bedwing jou stem van huil en jou oë van trane, want jou werk sal beloon word," verklaar יהוה; "hulle sal terugkom uit die land van die vyand.

17 Daar is versekerde verwagting vir jou toekoms," verklaar יהוה; "en die seuns sal terugkom na hulle eie grondgebied.
18 Ek het sekerlik vir Efrayim hoor kla: 'U het my getugtig en ek is getugtig soos 'n ongeleerde kalf. Laat my terugkom sodat ek herstel kan word, want U is יהוה, my God,
19 want nadat ek teruggedraai het, het ek berou en erken en nadat ek geleer is, het ek op my heup geslaan; ek was beskaamd en ook vernederd omdat ek die smaad van my jeug gedra het.'
20 Is Efrayim My dierbare seun? Is hy 'n genotvolle kind? Inderdaad, so dikwels as wat Ek teen hom gepraat het, onthou Ek hom steeds; daarom verlang My binneste na hom; Ek sal My sekerlik oor hom ontferm," verklaar יהוה.
21 Rig vir jouself padtekens op, sit vir jouself padwysers neer; rig jou gedagtes op die hoofpad, die pad waarop jy gegaan het. Kom terug, o maagd van Yisra'el, kom terug na hierdie, jou stede!
22 Hoe lank sal jy heen en weer gaan, o trouelose dogter? Want יהוה het iets nuuts op die aarde geskep: die vrou sal haar man liefhê."
23 So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Weereens sal hulle hierdie woord sê in die land van Y'hudah en in sy stede, wanneer Ek hulle welvaart verander: 'יהוה seën jou, o blyplek van onpartydige opregtheid, o afgesonderde heuwel!'
24 Y'hudah en al sy stede sal saam daarin bly, die landbouers en die wat met troppe rondgaan,
25 want Ek versadig die vermoeide een en verfris elkeen wat wegkwyn."
26 Hiermee het ek wakker geword en opgelet, my slaap was vir my aangenaam.
27 "Let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer Ek die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah sal besaai met die saad van mense en van diere.
28 Soos Ek oor hulle gewaak het om uit te ruk, af te breek en om te gooi, te vernietig en skade aan te doen, so sal Ek oor hulle waak om te bou en te plant," verklaar יהוה.
29 "In daardie dae sal hulle nie meer sê: 'Die vaders het suur druiwe geëet en die tande van die seuns het stomp geword,' nie,
30 maar elkeen sal vir sy eie oortredinge sterf; elke mens wat die suur druiwe eet, sy tande sal stomp word. Yeg 18:4
31 Let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer Ek met die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond sal sluit, Mat 26:28; 1 Kor 11:24,25; 2 Kor 3:6; Heb 8:8-12
32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring nie; My verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was," verklaar יהוה. Yeg 16:59
33 Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra'el sal sluit," verklaar יהוה: "Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees. Yeg 11:19,20; 37:23; Open 21:3
34 Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: 'Ken יהוה,' want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle," verklaar יהוה, 1 Yog 2:27 "want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie."

35 So sê יהוה wat die son gee vir lig bedags en die vaste orde van die maan en van die sterre vir lig in die nag; [Gen 8:22] wat die see in beroering bring sodat sy golwe dreun; יהוה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit):
36 "As hierdie vaste orde vertrek voor My Teenwoordigheid," verklaar יהוה, "dan sal die nageslag van Yisra'el ook vir altyd ophou om 'n volk in My Teenwoordigheid te wees."
37 So sê יהוה: "As die hemele daarbo gemeet kan word en die fondamente van die aarde bestudeer kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van Yisra'el verwerp vir alles wat hulle gedoen het," verklaar יהוה.
38 "Let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer die stad vir יהוה herbou sal word, vanaf die toring van Hanan'el af tot by die Hoekpoort.
39 Die meetlyn sal verder reguit aanloop tot by die heuwel Garev; dan sal dit draai na Go'ah toe.
40 Die hele vallei van die dooie liggame en van die as en al die velde so ver as tot by die spruit Kidron, tot by die hoek van die Perdepoort na die oostekant toe, sal afgesonderd wees tot יהוה; dit sal nie weer uitgeruk of omgegooi word tot in ewigheid nie."

32 1 Die woord wat van יהוה af tot Yirmeyahu gekom het in die tiende jaar van Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, wat die agttiende jaar van N'vukadnetzar was.
2 In daardie tyd het die leër van die koning van Bavel Yerushalayim beleër en Yirmeyahu, die profeet, was opgesluit in die hof van die wagte, wat in die huis van die koning van Y'hudah is
3 omdat Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, hom opgesluit en gesê het: "Waarom profeteer jy en sê: 'So sê יהוה: "Let op, Ek is op die punt om hierdie stad in die hand van die koning van Bavel te gee en hy sal dit inneem
4 en Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, sal nie uit die hand van die Kasdeërs ontsnap nie, maar hy sal sekerlik oorgegee word in die hand van die koning van Bavel en hy sal mond tot mond met hom praat en hom oog tot oog sien
5 en hy sal Tzidkiyahu na Bavel vat en hy sal daar wees totdat Ek hom besoek," verklaar יהוה. "As julle teen die Kasdeërs veg, sal julle nie suksesvol wees nie.'"""
6 Yirmeyahu het gesê: "Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
7 'Let op, Hanam'el, die seun van Shallum, jou oom, kom na jou toe en sê: "Koop vir jou my stuk grond wat in `Anatot lê, want jy het die reg van loskoping om dit te koop.'"
8 Toe het Hanam'el, die seun van my oom, na my toe gekom volgens die woord van יהוה, in die hof van die wagte en vir my gesê: 'Koop asseblief my stuk grond wat in `Anatot, in die land van Binyamin lê, want jy het die reg van besit en die loskoping is joune; koop dit vir jouself.' Toe het ek geweet dat dit die woord van יהוה was.
9 Ek het die grond wat in `Anatot lê van Hanam'el, die seun van my oom, gekoop en vir hom die silwer afgeweeg: sewentien sikkels silwer.
10 Ek het die akte geteken en verseël en getuies ingeroep en die geld afgeweeg op die weegskaal.

11 Toe het ek die koopbrief gevat, beide die verseëlde een wat die terme bevat en die oop een
12 en die koopbrief aan Barukh, die seun van Neriyah, die seun van Magseyah, gegee voor die oë van Hanam'el, die seun van my oom en voor die oë van die getuies wat die koopbrief onderteken het; voor die oë van almal van Y'hudah wat in die hof van die wagte gesit het
13 en ek het aan Barukh voor hulle oë beveel en gesê:
14 'So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Neem hierdie aktes, hierdie verseëlde koopbrief en hierdie oop akte en sit hulle in 'n erdepot sodat hulle lank kan hou,"
15 want so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Huise, lande en wingerde sal weer in hierdie land gekoop word.'"
16 Nadat ek die koopbrief aan Barukh, die seun van Neriyah, gegee het, het ek tot יהוה gebid en gesê:
17 Ag, יהוה-God, let op, U het die hemel en die aarde gemaak deur U groot krag en deur U uitgestrekte arm! Niks is vir U te moeilik nie,
18 U wat liefdevolle goedheid wys aan duisende, maar die oortredinge van die vaders terugbetaal in die skoot van hulle kinders ná hulle; o, groot en magtige God, יהוה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit);
19 groot van raad en magtig in daad, Wie se oë oop is vir al die lewenswyses van die seuns van die mens, om aan elkeen te gee volgens sy lewenswyse en volgens die vrug van sy dade;
20 wat tekens en wonders in Mitzrayim en tot vandag toe in beide Yisra'el en onder die mense gedoen het en vir U 'n Naam gemaak het soos dit vandag is.
21 U het U volk Yisra'el uit die land van Mitzrayim gebring met tekens en met wonders en met 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm en met groot verskrikking
22 en aan hulle hierdie land gegee wat U hul vaders met 'n eed beloof het om vir hulle te gee, 'n land wat vloei met melk en heuning.
23 Hulle het gekom en dit in besit geneem, maar nie U stem gehoorsaam of in U wet geloop nie; hulle het absoluut niks gedoen wat U hulle beveel het om te doen nie; daarom het U al hierdie katastrofes oor hulle laat kom.
24 Let op, die beleëringswalle het gekom tot by die stad, om dit in te neem en die stad is vanweë die swaard, die hongersnood en die pes in die hand van die Kasdeërs wat daarteen veg, oorgegee en wat U gesê het, het gebeur en let op, U sien dit!
25 U, יהוה-God, het vir my gesê: "Koop vir jouself die stuk grond met geld en roep getuies in," alhoewel die stad in die hand van die Kasdeërs gegee is!'"
26 Toe het die woord van יהוה tot Yirmeyahu gekom en gesê:
27 "Let op, Ek is יהוה, die God van alle vlees; is enige iets te moeilik vir My?"
28 יהוה sê daarom: "Let op, Ek is op die punt om hierdie stad oor te gee in die hand van die Kasdeërs en in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel en hy sal dit inneem.
29 Die Kasdeërs wat teen hierdie stad veg, sal inkom en hierdie stad aan die brand steek en dit verbrand, saam met dié huise waar daar op die dakke aan Ba'al wierook geoffer is en vir ander gode drankoffers uitgegiet is om My te tart tot woede.

30 Inderdaad het die seuns van Yisra'el en die seuns van Y'hudah van hulle jeug af boos gedoen in My oë, want die seuns van Yisra'el het My net deur die werk van hulle hande getart tot woede," verklaar יהוה.
31 Inderdaad was hierdie stad vir My 'n rede vir My woede en My toorn vanaf die dag dat hulle dit gebou het tot vandag toe sodat dit van voor My gesig verwyder moet word, Luk 19:44
32 as gevolg van al die boosheid van die seuns van Yisra'el en die seuns van Y'hudah wat hulle gedoen het om My te tart tot woede; hulle, hulle konings, hulle leiers, hulle priesters, hulle profete, die manne van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim.
33 Hulle het hulle rug na My toe gedraai en nie hul gesig nie; alhoewel Ek hulle geleer het, keer op keer, wou hulle nie luister en instruksie ontvang nie,
34 maar hulle het hul verwerplike dinge neergesit in die huis wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word, om dit te verontreinig. Yir 31:11; 2 Tim 2:25,26
35 Hulle het die hoë plekke van Ba'al gebou in die vallei van Ben-Hinnom om hulle seuns en hulle dogters vir Molekh deur die vuur te laat gaan, wat Ek hulle nie beveel het nie en wat in My gedagtes nie opgekom het nie, dat hulle hierdie gruwel sou doen om Y'hudah te laat sondig; 2 Kon 21:3,6
36 daarom, so sê יהוה-God van Yisra'el, aangaande hierdie stad waarvan julle sê: 'Dit is in die hand van die koning van Bavel oorgegee deur die swaard, die hongersnood en die pes,'
37 let op, Ek sal hulle bymekaarmaak uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het in My woede, in My toorn en in groot verontwaardiging en Ek sal hulle na hierdie plek terugbring en hulle in veiligheid laat bly.
38 Hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees
39 en Ek sal vir hulle een verstand, wil en emosie en een lewenswyse gee sodat hulle My altyd respekvol mag vrees, vir hulle ten goede en hulle kinders ná hulle.
40 Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit: dat Ek nie sal wegdraai daarvan om aan hulle goed te doen nie en Ek sal My respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie.
41 Ek sal My oor hulle verheug om aan hulle goed te doen en Ek sal hulle getrou in hierdie land plant, met My hele verstand, wil en emosie en met My hele lewe,
42 want so sê יהוה: 'Net soos Ek al hierdie groot rampe oor hierdie volk gebring het, so gaan Ek al die goeie wat Ek hulle belowe oor hulle bring.
43 Grond sal gekoop word in hierdie land waarvan julle sê: "Dit is 'n verlatenheid, sonder mens of dier; dit is in die hand van die Kasdeërs oorgegee."
44 Mense sal grond koop vir geld, aktes teken en verseël en getuies inroep in die land van Binyamin, in die omstreke van Yerushalayim, in die stede van Y'hudah, in die stede van die Bergland, in die stede van die Laagland en in die stede van die Suidland, want Ek sal hulle welstand herstel,' verklaar יהוה."

33 1 Toe het die woord van יהוה vir die tweede keer tot Yirmeyahu gekom terwyl hy
nog opgesluit was in die hof van die wagte en gesê:
2 "So sê יהוה wat jou gemaak het, wat jou gevorm het en jou gevestig het, יהוה is Sy
Naam (Karakter en Outoriteit):
3 'Roep na My en Ek sal jou antwoord en aan jou groot en magtige dinge vertel, wat
jy nie weet nie,'
4 want so sê יהוה, die God van Yisra'el, met betrekking tot die huise van hierdie stad
en die huise van die konings van Y'hudah wat die rowers ontwortel het deur die
swaard:
5 hulle kom om te veg teen die Kasdeërs, maar dit is om die strate te vul met die lyke
van mense wat Ek neergeslaan het in My woede en in My toorn, want Ek het My
gesig van hierdie stad af weggedraai as gevolg van al hulle boosheid:
6 "Let op, Ek sal gesondheid en genesing bring en hulle genees en Ek sal vir hulle 'n
oorvloed vrede en waarheid openbaar.
7 Ek sal die welstand van Y'hudah en die welstand van Yisra'el herstel en hulle herbou
soos hul aan die begin was.
8 Ek sal hulle reinig van al hulle oortredinge waarmee hulle teen My gesondig het en
Ek sal al hulle oortredinge vryspreek waarmee hulle teen My gesondig en teen My
oortree het.
9 Dit sal vir My 'n naam van vreugde, lofprysing, eer en aanbidding wees voor al die
nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie wat Ek vir hulle doen en hulle
sal respekvol vrees en bewe as gevolg van al die goeie en al die vrede wat Ek vir
hulle bring.'
10 So sê יהוה: 'Daar sal weer in hierdie plek waarvan julle sê: "Dit is 'n woesteny,
sonder mens en sonder dier," in die stede van Y'hudah en op die strate van
Yerushalayim wat verlate is, sonder mens, sonder inwoner en sonder dier,
11 die stem van vreugde en die stem van blydskap, die stem van die bruidegom en die
stem van die bruid, die stem van die wat sê: "Bring danksegging aan יהוה-Tzva'ot,
want יהוה is goed, want Sy liefdevolle goedheid is vir ewig" en van die wat 'n
dankoffer bring in die huis van יהוה, gehoor word, want Ek sal die welvaart van die
land herstel soos dit aan die begin was,' sê יהוה.
12 So sê יהוה-Tzva'ot: 'Daar sal weer in hierdie plek wat 'n woesteny is, sonder mens
of dier en in al sy stede 'n blyplek wees vir herders wat hulle troppe laat rus. Luk 2:8
13 In die stede van die Bergland, in die stede van die Laagland, in die stede van die
Suidland, in die land van Binyamin, in die omstreke van Yerushalayim en in die
stede van Y'hudah sal die troppe weer, onder die hand van die een wat hulle tel,
verbygaan,' sê יהוה.
14 'Let op, daar kom dae,' verklaar יהוה, 'wanneer Ek die goeie woord in vervulling sal
bring wat Ek gesê het aangaande die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah.
15 In daardie dae en in daardie tyd sal Ek vir Dawid 'n onpartydige en opregte Spruit
laat uitspruit en Hy sal regverdige oordeel en onpartydige opregtheid uitoefen op
die aarde.

16 In daardie dae sal Y'hudah gered word en Yerushalayim in veiligheid bly en dit sal die naam wees wat dit genoem word: יהוה is ons onpartydige opregtheid [יהוה-Tzidkenu],
17 want so sê יהוה: "Daar sal nooit vir Dawid 'n man ontbreek om te sit op die troon van die huis van Yisra'el nie Ps 89:4,5; Open 22:16
18 en daar sal vir die Leviete en priesters nooit 'n man ontbreek voor My Teenwoordigheid om altyddeur brandoffers te bring en graanoffers aan die brand te steek en om voortdurend offers voor te berei nie.'" Heb 7:25
19 Die woord van יהוה het tot Yirmeyahu gekom en gesê:
20 "So sê יהוה: 'As julle My instellings vir die dag en My instellings vir die nag kan verbreek sodat dag en nag nie op sy vasgestelde tyd sal wees nie,
21 dan sal My verbond ook met Dawid, My dienskneg, verbreek kan word sodat daar vir hom geen seun sal wees wat regeer op sy troon nie en My verbond met die Leviete, My bedienaars, verbreek kan word. 1 Kefa 2:5-9; Heb 7:12; 10:21
22 Soos die leërskare van die hemel nie getel en die sand van die see nie gemeet kan word nie, so sal Ek die nageslag van My kneg Dawid en die Leviete wat My bedien, vermenigvuldig.'"
23 Die woord van יהוה het tot Yirmeyahu gekom en gesê:
24 "Het jy nie opgemerk wat hierdie volk praat as hulle sê: 'Die twee families wat יהוה gekies het, dié het Hy verwerp,' nie? So verag hulle My volk, hulle is geen nasie meer in hulle oë nie."
25 So sê יהוה: "As My verbond met dag en nag nie staan nie en die vaste patrone van hemel en aarde, nie vasgestel is nie,
26 dan sal Ek die nageslag van Ya'akov en van My dienskneg Dawid verwerp sodat Ek nie uit sy nageslag heersers sal vat oor die nageslag van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov nie, maar Ek sál hulle welvaart herstel en My oor hulle ontferm.'"

34 1 Die woord wat van יהוה tot Yirmeyahu gekom het toe N'vukadnetzar, koning van Bavel en sy hele leër, saam met al die koninkryke van die aarde wat onder sy heerskappy is en al die volke teen Yerushalayim en al sy stede oorlog gevoer het en gesê het:
2 "So sê יהוה-God van Yisra'el: 'Gaan en praat met Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en sê vir hom: "So sê יהוה: 'Let op, Ek gee hierdie stad in die hand van die koning van Bavel en hy sal dit met vuur verbrand.
3 Jy sal nie uit sy hand ontvlug nie, want jy sal sekerlik gevang en in sy hand oorgegee word en jy sal die koning van Bavel oog tot oog sien en hy sal met jou mond tot mond praat en jy sal na Bavel toe gaan.'"'
4 Tog, luister na die woord van יהוה, o Tzidkiyahu, koning van Y'hudah! So sê יהוה aangaande jou: 'Jy sal nie deur die swaard sterf nie. 2 Kon 25:7
5 Jy sal in vrede sterf en soos wierook vir jou vaders, die vorige konings wat voor jou was, gebrand is, só sal hulle ook vir jou brand en rou oor jou: "Ag, meester,'" want Ék het die woord gespreek," verklaar יהוה.
6 Toe het Yirmeyahu, die profeet, al hierdie woorde vir Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, in Yerushalayim gesê

7 terwyl die leër van die koning van Bavel oorlog voer teen Yerushalayim en teen al die stede van Y'hudah wat oorgebly het: Lakhish en `Azekah, want hulle het alleen as versterkte stede oorgebly onder die stede van Y'hudah.
8 Die woord wat van יהוה tot Yirmeyahu gekom het nadat koning Tzidkiyahu 'n verbond gesluit het met die hele volk wat in Yerushalayim was, om vir hulle vrylating uit te roep:
9 dat elke man sy slaaf en sy slavin, 'n Hebreeuse man of Hebreeuse vrou, vry moet laat sodat niemand 'n Hebreër, sy broer, in bande sou hou nie.
10 Al die amptenare en al die mense wat die verbond aangegaan het, het gehoorsaam dat elkeen sy slaaf en sy slavin vry sou laat gaan sodat niemand hulle meer in slawerny sou hou nie; hulle het gehoorsaam en hulle vrygelaat,
11 maar later het hulle omgedraai en weer die slawe en slavinne teruggevat wat hulle vrygelaat het en hulle het hulle as slawe en slavinne onderwerp.
12 Toe het die woord van יהוה tot Yirmeyahu gekom en gesê:
13 "So sê יהוה-God van Yisra'el: 'Ek het 'n verbond met julle vaders gesluit op die dag toe Ek hulle uit Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgebring het en gesê:
14 "Aan die einde van sewe jaar moet elkeen van julle sy broer, die Hebreër wat aan jou verkoop is en jou ses jaar lank gedien het, vry laat weggaan; jy moet hom vry van jou af wegstuur, maar julle voorvaders het nie na My geluister of hulle oor na My gedraai nie. Eks 21:2; Deut 15:12-18
15 Alhoewel júlle onlangs omgedraai het en gedoen het wat reg is in My oë, om elkeen vrylating aan sy naaste aan te kondig en julle 'n verbond gesluit het voor My Teenwoordigheid, in die huis wat na My Naam genoem is,
16 het julle tog gedraai en My Naam (Karakter en Outoriteit) onteer en elkeen het sy slaaf en sy slavin wat julle vrygelaat het volgens hulle begeerte, teruggevat en julle het hulle in onderdanigheid gebring om julle slawe en slavinne te wees;'"
17 daarom, so sê יהוה: 'Júlle het nie na My geluister om vrylating aan te kondig, elkeen vir sy broer en vir sy naaste nie. Let op, Ek kondig 'n vrylating aan vir jou,' verklaar יהוה, 'tot die swaard, die pes en die hongersnood en Ek sal van julle 'n verskrikking maak vir al die koninkryke van die aarde.
18 Ek sal die manne wat My verbond oortree het, wat nie die woorde van die verbond nagekom het wat hulle voor My Teenwoordigheid gesluit het nie, toe hulle die kalf in twee stukke gesny en tussen die stukke deurgeloop het;
19 die amptenare van Y'hudah, die amptenare van Yerushalayim, die hofamptenare, die priesters en die hele volk van die land wat tussen die stukke van die kalf deurgegaan het;
20 Ek sal hulle gee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en hulle lyke sal kos wees vir die voëls van die hemel en vir die wilde diere van die aarde.
21 Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en sy amptenare sal Ek oorgee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en in die hand van die leër van die koning van Bavel wat van julle af weggetrek het. 2 Kon 24:20-25:11

22 Let op, Ek gaan bevel gee,' verklaar יהוה, 'en Ek sal hulle na hierdie stad toe terugbring en hulle sal daarteen oorlog voer en dit inneem en dit met vuur verbrand en Ek sal die stede van Y'hudah 'n verlatenheid maak, sonder inwoner.'"

35 1 Die woord wat vanaf יהוה tot Yirmeyahu gekom het in die dae van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah:

2 "Gaan na die huis van die Rekhaviete en praat met hulle en bring hulle na die huis van יהוה, in een van die kamers in en gee vir hulle wyn om te drink."

3 Toe het ek vir Ya'azanyah, die seun van Yirmeyahu, die seun van Havatzinyah, gevat, sy broers, al sy seuns en die hele huis van die Rekhaviete

4 en ek het hulle in die huis van יהוה ingebring, in die kamer van die seuns van Hanan, die seun van Yigdalyahu, die man van God, wat naby die kamer van die amptenare is, wat bo die kamer van Ma'aseiyah, die seun van Shallum, die deurwagter is.

5 Toe het ek voor die manne van die huis van die Rekhaviete kruike vol wyn en bekers neergesit en vir hulle gesê: "Drink wyn,"

6 maar hulle het geantwoord: "Ons sal nie wyn drink nie, want Yonadav, die seun van Rekhav, ons vader, het ons beveel en gesê: 'Julle mag geen wyn drink nie, julle of julle seuns, vir ewig.

7 Julle mag nie 'n huis bou of saad saai of 'n wingerd plant of een besit nie, maar julle moet in tente woon al julle dae sodat julle baie dae mag lewe in die land waar julle besoekers is.'

8 Ons het die stem van ons vader Yonadav, die seun van Rekhav, gehoorsaam, in alles wat hy ons beveel het, om geen wyn te drink al ons dae nie, ons, ons vroue, ons seuns en ons dogters,

9 of om vir ons huise te bou om in te bly nie en ons het geen wingerd of landerye of saad nie.

10 Ons het net in tente gebly en was gehoorsaam en het gedoen volgens alles wat ons vader Yonadav ons beveel het,

11 maar toe N'vukadnetzar, koning van Bavel, teen die land opgekom het, het ons gesê: 'Kom, laat ons na Yerushalayim gaan voor die leër van die Kasdeërs en voor die leër van die Arameërs.' Ons het dus in Yerushalayim gebly."

12 Toe kom die woord van יהוה tot Yirmeyahu en sê:

13 "So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Gaan sê vir die manne van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim: "Wil julle nie lering ontvang deur na My woorde te luister nie?" verklaar יהוה.

14 "Die woorde van Yonadav, die seun van Rekhav, wat hy sy seuns beveel het om geen wyn te drink nie, het hulle gehou. Hulle drink dus geen wyn tot vandag toe nie, want hulle het hulle vader se bevel gehoorsaam. Ék het egter met julle gepraat, keer op keer; tog het julle nie na My geluister nie.

15 Ek het ook al My diensknegte, die profete, keer op keer na julle toe gestuur om te sê: 'Draai elkeen weg van sy verkeerde lewenswyse en verander julle dade en loop nie agter ander gode aan om hulle te aanbid nie. Dan sal julle bly in die land wat Ek vir julle en julle voorvaders gegee het,' maar julle het nie julle oor gedraai of na My geluister nie.

16 Inderdaad, die seuns van Yonadav, die seun van Rekhav, het die bevel van hulle vader gehou wat hy hulle beveel het, maar hierdie volk luister nie na My nie."
17 יהוה, die God van die leërmagte, die God van Yisra'el, sê daarom: "Let op, Ek bring oor Y'hudah en oor al die inwoners van Yerushalayim al die rampe wat Ek teen hulle verklaar het omdat Ek met hulle gepraat het, maar hulle nie geluister het nie en Ek hulle geroep het, maar hulle nie geantwoord het nie.'" Deut 27,28
18 Toe sê Yirmeyahu vir die huis van die Rekhaviete: "So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Omdat julle die opdrag van julle vader Yonadav gehoorsaam het; al sy opdragte gehou en gedoen het volgens alles wat hy julle beveel het;
19 daarom, so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Yonadav, die seun van Rekhav, sal nooit 'n man ontbreek om altyd voor My Teenwoordigheid te staan nie."'"

36 1 In die vierde jaar van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, het hierdie woord van יהוה tot Yirmeyahu gekom:
2 "Vat 'n boekrol en skryf al die woorde wat Ek met jou gepraat het oor Yisra'el, Y'hudah en oor al die nasies daarop, vanaf die dag dat Ek met jou gepraat het, van die dae van Yoshiyahu af, tot vandag toe.
3 Miskien sal die huis van Y'hudah hoor van al die rampe wat Ek beplan om oor hulle te bring sodat elkeen kan omdraai van sy verkeerde lewenswyse; dan sal Ek hulle oortredinge en hulle sonde vergewe."
4 Toe het Yirmeyahu vir Barukh, die seun van Neriyah, geroep en Barukh het op 'n boekrol geskryf, gedikteer deur Yirmeyahu, al die woorde van יהוה wat Hy met hom gepraat het.
5 Yirmeyahu het Barukh beveel en gesê: "Ek is ingeperk; ek kan nie in die huis van יהוה ingaan nie.
6 Gaan op 'n vasdag en lees vir die mense in die huis van יהוה die woorde van יהוה uit die rol wat jy deur my diktasie geskryf het en jy moet dit ook lees vir die hele Y'hudah wat vanaf hulle stede kom.
7 Miskien sal hulle versoeke voor die Teenwoordigheid van יהוה kom en almal sal omdraai van hulle verkeerde lewenswyse, want groot is die woede en die toorn wat יהוה teen hierdie volk verklaar het."
8 Barukh, die seun van Neriyah, het gedoen volgens alles wat Yirmeyahu, die profeet, hom beveel het en die woorde van יהוה, in die huis van יהוה, uit die boekrol gelees.
9 In die vyfde jaar van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, in die negende maand, het al die mense in Yerushalayim en al die mense wat uit die stede van Y'hudah na Yerushalayim gekom het, 'n vasdag voor die Teenwoordigheid van יהוה uitgeroep.
10 Toe het Barukh die woorde van Yirmeyahu uit die boek aan al die mense gelees, in die huis van יהוה, in die kamer van G'maryah, die seun van Shafan, die skrywer, in die boonste hof, by die ingang van die Nuwe Poort van die huis van יהוה.
11 Toe Mikhay'hu, die seun van G'maryah, die seun van Shafan, al die woorde van יהוה uit die boekrol gehoor het,

12 gaan hy af na die huis van die koning, na die kamer van die skrywer en let op, al die amptenare het daar gesit: Elishama, die skrywer; D'layahu, die seun van Sh'ma'yahu; Elnatan, die seun van `Akhbor; G'maryah, die seun van Shafan; Tzidiyahu, die seun van Hananyahu en al die amptenare.
13 Mikhay'hu het aan hulle die hele boodskap aangekondig wat hy gehoor het toe Barukh uit die boekrol vir al die mense gelees het.
14 Toe stuur al die amptenare vir Y'hudi, die seun van N'tanyahu, die seun van Shelemyahu, die seun van Kushi, na Barukh, met die boodskap en sê: "Vat die rol waaruit jy vir die mense gelees het in jou hand en kom." Barukh, die seun van Neriyah, vat toe die rol in sy hand en gaan na hulle toe.
15 Hulle sê vir hom: "Sit asseblief en lees dit vir ons." Barukh het dit vir hulle gelees.
16 Toe hulle al die woorde gehoor het, het hulle verskrik na mekaar gedraai en vir Barukh gesê: "Ons moet al hierdie woorde sekerlik aan die koning rapporteer."
17 Hulle het vir Barukh gevra: "Vertel ons asseblief, hoe het jy al hierdie woorde neergeskryf; deur sy diktasie?"
18 Toe antwoord Barukh hulle: "Hy het al hierdie woorde aan my dikteer en ek het dit met ink op die boekrol geskryf."
19 Toe sê die amptenare vir Barukh: "Gaan, kruip weg, jy en Yirmeyahu en laat niemand weet waar julle is nie."
20 Hulle het na die koning in die hof gegaan, maar hulle het die rol in die kamer van Elishama, die skrywer, gebêre en al die woorde aan die koning rapporteer.
21 Toe stuur die koning vir Y'hudi om die rol te gaan haal en hy het dit gaan haal uit die kamer van Elishama, die skrywer en Y'hudi het dit vir die koning en vir al die amptenare wat by die koning staan, gelees.
22 Die koning het in die winterpaleis, in die negende maand gesit met 'n vuur in die koper pan voor hom.
23 Wanneer Y'hudi drie of vier kolomme gelees het, het die koning dit met die mes van 'n skrywer stukkend gesny en in die vuur gegooi wat op die koper pan was totdat die hele boekrol in die vuur op die koper pan verteer was.
24 Tog was die koning en al sy diensknegte wat al hierdie woorde gehoor het, nie bang nie en het hulle ook nie hulle klere geskeur nie.
25 Selfs al het Elnatan, D'layahu en G'maryah by die koning gepleit om nie die boekrol te verbrand nie, wou hy nie na hulle luister nie.
26 Die koning het Yeragme'el, die seun van die koning, S'rayahu, die seun van `Azri'el en Shelemyahu, die seun van `Avde'el, beveel om Barukh, die skrywer en Yirmeyahu, die profeet, te vang, maar יהוה het hulle weggesteek.
27 Toe kom die woord van יהוה tot Yirmeyahu nadat die koning die boekrol, met die woorde wat Barukh deur die diktering van Yirmeyahu geskryf het, verbrand het en sê:
28 "Vat weer 'n ander boekrol en skryf daarop al die vorige woorde wat op die eerste rol was, wat Y'hoyakim, koning van Y'hudah, verbrand het

29 en aangaande Y'hoyakim, koning van Y'hudah, moet jy sê: 'So sê יהוה: "Jy het hierdie boekrol verbrand en gesê: 'Waarom het jy daarop geskrywe dat die koning van Bavel sekerlik sal kom en hierdie land vernietig en mens en dier daarop sal laat ophou bestaan?'"
30 'יהוה sê daarom aangaande Y'hoyakim, koning van Y'hudah: "Hy sal niemand hê om te sit op die troon van Dawid nie en sy lyk sal uitgegooi word op die hitte van die dag en die ryp van die nag.
31 Ek sal hom, sy nageslag en sy diensknegte straf vir hulle oortredinge en Ek sal oor hulle, die inwoners van Yerushalayim en die manne van Y'hudah al die rampe bring wat Ek teen hulle verklaar, want hulle het nie geluister nie."'"
32 Toe het Yirmeyahu 'n ander boekrol gevat en dit vir Barukh, die seun van Neriyah, die skrywer, gegee en hy het op dit die diktasie van Yirmeyahu geskryf, al die woorde van die boek wat Y'hoyakim, koning van Y'hudah, in die vuur verbrand het en baie soortgelyke woorde is by hulle bygevoeg.

37 1 Tzidkiyahu, die seun van Yoshiyahu, wat N'vukadnetzar, koning van Bavel, koning gemaak het in die land van Y'hudah, het as koning regeer in die plek van Koniyahu (Y'hoyakhin), die seun van Y'hoyakim, 2 Kon 24:12-20
2 maar nie hy of sy diensknegte of die mense van die land het geluister na die woorde van יהוה wat Hy deur Yirmeyahu, die profeet, gepraat het nie.
3 Tog het koning Tzidkiyahu vir Y'hukhal, die seun van Shelemyahu en Tz'fanyahu, die seun van Ma'aseiyah, die priester, na Yirmeyahu, die profeet, gestuur en gesê: "Bid asseblief tot יהוה, ons God, vir ons." Yir 21:2
4 Yirmeyahu het nog in- en uitgegaan tussen die volk, want hulle het hom nog nie in die tronk gesit nie.
5 Intussen het die leër van Farao uit Mitzrayim uitgetrek en toe die Kasdeërs wat besig was om Yerushalayim te beleër, die verslag aangaande hulle hoor, het hulle die beleëring van Yerushalayim afgelig.
6 Toe kom die woord van יהוה tot Yirmeyahu, die profeet en sê:
7 "So sê יהוה, God van Yisra'el: 'So moet julle sê aan die koning van Y'hudah wat julle na My toe gestuur het om My te raadpleeg: "Let op, die leër van Farao wat uitgetrek het om julle te help, sal teruggaan na sy eie land, na Mitzrayim.
8 Die Kasdeërs sal ook terugkom en teen hierdie stad veg, dit inneem en dit met vuur verbrand.'"
9 So sê יהוה: 'Moenie julleself bedrieg deur te sê: "Die Kasdeërs sal sekerlik van ons af weggaan nie," want hulle sal nie gaan nie,
10 want al sou julle die hele leër van die Kasdeërs wat teen julle veg, verslaan en daar onder hulle net gewondes oorbly, elkeen in sy tent, sal hulle opstaan en hierdie stad met vuur verbrand.'"
11 Dit het gebeur toe die leër van die Kasdeërs van Yerushalayim af weggetrek het as gevolg van die leër van Farao,
12 dat Yirmeyahu uit Yerushalayim uitgegaan het om na die land van Binyamin te gaan, om daar besit te gaan neem van eiendom tussen die mense.

13 Terwyl hy by die Binyaminspoort was, was daar 'n kaptein van die wag met die naam van Yir'iyah, die seun van Shelemyahu, die seun van Hananyah en hy het Yirmeyahu, die profeet, gearresteer en gesê: "Jy gaan oor na die Kasdeërs!"
14 Yirmeyahu het egter gesê: "'n Leuen! Ek gaan nie oor na die Kasdeërs toe nie;" tog wou hy nie na hom luister nie. Yir'iyah het Yirmeyahu arresteer en hom na die amptenare gebring.
15 Toe was die amptenare baie kwaad vir Yirmeyahu en het hom geslaan en hom in die tronk gesit in die huis van Y'honatan, die skrywer, wat hulle as tronk ingerig het,
16 want Yirmeyahu is in die kerker, dit is die put opening, laat afsak en Yirmeyahu het baie dae daar gebly.
17 Koning Tzidkiyahu het gestuur en hom laat haal en die koning het hom in sy paleis in die geheim gevra en gesê: "Is daar 'n woord vanaf יהוה?" Yirmeyahu antwoord: "Daar is!" Toe sê hy: "U sal in die hand van die koning van Bavel oorgelewer word."
18 Verder het Yirmeyahu vir koning Tzidkiyahu gesê: "Wat het ek teen u of teen u diensknegte of teen hierdie volk gesondig sodat julle my in die tronk gesit het?
19 Waar is julle profete dan wat vir julle geprofeteer en gesê het: 'Die koning van Bavel sal nie teen julle of teen hierdie land kom nie'?
20 Luister egter asseblief nou, my meester die koning; laat asseblief my versoek aanvaarbaar wees voor u en laat my nie teruggaan na die huis van Y'honatan, die skrywer, dat ek daar mag sterf nie."
21 Toe gee koning Tzidkiyahu bevel dat hulle Yirmeyahu in die hof van die waghuis moet hou en daagliks vir hom 'n brood uit die Bakkerstraat moet gee totdat al die brood in die stad op was. So het Yirmeyahu in die hof van die waghuis gebly.

38 1 Sh'fatyah, die seun van Mattan; G'dalyahu, die seun van Pash'gur; Y'hukhal, die seun van Shelemyahu en Pash'gur, die seun van Malkiyah, het die woorde gehoor wat Yirmeyahu met die hele volk gepraat en gesê het:
2 "So sê יהוה: 'Hy wat in hierdie stad bly, sal sterf deur die swaard, die hongersnood en die pes, maar hy wat na die Kasdeërs toe uitgaan, sal lewe en sy eie lewe as buit hê en aan die lewe bly.'
3 So sê יהוה: 'Hierdie stad sal sekerlik oorgegee word in die hand van die leër van die koning van Bavel en hy sal dit inneem.'"
4 Toe het die amptenare vir die koning gesê: "Laat hierdie man doodgemaak word, want dit is hy wat die krygsmanne wat in hierdie stad oor is en die hele volk ontmoedig deur sulke woorde met hulle te praat, want dié man soek nie die welsyn van hierdie volk nie, maar hulle skade."
5 Koning Tzidkiyahu het gesê: "Let op, hy is in julle hande, want die koning kan niks teen julle doen nie."
6 Toe vat hulle vir Yirmeyahu en gooi hom in die put van Malkiyahu, die seun van die koning, wat in die hof van die waghuis was en hulle het Yirmeyahu met toue laat afsak. Nou, in die put was daar geen water nie, maar net modder en Yirmeyahu het in die modder ingesink, Kla 3:52-66

7 maar `Eved-Melekh, die Kushiet, 'n kamerling, het terwyl hy in die paleis van die koning was, gehoor dat hulle Yirmeyahu in die put gesit het. Die koning het in die Binyaminspoort gesit
8 en `Eved-Melekh het uit die paleis van die koning uitgegaan en met die koning gepraat en gesê:
9 "My meester die koning, hierdie manne het boos opgetree in alles wat hulle die profeet Yirmeyahu aangedoen het, wat hulle in die put gegooi het en hy sal net daar waar hy is sterf as gevolg van die hongersnood, want daar is geen brood meer in die stad nie."
10 Toe beveel die koning vir `Eved-Melekh, die Kushiet en sê: "Vat dertig manne hiervandaan onder jou outoriteit en trek die profeet Yirmeyahu uit die put uit op, voordat hy sterf."
11 `Eved-Melekh het die manne onder sy outoriteit gevat en in die paleis van die koning ingegaan en van onder uit die stoorkamer verslete klere en geskeurde lappe gevat en dit na Yirmeyahu in die put met toue laat afsak.
12 Toe het `Eved-Melekh, die Kushiet, vir Yirmeyahu gesê: "Sit nou die verslete klere en geskeurde lappe onder jou armholtes onder die toue" en Yirmeyahu het so gedoen.
13 Hulle het Yirmeyahu met die toue opgetrek en hom uit die put uitgelig en Yirmeyahu het in die hof van die waghuis gebly.
14 Toe stuur koning Tzidkiyahu en hy laat die profeet Yirmeyahu na hom toe bring by die derde ingang van die huis van יהוה en die koning het vir Yirmeyahu gesê: "Ek gaan vir jou iets vra; moet niks vir my wegsteek nie."
15 Toe antwoord Yirmeyahu vir Tzidkiyahu: "As ek u vertel, let op, u sal my sekerlik laat doodmaak. In elk geval, as ek vir u raad gee, sal u nie na my luister nie."
16 Koning Tzidkiyahu het egter in die geheim vir Yirmeyahu gesweer en gesê: "So waar as יהוה leef wat vir ons hierdie lewe gemaak het, ek sal jou sekerlik nie doodmaak of jou oorgee in die hand van hierdie manne wat jou lewe soek nie!"
17 Toe sê Yirmeyahu vir Tzidkiyahu: "So sê יהוה, die God van die leërmagte, die God van Yisra'el: 'As u inderdaad sal uitgaan na die offisiere van die koning van Bavel, dan sal u leef, hierdie stad sal nie met vuur verbrand word nie en u en u huishouding sal oorleef,
18 maar as u nie uitgaan na die offisiere van die koning van Bavel nie, dan sal hierdie stad in die hand van die Kasdeërs oorgegee word en hulle sal dit met vuur verbrand en u self sal nie uit hulle hand ontsnap nie.'"
19 Toe sê koning Tzidkiyahu vir Yirmeyahu: "Ek is bang vir hulle van Y'hudah wat na die Kasdeërs oorgeloop het, want hulle mag my aan hulle oorgee en hulle sal my beledig."
20 Yirmeyahu antwoord egter: "Hulle sal u nie oorgee nie. Gehoorsaam יהוה asseblief in wat ek vir u sê sodat dit met u goed mag gaan en u sal leef,
21 maar as u aanhou weier om uit te gaan, is dit die woord wat יהוה vir my gewys het:

22 'Dan, let op, sal al die vroue wat in die paleis van die koning van Y'hudah oorgebly het, uitgelei word na die offisiere van die koning van Bavel en daardie vrouens sal sê: "U goeie vriende het u mislei en u oorweldig terwyl u voete in die slik weggesak het, het hulle teruggedraai."
23 Hulle sal ook al u vroue en u kinders na die Kasdeërs uitlei en u self sal nie uit hulle hand ontsnap nie, maar sal deur die hand van die koning van Bavel gevang word en hierdie stad sal met vuur verbrand word.'"
24 Toe sê Tzidkiyahu vir Yirmeyahu: "Laat niemand van hierdie woorde weet nie en jy sal nie sterf nie,
25 maar as die amptenare hoor dat ek met jou gepraat het en by jou kom en vir jou sê: 'Vertel ons nou wat jy vir die koning gesê het; moet dit nie vir ons wegsteek nie en ons sal jou nie doodmaak nie,'
26 dan moet jy hulle antwoord: 'Ek het my versoek voor die koning gebring dat hy my nie moet laat terugbring in die huis van Y'honatan, om daar te sterf nie.'"
27 Toe het al die amptenare by Yirmeyahu gekom en hom uitgevra en hy het aan hulle gerapporteer volgens al hierdie woorde wat die koning hom beveel het en hulle het opgehou om met hom te praat, aangesien die gesprek nie gehoor is nie.
28 Yirmeyahu het in die hof van die waghuis gebly tot op die dag dat Yerushalayim ingeneem is.

39 1 Toe Yerushalayim ingeneem is in die negende jaar van Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, in die tiende maand, het N'vukadnetzar, die koning van Bavel, met sy hele leër na Yerushalayim gekom en dit beleër;
2 in die elfde jaar van Tzidkiyahu, in die vierde maand, op die negende van die maand, is in die stad ingebreek. 2 Kon 25:1-3
3 Toe het al die amptenare van die koning van Bavel gekom en gaan sit by die Middelpoort: Nergal-Sar'etzer, Shamgar-N'vo, Sars'khim, die hoof kamerling, Nergal-Sar'etzer, die hoof waarsêer en al die ander amptenare van die koning van Bavel.
4 Toe Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en al die krygsmanne hulle sien, het hulle gevlug en in die nag uit die stad uitgegaan deur die koning se tuin, deur die poort tussen die twee mure en hy het uitgegaan in die rigting van die wildernis,
5 maar die leër van die Kasdeërs het hulle agternagejaag en Tzidkiyahu in die vlaktes van Yerigo ingehaal, hom gevang en hom na N'vukadnetzar, koning van Bavel gebring, by Rivlah in die land van Hamat en hy het 'n vonnis oor hom uitgespreek.
6 Toe het die koning van Bavel die seuns van Tzidkiyahu voor sy oë in Rivlah dood gemaak; die koning van Bavel het ook al die edeles van Y'hudah dood gemaak.
7 Hy het toe die oë van Tzidkiyahu laat verblind en hom met koper kettings geboei om hom na Bavel te bring. 2 Kon 25:4-7
8 Die Kasdeërs het ook die paleis van die koning en die huise van die volk met vuur verbrand en die mure van Yerushalayim afgebreek. Yir 32:29
9 Wat betref die deel van die volk wat nog in die stad oorgebly het, die oorlopers wat na hom toe oorgeloop het en die deel van die volk wat nog oorgebly het; N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, het hulle in ballingskap weggevoer na Bavel,

10 maar sommige van die armste mense wat niks gehad het nie, het N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, in die land Y'hudah laat agterbly en vir hulle wingerde en landerye in dié tyd gegee.
11 N'vukadnetzar, koning van Bavel, het deur N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, aangaande Yirmeyahu beveel en gesê:
12 "Vat hom en kyk na hom en doen hom geen kwaad nie, maar doen vir hom soos hy vir jou sal sê."
13 N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, N'vusásban, die hoof kamerling en Nergal-Sar'etzer, die hoof waarsêer en al die hoof amptenare van die koning van Bavel, het gestuur
14 en Yirmeyahu uit die hof van die waghuis uitgehaal en hom toevertrou aan G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, om hom huis toe te bring. So het hy tussen die volk gebly.
15 Die woord van יהוה het tot Yirmeyahu gekom terwyl hy in die hof van die waghuis opgesluit was en gesê:
16 "Gaan praat met `Eved-Melekh, die Kushiet en sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Let op, Ek is op die punt om My woorde oor hierdie stad ten rampe en nie ten voorspoed te bring nie en dit sal voor jou oë vervul word op dié dag,
17 maar Ek sal jou in dié dag bevry," verklaar יהוה "en jy sal nie oorgegee word in die hand van die manne vir wie jy bang is nie,
18 want Ek sal jou sekerlik red en jy sal nie deur die swaard val nie, maar jy sal jou eie lewe as buit hê omdat jy op My vertrou het," verklaar יהוה.'"

40 1 Die woord wat van יהוה tot Yirmeyahu gekom het nadat N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, hom vrygelaat het uit Ramah, toe hy hom in kettings geboei tussen al die gevangenes van Yerushalayim en Y'hudah in ballingskap weggevoer het na Bavel.
2 Die bevelvoerder van die lyfwag het vir Yirmeyahu gevat en vir hom gesê: "יהוה, jou God, het hierdie katastrofe oor hierdie plek belowe
3 en יהוה het dit laat kom en gedoen net soos Hy belowe het omdat julle gesondig het teen יהוה en nie geluister het na Sy stem nie; daarom het dit oor julle gekom,
4 maar nou, let op, ek bevry jou vandag uit die kettings wat aan jou hande is. As jy verkies om saam met my na Bavel te gaan, kom en ek sal na jou kyk, maar as jy verkies om nie saam met my na Bavel te kom nie, maak nie saak nie. Kyk, die hele land is voor jou; gaan waar dit ook al goed en reg is in jou oë om te gaan."
5 Aangesien Yirmeyahu steeds nie teruggegaan het nie, sê hy: "Gaan dan terug na G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, wat die koning van Bavel oor die stede van Y'hudah aangestel het en bly by hom tussen die mense; of gaan andersins enige plek waar dit ook al reg is vir jou om te gaan." Die bevelvoerder van die lyfwag het vir hom padkos en 'n geskenk gegee en hom laat gaan.
6 Yirmeyahu het na Mitzpah, na G'dalyahu, die seun van Agikam, gegaan en by hom gebly tussen die volk wat in die land agtergebly het.

7 Al die bevelvoerders van die leërs wat in die veld was, hulle en hulle manne, het gehoor dat die koning van Bavel vir G'dalyahu, die seun van Agikam, oor die land aangestel het en dat hy hom in beheer geplaas het van die manne, vroue en kinders; die van die armste mense van die land wat nie in ballingskap weggevoer is na Bavel nie.
8 Hulle het na G'dalyahu toe gekom in Mitzpah, saam met Yishma'el, die seun van N'tanyahu, Yoganan en Y'honatan, die seuns van Kareag, S'rayah, die seun van Tangumet, die seuns van `Efai, die N'tofatiet en Y'zanyahu, die seun van die Ma'akhatiet, hulle en hulle manskappe.
9 G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, het vir hulle en hulle manskappe gesweer en gesê: "Moenie bang wees om die Kasdeërs te dien nie; bly in die land en dien die koning van Bavel sodat dit met julle goed mag gaan.
10 Nou wat my betref, let op, ek gaan in Mitzpah bly om vir julle voor die Kasdeërs te staan wat na ons toe gekom het, maar wat julle aangaan, maak wyn, somervrugte en olie bymekaar en gooi dit in julle houers en bly in julle stede wat julle oorgeneem het."
11 Net so het ook al die Y'hudahiete wat in Mo'av, tussen die seuns van `Ammon, in Edom en in al die lande was, gehoor dat die koning van Bavel vir Y'hudah 'n oorblyfsel agtergelaat het en dat hy G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, oor hulle aangestel het.
12 Toe het al die Y'hudahiete teruggekom vanaf al die plekke waarheen hulle verdryf is en na die land van Y'hudah, na G'dalyahu, in Mitzpah gekom en hulle het groot hoeveelhede wyn en somervrugte bymekaargemaak.
13 Yoganan, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs wat in die veld was, het na G'dalyahu, in Mitzpah, gekom
14 en vir hom gesê: "Is u wel bewus daarvan dat Ba'alis, koning van die seuns van `Ammon, vir Yishma'el, die seun van N'tanyahu, gestuur het om u lewe te neem?" G'dalyahu, die seun van Agikam, het hulle egter nie geglo nie.
15 Toe het Yoganan, die seun van Kareag, in die geheim met G'dalyahu in Mitzpah gepraat en gesê: "Laat my gaan en Yishma'el, die seun van N'tanyahu, doodmaak en niemand sal weet nie. Hoekom sou hy u lewe neem sodat al die Y'hudahiete wat by u versamel is, verstrooi word en die oorblyfsel van Y'hudah tot niet gaan?"
16 G'dalyahu, die seun van Agikam, het egter vir Yoganan, die seun van Kareag gesê: "Moenie hierdie ding doen nie, want jy vertel 'n leuen oor Yishma'el."

41 1 In die sewende maand het Yishma'el, die seun van N'tanyahu, die seun van Elishama, uit die koninklike familie en die bevelvoerende offisiere van die koning en tien man saam met hom in Mitzpah, by G'dalyahu, die seun van Agikam, gekom. Terwyl hulle daar in Mitzpah saam brood geëet het,
2 het Yishma'el, die seun van N'tanyahu en die tien manne wat by hom was, opgestaan en vir G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, met die swaard neergeslaan en die een doodgemaak wat die koning van Bavel oor die land aangestel het.

3 Yishma'el het ook almal van Y'hudah wat by hom, by G'dalyahu, in Mitzpah was en die Kasdeërs, die krygsmanne, wat daar te vinde was, doodgeslaan.
4 Dit het gebeur op die volgende dag nadat hy G'dalyahu doodgemaak het terwyl niemand dit geweet het nie,
5 dat daar tagtig manne vanaf Sh'khem, Shiloh en Shomron gekom het met afgeskeerde baard, geskeurde klere en gekerfde liggame, met graanoffers en wierook in hulle hande om dit na die huis van יהוה te bring.
6 Toe het Yishma'el, die seun van N'tanyahu, al huilende uit Mitzpah uitgegaan om hulle te ontmoet en toe hy hulle ontmoet, sê hy vir hulle: "Kom na G'dalyahu, die seun van Agikam!"
7 Tog het dit gebeur dat pas nadat hulle die stad ingekom het, Yishma'el, die seun van N'tanyahu en die manne wat by hom was, hulle doodgemaak en in die put gegooi het.
8 Onder hulle was daar egter tien man wat vir Yishma'el gesê het: "Moet ons nie doodmaak nie, want ons het gestoorde graan, koring, olie en heuning weggesteek in die veld." Hy het daarvan afgesien en hulle nie saam met hulle metgeselle doodgemaak nie.
9 Nou die put, waar Yishma'el al die lyke van die manne wat deur hom doodgemaak is, saam met G'dalyahu, ingegooi het, was dié een wat koning Asa gemaak het as gevolg van Ba'asha, koning van Yisra'el. Yishma'el, die seun van N'tanyahu, het dit volgemaak met die wat doodgeslaan is.
10 Toe het Yishma'el al die wat van die volk oorgebly het wat in Mitzpah was, as gevangenes weggevoer; die dogters van die koning en al die mense wat in Mitzpah oorgebly het, wat N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, onder G'dalyahu, die seun van Agikam, se bevel geplaas het; so het Yishma'el, die seun van N'tanyahu, hulle as gevangenes weggevoer en hy het aangegaan om oor te gaan na die seuns van `Ammon.
11 Yoganan, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs wat by hom was, het egter gehoor van al die boosheid wat Yishma'el, die seun van N'tanyahu, gedoen het.
12 Hulle het al die manne gevat en gegaan om teen Yishma'el, die seun van N'tanyahu, te veg en hulle het hom by die groot poel gekry wat by Giv'on is.
13 Nou, sodra al die mense wat by Yishma'el was, vir Yoganan, die seun van Kareag, gesien het saam met al die bevelvoerders van die leërs, was hulle bly.
14 Al die mense wat Yishma'el in Mitzpah gevange geneem het, het omgedraai en teruggekom na Yoganan, die seun van Kareag.
15 Yishma'el, die seun van N'tanyahu, het egter van Yoganan af ontsnap saam met agt man en na die seuns van `Ammon gegaan.
16 Toe het Yoganan, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs wat by hom was, al die mense uit Mitzpah (wat hulle teruggevat het van Yishma'el, die seun van N'tanyahu, nadat hy G'dalyahu, die seun van Agikam, doodgemaak het) wat oorgebly het, uitgehaal - die krygsmanne, vroue, kinders en hofdienaars, wat hy van Giv'on af teruggebring het.

17 Hulle het gegaan en in die blyplek van Kimham, wat naby Beit-Legem lê, gebly,
om aan te gaan na Mitzrayim toe,
18 as gevolg van die Kasdeërs, want hulle was bang vir hulle omdat Yishma'el, die
seun van N'tanyahu, vir G'dalyahu, die seun van Agikam, wat deur die koning van
Bavel oor die land aangestel is, doodgemaak het.

42 1 Toe het al die bevelvoerders van die leërs nader gekom: Yoganan, die seun van
Kareag, Y'zanyah, die seun van Hosha'yah en al die mense, klein en groot
2 en vir Yirmeyahu, die profeet, gesê: "Laat asseblief ons versoek voor u kom en bid
tot יהוה, u God, vir ons, dit is, vir almal wat oorgebly het, want ons is maar 'n klein
klompie oor uit baie, soos u eie oë ons nou sien,
3 dat יהוה, u God, ons mag vertel watter pad ons moet volg en wat ons moet doen."
4 Toe het Yirmeyahu, die profeet, hulle geantwoord: "Ek het julle gehoor. Let op,
ek sal tot יהוה, julle God, bid volgens julle woorde en ek sal יהוה se volledige
boodskap aan julle bekend maak; ek sal nie 'n woord van julle terughou nie."
5 Toe antwoord hulle vir Yirmeyahu: "Mag יהוה 'n waar en geloofwaardige getuie
teen ons wees as ons nie handel volgens die hele boodskap waarmee יהוה, u God,
u na ons toe sal stuur nie.
6 Of dit aangenaam of onaangenaam is, ons sal luister na die stem van יהוה, ons God,
na Wie toe ons u stuur sodat dit met ons goed mag gaan wanneer ons luister na die
stem van יהוה, ons God."
7 Aan die einde van tien dae het die woord van יהוה tot Yirmeyahu gekom.
8 Hy het toe vir Yoganan, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs
wat by hom was en al die mense, klein en groot, laat roep
9 en vir hulle gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el, na Wie julle my gestuur het om
julle versoek voor Hom te bring:
10 as julle inderdaad in hierdie land sal bly, dan sal Ek julle opbou en nie afbreek nie
en julle plant en nie uitruk nie, want Ek sal bedaar oor die katastrofe wat Ek julle
mee getref het.
11 Moenie bang wees vir die koning van Bavel vir wie julle vrees nie; moenie bang
wees vir hom nie,' verklaar יהוה, 'want Ek is by julle om julle te red en julle te
bevry uit sy hand.
12 Ek sal ook vir julle sagte goedheid bewys sodat hy sagte goedheid aan julle sal wys
en julle tot julle eie land herstel.
13 As julle egter gaan sê: "Ons sal nie in hierdie land bly nie" en só nie luister na die
stem van יהוה, julle God, nie
14 en sê: "Nee, maar ons sal na die land van Mitzrayim gaan waar ons geen oorlog
sal sien of die geluid van 'n ramshoring sal hoor of honger na brood sal hê nie en
ons sal daar bly;"
15 dan, in daardie geval, luister na die woord van יהוה, o wat oorbly van Y'hudah! So
sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "As julle werklik julle gedagtes daarop sit
om Mitzrayim binne te gaan om daar te gaan bly,

16 dan sal die swaard, waarvoor julle bang is, julle daar in die land van Mitzrayim inhaal en die hongersnood waarvoor julle bang is, sal kort na julle in Mitzrayim aankom en julle sal daar sterf.
17 Al die manne wat gedagtes gerig het om na Mitzrayim te gaan om daar te bly, sal deur die swaard, die hongersnood en die pes sterf en daar sal vir hulle niemand wees wat oorleef of ontvlug van die katastrofe wat Ek oor hulle sal bring nie,'"'"
18 want so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Soos My woede en My toorn uitgestort is oor die inwoners van Yerushalayim, so sal My toorn oor julle uitgestort word as julle Mitzrayim binnegaan en julle sal 'n vloek word, 'n voorwerp van verskrikking, van verwensing en van smaad en julle sal hierdie plek nie weer sien nie."
19 יהוה het met julle, wat oorbly van Y'hudah, gepraat: "Moenie na Mitzrayim gaan nie!" Julle moet duidelik verstaan dat ek vandag teen julle getuig het,
20 want julle het julleself mislei, want dit is júlle wat my na יהוה, julle God, gestuur en gesê het: "Bid tot יהוה, ons God, vir ons en wat ook al יהוה, ons God, sê, vertel dit vir ons en ons sal dit doen."
21 So het ek dit vandag vir julle vertel, maar julle het יהוה, julle God, nie gehoorsaam, volgens wat Hy my ook al gestuur het om aan julle te vertel, nie;
22 daarom moet julle nou duidelik verstaan dat julle deur die swaard, die hongersnood en die pes sal sterf in die plek waar julle verkies om te gaan bly.

43 1 Sodra Yirmeyahu, vir wie יהוה, hulle God, gestuur het, klaar was om al die woorde van יהוה, hulle God, aan hulle oor te dra; naamlik al hierdie woorde;
2 het `Uziyah, die seun van Hosha'yah, Yoganan, die seun van Kareag en al die arrogante manne vir Yirmeyahu gesê: "U vertel 'n leuen! יהוה, ons God, het u nie gestuur om te sê: 'Julle mag Mitzrayim nie binnegaan om daar te bly nie.'
3 Barukh, die seun van Neriyah, hits u egter teen ons op om ons oor te gee in die hand van die Kasdeërs sodat hulle ons kan doodmaak of ons in ballingskap na Bavel kan vat."
4 Yoganan, die seun van Kareag, al die bevelvoerders van die leërs en die hele volk het nie die stem van יהוה gehoorsaam om in die land van Y'hudah te bly nie,
5 maar Yoganan, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs het almal wat oorgebly het van Y'hudah gevat, wat vanuit al die nasies waarheen hulle verdryf was, teruggekom het om in die land van Y'hudah te bly,
6 die manne, die vroue, die kinders, die dogters van die koning en al die mense wat N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, by G'dalyah, die seun van Agikam, die kleinseun van Shafan, gelos het saam met Yirmeyahu, die profeet en Barukh, die seun van Neriyah
7 en hulle het die land van Mitzrayim binnegegaan, want hulle het nie die stem van יהוה gehoorsaam nie en ingegaan so ver as Tagpanges.
8 Toe het die woord van יהוה tot Yirmeyahu gekom in Tagpanges en gesê:
9 "Vat groot klippe in jou hand en begrawe hulle in die klei in die steen vierkant wat by die ingang van Farao se paleis in Tagpanges is, voor die oë van sommige van die Y'hudahiete

10 en sê vir hulle: 'So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Let op, Ek stuur en laat N'vukadnetzar, koning van Bavel, My kneg, haal en Ek sal sy troon opstel bo-op hierdie klippe wat Ek begrawe het en hy sal sy skadutent daaroor uitspan.
11 Hy sal ook kom en die land van Mitzrayim slaan; die wat vir die dood bedoel is, sal oorgegee word aan die dood en wie vir gevangenskap, aan die gevangenskap en wie vir die swaard, aan die swaard!
12 Ek sal 'n vuur aansteek in die tempels van die gode van Mitzrayim en hy sal hulle verbrand en hulle gevange neem. So sal hy hom toevou in die land van Mitzrayim soos 'n herder hom toevou in sy kleed en hy sal daarvandaan veilig wegtrek.
13 Hy sal ook die klippilare van die huis van die son (Heliopolis), wat in Mitzrayim is, vergruis en die tempels van die gode van Mitzrayim sal hy met vuur verbrand."'"

44 1 Die woord wat tot Yirmeyahu gekom het, vir al die Y'hudahiete wat in die land van Mitzrayim gebly het; die wat in Migdol, in Tagpanges, in Nof (Memfis) en in die land van Patros gebly het en hy het gesê:
2 "So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Julle het self al die katastrofes gesien wat Ek oor Yerushalayim en oor al die stede van Y'hudah gebring het en let op, vandag is hulle in puin en niemand bly in hulle nie;
3 weens hulle boosheid wat hulle gedoen het, om My te tart tot woede deur aan te hou om offers te brand en ander gode te dien wat hulle nie geken het nie; nie hulle, julle of julle vaders nie.
4 Tog het Ek al My diensknegte, die profete, weer en weer na julle toe gestuur om te sê: " O, moenie hierdie verwerplike ding doen wat Ek haat nie."
5 Hulle het egter nie geluister of hulle oor gedraai om weg te draai van hul boosheid, om nie tot ander gode te offer nie;
6 daarom is My toorn en My woede uitgestort en het dit gebrand in die stede van Y'hudah en op die strate van Yerushalayim sodat hulle 'n puinhoop en 'n verlatenheid geword het soos dit vandag is.
7 Nou dan, so sê יהוה', God van die leërmagte, die God van Yisra'el: "Waarom berokken julle skade vir julself, om man en vrou, kind en suigeling uit Y'hudah af te sny en vir julle niemand te laat oorbly nie
8 deurdat julle My tart met die werke van julle hande, om vir ander gode offers te brand in die land van Mitzrayim waar julle ingaan om te bly sodat julle afgesny mag word en 'n vervloeking en smaad onder al die nasies van die aarde word?
9 Het julle die booshede van julle vaders, die booshede van die konings van Y'hudah, die booshede van hulle vroue, julle eie booshede en die booshede van julle vroue vergeet wat hulle gepleeg het in die land van Y'hudah en op die strate van Yerushalayim?
10 Hulle het egter tot vandag toe nie berouvol geword nie en ook nie gevrees nie, of in My wet en in My instellings geloop, wat Ek voor julle en jul vaders gestel het nie;'"
11 daarom, so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Let op, Ek gaan My gesig teen julle stel tot smart, selfs om die hele Y'hudah af te sny

12 en Ek sal die wat oorgebly het van Y'hudah wegvat, die wat hulle gedagtes daarop gestel het om Mitzrayim binne te gaan om daar te bly en hulle sal almal hulle einde sien in Mitzrayim; hulle sal deur die swaard val en deur hongersnood hulle einde sien. Beide groot en klein sal deur die swaard en die hongersnood sterf en hulle sal 'n vloek, 'n voorwerp van afgryse, van verwensing en van verwyt word.
13 Ek sal die wat in die land van Mitzrayim bly, straf, soos wat Ek Yerushalayim gestraf het, deur die swaard, die hongersnood en die pes.
14 Daar sal geen oorlewendes of vlugtelinge wees vir die wat oorbly van Y'hudah wat in die land van Mitzrayim gekom het om daar te bly en dan terug te gaan na die land van Y'hudah waarheen hulle verlang om na terug te gaan en te bly nie, want niemand sal teruggaan behalwe 'n paar vlugtelinge nie.'"
15 Toe het al die manne wat geweet het dat hulle vroue vir ander gode offers brand, saam met al die vroue wat daar staan, 'n groot menigte, insluitend al die mense wat in Patros, in die land van Mitzrayim, gebly het, Yirmeyahu geantwoord en gesê:
16 "Wat die boodskap betref wat u vir ons in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה verkondig het: ons gaan nie na u luister nie,
17 maar ons sal sekerlik elke woord doen wat uit ons mond uitgegaan het, deur offers te brand aan die koningin van die hemel en vir haar drankoffers uit te giet net soos ons self, ons voorvaders, ons konings en ons prinse in die stede van Y'hudah en op die strate van Yerushalayim gedoen het, want toe het ons baie brood gehad en was goed daaraan toe en ons het geen teëspoed gesien nie,
18 maar vandat ons opgehou het om vir die koningin van die hemel offers te brand en vir haar drankoffers uit te giet, het ons aan alles gebrek gehad en het ons ons einde teëgekom deur die swaard en die hongersnood.
19 Toe ons vir die koningin van die hemel offers gebrand en drankoffers uitgegiet het, was dit sonder ons mans dat ons vir haar koeke gemaak het na haar beeld en drankoffers vir haar uitgegiet het?"
20 Toe het Yirmeyahu met al die mense gepraat, met die manne en die vroue, met die hele volk wat hom so 'n antwoord gegee het en gesê:
21 "Wat die rokende offers betref wat julle in die stede van Y'hudah en op die strate van Yerushalayim gebrand het, julle en julle voorvaders, julle konings en julle prinse en die volk van die land, het יהוה hulle nie onthou en het dit nie alles in Sy gedagtes opgekom nie?
22 יהוה was nie langer in staat om dit uit te hou nie, weens die boosheid van julle dade, weens die verwerplikhede wat julle gedoen het; dus het julle land 'n puinhoop geword en 'n voorwerp van verskrikking en 'n vervloeking, sonder inwoners, soos dit vandag is.
23 Omdat julle offers gebrand het en teen יהוה gesondig het en nie die stem van יהוה gehoorsaam het of in Sy wet, Sy instellings en Sy getuienisse geleef het nie; daarom het hierdie katastrofe oor julle gekom, soos dit vandag is."
24 Toe het Yirmeyahu vir die hele volk, insluitend die vroue, gesê: "Hoor en doen die woord van יהוה, die hele Y'hudah wat in die land van Mitzrayim is!

25 So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, as volg: 'Julle en julle vroue het met julle monde gepraat en dit met julle hande uitgevoer en gesê: "Ons sal ons geloftes wat ons gedoen het, sekerlik uitvoer, om offers te brand vir die koningin van die hemel en vir haar drankoffers uit te giet." Gaan voort en bevestig julle geloftes; sekerlik, hou julle geloftes!'
26 Nogtans, hoor die woord van יהוה, die hele Y'hudah wat in die land van Mitzrayim bly: 'Let op, Ek het by My groot Naam (Karakter en Outoriteit) gesweer,' sê יהוה: 'Nooit sal My Naam (Karakter en Outoriteit) weer aangeroep word deur die mond van enige man van Y'hudah in die hele land van Mitzrayim nie, met die woorde: "So waar as יהוה-God leef!"
27 Let op, Ek hou wag oor hulle ten kwade en nie ten goede nie en al die manne van Y'hudah wat in die land van Mitzrayim is, sal hulle einde vind deur die swaard en die hongersnood totdat hulle volkome vernietig is.
28 Die wat die swaard ontsnap, sal uit Mitzrayim terugkom na die land van Y'hudah, min in getal. Dan sal almal wat oorgebly het van Y'hudah wat na Mitzrayim gegaan het om daar te bly, weet wie se woord staande sal bly, Myne of hulle s'n.
29 Dit sal vir julle die teken wees,' verklaar יהוה, 'dat Ek julle in hierdie plek gaan straf sodat julle kan weet dat My woorde sekerlik teen julle sal staan ten kwade.'
30 So sê יהוה: 'Let op, Ek gaan vir Farao Hofra (N'khoh II), koning van Mitzrayim, in die hand van sy vyande en in die hand van die wat sy lewe soek, oorgee soos wat Ek vir Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, oorgegee het in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel, sy vyand, wat sy lewe gesoek het.'"

45 1 Die boodskap wat Yirmeyahu, die profeet, aan Barukh, die seun van Neriyah, oorgedra het toe hy hierdie woorde uit die mond van Yirmeyahu in 'n boek geskrywe het, in die vierde jaar van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah:
2 "So sê יהוה, die God van Yisra'el, aangaande jou, Barukh:
3 'Jy sê: "Wee my nou, want יהוה het smart by my pyn bygesit; ek is moeg van my gekreun en het geen rus gevind nie!"'
4 So moet jy vir hom sê: 'So sê יהוה: "Let op, wat Ek gebou het, is Ek op die punt om af te breek en wat Ek geplant het, is Ek op die punt om te ontwortel, dit is, die hele land.
5 Jy egter, soek jy groot dinge vir jouself? Moet dit nie soek nie, want let op, Ek gaan rampe oor alle vlees bring," verklaar יהוה; "maar Ek sal jou lewe vir jou as buit gee in al die plekke waarheen jy mag gaan."'

46 1 Dit wat as die woord van יהוה tot Yirmeyahu, die profeet, gekom het aangaande die nasies.
2 Tot Mitzrayim: aangaande die leër van Farao N'khoh, koning van Mitzrayim, wat by die Eufraatrivier by Kark'mish was, wat deur N'vukadnetzar, koning van Bavel, verslaan is in die vierde jaar van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah:
3 "Hou die groot en die klein skild gereed en gaan nader vir die geveg!

4 Span die perde in, klim op die strydros en neem jou stand met helms op! Politoer die spiese, trek die pantsers aan
5 omdat Ek hulle verslane, terugvallend gesien het en hulle magtige manne is verslaan en het skuiling gesoek in vlug, sonder om om te draai, want hulle was omsingel," verklaar יהוה.
6 "Laat die vinnige man nie vlug nie en die magtige man nie ontsnap nie; in die noorde, langs die Eufraatrivier, het hulle gestruikel en geval.
7 Wie is dit wat daar oprys soos die Nyl, soos die riviere wat se waters heen en weer gaan?
8 Mitzrayim rys op soos die Nyl, soos die riviere wat se waters heen en weer gaan en hy het gesê: 'Ek sal opstaan en die aarde bedek; ek sal sekerlik die stad en sy inwoners vernietig.'
9 Gaan op, julle perde en ry wild, julle strydwaens sodat die magtige manne vorentoe kan marsjeer: Kush en Put, wat die skild hanteer en die Ludiete wat die boog hanteer en span,
10 want daardie dag behoort aan יהוה, God van die leërmagte, 'n dag van wraak, om Homself te wreek op Sy vyande en die swaard sal verslind en versadig wees en hom vol drink aan hulle bloed, want daar sal 'n slagting wees vir יהוה, God van die leërmagte, in die land van die Noorde by die Eufraatrivier. 2 Kef 3:10-12; Open 6:17
11 Gaan op na Gil'ad en kry balsem, o maagdelike dogter van Mitzrayim! Tevergeefs sal jy baie medisyne gebruik; daar is geen genesing vir jou nie.
12 Die nasies het van jou skande gehoor en die aarde is vol van jou uitroepe, want een soldaat het gestruikel oor 'n ander en hulle het altwee saam geval."
13 Die boodskap wat יהוה vir Yirmeyahu, die profeet, gegee het aangaande die koms van N'vukadnetzar, koning van Bavel, om die land van Mitzrayim te vernietig:
14 "Verklaar in Mitzrayim en verkondig in Migdol; verkondig ook in Memfis (Nof) en in Tagpanges. Sê: 'Neem jou stand en kry jouself reg, want die swaard het die wat rondom jou is verslind.'
15 Hoekom is jou magtiges plat op die grond? Hulle staan nie omdat יהוה hulle neergegooi het.
16 Hulle het aanhoudend gestruikel, inderdaad, hulle het een teen die ander geval. Toe het hulle gesê: 'Staan op en laat ons teruggaan na ons eie mense en na ons geboorteland, weg van die swaard van die onderdrukker.'
17 Hulle het daar uitgeroep: 'Farao, koning van Mitzrayim, is net 'n groot geraas; hy het die aangestelde tyd laat verbygaan!'
18 So waar as wat Ek leef," verklaar die Koning, Wie se Naam (Karakter en Outoriteit) יהוה-Tzva'ot is, "daar sal sekerlik een kom wat soos Tavor onder die berge is en soos Karmel by die see.
19 Maak jou bagasie gereed vir ballingskap, o dogter wat in Mitzrayim bly, want Memfis (Nof) sal 'n verlatenheid word; dit sal selfs afgebrand word en ontneem wees van inwoners.
20 Mitzrayim is 'n pragtige vers; 'n steekvlieg kom egter vanaf die noorde; dit kom!

21 Ook haar huurtroepe in haar midde is soos vetgemaakte kalwers, want selfs hulle het ook omgedraai en saam gevlug; hulle het nie vas bly staan nie, want die dag van hulle katastrofe het oor hulle gekom, die tyd van hulle straf.
22 Sy geluid het voortbeweeg soos die van 'n slang, want hulle het aanbeweeg soos 'n leërmag en kom na hom toe as houtkappers met byle.
23 Hulle kap haar bos om," verklaar יהוה; "dit sal sekerlik nie gevind word nie, alhoewel hulle nou meer is as sprinkane en sonder getal.
24 Die dogter van Mitzrayim is tot skande gemaak; oorgegee aan die krag van die volk uit die noorde."
25 יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, sê: "Let op, Ek gaan die menigtes van No (Thebes), Farao en Mitzrayim saam met sy gode en sy konings, selfs Farao en die wat op hom vertrou, straf.
26 Ek sal hulle oorgee aan die krag van die wat hulle lewe soek en in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel en in die hand van sy amptenare. Daarna egter, sal dit bewoon word soos in die ou dae," verklaar יהוה.
27 Wat jou egter betref, o Ya'akov My dienskneg, moenie vrees of ontsteld wees nie, o Yisra'el, want kyk, Ek gaan jou red van ver af en jou nageslag uit die land van hulle gevangenskap en Ya'akov sal teruggaan en onversteurd en veilig wees, met niemand wat hom laat bewe nie.
28 O, Ya'akov, My dienskneg, moenie vrees nie," verklaar יהוה, "want Ek is by jou, want Ek sal 'n volledige einde maak aan al die nasies waarheen Ek jou verdryf het; tog sal Ek nie 'n volledige einde aan jou maak nie, maar Ek sal jou behoorlik tugtig en jou geensins ongestraf laat bly nie."

47 1 Dit wat as die woord van יהוה tot Yirmeyahu, die profeet, gekom het aangaande die F'lishtyne, voordat Farao vir `Azah ingeneem het.
2 So sê יהוה: "Let op, waters gaan oprys uit die noorde, 'n oorlopende stroom word en die land en alles wat daarin is, oorstroom; die stad en die wat daarin woon. Dan sal die mense uitroep en al die inwoners van die land sal huil.
3 As gevolg van die galoppende pote van sy perde, die geraas van sy strydwaens en die gedreun van sy wiele, het die vaders nie teruggedraai vir die seuns nie, weens die slapheid van hulle hande.
4 Die dag het gekom om al die F'lishtyne te vernietig, om van Tzor en Tzidon die laaste bondgenoot af te sny, want יהוה gaan die F'lishtyne vernietig, die wat oorbly in die kusland van Kaftor.
5 'n Kaalte het op `Azah gekom; Ashkelon is vernietig. O, die wat oorbly van die vallei, hoe lank sal jy jouself stukkend kerf?
6 Ag, swaard van יהוה, hoe lank sal dit wees voordat jy stil is? Trek terug in jou skede, rus en wees stil.
7 Hoe kan dit stil wees wanneer יהוה aan dit 'n bevel gegee het teen Ashkelon en teen die seekus, want teen hierdie plekke het Hy straf aangewys."

48 1 Aangaande Mo'av: so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Wee N'vo, want dit is vernietig; Kiryatayim is tot skaamte gemaak, dit is ingeneem; die verhewe vesting is tot skaamte gemaak en in stukkies. Yeg 25:8-11

2 Daar is geen lofprysing meer vir Mo'av nie; in Heshbon het hulle katastrofe teen haar beplan: 'Kom laat ons haar afsny sodat sy geen nasie meer is nie.' Ook jy, Madmein, sal stil gemaak word, die swaard sal jou agtervolg.
3 Die geklank van 'n uitroep uit Horonayim: 'Vernietiging en groot verwoesting!'
4 Mo'av is verbreek; haar kleintjies het hulle laat hoor,
5 want by die opdraand na Lugit sal hulle opgaan met aanhoudende gehuil, want by die afgaan van Horonayim het hulle die angskrete van vernietiging gehoor.
6 Vlug, red julle lewe dat jy kan wees soos 'n jenewerstruik in die wildernis,
7 want as gevolg van jou vertroue in jou eie prestasies en skatte, sal ook jy ingeneem word en K'mosh sal uitgaan in ballingskap met sy priesters en sy prinse.
8 'n Verwoester sal kom na elke stad sodat geen stad sal vry raak nie en die vallei sal ook verwoes word en die plato sal vernietig word," soos יהוה gesê het.
9 "Gee vlerke vir Mo'av, want sy sal wegvlieg en haar stede sal 'n verlatenheid word, sonder inwoners in hulle.
10 Vervloek is die een wat יהוה se werk misleidend doen en vervloek is die een wat sy swaard terughou van bloed! Open 19:15,21
11 Mo'av was gemaklik van sy jeug af en was ook onversteurd op sy afsaksel en is nie leeggemaak van vat na vat nie en ook is hy nooit in ballingskap weg nie; daarom behou hy sy smaak en sy geur het nie verander nie;
12 daarom, let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "dat Ek die wat aftap na hom toe sal stuur en hulle sal hom aftap en sy vate leegmaak en sy kruike stukkend slaan.
13 Mo'av sal skaam wees vir K'mosh, soos die huis van Yisra'el skaam was vir Beit-El, waarop hulle vertrou het.
14 Hoe kan julle sê: 'Ons is magtige soldate en manne dapper om te veg?'
15 Mo'av is vernietig en hulle het opgegaan in sy stede; sy beste jongmanne het afgegaan na die slagting," verklaar die Koning, Wie se Naam יהוה-Tzva'ot is.
16 "Die ramp van Mo'av sal gou kom en sy katastrofe is vinnig verhaas.
17 Rou vir hom, almal wat rondom hom is en almal wat sy naam ken! Sê: 'Hoe is die magtige septer gebreek, die staf van prag en praal!'
18 Kom af uit jou lof en eer en sit op die geskroeide grond, o dogter wat in Divon bly, want die verwoester van Mo'av het teen jou opgekom, hy het jou vestings verwoes.
19 Staan by die pad en hou wag, o inwoner van `Aro'er! Vra vir hom wat vlug en vir haar wat ontsnap; sê: 'Wat het gebeur?'
20 Mo'av is tot skaamte gemaak, want hy is in stukkies. Huil en roep uit, verkondig dit by die Arnon dat Mo'av vernietig is!
21 Oordeel het ook gekom op die vlakte, oor Holon, Yagtzah en teen Mefa'at,
22 teen Divon, N'vo en Beit-Divlatayim,
23 teen Kiryatayim, Beit-Gamul en Beit-M'on,
24 teen K'riot, Botzrah en al die stede van die land van Mo'av, ver en naby.
25 Die horing van Mo'av is afgekap en sy arm gebreek," verklaar יהוה.
26 "Maak hom dronk, sodat Mo'av rondrol in sy uitbraaksel en ook 'n bespotting word, want hy het arrogant geword teen יהוה.
27 Nou, was Yisra'el nie vir jou 'n bespotting nie? Of is hy tussen die diewe betrap? Want elke keer as jy van hom praat, skud jy jou kop in minagting.

28 Verlaat die stede en gaan bly in die skeure, o inwoners van Mo'av! Wees soos 'n duif wat sy nes maak oorkant die opening van die afgrond.
29 Ons het van die trots van Mo'av gehoor; hy is baie trots; van sy hoogmoedigheid, sy trots, sy arrogansie en sy selfverhoging.
30 Ek ken sy toorn," verklaar יהוה, "maar dit is tevergeefs; sy leë grootpratery het niks bereik nie;
31 daarom, huil oor Mo'av, oor die hele Mo'av vanaf elke plek; treur oor die manne van Kir-Heres.
32 Meer as die gehuil vir Ya'zer sal Ek oor jou huil, o wingerd van Sebmah! Jou ranke het oor die see gestrek, hulle het tot by die see van Ya'zer gekom; die verwoester het jou somervrugte en jou druiwe-oes oorval. Yes 16:9,11
33 Vreugde en blydskap is weggevat uit die vrugbare veld, uit die land van Mo'av en Ek het die wyn uit die parskuipe laat opraak; niemand sal hulle trap met uitroepe nie; die uitroepe sal nie uitroepe van vreugde wees nie.
34 Vanaf die uitroep by Heshbon tot by El'aleh, tot by Yahatz het hulle hul stem opgelig; vanaf Tzo'ar tot by Horonayim en Eglat-Shlishiyah, want selfs die waters van Nimrim sal 'n verlatenheid word.
35 Ek sal in Mo'av 'n einde maak," verklaar יהוה, "aan die een wat op die hoë plekke offer en wierook brand vir sy gode;
36 daarom huil My binneste oor Mo'av soos fluite; My binneste huil ook oor die manne van Kir-Heres soos fluite; daarom het hulle die oorvloed wat dit voortbring verloor, Yes 16:11
37 want elke kop is kaal en elke baard is kort geskeer; daar is snye op al die hande en rouklere om die heupe. Yes 15:2-3
38 Op al die dakke van Mo'av en oral in sy strate is rouklag, want Ek het Mo'av stukkend gebreek soos 'n onbegeerlike houer," verklaar יהוה.
39 "Hoe stukkend gebreek is dit! Hulle het gehuil. Hoe het Mo'av sy rug gedraai; hy is skaam! So sal Mo'av vir almal wat rondom hom is, 'n bespotting en 'n voorwerp van verskrikking word,"
40 want so sê יהוה: "Let op, een sal vlieg soos 'n arend en sy vlerke teen Mo'av uitsprei.
41 Die stede is ingeneem en die vestings is verower; so sal die binneste van die magtige manne van Mo'av op dié dag wees soos die binneste van 'n vrou in kraam.
42 Mo'av sal vernietig word sodat hy geen volk meer is nie omdat hy arrogant geword het teen יהוה.
43 Verskrikking, die put en die strik kom oor jou, o inwoner van Mo'av," verklaar יהוה.
44 "Die een wat vlug vir die verskrikking sal in die put val en hy wat opklim uit die put uit, sal gevang word in die strik, want Ek sal oor haar, oor Mo'av, die jaar van hulle straf bring," verklaar יהוה.
45 "In die skadu van Heshbon staan die vlugtelinge sonder krag, want 'n vuur het uitgegaan uit Heshbon en 'n vlam vanuit Sigon en dit het die voorkop van Mo'av en die skedel van die oproermakers verteer.

46 Wee jou, Mo'av! Die mense van K'mosh is dood, want jou seuns is weggevat as gevangenes en jou dogters in gevangenskap.
47 Tog sal Ek die welstand van Mo'av in die laaste dae herstel," verklaar יהוה. Tot sover die oordeel oor Mo'av.

49 1 Aangaande die seuns van `Ammon: so sê יהוה: "Het Yisra'el geen seuns nie? Of het hy geen erfgenaam nie? Waarom het Malkam dan besit geneem van Gad en het sy mense in sy stede gaan bly?
2 Let daarom op," verklaar יהוה, "daar kom dae dat Ek 'n ramshoringgeskal van oorlog sal laat hoor teen Rabbah van die seuns van `Ammon en dit sal 'n verlate puinhoop word en haar dorpe sal aan die brand gesteek word; dan sal Yisra'el besit neem van sy besitters," sê יהוה. Yes 11:14
3 "Huil, o Heshbon, want `Ai is vernietig; roep uit, o dogters van Rabbah! Omgord julle met rouklere, weeklaag en haas jou heen en weer binne die mure, want Malkam sal in ballingskap gaan, saam met sy priesters en sy prinse.
4 Hoekom roem jy op jou valleie en jou breë vlaktes, o afvallige dogter, wat in haar skatte vertrou en sê: 'Wie sal teen my kom?'
5 Let op, Ek gaan angs oor jou bring," verklaar יהוה, God van die leërmagte; "van reg rondom jou en elkeen van julle sal reguit vorentoe uitgedryf word, met niemand om die vlugtelinge bymekaar te maak nie;
6 daarna sal Ek egter die welsyn van die seuns van `Ammon herstel," verklaar יהוה.
7 Aangaande Edom: so sê יהוה-Tzva'ot: "Is daar geen wysheid meer in Teman nie? Ontbreek goeie raad by die verstandiges? Is hulle wysheid vervalle?
8 Vlug, draai terug, skuil in die dieptes, o inwoners van D'dan, want Ek sal die rampe van `Esav oor hom bring, op die tyd dat Ek hom straf.
9 As druiwesnyers na jou toe kom, sal hulle nie 'n na-oes laat oorbly nie? As diewe in die nag kom, sal hulle net vernietig totdat hulle genoeg gehad het? Yeg 25:12-14; `Ova 1:5
10 Ek het `Esav egter kaal afgestroop, Ek het sy skuilplekke oopgemaak sodat hy hom nie kan wegsteek nie; sy nageslag is verwoes saam met sy familie en sy bure en hy is nie meer nie.
11 Laat jou weeskinders agterbly, Ék sal hulle aan die lewe hou en laat jou weduwees in My vertrou," 1 Tim 5:5
12 want so sê יהוה: "Let op, hulle wat nie veroordeel is om die beker te drink nie, sal dit sekerlik drink en is jy die een wat heeltemal vrygeskeld moet word? Jy sal nie vrygeskeld word nie, maar jy sal dit sekerlik drink,
13 want Ek het by Myself gesweer," verklaar יהוה, "dat Botzrah 'n voorwerp van verskrikking, van verwyt, 'n verwoesting en 'n vervloeking sal word en al sy stede sal ewige puinhope wees."
14 Ek het 'n boodskap van יהוה gehoor en 'n afvaardiging word onder die nasies gestuur om te sê: "Maak julleself bymekaar, kom teen haar aan en staan op vir die geveg,
15 want let op, Ek het jou klein gemaak onder die nasies, verag onder die mense.

16 Wat jou verskrikking betref, die arrogansie van jou verstand, wil en emosie het jou bedrieg, o jy wat woon in die rotsskeure, wat die top van die heuwel beset! Al maak jy jou nes so hoog soos die arend s'n, sal Ek jou daarvandaan afbring," verklaar יהוה. `Ova 1:3

17 "Edom sal 'n voorwerp van verskrikking word; elkeen wat by hom verbygaan, sal geskok wees en spot met al sy wonde.

18 Soos die omverwerping van S'dom en `Amorah, saam met hulle bure," sê יהוה, "sal niemand daar bly en geen seun van 'n mens daarin oorbly nie.

19 Let op, een sal soos 'n leeu uit die ruigtes van die Yarden opkom teen die standhoudend natgemaakte weiding, want in 'n oomblik sal Ek hom daarvan laat weghardloop en wie ook al gekies is, sal Ek daaroor aanstel, want wie is soos Ek en wie sal My dagvaar; wie is dan die herder wat teen My kan staan?"

20 Hoor en luister daarom na die plan van יהוה wat Hy teen Edom beplan het en Sy doelwitte wat Hy bedoel het teen die inwoners van Teman: waarlik, hulle sal die kleinstes van die kudde wegsleep; sekerlik sal Hy hulle weiveld 'n woesteny maak as gevolg van hulle.

21 Die aarde het geskud van die geluid van hulle val. Daar is 'n uitroep! Die klank daarvan word by die Sufsee gehoor.

22 Let op, Hy sal opstyg en sweef soos 'n arend en Sy vlerke teen Botzrah uitsprei en die binneste van die magtige manne van Edom sal op dié dag wees soos die binneste van 'n vrou in kraam.

23 Aangaande Dammesek: "Hamat en Arpad word tot skande gemaak, want hulle het slegte nuus gehoor; hulle is mismoedig. Daar is benoudheid by die see, dit kan nie gekalmeer word nie.

24 Dammesek het hulpeloos geword, sy het omgedraai om te vlug en paniek het haar aangegryp; benoudheid en steekpyne het haar aangegryp soos 'n vrou wat geboorte gee.

25 Hoe is die stad van lofprysing nie verlaat nie, die dorp van My vreugde!

26 Haar jongmanne sal daarom val in haar strate en al die krygsmanne sal in daardie dag stil gemaak word," verklaar יהוה-Tzva'ot.

27 "Ek sal die muur van Dammesek aan die brand steek en dit sal die versterkte torings van Ben-Hadad verteer."

28 Aangaande Kedar en die koninkryke van Hatzor wat deur N'vukadnetzar, koning van Bavel, verslaan is: so sê יהוה: "Staan op, gaan op teen Kedar en wis die manne van die Ooste uit.

29 Hulle sal hulle tente en kleinvee wegvat; hulle sal vir hulleself hul tentdoeke, al hulle besittings en hulle kamele wegdra en hulle sal uitroep na mekaar: 'Verskrikking aan elke kant!'

30 Hardloop weg, vlug! Skuil in die dieptes, o inwoners van Hatzor," verklaar יהוה; "want N'vukadnetzar, koning van Bavel, het 'n plan teen julle gemaak en 'n komplot teen julle uitgewerk.

31 Staan op, gaan op teen 'n nasie wat ontspanne is, wat veilig bly," verklaar יהוה, "dit het geen poorte of grendels nie; hulle bly alleen;

32 die wat hulle hare aan die rand afskeer. Hulle kamele sal plunder word en hulle
menigte beeste 'n buit en Ek sal hulle verstrooi na al die windstreke en Ek sal hulle
rampe van alle kante af bring," verklaar יהוה.
33 "Hatzor sal 'n lêplek van jakkalse word, 'n verlatenheid vir ewig; niemand sal daar
bly nie en geen seun van 'n mens sal ook daarin oorbly nie."
34 Dit wat as die woord van יהוה tot Yirmeyahu, die profeet, gekom het aangaande
`Eilam, aan die begin van die regering van Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en
gesê het:
35 "So sê יהוה-Tzva'ot: 'Let op, Ek gaan die boog van `Eilam verbreek, die keur van
hulle mag.
36 Ek sal die vier winde uit die vier hoeke van die hemel oor `Eilam bring en sal
hulle na al hierdie windstreke verstrooi en daar sal geen nasie wees waarheen die
uitgeworpenes van `Eilam nie sal gaan nie.
37 So sal Ek `Eilam stukkend slaan voor hulle vyande en voor dié wat hulle lewe soek
en Ek sal 'n katastrofe oor hulle bring, die erns van My woede,' verklaar יהוה; 'en
Ek sal die swaard agter hulle aanstuur totdat Ek hulle verteer het.
38 Dan sal Ek My troon in `Eilam vestig en koning en prinse daaruit vernietig,'
verklaar יהוה,
39 'maar dit sal gebeur in die laaste dae dat Ek die welstand van `Eilam sal herstel,'"
verklaar יהוה.

50 1 Die woord wat יהוה gepraat het aangaande Bavel, die land van die Kasdeërs,
deur Yirmeyahu, die profeet:
2 "Verklaar en verkondig onder die nasies, verkondig dit en lig 'n banier op. Moet dit
nie wegsteek nie, maar sê: 'Bavel is ingeneem, Bel is tot skande gemaak, M'rodakh
is stukkend, haar beelde staan beskaamd, haar afgode is stukkend,'
3 want 'n nasie het teen haar aangekom van die noorde af; dit sal haar land 'n voorwerp
van verskrikking maak en daar sal geen inwoner in wees nie; beide mens en dier het
weggeloop, hulle het weggegaan!
4 In daardie dae en in daardie tyd," verklaar יהוה, "sal die seuns van Yisra'el kom,
hulle en ook die seuns van Y'hudah; hulle sal al huilende gaan en dit sal יהוה, hulle
God, wees waarna hulle sal soek.
5 Hulle sal vir die pad na Tziyon vra met hulle gesigte daarheen gedraai; hulle sal
kom sodat hulle hul aan יהוה kan verbind in 'n ewige verbond wat nie vergeet sal
word nie. Yir 31
6 My volk het verlore skape geword; hulle herders het hulle laat dwaal, hulle laat
wegdraai op die berge; hulle het gegaan van berg na heuwel en hulle het hul rusplek
vergeet. Mal 2
7 Almal wat op hulle afgekom het, het hulle verteer en hulle teëstanders het gesê:
'Ons is nie skuldig nie, aangesien hulle gesondig het teen יהוה, die Woning van
Onpartydige opregtheid, יהוה die Aktiewe Verwagting van hulle vaders.'
8 Vlug vanuit die middel van Bavel en gaan uit die land van die Kasdeërs uit; wees
soos bokramme aan die hoof van die trop,

9 want let op, Ek gaan 'n menigte van groot nasies uit die land van die noorde opwek en teen Bavel bring en hulle sal hul gevegslyn opstel teen haar; daarvandaan sal sy gevange geneem word; hulle pyle sal wees soos dié van 'n deskundige soldaat wat nie met leë hande terugkom nie. Dan 5:22

10 Die land van die Kasdeërs sal geplunder word; almal wat hom plunder sal genoeg hê," verklaar יהוה.

11 "Omdat julle bly is, omdat julle verheug is, julle plunderaars van My erfenis, omdat jy rond huppel soos 'n vers wat graan dors en julle runnik soos hingste,

12 sal julle moeder grootliks beskaamd wees; sy wat geboorte aan julle gegee het, sal verneder word. Let op, die laaste van die nasies sal 'n wildernis, 'n verskroeide land en 'n woestyn wees.

13 Weens die verontwaardiging van יהוה sal dit nie bewoon word nie, maar geheel en al 'n verlatenheid wees; elkeen wat by Bavel verbygaan, sal verskrik wees en spot as gevolg van al haar wonde.

14 Trek julle gevegslyne op teen Bavel aan elke kant, almal van julle wat die boog span! Skiet op haar, moenie spaarsamig wees met die pyle nie, want sy het teen יהוה gesondig.

15 Lig jou gevegskreet aan elke kant teen haar op. Sy het haarself oorgegee, haar pilare het geval, haar mure is afgebreek, want dit is die wraak van יהוה; wreek julle op haar, soos sy aan ander gedoen het, doen so aan haar!

16 Sny die saaier af van Bavel en die een wat die sekel swaai in die oestyd; van voor die swaard van die onderdrukker sal elkeen na sy eie volk draai en elkeen na sy eie land vlug!

17 Yisra'el is 'n verstrooide trop, die leeus het hulle weggedryf. Die eerste een wat hom verslind het, was die koning van Ashur en nou die laaste een wat sy bene gebreek het, was N'vukadnetzar, koning van Bavel;"

18 daarom, so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Let op, Ek gaan die koning van Bavel en sy land straf, net soos Ek die koning van Ashur gestraf het. 2 Kon 19:37

19 Ek sal Yisra'el terugbring na sy weiveld en hy sal wei op Karmel en Bashan en sy begeerte sal op die hoogland van Efrayim en Gil'ad bevredig word.

20 In daardie dae en in daardie tyd," verklaar יהוה, "sal die oortredinge van Yisra'el gesoek word, maar dit sal niks wees nie en na die sondes van Y'hudah, maar hulle sal nie gevind word nie, want Ek sal hulle wat Ek laat oorbly vryspreek.

21 Gaan op teen die land van Meratayim en teen die inwoners van P'kod! Slaan dood en vernietig hulle volkome," verklaar יהוה, "en doen volgens alles wat Ek jou beveel het.

22 Die geraas van oorlog en 'n groot vernietiging is in die land.

23 Hoe is die hamer van die hele aarde afgesny en gebreek! Hoe het Bavel 'n voorwerp van verskrikking onder die nasies geword!

24 Ek het vir jou 'n strik gespan en jy is ook gevang, o Bavel, sonder dat jy daarvan bewus was; jy is gevind en ook gegryp omdat jy in stryd was teen יהוה.

25 יהוה het sy arsenaal oopgemaak en die wapens van Sy verontwaardiging uitgebring, want dit is 'n werk van יהוה, God van die leërmagte, in die land van die Kasdeërs.

26 Kom na haar vanaf die verste grens; maak oop haar skure, stapel haar op soos hope
en vernietig haar volkome! Laat niks vir haar oorbly nie.
27 Maak al haar jong stiere met die swaard dood; laat hulle afgaan na die slagting!
Wee hulle, want hulle dag het gekom, die tyd van hulle straf.
28 Daar is 'n klank van voortvlugtendes en vlugtelinge vanaf die land van Bavel, om
in Tziyon die wraak van יהוה, ons God, te verklaar, wraak vir Sy tempel.
29 Roep baie op teen Bavel, almal wat die boog buig; slaan laer op aan elke kant
teen haar, laat daar geen ontvlugting wees nie! Vergeld haar volgens haar werke,
volgens alles wat sy gedoen het, doen dit ook aan haar, want sy het arrogant geraak
teen יהוה, teen die Afgesonderde Een van Yisra'el;
30 daarom sal haar jongmanne in haar strate val en al haar krygsmanne sal in dié dag
stil gemaak word," verklaar יהוה.
31 "Let op, Ek is teen jou, o arrogante een," verklaar יהוה, God van die leërmagte,
"want jou dag het gekom, die tyd wat Ek jou sal straf.
32 Die arrogante een sal struikel en val, met niemand om hom op te tel nie en Ek sal
sy stede aan die brand steek en dit sal sy hele omgewing verteer."
33 So sê יהוה-Tzva'ot: "Die seuns van Yisra'el en die seuns van Y'hudah is onderdruk
en almal wat hulle gevange geneem het, hou hulle vas, hulle het geweier om hulle
te laat gaan."
34 Hulle Loskoper is sterk, יהוה-Tzva'ot is Sy Naam; Hy sal hulle saak kragtig verdedig
sodat Hy rus aan die aarde sal gee, maar onrus aan die inwoners van Bavel.
35 "'n Swaard teen die Kasdeërs," verklaar יהוה "en teen die inwoners van Bavel en
teen haar amptenare en teen haar wyse manne!
36 'n Swaard teen die waarsêers en hulle sal dwase word! 'n Swaard teen haar magtige
manne en hulle sal verbrysel word!
37 'n Swaard teen haar perde en haar strydwaens en teen al die vreemdelinge wat in
haar midde is en hulle sal lafaards word! 'n Swaard teen haar skatte en hulle sal
geplunder word!
38 'n Droogte oor haar waters en hulle sal opgedroog word, want dit is 'n land van
afgode en hulle is gek oor vreesaanjaende afgode;
39 daarom sal daar woestyngediertes bly saam met jakkalse; daar sal ook volstruise in
bly en dit sal nooit weer bewoon of in oorgebly word nie, van geslag tot geslag,
40 soos toe God S'dom en `Amorah met hulle bure omvergewerp het," verklaar יהוה,
"geen mens sal daar leef nie en geen seun van 'n mens daarin bly nie.
41 Let op, 'n volk kom uit die noorde en 'n groot nasie en magtige konings sal opgewek
word uit die afgeleë dele van die aarde. Yir 51:11
42 Hulle gryp hulle boog en spies; hulle is wreed en het geen genade nie. Hulle stemme
dreun soos die see en hulle ry op perde, gewapend soos 'n man vir die oorlog; teen
jou, o dogter van Bavel!
43 Die koning van Bavel het die rapport oor hulle gehoor en sy hande hang slap;
benoudheid het hom aangegryp, angs soos van 'n vrou wat geboorte gee. Dan 5:6

44 Let op, een sal soos 'n leeu uit die ruigtes van die Yarden opkom teen die standhoudend natgemaakte weiding, want in 'n oomblik sal Ek hom daarvan laat weghardloop en wie ook al gekies is, sal Ek daaroor aanstel, want wie is soos Ek en wie sal My dagvaar; wie is dan die herder wat teen My kan staan?"
45 Hoor en luister daarom na die plan van יהוה wat Hy teen Bavel beplan het en Sy doelwitte wat Hy bedoel het teen die land van die Kasdeërs: waarlik, hulle sal die kleinstes van die kudde wegsleep; sekerlik sal Hy hulle weiveld 'n woesteny maak as gevolg van hulle.
46 Met die uitroep: "Bavel is ingeneem" word die aarde geskud en 'n uitroep word onder die nasies gehoor.

51 1 So sê יהוה: "Let op, Ek gaan die gees van 'n verwoester teen Bavel en teen die inwoners van Lev-Kamai opwek. Open 18
2 Ek sal vreemdelinge na Bavel stuur om haar uit te wan en haar land te verwoes, want hulle sal op die dag van katastrofe van elke kant af teen haar wees.
3 Die boogskutter sal nie ophou om sy boog te span nie en die soldaat nie sy pantser afhaal nie; spaar nie haar jongmanne nie; sonder haar ganse leër af vir vernietiging!
4 Hulle sal dood neerval in die land van die Kasdeërs en in hul strate deurboor word,"
5 want nie Yisra'el of Y'hudah is in die steek gelaat deur hulle God, deur יהוה-Tzva'ot nie, alhoewel hulle land vol skuld is voor die Afgesonderde Een van Yisra'el.
6 Vlug uit Bavel uit en red elkeen sy lewe; moenie vernietig word in haar straf nie, want dit is יהוה se tyd van wraak; Hy gaan aan haar haar verdiende loon gee.
7 Bavel was 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het in die hand van יהוה; die nasies het van haar wyn gedrink; daarom het die nasies gek geword. Open 17:4
8 Skielik het Bavel geval en is gebreek. Huil oor haar; bring balsem vir haar pyn! Miskien sal sy gesond gemaak word.
9 Ons het genesing aan Bavel gegee, maar sy is nie genees nie; verlaat haar en laat ons elkeen na sy eie land gaan, Open 18:4 want haar oordeel reik tot aan die hemel en toring op tot in die lug.
10 יהוה het ons onskuld duidelik gemaak; kom en laat ons in Tziyon die werk van יהוה, ons God, oorvertel!
11 Maak skerp die pyle, vul die kokers! יהוה het die gees van die konings van die Mede opgewek, want Sy doel is teen Bavel, om dit te verwoes, want dit is die wraak van יהוה, die wraak vir Sy tempel.
12 Lig 'n banier op teen die mure van Bavel; sit 'n sterk wag uit, sit patrollies uit, sit manne in hinderlae, want יהוה het beide beplan en uitgevoer wat Hy aangaande die inwoners van Bavel gesê het.
13 Jy wat by baie waters bly, oorvloedig in skatte, jou einde het gekom, die maat van jou einde.
14 יהוה-Tzva'ot het by Homself gesweer: "Ek sal jou sekerlik vul met 'n populasie soos sprinkane en hulle sal uitroep met krete van oorwinning oor jou."
15 Hy het die aarde gemaak deur Sy krag, die wêreld gegrond deur Sy wysheid en die hemel uitgestrek deur Sy insig.

16 Wanneer Hy Sy stem laat hoor, is daar 'n geruis van waters in die hemel en Hy laat die wolke opgaan vanaf die einde van die aarde; Hy maak weerlig vir die reën en laat die wind uitkom uit sy opgaarplekke.
17 Die hele mensdom is dom, sonder kennis; elke goudsmid word beskaamd deur sy afgode, want sy gegote beelde is misleidend en daar is geen asem in hulle nie.
18 Hulle is nutteloos, 'n werk van bespotting; in die tyd van hulle straf sal hulle tot niet gaan.
19 Ya'akov se deel is nie soos hierdie nie, want Hy, יהוה-Tzva'ot is Sy Naam, is die Maker van alles en van die stam van Sy erfenis.
20 "Jy is My oorlogshamer, My oorlogswapen en met jou verbrysel Ek nasies en met jou verwoes Ek koninkryke;
21 met jou verbrysel Ek die perd en sy ruiter en met jou verbrysel Ek die strydwa en sy ruiter;
22 met jou verbrysel Ek man en vrou en met jou verbrysel Ek grysaard en jeug en met jou verbrysel Ek die jongman en die maagd;
23 met jou verbrysel Ek die herder en sy trop en met jou verbrysel Ek die landbouer en sy span en met jou verbrysel Ek goewerneurs en heersers.
24 Ek sal Bavel en al die inwoners van die land van die Kasdeërs voor julle oë terugbetaal vir al hulle boosheid wat hulle in Tziyon gedoen het," verklaar יהוה.
25 "Let op, Ek is teen jou, o verwoestende berg, wat die hele aarde verwoes," verklaar יהוה; "en Ek sal My hand teen jou uitstrek en jou van die rotse af laat rol en Ek sal van jou 'n afgebrande berg maak.
26 Hulle sal selfs nie 'n klip van jou af vat vir 'n hoek of 'n klip vir fondasies nie, maar jy sal vir ewig verlate wees," verklaar יהוה.
27 Lig 'n banier op in die land, blaas 'n ramshoring onder die nasies! Sonder die nasies teen haar af, roep die koninkryke van Ararat, Minni en Ashkenaz teen haar op, stel 'n aanvoerder teen haar aan, bring die perde op soos voetganger sprinkane!
28 Sonder nasies teen haar af, die konings van die Mede, hulle goewerneurs en al hulle leiers en elke land van hulle heerskappy.
29 So bewe die land en krimp inmekaar, want die planne van יהוה teen Bavel staan, om die land van Bavel 'n verlatenheid te maak, sonder inwoner.
30 Die magtige manne van Bavel het opgehou om te veg, hulle bly in die vestings; hulle krag is uitgeput, hulle het soos vroue geword. Hulle blyplekke is aan die brand gesteek, die grendels is gebreek.
31 Die een loper hardloop die ander tegemoet en die een boodskapper die ander, om aan die koning van Bavel te vertel dat sy stad van kant tot kant ingeneem is.
32 Die driwwe is ook oorgevat en hulle het die rietvleie met vuur verbrand en die krygsmanne is vreesbevange,
33 want so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Die dogter van Bavel is soos 'n dorsvloer in die tyd as dit vasgetrap word; tog sal die oestyd in 'n kort rukkie vir haar kom."
34 "N'vukadnetzar, koning van Bavel, het my verteer, my verpletter; hy het my neergesit soos 'n leë houer; hy het my ingesluk soos 'n monster; hy het sy maag vol gemaak met my lekkernye en my toe laat afdwaal."

35 Die inwoners van Tziyon sal sê: "Mag die geweld wat aan my en my vlees gedoen is, op Bavel wees" en Yerushalayim sal sê: "Mag my bloed wees op die inwoners van die land van die Kasdeërs!"
36 יהוה sê daarom: "Let op, Ek sal jou saak verdedig en volle wraak vir jou kry en Ek sal haar see opdroog en haar fonteine droog maak.
37 Bavel sal 'n puinhoop word, 'n lêplek van jakkalse, 'n voorwerp van verskrikking en bespotting, sonder inwoners.
38 Hulle sal saam brul soos jong leeus, grom soos leeuwelpies.
39 Wanneer hulle opgewarm is, sal Ek hulle feesmaal bedien en hulle dronk maak dat hulle uitgelate word en 'n ewige slaap kan slaap en nie wakker word nie," verklaar יהוה.
40 "Ek sal hulle afbring soos lammers om geslag te word, soos ramme saam met bokramme.
41 Hoe is Sheshakh ingeneem en die lofprysing van die hele aarde verower! Hoe het Bavel 'n voorwerp van verskrikking geword onder die nasies!
42 Die see het opgekom oor Bavel, sy is verswelg in sy geweldige golwe.
43 Haar stede het 'n voorwerp van verskrikking geword, 'n geskroeide land en 'n woestyn; 'n land waarin niemand bly nie en waardeur geen seun van 'n mens verbygaan nie.
44 Ek sal Bel in Bavel straf en maak dat wat hy ingesluk het uit sy mond uit kom en die nasies sal nie meer na hom toe stroom nie. Selfs die muur van Bavel het omgeval!
45 Gaan uit haar uit, My volk en red elkeen homself van die vreeslike woede van יהוה! Open 18:4
46 Nou, sodat julle binneste nie swak word nie en julle nie bang is vir die verslag wat in die land gehoor sal word nie, want die verslag sal die een jaar kom en daarna 'n ander verslag in 'n ander jaar en daar sal geweld wees in die land, met heerser teen heerser;
47 daarom, let op, daar kom dae dat Ek die afgode van Bavel sal straf en haar hele land sal beskaamd staan en al haar gesneuweldes sal in haar midde val,
48 dan sal die hemel en aarde en alles wat daarin is, uitroep van vreugde oor Bavel, want die verwoesters sal oor haar kom uit die noorde," verklaar יהוה.
49 Inderdaad sal die gesneuweldes van Yisra'el in Bavel val en die gesneuweldes van Bavel oor die hele aarde.
50 Julle wat die swaard vrygespring het, gaan weg, moenie bly nie! Onthou יהוה van ver af en hou Yerushalayim in jou gedagtes!
51 Ons is skaam, want ons het bespotting gehoor; skande het ons gesigte bedek, want vreemdes het die Afgesonderde Plekke van die huis van יהוה ingegaan.
52 "Let daarom op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer Ek haar afgode sal straf en die dodelik gewondes sal reg deur haar hele land kerm.
53 Al sou Bavel na die hemel opgaan en al sou sy haar hoë vesting versterk, sal verwoesters van My na haar toe afkom," verklaar יהוה.
54 Die uitroep van 'n gehuil kom uit Bavel en van groot vernietiging vanaf die land van die Kasdeërs,

55 want יהוה gaan Bavel vernietig en Hy sal haar harde geraas uit haar laat verdwyn en hulle golwe sal bruis soos baie waters, die geraas van hulle stemme sal gehoor word,
56 want die vernietiger kom teen haar, teen Bavel en haar magtige manne sal gevang word, hulle boë stukkend gebreek word, want יהוה is 'n God van vergelding; Hy sal ten volle terugbetaal.
57 "Ek sal haar prinse, haar wyse manne, haar goewerneurs, haar leiers en haar magtige manne dronk maak dat hulle 'n ewige slaap kan slaap en nie wakker word nie," verklaar die Koning, Wie se Naam יהוה-Tzva'ot is.
58 So sê יהוה-Tzva'ot: "Die breë muur van Bavel sal volkome platgevee word en haar hoë poorte aan die brand gesteek word sodat volke vir niks gewerk het en nasies moeg geword het, net vir vuur."
59 Die boodskap waarmee Yirmeyahu, die profeet, vir S'rayah, die seun van Neriyah, die seun van Magseyah, beveel het, toe hy saam met Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, na Bavel gegaan het, in die vierde jaar van sy regering. S'rayah was kwartiermeester.
60 Yirmeyahu het in 'n enkel boekrol al die katastrofes opgeskryf wat oor Bavel sou kom, al hierdie woorde wat aangaande Bavel geskryf is.
61 Toe het Yirmeyahu vir S'rayah gesê: "Sodra jy in Bavel kom, kyk dan dat jy al hierdie woorde hardop lees
62 en sê: 'U, o יהוה, het oor hierdie plek belowe om dit af te sny sodat daar niks in dit sal bly nie, nie mens of dier nie, maar dat dit 'n ewige verlatenheid sal wees.'
63 Sodra jy hierdie boekrol klaar gelees het, moet jy 'n klip daaraan vasmaak en dit in die middel van die Eufraat gooi
64 en sê: 'Net so sal Bavel sink en nie weer opkom nie, weens die katastrofe wat Ek oor haar gaan bring en hulle sal uitgeput wees.'" Tot sover die woorde van Yirmeyahu.

52 1 Tzidkiyahu was een en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir elf jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Hamutal, die dogter van Yirmeyahu van Livnah. [2 Kon 25; Yir 37-39]
2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, soos alles wat Y'hoyakim gedoen het.
3 As gevolg van hierdie booshede het die woede van יהוה teen Yerushalayim en Y'hudah gekom totdat Hy hulle uit Sy Teenwoordigheid uitgegooi het. Tzidkiyahu het rebelleer teen die koning van Bavel.
4 Nou, dit het gebeur in die negende jaar van sy regering, in die tiende maand, op die tiende van die maand dat N'vukadnetzar, koning van Bavel, teen Yerushalayim gekom het, hy en sy hele leër en hulle het daarteen laer opgeslaan en 'n beleëringsmuur reg rondom dit gebou.
5 So was die stad beleër tot die elfde jaar van koning Tzidkiyahu.
6 In die vierde maand, op die negende van die maand, toe die hongersnood so erg was in die stad dat daar geen brood was vir die mense van die land nie,

7 is in die stad ingebreek en al die krygsmanne het gevlug en in die nag uit die stad getrek en uitgegaan deur die poort, tussen die twee mure wat by die koning se tuin is, alhoewel die Kasdeërs reg rondom die stad was en hulle het deur die Vlakte gegaan.
8 Die leër van die Kasdeërs het egter die koning agternagejaag en Tzidkiyahu in die vlaktes van Yerigo ingehaal en sy hele leër is van hom af verstrooi.
9 Toe vang hulle die koning en bring hom op na die koning van Bavel, na Rivlah, in die land van Hamat en hy het 'n vonnis oor hom uitgespreek.
10 Toe het die koning van Bavel die seuns van Tzidkiyahu voor sy oë doodgeslaan en hy het ook al die prinse van Y'hudah in Rivlah doodgeslaan
11 en hy het die oë van Tzidkiyahu verblind en die koning van Bavel het hom met koper kettings geboei en hom na Bavel gebring en hom in die tronk gesit tot die dag van sy dood toe.
12 Nou, in die vyfde maand, op die tiende dag, wat die negentiende jaar van koning N'vukadnetzar, koning van Bavel was, het N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, wat in die diens van die koning van Bavel was, in Yerushalayim gekom. 2 Kon 25:8
13 Hy het die huis van יהוה, die paleis van die koning en al die huise van Yerushalayim verbrand; elke groot huis het hy met vuur verbrand.
14 Die hele leër van die Kasdeërs wat by die bevelvoerder van die lyfwag was, het al die mure van Yerushalayim reg rondom afgebreek.
15 Toe het N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, van die armstes van die volk, die res wat in die stad agtergebly het, die oorlopers wat na die koning van Bavel oorgeloop het en die res van die vakmanne, in ballingskap weggevoer,
16 maar N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, het sommige van die armstes van die land laat agterbly as wynboere en as landbouers.
17 Die Kasdeërs het die koper pilare wat in die huis van יהוה was, die staanders en die koper see wat in die huis van יהוה was, stukkend gebreek en al die koper daarvan na Bavel weggedra.
18 Hulle het ook die potte, die grawe, die kerssnuiters, die komme, die panne en al die koper gereedskap gevat wat in die diens gebruik is.
19 Die bevelvoerder van die lyfwag het ook die skottels, die vuurpanne, die komme, die potte, die kandelare, die panne en die drankoffer skottels, wat van suiwer goud en van suiwer silwer was, gevat en
20 die twee pilare, die see en die twaalf koper bulle, wat onder die see was en die staanders wat koning Shlomo vir die huis van יהוה gemaak het; die koper van al hierdie voorwerpe kon nie geweeg word nie.
21 Wat die pilare betref, die hoogte van een pilaar was agttien el en dit was twaalf el in omtrek en vier vingers dik, dit was hol.
22 'n Pilaarkop van koper was daarop en die hoogte van een pilaarkop was vyf el, met vlegwerk en granate op die pilaarkop reg rondom, alles van koper en die tweede pilaar was net so, insluitend die granate.
23 Daar was ses en negentig granate sigbaar; al die granate op die vlegwerk was 'n honderd, reg rondom.

24 Toe het die bevelvoerder van die lyfwag vir S'rayah, die hoofpriester en vir Tz'fanyah, die tweede priester en die drie drumpelwagters gevat.
25 Hy het ook uit die stad uit 'n amptenaar gevat wat opsigter oor die krygsmanne was en sewe van die koning se raadgewers, wat in die stad gevind is en die skrywer van die bevelvoerder van die leër wat die mense van die land opgeroep het en sestig man van die mense van die land wat in die stad gevind is.
26 N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, het hulle gevat en hulle na die koning van Bavel, in Rivlah gebring.
27 Toe het die koning van Bavel hulle neergeslaan en hulle gedood in Rivlah, in die land van Hamat. So is Y'hudah uit sy land in ballingskap uitgelei.
28 Hierdie is die mense wat N'vukadnetzar in ballingskap weggevoer het: in die sewende jaar, drie duisend, drie en twintig (3023) Y'hudahiete;
29 in die agttiende jaar van N'vukadnetzar, agt honderd twee en dertig mense uit Yerushalayim;
30 in die drie en twintigste jaar van N'vukadnetzar het N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, sewe honderd vyf en veertig Y'hudahiete in ballingskap weggevoer; daar was vier duisend ses honderd in totaal.
31 Dit het gebeur in die sewe en dertigste jaar van die ballingskap van Y'hoyakhin, koning van Y'hudah, in die twaalfde maand, op die vyf en twintigste van die maand dat `Eveel-M'rodakh, koning van Bavel, in die eerste jaar van regering, guns bewys het aan Y'hoyakhin, koning van Y'hudah en hom uit die tronk uitgebring het.
32 Hy het goedhartig met hom gepraat en sy stoel bokant die stoele van die konings gesit wat by hom in Bavel was.
33 Y'hoyakhin het sy tronkklere omgeruil en het gereeld sy etes in die koning se teenwoordigheid gehad, al die dae van sy lewe.
34 Vir sy lewensonderhoud is 'n vaste lewensonderhoud aan hom gegee deur die koning van Bavel, 'n daaglikse porsie al die dae van sy lewe, tot op die dag van sy dood.

Die veertiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die negende boek van die Profete

Die derde boek van die Latere Profete

Yegezk'el
(Eségiël)

יחזקאל- Die Magtige God versterk.

Die boek is geskryf deur die profeet Yegezk'el (Yeg 1:3) vanaf die vyfde jaar van Y'hoyakhin se ballingskap, vir 23 jaar, 593-570 voor Yeshua.

1 1 Dit het gebeur in die dertigste jaar, in die vierde maand, op die vyfde van die maand terwyl ek tussen die ballinge by die K'varrivier was, dat die hemele oopgemaak is en ek visioene van God gesien het.
2 Op die vyfde van die maand, in die vyfde jaar van die ballingskap van koning Y'hoyakhin,
3 het die woord van יהוה uitdruklik tot Yegezk'el, die priester, die seun van Buzi, gekom in die land van die Kasdeërs, by die K'varrivier en daar het die hand van יהוה op hom gekom.
4 Terwyl ek kyk, let op, het 'n stormwind uit die noorde gekom, 'n groot wolk met aanhoudende flitsende vuur en 'n helder lig rondom dit en in die middel daarvan, iets soos gloeiende metaal, binne-in die vuur.
5 Binne-in dit was figure wat gelyk het soos vier lewende wesens en dit was hulle voorkoms: hulle het 'n menslike vorm gehad.
6 Elkeen van hulle het vier gesigte en vier vlerke gehad.
7 Hulle bene was reguit en hulle voete soos 'n kalf se hoef en hulle het geskitter soos blinkgevryfde koper.
8 Onder hulle vlerke aan hulle vier kante was mensehande. Wat die vier van hulle se gesigte en vlerke betref:
9 hulle vlerke het aanmekaar geraak. Hulle gesigte het nie gedraai wanneer hulle beweeg nie; elkeen het reguit vorentoe gegaan.
10 Wat die vorm van hulle gesigte betref: elkeen het die gesig van 'n man gehad; al vier het die gesig van 'n leeu aan die regterkant en die gesig van 'n bul aan die linkerkant gehad; al vier het die gesig van 'n arend gehad. Open 4:7
11 Dit was hulle gesigte. Hulle vlerke was boontoe uitgesprei; elkeen het twee gehad wat aan 'n ander geraak het en twee wat hulle liggame bedek het.
12 Elkeen het reguit vorentoe gegaan; waar hul gees ook al heen gegaan het, het hulle gegaan, sonder om te draai as hulle gaan.
13 In die middel van die lewende wesens was daar iets wat gelyk het soos brandende kole van vuur, soos fakkels wat heen en weer tussen die lewende wesens spring. Die vuur was helder en weerlig het uit die vuur geslaan.
14 Die lewende wesens het heen en weer gehardloop, soos weerligstrale.
15 Soos ek na die lewende wesens kyk, let op, was daar een wiel op die grond langs die lewende wesens, vir elkeen van die vier van hulle.
16 Die voorkoms van die wiele en hulle vakmanskap was soos skitterende beril en al vier het dieselfde vorm gehad; hulle voorkoms en hulle vakmanskap was asof daar een wiel binne-in 'n ander was.
17 Wanneer hulle beweeg, het hulle in enige van hulle vier rigtings beweeg sonder om te draai as hulle beweeg.
18 Hulle vellings was verhewe en wonderbaar en al vier se vellings was vol oë reg rondom.
19 Wanneer die lewende wesens beweeg, beweeg die wiele saam met hulle en wanneer die lewende wesens oplig van die grond af, lig die wiele ook.

20 Waar hulle gees ook al heen wou gaan, in daardie rigting het hulle gegaan; die wiele het naby, langs hulle opgelig, want die gees van die lewende wesens was in die wiele.
21 Wanneer dié gaan, gaan hulle en wanneer dié stil staan, staan hulle stil en wanneer dié hulle van die grond af oplig, lig die wiele naby langs hulle op, want die gees van die lewende wesens was in die wiele.
22 Oor die koppe van die lewende wesens was daar iets soos 'n uitgestrektheid, soos die wonderbare skynsel van kristal, uitgesprei bo-oor hulle koppe.
23 Onder die uitgestrektheid was hulle vlerke reguit na mekaar, een na die ander uitgestrek; elkeen het ook twee vlerke gehad wat eenkant en anderkant hul liggame bedek het.
24 Ek het ook die klank van hulle vlerke gehoor as hulle beweeg, soos die klank van baie waters, soos die stem van die Almagtige, Open 1:15; 14:2 die geluid van oproering, soos die klank van 'n leërkamp; wanneer hulle stil staan, het hulle hul vlerke laat sak.
25 Daar het 'n stem gekom van bo die uitgestrektheid wat oor hulle koppe was; wanneer hulle stil staan, het hulle hul vlerke laat sak.
26 Bokant die uitgestrektheid wat oor hulle koppe was, was daar iets wat gelyk het soos 'n troon, wat gelyk het soos lapis lazuli en op dit wat gelyk het soos 'n troon, 'n figuur wat gelyk het soos 'n mens.
27 Toe merk ek op dat vanaf Sy lendene opwaarts lyk dit na iets soos gloeiende metaal wat lyk soos vuur, reg rondom binne-in en vanaf Sy lendene ondertoe sien ek iets soos vuur en daar was 'n glans rondom Hom.
28 Soos die voorkoms van die reënboog in die wolke op 'n reëndag, so het die omringende glans gelyk. So was die voorkoms van die beeld van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה. Toe ek dit sien, het ek op my gesig geval en 'n Stem hoor praat.

2 1 Toe het Hy vir my gesê: "Seun van 'n mens, staan op jou voete sodat Ek met jou kan praat."
2 Terwyl Hy met my praat, het die Gees in my gekom en my op my voete geplaas en ek het Hom met my hoor praat.
3 Toe sê Hy vir my: "Seun van 'n mens, Ek stuur jou na die seuns van Yisra'el, na 'n rebelse volk wat teen My gerebelleer het; hulle en hul vaders het teen My oortree tot op hierdie dag toe.
4 Ek stuur jou na hulle wat hardkoppige en eiewillige kinders is en jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה-God!'
5 Wat hulle betref, of hulle luister of nie, want hulle is 'n rebelse huis; hulle sal weet dat 'n profeet tussen hulle was.
6 Jy, seun van 'n mens, moenie vir hulle of vir hulle woorde bang wees nie, alhoewel distels en dorings by jou is en jy op skerpioene sit; moenie hulle woorde vrees nie en ook nie ontsteld wees oor hulle teenwoordigheid nie, want hulle is 'n rebelse huis.
7 Jy moet egter My woorde vir hulle sê, of hulle luister of nie, want hulle is rebels.

8 Nou jy, seun van 'n mens, luister en hoor wat Ek vir jou sê; moenie rebels wees soos daardie rebelse huis nie. Maak jou mond oop en eet wat Ek jou gee." Open 10:9
9 Toe kyk ek en let op, daar is 'n hand na my toe uitgesteek en sowaar, daar was 'n boekrol in!
10 Toe Hy dit voor my uitsprei, was daar voorop en agterop geskryf en daar was klaagliedere, rou en smart op geskryf.

3 1 Toe het Hy vir my gesê: "Seun van 'n mens, eet wat jy vind; eet hierdie boekrol en gaan praat met die huis van Yisra'el."
2 Ek het my mond oopgemaak en Hy het my dié rol gevoer.
3 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, voed jou maag en vul jou liggaam met hierdie boekrol wat Ek vir jou gee." Toe het ek dit geëet en dit was soet soos heuning in my mond.
4 Toe het Hy vir my gesê: "Seun van 'n mens, gaan na die huis van Yisra'el en verkondig My boodskappe aan hulle,
5 want jy word nie gestuur na 'n volk met 'n onverstaanbare spraak of moeilike taal nie, maar na die huis van Yisra'el;
6 nie na baie volke wat 'n onverstaanbare spraak of moeilike taal het nie, wie se woorde jy nie kan verstaan nie, maar Ek het jou gestuur na hulle wat na jou behoort te luister en dit te doen;
7 tog sal die huis van Yisra'el nie gewillig wees om na jou te luister en dit te doen nie, aangesien hulle nie na My wil luister en dit doen nie. Die hele huis van Yisra'el het sekerlik 'n harde voorkop en is eiewillig.
8 Let op, Ek het jou gesig net so hard gemaak soos hulle gesigte en jou voorkop so hard soos hulle voorkoppe.
9 Ek het jou voorkop soos 'n diamant, harder as flint, gemaak. Moenie vir hulle bang wees of ontsteld wees voor hulle nie, alhoewel hulle 'n rebelse huis is."
10 Hy het verder vir my gesê: "Seun van 'n mens, neem al My boodskappe wat Ek vir jou sal sê, in jou verstand, wil en emosie op en luister mooi.
11 Gaan na die ballinge, na die seuns van jou volk en praat met hulle en sê vir hulle, of hulle luister en dit doen of nie: 'So sê יהוה-God.'"
12 Toe het die Gees my opgelig en ek het 'n groot dreunende geluid agter my gehoor: "Geseënd is die lof, eer en waarde van יהוה in Sy plek!"
13 Ek het die geluid gehoor van die vlerke van die lewende wesens wat aan mekaar raak en die geluid van die wiele langs hulle, 'n groot dreunende klank.
14 Die Gees het my opgelig en my weggevat en ek het verbitterd in die woede van my gees gegaan en die hand van יהוה was sterk op my.
15 Toe het ek by die ballinge gekom wat in Tel-Aviv, langs die K'varrivier gebly het en ek het sewe dae lank daar gesit by die plek waar hulle gebly het en konsternasie tussen hulle veroorsaak.
16 Aan die einde van sewe dae het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
17 "Seun van 'n mens, Ek het jou as wagter vir die huis van Yisra'el aangestel; wanneer jy ook al 'n boodskap uit My mond hoor, moet jy hulle namens My waarsku.

18 Wanneer Ek vir die bose oortreder sê: 'Jy sal sekerlik sterf' en jy waarsku hom nie of praat nie om die bose oortreder aangaande sy bose lewenswyse te waarsku dat hy kan lewe nie, sal daardie bose oortreder in sy oortredinge sterf, maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.
19 Tog, as jy die bose oortreder gewaarsku het en hy draai nie van sy boosheid of van sy bose lewenswyse af weg nie, sal hy in sy oortredinge sterf, maar jy het jouself bevry.
20 Ook, as 'n onpartydige en opregte man wegdraai van sy onpartydige opregtheid en oortredinge begaan en Ek 'n struikelblok voor hom gooi, sal hy sterf en omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy sterf in sy sonde en sy onpartydige en opregte dade wat hy gedoen het, sal nie onthou word nie, maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.
21 As jy die onpartydig opregte man egter gewaarsku het dat die onpartydig opregte man nie moet sondig nie en hy sondig nie, sal hy sekerlik leef omdat hy die waarskuwing aanvaar het en jy het jouself bevry." Yeg 33:1-9
22 Die hand van יהוה was daar op my en Hy het vir my gesê: "Staan op, gaan uit na die vlakte toe en Ek sal daar met jou praat."
23 Ek het opgestaan en na die vlakte gegaan en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het daar gestaan soos die Gemanifesteerde Teenwoordigheid wat ek by die K'varrivier gesien het en ek het op my gesig neergeval.
24 Die Gees het in my ingekom en my op my voete laat staan en Hy het met my gepraat en vir my gesê: "Gaan, sluit jouself toe in jou huis.
25 Wat jou betref, seun van 'n mens, hulle sal toue om jou sit en jou met hulle vasbind sodat jy nie onder hulle kan uitgaan nie.
26 Meer nog, Ek sal jou tong aan jou verhemelte laat vassit sodat jy stom sal wees en nie 'n man kan wees wat hulle kan bestraf nie, want hulle is 'n rebelse huis,
27 maar wanneer Ek met jou praat, sal Ek jou mond oopmaak en jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה-God.' Hy wat hoor en doen, laat hom hoor en doen en hy wat dit weier, laat hom weier, want hulle is 'n rebelse huis.

4 1 Nou jy, seun van 'n mens, vat vir jou 'n baksteen, sit dit voor jou neer en teken die stad, Yerushalayim, daarop.
2 Beleër dit dan; bou 'n beleëringsmuur daarteen, gooi 'n wal daarteen, slaan kamp op en plaas stormramme daarteen, reg rondom.
3 Kry dan vir jou 'n yster plaat en sit dit op as 'n yster muur tussen jou en die stad en draai jou gesig daarheen dat dit beleër is en beleër dit. Hierdie is 'n teken vir die huis van Yisra'el.
4 Wat jou betref, gaan lê op jou linker sy en sit die oortredinge van die huis van Yisra'el daarop; volgens die getal dae dat jy daarop lê, sal jy hulle oortredinge dra,
5 want Ék het op jou die aantal dae gelê ooreenkomstig die jare van hulle oortredinge, drie honderd en negentig dae; so sal jy die oortredinge van die huis van Yisra'el dra.

6 Wanneer jy met hierdie klaar is, moet jy vir 'n tweede keer gaan lê, op jou regter sy
en die oortredinge van die huis van Y'hudah dra; Ek het dit vir jou aangewys vir
veertig dae; 'n dag vir elke jaar.
7 Dan moet jy jou gesig draai na die beleëring van Yerushalayim met jou arm kaal en
jy moet daarteen profeteer.
8 Nou let op, Ek sal toue om jou sit sodat jy nie van die een kant na die ander kan draai
nie totdat jy die dae van jou beleëring voltooi het.
9 Wat jou betref, vat koring, gars, boontjies, lensies, boermanna (katstertgras) en spelt
en gooi dit in een houer en maak daarvan brood vir jouself; volgens die getal dae
dat jy op jou sy lê, drie honderd en negentig dae, moet jy daarvan eet.
10 Jou kos wat jy elke dag moet eet, sal twintig sikkels in gewig wees; van tyd tot tyd
moet jy dit eet.
11 Die water wat jy drink moet die sesde deel van 'n hin wees by mate; van tyd tot
tyd moet jy dit drink.
12 Jy moet dit as garskoeke eet, gebak voor hulle oë op mens-uitskeiding."
13 Toe sê יהוה: "So sal die seuns van Yisra'el hulle brood onrein eet onder die nasies
waarheen Ek hulle sal verban." Hos 9:3
14 Ek sê egter: "Ag, יהוה-God! Let op, ek is nog nooit onrein gemaak nie, want van
my jeug af tot nou toe het ek nog nooit wat self dood is of wat verskeur is geëet nie
en daar het ook geen onrein vleis ooit in my mond ingegaan nie."
15 Toe sê Hy vir my: "Kyk, Ek het vir jou beesmis, in plaas van mens-uitskeiding
gegee waarop jy jou brood moet voorberei."
16 Hy het meer nog vir my gesê: "Seun van 'n mens, let op, Ek gaan die ondersteuning
van die brood in Yerushalayim verbreek en hulle sal brood by die gewig en met
angs eet en water by die maat en in afgryse drink,
17 want brood en water sal skaars wees en hulle sal afstootlik wees vir mekaar en in
hulle oortredinge wegkwyn. 2 Kon 25:3

5 1 Wat jou betref, seun van 'n mens, vat 'n skerp swaard en gebruik dit as 'n
haarkapper se skeermes op jou kop en baard. Vat dan 'n weegskaal en verdeel die
hare:
2 een derde moet jy in die middel van die stad met vuur verbrand wanneer die dae van
die beleëring voltooi is. Dan moet jy een derde vat en dit met die swaard stukkend
kap reg rondom die stad en een derde moet jy in die wind strooi en Ek sal 'n swaard
agter hulle uittrek.
3 Vat ook 'n klein bietjie daarvan en bind dit in die nate van jou kleed.
4 Vat weer 'n bietjie daarvan en gooi dit binne-in die vuur; 'n vuur sal vanuit dit
versprei na die hele huis van Yisra'el.
5 So sê יהוה-God: 'Hierdie is Yerushalayim; Ek het haar in die middel van die nasies
geplaas, met lande rondom haar,
6 maar sy het My regverdige oordele verruil vir die booshede van die nasies en My
opdragte vir die instellings van die stede wat haar omring, want hulle het My
regverdige oordele verwerp en nie in My opdragte gelewe nie.'

7 יהוה-God sê daarom: 'Omdat julle die instellings van die nasies wat rondom julle is erken het en nie in My instellings gelewe het of My oordele gehoorsaam het nie, maar gedoen het volgens die oordele van die nasies rondom julle;'
8 daarom, so sê יהוה-God: 'let op, Ek, selfs ook Ek, is teen jou en Ek sal oordeel oor jou vel ten aanskoue van die nasies
9 en as gevolg van al jou verwerplikhede sal Ek onder jou doen wat Ek nog nooit gedoen het nie en wat Ek nooit weer só sal doen nie.
10 Vaders sal daarom hulle seuns opeet in jou midde en die seuns sal hulle vaders eet, want Ek sal oordeel vel oor jou en almal wat van jou oorbly na al die windstreke verstrooi.
11 So waar as Ek leef,' verklaar יהוה-God, 'sekerlik, aangesien jy My Afgesonderde Plek onteer het met al jou veragtelike afgode en met al jou verwerplikhede sal Ék My ook onttrek en My oog sal nie jammerte hê nie en Ék sal nie spaar nie.
12 'n Derde deel van jou sal deur die plaag sterf of deur hongersnood tussen jou verteer word; een derde sal deur die swaard rondom jou val en een derde sal Ek na al die windstreke verstrooi en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek.
13 So sal dan My woede uitwoed en Ek sal My toorn oor hulle bevredig en Ek sal tevrede wees; dan sal hulle weet dat Ek, יהוה, in My ywer gepraat het wanneer Ek My toorn teen hulle laat uitwoed het.
14 Meer nog, Ek sal jou 'n verlatenheid en skande maak onder die nasies wat rondom jou is, voor die oë van almal wat verbygaan.
15 So sal dit 'n voorwerp van skande, beskimping, 'n waarskuwing en 'n voorwerp van verskrikking wees vir die nasies wat rondom jou is, as Ek oordele vel teen jou in woede, toorn en in tierende strawwe; Ek, יהוה, het gepraat.
16 Wanneer Ek die dodelike pyle van hongersnood wat vir die verwoesting van hulle wat Ek sal stuur om julle te vernietig, teen hulle uitstuur, dan sal Ek ook die hongersnood oor jou vererger en julle staf van graan verbreek.
17 Meer nog, Ek sal hongersnood en wilde diere oor jou stuur wat jou van kinders sal ontneem; plaag en bloedvergieting sal ook deur jou gaan en Ek sal die swaard oor jou bring. Ek, יהוה, het gepraat.'"

6 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, draai jou gesig teen die berge van Yisra'el en profeteer teen hulle
3 en sê: 'Berge van Yisra'el, hoor en luister na die woord van יהוה-God! So sê יהוה-God vir die berge, die heuwels, die klowe en vir die valleie: "Let op, Ek gaan self 'n swaard oor julle bring en Ek sal julle hoë plekke vernietig.
4 So sal julle altare verlate word en julle wierook altare stukkend gebreek word en Ek sal die wat uit julle doodgemaak is, voor julle afgode laat val.
5 Ek sal ook die lyke van die seuns van Yisra'el voor hulle afgode neerlê en julle beendere rondom julle altare strooi.
6 In al julle blyplekke sal stede verwoes word en die hoë plekke verlate wees sodat julle altare verwoes en verlate mag word, julle afgode verbreek en tot 'n einde gebring word, julle wierook altare omgekap en julle werke uitgewis word.

7 Die wat doodgeslaan is, sal onder julle val en julle sal weet dat Ek יהוה is.
8 Ek sal egter 'n oorblyfsel los, want julle sal hulle hê wat die swaard ontvlug tussen die nasies, wanneer julle verstrooi is tussen die lande.
9 Dan sal dié wat uit julle ontvlug het, My onthou tussen die nasies waarheen hulle as gevangenes weggevoer is, hoe Ek deur hulle hoererende verstand, wil en emosie, wat van My af weggedraai het en deur hulle oë wat agter hulle afgode aan hoereer het, seergemaak is en hulle sal hulself verag in hul eie oë weens die booshede wat hulle gedoen het, vir al hulle verwerplikhede.
10 Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is; Ek het nie tevergeefs gesê dat Ek hierdie ramp oor hulle sal bring nie.'"
11 So sê יהוה-God: 'Klap jou hand en stamp jou voet en sê: "Wee, as gevolg van al die bose verwerplikhede van die huis van Yisra'el, wat deur swaard, hongersnood en plaag gaan val!
12 Hy wat ver is, sal deur die plaag sterf, hy wat naby is, sal deur die swaard val en hy wat oorbly en beleër is, sal deur die hongersnood sterf. So sal Ek My toorn teen hulle laat uitwoed.
13 Dan sal julle weet dat Ek יהוה is, wanneer die wat uit hulle neergeslaan is, tussen hulle afgode rondom hulle altare op elke hoë heuwel lê, op al die bergtoppe en onder elke groen boom en onder elke digte eikeboom; die plekke waar hulle kalmerende aromas aan hulle afgode geoffer het.
14 So sal Ek deur al hulle blyplekke My hand teen hulle uitstrek en die land meer verlate en 'n puinhoop maak as die wildernis naby Divlah; so sal hulle weet dat Ek יהוה is."""

7 1 Weer het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Jy, seun van 'n mens, so sê יהוה-God vir die land van Yisra'el: 'Einde! Die einde het gekom op die vier hoeke van die land.
3 Nou is die einde op jou en Ek sal My woede teen jou stuur; Ek sal jou oordeel volgens jou lewenswyse en al jou verwerplikhede op jou afbring, Efe 2:10
4 want My oog sal nie vir jou jammer wees nie en Ek sal jou ook nie spaar nie, maar Ek sal jou lewenswyse op jou afbring en jou verwerplikhede sal tussen jou wees; dan sal julle weet dat Ek יהוה is!'
5 So sê יהוה-God: ''n Ramp, 'n unieke ramp, let op, dit kom!
6 'n Einde kom, die einde het gekom! Dit het wakker geword teen jou; let op, dit het gekom!
7 Jou verdoemenis kom teen jou, o inwoner van die land! Die tyd het gekom, die dag is naby! Opskudding, eerder as vreugdevolle geroep op die berge.
8 Nou sal Ek binnekort My toorn op jou uitgiet en My woede teen jou laat uitwoed; jou oordeel volgens jou lewenswyse en al jou verwerplikhede op jou afbring.
9 My oog sal nie jammerte wys en Ek sal nie spaar nie; Ek sal jou terugbetaal volgens jou lewenswyse terwyl jou verwerplikhede tussen jou is; dan sal julle weet dat Ek, יהוה, die slaanwerk doen.
10 Let op, die dag! Let op, dit kom! Jou verdoemenis het uitgegaan; die roede het gebot, arrogansie het uitgespruit.

11 Geweld het gegroei tot 'n roede van boosheid. Niks van hulle sal oorbly nie, nie een van hulle mense, niks van hulle rykdom, of enige iets uitstaande tussen hulle nie.
12 Die tyd het gekom, die dag het arriveer. Laat die koper nie bly wees nie en die verkoper nie treur nie, want toorn is teen al hulle menigte.
13 Inderdaad, die verkoper sal nie terugkry wat hy verkoop het nie, want beide sal nie leef nie, want die visioen aangaande hulle hele menigte sal nie afgewend word nie en ook sal niemand sy lewe in stand hou deur sy oortredinge nie.
14 Hulle het die trompet geblaas en maak alles gereed, maar niemand gaan na die geveg toe nie, want My toorn is teen hulle hele menigte.
15 Die swaard is buite en die plaag en die hongersnood is binne. Hy wat in die veld is, sal deur die swaard sterf; hongersnood en die plaag sal ook dié verteer wat in die stad is.
16 Selfs as die oorlewendes ontvlug, sal hulle soos duiwe van die valleie op die berge wees wat almal treur, elkeen oor sy eie oortredinge.
17 Alle hande sal slap hang en alle knieë sal soos water word.
18 Hulle sal hulle omvou met rouklere en hulle sal oorkom word met angssiddering en skaamte sal op alle gesigte wees en 'n kaalte op al hulle koppe.
19 Hulle sal hulle silwer op die strate gooi en hulle goud sal 'n verfoeilike ding word; hulle silwer en hulle goud sal hulle nie kan bevry in die dag van die toorn van יהוה nie. Hulle kan nie hul aptyt versadig of hul maag daarmee volmaak nie, want hulle oortredinge het deur struikeling gekom.
20 Hulle het die prag van Sy ornamente in trots verander en hulle het die beelde van hul verwerplikhede, hul verfoeilike dinge daarmee gemaak; daarom sal Ek dit 'n verfoeilike ding vir hulle maak.
21 Ek sal dit in die hand van buitelanders gee as plunder en aan die bose oortreders van die aarde as buit en hulle sal dit onteer.
22 Ek sal ook My gesig van hulle af wegdraai en hulle sal My geheime plek onteer; dan sal rowers ingaan en dit onteer.
23 Hulle sal dit met stene aanval, want die land is vol bloederige misdaad en die stad is vol geweld;
24 daarom sal Ek die slegste van die nasies bring en hulle sal hul huise besit. Ek sal ook die trots van die sterkes laat ophou en hulle afgesonderde plekke sal onteer word.
25 Wanneer angs kom, sal hulle vrede soek, maar daar sal niks wees nie.
26 Ramp sal op ramp kom en gerug by gerug bygesit word; dan sal hulle van 'n profeet 'n visioen verlang, maar die wet sal verlore wees vir die priester en die raad vir die oudstes.
27 Die koning sal rou, die prinse sal aangetrek wees met afsku en die hande van die mense van die land sal bewe. Volgens hulle optrede sal Ek met hulle handel en deur hulle oordele sal Ek hulle oordeel en hulle sal weet dat Ek יהוה is.'"

8 1 Dit het in die sesde jaar, op die vyfde dag van die sesde maand terwyl ek in my huis sit en die oudstes van Y'hudah voor my sit, gebeur dat die hand van יהוה-God daar op my val.
2 Ek kyk toe en let op, iets wat gelyk het soos 'n mens: vanaf Sy lendene en ondertoe het Hy gelyk soos vuur en van Sy lendene af en boontoe soos helderheid, soos gepoleerde metaal.
3 Hy steek, wat die vorm van 'n hand het, uit en gryp my aan my bos hare op my kop en die Gees het my opgelig tussen aarde en hemel en my in die visioene van God na Yerushalayim gebring, na die ingang van die binnekant by die noordelike poort, waar die setel van die afgod van jaloesie, wat opwek tot jaloesie, was.
4 Let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el was daar, soos die verskyning wat ek in die vlakte gesien het.
5 Toe sê Hy vir my: "Seun van 'n mens, lig nou jou oë op in die rigting van die noorde." Ek het my oë opgeslaan in die rigting van die noorde en let op, aan die noordekant van die altaarpoort was daar die afgod van jaloesie by die ingang.
6 Hy sê vir my: "Seun van 'n mens, sien jy wat hulle doen, die groot verwerplikhede wat die huis van Yisra'el hier doen dat Ek ver van My Afgesonderde Plek af moet wees? Tog sal jy nog groter verwerplikhede sien." Mat 24:15; Mar 13:14
7 Toe bring Hy my by die ingang van die hof en toe ek kyk, let op, 'n gat in die muur.
8 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, grawe nou deur die muur." Ek het deur die muur gegrawe en let op, 'n ingang.
9 Hy het vir my gesê: "Gaan in en sien die bose verwerplikhede wat hulle hier doen."
10 Ek het ingegaan en gekyk en let op, elke vorm van kruipende dinge en wilde diere, verwerplike dinge, saam met al die afgode van die huis van Yisra'el is op die mure reg rondom uitgekerf.
11 Voor hulle het sewentig oudstes van die huis van Yisra'el gestaan, met Ya'azanyahu, die seun van Shafan, tussen hulle, elkeen met sy wierookpot in sy hand en die geur van die wolk van wierook het opgestyg.
12 Toe sê Hy vir my: "Het jy gesien, seun van 'n mens, wat die oudstes van die huis van Yisra'el in die donkerte doen, elkeen in sy kamer van uitgekerfde beelde? Want hulle dink: 'יהוה sien ons nie; יהוה het die land verlaat.'"
13 Hy sê ook vir my: "Tog sal jy nog groter verwerplikhede sien wat hulle doen."
14 Toe het Hy my gebring na die noordelike ingang van die poort van die huis van יהוה en let op, vroue het daar gesit en huil vir Tammuz.
15 Hy sê vir my: "Het jy dit gesien, seun van 'n mens? Tog sal jy nog groter verwerplikhede sien as hierdie."
16 Toe bring Hy my in die binneste hof van die huis van יהוה en let op, by die ingang van die tempel van יהוה, tussen die portaal en die altaar, was daar omtrent vyf en twintig manne, met hulle rug na die tempel van יהוה en hulle gesig na die ooste toe en hulle het hulself ooswaarts voor die son neergebuig. Yeg 43:8

17 Hy sê vir my: "Het jy dit gesien, seun van 'n mens? Is dit te gering vir die huis van Y'hudah om die verwerplikhede te doen wat hulle hier gedoen het? Hulle het die land met geweld gevul en My herhalend getart, want let op, hulle sit die tak by hulle neus (trek die neus minagtend op) vir My!
18 Ék sal daarom inderdaad in toorn handel; My oog sal geen jammerte hê nie, Ek sal nie spaar nie en al roep hulle hardop uit in My ore, nogtans sal Ek nie na hulle luister nie."

9 1 Toe het Hy met 'n harde stem voor my ore uitgeroep en gesê: "Kom nader, laksmanne van die stad, elkeen met sy verwoestende wapen in sy hand."
2 Let op, ses manne kom uit die rigting van die Boonste Poort wat na die noorde toe kyk, elkeen met sy verwoestende wapen in sy hand en tussen hulle was 'n sekere man wat in linne aangetrek was, met 'n skrywer se inkhouer aan sy heupe en hulle het ingegaan en langs die koper altaar gaan staan.
3 Toe het die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el opgestyg vanaf die gérub waarop dit was, na die drumpel van die tempel toe en Hy het na die man geroep wat in linne aangetrek was, wat die skrywer se inkhouer aan sy heupe gehad het.
4 יהוה sê vir hom: "Gaan deur die middel van die stad, deur die middel van Yerushalayim en maak 'n teken op die voorkoppe van die manne wat sug en steun oor al die verwerplikhede wat in sy midde gedoen word." Yir 32:29; Open 7:3
5 Aan die ander sê Hy egter voor my ore: "Gaan agter hom aan deur die stad en slaan dood; moenie dat julle oog jammerte hê nie en moenie spaar nie.
6 Slaan volkome dood; ou manne, jong manne, jong meisies, klein kindertjies en vroue, maar moet aan niemand raak op wie die teken is nie en julle moet begin by My Afgesonderde Plek." Hulle het begin by die oudstes wat voor die tempel was.
7 Hy het vir hulle gesê: "Onteer die tempel en maak die howe vol met die dooies. Gaan uit!" So het hulle uitgegaan en in die stad doodgeslaan.
8 Terwyl hulle doodslaan en ek oorgebly het, het ek op my gesig neergeval en uitgeroep en gesê: "Ag, יהוה-God! Vernietig U almal wat oorgebly het van Yisra'el deur U toorn op Yerushalayim uit te gooi?"
9 Toe sê Hy vir my: "Die oortredinge van die huis van Yisra'el en van Y'hudah is baie, baie groot en die land is gevul met bloed en die stad is vol perversie, want hulle sê: 'יהוה het die land verlaat en יהוה sien nie.'
10 Wat My betref, My oog sal nie jammerte hê nie en Ek sal nie spaar nie, maar Ek sal hulle optrede op hulle koppe afbring."
11 Toe, let op, het die man wat in linne aangetrek was, aan wie se heupe die skrywer se inkhouer was, rapporteer en gesê: "Ek het gedoen net soos U my beveel het."

10 1 Toe het ek gekyk en let op, in die ruimte wat bo-oor die koppe van die gérubs was, het iets soos 'n saffiersteen in 'n vorm wat lyk soos 'n troon, bo hulle verskyn.
2 Hy het met die man wat in linne aangetrek was gepraat en gesê: "Gaan in tussen die draaiende wiele onder die gérub in en maak jou hande vol met kole van vuur vanaf tussen die gérubs en strooi dit oor die stad." Hy het voor my oë ingegaan.

3 Die gérubs het aan die regterkant van die tempel gestaan toe die man ingegaan het en die wolk het die binnehof gevul.
4 Toe het die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה vanaf die gérub af opgestyg na die drumpel van die tempel en die tempel is gevul met die wolk en die hof was vol van die helderheid van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה.
5 Verder is die geluid van die gérubs se vlerke gehoor tot in die buitenste hof, soos die stem van God, die Almagtige, as Hy praat.
6 Dit het gebeur toe Hy die man wat in linne aangetrek is, beveel en gesê het: "Vat vuur van tussen die draaiende wiele, van tussen die gérubs uit," hy ingegaan en langs 'n wiel gaan staan het.
7 Toe steek 'n gérub sy hand uit van tussen die gérubs, af na die vuur wat tussen die gérubs was, vat daarvan en gee dit in die hande van die man wat in linne aangetrek is; wat dit gevat en uitgegaan het.
8 Dit het gelyk of die gérubs die vorm van 'n mens se hand onder hulle vlerke het.
9 Toe het ek gekyk en let op, vier wiele langs die gérubs; een wiel langs elke gérub en die voorkoms van die wiele was soos die kleur van topaas (beril).
10 Wat hulle voorkoms betref, al vier het dieselfde voorkoms gehad, asof een wiel binne-in 'n ander wiel was.
11 Wanneer hulle beweeg, het hulle in enige van hulle vier rigtings beweeg sonder om te draai as hulle beweeg, maar hulle het gevolg in die rigting waarheen hulle kyk, sonder om te draai as hulle beweeg.
12 Hulle hele liggaam, hulle rûe, hulle hande, hulle vlerke en die wiele was vol oë reg rondom, die wiele het aan al vier van hulle behoort.
13 Die wiele is voor my ore "draaiende wiele" genoem.
14 Elkeen het vier gesigte gehad: die eerste gesig was die gesig van 'n gérub, die tweede gesig die gesig van 'n mens, die derde die gesig van 'n leeu en die vierde die gesig van 'n arend.
15 Toe het die gérubs opgestyg. Hulle is die lewende wesens wat ek by die K'varrivier gesien het.
16 Wanneer die gérubs beweeg, sal die wiele langs hulle beweeg en wanneer die gérubs hulle vlerke oplig om van die grond af op te styg, het die wiele nie weggedraai van langs hulle nie.
17 Wanneer die gérubs stilstaan, staan die wiele stil en wanneer hulle opstyg, sal die wiele saam met hulle opstyg, want die gees van die lewende wesens was in hulle.
18 Toe het die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה vanaf die drumpel van die tempel vertrek en oor die gérubs gaan staan.
19 Toe die gérubs weggegaan het, het hulle hul vlerke opgelig en voor my oë van die grond af opgestyg met die wiele langs hulle en hulle het gaan stilstaan by die ingang van die oostelike poort van die huis van יהוה en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el het oor hulle gehang.
20 Dit is die lewende wesens wat ek onder die God van Yisra'el gesien het by die K'varrivier; ek het dus geweet dat hulle gérubs was.
21 Elkeen het vier gesigte en elkeen het vier vlerke gehad en onder hulle vlerke was die vorm van mensehande.

22 Wat die vorm van hulle gesigte betref, dit was dieselfde gesigte wie se voorkoms ek by die K'varrivier gesien het; elkeen het reguit vorentoe gegaan.

11 1 Verder het die Gees my opgelig en my gebring na die oostelike poort van die huis van יהוה wat na die ooste kyk en let op, by die ingang van die poort was daar vyf en twintig man en onder hulle het ek vir Ya'azanyah, die seun van `Azzur en P'latyahu, die seun van B'nayahu, leiers van die volk, gesien.
2 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, hierdie is die manne wat boosheid uitdink en bose raad gee in hierdie stad,
3 wat sê: 'Is die tyd nie naby om huise te bou nie? Hierdie stad is die pot en ons is die vleis.'
4 Profeteer daarom teen hulle, seun van 'n mens, profeteer!"
5 Toe val die Gees van יהוה op my en Hy sê vir my: "Sê: 'So sê יהוה: "So het julle gedink, huis van Yisra'el, want Ek ken julle gedagtes.
6 Julle het die wat deur julle verslaan is, in hierdie stad vermenigvuldig en julle het sy strate vol gemaak met hulle."
7 יהוה-God sê daarom: "Die wat deur julle verslaan is, wat in die middel van die stad neergelê is, is die vleis en hierdie stad is die pot, maar Ek sal júlle daar uitbring.
8 Julle het 'n swaard gevrees; Ek sal 'n swaard oor julle bring," verklaar יהוה-God.
9 Ek sal julle uit die stad uitbring en julle oorgee in die hand van vreemdelinge en oordele teen julle fel.
10 Julle sal deur die swaard val. Ek sal jou tot by die grens van Yisra'el oordeel; so sal julle weet dat Ek יהוה is.
11 Hierdie stad sal nie vir julle 'n pot wees nie en júlle sal ook nie vleis binne-in dit wees nie, maar Ek sal julle oordeel tot by die grens van Yisra'el.
12 So sal julle weet dat Ek יהוה is, want julle het nie in My instellings geleef of My regverdige oordele uitgevoer nie, maar opgetree volgens die oordele van die nasies wat rondom julle is.'"" Deut 12:30-31
13 Dit het gebeur terwyl ek profeteer dat P'latyahu, die seun van B'nayah, gesterf het. Toe het ek op my gesig neergeval en hardop uitgeroep en gesê: "Ag, יהוה-God, sal U 'n volledige einde maak aan dié van Yisra'el wat oorgebly het?"
14 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
15 "Seun van 'n mens, jou broers, jou familielede, jou mede-ballinge en die hele huis van Yisra'el en almal van hulle, aan wie die inwoners van Yerushalayim gesê het: 'Gaan ver weg van יהוה af, hierdie land is vir ons as 'n besitting gegee.'
16 So sê יהוה-God: "Alhoewel Ek hulle ver verwyder het tussen die nasies en alhoewel Ek hulle verstrooi het tussen die lande, tog was Ek vir hulle vir 'n kort tydjie 'n Plek van Afgesonderdheid in die lande waarheen hulle gegaan het;'"
17 daarom sê: 'So sê יהוה-God: "Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is en Ek sal aan julle die land Yisra'el gee.'"
18 Wanneer hulle daar kom sal hulle al sy verfoeilike en al sy verwerplike dinge daaruit verwyder

19 en Ek sal aan hulle een verstand, wil en emosie en 'n nuwe gees in hulle binneste gee en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit hulle vlees verwyder en aan hulle 'n verstand, wil en emosie van vlees gee [Yir 31:33]
20 sodat hulle in My instellings kan leef en My regverdige oordele kan hou en dit doen. Dan sal hulle My volk wees en Ek sal hulle God wees.
21 Hulle wie se verstand, wil en emosie egter agter hulle verfoeilikhede en hulle verwerplike dinge aan loop; hulle optrede sal Ek op hulle koppe afbring," verklaar יהוה-God.
22 Toe het die gérubs hulle vlerke opgelig met die wiele langs hulle en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el het oor hulle gehang.
23 Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het opgegaan vanuit die stad uit en het gaan staan oor die berg wat oos van die stad lê.
24 Die Gees het my opgelig en my, in 'n visioen deur die Gees van God, by die ballinge in die land van die Kasdeërs, gebring. Die visioen wat ek gesien het, het van my af weggegaan.
25 Toe het ek vir die ballinge al die dinge vertel wat יהוה vir my gewys het.

12 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, jy bly in die middel van die rebelse huis, wat oë het om te sien, maar nie sien nie; [Deut 29:3,4; Yes 6:9; 29:10; Mat 13:14,15; Yog 12:40; Rom 11:8] ore om te hoor, maar nie hoor en luister nie, want hulle is 'n rebelse huis;
3 daarom, seun van 'n mens, berei vir jou bagasie vir ballingskap voor en gaan in die dag in ballingskap voor hulle oë; gaan selfs in ballingskap vanaf jou plek na 'n ander voor hulle oë, miskien sal hulle verstaan, al is hulle 'n rebelse huis.
4 Bring jou bagasie oordag uit voor hulle oë as bagasie vir ballingskap. Dan moet jy in die aand uitgaan voor hulle oë soos hulle wat in ballingskap uitgaan.
5 Grawe 'n gat deur die muur voor hulle oë en gaan daardeur uit.
6 Laai die bagasie op jou skouer voor hulle oë en dra dit in die donker uit. Jy moet jou gesig bedek sodat jy nie die land kan sien nie, want Ek het jou as 'n teken gemaak vir die huis van Yisra'el."
7 Ek het gedoen soos wat ek beveel is. Deur die dag het ek my bagasie uitgebring soos die bagasie van 'n balling. In die aand het ek met my hande 'n gat deur die muur gegrawe; ek het in die donker uitgegaan en die bagasie voor hulle oë op my skouers gedra.
8 In die oggend het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
9 "Seun van 'n mens, het die huis van Yisra'el, die rebelse huis, nie vir jou gesê: 'Wat maak jy,' nie?
10 Sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Hierdie las geld vir die prins in Yerushalayim en vir die hele huis van Yisra'el wat daarin is."'
11 Sê: 'Ek is 'n teken vir julle. Soos ek gedoen het, so sal dit met julle gedoen word; julle sal in ballingskap gaan, in gevangenskap.'
12 Die prins wat onder julle is, sal dit in die donker op die skouer sit en uitgaan. Hulle sal 'n gat in die muur grawe om dit uit te bring. Hy sal sy gesig bedek sodat hy nie die land met sy oog kan sien nie.

13 Ek sal ook My net oor hom uitsprei en hy sal in My strik gevang word en Ek sal hom na Bavel, na die land van die Kasdeërs bring; tog sal hy dit nie sien nie, alhoewel hy daar sal sterf. 2 Kon 25:4-7; Yir 52:7-
14 Almal wat rondom hom is, sy helpers en al sy troepe, sal Ek na al die windstreke verstrooi en Ek sal die swaard agter hulle uittrek.
15 So sal hulle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek hulle onder die nasies verstrooi en hulle oor die lande uitsprei.
16 Ek sal egter 'n paar van hulle laat oorbly van die swaard, die hongersnood en die pes sodat hulle al húlle verwerplikhede onder die nasies kan vertel waar hulle ook al gaan en mag weet dat Ek יהוה is."
17 Verder het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
18 "Seun van 'n mens, jy moet jou brood met bewing eet en jou water met siddering en benoudheid drink.
19 Dan moet jy vir die mense van die land sê: 'So sê יהוה-God aangaande die inwoners van Yerushalayim, in die land van Yisra'el: "Hulle sal hul brood met benoudheid eet en hulle water met afgryse drink omdat hulle land van sy volheid gestroop sal word vanweë die geweld van almal wat daarin woon.
20 Die bewoonde stede sal woes gelaat word en die land sal 'n verlatenheid wees. So sal julle weet dat Ek יהוה is."'"
21 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
22 "Seun van 'n mens, wat is die spreekwoord wat julle het aangaande die land van Yisra'el, naamlik: 'Die dae is lank en elke visioen faal?'
23 Sê daarom vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Ek sal hierdie spreekwoord laat ophou sodat hulle dit nie meer as 'n spreekwoord in Yisra'el sal gebruik nie." Sê egter vir hulle: "Die dae kom nader, sowel as die vervulling van elke visioen,
24 want daar sal nie langer enige vals visioen of vleiende waarsêery in die huis van Yisra'el wees nie,
25 want Ek, יהוה, sal praat en watter woord Ek ook al praat, sal uitgevoer word. Dit sal nie langer uitgestel word nie, want in julle dae, o rebelse huis, sal Ek die woord sê en dit uitvoer," verklaar יהוה-God."'
26 Verder het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
27 "Seun van 'n mens, let op, die huis van Yisra'el sê: 'Die visioen wat hy sien, is vir baie jare vorentoe en hy profeteer van tye wat ver is;'
28 daarom, sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Nie een van My woorde sal meer uitgestel word nie; watter woord Ek ook al praat, sal uitgevoer word,"'" verklaar יהוה-God.

13 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, profeteer teen die profete van Yisra'el wat profeteer en sê vir dié wat vanuit hulle eie inspirasie profeteer: 'Hoor en luister na die woord van יהוה!'
3 So sê יהוה-God: "Wee die dwase profete wat hulle eie gees volg en niks gesien het nie.
4 O Yisra'el, jou profete was soos jakkalse tussen puinhope.
5 Julle het nie in die bresse getree of die muur rondom die huis van Yisra'el gebou, om in die geveg te staan op die dag van יהוה nie.

6 Hulle sien valsheid en leuenagtige waarsêery, wat sê: 'יהוה het verklaar,' wanneer יהוה hulle nie gestuur het nie; tog verwag hulle die vervulling van die woord!
7 Het julle nie 'n vals visioen gesien en leuenagtige waarsêery gepraat toe julle gesê het: 'יהוה verklaar,' maar dit nie Ék is wat gepraat het nie?"""
8 יהוה-God sê daarom: "Omdat julle valsheid gepraat en 'n leuen gesien het, daarom let op, Ek is teen julle," verklaar יהוה-God.
9 So sal My hand wees teen die profete wat valse visioene sien en leuenagtige waarsêery uitspreek: hulle sal geen plek hê in die raadgewing van My volk en ook nie neergeskryf word in die register van die huis van Yisra'el en ook nie in die land van Yisra'el ingaan nie sodat julle kan weet dat Ek יהוה-God is.
10 Dit is beslis omdat hulle My volk mislei het deur te sê: "Vrede! wanneer daar geen vrede was nie en as enige een 'n muur bou, let op, dan pleister hulle dit oor met kalk.
11 Vertel vir hulle wat op so manier met kalk oorpleister dat dit afval, let op, Ek sal 'n geweldige reën bring wat alles sal wegvee; haelstene sal val en 'n gewelddadige wind sal waai.
12 Let op, wanneer die muur geval het, sal daar nie vir julle gevra word: 'Waar is die pleister waarmee julle dit gepleister het?' nie."
13 יהוה-God sê daarom: "Ek sal 'n gewelddadige wind in My toorn laat uitbreek. Daar sal ook 'n oorstromende reën kom in My woede en haelstene om dit in toorn te verteer.
14 So sal Ek die muur afbreek wat julle met kalk oorgepleister het en dit afbreek tot op die grond sodat sy fondament blootgelê word en wanneer dit val, sal julle te midde daarvan verteer word en julle sal weet dat Ek יהוה is.
15 So sal Ek My toorn laat uitwoed op die muur en op hulle wat dit met kalk oorgepleister het en Ek sal vir julle sê: 'Die muur is weg en sy pleisteraars,
16 die profete van Yisra'el wat profeteer vir Yerushalayim en wat visioene sien van vrede, wanneer daar geen vrede is nie, is weg,' verklaar יהוה-God.
17 Nou jy, seun van 'n mens, draai jou gesig teen die dogters van jou volk wat profeteer vanuit hulle eie inspirasie. Profeteer teen hulle
18 en sê: 'So sê יהוה-God: "Wee die vroue wat armbande borduur en bedekkings maak oor die kop van alle mense, groot en klein, om lewens te vang. Sal julle die lewens van My volk jag en julle eie lewens red?
19 Julle het My onteer by My volk vir hande vol gars en stukkies brood om sommiges wat nie moes sterf nie dood te maak en om ander in die lewe te hou wat nie moes geleef het nie, deur julle leuens aan My volk wat luister na leuens."""
20 יהוה-God sê daarom: "Let op, Ek is teen julle borduurde klere waarmee julle lewens jag en Ek sal hulle van julle arms afskeur en Ek sal hulle laat gaan, selfs daardie lewens wat julle jag en hulle laat vlieg.
21 Ek sal ook julle sluiers afskeur en My volk uit julle hand bevry en hulle sal nie langer in julle hand wees om gejag te word nie en julle sal weet dat Ek יהוה is.
22 Omdat julle die onpartydige opregte mismoedig gemaak het met valsheid wanneer Ek hom geen droefheid aangedoen het nie, maar die bose oortreder aangemoedig het om nie van sy bose pad weg te draai en sy lewe te behou nie;

23 daarom sal julle vrouens geen vals visioene meer sien en geen waarsêery bedryf nie en Ek sal My volk uit julle hand bevry. So sal julle weet dat Ek יהוה is."

14 1 Toe het sommige van die oudstes van Yisra'el na my toe gekom en voor my gaan sit.
2 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
3 "Seun van 'n mens, hierdie manne het hulle afgode in hulle verstand, wil en emosie opgestel en het die struikelblok van hulle onregverdigheid reg voor hulle gesigte neergesit. Sal Ek enigsins deur hulle geraadpleeg word?
4 Praat daarom met hulle en sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Ek, יהוה, sal teen enige man uit die huis van Yisra'el wat sy afgode in sy verstand, wil en emosie opstel, die struikelblok van sy onregverdigheid reg voor sy gesig neersit en dan na die profeet toe kom, 'n Getuie wees, as gevolg van die menigte van sy afgode [2 Thes 2:11]
5 sodat Ek die huis van Yisra'el, wat van My vervreemd is deur al hulle afgode, in hulle verstand, wil en emosie kan aangryp."'
6 Sê daarom vir die huis van Yisra'el: 'So sê יהוה-God: "Erken en draai weg van julle afgode af en draai julle gesigte weg van al julle verwerplikhede,
7 want Ek, יהוה, sal teen enige een uit die huis van Yisra'el of uit die vreemdelinge wat in Yisra'el bly, wat homself van My af afsonder, sy afgode in sy verstand, wil en emosie opstel en die struikelblok tot sy onregverdigheid reg voor sy gesig neersit en dan na die profeet toe kom om My vir homself te raadpleeg, 'n Getuie wees.
8 Ek sal My gesig draai teen daardie man en van hom 'n teken en 'n spreekwoord maak en Ek sal hom afsny uit die midde van My volk. So sal julle weet dat Ek יהוה is.
9 As die profeet egter oortuig word om 'n boodskap vir hom te bring, is dit Ek, יהוה, wat dié profeet oortuig het en Ek sal My hand teen hom uitstrek en hom vanuit die midde van My volk Yisra'el uit vernietig.
10 Hulle sal die straf van hulle oortredinge dra: soos die oortreding van die navraer is, so sal die oortreding van die profeet wees
11 sodat die huis van Yisra'el nie langer van My af wegdwaal en hulle nie langer onrein is deur al hulle oortredinge nie. Dan sal hulle My volk wees en Ek sal hulle God wees,'" verklaar יהוה-God."
12 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê: [Yir 14 en 15]
13 "Seun van 'n mens, as 'n land teen My sondig deur ontrouheid te pleeg en Ek My hand daarteen uitstrek en die voorsiening van brood vernietig, hongersnood teen dit stuur en daaruit afsny beide mens en dier,
14 selfs al was hierdie drie manne, Noag, Dani'el en Iyov, tussen hulle, sou hulle net hulleself deur hulle onpartydige opregtheid kon red," verklaar יהוה-God.
15 As Ek wilde diere deur die land sou laat trek en hulle ontvolk dit en dit 'n verlatenheid word sodat niemand daar deurgaan as gevolg van die wilde diere nie,
16 al was hierdie drie manne in sy midde, so waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "sou hulle nie seuns of dogters kon red nie. Hulle alleen sou gered word, maar die land sou verlate wees.

17 Of as Ek 'n swaard sou bring oor daardie land en sê: 'Laat die swaard deur die land gaan en mens en dier daarvan afsny,'
18 al was hierdie drie manne in sy midde, so waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "hulle sou geen seuns of dogters red nie, maar hulle alleen sou bevry word.
19 Of as Ek 'n plaag sou stuur teen daardie land en My toorn daaroor uitgiet in bloed, om mens en dier daarvan af te sny,
20 al was Noag, Dani'el en Iyov in hulle midde, so waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "sou hulle geen seun of dogter bevry nie; hulle sou net hulleself bevry deur hul onpartydige opregtheid,"
21 want so sê יהוה-God: "Hoeveel te meer as Ek My vier oordele teen Yerushalayim stuur: die swaard, hongersnood, wilde diere en die plaag, om mens en dier daarvan af te sny!
22 Tog, let op, oorlewendes sal daarin oorbly wat uitgebring sal word, seuns en dogters. Let op, hulle sal uitkom na julle toe en julle sal hulle optrede en aksies kan sien; dan sal julle getroos word oor die katastrofe wat Ek teen Yerushalayim gebring het, oor alles wat Ek daaroor gebring het.
23 Dan sal hulle julle troos wanneer julle hulle optrede en hulle aksies sien, want julle sal weet dat Ek nie tevergeefs gedoen het wat Ek ook al daaraan gedoen het nie," verklaar יהוה-God.

15 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, hoe is die hout van die wingerdstok beter as enige hout van 'n tak wat tussen die bome van die woud is?
3 Kan daar hout van gevat word om enige iets te maak, of vat 'n mens daarvan 'n pen om enige houer aan op te hang?
4 As dit in die vuur gesit word as brandstof en die vuur het beide sy twee ente en sy middelste stuk verkool, is dit dan bruikbaar vir enige iets?
5 Let op, terwyl dit heel is, word daar niks van gemaak nie; hoeveel minder, wanneer die vuur dit verteer het en dit verkool is, kan dit nog tot iets gemaak word!
6 יהוה-God sê daarom: 'Soos wat Ek die hout van die wingerdstok vanuit al die hout van die bos aan die vuur oorgegee het as brandstof, so het Ek die inwoners van Yerushalayim oorgegee
7 en Ek draai My gesig teen hulle. Alhoewel hulle uit die vuur uitgekom het, nogtans sal die vuur hulle verteer. Dan sal julle weet dat Ek יהוה is wanneer Ek My gesig teen hulle draai.
8 So sal Ek die land verlate maak omdat hulle ontrou gehandel het,'" verklaar יהוה-God.

16 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, maak aan Yerushalayim haar verwerplikhede bekend
3 en sê: 'So sê יהוה-God vir Yerushalayim: "Jou oorsprong en jou geboorte is uit die land van die Kena'niete; jou vader was 'n Emoriet en jou moeder 'n Hittiet.
4 Wat jou geboorte betref, op die dag toe jy gebore is, is jou naelstring nie geknip nie en jy is ook nie met water gewas om jou te reinig nie; jy is ook nie met sout ingevryf of in doeke toegedraai nie.

5 Geen oog het met jammerte na jou gekyk om vir jou een van hierdie dinge te doen,
om vir jou om te gee nie. Jy is eerder op die oop veld uitgegooi, want jy is verafsku
op die dag toe jy gebore is.
6 Toe Ek by jou verbygaan en jou sien spartel in jou bloed, het Ek vir jou gesê terwyl
jy in jou bloed spartel: 'Leef!'
7 Ek het jou talryk gemaak soos die plante van die veld. Toe het jy gegroei en groot
geword en die ouderdom bereik vir mooi ornamente; jou borste het gevorm en jou
hare het gegroei en tog was jy naak en kaal.
8 Toe het Ek by jou verbygegaan en jou gesien en let op, jy het die tyd bereik vir
liefde; Ek het dus My kleed oor jou uitgesprei en jou kaalheid toegemaak. Open 19:8
Ek het ook vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan dat jy Myne geword
het," verklaar יהוה-God.
9 Toe het Ek jou met water gewas, jou bloed van jou afgewas en jou met olie gesalf.
10 Ek het jou ook aangetrek met geborduurde lap en sandale van dugongvel aan jou
voete gesit en Ek het jou toegedraai in fyn linne en jou bedek met sy.
11 Ek het jou met 'n kopband versier, armbande aan jou hande gesit en 'n ketting om
jou nek.
12 Ek het 'n ring in jou neusgate gesit, oorringe aan jou ore en 'n pragtige kroon op
jou kop.
13 So is jy versier met goud en silwer en jou klere was van fyn linne, sy en geborduurde
materiaal. Jy het fyn meel, heuning en olie geëet en jy was uitermate mooi en het
vooruitgegaan tot koninklikheid.
14 Toe het jou beroemdheid van jou af uitgegaan onder die nasies vanweë jou
skoonheid, want dit was volmaak as gevolg van My prag en grootsheid wat Ek aan
jou oorgegee het," verklaar יהוה-God.
15 Jy het egter in jou skoonheid vertrou en gehoereer as gevolg van jou beroemdheid
en jy het jou hoererye uitgestort op elke verbyganger wat gewillig sou wees.
16 Jy het van My klere gevat en vir jou kleurvolle hoë plekke versier en op hulle
gehoereer. Hulle sal nie terug gebring word nie en ook nie joune wees nie.
17 Jy het ook jou mooi juweliersware wat uit My goud en My silwer gemaak is, wat
Ek vir jou gegee het, gevat en jy het vir jou beelde van manne gemaak om daarmee
te hoereer.
18 Toe het jy jou geborduurde klere gevat en hulle bedek en My olie en My wierook
voor hulle geoffer.
19 Jy het ook My brood wat Ek vir jou gegee het, fyn meel, olie en heuning waarmee
Ek jou gevoed het, voor hulle neergesit as 'n strelende reuk; so het dit gebeur,"
verklaar יהוה-God.
20 "Meer nog, jy het jou seuns en jou dogters, wat jy vir My geboorte aan gegee het,
gevat en hulle aan afgode geoffer om verteer te word. Was jou hoererye dan so 'n
klein sakie?
21 Jy het My kinders geslag en hulle aan afgode geoffer deurdat jy hulle deur die vuur
laat gaan het. Deut 18:10; 2 Kon 17:17; 2 Kon 21:6; 2 Kro 28:3
22 Saam met al jou verwerplikhede en hoererye het jy nie die dae van jou jeug onthou,
toe jy naak en kaal was en gespartel het in jou bloed nie.

23 Toe het dit gebeur ná al jou booshede; 'wee, wee jou!'" verklaar יהוה-God,
24 "dat jy vir jouself 'n afgesonderde plek en 'n hoë plek op elke dorpsplein gemaak het.
25 Jy het vir jouself 'n hoë plek by elke straatuitgang gebou en jou skoonheid verwerplik gemaak en jou bene uitgestoot vir elkeen wat verbygaan om jou hoererye te vermenigvuldig.
26 Jy het ook met die Mitzrayimiete hoereer, jou wellustige bure en jou hoerery vermenigvuldig om My kwaad te maak.
27 Let nou op, Ek het My hand teen jou uitgestrek en jou rantsoene verminder en Ek het jou oorgegee aan die begeertes van hulle wat jou haat, die dogters van die F'lishtyne, wat hulle geskaam het oor jou hoererende optrede.
28 Meer nog, jy het gehoereer met die seuns van Ashur omdat jy nie bevredig was nie; jy het met hulle gehoereer en was steeds nie bevredig nie.
29 Jy het ook jou hoerery vermenigvuldig in die land van handelaars, die Kasdeërs, tog was jy ook daardeur nie bevredig nie."
30 "Hoe smagtend is jou verstand, wil en emosie," verklaar יהוה-God, "terwyl jy al hierdie dinge doen, die aksies van 'n hoer en rebelse vrou
31 deurdat jy jou aanbiddingsplek aan die begin van elke pad bou en jou altare in elke straat opstel en tog was jy nie so slim soos 'n hoer wat 'n prys vra nie.
32 Jou owerspelige vrou, wat vreemdelinge vat in plaas van haar man!
33 Manne gee geskenke aan alle hoere, maar jy gee jou geskenke aan al jou minnaars om hulle om te koop om van alle kante af na jou toe te kom vir jou hoerery.
34 So is jy anders as daardie vrouens in jou hoererye deurdat niemand hoereer soos jy nie omdat jy geld gee en geen geld word vir jou gegee nie; daarin is jy anders."
35 O, hoer, hoor en doen daarom die woord van יהוה.
36 So sê יהוה-God: "Omdat jou onkuisheid uitgestort is en jou naaktheid ontbloot is deur jou hoererye met jou minnaars en met al jou verwerplike afgode en as gevolg van die bloed van jou seuns wat jy vir afgode gegee het,
37 let daarom op, Ek sal al jou minnaars versamel waarmee jy plesier gehad het, almal wat jy liefgehad het en almal wat jy gehaat het. So sal Ek hulle van alle kante af teen jou bymekaarmaak en jou naaktheid aan hulle ontbloot sodat hulle jou volle naaktheid kan sien.
38 So sal Ek jou oordeel soos vroue wat owerspel pleeg en bloed vergiet geoordeel word en Ek sal die bloed van toorn en jaloesie op jou afbring.
39 Ek sal jou ook oorgee in die hand van jou minnaars en hulle sal jou afgesonderde plekke afbreek, jou hoë plekke verwoes, jou stroop van jou klere, jou juwele wegvat en jou naak en kaal los.
40 Hulle sal 'n skare mense teen jou aanhits, jou stenig en jou met hulle swaarde in stukke kap.
41 Hulle sal jou huise met vuur verbrand en oordele teen jou uitoefen voor die oë van baie vroue; dan sal Ek 'n einde aan jou hoerery maak en jy sal ook nie langer jou minnaars betaal nie.
42 So sal Ek My toorn teen jou kalmeer, My jaloesie sal van jou af weggaan en Ek sal kalm word en nie meer kwaad wees nie.

43 Omdat jy nie die dae van jou jeug onthou het nie, maar My woedend gemaak het met al hierdie dinge, let op, sal Ek daarenteen jou optrede op jou kop laat afkom," verklaar יהוה-God "sodat jy nie hierdie boosheid bo en behalwe jou ander verwerplikhede sal doen nie.
44 Let op, elkeen wat spreekwoorde aanhaal, sal hierdie spreuk aangaande jou aanhaal en sê: 'Soos die moeder, so ook die dogter.'
45 Jy is die dogter van jou moeder, wat 'n afsku gehad het aan haar man en haar kinders. Jy is ook die suster van jou susters, wat 'n afsku gehad het aan hulle mans en hulle kinders. Julle moeder was 'n Hittiet en julle vader 'n Emoriet.
46 Jou ouer suster is Shomron, wat noord van jou bly met haar dogters en jou jonger suster, wat suid van jou bly is S'dom met haar dogters.
47 Nogtans het jy nie slegs geleef volgens hulle lewenswyses en gedoen volgens hulle verwerplikhede nie, maar asof dit te min is, het jy in al jou optredes meer korrup opgetree as hulle.
48 So waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, " S'dom, jou suster en haar dogters, het nie gedoen soos jy en jou dogters gedoen het nie.
49 Let op, dít was die skuld van jou suster S'dom: sy en haar dogters het arrogansie, oorvloed kos en sorgelose gemak gehad, maar sy het nie die armes en behoeftiges gehelp nie.
50 Hulle was suinig en het verwerplikhede voor My gedoen; daarom het Ek hulle verwyder toe Ek dit gesien het.
51 Verder het Shomron nie die helfte van jou sondes gedoen nie, want jy het jou verwerplikhede vermenigvuldig, meer as hulle. So het jy jou susters onskuldig laat lyk deur al jou verwerplikhede wat jy gedoen het.
52 Dra ook jou skande daarin dat jy die oordeel vir jou susters gunstig gemaak het. Deur jou sondes waarin jy meer verwerplik opgetree het as hulle, is hulle meer in die reg as jy. Ja, skaam jou ook en dra jou skande daarin dat jy jou susters onskuldig laat lyk het.
53 Nogtans sal Ek hulle gevangenskap herstel, die gevangenskap van S'dom en haar dogters, die gevangenskap van Shomron en haar dogters en saam met hulle, jou gevangenskap
54 sodat jy jou vernedering kan dra en skaam voel oor alles wat jy gedoen het toe jy vir hulle 'n troos geword het.
55 Jou susters, S'dom met haar dogters en Shomron met haar dogters, sal na hulle vorige toestand terugkeer en jy met jou dogters sal na julle vorige toestand terugkeer.
56 Soos die naam van jou suster S'dom nie van jou lippe gehoor is in die dag van jou trotsheid,
57 voordat jou boosheid geopenbaar is nie, so het jy nou die spot van die dogters van Edom en van almal wat rondom haar is, van die dogters van die F'lishtyne, hulle wat rondom jou is, wat jou verag, geword.
58 Jy het die straf van jou boosheid en verwerplikhede gedra," verklaar יהוה-God,
59 want so sê יהוה-God: "Ek sal ook met jou doen soos wat jy gedoen het, jy wat die eed geminag het deur die verbond te verbreek. Yir 31:32

60 Nogtans sal Ek My verbond met jou in die dae van jou jeug onthou en Ek sal 'n ewige verbond met jou oprig. Yir 31:33
61 Dan sal jy jou lewenswyse onthou en skaam wees wanneer jy jou susters ontvang, beide die ouer en die jonger en Ek sal hulle aan jou gee as dogters, maar nie as gevolg van jou verbond nie.
62 So sal Ek My verbond met jou bevestig en jy sal weet dat Ek יהוה is
63 sodat jy kan onthou en skaam wees en nooit weer jou mond oopmaak as gevolg van jou vernedering nie, wanneer Ek jou vergewe het vir alles wat jy gedoen het," verklaar יהוה-God.

17 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, lê 'n raaisel voor aan die huis van Yisra'el en praat met hulle in 'n vergelykende storie
3 en sê: 'So sê יהוה-God: "'n Groot arend met groot vlerke, lang vlerkvere, met 'n vol veelkleurige veredos, het na die L'vanon gekom en die top van die seder weggevat.
4 Hy het die heel boonste van sy jong takkies afgepluk en dit na die land van handelaars gebring; hy het dit neergesit in 'n stad van handelaars.
5 Hy het ook van die saad van die land gevat en dit in vrugbare grond geplant. Hy het dit langs oorvloedige waters neergesit en toe 'n wag daaroor aangestel.
6 Toe het dit uitgespruit en 'n lae verspreidende rank geword met sy takke na hom toe gedraai en sy wortels onder hom. So het dit 'n wingerdstok geword en lote gevorm en takke uitgestuur.
7 Daar was egter 'n ander groot arend met groot vlerke en baie vere en let op, hierdie wingerdstok het sy wortels na hóm toe gebuig en sy ranke na hom toe uitgestuur vanuit die beddings waar dit geplant is; dat hy dit mag water gee.
8 Dit is in vrugbare grond langs oorvloedige waters geplant sodat dit takke kon maak, vrugte dra en 'n pragtige wingerdstok word.'"
9 "Sê: 'So sê יהוה-God: "Sal dit floreer? Sal hy nie sy wortels uitruk en sy vrugte afsny sodat dit verdroog sodat al sy blare verdroog nie? Nie deur groot krag of deur baie mense kan dit weer van sy wortels af opgelig word nie.
10 Let op, alhoewel dit geplant is, sal dit floreer? Sal dit nie heeltemal verdroog sodra die oostewind dit vang, verdroog op die beddings waar dit gegroei het nie?""
11 Weer het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
12 "Sê nou vir die rebelse huis: 'Weet julle nie wat hierdie dinge beteken nie?' Sê: 'Let op, die koning van Bavel het na Yerushalayim toe gekom, sy koning en sy prinse gevat en hulle na hom toe in Bavel gebring. 2 Kon 24:10-25:30
13 Hy het een uit die koninklike familie gevat en met hom 'n verbond gesluit en hom onder eed geplaas. Hy het ook die magtiges van die land weggevat
14 sodat die koninkryk in onderwerping sou wees en homself nie verhef nie, maar sy verbond sal hou sodat dit kan voortgaan.
15 Hy het egter teen hom gerebelleer deur sy afgevaardigdes na Mitzrayim te stuur sodat hulle vir hom perde en baie troepe sou gee. Sal hy suksesvol wees? Sal hy wat sulke dinge doen ontvlug? Kan hy inderdaad die verbond verbreek en ontvlug?

16 So waar as Ek leef,' verklaar יהוה-God, 'hy sal sekerlik, in die land van die koning wat hom op die troon gesit het, wie se eed hy geminag en wie se verbond hy verbreek het, in Bavel, sal hy sterf.
17 Farao, met sy groot leër en baie mense sal hom nie in oorlog help, as hulle walle opgooi en beleëringsmure bou om baie lewens af te sny, nie.
18 Hy het die eed geminag deur die verbond te verbreek en let op, hy het sy getrouheid belowe en tog al hierdie dinge gedoen; hy sal nie ontvlug nie.'"
19 יהוה-God sê daarom: "So waar as Ek leef, Ek sal sekerlik My eed wat hy geminag het en My verbond wat hy verbreek het op sy kop laat afkom.
20 Ek sal My net oor hom uitsprei en hy sal in My strik gevang word. Dan sal Ek hom na Bavel bring en daar in die oordeel met hom tree weens die ontrou daad wat hy teen My gepleeg het.
21 Al sy keur manne, in al sy afdelings, sal deur die swaard val en die oorlewendes sal na al die windstreke verstrooi word en julle sal weet dat Ek, יהוה, gepraat het."
22 So sê יהוה-God: "Ek sal van die hoë top van die seder 'n steggie vat en dit insit; Ek sal van die heel boonste van sy jong takkies 'n sagte een afpluk en dit op 'n hoë en verhewe berg plant.
23 Op die hoë berg van Yisra'el sal Ek dit plant sodat dit takke kan voortbring en vrugte dra en 'n deftige seder word. Voëls van elke soort sal onder dit nes maak; hulle sal nes maak in die skaduwee van sy takke.
24 Al die bome van die veld sal weet dat Ek יהוה is; Ek bring die hoë boom af, verhoog die nederige boom, verdroog die groen boom en laat die droë boom floreer. Ek is יהוה; Ek het gepraat en Ek sal dit uitvoer."

18 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Wat bedoel julle as julle hierdie spreekwoord gebruik aangaande die land van Yisra'el en sê: 'Die vaders eet die groen druiwe, maar die seuns se tande word stomp'?
3 So waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "julle sal sekerlik nie meer hierdie spreekwoord in Yisra'el gebruik nie.
4 Let op, al die lewens is Myne; die lewe van die vader, sowel as die lewe van die seun is Myne. Die lewe wat sondig, sal sterf. Eks 32:33; Rom 6:23
5 As 'n mens regverdig is en regverdig oordeel en onpartydige opregtheid praktiseer;
6 nie afgodsoffers op die berge eet of sy oë opslaan na die afgode van die huis van Yisra'el of sy naaste se vrou onteer of naby 'n vrou kom tydens haar maandstonde nie;
7 as iemand geen persoon onderdruk nie, maar aan die skuldenaar sy waarborg teruggee; nie roof nie, maar sy brood gee vir die hongeres en die wat kaal is, met klere toemaak;
8 nie geld uitleen op rente of meer terugvat nie; as hy sy hand terughou van oortreding en ware oordeel uitspreek tussen man en man
9 en in My instellings en in My regverdige oordele loop, deur getrou op te tree, is hy onpartydig opreg en sal sekerlik leef," verklaar יהוה-God.

10 As hy geboorte gee aan 'n gewelddadige seun, wat bloed vergiet en enige van hierdie bose dinge doen;
11 wat afgodsoffers eet op die berge, sy naaste se vrou onteer,
12 wat die armes en behoeftiges onderdruk, sy naaste afpers, die waarborg nie teruggee aan sy eienaar nie, sy oë oplig na die afgode en verwerplike dinge doen,
13 geld uitleen met rente en meer vat; sal hy dan lewe? Hy sal nie lewe nie! Hy het al hierdie verwerplikhede gedoen, hy sal sekerlik doodgemaak word; sy bloed sal op homself wees.
14 As hy egter 'n seun het wat al die sondes sien wat sy vader gedoen het en nie dieselfde doen nie:
15 hy eet nie afgodsoffers op die berge en slaan nie sy oë op na die afgode van die huis van Yisra'el, of onteer die vrou van sy naaste nie;
16 verdruk niemand of hou 'n waarborg terug of roof nie, maar gee sy brood vir die hongeres en bedek die wat kaal is met klere;
17 hy weier nie om die armes te help nie en vat geen rente op skuld of oormatige wins nie, maar voer My regverdige oordele uit en leef in My instellings, sal hy nie sterf vir sy vader se oortredinge nie, hy sal sekerlik leef.
18 Wat sy vader betref: omdat hy afpersing toegepas het, sy broer beroof het en onder sy volk gedoen het wat nie goed is nie, let op, hy sal vir sy oortredinge sterf.
19 Nogtans sê julle: 'Waarom sou die seun nie die straf vir die vader se oortredinge dra nie?' Wanneer die seun regverdigheid en onpartydige opregtheid gepraktiseer het en al My instellings onderhou en dit gedoen het, sal hy sekerlik leef!
20 Die persoon wat sondig sal sterf. Eks 32:33; Die seun sal nie die straf dra vir die vader se oortredinge nie en die vader sal ook nie die straf dra vir die seun se oortredinge nie; die regverdigheid van die onpartydig opregte sal op homself wees en die boosheid van die bose oortreder sal op homself wees. Eks 20:5; 34:7; Deut 24:16; 2 Kon 14:6; Yir 31:30
21 As die bose oortreder wegdraai van al sy sondes wat hy gedoen het en al My instellings onderhou, regverdig oordeel en onpartydige opregtheid toepas, sal hy sekerlik leef, hy sal nie sterf nie.
22 Al sy oortredinge wat hy gedoen het, sal nie teen hom onthou word nie; as gevolg van sy onpartydige opregtheid wat hy praktiseer het, sal hy lewe.
23 Het Ek enige behae in die dood van die bose oortreder," verklaar יהוה-God, "eerder as dat hy sal wegdraai van sy lewenswyse af en leef? 1 Tim 2:4
24 As die onpartydig opregte man egter wegdraai van regverdigheid, oortredinge pleeg en doen volgens al die verwerplikhede wat die bose oortreder doen, sal hy dan leef? Al sy onpartydig opregte dade wat hy gedoen het, sal nie onthou word nie; vir sy trouloosheid wat hy gedoen het en sy sonde wat hy gedoen het, vir hulle sal hy sterf.
25 Nogtans sê julle: 'Die pad van יהוה is nie reg nie. Hoor en luister nou, o huis van Yisra'el! Is My pad nie reg nie? Is dit nie júlle paaie wat nie reg is nie?
26 Wanneer 'n regverdige man wegdraai van sy onpartydige opregtheid, oortredinge doen en sterf as gevolg daarvan, sal hy sterf vir die oortredinge wat hy gedoen het.

27 Weer, wanneer die bose oortreder wegdraai van sy boosheid wat hy gedoen het en regverdigheid en onpartydige opregtheid doen, sal hy sy lewe red.
28 Omdat hy dit oorweeg het en weggedraai het van sy oortredinge wat hy gedoen het, sal hy sekerlik leef, hy sal nie sterf nie.
29 Die huis van Yisra'el sê egter: 'Die pad van יהוה is nie reg nie.' Is My paaie nie reg nie, o huis van Yisra'el? Is dit nie júlle paaie wat nie reg is nie?
30 Ek sal julle daarom oordeel, o huis van Yisra'el, elkeen volgens sy optrede," verklaar יהוה-God. "Erken en draai weg van al julle oortredinge sodat onregverdigheid nie vir julle 'n struikelblok kan word nie.
31 Gooi al julle oortredinge, wat julle gedoen het, van julle af weg en maak vir julle 'n nuwe verstand, wil en emosie Efe 4:23 en 'n nuwe gees, want waarom wil julle sterf, o huis van Yisra'el?
32 Want Ek het geen behae in die dood van enige een wat sterf nie," verklaar יהוה-God. "Erken daarom, draai weg en leef."

19 1 "Wat jou betref, hef 'n klaaglied op vir die prinse van Yisra'el,
2 en sê: 'Wat was jou moeder? 'n Leeuin tussen die leeus! Sy het tussen jong leeus gelê, sy het haar kleintjies grootgemaak.
3 Wanneer sy een van haar kleintjies grootgemaak het, het hy 'n leeu geword en hy het geleer om sy prooi te verskeur, hy het mense geëet.
4 Toe het nasies van hom gehoor; hy is in hulle vangkuil gevang en hulle het hom met hake na die land van Mitzrayim gebring. 2 Kon 23:30-34
5 Toe sy, terwyl sy wag, sien dat haar hoop verlore is, het sy 'n ander een van haar kleintjies gevat en hom 'n jong leeu gemaak.
6 Hy het rondgeloop tussen die leeus; hy het 'n jong leeu geword en geleer om sy prooi te verskeur; hy het mense geëet.
7 Hy het hulle versterkte torings vernietig en hulle stede verwoes; die land en sy volheid was verskrik as gevolg van die klank van sy gebrul.
8 Toe het nasies uit die provinsies rondom hom hulle teen hom opgestel en hul net oor hom uitgesprei; hy is in hulle vangkuil gevang
9 en hulle het hom in 'n hok gesit aan hake en hom na die koning van Bavel gebring; hulle het hom in vestings gebring sodat sy stem nie meer gehoor sou word op die berge van Yisra'el nie. 2 Kon 23:34-24:17
10 Jou moeder was soos 'n wingerdstok in jou rustige tyd; by waters is dit geplant; dit was vrugbaar en vol ranke vanweë die baie waters
11 en dit het sterk takke gekry om as septers vir heersers te dien en sy top was hoog tussen die digte takke in en dit het hom vertoon in sy hoogte, in die menigte van sy ranke,
12 maar dit is in woede uitgeruk en teen die grond gegooi en die oostewind het sy vrugte uitgedroog; sy sterk lote is afgeruk en het verdroog; die vuur het dit verteer.
13 Nou is dit in die woestyn geplant, in 'n dor en dorstige land.
14 Vuur het uitgegaan uit sy beste takke en sy vrugte verteer en geen sterk tak is daarin gevind om die septer van 'n heerser te word nie. Yir 36:30 'n Klaaglied is dit en 'n klaaglied het dit geword.

20 1 In die sewende jaar, in die vyfde maand, op die tiende van die maand, het sekere van die oudstes van Yisra'el gekom om יהוה te raadpleeg en hulle het voor my gesit.
2 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
3 "Seun van 'n mens, praat met die oudstes van Yisra'el en sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Kom julle om My te raadpleeg? So waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "Ek sal My nie laat raadpleeg deur julle nie."'
4 Sal jy hulle oordeel, sal jy hulle oordeel, seun van 'n mens? Laat hulle die verwerplikhede van hulle vaders ken
5 en sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Op die dag toe Ek Yisra'el gekies het en tot die nageslag van die huis van Ya'akov gesweer het en My aan hulle bekend gemaak het in die land van Mitzrayim; toe Ek vir hulle gesweer en gesê het: 'Ek is יהוה', julle God,'
6 op dié dag het Ek vir hulle gesweer, om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring na 'n land wat Ek vir hulle gekies het, wat vloei met melk en heuning, die lof en eer van alle lande.
7 Ek het vir hulle gesê: 'Elkeen van julle, gooi die verfoeilike dinge van voor jou oë weg en moet julle nie onteer met die afgode van Mitzrayim nie; Ek is יהוה', julle God.'
8 Hulle het egter teen My rebelleer en was nie gewillig om na My te luister en te doen nie; hulle het nie die verwerplike dinge van voor hulle oë weggegooi of die afgode van Mitzrayim laat staan nie. Toe het Ek vas besluit om My toorn oor hulle uit te giet, om My toorn teen hulle te laat uitwoed in die land van Mitzrayim,
9 maar Ek het gehandel ter wille van My Naam (Karakter en Outoriteit) sodat dit nie onteer sou word in die oë van die nasies onder wie hulle was, voor wie se oë Ek My bekend gemaak het aan hulle, om hulle uit Mitzrayim uit te bring, nie.
10 Ek het hulle uit Mitzrayim uitgevat en hulle in die woestyn ingebring.
11 Ek het vir hulle My instellings gegee en hulle ingelig oor My regverdige oordele, waarby, as die mens hulle gehoorsaam, hy sal leef.
12 Ek het ook vir hulle My Shabbatte gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle sodat hulle kan weet dat Ek יהוה is wat hulle afsonder, Yes 56:2-6
13 maar die huis van Yisra'el het teen My rebelleer in die wildernis. Hulle het nie in My instellings geloop nie en hulle het My regverdige oordele verwerp, waardeur, as 'n mens hulle doen, hy sal leef en My Shabbatte het hulle grootliks onteer. Toe het Ek vas besluit om My toorn in die wildernis oor hulle uit te giet om hulle uit te wis.
14 Ek het egter opgetree ter wille van My Naam sodat dit nie onteer sou word voor die oë van die nasies voor wie se oë Ek hulle uitgebring het nie.
15 Ek het in die wildernis ook tot hulle gesweer dat Ek hulle nie sou bring in die land wat Ek vir hulle gegee het, wat vloei met melk en heuning, wat die lof en eer van al die lande is, nie
16 omdat hulle My regverdige oordele verwerp het en nie in My instellings geloop het nie; hulle het selfs My Shabbatte onteer, want hulle verstand, wil en emosie het aanhoudend agter hul afgode aangeloop.

17 Nogtans het My oog hulle gespaar eerder as om hulle te vernietig en Ek het nie hulle uitwissing in die wildernis veroorsaak nie.
18 Ek het vir hulle seuns in die wildernis gesê: 'Moenie in die instellings van julle vaders loop of hulle voorskrifte hou nie of julleself met hulle afgode onteer nie.
19 Ek is יהוה, julle God; loop in My instellings en hou My voorskrifte en doen hulle.
20 Sonder My Shabbatte af en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle dat julle kan weet dat Ek יהוה, julle God, is.'
21 Die seuns het egter teen My rebelleer: hulle het nie in My instellings geloop en was nie versigtig om My voorskrifte na te kom nie, waardeur, as 'n mens hulle hou, hy sal lewe. Hulle het My Shabbatte onteer, dus het Ek vas besluit om My toorn teen hulle uit te stort, om My toorn in die wildernis teen hulle te laat uitwoed,
22 maar Ek het My hand teruggetrek en opgetree ter wille van My Naam (Karakter en Outoriteit) sodat dit nie onteer sou word voor die oë van die nasies voor wie se oë Ek hulle uitgebring het nie.
23 Ek het ook vir hulle gesweer in die wildernis dat Ek hulle sal verstrooi onder die nasies en hulle sal versprei onder die lande
24 omdat hulle nie My regverdige oordele nagekom het nie, maar My instellings verwerp het en My Shabbatte onteer het en hulle oë was op die afgode van hulle vaders;
25 daarom het Ek ook vir hulle instellings gegee oor wat nie goed was nie en voorskrifte oor dit waarvolgens hulle nie moet lewe nie
26 en Ek het dat hulle hulself onrein maak deur hulle geskenke, toe hulle al hul eersgeborenes deur die vuur geoffer het sodat Ek hulle kon vernietig en hulle kon weet dat Ek יהוה is.'" Hand 7:43
27 Seun van 'n mens, praat daarom met die huis van Yisra'el en sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Tog het julle vaders op hierdie presiese manier sleg gepraat van My deur troueloos teen My op te tree.
28 Toe Ek hulle in die land ingebring het wat Ek gesweer het om vir hulle te gee, het hulle elke hoë heuwel en elke blaarryke boom gesien en hulle het daar hulle offers geoffer en daar die uitdaging van hulle offers aangebied. Daar het hul ook hulle kalmerende aromas gebring en daar het hul hul drankoffers uitgegiet.
29 Toe het Ek vir hulle gesê: 'Wat is die hoë plek waarheen julle gaan?' Dit word "Bamah" (hoë plek) genoem tot vandag toe;'"
30 daarom, sê vir die huis van Yisra'el: 'So sê יהוה-God: "Sal julle julself onteer op die manier van julle vaders en hoereer agter hulle verwerplikhede aan?
31 Wanneer julle jul gawes offer, wanneer julle jul seuns deur die vuur laat gaan, ontreinig julle julself deur al julle afgode tot vandag toe. Sal ek My laat raadpleeg deur julle, o huis van Yisra'el? So waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "Ek sal My nie deur julle laat raadpleeg nie!
32 Wat in julle gedagtes opkom sal nie gebeur nie, wanneer julle sê: 'Ons sal soos die nasies wees, soos die stamme van die lande, deur hout en klip te dien.' Y'ho 24:15-27
33 So waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "Ek sal sekerlik met 'n magtige hand, met 'n uitgestrekte arm en met toorn uitgestort, oor julle Koning wees.

34 Ek sal julle uitbring vanuit die volke en julle versamel vanuit die lande waar julle verstrooi is, met 'n magtige hand, met 'n uitgestrekte arm en deur uitgestorte toorn
35 en Ek sal julle bring in die wildernis van die volke en daar sal Ek van gesig tot gesig met julle in die oordeel tree.
36 Soos wat Ek met julle vaders in die wildernis van Mitzrayim in die oordeel getree het, so sal Ek met julle in die oordeel tree," verklaar יהוה-God.
37 Ek sal julle onder My staf onderwerp en julle bring in die dissipline van die verbond.
38 Ek sal die rebelle en die wat teen My oortree onder julle uitsuiwer; Ek sal hulle uit die land waar hulle as besoeker bly uitbring, maar hulle sal nie in die land van Yisra'el ingaan nie. So sal julle weet dat Ek יהוה is.
39 Wat julle betref, o huis van Yisra'el," so sê יהוה-God: "Gaan, dien elkeen sy afgode, maar later sal julle sekerlik na My luister en My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) nie langer onteer met julle gawes en julle afgode nie,
40 want op My afgesonderde berg, op die hoë berg van Yisra'el," verklaar יהוה-God, "daar sal die hele huis van Yisra'el, almal van hulle, My dien in die land; daar sal Ek hulle aanvaar en daar sal Ek julle bydraes en die keur van julle gawes soek, saam met al julle afgesonderde dinge.
41 Ek sal jou aanvaar as 'n strelende aroma wanneer Ek julle uit die volke uitbring en julle bymekaarmaak uit die lande waar julle verstrooi is en Ek sal Myself as afgesonderd tussen julle bewys voor die oë van die nasies
42 en julle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek julle in die land van Yisra'el bring, in die land wat Ek gesweer het om aan julle vaders te gee.
43 Daar sal julle al jul lewenswyses en al julle dade waarmee julle jul verontreinig het onthou en julle sal julself verafsku in julle eie oë vir al die bose dinge wat julle gedoen het.
44 Dan sal julle weet dat Ek יהוה is as Ek met julle gehandel het ter wille van My Naam (Karakter en Outoriteit) en nie volgens julle bose lewenswyses of julle korrupte dade nie, o huis van Yisra'el," verklaar יהוה-God.
45 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
46 "Seun van 'n mens, draai jou gesig na Teman (regs na die suide) en praat teen Darom (suide) en profeteer teen die woude van die suide
47 en sê vir die woude van die suide: 'Luister na die woord van יהוה: So sê יהוה-God: "Let op, Ek gaan 'n vuur in jou aan die brand steek wat elke groen boom in jou en elke droë boom sal verteer; die gloeiende vlam sal nie uitgeblus word nie en die hele oppervlakte, van die suide af tot by die noorde, sal daardeur verbrand word.
48 Alle vlees sal sien dat Ek, יהוה, dit aangesteek het; dit sal nie uitgeblus word nie.'"'"
49 Toe het ek gesê: "Ag, יהוה-God! Hulle sal vir my sê: 'Jy praat in vergelykende stories.'"

21 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, draai jou gesig na Yerushalayim en praat teen die afgesonderde plekke en profeteer teen die land van Yisra'el
3 en sê vir die land van Yisra'el: 'So sê יהוה: "Let op, Ek is teen jou en Ek sal My swaard uit sy skede trek en die regverdige en die bose oortreder van jou af afsny.
4 Aangesien Ek die regverdige en die bose oortreder van jou sal afsny, sal My swaard uit sy skede uitgaan teen alle vlees, vanaf die suide tot by die noorde.
5 So sal alle vlees weet dat Ek, יהוה, My swaard uit sy skede getrek het. Dit sal nie weer daarheen terugkeer nie.'"
6 "Wat jou betref, o seun van 'n mens, kreun van 'n gebroke binneste en bitter droefheid, kreun voor hulle oë.
7 Wanneer hulle vir jou sê: 'Waarom kreun jy?' moet jy antwoord: 'As gevolg van die nuus wat kom en elke binneste sal laat smelt, alle hande sal laat slap word en elke gees sal laat flou word en al die knieë soos water sal laat swak wees.' Let op, dit kom en dit sal gebeur, verklaar יהוה-God."
8 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:
9 "Seun van 'n mens, profeteer en sê: 'So sê יהוה.' Sê: ''n Swaard, 'n swaard is skerp gemaak en gepoleer!
10 Skerp gemaak vir 'n groot slagting, gepoleer om te flits soos weerlig!' Skerp gemaak om die familie van My Seun af te sny en elke ander tak te verwerp. Open 12:17; 21:7
11 Ek het dit gegee om gepoleer te word sodat dit hanteer kan word; die swaard is skerp gemaak en gepoleer om dit in die hand van hom wat doodslaan te gee.
12 Skree uit en huil, seun van 'n mens, want dit is teen My volk, dit is teen al die amptenare van Yisra'el. Klap jou hande, want die katastrofe is geregverdig,
13 as die koninklike familie verwerp word, sal dit nie meer wees nie." verklaar יהוה-God.
14 "Jy daarom, seun van 'n mens, profeteer en klap jou hande saam en laat die swaard drie maal verdubbel word, die swaard wat doodmaak. Dit is die swaard vir die groot doodmaak wat rondom hulle is
15 sodat hulle binneste kan smelt en baie by al hulle poorte val. Ek het die blinkende swaard gegee. Ag, dit is gemaak om soos weerlig te slaan, dit is toegedraai in gereedheid vir 'n slagting.
16 Hou styf vas met die regterhand; hou styf vas met die linkerhand, waarheen jou gesig ook al gerig is.
17 Ek sal ook My hande saam klap en My toorn bevredig; Ek, יהוה, het gepraat."
18 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
19 "Wat jou betref, seun van 'n mens, maak twee paaie vir die swaard van die koning van Bavel om te kom; beide van hulle moet uit een land uitgaan en maak 'n wegwyser; maak dit aan die begin van die pad na die stad.
20 Jy moet 'n pad uitmerk vir die swaard om na Rabbah, van die seuns van `Ammon, en na Y'hudah, in die versterkte stad Yerushalayim, te kom,

21 want die koning van Bavel staan waar die paaie uitmekaarloop, by die begin van die twee paaie, om waarsêery te gebruik; hy skud die pyle, raadpleeg die huisgode, bestudeer die lewer.
22 Die voorspelling kom in sy regterhand: 'Yerushalayim;' om stormramme op te stel, om die mond oop te maak vir 'n slagting, om die stem op te lig met krygsgeroep, om stormramme op te stel teen die poorte, om walle op te gooi, om 'n beleëringsmuur te bou.
23 Dit sal vir hulle soos 'n valse waarsêery wees in hul oë; hulle het plegtige ede gesweer, maar hy bring die oortredinge in herinnering dat hulle gegryp kan word;
24 daarom, so sê יהוה-God: 'Julle sal met die hand gegryp word omdat julle onthou het en julle jul oortredinge in herinnering geroep het en daardeur julle oortredinge openbaar het sodat julle sondes in al julle dade sigbaar kan wees.
25 Jy, neergeslaande, bose oortreder, prins van Yisra'el, wie se dag gekom het in die tyd van die straf aan die einde,'
26 so sê יהוה-God: 'Verwyder die tulband en haal die kroon af; hierdie sal nie langer dieselfde wees nie. Verhoog die wat laag is en verlaag die trotses!
27 'n Puinhoop, 'n puinhoop, 'n puinhoop sal Ek dit maak. Hierdie sal ook nie meer wees nie totdat Hy kom Wie se reg dit is en Ek sal dit aan Hom gee.'
28 Jy, seun van 'n mens, profeteer en sê: 'So sê יהוה-God aangaande die seuns van `Ammon en hulle spottery: ''n Swaard, 'n swaard is getrek, gepoleer vir die slagting om dit te laat verteer sodat dit soos weerlig kan wees
29 terwyl hulle vir jou valse visioene sien en terwyl hulle vir jou leuens voorspel, om jou op die nekke van die bose oortreder te sit wat neergeslaan is, wie se dag gekom het in die tyd van die straf van die einde!
30 Steek dit terug in die skede. In die plek waar jy geskape is, in die land van jou oorsprong, sal Ek jou oordeel.
31 Ek sal oor jou My verontwaardiging uitgiet; Ek sal op jou blaas met die vuur van My toorn en jou oorgee in die hand van brutale manne, bekwaam in vernietiging.
32 Jy sal brandstof wees vir die vuur; jou bloed sal in die land wees; jy sal nie onthou word nie, want Ek, יהוה, het gepraat.'"

22 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "En jy, seun van 'n mens, wil jy oordeel, wil jy die bloedstad oordeel? Maak dan dat sy al haar verwerplikhede ken.
3 Jy moet sê: 'So sê יהוה-God: "'n Stad wat bloed vergiet in haar midde sodat haar tyd kan kom en wat afgode teen haarself maak, tot ontering!
4 Deur die bloed wat jy vergiet het, het jy skuldig geword en deur jou afgode wat jy gemaak het, is jy verontreinig; so het jy jou dag verhaas en by jou jare gekom; daarom maak Ek jou tot 'n beskuldiging vir die nasies en 'n spot vir al die lande.
5 Die wat naby en die wat ver van jou af is, sal jou bespot, jy met 'n swak reputasie, vol verwarring!
6 Let op, die heersers van Yisra'el was in jou, elkeen volgens sy krag, was in jou met die doel om bloed te vergiet.

7 Hulle het vader en moeder in jou ligtelik behandel, die vreemdeling in jou onderdruk; die wees en die weduwee in jou onregverdig behandel.
8 Jy het My afgesonderde dinge geminag en My Shabbatte onteer.
9 Kwaadsprekers was daar in jou met die doel om bloed te vergiet en by jou het hulle op die bergplekke geëet en booshede in jou midde gedoen.
10 Hulle het die skaamte van die vader se naaktheid in jou ontbloot; in jou het hulle haar wat onrein was deur maandstondelike onreinheid, onteer.
11 Een het 'n verwerplike ding gedoen met die vrou van sy naaste en 'n ander het sy skoondogter met onkuisheid onteer en 'n derde in jou het sy suster, sy vader se dogter, verneder.
12 Hulle het omkoopgeskenke in jou aangeneem om bloed te vergiet; jy het rente en winste gevat en jou naaste skade aangedoen deur hom te veel te laat betaal deur onderdrukking en jy het My vergeet," verklaar יהוה-God.
13 Let dan op, Ek klap My hande in woede oor jou onregverdige wins wat jy gemaak het en oor jou bloedvergieting wat onder julle is.
14 Kan jou binneste standhou of jou hande onveranderlik sterk wees in die dae wat Ek met jou sal handel? Ek, יהוה, het gepraat en sal dit doen.
15 Ek sal jou onder die nasies verstrooi en jou deur die lande versprei en Ek sal jou onreinheid uit jou uit verteer.
16 Jy sal jouself onteer voor die oë van die nasies en jy sal weet dat Ek יהוה is."""
17 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
18 "Seun van 'n mens, die huis van Yisra'el het vir My vuilgoed geword; hulle is almal koper, tin, yster en lood binne die smeltoond; hulle is die skuim van silwer;
19 daarom, so sê יהוה-God: 'Omdat julle almal vuilgoed geword het, let op, Ek sal julle in die middel van Yerushalayim bymekaar maak.
20 Soos wat hulle silwer, koper, yster, lood en tin binne-in 'n smeltoond bymekaarmaak om daarteen 'n vuur aan te blaas en dit te smelt, so sal Ek julle bymekaarmaak in My woede en in My toorn en julle ingooi en smelt.
21 Ek sal julle bymekaar maak en met die vuur van My toorn op julle blaas en julle sal dáárin gesmelt word.
22 Soos silwer in die smeltoond gesmelt word, so sal julle dáárin gesmelt word en julle sal weet dat Ek, יהוה, My toorn oor julle uitgegiet het.'" Spr 25:4
23 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
24 "Seun van 'n mens, sê vir haar: 'Jy is 'n land wat nie gereinig is, wat nie reën gekry het in die dag van verontwaardiging nie.'
25 Daar is 'n sameswering van haar profete in haar midde soos 'n brullende leeu wat die prooi verskeur. Hulle het lewens verteer; skatte en kosbare dinge weggevat; hulle het baie weduwees in haar midde gemaak.
26 Haar priesters verkrag My wet en onteer My afgesonderde dinge; hulle maak geen onderskeiding tussen afgesonderde en onteerde nie en die verskil tussen onrein en rein leer hulle nie; hulle maak hul oë toe vir My Shabbatte en Ek word onder hulle onteer.
27 Haar prinse is in haar soos wolwe wat die prooi verskeur, deur bloed te vergiet en lewens te vernietig om onregverdige wins te maak.

28 Haar profete het vir hulle wit kalk gesmeer deur valse visioene te sien en vir hulle leuens te voorspel met die woorde: 'So sê יהוה-God,' wanneer יהוה nie gepraat het nie.
29 Die mense van die land het onderdrukking toegepas en diefstal gepleeg; hulle het die armes en behoeftiges ingedoen en die vreemdeling onderdruk sonder regverdige oordeel.
30 Ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor My Teenwoordigheid in die bres kan tree vir die land sodat Ek dit nie sou verwoes nie, maar Ek het niemand gevind nie; Ps 106:23
31 daarom het Ek My verontwaardiging oor hulle uitgegiet; Ek het hulle deur die vuur van My toorn verteer; Ek het hulle lewenswyse op hulle kop laat neerkom," verklaar יהוה-God. Rom 1:21

23 1 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, daar was twee vroue, dogters van een moeder.
3 Hulle het in Mitzrayim hoereer; in hul jeug het hulle hoereer; daar is hul borste gedruk en daar is hul maagdelike borste hanteer.
4 Hulle name was: Oholah, die oudste en Oholivah, haar suster en hulle het Myne geword en geboorte gegee aan seuns en dogters. Wat hulle name betref: Shomron is Oholah en Yerushalayim is Oholivah.
5 Oholah het gehoereer terwyl sy Myne was en sy het na haar minnaars, vanaf Ashur, haar bure,
6 wat in persblou aangetrek was, goewerneurs en amptenare, almal begeerlike jongmanne, ruiters wat op perde ry, gesmag.
7 Sy het haar hoererye op hulle uitgestort, almal wat die keur manne uit Ashur was en met almal waarna sy gesmag het, met al hulle afgode het sy haarself verontreinig.
8 Sy het nie haar hoererye, vanaf die tyd in Mitzrayim, laat staan nie, want in haar jeug het manne by haar gelê en hulle het haar maagdelike borste hanteer en hul luste op haar uitgestort.
9 Ek het haar daarom oorgegee in die hand van haar minnaars, in die hand van hulle van Ashur, na wie sy gesmag het.
10 Hulle het haar naaktheid ontbloot; haar seuns en haar dogters gevat, maar haar met die swaard doodgemaak en so het sy 'n bywoord onder vroue geword en hulle het oordeel oor haar voltrek.
11 Haar suster Oholivah het dit gesien, nogtans was sy meer korrup in haar luste as sy en haar hoererye was meer as die hoerery van haar suster.
12 Sy het gesmag na die seuns van Ashur, goewerneurs en amptenare, die wat naby was, pragtig aangetrek, ruiters wat te perd ry, almal begeerlike jongmanne.
13 Ek het gesien dat sy haarself onteer het; hulle het beide dieselfde pad gevat.
14 Sy het haar hoerery vermeerder; sy het manne gesien wat op die muur afgeteken was, afbeeldinge van die Kasdeërs, geteken met kwiksulfied;
15 omgord met gordels om hulle heupe, met vloeiende tulbande op hulle koppe, almal het gelyk soos offisiere, soos die seuns van Bavel in die land van die Kasdeërs, hulle geboorteland.

16 Toe sy hulle sien, het sy na hulle gesmag en boodskappers na hulle toe gestuur, na die land van die Kasdeërs.
17 Die seuns van Bavel het na haar toe gekom, na die bed van liefde en haar verontreinig met hulle hoerery en nadat sy deur hulle verontrein is, het hulle haar gewalg.
18 Sy het haar hoererye en haar naaktheid openbaar; toe het sy My gewalg, soos wat haar suster My gewalg het.
19 Nogtans het sy haar hoererye vermenigvuldig, die dae van haar jeug onthou toe sy 'n hoer in die land van Mitzrayim was.
20 Sy het gesmag na haar minnaars, wie se geslagsdele soos die geslagsdele van donkies is en hulle uitstorting soos die uitstorting van perde.
21 So het jy na die boosheid van jou jeug verlang, toe jou maagdelikheid in Mitzrayim verbreek is en die borste van jou jeug geliefkoos is.
22 יהוה-God sê daarom, o Oholivah: 'Let op, Ek sal jou minnaars aanhits teen jou, van wie jy vervreemd geraak het en Ek sal hulle van alle kante af teen jou bring:
23 die seuns van Bavel en almal van die Kasdeërs, P'kod, Shoa en Koa, al die seuns van Ashur saam met hulle; begeerlike jongmanne wat almal goewerneurs en amptenare is, offisiere en manne van aansien, wat almal op perde ry.
24 Hulle sal teen jou kom met wapens, strydwaens en waens en met 'n menigte van volke. Hulle sal hulleself rondom jou opstel met groot skilde, skilde en helms en Ek sal die oordeel aan hulle oorgee en hulle sal jou oordeel volgens hulle gewoonte.
25 Ek sal My jaloesie teen jou opstel dat hulle teen jou in toorn sal optree. Hulle sal jou neus en jou ore verwyder en jou oorlewendes sal deur die swaard val. Hulle sal jou seuns en jou dogters vat en jou oorlewendes sal deur vuur verteer word.
26 Hulle sal jou ook stroop van jou klere en jou pragtige juwele wegvat.
27 So sal Ek jou boosheid en jou hoerery vanaf die land van Mitzrayim laat ophou sodat jy nie meer jou oë sal oplig na hulle toe of Mitzrayim onthou nie,'
28 want so sê יהוה-God: 'Let op, Ek sal jou oorgee in die hand van hulle wat jy haat, in die hand van hulle van wie jy vervreemd geraak het.
29 Hulle sal met jou handel in haat, al jou eiendom vat en jou naak en kaal laat staan. Die naaktheid van jou hoerery sal ontbloot word, beide jou onsedelikheid en jou hoererye.
30 Hierdie dinge sal aan jou gedoen word omdat jy hoereer het met die nasies en jouself met hulle afgode verontreinig het.
31 Jy het op die pad van jou suster geloop; daarom sal Ek haar beker in jou hand gee.'
32 So sê יהוה-God: 'Jy sal jou suster se beker drink wat diep en wyd is. Daar sal vir jou gelag word en jy sal bespot word, want dit bevat baie.
33 Julle sal volgemaak word met dronkenskap en smart, die beker van afgryse en verlatenheid, die beker van jou suster, Shomron.
34 Jy sal dit drink en leegmaak; dan sal jy sy skerwe knaag en jou borste oopskeur, want Ek het dit gesê,' verklaar יהוה-God.
35 יהוה-God sê daarom: 'Omdat jy My vergeet het en My agter jou rug weggegooi het, dra nou die straf van jou onsedelikhede en jou hoererye.'"

36 יהוה het nog meer vir my gesê: "Seun van 'n mens, wil jy Oholah en Oholivah oordeel? Verklaar dan aan hulle hul verwerplikhede,
37 want hulle het owerspel gepleeg en daar is bloed aan hulle hande. So het hulle owerspel gepleeg met hulle afgode en selfs hul seuns, waaraan hulle vir My geboorte gegee het, deur die vuur laat loop, om verteer te word. Deut 18:10
38 Hulle het verder ook dit aan My gedoen: hulle het My Afgesonderde Plek op dieselfde dag verontreinig en My Shabbatte onteer,
39 want wanneer hulle hul kinders vir hulle afgode geslag het, het hulle op dieselfde dag in My Afgesonderde Plek ingegaan om dit te onteer en let op, dit het hulle binne-in My huis gedoen.
40 Verder het hulle vir manne wat van ver gekom het, gestuur, aan wie 'n boodskapper gestuur is en let op, hulle het gekom vir wie jy jou gewas, jou oë geverf en jouself met juwele versier het
41 en jy het op 'n pragtige bank gesit met 'n tafel wat voor dit reggemaak is waarop jy My wierook en My olie neergesit het.
42 Die klank van 'n sorgelose menigte was by haar; dronkaards is vanuit die wildernis gebring saam met gewone manne. Hulle het armbande aan die vroue se hande gesit en pragtige krone op hulle koppe.
43 Toe het Ek aangaande haar wat uitgemergel is deur hoererye gesê: 'Sal hulle nou owerspel pleeg met haar wat só is?'
44 Hulle het egter by haar ingegaan soos 'n mens ingaan by 'n hoer; só het hulle ingegaan by Oholah en Oholivah, die onsedelike vroue.
45 Onpartydig opregte manne sal hulle oordeel volgens die oordeel op owerspeelsters en volgens die oordeel op vroue wat bloed vergiet, want hulle is owerspeelsters en bloed is aan hulle hande,
46 want so sê יהוה-God: 'Bring 'n groep op teen hulle en gee hulle oor aan verskrikking en plunder.
47 Die groep moet hulle met klippe stenig en hulle met hul swaarde afmaai; hulle sal hulle seuns en dogters doodmaak en hulle huise met vuur verbrand.
48 So sal Ek hoerery laat ophou in die land sodat alle vroue gewaarsku is en nie hoerery beoefen soos wat julle gedoen het nie.
49 Julle hoerery sal op julle vergeld word en julle sal die straf daarvan om afgode te aanbid dra; so sal julle weet dat Ek יהוה-God is.'"

24 1 Die woord van יהוה het tot my gekom in die negende jaar, in die tiende maand, op die tiende van die maand en gesê:
2 "Seun van 'n mens, skryf vir jou die naam van die dag, hierdie selfde dag, neer. Die koning van Bavel het op hierdie selfde dag vir Yerushalayim beleër.
3 Vertel 'n vergelykende storie aan die rebelse huis en sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Sit die pot op, sit dit op en gooi ook water daarin;
4 sit die stukke daarin, elke goeie stuk, die boud en die blad; maak dit vol met die beste bene.
5 Vat die beste van die kleinvee en stapel ook hout onder die pot. Laat dit sterk kook; ook die bene moet daarin kook."

6 יהוה-God sê daarom: "Wee die bloedige stad, in die pot waarin roes is en waarvan die roes nie afgegaan het nie. Haal stuk vir stuk daaruit; sonder om 'n keuse te maak,
7 want die stad se bloed is binne-in haar; sy het dit op 'n kaal rots neergesit; sy het dit nie op die grond uitgegooi om dit met stof toe te maak nie.
8 Ek het haar bloed op 'n kaal rots neergesit sodat dit toorn kan laat opkom om wraak te neem dat dit nie toegemaak kan word nie."
9 יהוה-God sê daarom: "Wee die bloedige stad! Ék sal ook die stapel groot maak.
10 Stapel die hout op, steek die vuur aan, kook die vleis goed, meng die speserye in en laat die bene brand.
11 Laat dit dan leeg op sy kole staan dat dit warm kan wees en sy koper kan gloei en sy vuilheid kan smelt in hom, sy roes verteer word.
12 Sy het My moeg gemaak met ywer, nogtans het haar baie vuilheid nie van haar af weggegaan nie; haar vuilheid moet in die vuur!
13 Omdat jy jouself vuil gemaak het deur onsedelikheid en omdat Ek jou gereinig het, maar jy nie gereinig is van jou vuilheid nie, sal jy nie weer gereinig word totdat Ek My toorn op jou laat rus het nie.
14 Ek, יהוה, het gepraat; dit kom en Ek sal optree. Ek sal nie toegee nie, Ek sal nie jammer kry of berou hê nie; volgens jou lewenswyse en volgens jou optrede sal Ek jou oordeel," verklaar יהוה-God.
15 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
16 "Seun van 'n mens, let op, Ek is op die punt om die begeerte van jou oë van jou af weg te vat met 'n slag, maar jy sal nie rou of huil nie en jou trane sal nie kom nie.
17 Kreun in stilte; rou glad nie oor die wat dood is nie; bind jou tulband aan en trek jou skoene aan jou voete; moenie jou snor bedek en die brood van die mense eet nie."
18 Ek het in die oggend met die mense gepraat en in die aand het my vrou gesterf; in die oggend het ek gedoen soos ek beveel is.
19 Die mense het vir my gesê: "Wil u ons nie vertel wat hierdie dinge wat u doen vir ons beteken nie?"
20 Toe het ek hulle geantwoord: "Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
21 'Sê vir die huis van Yisra'el: "So sê יהוה-God: 'Let op, Ek is op die punt om My Afgesonderde Plek te onteer, die trots van julle krag, die begeerte van julle oë en die vreugde van julle lewe en julle seuns en julle dogters wat julle laat agterbly het, sal deur die swaard val. Yir 52:13-23
22 Julle sal doen soos ek gedoen het; julle sal nie die snor bedek en die brood van die mense eet nie.
23 Julle tulbande sal op julle koppe wees en jul skoene aan julle voete. Julle sal nie rou of huil nie, maar julle sal wegteer in julle oortredinge en julle sal kreun teenoor mekaar.
24 So sal Yegezk'el vir julle 'n teken wees; volgens alles wat hy gedoen het, sal julle doen; wanneer dit kom, sal julle weet dat Ek יהוה-God is.
25 Wat jou betref, seun van 'n mens, sal dit nie op dié dag wees wanneer Ek hulle vesting van hulle af wegvat, die blydskap van hulle trots, die begeerte van hulle oë en die vreugde van hulle lewe, hulle seuns en hulle dogters,

26 dat op dié dag 'n vlugteling na jou toe sal kom met inligting vir jou ore nie?
27 Op daardie dag sal jou mond oopgemaak word teenoor die vlugteling en jy sal praat en nie langer stom wees nie. So sal jy 'n teken wees vir hulle en hulle sal weet dat Ek יהוה is.'"

25 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, draai jou gesig teen die seuns van `Ammon en profeteer teen hulle [Yir 49:1-6]
3 en sê vir die seuns van `Ammon: 'Hoor en luister na die woord van יהוה-God! So sê יהוה-God: "Omdat julle 'Aha!' uitgeroep het teen My Afgesonderde Plek toe dit onteer is en oor die land van Yisra'el, toe dit verlate gemaak is en teen die huis van Y'hudah toe hulle in ballingskap gegaan het;
4 daarom, let op, Ek gaan jou aan die seuns van die Ooste oorlewer as 'n besitting en hulle sal hul laers tussen jou opslaan en hul blyplek tussen julle maak; hulle sal jou vrugte eet en jou melk drink.
5 Ek sal van Rabbah 'n weiveld maak vir kamele en die seuns van `Ammon 'n rusplek vir veetroppe. So sal julle weet dat Ek יהוה is,"
6 want so sê יהוה-God: "Omdat jy jou hande geklap, jou voete gestamp en bly was met al die veragting van jou verstand, wil en emosie teen die land van Yisra'el,
7 let op, Ek het daarom My hand teen jou uitgestrek en sal jou as buit vir die nasies gee en Ek sal jou afsny uit die volke en jou uit die lande verdelg; Ek sal jou vernietig. So sal jy weet dat Ek יהוה is."
8 So spreek יהוה-God: "Omdat Mo'av en Se'ir sê: 'Let op, die huis van Y'hudah is soos al die nasies,'
9 let op, Ek gaan daarom die sykant van Mo'av van sy stede ontneem, die stede wat op sy verste dele is, die sieraad van die land: Beit-Yeshimot, Ba'al-M'on en Kiryatayim
10 en dit, saam met die seuns van `Ammon, vir die seuns van die Ooste as besitting gee sodat die seuns van `Ammon nie onthou sal word onder die nasies nie.
11 So sal Ek oordeel uitoefen oor Mo'av en hulle sal weet dat Ek יהוה is."
12 So sê יהוה-God: "Omdat Edom teen die huis van Y'hudah opgetree het deur wraak te neem en ernstige skuld aangegaan het en hulle op hulle gewreek het;"
13 daarom, so sê יהוה-God: "Ek sal ook My hand uitstrek teen Edom en mens en dier daarvan afsny en Ek sal dit 'n puinhoop maak; van Teman af tot by D'dan sal hulle deur die swaard val.
14 Ek sal My wraak op Edom lê deur die hand van My volk Yisra'el; daarom sal hulle in Edom optree volgens My woede en volgens My toorn," verklaar יהוה-God.
15 So sê יהוה-God: "Omdat die F'lishtyne in wraak opgetree het en hulle gewreek het met minagting van lewens om met ewige vyandskap te vernietig;"
16 daarom, so sê יהוה-God: "Let op, Ek sal My hand uitstrek teen die F'lishtyne en selfs die K'retiërs afsny en die wat oorbly van die seekus vernietig.
17 Ek sal groot vergelding op hulle uitvoer met woedende teregwysings en hulle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek My wraak oor hulle bring."" [Yir 47]

26 1 In die elfde jaar, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, omdat Tzor aangaande Yerushalayim gesê het: 'Aha, die poort van die volke is gebreek; dit het na my toe oopgemaak; ék sal vol word, sy is in puin gelê;'
3 daarom, so sê יהוה-God: 'let op, Ek is teen jou, o Tzor en Ek sal baie nasies teen jou bring, soos die see sy golwe opstoot.
4 Húlle sal die mure van Tzor verwoes en haar torings afbreek en Ek sal haar puin van haar af wegvee en haar 'n kaal rots maak.
5 Sy sal binne-in die see 'n plek wees vir nette om te droog, want Ek het gepraat,' verklaar יהוה-God; 'en sy sal 'n buit vir die nasies word.
6 Haar dogters wat op die land is, sal ook met die swaard neergeslaan word en hulle sal weet dat Ek יהוה is,'"
7 want so sê יהוה-God: "let op, Ek sal N'vukadnetzar, koning van Bavel, koning van konings, met perde, strydwaens, perderuiters en 'n groot weermag van die noorde af teen Tzor bring.
8 Hy sal jou dogters op die vasteland met die swaard doodmaak, beleëringsmure teen jou opstel, 'n wal teen jou gooi en 'n groot skild teen jou oprig.
9 Hy sal die slag van sy stormram teen jou mure draai en jou torings met sy byle afbreek.
10 As gevolg van die menigte van sy perde sal hulle stofwolk jou toedek; jou mure sal bewe deur die geraas van perderuiters, wiele en strydwaens as hy deur jou poorte ingaan, soos 'n mens 'n stad binnegaan wat oopgebreek is.
11 Hy sal met die hoewe van sy perde al jou strate vertrap; jou mense sal hy met die swaard doodmaak en jou sterk klippilare sal op die grond val.
12 Hulle sal ook 'n buit maak van jou rykdom en jou koopware roof, jou mure afbreek en jou aangename huise vernietig en hulle sal jou klippe, jou houte en jou puin in die water gooi.
13 So sal Ek die klank van jou liedere laat ophou en die klank van jou harpe sal nie meer gehoor word nie.
14 Ek sal jou 'n kaal rots maak, 'n plek om nette op oop te gooi. Jy sal nie weer gebou word nie, want Ek, יהוה, het gepraat," verklaar יהוה-God.
15 So sê יהוה-God vir Tzor: "Sal die kuslande nie bewe van die geluid van jou val, wanneer die gewondes kerm, wanneer die slagting in jou midde gebeur nie?
16 Dan sal al die prinse van die see van hulle trone afklim, hulle mantels afhaal en hulle geborduurde klere uittrek. Hulle sal hulself met bewing aantrek; hulle sal op die grond sit, elke oomblik bewe en ontsteld wees oor jou.
17 Hulle sal 'n klaaglied oor jou aanhef en vir jou sê: 'Hoe het jy vergaan, o bewoonde een, vanaf die seë, o hoog geroemde stad, wat magtig was op die see, sy en haar inwoners, wat haar verskrikking op al haar inwoners afgedwing het.
18 Nou sal die kuslande bewe op die dag van jou val; ja, die kuslande wat by die see is, sal vreesbevange wees as jy verbygaan,'"

19 want so sê יהוה-God: "wanneer Ek jou 'n verlate stad maak, soos die stede wat nie bewoon word nie; wanneer Ek die ondergrondse water oor jou laat opkom en die groot waters jou bedek,
20 dan sal Ek jou afbring saam met dié wat afgaan in die put, na die mense van ouds en Ek sal jou laat bly in die onderste dele van die aarde, soos die antieke puinhope, saam met die wat in die put afgaan sodat jy nie bewoon sal word nie, maar Ek sal lof, eer en waarde gee in die land van die lewendes.
21 Ek sal verskrikkings oor jou bring en jy sal nie meer wees nie; alhoewel jy gesoek sal word, sal jy nooit weer gevind word nie," verklaar יהוה-God.

27 1 Die woord van יהוה het verder tot my gekom en gesê:
2 "Jy, seun van 'n mens, neem 'n klaaglied op oor Tzor
3 en sê vir Tzor, wat by die ingang na die see bly, handelaars van die volke na baie kuslande toe: 'So sê יהוה-God: O Tzor, jy het gesê: Ek is volmaak in mooiheid.'
4 Jou grense is in die binneste van die seë; jou bouers het jou mooiheid volmaak gemaak.
5 Hulle het al jou planke van dennebome vanaf S'nir gemaak; hulle het 'n seder vanaf L'vanon gevat om vir jou 'n mas te maak.
6 Van eikebome vanaf Bashan het hulle vir jou roeispane gemaak; hulle het jou dek van palmhout met ivoor vanaf die kuslande van Kitti ingelê.
7 Jou seil was van fyn geborduurde linne vanaf Mitzrayim sodat dit jou uitkennings-teken geword het; jou sonskerm was persblou en pers vanaf die kuslande van Elishah.
8 Die inwoners van Tzidon en Arvad was jou roeiers; jou wyse manne was aan boord, o Tzor, hulle was jou stuurmanne.
9 Die oudstes van G'val en haar wyse manne was by jou om jou some reg te maak; al die skepe van die see en hulle seemanne was by jou om met jou koopware handel te dryf.
10 Paras (Persië), Lud en Put was in jou leër, jou krygsmanne; hulle het skild en helm in jou opgehang; hulle het aan jou glans gegee.
11 Die seuns van Arvad en jou leër was rondom op jou mure en die Gammadiete was in jou torings; hulle het hul skilde rondom op jou mure gehang; hulle het jou mooiheid volmaak gemaak.
12 Tarshish was jou kliënt weens die menigte van allerhande rykdom; hulle het met silwer, yster, tin en lood betaal vir jou ware.
13 Yavan, Tuval en Meshekh, hulle was handelaars; hulle het vir jou ware betaal met die lewens van mense en houers van koper.
14 Hulle van Beit-Togarmah het perde, oorlogsperde en muile gegee vir jou ware.
15 Die seuns van D'dan was jou handelaars. Baie kuslande was jou mark; hulle het ivoortande en ebbehout as jou betaling gebring.
16 Edom was jou kliënt weens die menigte van jou goedere; hulle het vir jou ware met smaragte, purper, geborduurde werk, fyn linne, korale en robyne betaal.
17 Y'hudah en die land van Yisra'el, hulle was jou handelaars; met die koring van Minnit, koeke, heuning, olie en balsem het hulle vir jou ware betaal.

18 Dammesek was jou kliënt weens die oorvloed van jou goedere, weens die oorvloed van allerhande rykdom, weens die wyn van Helbon en wit wol.
19 Dan en Yavan het vir jou ware betaal vanaf Uzal; smee-yster, kassie (senna) en suikerriet was onder jou handelsware.
20 D'dan het met jou handel gedryf in saalklede om op te ry.
21 Arabië en al die prinse van K'dar was jou kliënte vir lammers, ramme en bokke; daarvoor was hulle jou kliënte.
22 Die handelaars van Sh'va en Ra'mah het met jou handel gedryf; hulle het vir jou ware met die beste van allerhande speserye, allerhande edelgesteentes en goud betaal.
23 Haran, Kanneh en `Eden, die handelaars van Sh'va, Ashur en Kilmad het met jou handel gedryf.
24 Hulle het met jou handel gedryf in persblou kledingstukke, geborduurde werk en in kleurvolle geweefde tapyte, styf vasgebind met koorde en in skepe van sederhout gelaai.
25 Die skepe van Tarshish was die koeriers vir jou handelsware en jy was vol en het baie sterk geword.
26 Jou roeiers het jou in groot waters gebring; die Oostewind het jou gebreek in die seë.
27 Jou rykdomme, jou artikels, jou handelsware, jou seemanne, jou stuurmanne, die wat jou some regmaak, jou handelaars in handelsware en al jou krygsmanne wat in jou is, saam met jou hele menigte wat in jou is, sal in die diepte van die seë val op die dag van jou omverwerping.
28 Deur die klank van die krete van jou stuurmanne sal die weivelde skud.
29 Almal wat die roeispaan hanteer, die seemanne, al die stuurmanne van die see, sal van hulle skepe afklim; hulle sal op die land staan
30 en hulle sal hul stem oor jou laat hoor en bitterlik huil. Hulle sal stof op hul koppe gooi, hulle sal rondrol in as.
31 Hulle sal hulself bles maak om jou ontwil en rouklere aangord en hulle sal oor jou huil in bitterheid van verstand, wil en emosie en met bitter rou.
32 Hulle sal verder ook in hul huilery 'n klaaglied vir jou ophef en oor jou weeklaag: "Wie is soos Tzor, wat in die see gebou is?
33 Toe jou handelsware uitgekom het uit die seë, het jy baie volke tevrede gestel; met die oorvloed van jou rykdom en jou handelsware het jy die konings van die aarde ryk gemaak.
34 Noudat jy gebroke is deur die seë in die dieptes van die waters; het jou handelsware en jou hele menigte in jou midde geval.
35 Al die inwoners van die kuslande is verskrik oor jou en hulle konings is verskriklik bang; hulle gesigte is besorg.
36 Die handelaars onder die volke spot met jou; jy het verskrik geword en jy sal ophou bestaan, vir ewig."""'

28 1 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, sê aan die leier van Tzor: 'So sê יהוה-God: "Omdat jou verstand, wil en emosie hoogmoedig was en jy gesê het: 'Ek is 'n god, ek sit op die troon van gode in die kern van die seë'; tog is jy 'n mens en nie god nie, alhoewel jy jou verstand, wil en emosie maak soos die van 'n god. 2 Thes 2:4
3 Let op, jy is wyser as Dani'el, daar is geen geheim wat vir jou duister is nie!
4 Deur jou wysheid en begrip het jy vir jouself rykdom verkry en goud en silwer vir jou skatkamers.
5 Deur jou groot wysheid, deur jou handel, het jy jou rykdom vermeerder en jou verstand, wil en emosie het hoogmoedig geword deur jou rykdom.
6 יהוה-God sê daarom: 'Omdat jy jou verstand, wil en emosie gemaak het soos die van 'n god, 1 Tim 3:6
7 let daarom op, Ek sal vreemdelinge oor jou bring, die geweldadigste van die nasies en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid van jou wysheid en jou glans onteer.
8 Hulle sal jou afbring na die put en jy sal die dood sterf van die wat doodgemaak word in die diepte van die seë.
9 Sal jy nog sê, "Ek is 'n god," in die teenwoordigheid van hom wat jou doodmaak terwyl jy 'n mens en nie 'n god is nie, in die hand van hulle wat jou wond?
10 Jy sal die dood van onbesnedenes sterf, deur die hand van vreemdelinge, want Ek het gepraat,' verklaar יהוה-God."""
11 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:
12 "Seun van 'n mens, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tzor en sê vir hom: 'So sê יהוה-God: "Jy het die merk van volmaaktheid gehad, vol wysheid en volmaak in skoonheid.
13 Jy was in `Eden, die tuin van God; elke edelgesteente was jou bedekking: robyn, topaas en diamant; beril, oniks en jaspis; lapis lazuli, turkoois en saffier en goud, die vakmanskap van jou monterings en holtes, was in jou. Op die dag toe jy geskape is, is hulle voorberei.
14 Jy was by die gesalfde gérub wat bedek en Ek het jou op die afgesonderde berg van God geplaas; jy het geloop tussen die klippe van vuur.
15 Jy was onberispelik in jou lewenswyse van die dag af dat jy geskape is totdat daar boosheid in jou gevind is.
16 Deur die oorvloed van jou koophandel het jy jou binneste met oortredinge gevul en jy het gesondig; daarom sal Ek jou van die berg van God afgooi en Ek sal jou van tussen die klippe van vuur vernietig, o gérub wat bedek!
17 Jou verstand, wil en emosie was hoogmoedig as gevolg van jou skoonheid; jy het jou wysheid korrup gemaak deur jou glans. Ek het jou op die grond neergegooi, Ek het jou voor die konings gesit sodat hulle jou kan sien.
18 Deur die menigte van jou oortredinge, deur die partydige onopregtheid van jou koophandel het jy jou afgesonderde plekke onteer; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitkom; dit het jou verteer en Ek het jou op die aarde tot as gemaak voor die oë van almal wat jou gesien het.

19 Almal wat jou ken onder die volke is ontsteld oor jou; jy het verskrik geword en jy sal ophou om te wees vir ewig."""
20 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
21 "Seun van 'n mens, draai jou gesig na Tzidon en profeteer teen haar
22 en sê: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek is teen jou, o Tzidon en Ek sal geloof en geëer word in jou midde. Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is wanneer Ek oordele oor haar uitvoer en Ek sal My afgesonderdheid in haar duidelik maak,
23 want Ek sal die pes na haar toe stuur en bloed na haar strate en die gewondes sal in haar midde val deur die swaard teen haar aan elke kant; dan sal hulle weet dat Ek יהוה is.
24 Daar sal nie meer vir die huis van Yisra'el 'n steekdoring of pynlike doring wees van enige wat rondom hulle is, wat hulle verag het nie; dan sal hulle weet dat Ek יהוה-God is."
25 So sê יהוה-God: "Wanneer Ek die huis van Yisra'el versamel vanuit die volke onder wie hulle verstrooi is en Ek My afgesonderdheid in hulle duidelik sal maak voor die oë van die nasies, dan sal hulle in hul land bly wat Ek vir My dienskneg Ya'akov gegee het.
26 Hulle sal veilig daarin bly en hulle sal huise bou, wingerde plant en veilig woon wanneer Ek oordele uitvoer op almal wat hulle van alle kante af verag. Dan sal hulle weet dat Ek יהוה, hulle God, is."""

29 1 In die tiende jaar, in die tiende maand, op die twaalfde van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, draai jou gesig teen Farao, koning van Mitzrayim en profeteer teen hom en teen die hele Mitzrayim.
3 Praat en sê: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek is teen jou, Farao, koning van Mitzrayim, die groot monster wat in die middel van sy riviere lê, wat gesê het: 'My Nyl is myne en ek het dit self gemaak.'
4 Ek sal hake in jou kakebene sit en die visse van jou riviere aan jou skubbe laat vasklou en Ek sal jou vanuit jou riviere af uittrek en al die visse van jou riviere sal aan jou skubbe vasklou.
5 Ek sal jou alleen los in die wildernis, vir jou en al die visse van jou riviere; julle sal op die oop veld val; jy sal nie bymekaargemaak of versamel word nie; Ek het julle as kos vir die wilde diere van die aarde en vir die voëls van die hemel gegee.
6 Dan sal al die inwoners van Mitzrayim weet dat Ek יהוה is omdat hulle 'n rietstok is vir die huis van Yisra'el.
7 Toe hulle jou met die hand vasvat, het jy al hulle hande gebreek en geskeur; toe hulle op jou geleun het, het jy al hulle lendene gebreek en laat skud."
8 יהוה-God sê daarom: "Let op, Ek sal 'n swaard oor jou bring en mens en dier van jou af afsny.
9 Die land van Mitzrayim sal 'n verlatenheid en puinhoop word. Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is. Omdat jy sê: 'Die Nyl is myne en ek het dit gemaak,'

10 let daarom op, Ek is teen jou en teen jou riviere en Ek sal die land van Mitzrayim 'n absolute puinhoop en verlatenheid maak, vanaf Migdol af tot by S'venah en selfs tot by die grens van Kush.
11 Geen mens se voet sal daar deurgaan nie en geen dier se poot sal daar deurgaan nie en dit sal vir veertig jaar lank onbewoond wees.
12 So sal Ek die land van Mitzrayim 'n verlatenheid maak tussen verlate lande en haar stede, tussen stede wat verwoes is, sal verlate wees vir veertig jaar lank en Ek sal die Mitzrayimiete verstrooi onder die nasies en hulle versprei tussen die lande,"
13 want so sê יהוה-God: "Aan die einde van veertig jaar sal Ek die Mitzrayimiete versamel vanuit die volke waarheen hulle verstrooi is.
14 Ek sal die lot van die Mitzrayimiete verander en hulle laat teruggaan na die land van Patros, na die land van hulle oorsprong en daar sal hulle 'n eenvoudige koninkryk wees.
15 Hulle sal die minste van die koninkryke wees en hulle sal hulself nooit weer bo die nasies oplig nie en Ek sal hulle so klein maak sodat hulle nie oor die nasies sal heers nie.
16 Hulle sal nooit weer die vertroue van die huis van Yisra'el wees nie, om die oortredinge, van hulle draai na Mitzrayim, te onthou. Dan sal hulle weet dat Ek, יהוה, God is."""
17 In die sewe en twintigste jaar, in die eerste maand, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
18 "Seun van 'n mens, N'vukadnetzar, koning van Bavel, het sy leër hard laat werk teen Tzor; elke kop is bles gemaak en elke skouer is deurgeskaaf, maar hy en sy leër het geen loon ontvang van Tzor vir die werk wat hy daarteen gedoen het nie;"
19 daarom, so sê יהוה-God: "let op, Ek sal die land van Mitzrayim vir N'vukadnetzar, koning van Bavel, gee en hy sal haar rykdom wegdra en die buit vat en dit plunder, en dit sal die loon vir sy leër wees.
20 Ek het vir hom die land van Mitzrayim gegee vir sy werk wat hy gedoen het, want hulle het vir My opgetree," verklaar יהוה-God.
21 Op daardie dag sal Ek vir die huis van Yisra'el 'n horing laat uitspruit en Ek sal jou mond in hulle midde oopmaak. Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is."

30 1 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, profeteer en sê: 'So sê יהוה-God: "Huil, 'wee die dag,'
3 want die dag is naby, die dag van יהוה is naby; dit sal 'n dag wees van wolke; 'n tyd vir die nasies.
4 'n Swaard sal op Mitzrayim kom en daar sal angs in Kush wees wanneer die neergeslaandes in Mitzrayim val, hulle vat haar rykdom weg en haar fondamente word afgebreek.
5 Kush, Put, Lud, al die gemengde nasies (Arabië), Kuv en die mense van die lande daarmee verbonde sal saam met hulle val deur die swaard."
6 So sê יהוה: "Die wat Mitzrayim ondersteun sal beslis val en die trots van haar krag sal afkom; vanaf Migdol tot by S'venah sal hulle in haar val deur die swaard," verklaar יהוה-God.

7 Hulle sal verlate wees tussen die verlate lande en haar stede sal tussen die verwoeste stede wees.
8 Hulle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek 'n vuur aansteek in Mitzrayim en al haar helpers gebroke is.
9 Op daardie dag sal daar boodskappers van My af uitgaan in skepe om die sorgelose Kush te verskrik en daar sal angs op hulle wees soos op die dag van Mitzrayim, want let op, dit kom!"
10 So sê יהוה-God: "Ek sal ook die menigtes van Mitzrayim tot 'n einde bring deur die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel.
11 Hy en sy volk saam met hom, die geweldadigste van nasies, sal ingebring word om die land te vernietig en hulle sal hul swaarde teen Mitzrayim uittrek en die land vul met die neergeslaandes.
12 Ek sal ook nog die Nylkanale droogmaak en die land verkoop in die hand van bose manne. Ek sal ook die land en alles wat daarin is, verlate maak deur die hand van vreemdelinge; Ek, יהוה, het gepraat."
13 So sê יהוה-God: "Ek sal ook die afgode vernietig en die beelde laat verdwyn uit Nof (Memphis) en daar sal nie langer 'n prins wees in die land van Mitzrayim nie en Ek sal vrees sit in die land van Mitzrayim.
14 Ek sal Patros verlate maak, 'n vuur aansteek in Tzo'an en oordele voltrek in No (Thebes).
15 Ek sal My toorn uitgiet oor Sin, die vesting van Mitzrayim; Ek sal ook die menigtes van No afsny.
16 Ek sal 'n vuur aansteek in Mitzrayim: Sin sal bewe van angs, No sal oopgebreek word en Nof sal daagliks angs hê!
17 Die jongmanne van On en Pi-Veset sal deur die swaard val en die vroue sal in gevangenskap gaan.
18 In Tagpanges sal die dag donker wees wanneer Ek daar die jukke van Mitzrayim verbreek. Dan sal die trots van haar mag in haar ophou; 'n wolk sal haar oordek en haar dogters sal in gevangenskap gaan.
19 So sal Ek oordeel voltrek in Mitzrayim en hulle sal weet dat Ek יהוה is."""
20 In die elfde jaar, in die eerste maand, op die sewende van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
21 "Seun van 'n mens, Ek het die arm van Farao, koning van Mitzrayim, gebreek en let op, dit is nie verbind tot genesing of toegedraai met 'n verband sodat dit sterk kan wees om die swaard vas te hou nie.
22 יהוה-God sê daarom: 'Let op, Ek is teen Farao, koning van Mitzrayim en sal sy arms breek, beide die sterk en die gebreekte een en Ek sal die swaard uit sy hand laat val.
23 Ek sal die Mitzrayimiete verstrooi onder die nasies en hulle versprei tussen die lande,
24 want Ek sal die arms van die koning van Bavel versterk en My swaard in sy hand sit en Ek sal die arms van Farao breek sodat hy voor hom sal kerm soos die gekerm van 'n gewonde man.

25 So sal Ek die arms van die koning van Bavel versterk, maar Farao se arms sal val. Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek My swaard in die hand van die koning van Bavel sit en hy dit uitstrek teen die land van Mitzrayim.
26 Wanneer Ek die Mitzrayimiete sal verstrooi onder die nasies en hulle versprei tussen die lande, dan sal hulle weet dat Ek יהוה is.'"

31 1 In die elfde jaar, in die derde maand, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, sê vir Farao, koning van Mitzrayim en aan sy menigtes: 'Soos wie is jy in jou grootheid?
3 Let op, Ashur was 'n seder op die L'vanon met mooi takke, 'n skaduryke bos, baie hoog en sy top was tussen die wolke.
4 Die waters het hom laat groei, die diepte het hom hoog gemaak. Met sy riviere het hy aanhoudend uitgebrei reg rondom die plek waar hy geplant is en sy kanale uitgestuur na al die bome van die veld;
5 daarom was sy hoogte hoër as al die bome van die veld en het sy lote baie geword en sy takke lank, as gevolg van baie waters terwyl hy hulle uitsprei.
6 Al die voëls van die hemel het nes gemaak in sy takke en al die wilde diere van die veld het geboorte gegee onder sy lote en al die groot nasies het onder sy skaduwee geleef.
7 So was dit pragtig in sy grootheid, in die lengte van sy takke, want sy wortels het uitgesprei na baie waters.
8 Die seders in God se tuin kon nie met hom vergelyk nie; die sipresse kon nie vergelyk met sy lote nie en die plataanboom kon nie met sy takwerk vergelyk nie. Geen boom in die tuin van God kon met hom vergelyk in sy prag nie.
9 Ek het hom mooi gemaak deur die menigte van sy takke en al die bome van `Eden, wat in die tuin van God was, was jaloers op hom.
10 יהוה-God sê daarom: "Omdat hy hoog is en sy top tussen die wolke opgelig het en hoogmoedig is in sy hoogte,
11 daarom het Ek hom oorgegee in die hand van die magtige onder die nasies; dié sal deeglik met hom handel; volgens sy boosheid het Ek hom weggedryf.
12 Vreemde tiranne van die nasies het hom afgekap en hom gelos; op die berge en in al die valleie het sy takke geval en sy loof het in al die klowe van die land gebreek en al die volke van die aarde het uit sy skaduwee weggegaan en hom verlaat
13 (Al die voëls van die hemel sal op sy puin bly en al die wilde diere van die veld op sy takke)
14 sodat al die bome by die waters hulself nie kan oplig oor hul hoogte, of hulle top tussen die wolke sou oplig nie, of hulle goed natgemaakte magtiges nie regop sou staan in hulle hoogte nie, want hulle is almal oorgegee aan die dood, aan die aarde daar onder, tussen die seuns van die mens, saam met die wat afgaan na die put."
15 So sê יהוה-God: "Op die dag toe hy afgegaan het na Sh'ol, het Ek 'n klaaglied aangehef; Ek het die waters van die dieptes toegemaak, die riviere teruggehou en die baie waters is gestop; Ek het die L'vanon oor hom laat treur en al die bome van die veld het weggeteer om sy ontwil.

16 Ek het die nasies laat bewe deur die geluid van sy val, toe Ek hom na Sh'ol laat afgaan het saam met die wat afgaan na die put en al die goed natgemaakte bome van `Eden, die keur en bestes van die L'vanon, is getroos in die diepste dele van die aarde.
17 Hulle het ook saam met hom afgegaan na Sh'ol, na die wat neergeslaan is deur die swaard en die wat kragtig was. Sy nageslag het in sy skaduwee tussen die nasies geleef.
18 Aan watter van die bome van `Eden is jy so gelyk in lof en eer en in grootheid? Tog sal jy afgebring word saam met die bome van `Eden na die aarde daar onder; jy sal tussen die onbesnedenes lê, saam met die wat neergeslaan is deur die swaard. So is Farao en al sy menigtes,'" verklaar יהוה-God."

32 1 En in die twaalfde jaar, in die twaalfde maand, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, hef 'n klaaglied aan oor Farao, koning van Mitzrayim en sê vir hom: 'Jy is soos 'n leeu onder die nasies en soos 'n see-monster; jy het uitgebreek in jou riviere en die waters vol modder gemaak met jou voete en hulle riviere troebel gemaak.'"
3 So sê יהוה-God: "Nou sal Ek My net oor jou uitsprei deur 'n vergadering van baie volke en hulle sal jou oplig in My net.
4 Ek sal jou op die land los; Ek sal jou op die oop veld gooi en Ek sal al die voëls van die hemel op jou laat sit en Ek sal die wilde diere van die hele aarde versadig met jou.
5 Ek sal jou vlees uitlê op die berge en die valleie vol maak met jou vullis.
6 Ek sal die land maak drink van jou bloed wat uitvloei so ver as tot by die berge en die klowe sal vol wees van jou.
7 Wanneer Ek jou uitblus, sal Ek die hemel toemaak en sy sterre verdonker; Ek sal die son met 'n wolk toemaak en die maan sal nie sy lig gee nie. Mat 24:29; Mar 13:25
8 Al die skynende ligte aan die hemel sal Ek oor jou verduister en Ek sal duisternis in jou land gee," verklaar יהוה-God. Eks 10:21,22; 2 Kef 3:10-12
9 Ek sal die verstand, wil en emosie van baie volke bekommerd maak wanneer Ek jou vernietiging tussen die nasies bring, in lande wat jy nie geken het nie.
10 Ek sal maak dat baie volke oor jou verstom staan en hulle konings sal verskriklik bang wees vir jou wanneer Ek My swaard voor hulle swaai en hulle sal, op die dag van jou val, elke oomblik bewe, elkeen vir sy lewe,"
11 want so sê יהוה-God: "die swaard van die koning van Bavel sal oor jou kom.
12 Ek sal jou menigtes laat val deur swaarde van magtige manne; hulle is almal tiranne van die nasies en hulle sal die trots van Mitzrayim vernietig en al sy menigtes sal vernietig word.
13 Ek sal ook al sy vee vernietig langs die baie waters en geen mens se voet sal dit weer modder maak nie en geen dier se kloue dit troebel maak nie.
14 Dan sal Ek hulle waters laat stabiliseer en hulle riviere laat vloei soos olie," verklaar יהוה-God.

15 Wanneer Ek die land van Mitzrayim 'n verlatenheid maak en die land woes gelê is van wat sy volheid was, wanneer Ek almal wat daarin woon, neergeslaan het, dan sal hulle weet dat Ek יהוה is.
16 Hierdie is 'n klaaglied en hulle moet dit sing; die dogters van die nasies sal dit sing; hulle sal dit sing oor Mitzrayim en oor al haar menigtes," verklaar יהוה-God.
17 In die twaalfde jaar, op die vyftiende van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
18 "Seun van 'n mens, huil oor die menigtes van Mitzrayim en gooi haar mense neer tussen die sterk nasies, in die diepste dele van die aarde, saam met die wat afgaan na die put:
19 'Wie gaan jy verby in skoonheid? Gaan af en maak jou bed by die onbesnedenes.'
20 Hulle sal val tussen die wat deur die swaard neergeslaan word. Sy is oorgegee aan die swaard; hulle het haar en al haar menigtes weggelei.
21 Die sterkes onder die magtiges sal van hom en sy helpers praat vanuit Sh'ol: 'Hulle het afgegaan, hulle lê stil, die onbesnedenes, neergeslaan deur die swaard.'
22 Ashur en al haar menigtes is daar; haar grafte is reg rondom haar. Hulle het almal deur die swaard geval, is neergeslaan,
23 hulle wie se grafte gemaak is in die verste dele van die put en haar menigtes is reg rondom haar graf. Hulle is almal neergeslaan, geval deur die swaard, wat verskrikking versprei het in die land van die lewendes.
24 `Eilam en al haar menigtes is daar rondom haar graf; hulle is almal neergeslaan, geval deur die swaard, hulle wat onbesnede afgegaan het na die laagste dele van die aarde, wat hulle verskrikking oorgedra het in die land van die lewendes en hulle skande dra saam met die wat afgegaan het in die put.
25 Hulle het vir haar 'n bed gemaak tussen die neergeslaandes saam met al haar menigtes. Haar grafte is rondom dit, hulle is almal onbesnede, neergeslaan deur die swaard, alhoewel hulle verskrikking oorgedra is in die land van die lewendes en hulle het hul skande gedra saam met die wat in die put afgaan; hulle is tussen die neergeslaandes gesit.
26 Meshekh en Tuval met al hulle menigtes is daar; hulle grafte is rondom hulle. Almal van hulle is neergeslaan deur die swaard, onbesnede, alhoewel hulle hul verskrikking oorgedra het in die land van die lewendes,
27 lê hulle nie langs die gevalle helde van die onbesnedenes, wat afgegaan het na Sh'ol met hulle oorlogswapens en wie se swaarde onder hulle koppe gesit is nie, maar die straf vir hulle oortredinge het op hulle gebeente gerus omdat hulle vernietiging veroorsaak het met hulle mag in die land van die lewendes.
28 Jy sal egter ook tussen die onbesnedenes slaap en tussen hulle lê wat deur die swaard neergeslaan is.
29 Edom is ook daar, sy konings en al sy prinse, wat ondanks al hulle mag neergelê is by die wat neergeslaan is met die swaard; hulle sal by die onbesnedenes en by die wat in die put afgegaan het, lê.

30 Die leiers van die noorde is daar, almal van hulle en al die Tzidoniërs, wat ten spyte van die verskrikking wat op hulle mag gevolg het, in skande saam met die neergeslaandes afgegaan het. So lê hulle onbesnede by die wat neergeslaan is deur die swaard en dra hulle skande saam met die wat in die put afgaan.
31 Farao sal hulle sien en hy sal getroos wees oor al sy menigtes wat deur die swaard neergeslaan is, Farao en sy hele leër," verklaar יהוה-God.
32 "Ek het sy vernietiging in die land van die lewendes veroorsaak en gemaak dat hy tussen die onbesnedenes neergelê word, saam met die wat neergeslaan is deur die swaard, selfs Farao en al sy menigtes," verklaar יהוה-God.

33 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê: *Yeg 3:18-21*
2 "Seun van 'n mens, praat met die seuns van jou volk en sê vir hulle: 'As Ek 'n swaard oor 'n land bring en die mense van die land neem een man vanuit hulle midde en maak hom hulle wag
3 en hy sien die swaard aankom oor die land en blaas op die ramshoring en waarsku die mense;
4 dan sal hy wat die geluid van die ramshoring hoor, maar hom nie laat waarsku nie en 'n swaard kom en hom wegvat, se bloed op sy eie kop wees.
5 Hy het die geluid van die ramshoring gehoor, maar het hom nie laat waarsku nie; sy bloed sal op homself wees, maar as hy hom laat waarsku het, sou hy sy lewe gered het.
6 As die wag egter die swaard sien kom en nie die ramshoring blaas nie, die mense nie gewaarsku word nie en 'n swaard kom en vat 'n persoon vanuit hulle weg, word hy gevat deur sy oortredinge, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag opeis.'
7 Wat jou betref, seun van 'n mens, Ek het jou as wag oor die huis van Yisra'el aangestel; jy sal 'n boodskap uit My mond hoor en hulle namens My waarsku.
8 Wanneer Ek aan die bose sê: 'O bose man, jy sal sekerlik sterf,' en jy praat nie om die bose oor sy pad te waarsku nie, dan sal daardie bose man deur sy oortredinge sterf, maar sy bloed sal Ek van jou hand opeis.
9 As jy egter van jou kant die bose man waarsku om van sy pad af weg te draai en hy draai nie weg van sy pad nie, dan sal hy deur sy oortredinge sterf, maar jy het jou lewe gered.
10 Nou, wat jou betref, seun van 'n mens, sê vir die huis van Yisra'el: 'So het julle gepraat en gesê: "Ons oortredinge en ons sondes is op ons en ons verrot in hulle; hoe kan ons oorlewe?"'
11 Sê vir hulle: 'So waar as Ek leef,' verklaar יהוה-God, 'Ek het geen behae in die dood van die bose nie, maar eerder dat die bose wegdraai van sy lewenswyse en leef. Draai terug, draai terug van julle bose lewenswyses! Waarom wil julle dan sterf, o huis van Yisra'el?'
12 Jy, seun van 'n mens, sê aan jou mede-burgers: 'Die onpartydige opregtheid van die regverdige sal hom nie red op die dag van sy oortreding nie en wat die boosheid van die bose betref, hy sal nie daardeur struikel op die dag wanneer hy hom van sy boosheid af wegdraai nie; soos die regverdige nie sal kan leef deur sy onpartydige opregtheid op die dag as hy sondig nie.'

13 As Ek vir die regverdige sê dat hy sekerlik sal lewe en hy vertrou op sy onpartydige opregtheid en doen onreg, sal geen van sy dade van onpartydige opregtheid onthou word nie, maar deur daardie selfde onreg wat hy gepleeg het, sal hy sterf.
14 As Ek egter aan die bose sê: 'Jy sal sekerlik sterf,' en hy draai weg van sy sonde en handel regverdig en onpartydig opreg,
15 as die goddelose 'n pand teruggee, vergoed wat hy deur roof gevat het, leef in die instellings wat lewe verseker sonder om oortredinge te begaan, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterf nie. Luk 19:9
16 Nie een van sy sondes wat hy gedoen het, sal teen hom onthou word nie. Hy het regverdigheid en onpartydige opregtheid gedoen; hy sal sekerlik lewe.
17 Nogtans sê jou mede-burgers: 'Die pad van יהוה is nie reg nie,' wanneer dit hulle eie pad is wat nie reg is nie.
18 As die regverdige wegdraai van sy onpartydige opregtheid en onregverdigheid doen, dan sal hy daarin sterf.
19 As die bose egter wegdraai van sy boosheid en regverdigheid en onpartydige opregtheid doen, dan sal hy deur hulle lewe.
20 Nogtans sê julle: 'Die pad van יהוה is nie reg nie.' O huis van Yisra'el, Ek sal elkeen van julle oordeel volgens sy lewenswyse!"
21 In die twaalfde jaar van ons ballingskap, in die tiende maand op die vyfde van die maand, het die vlugtelinge uit Yerushalayim na my toe gekom en gesê: "Die stad is ingeneem!"
22 Die hand van יהוה was op my in die aand voordat die vlugtelinge gekom het en Hy het my mond oopgemaak op die tyd dat hulle in die oggend na my toe gekom het. My mond is dus oopgemaak en ek was nie meer stom nie. Yeg 3:26,27
23 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
24 "Seun van 'n mens, hulle wat in hierdie puinhope in die land van Yisra'el bly, sê: 'Avraham was een, tog het hy die land besit; aan ons wat baie is, is dus die land as besitting gegee!'
25 Sê daarom vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Julle eet vleis met die bloed in en lig julle oë op na jul afgode terwyl julle bloed vergiet; moet julle dan die land besit?
26 Julle steun op jul swaard, julle doen verwerplikhede en elkeen van julle onteer die vrou van sy naaste; moet julle dan die land besit?'"
27 So moet jy vir hulle sê: 'So sê יהוה-God: "So waar as Ek leef, die wat in die puinhope is, sal sekerlik deur die swaard val en wie ook al op die oop veld is, gee Ek aan die wilde diere oor om opgeëet te word en die wat in die vestings en in die grotte is, sal deur die pes sterf.
28 Ek sal die land 'n verlatenheid en 'n puinhoop maak en die trots van haar krag sal ophou en die berge van Yisra'el sal verlate wees sodat niemand sal deurgaan nie,
29 dan sal hulle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek die land 'n verlatenheid en 'n puinhoop maak as gevolg van al hul verwerplikhede wat hulle gedoen het.'"
30 Wat jou betref, seun van 'n mens, jou mede-burgers wat oor jou praat langs die mure en in die deure van die huise, hulle praat met mekaar, elkeen met sy broer en sê: 'Kom nou en hoor wat die boodskap is wat van יהוה af uitgaan.'

31 Hulle kom na jou toe soos mense kom en sit voor jou as My volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie, want hulle doen die wellustige begeertes van hulle mond en hulle verstand, wil en emosie gaan agter hulle winste aan.
32 Let op, jy is vir hulle soos 'n sensuele lied deur een wat 'n mooi stem het en goed speel op 'n instrument, want hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie.
33 Wanneer dit dus gebeur; soos dit sekerlik sal; dan sal hulle weet dat 'n profeet tussen hulle was." Deut 18:22

34 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, profeteer teen die herders van Yisra'el. Profeteer en sê vir daardie herders: 'So sê יהוה-God: "Wee die herders van Yisra'el wat hulleself gevoed het! Moet die herders nie die skape voer nie? Mat 9:36; Mar 6:34
3 Julle eet die vet en trek julle aan met die wol; julle slag die vettes, sonder om die trop te voed.
4 Julle het nie die wat sieklik is, versterk nie en die siekes nie gesond gemaak nie, die gebrokenes nie opgebind, die verstrooides nie teruggebring nie en ook nie gaan soek na die wat verlore is nie, maar met mag en met strengheid het julle hulle gedomineer.
5 Hulle is verstrooi omdat daar geen herder was nie en hulle het kos geword vir al die wilde diere van die veld en is verstrooi.
6 My skape het rondgedwaal op al die berge en op elke hoë heuwel; My trop is verstrooi oor die hele oppervlak van die aarde en daar was niemand om te soek of te vra na hulle nie;"""
7 daarom, julle herders, hoor en doen die woord van יהוה:
8 "So waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "omdat My skape 'n prooi geword het, selfs kos vir al die wilde diere van die veld, weens die gebrek aan 'n herder en My herders nie na My skape gesoek het nie, maar die herders hulleself gevoed en nie My skape gevoed het nie,
9 hoor en luister julle herders daarom na die woord van יהוה:
10 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek is teen die herders en Ek sal My skape van hulle af eis en hulle laat ophou om skape te voed. Die herders sal hulleself nie meer voed nie, maar Ek sal My skape uit hulle mond bevry sodat dit nie vir hulle as kos sal wees nie,"""
11 want so sê יהוה-God: "Let op, Ek sal self soek na My skape en hulle opsoek.
12 Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag wanneer hy tussen sy verstrooide skape is, so sal Ek vir My skape op 'n bewolkte en donker dag sorg en hulle bevry uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is.
13 Ek sal hulle uitbring uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land en Ek sal hulle voed op die berge van Yisra'el, by die strome en in al die bewoonde plekke van die land.
14 Ek sal hulle in 'n goeie weiveld voed en hulle weiplek sal op die berghoogtes van Yisra'el wees. Daar sal hulle lê op goeie weiplek en eet in ryk weivelde op die berge van Yisra'el.
15 Ek sal self My skape voed en Ek sal hulle laat rus," verklaar יהוה-God. Ps 23; Yog 10

16 Ek sal die wat verlore is soek, [Luk 19:10] die verstrooides terugbring, die beseerdes verbind en die siekes versterk; Ek sal die vettes en die sterkes beskerm en Ek sal hulle voer met regverdige oordeel.
17 Wat julle betref, My skape, so sê יהוה-God, 'let op, Ek sal oordeel tussen een skaap en 'n ander, tussen ramme en bokramme.
18 Is dit vir julle, o herders, nie genoeg dat julle in die goeie weiveld wei nie, dat julle die res van jul weiveld met jul pote moet vertrap? Of, nadat julle van die helder water gedrink het, moet julle dit wat oor is met jul pote vertroebel?
19 Moet My skape eet wat julle met jul pote vertrap het en drink wat julle met jul pote vertroebel het?'"
20 יהוה-God sê daarom vir hulle: "Let op, Ek, ja Ek sal oordeel tussen die vet skape en die maer skape.
21 Omdat hulle met sye en skouers stoot en met hulle horings na al die swakkes stamp totdat hulle hul na buite verstrooi het,
22 sal Ek My skape bevry en hulle sal nie langer 'n prooi wees nie en Ek sal oordeel tussen een skaap en 'n ander,
23 dan sal Ek een Herder oor hulle aanstel, My Dienskneg Dawid en hy sal hulle voed; Hy sal hulle self voed en hulle Herder wees. [Yog 10:11; Open 7:17]
24 Ek, יהוה, sal hulle God wees en My Kneg, Dawid, sal 'n Prins onder hulle wees; Ek, יהוה, het gepraat.
25 Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit en die skadelike diere uit die land uitskakel sodat hulle veilig in die wildernis kan bly en slaap in die woude.
26 Ek sal hulle en die plekke rondom My heuwel 'n seën maak en Ek sal stortreëns laat afkom in sy seisoen; dit sal stortreëns van seën wees.
27 Die bome van die veld sal ook hulle vrugte gee en die grond sy opbrengs en hulle sal veilig wees in hul land, dan sal hulle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek die skeie van hulle juk stukkend gebreek en hulle bevry het uit die hand van die wat hulle slawe gemaak het.
28 Hulle sal nie langer 'n prooi vir die nasies wees nie en die diere van die aarde sal hulle nie verslind nie, maar hulle sal veilig bly en niemand sal hulle bang maak nie.
29 Ek sal vir hulle 'n plantasie van vrede oprig en hulle sal nie weer slagoffers wees van hongersnood in die land nie en hulle sal nie meer die beledigings van die nasies hoef te verdra nie,
30 dan sal hulle weet dat Ek, יהוה, hulle God, by hulle is en dat hulle, die huis van Yisra'el, My volk is," verklaar יהוה-God.
31 Wat julle betref, My skape, die skape van My weiveld; julle is mense en Ek is julle God," verklaar יהוה-God.

35 1 Die woord van יהוה het verder tot my gekom en gesê:
2 "Seun van 'n mens, draai jou gesig teen die berg Se'ir en profeteer teen hom [Ps 137:7]
3 en sê vir hom: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek is teen jou, berg Se'ir en Ek sal My hand teen jou uitstrek en jou 'n verlatenheid en 'n puinhoop maak.

4 Ek sal jou stede 'n puinhoop maak en jy sal 'n verlatenheid word, dan sal jy weet dat Ek יהוה is.
5 Omdat jy ewige vyandskap koester en die seuns van Yisra'el aan die mag van die swaard oorgelewer het in die tyd van hulle katastrofe, in die tyd van die straf van die einde,
6 so waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "sal Ek jou daarom oorgee aan bloedvergieting en bloedvergieting sal jou agtervolg omdat jy bloedvergieting nie gehaat het nie, sal bloedvergieting jou volg.
7 Ek sal die berg Se'ir 'n puinhoop en 'n verlatenheid maak en Ek sal van hom afsny die een wat deurtrek en wat terugkom.
8 Ek sal sy berge vol maak met die wat neergeslaan is; in jou heuwels, jou valleie en in al jou klowe sal die wat neergeslaan is deur die swaard val.
9 Ek sal van jou 'n ewige verlatenheid maak en jou stede sal nie bewoon word nie, dan sal julle weet dat Ek יהוה is.
10 Omdat jy gesê het: 'Hierdie twee nasies en hierdie twee lande sal myne wees en ons sal hulle besit,' alhoewel יהוה daar was,
11 so waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "Ek sal daarom met jou handel volgens jou woede en volgens jou afguns wat jy gewys het as gevolg van jou haat teen hulle; Ek sal Myself bekend maak onder hulle wanneer Ek jou oordeel,
12 dan sal jy weet dat Ek, יהוה, al jou gesmaal gehoor het wat jy teen die berge van Yisra'el gepraat het deur te sê: 'Hulle word woes gelê; hulle word vir ons gegee om te verteer.'
13 Julle het arrogant teen My gepraat en julle woorde teen My vermenigvuldig; Ek het dit gehoor."
14 So sê יהוה-God: "Soos wat die hele aarde hom verbly, sal Ek jou 'n verlatenheid maak.
15 Soos jy vrolik was oor die erfenis van die huis van Yisra'el omdat dit verlate was, so sal Ek aan jou doen. Jy sal 'n verlatenheid wees, o berg Se'ir en die hele Edom, alles daarvan, dan sal hulle weet dat Ek יהוה is.'"

36 1 "Jy, seun van 'n mens, profeteer tot die berge van Yisra'el en sê: 'O Berge van Yisra'el, hoor en doen die woord van יהוה!
2 So sê יהוה-God: "Omdat die vyand 'Aha!' teen julle uitroep en: 'Die ewige hoogtes het ons besitting geword,'
3 profeteer daarom en sê: 'So sê יהוה-God: "Met goeie rede het hulle jul verlate gemaak en julle van alle kante af vergruis sodat julle 'n besitting vir die res van die nasies kan word en julle opgeneem word in die praat en fluistering van die volke;""'
4 daarom, o berge van Yisra'el, hoor en doen die woord van יהוה-God. So sê יהוה-God tot die berge en tot die heuwels, tot die klowe en tot die valleie, tot die verlate puinhope en tot die verlate stede wat 'n buit en 'n spot geword het vir die res van die nasies wat rondom is,

5 so sê יהוה-God: "Ek het sekerlik in die vuur van My jaloesie teen die res van die nasies gepraat en teen die hele Edom wat My land vir hulleself as erfenis opgedeel het. Met die vreugde van hulle verstand, wil en emosie het hulle die mense verag, om hulle uit te dryf as gevangenes en hulle te plunder;"
6 daarom, profeteer oor die land van Yisra'el en praat tot die berge en die heuwels, tot die klowe en die valleie: "So sê יהוה-God: 'Let op, Ek het in My jaloesie en in My toorn gepraat omdat julle die smaad van die nasies gedra het;'
7 daarom, so sê יהוה-God: 'Ek het gesweer dat die nasies rondom sekerlik self hulle smaad sal dra,
8 maar julle, o berge van Yisra'el, sal julle takke uitsteek en julle vrugte dra vir My volk Yisra'el, want hulle sal gou kom,
9 want let op, Ek is vir julle en Ek sal na julle toe draai en julle sal bewerk en besaai word.
10 Ek sal mense op jou vermenigvuldig, die hele huis van Yisra'el, almal; die stede sal bewoon wees en die puinhope opgebou.
11 Ek sal mens en dier op jou vermenigvuldig; hulle sal vermenigvuldig en vrugbaar wees en Ek sal jou laat bewoon word soos wat jy vroeër was en jou beter behandel as aan die begin. So sal julle weet dat Ek יהוה is.
12 Ja, Ek sal mense, My volk Yisra'el, op julle laat loop en jul besit sodat julle hul erfenis kan word en hulle nooit weer van kinders ontneem nie.'
13 So sê יהוה-God: 'Omdat hulle vir julle sê: "Jy is 'n mensvreter en het jou nasie van kinders beroof,"
14 sal jy daarom nie meer mense verteer en nie langer jou nasie van kinders ontneem nie,' verklaar יהוה-God.
15 Ek sal nie meer dat jy beledigings vanaf die nasies hoor nie en ook nie vernedering van die volke af verdra nie en jy sal ook nie langer jou nasie laat struikel nie," verklaar יהוה-God.'"
16 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
17 "Seun van die mens, toe die huis van Yisra'el in hulle eie land gewoon het, het hulle dit verontreinig met hul lewenswyse en hul dade; hulle lewenswyse voor My was soos die onreinheid van 'n vrou in haar onreinheid;
18 daarom het Ek My toorn oor hulle uitgegiet, vir die bloed wat hulle in die land vergiet het, want hulle het dit met hul afgode onteer.
19 Ek het hulle ook verstrooi onder die nasies en hulle is versprei deur die lande; Ek het hulle geoordeel volgens hul lewenswyse en hul dade.
20 Toe hulle by die nasies kom waarheen hulle gegaan het, het hulle My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) onteer [Yes 52:5; Rom 2:24] omdat dit van hulle gesê is: 'Hierdie is die volk van יהוה; nogtans het hulle uit Sy land uitgegaan.'
21 Ek het egter omgegee vir My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit), wat die huis van Yisra'el onteer het onder die nasies waarheen hulle gegaan het;
22 daarom, sê vir die huis van Yisra'el: 'So sê יהוה-God: "Dit is nie om julle ontwil, o huis van Yisra'el, dat Ek op die punt is om op te tree nie, maar ter wille van My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit), wat julle onteer het onder die nasies waarheen julle gegaan het.

23 Ek sal die afgesonderdheid van My groot Naam herwin wat onder die nasies onteer is, wat julle tussen hulle onteer het, dan sal die nasies weet dat Ek יהוה is," verklaar יהוה-God, "wanneer Ek Myself tussen julle afgesonderd bewys voor hul oë, Deut 9:4-7
24 want Ek sal julle uit die nasies uithaal, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle in jul eie land bring;
25 dan sal Ek skoon water op julle sprinkel en julle sal skoon wees; Ek sal julle van al jul vuilheid en van al jul afgode reinig. Heb 10:22
26 Verder sal Ek vir julle 'n nuwe verstand, wil en emosie gee en 'n nuwe gees in jul binneste en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit julle vlees wegvat en vir julle 'n verstand, wil en emosie van vlees gee.
27 Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My regverdige oordele na te kom.
28 Julle sal in die land wat Ek vir jul voorvaders gegee het bly; so sal julle My volk wees en Ek sal julle God wees.
29 Verder sal Ek julle red van al jul onreinheid en Ek sal roep na die koring en dit vermenigvuldig en Ek sal nie 'n hongersnood op julle bring nie.
30 Ek sal die vrugte van die bome en die opbrengs van die veld vermenigvuldig sodat julle nie weer die vernedering van hongersnood tussen die nasies ontvang nie;
31 dan sal julle jul bose lewenswyses en julle dade, wat nie goed was nie, onthou en julle sal vir julleself walglik wees in julle eie oë vir jul onregverdighede en oor jul verwerplikhede.
32 Ek doen dit nie om julle ontwil nie," verklaar יהוה-God; "laat dit aan julle bekend wees! Skaam julle en wees oorbluf oor julle lewenswyse, o huis van Yisra'el."
33 So sê יהוה-God: "In die dag dat Ek julle reinig van al jul onregverdighede, sal Ek die stede laat bewoon en die puinhope sal opgebou word.
34 Die verlate land sal bewerk word, in plaas dat dit 'n verlatenheid is in die oë van almal wat verbygaan.
35 Hulle sal sê: 'Hierdie verlate land het soos die tuin van `Eden geword en die verwoeste stede wat in puin gelê het en afgebreek was, is versterk en bewoon,'
36 dan sal die nasies wat rondom julle oorgebly het, weet dat Ek, יהוה, die verwoeste plekke opgebou het en geplant het waar dit verlate was; Ek, יהוה, het gepraat en sal dit doen."
37 So sê יהוה-God: "Ook dit sal Ek die huis van Yisra'el My laat vra om dit vir hulle te doen: Ek sal hulle mense vermenigvuldig soos skape.
38 Soos die skape vir offers, soos die skape van Yerushalayim tydens haar aangestelde feeste, so sal die verwoeste stede vol wees met kuddes van mense, dan sal hulle weet dat Ek יהוה is."""

37 1 Die hand van יהוה was op my en Hy het my uitgebring deur die Gees van יהוה en my neergesit in die middel van die vallei en dit was vol bene.
2 Hy het my by hulle laat verbygaan reg rondom; 'n groot menigte oor die oppervlakte van die vallei en let op, hulle was baie droog.
3 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, kan hierdie bene lewe?" Ek het geantwoord: "יהוה-God, U weet."

4 Weer sê Hy vir my: "Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: 'Droë bene, hoor en luister na die woord van יהוה!'
5 So sê יהוה-God vir hierdie bene: "Let op, Ek sal asem in julle laat ingaan sodat julle lewendig kan word.
6 Ek sal senings aan julle sit, vlees oor julle laat teruggroei, julle oordek met vel en asem in julle gee sodat julle lewendig kan word en julle sal weet dat Ek יהוה is.'"
7 Ek het profeteer soos ek beveel is en soos ek profeteer, was daar 'n geluid en let op, 'n geratel; die bene het bymekaargekom, been by sy been.
8 Ek het gekyk en let op, daar was senings aan hulle, vlees het gegroei en 'n vel het hulle bedek, maar daar was geen gees in hulle nie.
9 Toe sê Hy vir my: "Profeteer tot die wind, profeteer, seun van 'n mens en sê vir die wind: 'So sê יהוה-God: "Kom vanuit die vier windstreke, o wind en blaas in hierdie dooies in sodat hulle lewendig kan word."'"
10 Ek het profeteer soos Hy my beveel het en die gees het in hulle ingekom en hulle het lewendig geword en op hulle voete gestaan; 'n uitermate groot leër!
11 Toe sê Hy vir my: "Seun van 'n mens, hierdie bene is die hele huis van Yisra'el; let op, hulle sê: 'Ons bene is verdroog en ons verwagting het vergaan. Ons is volledig afgesny!'
12 Profeteer daarom en sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, My volk; Ek sal julle in die land van Yisra'el bring,
13 dan sal julle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek julle grafte oopgemaak het en julle uit jul grafte laat opkom het, My volk!
14 Ek sal My Gees in julle plaas en julle sal lewe en Ek sal julle in jul eie land sit; dan sal julle weet dat Ek, יהוה, gepraat en dit gedoen het," verklaar יהוה.'"
15 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:
16 "Jy, seun van 'n mens, vat vir jouself een stok en skryf daarop: 'Vir Y'hudah en vir die seuns van Yisra'el, sy bondgenote;' vat dan 'n ander stok en skryf daarop: 'Vir Yosef, die stok van Efrayim en die hele huis van Yisra'el, sy bondgenote.'
17 Sit hulle vir jouself bymekaar, die een by die ander, in een stok sodat hulle een kan word in jou hand.
18 Wanneer die seuns van jou volk met jou praat en sê: 'Wil jy nie vir ons verklaar wat jy met hierdie dinge bedoel nie?'
19 Sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek sal die stok van Yosef vat, wat in die hand van Efrayim is en die stamme van Yisra'el, sy bondgenote en Ek sal hulle by hom sit, by die stok van Y'hudah en hulle een stok maak en hulle sal een word in My hand.'" Efe 2:11-19
20 Die stokke waarop jy skryf moet in jou hand, voor hulle oë, wees.
21 Sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek sal die seuns van Yisra'el uithaal van tussen die nasies waarheen hulle gegaan het en Ek sal hulle van alle kante af bymekaarmaak en hulle in hul eie land bring
22 en Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Yisra'el en een Koning sal vir hulle almal Koning wees en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en nie verder in twee koninkryke verdeeld wees nie. Hos 2:2

23 Hulle sal hulself nie meer onrein maak met hulle afgode of met hulle verwerplike dinge of met enige van hulle oortredinge nie, maar Ek sal hulle bevry uit al hulle blyplekke waarin hulle gesondig het en sal hulle reinig. Hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees. Yir 31:33

24 My Dienskneg Dawid sal Koning oor hulle wees, hulle sal almal een Herder hê Yog10:16 en hulle sal in My regverdige oordele loop en My instellings onderhou en hulle gehoorsaam.Hos 3:5

25 Hulle sal woon in die land wat Ek vir Ya'akov, My dienskneg, gegee het, waar julle vaders gewoon het en húlle sal daarin woon, hulle en hulle kinders en hulle kindskinders vir ewig en Dawid, My Dienskneg sal hulle Prins wees vir ewig.Mik 5:1,3

26 Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit; dit sal 'n ewige verbond met hulle wees en Ek sal hulle vermenigvuldig en Ek sal My Afgesonderde Plek in hulle midde opstel vir ewig. Yes 60:13,14; Efe 2:20-22

27 My blyplek sal ook by hulle wees en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees Yir 31:33; 2 Kor 6:16; Open 21:3

28 en die nasies sal weet dat Ek יהוה is wat Yisra'el afsonder, wanneer My Afgesonderde Plek vir ewig in hulle midde sal wees."""

38 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:

2 "Seun van 'n mens, draai jou gesig teen Gog, van die land van Magog, die hoofprins van Meshekh en Tuval Gen 10:2 en profeteer teen hom

3 en sê: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek is teen jou, o Gog, hoofprins van Meshekh en Tuval!

4 Ek sal jou omdraai en hake in jou kakebene sit, jou en jou hele leër, perde en ruiters, almal wonderlik toegerus, 'n groot menigte met die groot en die klein skild, wat almal die swaard hanteer, sal Ek uitbring;

5 Paras, Kush en Put saam met hulle, almal met skild en helm;

6 Gomer met al sy troepe, Beit-Togarmah, vanaf die uithoeke van die noorde met al sy troepe; baie volke saam met jou.

7 Wees gereed en berei jouself voor, jy en al jou menigtes wat by jou vergader het en wees vir hulle 'n wag.

8 Ná baie dae sal jy geroep word; in die laaste jare sal jy in 'n land inkom wat van die swaard herstel het, wat versamel is uit baie nasies na die berge van Yisra'el wat voortdurende puinhope was, maar sy mense is vanuit die nasies gebring en hulle bly almal in veiligheid.

9 Jy sal opgaan, jy sal kom soos 'n storm; jy sal wees soos 'n wolk wat die land oordek, jy, al jou troepe en baie volke saam met jou."

10 So sê יהוה-God: "Dit sal gebeur in daardie dag dat daar gedagtes in jou denke sal opkom en jy sal 'n bose plan beraam

11 en sê: 'Ek sal opgaan teen die land van ongemuurde dorpe. Ek sal teen hulle opgaan wat rustig is, wat in veiligheid woon; almal van hulle bly sonder muur met geen grendels of poorte nie;

12 om buit te maak en plunder te vat, om jou hand te draai teen die puinhope wat weer bewoon is en teen die mense wat vanuit die nasies versamel is, wat vee en goedere verkry het, wat in die middel van die aarde woon.'

13 Sh'va, D'dan, die handelaars van Tarshish en al sy dorpies sal vir jou sê: 'Kom jy om buit te maak? Het jy jou menigte bymekaar laat kom om plunder te vat, om silwer en goud weg te dra, om vee en goedere weg te vat, om 'n groot buit te maak?'"'
14 Profeteer daarom, o seun van 'n mens en sê vir Gog: 'So sê יהוה-God: "Op daardie dag wanneer My volk Yisra'el veilig bly, sal jy dit nie weet nie?
15 Jy sal kom uit jou plek, vanuit die uiterste plekke van die noorde, jy en baie volke saam met jou wat almal op perde ry, 'n groot menigte en 'n magtige leër
16 en jy sal soos 'n wolk die land toedek teen My volk Yisra'el. Dit sal gebeur in die laaste dae dat Ek jou teen My land sal bring sodat die nasies My kan ken wanneer Ek My deur jou, o Gog, voor hulle oë laat afsonder."
17 So sê יהוה-God: "Is jy die een van wie Ek in die vroeër dae gepraat het deur My knegte, die profete van Yisra'el, wat in daardie dae, vir jare, geprofeteer het dat Ek jou teen hulle sal bring?
18 Dit sal gebeur op daardie dag, wanneer Gog teen die land van Yisra'el kom," verklaar יהוה-God, "dat My toorn sal opbou in My woede.
19 In My ywer en in My brandende toorn verklaar Ek dat daar sekerlik op daardie dag 'n groot aardbewing sal wees in die land van Yisra'el.
20 Die visse van die see, die voëls van die hemel, die wilde diere van die veld, al die gediertes wat op die grond kruip en al die mense wat op die aarde is, sal bewe in My Teenwoordigheid; die berge sal ook neergegooi word, die steil paadjies sal inmekaarstort en al die mure sal op die grond neerval.
21 Ek sal roep vir 'n swaard teen hom op al My berge," verklaar יהוה-God. "Elke man se swaard sal teen sy broer wees.
22 Ek sal in die oordeel met hom tree met pes en met bloed en Ek sal 'n geweldige stortreën, met haelstene, vuur en swael op hom, op sy leërs en op die baie volke wat saam met hom is, laat reën. Open 19:20; 20:9
23 Ek sal Myself verhef, Myself afsonder en Myself bekend maak voor die oë van baie nasies en hulle sal weet dat Ek יהוה is.'"

39 1 "Jy, seun van 'n mens, profeteer teen Gog en sê: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek is teen jou, o Gog, hoofprins van Meshekh en Tuval.
2 Ek sal jou omdraai en jou voortdryf, jou bring vanuit die verste dele van die noorde en jou teen die berge van Yisra'el laat kom.
3 Ek sal jou boog uit jou linkerhand slaan en jou pyle uit jou regterhand laat val.
4 Jy sal val op die berge van Yisra'el, jy en al jou troepe en die volke wat saam met jou is; Ek sal jou gee as kos aan elke soort roofvoël en aan elke soort wilde dier van die veld.
5 Jy sal op die oop veld val, want dit is Ek wat gepraat het," verklaar יהוה-God.
6 "Ek sal vuur stuur op Magog en die wat in veiligheid die kuslande bewoon en hulle sal weet dat Ek יהוה is.
7 Ek sal My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) te midde van My volk Yisra'el bekend maak en Ek sal nie dat My afgesonderde Naam meer onteer word nie en die nasies sal weet dat Ek יהוה is, die Afgesonderde Een in Yisra'el.

8 Let op, dit kom en dit sal gedoen word," verklaar יהוה-God. "Dít is die dag waarvan Ek gepraat het;
9 dan sal die inwoners van die stede van Yisra'el uitgaan en vuur maak met die wapens en hulle brand, beide klein en groot skilde, boë en pyle, knopkieries en spiese en hulle sal daarmee vuur maak vir sewe jaar lank.
10 Hulle sal nie hout uit die veld vat of vuurmaakhout in die woude bymekaarmaak nie, want hulle sal vuurmaak met die wapens en hulle sal die buit vat van dié wat hulle buit gevat het en die plunder vat van dié wat hulle geplunder het," verklaar יהוה-God.
11 Op daardie dag sal Ek vir Gog 'n begraafplaas daar in Yisra'el gee, die vallei van dié wat aan die oostekant van die see verbytrek en dit sal die wat deurtrek blokkeer. Daar sal hulle vir Gog en sy hele menigte begrawe en hulle sal dit noem: die vallei van Hamon-Gog.
12 Die huis van Yisra'el sal sewe maande lank besig wees om hulle te begrawe om die land te reinig.
13 Al die mense van die land sal hulle begrawe en dit sal tot hulle roem wees, die dag as Ek Myself loof en vereer," verklaar יהוה-God.
14 Selfs sewe maande daarna sal daar manne wees wat voortdurend deur die land gaan en die wat bo-op die grond oorgebly het, begrawe, om dit te reinig.
15 Elkeen wat deur die land trek, enige een wat 'n mensebeen sien, sal 'n merkteken daarby opsit totdat die begrawers dit begrawe het in die vallei van Hamon-Gog.
16 Selfs die naam van die stad sal Hamonah wees. So sal hulle die land reinig."'
17 Jy, seun van 'n mens, so sê יהוה-God: 'Praat met elke soort voël en met elke soort wilde dier van die veld: "Vergader en kom, versamel vanaf elke kant by My offer wat Ek vir julle gaan offer, as 'n groot offer op die berge van Yisra'el dat julle vlees mag eet en bloed drink! Yir 7:33
18 Julle sal die vlees van die magtige manne eet en die bloed van die prinse van die aarde drink, asof dit ramme, lammers, bokke, bulle, almal vetgemaakte diere van Bashan is.
19 Julle sal vet eet totdat julle oorversadig is en bloed drink totdat julle dronk is, van My offer wat Ek vir julle geoffer het. Lev 3:17
20 Julle sal aan My tafel ooreet wees aan perde en hulle ruiters, aan magtige manne en alle soorte krygsmanne," verklaar יהוה-God.
21 Ek sal My Gemanifesteerde Teenwoordigheid tussen die nasies bring en al die nasies sal My oordeel sien wat Ek uitgevoer het en My hand wat Ek op hulle gelê het.
22 Die huis van Yisra'el sal van daardie dag af aan weet dat Ek, יהוה, hulle God is.
23 Die nasies sal weet dat die huis van Yisra'el as gevolg van hulle onregverdigheid in ballingskap gegaan het omdat hulle ontrou teenoor My opgetree het en Ek My gesig vir hulle weggesteek het; Ek het hulle in die hand van hul teëstanders oorgegee en almal van hulle het deur die swaard geval.
24 Volgens hulle onreinheid en volgens hulle oortredinge het Ek met hulle gehandel en My gesig vir hulle weggesteek."'" Deut 31:18

25 יהוה-God sê daarom: "Nou sal Ek die welgevalle van Ya'akov herstel en omgee vir die hele huis van Yisra'el en Ek sal jaloers wees ter wille van My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit).
26 Hulle sal hul vernedering vergeet en al hul ontrouheid wat hulle teen My begaan het, wanneer hulle veilig in hul land woon met niemand om hulle bang te maak nie. Lev 26:6
27 Wanneer Ek hulle terugbring uit die volke en hulle versamel uit die lande van hulle vyande, dan sal Ek deur hulle afgesonder word voor die oë van baie nasies,
28 dan sal hulle weet dat Ek, יהוה, hulle God is omdat Ek hulle in ballingskap laat gaan het tussen die nasies en hulle toe versamel het in hulle eie land en Ek sal nie een van hulle meer daar agterlaat nie.
29 Ek sal nie langer My gesig vir hulle wegsteek nie, want Ek sal My Gees oor die huis van Yisra'el uitgiet," verklaar יהוה-God. Yo' 2:28

40 1 In die vyf en twintigste jaar van ons ballingskap, aan die begin van die jaar, op die tiende van die maand, in die veertiende jaar nadat die stad ingeneem is, op daardie selfde dag, was die hand van יהוה op my en Hy het my daarheen gebring.
2 In visioene van God het Hy my in die land van Yisra'el gebring en my op 'n baie hoë berg neergesit waarop, aan die suidekant, 'n struktuur soos 'n stad was. Heb 12:22
3 Hy het my daarheen gebring en let op, daar was 'n man wat in sy voorkoms was soos koper, met 'n linne tou en 'n meetstok in sy hand en hy het in die poort gestaan.
4 Die man het vir my gesê: "Seun van 'n mens, kyk met jou oë, hoor met jou ore en gee aandag aan alles wat ek jou gaan wys, want jy is hierheen gebring om dit vir jou te wys. Verkondig aan die huis van Yisra'el alles wat jy sien."
5 Let op, daar was 'n muur aan die buitekant van die tempel, reg rondom en in die man se hand was 'n meetstok van ses el; elke el was een el en 'n handbreedte. Hy het die dikte van die muur gemeet: een meetstok en die hoogte: een meetstok.
6 Toe het hy na die poort toe gegaan wat oos kyk, met sy trappe opgegaan en die drumpel van die poort gemeet: een meetstok in breedte en die ander drumpel: een meetstok in breedte.
7 Die wagkamer: een meetstok lank en een meetstok breed en daar was vyf el tussen die wagkamers. Die drumpel van die poort langs die stoep van die poort aan die binnekant: een meetstok.
8 Toe het hy die stoep van die poort aan die binnekant gemeet: een meetstok.
9 Hy het die stoep van die poort gemeet: agt el en sy sypilare: twee el; die stoep van die poort was aan die binnekant.
10 Daar was drie wagkamers by die poort na die ooste aan elke kant; al drie het dieselfde afmetings gehad. Die sypilare, weerskante, het ook dieselfde afmetings gehad.
11 Hy het die wydte van die poort-ingang gemeet: tien el; die lengte van die poort: dertien el.
12 Daar was 'n afskortingsmuur voor die wagkamers van een el aan elke kant en die wagkamers was ses el aan elke kant.

13 Hy het die poort gemeet vanaf die dak van die een wagkamer tot by die dak van die ander: 'n breedte van vyf en twintig el, vanaf deur tot deur.
14 Hy het die sypilare sestig el hoog gemaak; die poort het omgeloop tot by die sypilaar van die hof.
15 Vanaf die voorkant van die ingangspoort tot by die voorkant van die binnestoep van die poort: vyftig el.
16 Daar was geluikte vensters in die rigting van die wagkamers en in die rigting van die sypilare reg rondom; net so ook na die stoepe; daar was ook vensters reg rondom aan die binnekant en op elke sypilaar was palmboom ornamente.
17 Toe het hy my in die buitenste hof gebring en let op, daar was kamers en 'n plaveisel reg rondom vir die hof gemaak; dertig kamers het na die plaveisel toe gekyk.
18 Die plaveisel, (die laer plaveisel), was langs die poorte, ooreenkomstig die lengte van die poorte.
19 Toe het hy die breedte gemeet vanaf die voorkant van die laer poort tot voor die buitekant van die binneste hof: een honderd el, aan die ooste en aan die noordekant.
20 Aangaande die poort van die buitenste hof wat na die noorde lê, het hy sy lengte en sy breedte gemeet.
21 Dit het drie wagkamers aan elke kant gehad en sy sypilare en sy stoepe het dieselfde afmeting gehad as die eerste poort: vyftig el sy lengte en vyf en twintig el die breedte.
22 Sy vensters, sy stoepe en sy palmboom ornamente het dieselfde afmetings gehad as die poort wat na die ooste kyk; dit kon bereik word deur sewe trappe en sy stoep was voor hom.
23 Die binneste hof het 'n poort oorkant die poort na die noorde sowel as na die ooste en hy het 'n honderd el gemeet van poort tot poort.
24 Toe het hy my na die suide toe gelei en let op, daar was 'n poort na die suide en hy het sy sypilare en sy stoepe gemeet volgens dieselfde afmetings.
25 Die poort en sy stoepe het vensters reg rondom gehad, soos die ander vensters; die lengte was vyftig el en die breedte vyf en twintig el.
26 Sewe trappe het opgegaan daarheen en sy stoepe was voor hulle en dit het palmboom ornamente gehad op sy sypilare, een aan elke kant.
27 Die binneste hof het 'n poort na die suide gehad en hy het van poort tot poort na die suide toe gemeet: 'n honderd el.
28 Toe het hy my via die Suidpoort na die binneste hof gebring en hy het die Suidpoort gemeet volgens daardie selfde afmetings.
29 Sy wagkamers, sy sypilare en sy stoepe was volgens daardie selfde afmetings en die hek en die stoepe het vensters reg rondom gehad; dit was vyftig el lank en vyf en twintig el breed.
30 Daar was stoepe reg rondom; vyf en twintig el lank en vyf el breed.
31 Sy stoepe was na die buitenste hof met palmboom ornamente op sy sypilare en sy trap het agt trappe gehad.
32 Hy het my in die binneste hof ingebring in die rigting van die ooste en hy het die poort gemeet volgens daardie selfde afmetings.

33 Ook sy wagkamers, sy sypilare en sy stoepe was volgens daardie selfde afmetings
en die poort en die stoepe het vensters reg rondom gehad; dit was vyftig el lank en
vyf en twintig el breed.
34 Sy stoepe was in die rigting van die buitenste hof en daar was palmboom ornamente
op sy sypilare aan elke kant en sy trap het agt trappe gehad.
35 Toe het hy my na die Noordpoort gebring en hy het dit gemeet volgens daardie
selfde afmetings,
36 sy wagkamers, sy sypilare en sy stoepe. Die poort het vensters reg rondom gehad;
die lengte was vyftig el en die breedte vyf en twintig el.
37 Sy stoepe was in die rigting van die buitenste hof en daar was palmboom ornamente
op elke kant op sy sypilare en sy trap het agt trappe gehad.
38 'n Kamer met sy ingang was by die sypilare by die poorte; daar het hulle die
brandoffer afgespoel.
39 Op die stoepe van die poort was twee tafels aan elke kant om daarop die brandoffer,
die sondoffer en die oortredingsoffer te slag.
40 Aan die buitekant, soos jy opgaan na die poort in die noorde, was twee tafels en aan
die ander kant van die stoep van die poort, was twee tafels.
41 Vier tafels was aan elke kant langs die poort; agt tafels waarop hulle geslag het.
42 Daar was vier tafels vir die brandoffer, van gekapte klip, 'n anderhalf el lank,
'n anderhalf el breed en een el hoog waarop hulle die instrumente neergesit het
waarmee hulle die brandoffer en die slagoffer geslag het.
43 Die dubbel hake, 'n handbreedte lank, was reg rondom die huis opgesit en op die
tafels was die vleis vir die offers.
44 Vanaf die buitekant tot by die binneste poort was daar kamers vir die sangers in die
binneste hof, een van hulle was langs die Noordpoort, met sy voorkant na die suide
toe en een was langs die Suidpoort, met die voorkant na die noorde toe.
45 Hy het vir my gesê: "Hierdie is die kamer wat na die suide kyk, vir die priesters
wat die tempel moet versorg,
46 maar die kamer wat na die noorde toe kyk is vir die priesters wat die altaar versorg.
Hulle is die seuns van Tzadok, wat vanuit die seuns van Levi nader mag kom na
יהוה om Hom te bedien.
47 Hy het die hof gemeet: 'n vierkant, een honderd el lank en 'n honderd el breed en
die altaar was voor die tempel.
48 Toe het hy my na die stoep van die tempel gebring en elke sypilaar van die stoep
gemeet: vyf el aan elke kant en die breedte van die poort was drie el aan elke
kant.
49 Die lengte van die stoep was twintig el en die breedte elf el en by die trappe
waarmee daarheen opgegaan is, was daar pilare by die sypilare, een aan elke kant.

41 1 Toe het hy my na die hoofvertrek gebring en die sypilare gemeet: die breedte
van die sypilare was ses el breed aan elke kant.
2 Die breedte van die ingang: tien el en die symure van die ingang: vyf el aan elke kant;
hy het die lengte van die hoofvertrek gemeet: veertig el en die breedte: twintig el.

3 Toe het hy ingegaan en elke sypilaar van die ingang gemeet: twee el en die ingang:
ses el hoog en die breedte van die ingang: sewe el.
4 Hy het sy lengte gemeet: twintig el en die breedte: twintig el, voor die hoofvertrek
en hy het vir my gesê: "Hierdie is die Mees Afgesonderde Plek."
5 Toe het hy die muur van die tempel gemeet: ses el en die breedte van die sykamers:
vier el, reg rondom die huis aan elke kant.
6 Die sykamers was in drie verdiepings, bo-op mekaar en dertig op elke verdieping
en die sykamers het gereik tot by die muur aan hulle binnekant, reg rondom, om
daaraan vas te wees en nie aan die muur van die tempel vas te wees nie.
7 Die sykamers rondom die tempel was breër met elke volgende verdieping omdat die
struktuur wat die tempel omring in stappe opwaarts gegaan het aan alle kante van
die tempel. Die breedte van die tempel het vermeerder soos dit hoër geword het
en so het 'n mens opgegaan vanaf die onderste na die boonste verdieping deur die
tweede verdieping.
8 Ek het ook gesien dat die huis 'n opgeligte platvorm reg rondom het en die sykamers
was die volle meetstok van ses el geskei van mekaar.
9 Die dikte van die buitemuur van die sykamers was vyf el, maar die oop ruimte
tussen die sykamers wat aan die tempel behoort het
10 en die buitenste kamers was twintig el breed, reg rondom die tempel aan elke kant.
11 Die deuropeninge van die sykamers na die oop ruimte was een deur in die rigting
van die noorde en 'n ander een in die rigting van die suide en die breedte van die
oop ruimte: vyf el reg rondom.
12 Die gebou wat voor die afsonderlike ruimte na die westekant toe lê, was sewentig
el breed en die muur van die gebou was vyf el dik reg rondom en sy lengte negentig
el.
13 Toe het hy die tempel gemeet: een honderd el lank; die afsonderlike ruimte met die
gebou en sy mure was ook 'n honderd el lank.
14 Die breedte van die voorkant van die tempel en van die afsonderlike ruimtes na die
ooste toe was ook 'n honderd el.
15 Hy het die lengte van die gebou al langs die voorkant van die afsonderlike deel,
agter dit, gemeet, met 'n galery aan elke kant: een honderd el; hy het ook die
binneste hoofvertrek en die stoepe van die hof gemeet.
16 Die drumpels, die tralievensters en die galerye rondom hulle drie verdiepings,
oorkant die drumpel, was van houtpanele reg rondom en vanaf die grond tot by die
vensters, maar die vensters was bedek,
17 bokant die ingang, tot in die binneste huis, aan die buitekant en op al die mure reg
rondom, binnekant en buitekant, met vaste mate.
18 Dit was uitgekerf met gérubs en palmbome en daar was 'n palmboom tussen gérub
en gérub; elke gérub het twee gesigte gehad:
19 die gesig van 'n mens na die palmboom toe aan een kant en die gesig van 'n jong
leeu na die palmboom aan die ander kant; hulle is op die hele huis uitgekerf, reg
rondom.
20 Vanaf die grond tot bokant die ingang is gérubs en palmbome uitgekerf, sowel as
aan die muur van die hoofvertrek.

21 Die deurposte van die hoofvertrek was vierkantig en wat die voorkant van die Afgesonderde Plek betref, was die voorkoms van een deurpos soos die van die ander.
22 Die altaar was van hout, drie el hoog en sy lengte was twee el; sy hoeke, sy voetstuk en sy sykante was van hout. Hy het vir my gesê: "Dit is die tafel wat voor die Teenwoordigheid van יהוה is."
23 Die hoofvertrek en die Afgesonderde Plek het elkeen 'n dubbeldeur gehad.
24 Elkeen van die deure het twee panele gehad, twee swaaiende panele; twee panele vir die een deur en twee vir die ander.
25 Daar was ook op die deure van die hoofvertrek gérubs en palmbome uitgekerf soos die wat op die mure uitgekerf is en daar was 'n drumpel van hout aan die voorkant van die stoep, buitekant.
26 Daar was tralievensters en palmbome aan weerskante in die symure van die stoep; so was die sykamers van die huis en die drumpels.

42 1 Toe het hy my uitgebring na die buitenste hof, by die pad na die noorde en hy het my gebring by die kamer wat oorkant die afsonderlike area en oorkant die gebou na die noorde toe was.
2 Die noordelike deur was teen die lengte, wat een honderd el was; die breedte was vyftig el.
3 Oorkant die twintig el wat aan die binneste hof behoort en oorkant die plaveisel wat aan die buitenste hof behoort, was galery bokant galery, drie verdiepings hoog.
4 Voor die kamers was 'n binneste gang van tien el breed, 'n gang van een honderd el lank en hulle openinge was in die noorde.
5 Die boonste kamers was kleiner, want die galerye het meer spasie van hulle weggevat as van die onderstes en middelstes in die gebou,
6 want hulle was in drie verdiepings, maar het nie pilare soos die pilare van die howe gehad nie; daarom is hulle van die grond af weggelig, meer as die onderstes en die middelstes.
7 Wat die buitemuur langs die kamers betref, in die rigting van die buitenste hof, na die kamers toe, was sy lengte vyftig el,
8 want die lengte van die kamers in die buitenste hof was vyftig el en let op, die wat na die tempel kyk was een honderd el.
9 Onder hierdie kamers was die ingang aan die oostekant, soos jy hulle binnegaan vanaf die buitenste hof.
10 In die dikte van die muur van die hof, na die ooste toe, wat kyk na die afsonderlike area en die bouwerk, was daar kamers.
11 Die pad voor hulle het gelyk soos die kamers wat aan die noordekant was, volgens hulle lengte, so was hulle breedte en al hulle uitgange was beide volgens hulle indelings en openinge.
12 Ooreenstemmend met die openinge van die kamers wat in die suide was, was daar 'n opening aan die kop van die gang, die gang voor die muur in die rigting van die ooste, soos 'n mens by hulle ingaan.

13 Toe het hy vir my gesê: "Die noordelike kamers en die suidelike kamers wat oorkant die afsonderlike area is, is die afgesonderde kamers waar die priesters wat naby יהוה is, die mees afgesonderde dinge sal eet. Daar moet hulle die mees afgesonderde dinge neersit: die graanoffer, die sondoffer en die oortredingsoffer, want die plek is afgesonderd.
14 Wanneer die priesters ingaan, dan mag hulle nie uit die Afgesonderde Plek uitgaan na die buitenste hof, sonder om hulle klere, waarin hulle bedien, daar neer te sit nie, want hulle is afgesonderd. Hulle moet ander klere aantrek en dan naderkom aan wat vir die volk bestem is."
15 Toe hy klaar die binneste huis opgemeet het, het hy my deur die poort wat na die ooste kyk uitgebring en dit reg rondom gemeet.
16 Hy het die oostekant met die meetstok gemeet: vyf honderd stokke, met die meetstok.
17 Hy het die noordekant gemeet: vyf honderd stokke, met die meetstok.
18 Aan die suidekant het hy vyf honderd stokke gemeet met die meetstok.
19 Hy het na die westekant gedraai en vyf honderd stokke gemeet met die meetstok.
20 Hy het dit aan al vier kante gemeet; dit het 'n muur reg rondom gehad; die lengte was vyf honderd en die breedte vyf honderd, om skeiding te maak tussen wat afgesonderd en wat onrein is.

43 1 Toe het hy my gelei na die poort, die poort wat na die ooste kyk
2 en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el het van die oostekant af gekom, Sy stem was soos die klank van baie waters Open 1:15; 14:2 en die aarde het geskyn met Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
3 Dit was soos die verskyning van die visioen wat ek gesien het, die visioen wat ek gesien het toe Hy gekom het om die stad te vernietig en soos die visioen wat ek gesien het by die K'varrivier en ek het op my gesig neergeval.
4 Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het in die huis ingekom deur die poort wat na die ooste kyk Yeg 44:2
5 en die Gees het my opgelig, my in die binneste hof gebring en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis vol gemaak.
6 Toe het ek Een gehoor wat met my praat vanaf die huis terwyl 'n man langs my gestaan het.
7 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, hierdie is die plek van My troon en die plek van My voetsole waar Ek tussen die seuns van Yisra'el vir ewig sal bly; die huis van Yisra'el sal nie weer My Afgesonderde Naam onteer nie; nie hulle of hulle konings, deur hulle hoerery of deur die lyke van hulle konings of met hulle afgode nie, Yes 60:13; Yeg 37:28; Dan 9:24
8 want hulle het hul drumpel langs My drumpel gemaak en hul deurpos langs My deurpos, met net die muur tussen My en hulle en hulle het selfs My afgesonderde Naam onteer deur hulle verwerplikhede wat hulle gedoen het; daarom het Ek hulle in My toorn verteer.
9 Nou laat hulle hul hoerery en die lyke van hul konings ver van My af wegsit en Ek sal vir ewig tussen hulle bly.

10 Wat jou betref, seun van 'n mens, beskryf die tempel aan die huis van Yisra'el sodat hulle skaam kan wees vir hulle onregverdighede en laat hulle die bloudrukplan opmeet.
11 As hulle skaam is oor alles wat hulle gedoen het, maak aan hulle die ontwerp van die huis bekend: sy struktuur, sy uitgange, sy ingange, sy hele ontwerp, al sy voorskrifte en al sy wette. Skryf dit voor hulle oë sodat hulle sy hele ontwerp kan waarneem met al sy instellings en dit kan doen.
12 Dit is die wet van die huis: sy hele gebied op die top van die berg sal mees afgesonderd wees. Let op, dit is die wet van die huis.
13 Hierdie is die afmetings van die altaar in elle (hierdie el is 'n el en 'n handbreedte): die voetstuk sal 'n el wees en die breedte 'n el en die rand op sy kant reg rondom: omtrent een span en dit sal die hoogte van die basis van die altaar wees.
14 Vanaf die voetstuk op die grond tot by die onderste rand: twee el en die breedte: een el; van die kleiner rand tot by die groter rand: vier el en die breedte: een el.
15 Die altaar: vier el en van die altaar af moet vier horings boontoe uitsteek.
16 Die altaar moet twaalf el lank by twaalf el breed wees, vierkantig in sy vier kante.
17 Die rand moet veertien el lank by veertien el breed wees aan sy vier kante en die rand rondom dit: 'n half-el en die voetstuk daaraan: 'n el reg rondom en sy trappe moet oos kyk."
18 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, so sê יהוה-God: 'Hierdie is die instellings vir die altaar op die dag as dit gemaak word, om brandoffers daarop te bring en om bloed daarteen te sprinkel.
19 Jy moet vir die Levitiese priesters wat uit die nageslag van Tzadok is, wat naderkom na My toe om My te bedien,' verklaar יהוה-God, ''n jong bul gee as sondoffer.
20 Jy moet van sy bloed vat en dit aan die vier horings, op die vier hoeke van die rand en op die rand reg rondom smeer; so moet jy dit dan reinig en toedekking doen daarvoor.
21 Jy moet ook die bul vir die sondoffer vat en dit moet verbrand word in die aangestelde plek van die huis, buitekant die Afgesonderde Plek.
22 Op die tweede dag moet jy 'n bokram sonder gebrek as sondoffer offer en hulle moet die altaar reinig soos hulle dit met die bul gereinig het.
23 Wanneer jy dit klaar gereinig het, moet jy 'n jong bul sonder gebrek en 'n ram sonder gebrek uit die kleinvee aanbied.
24 Jy moet hulle in die Teenwoordigheid van יהוה aanbied en die priesters moet sout daarop strooi en hulle as brandoffers aan יהוה offer.
25 Vir sewe dae lank moet jy daagliks 'n bok as 'n sondoffer voorberei; ook 'n jong bul en 'n ram uit die kleinvee, sonder gebrek, moet voorberei word.
26 Vir sewe dae lank moet hulle vir die altaar toedekking doen en dit reinig; so sal hulle dit afsonder.
27 Wanneer hulle die dae voltooi het, sal dit wees dat op die agste dag en verder, die priesters julle brandoffers en julle vredesoffers op die altaar sal offer en Ek sal jul aanvaar,' verklaar יהוה-God."

44 1 Toe het hy my teruggebring via die buitenste poort van die Afgesonderde Plek
wat na die ooste kyk en dit was gesluit.
2 יהוה het vir my gesê: "Hierdie poort moet toegesluit bly, dit mag nie oopgemaak
word nie en niemand mag daardeur ingaan nie omdat יהוה, die God van Yisra'el,
daardeur ingegaan het; daarom moet dit gesluit bly. Yeg 43:4
3 Wat die prins betref, hy moet as prins daarin sit om brood te eet voor יהוה; hy moet
ingaan via die stoep van die poort en op dieselfde plek uitgaan."
4 Toe het hy my via die Noordpoort gebring na die voorkant van die huis en ek het
gekyk en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis van
יהוה vol gemaak en ek het op my gesig neergeval.
5 יהוה het vir my gesê: "Seun van 'n mens, let goed op, kyk met jou oë en hoor met
jou ore alles wat Ek vir jou sal sê aangaande al die regulasies van die huis van יהוה
en aangaande al sy wette en gee goed ag op die ingang van die huis, met al die
uitgange van die Afgesonderde Plek. Yeg 43:10-12
6 Jy moet vir die rebelses sê, vir die huis van Yisra'el: 'So sê יהוה-God: "Het jy nie
genoeg verwerplikhede gepleeg nie, o huis van Yisra'el?
7 Julle bring egter ook vreemdelinge, wat onbesnedenes van verstand, wil en emosie
en onbesnedenes van vlees is, in My Afgesonderde Plek in om My huis te onteer
wanneer julle My kos, die vet en die bloed offer en julle My verbond tot niks maak
deur al julle verwerplikhede.
8 Julle het ook nie My Afgesonderde Plek versorg nie, maar die bewakers van My
Afgesonderde Plek vir julleself as wagte gemaak."
9 So sê יהוה-God: "Geen vreemdeling, onbesnede van verstand, wil en emosie en
onbesnede van vlees, van al die uitlanders wat onder die seuns van Yisra'el is, mag
in My Afgesonderde Plek ingaan nie,
10 maar die Leviete wat ver van My afgewyk het toe Yisra'el weggedwaal het,
wat van My af weggedwaal het agter hulle afgode aan, moet die straf van hulle
onregverdigheid dra.
11 Nogtans moet hulle bedienaars wees in My Afgesonderde Plek, om toesig te hou
by die poorte van die huis en in die huis te bedien; hulle moet die brandoffer en die
offer vir die mense slag en voor hulle staan om hulle te bedien.
12 Omdat hulle hul gedien het voor hulle afgode en vir die huis van Yisra'el 'n
struikelblok tot onregverdigheid geword het, het Ek daarom teen hulle gesweer,"
verklaar יהוה-God, "dat hulle hul onregverdigheid moet dra.
13 Hulle mag nie naderkom na My toe om My as priester te dien nie, of naby enige
van My afgesonderde of mees afgesonderde dinge kom nie, maar hulle moet hul
skande dra en hul verwerplikhede wat hulle gedoen het.
14 Nogtans sal Ek hulle aanstel om verantwoordelikheid te neem oor die huis, vir al
sy bediening en vir alles wat daarin gedoen moet word,
15 maar die Levitiese priesters, die seuns van Tzadok, wat My Afgesonderde Plek
versorg het toe die seuns van Yisra'el van My af weggedwaal het, moet na My toe
naderkom om My te bedien en hulle sal voor My staan om aan My die vet en die
bloed te offer," verklaar יהוה-God.

16 "Hulle moet My Afgesonderde Plek ingaan; hulle moet naby My tafel kom om My te bedien en My dienswerk doen.
17 Dit sal wees dat wanneer hulle by die poorte van die binneste hof ingaan, hulle in linne klere aangetrek moet wees en wol mag nie op hulle kom terwyl hulle bedien in die poorte van die binneste hof en in die huis nie.
18 Linne tulbande moet op hulle kop wees en linne onderklere aan hulle heupe; hulle mag nie aangetrek wees met iets wat hulle laat sweet nie.
19 Wanneer hulle uitgaan na die buitenste hof, na die volk toe, moet hulle hul klere uittrek waarmee hulle bedien het en dit neersit in die afgesonderde kamers; dan moet hulle ander klere aantrek sodat hulle nie afgesonderdheid na die volk sal oordra met hulle klere nie. Eks 30:29
20 Hulle mag ook nie hulle koppe kaal skeer nie, nogtans moet hulle nie hulle hare lank laat groei nie; 1 Kor 11:14 hulle moet die hare van hulle kop net korter sny.
21 Ook mag geen priester wyn drink Lev 10:9; Yes 28:7 wanneer hy in die binneste hof ingaan nie
22 en hulle mag nie 'n weduwee of geskeide vrou trou nie, maar jongmeisies uit die nageslag van die huis van Yisra'el of 'n weduwee wat 'n priester se weduwee is.
23 Meer nog, hulle moet vir My volk die onderskeid leer tussen wat afgesonderd is en wat onrein is en hulle laat onderskei tussen wat onrein en wat afgesonderd is.
24 In 'n twis moet hulle opstaan om te oordeel, volgens My regverdige oordele moet hulle dit oordeel. Hulle moet ook My wette en My instellings hou op al My aangestelde feeste en My Shabbatte afsonder.
25 Hulle mag nie na 'n dooie persoon gaan sodat hul onrein word nie; net vir 'n vader of 'n moeder of 'n seun of 'n dogter, of 'n broer of 'n suster wat nie 'n man gehad het nie, mag hulle hul onrein maak. Lev 21:1-4
26 Ná sy reiniging moet sewe dae vir hom verbygaan.
27 Op die dag as hy in die Afgesonderde Plek ingaan, in die binneste hof, om in die Afgesonderde Plek te bedien, moet hy sy sondoffer offer," verklaar יהוה-God.
28 "Dit sal vir hulle 'n erfenis wees: Ek is hulle Erfenis en julle mag geen besitting in Yisra'el aan hulle gee nie: Ek is hulle Besitting. Deut 10:9
29 Hulle moet die graanoffer, die sondoffer en die oortredingsoffer eet en elke toegewyde ding in Yisra'el moet hulle s'n wees.
30 Die eerste van al die eerste vrugte van alles en elke bydrae van alles, van al julle bydraes, moet vir die priesters wees; julle moet ook vir die priester die eerste van julle deeg gee, om 'n seën op jou huis te laat rus.
31 Die priesters mag nie voëls of diere eet wat natuurlik dood is of verskeur is nie.

45 1 Wanneer julle die land deur die lot vir erfenisse verdeel, moet julle 'n deel aan יהוה offer, 'n afgesonderde deel van die land; die lengte moet vyf en twintig duisend el wees en die breedte twintig duisend. Dit sal afgesonderd wees binne sy grense reg rondom.
2 Hieruit moet daar vir die Afgesonderde Plek 'n vierkant wees van vyf honderd by vyf honderd el en vyftig el vir sy oop spasie reg rondom.

3 Vanaf hierdie stuk moet jy 'n lengte van vyf en twintig duisend el en 'n breedte van tien duisend el uitmeet en daarin moet die Afgesonderde Plek en die Mees Afgesonderde Plek wees.
4 Dit moet die afgesonderde deel wees van die land; dit moet vir die priesters wat die Afgesonderde Plek bedien, wat naderkom om יהוה te bedien, wees en dit moet vir hulle 'n plek wees vir hulle huise en 'n afgesonderde plek vir die Afgesonderde Plek.
5 Vyf en twintig duisend el in lengte en tien duisend el in breedte sal vir die Leviete wees, die bedienaars van die huis, as besitting vir hulle; stede om in te bly.
6 Julle moet aan die stad besit gee van vyf duisend el breed en vyf en twintig duisend el lank, langs die toegedeelde afgesonderde deel; dit sal vir die hele huis van Yisra'el wees.
7 Die prins sal aan weerskante van die afgesonderde deel en van die stadsbesit besit hê, langs die afgesonderde deel en langs die stadsbesit, aan die westekant na die weste en aan die oostekant na die ooste; in lengte ooreenkomstig een van die gedeeltes, vanaf die westelike grens tot by die oostelike grens.
8 Dit sal sy land wees as 'n besitting in Yisra'el; so sal My prinse nie langer My volk onderdruk nie, maar die res van die land aan die huis van Yisra'el gee volgens hulle stamme."
9 So sê יהוה-God: "Dit is nou genoeg, prinse van Yisra'el; verwyder geweld en vernietiging en beoefen regverdige oordeel en onpartydige opregtheid. Stop jou onteiening van My mense," verklaar יהוה-God.
10 Julle moet regverdige weegskale hê, 'n regverdige efa en 'n regverdige bat.
11 Die efa en die bat moet 'n vaste hoeveelheid wees sodat 'n bat 'n tiende van 'n homer bevat en die efa 'n tiende van 'n homer; hulle standaard sal wees volgens die homer.
12 Die sikkel moet twintig gerah wees; twintig sikkels, vyf en twintig sikkels en vyftien sikkels sal vir julle 'n maneh wees.
13 Dit is die offer wat julle moet offer: 'n sesde van 'n efa van 'n homer koring; ook 'n sesde van 'n efa van 'n homer gars
14 en die voorgeskrewe deel van olie: van 'n bat olie, 'n tiende van 'n bat uit 'n kor, dit is tien bat of 'n homer, want tien bat is 'n homer.
15 Een skaap uit 'n trop van twee honderd vanaf die waterdrinkplekke van Yisra'el; as graanoffer, brandoffer en vredesoffers om toedekking te doen vir hulle," verklaar יהוה-God.
16 "Al die mense van die land moet aan die prins in Yisra'el vir hierdie offer gee.
17 Dit sal die prins se deel wees om die brandoffers, die graanoffers en die drankoffers op die feeste en op die Nuwemane en op die Shabbatte, op al die aangestelde feeste van die huis van Yisra'el, te voorsien; hy moet die sondoffer, die graanoffer, die brandoffer en die vredesoffers voorsien, om toedekking te doen vir die huis van Yisra'el."
18 So sê יהוה-God: "In die eerste maand, op die eerste van die maand, moet jy 'n jong bul sonder gebrek vat en die Afgesonderde Plek reinig.

19 Die priester moet van die bloed van die sondoffer vat en dit aan die deurposte van die huis sit, aan die vier hoeke van die rand van die altaar en aan die deurposte van die poort van die binneste hof.
20 Jy moet so maak op die sewende van die maand vir die wat verkeerd doen of afdwaal; so moet julle dan toedekking doen vir die huis.
21 In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, moet julle die Pesag hê; 'n fees van sewe dae; ongesuurde brood moet geëet word.
22 Op daardie dag moet die prins vir homself en vir die hele volk 'n bul voorsien as 'n sondoffer.
23 Tydens die sewe dae van die fees moet hy daagliks 'n brandoffer aan יהוה voorsien: sewe bulle en sewe ramme sonder gebrek en daagliks 'n bokram as sondoffer.
24 Hy moet as graanoffer 'n efa vir 'n bul en 'n efa vir 'n ram en 'n hin olie vir 'n efa voorsien.
25 In die sewende maand, op die vyftiende dag van die maand, by die fees, moet hy so voorsien: sewe dae vir die sondoffer, die brandoffer en die graanoffer en die olie."

46 1 So sê יהוה-God: "Die poort van die binneste hof wat na die ooste kyk, moet gedurende die ses werksdae gesluit wees, maar op die Shabbatdag moet dit oopgemaak word en op die dag van die Nuwemaan.
2 Die prins moet vanaf die stoep van die poort van buite af ingaan en by die deurpos van die poort gaan staan. Dan moet die priesters sy brandoffer en sy dankoffers hanteer en hy moet by die drumpel van die poort aanbid en dan uitgaan, maar die poort moenie gesluit word, tot die aand toe nie.
3 Die mense van die land moet ook voor die ingang van dié poort, voor die Teenwoordigheid van יהוה aanbid, op die Shabbatte en op die Nuwemane.
4 Die brandoffer wat die prins aan יהוה moet offer op die Shabbatdag, is ses lammers sonder gebrek en 'n ram sonder gebrek
5 en die graanoffer moet 'n efa vir die ram wees en vir die lammers moet die graanoffer wees soveel as wat hy kan gee en 'n hin olie vir 'n efa.
6 Op die dag van die Nuwemaan: 'n jong bul sonder gebrek, ses lammers en 'n ram, wat sonder gebrek is
7 en hy moet 'n graanoffer voorsien: 'n efa vir die bul en 'n efa vir die ram, maar vir die lammers volgens wat hy kan bekostig en 'n hin olie vir 'n efa.
8 Wanneer die prins ingaan, moet hy deur die stoep van die poort ingaan en met dieselfde pad weer uitgaan.
9 Wanneer die mense van die land egter voor die Teenwoordigheid van יהוה kom op die aangestelde feeste, moet hy wat deur die Noordpoort ingaan om te aanbid, deur die Suidpoort uitgaan en hy wat deur die Suidpoort ingaan, moet deur die Noordpoort uitgaan. Niemand mag teruggaan deur die poort waardeur hy ingegaan het nie, maar moet reguit vorentoe uitgaan.
10 Wanneer hulle ingaan, moet die prins tussen hulle ingaan en wanneer hulle uitgaan, moet hy uitgaan.

11 By die feeste en op die aangestelde feeste moet die graanoffer 'n efa vir 'n bul en
'n efa vir 'n ram wees en vir die lammers soveel as iemand in staat is om te gee en
'n hin olie vir 'n efa.
12 Wanneer die prins 'n vrywillige offer voorsien, 'n brandoffer of vredesoffers as
vrywillige offer aan יהוה, dan moet hulle vir hom die poort oopmaak wat na die
ooste kyk en hy moet sy brandoffer en sy vredesoffers voorsien soos wat hy op die
Shabbatdag doen. Dan moet hy uitgaan en die poort moet gesluit word nadat hy
uitgegaan het.
13 Hy moet ook daagliks 'n lam in sy eerste jaar sonder gebrek voorsien as brandoffer
aan יהוה; oggend na oggend moet hy dit voorsien.
14 Hy moet ook oggend na oggend 'n graanoffer saam met dit voorsien: 'n sesde van
'n efa en 'n derde van 'n hin olie om die fyn meel klam te maak, 'n voortdurende
graanoffer aan יהוה, deur 'n ewige instelling.
15 So moet hulle die lam, die graanoffer en die olie oggend na oggend voorsien as 'n
voortdurende brandoffer."
16 So sê יהוה-God: "As die prins aan een van sy seuns 'n geskenk gee uit sy erfenis,
dan behoort dit aan sy seuns: dit is hulle besitting deur erfenis,
17 maar as hy van sy erfenis 'n geskenk aan een van sy diensknegte gee, dan sal dit
syne wees tot by die jaar van vryheid; dan moet dit na die prins toe teruggaan. Sy
erfenis sal net sy seuns s'n wees; dit sal aan hulle behoort.
18 Die prins mag nie van die erfenis van die volk vat en hulle uitgooi uit hul besitting
nie; hy moet aan sy seuns erfenis gee vanuit sy eie besitting sodat My volk nie
verstrooi word, enige een uit sy besitting nie."""
19 Toe het hy my deur die ingang wat langs die poort was gebring, in die afgesonderde
kamers vir die priesters, wat na die noorde kyk en let op, daar was 'n plek aan die
verste agterkant, na die weste toe.
20 Hy het vir my gesê: "Dit is die plek waar die priesters die oortredingsoffer en die
sondoffer moet kook en waar hulle die graanoffer moet bak sodat hulle dit nie
uitbring in die buitenste hof om afgesonderdheid aan die volk oor te dra nie."
21 Toe het hy my uitgebring in die buitenste hof en my gelei na die vier hoeke van die
hof en let op, in elke hoek van die hof was daar 'n klein hof.
22 In die vier hoeke van die hof was daar omringde howe, veertig el lank en dertig
breed; hierdie vier in die hoeke was dieselfde grootte.
23 Daar was 'n ry met steenwerk reg rondom in hulle, om al vier en daar is kookplekke
gemaak onderaan die rye reg rondom.
24 Toe sê hy vir my: "Hierdie is die kookplekke waar die bedienaars van die huis die
offers van die mense moet kook."

47 1 Toe het hy my teruggebring na die deur van die huis en let op, water het van
onder die drumpel van die huis, na die ooste toe, gevloei en die water het afgevloei
van onder, van die regterkant van die huis af, vanaf suid van die altaar.
2 Hy het my uitgebring deur die Noordpoort en my aan die buitekant om laat gaan
na die buitenste poort wat na die ooste kyk en let op, water het gesyfer vanaf die
suidekant.

3 Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n meetlyn in sy hand, het hy 'n duisend el gemeet en hy het my deur die water gelei en dit was enkel diep.
4 Weer het hy 'n duisend gemeet en my deur die water gelei en dit was op tot by die knieë. Weer het hy 'n duisend gemeet en my deur gelei en dit was op tot by die heupe.
5 Weer het hy 'n duisend gemeet en dit was 'n stroom wat niemand kon deurgaan nie, want die water het so hoog gerys en die stroom so sterk geword dat niemand kon deurgaan nie.
6 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, het jy dit gesien?" Toe het hy my teruggebring na die wal van die rivier toe.
7 Nadat ek teruggegaan het, let op, was daar baie bome op die walle van die rivier, aan die een kant en aan die ander.
8 Toe het hy vir my gesê: "Hierdie waters wat uitgaan in die rigting van die oostelike streek en afvloei na die Vlakte (Aravah), sal in die see invloei en meng met die stagnante water en dit vars maak.
9 Dit sal gebeur dat al die lewende wesens wat wemel in elke plek waar die rivier kom, sal lewe en daar sal vreeslik baie visse wees omdat hierdie water daarheen gaan en dié vars word; so sal alles lewe waar die rivier gaan. Iyov 14:8,9
10 Dit sal gebeur dat vissers langs dit sal staan; vanaf `Ein-Gedi tot by `Ein-`Eglayim sal daar 'n plek wees vir die uitsprei van nette. Hulle visse sal volgens hulle spesies wees, soos die visse van die Groot See, vreeslik baie,
11 maar sy moerasse en vleie sal nie vars word nie: hulle sal vir sout gelos word.
12 By die rivier, op sy walle, aan die een kant en aan die ander, sal allerhande bome groei vir kos. Hulle blare sal nie verdor en die vrugte nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want hulle water vloei vanaf die Afgesonderde Plek en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare vir genesing." Num 24:6,7; Yes 27:12; Yir 17:7,8; Ps 1:3; 144:12; Ope 22:2
13 So sê יהוה-God: "Hierdie sal die grense wees waardeur julle die land sal verdeel as erfenis tussen die twaalf stamme van Yisra'el; Yosef moet twee porsies kry.
14 Julle moet dit verdeel as 'n erfenis, elkeen gelyk met die ander, want Ek het gesweer om dit vir julle voorvaders te gee en hierdie land moet julle as erfenis toeval.
15 Hierdie moet die grens van die land wees: aan die noordekant vanaf die Groot See, met die pad na Hetlon, tot by die ingang van Tz'dad;
16 Hamat, Berotah, Sibrayim, wat tussen die grens van Dammesek en die grens van Hamat lê, Hatzar-Hatokhon, wat by die grens van Havran is.
17 Die grens moet vanaf die see wees tot by Hatzar-`Einon, by die grens van Dammesek en aan die noorde noordwaarts is Hamat die grens; dit is die noordekant.
18 Aan die oostekant: vanaf tussen Havran, Dammesek, Gil'ad en die land van Yisra'el sal die Yarden wees; vanaf die noordelike grens tot by die oostelike see moet julle dit meet. Dit is die oostekant.
19 Die suidekant na die suide toe sal strek vanaf Tamar tot by die waters van M'rivot-Kadesh, na die spruit van Mitzrayim tot by die Groot see. Hierdie is die suidekant na die suide toe.
20 Die westekant sal die Groot see wees, vanaf die suidelike grens tot by 'n punt oorkant die ingang van Hamat. Dit is die westekant.

21 Julle moet hierdie land tussen julle verdeel volgens die stamme van Yisra'el.
22 Julle moet dit deur die lot verdeel as 'n erfenis tussen julleself en die vreemdelinge wat in julle midde bly, wat seuns voortbring tussen julle en hulle sal vir julle wees soos 'n kind van die land tussen die seuns van Yisra'el; hulle moet 'n erfenis toegestaan word saam met jou onder die stamme van Yisra'el.
23 In die stam waarin die vreemdeling bly, daar moet julle hom sy erfenis gee," verklaar יהוה-God.

48 1 "Hierdie is die name van die stamme: vanaf die verste noord, langs die pad van Hetlon na die ingang van Hamat, tot by Hatzar-`Einan, op die grens van Dammesek, na die noorde toe langs Hamat, van oos tot wes: Dan, een deel;
2 langs die grens van Dan, vanaf die oostekant tot by die westekant: Asher, een deel;
3 langs die grens van Asher, vanaf die oostekant tot by die westekant: Naftali, een deel;
4 langs die grens van Naftali, vanaf die oostekant tot by die westekant: Manasheh, een deel;
5 langs die grens van Manasheh, vanaf die oostekant tot by die westekant: Efrayim, een deel;
6 langs die grens van Efrayim, vanaf die oostekant tot by die westekant: Re'uven, een deel;
7 langs die grens van Re'uven, vanaf die oostekant tot by die westekant: Y'hudah, een deel;
8 langs die grens van Y'hudah, vanaf die oostekant tot by die westekant, moet die toedeling wees wat julle moet afsonder: vyf en twintig duisend el breed en net so lank soos een van die dele, vanaf die oostekant tot by die westekant en die Afgesonderde Plek moet in die middel daarvan wees.
9 Die toedeling wat julle tot יהוה moet afsonder, moet vyf en twintig duisend el lank wees en tien duisend breed.
10 Die afgesonderde toedeling sal wees vir die priesters: teen die noorde vyf en twintig duisend el in lengte, teen die weste tien duisend in breedte, teen die ooste tien duisend in breedte en teen die suide vyf en twintig duisend in lengte en die Afgesonderde Plek van יהוה moet in die middel daarvan wees.
11 Dit moet vir die priesters wat afgesonder is, die seuns van Tzadok, [1 Kro 29:22] wees, wat My bevele onderhou het, wat nie afgedwaal het toe die seuns van Yisra'el afgedwaal het saam met die Leviete nie.
12 Dit moet 'n toedeling aan hulle wees vanuit die toedeling van die land, 'n mees afgesonderde plek, by die grens van die Leviete.
13 Langs die grens van die priesters moet die Leviete vyf en twintig duisend el in lengte en tien duisend in breedte kry. Die hele lengte moet vyf en twintig duisend wees en die breedte tien duisend.
14 Meer nog, hulle mag niks daarvan verkoop of verruil nie, of hierdie beste van die land vervreem nie, want dit is afgesonderd tot יהוה.
15 Die wat oorbly, vyf duisend in die breedte en vyf en twintig duisend in die lengte, sal wees vir algemene gebruik van die stad, vir blyplek en oop spasies en die stad moet in die middel daarvan wees.

16 Hierdie is sy afmetings: die noordekant, vier duisend vyf honderd el; die suidekant, vier duisend vyf honderd el; die oostekant, vier duisend vyf honderd el en die westekant, vier duisend vyf honderd el.
17 Die stad moet oop areas hê: teen die noorde, twee honderd en vyftig el; teen die suide, twee honderd en vyftig el; teen die ooste, twee honderd en vyftig el en teen die weste, twee honderd en vyftig el.
18 Die orige lengte, langs die afgesonderde toedeling moet tien duisend el teen die ooste en tien duisend teen die weste wees; dit moet langs die afgesonderde toedeling wees. Sy opbrengs sal kos wees vir die werkers van die stad.
19 Die werkers van die stad, vanuit al die stamme van Yisra'el, moet dit bewerk.
20 Die volledige toedeling moet vyf en twintig duisend el by vyf en twintig duisend el wees; jy moet die afgesonderde toedeling afsonder, 'n vierkant, saam met die eiendom van die stad.
21 Dit wat oorbly sal vir die prins wees, aan weerskante van die afgesonderde toedeling en van die eiendom van die stad; voor die vyf en twintig duisend el van die toedeling na die oostelike grens en weswaarts voor die vyf en twintig duisend el na die westelike grens, langs die gedeeltes, sal vir die prins wees. Die afgesonderde toedeling en die Afgesonderde Plek van die huis moet in die middel daarvan wees.
22 Uitsluitend die eiendom van die Leviete en die eiendom van die stad, wat in die middel lê van dit wat aan die prins behoort, tussen die grens van Y'hudah en die grens van Binyamin, moet alles aan die prins behoort.
23 Vir die res van die stamme: vanaf die oostekant tot by die westekant: Binyamin, een deel;
24 langs die grens van Binyamin, vanaf die oostekant tot by die westekant: Shim'on, een deel;
25 langs die grens van Shim'on, vanaf die oostekant tot by die westekant: Yissakhar, een deel;
26 langs die grens van Yissakhar, vanaf die oostekant tot by die westekant: Z'vulun, een deel;
27 langs die grens van Z'vulun, vanaf die oostekant tot by die westekant: Gad, een deel;
28 langs die grens van Gad, aan die suidekant na die suide toe, moet die grens wees vanaf Tamar na die waters van M'rivat-Kadesh, na die spruit van Mitzrayim tot by die Groot see.
29 Hierdie is die land wat julle as erfenis moet verdeel tussen die stamme van Yisra'el en dit is hulle gedeeltes," verklaar יהוה-God.
30 "Hierdie is die uitgange van die stad: aan die noordekant, vier duisend vyf honderd el uitgemeet,
31 sal die poorte van die stad wees, genoem volgens die name van die stamme van Yisra'el; drie poorte aan die noorde: die poort van Re'uven, een; die poort van Y'hudah, een; die poort van Levi, een. Open 21:12,13
32 Aan die oostekant, vier duisend vyf honderd el, sal drie poorte wees: die poort van Yosef, een; die poort van Binyamin, een; die poort van Dan, een.

33 Aan die suidekant, vier duisend vyf honderd el afgemeet, sal drie poorte wees: die
poort van Shim'on, een; die poort van Yissakhar, een; die poort van Z'vulun, een.
34 Aan die westekant, vier duisend vyf honderd el, sal drie poorte wees: die poort van
Gad, een; die poort van Asher, een; die poort van Naftali, een.
35 Agttien duisend el reg rondom en die naam van die stad sal van dié dag af wees:
'יהוה is daar' (Yahuah Shamah!)." Yir 33:16; Z'kh 8:3; Ps 139:8-10

Die vyftiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die tiende boek van die Profete

Die vierde boek van die Latere Profete

Die eerste van die twaalf

Hoshea
(Hoséa)

הוֹשֵׁע - Bevryder / redder

Die boek is in die 700's voor Yeshua deur die profeet Hoshea (Hos 1:1), oor 'n lang tydperk, in die Koninkryk van Yisra'el geskryf.

1 1 Die woord van יהוה wat gekom het tot Hoshea, die seun van Be'eri, gedurende die dae van `Uziyah, Yotam, Agaz en Hizkiyahu, konings van Y'hudah en in die dae van Yarov'am, die seun van Y'ho'ash, koning van Yisra'el.
2 Die eerste keer dat יהוה deur Hoshea gepraat het, het יהוה vir Hoshea gesê: "Gaan, vat vir jouself 'n vrou vanuit hoerery en kry kinders vanuit hoerery, want die land het blatante hoerery gepleeg, deur יהוה in die steek te laat."
3 Hy het gegaan en Gomer, die dogter van Divlayim, gevat en sy het swanger geword en vir hom geboorte gegee aan 'n seun.
4 יהוה het vir hom gesê: "Noem hom Yizre'el, want binne 'n kort rukkie sal Ek die huis van Yehu straf vir die bloedvergieting van Yizre'el [2 Kon 10; 2 Kron 22:8,9] en Ek sal 'n einde maak aan die koninkryk van die huis van Yisra'el. [2 Kon 17]
5 Op daardie dag sal Ek die boog van Yisra'el verbreek in die vallei van Yizre'el."
6 Toe het sy weer swanger geword en geboorte gegee aan 'n dogter en יהוה het vir hom gesê: "Noem haar Lo-Rugamah, want Ek sal nie langer liefdevol omgee vir die huis van Yisra'el dat Ek hulle ooit sal vergewe nie,
7 maar Ek sal liefdevol omgee vir die huis van Y'hudah en hulle bevry deur יהוה, hulle God en hulle nie bevry deur boog, swaard, oorlog, perde of ruiters nie."
8 Nadat sy Lo-Rugamah gespeen het, het sy weer swanger geword en geboorte gegee aan 'n seun.
9 יהוה het gesê: "Noem hom Lo-`Ammi, want julle is nie My volk nie en Ek is nie julle God nie."

2 1 Nogtans sal die getal van die seuns van Yisra'el soos die sand van die see wees, wat nie gemeet en nie getel kan word nie en in die plek waar vir hulle gesê word: "Julle is nie My volk nie," sal dit vir hulle gesê word: "Seuns van die lewende God." [Deut 28:11; Rom 9:26]
2 Die seuns van Y'hudah en die seuns van Yisra'el sal saam bymekaargemaak word en hulle sal vir hulleself een leier aanstel en opgaan vanuit die land, want groot sal die dag van Yizre'el wees! [Yeg 37:22]
3 Sê vir julle broers: "`Ammi (My volk)," en vir julle susters: "Rugamah (Jammer gekry)."
4 Twis met julle moeder, twis, want sy is nie My vrou nie en Ek is nie haar Man nie en laat sy haar hoerery van haar gesig verwyder en haar owerspel van tussen haar borste af,
5 anders sal Ek haar kaal afstroop en haar blootstel soos op die dag van haar geboorte. Ek sal haar ook maak soos 'n wildernis, soos 'n woestyn en haar van dors laat sterf.
6 Ek sal ook geen liefdevolle omgee vir haar kinders hê nie, want hulle is kinders van hoerery,
7 want hulle moeder het die hoer gespeel; sy wat met hulle bevrug was, het skandelik opgetree, want sy het gesê: 'Ek sal agter my minnaars aangaan, wat vir my brood en my water gee; my wol en my vlas, my olie en my drank;' [Yeg 16:19]
8 daarom, let op, Ek sal haar pad met dorings toemaak en 'n muur teen haar bou sodat sy nie haar pad kan vind nie.

9 Sy sal agter haar minnaars aanloop, maar hulle nie inhaal nie en sy sal hulle soek, maar hulle nie vind nie, dan sal sy sê: 'Ek sal na my eerste man toe teruggaan, want dit was toe vir my beter as nou,' Deut 24:1-4
10 want sy weet nie dat dit Ek is wat aan haar die koring, die mos en die olie gegee het en haar oorlaai het met silwer en goud, wat hulle vir Ba'al gebruik het, nie;
11 daarom sal Ek My koring terugvat met oestyd en My nuwe wyn in sy seisoen. Ek sal ook My wol en My vlas wegvat wat haar naaktheid bedek,
12 dan sal Ek haar onsedelikheid ontbloot voor die oë van haar minnaars en niemand sal haar uit My hand red nie.
13 Ek sal ook 'n einde maak aan al haar vrolikheid, haar feeste, haar Nuwemane, haar Shabbatte en al haar feestelike byeenkomste.
14 Ek sal haar wingerde en haar vyebome vernietig, waarvan sy gesê het: 'Hierdie is my loon wat my minnaars my gegee het' en Ek sal dit tot 'n woud maak en die wilde diere van die veld sal dit opeet.
15 Ek sal haar straf vir die dae van die Ba'als, toe sy offers aan hulle geoffer het en haar met haar oorringe en juweliersware versier en agter haar minnaars aangeloop het sodat sy My vergeet het," verklaar יהוה.
16 "Let daarom op, Ek sal haar lok, haar in die woestyn inbring en sagkens met haar praat,
17 dan sal Ek haar wingerde daarvandaan gee en die vallei van Akhor as 'n deur van versekerde verwagting en sy sal daar sing soos in die dae van haar jeug, soos op die dag toe sy uit die land van Mitzrayim opgekom het.
18 In daardie dag sal dit wees," verklaar יהוה, "dat jy My, Ishi (my Man), sal noem, en My nie langer Ba'ali, (my Meester), noem nie,
19 want Ek sal die name van die Ba'als uit haar mond verwyder sodat hulle nie meer by hul naam genoem sal word nie.
20 Op daardie dag sal Ek ook vir hulle 'n verbond met die wilde diere van die veld, met die voëls van die hemel en die kruipende diere van die aarde maak en Ek sal die boog, swaard en oorlog ophef uit die land en hulle in veiligheid laat neerlê.
21 Ek sal jou vir ewig aan My verloof; ja, Ek sal jou aan My verloof in onpartydige opregtheid en in regverdige oordeel, in liefdevolle goedheid en in omgee
22 en Ek sal jou aan My verloof in vertrouenswaardigheid; dan sal jy יהוה ken.
23 Dit sal wees in daardie dag dat Ek sal antwoord," verklaar יהוה. "Ek sal die hemele antwoord en hulle sal die aarde antwoord.
24 Die aarde sal antwoord op die koring, die nuwe wyn en die olie en hulle sal Yizre'el antwoord.
25 Ek sal haar vir Myself in die land saai. Ek sal ook liefdevolle omgee gee aan haar wat nie liefdevolle omgee ontvang het nie en aan die wat nie My volk is nie, sê: 'Jy is My volk' en hulle sal sê: 'My God!'" 1 Kef 2:10; Rom 9:25

3 1 Toe het יהוה vir my gesê: "Gaan weer, wees lief vir 'n vrou waarvoor haar man lief is, maar nogtans 'n egbreekster is, net soos יהוה die seuns van Yisra'el lief het, alhoewel hulle na ander gode toe draai en lief is vir rosynekoeke."
2 Ek het haar vir myself gekoop vir vyftien sikkels silwer en 'n anderhalf homer gars.

3 Toe het ek vir haar gesê: "Jy moet by my bly vir baie dae. Jy mag nie hoereer nie en ook nie 'n man hê nie; so sal ek ook teenoor jou wees,"
4 want die seuns van Yisra'el sal vir 'n lang tyd bly sonder koning of prins, sonder offers of pilare en sonder efod of huishoudelike afgode.
5 Daarna sal die seuns van Yisra'el terugkom en יהוה, hulle God en Dawid, hulle Koning, [Yeg 37:24-; Yeg 45:16,17; Dan 10:5-21] soek en hulle sal in die laaste dae bewend na יהוה en Sy goedheid toe kom.

4 1 Luister na en gehoorsaam die boodskap van יהוה, o seuns van Yisra'el, want יהוה het 'n regsaak teen die inwoners van die land omdat daar geen getrouheid of sagte omgee of kennis van God in die land is nie.
2 Daar is vloeke, misleiding, moord, diefstal en owerspel. Hulle beoefen geweld sodat bloedvergieting volg op bloedvergieting;
3 daarom treur die land en alles wat daarop woon, kwyn weg saam met die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel en ook die visse van die see verdwyn.
4 Tog, laat niemand fout vind of berisping aanbied nie, want jou volk is soos hulle wat met die priester twis!
5 Jy sal struikel bedags en die profeet sal ook saam met jou struikel in die nag en Ek sal jou moeder vernietig. [Yes 9:16]
6 My volk word vernietig weens gebrek aan kennis. Omdat jy kennis verwerp het, sal Ek jou ook as My priester verwerp. Aangesien jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.
7 Hoe meer hulle vermenigvuldig het, hoe meer het hulle teen My gesondig. Ek sal hulle lof en eer in skande verander.
8 Priesters floreer op die sonde van My volk en rig hulle begeerte na hulle onregverdigheid.
9 Dit sal wees, soos volk, so is priester; so sal Ek hulle straf vir hulle lewenswyse en hom vergeld vir sy dade.
10 Hulle sal eet, maar nie genoeg hê nie; hulle sal hoereer, maar nie vermeerder nie, want hulle het opgehou om na יהוה te luister.
11 Hoerery, wyn en nuwe wyn vat die begrip weg. [Lev 10:9]
12 My volk raadpleeg hulle eie verbeelding en hulle staf gee vir hulle aanwysings, want 'n gees van hoerery het hulle verlei en hulle het weggedraai van hul God af.
13 Hulle offer offers op die toppe van die berge en brand wierook op die heuwels, onder die eike, populiere en terpentynbome omdat hulle skaduwee aangenaam is; so pleeg julle dogters hoerery en julle bruide pleeg owerspel.
14 Ek sal julle dogters nie straf wanneer hulle hoereer nie, of julle bruide wanneer hulle owerspel pleeg nie, want die manne self gaan eenkant toe met hoere en offer offers met die tempelprostitute. So word die volk wat sonder begrip is, verwoes.
15 Alhoewel jy, Yisra'el hoereer, moenie dat Y'hudah skuldig word nie! Moet ook nie na Gilgal gaan nie, of opgaan na Beit-Aven en die eed neem: "So waar as יהוה leef," nie.
16 Aangesien Yisra'el hardkoppig is soos 'n hardkoppige verskalf, kan יהוה hulle nou laat wei soos 'n lam in 'n groot veld?

17 Efrayim is verbind aan afgode: laat hom alleen!
18 Hulle hoereer almal aanhoudend en hulle het 'n diep liefde vir skande en afgodery.
19 Laat die wind hulle klere afskeur; laat hulle skaam wees oor hulle altare.

5 1 Hoor hierdie, o priesters! Let op, o huis van Yisra'el! Luister, o huis van die koning, want die oordeel is op julle van toepassing omdat julle 'n vangstrik by Mitzpah was en 'n vangnet, wat uitgesprei was oor Tavor.
2 Die opstandiges het diep in boosheid weggeval, maar Ek sal hulle almal tugtig.
3 Ek ken Efrayim en Yisra'el is nie vir My weggesteek nie, want nou het jy gehoereer, o Efrayim, Yisra'el het homself onrein gemaak.
4 Hulle dade sal hulle nie toelaat om na hulle God terug te keer nie, want daar is 'n gees van hoerery in hulle en hulle het nie 'n verbondsverhouding met יהוה nie.
5 Meer nog, die trots van Yisra'el getuig teen hom en Yisra'el en Efrayim struikel in hulle onregverdigheid; Y'hudah het ook saam met hulle gestruikel.
6 Hulle sal met hulle kleinvee en hulle beeste gaan om na יהוה te soek, maar hulle sal Hom nie vind nie; Hy het van hulle af onttrek.
7 Hulle het verraderlik gehandel teen יהוה, want hulle het geboorte gegee aan buite-egtelike kinders. Nou sal die Nuwemaan hulle saam met hul land verteer.
8 Blaas die ramshoring in Giv'ah, die trompet in Ramah! Laat hoor die alarm by Beit-Aven: "Agter jou, Binyamin!"
9 Efrayim sal 'n verlatenheid onder die stamme van Yisra'el word op die dag van bestraffing; verklaar Ek wat seker is.
10 Die prinse van Y'hudah het geword soos hulle wat 'n grenslyn skuif. [Deut 27:17] Ek sal My toorn oor hulle uitgiet soos water.
11 Efrayim is onderdruk, stukkend gebreek deur oordeel, want hy was vasbeslote om mense se opdragte uit te voer;
12 daarom is Ek vir Efrayim soos 'n mot en vir die huis van Y'hudah soos 'n verrotting.
13 Toe Efrayim sy siekte sien en Y'hudah sy wond, het Efrayim na Ashur gegaan en gestuur na koning Yarev, maar hy is nie in staat om julle te genees of julle van julle wond gesond te maak nie,
14 want Ek is soos 'n leeu vir Efrayim en soos 'n jong leeu vir die huis van Y'hudah. Ek, Ek sal verskeur en weggaan, Ek sal wegdra en daar sal niemand wees om te bevry nie.
15 Ek sal weggaan, terugkeer na My plek toe totdat hulle hul skuld erken en My Teenwoordigheid soek. In hulle pyniging sal hulle My ernstig soek.

6 1 "Kom en laat ons terugkeer tot יהוה, want Hy het ons verskeur, maar Hy sal ons genees, Hy het ons gewond, maar Hy sal verbind.
2 Hy sal ons ná twee dae lewend maak; Hy sal ons op die derde dag laat opstaan sodat ons voor Hom kan lewe.
3 Dan sal ons weet om met יהוה 'n verbondsverhouding te hê; dat Hy weggaan is so seker soos die dagbreek en Hy sal na ons toe kom soos die reën, soos die lentereëns wat die aarde natmaak."

4 Wat sal Ek met jou doen, o Efrayim? Wat sal Ek met jou doen, o Y'hudah? Want julle lojaliteit is soos 'n oggendwolk en soos die dou wat vroeg weggaan;
5 daarom het Ek die profete afgesny; Ek het hulle neergeslaan deur die woorde van My mond en My regverdige oordele sal uitgaan soos die lig,
6 want Ek verheug My in lojaliteit eerder as in offers en in die kennis van God eerder as in brandoffers, Ps 40:7; Ps 51:18-21; 1 Sh'm 15:22; Mat 9:13; Mat 12:7
7 maar soos Adam het hulle die verbond oortree; daar het hulle verraderlik teen My opgetree.
8 Gil'ad is 'n stad van boosdoeners, vol bloedspore.
9 Soos rowers wag vir 'n man, so pleeg 'n priesterbende moord op die pad na Sh'khem; sekerlik het hulle misdaad gepleeg.
10 In die huis van Yisra'el het Ek 'n verskriklike ding gesien: Efrayim se hoerery is daar, Yisra'el het homself onrein gemaak.
11 Ook vir jou, o Y'hudah, is daar 'n oes vasgestel, wanneer Ek die voorspoed van My volk herstel.

7 1 Wanneer Ek Yisra'el sou genees, word die onregverdigheid van Efrayim openbaar en die bose dade van Shomron, want hulle tree vals op en die dief breek in en rowers plunder buitekant
2 en hulle oorweeg dit nie in hulle verstand dat Ek al hulle boosheid onthou nie. Nou is hulle dade reg rondom hulle; dit is voor My Teenwoordigheid.
3 Met hulle boosheid verbly hulle die koning en met hulle leuens die vorste.
4 Hulle pleeg almal owerspel; soos 'n oond wat opgewarm is deur die bakker, wat ophou om die vuur te stook vandat die deeg geknie word totdat dit deursuur is.
5 Op die dag toe hulle raad begin gee het, het die prinse besoedeld geraak met die hitte van die wyn; hulle steek hul hande uit saam met die spotters.
6 Hulle verstand, wil en emosie is warm, soos 'n oond, met hul sameswerings; hulle woede word die hele nag lank onderdruk, in die oggend brand dit soos 'n vlammende vuur.
7 Hulle almal is so warm soos 'n oond en hulle verteer hul regeerders; al hulle konings het geval; nie een van hulle roep na My toe uit nie.
8 Efrayim vermeng homself met die nasies; Efrayim het 'n koek geword wat nie omgekeer is nie.
9 Vreemdelinge verteer sy krag, tog weet hy dit nie; grys hare word oor hom uitgestrooi, tog weet hy dit nie.
10 Alhoewel die trotsheid van Yisra'el teen hom getuig, tog het hulle nie teruggedraai tot יהוה, hulle God, nie en hulle het Hom ook nie gesoek te midde van dit alles nie.
11 So het Efrayim geword soos 'n eenvoudige duif sonder verstand; hulle roep na Mitzrayim, hulle gaan na Ashur.
12 Wanneer hulle gaan, sal Ek My net oor hulle uitsprei; soos die voëls van die hemel bring Ek hulle af; Ek sal hulle tugtig volgens die getuienis wat teen hulle gehoor word.

13 Wee hulle omdat hulle van My af weggedwaal het! Verwoesting behoort aan hulle omdat hulle teen My rebelleer het! Ek wou hulle loskoop, maar hulle praat leuens teen My.
14 Hulle roep ook nie uit na My vanuit hulle binneste wanneer hulle op hul beddens huil nie; ter wille van koring en nuwe wyn kom hulle bymekaar; hulle draai weg van My af.
15 Alhoewel Ek hulle arms geoefen en versterk het, het hulle boosheid teen My beraam.
16 Hulle draai, maar nie na bo nie; hulle is soos 'n bedrieglike boog; hulle prinse sal deur die swaard val weens die astrantheid van hulle tong. Dit sal hulle bespotting wees in die land van Mitzrayim.

8 1 Laat jou mond soos 'n ramshoring word! Hy sal soos 'n arend afkom teen die huis van יהוה omdat hulle My verbond oortree en teen My wet rebelleer het.
2 Hulle roep uit na My: "My God, ons vanuit Yisra'el, ken U."
3 Yisra'el het die goeie verwerp; die vyand sal hom agtervolg!
4 Húlle het konings aangestel, maar nie deur My nie; hulle het prinse aangestel, maar sonder My wete. Met hulle silwer en goud het hulle vir hulself afgode gemaak dat hulle afgesny mag word.
5 Hulle is deur jou kalf afvallig gemaak, o Shomron: "My woede brand teen hulle!" Hoe lank sal dit wees voordat hulle onskuldig verklaar kan word?
6 Want die afgodsbeeld kom vanaf Yisra'el! 'n Skrynwerker het dit gemaak. Dit is nie God nie, maar jou kalf, o Shomron, wat gemaak is vir misleiding,
7 want hulle saai die wind en maai die warrelwind. Die staande graan het geen halms nie; dit lewer geen graan op nie. As dit iets sou oplewer, sou vreemdelinge dit verslind.
8 Yisra'el word ingesluk; hulle is nou onder die nasies soos 'n houer waarin niemand vreugde vind nie,
9 want hulle het opgegaan na Ashur, alleen soos 'n wilde-donkie; Efrayim het gehuurde minnaars.
10 Alhoewel hulle oorgegee sal word aan die nasies, sal Ek hulle bymekaarmaak en hulle sal 'n rukkie rus van die laste van die konings en die prinse.
11 Sedert Efrayim altare vir sonde vermenigvuldig het, het hulleself altare van sonde vir hom geword.
12 Alhoewel Ek vir hom tien duisend voorskrifte van My wet neergeskryf het, word hulle as 'n vreemde ding beskou.
13 Wat My offergawes betref, offer hulle die vleis en eet dit, maar יהוה het geen behae in hulle nie. Nou sal Hy hulle onregverdigheid onthou en hulle straf vir hulle sondes; hulle sal teruggaan na Mitzrayim
14 omdat Yisra'el sy Maker vergeet en paleise gebou het en Y'hudah versterkte stede vermenigvuldig het, maar Ek sal 'n vuur op sy stede stuur sodat dit sy paleiswonings mag verteer. 2 Kon 25:9; Yir 52:13

9 1 Moet jou nie verheug en spring van vreugde soos die nasies nie, o Yisra'el, want jy het gehoereer en jou God verlaat! Jy het op elke dorsvloer hoereloon liefgehad.
2 Dorsvloer en parskuip sal hulle nie bevredig nie en die nuwe wyn sal hulle in die steek laat.
3 Hulle sal nie in יהוה se land bly nie, maar Efrayim sal na Mitzrayim terugkeer en in Ashur sal hulle onrein kos eet.
4 Hulle sal nie drankoffers of wyn uitgiet vir יהוה nie, hulle offers sal Hom ook nie tevrede stel nie; hulle kos sal wees soos die brood van hulle wat treur; almal wat daarvan eet sal onrein wees, want die brood sal net vir hulself wees, dit sal nie in die huis van יהוה ingaan nie.
5 Wat sal julle dan doen op die aangestelde fees en op die dag van die fees van יהוה?
6 Want let op, hulle sal gaan weens verwoesting; Mitzrayim sal hulle bymekaarmaak, Memphis sal hulle begrawe. Onkruid sal hulle skatte van silwer oorneem; dorings sal in hulle tente wees.
7 Die dae van straf het gekom, die dae van vergelding het gekom; laat Yisra'el dit weet! Die profeet is 'n dwaas, die geïnspireerde man is kranksinnig, as gevolg van die grootheid van jou onregverdigheid en omdat jou vyandskap groot is.
8 Die wagter van Efrayim was by my God, maar die profeet is 'n valstrik en 'n struikelblok in al sy optredes; daar is roekeloosheid in die huis van God.
9 Hulle het diep in boosheid afgegaan soos in die dae van Giv'ah; Hy sal hulle onregverdigheid onthou, Hy sal hulle sondes straf.
10 Ek het Yisra'el gevind soos druiwe in die wildernis; Ek het julle voorvaders gesien soos die vroegste vrugte aan die vyeboom in sy eerste seisoen, maar hulle het na Ba'al-P'or gekom en hulle toegewy aan skande en hulle het so verwerplik geword soos dit wat hulle lief het. Num 25:3; Ps 115:4; Ps 135:18
11 Wat Efrayim betref, hulle lof en eer sal wegvlieg soos 'n voël: geen bevrugting, geen verwagting en geen geboorte nie!
12 Alhoewel hulle hul kinders grootmaak, nogtans sal Ek hulle beroof totdat daar nie 'n mens oor is nie. Ja, wee hulle inderdaad wanneer Ek van hulle af weggaan.
13 Efrayim, soos Ek gesien het, is geplant in 'n aangename grasland soos Tzor, maar Efrayim sal sy seuns uitbring na die slagting.
14 Gee hulle, o יהוה; wat sal U gee? Gee hulle 'n miskramende moederskoot en droë borste.
15 Al hulle boosheid is by Gilgal; inderdaad het Ek hulle daar begin haat; weens die boosheid van hulle dade sal Ek hulle uit My huis uitdryf. Ek sal hulle nie meer liefhê nie. Al hulle prinse is rebelle.
16 Efrayim is getref, hulle wortel is opgedroog, hulle sal geen vrugte dra nie. Selfs al het hulle kinders, sal Ek die kosbares van hulle skoot neerslaan.
17 My God sal hulle weggooi omdat hulle nie na Hom geluister en gedoen het nie en hulle sal swerwers onder die nasies wees. Gen 4:16

10 1 Yisra'el is 'n weelderige wynstok; hy produseer vrugte vir homself. Hoe meer vrug hy gedra het, hoe meer altare het hy gebou; hoe ryker sy lande, hoe beter het hy die pilare gemaak.
2 Hulle verstand wil en emosie is vertroueloos; nou moet hulle hul skuld dra; יהוה sal hulle altare afbreek en hulle pilare vernietig.
3 Nou sal hulle sekerlik sê: "Ons het geen koning nie, want ons het nie respekvolle vrees vir יהוה nie. Die koning, wat kan hy vir ons doen?"
4 Hulle praat woorde wat aan vals altare behoort; hulle het die verbond verbreek en die prys betaal. Hulle is soos vore in 'n droë land.
5 Die inwoners van Shomron sal vrees oor die kalf van Beit-Aven; inderdaad sal sy mense oor hom treur en sy afgodspriesters oor hom in die rondte swaai, oor sy eer, lof en aanbidding omdat dit hom verlaat het.
6 Die ding sal self ook na Ashur weggedra word as 'n geskenk aan koning Yarev; Efrayim sal met skaamte gegryp word en Yisra'el sal beskaamd staan oor sy eie raad.
7 Shomron sal afgesny word saam met sy koning soos skuim op die oppervlak van die water.
8 Ook die hoë plekke van die afgod van Aven (boosheid), Yisra'el se sonde, sal vernietig word; dorings en distels sal op hulle altare groei; dan sal hulle vir die berge sê: "Bedek ons!" en vir die heuwels: "Val op ons!" Luk 23:30
9 Sedert die dae van Giv'ah het jy gesondig, o Yisra'el! Daar staan hulle! Sal die geveg teen die seuns van onregverdigheid hulle nie oorval in Giv'ah nie?
10 Wanneer dit My begeerte is, sal Ek hulle tugtig en die volke sal teen hulle versamel word, wanneer hulle gebind word vir hulle dubbele skuld.
11 Efrayim is 'n geleerde jong koei wat lief is om te dors, maar Ek sal oor haar mooi nek gaan met 'n juk; Ek sal Efrayim inspan, Y'hudah sal ploeg, Ya'akov sal vir homself eg.
12 Saai met die oog op onpartydige opregtheid, maai volgens sagte omgee; breek julle braakland op, want dit is tyd om יהוה te soek totdat Hy kom om onpartydige opregtheid oor julle te laat reën.
13 Julle het boosheid ingeploeg, julle het onregverdige oordeel gemaai. Julle het die vrug van leuens geëet. Omdat jy op jou metode vertrou het, op jou menigte soldate,
14 sal daar daarom 'n opstand onder jou mense ontstaan en al jou vestings sal vernietig word net soos Shalman'eser vir Beit-Arbel verwoes het op die dag van die geveg; toe moeders met hulle kinders verpletter is.
15 Net so sal dit met julle gedoen word by Beit-El as gevolg van julle groot boosheid. Met sonsopkoms sal die koning van Yisra'el volkome afgesny wees.

11 1 "Toe Yisra'el 'n jongman was, het Ek hom liefgehad en uit Mitzrayim het Ek My seun geroep. Mat 2:15
2 Net soos hulle geroep is, het hulle van My af weggegaan; hulle het aangehou om tot die Ba'als te offer en tot afgode wierook te brand.

3 Nogtans is dit Ek wat Efrayim leer loop het, Ek het hulle in My arms gevat, maar hulle het nie geweet dat Ek hulle genees het nie.
4 Ek het hulle met mensebande, met koorde van liefde gelei en Ek was vir hulle soos een wat die juk van hulle kakebeen af oplig en Ek het My neergebuig en hom gevoed.
5 Hulle sal nie na die land van Mitzrayim terugkeer nie, maar Ashur, hy sal hulle koning wees omdat hulle geweier het om terug te draai. 2 Kon 17:6
6 Die swaard sal swaai teen hulle stede en sal hulle hekbalke vernietig en hulle verteer weens hulle planne.
7 My volk is geneig om van My af weg te draai. Alhoewel hulle sal roep tot God, soek hulle raad onder mekaar en sal niemand Hom oplig nie.
8 Hoe kan Ek jou opgee, o Efrayim? Hoe kan Ek jou oorgee, o Yisra'el? Hoe kan Ek jou maak soos Admah, jou behandel soos Tzvoyim? My verstand, wil en emosie is omgekeer in My, al My liefdevolle omgee is opgewek.
9 Ek sal nie My vreeslike toorn uitvoer nie; Ek sal Efrayim nie weer vernietig nie, want Ek is God en nie mens nie, die Afgesonderde Een in jou midde en Ek sal nie kom in toorn nie.
10 Hulle sal agter יהוה aan loop; Hy sal brul soos 'n leeu; inderdaad sal Hy brul en Sy seuns sal bewend van die weste af kom.
11 Hulle sal soos voëls bewend vanaf Mitzrayim kom en soos duiwe uit die land van Ashur en Ek sal hulle plaas in hulle huise," verklaar יהוה.

12 1 Efrayim het My omring met leuens en die huis van Yisra'el met misleiding; Y'hudah is ook bandeloos teen God, 2 Kon 23:26,27; 24:2; `Am 2:4; Mal 2:11 teen die Afgesonderde Een wat getrou is.
2 Efrayim hou hom besig met wind en hy volg die oostewind voortdurend na; hy vermenigvuldig leuens en geweld. Meer nog, hy sluit 'n verbond met Ashur en olie word na Mitzrayim gedra.
3 יהוה het ook 'n twis met Y'hudah en sal Ya'akov straf volgens sy lewenswyse, hom terugbetaal volgens sy dade.
4 In die moederskoot het hy sy broer aan die hakskeen gevat en in sy volwassenheid het hy met God geveg. Gen 25:26; 32:24-29
5 Ja, hy het met die boodskapper geworstel en die oorhand gekry; hy het gehuil en Sy guns gesoek. Hy het Hom by Beit-El gevind en daar het Hy met ons gepraat,
6 יהוה, God van die leërmagte, יהוה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit).
7 Keer daarom terug tot jou God, beoefen liefdevolle omgee en regverdige oordeel en wag voortdurend op jou God.
8 'n Handelaar, in wie se hand vals weegskale is, hy hou daarvan om te bedrieg.
9 Efrayim sê: "Ek het sekerlik ryk geword, ek het rykdom vir myself gevind; in al my arbeid sal hulle geen onregverdigheid in my vind, wat sonde sou wees nie." Open 3:17
10 Ek is egter יהוה, jou God, sedert die land van Mitzrayim af; Ek sal jou weer in tente laat woon soos in die dae van die aangestelde fees (Sukkot).
11 Ek het ook met die profete gepraat en Ek het baie visioene gegee en deur die profete het Ek vergelykende stories gegee.

12 Is daar boosheid in Gil'ad? Hulle is sekerlik waardeloos. In Gilgal offer hulle bulle; ja, hulle altare is soos kliphope langs die vore van die lande.
13 Ya'akov het gevlug na die land van Aram en Yisra'el het gewerk om 'n vrou te kry en vir 'n vrou het hy vee opgepas,
14 maar deur 'n profeet het יהוה Yisra'el uit Mitzrayim gebring en deur 'n profeet is hulle versorg.
15 Efrayim het bitter woede opgewek; so sal sy God sy skuld vir bloedvergieting op hom los en sy smaad terugbring na hom toe.

13 1 Wanneer Efrayim gepraat het, was daar bewing; hy het homself opgelig in Yisra'el, maar deur Ba'al het hy verkeerd gedoen en gesterf
2 en nou sondig hulle meer en meer en maak vir hulleself gegote beelde, bekwaam gemaak van silwer, almal die werk van vakmanne. Hulle sê vir hulle: "Laat die man wat offer, die kalwers soen!"
3 Hulle sal daarom soos die oggendwolk wees en soos dou wat gou verdwyn, soos kaf wat weggewaai word vanaf die dorsvloer en soos rook uit 'n skoorsteen.
4 Tog was Ek, יהוה, sedert die land van Mitzrayim jou God en buiten My moes jy geen God geken het nie, want daar is geen redder buiten My nie.
5 Ek het vir jou gesorg in die wildernis, in die land van droogtes.
6 Soos hulle hul weiding gehad het, het hulle versadig geword en versadig, het hulle verstand, wil en emosie hoogmoedig geword; daarom het hulle My vergeet. Deut 8:10-
7 Ek sal vir hulle soos 'n leeu wees, soos 'n luiperd sal Ek langs die pad lê en wag.
8 Ek sal teen hulle kom soos 'n beer wat van haar kleintjies beroof is en Ek sal hulle borskaste oopbreek; daar sal Ek hulle ook verslind soos 'n leeuin, soos 'n wilde dier hulle sal verskeur.
9 Dit is tot jou vernietiging, o Yisra'el, dat jy teen My, jou Helper, is.
10 Waar is jou koning nou dat hy jou in al jou stede kan red en jou regters van wie jy gevra het: "Gee vir my 'n koning en prinse"?
11 Ek het vir jou 'n koning gegee in My woede en hom weggevat in My toorn.
12 Die onregverdigheid van Efrayim is opgebind; sy sonde opgestoor.
13 Die pyn van kindergeboorte kom oor hom; hy is nie 'n wyse seun nie, want dit is nie die tyd dat hy moet uitstel om as eersteling gebore te word nie.
14 Sal Ek hulle loskoop uit die krag van Sh'ol? Sal Ek hulle terugkoop uit die dood? Dood, waar is jou dorings? Sh'ol, waar is jou angel? 1 Kor 15:55; Open 1:18 Vertroosting is verborge vir My oë.
15 Alhoewel hy floreer tussen die riete sal 'n oostewind kom, die wind van יהוה, wat uit die wildernis opkom en sy fontein sal droog word en sy bron sal opgedroog wees. Dit sal sy skat van alle kosbare voorwerpe plunder.

14 1 Shomron sal skuldig gehou word, want sy het teen haar God rebelleer. Hulle sal val deur die swaard, hulle kinders sal in stukkies verpletter word en hulle verwagtende vroue sal oopgesny word.
2 Keer terug, o Yisra'el, na יהוה, jou God, want jy het gestruikel deur jou onregverdigheid.

3 Neem woorde saam met julle en keer terug na יהוה. Sê vir Hom: "Verwyder alle onregverdigheid en ontvang ons goedgunstiglik sodat ons die vrug van ons lippe kan aanbied.
4 "Ashur kan ons nie red nie, ons sal nie op perde ry nie en ons sal ook nie meer sê: 'Ons god,' vir die werk van ons hande nie, want in U vind die weeskind onverdiende guns."
5 Ek sal hulle afvalligheid genees, Ek sal hulle vrylik liefhê, want My woede het van hulle af weggedraai.
6 Ek sal vir Yisra'el wees soos die dou; hy sal bloei soos die lelie en hy sal wortelskiet soos die L'vanon.
7 Sy lote sal uitgroei en sy prag sal wees soos die olyfboom en sy geur soos die L'vanon.
8 Die wat in Sy skaduwee leef, sal weer koring groei en hulle sal bloei soos die wingerdstok. Sy bekendheid sal wees soos die wyn van L'vanon.
9 O Efrayim, wat het Ek nog met afgode te doen? Dit is Ek wat antwoord en na jou kyk. Ek is soos 'n weelderige Sipres; van My af kom jou vrug.
10 Wie ook al wys is, laat hom hierdie dinge verstaan; wie ook al onderskeiding het, laat hom dit ken! Want die lewenswyse van יהוה is reg en die onpartydige en opregte sal daarin loop, maar die oortreders sal daarin struikel!

Die sestiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die elfde boek van die Profete

Die vyfde boek van die Latere Profete

Die tweede van die twaalf

Yo'el
(Joël)

יואל - יהוה is die Magtige God

Die boek is deur die profeet Yo'el (Yo' 1:1) geskryf, maar die tyd waarin dit geskryf is, is onseker.

1 1 Die boodskap van יהוה wat tot Yo'el, die seun van P'tu'el, gekom het.
2 Luister hierna, o oudstes en luister, al die inwoners van die land! Het so iets in julle dae of in die dae van julle vaders gebeur?
3 Vertel julle seuns daarvan en laat julle seuns dit aan hulle seuns vertel en húlle seuns aan die volgende geslag.
4 Wat die knaagsprinkaan laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvretersprinkaan verslind.
5 Word wakker, dronkaards en huil! Treur, al julle wyndrinkers, oor die soetwyn wat afgesny is van julle mond,
6 want 'n magtige en ontelbare nasie het my land ingeval; sy tande is die tande van 'n leeu en dit het die slagtande van 'n leeuin. Deut 28:49,50
7 Dit het my wingerdstok verwoes en my vyeboom versplinter; dit het hulle skoon gestroop en weggegooi; hulle takke het wit geword.
8 Treur soos 'n maagd, omgord met 'n roukleed, oor die bruidegom van haar jeug.
9 Die graanoffer en die drankoffer is afgesny van die huis van יהוה. Die priesters, die bedienaars van יהוה, treur.
10 Die veld is verwoes, die land treur, want die graan is verwoes, die nuwe wyn droog op, nuwe olie faal.
11 Wees beskaamd, o landbouers; treur, o wynboere; oor die koring en oor die gars omdat die oes op die land vernietig is.
12 Die wingerdstok verdroog en die vyeboom faal; die granaat, asook die palm en die appelboom, al die bome van die land verdroog. Inderdaad, vreugdevolheid droog op vanuit die seuns van 'n mens.
13 Omgord julleself en weeklaag, o priesters; huil, o bedienaars van die altaar! Kom, oornag in rouklere, o bedienaars van my God, want die graanoffer en die drankoffer word teruggehou van die huis van julle God.
14 Sonder 'n vasdag af, roep 'n ernstige byeenkoms uit; versamel die oudstes, al die inwoners van die land, in die huis van יהוה, julle God en roep uit tot יהוה.
15 O, die dag, want die dag van יהוה is naby en dit sal kom as 'n vernietiging vanaf die Almagtige.
16 Is kos nie voor ons oë afgesny nie; blydskap en vreugde vanuit die huis van ons God?
17 Die saad krimp weg onder hulle kluite, die stoorkamers is verlate, die store is afgebreek, want die koring het opgedroog.
18 Hoe sug die diere! Die troppe beeste dwaal doelloos, want daar is geen weiding vir hulle nie; selfs die troppe kleinvee kry swaar.
19 Tot U, o יהוה, roep ek uit, want 'n vuur het die weivelde van die wildernis verteer en die vlam het al die bome van die veld afgebrand.
20 Selfs die diere van die veld smag na U, want die waterstrome het opgedroog en vuur het die weivelde van die wildernis verteer.

2 1 Blaas 'n ramshoring in Tziyon en maak alarm op My afgesonderde berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van יהוה kom, waarlik, dit is naby,
2 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en 'n dik donkerte; soos die oggendskemering, uitgesprei oor die berge, so is daar 'n groot en magtige volk, soos wat daar nog nooit was nie en vir baie geslagte se jare ook nie weer sal wees nie.
3 Voor hom uit verteer 'n vuur en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van `Eden en agter hom is dit 'n verlate wildernis en hoegenaamd niks ontsnap van hom nie.
4 Hulle voorkoms is soos die voorkoms van perde en soos oorlogsperde, so hardloop hulle.
5 Soos die geluid van waens spring hulle op die bergtoppe, soos die geknetter van 'n vlam wat die kaf verteer, soos 'n magtige volk wat vir die geveg opgestel is.
6 Die volke is in angs voor hom; alle gesigte verbleek.
7 Hulle hardloop soos magtige manne, hulle klim die muur soos soldate en elkeen marsjeer in lyn en wyk nie af van hulle pad nie.
8 Hulle druk nie teen mekaar aan nie, elkeen marsjeer op sy pad; wanneer hulle deur die verdediging bars, breek hulle nie formasie nie.
9 Hulle storm af op die stad, hulle hardloop op die muur, hulle klim in die huise in, hulle gaan deur die vensters in soos 'n dief.
10 Die aarde skud voor hulle, die hemele bewe; die son en die maan word donker en die sterre verloor hulle glans. Mar 13:25
11 יהוה verhef Sy stem voor Sy leërmag uit; Sy kamp is waarlik baie groot, want hy wat Sy woord uitvoer, is sterk. Die dag van יהוה is waarlik groot en uitermate ontsagwekkend en wie kan dit verdra?
12 "Tog, selfs nou," verklaar יהוה, "draai terug na My toe met jou hele verstand, wil en emosie en met vas, met gehuil en met rou
13 en skeur julle verstand, wil en emosie en nie julle klere nie en wees berouvol oor boosheid." Draai nou terug na יהוה, julle God, want Hy is goedgunstig en het liefdevolle omgee, stadig om kwaad te word en is oorvloedig in liefdevolle goedheid. Eks 34:6; Yon 4:2; Nag 1:3; Ps 145:8; Neg 9:17
14 Wie weet of Hy nie weer sal draai en berou en 'n seën agter Hom sal laat nie, selfs 'n graanoffer en 'n drankoffer aan יהוה, julle God?
15 Blaas 'n ramshoring in Tziyon, sonder 'n vas af, verklaar 'n ernstige byeenkoms,
16 maak die volk bymekaar, sonder die gemeente af, vergader die oudstes, maak die kinders en die suigelinge bymekaar! Laat die bruidegom uit sy kamer uitkom en die bruid uit haar kamer.
17 Laat die priesters, die bedienaars van יהוה, tussen die stoep en die altaar huil en laat hulle sê: "O יהוה, spaar U volk en maak nie van U erfenis 'n bespotting, 'n bywoord onder die nasies nie. Waarom sou hulle onder die volke sê: 'Waar is hulle God?'"
18 Dan sal יהוה ywerig wees vir Sy land en jammer wees vir Sy volk.

19 יהוה sal antwoord en vir Sy volk sê: "Let op, Ek gaan vir julle graan, nuwe wyn en olie stuur en julle sal ten volle daardeur versadig word en Ek sal julle nooit weer 'n voorwerp van spot maak onder die nasies nie,
20 maar Ek sal die leërmag vanuit die noorde ver van julle af verwyder en Ek sal dit in 'n geskroeide en verlate land indryf; sy voorhoede in die oostelike see en sy agterhoede in die westelike see. Sy stank sal opstyg en sy slegte reuk opkom, want dit het groot dinge gedoen."
21 Moenie bang wees nie, o land, swaai in die rondte van vreugde en wees bly, want יהוה het groot dinge gedoen!
22 Moenie bang wees nie, diere van die veld, want die weivelde van die wildernis het groen geword, want die bome het hulle vrugte gedra, die vyeboom en die wingerdstok het ten volle gelewer!
23 Swaai in die rondte van vreugde, o seuns van Tziyon en wees bly in יהוה, julle God, want Hy het vir julle die Leermeester gegee as julle verklaring van onskuld en die reën vir julle laat val, die vroeë en die laat reëns, net soos voorheen. [Deut 11:14; Yir 5:24]
24 Die dorsvloere sal vol graan wees en die vate sal oorloop met die nuwe wyn en olie.
25 "Dan sal Ek vir julle opmaak vir die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die knaagsprinkaan geëet het, My groot leërmag wat Ek onder julle gestuur het.
26 Julle sal oorvloedig hê om te eet en versadig wees en die Karakter en Outoriteit van יהוה, julle God, prys wat wonderbaarlik met julle gehandel het; dan sal My volk nooit beskaamd word nie.
27 So sal julle weet dat Ek tussen Yisra'el is en dat Ek יהוה, julle God, is en daar is geen ander nie en My volk sal nooit beskaamd word nie.
28 Dit sal gebeur na hierdie dat Ek My Gees sal uitstort op die hele mensdom en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense sal drome droom en julle jongmanne sal visioene sien. [Yeg 39:29; Hand 2:1-4, 16-17]
29 Selfs op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae My Gees uitstort.
30 Ek sal wonders in die lug vertoon en op die aarde: bloed, vuur en pilare van rook.
31 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en ontsagwekkende dag van יהוה kom. [Luk 21:25]
32 Dit sal gebeur dat elkeen wat die Karakter en Outoriteit van יהוה aanroep, bevry sal word, [Rom 10:13] want op die berg Tziyon en in Yerushalayim sal daar bevryding wees, soos יהוה gesê het aan die oorgeblewenes wat יהוה geroep het, [`Ova 1:17]

3 1 want let op, in daardie dae en in daardie tyd wanneer Ek die voorspoed van Y'hudah en Yerushalayim herstel, [Yeg 39:25-29]
2 sal Ek al die nasies bymekaarmaak en hulle afbring na die vallei van Y'hoshafat. Dan sal Ek hulle daar oordeel ter wille van My volk en My erfenis, Yisra'el, wat hulle onder die nasies verstrooi en My land opgedeel het.
3 Hulle het ook die lot gewerp oor My volk, 'n jong seun geruil vir 'n hoer en 'n meisie verkoop vir wyn dat hulle dit kan drink.

4 Meer nog, wat is julle vir My, o Tzor, Tzidon en al die streke van F'leshet? Bied julle vir My vergelding aan? As julle My egter vergeld, sal Ek vinnig en gou julle vergelding op julle kop laat neerkom.
5 Aangesien julle My silwer en My goud gevat het en My kosbare skatte na julle tempels gebring het
6 en die seuns van Y'hudah en Yerushalayim aan die Yavanese verkoop het, om hulle van hul grondgebied af te verwyder.
7 Let op, Ek gaan hulle laat opstaan uit die plek waarheen julle hulle verkoop het en julle vergelding op julle koppe laat neerkom.
8 Ek sal ook julle seuns en julle dogters in die hand van die seuns van Y'hudah verkoop en dié sal hulle verkoop aan die seuns van Sh'va, aan 'n nasie wat ver is," want יהוה het gepraat.
9 Kondig dit aan onder die nasies: berei voor vir 'n oorlog; wek die magtige manne op. Laat al die soldate naderkom, laat hulle opruk!
10 Smee julle ploegskare in swaarde en julle snoeimesse in spiese; laat die swakkes sê: "Ek is 'n magtige man."
11 Haas julle en kom, al julle nasies rondom en kom daar bymekaar. Bring U magtiges af, o יהוה!
12 Laat die nasies opgewek word en opkom na die vallei van Y'hoshafat, want daar sal Ek sit om al die nasies rondom te oordeel.
13 Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom, trap, want die parskuip is vol, die vate loop oor, want hulle boosheid is groot. Open 19:15
14 Menigtes, menigtes in die Vallei van Beslissing, want die dag van יהוה is naby in die Vallei van Beslissing!
15 Die son en die maan word donker en die sterre verloor hulle helderheid. Mar 13:25
16 יהוה brul uit Tziyon en verhef Sy stem uit Yerushalayim en die hemele en die aarde bewe, maar יהוה sal 'n toevlug wees vir Sy volk en 'n vesting vir die seuns van Yisra'el,
17 dan sal julle weet dat Ek יהוה, julle God is, wat woon op Tziyon, My afgesonderde berg. Yerushalayim sal afgesonderd wees en vreemdelinge sal nie meer deur dit trek nie. Yeg 47:22-23
18 Op daardie dag sal die berge drup van soetwyn en die heuwels sal vloei met melk en al die stroompies van Y'hudah vloei met water; 'n fontein sal uit die huis van יהוה uitkom om die vallei van Sheetim water te gee. Yeg 47:1-12
19 Mitzrayim sal 'n woesteny word en Edom 'n verlate wildernis, as gevolg van die geweld wat aan die seuns van Y'hudah gedoen is, in wie se land hulle onskuldige bloed vergiet het.
20 Y'hudah sal egter vir ewig bewoon word en Yerushalayim vir alle geslagte.
21 Ek sal hulle bloed wreek, wat Ek nog nie gewreek het nie, want יהוה bly in Tziyon.

Die sewentiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die twaalfde boek van die Profete

Die sesde boek van die Latere Profete

Die derde boek van die twaalf

`Amos
(Amos)

עמוס - 'n las of lasdraer

Die boek is deur die profeet `Amos (`Am 1:1) rondom 760 voor Yeshua se koms geskryf.

1 1 Die woorde van `Amos, een van die skaapboere van T'koa, wat hy deur visioene aangaande Yisra'el in die dae van `Uziyah, koning van Y'hudah en in die dae van Yarov'am, seun van Y'ho'ash, koning van Yisra'el, twee jaar voor die aardbewing, gesien het.
2 Hy het gesê: "יהוה brul uit Tziyon en verhef Sy stem uit Yerushalayim en die herders se weivelde treur en die top van Karmel droog uit."
3 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Dammesek, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle Gil'ad met skerp ysters gedors het.
4 Ek sal 'n vuur oor die huis van Haza'el stuur en dit sal die kastele van Ben-Hadad verteer.
5 Ek sal ook die grendel van Dammesek breek en die inwoners uit die vallei van Aven en vir hom wat die septer dra uit Beit-`Eden afsny; so sal die volk van Aram in ballingskap gaan na Kir," sê יהוה. Yir 49:23-27
6 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van `Azah, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle 'n ganse bevolking in ballingskap weggevoer het om hulle aan Edom uit te lewer.
7 Ek sal 'n vuur stuur op die muur van `Azah en dit sal sy kastele verteer.
8 Ek sal ook die inwoners van Ashdod afsny en vir hom van Ashkelon wat die septer dra; Ek sal selfs My krag teen `Ekron vrystel en dié wat oorgebly het van die F'lishtyne sal omkom," sê יהוה-God.
9 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Tzor, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle 'n ganse bevolking aan Edom oorgegee het en nie die verbond van broederskap onthou het nie.
10 Ek sal 'n vuur stuur op die muur van Tzor en dit sal sy kastele verteer."
11 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Edom, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hy sy broer met die swaard agtervolg het terwyl hy sy liefdevolle omgee gesmoor het; sy woede het ook voortdurend verskeur en hy het sy toorn ewiglik behou.
12 Ek sal vuur stuur op Teman en dit sal die kastele van Botzrah verteer."
13 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van die seuns van `Ammon, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle die swanger vroue van Gil'ad oopgesny het om hulle grondgebied uit te brei.
14 Ek sal 'n vuur aansteek op die muur van Rabbah en dit sal sy kastele verteer te midde van gevegskrete op die dag van die geveg en 'n storm op die dag van die orkaan.
15 Hulle koning sal in ballingskap gaan, hy, saam met sy prinse," sê יהוה.

2 1 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Mo'av, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het.
2 Ek sal vuur op Mo'av stuur en dit sal die kastele van K'riot verteer en Mo'av sal te midde van opskudding sterf, met oorlogsuitroepe en die klank van die ramshoring.
3 Ek sal die regter uit haar midde uitsny en al haar prinse saam met haar neerslaan," sê יהוה.

4 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Y'hudah, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle die wet van יהוה verwerp het [2 Kon 23:26,27; 24:2; Hos 12:1; Mal 2:11] en nie Sy instellings onderhou het nie; hulle leuens het hulle ook verlei, dié waar agter hulle vaders aangeloop het.
5 Ek sal vuur op Y'hudah stuur en dit sal die kastele van Yerushalayim verteer."
6 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Yisra'el, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle die onpartydige en opregte vir silwer verkoop het en die behoeftige vir 'n paar sandale waarmee hulle in die stof van die aarde trap;
7 hulle onderdruk die hulpeloses en weerhou regverdige oordeel van die vaderloses en 'n man en sy vader gaan in by dieselfde jongmeisie om My afgesonderde Naam te onteer. [Lev 18]
8 Hulle strek hulleself uit in vuil klere langs elke altaar en drink die wyn van veroordeeldes in die huis van hulle god.
9 Tog was dit Ek wat die Emoriete voor hulle uit vernietig het, alhoewel sy hoogte soos die hoogte van seders was en hy so sterk soos die eikebome was; Ek het selfs sy vrug bo en sy wortels onder vernietig.
10 Dit was Ek wat julle uit die land van Mitzrayim gebring en julle veertig jaar lank in die woestyn gelei het dat julle die land van die Emoriete in besit kan neem.
11 Toe het Ek sommige van julle seuns as profete opgelig en sommige van julle jongmanne as Natzireërs. Is dit nie so nie, o seuns van Yisra'el?" verklaar יהוה.
12 "Julle het egter die Natzireërs wyn laat drink en die profete beveel en gesê: 'Julle mag nie profeteer nie!' [2 Kro 21:11]
13 Let op, Ek word onder julle afgedruk soos 'n wa afgedruk word wanneer dit volgemaak word met gerwe.
14 Ontvlugting sal vergaan vir die vinniges en die staatmaker sal nie sy krag versterk of die magtige manne sy lewe red nie.
15 Hy wat die boog vasvat sal nie staan, die vlugvoetige nie ontsnap, of hy wat 'n perd ry sy lewe red nie.
16 Selfs die dapperste onder die soldate sal op dié dag kaal wegvlug," verklaar יהוה.

3 1 Gee ag op hierdie boodskap wat יהוה teen julle gepraat het, seuns van Yisra'el; teen die hele familie wat Hy uit die land van Mitzrayim gebring het:
2 "Julle alleen het Ek uit al die families van die aarde gekies; dáárom sal Ek julle straf vir al julle onregverdighede.
3 Loop twee manne saam as hulle nie 'n afspraak gemaak het nie?
4 Brul 'n leeu in die woud as hy geen prooi het nie? Sal 'n jong leeu grom uit sy lêplek as hy nie iets gevang het nie?
5 Sal 'n voël in 'n net op die grond val as daar geen aas in is nie? Sal 'n wip van die grond af opspring wanneer dit niks gevang het nie?
6 As 'n ramshoring in die stad geblaas word, sal die mense nie bewe nie? As 'n katastrofe in die stad gebeur, het יהוה dit nie gedoen nie?"
7 Sekerlik doen יהוה-God niks tensy Hy Sy geheime raadsbesluit aan Sy diensknegte, die profete, openbaar het nie.
8 'n Leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? יהוה-God het gepraat, wie kan nie anders as om te profeteer nie?

9 Verkondig oor die kastele in Ashdod en oor die kastele in die land van Mitzrayim en sê: " 'Maak julleself bymekaar op die berge van Shomron en sien die groot storms en die onderdrukking in haar midde,'
10 maar hulle weet nie hoe om te doen wat reg is nie," verklaar יהוה, "hulle wat geweld en vernietiging ophoop in hulle kastele;"
11 daarom, so sê יהוה-God: "'n Vyand, een wat die land omsingel, sal jou krag van jou af neerwerp en jou kastele sal geplunder word."
12 So sê יהוה: "Net soos 'n herder 'n paar pote of 'n stukkie oor red uit die bek van 'n leeu, net so sal die seuns van Yisra'el wat in Shomron bly, saam met hulle wat in Dammesek bly, deur 'n staf wat skielik slaan, gered word.
13 Luister en getuig teen die huis van Ya'akov," verklaar יהוה-God, die God van die leërmagte,
14 "want op die dag wat Ek Yisra'el se oortredinge straf, sal Ek die altare van Beit-El straf; die horings van die altaar sal afgesny word en hulle sal op die grond val.
15 Ek sal ook die wintershuis saam met die somershuis tref; die huise van ivoor sal ook vergaan en die groot huise sal tot 'n einde kom," verklaar יהוה.

4 1 Luister en gee ag op hierdie boodskap, koeie van Bashan, wat op die berg van Shomron is, wat die armes onderdruk, die behoeftiges vergruis, wat vir hulle mans sê: "Bring nou sodat ons kan drink!"
2 יהוה-God het gesweer by Sy Afgesonderdheid: "Let op, die dae kom oor julle dat hulle julle met vleishake sal wegvat en die laastes van julle met vishoeke.
3 Elke vrou sal deur gapings in die muur uitgaan, elkeen reg voor haar en hulle sal na die berg van Armenië gegooi word," verklaar יהוה-God.
4 "Gaan Beit-El binne en oortree; in Gilgal vermenigvuldig oortredinge! Bring elke oggend julle offers, julle tiendes elke drie dae.
5 Offer ook van wat gesuurd is 'n dankoffer en roep vrywillige offers uit, maak dit bekend, want julle hou daarvan om dit te doen, seuns van Yisra'el!" verklaar יהוה-God.
6 "Ék het julle egter reinheid van tande (tekort aan kos) gegee in al julle stede en gebrek aan brood in al julle plekke, nogtans het julle nie na My toe teruggedraai nie," verklaar יהוה.
7 Verder het Ék die reën van julle af teruggehou toe daar nog drie maande oor was na oestyd. Toe sou Ek reën stuur oor een stad en op 'n ander stad geen reën nie; dit sal op een deel reën kry terwyl die deel waarop nie reën val nie, sal verdroog.
8 So het twee of drie stede by een stad bymekaargekom om water te drink, maar hulle het nie genoeg gekry nie; nogtans het julle nie na My toe teruggedraai nie," verklaar יהוה.
9 "Ek het julle geslaan met skroeiende wind en muf en die ruspe het julle baie tuine, wingerde, vyebome en olyfbome verslind; nogtans het julle nie teruggekeer na My toe nie," verklaar יהוה.
10 "Ek het 'n plaag onder julle gestuur, op die manier van Mitzrayim; Ek het julle jongmanne met die swaard neergeslaan saam met julle gevangde perde en Ek het die stank van julle kamp laat opstyg in julle neusgate; nogtans het julle nie na My toe teruggedraai nie," verklaar יהוה.

11 "Ek het julle omgegooi soos Ek S'dom en `Amorah omgegooi het en julle was soos 'n stuk brandhout wat uit 'n vuur geruk is; nogtans het julle nie na My toe teruggedraai nie," verklaar יהוה.
12 "Ek sal daarom só met jou maak, o Yisra'el omdat Ek só met jou sal doen, maak gereed om jou God te ontmoet, o Yisra'el,"
13 want let op, Hy wat berge vorm, die wind skep en aan die mens Sy gedagte bekendmaak, Hy wat die sonsopkoms in duisternis maak en op die hoë plekke van die aarde loop, יהוה, God van die leërmagte, is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)!

5 1 Luister en gee ag op hierdie boodskap wat Ek vir julle as 'n klaaglied aanhef, o huis van Yisra'el:
2 Sy het geval, sy sal nie weer opstaan nie, die maagd Yisra'el. Sy is alleen gelos op haar land; daar is niemand om haar op te tel nie,
3 want so sê יהוה-God: "Die stad wat met 'n duisend sterk uitgaan, sal 'n honderd oor hê en die een wat met 'n honderd uitgaan, sal tien oor hê vir die huis van Yisra'el,"
4 want so sê יהוה aan die huis van Yisra'el: "Soek My sodat julle kan leef,
5 maar neem nie jou toevlug tot Beit-El en kom nie na Gilgal of gaan oor na Be'er-Sh'va nie, want Gilgal sal sekerlik in ballingskap gaan en Beit-El sal in moeilikheid kom.
6 Soek יהוה sodat julle kan lewe anders sal Hy soos 'n vuur in die huis van Yosef uitbreek en Beit-El verteer en daar sal niemand wees om dit te blus nie.
7 Julle wat regverdige oordeel in wilde-als (bitterheid) verander en onpartydige opregtheid teen die grond gooi!"
8 Hy wat die Sewester en Orion gemaak het en die diep duisternis na oggend verander, wat ook die dag verdonker na nag, wat uitroep na die waters van die see en dit uitgooi oor die oppervlakte van die aarde, יהוה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)!
9 Dit is Hy wat die swakke laat heers oor die sterke en die nederige oplig bo die trotse!
10 Hulle haat hom wat in die poort bestraf en hulle verafsku hom wat met integriteit praat.
11 Om rede julle 'n swaar rente op die arme lê en van hulle 'n heffing van graan vat, het julle huise van goed gekapte klippe gebou, tog sal julle nie daarin woon nie; julle het aangename wingerde geplant, tog sal julle die wyn daarvan nie drink nie,
12 want Ek weet dat julle oortredings baie is en julle sondes groot, julle wat die onpartydige en opregte benoud maak, omkoopgeld aanvaar en die armes in die poort wegstoot;
13 daarom bly die versigtige stil tydens so 'n tyd, want dit is 'n bose tyd.
14 Soek wat goed is en nie wat boos is nie sodat julle kan lewe en mag יהוה, die God van die leërmagte, só by julle wees, net soos julle gesê het.
15 Haat boosheid, wees lief vir wat goed is [Rom 16:19; 1 Kor 14:20] en vestig regverdige oordeel in die poort! Miskien sal יהוה, die God van die leërmagte, onverdiende guns bewys oor die wat oorbly van Yosef;

16 daarom, so sê יהוה, die God van die leërmagte: "Op al die pleine is daar 'n geweeklaag en op al die strate sê hulle: 'Ag tog, ag tog!' Hulle roep ook die boer tot rou en die beroepsklaers tot treurliedere.
17 Daar is ook 'n geweeklaag in al die wingerde omdat Ek in jou midde sal deurgaan," sê יהוה.
18 Ag tog, julle wat na die dag van יהוה verlang, want watter doel sal die dag van יהוה vir julle hê? Dit sal duisternis wees en nie lig nie; [1 Thes 5:2]
19 soos wanneer 'n man vlug vir 'n leeu en 'n beer loop hom raak; of huis toe gaan, teen die muur leun met sy hand en 'n slang byt hom!
20 Sal die dag van יהוה nie duisternis wees in plaas van lig nie, selfs donkerte sonder helderheid daarin?
21 "Ek haat, Ek verwerp julle feeste en het ook geen vreugde in julle ernstige byeenkomste nie.
22 Selfs al offer julle vir My brandoffers en julle graanoffers, Ek sal hulle nie aanvaar nie en Ek sal nie eers kyk na die vredesoffer van julle vetgemaakte diere nie.
23 Verwyder van My die geraas van jou liedere; Ek sal nie eens luister na die klank van jou harpe nie
24 en laat die regverdige oordeel afrol soos water en onpartydige opregtheid soos 'n ewig vloeiende stroom.
25 Het julle offers en graanoffers tot My gebring in die wildernis vir veertig jaar lank, o huis van Yisra'el?
26 Julle het ook vir Sikkut, julle koning en Kiyun, julle beelde, die ster van julle gode, wat julle vir julleself gemaak het, gedra; [Hand 7:43]
27 daarom sal Ek julle anderkant Dammesek in ballingskap laat gaan," sê יהוה, wie se Naam God van die leërmagte is.

6 1 Wee die gerustes in Tziyon en die wat veilig voel op die berg van Shomron, die vooraanstaandes van die voorstes van die nasies, na wie die huis van Yisra'el kom!
2 Gaan oor na Kalneh en kyk, gaan vandaar na Hamat, die grote, gaan dan af na Gat van die F'lishtyne! Is hulle beter as hierdie koninkryke, of is hulle grondgebied groter as julle s'n?
3 Hulle wat wag op die dag van onheil en die blyplek van boosheid laat nader kom;
4 hulle wat op beddens van ivoor lê, hulleself oorgee aan plesiere op hulle rusbanke en die vetgemaakte lammers van die kleinvee en die kalwers uit die stal eet,
5 wat sing by die klank van die harp, hulleself bekwaam beskou met musiekinstrumente soos Dawid,
6 wat suiwer wyn drink en hulleself met die beste soorte olie salf, maar hulle is gevoelloos oor die vernietiging van Yosef;
7 daarom sal hulle nou aan die voorpunt van die ballinge in ballingskap gaan en die vreugde sal van hulle heersers af weggevat word.
8 יהוה-God het by Homself gesweer, יהוה-God van die leërmagte het verklaar: "Ek verafsku die arrogansie van Ya'akov en haat sy kastele; daarom sal Ek die stad en alles wat daarin is oorlewer."

9 Dit sal wees as daar tien man in een huis oorgebly het, hulle sal sterf,
10 dan sal die een se oom, of sy begrafnis-ondernemer, hom oplig om sy lyk uit die huis uit te dra en aan die een wat in die heel binneste van die huis is, sê: "Is enige iemand anders by jou?" Daardie een sal antwoord: "Nie een nie." Dan sal hy antwoord: "Bly stil, want die Naam van יהוה moenie genoem word nie,"
11 want let op, יהוה gaan beveel dat die groot huis tot stukkies geslaan word en die klein huisie tot splinters.
12 Kan perde op rotse hardloop, of ploeg 'n mens op hulle met osse? Tog het julle die regverdige oordeel in gif verander en die vrug van onpartydige opregtheid in wilde-als.
13 Julle wat bly is oor nietigheid en sê: "Het ons nie deur ons eie krag horings verkry nie?"
14 "Want let op, Ek gaan 'n nasie teen julle opwek, o huis van Yisra'el," verklaar יהוה-God van die leërmagte, "en hulle sal julle teister vanaf die ingang na Hamat af tot by die spruit van die Vlakte (`Aravah). Deut 28:49

7 1 Dit het יהוה-God my laat sien en let op, Hy het 'n sprinkaanswerm gevorm toe die lente-oes begin uitspruit en let op, die lente-oes was nadat die koning gemaai het.
2 Dit het gebeur, toe hulle klaar was om die gewasse van die land te eet, dat ek gesê het: "יהוה-God, spreek vry asseblief! Hoe kan Ya'akov staan, want hy is klein?"
3 יהוה het Sy gedagtes hieroor verander. "Dit sal nie gebeur nie," het יהוה gesê.
4 Dit het יהוה-God my laat sien en let op, יהוה-God het geroep om met hulle in stryd te gaan deur vuur en dit het die groot ondergrondwater verteer en het begin om die landerye te verteer.
5 Toe het ek gesê: "יהוה-God, hou op asseblief! Hoe kan Ya'akov staan, want hy is klein?"
6 יהוה het Sy gedagtes hieroor verander. "Dit sal ook nie gebeur nie," het יהוה-God gesê.
7 Dit het Hy my laat sien en let op, יהוה het by 'n loodregte muur gestaan met 'n skietlood in Sy hand.
8 יהוה het vir my gesê: "Wat sien jy, `Amos? Ek het geantwoord: "'n Skietlood." Toe sê יהוה: "Let op, Ek is op die punt om 'n skietlood in die midde van My volk Yisra'el te sit. Ek sal hulle nie langer spaar nie.
9 Die belaglike afgodstempels sal verlate gemaak word en die afgesonderde plekke van Yisra'el verwoes word. Dan sal Ek teen die huis van Yarov'am opstaan met die swaard."
10 Toe het Amatzyah, die priester van Beit-El, na Yarov'am, koning van Yisra'el, gestuur en gesê: "`Amos het teen u saamgesweer midde-in die huis van Yisra'el; die land kan nie al sy woorde uithou nie,
11 want so het `Amos gesê: 'Yarov'am sal deur die swaard sterf en Yisra'el sal sekerlik vanaf sy land in ballingskap gaan.'"
12 Toe sê Amatzyah vir `Amos: "Gaan, siener, vlug weg na die land van Y'hudah, eet daar brood en profeteer daar,

13 maar moenie langer in Beit-El profeteer nie, want dit is 'n afgesonderde plek van die koning en 'n koninklike blyplek."
14 Toe het `Amos Amatzyah geantwoord: "Ek is nie 'n profeet en ook nie die seun van 'n profeet nie, want ek is 'n veewagter en kweker van wildevyebome,
15 maar יהוה het my agter die kleinvee weggevat en יהוה het vir my gesê: 'Gaan, profeteer vir My volk Yisra'el.'
16 Hoor en gee nou ag op die boodskap van יהוה! Jy sê: 'Jy mag nie teen Yisra'el profeteer of teen die huis van Yitz'gak praat nie;'
17 daarom, so sê יהוה: 'Jou vrou sal 'n hoer word in die stad, jou seuns en jou dogters sal deur die swaard val, jou grond sal verdeel word met die meetlyn en jy self sal op onrein grond sterf. Meer nog, Yisra'el sal sekerlik vanaf sy land in ballingskap gaan.'" 2 Kon 17

8 1 Dít het יהוה-God vir my gewys en let op: 'n mandjie met somervrugte.
2 Hy het gesê: "Wat sien jy, `Amos?" Ek het geantwoord: "'n Mandjie somervrugte." Toe sê יהוה vir my: "Die einde het vir My volk Yisra'el gekom. Ek sal hulle nie langer spaar nie.
3 Die liedere van die paleis sal in daardie dag verander tot 'n weeklaag," verklaar יהוה-God. "Die lyke sal baie wees; hulle sal hulle in stilte op elke plek gooi."
4 Luister en gee ag hierop, julle wat die behoeftige vertrap om weg te doen met die nederiges van die land
5 en sê: "Wanneer is die Nuwemaan verby sodat ons koring mag verkoop en die Shabbat sodat ons die graanskuur kan oopmaak, om die efa kleiner en die sikkel groter te maak en te bedrieg met oneerlike skale; Lev 19:11
6 dat ons aan die armes vir silwer kan verkoop en die behoeftige betaal met die afval van die koring en die afval wat op die vloer van die stoorkamer oorbly, verkoop?"
7 יהוה het gesweer by die trots van Ya'akov: "Inderdaad, Ek sal nooit enige van hulle dade vergeet nie.
8 Sal die aarde nie hieroor skud en elkeen wat daarin bly, nie treur nie? Inderdaad, dit sal alles oprys soos die Nyl en dit sal rondgegooi word en wegsak soos die Nyl van Mitzrayim.
9 Dit sal gebeur in daardie dag," verklaar יהוה-God, "dat Ek die son twaalf uur die middag (die sesde uur) sal laat ondergaan en die aarde donker maak helder oordag, Luk 23:44
10 dan sal Ek julle feeste verander in rou en al julle liedere in klaagliedere en Ek sal 'n roukleed om elkeen se heupe sit en elke kop bles maak. Ek sal dit maak soos by die rou oor 'n enigste seun en die einde daarvan sal soos 'n bitter dag wees.
11 Let op, daar kom dae," verklaar יהוה-God, "wanneer Ek 'n hongersnood oor die land sal stuur, nie 'n honger na brood of 'n dors na water nie, maar eerder om die boodskap van יהוה te hoor en te doen. Deut 8:3; Mat 4:4; Yog 6:48-; Yog 7:37
12 Mense sal steier van see tot see en van die noorde na die ooste; hulle sal heen en weer gaan om die boodskap van יהוה te soek, maar hulle sal dit nie vind nie. Yog 7:36
13 In daardie dag sal die mooi maagde en die jongmanne van dors beswyk.

14 Dié wat sweer by die skuld van Shomron en sê: 'So waar as jou god leef, o Dan, so waar as die lewenswyse van Be'er-Sh'va leef,' hulle sal val en nie weer opstaan nie."

9 1 Ek het יהוה langs die altaar sien staan en Hy het gesê: "Slaan die pilaarkoppe sodat die drumpels skud en breek hulle op die koppe van almal! Dan sal Ek die wat van hulle oorbly met die swaard neerslaan: daar sal geen voortvlugtige uit hulle wees wat ontvlug of 'n vlugteling wat ontsnap nie.

2 Al grawe hulle in Sh'ol in, My hand sal hulle daaruit haal en al gaan hulle op na die hemel, Ek sal hulle van daar af afbring.

3 Al kruip hulle weg op die top van Karmel, Ek sal hulle daar opspoor en van daar af wegvat en al verberg hulle hul voor My oë op die bodem van die see, Ek sal die slang van daar af beveel en dit sal hulle byt.

4 Al gaan hulle as gevangenes voor hulle vyande uit, Ek sal van daar af die swaard beveel om hulle dood te maak en Ek sal My oog teen hulle rig ten kwade en nie ten goede nie,"

5 sê יהוה, God van die leërmagte, die Een wat die aarde aanraak en dit skud en almal wat daarop woon laat treur en dit laat oprys soos 'n vloed dit opsweep en laat wegsak soos die Nyl van Mitzrayim.

6 Die Een wat sy solders in die hemele bou en Sy koepel oor die aarde vestig; Hy wat die waters van die see roep en dit uitgiet op die oppervlak van die aarde, יהוה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)!

7 "Is julle nie vir My soos die seuns van Kush nie, o seuns van Yisra'el?" verklaar יהוה. "Het Ek Yisra'el nie gebring uit die land van Mitzrayim en die F'lishtyne uit Kaftor en die Arameërs uit Kir nie?

8 Let op, die oë van יהוה-God is op die sondige koninkryk en Ek sal dit van die oppervlak van die aarde af vernietig; nogtans sal Ek nie die huis van Ya'akov volkome vernietig nie," verklaar יהוה,

9 "want let op, Ek beveel en Ek sal die huis van Yisra'el onder al die nasies skud soos in 'n sif geskud word, maar daar sal nie 'n korrel op die grond val nie. Luk 22:31

10 Al die sondaars van My volk sal deur die swaard sterf; die wat sê: 'Die katastrofe sal ons nie inhaal of konfronteer nie.

11 In daardie dag sal Ek die vervalle hut van Dawid oplig en sy krake toebou; Ek sal ook sy puinhope oplig en dit herbou soos in die ou tyd Hand 15:16

12 dat hulle dit wat van Edom oorgebly het en al die nasies wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) geroep is, kan besit" verklaar יהוה, wat dit doen.

13 "Let op, die dae kom," verklaar יהוה, "wanneer die ploeër die maaier sal inhaal en die druiwetrapper die een wat die saad saai; wanneer die berge van nuwe wyn sal drup en al die heuwels hulle verbly.

14 Ek sal ook My volk Yisra'el uit gevangenskap herstel en hulle sal die verwoeste stede herbou en daarin bly; hulle sal ook wingerde plant en die wyn daarvan drink en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.

15 Ek sal hulle ook plant op hul land en hulle sal nie weer ontwortel word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie," sê יהוה, jou God.

Die agtiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die dertiende boek van die Profete

Die sewende boek van die Latere Profete

Die vierde boek van die twaalf

`Ovadyah
(Obadja)

עבדיה - Dienskneg van יהוה

Die boek is tydens die ballingskap - tyd onbekend - deur die profeet `Ovadyah (`Ov 1:1) geskryf.

1 1 Die visioen van `Ovadyah: so sê יהוה-God aangaande Edom: Ons het 'n verslag
vanaf die Teenwoordigheid van יהוה gehoor en 'n boodskapper is uitgestuur na die
nasies om te sê: "Staan op teen haar in die geveg!"
2 "Let op, Ek sal jou klein maak onder die nasies; jy word baie verag. Yir 49:15
3 Die arrogansie van jou verstand, wil en emosie het jou bedrieg, jy wat in die rotsklowe
bly, in die hoogtes en wat in jou gedagtes sê: 'Wie sal my afbring aarde toe?'
4 Al bou jy so hoog soos die arend, al maak jy jou nes tussen die sterre, Ek sal jou van
daar af afbring," verklaar יהוה.
5 "As diewe na jou toe kom, as rowers in die nag kom; o, hoe sal jy vernietig word;
sou hulle nie steel totdat hulle genoeg het nie? As druiwesnyers na jou toe kom, sou
hulle nie die na-oes laat oorbly het nie? Yir 49:9
6 O, hoe is `Esav gestroop, sy verborge skatte uitgesoek!
7 Al jou bondgenote sal jou wegstuur na die grens en die manne in vrede met jou sal
jou mislei en jou oorweldig. Hulle wat jou brood eet, sal vir jou 'n hinderlaag stel,
want `Esav het geen insig in hom nie!
8 Sal Ek nie op daardie dag," verklaar יהוה, "wyse manne uit Edom en die insig vanaf
die berg van `Esav, vernietig nie?
9 Dan sal jou magtige manne moedeloos wees, o Teman, sodat elkeen deur slagting
uitgeroei sal word op die berg van `Esav.
10 As gevolg van geweld teen jou broer Ya'akov, sal jy bedek wees met skande en jy
sal vir ewig afgesny word.
11 Op die dag toe jy op 'n afstand gestaan het, op die dag toe vreemdelinge sy rykdom
weggedra en buitelanders deur sy poorte ingegaan het en die lot oor Yerushalayim
gewerp het, was jy ook soos een van hulle!
12 Moenie lekker kry oor die dag van jou broer, die dag van sy teëspoed en moenie
jou verheug oor die seuns van Y'hudah op die dag van hulle vernietiging nie; ja,
moenie spog op die dag van hulle benoudheid nie!
13 Moenie die poort van My volk ingaan op die dag van hulle ramp nie. Ja, jy, moenie
lekkerkry oor hulle katastrofe op die dag van hulle ramp nie. Moenie hulle rykdom
buit op die dag van hulle ramp nie!
14 Moenie op die kruispad staan om sy vlugtelinge neer te slaan nie en moenie sy
oorlewendes in die tronk gooi op die dag van hulle benoudheid nie,
15 want die dag van יהוה kom nader oor al die nasies; soos jy gedoen het, sal dit aan
jou gedoen word. Jou handelinge sal op jou eie kop afkom,
16 want net soos julle gedrink het op My afgesonderde berg, sal al die nasies
aanhoudend drink. Hulle sal drink en sluk en word asof hulle nooit bestaan het
nie,
17 maar op die berg Tziyon sal dié wees wat ontsnap en dit sal afgesonderd wees en
die huis van Ya'akov sal diegene besit wat hulle besit het.
18 Dan sal die huis van Ya'akov 'n vuur wees en die huis van Yosef 'n vlam, maar die
huis van `Esav soos stoppels en hulle sal hul aan die brand steek en hulle verteer
sodat daar geen oorlewende van die huis van `Esav sal wees nie," want יהוה het
gepraat.

19 Dan sal dié van die Suidland (Negev) die berg van `Esav besit en dié van die Laeveld (Sh'felah) die land van die F'lishtyne asook die gebied van Efrayim en die gebied van Shomron en Binyamin sal Gil'ad besit.
20 Die ballinge van hierdie leërmag van die seuns van Yisra'el, wat tussen die Kena'aniete is, so ver as tot by Tzarfat en die ballinge van Yerushalayim wat in S'farad (Spanje) is, sal die stede van die Suidland besit.
21 Die wat bevry is, sal opgaan met die berg Tziyon om die berg van `Esav te oordeel en die Koninkryk sal aan יהוה behoort.

Die negentiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die veertiende boek van die Profete

Die agste boek van die Latere Profete

Die vyfde boek van die twaalf

Yonah
(Jona)

יונה - Duif

Die boek se skrywer en tyd waarin dit afspeel is onbekend.

1 1 Die woord van יהוה het tot Yonah, die seun van Amittai gekom en gesê:
2 "Staan op, gaan na die groot stad Ninveh en roep daarteen uit, want hulle boosheid het opgekom voor My."
3 Yonah het egter opgestaan om na Tarshish te vlug, weg van die Teenwoordigheid van יהוה af. Hy het afgegaan na Yafo, 'n skip gevind wat na Tarshish vaar, die reisgeld betaal en daarin afgegaan om saam met hulle na Tarshish te vaar, weg van die Teenwoordigheid van יהוה af.
4 יהוה het 'n sterk wind oor die see uitgestuur en daar was 'n groot storm op die see sodat die skip op die punt was om op te breek.
5 Toe het die matrose bang geword en elke man het uitgeroep na sy god. Die bemanning het die vrag wat in die skip was, in die see gegooi om dit vir hulle ligter te maak, maar Yonah het afgegaan na die vraggedeelte van die skip, gaan lê en vas aan die slaap geraak.
6 Die kaptein het hom genader en gesê: "Hoe is dit dat jy slaap? Staan op, roep uit na jou God! Miskien sal jou God bekommerd wees oor ons sodat ons nie sal vergaan nie."
7 Elkeen sê toe vir sy maat: "Kom, laat ons lootjies trek sodat ons kan weet om wie se ontwil hierdie katastrofe ons getref het." Hulle het geloot en die lot het op Yonah geval.
8 Toe sê hulle vir hom: "Vertel ons nou! Om watter rede het hierdie ramp ons getref? Wat is jou beroep en waar kom jy vandaan? Van watter land is jy en uit watter volk kom jy?"
9 Hy antwoord hulle: "Ek is 'n Hebreër en ek vrees יהוה, God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het."
10 Toe het die manne baie bang geword en sê vir hom: "Hoe kon jy dit doen?" Die manne het geweet dat hy van die Teenwoordigheid van יהוה af wegvlug, want hy het hulle vertel.
11 Hulle sê vir hom: "Wat moet ons aan jou doen sodat die see kalm sal word vir ons?" Want die see het hoe langer hoe onstuimiger geword.
12 Hy antwoord hulle: "Tel my op en gooi my in die see; dan sal die see vir julle kalm word, want ek weet dat om my ontwil hierdie groot storm oor julle gekom het."
13 Nogtans het die manne geroei om terug te keer land toe, maar hulle kon nie omdat die see selfs onstuimiger teen hulle geword het.
14 Toe roep hulle uit tot יהוה en sê: "O, יהוה, ons bid ernstig, laat ons tog nie vergaan weens hierdie man se lewe nie en sit nie onskuldige bloed op ons nie, want U, יהוה, het gedoen volgens U welbehae."
15 Hulle het Yonah opgetel, hom in die see gegooi en die see het sy onstuimigheid gestop.
16 Toe het die manne יהוה baie gevrees en 'n offer aan יהוה geoffer en geloftes gemaak.

2 1 יהוה het 'n groot vis aangestel om Yonah in te sluk en Yonah was vir drie dae en drie nagte in die maag van die vis. Mat 12:39,40; 16:4
2 Toe het Yonah tot יהוה, sy God, gebid vanuit die maag van die vis
3 en hy het gesê: "Uit my benoudheid het ek יהוה aangeroep en Hy het my geantwoord. Vanuit die diepte van Sh'ol het ek uitgeroep om hulp; U het my stem gehoor,
4 want U het my in die diepte gegooi, in die binneste van die seë en die stroom het my ingesluk; al U deinings en golwe het oor my gegaan. "
5 Ek het gesê: "Ek is uit U Teenwoordigheid verban, nogtans sal ek weer in die rigting van U afgesonderde tempel kyk.
6 Water het my omring tot op die punt van die dood, die groot vis het my ingesluk, seegras was om my kop gedraai.
7 Ek het afgegaan tot by die wortels van die berge, die aarde met sy tralies was vir ewig rondom my, maar U het my lewe uit die put uit opgebring, יהוה, my God!
8 Terwyl ek weggetaan het, het ek יהוה onthou en my gebed het, in U afgesonderde tempel, na U toe gekom.
9 Die wat nietige afgode erken, verlaat U goedheid,
10 maar ek sal tot U offer met 'n stem van danksegging. Dit wat ek beloof het, sal ek betaal. Redding is vanaf יהוה."
11 Toe het יהוה die vis beveel en dit het Yonah op die droë grond uitgespoeg.

3 1 Die woord van יהוה het vir die tweede maal tot Yonah gekom en gesê:
2 "Staan op, gaan na die groot stad Ninveh en verkondig daaraan die verklaring wat Ek gaan gee."
3 Yonah het opgestaan en na Ninveh gegaan volgens die woord van יהוה. Ninveh was 'n uitermate groot stad, drie dae se loop.
4 Toe het Yonah begin om deur die stad te gaan, een dag se loop en hy het uitgeroep en gesê: "Nog veertig dae, dan word Ninveh omvergewerp."
5 Toe het die manne van Ninveh God vertrou, 'n vas uitgeroep en sakklere aangetrek, van groot tot klein.
6 Toe die boodskap die koning van Ninveh bereik, het hy opgestaan van sy troon af, sy bokleed eenkant neergesit en homself met sakklere bedek en in die as gaan sit.
7 Hy het 'n proklamasie uitgevaardig wat gesê het: "In Ninveh, in opdrag van die koning en sy edelmanne: geen mens of dier, bees of kleinvee mag aan iets proe nie, hulle mag nie eet of water drink nie,
8 maar beide mens en dier moet met sakklere bedek wees en laat die mense ernstig tot God roep sodat elkeen kan wegdraai van sy bose lewenswyse en van die geweld wat in sy hande is.
9 Wie weet of God mag terugdraai en onverdiende guns oor ons mag hê en Sy brandende woede van ons af verwyder sodat ons nie sal vergaan nie."
10 God het hulle werke gesien dat hulle omgedraai het van hulle verkeerde lewenswyse en God het Sy woede van hulle af weggedraai en hulle nie vernietig nie.

4 1 Dit het Yonah egter baie ontevrede gemaak en hy het kwaad geword.
2 Hy het tot יהוה gebid en gesê: "Asseblief יהוה, is dit nie wat ek gesê het terwyl ek nog in my eie land was nie? Ek het daarom na Tarshish gevlug om hierdie te verhoed, want ek het geweet dat U 'n God van liefdevolle omgee en onverdiende guns is, stadig om kwaad te word en oorvloedig in liefdevolle goedheid en Een wat katastrofes wegdraai; Eks 34:6; Yo' 2:13; Nag 1:3; Ps 86:5; Ps 145:8; Neg 9:17
3 daarom, o יהוה, neem asseblief my lewe van my weg, want dood is vir my beter as om te lewe."
4 יהוה het gesê: "Het jy goeie rede om kwaad te wees?"
5 Toe het Yonah uit die stad uitgegaan en aan die oostekant daarvan gaan sit. Daar het hy vir homself 'n skuiling gemaak en onder dit gaan sit in die skaduwee totdat hy kon sien wat in die stad sou gebeur.
6 יהוה-God het 'n plant aangestel en dit het oor Yonah opgegroei om 'n skaduwee oor sy kop te wees, om hom van sy ongemak te bevry en Yonah was baie bly oor die plant.
7 God het egter die volgende oggend met dagbreek 'n wurm beveel en dié het die plant aangeval en dit het verdor.
8 Toe die son opkom, het God 'n skroeiende oostewind aangestel en die son het op Yonah se kop afgekom sodat hy flou geword het en met sy hele wese gesmeek het om dood te gaan en gesê: "Dood is vir my beter as om te lewe."
9 Toe sê God vir Yonah: "Het jy goeie rede om kwaad te wees oor die plant?" Hy antwoord: "Ek het goeie rede om kwaad te wees, selfs tot die dood toe."
10 Toe sê יהוה: "Jy het liefdevolle omgee vir die plant waarvoor jy nie gewerk of laat groei het nie, wat oornag opgekom het en oornag vergaan het.
11 Sal Ek dan nie liefdevolle omgee oor Ninveh, die groot stad waarin meer as 'n honderd en twintig duisend (120 000) mense is, wat nie die onderskeid tussen hulle regter- en linkerhande ken, sowel as baie vee, hê nie?"

Die twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die vyftiende boek van die Profete

Die negende boek van die Latere Profete

Die sesde boek van die twaalf

Mikhah
(Miga)

מיכה afkorting vir מיכיה Mikhayah - Wie is soos Yah

Die boek is deur Mikhah, Mik 1:1, in Y'hudah in die tydperk 722 - 701 voor Yeshua geskryf.

1 1 Die boodskap van יהוה wat tot Mikhah van Moreshet, gekom het, in die dae van Yotam, Agaz en Hizkiyahu, konings van Y'hudah; wat hy gesien het aangaande Shomron en Yerushalayim:
2 "Luister en doen, o volke, almal van julle; o aarde en alles wat dit bevat en laat יהוה-God 'n getuie teen julle wees, יהוה vanaf Sy afgesonderde tempel,
3 want let op, יהוה kom vanuit Sy plek. Hy sal afkom en loop op die hoë plekke van die aarde.
4 Die berge sal onder Hom smelt en die valleie oopskeur, soos was voor die vuur, soos water wat by 'n skuins plek afgegooi word;
5 dit alles vanweë die rebellie van Ya'akov en vanweë die sondes van die huis van Yisra'el. Wat is die rebellie van Ya'akov? Is dit nie Shomron nie? Wat is die hoë plek van Y'hudah? Is dit nie Yerushalayim nie?
6 Ek sal Shomron 'n puinhoop maak in die oop veld, 'n plek om wingerdstokke te plant. Ek sal haar klippe in die vallei afgooi en haar fondamente blootlê.
7 Al haar afgode sal stukkend gebreek word, al haar verdienstes sal met vuur verbrand word en al haar beelde sal Ek verwoes, want hulle is versamel vanuit 'n hoer se verdienstes en tot die verdienste van 'n hoer sal dit terugkeer.
8 As gevolg hiervan sal ek rouklaag en huil; sal ek kaalvoet en kaal loop; ek sal kla soos die jakkals en treur soos die volstruis,
9 want haar wond is ongeneeslik, want dit het na Y'hudah toe gekom; dit het die poort van my volk bereik, tot by Yerushalayim.
10 Moet dit nie in Gat vertel nie, moet glad nie daaroor huil nie. Rol jouself in die stof by Beit-L'afrah.
11 Gaan aan op jou pad, inwoners van Shafir, in skandelike naaktheid. Die inwoners van Tza'anan ontsnap nie. Die weeklag van Beit-Ha'etzel: "Hy sal sy ondersteuning van jou af wegvat."
12 Die inwoners van Marot word swak, wagtend vir iets goeds omdat 'n katastrofe vanaf יהוה afgekom het na die poort van Yerushalayim.
13 Span die strydwa en die span perde in, o inwoners van Lakhish; sy was die begin van sonde vir die dogter van Tziyon, want die rebelse dade van Yisra'el is in jou gevind;
14 daarom moet jy afskeidsgeskenke gee namens Moreshet-Gat; die huise van Akhziv sal 'n misleiding word vir die konings van Yisra'el.
15 Meer nog, Ek sal die een wat besit neem oor jou bring, o inwoner van Mareshah; die eer van Yisra'el sal `Adullam binnegaan.
16 Maak jouself bles, trek uit jou hare vir die kinders van jou vreugde; vergroot jou bles soos die arend, want hulle sal van jou af weggaan in ballingskap.

2 1 Wee die wat boosheid beplan, wat boosheid uitwerk op hulle beddens! Wanneer die oggend kom, doen hulle dit, want dit is in die mag van hulle hande.
2 Hulle begeer lande en vat dit en huise en vat hulle weg. Hulle beroof 'n man en sy huis, 'n man en sy erfenis."
3 יהוה sê daarom: "Let op, Ek beplan 'n katastrofe teen hierdie familie, waaruit julle jul nekke nie sal kan uittrek nie en julle sal nie trots kan rondloop nie, want dit sal 'n bose tyd wees.

4 In dié dag sal hulle 'n spotlied oor julle opneem en 'n bitter klaaglied sing: 'Ons is volkome vernietig! Hy verruil die deel van my volk; Hy vat dit weg van my! Hy verdeel ons velde onder die afvalliges;'
5 daarom sal daar in die vergadering van יהוה vir jou niemand wees wat die meetlyn vir jou uittrek deur die lot nie.
6 'Moenie praat nie!' Hulle praat egter. As hulle nie hieroor praat nie, sal die beskuldigings nie teruggedraai word nie!
7 Is dit die huis van Ya'akov wat sê: 'Is die Gees van יהוה ongeduldig? Is hierdie dinge Sy dade?' Doen My woorde nie goed teenoor die een wat opreg wandel nie?
8 Onlangs het My volk opgestaan as 'n vyand; julle trek die bokleed af van die bedekking van niksvermoedende verbygangers, van die wat terugkeer van die oorlog af.
9 Julle verdryf die vroue van My volk, elkeen uit hulle aangename huis; jy vat My prag en grootsheid vir ewig weg van haar kinders af.
10 Staan op en gaan, want hierdie is geen plek van rus nie, as gevolg van die onreinheid wat verwoesting bring, 'n pynlike verwoesting.
11 As iemand wat wind en valsheid najaag lieg en sê: 'Ek sal met jou praat oor wyn en sterk drank,' sal hy namens hierdie volk praat.
12 Ek sal almal van julle sekerlik bymekaarmaak, o Ya'akov, Ek sal sekerlik dié wat oorgebly het van Yisra'el bymekaarbring. Ek sal hulle saambring soos skape in 'n kraal; soos 'n kudde in sy weiveld. Dit sal 'n geraas maak weens die menigte van mense.
13 Die breker gaan voor hulle op; hulle breek uit, gaan deur die poort en gaan deur hom uit. So gaan hulle koning voor hulle uit en יהוה aan hulle hoof."

3 1 Ek het ook gesê: "Hoor nou en gee ag, o leiers van Ya'akov en heersers van die huis van Yisra'el! Is dit nie julle wat regverdige oordeel moet ken nie?
2 Julle wat die goeie haat en dit wat boos is lief het, wat hulle velle van hulle aftrek en hulle vlees van hul gebeente af,
3 wat die vlees van My volk eet, hulle vel van hulle afslag, hulle bene breek en hulle aan stukke kap soos vir 'n pot en soos vir vleis in 'n pan,"
4 dan sal hulle na יהוה uitroep, maar Hy sal hulle nie antwoord nie. In plaas daarvan sal Hy Sy gesig in dié tyd vir hulle wegsteek omdat hulle booshede gedoen het.
5 So sê יהוה aangaande die profete wat my volk op 'n dwaalspoor lei: "Wanneer hulle iets het om met hulle tande te byt, roep hulle uit: 'Vrede,' maar teen hom wat niks in hulle mond sit nie, verklaar hulle 'n afgesonderde oorlog!
6 Dit sal daarom vir julle nag wees, sonder 'n visioen en duisternis vir julle, sonder waarsêery. Die son sal oor die profete ondergaan en die dag oor hulle donker word.
7 Die sieners sal beskaamd staan en die waarsêers verneder word. Hulle sal inderdaad almal hulle monde bedek omdat daar geen antwoord van God is nie."
8 Aan die ander kant is ek vol krag, met die Gees van יהוה en met regverdige oordeel en dapperheid, om aan Ya'akov sy rebelse daad bekend te maak en aan Yisra'el sy sonde.

9 Hoor nou en gee ag op dit, hoofde van die huis van Ya'akov en heersers van die huis van Yisra'el, wat die regverdige oordeel verafsku en alles wat reguit is, verdraai;
10 wat Tziyon bou met bloedvergieting en Yerushalayim met gewelddadige onregverdigheid!
11 Haar leiers spreek vonnisse uit vir 'n omkoopgeskenk, haar priesters gee onderrig vir 'n prys en haar profete is waarsêers vir geld. Deut 16:19 Nogtans steun hulle op יהוה en sê: "Is יהוה nie in ons midde nie? Katastrofe sal nie oor ons kom nie;"
12 daarom, as gevolg van jou sal Tziyon soos 'n land omgeploeg word, Yerushalayim 'n puinhoop word en die tempelberg hoë plekke van 'n woud. Yir 26:18

4 1 Dit sal gebeur in die laaste dae dat die berg van die huis van יהוה gevestig sal word as die hoof van die berge. Dit sal bo die heuwels opgelig word en die volke sal daarheen stroom.
2 Baie nasies sal kom en sê: "Kom, laat ons opgaan na die berg van יהוה en na die huis van die God van Ya'akov sodat Hy ons aangaande Sy lewenswyses kan leer en ons in Sy paaie kan loop," want vanuit Tziyon sal die Wet uitgaan, die boodskap van יהוה vanuit Yerushalayim. Yes 2:2,3; 60:3; 66:23; Yeg 40:2-; Z'kh 14:17-
3 Hy sal oordeel tussen baie volke en besluite maak vir magtige, veraf, nasies. Dan sal hulle hul swaarde in ploegskare smee en hulle spiese in snoeimesse; nasie sal nie die swaard optel teen nasie nie en nooit weer sal hulle oefen vir oorlog nie.
4 Elkeen van hulle sal sit onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, met niemand om hulle bang te maak nie, want die mond van יהוה-Tzva'ot het gepraat.
5 Alhoewel al die volke optree, elkeen in die naam (karakter en outoriteit) van sy god, wat óns betref, ons sal lewe in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, ons God, vir ewig en ewig.
6 "In daardie dag," verklaar יהוה, "sal Ek die kreupeles laat vergader en hulle wat weggedryf was, bymekaarmaak, selfs die wat Ek geteister het. Deut 30:3-5
7 Ek sal die wat kreupel is, laat oorbly en die uitgeworpenes tot 'n sterk nasie maak en יהוה sal heers oor hulle op die berg Tziyon, van nou af en vir ewig.
8 Wat jou betref, toring van die trop, heuwel van die dogter van Tziyon, die koninkryk van die dogter van Yerushalayim, na jou toe sal dit kom, selfs die vroeëre oorheersing sal kom.
9 Nou, waarom roep jy hardop uit? Is daar geen koning in jou nie, of het jou raadgewer omgekom dat smart jou aangegryp het soos vir 'n vrou wat geboorte gee?
10 Krimp inmekaar en werk om geboorte te gee, dogter van Tziyon, soos 'n vrou wat geboorte gee, want nou sal jy uit die stad uitgaan, in die veld bly en na Bavel gaan. Daar sal jy gered word; dáár sal יהוה jou loskoop uit die hand van jou vyande.
11 Nou is daar baie nasies teen jou versamel wat sê: 'Laat haar onteer word en laat ons oë lekker kry oor Tziyon.'
12 Hulle ken egter nie die gedagtes van יהוה nie en hulle verstaan nie Sy doel nie, want Hy sal hulle soos gerwe vir die dorsvloer versamel.
13 Staan op en dors, o dogter van Tziyon, want Ek sal jou horing yster maak en jou hoewe koper sodat jy baie volke kan fyn trap; dat jy hulle onregverdige wins aan יהוה kan toewy en hulle rykdom aan die Meester van die hele aarde.

14 Nou, roep jouself op in 'n aanval, o dogter van magtige aanvallers; hulle het ons beleër en die herder van Yisra'el op die wang geslaan met 'n stok.

5 1 Wat jou egter betref, Beit-Legem Efrat, klein onder die families van Y'hudah, vanuit jou sal daar vir My Een uitgaan om Heerser in Yisra'el te wees. Hy het reeds lank terug uitgegaan, vanaf die dae van die ewigheid;" Yeg 37:24,25; Yog 1:1; 7:42
2 daarom sal Hy hulle opgee tot op die tyd wanneer sy wat in kraam is geboorte gee aan 'n kind, Open 12:5 dan sal Sy oorblywende broers terugkeer na die seuns van Yisra'el.
3 Hy sal opstaan en Herder wees in die sterkte van יהוה, in die majesteit van die Karakter en Outoriteit van יהוה, Sy God en hulle sal bly, want in daardie tyd sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde. Mat 2:6
4 Hierdie Een sal ons Vrede, Vreugde, Gesondheid, Voorspoed en Vergenoegdheid wees. Wanneer Ashur ons land inneem, wanneer hy op ons kastele trap, dan sal ons sewe herders en agt leiers van manne teen hom oplig.
5 Hulle sal met die swaard oor die land Ashur, die land van Nimrod, by sy ingange herder wees en Hy sal ons van Ashur bevry, wanneer hy ons land aanval en ons grondgebied vertrap,
6 dan sal die wat van Ya'akov oorbly onder baie volke wees soos dou vanaf יהוה, soos reënbuie op plante, wat nie vir die mens wag of vertoef vir die seuns van die mens nie.
7 Die wat oorbly van Ya'akov sal tussen die nasies, onder baie volke wees soos 'n leeu onder die diere van die woud, soos 'n jong leeu onder troppe kleinvee; wat, as hy verbytrek, vertrap en verskeur en daar is niemand wat red nie.
8 Jou hand sal teen jou teëstanders opgelig wees en al jou vyande sal afgesny word."
9 "Dit sal wees in daardie dag," verklaar יהוה, "dat Ek jou perde tussen jou uit sal afsny en jou strydwaens vernietig.
10 Ek sal ook die stede van jou land afsny en al jou vestings afbreek.
11 Ek sal towerye uit jou hand afsny en jy sal geen fortuinvertellers meer hê nie.
12 Ek sal jou gekerfde beelde en jou klippilare van tussen jou uit afsny sodat jy jou nie langer sal neerbuig voor die werk van jou hande nie.
13 Ek sal die Asherah beelde ontwortel uit jou midde en jou stede vernietig.
14 Ek sal wraak uitoefen in woede en toorn op die nasies wat nie gehoorsaam was nie."

6 1 Hoor en gee nou ag op wat יהוה sê: "Staan op, pleit jou saak voor die berge en laat die heuwels jou stem hoor.
2 Luister, julle berge, na die aanklag van יהוה en julle standvastige fondasies van die aarde, want יהוה het 'n saak teen Sy volk; Hy sal selfs met Yisra'el verskil.
3 My volk, wat het Ek aan jou gedoen en hoe het Ek jou vermoei? Antwoord My!
4 Inderdaad, Ek het jou uit die land van Mitzrayim gebring en jou uit die huis van slawerny losgekoop en Ek het Mosheh, Aharon en Miryam voor jou uitgestuur.
5 My volk, onthou nou wat Balak, koning van Mo'av beplan het en wat Bil'am, die seun van B'or, hom geantwoord het, vanaf Sheetim tot by Gilgal sodat jy die onpartydige en opregte dade van יהוה kan ken."

6 Waarmee sal ek na יהוה toe kom en my neerbuig voor die God daar bo? Sal ek na Hom toe kom met brandoffers, met kalwers in hul eerste jaar?
7 Skep יהוה behae in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my rebelse dade, die vrug van my liggaam vir die sonde van my lewe?
8 O mens, Hy het aan jou verklaar wat goed is en wat vra יהוה anders van jou as om regverdig te oordeel, goedheid lief te hê en nederig saam met jou God te loop? Mat 11:29
9 Die stem van יהוה sal tot die stad roep en dit is suiwer wysheid om U Naam (Karakter en Outoriteit) respekvol te vrees: "Hoor en gee ag, o stam, Hy wat teen jou getuig.
10 Is daar steeds 'n man in die bose huis, met skatte van boosheid en 'n kort maatstaf van misleiding?
11 Kan Ek bose weegskale regverdig en 'n sak vol bedrieglike gewigte?
12 Die rykes in die stad is vol geweld, haar inwoners praat leuens en hulle tonge is misleidend in hulle monde.
13 So sal Ek jou ook siek maak, jou neerslaan, jou verwoes weens jou sondes.
14 Jy sal eet, maar nie versadig word nie en jou slegtigheid sal tussen jou wees. Jy sal probeer wegsit vir bewaring, maar jy sal niks bewaar nie en dit wat jy bewaar sal Ek aan die swaard oorgee.
15 Jy sal saai, maar nie maai nie; jy sal olywe uittrap, maar jouself nie met olie salf nie; die druiwe pars, maar jy sal nie wyn drink nie.
16 Die instellings van `Omri word onderhou en al die werke van die huis van Ag'av word nagekom en julle loop ooreenkomstig hulle planne; daarom sal Ek julle oorgee tot verwoesting en jou inwoners tot bespotting en julle sal die spot van My volk dra."

7 1 Wee my, want ek is soos die vrugteplukkers, soos die wat druiwe oes. Daar is nie 'n tros druiwe om te eet of 'n vroeë vy wat ek begeer nie.
2 Die goedhartige persoon het uitgesterf uit die land en daar is geen opregte persoon onder die mense nie. Hulle lê almal en wag op bloedvergieting; elkeen jag die ander met 'n net. Mat 10:21
3 Hulle hande staan gereed om boos te doen en hulle doen nooit goed nie. Die goewerneur vra vir goud, die regter vir 'n omkoopgeskenk en die prins spreek die begeerte van sy lewe uit.
4 Die beste van hulle is soos 'n doringstruik, die mees opregte soos 'n doringheining. Die dag wanneer jy jou wagte uitsit, sal jou straf kom. Dan sal jou verwarring plaasvind.
5 Moenie op 'n naaste vertrou nie; moenie vertroue in 'n vriend hê nie. Bewaar jou lippe teenoor haar wat teen jou bors lê, Mat 10:21
6 want die seun behandel sy vader met minagting, die dogter staan op teen haar moeder, skoondogter teen haar skoonmoeder; Mat 10:36; Luk 12:53 'n man se vyande is van sy eie huishouding.
7 Wat my egter betref, ek sal met verwagting uitkyk vir יהוה; ek sal wag vir die God van my verlossing. My God sal my hoor.

8 Moenie bly wees oor my nie, o my vyand. Alhoewel ek val, sal ek opstaan; alhoewel ek in duisternis loop, is יהוה 'n Lig vir my. Ps 119:105
9 Ek sal die verontwaardiging van יהוה dra, want ek het teen Hom gesondig totdat Hy my saak verdedig en my regverdig oordeel. Hy sal my uitbring na die Lig en ek sal Sy onpartydige opregtheid sien;
10 dan sal my vyand dit sien en skaamte sal haar bedek wat vir my gesê het: "Waar is יהוה, jou God?" My oë sal na haar kyk; in daardie tyd sal sy vertrap word soos die slik van die strate.
11 Daar kom 'n dag om jou mure te herbou! Op daardie dag sal jou grense uitgebrei word.
12 Dit sal 'n dag wees dat hulle na jou toe sal kom vanaf Ashur en vanaf die stede van Mitzrayim, vanaf Mitzrayim selfs tot by die Eufraat, selfs van see tot see en van berg tot berg.
13 Die aarde sal verlate word vanweë sy inwoners, as gevolg van die vrug van hulle dade.
14 Wees 'n Herder vir U volk met U septer, die kudde van U erfenis wat by hulleself in die bosveld bly in die middel van 'n vrugbare veld. Laat hulle wei in Bashan en Gil'ad soos in die ou dae.
15 "Soos in die dae toe jy uit die land van Mitzrayim gekom het, sal Ek vir jou wonderwerke wys."
16 Nasies sal dit sien en skaam wees vir al hulle mag. Hulle sal die hand op die mond lê, hulle ore sal doof wees.
17 Hulle sal die stof lek soos 'n slang, soos reptiele van die aarde. Hulle sal bewend uit hulle vestings kom; hulle sal sidderend na יהוה, ons God, toe kom en sal bang wees voor U.
18 Wie is 'n God soos U, wat die onregverdigheid vergewe en die rebelse dade laat verbygaan van hulle wat oorbly van Sy besitting? Hy behou nie Sy woede vir ewig nie, want Hy verheug Homself in onveranderlike liefde.
19 Hy sal weer liefdevolle omgee vir ons hê; Hy sal ons onregverdighede onder Sy voet vertrap. Ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see gooi.
20 U sal waarheid gee aan Ya'akov en onveranderlike liefde aan Avraham, soos wat U aan ons vaders met 'n eed belowe het vanaf die ou dae.

Die een-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die sestiende boek van die Profete

Die tiende boek van die Latere Profete

Die sewende boek van die twaalf

Nagum
(Nahum)

נחום - vertroosting

Die boek is tussen die jare 610 - 607 voor Yeshua deur Nagum, (Nag 1:1), inwoner van Elkosh, geskryf.

1 1 Die profetiese visioen oor Ninveh. Die boekrol van die visioen van Nagum, die Elkoshiet.
2 'n Jaloerse en wraaknemende God is יהוה; יהוה is wraaknemend en toornig. יהוה neem wraak op Sy teëstanders en Hy reserveer toorn vir Sy vyande.
3 יהוה is stadig om kwaad te word en groot van krag en יהוה sal nooit die bose vryspreek nie. Eks 34:6; Yo' 2:13; Yon 4:2; Ps 145:8; Neg 9:17 יהוה se pad is in die warrelwind en storm en wolke is die stof onder Sy voete.
4 Hy bestraf die see en maak dit droog; Hy droog al die riviere op. Bashan en Karmel kwyn weg en die bloeisels van L'vanon verwelk.
5 Die berge skud in Sy Teenwoordigheid en die heuwels breek los. Die aarde bewe in Sy Teenwoordigheid, ja, die wêreld en almal wat daarin woon.
6 Wie kan staan voor Sy verontwaardiging? Wie kan die branding van Sy toorn verdra? Sy toorn word uitgegiet soos vuur en die rotse word deur Hom opgebreek.
7 יהוה is goed, 'n Vesting in die dag van moeilikheid en Hy ken die wat by Hom skuil, 2 Tim 2:19
8 maar met 'n oorstromende vloed sal Hy 'n volkome einde maak aan die plek van Sy vyande en duisternis sal Sy vyande agtervolg.
9 Wat julle ook al beraam teen יהוה, Hy sal 'n volledige einde maak daaraan. Moeilikheid sal nie twee maal opstaan nie.
10 Soos ineengevlegte dorings en soos hulle wat dronk is van hulle drank, is hulle verteer, soos stoppels volkome verwelk.
11 Vanuit jou het een uitgegaan wat boosheid teen יהוה beraam het, 'n bose raadgewer.
12 So sê יהוה: "Alhoewel hulle vol sterkte is en ook baie, nogtans sal hulle afgesny word en vergaan. Alhoewel Ek jou beproef het, sal Ek jou nie meer beproef nie.
13 Nou sal Ek sy juk van jou af verbreek en jou stroppe afskeur."
14 יהוה het 'n bevel uitgevaardig aangaande jou: "Jou naam sal nie langer verewig word nie. Ek sal afgod en beeld uit die huis van jou gode uitroei. Ek sal jou graf voorberei, want jy is veragtelik."

2 1 Let op, op die berge is die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid aankondig! Vier jou vasgestelde feeste, o Y'hudah; betaal jou geloftes, want die bose sal nooit weer teen jou oortree nie, want hy is volkome vernietig!
2 Die een wat verwoes, het teen jou opgekom. Beman die vesting, hou die pad dop; versterk jou rug, maak al jou sterkte bymekaar,
3 want יהוה sal die lof en eer van Ya'akov herstel soos die lof en eer van Yisra'el, alhoewel verwoesters hulle verwoes en hulle wingerde vernietig het.
4 Die skilde van sy magtige manne is rooi, die soldate is aangetrek in skarlaken, die strydwaens is in skitterende staal wanneer hy gereed is en die sipresspiese word geswaai.
5 Die strydwaens jaag wild in die strate, hulle snel wild voort oor die pleine; hulle voorkoms is soos fakkels, hulle skiet heen en weer soos weerligstrale.

6 Hy onthou sy vername manne; hulle struikel in hul mars; hulle hardloop na haar muur en die skerm word opgerig.
7 Die poorte van die stede word oopgemaak en die paleis smelt weg.
8 Dit is bevestig: sy word gestroop, sy word weggevoer en haar slavinne kla soos die klank van duiwe, slanend op hulle borste.
9 Alhoewel Ninveh soos 'n poel water was regdeur haar dae, nou vlug hulle: "Stop, stop," maar niemand draai terug nie.
10 Plunder die silwer! Plunder die goud, want daar is geen einde aan die skatte nie; rykdom van elke soort begeerlike voorwerp!
11 Sy is leeg gemaak! Ja, sy is verlate en verwoes! Binnestes smelt en knieë klap, angs is in die hele liggaam en al die gesigte word bleek!
12 Waar is die lêplek van die leeus en die voedingsplek van die jong leeus, waar die leeu, die leeuwyfie en die welpies rondgeloop het met niks wat hulle steur nie?
13 Die leeu het genoeg vir sy kleintjies verskeur, genoeg vir sy leeuinne doodgemaak en sy lêplekke met prooi gevul en sy blyplekke met verskeurde vleis.
14 "Let op, Ek is teen jou," verklaar יהוה-Tzva'ot. "Ek sal jou strydwaens in rook laat opgaan, 'n swaard sal jou jong leeus verslind; Ek sal jou prooi afsny van die land af en die stem van jou boodskappers sal nie meer gehoor word nie."

3 1 Wee die bloederige stad, volledig vol leuens en plunder; haar prooi gaan nooit weg nie;
2 die klank van die sweep, die klank van die gedreun van wiele, perde in galop en strydwaens wat rondspring;
3 stormende ruiters, flitsende swaarde, blinkende spiese; baie neergeslaan, hope lyke en ontelbare dooie liggame; hulle val oor die dooie liggame!
4 Dit is as gevolg van die baie hoererye van die hoer, die bekoorlike een, die meesteres van towerkunste, wat nasies met haar hoererye verkoop en families met haar towerkunste.
5 Let op, Ek is teen jou," verklaar יהוה-Tzva'ot; "en Ek sal jou rompe oplig oor jou gesig en aan die nasies jou naaktheid wys en aan die koninkryke jou skande.
6 Ek sal vuilgoed op jou gooi, jou walglik maak en van jou 'n skouspel maak.
7 Dit sal gebeur dat elkeen wat jou sien, van jou af sal wegvlug en sê: "Ninveh is vernietig! Wie sal oor haar treur? Waar sal ek troosters vir jou soek?"
8 Is jy beter as No-Amon wat langs die waters van die Nyl geleë was, met water rondom haar; wie se skans die see was, wie se muur die see was?
9 Kush was haar mag en ook Mitzrayim, sonder perke. Put en Luvim was tussen haar helpers.
10 Nogtans het sy 'n balling geword, sy het in gevangenskap gegaan; ook haar klein kindertjies is op elke straathoek in stukke geslaan; hulle het die lot gewerp vir haar edelmanne en al haar groot manne is met kettings geboei.
11 Ook jy sal dronk word, versluierd wees. Jy sal ook 'n toevlug soek van die vyand.
12 Al jou vestings is vyebome met ryp vye; wanneer geskud word, val hulle in die mond van die eter.

13 Let op, jou volk in jou midde is soos vroue. Die poorte van jou land is wyd oopgemaak vir jou vyande; vuur het jou poortgrendels verteer.
14 Trek vir jou water op vir die beleëring! Versterk jou vestings! Gaan in die klei in en trap die klei, gryp die steenvorm.
15 Vuur sal jou daar verteer, die swaard sal jou neervel; dit sal jou verslind soos die sprinkane. Vermenigvuldig jouself soos die voetgangersprinkaan, vermenigvuldig jouself soos die treksprinkane.
16 Jy het jou handelaars vermeerder, meer as die sterre aan die hemel; die voetgangersprinkaan vervel en vlieg weg!
17 Jou wagters is soos treksprinkane en jou amptenare is soos swerms sprinkane wat op 'n koue dag op die klipmure sit. Die son kom op en hulle vlug en niemand weet waar hulle is nie.
18 Jou herders slaap, o koning van Ashur; jou edeles lê plat. Jou volk is op die berge verstrooi en daar is niemand om hulle weer bymekaar te maak nie.
19 Daar is niemand om te treur oor jou wond nie; jou wond is ongeneeslik; almal wat van jou hoor, sal hulle hande klap oor jou, want oor wie het jou boosheid nie voortdurend gekom nie?

Die twee-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die sewentiende boek van die Profete

Die elfde boek van die Latere Profete

Die agste boek van die twaalf

Havakkuk
(Habakuk)

חבקוק - omhels

Die boek is tussen die jare 600 - 590 voor Yeshua deur Havakkuk, (Hav 1:1), geskryf.

1 1 Die profetiese visioen wat Havakkuk, die profeet, gesien het:
2 Hoe lank, o יהוה, sal ek om hulp roep en U hoor nie? Ek roep uit tot U: "Geweld!" Tog red U nie.
3 Waarom laat U my onregverdigheid sien en laat my kyk na boosheid? Ja, verwoesting en geweld is voor my; daar is stryd en twis styg op;
4 daarom word die wet geïgnoreer en die regverdige oordeel word nooit toegepas nie, want die bose omsingel die regverdige; daarom kom die reg verdraaid uit.
5 "Kyk na die nasies! Neem waar! Wees verstom, verbaas, want Ek doen iets in julle dae wat julle nie sou glo as dit vertel word nie, Hand 13:41
6 want let op, Ek hef die Kasdeërs op, daardie woeste en voortvarende volk wat oral oor die aarde marsjeer om blyplekke te vat wat nie hulle s'n is nie.
7 Hulle is verskriklik en gevreesd; hulle oordeel en outoriteit kom uit hulleself.
8 Hulle perde is vinniger as luiperds en yweriger as wolwe in die aand. Hulle ruiters kom op 'n galop, hulle kom van ver; hulle vlieg soos 'n arend wat afduik om te verslind.
9 Hulle kom almal vir geweld. Hulle hordes van gesigte kom vorentoe, hulle versamel gevangenes soos sand.
10 Hulle dryf die spot met konings; heersers is vir hom 'n lagwekkendheid. Hulle lag vir elke vesting en hoop grond op om dit in te neem,
11 dan gly hulle deur soos die wind en gaan verder, maar hulle sal skuldig bevind word, hulle wie se krag hulle god is."
12 Is U dan nie van ewig af nie, o יהוה, my God, my Afgesonderde Een? Ons sal nie sterf nie. U, יהוה, het hulle aangestel om te oordeel en U, o Rots, het hulle daar gestel om te korrigeer.
13 U oë is te rein om boosheid goed te keur en U kan nie met aanvaarding kyk na boosheid nie. Waarom kyk U met aanvaarding na hulle wat verraderlik optree? Hoekom is U stil wanneer die bose dié verslind wat regverdiger is as hulle?
14 Hoekom maak U mense soos die visse van die see, soos kruipende gediertes sonder 'n heerser oor hulle?
15 Hulle trek hulle almal op met 'n hoek, sleep hulle weg in hul net en maak hulle bymekaar in hul visnet; daarom swaai hulle in die rondte van vreugde en is bly;
16 daarom offer hulle 'n offer aan hul net en brand wierook vir hul visnet omdat hulle vangs groot is deur hierdie dinge en hulle kos oorvloedig.
17 Gooi hulle daarom voortdurend hul nette uit en maak nasies dood sonder om te spaar?

2 1 Ek sal op my wagpos staan en myself op die skansmuur sit en ek sal wag hou om te sien wat Hy met my sal praat en hoe ek kan antwoord as ek berispe word.
2 Toe antwoord יהוה my en sê: "Skryf die visioen op en graveer dit op kliptablette sodat die een wat dit lees kan hardloop,
3 want die visioen is nog vir die vasgestelde tyd; dit spoed voort na die doel en sal nie faal nie. Alhoewel dit mag vertoef, wag daarvoor, want dit sal sekerlik kom en nie uitgestel word nie.

4 Let op, Hy vind geen plesier in die onregverdige, maar die regverdige sal deur vertroue leef. Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:38; 11:1
5 Die arrogante en gierigaard word nooit bevredig nie, want hy vergroot sy eetlus soos Sh'ol en soos die dood word hy nooit versadig nie. Hy vergader by homself al die volke en maak vir homself al die nasies bymekaar.
6 Sal hulle nie almal 'n spotlied en spreekwoord oor hom aanhef nie en sê: 'Wee die man wat bymekaarmaak en vermeerder wat nie syne is nie; vir hoe lank sal hy homself oorlaai met aardse besittings?'
7 Let op, jou skuldeisers sal skielik opstaan en dié wat by jou invorder wakker maak. Inderdaad sal jy vir hulle buit word.
8 Omdat jy baie nasies besteel het, sal al die volke wat oorgebly het, as gevolg van die menslike bloedvergieting en die geweld wat teen die land gedoen is, teen die stad en al sy inwoners, jou besteel.
9 Wee hom wat vuil wins maak vir sy huis, om sy nes hoog te bou, om gered te word uit die hand van katastrofe.
10 Jy het 'n skandelike ding vir jou huis uitgewerk deur baie mense dood te maak; so het jy teen jouself gesondig.
11 Die steen sal sekerlik uitroep van die muur af en die spyker sal dit antwoord vanaf die hout.
12 Wee hom wat 'n stad bou met bloedvergieting en 'n dorp vestig deur geweld!
13 Is dit nie inderdaad vanaf יהוה-Tzva'ot dat volke hard werk vir vuur en nasies hulle vermoei vir niks nie?
14 Die aarde sal vol word met die kennis van die lof en eer van יהוה soos die waters die see oordek.
15 Wee jou wat jou naaste laat drink, wat jou gif inmeng om hulle dronk te maak om sodoende na hulle naaktheid te kyk!
16 Jy sal met skande gevul word eerder as met lof en eer. Drink jy nou self en steier. Die beker in יהוה se regterhand sal by jou uitkom en skande sal jou eer en lof bedek,
17 want die geweld teen L'vanon sal jou oorweldig en die verwoesting van sy diere sal jou verskrik, as gevolg van die menslike bloedvergieting, die geweld van die land, van die stad en van al sy inwoners.
18 Watter voordeel het die afgod wanneer sy maker dit gekerf het? Die gegote beeld is 'n leraar van valsheid, want sy maker vertrou op sy eie handewerk wanneer hy stom afgode vorm.
19 Wee hom wat vir 'n stuk hout sê: 'Word wakker!' Vir 'n stom klip: 'Staan op!' Is dit jou leermeester? Let op, dit is oorgetrek met goud en silwer en daar is géén asem van watter aard daarin nie!
20 יהוה is egter in Sy afgesonderde tempel. Laat die hele aarde stil wees voor Hom."

3 1 'n Gebed van Havakkuk, die profeet, volgens Shigiyonot ('n vurige loflied):
2 יהוה, ek het die verslag aangaande U gehoor en ek vrees! O, יהוה, laat herleef U werk te midde van die jare; te midde van die jare, maak dit bekend; in toorn, onthou onverdiende guns.

3 God kom van Teman en die Afgesonderde Een vanaf die berg Pa'ran.
Sy grootsheid bedek die hemele en die aarde is vol van Sy lofprysing.
4 Sy glans is soos die sonlig; Hy het strale vanuit Sy hand en daar is die bedekking van Sy krag.
5 Voor Hom gaan die pes uit en 'n plaag kom agter Hom aan.
6 Hy het gaan staan en die aarde opgemeet; Hy het gekyk en die nasies verskrik. Ja, die ewige berge is verpletter, die antieke heuwels inmekaar geval. Sy paaie is ewigdurend.
7 Ek het die tente van Kushan onder benoudheid gesien, die tentdoeke van die land van Midyan het gebewe.
8 Was יהוה toornig teen die riviere? O, was U woede teen die riviere of was U toorn teen die see dat U op U perde gery het, op U strydwaens van verlossing?
9 U boog is ontbloot, die stawwe van tugtiging is besweer.
U het die aarde gekloof met riviere.
10 Die berge het U gesien en het gebewe; die neerslag van water het verbygespoel. Die ondergrondse waters verhef sy stem, dit steek sy hande hoog op.
11 Son en maan het in hul plekke bly staan; hulle het weggegaan in die lig van U pyle, in die helderheid van U glansende spies.
12 In verontwaardiging het U deur die aarde marsjeer; in woede het U die nasies vertrap.
13 U het uitgegaan vir die redding van U volk, vir die redding van U gesalfde. U het die kop van die huis van die bose geslaan om hom bloot te lê vanaf heup tot nek.
14 U deurboor die koppe van sy menigtes met hul eie spiese. Hulle het ingestorm om ons te verstrooi; hulle gejuig was soos hulle wat die onderdruktes in die geheim verslind.
15 U het die see vertrap met U perde, op die deining van baie waters.
16 Ek het gehoor en my ingewande het gebewe, by die klank het my lippe getril. Verderf het my gebeente ingegaan en ek het gebewe waar ek was omdat ek stil moet wag, op die dag van benoudheid, vir die mense wat ons sal inval om op te staan.
17 Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, [Yir 8:13] die drag van die olyfboom faal en die lande geen kos produseer nie; die kleinvee uit die kraal afgesny word en daar geen beeste in die krale sal wees nie,
18 nogtans sal ek jubel in יהוה, ek sal in die rondte swaai van vreugde in die God van my verlossing.
19 יהוה-God is my Sterkte en Hy het my voete gemaak soos dié van herte [Ps 18:33,34] en my laat staan op my hoë plekke om met snaarinstrumente [Iyov 19:25-27; Neg 8:10] Sy lof te besing.

Die drie-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die agtiende boek van die Profete

Die twaalfde boek van die Latere Profete

Die negende boek van die twaalf

Tz'fanyah
(Sefánja)

צפניה - יהוה het waardevol geag

Die boek is deur Tz'fanyah, (Tz' 1:1), tussen die jare 639 - 608 voor Yeshua geskryf.

1 1 Die boodskap van יהוה wat gekom het tot Tz'fanyah, die seun van Kushi, die seun van G'dalyah, die seun van Amaryah, die seun van Hizkiyah, in die dae van Yoshiyahu, die seun van Amon, koning van Y'hudah:
2 "Ek sal alles volkome van die aardbodem af verwyder," verklaar יהוה.
3 Ek sal mens en dier verwyder; Ek sal die voëls van die hemel, die visse van die see en die wat geval het saam met die goddelose verwyder en Ek sal die mens afsny van die oppervlak van die aarde af," verklaar יהוה.
4 So sal Ek My hand uitstrek teen Y'hudah en teen al die inwoners van Yerushalayim. Ek sal ook die wat van Ba'al oorbly afsny van hierdie plek, sowel as die naam van die afgodspriesters saam met die priesters.
5 Dié wat op die dakke neerbuig tot die magte van die hemel en die wat neerbuig en sweer by יהוה en by Malkam;
6 ook dié wat daarvan weggedraai het om יהוה te volg en wat nie na יהוה soek of Hom raadpleeg nie.
7 Swyg voor יהוה-God, want die dag van יהוה is naby, want יהוה het 'n offer voorberei, Hy het Sy gaste afgesonder, 1 Thes 5:2
8 dan sal dit gebeur op die dag van יהוה se offer dat Ek die prinse, die koning se seuns en almal wat vreemde klere aantrek, sal straf. Mat 22:11,12; Open 16:15; Open 19:8
9 Ek sal ook op dié dag almal wat geweld pleeg en plunder, wat die huis van hulle Meester vul met dinge wat verkry is deur afpersing en geweld, straf.
10 Op daardie dag," verklaar יהוה, "sal daar vanaf die Vispoort die klank van 'n uitroep wees, 'n gehuil vanaf die Tweedepoort en 'n groot geraas vanaf die heuwels!
11 Huil, o inwoners van die Laagte, want al die mense van Kena'an sal stilgemaak word; almal wat silwer afweeg sal afgesny word.
12 Dit sal in dié tyd gebeur dat Ek Yerushalayim sal deursoek met lampe en die manne wat stagnant van gees is, wat in hulle verstand, wil en emosie sê: 'יהוה sal nie goed of boos doen nie,' straf.
13 Meer nog, hulle rykdom sal buit word en hulle huise verlate; ja, hulle sal huise bou, maar nie in hulle woon nie en wingerde plant, maar nie hulle wyn drink nie."
14 Naby is die groot dag van יהוה, selfs die stem van die dag van יהוה; dit is naby en haas hom! Ja, dit is bitter, erg en hard. 1 Thes 5:2
15 Dié dag is 'n dag van toorn, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van verwoesting en verlatenheid, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en dik donkerheid,
16 'n dag van ramshorings en krygsgeskreeu teen die versterkte stede en teen die hoë hoektorings.
17 Ek sal benoudheid op mense bring sodat hulle soos blindes sal loop omdat hulle teen יהוה gesondig het en hulle bloed sal uitgegooi word soos stof en hulle vlees soos drek.
18 Nie hulle silwer of hulle goud sal in staat wees om hulle op die dag van die toorn van יהוה te red nie en die ganse aarde sal verteer word in die vuur van Sy jaloesie, want Hy sal 'n volkome einde maak, inderdaad 'n verskriklike een, aan al die inwoners van die aarde. Open 6:17

2 1 Maak julleself bymekaar, ja kom bymekaar, o nasie sonder skaamte,
2 voordat die bevel effektief word; die dag gaan verby soos kaf; voordat die brandende woede van יהוה oor julle kom, voordat die dag van die woede van יהוה oor julle kom.
3 Soek יהוה, al julle nederiges van die aarde, wat regverdige oordeel uitgevoer het; soek onpartydige opregtheid, soek nederigheid. Miskien sal julle skuiling vind op die dag van יהוה se woede,
4 want `Azah sal in die steek gelaat word en Ashkelon 'n verlatenheid wees; Ashdod sal op die middag uitgedryf word en Ekron sal ontwortel word.
5 Wee die inwoners van die kusstreek, die nasie van die K'retiërs! Die boodskap van יהוה is teen julle, Kena'an, land van die F'lishtyne en Ek sal jou vernietig sodat daar geen inwoner sal wees nie.
6 So sal die seekus weiveld wees, met grotte vir herders en krale vir troppe.
7 Die kus sal wees vir dié van die huis van Y'hudah wat oorgebly het, hulle sal daarop wei. In die huise van Ashkelon sal hulle in die aand gaan lê, want יהוה, hulle God, sal vir hulle sorg en hulle voorspoed herstel.
8 Ek het die gespot van Mo'av gehoor en die skimpe van die seuns van `Ammon, waarmee hulle My volk gespot het en arrogant teen hulle gebied geword het;
9 daarom, so waar as Ek leef," verklaar יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Mo'av sal wees soos S'dom en die seuns van `Ammon soos `Amorah; 'n plek oorgeneem deur brandnetels en soutpanne en 'n ewige verlatenheid. Die wat van My volk oorbly, sal hulle plunder en dié wat van My nasie oorbly, sal hulle erf."
10 Dit sal hulle kry in antwoord op hul trotsheid, want hulle het gespot met en het arrogant geword teen die volk van יהוה-Tzva'ot.
11 יהוה sal verskriklik wees teen hulle, want Hy sal al die gode van die aarde laat uithonger en al die kuslande van die nasies sal voor Hom neerbuig, elkeen vanaf sy plek.
12 "Ook julle, o Kushiete, sal neergeslaan word deur My swaard."
13 Hy sal Sy hand uitstrek teen die Noorde, Ashur vernietig en Ninveh tot 'n verlatenheid maak, geskroei soos die wildernis.
14 Troppe vee sal binne-in haar lê, alle gediertes wat in troppe loop; beide die pelikaan en die reier sal op sy pilaartoppe bly; voëls sal in die vensters sing; verwoesting sal op die drumpel wees, want Hy het die sederwerk kaal gestroop.
15 Hierdie is die juigende stad wat veilig bly, wat in haar binneste sê: "Ek is en daar is niemand anders nie!" Hoe het sy 'n verlatenheid geword, 'n rusplek vir wilde diere! Almal wat by haar verbygaan sal spot en sy hand waai in veragting.

3 1 Wee haar wat rebels en onteer is, die stad van Yonah.
2 Sy het na geen stem geluister nie, sy het geen dissipline aanvaar nie. Sy het nie op יהוה vertrou nie, sy het nie nadergekom na haar God toe nie.
3 Haar prinse binne-in haar is brullende leeus; haar regters is wolwe in die aand; hulle los niks vir die oggend nie.
4 Haar profete is ligsinnige, onbetroubare manne; haar priesters het die afgesonderde plek onteer. Hulle het die wet verkrag.

5 יהוה is regverdig binne-in haar; Hy sal geen onregverdige oordeel vel nie; elke oggend laat Hy Sy regverdige oordeel aan die lig kom, Hy faal nie, maar die onregverdige ken geen skaamte nie.
6 "Ek het nasies afgesny; hulle hoektorings is verwoes. Ek het hulle strate verlate gemaak, met niemand wat verbygaan nie; hulle stede is verwoes, sonder 'n mens, sonder 'n inwoner.
7 Ek het gesê: 'Jy sal My sekerlik respekvol vrees, van My dissipline aanvaar.' Haar blyplek sal nie afgesny word nie, volgens alles wat Ek aangaande haar aangestel het nie, maar hulle was ywerig om al hulle dade korrup te maak;
8 daarom, wag vir My," verklaar יהוה, "vir die dag wat Ek opstaan as 'n Getuie. Inderdaad, My besluit is om nasies te versamel, koninkryke te vergader om My verontwaardiging op hulle uit te gooi, al My brandende woede, want die hele aarde sal deur die vuur van My ywer verteer word,
9 want dan sal Ek aan die volke gereinigde lippe gee sodat almal van hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה mag aanroep om Hom skouer teen skouer te dien.
10 Vanaf oorkant die riviere van Kush sal My aanbidders, My verstrooides, hulle offers bring.
11 Op dié dag sal jy geen skaamte voel weens al jou dade waarmee jy teen My rebelleer het nie, want dan sal Ek jou trotses en die wat hulleself oplig, uit jou midde verwyder en jy sal nooit weer trots wees op My afgesonderde berg nie,
12 maar Ek sal 'n nederige en eenvoudige volk tussen jou los en hulle sal in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה vertrou.
13 Die wat oorbly van Yisra'el sal niks verkeerd doen en geen leuens vertel nie, daar sal ook nie 'n misleidende tong in hulle mond gevind word nie, want hulle sal wei en neerlê, met niemand om hulle te laat bewe nie." Ps 23; Open 14:5
14 Roep uit van vreugde, o dogter van Tziyon! Roep uit in triomf, o Yisra'el! Verheug jou en jubel met jou hele verstand, wil en emosie, o dogter van Yerushalayim!
15 יהוה het Sy oordeel teen jou weggevat, Hy het jou vyande weggevee. Die Koning van Yisra'el, יהוה, is tussen jou; jy sal nie meer rampe vrees nie.
16 In daardie dag sal dit vir Yerushalayim gesê word: "Moenie bang wees nie, o Tziyon; laat jou hande nie swak wees nie!
17 יהוה, jou God, is in jou midde 'n magtige Verlosser. Hy sal Hom oor jou verheug met blydskap, Hy sal jou vernuwe met Sy liefde, Hy sal oor jou in die rondte swaai van vreugde.
18 Ek sal dié vanuit jou verwyder wat beskuldigings maak teen die aangestelde fees.
19 Let op, Ek gaan in dié tyd optree teen al jou onderdrukkers; Ek sal die kreupele red en die wat ver weggestuur was bymekaarmaak en Ek sal hulle skaamte oor die hele aarde verander in lofprysing en roem.
20 In daardie tyd sal Ek julle inbring, in die tyd wanneer Ek julle bymekaarmaak; inderdaad sal Ek vir julle roem en lofprysing gee onder al die volke van die aarde, wanneer Ek voor julle oë julle voorspoed herstel," sê יהוה.

Die vier-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die negentiende boek van die Profete

Die dertiende boek van die Latere Profete

Die tiende boek van die twaalf

Haggai
(Haggai)

חגי - Feestelik

Die boek is deur Haggai, (Hag 1:1), in 520 voor Yeshua geskryf.

1 1 In die tweede jaar van Daryavesh, die koning, op die eerste dag van die sesde maand, het die boodskap van יהוה deur die profeet Haggai gekom tot Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el, goewerneur van Y'hudah en tot Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester en gesê:
2 "So sê יהוה-Tzva'ot: 'Hierdie volk sê: "Die tyd het nog nie gekom nie, die tyd vir die huis van יהוה om herbou te word."'"
3 Toe het die boodskap van יהוה deur Haggai, die profeet, gekom en gesê:
4 "Is dit tyd vir julle om in jul getimmerde huise te bly terwyl hierdie huis in puin lê?"
5 Nou, daarom, so sê יהוה-Tzva'ot: "Beskou julle lewenswyses!
6 Julle het baie gesaai, maar min geoes; julle eet, maar nie tot versadiging toe nie; julle drink, maar nie om dronk te word nie; julle trek klere aan, maar niemand is warm nie en hy wat verdien, verdien lone om in 'n beursie met gate te sit."
7 So sê יהוה-Tzva'ot: "Beskou julle lewenswyses!
8 Gaan op na die berge, bring hout en herbou die tempel sodat Ek daarmee tevrede kan wees en geloof, vereer en aanbid kan word," sê יהוה.
9 Julle kyk na baie, maar let op, dit het nie tot veel gekom nie; wanneer julle dit huis toe vat, blaas Ek dit weg. Waarom?" verklaar יהוה-Tzva'ot. "As gevolg van My huis wat in puin lê terwyl elkeen van julle haastig is om vir sy eie huis te sorg;
10 daarom, as gevolg van julle, het die hemel sy dou teruggehou en die aarde sy opbrengs.
11 Ek het 'n droogte oor die land uitgeroep, oor die berge, oor die koring, oor die nuwe wyn, oor die olie en oor alles wat die grond oplewer; oor die mense, oor die diere en oor al die arbeid van jou hande."
12 Toe het Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el en Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester en die hele volk wat oorgebly het, die stem van יהוה, hulle God en die woorde van Haggai, die profeet, gehoorsaam, soos יהוה, hulle God, hom gestuur het. Die volk het יהוה respekvol gevrees.
13 Toe het Haggai, die boodskapper van יהוה, volgens die opdrag van יהוה met die volk gepraat en gesê: "'Ek is by julle,' verklaar יהוה."
14 יהוה het die gees van Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el, goewerneur van Y'hudah en die gees van Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester en die gees van die volk wat oorgebly het, opgewek en hulle het gekom en gewerk aan die huis van יהוה-Tzva'ot, hulle God,
15 op die vier en twintigste dag van die sesde maand, in die tweede jaar van Daryavesh, die koning.

2 1 Op die een en twintigste van die sewende maand het die boodskap van יהוה deur die profeet Haggai gekom en gesê:
2 "Praat nou met Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el, goewerneur van Y'hudah en met Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester en met die wat oorgebly het van die volk en sê:
3 'Wie is oor onder julle wat hierdie huis in sy vroeëre lof en eer gesien het? Hoedanig sien julle dit nou? Lyk dit nie vir julle soos niks in vergelyking nie?
4 Nou dan, skep moed Z'rubavel,' verklaar יהוה' en skep moed Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester en skep moed al julle mense van die land,' verklaar יהוה, 'en werk, want Ek is by julle,' verklaar יהוה-Tzva'ot.
5 'Wat die belofte betref wat Ek gemaak het toe julle uit Mitzrayim uit gekom het, My Gees bly tussen julle; moenie bang wees nie!'
6 Want so sê יהוה-Tzva'ot: "Weer 'n keer, oor 'n kort rukkie, gaan Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond skud. Mat 24:29; Mar 13:25; Luk 21:26; Heb 12:26
7 Ek sal al die nasies skud en hulle sal kom met die skatte van al die nasies en Ek sal hierdie huis met lof en eer vol maak,' sê יהוה-Tzva'ot.
8 'Die silwer en die goud is Myne,' verklaar יהוה-Tzva'ot.
9 'Die latere lof en eer van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre,' sê יהוה-Tzva'ot; 'en in hierdie plek sal Ek vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gee,' sê יהוה-Tzva'ot."
10 Op die vier en twintigste van die negende maand in die tweede jaar van Daryavesh, het die boodskap van יהוה gekom tot Haggai, die profeet en gesê:
11 "So sê יהוה-Tzva'ot: "Vra nou die priesters vir 'n uitspraak:
12 'As iemand afgesonderde vleis in die vou van sy kleed dra en hy sou aan brood of iets wat gekook is, of wyn of olie of watter spys ook al, raak met sy vou, sal dit afgesonderd word?'" Die priesters het geantwoord: "Nee."
13 Toe sê Haggai: "As iemand wat deur 'n lyk onrein is, aan al hierdie dinge sou raak, sal dit onrein wees?" Die priesters het geantwoord: "Dit sal onrein word."
14 Toe antwoord Haggai: "'Só is hierdie volk en só is hierdie nasie in My Teenwoordigheid,' verklaar יהוה, 'en só is elke werk van hulle hande en wat hulle dáár offer, onrein.
15 Beoordeel egter nou van hierdie dag af terug: voordat 'n steen op 'n ander gelê is in die tempel van יהוה,
16 vanaf daardie tyd, wanneer iemand by 'n koringmied van twintig maat gekom het, was daar net tien; wanneer hy by die parskuip gekom het om vyftig mates te skep, was daar net twintig.
17 Ek het julle en al die werk van julle hande swaar getref met stormende winde, muf en hael; nogtans het julle nie na My toe gekom nie,' verklaar יהוה.
18 'Gee vanaf die vier en twintigste dag van die negende maand, van hierdie dag af aandag; vanaf die dag dat die tempel van יהוה opgestel is, oorweeg dit.
19 Oorweeg dit, want daar is geen saad in die skuur nie en die wingerdstok, die vyeboom tot nou toe, die granaatboom en die olyfboom, het niks opgelewer nie. Nogtans, van hierdie dag af aan sal Ek hulle seën,' sê יהוה'"

20 Toe het die boodskap van יהוה vir die tweede keer tot Haggai gekom op die vier en twintigste van die maand en gesê:
21 "Praat met Z'rubavel, goewerneur van Y'hudah en sê: "Ek gaan die hemel en die aarde skud. Mar 13:25; Luk 21:26
22 Ek sal die trone van koninkryke omverwerp en die krag van die koninkryke van die nasies vernietig en Ek sal die strydwaens en die wat daarop ry, omverwerp en die perde en hulle ruiters sal val, die een deur die swaard van die ander.'
23 'Op daardie dag,' verklaar יהוה-Tzva'ot, 'sal Ek jou vat, Z'rubavel, seun van Sh'alti'el, My dienskneg,' verklaar יהוה 'en Ek sal jou maak soos 'n seëlring, want Ek het jou gekies,'" verklaar יהוה-Tzva'ot.

Die vyf-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die twintigste boek van die Profete

Die veertiende boek van die Latere Profete

Die elfde boek van die twaalf

Z'kharyah
(Sagaria)

זכריה - יהוה onthou

Die boek is deur Z'kharyah, (Z'kh 1:1), vanaf 520 voor Yeshua en verder, geskryf.

1 1 In die agtste maand van die tweede jaar van Daryavesh, het die boodskap van יהוה gekom tot Z'kharyah, die profeet, die seun van Berekhyah, die seun van `Iddo en gesê:
2 "יהוה was baie kwaad vir julle vaders.
3 Sê daarom vir hulle: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "Keer terug na My," verklaar יהוה-Tzva'ot "sodat Ek na julle toe kan terugkeer," sê יהוה-Tzva'ot. Ya'a 4:8
4 "Moenie soos julle vaders wees nie, vir wie die vroeëre profete verklaar en gesê het: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "Draai nou terug van julle bose lewenswyse en julle bose dade,"' maar hulle het nie geluister of My gehoorsaam nie," verklaar יהוה.
5 Julle vaders, waar is hulle? Die profete, leef hulle vir ewig?
6 Het My boodskap en My instellings, wat Ek My knegte, die profete, beveel het, egter nie julle vaders ingehaal nie? Toe het hulle erken en bely en gesê: "Soos יהוה-Tzva'ot Hom voorgeneem het om aan ons te doen volgens ons lewenswyses en ons dade, so het Hy met ons gedoen."
7 Op die vier en twintigste dag van die elfde maand, wat die maand Sh'vat is, in die tweede jaar van Daryavesh, het die boodskap van יהוה tot Z'kharyah, die profeet, die seun van Berekhyah, die seun van `Iddo, as volg gekom:
8 In die nag het ek gesien en let op, 'n man het op 'n rooi perd gery en hy het gestaan tussen die mirtebome wat in die kloof was, met rooi, bont en wit perde agter hom.
9 Toe sê ek: "My meester, wat is hierdie?" Die boodskapper wat met my gepraat het, antwoord my: "Ek sal jou wys wat hierdie is."
10 Die man wat tussen die mirtebome gestaan het, het geantwoord en gesê: "Hierdie is hulle wat יהוה gestuur het om die aarde te patrolleer."
11 Hulle het die boodskapper van יהוה, wat tussen die mirtebome gestaan het, geantwoord en gesê: "Ons het die aarde gepatrolleer en let op, die hele aarde is vredevol en rustig."
12 Toe het die boodskapper van יהוה gesê: "O יהוה-Tzva'ot, hoe lank sal U geen liefdevolle omgee hê vir Yerushalayim en vir die stede van Y'hudah, waarmee U hierdie sewentig jaar verontwaardig was nie?"
13 יהוה het die boodskapper wat met my gepraat het, met gunstige, vertroostende woorde geantwoord.
14 Die boodskapper wat met my gepraat het, het vir my gesê: "Verkondig en sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "Ek is uitermate jaloers oor Yerushalayim en oor Tziyon,
15 maar Ek is baie kwaad vir die gemaklike nasies, want terwyl Ek net 'n bietjie kwaad was, het hulle die ramp aangehelp;"
16 daarom, so sê יהוה: "Ek sal terugkom na Yerushalayim met liefdevolle omgee; My huis sal daarin gebou word," verklaar יהוה-Tzva'ot, "en 'n maatband sal oor Yerushalayim uitgestrek word."' Yeg 40-46
17 "Verkondig weer en sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "My stede sal weer oorloop met voorspoed en יהוה sal Tziyon weer vertroos en Yerushalayim weer kies."'"

2 1 Toe het ek my oë opgelig en gekyk en let op: vier horings.
2 Toe sê ek vir die boodskapper wat met my gepraat het: "Wat is hierdie? Hy antwoord my: "Dit is die horings wat Y'hudah, Yisra'el en Yerushalayim verstrooi het."

3 Toe wys יהוה vir my vier vakmanne.
4 Ek het gesê: "Wat kom hulle doen?" Hy antwoord: "Hierdie is die horings wat Y'hudah só verstrooi het dat niemand sy kop oplig nie, maar hierdie manne het gekom om hulle bang te maak, om die horings van die nasies neer te gooi wat hulle horings teen die land van Y'hudah opgelig het om dit te verstrooi."
5 Toe het ek my oë opgelig en gekyk en let op, daar was 'n man met 'n maatband in sy hand.
6 Toe sê ek: "Waar gaan u heen?" Hy antwoord my: "Om Yerushalayim te meet, om te sien hoe breed en hoe lank dit is." Yeg 40
7 Let op, die boodskapper wat met my gepraat het, het uitgegaan en 'n ander boodskapper het uitgekom om hom te ontmoet
8 en vir hom gesê: "Hardloop, praat met daardie jongman en sê: 'Yerushalayim sal bewoon word sonder mure as gevolg van die menigte van mense en beeste daarbinne,
9 want Ek,' verklaar יהוה, 'sal 'n vurige muur rondom haar wees en Ek sal die lof en eer in haar midde wees.'" Open 21:3
10 "Let op, vlug uit die land van die Noorde," verklaar יהוה, "want Ek het julle verstrooi na die vier windstreke van die hemel," verklaar יהוה.
11 "Let op, Tziyon! Vlug, jy wat by die dogter van Bavel bly," Open 18:4
12 want so sê יהוה-Tzva'ot: "Vir lof, eer en waarde het Hy My gestuur teen die nasies wat julle geplunder het, want hy wat julle aanraak, raak My oogappel aan,
13 want, let op, Ek sal My hand oor hulle swaai sodat hulle dade buit sal word, dan sal julle weet dat יהוה-Tzva'ot My gestuur het.
14 Sing van vreugde en wees bly, o dogter van Tziyon, want let op, Ek kom en sal in jou midde bly," verklaar יהוה.
15 Baie nasies sal hulle in daardie dag aan יהוה verbind en sal My volk word, dan sal Ek in jou midde bly en jy sal weet dat יהוה-Tzva'ot My na jou toe gestuur het.
16 יהוה sal Y'hudah as Sy porsie in die afgesonderde land besit en sal Yerushalayim weer kies.
17 Alle vlees, wees stil voor יהוה, want Hy het opgestaan vanuit Sy afgesonderde blyplek."

3 1 Toe het Hy Y'hoshua, die hoofpriester, vir my gewys waar hy voor die boodskapper van יהוה staan en die teëstander wat aan sy regterhand staan om hom te beskuldig.
2 יהוה sê vir die teëstander: "יהוה bestraf jou, teëstander! Inderdaad, יהוה wat Yerushalayim gekies het, bestraf jou! Y'hu 1:9 Is hierdie nie 'n vuuryster wat uit die vuur geruk is nie?"
3 Y'hoshua was in vuil klere aangetrek terwyl hy voor die boodskapper staan.
4 Hy het gepraat en vir hulle wat voor Hom staan gesê: "Verwyder die vuil klere van hom af." Weer het Hy vir hom gesê: "Kyk, Ek het jou onregverdigheid van jou af weggevat en sal jou met feesklere aantrek."
5 Toe het ek gesê: "Laat hulle 'n skoon tulband op sy kop sit." Hulle het 'n skoon tulband op sy kop gesit en vir hom goeie klere aangetrek terwyl die boodskapper van יהוה by hulle gestaan het.

6 Die boodskapper van יהוה het Y'hoshua gewaarsku en gesê:
7 "So sê יהוה-Tzva'ot: 'As jy in My lewenswyses sal loop en as jy My diens sal verrig, dan sal jy ook My huis bestuur en ook My howe beheer en Ek sal vir jou vrye toegang gee onder hulle wat hier staan.
8 Luister en hoor nou, Y'hoshua, die hoofpriester, jy en jou vriende wat voor jou sit; inderdaad is hulle manne wat 'n teken is, want let op, Ek gaan My Dienskneg, die Spruit, inbring,
9 want let op, die steen wat Ek voor Y'hoshua gelê het; op een steen is sewe oë. Let op, Ek sal 'n inskrywing daarop graveer,' verklaar יהוה-Tzva'ot 'en Ek sal die onregverdigheid van daardie land op een dag verwyder.
10 In daardie dag,' verklaar יהוה-Tzva'ot, 'sal elkeen van julle sy naaste nooi om onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom te sit.'"

4 1 Toe het die boodskapper wat met my gepraat het, teruggekom en my laat opstaan soos 'n man wat uit die slaap uit wakker gemaak word.
2 Hy het vir my gesê: "Wat sien jy?" Ek antwoord: "Ek sien, let op, 'n kandelaar, heeltemal van goud, met sy oliebak bo-op hom en sy sewe lampe op hom, met sewe tuite wat elk aan die lampe behoort wat op die kandelaar is;
3 ook twee olyfbome by dit, een aan die regterkant van die oliebak en een aan die linkerkant daarvan." Open 11:4
4 Toe het ek vir die boodskapper wat met my gepraat het, gesê: "Wat beteken dit, my meester?"
5 Die boodskapper wat met my gepraat het, antwoord en sê vir my: "Weet jy nie wat hierdie is nie?" Ek het gesê: "Nee, my meester."
6 Toe sê hy vir my: "Dit is die woord van יהוה aan Z'rubavel, wat sê: 'Nie deur mag of deur krag nie, maar deur My Gees,' sê יהוה-Tzva'ot.
7 'Wat is jy, o groot berg? Voor Z'rubavel sal jy 'n vlakte word en hy sal die sluitsteen te voorskyn bring met uitroepe van: "Onverdiende guns, onverdiende guns daarvoor!"'"
8 Die boodskap van יהוה het ook tot my gekom en gesê:
9 "Die hande van Z'rubavel het die fondasie van hierdie huis gelê en sy hande sal dit voltooi, dan sal jy weet dat יהוה-Tzva'ot my na julle toe gestuur het,
10 want wie verag die dag van klein dinge? Hierdie sewe sal egter bly wees as hulle die skietlood in die hand van Z'rubavel sien; dit is die oë van יהוה wat heen en weer die aarde deurkruis."
11 Toe het ek vir hom gesê: "Wat is hierdie twee olyfbome aan die regterkant van die kandelaar en aan sy linkerkant?"
12 Ek het die tweede keer gepraat en vir hom gesê: "Wat is die twee olyftakke wat langs die twee goue pype is wat die goue olie uit hulleself leeg maak?"
13 Hy antwoord my en sê: "Weet jy nie wat hierdie is nie?" Ek antwoord: "Nee, my meester."
14 Toe sê hy: "Hierdie is die twee gesalfdes wat by die Meester van die ganse aarde staan."

5 1 Toe het ek weer my oë opgelig en gekyk en let op, daar is 'n vlieënde boekrol.
2 Hy het vir my gesê: "Wat sien jy?" Ek het geantwoord: "Ek sien 'n vlieënde boekrol; sy lengte is twintig el en sy breedte tien el."
3 Toe sê hy vir my: "Hierdie is die vloek wat uitgaan oor die oppervlak van die hele land; elkeen wat steel sal sekerlik uitgesuiwer word volgens die skrywe aan die een kant en elkeen wat vloek sal uitgesuiwer word volgens die skrywe aan die ander kant.
4 Ek sal dit laat uitgaan," verklaar יהוה-Tzva'ot, "en dit sal in die huis van die dief ingaan en in die huis van hom wat vals sweer in My Naam (Karakter en Outoriteit) en dit sal die nag binne-in daardie huis deurbring en dit verteer saam met sy balke en klippe."
5 Toe het die boodskapper wat met my gepraat het uitgegaan en vir my gesê: "Lig nou jou oë op en kyk wat hierdie is wat uitgaan."
6 Ek het gesê: "Wat is dit?" Hy antwoord: "Dit is die maatstaf wat uitgaan en in dit is die skuld van die hele land."
7 Let op, 'n talent lood is opgelig en 'n vrou wat by die maatstaf sit.
8 Toe het hy gesê: "Hierdie is Boosheid!" Hy het haar binne-in die maatstaf gegooi en die looddeksel op die opening gegooi.
9 Toe het ek my oë opgelig en gekyk en daar het twee vroue uitgekom met die wind in hulle vlerke en hulle het vlerke gehad soos die vlerke van 'n ooievaar en hulle het die efa opgelig tussen die aarde en die hemele.
10 Ek het vir die boodskapper wat met my gepraat het, gesê: "Waarheen bring hulle die maatstaf?"
11 Toe antwoord hy my: "Om vir haar 'n tempel te bou in die land van Shin'ar en wanneer dit voorberei is, sal sy daar op haar eie troontjie gesit word."

6 1 Ek het weer my oë opgelig en gekyk en let op, vier strydwaens het tussen die twee berge uitgekom en die berge was koper berge.
2 By die eerste strydwa was rooi perde, by die tweede strydwa swart perde, Open 6:1-
3 by die derde strydwa wit perde en by die vierde strydwa sterk bont perde.
4 Toe het ek gepraat en vir die boodskapper wat met my gepraat het, gesê: "Wat is hierdie, my meester?"
5 Die boodskapper het my geantwoord: " Hierdie is die vier geeste van die hemel wat uitgaan nadat hulle voor die Meester van die hele aarde gestaan het,
6 met een, wat die swart perde trek, wat gaan na die land van die noorde en die wittes gaan uit agter hulle aan terwyl die bontes na die land van die suide gaan
7 en die rooies het uitgegaan en was ywerig om te gaan om die aarde te patrolleer." Hy het gesê: "Gaan, patrolleer die aarde!" Hulle het die aarde patrolleer.
8 Toe het Hy na my geroep en vir my dit gesê: "Kyk, die wat na die land van die noorde gaan, het My toorn gekalmeer in die land van die noorde."
9 Die boodskap van יהוה het ook tot my gekom en gesê:
10 "Ontvang van die ballinge, van Heldai, Toviyah en Y'da'yah en gaan dieselfde dag die huis van Yoshiyah, die seun van Tz'fanyah, waar hulle vanaf Bavel aangekom het, in.

11 Vat silwer en goud, maak 'n kroon en sit dit op die kop van Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester.
12 Sê dan vir hom: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "Let op, daar kom 'n Man wie se Naam Spruit is, want Hy sal uitspruit van waar Hy is en Hy sal die tempel van יהוה bou.
13 Ja, dit is Hy wat die tempel van יהוה sal bou en Hy sal die eer dra en sit en heers op Sy troon. So sal Hy 'n Priester wees op Sy troon en die raad van vrede sal tussen die twee instellings wees.'"
14 Nou sal die kroon 'n herinnering word in die tempel van יהוה vir Heldai, Toviyah, Y'da'yah en Yoshiyah, die seun van Tz'fanyah.
15 Die wat ver is, sal kom en die tempel van יהוה bou." Dan sal julle weet dat יהוה-Tzva'ot my na julle toe gestuur het en dit sal gebeur as julle יהוה, julle God, volledig gehoorsaam.

7 1 In die vierde jaar van koning Daryavesh het die boodskap van יהוה tot Z'kharyah gekom, op die vierde dag van die negende maand, Kislev.
2 Beit-El het vir Sar'etzer en Regem-Melekh met hulle manne gestuur om die guns van יהוה te soek,
3 deur met die priesters wat behoort aan die huis van יהוה-Tzva'ot en met die profete te praat en te sê: "Moet ek in die vyfde maand huil en vas soos wat ek hierdie baie jare gedoen het?"
4 Toe het die boodskap van יהוה-Tzva'ot tot my gekom en gesê:
5 "Sê vir al die mense van die land en vir die priesters: 'Wanneer julle hierdie sewentig jaar lank in die vyfde en in die sewende maand gevas en getreur het, was dit werklik vir My dat julle gevas het?
6 Wanneer julle eet en drink, eet julle nie vir julleself en drink julle nie vir julleself nie?
7 Is dit nie die boodskap wat יהוה deur die vroeëre profete verkondig het, toe Yerushalayim en sy omliggende stede bewoond en voorspoedig was en die Suidland (Negev) en die voetheuwels bewoond was, nie?'"
8 Toe het die boodskap van יהוה tot Z'kharyah gekom en gesê:
9 "So het יהוה-Tzva'ot gesê: 'Deel eerlike vonnis uit en beoefen goedheid en liefdevolle omgee, elkeen vir sy broer
10 en moenie die weduwee of die wees, die vreemdeling of die arme onderdruk nie en moenie boosheid in julle verstand, wil en emosie teen mekaar beplan nie.'
11 Hulle het egter geweier om aandag te gee en 'n hardnekkige skouer gedraai en hulle ore toegestop om nie te hoor nie.
12 Hulle het hul harte soos vuursteen gemaak sodat hulle nie die wet of die boodskap wat יהוה-Tzva'ot deur Sy Gees deur die vroeëre profete gestuur het, kon hoor nie; daarom het groot toorn vanaf יהוה-Tzva'ot gekom.
13 Net soos wat Ek geroep het en hulle nie wou luister nie, so het hulle geroep en Ek wou nie luister nie," sê יהוה-Tzva'ot, Yeg 39:22-23
14 "maar Ek het hulle met 'n stormwind verstrooi onder al die nasies wat hulle nie geken het nie. So is die land verlate agter hulle sodat niemand heen en weer gegaan het nie, want hulle het die aangename land verlate gemaak."

8 1 Toe het die boodskap van יהוה-Tzva'ot gekom en gesê:
2 "So sê יהוה-Tzva'ot: 'Ek is uitermate jaloers oor Tziyon, ja, met 'n groot toorn is Ek jaloers oor haar.'
3 So sê יהוה: 'Ek sal terugkeer na Tziyon en sal midde-in Yerushalayim bly. Dan sal Yerushalayim genoem word: Die stad van Waarheid en die berg van יהוה-Tzva'ot: Die Afgesonderde Berg.' Yeg 48:35
4 So sê יהוה-Tzva'ot: "Ou manne en ou vroue sal weer in die strate van Yerushalayim sit, elke man met sy staf in sy hand as gevolg van ouderdom.
5 Die strate van die stad sal vol wees met seuns en dogters wat in die strate speel.'
6 So sê יהוה-Tzva'ot: 'As dit te moeilik is in die oë van die wat van hierdie volk oorgebly het in daardie dae, sal dit ook te moeilik wees in My oë?' verklaar יהוה-Tzva'ot.
7 So sê יהוה-Tzva'ot: 'Let op, Ek gaan My volk verlos uit die land van die ooste en uit die land van die weste
8 en hulle bring en hulle sal midde-in Yerushalayim bly en hulle sal My volk wees en Ék sal hulle God wees, in waarheid en onpartydige opregtheid."
9 So sê יהוה-Tzva'ot: 'Laat julle hande onveranderlik sterk wees, julle wat in hierdie dae na die boodskappe uit die mond van die profete luister op die dag toe die fondasie van die huis van יהוה-Tzva'ot gelê is sodat die tempel gebou kon word,
10 want vóór daardie dae was daar geen loon vir die mense of enige loon vir die diere nie en vir die wat uit- of ingegaan het was daar geen rustigheid as gevolg van sy vyande nie en Ek het al die mense die een teen die ander opgestel.
11 Nou sal Ek egter nie die wat oorgebly het van die volk behandel soos in vroeër dae nie,' verklaar יהוה-Tzva'ot,
12 'want daar sal vrede wees vir die saad: die wingerdstok sal sy vrug gee en die land sy opbrengs lewer en die hemel sal sy dou gee en Ek sal die wat oorgebly het van die volk al hierdie dinge laat erf.
13 Dit sal gebeur dat net soos julle 'n vloek was onder die nasies, o huis van Y'hudah en huis van Yisra'el, so sal Ek julle red sodat julle 'n seën kan word. Moenie vrees nie, laat julle hande onveranderlik sterk wees,'
14 want so sê יהוה-Tzva'ot: 'Net soos Ek beplan het om julle kwaad aan te doen, toe julle vaders My uitgetart het tot toorn,' sê יהוה-Tzva'ot 'en Ek nie bedaar het nie,
15 so het Ek weer beplan in hierdie dae om goed te doen aan Yerushalayim en aan die huis van Y'hudah. Moenie vrees nie!
16 Hierdie is die dinge wat julle moet doen: praat die waarheid met mekaar; Efe 4:25 oordeel met waarheid en regverdigheid vir vrede in julle poorte!
17 Laat niemand van julle ook boosheid beplan in sy verstand, wil en emosie teen 'n ander nie en moenie lief wees om 'n vals eed af te lê nie, want dit is alles wat Ek haat,' verklaar יהוה."
18 Toe het die boodskap van יהוה-Tzva'ot tot my gekom en gesê:
19 "So sê יהוה-Tzva'ot: 'Die vas van die vierde, die vas van die vyfde, die vas van die sewende en die vas van die tiende maand sal vir die huis van Y'hudah 'n vreugde, 'n blydskap en vrolike feeste wees; wees daarom lief vir waarheid en vrede.'

20 So sê יהוה-Tzva'ot: 'Volke sal kom, die inwoners van baie stede.
21 Die inwoners van een sal gaan na 'n ander en sê: "Laat ons dadelik gaan om die onverdiende guns van יהוה te vra en om יהוה-Tzva'ot te soek; ek sal ook gaan!"
22 So sal baie volke en magtige nasies kom om יהוה-Tzva'ot in Yerushalayim te soek en om die onverdiende guns van יהוה af te smeek.'
23 So sê יהוה-Tzva'ot: 'In daardie dae sal tien man vanuit al die nasies die kleed van 'n man van Y'hudah vasgryp en sê: "Laat ons saam met julle gaan, want ons het gehoor dat God by julle is."'"

9 1 Die las van die boodskap van יהוה is teen die land van Hadrakh, met Dammesek as sy rusplek, want die oog van die mens, veral al die stamme van Yisra'el, is op יהוה gerig,
2 asook Hamat wat daaraan grens. Tzor en Tzidon, alhoewel hulle baie slim is,
3 want Tzor het vir haarself 'n vesting gebou en silwer opgehoop soos stof en goud soos die vuilgoed van die strate,
4 let op, יהוה sal haar onteien en haar rykdom in die see gooi en sy sal deur vuur verteer word.
5 Ashkelon sal dit sien en vrees; ook `Azah sal wriemel in groot pyn; ook `Ekron, want haar verwagtinge is verydel; meer nog, die koning sal sterf vanuit `Azah en in Ashkelon sal nie gewoon word nie.
6 'n Gemengde volk (Jood / nie-Jood) sal in Ashdod bly en Ek sal die trotsheid van die F'lishtyne afsny.
7 Ek sal die bloed uit hulle mond verwyder en hulle verwerplike dinge van tussen hulle tande uit, dan sal hulle ook vir ons God oorgeblewenes wees en wees soos 'n familie in Y'hudah en `Ekron soos 'n Y'vusiet.
8 Ek sal 'n Versorger aanstel oor My huis as gevolg van Hom wat verbykom, as gevolg van Hom wat weer terugkom en geen onderdrukker sal meer oor hulle kom nie, want nou het Ek met My eie oë gesien.
9 Swaai in die rondte van vreugde, oorvloediglik, o dogter van Tziyon! Skreeu dit uit, o dogter van Yerushalayim! Let op, jou Koning kom na jou toe; Hy is regverdig en toegerus met verlossing, nederig en ry op 'n donkie, [Mat 21:5] op 'n jong donkie, die vul van 'n donkie. [Yog 12:15]
10 Ek sal die strydwa vanaf Efrayim en die perd vanaf Yerushalayim afsny en die gevegsboog sal vernietig word. Hy sal vrede tot die nasies praat en Sy heerskappy sal wees van see tot see en vanaf die Rivier (Eufraat) tot aan die eindes van die aarde.
11 Ook wat jou betref, as gevolg van die bloed van die verbond met jou, het Ek jou gevangenes bevry vanuit die waterlose put.
12 Keer terug na die vesting, gevangenes wat die versekerde verwagting het; Ek verklaar op hierdie dag dat Ek dubbel aan jou sal herstel,
13 want Ek sal Y'hudah buig as My boog, die boog vul met Efrayim en Ek sal jou seuns, o Tziyon, opwek teen jou seuns, o Yavan en Ek sal jou maak soos 'n vegter se swaard,

14 dan sal יהוה oor hulle verskyn en Sy pyl sal soos weerlig uitskiet en יהוה-God sal
met die ramshoring blaas en in die stormwinde van die suide marsjeer.
15 יהוה-Tzva'ot sal hulle verdedig en hulle sal die slingerklippe verslind en vertrap;
hulle sal drink en luidrugtig wees asof deur wyn en hulle sal vol wees soos die
offerkomme, soos die hoeke van die altaar.
16 יהוה, hulle God, sal hulle op daardie dag red as die kudde van Sy volk, want hulle
is afgesonderde gesteentes wat op Sy land gestrooi is. Open 7:4
17 Hoe goed en uitnemend is koring vir die jong manne en nuwe wyn maak die
maagde vrolik.

10 1 Vra reën van יהוה in die tyd van die lentereëns; van יהוה wat die stormwolke
maak en Hy sal aan hulle stortreën gee, plante in die veld vir die mens,
2 want die huishoudelike gode (terafim) praat boosheid en die waarsêers sien
leuenagtige visioene en verkondig vals drome; hulle troos tevergeefs; daarom het
hulle rondgeswerf soos skape; hulle is beproef omdat daar geen herder is nie.
3 "My woede is opgewek teen die herders en Ek sal die bokramme straf, want יהוה-
Tzva'ot het Sy kudde besoek, die huis van Y'hudah en sal hulle soos Sy majestueuse
perd in die geveg maak.
4 Vanaf hulle sal die hoeksteen kom, vanaf hulle die tentpen, vanaf hulle die
gevegsboog, vanaf hulle elke heerser, almal van hulle saam.
5 Hulle sal soos magtige manne wees, wat in die geveg die vuilgoed van die strate
vertrap en hulle sal veg, want יהוה sal by hulle wees en die ruiters op perde sal
beskaamd word.
6 Ek sal die huis van Y'hudah versterk en die huis van Yosef red en hulle terugbring
omdat Ek liefdevolle omgee vir hulle gehad het en hulle sal wees asof Ek hulle nie
verwerp het nie, want Ek is יהוה, hulle God en Ek sal hulle antwoord.
7 Efrayim sal wees soos 'n magtige man en hulle verstand, wil en emosie sal vrolik
wees asof deur wyn; inderdaad, hulle kinders sal dit sien en bly wees, hulle verstand,
wil en emosie sal in die rondte swaai van vreugde in יהוה.
8 Ek sal vir hulle fluit om hulle bymekaar te maak, want Ek het hulle losgekoop en
hulle sal net so talryk wees soos tevore.
9 Wanneer Ek hulle verstrooi tussen die volke, sal hulle My in ver lande onthou en
hulle en hul kinders sal lewe en terugkom.
10 Ek sal hulle terugbring uit die land van Mitzrayim en hulle uit Ashur bymekaarmaak
en Ek sal hulle in die land van Gil'ad en L'vanon inbring totdat geen plek vir hulle
gevind kan word nie.
11 Hulle sal deur die see van bekommernis gaan en Hy sal die golwe in die see slaan
sodat al die dieptes van die Nyl sal opdroog en die trotsheid van Ashur sal afgebring
word en die septer van Mitzrayim sal weggaan.
12 Ek sal hulle sterk maak in יהוה en hulle sal in Sy Karakter en Outoriteit loop,"
verklaar יהוה.

11 1 Maak oop jou deure, o L'vanon, dat 'n vuur mag voed op jou sederbome!
2 Huil, o sipres, want die seder het geval omdat die pragtige bome verwoes is! Huil, eike van Bashan omdat die ondeurdringbare woud neergefel is.
3 Daar is die klank van die herders se gehuil, want hulle lof en eer is verwoes; daar is die klank van die jong leeus se brul, want die trots van die Yarden is verwoes.
4 So sê יהוה my God: "Laat die trop wei wat verdoem is tot slagting.
5 Dié wat hulle koop, slag hulle sonder om gestraf te word en elkeen wat hulle verkoop sê: 'Geseënd is יהוה, want ek het ryk geword!' Hulle eie herders het geen medelye met hulle nie,
6 want Ek sal nie langer medelye hê met die inwoners van die land nie," verklaar יהוה; "maar let op, Ek sal die mense laat val, elkeen in die hand van 'n ander en in die hand van sy koning en hulle sal die land verwoes en Ek sal hulle nie uit hul hand red nie."
7 Ek het die skape, verdoem tot slagting, die geteisterdes van die trop, van toe af laat wei! Ek het vir myself twee stawwe gevat: die een het ek 'guns' genoem en die ander het ek 'eenheid' genoem; so het ek die skape laat wei.
8 Toe het ek die drie herders in een maand vernietig, want my persoon was ongeduldig met hulle en hulle persoon was ook moeg van my.
9 Toe het ek gesê: "Ek sal julle nie meer versorg nie. Wat gaan sterf, laat dit sterf en wat uitgewis gaan word, laat dit uitgewis word en laat die wat oorbly, mekaar se vleis verslind!"
10 Ek het my staf 'guns' gevat en in stukkies gebreek, om my verbond te verbreek wat ek met al die volke gesluit het. Yir 31:31
11 Dit is op daardie dag verbreek en so het die geteisterdes van die trop wat my dopgehou het, besef dat dit die boodskap van יהוה was.
12 Ek het vir hulle gesê: "As dit goed is in julle oë, gee my loon, maar so nie, laat dit staan." Hulle het my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer, as my loon.
13 Toe sê יהוה vir my: "Gooi dit vir die pottebakker, die fantastiese prys waarmee Ek deur hulle gewaardeer is." Mat 26:15 Ek het die dertig sikkels silwer gevat en dit in die huis van יהוה vir die pottebakker gegooi. Mat 27:10
14 Toe het ek my tweede staf, 'eenheid', in stukkies gesny, om die broederskap tussen Y'hudah en Yisra'el te verbreek.
15 יהוה het vir my gesê: "Vat weer vir jouself die gereedskap van 'n dwase herder,
16 want let op, Ek gaan 'n herder laat opstaan in die land wat nie vir die ellendige gaan sorg, die verstrooides gaan soek, die gebrokenes gaan genees of die wat staan in stand gaan hou nie, maar die vleis van die vettes sal hy eet en hulle kloue afskeur.
17 Wee die waardelose herder wat die skape in die steek laat! 'n Swaard sal op sy arm en op sy regteroog wees! Sy arm sal heeltemal verdor en sy regteroog blind wees!

12 1 Die visioen van die boodskap van יהוה aangaande Yisra'el: so verklaar יהוה,
wat die hemele uitstrek, die aarde se fondasies lê en die gees van die mens binne- in
hom vorm:
2 "Let op, Ek gaan van Yerushalayim 'n beker maak wat gaan veroorsaak dat al die
volke rondom slinger en wanneer die beleëring teen Yerushalayim is, sal dit ook
teen Y'hudah wees.
3 Dit sal gebeur op daardie dag dat Ek Yerushalayim tot 'n baie swaar klip maak vir al
die volke; almal wat dit optel, sal ernstig beseer word en al die nasies van die aarde
sal daarteen vergader word.
4 In daardie dag," verklaar יהוה, "sal Ek elke perd met verwarring slaan en sy ruiter
met waansin, maar Ek sal waak oor die huis van Y'hudah terwyl Ek elke perd van
die volke met blindheid slaan,
5 dan sal die families van Y'hudah in hulle verstand, wil en emosie sê: 'Die inwoners
van Yerushalayim is vir ons 'n sterk ondersteuning deur יהוה-Tzva'ot, hulle God.'
6 In daardie dag sal Ek die families van Y'hudah maak soos 'n pot met vuur tussen
stukkies hout en 'n brandende fakkel onder gerwe, so sal hulle aan die regterkant en
aan die linkerkant al die volke rondom verteer terwyl die inwoners van Yerushalayim
weer op hulle eie plekke in Yerushalayim sal bly.
7 יהוה sal ook eerste die tente van Y'hudah red sodat die lof en eer van die huis van
Dawid en die lof en eer van die inwoners van Yerushalayim nie opgelig sal word
bo Y'hudah nie.
8 In daardie dag sal יהוה die inwoners van Yerushalayim verdedig en die swakkes
onder hulle sal in dié dag wees soos Dawid en die huis van Dawid sal wees soos
God, soos die boodskapper van יהוה, voor hulle.
9 Ek sal in daardie dag begin om al die nasies wat teen Yerushalayim kom, te
vernietig.
10 Ek sal die Gees van onverdiende guns en van smeekbede oor die huis van Dawid en
oor die inwoners van Yerushalayim uitgiet en hulle sal opkyk na Hom vir Wie hulle
deurboor het en hulle sal oor Hom rou soos 'n mens rou oor 'n enigste seun en hulle
sal bitterlik oor Hom huil soos die bitterlike gehuil oor 'n uniek eersgeborene. Open 1:7
11 In daardie dag sal daar 'n groot rou wees in Yerushalayim, soos die rou van Hadad-
Rimmon in die vlakte van Megiddo.
12 Die land sal rou, elke familie by homself; die familie van die huis van Dawid
afsonderlik en hulle vroue afsonderlik; die familie van die huis van Natan
afsonderlik en hulle vroue afsonderlik;
13 die familie van die huis van Levi afsonderlik en hulle vroue afsonderlik; die familie
van Shim'i afsonderlik en hulle vroue afsonderlik.
14 Al die ander families, elke familie afsonderlik en hulle vroue afsonderlik. Mat 24:30

13 1 In daardie dag sal 'n fontein vir die huis van Dawid oopgemaak word en vir die
inwoners van Yerushalayim, vir sonde en onreinheid.
2 Dit sal op daardie dag gebeur," verklaar יהוה-Tzva'ot, "dat Ek die name van die
afgode uit die land sal afsny en hulle sal nie langer onthou word nie en Ek sal ook
die profete en die onrein gees uit die land uit verwyder.

3 As iemand nog profeteer, sal sy vader en sy moeder wat geboorte aan hom gegee het, vir hom sê: 'Jy mag nie lewe nie, want jy het valslik in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה gepraat' en sy vader en sy moeder wat geboorte aan hom gegee het, sal hom deurboor wanneer hy profeteer.
4 Dit sal ook gebeur in daardie dag dat die profete, elkeen, skaam sal wees oor sy visioen wanneer hy profeteer en hulle sal nie 'n harige mantel aantrek om te mislei nie,
5 maar hy sal sê: 'Ek is nie 'n profeet nie; ek is 'n man wat die grond bewerk, want iemand het my in my jeug as 'n slaaf verkoop.'
6 Iemand sal vir hom sê: 'Wat is hierdie wonde tussen jou arms?' Dan sal hy antwoord: 'Waarmee ek gewond is in die huis van my vriende.'
7 Ontwaak, o swaard, teen My herder en teen die man wat My vennoot is!" verklaar יהוה-Tzva'ot. "Slaan die herder sodat die skape verstrooi mag word en Ek sal My hand teen die kleintjies draai. Mat 26:31; Mar 14:27
8 Dit sal gebeur in die hele land," verklaar יהוה, "dat twee-derdes daarin afgesny sal word en sterf, maar een-derde sal daarin oorbly.
9 Ek sal die derde deel deur die vuur bring, hulle suiwer soos 'n mens silwer suiwer en hulle toets soos 'n mens goud toets. Ps 66:10 Hulle sal My Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep en Ek sal hulle antwoord. Ek sal sê: 'Hulle is My volk!' Hulle sal sê: 'יהוה is my God!'" Deut 30:15-20; Yir 31:33

14 1 Let op, 'n dag kom vir יהוה wanneer die buit wat van jou gevat is, tussen julle verdeel word,
2 want Ek sal al die nasies versamel om te veg teen Yerushalayim en die stad sal oorgeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap, maar die res van die mense sal nie uit die stad uitgeroei word nie,
3 dan sal יהוה gaan en veg teen dié nasies soos wanneer Hy veg op die dag van die geveg.
4 Op daardie dag sal Sy voete op die Olyfberg staan, wat voor Yerushalayim lê, aan die oostekant en die Olyfberg sal middeldeur geskeur word van oos na wes deur 'n baie groot vallei sodat die helfte van die berg na die noorde sal beweeg en die ander helfte na die suide. Hand 1:11
5 Julle sal vlug deur die vallei van My berge, want die vallei van die berge sal loop tot by Atzel; ja, julle sal vlug net soos julle gevlug het voor die aardbewing in die dae van `Uziyah, koning van Y'hudah, dan sal יהוה, my God, kom en al die afgesonderdes saam met Hom! Open 19:14
6 In daardie dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal verflou,
7 want dit sal 'n unieke dag wees wat aan יהוה bekend is, geen dag of geen nag nie, maar dit sal gebeur dat daar teen die aand lig sal wees. Open 22:5
8 In daardie dag sal daar lewende waters vanuit Yerushalayim vloei, die helfte daarvan na die oostelike see en die ander helfte na die westelike see; dit sal in die somer, sowel as in die winter wees. Yeg 47:1-2

9 יהוה sal Koning wees oor die hele aarde; op daardie dag sal daar een יהוה wees en Sy Naam een. Deut 6:4; Open 22:1
10 Die hele land sal in 'n vlakte verander word, vanaf Geva tot by Rimmon, suid van Yerushalayim, maar Yerushalayim sal opstaan en bly aan sy kant van die poort van Binyamin, so ver as tot by die plek van die Eerste poort, tot by die Hoekpoort en vanaf die toring van Hanan'el tot by die parskuipe van die koning.
11 Mense sal daarin woon en daar sal nie langer 'n vloek wees nie, want Yerushalayim sal in veiligheid bly.
12 Hierdie sal die plaag wees waarmee יהוה al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Yerushalayim te veg: hulle vlees sal verrot terwyl hulle op hul voete staan, hulle oë sal in hulle holtes verrot en hulle tong sal in hulle mond verrot.
13 Dit sal gebeur in daardie dag dat 'n groot paniek vanaf יהוה op hulle sal val en hulle sal mekaar se hand vasgryp en die hand van die een sal opgelig word teen die hand van die ander.
14 Y'hudah sal ook in Yerushalayim veg en die rykdom van al die nasies rondom sal ingesamel word: goud, silwer en klere in groot oorvloed.
15 Net soos hierdie plaag is, sal die plaag wees op die perd, die muil, die kameel, die donkie en al die beeste wat in daardie kampe sal wees,
16 dan sal dit gebeur dat enige wat oorbly uit al die nasies wat teen Yerushalayim opgegaan het, van jaar tot jaar sal opgaan om die Koning, יהוה-Tzva'ot, te aanbid en om die Fees van Hutte (Sukkot) te vier. Open 15:4
17 Dit sal wees dat daar geen reën sal val op wie ook al uit al die families van die aarde, nie na Yerushalayim sal opgaan om die Koning, יהוה-Tzva'ot, te aanbid nie.
18 As die familie van Mitzrayim nie opgaan of ingaan nie, dan sal die plaag waarmee יהוה die nasies tref wat nie opgaan om die Fees van Hutte (Sukkot) te vier nie, ook op hulle val.
19 Dit sal die straf vir Mitzrayim wees en die straf vir al die nasies wat nie opgaan om die Fees van Hutte (Sukkot) te vier nie.
20 Op daardie dag sal op die klokke van die perde staan: "Afgesonderd tot יהוה!" Die kookpotte in die huis van יהוה sal wees soos die komme voor die altaar.
21 Elke kookpot in Yerushalayim en in Y'hudah sal afgesonderd wees tot יהוה-Tzva'ot en almal wat offer, sal kom en daarvan vat en daarin kook. In daardie dag sal daar geen Kena'aniet meer in die huis van יהוה-Tzva'ot wees nie.

Die ses-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die een-en-twintigste boek van die Profete

Die vyftiende boek van die Latere Profete

Die twaalfde boek van die twaalf

Mal'akhi
(Maleági)

מלאכי - My boodskapper

Die boek is deur Mal'akhi, (Mal 1:1), in die tydperk 445-432 voor Yeshua, geskryf.

1 1 Die profetiese openbaring van die boodskap van יהוה aan Yisra'el deur Mal'akhi:
2 "Ek het julle liefgehad," sê יהוה, maar julle vra: "Waarin het U ons liefgehad?" "Was `Esav nie Ya'akov se broer nie?" verklaar יהוה. "Tog het Ek Ya'akov liefgehad,
3 maar Ek het `Esav gehaat en Ek het sy berge 'n verlatenheid gemaak en sy erfenis aan die jakkalse van die wildernis gegee." Rom 9:13
4 Alhoewel Edom sê: "Ons is neergeslaan, maar ons sal terugkom en die puinhope opbou," sê יהוה-Tzva'ot: "Hulle mag bou, maar Ek sal dit afbreek en mense sal hulle noem: 'Bose grondgebied,' en: 'Die volk waaroor יהוה verontwaardig is vir ewig!'"
5 Julle oë sal dit sien en julle sal sê: "יהוה word groot gemaak buite die grense van Yisra'el!"
6 ""'n Seun eer sy vader en 'n dienskneg sy meester. As Ek dan 'n Vader is, waar is My eer? As Ek 'n Meester is, waar is My respekvolle vrees?' sê יהוה-Tzva'ot vir julle, o priesters wat My Naam (Karakter en Outoriteit) verag! Julle sê egter: 'Waardeur het ons U Naam (Karakter en Outoriteit) verag?'
7 Julle bring onrein kos op My altaar, maar julle vra: 'Waardeur het ons U onteer?' Deurdat julle sê: 'Die tafel van יהוה is veragtelik.'
8 Wanneer julle egter die blinde as offer aanbied, is dit nie boos nie? Wanneer julle die kreupele of sieke aanbied, is dit nie boos nie! Hoekom dit nie aan julle goewerneur offer nie! Sal hy gelukkig wees met julle of julle goedgesind ontvang?" vra יהוה-Tzva'ot.
9 "Sal julle egter nie nou God se guns afsmeek dat Hy goedgunstig tot ons kan wees nie? Met so 'n offer van julle kant af, sal Hy enige van julle goedgesind wees?" vra יהוה-Tzva'ot.
10 "Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit sodat julle nie tevergeefs vuur op My altaar kan aansteek nie! Ek is nie tevrede met julle nie," sê יהוה-Tzva'ot "en Ek sal ook nie 'n offer uit julle hand aanvaar nie,
11 want van die opkoms van die son tot by sy ondergaan, sal My Naam groot wees onder die nasies en in elke plek sal wierook en 'n rein graanoffer tot eer van My Naam (Karakter en Outoriteit) geoffer word, want My Naam (Karakter en Outoriteit) sal groot wees onder die nasies," sê יהוה-Tzva'ot. Yog 4:23
12 "Julle verontreinig dit egter deurdat julle sê: 'Die tafel van יהוה is onteer en wat sy opbrengs betref, sy kos is veragtelik.'
13 Julle sê ook: 'Ag, hoe vermoeiend is dit!' Julle snuif veragtend daaroor," sê יהוה-Tzva'ot "en julle bring wat deur diefstal gevat is en die kreupele en sieke; so bring julle die offer! Moet Ek dit uit julle hand ontvang?" sê יהוה.
14 Vervloek is die bedrieër wat 'n manlike dier in sy trop het en dit belowe, maar 'n verminkte dier aan יהוה offer, want Ek is 'n groot Koning," sê יהוה-Tzva'ot "en My Naam (Karakter en Outoriteit) word gevrees onder die nasies."

2 1 "Nou, hierdie opdrag is vir julle, o priesters:
2 as julle nie luister en doen nie en as julle dit nie ernstig opneem om eer aan My Naam (Karakter en Outoriteit) te gee nie," sê יהוה-Tzva'ot, "dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge vervloek en inderdaad, Ek het dit alreeds vervloek omdat julle dit nie ernstig opneem nie.
3 Let op, Ek sal julle nasate bestraf en Ek sal vuilgoed oor julle gesigte strooi, die vuilgoed van julle feeste en julle sal saam met dit weggevat word,
4 dan sal julle weet dat Ek hierdie opdrag vir julle gestuur het sodat My verbond met Levi kan voortgaan," sê יהוה-Tzva'ot.
5 "My verbond met hom was lewe en vrede en Ek het dié aan hom gegee tot respekvolle vrees; Num 25:11-13 so het hy My respekvol gevrees en in ontsag vir My Naam (Karakter en Outoriteit) gestaan.
6 Ware instruksie was in sy mond en partydigheid en onreg is nie op sy lippe gevind nie; hy het in vrede en opregtheid saam met My geloop en hy het baie mense teruggedraai van onregverdigheid af,
7 want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar en mense moet instruksie uit sy mond soek, want hy is die boodskapper van יהוה-Tzva'ot.
8 Júlle het egter van die pad afgewyk, julle het baie deur die instruksies laat struikel; julle het die verbond met Levi korrup gemaak," sê יהוה-Tzva'ot.
9 "So het Ek julle ook veragtelik en vernederd voor al die mense gemaak, net soos julle nie My lewenswyse hou nie, maar partydigheid wys deur die instruksies."
10 Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie? Hand 17:26 Waarom handel ons verraderlik elkeen teenoor sy broer, om so die verbond van ons vaders te onteer?
11 Y'hudah het verraderlik gehandel en 'n verwerplikheid is in Yisra'el en in Yerushalayim gedoen, want Y'hudah het die Afgesonderde Plek van יהוה onteer, wat Hy lief het en die dogter van 'n vreemde god getrou. 2 Kon 23:26,27; 24:2; Hos 12:1; `Am 2:4
12 יהוה sal die man wat dit doen vernietig, asook sy seun en sy seun se seun uitroei uit die tente van Ya'akov en hy sal niemand hê om die offer aan יהוה-Tzva'ot te bring nie.
13 "Hierdie is nog iets wat julle doen; julle bedek die altaar van יהוה met trane, met gehuil en gekreun omdat Hy nie langer die offer ag nie en dit nie van julle hand aanvaar met guns nie.
14 Tog vra julle: 'Om watter rede?' Omdat יהוה Getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug teenoor wie jy verraderlik opgetree het, alhoewel sy jou metgesel is en jou vrou deur die verbond.
15 Nie een mens wat iets van die Gees oor het, maak so nie en wat het hy gedoen terwyl hy 'n Goddelike nageslag gesoek het? Neem julle gees in ag en laat nie een verraderlik optree teenoor die vrou van sy jeug nie,
16 want Ek haat egskeiding," sê יהוה, die God van Yisra'el "en hom wat dit wat verkeerd is met sy kleed bedek," sê יהוה-Tzva'ot. "Neem julle dan jul gees in ag dat julle nie verraderlik optree nie." 1 Kor 7:10-16,39

17 Julle het יהוה vermoei met julle woorde. Nogtans vra julle: "Waarmee vermoei ons Hom?" Deurdat julle sê: "Elkeen wat boosheid doen, is goed in die oë van יהוה en Hy is bly oor hulle;" of, "waar is die God van regverdige oordeel?"

3 1 "Let op, Ek gaan My boodskapper stuur en hy sal die pad voor My skoonmaak. Die Meester, wat julle soek, sal skielik na Sy tempel toe kom en die Boodskapper van die verbond, in Wie julle vreugde vind, let op, Hy kom," sê יהוה-Tzva'ot, Yog 1:1
2 "maar wie kan die dag van Sy koms verdra? Wie kan staande bly as Hy verskyn? Want Hy is soos die suiweraar se vuur en soos die seep van die wasser.
3 Hy sal sit as 'n Smelter en Reiniger van silwer en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle suiwer maak soos goud en silwer sodat hulle aan יהוה offers kan bring in onpartydige opregtheid,
4 dan sal die offer van Y'hudah en Yerushalayim vir יהוה aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die vroeëre jare, 1 Yog 1:7-9
5 dan sal Ek naderkom na julle toe vir oordeel en Ek sal 'n vinnige Getuie wees teen die towenaars, teen die egbrekers, teen die wat vals sweer, teen die wat die dagloner in sy loon, asook die weduwee en die wees onderdruk en teen die wat die vreemdeling wegwys en My nie respekvol vrees nie," sê יהוה-Tzva'ot,
6 "want Ek, יהוה, verander nie; Ya'a 1:17 daarom is julle, seuns van Ya'akov, nie verteer nie.
7 Vanaf die dae van julle vaders het julle van My instellings af weggedraai en hulle nie gehou nie. Keer terug na My en Ek sal na julle toe terugkeer," sê יהוה-Tzva'ot, "maar julle vra: "Waarin moet ons terugkeer?"
8 "Mag 'n mens God beroof? Tog beroof julle My, maar julle sê: 'Hoe het ons U beroof?' In tiendes en offergawes.
9 Julle is met 'n vloek vervloek, want julle, die hele nasie, steel van My!
10 Bring die hele tiende na die stoorkamer sodat daar kos in My huis kan wees en toets My nou hierin," sê יהוה-Tzva'ot, "of Ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak en vir julle 'n seën sal laat uitvloei totdat dit oorloop, nie,
11 dan sal Ek die vreter vir julle bestraf sodat dit nie die opbrengs van die grond sal vernietig nie en ook sal julle wingerdstok op die land nie sy vrug afgooi nie," sê יהוה-Tzva'ot.
12 "Al die nasies sal julle geseënd noem, want julle sal 'n genotvolle land wees," sê יהוה-Tzva'ot.
13 "Julle woorde teen My was arrogant," sê יהוה. "Tog vra julle: 'Wat het ons teen U gepraat?'
14 Julle het gesê: 'Dit is tevergeefs om God te dien en watter voordeel is dit dat ons Sy opdragte uitgevoer het en dat ons in rou voor יהוה-Tzva'ot geloop het?
15 Nou noem ons die arrogantes geseënd; nie alleen word die wat boosheid doen, opgebou nie, maar hulle toets God ook en kom vry!'"
16 Toe het hulle wat יהוה vrees met mekaar gepraat en יהוה het aandag gegee en gehoor en 'n boek van herinnering is voor Hom geskryf vir dié wat יהוה respekvol vrees en Sy Karakter en Outoriteit (Naam) hoog ag. Ps 69:29; Open 20:12

17 Hulle sal Myne wees," sê יהוה-Tzva'ot, "op die dag wat Ek My eie besitting voorberei en Ek sal hulle spaar soos 'n man sy eie seun spaar wat hom dien."
18 So sal julle weer onderskei tussen die onpartydige en opregte en die bose, tussen een wat God dien en een wat Hom nie dien nie,
19 "want let op, die dag kom, brandend soos 'n oond en al die arrogantes en elke boosdoener sal kaf wees en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek," sê יהוה-Tzva'ot, "sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlos nie,
20 maar vir julle wat My Naam (Karakter en Outoriteit) respekvol vrees, sal die Dienskneg van onpartydige opregtheid opgaan met genesing in Sy vlerke en julle sal uitgaan en rondhuppel soos kalwers uit die stal. Yes 53:4,5,10; Mat 8:14-17; 1 Kefa 2:24
21 Julle sal die bose vertrap, want hulle sal as wees onder julle voetsole op die dag wat Ek voorberei," sê יהוה-Tzva'ot.
22 "Onthou die wet van Mosheh, My dienskneg, die opdragte en regverdige oordele wat Ek hom beveel het op Horev vir die hele Yisra'el.
23 Let op, Ek gaan vir julle die profeet Eliyahu stuur voor die koms van die groot en verskriklike dag van יהוה.
24 Hy sal die verstand, wil en emosie van die vaders herstel tot die seuns en die verstand, wil en emosie van die seuns tot hulle vaders sodat Ek nie sal kom en die land met 'n vloek tref nie. Mat 11:14; 17:10-13; Luk 1:17